

6144174 2X

U.O.V.S. BIBLIOTEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001323157

Universiteit Vrystaat

**GENL. J.C.G. KEMP 1914 - 1946:**

**REBEL OF POLITIEKE LEIER?**

deur

**JOHAN HENDRIK LIGTHELM**  
(Magister Artium)

voorgelê om te voldoen aan die  
verelstes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

In die Departement van Geskiedenis  
Fakulteit Geesteswetenskappe

aan die

Universiteit van die Vrystaat  
**BLOEMFONTEIN**

Promotor : Prof. S.L. Barnard  
Bloemfontein  
September 2002

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

18 AUG 2003

UOVS SASOL BIBLIOTEK

**Opgedra aan my eggenote,  
Hettie, wat oor die Jare met  
my al die storms en drange  
meegemaak het.**



J. Kemp

**INHOUDSOPGAWE****Bladsy****VOORWOORD**

vii

<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>AFKOMS EN VORMINGSJARE</b>	<b>1</b>
1.1	Tipering	1
1.2	Voortrekkernasaat en jeugjare	2
1.3	Krygsman	5
1.4	Bittereinder	11
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>JAN KEMP EN DIE REBELLIE</b>	<b>15</b>
2.1	Die Eerste Wêreldoorlog betrek Suld-Afrika	15
2.2	Kemp by die Krulspad	19
2.3	Kemp bedank uit die Verdedigingsmag	32
2.4	Kemp rebelleer	46
2.5	Kemp se Dorslandtrek	70
2.6	Die Rebelleie stort in duie	87
2.7	Terugblik	97
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>KEMP SE EERSTE TREë IN DIE POLITIEK EN SY OPTREDE IN DIE NASIONALE PARTY, 1914-1924</b>	<b>101</b>
3.1	Jan Kemp word bekendgestel aan die politiek	101
3.2	Stigting van die Nasionale Party	103
3.3	Kemp en die Nasionale Party, 1914-1920	106
3.4	Krisis in die Transvaalse Nasionale Party, 1922	118
3.5	Die 1924-Verklesing	122
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>JAN KEMP AS MINISTER VAN LANDBOU, 1924 - 1935</b>	<b>135</b>
4.1	Kemp neem die lelsels oor	135
4.2	Administratiewe hervorming	136
4.3	Aanstellings in die Departement van Landbou	140

4.4	Beesboerdery en produksienywerheid	145
4.5	Droogtes	152
4.6	Hulp aan die boere	158
4.7	'n Koöperatiewe stelsel	162
4.8	Landbouonderwys	170
4.9	Swartes in die Landbou	173
4.10	Sprinkaanbestryding	177
4.11	Tabakboerdery	181
4.12	Tweetaligheid in die Departement van Landbou	186
4.13	Verbetering van die welveld	189
4.14	Vrugteboerdery	192
4.15	Aftrede as Minister van Landbou	194
<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>KEMP TREE STERK AS POLITIEKE LEIER EN NASIONALE PARTY SEGSMAN NA VORE, 1924 - 1934</b>	<b>201</b>
5.1	Herenigingspogings tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party - Kemp se sienswyse en optrede	201
5.2	Administrateurskwessie : Jan Hofmeyr	207
5.3	Kleurvraagstuk - Kemp soek 'n oplossing	210
5.4	Die Nasionale Party - Kemp en die Roossage	220
5.5	Republikeinse strewe en staatkundige ontwikkeling - 'n Onblusbare strewe by Kemp	229
5.6	Die Suid-Afrikaanse Party en J.C. Smuts loop deur onder Kemp se venynige kritiek	238
5.7	Taalkwessie - Tweetaligheid - Kemp neem sterk standpunt in	249
5.8	Vrouestemreg en Vroue Nasionale Party - Kemp doen voetwerk	253
5.9	Jan Kemp en die werkloosheid - Armblankevraagstuk	258
5.10	Terugblik	261
<b>HOOFSTUK 6</b>	<b>KEMP SE ROL IN DIE SAMESMELTING TUSSEN DIE NASIONALE PARTY EN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTY</b>	<b>263</b>
6.1	Poging tot samewerking en Kemp se standpunt	263

6.2	Samewerking vir 'n koalisie	275
6.3	Politieke koalisie kry beslag	281
6.4	Samesmelting	286

<b>HOOFSTUK 7</b>	<b>KEMP SAAM MET SY EERTYDSE POLITIEKE VYANDE IN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PARTY - SY OPTREDE EN ROL, 1934 - 1939</b>	<b>303</b>
7.1	Kemp se aanvalle op die op die "Gesuiwerde" Nasionale Party	303
7.2	Intimidasie vanaf Kemp se kant teenoor amptenare	307
7.3	Kemp en die Kleurvraagstuk - steeds soekend na oplossings	313
7.4	Kemp en die nedersettings	323
7.5	Die Kaapstadse Poskantoor-skandaal - Kemp betrek	334
7.6	Kemp speel kat en muis met die republikeinse ideaal	337
7.7	Kemp maak voorspraak vir 'n staatslotery	353
7.8	Kemp die republikein en anti-imperialis binne in die Verenigde Party - sy optrede wek vertwyfeling by 'n groot aantal kiesers	354
7.9	Kemp en die naamsverandering van Robertshoogte na Voortrekkerhoogte - Kemp tree vinnig op	372
7.10	Kemp loop mede-politici tromp, ongeag van politieke party	384
7.10.1	Besoek aan Indië: Kemp - Hofmeyrkonflik	384
7.10.2	Kemp - Ds. C.W.M. du Toitbotsing	385
7.11	Ter afsluiting	390

<b>HOOFSTUK 8</b>	<b>KEMP SE LAASTE POLITIEKE STRYD VIR EENHEID, 1939 - 1946</b>	<b>394</b>
8.1	Ter inleiding	394
8.2	Neutraliteit word 'n brandende kwessie, 1938-1939	395
8.3	Die Tweede Wêreldoorlog en Suid-Afrika - Die politieke breuk	399
8.4	Pogings tot hereniging en Kemp se positiewe bydrae	402
8.5	Kemp se aktiewe toenadering tot die Nasionale Party	404
8.6	Uiteindelike hereniging en Kemp kom weer tuis	409
8.7	Broedertwis in Afrika-nergeledere	418

8.7.1	Afrikanerparty	418
8.7.2	Handhawersbond	422
8.7.3	Die Nuwe Orde	424
8.7.4	Die Ossewa-Brandwag	431
8.7.5	Eenhelidsbeweging of Volkskomitee	444
8.8	Evaluering	445
<b>HOOFSTUK 9</b>	<b>JAN KEMP SE LAASTE TREË IN DIE POLITIEK, 1939 - 1946</b>	<b>447</b>
9.1	Kemp as gesamentlike leier van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal	447
9.2	Die Kleurkwestie - Kemp soek oplossings en neem sterk standpunt in	447
9.3	Die Regering en die Tweede Wêreldoorlog se invloed op die tuksfront - Kemp se optrede	458
9.4	Kemp se kritiese en aanvallende houding teenoor Smuts en die Verenigde Party	470
9.5	Herenigde Nasionale Party of Volksparty - Kemp leef homself polities ten volle uit vir sy ideale	480
9.6	Kemp en die Republikeinse Ideaal versus Imperialisme	493
9.7	Kemp se deelname aan sy laaste algemene verkiesing - 1943	505
9.8	Landbou - Kemp val die Regering aan	511
9.9	Tweetailigheid en die terugkerende soldate - Kemp neem standpunt in	516
9.10	Terugblik	517
<b>HOOFSTUK 10</b>	<b>KEMP IN PERSPEKTIEF</b>	<b>519</b>
<b>BYLAE</b>		<b>532</b>
<b>BRONNE</b>		<b>543</b>
<b>SAMEVATTING</b>		<b>585</b>
<b>SUMMARY</b>		<b>586</b>

## VOORWOORD

Die motivering vir die voltooiing van die navorsing oor genl. J.C.G. Kemp is 'n poging om nuwe perspektief te plaas oor sy besondere rol in die militêre - en politieke geskiedenis van Suid-Afrika - om die vraag te beantwoord of Kemp gereken kon word as 'n rebel of politieke leier, of 'n kombinasie van dié twee. Rondom die persoon van Kemp is daar meningsverskille en alvorens daar nie volledig navorsing oor sy optrede gedoen is nie, kan daar geen geldige oordele uitgespreek word nie. Hierdie proefskrif is 'n daadwerklike poging om hom in die regte perspektief te stel - om die vraag te beantwoord of Jan Kemp kon uitstyg bo sy tydperk as Rebelleleier. Die hipotese is heel duidelik - kon Jan Kemp daarin slaag om volwaardig politieke leier te word, of het hy ten diepste 'n rebel in eie reg gebly.

Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis is deur die histografie op feitlik alle terreine, sedert 1910, deurtrap en dit het kritiese aandag gevestig om deur middel van hierdie proefskrif 'n bydrae te bly lever. Dit het tot gevolg gehad dat sekere politieke kwessies in die tydperk herhaaldelik deur verskillende historici weergegee is; selfs politieke figure se biografieë getuig hiervan. Dit is eintlik verbasend dat Kemp vandag 'n feitlik vergete figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is. Kyk 'n mens na die politieke gebeure van die eerste vier en 'n halwe dekades van die vorige eeu is dit opvallend dat hy regstreeks en onregstreeks by van die belangrikste gebeurtenisse betrokke was, soos die Vrede van Vereeniging in 1902, die Rebelle 1914-1915, die Nasionale Party 1915-1933, die Verenigde Party 1933-1939 en die Herenigde Nasionale Party 1939-1946. Politici soos genls. Louis Botha, J.B.M. Hertzog, Jan Smuts en dr. D.F. Malan het geen bekendstelling nodig nie, maar van Kemp is daar nie so 'n wye kennis nie. Die rede is dat behalwe die twee boeke wat hyself geskryf het, naamlik "Vryheid en Reg" en "Pad van die Veroweraar", geen poging aangewend is om sy rol in die Suid-Afrikaanse politieke - en militêre geskiedenis te beskryf nie.

Die historikus kan nooit volledig rekonstrueer nie. Die navorsing van dié onderwerp word bemoeilik deurdat daar soveel onwetenskaplike en subjektiewe werke oor die politieke geskiedenis en -leiers op die rak is; met daarnaas gebrekkige tot wydverspreide gegewens. Dit het my genoep om gegewens in 'n groot hoeveelheid argiewe en biblioteke op

te spoor. Die genl. J.C.G. Kemp-versameling, in die Sentrale Argiefbewaarpark te Pretoria, was die vertrekpunt van die navorsing. Hierdie versameling bestaan uit 'n reeks bande wat amptelike - en persoonlike briewe, regerings - en partybeleidstukke, party notules en - verklaarings in koerantberigte bevat. Gevolglik is tydensootlike versamelings deurgewerk; politieke leiers en persone met wie Kemp op politieke gebied mee saamgewerk of in aanraking gekom het en waardevolle inligting verskaf het. Dit het onder andere ingesluit die J.B.M. Hertzog -, E.H. Louw -, J.C. Smuts -, Harm Oost -, E.G. Jansen -, A.L. Geyer -, Patrick Duncan -, J.G. Strijdom -, J.H. Hofmeyr - versamelings. Die stukke van die Nasionale Party in al vier die provinsies, die Verenigde Party, die Ossewa-Brandwag, en verskeie ander versamelings het bygedra om Kemp se rol in die politiek van verskeie kante toe te lig.

Betroubare en volledige inligting ten opsigte van regerings handelinge is bekom uit amptelike dokumente soos Notules van die Senaat, beide Huisse van die Parlement en die Volksraadsdebatte, vanaf 1914-1946. Hoewel koerantberigte en tydskrifartikels as historiese bronne groot leemtes vertoon en krities hanteer moes word, was dit vir die jare 1920 tot 1946 van onskatbare waarde. Die groot waarde van destydse beriggewing oor politieke toesprake is geleë in die volledigheid daarvan.

Die navorsing is ook gebaseer op 'n groot aantal primêre bronne in die vorm van MA-verhandelinge en D.Phil-proefskrifte, wat meer lig op die tydperk werp. In die loop van hierdie ondersoek is egter gevind dat politieke - wetenskaplike verhandelinge en proefskrifte nie altyd die historiese waarheid tot sy reg laat kom nie. Die rol van Kemp in die Rebelle van 1914 tot 1915 was reeds deur myself voorgelê ter verwerping van die Magister Artium graad in 1979 aan die Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof. A.P.J. (Arrie) van Rensburg. Ek het die verhandeling geredigeer en ingesluit as 'n hoofstuk om Kemp se aandeel in die Rebelle te beskrywe.

Die navorsing is verder gebaseer op 'n groot getal sekondêre bronne wat wissel van biografieë tot beskrywende politieke werke. In hierdie bronne is geweldig baie inligting rakende politieke gebeure rondom politieke leiers en politieke gebeure. Wat biografieë betref werke soos die oor J.G. Strijdom, J.C. Smuts, D.F. Malan, Tielman Roos, Ben Schoeman, P.G.W. Grobler en vele ander. Ander sekondêre bronne handel oor die historiese - en politieke gebeure in Suid-Afrika. Baie insiggewende vertolkings oor gebeure is deur die verskillende outeurs verskaf en dit het my in staat gestel om nie alleen die uit-

koms van politieke gebeure nie, maar ook Kemp se optrede daarin te verstaan. By die skryf van hierdie proefskrif is nougeset by 'n tematies/kronologiese werkswyse gehou. Waar daar herhalings voorkom is dit gedoen met die spesifieke doelwit om die leser in die prentjie te hou.

Deurgaans het ek politieke partye en organisasies, soos die Suid-Afrikaanse Landbouunie, volledig uitgeskrywe. Die monetêre stelsel waarna verwys word is die Britse pond (£). In 1962 met die omskakeling na 'n eie muntstelsel in Suid-Afrika was een pond twee rand werd, tans is een pond ongeveer sestien rand werd. Die grond maatstelsel waarna verwys word is die morg, vergelykbaar met twee akkers.

Die omvang van die werk kan aan die volgende redes toegeskryf word: eerstens het soveel gebeurtenisse plaasgevind wat nog nie histories verantwoord is nie, dat dit uitvoerig bespreek moes word; en tweedens was Kemp so nou genoemd by vele politieke ontwikkelinge in die onderhawige tydperk dat dit nie geïgnoreer kon word nie.

Dit sal by die deurlees van hierdie studie voortdurend tref dat dit handel oor die denkwyse en politieke rigting wat Kemp ingeslaan het. Derhalwe is sy beskouings in besondere weergegee. Waar hy standpunt ingeneem het teenoor sekere politieke verwickelinge en persoonlikhede, het hy dit vanuit sy oortuiging gedoen. Ander persoonlikhede het weer oor hom sekere opvattinge gehuldig en die uitgangspunt was om 'n ewewigtige beeld oor die periode te skep. Daar is gepoog om elke standpunt wetenskaplik te evalueer om subjektiwiteit so ver moontlik uit te skakel. Positiewe en minder positiewe hoedanighede van persoonlikhede op die historiese toneel het eweveel aandag geniet, en gevolglik nie 'n doelbewuste poging om bepaalde persone af te kraak nie.

Nogtans was dit 'n wonderlike ervaring om so 'n reis deur die Suid-Afrikaanse militêre - en politieke geskiedenis te onderneem. Ek het in aanraking gekom met gedetailleerde gegewens wat groot deernis gewek en 'n begrip vir optredes binne die Suid-Afrikaanse konteks gevestig het - dit was 'n eplese tog.

Dit is met groot deernis en erkentlikheid dat ek die volgende dankbetuigings doen:

- Wyle prof. Arrle van Rensburg. Onder sy bekwame akademiese leiding het ek die MA-graad voltooi en was hy die persoon wat my aangespoor het om ver-

dere navorsing te doen oor Kemp se politieke loopbaan en rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

- My studieleer, prof. Leo Barnard van die Vrystaatse Universiteit. Nadat ek vir 15 jaar die navorsing een kant "verlê" het, en ek my in die historiese woestyn bevind en hom om raad en leiding genader het, het hy met groot takt en deernis my saak oorweeg en besluit om my toe te laat om die studie te voltooi. Ek het sy geduld tydig en ontydig dikwels tot die uiterste beproef maar deur taktvolle optrede, persoonlike belangstelling, wetenskaplike leiding en besielende aanmoediging het ek die krag geput om die studie te voltooi. Sy historiese vakmanskap word hoog aangeslaan.
- Mev. Christa Mitchell, sekretaresse van prof. Leo Barnard, wat altyd vriendelik en beleefd teenoor my opgetree het. Voorwaar 'n besondere vertoonvenster vir die Departement Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit.
- Aan die personeel van al die argiefbewaarplekke, die Parlementsbiblioteek, Staatsbiblioteke en Universiteitsbiblioteke waar ek navorsing gedoen het, my opregte dank vir die behulpsaamheid en vriendelikheid.
- Aan my vader wat my op die lang studierelse na Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein vergesel het. Waar ons soms in tente gebly het en hy maar altyd alles gedwee aanvaar het, 'n woord van waardering. Sy belangstelling en hulp was 'n groot inspirasie.
- Graag bedank ek almal wat op die een of ander wyse, al was dit net deur 'n woord van bemoediging, daar toe bygedra het dat die proefskrif die lig sien. Hierby sluit ek Sphre van Rensburg in, wat met die taalversorging gehelp het.
- Laaste, maar nie die minste, 'n woord van liefdevolle dank en erkenning aan my eggenote, Hettie. Sy was die een wat my aangemoedig het om na 18 jaar weer die studie aan te pak, sy moes my handskrif ontsyfer en die werk tik, soms met baie trane as gevolg van my ongeduld. Noolt het ek één woord van

verwyf of ongeduld gehoor nie. Bale dankle en daarom dra ek die werk aan  
Jou op.

- En bo alles, dank aan die Hoër Hand Wie alles moontlik maak. Aan Hom bring  
ek al die lof en dank van my hart, en haal ek Psalm 145 vers 12 aan:  
"Maar nou, my sê, waar eindig oolt Gods eer?....  
Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig altyd  
Sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!"

Johan Ligthelm

PRETORIA

September 2002.

# HOOFSTUK 1

## AFKOMS EN VORMINGSJARE

### 1.1 Tipering

"Ek vrees nie...."<sup>1</sup> Onverskrokke woorde, maar woorde van geloof van 'n sterwende man. Dikwels, tydens die worsteldae van die Anglo-Boereoorlog en ook later tydens die Rebelie, het hy die dood trotseer. Tog het hy geen vrees geken nie en elke keer die dood ontwyk. Op Oujaarsdag 1946 sou die doodsengel egter onverbiddelek opdaag. En nog was dit, "Ek vrees nie, want ek het vrede met my God en my Volk".<sup>2</sup> Dit was Jan Kemp se laaste woorde en tegelyk 'n onverganklike grafskrif wat hy vir homself geskryf het, omdat dit so tiperend van sy lewe was. Dit is dan ook heel toepaslik dat Jesaja 41 vers 10 op sy grafsteen aangebring is:

"Wees nie bevrees nie  
Want Ek is met jou  
Kyk nie angstig rond nie  
Want Ek is Jou God."<sup>3</sup>

Onverskrokke, deurtastend, vurig en begaafd met die fynste krygsvernuif was hy op 28-jarige leeftyd reeds een van die knapste rulteraanvoerdors in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika.<sup>4</sup> Hy was bo alles krygsman en dit verbaas geensins om te verneem dat hy sy loopbaan op so 'n prosaïese wyse as klerk in 'n staatsdepartement begin het.<sup>5</sup> Op latere leeftyd was hy vyftien jaar lank 'n eerbiedwaardige lid van die Suid-Afrikaanse Kabinet, eers as Minister van Landbou en later Minister van Lande. In 'n huldeblyk aan Kemp berig Die Vaderland op 31 Desember 1946: "Kundig en bekwaam, was hy steeds in die hoogste mate 'n menslike mens, 'n beminlike vaderlander, met menslike tekortkominge wat sy bewonderaars hom maklik vergewe het en wat tot 'n groot mate uit-

<sup>1</sup> A.P.J. van Rensburg, General Jan Kemp, Die Taalgenoot, September 1972, p.9; D.P. Goosen (red.), Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika, 1910-1953, p. 702.

<sup>2</sup> Die Transvaler, 1.1.194.

<sup>3</sup> J.P. Brits, Piet Retief 1883-1983, p. 190.

<sup>4</sup> O. Pirow, James Barry Munnik Hertzog, p.135.

<sup>5</sup> Die Huisgenoot, 17.1.1947, p.9, Genl. Jan Kemp, redaksioneel.

vloesels van sy deugde was.”<sup>6</sup> In sy politieke loopbaan het hy waarskynlik net so maklik vyande as vriende gemaak, want selde nog was daar iemand wat hom minder aan die gevolge van sy optrede gesteur het as hy. “Damning the consequences” het ’n bekende Engelse Joernalis van hom geskryf, “generally ends in political failure.... But there are exceptions to the rule. General Kemp is one of them.”<sup>7</sup>

Hy was ’n harde vegter, maar diegene wat hom goed geken het, het verklaar dat hy sonder venyn geveg en nie toegelaat het dat politieke verskille persoonlike verhoudings vertroebel nie.<sup>8</sup> En hoewel hy van voorkoms geensins indrukwekkend vertoon het nie, het hy op die meeste mense die indruk van krag, fisies sowel as geestelik, gemaak. Die Brandwag van 17 Januarie 1947 meld in ’n hoofartikel: “Elke keer as die roffelslag van die dood kom aankondig dat een van die kolosse wat in ons stormagtige volksverlede geanker was, die groot skelding oorsteek, na die onmeetlikheid daar anderkant, stem dit tot weemoed. ’n Weemoed gedemper deur dankbaarheid teenoor die Voorsienigheid wat ons volke met sulke gewes begiftig het. Argitekture van groot formaat het meegewerk aan die beplanning van ons volksbou; Kruger, Steyn Hertzog, De Wet, Kestell, Kemp....”<sup>9</sup>

## 1.2 Voortrekkernasaat en leugjare

Jan Christoffel Greyling Kemp<sup>10</sup> is afkomstig uit ’n arm Boerefamilie wat hulle lewensadel nie geërf het nie, maar deur voortdurende harde arbeid met hulle hande opgebou het. Hy is op 10 Junie 1872 op die plaas Goede Hoop, in die destydse distrik Wakkerstroom, gebore as die tweede jongste seun van Jurie Johannes Kemp en Marla Aletta

<sup>6</sup> Die Vaderland, 31.12.1946.

<sup>7</sup> Die Huisgenoot, p.9.

<sup>8</sup> G. Aucamp (red.), Suid-Afrikaanse Heldegalery, p.199; Die Vaderland, 31.12.1946; W.J. de Kock (red.), Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek, Deel 1, p. 439.

<sup>9</sup> H.P. Maritz, Wyle genl. Kemp, Die Brandwag, 17.1.1947, p.3.

<sup>10</sup> E. Rosenthal, South African Surnames, Kemp is ’n ou Duitse woord vir vegter; P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy kultuur, Deel IV, Kemp is moontlik die woord vir stryd. Vergelyk byvoorbeeld kampvegter en bekamp; J.H. Redelinghuys, Die Afrikaner Familiënaamboek, p.131, Pieter Kemp, van Brugge in Vlaandere het met Luijje Willems in die huwelik getree. Hulle was die ouers van Gerrit (1715), getroud met Maria le Roux en hulle is verantwoordelik vir die voortplanting van die Kemp-geslag in Suid-Afrika; P. Marias, Die Vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, meld: “Ter opsomming kan ’n mens miskien Robert de Kersaun de Pennedriff, wat saam met Manie Maritz in die veld was [Ek en die Vierkleur], aanhaal waar hy sê: ‘In die algemeen is die Boere nie ongeletterd en growwe boere wat in vuil, swakgeboude, pondokke woon soos die geval is met die landbouers van Frankryk, Holland en ander dele van Europa nie. Nee, die boere van Suid-Afrika is edelliede wat gewoonlik aansienlike plase besit...’” p.18; Bylaag 1.

Greyling.<sup>11</sup> Sy oupa aan moederskant, Abraham Sarel Greyling, 'n stiefseun van die Vortrekkerleier Piet Retief, is in 1838 saam met Retief deur die Zoeloes vermoor. Sy oupa aan vaderskant, Petrus Johannes Kemp het in die dertigerjare van die negentiende eeu vanuit België na Suid-Afrika geëmigreer.<sup>12</sup>

Sy kenmerkende vermoë om te volhard en om te wen het Jan Kemp – soos hy van klndsbeen af bekend gestaan het – in 'n groot mate van sy ouers geërf. Sy vader het sy boerdery begin as 'n gewone bywoner. Na 'n paar jaar het hy Transvaal toe getrek en om die helfte begin boer met 'n paar perde en 'n klomple beeste. Na tien jaar was hy al so ver gevorder dat hy dieselfde getal vee waarmee hy begin het, tesame met die helfte van sy vee kon teruggee. So goed het die boerdery gevorder dat hy later 1500 beeste besit het.<sup>13</sup> "My moeder was 'n pure boerfrau", getuig Kemp later self. "Sy het gekook, gewas, gestryk en daarby ook nog kinders opgepas. Ons is nie deur bediendes opgepas soos vandag die gewoonte is nie.... Tydens die Eerste Vryheidsoorlog wou 'n dronk Tommie my moeder aanrand. Sy het hom net een kopskoot met die vuig geslaan – plat teen die grond."<sup>14</sup>

Geen wonder dan dat Sagmoedige Neelsie se "Oorbodige Raad" aan Kemp was:

*"My seun, pas-op*

*Vir twis - jaag llewer wag op 'n gallop*

*Maar as 'n swêrnoot jou die eerste skop,*

*Neuk hom dan eenmaal terdeë op*

*Dat hy vir jou na dese sal pas-op."*<sup>15</sup>

Soos dit maar die geval was met die meeste van sy tydgenote het Jan Kemp sy eerste skoolonderrig op 'n plaasskool ontvang.<sup>16</sup> Verder het hy geleef en gewerk soos alle plat-telandse Afrikanerjeug dit destyds gedoen het. Hy vertel self: "Van my sesde jaar af was ek alles op die plaas gewees: skaapwagter, kalwerwagter en bokwagter. Ek het klei aangedra en klippe aangegee tydens die bouery van ons eerste geboutjie op die woon-

<sup>11</sup> A.P.J. van Rensburg, p.9; J.C.G. Kemp, *Vir Vryheid en Reg*, p.167.

<sup>12</sup> J.H. Redelinghuys, p.131; J.C.G. Kemp, p.167.

<sup>13</sup> A.P.J. van Rensburg, p.9.

<sup>14</sup> J.C.G. Kemp, p.168; A.P.J. van Rensburg, p.9.

<sup>15</sup> *Ibid.*, invoegsel.

<sup>16</sup> C.P. Muller en W.A. Cruywagen, *Die Eerste skof van Die Nasionale Party in Transvaal 1914-1964*, p.83; J.C.G. Kemp, p.170.

plaas Vroegeveld. Bale aande het ons papnat tulsgekom van die werk af. Ons was onself dan sommer in die spruit en kruip so met natklere en al in die komberse".<sup>17</sup>

As veeboer het sy vader heelwat rondgetrek, altans elke winter, met die gevolg dat klein Jan nie bale kans gekry het om skool te besoek nie. In 1886, op veertienjarige ouderdom, stuur sy vader hom na Pretoria, en word hy 'n leerling aan die bekende Staatsgimnasium van "Meester" Wessel Louis,<sup>18</sup> destyds een van die klein getal hoërskole in Transvaal waar onderwysers en staatsamptenare vir hul werk voorberei is.<sup>19</sup> Een van sy klasmaats was Piet Grobler, "Lange Piet" soos hy vanweë sy lengte onder sy maats bekend was. 'n Derde persoon wat in die boesemvriendskap gedeel het was Tjaart Kruger, jongste seun van president Paul Kruger. Piet Grobler was reeds vroeër bevriend met Tjaart Kruger en laasgenoemde het aanbeveel dat Piet na Pretoria moes gaan vir skoolopleiding. Jan Kemp en Piet Grobler het 'n lewenslange vriendskap gesluit en dit sou kulmineer in hulle politieke loopbane waar hulle vir lank in die Nasionale Party kabinet gedien het.<sup>20</sup> As gevolg van die vriendskap met Tjaart Kruger het Jan Kemp as skoolseun meer as een naweek aan die huis van president Paul Kruger deurgebring en sodoende met die ideëwêreld van die nasionalistiese volkskarakter van die Boereleiers in die Transvaal, in aanraking gekom.<sup>21</sup>

Gedurende die tydperk was Pretoria maar bale klein en het die jong klomp gereeld vir ontspanning in die Apleksrivier gaan swem. Met die aanbreek van vakansies het Kemp met die destydse "koets" tot by Volksrust gerels en aangesien die rit deur Johannesburg gegaan het, het hy op die manier met Johannesburg kennis gemaak – 'n plek wat ult 'n klompie slinkhulise en tente bestaan het.<sup>22</sup> Na drie jaar van vlytige studie slaag hy in 1889 die Eersteklas – Onderwys aanvullingseksamen, min of meer gelykstaande aan hedendaagse matriek.<sup>23</sup> Hierna keer hy terug plaas toe vir ongeveer een jaar. Aangesien

<sup>17</sup> A.P.J. vnn Rensburg, p.9; J.C.G. Kemp, p.168.

<sup>18</sup> C.P. Mulder en W.A. Cruywagen, p.83; J.C.G. Kemp, p.170.

<sup>19</sup> J.C.H. Grobler, *Politieke Leier of Meeloper? Die Lewe van Piet Grobler 1873-1942*, p.2.

<sup>20</sup> *Ibid.*, p.220, met die PAKT se verkiesingsoorwinning in 1924 word Kemp op sterk aanbeveling van Piet Grobler deur Hertzog as Minister van Landbou aangestel en word Grobler Minister van Lande. Saam sou hulle in die Kabinet dien tot 6 September 1939: PAKT 1924-1933 en VSANP 1934-1939.

<sup>21</sup> J.H. Ligthelm, *Genl. J.C.G. Kemp se rol in die Rebelle van 1914-1915*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1969, p.8.

<sup>22</sup> J.C.G. Kemp, p.170.

<sup>23</sup> C.P. Mulder en W.A. Cruywagen, p.83; *Pretoriana*, nrs. 32 en 33, April-Augustus 1960, Feesuitgawe, pp.62-65. S.J. Fanie Bezuidenhout skrywe in sy berig oor "Meester" Wessel Louis se Skool in Pretoria: "Ons hoogste eksamen was die Eersteklas Onderwyseksamen, wat soos die hoof van die skool ons meegedeel het, 'n hoër was as die matrikulasië-eksamen en gelyk gestaan het aan die Gimnasium



**Jan Kemp as jongman**

sy vader daarop aangedring het dat hy in een of ander kantoor moes gaan werk, keer hy terug na Pretoria en word as klerk in die Departement van Onderwys aangestel, 'n betrekking wat vakant geword het deur die oorpasing van Piet Grobler na die Departement van Mynwese.<sup>24</sup> Aangesien die werk hom nie geval het nie is Kemp ook na 'n jaar verplaas na laasgenoemde departement. In die kantoor van die Mynkommissaris op Krugersdorp vorder hy van Junior klerk tot verantwoordelike - of eerste klerk. Voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy by verskeie geleenthede as Mynkommissaris opgetree.<sup>25</sup> Met sy Intelligensie en deursettingsvermoë kan 'n mens aanneem dat hy later 'n kandidaat vir Mynkommissaris kon geword het, was dit nie vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog nie.

### 1.3 Krygsman

Wat karakter en temperament betref, was Kemp bo alles krygsman, en 'n mens kan jou nie voorstel dat 'n man met sy lig ontvlambare gemoed en sy besondere aktiewe geaardheid baie gelukkig kon gewees het binne die mure van 'n kantoor nie. 'n Mens kan dan ook begryp met watter geesdrif hy die geleentheid aangegryp het om sy land op die slagveld te dien. "In die tydperk toe die eike in ons volkslewe gekraak en geknars het onder die windgeweld van vyandelike oormag, het Kemp sy plek roemrugtig volgestaan"<sup>26</sup> Hy was besleed met 'n vurige en onvernietigbare nasionalisme wat nie alleen in oorlog na vore gekom het nie, maar 'n sterk karaktereienskap van sy latere politieke lewe was. Die strewa na 'n onafhanklike republiek was deel van sy lewe en dit was een van die groot ideale wat hy gekoester het.

Sy eerste geveg met die "vyand" het hy op driejarige leeftyd meegemaak. Dit was 'n skyngeveg en aangesien hy te jonk was om te onthou, het sy moeder hom in latere jare daarvan vertel. Die Kempgesin was op hul gehuurde winterplaas in Swaziland en op 'n dag was sy vader op soek na vermliste vee. Terwyl die moeder met haar twee seuntjies alleen was het daar onverwags 'n Swazi-kommando, wat beslg was om op te trek teen die Zoeloes, die plaas genader. Uit vrees vir die swartes het die moeder met die kinder-

---

eksamen in Holland. Die enigste persoon wat in my tyd die eksamen gepasseer het en dit met lof was genl. Jan Kemp. Ander het ook probeer maar gesak."

<sup>24</sup> J.C.G. Kemp, p.170.

<sup>25</sup> J.C.G. Kemp-versameling, A34, Band 11; Staatssekretarisargief, Band 1983, verwysingsnommer 8710/93; Bylaag 2 en Bylaag 3.

<sup>26</sup> H.P. Maritz, p.3.

tjies na 'n nabygeleë bos gevlug. Daar in die bos het klein Jan 'n stok, wat as geweer gedien het, gekry en die denkbeeldige vyand platgesket; terwyl sy ouer broer hom oor die voorbarige manhaftigheid van sy klein broertjie vererg het.<sup>27</sup>

Sy loopbaan as krygsman het eintlik met die Jameson-Inval van 1895-1896 begin<sup>28</sup>, hoewel dit vir hom, net soos vir die oorgrote meerderheid van die burgers, nie nodig was om 'n enkele skoot te skiet nie. In 1895 het hy egter as vrywilliger na die oorlog teen Makhado gegaan en in die bosse en klowe van die Soutpansberg sy vuurdoop ondergaan.<sup>29</sup> Tydens 'n geveg met die Vendas het hy ook vir die eerste keer met die harde werklikheid van oorlog te doen gekry en het hy verhaal: "Die dag met die geveg by Louis Trichardt, terwyl ons honger was en besig om biltong te eet, skiet 'n swarte ene Auswald 'n kopskoot dat hy sommer teen my arm doodval."<sup>30</sup>

Net soos sy voorvader Piet Retief het hy 'n ampse soortgelyke ervaring in Swaziland beleef. Bhunu was die koning van die Swazi's en hy was voor die hof gedaag vir 'n aantal moorde en beweerde toordery. Gedurende die Swazilandse-ekspedisie wou die koning kmdt. Joubert van Carolina spreek. Gevolglik het kmdt. Joubert, Viljoen en Jan Kemp - laasgenoemde was op hierdie tydstip lid van Joubert se kommando en op daardie tydstip gestasioneer te Bremersdorp, - na Embegulenl, die hoofstat, vertrek. Terwyl die twee kommandante met die koning beraadslaag het, het Kemp alleen agtergebly tussen die groot aantal Swazi's. Hy verhaal self: "...voel net baie bang, want ek weet nie wat hulle met my metgeselle kon aangevang het nie."<sup>31</sup> Later het die twee kommandante en Bhunu verskyn en het hulle almal saam bier gedrink en vleis geëet. Bhunu het onderneem om hom by die hof aan te meld, alhoewel Joubert nie die waarborg kon gee dat hy nie gevonniss sou word nie. Bhunu het egter nie sy woord gestand gedoen en by die hof opgedaag nie. Twee dae later was Kemp, as luitenant van vrywilligers agter Bhunu aan, maar hy het toe alreeds na Natal gevlug. Vir Kemp was dit 'n traumatiese ervaring en hy

<sup>27</sup> J.C.G. Kemp, pp.166-167.

<sup>28</sup> J.J. van Tonder, Ons Boere-generaals. Genl. Jan Kemp. Die Taalgenoot, Desember 1977, p.23.

<sup>29</sup> G.D. Scholtz, Skitterende Loopbaan as Krygsman, Kommando, Volume 5, Desember 1954, p.14; W.J. de Kock (red.), p.439; J.S. Bergh (red.), Geskiedenis Atlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies, p.210, Genl Kemp verwys na Magato terwyl die werklike skryfwysc van die naam Makhado was. Makhado was koning van die Venda en hulle was teen die jare negentig van die 19de eeu nie ten volle onder die beheer van die Z.A.R. In 1895 het Mphophu Makhado as koning opgevolg en was die Vendas trouens die laaste swart gemeenskap in die ZAR wat nog nie verower was nie. Die stryd teen hulle sou dus 'n era afsluit waarin verskillende Swart gemeenskappe noord van die Vaalrivier aan Blanke gesag onderwerp was.

<sup>30</sup> J.C.G. Kemp, p.170.

<sup>31</sup> Ibid., p.171.

meld in sy boek Vir Vryheid en Reg: "Hierdie onderneming om Bhunu te ontmoet, was baie gewaagd, want dieselfde moorddadige gevolge as die van Dingaan op Retief en sy manskappe gepleeg, kon hier herhaal gewees het."<sup>32</sup>

Met die verskyning van die oorlogswolke oor die Zuid-Afrikaanse - en Vrystaatse Republiek in 1899, is die eerste burgers aangesê om na die grens te vertrek. Getrou aan sy gevestigde nasionalisme was Kemp een van die eerstes wat dadelik aansoek gedoen het om saam na die Natalse grens te gaan. Aangesien hy nog 'n klerk was in die kantoor van die Mynkommissaris op Krugersdorp, wou sy hoof niks daarvan hoor dat hy na die front toe gaan nie en gevolglik weler hy om verlof toe te staan.<sup>33</sup> Die vindingryke en avontuurlike Kemp het egter sy sake so gereël dat hy as vrywilliger saam met die burgers kon gaan en het hy sy kantoor - en brandkluisseutels aan klerk Preller oorhandig en vertrek. Spoedig hierna is hy deur die hoofde gedreig dat hy ontslaan sou word uit die staatsdiens indien hy nie dadelik terugkeer na sy werk toe nie. 'n Ontstelde Kemp het hom tot genl. Piet Joubert gewend en laasgenoemde het aan die Departement van Mynwese 'n telegram gestuur met die versoek dat verlof aan Kemp toegestaan word. Geen reaksie is vanaf die departement ontvang nie en 'n bekommerde Kemp is weer na Joubert toe, aangesien hy bang was dat hy ontslaan sou word. Die generaal se gerusstelende antwoord aan hom was: "Dan moet hulle eers vir Piet Joubert ontslaan en dan kan hulle vir jou ontslaan. Gaan maar terug na Jou kommando toe."<sup>34</sup> 'n Mens kan Jou indink met watter geesdrif hy die geleentheid aangegryp het om sy land te verdedig en vol vertroue is hy na die front toe.

Hy was verbonde aan die Krugersdorpse-kommando wat na Doornkop in Natal gestuur is om genl. Lucas Meyer se magte te versterk.<sup>35</sup> Kemp meld in sy boek Vir Vryheid en Reg dat op pad na Doornkop dit baie gereën het en al die burgers was papnat en byna verkleum van die koue. Die aand het hy eers sy perd versorg alvorens hy onder 'n wa ingekruip het om skulling te soek en te gaan slaap - dit was toevallig die wa van kmdt. Greyling van Standerton, verlange familie van hom. Aan hom is 'n kombes en slaapplek gegee.<sup>36</sup> Teen dagbreek die volgende oggend, 20 Oktober 1899, kom die bevel van Lucas

<sup>32</sup> Ibid.

<sup>33</sup> Ibid., p.165.

<sup>34</sup> Ibid.

<sup>35</sup> Ibid., p.191; E.A. Venter, Vierhonderd Leiers in Suid-Afrika oor Vier Eeue, p.85.

<sup>36</sup> Ibid., p.191.

Meyer: "Sê hulle môre kêrels!"<sup>37</sup> Vanaf Talanaheuwel het die boere kanonne begin bulder en land die bomme met bykans dodelike akkuraatheid in die Engelselaer, wat teenoor hulle opgestel was. Vanaf die Slag van Talana, die eerste groot militêre geveg waaraan Kemp deelgeneem het, sou die stryd nog bykans drie Jaar voortduur. Terselfdertyd sou Kemp aan verskeie oorlogsfronte vorder van gewone burger tot die hoogste rang, en voordat hy dertig Jaar oud was, het hy die rang van generaal beklee.<sup>38</sup>

Die oorlog het aan hom die geleentheid gegee om aan te toon dat hy oor buitengewone lelertenskappe en dapperheid beskik. Daar kan werklik beweer word dat hy nie 'n enkele bang haar op sy kop gehad het nie.<sup>39</sup> Waar die stryd die hewigste gewoed het, was Kemp op sy gelukkigste, en die vyand het hom gou leer vrees as aanvoerder wat gevaar trotseer het deur reg daarop af te storm. - en sy gunsteling bevel was "tjaarts".<sup>40</sup>

In veldslae soos Elandslaagte op 21 Oktober 1899, waar onder andere sy latere skoonvader landdros Bodenstern van Krugersdorp gesneuwel het, en Rietfontein op 24 Oktober 1899 het Kemp te doen gekry met die volle aanslag van die Britse magte en nie-teenstaande die oormag het die Boeremagte die oorhand gehad. Kemp beweer egter dat een van die grootste foute wat hulle gedurende die oorlog gemaak het, "was om nie ons oorwinnings op te volg nie."<sup>41</sup> Om dit te staaf verwys hy na die Slag van Modderspruit op 30 Oktober 1899, toe Joubert nie sy oorwinning opgevolg het nie, maar op die langeduur met die beleg van Ladysmith baie mense verloor het. Toe genl. Louis Botha tydens 'n krygsraadvergadering aan Joubert gevra het waarom hy nie met die Krugersdorpse-kommando die voortvluggende vyand agtervolg het nie, was sy antwoord gewees: "Dis onchristelik om 'n vluggende vyand te agtervolg."<sup>42</sup>

Teen die einde van Oktober 1899 woed die slag van Lombardskop,<sup>43</sup> naby Ladysmith. Louis Botha gelas kmdt. Freek Potgieter se Krugersdorpers om 'n heuwel voor Lombardskop in te neem. Kemp vertel self daarvan: "Terwyl die burgers nog 'n bietjie maal voordat daar gestorm word, roep Rooi Paul du Plooy uit: 'Kom, kêrels!.....' en hy, sy seun Roelf, Piet du Tolt en ek, wat maats was, jaag voort en kom saam met die Engelse op

<sup>37</sup> *Ibid.*, p.192.

<sup>38</sup> *Die Huisgenoot*, 17.1.1947, p.9.

<sup>39</sup> *O. Pirow*, p.70.

<sup>40</sup> Wennie du Plessis, *Die Goue draad op die Trekpad van 'n nasie*, p.9.

<sup>41</sup> *J.C.G. Kemp*, p.212.

<sup>42</sup> *Ibid.*, pp.212-213.

<sup>43</sup> P.H.S. van Zyl, *Die Helde-Album van ons Vryheidstryd*, p.23.

die kopple, waar ons 'n paar vuurwarm minute deurmaak totdat die ander burgers bykom. Ons veg hard en dryf die vyand terug".<sup>44</sup> Vervolgens het hulle Lombardskop beset.

Na die aanvanklike suksesse wat die Boeremagte in 1899 gehad het, het die gety aan die begin van 1900 begin draal, eers gefieldelik maar later het dit baie vinnig teen die republieke gekeer. Ses weke later, op 15 Desember 1899, was dit veral voor die Krugerdorpers se doodelike Mauservuur dat die Engelse aanslae by Colenso in duie gestort het. In die Sploenkopslag, in Januarie 1900, het hy 'n leeuendeel gehad, en van die verdediging van Bosrand net vóór die Engelse deurbraak by Pietershoogte, 23 Februarie 1900, skryf Gustav Preller: "..... Geen mens het ooit trotseer wat daardie klompie Krugerdorpers onder Oosthulse en Jan Kemp oor hul heen laat gaan het nie..... 'n Nasie wat so sy hardste en vryheid verdedig, sal leef, al was't ook deur die dood".<sup>45</sup> Interessant om te weet dat voor die aanslag op Bosrand, Kemp met verlof was. Met sy terugkeer het sommige van sy burgers gekla dat die Krugerdorpers altyd moes ingaan, waar die ander kommando's nie wou nie. Hy verklaar: "Ek was egter nooit genelig om bevele van my hoër offisiere te verontsaam nie, en daarom het ek uitvoering van my bevele geëls."<sup>46</sup>

As gevolg van sy dappere optrede het Kemp reeds in die eerste jaar van die oorlog gevorder tot assistent-veldkornet en 'n rukkie later tot volle veldkornet.<sup>47</sup> Vroeg in 1900 word hy deur Louis Botha tot veggeneraal bevorder, en verklaar Kemp dat hy bereid was om met 'n Invalsmag na die Kaapkolonie te stuur.<sup>48</sup> In Maart 1900 word die bevordering van Kemp tot veggeneraal deur Koos de la Rey bekragtig,<sup>49</sup> dog laasgenoemde was nie bereid om Kemp na die Kaapkolonie te stuur nie, aangesien genl. C.R. de Wet se Invalsmag in die Kolonie genoodsaak was om na die Vrystaat uit te wyk. Genl. J.C. Smuts is die taak opgedra om die Kaapkolonie binne te val. Kemp was teleurgesteld aangesien hy van mening was dat die geleentheid hom ontnem was om te wys waartoe hy in staat

<sup>44</sup> J.C.G. Kemp, p.213; P.H.S. van Zyl, p.23; A.P.J. van Rensburg, p.9.

<sup>45</sup> G.S. Preller, *Kaptein Hindon-Oorlogsverhale van 'n baasverkenner*, p.112.

<sup>46</sup> J.C.G. Kemp, p.300.

<sup>47</sup> *Ons Vaderland*, 8.6.1928; J.C.G. Kemp-versameling, Band 11, ongepagineerd; W.J. de Kock, (red.), p.439; *Men of the Times*, *Pioneers of the Transvaal and Glimpses of South Africa*, p.215, "Mr. Jan Kemp was chosen by the famous De la Rey for the post of Acting-general, and the wisdom of this election was proved by the conspicuous part he played in the capture of lord Methuen in the Klerksdorp district."

<sup>48</sup> J.C.G. Kemp, p.368.

<sup>49</sup> A.G. Oberholster, *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Cilliers 1899-1902*, p.224; *Die Huisgenoot*, 17.1.1947, p.9; J.C.G. Kemp-versameling, Band 11, ongepagineerd.

was. Kemp se aanstelling het gegeld oor die burgers van die kommando's van Pretoriadistrik en Rustenburg.<sup>50</sup> Later, in April 1902, toe De la Rey na Klerksdorp moes gaan vir samesprekings oor vredesonderhandelinge, word Kemp aangewys as waarnemende kommandant-generaal.<sup>51</sup>

Toe lord Kitchener op 28 November 1900 die opperbevel van die Britse troepemag in Suid-Afrika oorgeneem het, het 'n splinternuwe oorlogvoering in Suid-Afrika uitgebreek, naamlik die Guerrilla-oorlog.<sup>52</sup> Gedurende die slag van Nooitgedacht op 13 Desember 1900 word Kemp lig in die arm gewond. Dit was trouens die enigste letsel wat hy in die oorlog opgedoen het.<sup>53</sup> In die Wes-Transvaal was Kemp die regterhand van die merkwaardige militêre genie, De la Rey, en saam met laasgenoemde deel Kemp die eer van die meeste belangrike oorwinnings, wat De la Rey tydens die guerillafase van die oorlog behaal het.

Die slag van Vlakfontein, 29-30 Mei 1901, is insiggewend in die karakter van 'n man wat bereid was om te waag en wat vir die onsekere nie teruggedelns het nie. Toe die Engelse die veld aan die brandgesteek het om agter die rook te skuil en hulle bewegings vir die klein Boerekommando bedek te hou,<sup>54</sup> het Kemp as aanvoerder van die Boere nie om die rookgordyn getrek en veilige stelling gesoek nie. Aan die splits van die burgers het hy deur die rook en vuur gestorm, tot ontsteltenis en skade van die vyand.<sup>55</sup> Hierdie doodsveragtelike optrede van Kemp en sy makkers is deur Engelse geskiedskrywers aangeprys: "The charge of the Light Brigade at Balaclava was child's play to this".<sup>56</sup>

Dit is kenmerkend van hierdie geharde stryder, na wie sy makkers met die grootste agting opgesien het, dat hy in sy boek *Vir Vryheid en Reg* meer van die dade van ander as sy eie skryf: " 'n Boer te perd was feitlik 'n eenheid, 'n individu [sic] op sigselwer... Elke Boer was ook 'n jagter en die jagkuns het vereis dat jy die beste gebruik maak van die

<sup>50</sup> W.K. Hancock en J. Van der Poel, *Selection from Smuts Papers*, Volume IV, p.342.

<sup>51</sup> G.D. Scholtz, *Kommando*, p. 14.

<sup>52</sup> J.C.G. Kemp, p.351.

<sup>53</sup> *Ibid.*, p.359.

<sup>54</sup> B. Farwell, *The Great Boer War*, p.338, beweer dat die Boere onder die leiding van Jan Kemp die veld aan die brand gesteek het en sodoende hulself verskuil het vir die Engelse magte; J.C.G. Kemp, p.393 (voetnota), Kemp meld dat die Engelse geskiedskrywers beweer dat hy die gras aan die brand laat steek het, dog hy maak dit as 'n leuen uit; Dr. C.F. Albertyn (voorsitter), *Ensiklopedie van die Wêreld*, Deel 5, p.668.

<sup>55</sup> A. Conan-Doyle, *The Great Boer War*, p.624.

<sup>56</sup> I. Hamilton and V. Sampson, *Anti-Commando*, p.180.

taktiese elenskappe van die grond waarop jy Jou bevind en moes leer om te verken. Ek kan dus sê dat elke Boer 'n ongeëwenaarde skut, 'n gebore perderuiter, taktikus en 'n verkenner was."<sup>57</sup>

Maart 1902 het vir die Republikeinse magte in die Wes-Transvaal goed begin toe Kemp en Wolmarans op 1 Maart 'n vrouelaer uit die kloue van die Britte bevry het. By Tweebosch op 7 Maart 1902, waar sy perd onder hom doodgeskiet is, speel Kemp 'n belangrike rol in die gevangenneming van lord Methuen en sy kolonne.<sup>58</sup> Voor die slag het Kemp vir Siener van Rensburg geraadpleeg en hom gevra wat hy sien oor die uitkoms van die slag. Siener het gesê hy sien 'n Rooibul (Engelse) wat afstorm op 'n Grysbul (Boere) - later retireer die Rooibul met gebreekte horings en 'n lam agterstewe. Hierdie voorspelling van die Siener is tydens die slag bewaarheid. By Roodewal op 11 April 1902 rig Kemp 'n roekelose en dappere aanval in die afwesigheid van De la Rey teen die magte van sir Ian Hamilton. De la Rey was op 9 April 1902 in Klerksdorp vir samesprekings in verband met die voortsetting van die oorlog en dit het Hamilton die geleentheid gebied om met 'n gevaarlike dryfkrag teen Kemp te begin. As gevolg van 'n oordeelsfout, hoofsaaklik te wyte aan 'n misverstand in die geledere van Kekewich, rig Kemp met sy kommando's die aanval teen Kekewich se magte. Hier maak hy weer eens gebruik van die berede stormloop oor oop terrein.<sup>59</sup> Die aanval is deur die vyand gestuit, dog sonder enige beslissende resultate vir die vyand. Soos die aanvallers op Roodewal die knie moes buig voor die onmoontlike sou die afgedwonge vrede kom, toe die Bittereinders hul vryheid nie verder kon verdedig nie.

#### 1.4 Bittereinder

Reeds in September 1901 het Kemp voorgestel dat die burgerlike regering in Transvaal met 'n militêre bewind vervang word. Hierdie voorstel van hom is egter deur De la Rey verwerp.<sup>60</sup> Die vredesposings wat deur sekere Transvaalse voormanne aangewend was, soos onder andere Louls Botha en Koos de la Rey, was die eintlike rede vir Kemp se voorstel. Kemp was oortuig dat 'n ontydige vrede 'n klap in die gesig van die Vrystaters

<sup>57</sup> L.C.G. Kemp, p.173.

<sup>58</sup> A.P.J. van Rensburg, p.10; *Die Beeld*, 6.4.2002.

<sup>59</sup> M.A. Gronum, *Die Bittereinders 1901-1902*, p.129.

<sup>60</sup> W.J. de Kock, p.439; A.P.J. van Rensburg, p.10; J.F. Naudé, *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, pp.287-288; S.B. Spies, *Methods of Barbarism*, p.81; *Leyds-argief*, 744, Krijgsraadvergadering, 1 Junie 1900.

en Kapenaars<sup>61</sup> sou wees. Aangesien die Vrystaat nie die stryd gewonne wou gee nie en Kemp en kmdt. Muller steeds militêre suksesse behaal het, wat volgens laasgenoemdes 'n bewys was dat oorwinnings van betekenis nog behaal sou kon word, verklaar Kemp: "As far as I am concerned I will fight till I die".<sup>62</sup> Sy argument was: "If once they were vanquished it was all over for the Afrikaner people, and all chance of a revival would be gone forever. Why should they not continue to place their trust in God? They had no right to distrust a God who had helped them".<sup>63</sup> Dit is heel duidelik dat sy geloof in die toekoms van sy land en sy volk hom onversatlik laat stry het – selfs teen die dood. Dit is 'n getroue weerspieëling van die karakter van Kemp.

Die onafhanklikheidskwessie was op dié stadium ter sprake en om daar oor te besin was waarnemende pres. Burgers van die Transvaal, De la Rey en Kemp en die kommando's op 11 Mei 1902, byeën op Rietvlei. "Soos èen man sê hulle dat die regering kan toegee net wat hy wou, maar die onafhanklikheid moes ongeskonde bly; en as die Engelse dit nie wil nie, dan moet die stryd voortgesit word."<sup>64</sup> Kemp word deur die kommando's van Krugersdorp, tesame met J.F. Naude, gekies om hulle by die vredesonderhandelinge by Vereeniging te verteenwoordig.

Op Donderdag 15 Mei 1902 neem die vredesonderhandelinge by Vereeniging in aanvang. Asst. kmdt-genl. C.F. Beyers word op voorstel van J.F. Naude (later ds.), geselekteer deur Kemp, verkies tot voorsitter.<sup>65</sup> Gewigtige en somber dae het gevolg en die volk was by die kruispad. Kemp se standpunt was deurgaans dieselfde: "Wat my afdeling betref, sien ek kans om met die stryd voort te gaan en die opdrag van my burgers uit te voer, naamlik 'staan by onafhanklikheid'. Ons het reeds lank vlr onafhanklikheid geveg, en hoewel die dae nou moeilik en donker is, mag ons die stryd nie staak nie. As ons bymekaar staan is ons onoorwinlik. Indien ons onvoorwaardelik oorgee, was al die lyding, stryd en opoffering tevergeefs. Ek moet my opdrag uitvoer en staan by onafhanklikheid."<sup>66</sup>

<sup>61</sup> J.C.G. Kemp, p.411.

<sup>62</sup> Ivor Wilkins en Hans Strydom, *The Super Afrikaners*, p.36; R. Kruger, *Goodbye Dolly Gray*, p.497.

<sup>63</sup> T.D. Moodie, *The Rise of Afrikanerdom*, p.34.

<sup>64</sup> J.C.G. Kemp, p.471.

<sup>65</sup> G.D. Scholtz, *Genl. Christiaan Frederik Beyers 1869-1914*, p.88.

<sup>66</sup> J.H. Breytenbach, *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.189.

Vir veertien dae is daar beraadslaag en daarna was die afgevaardigdes nog in die duister of hulle gaan vrede maak. Op hierdie stadium het De la Rey die deurslaggewende toespraak gelewer waarna die pendulum in 'n beslissende rigting geswaai het: "... U kan hier besluit wat u wil, maar ek sê vir julle, dat die byeenkoms die einde van die oorlog is. Maar die einde kan eervol of oneervol wees. Indien ons besluit om voort te gaan met die oorlog sal die einde oneervol wees....."<sup>67</sup> Hierna was dit vir die afgevaardigdes duidelik dat daar maar net een pad oop is, naamlik 'n staking van die stryd wat uiteindelik verlies van onafhanklikheid tot gevolg sou hê, hoe bitter dit ookal mag wees.

Op Saterdag 31 Mei 1902 word die voorstel, waarin die Britse voorwaardes aangeneem word, tot stemming gebring. Daarvoor het gestem 54 afgevaardigdes en ses daarteen, naamlik drie Transvalers Jan Kemp, G.G. Alberts en J. Naude, en drie Vrystaters A.G. Besten, C.C.G. Badenhorst en C.A. van Nlekerk.<sup>68</sup> Treffend beskryf Kemp sy gevoel soos volg: "En die aarde was woest en leeg, en 'n rookwolk styg op uit die vlakte."<sup>69</sup> Agter die afgebrande huis op die plaas Doornkoms was daar 'n koppie, waarop 'n kraal geleë was, en hier het die burgers byeengekom om die uitslag van die vredesonderhandelinge aan te hoor. Alhoewel hulle reeds bewus daarvan was dat vrede gesluit was, en gedagtig aan hulle opdrag aan hul afgevaardigdes, het hulle gedink dat onafhanklikheid behou was. Hulle was geskok oor die uiteindelijke uitslag van die onderhandelinge. In stilte het die oorgawe van die kommando's plaasgevind.

'n Geskikte predikant het verklaar: "Ek kon God nêrens sien nie. Ek het weggegaan soos 'n uitgeworpene en moes my in my siele worstel."<sup>70</sup> Kemp skryf: "Hete, soute tranes rol oor die bruin gebrande wange om op die verskroeiende grashalmpies aan hul voete te val..... Groue grysaards en baardlose seuns het gesnik en geweene....."<sup>71</sup> Ewe skielik was sy "stryd" verby – dit waarvoor hy gelewe, geveg en gedroom het. Maar bo alles het hy nog steeds bly glo dat nasionalisme die wet van God in die lewe van 'n Volk was en vir hom was die nasionalisme onvernetligbaar.<sup>72</sup> Sy geloof in sy volk en die strewe na 'n vrye onafhanklikheid was nie met die Vrede van Vereniging begrawe nie – hierdie "ver-

<sup>67</sup> *Ibid.*; J.C.G. Kemp, p.471.

<sup>68</sup> G.H.L. Le May, *British Supremacy in South Africa 1899-1907*, p.153; J.C.G. Kemp, p.475; J.H. Breytenbach, p.324; Bylaag 4.

<sup>69</sup> J.C.G. Kemp, p.476; W.K. Hancock en J. Van der Poel, p.342.

<sup>70</sup> A.P.J. van Rensburg, *Die Ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907*, p.330.

<sup>71</sup> J.C.G. Kemp, p.476.

<sup>72</sup> M.P.A. Malan, *Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en prestasies, 1914-1915*, p.45.

nederling" sou hy in die toekoms probeer omskep in 'n "oorwinning", vir dit wat vir hom so kosbaar was. Hy het sy latere militêre - en politieke loopbaan gebou op die woorde van pres. Paul Kruger: "Want wie zich een toekomst scheppen wil, mag het verlede niet uit het oog verliezen."<sup>73</sup>

In 'n huldeblyk oor Kemp op 17 Januarie 1947 berig Die Brandwag: "As sinnebeeld van taale volharding en grootmenslike hartstogtelikhed vir verhewe vryheidsideale sal hy onthou word. In die volksverbeelding sal hy voortleef as die koene stryder aan die voerpunt wat met die vurige kruis van vryheidsdrif tot binne vyandsgeledere gestorm het..... Toe dit by Vereeniging gelyk het asof die aarde woens en leeg was, was dit hy wat nog kon sê: 'Ons het so lank gestry vir ons onafhanklikheid en hoewel die dae moeilik en donker is, mag ons die Stryd nie opgee nie.'<sup>74</sup> Sonder die naam van genl. Jan Kemp sal dit inderdaad onmoontlik wees om die militêre geskiedenis van die Afrikaanse volk te beskryf. As vurige republikein was die Vrede van Vereeniging vir hom 'n droewige dag. Vir sy onblusbare nasionalisme en vryheidsin was die uitkoms van die oorlog 'n geweldige geestelike skok en teleurstelling. Eerder as om 'n Britse onderdaan te word, wil Kemp hom ná die oorlog, saam met burgers wat soos hy gevoel het, in Duit-Suidwes-Afrika gaan vestig om daar liewer te verduits as om in Suid-Afrika te verengels. De la Rey het hom egter oorreed om in die Transvaal agter te bly. Hy vestig hom op Krugersdorp waar hy 'n "algemene agent kantoor" open het. Op sy verjaarsdag 10 Junie 1903, tree hy in die huwelik met mej. Anna Emma Bodenstein. Na die troue het die Kemp-egpaar na sy plaas in die Plet Retief distrik teruggekeer. Sy is daar op 4 Maart 1941 oorlede.

Die unifikasie van die vier provinsies van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 het Kemp meer aktief by landsake betrek. F.W. Beyers is tot kommandant-generaal benoem en in sy hoedanigheid as hoof van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag, het hy daarna gestrewe om van sy strydmakers wat hulle op 'n besondere wyse in die Tweede Vryheidsoorlog onderskei het, te betrek.<sup>75</sup> Gevolglik het Kemp 'n offisier in die verdedigingsmag geword en na sy opleiding te Bloemfontein het hy die rang van majoor ontvang. Hy is aangestel as hoof van die militêre kamp op Potchefstroom.<sup>76</sup>

<sup>73</sup> J.C.G. Kemp, p.476.

<sup>74</sup> H.P. Maritz, p.3.

<sup>75</sup> Ibid.

<sup>76</sup> E.A. Venter, p.86.

## HOOFSTUK 2

### JAN KEMP EN DIE REBELLIE

#### 2.1 Die Eerste Wêreldoorlog betrek Suid-Afrika

Dinsdag 4 Augustus 1914 was vir Suid-Afrika 'n dag van besondere betekenis. Die oorlogswolke wat reeds lank op Europa se horison saamgepak het, het oplaas in donderweer losgebars: Oostenryk en Duitsland het oorlog verklaar teen Brittanje, Frankryk en Rusland.

Die oorlogsverklaring het die konstitusionele en militêre posisie van Suid-Afrika en ander Britse dominiums in die gedrang gebring. Hoewel die dominiums uit die staanspoor geen twyfel gelaat het oor hulle steun aan die Britse oorlogspoging nie,<sup>1</sup> sou dit in die geval van Suid-Afrika, die jong regering van genl. Louis Botha voor sy ergste politieke krisis te staan bring.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog sou nie alleen lei tot diepgaande konstitusionele verskille nie, maar terselfdertyd Suid-Afrika in 'n rebellie dompel wat traumatiese gevolge vir die Afrikaner sou meebring. Dit sou die Bittereinder element wat gelouter uit die Anglo-Boereoorlog getree het in vyandige leërs teenoor mekaar stel en die Afrika-nervolk opnuut in die smeltkroes plaas. Terwyl politieke spanninge in Europa teen die einde van Julie 1914 die breekpunt genader het, het die Britse regering sy Suid-Afrikaanse eweknie ten volle op die hoogte van sake gehou. Twee dae voor die oorlogsgeweld in Europa losgebars het, het Roderick, die Britse Minister van Buitelandesake, in 'n vertroulike telegram die Suid-Afrikaanse regering gepoos oor die moontlikheid van daadwerklike militêre steun aan Brittanje in die dreigende oorlog. Roderick het alereers verwys na aanbiedinge van troepe deur die Kanadese - en Australiese regerings en versigtig verneem of Suid-Afrika nie bereid sou wees om bo en behalwe die normale verpligtinge van die verdedigingsmag in 'n oorlog teen die Duitsers, 'n vrywilligers korps saam te stel vir onvoorsiene, maar noodsaaklike optrede nie. Ten slotte het hy die heu-

<sup>1</sup> G.E. Elton, Imperial Commonwealth, p.473.

ningkwas gebruik en geslinspeel op die morele impak wat sodanige "voluntary offer of Africander corps" dwarsdeur die Ryk sou hê.<sup>2</sup>

Botha was op hierdie tydstip in Suid-Rhodesië, maar het hom dadelik na Pretoria gegaas. Ná 'n kabinetsvergadering op 4 Augustus 1914 is die Britse regering in 'n vertroulike kabelgram op 5 Augustus 1914 gerus gestel: Suid-Afrika was bewus van sy verpligtinge teenoor die Ryk; indien die Imperiale troepe in Suid-Afrika elders benodig was, sou die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag graag die take oorneem wat aan die Imperiale troepe toevertrou was.<sup>3</sup>

Hiermee het die Suid-Afrikaanse regering hom onherroeplik aan die Britse oorlogspoging gebind en moes hy bepaald vader staan vir die kettingreaksie wat hierop gevolg het. Die Britse regering het op 5 Augustus 1914 met dank die Suid-Afrikaanse aanbod aanvaar en twee dae later die yster verder gesmee terwyl dit nog warm was: Sou die Suid-Afrikaanse regering bereid wees om "a great and urgent Imperial service"<sup>4</sup> te lewer deur die radiosenders in Swakopmund, Lüderitzbucht en die Duits-Suidwes-Afrikaanse binneland onskadelik te stel?

Hierdie navraag was niks anders as 'n versoek tot die verowering van die aangrensende Duitse kolonie nie en dus 'n ope uitnodiging tot militêre aggressie teen Duitsland. Botha het hom nou ongetwyfeld in 'n onverkwiklike dilemma bevind, want die Britse versoek het daarop neergekom dat Suid-Afrikaanse troepe buite die landsgrense sou moes optree. So iets het Botha bepaald nie in gedagte gehad toe hy sy bereidwilligheid te kenne gegee het om die verdediging van Suid-Afrika by die Imperiale garnisoen oor te neem nie. Die Britse versoek sou onvermydelik binnelands politieke reperkusies hê.

Binne die Suid-Afrikaanse Party het Botha nie veel rede tot hoofbrekens gehad nie, maar hy was bevrees dat enige verdeeldheid binne die Kabinet na die breë volkslae kon uitkring en tot 'n skeuring tussen die twee kultuurgroepe kon lei. Daarom het hy 'n ernstige beroep om samewerking en eensgesindheid op sy kabinetskollegas gedoen.<sup>5</sup> Soos maar alte dikwels die geval was, het Botha se ooredingsvermoë die deurslag gegee. Die

<sup>2</sup> Militêre-argief, D.C. 604, vol. 9199, D.7a/9199.

<sup>3</sup> Archives of the Secretary to the Department of the Prime Minister, 1910-1922, Volume 12, European War, 1914 Aug-1920 Jan, lêer 4/37/1914, Withdrawal of Imperial troops from South Africa: Ministers - Lord de Villiers, 4.8.1914; H.S. Webb, Causes of the Rebellion, pp.14-15.

<sup>4</sup> Ibid., p.16.

<sup>5</sup> F.S. Melan-versameling, nr.65, Dagboekinskrywing, p.189-197.

Kabinet het besluit om aan die Britse regering se versoek gevolg te gee, maar drie voorwaardes gestel: dat die Duits-Suidwes-ekspedisie gesamentlik deur Suid-Afrika en Brittanje onderneem sou word; dat parlementêre sanksie vooraf verkry word en dat slegs vrywilligers betrek sou word.

Botha het onverwyld die Britse regering van die kabinetsbesluit verwittig, maar laasgenoemde voorwaardes deels verswyg en deels afgewater: hy het bloot aangedui dat Suid-Afrika die militêre aksie op land sou behartig, terwyl Brittanje vir die vlootaksie verantwoordelik sou wees.<sup>6</sup> Die Regering het klaarbyklik van die standpunt uitgegaan dat die voorgenome militêre optrede eers deur die Parlement goedgekeur moes word, maar hy het totaal uit die oog verloor dat Jan Alleman moeilik tussen offensiewe en defensiewe optrede kon onderskei.<sup>7</sup> Daar was dus 'n kommunikasie gaping waardeur heelwat verdraalings en riettelegramme kon glij voordat die Regering sy standpunt onomwonde kon stel.

Die oorlog kon nie op 'n meer ongeloeë tydstip uitbreek het nie. Enersyds moes Botha in gedagte hou dat die Afrikaners se oorlogswonde van twaalf jaar tevore nog rou was en dat hulle trouens steeds hartstogtelik terug gehunker het na die verlore republikeinse staatsbestel. Verder het Botha se versoeningsbeleid heelwat Afrikaners onder die indruk gebring dat hulle weer eens die mindere in hulle eie land moes wees.<sup>8</sup> Andersins kon Botha ook nie die Engelstalige bevolkingselement verontagsaam nie, want hierdie komponent van die Suid-Afrikaanse gemeenskap het, soos in die vorige eeu, in heelwat opsigte nog lynreg stelling ingeneem teenoor Afrikaners wanneer Ryksbelange in die gedrang gekom het. Trouens, hulle standpunt was dat Suid-Afrika konstitusioneel geen ander keuse gehad het as om outomaties in enige Britse oorlog betrokke te wees nie.

Dit is geen twyfel nie dat baie Afrikaners in die twee verowerde republike hulle nie met Britse onderdaanskap versoen het nie. Daar is selfs meer as terloopse sprake van 'n "verbond", wat vooraanstaande generaals tydens die vredesonderhandelinge by Vereeniging sou aangegaan het, naamlik om by die eerste, die beste militêre geleentheid met

<sup>6</sup> Archives of the Secretary to the Department of the Prime Minister, 1910-1922. Botha - Lord De Villiers, 10.8.1914. Minute no.718. p.4; T.R.H. Davenport, *The South African Rebellion, 1914*, p.74; S.G. Millin, *General Smuts*, p.305.

<sup>7</sup> D.W. Krüger, *The Age of the Generals*, p.82.

<sup>8</sup> P.J.C. Vos, *Een ernstige vraag aan ons Volk!*, p.12.

Brittanje die stryd om onafhanklikheid te hervat.<sup>9</sup> Dit is dus duidelik dat die byl wat by Vereeniging aan die republikeinse volksboom gelê is, nie die wortels daarvan in baie Afrikanerharte deurgekap het nie.<sup>10</sup> Die letwat emosionele beskouing het meer op die breë volkslae betrekking gehad. Tog was daar ook by toonaangewende Afrikaners 'n gevoel teenwoordig dat Afrikanerbloed nie op die Imperialistiese altaar opgeoffer moes word nie. Hierdie groep wou dat in die sterkste taal, teen die voorgenome Inval beswaar gemaak moes word. So is die gedagte van protesvergaderings en lydelike verset gebore om die Regering tot ander insigte te probeer beweeg. Binne die Parlement het Hertzog hierdie groep verteenwoordig en daarbuite sou Beyers spoedlig die vernaamste leier daarvan word.<sup>11</sup> Tog was daar ook Afrikaners wat Botha en genl. J.C. Smuts se sienswyse gedeel het, dat dit Suld-Afrika se "plig en eer" was om sy lot by Brittanje in te werp.

Eensklaps was genl. Kemp hiermee weer terug in die atmosfeer van veertien jaar tevore, saam met gewese krygsmakkers soos genls. Manie Maritz, Jacques Plenaar en andere. Tog is daar hierdie keer 'n diepgaande verskil: artikel sewentien van die Verdedigingswet het duidelik bepaal dat die Burgermag "voor aktelewe diens teen een vyand op enige plaats in Zuid-Afrika binne of buite de Unie" gebruik kon word.<sup>12</sup> Uit voorafgaande blyk duidelik dat die begrip "Suld-Afrika" nie behoorlik gedefinieer is nie en vir uiteenlopende vertolkings vatbaar was wat tot die komende onverkwiklikhede sou bydra.

Toe Kemp in 1912 'n opleidingskursus aan die militêre skool te Tempe naby Bloemfontein bywoon, terwyl die oorlogswolke in Europa al digter saampak, is 'n komplot gesmee wat later in die rebellie gestalte sou kry. Kemp sou in beheer van die Potchefstroomse militêre distrik wees, sy boesemvriende Jacques Plenaar en Manie Maritz onderskeidelik by Pretoria en Upington aan die grens van Duits-Suidwes-Afrika. Toe reeds is aan Maritz opgedra om, wanneer vyandellikhede in Europa uitbreek, kontak met die Duitsers in Suidwes-Afrika te maak. Dan sou die tyd ryp wees vir wraak teen die "Robber Empire".<sup>13</sup> Alhoewel geen ander tydgenootlike bron hierdie weergawe van Kemp steun nie, is daar nogtans 'n verstommende ooreenkoms met wat later aan die grens van Duits-Suidwes-Afrika en binne Suld-Afrika self sou gebeur. Dit wil voorkom asof die hoofrolle reeds toegeken was toe die krisissjaar 1914 aanbreek - Kemp het eën daarvan ontvang.

<sup>9</sup> G.D. Scholtz, *Die Rebelle, 1914-1915*, p.14; H. Oost, *Wie is die skuldiges?*, p.42 en p.116; J.D. Kestell, *Christiaan de Wet, 'n Lewensbeskrywing*, p.142.

<sup>10</sup> G.D. Scholtz, p.14.

<sup>11</sup> G.D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914*, p.279.

<sup>12</sup> *Militêre-argief*, D.C. 600, Vol.9199, 14/93/9199; G.D. Scholtz, p.238.

<sup>13</sup> Manie Maritz, *My Lewe en Sirewe*, p.67; J.C.G. Kemp, *Pad van die Veroweraar*, p.110.

**Majoor Jan Kemp as lid van Unie - verdedigingsmag,  
1914.**



## 2.2 Kemp by die Krulspad

Na die kabinetsbesluit van 10 Augustus 1914 het Botha die kommandant-generaal van die Aktlewe Burgermag, brigadier-generaal C.F. Beyers, op hoogte van sake gebring en sekere opdragte in hierdie verband aan hom gegee.<sup>14</sup>

Hoewel die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog nie vir Beyers as 'n verrassing gekom het nie, blyk dit tog dat hy van mening was dat die Unie nie by hierdie oorlog betrokke moes raak nie.<sup>15</sup> In getuenis voor die Geregte Kommissie in 1916 het Botha verklaar dat Beyers by hierdie geleentheid aan hom sou gesê het, dat hy sy eie mening oor die saak daarop nagehou het en aangesien die oorlogsbesluit nog eers deur die Parlement goedgekeur moes word, sou hy sy standpunt nie op daardie stadium stel nie.<sup>16</sup> Botha kon in elk geval hieruit aflei dat Beyers nie baie ingenome met die kabinetsbesluit was nie. Gevolglik het hy die Kabinet op sy volgende vergadering oor Beyers se houding ingelig, waarop die Kabinet besluit het dat indien Beyers sou weier om die inval in Duits-Suidwes-Afrika te lei, Botha persoonlik bevel oor die Invalsmag sou voer.<sup>17</sup> Ten spyte van sy teenkanting teen die voorgename veldtog het Beyers, in die hoop dat die Parlement die kabinetsbesluit sou afkeur, nogtans meegewerk aan voorbereidings om die Unie militêr slag gereed te kry.

Op hierdie stadium het genl. Koos de la Rey, wat reeds deur die Anglo-Boereoorlog in 'n vader-seun verhouding met Kemp gestaan het, 'n rigtinggewende rol in die beweringe rondom die kabinetsbesluit gespeel. Daar was ook by De la Rey, soos by Kemp, 'n brandende begeerte om die verlore republikeinse vryheid te herstel. De la Rey se posisie is gekompliseer deur die visioene van sy vriend Nicolaas (Slener) van Rensburg wat sedert die dae van die Anglo-Boereoorlog 'n groot invloed op hom uitgeoefen het. Sommige van "Slener" van Rensburg se "gesigte" is op verstommende wyse bewaarheid en as gevolg daarvan was De la Rey geneig om sy verslende vriend se gawe te oorskakel, al

<sup>14</sup> U.G. 42-'16, Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente Rebelle in Zuid-Afrika, notule van getuigenis, Botha getuig, p.375.

<sup>15</sup> Harm Onst-versameling, A.69, nr. 26, Rebelle 1914-15, ongedateerde herinneringe van Sarel F. Alberts, ongepagineerd.

<sup>16</sup> U.G. 42-'16, p.375.

<sup>17</sup> Militêre-argief, Adjudant-General (A.G.), 1914/1921, Report on the Rebellion, Position of General Beyers, p.21.

was die meeste van sy visioene simbolies en dikwels vir meer as een uitleg vatbaar.<sup>18</sup> Nou val dit op dat "Slener" reeds 'n geruime tyd voor 1914 die komende "wêreldbrand" in sy visioene bespeur het en verklaar het dat dit 'n betekenisvolle invloed op Suid-Afrika sou hê.<sup>19</sup>

As gevolg van die visioene het De la Rey 'n vergadering vir 15 Augustus 1914 by Treurfontein belê. Die gerugte van die beplande Treurfonteinvergadering het spoedig die hele Wes-Transvaal in beroering gehad en ook onder andere Kemp op Potchefstroom bereik. Aangesien hy en De la Rey boesemvriende was, het Kemp besluit om De la Rey om groter duidelikheid te nader.<sup>20</sup> As gevolg van militêre verpligtinge moes Kemp en kol. A. Bezuidenhout na die Lichtenburgdistrik reis en gevolglik het hulle dan ook by De la Rey op sy plaas Elandsfontein besoek afgelê. Kemp het hom gepols oor die gerugte wat daar in die distrik in omloop was en De la Rey het die waarheid daarvan bevestig deur Kemp van "Slener" se visioene vertel.<sup>21</sup> Hy het vir Kemp met groot openhartigheid ingelig oor die doel van die vergadering en hieruit was dit duidelik dat dit meer as 'n protesvergadering sou wees.

Dit is opvallend dat Kemp 'n meer gematigde houding openbaar het en aan De la Rey probeer verduidelik het dat die tyd nog nie ryp was vir so 'n rewolusionêre stap nie.<sup>22</sup> Kemp het voorts De la Rey daarop gewys dat dit nog te vroeg was om die uitslag van die Europese oorlog te bepaal en bowendien was daar nog Imperiale troepe in Suid-Afrika teenwoordig. Die ou strydros het egter onbeweegbaar vasgeskop en op 'n vraag van Kemp wat Botha en Smuts van die plan sou sê, het hy geantwoord: "Ek gee geen bliksem om. Ek het mijn Bybel en daarop gaan ik."<sup>23</sup> Ten spyte van sy bedenking dat daar heelwat met De la Rey se tydsberekening geskort het, is Kemp en Bezuidenhout so meegevoer deur die ou generaal se geesdrif vir die herstel van sy volksele, dat hy sy volle steun aan hom toegesê het.<sup>24</sup>

Intussen het die Lichtenburgse magistraat, J.C. Juta, vir Kemp geskakel en versoek dat laasgenoemde hom moes kom spreek. Juta se informante het hom van Kemp se teen-

<sup>18</sup> G.D. Scholtz, *Die Rebelle 1914-1915*, p.45.

<sup>19</sup> *Ibid.*, p.44; *Catholic Magazine for South Africa*, A Prophet in Rebellion, April 1915, p.153.

<sup>20</sup> J.C.G. Kemp, p.132.

<sup>21</sup> *Ibid.*

<sup>22</sup> *Ibid.*, W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, p.439.

<sup>23</sup> *Harm Oost-versameling*, nr. 22, p.1.

<sup>24</sup> J.P. Smit, *Die rol van generaal J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse politiek, 1902-1914*, p.136.

woordigheid op Elandsfontein in kennis gestel en Kemp het dadelik vermoed dat die magistraat wou uitvlis presies wat De la Rey vir 15 Augustus 1914 in die mou gevoer het. Kemp en Bezuidenhout het gevolglik 'n besoek aan Juta gebring en laasgenoemde het hulle gewaarsku dat De la Rey se planne vir 15 Augustus 1914 die hele distrik in beroering sou bring.<sup>25</sup> Kemp het die onderhawige berigte probeer wegpraat as wolhaarstories en die magistraat voorts verseker dat hy De la Rey sou oorreed om geen onberade stappe te doen nie. Ook het Kemp en Juta ooreengekom dat albei afsonderlik die Regering in kennis sou stel. Juta het ook 'n beroep op Kemp gedoen om te help om die gemoedere van die Lichtenburgers te kalmeer. Hiertoë was Kemp bereid. Dit was duidelik dat Kemp soveel moontlik vure wou doodslaan ten einde De la Rey te beskerm.

Kemp en Bezuidenhout is weer terug na Elandsfontein waar hulle nogmaals gepoog het om De la Rey van sy voorneme te laat afsien, dog dit was spoedig vir hulle duidelik dat De la Rey sy planne haarfyn uitgewerk het.<sup>26</sup> Die eertydse "Leeu van die Wes-Transvaal" het hom nie hierdeur laat afskrik nie: hy het sy twee Vierkleurvlae en sy bandeller gaan haal en verklaar dat hy onder dié vlae sou veg.<sup>27</sup>

Aangesien Kemp en Bezuidenhout op Elandsfontein oornag het, het Kemp weer 'n keer aan De la Rey gemeld dat hy verplig sou wees om die owerheld van sy voorneme in kennis te stel.<sup>28</sup> Volgens De la Rey was die Regering ten volle vertrouwd met sy standpunt en het hy geen beswaar gehad dat Kemp die Regering daarvan in kennis stel nie; trouens hy het voorspel dat Botha en Smuts vanweë hulle besondere posisies in die Regering aanvanklik afsydig sou staan, maar as die burgers een maal die Vierkleur gehys het, sou hierdie twee groot leiers hulle daaronder skaar.<sup>29</sup>

Hoewel Kemp nie hiermee saamgestem het, as gevolg van Botha en Smuts se oënskynlik pro-Britse houding nie, was hy bereid om uit hoofde van De la Rey se intieme kontak met Botha en Smuts, sy woord ten opsigte van die twee generaals te aanvaar. Die ou generaal het Kemp verseker dat hy ten volle op hulle kon reken en al sou hy hom misgis,

<sup>25</sup> Harm Oost-versameling, p.3.

<sup>26</sup> J.C.G. Kemp, p.134.

<sup>27</sup> Harm Oost-versameling, p.3.

<sup>28</sup> *ibid.*

<sup>29</sup> J.C.G. Kemp, p.135.

dan was daar nog twee kragte wat sterker as hulle was, naamlik sy Bybel en sy geloof in God.<sup>30</sup>

Die volgende oggend het Kemp en Bezuidenhout na Potchefstroom vertrek en by die poskantoor te Lichtenburg die bewoording vir 'n telegram opgestel vir deursending aan die kommandant-generaal, Beyers. As offisier moes Kemp aan Beyers en nie die Minister rapporteer nie.<sup>31</sup> Die telegram het gelul: "Ik heb te raporteer en dat ik te Lichtenburg was, dat een vergadering zal gehouden worden te Zaterdag 15 dezer. Publieke gemoe-deren schijnen opgewonden te zijnden denk ik dat het menslik is U die vergadering bijwoont het publiek op hoogte brengen".<sup>32</sup> Hierdie telegram het geen kommer in rege-ringskringe in Pretoria gewek nie, aangesien dit reeds bekend was dat De la Rey 'n ver-gadering by Treurfontein belê het en watter planne by in die mou gevoer het. Toe Beyers Kemp se telegram ontvang het, het hy onmiddellik 'n telegram aan De la Rey gestuur met die versoek om hom in Pretoria te kom spreek.<sup>33</sup> Op 11 Augustus 1914 het Botha ook 'n soortgelyke versoek aan De la Rey gerig, aangesien Botha en Smuts tot die ge-volgtrekking gekom het dat hulle die ontevredenheid onder sekere burgers kon sus deur die saak van aangesig tot aangesig met hulle ou gryskollega uit te praat.<sup>34</sup>

Twee dae later het De la Rey per trein gereis na Pretoria en aangesien Maritz ook in die stad was, het Beyers hom versoek om De la Rey op die stasie te ontmoet. Tydens sy be-soek aan Botha het die Eerste Minister in sy gesprek met De la Rey onder die indruk ge-kom dat laasgenoemde nie verstandelik toerekenbaar was nie, en dat hy in 'n soort geestelike - of verstandelike dwaling verkeer het.<sup>35</sup> Volgens Botha het hy De la Rey in sy vertrouwe geneem en hom van die voorgenome Invalsplan vir Duits-Suidwes-Afrika vertel. Botha verklaar dat De la Rey die volgende oggend na hom gekom en erken het dat hy verkeerd was en dat hulle niks hoef te vrees oor die vergadering te Treurfontein nie.<sup>36</sup>

<sup>30</sup> Ibid.

<sup>31</sup> H.S. Webb, p.12.

<sup>32</sup> U.G. 10-'15, Rapport over het uitbreken der Rebelleie en de handelwijze van de Regering met betrek-king tot de onderdrukking van deze, p.12; J.C.G. Kemp, p.136; G..D. Lotz, Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, p.285.

<sup>33</sup> Ibid., p.13.

<sup>34</sup> P.M. Union 1/1/475, Correspondence I to S, 1914 Jan-Dec, lêers pres. Steyn: Botha-De la Rey, 11.8.1914, ongepagineerd; T.R.H. Davenport, The South African Rebellion, 1914, The English Histori-cal Review, February 1962, p.77.

<sup>35</sup> U.G. 46-'16, Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente Rebelleie in Zuid-Afrika, p.5.

<sup>36</sup> Ibid., p.90; U.G. 42-'16, notules van getuigenis, Botha getuig, p.377.

In sy getuienis voor die Geregte Kommissie van Onderzoek na die rebellie in 1916, het Botha egter verswyg dat De la Rey hom en Smuts gewaarsku het om die voorgenoemde inval af te las anders sou hy dit teëgaan en die republikeinse onafhanklikheid sonder hul bystand herstel.<sup>37</sup> Hierdie aantekening deur Kemp en wat ook deur ander tydgenootlike bronne onderskryf word, klink geloofwaardig, veral as dit teen die verdere verloop van die rebellie gesien word. Dit is ook opvallend dat Botha as getuie voor die Kommissie van Onderzoek 'n powere vertoning gelewer het.

Met sy terugkeer na Lichtenburg op 14 Augustus 1914 het De la Rey sy teleurstelling in Botha en Smuts, van wie hy talle groot verwagtings gekoester het, geensins verberg nie. Hy het nou tot die besef gekom dat hulle nie meer republikeine was nie en selfs sover gegaan om te verklaar dat Botha die Afrikaners die rug toegekeer het en dat Smuts hulle verraai het.<sup>38</sup>

Op Saterdag 15 Augustus 1914 het ongeveer 800 burgers opgedaag by die Treurfontein vergadering om na De la Rey te luister. Hy het slegs oor algemeenheid gepraat en nadat 'n voorstel aangeneem is, waarin volle vertroue in die Regering se vermoë om die heersende situasie te hanteer, uitgespreek is, het die vergadering vreedsaam verdaag. Die burgers wat iets opspraakwekkend verwag het, het teleurgesteld huis toe gegaan, terwyl Botha en Smuts ongetwyfeld 'n sug van verligting moes geslaak het.

Dit wil voorkom asof Kemp tydens voorafgaande gebeure hom doelbewus op die agtergrond onttrek het. Hy was meer bekommerd dat De la Rey, sy geestelike pleegvader van die Anglo-Boereoorlog, in die vaarwater kon beland. En hoewel hy beslis op die hoogte van Maritz se planne was, het hy 'n oënskynlik korrekte rol gespeel deur ten opsigte van De la Rey, Botha ingelig te hou. Die afdeling kan dus gemaak word dat Kemp, soos blyk uit sy volgehoue vermaninge aan De la Rey, die tyd nog nie ryp vir optrede geag het nie. Sy standpunt sou eers uitkristalliseer ná die kommandante vergadering in Pretoria. Die kabinetsbesluit in verband met die voorgenome aanval op Duits-Suidwes-Afrika is geheim gehou en behalwe dat Botha dit aan Beyers en De la Rey meegedeel het, is die publiek nie daarvoor ingelig nie. Tog het gerugte soos 'n veldbrand versprei en 'n gevoel van

<sup>37</sup> J.C.G. Kemp, p. 137; H. Oost, p. 104.

<sup>38</sup> Harm Oost-versameling, nr. 24, Herinneringe, oorgetuie verslag van gebeure 1914-1915, mededeling deur Izak Claasens (g.d.), ongepagineerd.

onrustigheid was besig om geleidelik onder Afrikaanssprekendes te ontwikkel.<sup>39</sup> Onsekerheid oor die Verdedigingswet van 1912 en die Engelstalige pers se aanmoediging om 'n kontingent soldate na Europa te stuur, het die onrustigheid en verwarring vererger.<sup>40</sup> Alvorens in die Parlement 'n *fait accompli*<sup>41</sup> voorgelê is, het Botha en Smuts die Kommandant-generaal opdrag gegee om met die oog op die verdediging van die Unie, al die Burgermag kommandante van Transvaal byeen te roep.<sup>42</sup> Beyers het die opdrag uitgevoer en die vergadering vir 14 Augustus 1914 belê.

Kemp en sy offisiere het die vorige dag per trein in Pretoria gearriveer. Vanaf die stasie het hulle te voet na die Transvaal hotel geloop, waar hulle tulsgegaan het, en op pad Manie Maritz teëgekomp. Laasgenoemde was ook vir die offisiersvergadering in Pretoria en het reeds op 11 Augustus vanaf Uppington in die hoofstad gearriveer.<sup>43</sup> Aangesien Beyers se kantoor op pad na die hotel geleë was, het hulle besluit om hom uit te vra met betrekking tot die doel van die vergadering.<sup>44</sup> By hierdie geleentheid het Beyers hulle ingelig oor die Regering se plan om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, omdat Brittanje 'n versoek tot die Regering gerig het dat die radiostasies van die Duitsers aldaar vernietig moes word.<sup>45</sup> Beyers het hulle meegedeel dat hy teen so 'n aanval gekant was en dat hy die Regering dienooreenkomstig in kennis gestel het. Sonder om sy werklike redes vir teenkanting aan hulle bekend te maak, het hy hulle meegedeel dat indien die Parlement die kabinetsbesluit sou goedkeur, hy sou bedank en dan sy redes sou verstrek.<sup>46</sup>

Kemp het onmiddellik gereageer en gesê dat indien dit die geval is, hy ook sou bedank. Hy het voorts aan Beyers gevra of die Afrikaans- en Engelssprekende offisiere gelyktydig byeengeroep sou word, want indien dit sou gebeur het hy wrywing tussen die twee groepe voorsien. Beyers was op hierdie stadium nog nie seker of daar twee afsonderlike vergaderings sou plaasvind nie en het belowe dat hy sou poog om die twee groepe apart te hou. Hierna het Kemp en sy geselskap na die hotel vertrek. Die algemene gevoel onder hulle was één van teenkanting teen enige aanval op Duits-Suidwes-Afrika.<sup>47</sup>

<sup>39</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, Botha getuig, p.376.

<sup>40</sup> N.R. Gunning, Strydpunte tussen generaals Botha en Hertzog, 1910-15, p.228.

<sup>41</sup> O. Pirow, J.B.M. Hertzog, p.68.

<sup>42</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, Botha getuig, p.375.

<sup>43</sup> S.C. I-'15, Report of the Select Committee on the Rebellion, p.13; Harm Oost-versameling, nr.22, p.5.

<sup>44</sup> Frederik Rempel-versameling, W.213, nr.4, getuigenis in die C.R. de Wet-verhoor, 5.6.1915, p.6; J.C.G. Kemp, p.142; G.D. Scholtz, Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, p.292.

<sup>45</sup> Harm Oost-versameling, nr.22, p.5.

<sup>46</sup> J.C.G. Kemp, p.142; W.K. Hancock, The Sanguine Years 1870-1919, p.379.

<sup>47</sup> Ibid., p.143.

Die volgende dag, 14 Augustus 1914, het daar twee vergaderings in Pretoria plaasgevind, naamlik een vir alle stafoffisiere en 'n tweede vir die Transvaalse kommandante. Die stafoffisiere vergadering het die oggend in Beyers se kantoor in die N.Z.A.S.M.-gebou, in Markstraat, plaasgevind. By hierdie vergadering was teenwoordig: die bevelvoerende offisiere van die Staande Mag, die Kommandant-generaal, Botha en Smuts, laasgenoemde in sy hoedanigheid as Minister van Verdediging.<sup>48</sup> Smuts het die vergadering in Engels toegesprek en verwys na die feit dat Brittanje in oorlog betrokke was en dat die Unie derhalwe ook in 'n staat van oorlog met Duitsland verkeer.<sup>49</sup> Hy het beklemtoon dat die Unie voorbereid moes wees vir enige aanval en melding gemaak van die aanbod aan Brittanje in verband met die vrystelling van Imperiale troepe en dat die Unie vir sy eie verdediging sou sorg. Geen melding is gemaak van die voorgenome Duits-Suidwes-Afrikaveldtog nie,<sup>50</sup> alhoewel sommige offisiere op hierdie stadium van die Regering se planne geweet het en ander sterk vermoede gehad het dat 'n aanval op die gebied beplan word.<sup>51</sup>

Volgens Smuts het die Regering beplan om 'n mag van 20 000 man op oorlogsgereedheidsgrondslag te bring. Hy het die offisiere versoek om hom in hierdie verband te adviseer. Nadat Smuts sekere voorstelle met betrekking tot die samestelling van hierdie mag gedoen het, het Kemp, wat reeds deur middel van Beyers geweet het van die Regering se voorneme, verlof gevra vir 'n bespreking van die doel waarvoor hierdie mag gebruik sou word.<sup>52</sup> Smuts kon sy misnoeë kwalk verberg en het Kemp afgejak met die opmerking dat as 'n offisier hy beter moes weet as om so 'n vraag te stel. Dit was dadelik dat Smuts geen bespreking sou toelaat wat die meriete van die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog kon bevraagteken nie. Op 'n verdere vraag van Kemp, naamlik wat sou gebeur indien 'n offisier sou weler om aan 'n sekere operasie deel te neem, het Smuts geantwoord dat almal onder dissipline staan en dat so 'n persoon gestraf sou word.<sup>53</sup> Smuts het hierna die bespreking oor die onderhawige aangeleentheid beëindig.

Vervolgens het Smuts reëlings met betrekking tot oefenkampe aan die orde gestel. Uit die mededellings het geblyk dat Kemp se kamp binne twee weke, naamlik op 2 Septem-

<sup>48</sup> J.G. 42-16, notulen van getuigenis, kol. N.J. Pretorius getuig, p.65.

<sup>49</sup> J.C.G. Kemp, p.143.

<sup>50</sup> F.S. Crafford, Jan Smuts, 'n Biografie, p.106.

<sup>51</sup> S.B. Spies, The Rebellion in South Africa, 1914-15, p.72.

<sup>52</sup> G.D. Scholtz, p.51; O. Pirow, J.B.M. Hertzog, p.68.

<sup>53</sup> J.C.G. Kemp, p.144; S.B. Spies, p.72.

ber 1914, sou begin en dat die ander met verloop van tyd sou volg. Smuts het aan die hand gedoen dat die voorgestelde 8 000 man, wat van die Burgermag verkry moes word vir die samestelling van die 20 000 man-taakmag, saamgestel moes word deur 'n seker getal manne uit elke regiment te trek.

Die offisiere was egter teen die voorstel gekant en daar is besluit dat soveel regimente opgeroep sou word as wat nodig was om die getal vol te maak.<sup>54</sup> Hierna het die vergadering verdaag en was die offisiere, vir sover dit die kabinetsbesluit van 10 Augustus 1914 betref, nog steeds in die duister.<sup>55</sup>

Later die middag het die tweede vergadering, wat deur die Transvaalse kommandante asook Botha, Smuts en Beyers bygewoon is, in die Uniegebou plaasgevind. Botha het as voorsitter opgetree en het in sy openingsrede verwys na Brittanje se betrokkenheid in die oorlog teen Duitsland. Suid-Afrika was ook by die saak betrokke. Hy het voorts gemeld dat die vergadering belê is om die kommandante aangaande hulle pligte in te lig en die Burgermag op 'n gereedheidsgrondslag te plaas.<sup>56</sup> Op 'n vraag wat sodanige mag dan moes beskerm, het Botha geantwoord: "Sê byvoorbeeld dat die Portugese 'n inval doen van Delagoabaal se kant, dan moet ons dadelik bereid wees om dit te weerstaan."<sup>57</sup> Weer eens is geen melding gemaak van die voorgenome planne in verband met die kabinetsbesluit van 10 Augustus nie en dit was jul die saak waarvoor baie van die kommandante, veral Kemp, meer inligting wou bekom.

Net soos die oggend het Kemp telkemale 'n bespreking met betrekking tot die voorgenome aksie teen Duits-Suidwes-Afrika probeer ontlok. Botha en Smuts wou dit egter nie toelaat nie en die saak is net daar en dan in die kiem gesmoor met die argument dat dit 'n saak was waarvoor die Parlement moes besluit en dat hulle hoegenaamd niks daarmee uit te waal gehad het nie.<sup>58</sup> Die verstandigheid van hierdie optrede van die Regering kan bevestig word. Tog wil dit voorkom asof Botha en Smuts daarvan bewus was dat die kommandante, feitlik sonder uitsondering, teen die Duits-Suidwes-Afrika-veldtog gekant was.<sup>59</sup>

<sup>54</sup> Ibid.

<sup>55</sup> F.E.T. Krause-versameling, A.333, volume 20, Oorlog en Rebelle, ongepagineerd.

<sup>56</sup> U.G. 46-'16, pp.3-4.

<sup>57</sup> J.C.G. Kemp, p.145.

<sup>58</sup> D.J.J. Coetzee, Die geskiedenis van Die Nasionale Party 1914-1921, p.90; G.D. Scholtz, p.51.

<sup>59</sup> F.S. Crafford, p.106; S.B. Spies, p.51.

Beyers was op hierdie stadium klaarblyklik reeds ontsteld, enersyds oor die wyse waarop Kemp vroeër die oggend afgejak is en andersyds oor die wyse waarop Botha en Smuts hulle eie optrede wou vergoelik. Dit was nie in Beyers se aard om aggressief op te tree nie, tog was hy tydens die vergadering in 'n skerp woordewisseling met Smuts betrokke oor die toestand van die verdedigingsmag. Volgens Beyers was die Aktiewe Burgermag swak toegerus, maar Smuts het sy kritiek gepykkan met die verklaring dat hy nie uitgaaiende gewere wou bestel nie en op advies van Britse deskundiges besluit het om met die bestelling te wag totdat nuwe gewere beskikbaar sou wees.<sup>60</sup>

Botha en Smuts het ook die kommandante versoek om hulle onderskeie distrikte slag-gereed te kry sodat daar geen vertraging sou wees indien die Regering op mobilisasie besluit nie. Voorts het Botha hulle vermaan om die Regering te vertrou. Die gedagte van opkommandering het die meerderheid van die kommandante nie aangestaan nie en dit is dus begryplik dat die kommandante, volgens Kemp, die vergadering hoogs ontstoke verlaat het.<sup>61</sup> Die vraag ontstaan: Hoe groot was die teenstand wat Botha en Smuts ondervind het. Hieroor is daar meningsverskil. In sy boek Pad van die Veroweraar meld Kemp dat op hierdie vergadering ondubbelsinnig en eenparig te kenne gegee is dat die kommandante teen enige opkommandering van burgers was. In sy boek Oorlogsherinneringe meld genl. C.H. Muller ook dat hy persoonlik by die vergadering was en dat met uitsondering van enkele die hele vergadering teen oorlogsdeelname gekant was. C. Lucas in The Empire at War en F.V. Engelenburg in General Louis Botha beweer dat die oorgrote meerderheid van die kommandante by die vergadering ten gunste van die Regering se planne was, behalwe vir 'n klein minderheid onder andere Kemp, Maritz en Muller. Dit was nou vir Kemp duidelik dat niteenstaande De la Rey se byna kinderlike geloof in hul Afrikanerskap, beide Botha en Smuts Empire-handlangers geword het en dat die Afrikanervolk op die altaar van die Empire opgeoffer sou word.<sup>62</sup> Vir Kemp was dit 'n "hemeltergende politieke misdaad"<sup>63</sup> dat die verontregte Afrikanervolk gebruik moes word om Brittanje se vull werk te doen.

Gedurende offisiërsvergadering van die oggend het Kemp vir Beyers om 'n persoonlike onderhoud gevra wat na die kommandantevergadering in Beyers se kantoor plaasgevind

<sup>60</sup> J.G. 42-16, notulen van getuënis, Botha getuig, p.375; G.D. Scholtz, p.292.

<sup>61</sup> J.C.G. Kemp, p.147; Genl. C.H. Muller, Oorlogsherinneringe, p.195; C. Lucas, The Empire at War, Volume IV, Africa, p.382; F.V. Engelenburg, General Louis Botha, p.283; J.G.42-16, p.376.

<sup>62</sup> J.C.G. Kemp, p.147.

<sup>63</sup> Ibid.

het. Volgens Kemp het hy by hierdie geleentheid aan Beyers voorgestel dat laasgenoemde as kommandant-generaal self die opperbevel moes aanvaar oor die gekommandeerde burgers. Beyers en sy offisiere moes dan vyftigduisend man na die grens van Duits-Suidwes-Afrika neem. Hy wou hê dat hulle op 'n sekere dag by Upington 'n groot krygsraad moes hou. Terselfdertyd moes die Engelse regimente sonder gewere oefen, terwyl 'n kommando op wie hulle kon staatmaak, die gewere, kanonne en ammunisie in beslag moes neem. By die krygsraad sou hulle die Engelse offisiere ontwapen, waarna hulle vir Botha en Smuts in kennis sou stel dat hulle terugkeer en die Unie as 'n Vrye Republiek verklaar.<sup>64</sup>

Volgens Kemp het Beyers aandagtig gesit en lulster en toe aan hom gesê dat hy eers oor die voorstel wou nadink, en Indien nodig, die saak met 'n paar intieme vriende sou bespreek. Hy het Kemp versoek om hom die volgende week weer oor die saak te spreek.<sup>65</sup> Kol. I. Swemmer, 'n offisier van die verdedigingsmag, beweer dat hy op die betrokke middag na Beyers se kantoor gegaan het om 'n saak met hom te bespreek. Hy moes sy beurt afwag en was dus ooggetule daarvan dat Maritz, Kemp, Muller en Bezuidenhout uit Beyers se kantoor te voorskyn gekom het.<sup>66</sup> Prof. Leo Fouché verwys na aanleiding hiervan na 'n komplot wat tussen hierdie manne gesmee was,<sup>67</sup> maar uit die gebeure wat gevolg het kan duidelik afgelei word dat daar geen sodanige sameswering beplan was nie.

Die teenstand wat Botha van die kommandante ondervind het, het hom ontstel en hy het hulle en die offisiere genooi om daardie aand by die premierswoning te kom eet.<sup>68</sup> Al die offisiere en kommandante het egter nie Botha se uitnodiging aanvaar nie, onder andere

<sup>64</sup> *Ibid.*, p.148; Manie Maritz, pp.68-69. volgens Manie Maritz het hy ook in private samesprekings met Beyers 'n soortgelyke voorstel aan laasgenoemde gedoen; H.D. van Broekhuizen-versameling, A.356, volume 2, pp.20-23. Van Broekhuizen meld dat genl. de Wet op 7 September 'n soortgelyke voorstel aan Beyers gemaak het.

<sup>65</sup> J.C.G. Kemp, p.148; Manie Maritz (My lewe en strewe, p.69) verklaar dat na hy sy voorstel aan Beyers gemaak het. Beyers na 'n oomblik van huiwering sy plan aanvaar het. Beyers sou die sake met die ander generaals bespreek, terwyl Maritz 'n af spraak sou maak met die Duitse goewerneur. Daarna sou Beyers self afkom om met die Duitsers te onderhandel. Verder beweer Maritz ook dat Beyers by hierdie geleentheid aan hom sy bedankingsbrief gewys het; Kemp (Pad van die Veroweraar, pp.207-210) dink nie dat Beyers dit gedoen het nie, maar Maritz van sy voorneme vertel het; Van Broekhuizen (H.D. van Broekhuizen-versameling, pp.20-23) beweer dat Beyers geweer het om aan die versoek te voldoen.

<sup>66</sup> S.C.S. 119B, *Rex vs Maritz*, p.64.

<sup>67</sup> J.G. 10-15, p.11.

<sup>68</sup> J.G. 42-16, notulen van getuigenis. Botha getuig, p.376. Botha: "Ek moet erken dat, tot my verbasing, dit daardie dag vir my duidelik was dat daar 'n gees van onrus onder 'n sekere groep van die kommandante was, wat openlik gekant was teen hierdie sienswyse"; J.G. 46-16, p.4.

Kemp, Beyers, Maritz, Plenaar en Muller. By hierdie onthaal is Botha gewaarsku dat daar verset in die lug was, geoordeel aan die gesprekke wat die aanwesiges onderskep het van die vyf afwesiges. Toe Botha later vir Beyers hieroor uitvra, het laasgenoemde hom verseker dat daar geen gronde vir so 'n vermoede was nie.<sup>69</sup>

Vroeër die aand het daar 'n klein, informele vergadering op aandrang van Kemp by die Transvaal Hotel plaasgevind. 'n Paar offisiere, wat die vergaderings vroeër die dag bygewoon het, was teenwoordig, onder andere Maritz, Kemp, B.I.J. van Heerden en kol. N.J. Pretorius.<sup>70</sup> Die gesprek het uiteendaar op die oorlog in Europa teruggekom. Pretorius het navraag gedoen oor die omvang en sterkte van die Duitse militêre mag in Duits-Suidwes-Afrika. Maritz het opgemerk dat die Duitsers hulle beste vriende was en verklaar dat aangesien hy naby die Duitse grens gestasioneer was, hy die Duitse offisiere goed geken het; trouens, hy was reeds in verbinding en is verseker dat indien daar 'n rebellie in die Unie sou uitbreek, wapens, ammunisie en artillerie deur die Duitsers aan die rebelle voorsien sou word.<sup>71</sup> Kemp het hom ook sterk teen die voorgename Duits-Suidwes-Afrikaveldtog uitgespreek en gesê: "Wij zullen naar de grens optrekken en Botha gaat met ons, maar wanneer wij de grens bereiken zal ik afscheid nemen en welgeren enige verdere orders te nemen."<sup>72</sup> Hy het voorgestel dat Brittanje se militêre verleenheid in Europa uitgebult moes word om die Afrikanervolk se onafhanklikheid te herstel.<sup>73</sup>

Kemp, wat voor die militêre beraad in Pretoria oënskynlik alle gedagte aan opstand afdagteur het, het hier eensklaps na vore getree as een van die grootste teenstanders van die voorgename inval in Duits-Suidwes-Afrika. Sy veranderde houding moet enersyds verklaar word aan die hand van Botha en Smuts se optrede, en andersyds aan die teenwoordigheid van Manie Maritz wat hom as knoeler meer as die gelyke van Smuts bewys het. Die beraad in die Transvaal Hotel is in elk geval so dig gehou dat Botha en Smuts nooit daarvan te hore gekom het nie. Kemp self is op 15 Augustus 1914 terug na Potchefstroom.

<sup>69</sup> *Ibid.*, p.4.

<sup>70</sup> *Ibid.*, notulen van getuigenis, kol. N.J. Pretorius getuig, p.65.

<sup>71</sup> *Ibid.*, notulen van getuigenis, B.I.J. van Heerden getuig, p.104.

<sup>72</sup> *Ibid.*, notulen van getuigenis, Botha getuig, p.376.

<sup>73</sup> *Ibid.*, notulen van getuigenis, B.I.J. van Heerden getuig, p.104.

Die twee vergaderings in Pretoria kan ongetwyfeld as oorwinnings vir Botha en Smuts aangeteken word. Nie alleen is geen bespreking van die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog toegelaat nie, maar die teenstanders van die oorlogspoging is ook suksesvol in een kraal gejaag. Botha en Smuts het nou presies gewet wie die ontevredenes was en veral wie hulle leiers was. Dit word duidelik uit die daaropvolgende verwikkelinge. Op 19 Augustus 1914 het 'n soortgelyke vergadering, soos dié van die Transvaalse kommandante, plaasgevind waar die Vrystaatse kommandante teenwoordig was. Weer eens was Botha, Smuts en Beyers teenwoordig en soos op die vorige vergadering is die kommandante Ingelig oor hulle verpligtinge met betrekking tot die verdediging van die Unie. Die nodige reëlins is ook met die kommandante getref, om hulle onderskeie distrikte militêr slaggereed te kry.<sup>74</sup> Weer eens het Botha en Smuts geweer om die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog te bespreek, aangesien dit volgens hulle 'n saak vir die Parlement was. Ook hierdie vergadering kan as 'n oorwinning vir Botha en Smuts aangeteken word. Die kommandante is eenvoudig gestoomroller en voordat hulle tot verhaal kon kom, is die vergadering met militêre opdragte afgesluit. Botha en Smuts moes nou aanvaar dat hulle die situasie volkome onder beheer het en daarom het hulle hierna vinnig opgetree om die reëlins vir die voorgename veldtog af te rond.

'n Dag na die Vrystaatse kommandante vergadering is by wyse van proklamasie in die Staatskoerant kennis gegee dat sekere afdelings van die Aktiewe Burgermag en die Burgermagreserwe van tyd tot tyd en na gelang van omstandighede "voor dienst overall in Zuid-Afrika, zowel binnen as buiten de Unie" gemobiliseer kon word.<sup>75</sup> Terselfdertyd is twee kugarnisoene en 43 eenhede van die Aktiewe Burgermag opgekommandeer. Laasgenoemde was hoofsaaklik afkomstig uit Natal, die Kaapse kusstede en die distrikte wat aan Duits-Suidwes-Afrika grens, dit wil sê ook Maritz se militêre distrik.<sup>76</sup> Ook is in hierdie Staatskoerant kennis gegee van 'n spesiale sitting van die Parlement wat op 9 September 1914 'n aanvang sou neem.

Intussen het 'n vergadering van Engelssprekende stafoffisiere op 21 Augustus 1914, onder voorsitterskap van Smuts, in Pretoria plaasgevind.<sup>77</sup> Smuts het die vergadering belê om hierdie groep te pols met betrekking tot die beplanning van die voorgename

<sup>74</sup> *Ibid.*, p.4.

<sup>75</sup> *Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika*, 24.8.1914, proklamasie 184/1914, p.562.

<sup>76</sup> *J.C.G. Kemp*, p.151.

<sup>77</sup> *S.C. 1-15*, p.346, maj. J.M. Baker getuig dat die volgende persone teenwoordig was genls.Smuts, Beyers, Lukin, Mackenzie, kol. Beeves, Skinner, M.C. Rowland, luit.kol. Harvey, maj. Baker en Sir William Hoy - die Algemene Bestuurder van die Spoorweë.

Duits-Suidwes-Afrikaveldtog.<sup>78</sup> Beyers was teenwoordig vir die grootste gedeelte van die vergadering, maar het voor die einde daarvan die vergadering verlaat om 'n ander afspraak na te kom.<sup>79</sup> Tydens hierdie vergadering was daar meningsverskille oor die wyse van beoogde optrede en na 'n uitgerekte bespreking is die plan, soos deur genl. Mackenzie voorgestel, aanvaar. Hiervolgens sou Mackenzie bevel voer oor Mag C, wat die Duitse gebied vanaf Swakopmund sou aanval. Kol. Beeves sou vanuit Lüderitzbaai die nodige ondersteuning aan hom verleen. Genl. Lukin sou die bevelvoerder van Mag A wees en sou Duits-Suidwes-Afrika vanuit 'n suidelike rigting deur Port Nolloth aanval. Manie Maritz sou aan die hoof van Mag B wees wat saam met Lukin sou opereer.<sup>80</sup> Hierdie planne is later vanweë praktiese oorweging letwat gewysig.

Dit is belangrik om daarop te let dat Beyers nie juis aan die besprekings deelgeneem het nie, alhoewel hy teenwoordig was toe die hooftreкке bespreek is en hy sy goedkeuring wel later gegee het. Dit wil daarop dui dat Beyers op hierdie stadium nog nie finaal besluit het of hy sy bedanking sou aanbied nie.

Intussen het Botha verneem dat Kemp verklaar het dat hy sou weier om Duits-Suidwes-Afrika binne te trek. Indien hy so 'n opdrag sou ontvang. Gevolglik het Botha vir Beyers opdrag gegee om Kemp na Pretoria te ontbied, waarop Beyers vir Kemp telegrafies versoek het om na Pretoria te kom.<sup>81</sup> Met sy aankoms in Pretoria op 26 Augustus 1914 het Beyers hom meegedeel dat Botha hom wou spreek, omdat laasgenoemde verneem het dat Kemp gaan bedank as stafoffisier indien die Regering met die planne voortgaan om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Kemp het teenoor Beyers erken dat hierdie inligting korrek was. Beyers het Botha telefonies in kennis gestel van Kemp se aankoms en Botha het hulle albei uitgenooi om by 'n Pretoriase klub saam met hom middagete te nuttig.

Gedurende die ete het Botha aan Kemp gesê: "Ou Kemple, ek word party dae vir Jou baie kwaad, maar Jy het ook Jou goeie punte, sodat ek Jou moet vergeef."<sup>82</sup> Toe Kemp hom na die bedoeling van sy woorde vra, het Botha hom ingelig dat hy bewus was van al sy uitlatings. Die regult man wat hy was, het Kemp hierop bevestig dat hy sodanige uitlatings

<sup>78</sup> U.G. 46-'16, p.17.

<sup>79</sup> S.B. Spies, p.80.

<sup>80</sup> Militêre-argief, A.G. 27, G.23/9199, Vol.1, Mag A, B en C.

<sup>81</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, Botha se getuigenis, p.376.

<sup>82</sup> J.C.G. Kemp, p.149.

gemaak het.<sup>83</sup> Hy het aan Botha verduidelik dat hy sy militêre distrik deurels het om die Verdedingswet aan die mense te verduidelik. Hy het verduidelik dat seuns wat dienspligtig was, asook lede van die Burgermag, nie gebruik kon word vir aktiewe diens nie, behalwe vir die verdediging van die Unie. Deur nou met Botha saam te stem sou hy homself tot leuenaar maak en daarom kon hy nie anders optree as om te bedank, indien die Unie Duits-Suidwes-Afrika sou aanval nie.<sup>84</sup> Dit was dus vir Kemp 'n beginselsaak.

Aangesien Botha geen verweer vir Kemp se antwoord gehad het nie, het hy die onderwerp van bespreking verander en Kemp uitgevra oor "Siener" van Rensburg. Voor sy vertrek terug Potchefstroom toe die dag het Botha vir Kemp opdrag gegee om vir "Siener" te waarsku teen die verspreiding van sy voorspellings.<sup>85</sup> Sover dit Kemp betref, was die teerling nou gewerp. Vir hom, Botha en Smuts het die skeiding van die weë aangebreek. Dié Kemp wat nog kort tevore vir De la Rey tot vreedsame insigte wou beweeg, het nou reeds in sy gees gerebelleer hy moes dit net prakties tot uitvoering bring.

### 2.3 Kemp bedank uit die Verdedigingsmag

Kemp se verdere optrede is grootliks deur die momentum van die ontevredenheid met die Regering se optrede en die daaruit vloeiende gebeure bepaal. Hierin sou die verwikkelinge rondom die persone van De la Rey, Beyers en Maritz deurslaggewend wees en daartoe lei dat Kemp sy bedanking as offisier indien. Die onderhawige gebeure sou ook die dood van Kemp se vertroude raadsman en vriend, Koos de la Rey, en die bedanking van C.F. Beyers as kommandant-generaal meebring. Gesamentlik sou al hierdie verwikkelinge die gematigde leiers uitkakel en die opstandige elemente oortuig dat gewapende verset die enigste oorblywende uitweg is. Sodoende is die eens versigtige Kemp aan die genade van die voortvarende Maritz uitgelewer.

Gedurende Augustus 1914 is De la Rey in kennis gestel dat die Parlement op 9 September 1914 sou vergader.<sup>86</sup> De la Rey, wat tydens sy besoek op 13 Augustus 1914 aan Pre-

<sup>83</sup> U.G. 42-16, notulen van getuigenis, Botha se getuienis, p.316, volgens Botha het Kemp aan hom gesê dat hy dit as 'n grap bedoel het en hom verseker dat hy niks ernstig daarmee bedoel het nie; J.C.G. Kemp, p.150, Kemp ontken hierdie stelling van Botha.

<sup>84</sup> J.C.G. Kemp, p.150.

<sup>85</sup> Ibid.

<sup>86</sup> P.M. Union 1/1/475, Correspondence I to S, 1914 Jan-Dec, lêer R-c, De la Rey-Botha, 19.8.1914; P.M. Union 1/1/362, Correspondence files 1-8, Jaer 1/19, vol. 1, Parliament meetings and prorogations, omsendbrief 21.8.1914, ongepagineerd.

Pretoria, volledig Ingelig is ten opsigte van die standpunte van Botha en Smuts en hulle voorgenome planne insake Duits-Suidwes-Afrika, was so ontnugter dat hy van plan was om nie die parlamentsitting by te woon nie. Vir hom het dit nie meer saak gemaak wat die Parlement in verband met Duits-Suidwes-Afrika sou besluit nie. Reeds in Pretoria het hy 'n waarskuwing tot Smuts gerig dat baie van die offisiere sou bedank indien die Regering met sy planne sou voortgaan, waarop Smuts geantwoord het dat hy dan ook verplig sou wees om te bedank. Gevolglik was De la Rey van mening dat dit verstandig sou wees om sake daar te laat, want die Volksraad sou óf teen die aanval stem, óf die bedanking van die offisiere sou die Regering dwing om ook te bedank.<sup>87</sup> Op 3 September 1914 het De la Rey op sy plaas Elandsfontein besoek ontvang van sy ou oorlogskamerraad, genl. C.R. de Wet van die Vrystaat. De Wet was self gekant teen die Regering se beoogde optrede en wou hom vergewys van De la Rey se standpunt.<sup>88</sup> Volgens Izak Claasen, 'n veldkornet van die Lichtenburgse distrik, het De la Rey hom daarna meegeedeel dat hy en De Wet alles afgespreek het en dat Beyers en "die offisiere" sou bedank.<sup>89</sup> Die offisiere na wie hier verwys is, was klaarblyklik Kemp en andere, wat by Potchefstroom gestasloneer was.

Voor sy vertrek het De Wet sy oorlogsmakker oortuig dat hy die parlamentsitting moes bywoon.<sup>90</sup> Onderweg na Kaapstad, waar hy die buitengewone sitting van die Unie-parlement sou bywoon, het De la Rey die Potchefstroomse Burgermag se opleidingskamp op 5 September 1914 besoek. Hierdie kamp het onder bevel van Kemp gestaan en sou nog tot 16 September 1914 duur.<sup>91</sup> Op hierdie tydstip was De la Rey nog steeds van mening dat die Parlement nie die kabinetsbesluit om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, sou goedkeur nie. Dit sou volgens hom die geleentheid bied om die burgers tot verset aan te spoor.<sup>92</sup>

Kemp het De la Rey toegelaat om die manskappe in die kamp toe te spreek en in 'n kort toespraak het hy hulle gemaan om in die heersende atmosfeer van krisis getrou aan hul te offisiere te bly, aangesien "groot dinge" in die toekoms verwag kon word.<sup>93</sup> Hier het

<sup>87</sup> H.S. Webb, p.27.

<sup>88</sup> *Ibid.*

<sup>89</sup> Harm Oost-versameling, nr.24, Herinneringe, ooggetuie verslag van gebeure 1914-15, mededeling Izak E. Claasen, ongepagineerd.

<sup>90</sup> H.S. Webb, p.27; G.D. Scholtz, p.89.

<sup>91</sup> J.C.G. Kemp, p.152.

<sup>92</sup> *Ibid.*, pp.153-154.

<sup>93</sup> U.G. 46-'16, p.8; H.J. May en I. Hamilton, *Die dood van generaal De la Rey*, p.99.

De la Rey so reg na die hart van Kemp gepraat, wat ná sy besoek aan Pretoria finaal ontnugter is sover dit Botha en Smuts betref. Later het De la Rey by Kemp se woning in geselskap van Kemp en 'n paar van sy offisiere verkeer. Die gesprek is onder andere gevoer oor die toestande in Europa en die gesigte van die "Slener" gedurende die Anglo-Boereoorlog. Volgens De la Rey het "Slener" 'n visioen gesien wat die val van die Britse Ryk aandul en waarna die kolonies weer op eie voete sou staan.<sup>94</sup>

Kapt. H.T. Watkins, staf-adjutant van Kemp, getuig dat hy ook die aand teenwoordig was en aangesien hy enigsins skepties gestaan het teenoor voorafgaande opmerkinge, het De la Rey hom aangeraal om noukeurig aantekeninge te maak met die oog op latere gebeurtenisse.

Toe Kemp, sy vrou en De la Rey later die aand alleen was, het De la Rey aan hulle sy planne volledig uiteengesit. Hiervolgens sou hy die Parlement in Kaapstad meedeel dat hy nie die Regering se aanvalsplanne steun nie en indien Botha daarmee sou volhard, sou hy na die Potchefstroomkamp terugkeer en op eie gesag handel. Die gelyktydige ontslag van al die offisiere sou dan bewerkstellig word en De la Rey sou sy senatorskap neerlê.<sup>95</sup> Voorts moes Kemp reëlings tref met die redakteur van die Het Westen, A.H. Koomans, vir die druk van 'n proklamasie vir die onafhanklikheidsverklaring van Suid-Afrika. De la Rey sou die bewoording daarvan opstel na sy terugkeer uit die Kaap. Kemp moes ook reëlings tref vir voldoende motorfletse en die nodige rapportryers, ten einde die Transvaalse burgers op te roep om by De la Rey aan te sluit.<sup>96</sup> Aangesien De la Rey nog steeds getwyfel het aan Beyers se houding met betrekking tot sy planne het hy en Kemp dit nodig geag dat Beyers vanweë sy besondere aansien hulle planne moes steun. Hulle het besluit dat De la Rey na afloop van die parlamentsitting na Pretoria sou gaan om sodoende te probeer om Beyers persoonlik te oorreed om sy gewig by hulle in te gooi.<sup>97</sup> Kemp sou geen verdere optrede neem totdat De la Rey en Beyers by hom aansluit nie. Op 6 September 1914 het Kemp en sy vrou De la Rey op die stasie gaan afsien. Kemp het nie geweet dat hy sy ou vriend nie weer in lewende lywe sou sien nie.

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat De la Rey niteenstaande die houding van Botha en Smuts met sy planne vir die uitroep van 'n republiek wou voortgaan. Daar was

<sup>94</sup> Ibid.

<sup>95</sup> J.C.G. Kemp, p.154; H. Oost, p.110; H.S. Webb, p.28.

<sup>96</sup> Ibid.

<sup>97</sup> Ibid., pp. 154-155.

ook net 'n klein groeple wat hom werklik gesteun het; Beyers het nog steeds gewik en geweeg en behalwe vir die steun van De Wet, Kemp en 'n paar ander offisiere, het De la Rey nie veel ondersteuning van invloedryke persoonlikhede gehad nie. Daar het dus inderdaad geen "sameswering" teen die owerheid bestaan nie. Indien daar, soos sommige skrywers wil beweer, 'n komplot bestaan het, sou die verloop van die rebellie bepaald anders gewees het. Daarvan getuig die uitstaande vorige militêre prestasies van Kemp en ander manne soos Beyers, De la Rey, De Wet, Chris Muller en Manie Maritz.<sup>98</sup>

Die Parlement het op 9 September 1914 vir 'n spesiale sitting byeengekom ten einde die Unie se voorgenome aanval op Duits-Suidwes-Afrika te oorweeg. Alhoewel die Kabinet reeds besluit het om voort te gaan met die beplanning van die inval, het die finale beslissing oor die gebruik van die verdedigingsmag by die Parlement berus. Wet nr. 13 van 1912 het uitdruklik bepaal dat die Parlement binne 30 dae na mobilisering van die verdedigingsmag, byeengeroep moes word.<sup>99</sup> Die Regering het nie vooraf verduidelik met welke doel die Parlement byeengeroep is nie, maar almal het vermoed dat dit in verband staan met die voorgenome aanval op Duits-Suidwes-Afrika, wat intussen 'n openbare geheim geword het.<sup>100</sup>

Met die aanvang van die verrigtinge in die Volksraad het Botha voorgestel dat 'n adres ter ondersteuning van die Britse oorlogspoging aan die Britse koning gestuur moes word. Daarin moes Suid-Afrika se vasberadenheid om sy eie verdediging te behartig weer eens bevestig en die Unie se samewerking ter bevordering van die veiligheid en ongeskondenheid van die Ryk benadruk word.<sup>101</sup> Volgens Botha was daar net twee moontlikhede: of oneer of dislojaliteit. Hy het op die lede se gevoel probeer speel deur op te merk dat dit nie in die aard van Suid-Afrika se inwoners was om verraad te pleeg en dislojaal te wees nie.<sup>102</sup> In 'n poging om sy eie aanhangers tevrede te stel en die opposisie enigszins te verswak, het Botha verwys na die grensskendings deur die Duitsers by Nakob en Schuldrift.<sup>103</sup>

<sup>98</sup> E.A. Walker, *A History of South Africa*, p.562.

<sup>99</sup> Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, Wet nr.13 van 1912; E.A. Walker, Lord de Villiers and his Times, p.502.

<sup>100</sup> G.D. Scholtz, p.87.

<sup>101</sup> Debate van die Volksraad, 9.9.1914, kolomne 85-86.

<sup>102</sup> Ibid., p.9.9.1914, kolomne 86-88; The South African, 10.10.1914, vol.1v, p.57.

<sup>103</sup> U.G., 46-16, pp.14-15; J. Steinmeyer (Spykers met Koppe, p.103) meld dat hierdie sogenaamde grensskendings 'n grap geword het. Hierdie voorvalle is tydens latere ondersoek as minderwaardige belang beskou, sodat Botha se besluit om die veldtog na Duits-Suidwes-Afrika te onderneem, geensins daardeur beïnvloed kon gewees het nie.

Die leier van die Unioniste-opposisie, sir Thomas Smartt, het Botha se voorstel gesekondeer en die premier se rug behoorlik gekrap. Hy was van mening dat die premier hom op bekwame wyse van sy taak gekwyt het en dat die hele land nie alleen die voorstel sou steun nie, maar die wyse waarop hy die saak toegelig het, sou goedkeur.<sup>104</sup>

Genl. J.B.M. Hertzog, leier van die Nasionale Party, het die premier en sy regering se standpunte betwis en onomwonde verklaar dat dit nie Suid-Afrika se oorlog was nie. Elke moontlike maatreël moes getref word om 'n aanval op die Unie die hoof te bied, maar 'n aanval op Duitse gebied sou teenstrydig met die belange van die Unie wees.<sup>105</sup> Na heelwat bespreking is Botha se voorstel met 91 stemme teen 12 aanvaar.<sup>106</sup>

Op Saterdagoggend, 12 September 1914, is die mosie van Botha in die Senaat bespreek. De la Rey se toespraak het groot belangstelling gewek, maar net soos in die geval van die Treurfonteinvergadering, was dit nie opspraakwekkend nie. Dit was baie bedees en dubbelsinnig. Hy het homself ten gunste van die verdediging van die land uitgespreek, maar aanval sou hy nooit.<sup>107</sup> De la Rey het nie aan die stemming in die Senaat deelgeneem nie en onmiddellik na sy toespraak die saal verlaat.

Volgens Harm Oost sou Louis Botha vir De la Rey na buite gevolg het, waar die volgende gesprek hom tussen hulle twee afgespeel het: "Botha aan De la Rey: 'Oom Koos, wag 'n bietjie ek wil jou sien!' De la Rey draai hom weer terug na die stoep toe. Botha sê: 'Oom Koos, wat gaan jy doen?' Toe antwoord De la Rey: 'Generaal, dis nou ons tyd om die plegtige ooreenkoms, wat ek en jy en De Wet gemaak het by Vereeniging, uit te voer en ons vryheid terug te vat!' Botha antwoord: 'Oom Koos, ek sal jou later weer sien'."<sup>108</sup>

Hierna het De la Rey alles in gereedheid gebring vir sy vertrek na die Transvaal. Hy het onder andere 'n telegram aan Kemp gestuur om hom van sy vertrek te verwittig. Daardie aand het die twee oorlogsmakkers onwetend finaal van mekaar afskeid geneem. Met die ontstellende woorde van die Minister van Justisie, adv. N.J. de Wet, dat De la Rey hom moes gedra anders sou die wet op hom toegepas word, nog helder in sy ore, het De

<sup>104</sup> Debatte van die Volksraad, 9.9.1914, kolom 94.

<sup>105</sup> Ibid., kolomme 101-109.

<sup>106</sup> Ibid., 10.9.1915, kolomme 140-142.

<sup>107</sup> Ibid., 12.9.1914, kolomme 28-30.

<sup>108</sup> H. Oost, p. 116.

la Rey na die Transvaal vertrek. Vir De la Rey was dit 'n droewige dag, terwyl groter probleme alreeds weer Botha se aandag vereis het. De la Rey het per trein vanaf Kaapstad, via Bloemfontein, na Johannesburg gereis. Op De Aar het kapt. Piet Joubert, staf-adjutant van Manie Maritz en algemeen bekend as "Joubertjie", wat deur Maritz na Pretoria gestuur is om Beyers te spreek, hom by De la Rey aangesluit. Hoewel dit 'n toevallige ontmoeting was, het dit De la Rey goed te pas gekom om sodoende saam met Joubertjie 'n boodskap na Beyers te stuur.<sup>109</sup>

- Vanaf Bloemfontein het De la Rey Kemp weer eens telegrafies verwittig dat hy na Beyers gaan en bygevoeg dat hulle twee saam gedurende die nanag van 15 tot 16 September 1914 by hom op Potchefstroom sou arriveer.<sup>110</sup>

Beyers wat nog steeds onder die Indruk verkeer het dat De la Rey nie die parlamentsitting gaan bywoon nie, het op 5 September 1914 'n telegram aan laasgenoemde gerig op sy plaas Elandsfontein, waarin hy hom versoek om op 12 September 1914, na Pretoria te kom, omdat hy hom graag oor belangrike sake wou spreek.<sup>111</sup> Die skoonseun van die ou generaal, B. Krige, het Beyers in kennis gestel dat De la Rey alreeds na Kaapstad vertrek het vir die spesiale sitting van die Parlement. Gevolglik het Beyers op 8 September 1914 'n gelykludende telegram aan De la Rey in Kaapstad gestuur en hom versoek om hom op Maandag, 14 September 1914, of Dinsdag, 15 September 1914, in Pretoria te kom spreek.<sup>112</sup>

Daar kan aanvaar word dat hierdie telegram van Beyers uitstekend by De la Rey se planne ingepas het,<sup>113</sup> aangesien hy en Kemp, soos reeds aangetoon, besluit het dat De la Rey vanaf Kaapstad na Pretoria sou gaan in 'n poging om Beyers te oorreed om by hulle rebelleplan in te val.

Terselfdertyd het Beyers ook 'n telegram aan De Wet by Memel gestuur waarin hy hom aansê om nie na Pretoria te kom nie, aangesien hulle "vriend" nie daar teenwoordig sou kon wees nie.<sup>114</sup> De Wet was vantevore in Pretoria om Beyers te spreek en daar kan aanvaar word dat hy en Beyers akkoord gegaan het dat De Wet op 12 September 1914

<sup>109</sup> U.G. 46-'16, p.91.

<sup>110</sup> U.G. 42-'16, notule van getuigenis, W.J. van Graan getuig, p.285.

<sup>111</sup> U.G. 10-'15, p.15

<sup>112</sup> Ibid.

<sup>113</sup> J.C.G. Kemp, p.149.

<sup>114</sup> U.G. 10-'15, p.15.

na Pretoria sou kom en dat De la Rey ook daar sou wees. Op 10 September 1914 het De la Rey vir Beyers telegrafies in kennis gestel dat hy na afloop van die parlamentsitting by hom sou aandoen.

Dit is nie duidelik watter rol De la Rey en Kemp aan Manie Maritz in hulle planne toegeken het nie, want hy wou nog steeds dat Beyers op 15 September 1914 na die grens kom. Reeds op 25 Augustus 1914 het hy vir Beyers telegrafies vanaf Calvinia in kennis gestel dat alles rustig was op die grens en dat dit 'n goeie doel sou dien indien Beyers self op 7 September 1914 na Uplington kon kom om met die burgers kennis te maak.<sup>115</sup> Aan die begin van September 1914 het Maritz vir Joubert na Pretoria gestuur. Volgens Joubert was die eintlike doel van sy sending om Beyers en De la Rey te spreek.<sup>116</sup> Al wat Kemp van die ontmoeting geweet het, het hy van Joubert gehoor, naamlik dat laasgenoemde vir Beyers ingelig het oor Maritz se onderhandelings met die Duitse owerhede en dat die Duitse goewerneur, dr. T. Seltz, op 15 September 1914 na die grens sou kom om die reëlings te bevestig. Maritz het deur middel van Joubert vir Beyers versoek om op daardie stadium na die grens te kom. As regverdiging vir die besoek kon Beyers voorgee dat hy die oefenkamp wou gaan inspekteer. Volgens Kemp het Joubert hom meegedeel dat Beyers tot die plan ingestem het.<sup>117</sup> Hierna het Joubert na die Noordwes-Kaap teruggekeer en op 7 September 1914 op Kakamas gearriveer. Uit bostaande blyk dit duidelik dat Kemp op hoogte van Maritz se aktiwiteite was.

Op 11 September 1914 het Beyers 'n dringende telegram aan Maritz op Uplington gestuur waarin hy hom verwittig het dat hy hom graag op 15 September 1914 wou spreek en indien dit onmoontlik vir hom was om self te kom, moes hy Joubert stuur.<sup>118</sup> Teen 12 September 1914 was die innerlike stryd in Beyers volstry, toe dit bekend geword het dat die Unie-parlement die kabinetsbesluit van 10 Augustus 1914 goedgekeur het en daar besluit is om met die voorgenome Duits-Suidwes-Afrikaveldtog voort te gaan.<sup>119</sup> Gevolglik het hy besluit om as kommandant-generaal van die verdedigingsmag te bedank.

Reeds voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was daar reëlings getref vir die op rigting van oefenkampe Ingevolge die Verdedigingswet van 1912, onder andere te Pot-

<sup>115</sup> *Ibid.*, p. 11.

<sup>116</sup> *U.G. 46-16*, p. 10.

<sup>117</sup> *J.C.G. Kemp*, p. 213; *S.B. Spies*, p. 92.

<sup>118</sup> *U.G. 10-12*, p. 15.

<sup>119</sup> *U.G. 46-16*, p. 3.

chefstroom, Upington en Kakamas. Kemp, as stafoffisier van militêre distrik nommer sewe, was in bevel van die Potchefstroomse oefenkamp. Militêre distrik nommer sewe het ingesluit die distrikte van Lichtenburg, Wolmaransstad, Potchefstroom en Marico.

Kemp het die lede van die Aktiewe Burgermag in vier regimente verdeel, te wete die Potchefstroomse Beredeafdeling onder leiding van kol. P.R. Kock, die De la Rey Beredeafdeling onder leiding van luit. kol. Apie Bezuidenhout en waarvan De la Rey 'n eregeneraal was, die Lichtenburgse Beredeafdeling onder leiding van luit. kol. N.J. Pretorius en die Krugerdorpse Beredeafdeling onder leiding van luit. kol. P.D.A. Roux.<sup>120</sup>

Hierdie regimente is deur die Minister van Verdediging opgeroep vir "vredestydse oefening" en Kemp was bewus daarvan dat dit Smuts se doel was om die Aktiewe Burgermag van militêre distrik nommer sewe vir moontlike diens op die grens voor te berel. Vanaf 2 September 1914 tot 16 September 1914 het ongeveer 1400 jongmense hier grondige en strenge opleiding onder leiding van Kemp ontvang.<sup>121</sup> Kemp het gepoog om sover moontlik nie net die patriotisme van die jongmense aan te wakker nie, maar ook hul godsdienst en volksele, en om sover moontlik die demoraliserende effek van militarisme uit te skakel.

Dit was gou heel duidelik dat die Potchefstroomse oefenkamp ook 'n politieke kleur gehad het. Volgens getuigenis van verskeie offisiere in die oefenkamp kan daar geen twyfel bestaan dat die saad van die rebellie in die Transvaal hier deur die ywerige hande van Kemp en 'n paar van sy offisiere, naamlik Kock en Bezuidenhout, gesaai is.<sup>122</sup> Tydens die duur van die kamp was daar heelwat oproerende praatjies en het daar 'n groot mate van onrus en opgewondenheid in die kamp geheers. In sommige gevalle is daar openlik van rebellie gepraat. Kemp het in gesprekke met sy offisiere gereeld die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog afgekam en gedreig met rebellie wat met behulp van Duitse wapens en ammunisie deurgevoer sou word. Hierdie praatjies was algemeen in die kamp bekend.<sup>123</sup>

Veral na die besoek van De la Rey op 5 September 1914 is die gesigte van "Siener" van Rensburg druk in die kamp deur die burgers bespreek. Op hierdie stadium het Kemp ook 'n Verdedgings-omsendbrief ontvang waarin hy in kennis gestel is dat indien die regi-

<sup>120</sup> Harm Oost-versameling, nr.28, p.121.

<sup>121</sup> J.G. 46-16, p.9.

<sup>122</sup> Ibid., p.103.

<sup>123</sup> J.G. 46-16, p.103.

mente gekommandeer wou word, hulle onder genl. C.W. Thompson sou dien.<sup>124</sup> Kemp het sy regimentsoffisiere byeengeroep en hulle van dié nuwe verwickeling in kennis gestel. Al protesterend het hulle verklaar dat hulle nie vir Thompson as hulle bevelvoerder sou aanvaar nie, maar dat hulle na Beyers en Kemp as hulle enigste leiers opgesien het. 'n Verklaring tot dien effek is aan die Minister van Verdediging gestuur, onderteken deur die vier luitenantkolonels, P.R. de Kock, N.J. Pretorius A.P. Bezuidenhout en P.D.A. Roux en majore Izak Meyer, J. Grlmbeeck en H. du Toit. Toe dié krisisuur egter aanbreek, het net de Kock en Bezuidenhout lojaal aan Kemp gebly.<sup>125</sup>

Kemp se verwagtings oor Beyers se veranderde houding insake steun aan die rebellie, was egter van korte duur, want op 12 September 1914 het Beyers hom telefonies na Pretoria ontbied.<sup>126</sup> Kemp het dié opdrag uitgevoer en die volgende dag het hy en Bezuidenhout per motor na Pretoria gerels en Beyers gespreek. Aan Watkins het Kemp vertel dat hy vir dringende sake na Pretoria moes gaan en indien iemand na hom verneem, moes hy verduidelik dat Kemp in die dorp was.<sup>127</sup>

Gedurende hierdie onderhoud het Beyers Kemp meegedeel dat hy besluit het om te bedank as kommandant-generaal en dat hy nie die rebellie sou steun nie. Volgens Kemp was Beyers van mening dat die skok van sy bedanking tot gevolg sou hê dat al die offisiere van die verdedigingsmag sou bedank, wat weer op sy beurt sou veroorsaak dat die hele militêre masjien in duie stort.<sup>128</sup> Pogings van Kemp om Beyers tot ander insigte te bring, het vrugteloos geblyk want Beyers het onwrikbaar by sy besluit gehou. Kemp het aan Beyers gesê dat hy dan ook die volgende dag sou bedank. Dieselfde dag nog het Kemp en Bezuidenhout na Potchefstroom teruggekeer. Daardie aand, na sy terugkeer het Kemp, in die teenwoordigheid van 'n aantal burgers in sy tent, weer eens die parlamentsbesluit bespreek en daarop gewys dat dit strydig was met die Verdedigingswet van 1912.<sup>129</sup> Hy het aan hulle gesê dat hy nie daarmee saamstem nie en daarom het hy sy bedanking op 13 September 1914 aan die kommandant-generaal gestuur.<sup>130</sup> Kemp se offisiere het egter by hom aangedring om sy bedanking terug te trek en een van sy offisiere, maj. Koos Smit, het tot dien effek die volgende oggend 'n telegram bewoord.

<sup>124</sup> Buitengewone Staatskoerant, Unie van Zuid-Afrika, 6.9.1914; Harm Oost-versameling, nr.28, p.122.

<sup>125</sup> Harm Oost-versameling, nr. 28, p.122.

<sup>126</sup> U.G. 10-'15, p.15.

<sup>127</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, kapt. H.T. Watkins getuig, p.270.

<sup>128</sup> J.C.G. Kemp, p.194.

<sup>129</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, kapt. H.T. Watkins getuig, p.270.

<sup>130</sup> Harm Oost-versameling, nr.22, p.207.

Dieselfde offisiere wat teen Thompson se aanstelling gekant was, het die telegram onderteken waarna dit aan die Regering gestuur is.<sup>131</sup>

Ten einde die gevoelens van die manskappe oor die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog te toets, het Kemp op die oggend van 15 September 1914 drie van die vier regimente op 'n parade toegespreek.<sup>132</sup> Roux, wat van Kemp die doel van die parade verneem het, het geweer om sy manskappe vir die doel op die parade te laat verskyn.<sup>133</sup> Ongeveer 130 man het vorentoe getree en hulle bereid verklaar om na Duits-Suidwes-Afrika te gaan, terwyl 800 geweer het om te gaan, indien hulle versoek sou word.<sup>134</sup> By hierdie geleentheid het Aple Bezuidenhout sy regiment toegespreek en melding gemaak van die Regering se besluit om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Hy het verklaar dat hy sou weler om te gaan en sy burgers aangeraai om dieselfde te doen.

Lt. W.J. van Graan, wat ook by hierdie geleentheid teenwoordig was, het later getuig dat hy na die parade met 'n aantal "burgers" wat die parade bygewoon het, gesels het en hulle op hul militêre plig gewys het. Hulle het met drie hoera's daarop gereageer en verklaar dat hulle bereid was om na Duits-Suidwes-Afrika te gaan, indien die Regering hulle daartoe sou beveel.<sup>135</sup> Tydens bogenoemde parade het Kemp die burgers meegedeel dat die kamp die volgende dag, naamlik 16 September 1914, sou opbreek maar alvorens hulle uiteengaan, sou Beyers en De la Rey hulle toespreek. Joubertjie het gedurende die loop van die dag by Kemp op Potchefstroom opgedaag en 'n brief van Maritz aan Kemp oorhandig. In hierdie brief het Maritz vir Kemp verwittig dat hy 800 man in Calvinia byeen gehad het. Verder het hy gemeld dat hy oor dertig kanonne beskik het en dat daar geen tekort aan gewere was nie. Hy het Kemp in kennis gestel dat hy kans gesien het om die Unie oor te neem.<sup>136</sup> Sekerlik het hierdie inligting vanaf Maritz Kemp se houding tot gewapende optrede geprikkel.

Beyers het nie onmiddellik op die versoek van De la Rey, dat hy hom in Johannesburg moes kom spreek, gereageer nie, omdat hy na ernstige oorweging besluit het om op

<sup>131</sup> *Ibid.*, p.210.

<sup>132</sup> *U.G.* 42-'16, notulen van getuigenis, kol. H.S.D. du Toit getuig, p.230; *U.G.* 46-'16, p.9.

<sup>133</sup> *Rebelle verhoor*, Pretoria Landdros, Hoogverraadsake, 1914-15, Kempverhoor, Roux getuig, ongepagineerd.

<sup>134</sup> *U.G.* 46-'16, p.10.

<sup>135</sup> *Ibid.*

<sup>136</sup> *Rebelle verhoor*, W.J. van Graan getuig, ongepagineerd; *Dr. G.S. Preller-versameling*, A.787, p.14; *Transvaal Cronical*, 20.7.1915, Kemp trail.

daardie selfde dag uit sy amp as kommandant-generaal te bedank en dit eers amptelik afgehandel moes word. Op die oggend van 15 September 1914 het Beyers as kommandant-generaal bedank en nadat hy 'n afskrif van sy bedankingsbrief aan De Volkstem oorhandig het, het hy die middag teen 12h00 'n paar offisiere in sy kantoor byeengeroep en formeel sy bedanking aangekondig. Hy het sy bedankingsbrief, wat aan Smuts gerig was, aan hulle voorgelê.<sup>137</sup>

Beyers wou op hierdie stadium nie Pretoria verlaat nie en het sy broerskind, Jean Beyers, versoek om mev. Beyers met sy motor na Johannesburg te neem om De la Rey te gaan haal. Ongeveer 16h30 het De la Rey in Pretoria gearriveer waar Beyers in Beyerhelm op hom gewag het.<sup>138</sup> Hier het die twee generaals hulle in een van die kamers teruggetrek. Wat alles daar tussen die twee ou strydosse plaasgevind het, het nooit bekend geword nie. Klaarblyklik het De la Rey sy teleurstelling met die besluit van die Parlement teenoor Beyers uitgespreek. Saam het hierdie twee godsdienstige manne op hul knieë die Hoër Hand om lig en leiding gesmeek. De la Rey sou daarna die Bybel geneem het, wat by 2 Kronieke hoofstuk 32 oopgeval het. Hy het tot by vers 8 gelees. Die gelese woorde het die generaal getroos, gestig en bemoedig.<sup>139</sup>

De la Rey het Beyers gevra om saam met hom na Potchefstroom te gaan, waar hulle aan die burgers in Kemp se kamp sou verduldelik waarom hulle nie die Regering se beoogde planne steun nie. Daarna moes die saak in die hande van die volk getaai word.<sup>140</sup> In die hart van De la Rey was daar nog steeds die begeerte om te rebelleer, terwyl Beyers slegs wou protesteer en die Regering langs die konstitusionele weg wou beveg.<sup>141</sup> Uiteindelik het Beyers ingewillig om De la Rey na Potchefstroom te vergesel, aangesien dit aan hom die geleentheid sou bied om aan die offisiere en burgers die redes vir sy bedanking as kommandant-generaal te stel.<sup>142</sup>

<sup>137</sup> Militêre-argief, G. 15/23/9199, Government Notice for next issue of Government Gazette, Secretary for Defense; De Volkstem, 15.9.1914, Generaal Beyers' Bedanking; G.D. Scholtz, pp.308-312.

<sup>138</sup> G.D. Scholtz, p.313.

<sup>139</sup> Ibid., p.314.

<sup>140</sup> Ibid., p.315; M.C.E. van Schoor, Rebellie, Die Huisgenoot, 7.8.1964, p.67.

<sup>141</sup> M.C.E. van Schoor, p.67; J. Meintjes, De la Rey: Lion of the West, A Biography, beweer dat De la Rey 'n gewapende protes beplan het en nie 'n rebellie nie. "De la Rey abandoned the idea when it was brought home to him what it could mean: bloodshed, civil war. De la Rey was a pacifist, he had always voted against war....", p.226.

<sup>142</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, nr.10, p.11; Pretoria News, 28.9.1914.

Die vraag ontstaan nou of Beyers sy steun aan De la Rey se opstandspanne toegesê het, waar hy slegs drie dae vantevore aan Kemp op besliste wyse te kenne gegee het dat hy onder geen omstandighede tot rebelle sou oorgaan nie.<sup>143</sup> Dis bepaald te veel gevra om te aanvaar dat Beyers nie bewus was van De la Rey se werklike planne nie. Dus is die onvermydelike gevolgtrekking dat Beyers se steun aan De la Rey se poging om 'n opstand van stapel te stuur, toegesê het.<sup>144</sup> Kemp was van mening dat die geestesstryd tussen De la Rey en Beyers waarskynlik in 'n oorwinning vir die ouer en meer besliste De la Rey uitgespeel het.<sup>145</sup> Aan die anderkant het Beyers tydens sy toespraak by die graf van De la Rey verklaar dat hy teen die rebelle was en dit afkeur.<sup>146</sup> Maar toe was De la Rey nie meer daar om sy weergawe van gebeure te verstrek nie.

De la Rey het geweier om gehoor te gee aan versoeke dat hulle tot die volgende oggend moes wag, aangesien hy vir Kemp belowe het dat hy nog dié aand hom sou spreek.<sup>147</sup> Na aandete het die twee generaals vertrek met J.A. Wagner, die motorbestuurder van Beyers, agter die stuurwiel.<sup>148</sup> Die reis is egter nie voltooi nie, aangesien De la Rey om ongeveer 21h15 deur die polsle by Langlaagte noodlottig gewond is toe sy motor nie by 'n padblokkade, om 'n berugte boewebende vas te trek, stilgehou het nie.<sup>149</sup>

Op die aand van 15 September 1914 het Kemp tevergeefs gewag dat die twee generaals op Potchefstroom by sy kamp moes arriveer. Volgens sy eie getuigenis is die wagte-ry verswaar deur 'n beklemmende voorgevoel dat daar iets drasties gebeur het.<sup>150</sup> Ongeveer tweeuur op die oggend van 16 September 1914, terwyl hy so vir 'n rukkie in sy tent gaan rus het, het die hoof van die Potchefstroom polsle, kmdt. G.M.J. van Dam, by hom opgedaag en aan hom die skokkende nuus meegedeel dat De la Rey doodgeskiet is. Van Dam het Kemp versoek om die nuus aan De la Rey se seun, Hendrik, wat op daardie tyd-  
stip in dié kamp was vir opleiding, oor te dra. Vir Kemp was De la Rey se dood die nek-

<sup>143</sup> J.C.G. Kemp, p.194.

<sup>144</sup> Vergelyk N.G. Garson, Fifty years ago: The Revolt that shook South Africa, *Sunday Times*, 4.10.1964.

<sup>145</sup> J.C.G. Kemp, pp.182-183.

<sup>146</sup> G.D. Scholtz, p.315.

<sup>147</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, W.J. van Graan getuig, p.285.

<sup>148</sup> U.G. 48-'14, Geregte Kommissie van Ondersoek na die dood van genl. J.H. de la Rey en dr. G. Grace deur regter Gregorowski, p.8.

<sup>149</sup> *Ibid.*, p.10.

<sup>150</sup> U.G. 10-'15, p.19; J.C.G. Kemp, p.195.

slag vir al hul planne. Sy kriptiese aantekening "om tweeuur voormiddag van 16 September 1914 was die hele Rebelle op 'n end",<sup>151</sup> weerspieël sy gemoedstoestand.

Die oggend van 16 September 1914 is die Potchefstroomse oefenkamp afgesluit en die 1 400 manskappe is oor die lengte en breedte van die militêre distrik versprei. Die Regering het ook op hierdie dag die versoek van Kemp ontvang waarin hy sy bedanking terugtrek. Smuts het egter gewel om aan hierdie versoek te voldoen. Kemp se bedanking is aanvaar en maj. A.E.J. Brink is in sy plek as stafoffisier aangestel.<sup>152</sup> Dit was 'n verdere oorwinning vir Smuts en Botha wie se posisie nou onaantasbaar voorgekom het, want nog net die geïsoleerde Maritz het oorgebly om die verset verder te voer.

De la Rey se dood het boonop 'n tydperk van geestelike verwarring onder die Afrikaners tot gevolg gehad. Volgens Kemp het die Regering die toestand skaamtelos uitgebuut deur lustig op die snaar van "eer" en "plig" te tokkel in 'n poging om algemene steun vir sy planne te werf. Diegene wat steeds afsydig gestaan het, is as "karakterloos" uitgekryt.<sup>153</sup>

In Wes-Transvaal was De la Rey se volgelinge verbitterd. Bale was oortuig dat hy opsetlik deur die Regering doodgesket is. Die begrafnis het op 20 September 1914 te Lichtenburg plaasgevind. 'n Gespanne atmosfeer het geheers, soveel so dat 'n enkele onversigtige woord van 'n verantwoordelike persoon soos vuur by 'n kruitvat sou gewees het.<sup>154</sup> Van heinde en ver het mense gekom. Onder die roubeklaers was al die generaal se krygsmakkers uit die Anglo-Boereoorlog. Maar nou het hulle in teenoorgestelde kampe gestaan: Botha en Smuts eenkant, en De Wet en Kemp in die ander.<sup>155</sup> Slegs droefheid oor die dood van 'n ou wapenbroer het hulle 'n wyle in ootmoed verenig. Tydens die roudiens wat in Pretoria deur ds. H.S. Bosman waargeneem is, het die leraar gewaarsku teen rebelle, hoewel geen verantwoordelike persoon op daardie stadium seker aan so iets gedink het nie.<sup>156</sup>

<sup>151</sup> J.C.G. Kemp, p.195.

<sup>152</sup> Militêre-argief, D.C. 9783, Brig.-genl. C.F. Beyers Resignation, ongepagineerd; H.E.S. Freemantle-  
versameling, A.609, nr.39, ongepagineerd.

<sup>153</sup> J.C.G. Kemp, pp.196-197.

<sup>154</sup> G.D. Scholtz, p.222.

<sup>155</sup> Vergelyk C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p.378.

<sup>156</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, p.16.

Die Union Jack het by die Lichtenburgse magistraatskantoor gewapper en die skare wou dit stryk, maar genls. Wolmarans en Kemp het daarin geslaag om die burgers van hulle plan te laat afsien. Daar was selfs van die aanwesiges wat Botha en Smuts wou arresteer, hulle ontvoer en gevange hou totdat 'n nuwe regering saamgestel is. Beyers het egter daarin geslaag om die gemoedere te kalmeer met die versekering dat daar die volgende dag 'n vergadering gehou sou word waartydens daar op verdere optrede besluit sou word.<sup>157</sup>

Kemp, wat 'n week vantevore uit die verdedigingsmag bedank het, het die begrafnis in burgerlike klere bygewoon.<sup>158</sup> Kemp meld dat daar op die oggend voor die begrafnis 'n jong Afrikaner by hom kom soebat het dat Kemp vir hom 'n rewolwer moes gee sodat hy vir Botha en Smuts kon "vrekskiet."<sup>159</sup> Toe Kemp weier, het die man as alternatief hom versoek om geld te gee vir die aankoop van 'n rewolwer. Sodoende sou daar by 'n latere ondersoek verseker word dat Kemp se naam nie in gedrang gebring word nie. Kemp meld dat hierdie jongman geen bang haar op sy kop gehad het nie en dat hy sonder aarseling die plan sou uitgevoer het. Kemp het egter geweler en die man van voorneme laat verander.<sup>160</sup>

Kemp het hier by die begrafnis vir De Wet weer vir die eerste keer sedert die Anglo-Boereoorlog ontmoet. De Wet het hom geskaar by diegene wat onmiddellik aksie wou neem, maar lojaliteit aan Beyers, Kemp en van sy ander vriende en sy ingebore respek vir die begrafnisplegtigheid, het hom van sodanige optrede weerhou.<sup>161</sup> "Verraalers van die Afrikanervolk", het sommige geflulster. Maar dan geswyg as Beyers en Kemp hulle tot kalmte gemaak het.<sup>162</sup>

Botha en Smuts het verneem dat Beyers, Kemp en andere 'n vergadering vir Maandag 21 September 1914 op die Lichtenburgse markplein belê het. Daardie aand na die begrafnis, voor hulle vertrek, het Botha en Smuts 'n private vergadering in die magistraatskantoor gehou, waarby al die offisiere van die distrik wat die begrafnis bygewoon het, teenwoordig was. Tydens hierdie vergadering het Botha bekend gemaak dat hyself die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog sou lei en dat geen onwillige burger gekommandeer sou

<sup>157</sup> H.S. Webb, p.41.

<sup>158</sup> *De Spectator*, 26.9.1914.

<sup>159</sup> J.C.G. Kemp, pp.198-199.

<sup>160</sup> *Ibid.*, p.199; J. Meintjes, p.385.

<sup>161</sup> *Ibid.*

<sup>162</sup> A. Paton, *Hofmeyr*, p.53.

word nie. Hy het hulle meegedeel dat daar genoeg vrywilligers was om dié veldtog mee aan te pak.<sup>163</sup> Opdrag is aan die kommandante gegee om soveel moontlik propaganda teen die voorgenoemde vergadering van die volgende dag te maak en dat hulle moes poog om dit te verhinder.<sup>164</sup> Volgens Kemp het Smuts by die vergadering opgemerk: "Kemp en sy offisiere behoort al doodgeskiet te gewees het."<sup>165</sup> Botha en Smuts het gevolglik vir Jaap van Deventer, 'n Verdedigingsmagsoffisier, opdrag gegee om vir Kemp, De Wet en Beyers, asook Apie Bezuidenhout, te gaan spreek en moes poog om hulle oor te haal om die vergadering af te gelas.<sup>166</sup>

Hierdie optrede van Botha en Smuts moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat hulle bevrees was dat daar tydens die vergadering tot geweld oorgegaan sou word. De la Rey se dood het Kemp in elk geval laat besluit om af te sien van eersgenoemde plan van 'n staatsgreep by sy kamp op Potchefstroom. Voortaan sou Kemp hom by die protesbeweging teen die Regering se oorlogsbeleid skaar. En van protes was dit slegs 'n hane-treetjie na openlike rebellie.

#### 2.4 Kemp rebelleer

Die gemoedere onder die roubeklaers wat die begrafnis van De la Rey bygewoon het, het hoog geloop. Gevolglik het Kemp en die ander generaals besluit om, alvorens sake hand uitruk en emosie die oorhand oor rede kry, dit verstandig sou wees om 'n vergadering te hou, ten einde die publiek gesonde perspektief op die hele onverkwiklike aangeleentheid te gee.<sup>167</sup> Die vergadering sou ook as 'n laaste poging dien om die Regering tot ander insigte te bring.<sup>168</sup> Op Maandag 21 September 1914 het daar tussen 700 en 800 mense<sup>169</sup> op die markplein in Lichtenburg byeengekom. Met Kemp, De Wet en Beyers se aankoms die oggend op die markplein het hulle opgemerk dat daar twee Republikeinse vlae op Beyers se motor gewapper het. Aangesien dié motor as verhoog tydens die ver-

<sup>163</sup> U.G. 46-'16, p.12; F.S. Malan-versameling, nr. 65, Dagboekinskrywing, 1.10.1914; W.K. Hancock en J. van der Poel, Selection from the Smuts Papers, vol.III, 6/1910-11/1918, Smuts aan Reitz, 22.9.1914, p.197; U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, Botha getuig, p.379.

<sup>164</sup> F.E.T. Krause-versameling, vol.20, Oorlog en Rebellic, ongepagineerd.

<sup>165</sup> J.C.G. Kemp, p.200.

<sup>166</sup> Ibid.

<sup>167</sup> Ibid.

<sup>168</sup> G.D. Scholtz, p.324.

<sup>169</sup> Daar is verskillende skattings oor die getal mense wat die vergadering bygewoon het. F.E.T. Krause-versameling, ongepagineerd, meld 700-800; G.D. Scholtz, General Christiaan Frederik Beyers, 1869-194, p.324, meld 700-800; J.C.G. Kemp, meld 1200; S.C. 1-'15, J.C. Juta getuig, p.188, meld 400; S.C. 1-'15, P.G. Beyers getuig, p.215, meld 1000.

gadering sou dien, het De Wet vir Kemp voorultgestuur om die vlac te verwyder, omdat dit tot misverstand kon lei. Die gemoedere van die aanwesiges was steeds hoogs ontvlambaar en die sprekers het moelte ondervind om hulle te kalmeer. Afskrifte van Hertzog en C.G. Fichardt se toesprake wat in die Parlement tydens die oorlogsdebat gelewer is, en die bedankingsbrief van Beyers is versprei.<sup>170</sup>

Met die aanvang van die vergadering is De Wet en Beyers agtereenvolgens as voorsitter voorgestel, maar albei het geweier om in hierdie hoedanigheid op te tree, waarop Kemp tot voorsitter verkies is.<sup>171</sup> Tydens die verkiesing van 'n voorsitter het ene Du Plooy 'n Republikeinsevlag rondgeswaal waarop Beyers hom versoek het om die vlag weg te sit. Aangesien die versoek van Beyers nie duidelik hoorbaar was nie, het Du Plooy aangehou met die rondswaal van die vlag en eers op Kemp se bevel die vlag weggesit.<sup>172</sup> Van Broekhuizen, medeleraar van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Pretoria, het die vergadering met skriflesing en gebed geopen. Hierna het Kemp in sy openingswoord kortliks verduidelik dat die vergadering op versoek van die Lichtenburgse Inwoners betê is, om hulle die geleentheid te bied om te protesteer teen die beplande optrede van die Regering. Hy het 'n beroep op die aanwesiges gedoen om die vergadering ordelik te laat verloop: "Ik zie dat sommige gemoedere warm zijn. Laat ons kalm en bedaard zijn. Laat ons aan de wêreld tonen dat wij niet gekomen zijn om oproer te stichten. Laat ons recht en billik handelen."<sup>173</sup>

Al die sprekers, te wete Beyers, De Wet, P.J. Liebenberg, di. H.D. van Broekhuizen, W.J. de Klerk, J.D. du Toit en N.J. van der Merwe het Kemp se oproep ondersteun en dit beklemtoon dat die doel van die vergadering nie was om opstand te stook nie, maar om slegs langs die konstitusionele weg beswaar te maak teen die Duits-Suidwes-Afrika-veldtog.<sup>174</sup> Tydens die vergadering het ds. N.J. van der Merwe die mening uitgespreek dat al die offisiere in die verdedigingsmag die voorbeeld van Beyers behoort te volg deur te bedank. Waarop Beyers hom teen die gedagte uitgespreek het en verduidelik het: "Mijn gevoelens waren, dat het hoofd moest bedanken om een protest in te dienen."<sup>175</sup> Aan die einde van die vergadering is met slegs 'n paar teenstemme 'n voorstel aanvaar

<sup>170</sup> The Friend, 24.9.1914.

<sup>171</sup> F.E.T. Krause-versameling, ongepagineerd; H.S. Webb, p.44.

<sup>172</sup> U.G. 42-16, notulen van getuigenis, P.J. Liebenberg getuig, p.123; H.S. Webb, p.44.

<sup>173</sup> Het Westen, 22.9.1914, De grote vergadering te Lichtenburg.

<sup>174</sup> U.G. 42-16, notulen van getuigenis, A.B.J. Smit getuig, p.162; U.G. 10-15, p.20.

<sup>175</sup> U.G. 10-15, p.21; Het Westen, 22.9.1914.

waarin die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog veroordeel is.<sup>176</sup> Voorts is daarin beklemtoon, dat die oorlogsbesluit deur die Parlement bekragtig is, sonder dat die volk die geleentheid gebied is om sy mening daarvoor uit te spreek. Meer nog: die optrede van die Regering was strydig met die wil van die oorgrote meerderheid van die bevolking, met die Verdedigingswet en met die eervolle, Christelike tradisies van die Afrikanervolk. Ten slotte is 'n beroep op die owerheid gedoen om alle offensiewe optrede te staak en die Suid-Afrikaanse soldate terug te roep. Die Regering is versoek om voor 30 September 1914 'n antwoord op hierdie versoë te verstrek sodat 'n volksvergadering daarvoor uitsluitel kan gee.<sup>177</sup>

'n Komitee bestaande uit Kemp (voorsitter), De Wet, Beyers en Liebenberg is benoem om die besluit aan die Regering oor te dra en ook om verdere volksvergaderings te reël om teen die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog te protesteer, indien die Regering nie aan hierdie pleidooi gehoor sou gee nie.<sup>178</sup> Beyers is ook in 'n mosie bedank vir die opofferings wat hy gemaak het deur te bedank en 'n besluit is geneem om geld in te samel vir die oprigting van 'n monument vir wyle De la Rey.<sup>179</sup> Op kenmerkende wyse was die Afrikaner dus besig om deur middel van volksvergaderings sy demokratiese reg uit te oefen en sy besware teen die oorlogspanne van die Regering te lug.

Dit verbaas geensins dat die Regering nie op die besluite gereageer het nie. Trouens, die Regering kon nie 'n parlementêre besluit ongedaan maak sonder om self te bedank nie. In die lig van die heersende beroering was dit egter polities dwaas van die owerheid om die volksvergadering se besluite te ignoreer. Dit het die indruk gewek dat die Regering die stem van 'n belangrike deel van die volk misken, terwyl die onstuimige gemeedere dalk gekalmeer kon word deur die ware feite openbaar te maak. As gevolg van hierdie versulm van die Regering het die ontevredenheid toegeneem en is verdere protesvergaderings gehou wat allermins bygedra het om die gespanne atmosfeer te ontlaal.

**Te Koppies (23 September 1914) en Klerksdorp (28 September 1914)** is protesvergaderings gereël waar Kemp nie teenwoordig was nie. Op albei vergaderings is die Re-

<sup>176</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, P.J. Liebenberg meld in getuigenis ses of sewe teenstemme, p.123.

<sup>177</sup> U.G. 46-'16, pp.32-33; P.M. Union 1/1/474, lêer M-c, telegram Meintjies-Botha, 22.9.1914.

<sup>178</sup> Ibid., p.33; J.C.G. Kemp, pp.203-204.

<sup>179</sup> H. Oost, p.166.

gering skerp gekritiseer weens die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog. Tydens die vergadering te Koppies, het die plaaslike magistraat 'n telegram van die Regering voorgelees, waarin te kenne gegee is dat die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog slegs met vrywilligers onderneem sou word. Afskrifte van die telegram is aan die aanwesiges uitgedeel.<sup>180</sup> Hierdie lang uitgestelde versekering was bepaald bedoel om die gemoedere te kalmeer, maar enige positiewe gevolg is vroegtydig geneutraliseer deur die vroeëre afjak aan die Lichtenburgse komitee. Bowendien sou die Regering se verdere stappe en die optrede van regeringsondersteuners nie juis help om 'n gunstiger klimaat te skep nie.

Botha het die Transvaalse kommandante en ander offisiere teen die einde van September 1914 vir 'n vergadering na Pretoria ontbied. Die premier het oop kaarte gespeel deur die lastige situasie in verband met die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog te verduidelik. Hy het ook gewys op die onbenydenswaardige posisie waarin hy geplaas is, as gevolg van die bedanking van Beyers as kommandant-generaal. Hy het bekend gemaak dat hy besluit het om self as kommandant-generaal op te tree en gesê dat hy vyftien kommandante benodig om hom te vergesel na Duits-Suidwes-Afrika nie as gekommandeerdes nie, maar as vrywilligers. Al vyftien kommandante wat teenwoordig was, was bereid om te gaan. Verder is daar ooreengekom dat die kommandante na hulle distrikte sou terugkeer en vrywilligers sou werf vir die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog.<sup>181</sup> Dit was bepaald 'n morele oorwinning vir Botha.

Op 28 September 1914 het Botha hierdie sukses opgevolg met 'n openbare vergadering te Bank, in sy kiesafdeling Losberg. Daar was ongeveer 5 000 mense uit die omliggende streke tydens die vergadering teenwoordig, insluitende Kemp, Aple Bezuidenhout en baie offisiere van die verdedigingsmag wat later gerebelleer het. Nadat Botha aan die vergadering die kommunikasie tussen die Unieregering en die Imperiale regering sedert die oorlogsverklaring openbaar gemaak het, het hy verklaar dat hy die pos van kommandant-generaal aanvaar het en dat hy die ekspedisie persoonlik sou lei. Die onthullings van Botha is allerweë verwelkom en 'n mosie van volle vertroue in die Regering is aangeneem.<sup>182</sup>

<sup>180</sup> H.S. Webb, p.45.

<sup>181</sup> U.G. 46-'16, p.34.

<sup>182</sup> *Ibid.*, pp.34-35.

Botha se versoenende optrede het egter nie orals dieselfde uitwerking gehad nie want dit het steeds nie die wortel van die kwaad, naamlik deelname aan 'n Britse oorlog, verwyder nie. Vler dae na die premier se rede op Bank, het 'n vergadering van die teenstanders van die oorlogsbesluit in die Lyric-bioskoopsaal in Potchefstroom plaasgevind.<sup>183</sup> Kemp wat die vergadering gereël het, is as voorsitter gekies en De Wet het as hoofspreekster opgetree.<sup>184</sup> Reeds tydens die openingsrede van Kemp, was dit duidelik dat daar 'n oproerlike element teenwoordig was.<sup>185</sup> Hierdie mense was oorheersend Engelssprekend en is vooraf, veral in die agterbuurte gewerf, om die vergadering op te breek deur lawaal te maak en voorwerpe te gooi.<sup>186</sup> In sy toespraak het De Wet weer eens die optrede van die Regering met betrekking tot Duits-Suidwes-Afrika veroordeel.<sup>187</sup> Hy was skaars aan die woord of daar is doole kante, vrot eiers, tamaties en allerlei vuil voorwerpe deur die oproerlikes na die verhoog geslinger. Die ligte van die saal is ook bulte werking gestel toe die elektriese kabel deurgeknip is.<sup>188</sup> Hierna het die vergadering na die plein van die Gereformeerde Kerk verskuif, maar die oproerlikes het gevolg en veral Kemp en De Wet voortdurend bestook.<sup>189</sup>

Mev. Kemp moes dikwels voor die twee generaals inspring in 'n poging om hulle te beskerm teen die voorwerpe wat aanhoudend op hulle neer gereën het. In wanhoop het sy vir hulle geskreeu: "Toemaar, julle is mos gewoond om vrouens en kinders te vermoor, soos julle gemaak het in die konsentrasiekampe. Julle dag sal kom!"<sup>190</sup> Die polisie was teenwoordig, maar het geen vinger verroer om die oproerlikes tot orde te bring nie. De Wet het gedreig dat hy hulle sou rapporteer, omdat hulle die sprekers geen beskerming gebied het nie.<sup>191</sup> De Wet het geen twyfel gelaat oor wat hy van die oproerlikes dink nie, maar hulle het nie gewyk nie.

Na afloop van die vergadering en die gebeure van die aand het Kemp en De Wet in hulle hoedanigheid as lede van die komitee wat op Lichtenburg aangestel was, besluit om 'n komiteevergadering vir 13 Oktober 1914 te Koppies in die Vrystaat te belê.<sup>192</sup> Hulle doel

<sup>183</sup> Ibid., p.34; J.C.G. Kemp, p.203; H.S. Webb, p.47.

<sup>184</sup> U.G. 10-15, p.21.

<sup>185</sup> U.G. 46-16, p.34.

<sup>186</sup> Dr. G.S. Preller-versameling, nr.230, p.2.

<sup>187</sup> U.G. 10-15, p.21.

<sup>188</sup> J.C.G. Kemp, p.203.

<sup>189</sup> U.G. 10-15, p.21; J.C.G. Kemp, p.203.

<sup>190</sup> J.C.G. Kemp, p.203.

<sup>191</sup> U.G. 10-15, p.21.

<sup>192</sup> J.D. Kestell, Christiaan de Wet, p.190.

met die beoogde vergadering sou wees om oor verdere optrede te besluit, aangesien die Regering die Lichtenburg-besluit geïgnoreer het. Aangesien dié komitee die bevoegdheid gegee was om bykomende lede te koöpteer, is besluit om vooraanstaande persone uit die Transvaal en Vrystaat te nooi om hierdie vergadering by te woon.<sup>193</sup>

Voordat hierdie vergadering plaasgevind het, het die sogenaamde Operahuis-voorval die ontstoke gemoedere van Afrikaners verder gaande gemaak. Ofskoon Kemp nie by hierdie voorval betrokke was nie, het dit 'n belangrike invloed op latere gebeure in 1914 gehad. Beyers, wat van mening was dat sy bedanking as protes moes dien, het hom weerhou van deelname aan protesvergaderings. Hy het egter ingewillig om tydens 'n Krugerdag-herdenkingsfunksie op 10 Oktober 1914 in die Operahuis in Pretoria 'n toespraak te lewer. Hierdie jaarlikse funksie<sup>194</sup> was georganiseer deur die Christelike Jongeliedevereniging onder leiding van ds. H.D. van Broekhuizen,<sup>195</sup> wat Beyers versoek het om op dié betrokke aand 'n kort toespraak oor die lewe van wyle president Kruger te lewer.

Hoewel die doel van die vergadering nie-polities van aard was, het baie van die regeringsondersteuners dit as 'n politieke vergadering beskou, aangesien Beyers en Van Broekhuizen se standpunte algemeen bekend was.<sup>196</sup> Ook het Beyers se bedanking en die gebeure wat tot die dood van De la Rey gelei het, 'n gespanne atmosfeer in die stad veroorsaak en toe die funksie dié aand 'n aanvang neem, was dit heel gou duidelik dat daar 'n aansienlike vyandige element teenwoordig was.<sup>197</sup> Die boonste galery van die Operahuis was feitlik heeltemal beset deur lede van 'n pasgestigte Britse vereniging en voor hulle was 'n reuse Union Jack uitgesprei.<sup>198</sup>

Terwyl Van Broekhuizen die verrigtinge met gebed geopen het, is daar deur die oproeriges geraas, gejou en op uiters aanstootlike wyse gesing. Tydens die verrigtinge het selfs die Inspekteur van Pollisie, maj. H.F. Trew, tevergeefs om orde gepleit en sy beroep op hulle regverdighedsin het sake net vererger.<sup>199</sup> Met die hervatting van die program na pouse het algehele chaos losgebars toe die voorsitter vir Beyers aan die woord gestel

<sup>193</sup> J.C.G. Kemp, p.204.

<sup>194</sup> U.G. 42-'16, notules van getuigenis, Botha getuig, p.390, Botha het verklaar dat hierdie byeenkoms die eerste van sy soort was sedert die Vrede van Vereeniging in 1902.

<sup>195</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, p.166; Harm Oost-versameling, nr.31, herinneringe van G.J. van Eck, ongepagineerd.

<sup>196</sup> H. Oost, p.168.

<sup>197</sup> Harm Oost-versameling, herinneringe van G.J. van Eck, ongepagineerd.

<sup>198</sup> S.C. 1-'15, P.G. Beyers getuig, p.206.

<sup>199</sup> Ibid.

MOYS. BIBLIOTEK

11664 62087

het. Krete soos "Coward", "Swine", "Traitor" is hom toegesnou en allerhande voorwerpe is na die verhoog geslinger.<sup>200</sup> Op hierdie stadium kon sommige van die feesgangers hul te humeure nie langer betuel nie en het hulle met Jopie Fourie aan die voerpunt die mollesmakers op die galery bestorm en handgemeen geraak.<sup>201</sup>

Polisieversterkings het opgedaag en die oproermakers is uit die saal verwyder, waarna Beyers sy toespraak voltooi het.<sup>202</sup> Die oproeriges het buite die gebou stelling ingeneem en Trew, wat moeilikheid voorsien het, het Beyers versoek om die saal deur 'n agterdeur te verlaat. Beyers het geweer en met groot moelte onder polslegeleide daarin geslaag om veiligheid te bereik.<sup>203</sup> Beyers en baie Afrikaners was geskok oor die voorval. Jopie Fourie het dit later as een van redes aangevoer hoekom hy gerebelleer het, terwyl Van Broekhuizen die volgende in hierdie verband kwytgeraak het: "Hier was feitlik die begin van die Protes en van die sogenaamde Rebelle."<sup>204</sup> Die gebeure van 10 Oktober 1914 het daartoe bygedra dat Beyers besluit het om in die toekomst dergelike voorvalle te vermy deur hom in al hoe groter mate te onttrek en nie meer aan enige vergadering deel te neem nie.<sup>205</sup> Hierdeur het Kemp die enigste oorblywende leier van aansien in Transvaal geword. Dit was 'n betekenisvolle ontwikkeling; Kemp was 'n geesgenoot van Maritz wat op hierdie stadium sou probeer om met behulp van die Duitsers 'n staatsgreep teen die Regering deur te voer.

Op 10 Oktober 1914 het die Regering berig ontvang dat Maritz na die Duitsers oorge-loop en 'n ultimatum aan die Regering gerig het, dat tensy hy voor die volgende oggend 10h00 'n waarborg van die Regering ontvang dat Hertzog, De Wet, Kemp, Beyers en C.H. Muller toegelaat sal word om hom by sy hoofkwartier te besoek om hom instruksies te gee, hy 'n aanval op Upington, Kakamas en ander sentra sou loods.<sup>206</sup> Daar is verder berig dat Maritz 60 manskappe en offisiers, wat nie saam met hom wou rebelleer nie, aan die Duitsers oorgelewer het, dat hy die uniform van 'n Duitse generaal dra en dat hy die Vierkleur gehys het. Verder is ook onthul dat hy 'n ooreenkoms met die Duitse goewer-

<sup>200</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, p.47.

<sup>201</sup> Ds. C.A. Neethling en J.M. de Wet, Lewenskets van Jopie Fourie, pp.23-33.

<sup>202</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, p.48.

<sup>203</sup> U.G. 46-'16, p.35; S.C. 1-'15, P.G. Beyers getuig, pp.206-207; H.S. Webb, pp.48-49.

<sup>204</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, p.116.

<sup>205</sup> F.E.T. Krause-versameling, ongepagineerd.

<sup>206</sup> U.G. 10-'15, p.26.

neur, Theodor Seltz, aangegaan het wat die onafhanklikheid van 'n republikeinse Suid-Afrika sou waarborg.<sup>207</sup>

Smuts het gereageer deur Maritz te versoek om die bevel aan maj. B. Enslin, die offisier tweede in bevel, te oorhandig en so spoedig moontlik na Pretoria te kom.<sup>208</sup> Smuts het ook intussen inligting van Enslin ontvang dat Maritz met die Duitsers onderhandel het en dat 'n kritieke situasie kon ontstaan indien Maritz se bedanking aanvaar word. Gevolglik is 'n skaakmat bereik: Smuts wou nie Maritz se bedanking aanvaar nie en Maritz wou ook nie die bevel van sy troepe aan Enslin oorhandig nie.<sup>209</sup>

Hoewel die Regering die Maritz-rebellie aan die bedanking van Beyers as kommandant-generaal gekoppel het,<sup>210</sup> het hulle nietemin onverklaarbaar opgetree in hul hantering van die hele Maritz-aangeleentheid en hul sodoende aan kritiek blootgestel. J.H. Conradie, het in sy getuigenis voor die Geregtelike Kommissie, die Regering daarvan beskuldig dat hulle nie werklik met Maritz tot 'n vergelyk wou kom nie en dat hulle hom doelbewus aan 'n lyntjie gehou het.<sup>211</sup> H.S. Webb draai geen doekles om nie en beskuldig die Regering van misdadige dubbelhartheid.<sup>212</sup>

Smuts, wie se hand in die Maritz-episode duidelik sigbaar is omdat hy Maritz deur al sy verdragingsstakke, insake laasgenoemde se bedanking, feitlik gedwing het om te rebel-leer, het sake nou verder tot voordeel van die Regering gemanipuleer: kol. Coen Brits, wat gestuur is om Maritz se bevel oor te neem, is beveel om Smuts telegrafies op hoogte van sake aan die Duits-Suidwes-Afrikagrens te bring. Ná ontvangs van Brits se telegram, wat die indruk moes wek dat sekere Afrikaner-generaals (Hertzog, Kemp, Beyers, Muller, De Wet) saam met Maritz in 'n sameswering betrokke was, het die Regering op 12 Oktober 1914 krygswet<sup>213</sup> afgekondig en terselfdertyd is die opstand van Maritz wêreldkundig gemaak.<sup>214</sup>

<sup>207</sup> U.G. 46-'16, p.32 en p.125.

<sup>208</sup> U.G. 10-'15, Bylaag Q, p.143.

<sup>209</sup> U.G. 46-'16, p.20.

<sup>210</sup> Ibid., p.31; U.G.10-'15, p.25.

<sup>211</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, J.H. Conradie getuig, p.289.

<sup>212</sup> H.S. Webb, p.68.

<sup>213</sup> Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, 12.10.1914, pp.1-2.

<sup>214</sup> U.G. 46-'16, p.25.

Die Transvaalse kommandante Is In kennis gestel van Maritz se voorneme om die noordweste van Kaapland binne te val, dat versterkings nodig was en dat daar gevolglik gekommandeer moes word. Die instruksies van die Regering dien as bewys dat die Regering daarvan bewus was dat die kommanderingsbevel ongewild sou wees. Dit was die omstandighede waartydens die vergadering wat na die oproerige Potchefstroom-vergadering in die vooruitsig gestel is, sou plaasvind.

Op 12 Oktober 1914 het Kemp, Jacques Plenaar, P.J. Liebenberg, Aple Bezuidenhout en G.J. Greeff vanaf Potchefstroom na Kopples vertrek. Kort voor hulle vertrek, het hulle van die Maritz-rebellie te hore gekom. Kemp het dadellik gereageer en gesê dat hy min geloofwaardigheid aan die regeringskennisgewing heg. Volgens sy oordeel was Maritz tot die daad gedwing, omdat die Regering geweier het om sy bedanking as offisier te aanvaar. Kemp was natuurlik bewus daarvan dat Maritz gaan bedank en gevolglik het dit nie vir hom as 'n verrassing gekom nie.<sup>215</sup>

De Wet het via Bloemfontein na Kopples gerels, aangesien hy die aangeleentheid vooraf met pres. Steyn wou bespreek. Met sy aankoms op Bloemfontein het hy die eerste keer van die Maritz-rebellie verneem. Hertzog was ook op hierdie tydstip by Onze Rust waar hy die korrespondensie tussen Maritz en Smuts, wat hy vanaf Maritz ontvang het, aan Steyn en De Wet openbaar het. Hulle het nou besef dat, terwyl die Regering op 23 September 1914 aan die burgers by Kopples die versekering gegee het dat slegs vrywilligers vir die Dulis-Suidwes-Afrikaveldtog gebruik sou word, Smuts op dieselfde dag aan Maritz opdrag gegee het dat 'n nie-vrywilligersmag oor die grens moes trek.<sup>216</sup> Ten spyte van hierdie ooglopende dubbelhartigheid aan die kant van Smuts, het Steyn vir De Wet gemaan om nie oorhaastig op te tree nie. Ongeveer tweehonderd burgers het vir die vergadering opgedaag maar aangesien krygswet die vorige dag afgekondig is, is dit gerade geag om nie 'n volksvergadering te hou nie, maar slegs 'n informele vergadering en De Wet het die burgers dienooreenkomstig ingelig.

De Wet was eerste aan die woord. Hy het verduidelik dat aangesien hulle byeen was onder krygswet, hulle nie 'n voorsitter kon kies nie. Hy het elkeen versoek om openhartig te praat, al was die saak ook teen die algemene gevoel van die vergadering. Voorts het hy gemeld dat die oorspronklike gedagte was om 'n protesvergadering by Vereeniging te

<sup>215</sup> *Ibid.*, p.36.

<sup>216</sup> Vergelyk G.D. Scholtz, pp.344-345.

hou, maar as gevolg van die krygswet was dit nou onmoontlik om dit te doen.<sup>217</sup> Volgens De Wet het die meerderheid van die parlamentslede wel ten gunste van deelname besluit, maar die volk het geen geleentheid gehad om sy afkeur daaroor uit te spreek nie.<sup>218</sup> Voorts het hy allerlei alternatiewe uitgespel om Maritz te help; om niteenstaande die krygswet 'n protesvergadering te hou, of lydelike verset te bevorder onder die wat opgekommandeer word.

Daar was ook diegene teenwoordig wat gewaarsku het dat die Regering alle mag in die hande het en dat die protesteers gearrester sou word. Hulle was van mening dat aangesien die Parlement beslis het en hulle nou anders wou optree, hulle as rebelle beskou sou word. Die gedagte is ook geopper dat die Regering besig was om die volksiel te vermoor en harde woorde is gebesig teen die optrede van Botha en Smuts.<sup>219</sup> Na 'n uitgerekte en verantwoordelike oorlegpleging is die volgende besluite geneem: dat die verdedigingsmag vanaf die grens teruggeroep moes word; dat die kommandering van burgers vir diens in Duits-Suidwes-Afrika onmiddellik gestaak word; dat die Verdedigingswet van 1912 alleenlik bedoel was om Suid-Afrika te verdedig en nie om offensief op te tree nie, met ander woorde daar kon slegs defensief opgetree word by geval van 'n Duitse aanval; dat toestemming verleen word om 'n groot volksvergadering te hou om die volk ten opsigte van die parlamentsbesluit te toets, of om alternatiewelik 'n volkstemming of referendum oor die oorlogsbesluit te reël. Ten slotte sou 'n deputasie aangewys word om die besluite van die vergadering aan die Regering voor te lê. Hierdie deputasie sou by 'n latere vergadering op 22 Oktober 1914, op die plaas Middellyn naby Koppies, verslag doen.<sup>220</sup>

Die vergadering het probleme ondervind om lede vir die voorgestelde deputasie te werf. Jan Kemp, De Wet en Piet Grobler het botweg geweer om hulle as lede van die deputasie beskikbaar te stel. Die rede vir hulle weiering was naamlik dat die Regering nog nie op die Lichtenburg-verteë geantwoord het nie en hulle gevoel het dat 'n deputasie nie aan die doel sou voldoen nie. Daar is toe nege afgevaardigdes gekies, naamlik J.B. Wessels, D. Fouché, R.P. Serfontein, Rocco de Villiers, Apie Bezuidenhout, di. Louis Vorster, I. Ferreira, S. Naude en H.D. van Broekhuizen.<sup>221</sup> Laasgenoemde het egter geweer om te

<sup>217</sup> H.S. Webb, p.64.

<sup>218</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, nr. 11, p.9.

<sup>219</sup> U.G. 46-'16, pp.36-37.

<sup>220</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, nr. 10, p.2.

<sup>221</sup> U.G. 46-'16, p.37.

gaan en Liebenberg het homself bereid verklaar om in Van Broekhuizen se plek te dien, waarop Aple Bezuidenhout gedreig het om hom te onttrek Indien Liebenberg gekies sou word.<sup>222</sup> Vervolgens is by die keuse van Liebenberg volstaan.

Daar is dadelik 'n telegram aan Botha gestuur waarin daar 'n onderhoud vir die volgende dag aangevra is. De Wet is ook saam Pretoria toe, maar nie as lid van die deputasie nie. Voor sy vertrek het De Wet vir Nicolaas Serfontein opdrag gegee om Steyn en Hertzog op hoogte te bring van die gebeure en hulle, sowel as ander voormanne in die Vrystaat, te vra om op 22 Oktober 1914 die beplande vergadering by te woon.<sup>223</sup> Nadat Kemp en Aple Bezuidenhout 'n lys van verteenwoordigers van die Wes-Transvaal, wat na die beplande vergadering uitgenooi moes word, opgetrek het, het hulle na Potchefstroom teruggekeer.

Op 14 Oktober 1914 het die deputasie 'n onderhoud met Botha, die Minister van Justisie, N.J. de Wet, en die Minister van Mynwese, F.S. Malan, gevoer. Dit is opvallend dat Smuts as Verdedigingsminister, wat tog intiem genoemd met die aangeleenthede was, in sy afwesigheid geskitter het. Botha het sy taktlose en ongevoelige kollega klaarbyklik doelbewus van die deputasie weggehou. Dit was 'n stormagtige vergadering wat vier uur geduur het.<sup>224</sup> Die woordvoerders van die deputasie was Brand Wessels en Louis Vorster. Hulle wou weet wat die Regering se antwoord op die Lichtenburg-besluit was en het die Regering versoek om die invalsmag uit Duits-Suidwes-Afrika terug te roep. Slegs een antwoord is aan hulle verskaf, naamlik dat die Regering die aanname van voorstelle wat teenstrydig met die besluit van die Parlement is en boonop tydens 'n openbare vergadering aangeneem is, afkeur.<sup>225</sup> Hierna het die vergadering amper hand uitgeruk, aangesien die humeure en argumente vuurwarm geword het. Botha kon hom later nie meer bedwing nie en in woede uitgebars: "Julle wil rebelleer! Daar is 'n komplot met Maritz! 'K weet alles van julle geheime ooreenkomste met die Duitsers! 'K sal julle alger laat vang en in die tronk sit. Julle moet oppas."<sup>226</sup> Botha het geweler om aan enige van die versoeke van die deputasie gehoor te gee. Voor die onderhoud beëindig is, het hy

<sup>222</sup> J.C.G. Kemp, p.260.

<sup>223</sup> U.G. 46-'16, pp.37-38; U.G. 10-'15, pp.28-29; Frederik Rempel-versameling, W.213, nr.4, p.3; H.Oost, p.186.

<sup>224</sup> J.C.G. Kemp, p.262.

<sup>225</sup> H.S. Webb, p.65.

<sup>226</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, nr.11, p.15; U.G. 42-'16, notulen getuigenis, Botha getuig, p.383.

vaderlike raad aan die afvaardiging gegee: "Gaan huis toe, ons gaan ons planne uitvoer volgens die Parlement se besluit."<sup>227</sup>

Botha se standpunt het Liebenberg so beïnvloed dat hy nie saam met die deputasie vertrek het nie, maar agtergebly en Botha van sy steun in die toekomst verseker het. Hy het Botha ook ingelig oor De Wet se toespraak op 13 Oktober 1914 en van die voorgenome vergadering op 22 Oktober 1914. Gevolglik het Botha hom versoek om die vergadering by te woon en hom in te lig oor die gebeure, maar Liebenberg het geweier.<sup>228</sup> Na afloop van die vergadering het die deputasie na Beyerhelm vertrek, waar Beyers op hulle gewag het. De Wet en Van Broekhuizen het ook daar opgedaag en terwyl hulle besig was om die verloop van gebeure weer in oënskou te neem, het Beyers 'n boodskap ontvang dat Botha hom dringend wou spreek, waarop Beyers na Botha se kantoor vertrek het.<sup>229</sup> Reeds tydens 'n vorige onderhoud het Botha vir Beyers versoek om na die Duits-Suidwes-Afrikagrens te gaan en om Maritz te gaan spreek, maar Beyers het geweier.<sup>230</sup>

Na sy terugkeer het Beyers hulle meegedeel dat Botha hom verwittig het dat die Regering met die voorgenome Duits-Suidwes-Afrikaveldtog voortgaan en dat die teenstanders daarvan tevergeefs teen die prikkels skop. De Wet se reaksie hierop was dat hy niks verder te sê het nie. Daarop het hy hulle verlaat.<sup>231</sup> Tydens die gesprek wat daarna gevolg het, het lede van die afvaardiging by Beyers aangedring dat hy die vergadering op 22 Oktober 1914 moes bywoon, maar Beyers was onwillig om enige belofte in hierdie verband te doen.<sup>232</sup>

Intussen het die Regering links en regs burgers opgekommandeer, want die vrywilligersplanne wou maar net nie mool vlot nie. Verder is die situasie gekompliseer deur die "verraaler Maritz" wat gevang en gestraf moes word.<sup>233</sup> As gevolg van die kommanderingsbevel van 11 Oktober 1914<sup>234</sup> het die offisiere van die Lichtenburgse distrik, te wete A.P. Visser, H.J. Lombard en F.G.A. Wolmarans, besluit dat hulle kommando's op 19

<sup>227</sup> Ibid.

<sup>228</sup> S.G. 1-'15, P.J. Liebenberg getuig, pp.144-145.

<sup>229</sup> Ibid., P.G. Beyers getuig, p.209.

<sup>230</sup> J.G. 42-'16, p.390.

<sup>231</sup> S.G. 1-'15, P.G. Beyers getuig, p.209.

<sup>232</sup> F.E.T. Krause-versameling, ongepubliseer.

<sup>233</sup> Hann Oost-versameling, nr.28, p.124; J.C.G. Kemp, p.261.

<sup>234</sup> J.G. 10-'15, p.29.

Oktober 1914 by Lichtenburg byeen sou kom, om daar georganiseer en toegerus te word.<sup>235</sup>

Op Maandag 19 Oktober 1914 het Visser, wat vir miltary onder sy manskappe gevrees het, opdrag gegee dat die kommando's per trein na Potchefstroom moes vertrek. Daar die middag het die manskappe op Lichtenburgstasie byeengekom. Nadat daar met die laal van die perde in aanvang geneem is, het veldkt. Izak Claasen vir Visser genader en geëis dat laasgenoemde nie met sy manskappe teen Maritz moes optrek nie. Voorts het Claasen opgemerk dat "hij bereid was teen enige kaffer (sic) te vechten, doch hij zou zeker niet het bloed van zijne vaderen in het stof vertreden voor enlgeen".<sup>236</sup>

Visser het Claasen daaraan herinner dat die Regering uitdruklik verklaar het dat enigeen wat onwillig was om te gaan, na hulle huise en plase moes terugkeer; daarom het hy hom versoek dat hulle gewere en perde, wat regeringseiendom was, teruggegee moes word. Claasen het egter geweler en verklaar dat hulle gewere en perde nodig het. Daarop het hy weggeroep: "Laat hen die mij llof heeft mij volgen!".<sup>237</sup> Ongeveer een honderd en vyftig manskappe het hom gevolg in die rigting van Treurfontein. Vervolgens het Claasen ook bevele uitgereik dat alle burgers in sy distrik op 21 Oktober 1914 'n vergadering te Haakboschlaagte, naby Lichtenburg, moes bywoon. Dit sou deur Kemp toegesprek word.<sup>238</sup>

Die begeerte was om die tweede Kopplesvergadering veel meer verteenwoordigend te maak as die eerste één, maar krygswet het meegebring dat slegs C.G. Fichardt uit die Suid-Vrystaat opgedaag het en geeneen uit die Oos-Transvaal nie. Fichardt het 'n spesiale boodskap vanaf Steyn gebring wat hulle aangemoedig het om die protesvergaderings voort te sit.<sup>239</sup> Onder die aanwesiges was Kemp, De Wet, Brand Wessels, Nicolaas Serfontein en F.G.A. Wolmarans. P.J. Liebenberg was nie teenwoordig nie, aangesien hy "gellebenberg"<sup>240</sup> het. Beyers was om "veiligheidsredes" nie teenwoordig nie aangesien hy hom na die 10 Oktober 1914-voorval uit die openbare lewe onttrek het. Hy het P.B. Engelbrecht gestuur om die rede vir sy afwesigheid aan die vergadering te verstrek en om die vergadering mee te deel dat hy hom sou neerlê by enige besluit wat deur die ver-

<sup>235</sup> Ibid., p.30; U.G. 46-16, p.38.

<sup>236</sup> Ibid., p.40, veldkt. Claasen was een van genl. de la Rey se vertrouelinge.

<sup>237</sup> U.G. 46-16, p.40; U.G. 10-15, p.30.

<sup>238</sup> U.G. 10-16, p.30.

<sup>239</sup> M.C.E. van Schoor, Rebellic, Die Huisgenoot, 21.8.1964, p.19.

<sup>240</sup> Ibid., dit is soos Liebenberg se oorloperij later onder die rebelle bekend gestaan het.

gadering geneem sou word.<sup>241</sup> Daar het ook gewapende burgers by die vergadering opgedaag, maar hulle is nie by die besprekings toegelaat nie.

Tydens die vergadering is daar verslag gedoen oor die deputasie se mislukte besoek aan Botha. Die algemene gevoel van die vergadering was dat die saak nie sommer net daar gelaat kon word nie.<sup>242</sup> Daar was egter geen eenstemmigheid oor verdere optrede wat gevolg moes word nie. De Wet was van mening dat lydelike verset laat vaar moes word, terwyl ander weer daarmee wou volhard. Allerlei planne is aan die hand gedoen, dog geeneen van die voorstelle was geskik om die ingewikkelde problematiek van die oomblik die hoof te bied nie.<sup>243</sup> Dit was nie soseer die geval van planloosheid nie maar eerder 'n wering om die enigste oorblywende alternatief te oorweeg. Dit was om Maritz se voorbeeld te volg en in opstand te kom. In hulle harte het hulle almal al lankal gerebelteer, maar om dit in dade om te sit, het geloof geverg wat berge kon versit.

Die uiteindelijke besluit van die vergadering was geen oplossing nie, slegs die uitstel van die skynbaar onvermydelike en die afskuif van verantwoordelikhede op twee mense se skouers: "Nademaal het Hollands-Zuid-Afrikaanse Volk van de Oranje-Vrystaat en Transvaal verdrukt word, besluit de vergadering alle verdere maatregelen toe te vertrouwen aan generaal Beyers in de Transvaal en generaal De Wet in de Oranje-Vrystaat."<sup>244</sup> Op hierdie twee Boereleiers het nou die sware las gerus om 'n weg te vind wat die Regering sou dwing om na die protesterende Afrikaners te lulster. Albei hierdie leiers het hulle as deur God geroepe beskou om as volksleiers op te tree. De Wet het ernstig met die gedagte geworstel hoe hy sy voorneme van wapengeweld met sy godsdienstige beskouing kon versoen, terwyl Beyers 'n vaste geloof gehad het dat die Afrikaner nie sy vryheid deur die loop van 'n geweer sou verkry nie, maar deur protesbewegings. Dit is merkwaardig dat die twee leiers op wie se skouers die verdere verloop van sake gerus het, nie eens eenstemmig was oor die verdere optrede van die protesteerders nie. Verder het die afkondiging van krygswet verhinder dat hierdie twee leiers mekaar van aangesig tot aangesig kon ontmoet. Die gevolg was verdeelde leierskap en, erger nog, 'n gebrek aan gekoördineerde optrede.<sup>245</sup> Dit kon slegs vir Botha en Smuts bevoordeel.

<sup>241</sup> J.C.G. Kemp, pp.253-254.

<sup>242</sup> *Ibid.*, p.262.

<sup>243</sup> *Ibid.*, pp.264-266.

<sup>244</sup> U.G. 10-'15, p.31; U.G. 46-'16, p.40; S.C. 1-'15, C.G. Fichardt getuig, p.297.

<sup>245</sup> M.C.E. van Schoor, p.27.

Botha het op dieselfde dag dat die Koppiesvergadering van 22 Oktober 1914 plaasgevind het, 'n brief aan Steyn gerig<sup>246</sup> waarin hy hom meegedeel het dat volgens beskikbare inligting, voorbereidings getref word vir 'n algemene opstand en dat Kemp, Beyers en De Wet aan die hoof daarvan staan.<sup>247</sup> Voorts het hy Steyn versoek, dat aangesien hierdie leiers na hom sou lulster, hy 'n brief aan hulle moes stuur, waarin hy hulle versoek om hom (Steyn) te kom spreek.<sup>248</sup> Steyn het dadelik aan hierdie noodroep van Botha gevolg gegee en op 24 Oktober 1914 sy seun Colin met 'n brief aan elk van bogenoemde drie generaals gestuur, waarin hy hulle versoek het om hom so gou as moontlik op sy plaas, Onze Rust, te kom spreek.

Colln Steyn het eers in Pretoria aangedoen, waar hy ook aan Botha 'n brief van sy vader oorhandig het. Hierin het Steyn vir Botha verseker dat hy alles in sy vermoë sou doen om 'n burgeroorlog te vermy.<sup>249</sup> Tydens Colln se besoek aan Botha is daar besluit dat aangesien Kemp 'n ondergeskikte was, dit nie nodig was om met hom te onderhandel nie.<sup>250</sup> Nog dieselfde dag het Colln na Damhoek vertrek om die brief aan Beyers te oorhandig. Laasgenoemde het hom verseker dat hy Steyn sou besoek indien De Wet ook daartoe bereid sou wees.

As gevolg van voortdurende dreigemente het Beyers op 19 Oktober 1914 Pretoria verlaat en na die plaas van J.J. Wolmarans, in die Scheerpoortomgewing, gegaan. Spoedig het die burgers verneem dat Beyers hom te Scheerpoort bevind en gevolglik het ongeveer 200 burgers uit die omgewing sporadies hulle opwagting by hom gemaak. Hierdie burgers was almal gekant teen die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog en het geweer om aan die kommanderingsbevel van hulle kommandant, S.F. (Sarel) Alberts, wat op 2 Oktober 1914 uitgereik is, gehoor te gee.<sup>251</sup> Beyers het dit duidelik aan die burgers gestel dat hy teen die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog gekant was, maar terselfdertyd beklemtoon dat hy oortuig was dat daar op konstitusionele wyse gepoog moes word om die Regering van sy voorneme om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, te laat afsien. Om Beyers se veiligheid te verseker het die burgers op eie inisiatief 'n gewapende lyfwag van 25 man voorsien.<sup>252</sup> Aangesien die Regering weldra bewus was van Beyers se doen en late en omdat

<sup>246</sup> H. Oost, p.272.

<sup>247</sup> U.G. 46-16, p.127.

<sup>248</sup> J.C.G. Kemp, pp.290-291.

<sup>249</sup> U.G. 46-16, p.28.

<sup>250</sup> U.G. 10-15, p.35.

<sup>251</sup> U.G. 42-16, notulen van getuigenis, S.F. Alberts getuig, p.157.

<sup>252</sup> H.S. Webb, p.70.

Beyers nie meer te Scheerpoort veilig was nie, is daar besluit dat hy na Damhoek, 'n plaas in die Magaliesberge 32 kilometer wes van Pretoria, sou gaan. Op 22 Oktober 1914 het Beyers daarheen vertrek en spoedig het al meer en meer burgers, wat gekant was teen die kommanderingsbevele, hulle by hom kom voeg.

Dit was bepaald 'n mistasting aan die kant van Botha en Colln Steyn om Kemp as 'n "ondergeskikte" af te maak wat nie die gebeure ingrypend kon beïnvloed nie. Kemp was reeds sedert 1912 vertrouwd met Maritz se oogmerke en verder het hy tydens die staf-offisiersvergadering van 14 Augustus 1914 andermaal met Maritz oorleg gepleeg. Meer nog: hulle was geesgenote, albei onverskrokke, gesoute krygsmanne wat vir geen duivel sou stuit nie. Botha was skynbaar ook nie bewus daarvan dat Kemp reeds vroeër akkoord gegaan het met De la Rey se plan om deur middel van 'n staatsgreep sy bewind omver te werp nie. Botha het blykbaar ook nie oor werklike betroubare gegewens ten opsigte van Kemp beskik nie, omdat hy tydens die Koppiesvergaderings deurgaans op die agtergrond gebly het in die teenwoordigheid van De Wet en die hoë agting wat Beyers steeds geniet het. Na die tweede Koppiesvergadering sou Kemp steeds sterker na vore tree en namate die protesbeweging as gevolg van krygswet sy momentum verloor het, besluit om meer aktief op te tree. Die wifelende houding van Beyers het Kemp skynbaar ook geleidelik meer aansien besorg as wat Botha aan hom wou toeken.

Adv. F.E.T. Krause verklaar dat almal wat die vergadering by Koppies op 22 Oktober 1914 bygewoon het, ongetwyfeld onder die indruk verkeer het dat De Wet uit protes teen die regeringsoptrede insake Duits-Suidwes-Afrika, met die mobilisering van gewapende kommando's sou begin.<sup>253</sup> Ofskoon Kemp in dieselfde gees verklaar het dat die verteenwoordigers wat die vergadering bygewoon het na hulle onderskeie distrikte sou terugkeer om te organiseer, met die oog op 'n uiteindelijke rebellie. Hy het nletemin teenstrydig daarmee ook die mededeling gemaak, naamlik dat die doel met die organisering van die distrikte was om 'n reuse protesbetoging teen die Regering se oorlogsbeleid te hou in 'n poging om die Regering langs daardie weg te verlam.<sup>254</sup>

Volgens Kemp is daar ook op hierdie vergadering ooreengekom dat hy dadelik met Beyers in verbinding sou tree en onmiddellik met die mobilisasie van burgers in Transvaal

<sup>253</sup> F.E.T. Krause-versameling, ongepagineerd.

<sup>254</sup> J.C.G. Kemp, p.268.

sou begin.<sup>255</sup> Terselfdertyd sou De Wet die Vrystaters mobiliseer. Verder is beplan dat De Wet 'n paar kommando's in die Vrystaat sou agterlaat en met die res langs die suidelike oewer van die Oranjerivier opruk, totdat hy met Maritz kontak maak. Kemp sou met 'n kommando langs die noordelike oewer van die Oranjerivier trek, totdat hy Maritz bereik. Daarvandaan sou hulle dan gesamentlik terugkeer met wapens en ammunisie.<sup>256</sup>

Gedurende die namiddag van 22 Oktober 1914 het Kemp en die ander Transvaalse afgevaardigdes vanaf Koppies vertrek. Kemp, Bezuidenhout, P.R. Kock en J.C. Bodenstein het in laasgenoemde se motor gerels, terwyl F.G.A. Wolmarans, Danie Flemming en Jack Smith saam met veldkornet Stelman in sy motor gerels het. Die Rustenburgers, te wete Danie Fouché, Hendrik Riekert, B. van Heerden en Wynand Malan het in laasgenoemde se motor gerels. Die paaië was in 'n swak toestand en die motor van Malan het herhaaldelik daardie namiddag en nag onklaar geraak. Gerugte het reeds die ronde gedoen dat daar lasbriewe uitgereik was vir die inhegtenisname van Kemp, Plenaar en Wolmarans.<sup>257</sup> Die nag het die Regering 'n padblokkade buite Klerksdorp, op die Potchefstroom-Klerksdorppad opgestel, maar as gevolg van Kemp en sy reisgenote se omsigtigheid, het hulle daarin geslaag om die vangstrik te ontwyk.<sup>258</sup>

Kemp het na die plaas van 'n sekere Van Vuuren, naby Klerksdorp, gegaan en daarvandaan sy hoofoffisiere uitgestuur om die burgers te versoek om hom op 27 Oktober 1914 te Haakboschlaagte te ontmoet.<sup>259</sup> Hy het 'n rapport saam met Jansie Jooste aan Beyers gestuur waarin hy hom versoek om hom op 27 Oktober 1914 by Haakboschlaagte te ontmoet, sodat hy van hom kon verneem wat sy verdere optrede sou wees aangesien Beyers, ooreenkomstig die Koppiesbesluit van 22 Oktober 1914, moes besluit watter vorm van protes in Transvaal teen die Duits-Suidwes-Afrikaveldtog geneem moes word.<sup>260</sup>

Kemp en Jooste het afgespreek dat Jooste hom op Maandag 26 Oktober 1914 voor 11h00 op Middelbult sou ontmoet om hom die antwoord van Beyers te bring. Op sy terugtog het Jooste hom in regeringsmanne vasgery, maar aangesien die boodskap so

<sup>255</sup> Ibid., p.267.

<sup>256</sup> Ibid., p.266.

<sup>257</sup> U.G. 10-15, p.36; J.C.G. Kemp, p.269.

<sup>258</sup> F.J. du Toit Spies, Rebellie-Dagboek van Jansie Jooste: Met generaal Kemp naar Duitswest, Historia, Junie 1967, p.87; H.S. Webb, p.81.

<sup>259</sup> H.S. Webb, p.81.

<sup>260</sup> J.C.G. Kemp, p.270, gebruik die naam Cassie Jooste.

goed versteek was, het hulle dit nie gevind nie en is hy nie aangehou nie.<sup>261</sup> Om 10h30 dié Maandagoggend (26 Oktober 1914) het Jooste by Middelbult aangekom en Kemp met 500 burgers by die huls van P. Smit aangetref. Die burgers het gewag om te verneem wat Beyers beplan. Beyers het hom verwtlig dat hy nie aan sy versoek kon voldoen om op 27 Oktober 1914 na Haakboschlaagte te kom nie. Hy het Kemp versoek om hom so spoedlg as moontlk by Steenbokfonteln, in die distrik Rustenburg, te ontmoet.<sup>262</sup> Kemp was hoogs ingenome met die nuus aangesien hy aangeneem het dat Beyers die protesbeweging sou steun.

Hierna het hulle na buite gegaan waar Kemp die burgers toegespreek het. Hy het verklaar dat almal moes aansluit en nie draadslitters moes bly nie, want hulle het 'n groot taak gehad om te verrig.<sup>263</sup> Voorts het hy verduidelik dat hulle op 27 Oktober 1914 op Haakboschlaagte sou vergader om te protesteer teen die Dults-Suidwes-Afrikaveldtog en dat die vorm van protes deur Beyers gereël sou word. Na die toespraak het Kemp na Haakboschlaagte vertrek.

Met sy aankoms op Haakboschlaagte het Kemp 'n berlg van kmdt. Jack Smith ontvang, waarin hy Kemp meedeel dat hy vir P.J. Liebenberg en sy motorbestuurder, Peter Fischer, op Doornbult, 'n plaas naby Haakboschlaagte, gearresteer het en hom sou aanhou totdat Kemp opdaag. Kemp het dadelik na Doornbult vertrek en met sy aankoms daar het hy Liebenberg ondervra oor die doel van sy reis. Liebenberg se antwoord was dat hy na Doornbult gekom het om onderhandelinge namens die Regering aan te knoop.<sup>264</sup>

Kemp het geantwoord dat hy nie kan verstaan waarom die Regering nog manne stuur om oor die saak te praat nie. Aan Fischer het Kemp gesê dat daar beskuldigings teen hom ingebring is, naamlik dat hy 'n bittere vyand van die "Boere" was. Liebenberg het Kemp verseker dat hulle goed ontvang sou word. Hyself was bereid om as lid van so 'n deputasie te dien.<sup>265</sup>

<sup>261</sup> Ibid., Kemp meld dat Jooste die rapport tussen die buite-en binnebande van die een wiel van sy motorfiets versteek het.

<sup>262</sup> E.J. du Toit Spies, p.92.

<sup>263</sup> Ibid.

<sup>264</sup> Harm Oost-versameling, nr.22, p.223.

<sup>265</sup> J.C.G. Kemp, p.272.

Voor sy vertrek het Kemp vir Liebenberg meegedeel dat hy vir hom en Fischer op Doornbult sou aanhou totdat hy met Beyers in verblindings was.<sup>266</sup> As rede het Kemp aangevoer dat hy Liebenberg as 'n tussenganger kon gebruik in 'n laaste poging om 'n vreedsame skikking te bewerkstellig. Liebenberg was heftig bereid om daar te bly en Kemp het teruggeërs na Haakboschlaagte, waar hy nog dieselfde aand gearriveer het.<sup>267</sup>

Op 27 Oktober 1914 was daar ongeveer 1 800 burgers bymekaar op Haakboschlaagte. Die vergadering het van 06h00 tot 08h00 geduur. Kemp het die aanwesiges meegedeel dat die doel van die vergadering was om teen die Regering se Duits-Suidwes-Afrika-veldtog te protesteer en om te besluit oor watter vorm die protes in die Transvaal sou aanneem. Hy het verklaar dat dit ongelukkig onmoontlik was om daaraan uitvoering te gee aangesien die vorm van protes, ooreenkomstig die Koppiesbesluit van 22 Oktober 1914, deur Beyers gereël moes word en dat laasgenoemde weens ander verpligtinge nie die vergadering kon bywoon nie.<sup>268</sup> Kemp het voorts onderneem om die volgende dag met Beyers in aanraking te kom, ten einde hom óf van hom te verneem hoedanig hulle protes moes wees.<sup>269</sup> Tydens hierdie byeenkoms het Kemp se vrou, vergesel van Apie Bezuidenhout se vrou, per motor vanaf Potchefstroom opgedaag om van hulle afskeid te neem. Hulle was terdeë daarvan bewus wat vir hulle mans voorlê, maar Kemp se vrou was ook 'n hartstogtelike vaderlander en bereid om offers te bring.<sup>270</sup>

Vanaf Haakboschlaagte het Kemp met 40 van sy offisiere na Steenbokfontein vertrek om Beyers te ontmoet.<sup>271</sup> Intussen het die regeringstroepes Beyers se kommando by Commissiedrift verras en op 27 Oktober 1914 het die eerste skote van die rebellie by Rooiwal geval. Beyers het met 'n klein groepie burgers daarin geslaag om te ontsnap.<sup>272</sup> Op 27 Oktober 1914 het Botha ook 'n verklaring uitgereik waarin die publiek gewaarsku is dat burgers wederregtelik militêre benodighede, in die Noord-Vrystaat op gesag van De Wet en in die Wes-Transvaal op gesag van Beyers, gekommandeer het. Verder is daar

<sup>266</sup> Harm Oost-versameling, p.224.

<sup>267</sup> J.C.G. Kemp, p.272.

<sup>268</sup> Smuts-versameling, A.1, Band 111, lêer 28, telegram vanaf Haakboschlaagte aan Smuts, 27.10.1914, ongepagineerd.

<sup>269</sup> U.G. 46-16, pp.42-43.

<sup>270</sup> J.C.G. Kemp, p.272, Kemp meld dat sy vrou een van die drie aartsrebellies was. Die oorspronklike, werklike rebellie wat op 15 September 1914 in sy oefenkamp op Potchefstroom sou ontvlam, was volgens hom gesmee deur De la Rey, hyself en sy vrou. Hy meld voorts dat sy hart en siel een was met protesbeweging wat op daardie stadium beplan was en sy het hom heelhartig ondersteun in sy planne.

<sup>271</sup> F.J. du Toit Spies, p.92.

<sup>272</sup> U.G. 42-16, notulen van getuigenis, S.F. Alberts getuig, pp.160-162.

In hierdie verklaring gemeld dat gewapende kommando's reeds in die veld was, dat Heilbron beset is en dat die regeringsamptenare daar gevang is.<sup>273</sup>

Steenbokfontein is ongeveer 12 uur te perd vanaf Haakboschlaagte geleë en Kemp en sy gevolg het gedurende die nag van 27 Oktober 1914 in yslige koue daarheen gereis. Onderweg het Kemp berig ontvang dat daar voor hom op Rietfontein regeringstroepen onder leiding van veldkornet Greeff, 'n swaer van wyle genl. De la Rey, ingegrawe was. Om 'n botsing te vermy, het Kemp met 'n ompad gereis.<sup>274</sup> Die volgende oggend het Kemp by Steenbokfontein aangekom, maar van Beyers en sy kommando was daar geen teken nie. 'n Rukkie later het Kemp van die vorige dag se gebeure by Kommissiedrift verneem en dat Beyers en sy manskappe in die rantjie, agter die huis van die vader van P.G. Grobler, skuil. Kemp het 'n boodskap na Beyers gestuur en hom van sy aankoms verwittig.<sup>275</sup>

Hier by Steenbokfontein het Beyers op 28 Oktober 1914 die burgers toegesprek en 'n proklamasie namens homself en De Wet uitgereik, wat hy met behulp van Van Broekhuizen opgestel het.<sup>276</sup> Hierin het Beyers verklaar dat aangesien die Parlement die inval in Duits-Suidwes-Afrika goedgekeur het sonder om die volk te raadpleeg, en aangesien die Regering deur die proklamering van krygswet 'n verbod geplaas het op vreedsame protes teen die inval, die volk voortaan met die wapen in die hand sou protesteer teen die optrede van die Regering, wat in stryd was met die wil van die volk en dat die volk daardeur in die grootste ellende en rampspoed gedompel sou word. Hy het dit duidelik gestel dat die protesterende burgers nie broedersbloed wou vergiet nie, maar dit sover moontlik wou verhoed deur onder geen omstandighede aanvallend op te tree nie. Ten slotte is 'n beroep op alle burgers gedoen om hulle mag en invloed te gebruik teen die inval in Duits-Suidwes-Afrika en om terselfdertyd te weier om deur die Regering gebruik te word om teen die protesterendes te veg "daar ons enig doel is de eer van God en het heil van volk en vaderland".<sup>277</sup>

Beyers was wreed ontugter deur die regeringsaanval van die vorige dag en sy ontugtering het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat hy bogenoemde manifest uitgereik

<sup>273</sup> De Volkstem, 27.10.1914.

<sup>274</sup> J.C.G. Kemp, p.275.

<sup>275</sup> Ibid., pp.275-276.

<sup>276</sup> U.G. 46-'16, p.42.

<sup>277</sup> Ibid., p.124; U.G. 10-'15, pp.41-42.

het.<sup>278</sup> Hierdie manifes is ook 'n sprekende bewys dat Beyers nie sonder die medewete van De Wet wou optree nie; daarom is die manifes ook in die naam van De Wet uitgereik, alhoewel hy geen aandeel in die opstel daarvan gehad het nie.

Beyers het ook vir Kemp in kennis gestel dat Colin Steyn hom op 24 Oktober 1914 by Damhoek besoek het as gesant van sy vader, M.T. Steyn, wat onderneem het om alles in werking te stel in 'n poging om burgeroorlog te voorkom. Verder het Beyers 'n telegram aan die Regering gestuur waarin hy heftig beswaar maak teen die aanval van die vorige dag en omdat daar onskuldige bloed verspil is, iets waarvoor hy die Regering verantwoordelik gehou het.<sup>279</sup> Kemp en Beyers het ook beraadslaag en daar is onder andere besluit dat Piet Grobler en S.F. Alberts die Rustenburgse distrik sou organiseer. Hulle moes kontak bewerkstellig met kommandant Du Plessis en 'n proteskommando op die been bring. Verder is daar ooreengekom dat Beyers, Van Broekhuizen en 'n paar ander persone Kemp en sy offisiere sou vergesel. Voor hulle vertrek het Beyers andermaal bevels aan die burgers gegee om alles in hulle vermoë te doen om uit die pad van die regeringsmagte te bly, om sodoende 'n gewapende konfrontasie te vermy.<sup>280</sup>

Die middag van 28 Oktober 1914 het Kemp en sy manne, vergesel van Beyers en sy geselskap, vanaf Steenbokfontein vertrek om by die res van Kemp se burgers aan te sluit. Ongeveer 05h00 die volgende oggend het hulle by Wolwepan, 'n halfuur te perd vanaf Treurfontein, afgesaai en 'n kort rukkie gerus. Kemp het 'n voorgevoel gehad dat alles nie pluis was nie. Hy het uit ervaring geweet dat hy dié voorteken nie sommer ligtelik kon ignoreer nie. Gevolglik het hy bevels gegee dat daar dadellik opgesaai moes word, iets waarvan Beyers nie gehou het nie aangesien hy uitgeput was.<sup>281</sup> Met sy vertrek na Steenbokfontein het die hoofmag van Kemp se kommando by Haakboschlaagte onder bevel van Izak Claassen agtergebly. Teenstrydig met Kemp se bevels het Claassen met die mag in die rigting van Treurfontein beweeg. By die spoorweghalte Oppaslaagte het die rebelle regeringsselendom beskadig en 'n trein tot stilstand gedwing. Nadat die rebelle vasgestel het dat daar geen ammunisie en gewere op die trein was nie, het hulle die trein toegelaat om verder te reis.<sup>282</sup> J.J. Alberts was met 'n regeringsmag ook onderweg na Treurfontein en 'n deel van dié kommando, onder leiding van J.J. de Villiers, het hulle

<sup>278</sup> Militêre-argief, D.C. lêer 9783, Brig.-genl. C.F. Beyers' Resignation, ongepagineerd.

<sup>279</sup> H.D. van Broekhuizen-versameling, p.73; J.C.G. Kemp, p.278.

<sup>280</sup> U.G. 42-'16, notulen van getuigenis, S.P.F. Potgieter getuig, p.120; H.S. Webb, p.81.

<sup>281</sup> J.C.G. Kemp, p.278.

<sup>282</sup> U.G. 46-'16, p.44.

naby Haakboschlaagte die rebellekommando op die lyf geloop. Tien van die regeringsmanne is gevang. Kort daarop was die hoofmag van Alberts met die rebelle slaags. Ses rebelle het met twee wit vlae tot ongeveer vyfhonderd meter voor die regeringstroepery en met hulle hoede gewaal.

'n Sekere kaptein Nolte het daarop aangebied om na hulle te gaan en van hulle te verneem tot welke kommando hulle behoort en of bloedvergieting vermy kon word. Nolte het ongewapend vorentoe beweeg. Toe hy naby die rebelle kom, het hulle hom doodgeskiet. Dit was 'n gruweldaad wat gelykstaan aan moord en dit het 'n gewapende botsing onvermydelek gemaak. Die rebellekommando is dadelik aangeval en dertien van hulle is gedood, ses en dertig gewond en ongeveer tweehonderd gevang.<sup>283</sup> Die oorblywende rebelle het teruggetrek en in 'n bos by Uitschot gaan skuiling neem.

Gedurende die geveg het daar heelwat verwarring geheers aangesien identifikasie haas onmoontlik was omdat almal dieselfde klere gedra het. Op hierdie tydstip het Kemp en sy geselskap op sy terugreis vanaf Steenbokfontein, bale van die burgers van die rebellekommando teëgekom en van die gebeure te hore gekom. Kemp het homself verkwalik omdat hy nie self teenwoordig was by sy kommando nie. Hy was oortuig dat die geveg dan 'n ander wending sou geneem het.<sup>284</sup> Kemp meld ook dat daar by Alberts 'n groot aantal burgers was wat by die protesbeweging wou aansluit en dat meer as een honderd van hulle dit tydens die geveg gedoen het. Toe hierdie burgers egter verneem dat die rebelle nie mag skiet nie, het hulle weer na die regeringskant teruggekeer, aangesien hulle geredeneer het dat 'n rebellie sonder skiet nie sou kon slaag nie.<sup>285</sup>

Kemp en sy geselskap het oor die terrein van die botsing getrek. Die wrede werklikheid van oorlog was orals sigbaar. Kemp was nou oortuig dat die Regering die protesterende burgers nie met rus sou laat nie.<sup>286</sup> Kemp en sy geselskap het 'n botsing met die regeringsmag op die nippertjie vermy deur van koers te verander. Nadat hulle daarin geslaag het om op 30 Oktober 1914 die reïnspoor by Vermaasstasie te kruis, het hulle in 'n bos by Uitschot gaan skuil, waar hulle bale van die rebelle aangetref het wat ook daar skuiling gesoek het na die botsing van 29 Oktober 1914.<sup>287</sup> Op Sondag, 1 November 1914

<sup>283</sup> *Ibid.*, pp.43-44; *U.G.* 42:16, notulen van getuigenis, J.J. Alberts getuig, p.131.

<sup>284</sup> *J.C.G. Kemp*, pp.279-280.

<sup>285</sup> *Ibid.*, p.280.

<sup>286</sup> *Ibid.*

<sup>287</sup> *Harm Oost-versameling*, p.227.

het Kemp weer met die res van sy kommando by Rietpan verenig, waar Van Broekhuizen 'n diens gehou het. Baie burgers het weer by Kemp se kommando kom aansluit en daar die middag het Kemp en sy manne na Vleeschkraal, 'n plaas noordwes van Schweizer-Reneke, vertrek.

Die oggend van 2 November 1914 het Kemp se kommando, soos hy dit inderhaas na die botsing by Treurfontein gereorganiseer het, op Vleeschkraal vergader. Daar was ongeveer 2 000 burgers bymekaar. Baie van hulle het opgedaag Ingevolge Kemp se oproep dat die vergadering wat hy op 27 Oktober 1914 by Haakboschlaagte gehou het, voorgesit moes word.<sup>288</sup> Die felt dat Kemp die Inisiatief geneem het om hierdie vergadering te belê, lewer bewys dat hy op daardie stadlum ongeduldig begin raak het omdat Beyers steeds passief optree. Hy het hom vereenselwig met die kragdadiger optrede van De Wet en het besluit om sonder versuim handelend op te tree, aangesien hy nie van plan was om sy manne soos voëls op takke aan die regeringsmagte uit te lewer nie. Hy was van mening dat hy dadelik met Maritz kontak moes maak.<sup>289</sup> Dié besluit was 'n keerpunt, nie net in die lotgevalle van die rebellie in Transvaal nie, maar ook ten opsigte van Kemp se eie verdere wederveringe.

Dit wil voorkom asof Kemp tydens die vergadering druk op Beyers uitgeoefen het om kontak met Maritz te bewerkstellig; gevolglik het die krygsraad besluit dat Kemp met ongeveer een duisend vrywilligers na Maritz sou trek, ten einde grofgeskut en ammunisie in die hande te kry. Ook het die krygsraad besluit dat Beyers na die Vrystaat sou gaan om sodoende met De Wet kontak te maak, waarskynlik met die oog daarop om 'n skikking met die Regering, met behulp van Steyn, te probeer bewerkstellig.<sup>290</sup> Volgens die volmag aan Beyers gegee tydens die Koppiesvergadering van 22 Oktober 1914, het hy Kemp as assistent-kommandant-generaal van die protesterendes in die Transvaal aangestel. Terselfdertyd het hy aan Kemp die aanstelling van Maritz as kommandant-generaal van die Kaapkolonie oorhandig. Op spesiale versoek van Kemp is Bezuidenhout en Wolmarans as veggeneraals aangestel.<sup>291</sup> Die felt dat Beyers hier militêre aanstellings gemaak het, het later veroorsaak dat die sulwerheid van sy motiewe met die protesbeweging in twyfel getrek is. Die aanwysing van hoë offisiere met oorlogtydsrange het in elk geval daarop gedul dat die protesterendes meer militant geraak het. Dit was

<sup>288</sup> U.G. 46-'16, p.45; H.D. van Broekhuizen-versameling, p.75.

<sup>289</sup> J.C.G. Kemp, p.281.

<sup>290</sup> H.S. Webb, p.89.

<sup>291</sup> F.J. du Toit Spies, p.95; J.C.G. Kemp, p.283.

'n onheilspellende verwikkeling, want hierna sou daar vir omdraai óf 'n vreedsame beslegting van die geskil met die owerheld weinig geleentheid en bereidwilligheid oorbly.

Na beëdiging van die krygsraad is die paar duisend burgers byeengeroep om hulle van die besluite van die krygsraad te verwittig en om vrywilligers te vra om saam met Kemp na Maritz te gaan. Beyers het eerste die woord gevoer en die doel van die byeenkoms uiteengesit. Kemp het die burgers gewys op die ontberings wat hulle te wagte kon wees en manne gevra om na vore te kom in wie se harte die vryheidsvlam hoog vlam. Hy het hulle verder meegedeel dat hy na Maritz gaan om wapens en ammunisie te gaan haal, maar dat hy onverrigtersake sou terugkeer, indien dit blyk dat Maritz met die Duitsers geheul het.<sup>292</sup> "Siener" van Rensburg het ook die woord gevoer en hy het die manne verseker dat diegene wat saam met Kemp sou trek, veilig sou terugkeer.<sup>293</sup>

Na afloop van die vergadering was alles in rep en roer. Vrywilligers het na vore getree. Kemp was teleurgesteld, want van die verwagte duisend het slegs seshonderd hulle bereid verklaar om saam met hom te trek. Bale van die burgers was gekortwiek omdat hulle perde te swak was vir die moelsame tog. Weldra was alles gereed en kon Kemp sy mag organiseer. As stafhoof is kaptein C. Nlewenhuize aangestel, as sekretaris J.C. Bodenstein en as sy adjudant S.P.K. Smit. Veggeneraal Bezuldenhout het Koos Bezuldenhout as sy sekretaris aangestel en J. Visser as sy adjudant benoem. Die Lichtenburgers is in twee groepe verdeel: die suidelike groep is onder bevel van kmdt. Jan van der Merwe geplaas en die westelike deel onder bevel van kmdt. D. Van Vuuren. Kmdt. P.R. Kock sou in bevel van die Klerksdorp-kommando wees, terwyl kmdt. D. Flemming bevelvoerder sou wees van die Wolmaransstad-Suldoos-kommando. Die Wolmaransstad-Noord-kommando is onder bevel van kmdt. Jack Smith geplaas.<sup>294</sup> Jansie Jooste en Cassie Groenewaldt was die rapportryers en J. Botha sou met sy motor die ambulans behartig. Daar is ook agt oskarre saamgeneem om die losgoed te vervoer, aangesien dit Kemp se oogmerk was om so vlinnig as moontlik en sonder enige beslommernis te trek.<sup>295</sup> Kemp het ook vir Van Broekhuizen genooi om hom te vergesel, dog laasgenoemde het verkies om liewers by Beyers te bly. Kemp en Beyers het finaal afgespreek dat Beyers Wolmaransstad sou beset en aldaar 'n proklamasie sou uitvaardig, waarin die onafhanklikheid

<sup>292</sup> Harm Oost-versameling, p.228.

<sup>293</sup> J.C.G. 46-16, p.45; J.C.G. Kemp, pp.284-286.

<sup>294</sup> J.C.G. Kemp, pp.286-287.

<sup>295</sup> *Ibid.*

van Suid-Afrika aangekondig word.<sup>296</sup> Kemp sou so gou as moontlik vanaf Maritz met versterkings, wapens en ammunisie terugkeer. Volgens wat Kemp van Joubertjie verneem het en volgens die regeringskennisgewing van 11 Oktober 1914,<sup>297</sup> het Maritz oor baie geld, wapens en ammunisie beskik.

Indien daar enige ooreenkoms met die Regering gesluit sou word, sou Beyers vir Kemp in kennis stel. Beyers was op hierdie stadlum nie baie hoopvol dat so iets sou gebeur nie. Min wetende dat dit hulle laaste handdruk was, het Kemp en Beyers mekaar gegroet. So het Kemp op 2 November 1914 vanaf Vleeschkraal vertrek om met Maritz in verbinding te tree. Hierdie reis sou 'n eplese tog word en as een van die glansrykste militêre prestasies in die krygsgeskiedenis van Suid-Afrika aangeteken word.

## 2.5 Kemp se Dorslandtrek

Die navorsers kan vandag maar net gis of Kemp ten volle bewus was waarvoor hy hom ingelaat het toe hy die tog na Maritz aangepak het. Selfs vandag sal min militêre aanvoerders met so 'n getalryke berede kommando, wat uiters afhanklik van water en wending was, droom om so iets te waag. Die tog is aangepak deur een van dié dorre dele van die land; met min plantegroei en weinig standhoudende water. Al hierdie faktore gesamentlik maak Kemp se bewegings tussen 2 en 28 November 1914 uniek in die annale van die krygsgeskiedenis. Terselfdertyd word sy tog 'n eplese verhaal van weergalose deursettingsvermoë waartydens die Boer en sy perd andermaal die verbeelding van vriend en vyand aangegryp het.


Met die leuse "orde en waaksaamheid is die beste beveiliging van die kommando" het Kemp gesorg dat sy mag van 610 man georganiseerd trek.<sup>298</sup> In die uitvoering van bevel en die handhawing van dissipline is Kemp bygestaan deur offisiere en onderoffisiere wat reeds tydens die Anglo-Boereoorlog hulle man gestaan het.<sup>299</sup> Ook was elkeen van die burgers bereid om die swaarste beproewing te deurstaan as offer vir 'n saak wat vir hulle "heilig" was.

<sup>296</sup> Ibid., p.288. Kemp meld dat geen sodanige proklamasie deur Beyers uitgevaardig is nie.

<sup>297</sup> J.G. 46-'16, p.36.

<sup>298</sup> J.C.G. Kemp, p.307.

<sup>299</sup> Ibid., p.308.



Die eerste beplande aandoenplek was Schweizer-Reneke. Ten einde ry - en trekkiers te bekom, het Kemp 'n groep burgers gestuur om perde en mulle van die spoorwegadministrasie te kommandeer<sup>300</sup> Na sy oorgawe in Februarie 1915 is Kemp onmiddellik gedagvaar om die elenaars van hierdie diere te vergoed. Die elers was selfs nie bereid om te wag totdat die Helpmekeer kon uitbetaal nie. Tydens die verhoor het die hof sy verbasling uitgespreek oor die handelswyse van die spoorwegminister.<sup>301</sup> Kemp se kommando is hier verder versterk deur die aansluiting van Cornells van Rooyen, 'n man wat die veld soos die palm van sy hand geken en 'n deeglike kennis van die Kalahari besit het. Hy sou voortaan as gids optree, wat grootliks daartoe bygedra het dat Kemp gedurende die vermoelende tog en voortdurende agtervolgings, nie een keer sy koers byster geraak het nie.<sup>302</sup>

Net voor sy vertrek uit die dorp het Kemp die inwoners meegedeel dat hy onderweg was om by De Wet aan te sluit. Hierdie uitlating van Kemp was bedoel om sy werklike bewegings geheim te hou en die Regering op 'n dwaalspoor te lei. Laat die middag het Kemp en sy kommando in 'n oostelike rigting begin trek. Die burgers is beveel om nie te praat en te rook nie. Aan die versoek om nie te gesels nie is maklik voldoen, maar aangesien die Boer en sy pyp onafskeidbaar was, het dit hulle moeilik geval om nie te rook nie.

Reeds met sy aantog na Kuruman het die rebellemag te doen gekry met plekke waar water baie skaars was en daar was geen welding vir die diere nie. Dit was 'n onheilspellende voorteken want die ergste het nog voorgelê. Intussen het Kemp se getalle aangegroei tot 720 man en as deel van die finale voorbereiding is 'n verkennerkorps onder leiding van Henry Williams, 'n baasverkenner, gestig. Die eerste gedeelte van die tog het tot op hierdie stadium geen probleme opgetoer nie, aangesien dit hoofsaaklik deur bewoonde gebiede gegaan het en die regeringmagte nog in die war was oor bewegings van Kemp. Hierna moes die Regering inligting bekom het dat Kemp in die rigting van Kuruman trek en voortaan sou die owerheid goed op hoogte bly met sy mag se bewegings.

Nadat hy en sy mag Kuruman binnegetrek het en aldaar die nodige voorrade vir sy tog bekom het, het hy op 9 November 1914 die lang tog deur die Kalahari aangepak. Die

<sup>300</sup> U.G. 46-'16, p.45.

<sup>301</sup> J.C.G. Kemp, pp.309-310.

<sup>302</sup> *Ibid.*, p.310.

dorre gebied het toeganklikheid vir mens en dier bykans onmoontlik gemaak en met die omstandighede in ag genome het Kemp suidwaarts beweeg in die rigting van die Oranjerivier. Wanneer die Oranjerivier dan bereik word, kon die tog 'n ent langs die noordelike oewer voortgesit word totdat weer weg geswenk kon word, om aldus Duitse gebied te bereik. Militêre noodsaak moes hier dus toegee aan die fisiese behoeftes van mens en dier. 'n Tog deur die Kalahari sou militêr voordellig gewees het, maar was fisies onmoontlik, terwyl 'n roete langs die Oranjerivier noodsaaklik, maar militêr 'n waagstuk van die ergste graad was. Laasgenoemde sou die regeringstroepen in staat stel om voortdurend verskeie troepe in te span en om die rebelle gedurig van alle kante aan te val en om moontlik daarin te slaag om hulle te omsingel en tot oorgawe te dwing. Om hierdie risiko te loop, sou nege uit tien man die skrik op die lyf jaag, maar nogtans het Kemp besluit om die gevare te trotseer.<sup>303</sup> Aangesien dit die voorafgaande twee jaar nie in hierdie gebied gereën het nie, het dit nie lank geduur voordat die geografiese omstandighede sy fisiese tol van die rebelle begin eis het nie.<sup>304</sup>

Intussen het telegramme letterlik op Pretoria neergereën, waarin die Regering vanaf Kuruman se omgewing in kennis gestel is van Kemp se optrede en bewegings.<sup>305</sup> Die regeringsmagte onder leiding van kol. C.J. van Zijl en kap. J.P. Frylinck, van Kuruman, het die agtervolging van Kemp en sy kommando met ongeveer 1000 manskappe voortgesit.<sup>306</sup> Op hierdie stadium het Kemp bekommerd begin raak aangesien hy nog geen nuus van Maritz ontvang het nie. Hy het vermoed dat Maritz in die omgewing van Upington en Prieska was en oor voldoende ammunisie en wapens beskik het. Gevolglik het hy besluit om 'n verkenners, Flip McCarthy, uit te stuur in 'n poging om die werklike posisie van Maritz vas te stel. Ook is Williams en 12 van sy verkenners uitgestuur om die omgewing te verken. Hulle het aan weerskante van die rebellemag se roete spore van die regeringstroepen gevind en 'n verdere verkenningstog van Williams het inderdaad op 'n skermutseling tussen Koos Kruger se manne en regeringstroepen uitgeloop. Tydens die skermutseling is een van die verkenners, Cornelius Coetzee, dodelik gewond. Dit was die tweede offer van die rebelle op hierdie tog wat merkwaardig genoeg, met groot juistheid deur "Slener" van Rensburg, boonop in die spesifieke omgewing, voorspel is.<sup>307</sup>

<sup>303</sup> G.D. Scholtz, p.271.

<sup>304</sup> M.C.E. van Schoor, *Rebellie, Die Huisgenoot*, 4.9.1964, p.21.

<sup>305</sup> *Militêre-argief*, 115D.C. 2465, Cape Rebellion 13.11.1914-11.12.1914, onpagineerd.

<sup>306</sup> *Dr. G.S. Preller-versameling*, nr. 263, Kemp se Kalahari-trek, p.17; *De Volkstem*, 27.7.1915, *De Rebellie*.

<sup>307</sup> J.C.G. Kemp, p.320.

Op 12 November 1914 het die Regering in Pretoria 'n proklamasie uitgevaardig waarin aangekondig is dat, ten einde bloedvergieting te voorkom, die Regering amnestie aan die rebelle sou verleen wat hulle voor 21 November 1914 vrywilliglik oorgee. Die Regering het egter die reg voorbehou om alle gevalle op meriete te behandel en genoemde amnestie sou nie van toepassing wees op die rebelleleiers nie.<sup>308</sup> Aangesien Kemp en sy manskappe te veld afgesny van die buitewêreld was, het hulle geensins kennis van die proklamasie gedra nie.

Moelsaam het Kemp en sy rebellemag voortbeweeg, die hitte en gebrek aan voer was te uitputtend vir hulle perde, waarvan 'n hele aantal teen hierdie tyd te swak vir kommando werk was. Gevolglik moes hulle voortdurend poog om beter rydlere te bekom en daarom is Jack Smith en 25 man vooruit gestuur na Mamaghodi, waar hy 'n aantal perde gekommandeer het.<sup>309</sup> Laat die middag van 13 November 1914 het die kommando's vanaf De Kilpping vertrek en hiervandaan is hulle voortdurend deur regeringsmagte lastig geval. Aan die regterkant was die Langberg, 'n kettingreeks aan die rand van die Kalahari. Aanvanklik het Kemp beplan om regs na Postmasburg en Griekwastad verby te trek om sodoende die Kalahari-trek uit te skakel, maar die aanvoerders van die regeringsmagte het dit egter verwag en in Griekwastad die tuiswag op gereedheidsgrondslag geplaas, terwyl uit Pretoria opdrag gegee is dat alle perde van die plase verwyder moes word.<sup>310</sup>

Intussen is Kemp in kennis gestel van die regeringsbedreiging te Postmasburg en aangesien sy manne swak bewapen en die perde uitgeput was, het Kemp besluit om 'n geveg te vermy.<sup>311</sup> Ook het Kemp op hierdie stadium inligting ontvang dat dit onderkant die Langberg, na Mount Temple se kant in die Kalahari, mool gereën het. Gevolglik het hy besluit om met die kortste pad na die Oranjerivier te trek, waar hy volgens verwagting Maritz sou ontmoet.<sup>312</sup> Later sou dit egter blyk dat die inligting omtrent die reën vals was. Kemp en sy manne se ulthou en deursettingsvermoë is tot die ultieme beproef. Elke dag het die honger burgers, met hul uitgeputte perde, in die versengende hitte, teen 'n slakkepas voortgetrek. Kos en water het vir Kemp 'n kwelling geword aangesien die putte ver van mekaar geleë en die beskikbare watervoorraad ontoereikend was. Op pad na Taungs was die hele kommando al voetgangers. Die geplaf van die moeë voete in die

<sup>308</sup> Spesiale oorlogsuitgawe van De Volksstem, 12.11.1914, Botha proklamasie.

<sup>309</sup> J.C.G. Kemp, p.321.

<sup>310</sup> Ibid.

<sup>311</sup> De Volksstem, 27.7.1915.

<sup>312</sup> South Africa, 15.12.1914, How Kemp was crumpled up, p.382.

gloeiende son was duidelik hoorbaar.<sup>313</sup> Kemp meld in sy boek Pad van die Veroweraar dat sake vererger was deur die lugspeleëlings van die Kalahari wat rondom hulle gespeel het en kort-kort die hoop laat opvlam het dat water naby was, om dan weer skielik te vervaag. Voorts meld hy dat die harde gekletter van potte en ketels aan die kante van die karre, tesame met die sonbesles se skril gesang, so 'n droefgeestige atmosfeer geskep het dat geharde manne wou hull. Volgens hom het die verdowing van die menslike verstand die gevoel vir pyn afgestomp.<sup>314</sup>

Intussen is die regeringsmagte onder leiding van Ben Bouwer deur Smuts op hoogte gehou van Kemp se bewegings. Bouwer is opdrag gegee om inligting te probeer bekom of daar voldoende water langs die pad vir die rebelle se groot bereide mag beskikbaar was. Indien daar water was, moes Bouwer dit vernietig.<sup>315</sup> Reeds die volgende dag het Bouwer vir Smuts verwittig dat die water by Witzand syferwater was en gevolglik nie vergiftig kan word nie. Hy het voorts gemeld dat daar geen water bekombaar was tussen Witzand en Khels aan die Oranjerivier nie. Hy het Smuts in kennis gestel dat hy langs die Oranjerivier 'n linie opgestel het om te verhoed dat Kemp by water uitkom – aldus sou die rebellemag tot oorgawe gedwing kon word. Verder het hy melding gemaak van die gevangening van McCarthy en sy patroulle, wat deur Kemp na Maritz gestuur was met 'n brief, waarin Kemp versoek het om hom met kanonne by die Oranjerivier te ontmoet.<sup>316</sup>

Botha het net na die Slag van Mushroom Valley, waar De Wet se rebellekommando uiteen gejaag is, die Oranje-Vrystaat verlaat en opgetrek na Noordwes-Kaap om persoonlik toesig te hou oor die krygsoperasie teen Kemp.<sup>317</sup> Van al genoemde verwickelinge was Kemp salig onbewus. Hy en sy mede-offisiere het hulle hande vol gehad om hulle uitgeputte strydmakers te help en aan te moedig om Witzand te bereik. By Witzand aangekom het Kemp beplan dat die rebellemag 'n week daar sou ultrus. Dit sou hom ook die geleentheid bied om sy kolonne te reorganiseer. Militêre strateeg wat hy was, het hy die kommando oor 'n groot gebied versprei, enersyds as gevolg van gebrek aan welveld en andersyds as 'n voorsorgmaatreël.<sup>318</sup>

<sup>313</sup> Dr. G.S. Preller-versameling, p.18.

<sup>314</sup> J.C.G. Kemp, p.323.

<sup>315</sup> Militêre-argief, 115 D.C. 2465, Cape Rebellion, 13.11.1914-11.12.1914, ongepagineerd.

<sup>316</sup> Ibid.

<sup>317</sup> M. Ritchie, With Botha in the Field, p.11.

<sup>318</sup> J.C.G. Kemp, p.327

Tot sy ontsteltenis het Kemp op 16 November 1914 die eerste tekens van die nadere vyandelike magte gewaar en het hy sy manne beveel om stelling in te neem om sodoende die watergat te beskerm. Die vyandelike mag, bestaande uit 300 man onder leiding van Van Zyl en Frylinc het vinniger nadergekom as wat Kemp bereken het, omdat hulle op die spore van Kemp en sy manne kon trek. Gelukkig vir Kemp was dié manne totaal uitgeput aangesien hulle 'n hele dag in die verskroeiende son getrek het, terwyl die rebelle darem 'n ruskans gehad het. 'n Geveg tussen die regeringsmagte en die rebelle het gevolg en die meeste manne wat gewond is of gesneeuwel het, het kopskote opgedoen.<sup>319</sup>

Teen die middag het Kemp vir Aple Bezuidenhout beveel om die vyand te bestorm en met slegs 35 man het hierdie onverskrokke rebelleleier die taak volvoer. Die regeringsmag was verplig om terug te trek aangesien hulle nie die water kon bereik nie en die naaste bruikbare water 18 kilometer daarvandaan was.<sup>320</sup> Vir Kemp was dit in elk geval nou duidelik dat die vyand hom geen ruskans sou gun nie en soos bloedhonde op sy spoor sou bly. Van die trekboere by Witzand het hy die ontstellende nuus verneem dat Maritz intussen na die slag by Kakamas op 24 Oktober 1914 teruggeslaan was tot in Duits-Suidwes-Afrika. Aangesien hy nog geen taal of tyding van McCarthy ontvang het nie, het Kemp vir kapt. P. Ferrelra en 12 man met 'n rapport na Maritz gestuur. Op Witzand het Kemp ook verneem dat 'n mag van 2 000 man vanuit Kimberley op hom afstuur en alhoewel hy die geloofwaardigheid daarvan betwyfel het, het hy veiligheidshalwe reeds die volgende dag, 17 November 1914, die woestyntog hervat nadat hy soveel moontlik perde in die omgewing gekommandeer het. Ongelukkig was die perde jonk en ongeleerd en gevolglik tot wel'nig nut vir die rebelle. Vir veldkornet B. Visser en 17 man was die ontberings van die woestyntog nou te veel en hulle het besluit om hulself vrijwillig aan Van Zyl oor te gee.<sup>321</sup> Visser het by sy oorgawe openlik teenoor Van Zyl verklaar dat dit Kemp se oogmerk was om die onafhanklikheid van die eertydse republiek weer te herstel.

Die naaste beskikbare water vir Kemp was nou sewe en 'n halfuur te ver verder by Khels, aan die Oranjerivier, beskikbaar en niemand het enige illusies gehad omtrent die vermoelende tog wat voorgelê het nie. Aangesien dit ondraaglik warm was, moes die

<sup>319</sup> F.J. du Toit Spies, p.326.

<sup>320</sup> J.C.G. Kemp, p.327.

<sup>321</sup> Dr. G.S. Preller-versameling, p.18.

agt karre in plaas van perde nou deur osse gesleep word. Selfs die motor van J. Botha wat as ambulans gedien het, moes deur die osse gesleep word.<sup>322</sup> Na 'n uur se trek vanaf Witzand het Kemp tydens die ruspouse weer eens sy manne bemoedig en hulle ge-  
 waarsku teen die klaarblyklike verslapping van die militêre dissipline, asook die tekens van vrybuitery wat hy reeds in enkele gevalle bespeur het. Kemp het die burgers tot gehoorsaamheid aan hulle meerderes opgeskerp en hulle weer eens op die "heilige doel" van hulle ontberings gewys.<sup>323</sup> Voordat hulle die reis verder voortgesit het, het Kemp die manne beveel om voortaan hulle perde te lei, aangesien die toestand van die perde baie swak was. Aldus het die rebelle dié nag verder deur die woestyn getrek, salig onbewus van die feit dat kol. R. Royston met 800 man uitgetrek het om hulle by Witzand saam met Van Zijl aan te val. Laasgenoemde was in bevel van die "Natal Light Horse" en het vanaf Khels se kant na Witzand opgeruk. By Witzand het Kemp voor sy vertrek as voorsorgmaatreël die telegraafdrade laat knip, maar dit is spoedig na sy vertrek herstel en daarna sou dié kommunikasiemiddel sy bewegings oral rugbaar maak. Royston het intussen verneem dat Kemp onderweg na Khels was en hom daarheen teruggehaas. Gedurende die nag het sy mag egter in die woestyn verdwaal en was hulle verplig om van die perde agter te laat.<sup>324</sup>

Intussen het Smuts, wat in Pretoria pal by die telegraafstoel gesit en elke beweging van Kemp met arendsoë dopgehou het, vir Ben Bouwer opdrag gegee om die slagyster vir Kemp sorgvuldig te stel: "sy kommando sou óf weens dors omkom, óf deur die koeëls van sy agtervolgers neergevel word."<sup>325</sup> Kemp se besluit om dadelik vanaf Witzand te vertrek, het hom egter in staat gestel om 'n warm ontvangs te ontglip. Al wat die regeeringsmagte daar gevind het, was die spore van die rebelle. Na 'n moordende tog van 25 uur sonder kos en water het Kemp en sy manne op 18 November 1914 om 14h00 die middag by Khels aan die Oranjerivier gearriveer. In die dorstog het hulle baie perde verloor en die manne was geestelik en fisies uitgeput. By die eerste aanskoue van water het daar juigkrete uit die dorstige kele opgeklank maar hierdie blydschap was van korte duur: Royston en sy mag het die oewer van die Oranjerivier beset. In plaas van hom in moordende geweervuur vas te loop, het Kemp egter gevind dat Royston en sy manne vas aan die slaap was. Dit was die gevolg van die vorige nag se omswerwinge en foutlewe veronderstelling dat hulle inligting vals was toe Kemp nog nie teen 11h00 daardie og-

<sup>322</sup> J.H. de la Rey-versameling, nr. 23, sakboekie van K.P. Landman, ongepagineerd.

<sup>323</sup> J.C.G. Kemp, p.329.

<sup>324</sup> Dr. G.S. Preller-versameling, Kemp se Kalahari-trek, p.18.

<sup>325</sup> Militêre-argief, A.G.8, lêer G. 354/9199, telegram: Albers-Smuts; J.C.G. Kemp, p.330.

gend opgedaag het nie. Royston se uitdruklike opdrag was tog om met die "Natal Light Horse" te verhoed dat Kemp die water bereik,<sup>326</sup> en hierin het hy klaarblyklik geslaag, sodat hy ontspan het. Kemp het toe vir Aple Bezuidenhout, Paul Smit en 'n paar man met 'n wit vlag ingestuur om die oorgawe van Royston en sy mag te eis. Ongeveer 50 meter vanaf hulle doelwit het een van Smit se manne egter uit blote senuweeagtigheid 'n skoot afgevuur en gevolglik het Royston en sy manne wakker geskrik.<sup>327</sup> 'n Skermutselling het gevolg waarin swaar geweervuur aan beide kante gevolg het. As gevolg van P.C. de Villiers se uitstekende posisie agter 'n sandduin het hy die dag onder die vyand gemaak, maar dit het Kemp-hulle nog nie in staat gestel om water in die hande te kry nie.

Kemp het die situasie gou opgesom: deur stormenderhand die rivier te nader, sou hy sy burgers se lewens onnodig in die gevaar stel, en die sterk stroom het verhinder dat sy burgers se swak perde die oorkant kon bereik. Daarom is 'n aantal rebelle opdrag gegee om buite bereik van die vyandelike vuur die water te probeer bereik en daarvandaan water na die ander te bring. Met die aanbreek van die nag is die geweervuur gestaak en kon mens en dier na hartelus hul dors les. P.K. Landman is deur Kemp gestuur om die vyand se perde, wat gedurende die skietery die loop geneem het, bymekaar te gaan maak. Die verlies aan regeringskant was sewe gedood en vyftien gewond terwyl die rebelle een man aan die dood afgestaan het. 'n Paar burgers het hulle in die rivierwalle gaan versteek en later hulself aan die regeringsmagte oorgegee.<sup>328</sup> Nadat Kemp en die burgers hulle dors geles het, het hulle teen skemeraand na die plaas Tasbi teruggetrek, waar hulle die nag vertoef het.

Vroeg die oggend van 19 November 1914 het hulle weer in die pad geval en tot 10h00 sonder kos of water voortgetrek totdat hulle weer by die Oranjerivier uitgekom het. Intussen het Royston en sy mag in hulle vlugtog al langs die Oranjerivier na Prieska opgetrek, terwyl Kemp onderweg was na Upington. Laasgenoemde het so reg by Ben Bouwer se planne ingepas. Bouwer het sy kommando's aan die suldekant van die Oranjerivier opgestel om te verhoed dat Kemp die water bereik. Gevolglik kon Kemp slegs een keer in vier dae daarin slaag om die water ongehinderd te bereik. As voorsorgmaatreef het

<sup>326</sup> M.C.E. van Schoor, p.20.

<sup>327</sup> Dr. G. S. Preller-versameling, p.19, in sy verslag meld kol. Royston dat 'n aantal van die rebelle nadergekom het met 'n wit vlag en - armbande. Hy was onder die indruk dat dit regeringsmanne was wat as versterking moes dien, maar toe hulle naby die wagpos kom het hulle afgeklim en begin skiet.

<sup>328</sup> Ibid.

Kemp snags 'n vierkantige laer laat trek om sodoende die diere binne te hou. Burgers het met gewere in die arm geslaap om vir enige gebeurlikheid gereed te wees. Verder het Kemp 'n doeltreffende wagstelsel ontwerp om te verseker dat die manne goed rus.<sup>329</sup>

Op Saterdagoggend 21 November 1914 het die rebellemag by Swartkop gearriveer, net om andermaal te vind dat die regeringstroep reeds in besit van die water was. Toe die rebelle die kosbare water nader, is hulle onder die lood gesteeek. Na etlike ure se oor- en -weer skietery het die regeringstroep voet in die wind geslaan het. Oplaas kon die rebelle die water bereik.<sup>330</sup> As dit nie was dat die skaarste aan gras in die gebied die toestand van die perde vinnig laat verswak het nie, sou die burgers bepaald heelwat rede tot vreugde gehad het.

Op hierdie stadium was Kemp se rebellemag omring deur die vyand en gevolglik het geen berigte van buite hom bereik nie. Intussen is ook Ferreira en sy manskappe, wat deur Kemp na Maritz gestuur was, gevang sonder dat Kemp daarvan bewus was. Kemp en sy mag was soos 'n eilandjie in die oseaan; van ontsnapping was daar geen sprake nie, althans so is daar deur Ben Bouwer beplan. Om die posisie van die regeringsmagte nog verder te versterk, is die spoorlyn tot by Uplington op 20 November 1914, die dag voordat hulle vanaf die Oranjerivier weggeswaal het, omring deur 2 600 man wat swaar bewapen was met meksims en kanonne. Teen 24 November 1914 sou die vyandelike mag tot ongeveer 7 500 aanwas. Gevolglik was daar op Uplington, in plaas van Maritz met kanonne en ammunisie, meer as 10 000 regeringstroep wat tot die tande toe gewapen was onder bevel van Botha self, bygestaan deur van die bekwaamste leer-offisiere, en gereed om Kemp en sy burgers die genadeskoot toe te dien.<sup>331</sup>

As gevolg van 'n voorval wat op 22 November 1914 plaasgevind het, het Kemp sy trek-richting verander. 'n Sekere Botha het ontdek dat sy perd weggeraak het en tydens sy soektog buite die kommandokring het hy op 'n man in kakle uniform afgekom. Toe hy die persoon versoek om hom te identifiseer, is hy meegedeel dat hy een van Kemp se manne was. Botha was dadelik agterdoctig en het die voorval onder Kemp se aandag gebring. Laasgenoemde het J. Niwenuize met 'n paar verkenners uitgestuur om die

<sup>329</sup> J.C.G. Kemp, p.335.

<sup>330</sup> Harm Oost-versameling, p.25.

<sup>331</sup> J.C.G. Kemp, p.336.

gebied te verken. Groot was hul verbasing toe hulle 'n vyandelike groep 'n paar honderd meter vanaf die kamp raakloop. In die verwarring wat gevolg het, kon Niewenhuize drie van die manne vang en hulle ondervra. Uit hul antwoorde het dit geblyk dat een van hulle 'n rebellevriend was wat deur die vyand gedwing was om as gids op te tree. Hy het Kemp-hulle gewaarsku dat gewapende magte hulle vorentoe inwag. Kemp het nou ook van die lotgevalle van McCarthy en Ferreira verneem.<sup>332</sup>

Intussen het 'n lid van Kemp se magte, ene Russell, Kemp gevra om hom met 'n rapport na Maritz te stuur. Omdat Kemp hom nie vertrou het nie, het hy hom vooruit na Maritz gestuur met 'n misleidende rapport, naamlik dat hy voornemens was om Uppington aan te val.<sup>333</sup> Dit was egter nie Kemp se plan nie aangesien hy beplan het om noord van Uppington verby te trek na Duits-Suidwes-Afrika. Na sy vertrek is Russell regstreeks na Uppington waar hy op 23 November 1914 aangekom het. Nadat Russell deursoek is, is Kemp se rapport by hom gevind en omdat die regeringsmagte gedink het dat hy 'n Duitse agent was wat na die Transvaal gestuur was om rebelle op te stook, is hy tot die dood veroordeel. Voordat die doodsvonnis voltrek is, het Russell vir Botha aangaande Kemp se bewegings ingelig en hom verder meegedeel dat Kemp se mag die vorige dag skuinsweg geswenk het en onderweg na Diepkop was.<sup>334</sup> Kemp was dus skynbaar nie meer langs die Oranjerivier nie en Botha het gevolglik die agtervolgling afgelas.

Die welkome rus vir Kemp se manne was egter kortstondig want teen die middag van 23 November 1914 moes hulle weer in die pad val. Tog was daar 'n onverwagte lafenis: die eerste reëndruppels in byna twee jaar het om die dorre woestynaarde begin neerplons.<sup>335</sup> Die reënweer het tot gevolg gehad dat die Regering se hellograaf nie gebruik kon word nie. Hierdeur is Kemp-hulle die kans gebied om tyd te wen. Kemp was nou haastig want hy wou die 130 kilometer dorsland wat nog voorgelê het so vinnig as moontlik agter die rug kry. Die nuus dat Maritz se magte by Kelmoes en Kakamas<sup>336</sup> deur regeringstroepen aangeval is en dat hy tot in Duits-Suidwes-Afrika teruggeslaan was en dat Maritz self ook gewond was, het Kemp verder aangespoor. Verder het die uitputtende tog tot gevolg gehad dat van die manne hulle gewere en pakgoed netso agterge-

<sup>332</sup> F.J. du Toit Spies, p.102.

<sup>333</sup> J.C.G. Kemp, p.339.

<sup>334</sup> F.J. du Toit Spies, p.21.

<sup>335</sup> Ibid.

<sup>336</sup> U.G. 46-'16, p.30.

laat het. Die toestand van die manne en diere het daagliks merkbaar verswak, terwyl die ammunisievoorraad ook skraps geraak het.

Kemp het gevolglik op 'n noodmars oor 'n afstand van 48 kilometer besluit om sodoende by die vyand verby te trek voor die volgende dag.<sup>337</sup> Dié tog was een van die veeleisendste wat hulle tot dusver beleef het en die burgers het moedeloos en nukkerig voortgestrompel. Die wa wat hulle vanaf Kheis saamgebring het, moes agtergelaat word aangesien die trekosse geslag is, maar die maer vleis was oneetbaar. In die versengende hitte en die gebrek aan water is die geduld van die offisiere ook tot die uiterste beproef, omdat die manne aanhoudend na waterplekke verneem het. Baie van die manne was alreeds te voet, terwyl ander weer donkies in die omgewing bymekaar gemaak het en op dié gery het. Humeure het opgevlam onder die moeilike omstandighede en daar is ook onaangename dinge aan Kemp en Bezuldenhout toegevoeg. Kemp meld dat hy tot die duidelike besef gekom het waarom Moses in die woestyn nie met die rots gepraat het nie, maar daarop geslaan het.<sup>338</sup> Onder hierdie omstandighede het Kemp sy staal getoon deur voortdurend die manne wat neerval te hulp te snel. Op een stadium het hy selfs water uit die verkoeler van die motor getap en dit aan die dorstigtes laat uitdeel.<sup>339</sup>

Hierdie waterlose uitputtende tog het 42 uur geduur en die windpomp by Rooidam het eers op Woensdag 25 November 1914 in sig gekom. Spoedig is egter vasgestel dat die windpomp deur 'n regeeringspatroolie beset was. Bezuldenhout wat aan die voerpunt was, het daarop vir luit. Albertus van der Merwe van die verkennerkorps met 'n wit vlag na die vyand gestuur en hulle versoek om oor te gee. Die antwoord was kort en klaar: hulle sou nie oorgee nie, maar tot die laaste man veg. Hierop het Kemp sy burgers in 'n gaffelformasie laat storm. Bevrees vir 'n oorvleuelsingsbeweging, het die vyandelike mag padgegee waarop Kemp en sy mag die windpomp kon beset. Hier het hulle tot hul verbasing 'n paar van hulle makkers aangetref wat die vorige nag vooruit getrek en in die vyand se hande beland het.<sup>340</sup>

Intussen het Bouwer weer eens 'n verwarrende boodskap ontvang waarin hy versoek is om versterkings na die plaas Christiana, naby Uplington, te stuur. Nadat die boodskapper indringend ondervra is, het Bouwer tot sy ontnugtering ontdek dat Kemp reeds Rooidam

<sup>337</sup> F.J. du Toit Spies, p.304.

<sup>338</sup> J.C.G. Kemp, pp.342-343.

<sup>339</sup> F.J. du Toit Spies, p.103.

<sup>340</sup> J.H. de la Rey-versameling, ongepagineerd; J.C.G. Kemp, p.344.

beset het, terwyl hy en Botha nog probeer uitvind het of Kemp werklik die Oranjeriviergebied verlaat het. Dié loop van sake het egter goed by Bouwer se planne ingepas aangesien hy nou die gulde geleentheid sou hê om Kemp die finale nekslag toe te dien. Sonder om een oomblik te wifel, het hy, vergesel van die "Imperial Light Horse" en twee kanonne afgesit Rooidam toe. Hy het ook opdrag gegee dat die kommando's vanaf Graaff-Reinet en Phillipstown vanaf Rouxville moes opruk na Kurrees, 'n plaas links van Rooidam, en dat hulle 'n halfmaanvormige beweging in 'n westelike rigting moes uitvoer, indien hulle enige skietery by Rooidam hoor.<sup>341</sup> Om 13h00 dieselfde middag het Ben Bouwer in die koppe by Rooidam stelling ingeneem en sy kanonne in posisie gebring.

Voordat Bouwer sy opwagting gemaak het, het Kemp en sy rebelle na die duine getrek en daar beeste geslag om die honger burgers van voedsel te voorsien. Van die manne was so honger dat hulle nie kon wag totdat die vleis heeltemal gaar was nie. Om 14h00 het Kemp bevel gegee dat hulle moes opsaal. Skaars het Kemp met die voorhoede deur die duine in die rigting van Nakob begin trek, of die vyand het uit twee rigtings op hulle afgestorm. Kemp en sy manne het moedig weerstand probeer bied maar die oormag van die vyand het hulle verplig om na die duine terug te val, waar Bezuidenhout alreeds met die agterhoede 'n halwe sirkel gevorm het sodat Kemp en sy terugvallende manne die sirkel kon voltooi.<sup>342</sup> Agter die tweede en derde duine is daar 'n laer getrek met die een motor en sewe oskarre en daaromheen is die 300 voetgangers wat sonder gewere was, geplaas.<sup>343</sup> Met die aanbreek van die aandskemering het Bouwer met troepe uit die gevegslyn, Kemp en sy mag omsingel en per hellograaf aan Botha berig: "Ek sal Kemp moreoggend dood of lewendig in Jou hande lewer."<sup>344</sup> Volgens Bouwer was die tafel gedek vir die drama wat die volgende oggend finaal afgerond moes word.

Kemp, die ervare krygsman en taktikus, het maar alte goed die benarde posisie besef waarin hy hom bevind het. Met 'n mag van 6 000 regeringstroepe teenoor 600 rebelle gemonster, 'n kordon rondom hom gespan en kanonne op die koppe wat die kaal vlakke dek, het ontsnapping onmoontlik gelyk.<sup>345</sup> Ietwat terneergedruk, het Kemp in desperaatheid hom na "Siener" gewend en hom gevra wat hy sien, waarop oom Niklaas ver-

<sup>341</sup> J.C.G. Kemp, p.344.

<sup>342</sup> E.J. du Toit Spies, p.104.

<sup>343</sup> J.H. de la Rey-versameling, ongepagineerd.

<sup>344</sup> J.C.G. Kemp, p.349; S.B. Spies, p.205.

<sup>345</sup> J.H. de la Rey-versameling, ongepagineerd.

klaar het dat hy hom alreeds by Kafferswart (sic) meegedeel het dat hy sien hoe die rooikombers in 'n bak om hulle toemaak, maar dat hulle tog wegtrek. Hy het die rigting waarin hulle moes trek aangedui. Ontsteld het Kemp opgespring en sy vuiste onder "Stener" se neus gedruk en gesê: "Jy kan maklik praat, weet jy hulle is rondom ons oom Klasje."<sup>346</sup> Na hierdie ietwat melodramatiese episode het Kemp se krygsinstink hom laat besluit om met sy mag deur te trek waar Bouwer en sy manne dit die minste sou verwag, naamlik reg voor die lope van die kanonne verby. Kemp was van mening dat die vyand nie in die beperkte tyd tot hul beskikking 'n geslote kordon rondom hom kon sluit nie. Apie Bezuidenhout was nie eens met Kemp se plan om deur te breek nie, maar niks kon Kemp tot ander insigte beweeg nie, aangesien hy oortuig was dat indien hulle in Botha se hande sou val, hulle die volgende dag voor 'n krygsraad gedaag en die doodsvonnis oor hulle uitgespreek sou word.<sup>347</sup> Gevolglik het Kemp sover moontlik al sy manskappe tussen die duine versamel en hulle in trekorde opgestel. Die motor en oskarre is in die middel van die linie geplaas, terwyl Kemp self met die beste manne en die verkenningkorps heel voor stelling ingeneem het. Bezuidenhout se taak was om die flanke en agterhoede bymekaar te hou. Hierna het 'n vasberade en aaneengeslote massa van ongeveer 500 rebelle vorentoe beweeg. Een verkeerde stap sou noodlottig wees. Kemp meld dat toe hulle begin beweeg 'n los vul gerunnik het. Hy het dié vul summier laat doodskiet. Die vyand het die skoot gehoor en daarvan afgelei dat die rebelle nog veilig vasgekeer was.<sup>348</sup>

Sonder dat hy daarvan bewus was, het Kemp-hulle reg op die enigste gaping in die vyandelike linie afgetrek. In die flou maanlig het Kemp meteens 'n klompe manne gewaar wat reg op hulle afstuur en het hy Williams beveel om die manne sonder enige geluid te vang. 'n Los skoot sou op daardie stadium fataal wees en gevolglik het Williams en sy manne die groep bekrulp en 15 gevang. Van dié gevangenes het Kemp kosbare inligting verkry, naamlik dat hulle die voorhoede was van 'n afdeling wat die gaping in die kordon moes afsluit.<sup>349</sup>

Volgens 'n mededeling wat kmdt. P. Du Plessis van Cradock na Kemp se gevangeneeming gemaak het, het Ben Bouwer se Kleurling die aand toe Kemp-hulle deurgebreek het die opmerking gemaak: "Watter ou klomp trek dan nou daar: dis mos nie ons mense nie?"

<sup>346</sup> Harm Oost-versameling, p.104.

<sup>347</sup> J.C.G. Kemp, p.351.

<sup>348</sup> Ibid.

<sup>349</sup> Ibid.

Die antwoord daarop was dat dit Du Plessis se mense was wat die gaping moes gaan toestop. Juls op daardie oomblik was Du Plessis by Bouwer en eersgenoemde het beaam dat dit van sy manne was wat die "oop plekkie moes sluit."<sup>350</sup>

Een honderd en vyftig meter verder het Kemp en sy kommando by 'n waterpan gekom waar hulle nog drie van Du Plessis se manne gevang het.<sup>351</sup> Van die burgers wou water drink maar weens strategiese oorweginge het Kemp hulle beveel om dadelik verder te trek. Kemp het twee van sy manne agtergelaat om verkenningwerk te doen. Ongeveer 'n kwartier later het die res van die Cradock-kommando by die pan aangekom en hulle perde laat sulp. Die twee verkenners het hulle na Kemp terug gehaas en hom verwittig dat hulle agtervolg word. Kemp, wat daarop staat gemaak het dat dit die Cradock-kommando was, het hom nie daaraan gesteur nie en die manne kalm laat voorttrek. Teen ongeveer 20h00 was die rebellemag deur die vyandelike linie.<sup>352</sup>

Vier uur later, teen ongeveer middernag, het kmdte. Conroy en Malan by Ben Bouwer op Steenkampspan aangekom, nadat hulle verdwaal het. Aan Bouwer het hulle vertel dat hulle tussen die duine die gebêr van skape en die gedruis van beeste wat aangejaag word, gehoor het. Bouwer het gerusstellend geantwoord dat dit die rebelle was wat mekaar in die donker probeer opspoor; Indien hulle probeer roer, sou hulle hul vasloop teen sy kordon wat rondom hulle getrek was. Volgens Bouwer was daar net een opening en hy het alreeds die nodige stappe gedoen om dit te bevellig. Gevolglik het die twee kommandante besluit om die nag by die hoofkwartier deur te bring en opdrag aan hulle kommando's gestuur om op hul pos te bly.<sup>353</sup>

Die ontsnapping deur die vyandelike kordon het egter nie die einde van die rebelle se elende meegebring nie en die moeilikste gedeelte van die hele dorstrandtrek het hul daardie nag ervaar. Die meeste van die burgers was voetgangers en hul voete was deurgeloop. Sommige rebelle het beesvelle om hul voete gedraai om die pyn en bloedspore in die sand te versag. Die gebrek aan voedsel en water, met die gedurige agtervolging, het hul liggaamskragte sodanig getap dat hulle soos robotte voortgestrompel het.<sup>354</sup>

<sup>350</sup> *Ibid.*

<sup>351</sup> *E.J. du Toit Spies*, p.104.

<sup>352</sup> *Ibid.*, p.105.

<sup>353</sup> *J.C.G. Kemp*, p.350.

<sup>354</sup> *Ibid.*, p.352.

Met daglig het Bouwer 'n boodskapper met 'n wit vlag gestuur om Kemp se oorgawe te eis. Afgesien van 'n paar rebelle, wat die vorige aand nie by die kommando uitgekom het nie, was daar geen teken van die hoofmag van die rebelle nie. Om 7h45, Dinsdag 26 November 1914, het Bouwer die ontstellende boodskap van Conroy ontvang dat Kemp daardie oggend vroeg deur die kordon gebreek het, alhoewel Kemp reeds die vorige aand om 20h00 deurgebreek het.<sup>355</sup> Die volgende oggend met dagbreek was Kemp reeds 40 km wes van Rooidam.

Kemp het sy manne 'n blaaskans ggee en saam met Bezuidenhout op 'n verkennings-tog vertrek. Toe Bouwer berg ontvang van Kemp se ontsnapping, was die rebellemag alreeds weer onderweg in 'n westelike rigting, met die doel om die grens oor te steek.<sup>356</sup> Ongeveer vyf kilometer vanaf 'n plaaswoning het Kemp 'n verkenningspatroolie vooruit gestuur om die nodige begrafnisreëlings te tref vir burger Benade, wat in die gevegte by Rooidam gesneuwel het en om terselfdertyd voedsel vir die afgematte burgers te bekom. Omdat daar geen onmiddellike gevaar bestaan het nie, het Kemp besluit om, vergees van Aple Bezuidenhout, agter hulle aan te ry. Ongeveer 500 meter vanaf die plaashuis is hulle tog deur geweervuur gestuit. Kemp het die vuur beantwoord waarop die "vyand" op vlug gestaan het. Hierdie vyand was sersant J. Van Zyl met ses Duitswes-Boere.<sup>357</sup> Nadat Kemp van die plaaselenaar, mnr. H.P. Longland, verneem het wie die vlugtendes was, het hy vir Paul Smit met 'n wit vlag agter hulle aan gestuur om sodoen-de met hulle kontak te maak – 'n gebeurtenis wat die "Siener" reeds by Rooidam voor-spel het. Vir Kemp en sy manne was dit die eerste kontak met die Suidwesters en dit was vertroostend vir die rebelle wat hulle in 'n haglike situasie bevind het.<sup>358</sup>

Botha, wat intussen die leiding van die agtervolgingsmag oorgeneem het, het tydens hierdie skermutseling so byna in Kemp se hande beland. Hy was onderweg met tien mo-tors, waaronder sommige Rookkruis-motors was. Vas onder die indruk dat Kemp se man-ne sy voorhoede was het hy vorentoe beweeg tot ongeveer 1 000 meter vanaf die rebel-le. Kemp se manne wou die motors onder die lood steek maar aangesien daar Rookkruis-motors was, het Kemp, onbewus van Botha se teenwoordigheid, die manne verbied om te skiet. Nadat Botha die ware toedrag van sake verneem het, het hy haastig terug

<sup>355</sup> *Ibid.*, pp.350-352.

<sup>356</sup> *Ibid.*

<sup>357</sup> *Ibid.*

<sup>358</sup> F.J. du Toit Spies, p.106; S.B. Spies, p.205.

terug gejaag.<sup>359</sup> Gelukkig vir Kemp het die heldhaftige optrede van sy agterhoede sy mag in staat gestel om met geringe lewensverlies en met 'n paar manne wat gevang is, uit die moordende agtervolging te ontsnap.<sup>360</sup> Kemp het besef dat die vyand se mag te oorweldigend was en omdat hy gevrees het dat vars troepe Ingebring kon word, het hy sy rebellemag teen die aand se kant na Grondneus teruggetrek. Kemp was nie in die posisie om 'n stellinggeveg te lewer nie en het nou net één doel voor oë gehad, om by Maritz uit te kom. Om 20h00, 26 November 1914 het sy kommando op Grondneus aangekom, nege uur te perd vanaf Nakob. Hier het die rebelle 'n hartlike ontvangs van die Inwoners te beurt geval. Uit dankbaarheid vir die gespaarde lewens het die rebelle in die onherbergsame woestyn en donker 'n dankdins gehou, waarna Kemp 'n bemoedigende toespraak gelewer het. Hy het die manne aangespoor om uit te hou en voort te beweeg aangesien daar kos en redding naby was. Om 22h00 was die kommando's weer aan die beweeg. Kemp het kmdt. Schoeman en sy manne op Grondneus agtergelaat aangesien hy verwag het dat die vyand met dagbreek Grondneus sou aanval.<sup>361</sup>

Dit is dan ook presies wat gebeur het: op 27 November 1914 het Botha ligdag die plek laat bestorm, maar teen hierdie tyd was Kemp alweer nege kilometer daarvandaan op Koegoekop. Kemp het berig ontvang van Botha se aanval en dat Schoeman en sy manne ontkom het. Hy het besef dat hy spoedig deur Botha van agter aangeval sou word; daarom het hy voorsorgmaatreëls getref: hy het die voetgangers en die burgers met swak perde in 'n westelike rigting van Gous laat trek om aldaar stelling in te neem, terwyl hy met die Duitswes-Boere onder Schoeman, P. De Villiers en A. Boshoff agtergebly en 'n lang linie gevorm het wat as buffer moes dien. Weldra het R. Conroy, J. De Jager en A. Vlsser aangeval. Deur voortdurend terug te val, het Kemp-hulle daarin geslaag om die vyand op 'n veilige afstand te hou.<sup>362</sup> Intussen het die voetkommando tot op Langklip getrek, terwyl Botha die agtervolging onverpoosd voortgesit het. Toe laasgenoemde Swartmodderpoort bereik, was hy net betyds om Kemp se kommando te sien verdwyn in die berge van Langklip, waarna Botha bevel gegee het dat sy manne moes omdraai. Op Langklip het die voetkommando geslag en geëet; hulle het selfs brandewyn bekom by die waens wat van die Duitsers afkomstig was en wat gestuur was om die krankes te vervoer. Later die aand het Kemp moeg en afgemat by sy kommando aangesluit, weten-

<sup>359</sup> J.C.G. Kemp, p.355.

<sup>360</sup> J.H. de la Rey-versameling, ongepagineerd.

<sup>361</sup> J.C.G. Kemp, p.357.

<sup>362</sup> Ibid.

de dat die moordende agtervolging nog nie verby was nie en dat hy sy waaksame voor-sorgmaatreëls nie moes verslap nie.<sup>363</sup>

Op 28 November 1914 het die fluitjie vir verder trek om 01h00 geblaas. Die kommando het vanaf Langklip vertrek met 'n dringende begeerte om water te bereik, aangesien die wêreld om Ukumas bale droog was. Kemp meld dat bale van die manne se bene potblou was en dat hulle voete so geswel was dat hulle nie meer kon loop nie.<sup>364</sup> Die sand was so warm dat die perdevulltjies se pote partykeer verskrimpel het. Kemp het die motor, wat tot dusver deur osse getrek was, aan die gang gekry en daarmee 'n boodskap na Maritz gestuur om hom by Nakob te ontmoet.<sup>365</sup> Nog net die plase Sandvief en Arries het tussen Kemp en Nakob gelê.

Op hierdie tydstip was Kemp en sy rebelle salig onbewus van Botha se pogings om die rebelle vreedsaam te beëindig. Reeds op 22 November 1914 het Botha in opvolging van sy amnestie-aanbod van 12 November 1914 verdere instruksies aan alle magistrate, bevelvoerende offisiere en offisiere van die Suid-Afrikaanse Polisie uitgereik waarin verklaar is dat gewone burgers wat hulle vrywilliglik oorgee toegelaat moes word om huiswaarts te keer, terwyl die leiers onder arres geplaas moes word.<sup>366</sup> Dis egter twyfelagtig of Kemp van hierdie aanbod gebruik sou gemaak het. Op 28 November 1914 is verdere instruksies uitgevaardig waarin bevel is dat alle vee van rebelleleiers wat nog in die veld was, in beslag geneem sou word.<sup>367</sup>

Intussen het Maritz, wat hom op Jerusalem bevind het, waar hy van die wond in sy been herstel het, verneem dat Kemp in aantog was en voorbereidings getref om hom behulpzaam te wees. Uiteindelik het Kemp en Maritz mekaar op 28 November 1914 op Warmvlei, 'n plaas ses kilometer oos van Nakob ontmoet.<sup>368</sup> Vier weke nadat Kemp vanaf Vleeschkraal vertrek het, het die gehawende kommando hulle uiteindelijke bestemming bereik: sommige was te voet, sonder skoene en die voetsole was deurgeloop, elke stap was 'n bloedspoor.<sup>369</sup> Maritz het Kemp se manne meegedeel dat hy geforseer was om te rebelleer, aangesien die Regering geweier het om sy bedanking te aanvaar. Hy het hulle

<sup>363</sup> Ibid.

<sup>364</sup> J.H. de la Rey-versameling, ongepagineerd.

<sup>365</sup> J.C.G. Kemp, p.358.

<sup>366</sup> U.G. 10-15, pp.54-55.

<sup>367</sup> Ibid., p.55.

<sup>368</sup> J.H. de la Rey-versameling, ongepagineerd; G.D. Scholtz, p.273.

<sup>369</sup> Manic Maritz, My lewe en strewe, p.80; Kalahari-Mac, Agter die skerms met die rebelle, p.70.

voorts vertel dat hy en sy manne gekant was teen die Regering se inval in Duits-Suidwes-Afrika. Verder het hy gemeld dat hy verplig was om na die regeringsaanvalle op hom te Kelmoes en Kakamas, na Duitse geblede te ontvlug en dat hy met die Dulters 'n ooreenkoms gesluit het. Teen hierdie tyd was Kemp se manne en diere so uitgeput en ondervoed dat Kemp niks anders kon doen as om Maritz na Duits-Suidwes-Afrika te vergesel.<sup>370</sup>

By nabetragting val dit op dat Kemp se ontberings aan die volgende gewyt kan word: geen georganiseerde voorbereiding is gemaak nie en die kommando het nie 'n operasionele basis gehad waarvandaan hulle opgetree het nie; hulle was uitgelewer aan die omgewing vir voedsel en water en hulle het geen kommunikasielyne beskikbaar gehad nie. Hulle was dus deurentyd geïsoleer. Daarteenoor het die regeringsmagte oor alles beskik wat 'n moderne leër benodig het en in teenstelling met die swak gewapende rebelle was hulle tot die tande toe gewapen. Desnieteenstaande het die begeerte tot die herstel van die verlore republikeinse onafhanklikheid 'n klein bende vrywilliger-rebelle in staat gestel om 'n heldetog af te lê.<sup>371</sup>

Met alles teen hulle, het hulle, onder die besielende leiding van Kemp daarin geslaag om 'n onherbergsame geblede te oorwin in een van die merkwaardigste togte in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika. Kemp, die Godsmen, het die sukses van sy ekspedisie aan die genade van die Voorsienigheid toegeskryf.

## 2.6 Die Rebelle stort in duie

Die deurbraak van Kemp en sy rebellemag het die Suid-Afrikaanse regering verplig om sy strategie teen die rebelle te heroorweeg. Smuts het uit die staanspoor beoog om Maritz doeltreffend af te sonder sodat hy dan op ele tyd en wyse teen hom kon optree. Dié voorneme was nou deur Kemp getorpedeer. 'n Sondebok is gesoek en gevind: Ben Bower. Vervolgens is hy op 10 Desember 1914 met kol. Jaap van Deventer as opperbevelhebber van die regeringsmagte langs die Oranjerivier vervang.<sup>372</sup>

<sup>370</sup> Harm Oost-versameling, p.27.

<sup>371</sup> J.C.G. Kemp, pp.360-361.

<sup>372</sup> *Ibid.*, p.378.

As verdere reddingsmiddel het Smuts voorsorgmaatreëls begin tref om Kemp se terugkeer vanaf Duits-Suidwes-Afrika te belet. Strategie se posisies tussen Nakob en die Oranjerivier is deur regeringstroepe beset. Van Deventer wat vanaf 10 Desember 1914 as opperbevelhebber van die regeringsmagte langs die Oranjerivier aangestel is,<sup>373</sup> het altes in sy vermoë gedoen om sy troepe slag gereed te kry. Terselfdertyd het Smuts 'n bykomende militêre mag onder aanvoering van kol. C.A.L. Berrange in die lewe geroep, en hy moes gereed staan om Van Deventer te hulp te snel, indien Kemp en Maritz sou probeer om deur die regeringkordon te breek.<sup>374</sup>

Twee dae voor die einde van 1914 was Van Deventer se magte gereed vir optrede teen Kemp. Op advies van Smuts het hy behoorlik huis skoongemaak en verdagte offisiere huis toe te gestuur.<sup>375</sup> Smuts se aanbod van "bekwame offisiere" uit die gelede van die verdedigingsmag is egter deur hom van die hand gewys: 'n groot aantal van sy offisiere was uit hierdie oord afkomstig en hulle onvermoë is reeds deur Kemp se optrede ontmasker. Intussen het die adjunk-bevelvoerder van die Duitse magte en verteenwoordiger by Maritz, B. Von Zastrow,<sup>376</sup> Kemp en sy kommando gaan verwelkom by die eerste uitspanning, ses kilometer wes van Nakob. Hy het die rebelle toegesprek, Kemp se geslaagde tog deur die woestyn hoog aangeprys en sy Regering se standpunt teenoor die rebellie verduidelik, naamlik om alle moontlike hulp te verleen. Voorts het hy melding gemaak van reëlins wat getref sou word vir 'n ontmoeting tussen Kemp, Maritz, en dr. T. Seltz Duitse goewerneur, sodat toekomstige strategie verder uitgepluis kon word.<sup>377</sup> Hy het aan die hand gedoen dat die rebelle 'n voorlopige regering moes kies om aldus die voorgenome onderhandeling 'n skyn van wettigheid te gee.<sup>378</sup> Op 2 Desember 1914 het Kemp die burgers kortliks toegesprek en hulle toestemming gevra om 'n voorlopige regering saam te stel. Hy het ook gemeld dat die Duitsers hulle alle hulp sou verleen en dat die Duitse kaiser hulle onafhanklikheid sou waarborg. Hierna is daar 'n voorlopige regering saamgestel bestaande uit J.C.G. Kemp, C.F. Beyers, S.G. Maritz, C.R. de Wet, A.P.J. Bezuidenhout en kmdt. A.J. Kamfer.

Kapt. A. Boshoff is as sekretaris en tesourier aangewys. Verder sou Maritz optree as kommandant-generaal van die Kaapprovinsie, De Wet van die Vrystaat en Beyers van die

<sup>373</sup> Ibid., p.379.

<sup>374</sup> Harm Oost-versameling, nr.28, ongepagineerd.

<sup>375</sup> Ibid.

<sup>376</sup> Ibid.

<sup>377</sup> J.C.G. Kemp, p.364.

<sup>378</sup> U.G. 46-16, p.61; J.C.G. Kemp, p.365.

Transvaal.<sup>379</sup> Weens gebrekkige kommunikasie met De Wet is die Vrystaatse rebelleleier as lid van die voorlopige regering verkies, sonder dat hulle daarvan bewus was dat hy die oggend van dieselfde dag, 2 Desember 1914, in die hande van die regeringsmagte geval het.<sup>380</sup>

Gedurende die eerste week van Desember 1914 het Kemp, Maritz en Bezuidenhout, vergesel van 'n paar Duitse offisiere na Keetmanshoop vertrek om die Duitse goewerneur, Seltz, te ontmoet.<sup>381</sup> Intussen sou Kemp se manne na Ukumas vertrek. Volgens Kemp het Seltz hulle meegedeel dat indien die rebellie sou slaag die Duitse keiser hulle onafhanklikheid sou erken.<sup>382</sup> Daar is ook aan die rebelle gewere en ammunisie belowe. Die Duitse owerhede sou ook 'n bedrag van £10 000 aan hulle beskikbaar stel.<sup>383</sup> Volgens Seltz se eie weergawe van die onderhawige gebeure, het hy gehoop dat die rebellie sou slaag, want dan sou Duits-Suidwes-Afrika veilig wees teen 'n aanval van die Unie.<sup>384</sup> Voordat Kemp en Maritz uit Keetmanshoop vertrek het, het Maritz vir Piet de Wet en Adam Boshoff na Windhoek gestuur om sekere pamflette te laat druk.<sup>385</sup> Hoogs tevrede het die rebelleleiers vertrek en het Kemp vier dae later by die res van sy manne aangesluit.

Kemp het sy kommando's verskillende plekke ontplooi waar hulle binne bereik van genoegsame water was. Dit was egter voor die handliggend dat sy mag in 'n gehawende toestand was. Gevolglik het Kemp en Maritz na onderlinge oorlegplegning tot die gevolgtrekking gekom dat, geen twis wranger gevolge kon hê as broedertwis nie en dat die wonde deur 'n burgeroorlog veroorsaak word, nie gou en maklik sou heel nie. Aangesien hulle optrede geïnspireer was deur liefde vir die Afrikanervolk en nie deur haat nie, wou hulle, alvorens hulle tot militêre optrede oorgaan, probeer om met die regeringsmagte in aanraking te kom in 'n poging om te onderhandel.<sup>386</sup> Gevolglik het die twee generaals op 14 Desember 1914 vir kaptein F. Engelbrecht, stafoffisier van Maritz, met 'n onderhan-

<sup>379</sup> *Ibid.*

<sup>380</sup> Oor die datum van byeenkoms is daar ook verskille: H. Von Oelhafen (*Der Feldzug in Suidwest*, p.95) meld 3 Desember 1914; T. Seitz (*Süd-Afrika in Weltkriege*, p.34) meld 5 Desember 1914; J.C.G. Kemp (*Pad van die Veroweraar*, p.369) meld 6 Desember 1914.

<sup>381</sup> *Harm Oost-versameling*, nr.22, p.27; J.C.G. Kemp, p.369; terwyl T. Seitz (*Süd-Afrika in Weltkriege*, p.37) meld dat hy geen instruksies vanaf Berlyn ontvang het in verband met die Boererepubliek nie.

<sup>382</sup> J.C.G. Kemp, p.369.

<sup>383</sup> T. Seitz, *Süd-Afrika in Weltkriege*, p.34.

<sup>384</sup> U.G. 46:16, p.71.

<sup>385</sup> *Harm Oost-versameling*, p.27.

<sup>386</sup> U.G. 10:15, p.51.

delingsaanbod na Nous, drie uur te perd suid van die Oranjerivier, gestuur. Kmdt. C.J.M. Breedt, bevelvoerende offisier van die regeringsmag te Nous, het hierop gereageer en laat weet dat hy bereid was om met die twee rebelleleiers te onderhandel. Daar is besluit om op 16 Desember 1914 te ontmoet, halfpad tussen hulle stellings. Breedt het nie opgedaag vir die afspraak nie, en die rebelle-afvaardiging was verontwaardig oor die blatante ignorering van die beplande ontmoeting, moontlik ten onregte, aangesien Breedt waarskynlik dieselfde regeringsinstruksies ontvang het as wat aan al die regeringsoffisiere uitgerelk was, naamlik dat hulle nie met rebelle mag onderhandel nie.<sup>387</sup> Na hierdie mislukte onderhandelings pogings het Kemp, Maritz en hul offisiere na hulle kommando's teruggekeer en besluit om 'n aanval op die regeringsmagte te loods. Hiermee sou die rebellie sy finale fase binnegaan. Dit het spoedig ook duidelik geblyk dat die voortvarende Maritz vir Kemp op sleeptou geneem het en in die daarop volgende gebeure was Kemp bepaald die junior vennoot.<sup>388</sup>

Op 16 Desember 1914 het die rebelle kommando's op treffende wyse Dingaansfees gevier en die plegtige belofte van 75 jare tevore hersien.<sup>389</sup> Maritz het op dié dag 'n onafhanklikheidsverklaring in sy naam uitgevaardig. Dit was gerig aan die volk van Suid-Afrika en het gemeld dat 'n voorlopige regering onder leiding van Kemp, De Wet, Beyers, Maritz, Bezuidenhout en kmdt. Kamfer in die lewe geroep is. Op hierdie tydstip was Beyers reeds begrawe nadat hy in 'n poging om die regeringsmagte te ontwyk op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier verdrink het, en De Wet is enkele dae tevore gevange geneem. Inderdaad was die voorlopige regering dus weinig meer as 'n alliansie tussen Maritz en Kemp wat albei aan die grens van Duits-Suidwes-Afrika geïsoleer was, terwyl die "binne-landse" rebellie reeds misluk het. Die rebelleleiers was met 'n probleem gekonfronteer, naamlik of 'n aanval op Nous of Upington gedoen moes word. Na beraadslagings is besluit om Nous aan te val, omdat Upington 'n sterk regeringsvesting was wat nie maklik oorrompel sou word nie, terwyl 'n verrassingsaanval op Nous die regeringsmagte onder die indruk kon bring dat die verwagte aanval in die Kaapprovinsie daarop bedag was om Upington te omlueel.

Op 21 Desember 1914, het die twee rebelle-aanvoerders 'n gestaagde offensief getoos. Die oorwinning op Nous was 'n reem onder die hart vir die rebelle, maar aan hulle militê-

<sup>387</sup> Harm Oost-versameling, nr.27, p.28.

<sup>388</sup> J.H. Lighthelm, Genl. J.C.G. Kemp se rol in die Rebelle van 1914-1915, M.A.-verhandeling, Pretoria, 1979, p.147.

<sup>389</sup> U.G. 10:15, pp.71-72.

re posisie het dit weinig verandering gebring. Onbewus daarvan dat die rebellie in die Unie reeds afgeloop was, het daar op hierdie tydstip 'n meningsverskil tussen Kemp en Maritz ontstaan. Hoewel daar na die aanval op Nous in die kamp, 'n telegram en koerantberigte gevind is, waarin berig gegee is van Beyers se dood en De Wet se gevangeneming, het die burgers baie wantrouig teenoor hierdie beriggewing gestaan en het hulle geglo dat die Regering doelbewus valse inligting verstrek het. Maritz het aan die hand gedoen dat die rebellemagte suld van die Oranjerivier sou bly om sodoende aansluiting met die Afrikaner republieke in die Unie te bewerkstellig. Kemp was egter van mening dat hy en sy manne deur die Oranjerivier moes trek terug Transvaal toe.<sup>390</sup> Gevolglik het Kemp volgens militêre tradisie hom op 'n krygsraad beroep om uitsluitel oor hul toekomstige strategie te gee.<sup>391</sup>

Op 21 Desember 1914 het die krygsraad besluit dat die kommando's terug oor die Oranjerivier via Nakob in die rigting van Transvaal moes trek.<sup>392</sup> Dit het beteken dat Uplington aangeval sou moes word. Maritz was van mening dat Uplington die Regering se sterkste basis was wat nie sonder groot lewensverlies verower sou kon word nie. Volgens hom sou die verowering van Uplington hulle niks baat nie, aangesien alle berigte daarop dui dat die opstand in Transvaal en Vrystaat onderdruk was en dat onnodige bloedverglëting dus vermy moes word.<sup>393</sup> Na die krygsraadsbesluit om terug te trek oor die Oranjerivier is voorbereidings vir die terugtog getref. Allereens is die krygsgevangenes oor die Oranjerivier na Duits-Suidwes-Afrika gestuur.<sup>394</sup> Kemp, Maritz en die kommando's het 'n paar dae op Nous oorgebly en die manne het goed uitgerus. Daarna het hulle na Duitsegebied teruggetrek.

Reeds op 28 Desember 1914, terwyl die terugtog oor die Oranjerivier na Duits-Suidwes-Afrika aan die gang was, het Kemp en Maritz samesprekings met 'n Duitse offisier, kol. R. Medding gevoer en is daar besluit dat 'n aanval op Uplington gedoen moes word.<sup>395</sup> Kemp en Maritz was ten gunste van onderhandelings met die Unieregering, omdat die gerugte van die mislukking van die opstand in die Transvaal en Vrystaat, by hulle die bedenkinge gewek het of hulle in staat sou wees om die rebellie end uit te voer. Tot op hierdie stadium het die Suid-Afrikaanse regering steeds volstrek gewelw om met die re-

<sup>390</sup> Manie Maritz, p.81.

<sup>391</sup> J.C.G. Kemp, p.374.

<sup>392</sup> Manie Maritz, p.81.

<sup>393</sup> Ibid., p.82.

<sup>394</sup> U.G. 46-'16, p.73.

<sup>395</sup> J.C.G. Kemp, p.376.

belle te onderhandel. Kemp en Maritz het gevolglik tot die oortuiging geraak dat 'n suksesvolle krygsoperasie teen die regeringsmagte hulle in 'n beter bedingings posisie sou plaas voordat hulle hernieude pogings tot onderhandeling aanwend. Die aanval op Upington, waarvan hulle tevore weggeskram het, moes dien om hulle in 'n bedingingsposisie te plaas. By die rebelle was daar geen illusies oor die gevare wat op hulle gewag het nie.

Op Saterdag 10 Januarie 1915 het die rebellekommando's onder leiding van Kemp en Maritz op Arlamsvlei aangekom, die laaste basis in Duitsegebied waar standhoudende water beskikbaar was. Tot op hierdie stadium het die regeringsbevelvoerders nog nie oor inligting met betrekking tot die terugkeer van die rebellemagte beskik nie. Op 18 Januarie 1915 het die rebelle 'n geslaagde aanval op Lutzputs geloods. Die rebelle het hulle doelbewus van bloedvergieting teen mede-Afrikaners weethou, hoewel hulle genadeloos teenoor Swarttroepe opgetree het. Die rebellekommando's het onverwyld verder opgeruk, hoewel nie regstreeks na Upington nie. Weens gebrek aan water en welding vir hulle rydlere, was Kemp en Maritz verplig om met 'n ompad noordwaarts na Koegoekop te trek. Die feit dat omstandighede en terrein die rebelleleiers verplig het om 'n ompad na Upington te volg, het verhinder dat hulle by Rooivlei met die regeringsmagte van Van Deventer gebots het. Eers ses dae later, op die oggend van 21 Januarie 1915 het hulle die regeringsmagte op die plaas Christiana teengekom.<sup>396</sup> Die rebelle slaag daarin om 'n afdeling van die regeringsmagte onderleiding van luit. D.J. Jooste te oorrampel en gevange te neem. Uit gesprekke met die gevangenes het dit weer vir Kemp en Maritz duidelik geword dat dié manne hulle sentimente ten opsigte van die oorlogspoging gedeel het.<sup>397</sup>

Op 22 Januarie 1915 het die twee generaals besluit om die gebied rondom Upington te verken. Op die hoogste punt tussen die heuwels het Kemp, Maritz en die offisiere wat hulle vergesel het, stelling Ingeneem en Upington bespied.<sup>398</sup> Hulle was ongeveer 14 kilometer vanaf Upington en kon gevolglik die vyandelike stelling noukeurig met hulle verkykers verken. Die groot kamp van die vyand het die aandag van Kemp getrek, asook die oneindige rye forte, wat uit die Anglo-Boereoorlog se dae oorgebly het en nou met

<sup>396</sup> Harm Oost-versameling, nr.28, ongepagineerd.

<sup>397</sup> *Ibid.*

<sup>398</sup> J.C.G. Kemp, p.382.

sandsakke versterk was. Hierdie blokhulse het tussen die nedersetting en die rebelle gestaan en dwarsoor die nedersetting gestrek.

Kemp en Maritz het besef dat hulle dadelik sou moes toeslaan, alvorens Van Deventer se mag vanaf Kelmoes en Kakamas versterk word. Daar is besluit om vroeg die volgende dag, 23 Januarie 1915, aan te val. Die kommando's is dus aangesê om dadelik nader te beweeg. In die donker het sommige van hulle die verkeerde pad geneem en teen dagbreek was hulle so moeg, as gevolg van hulle omswerwinge tussen die sandduine, dat die aanval afgelas moes word. Daar was egter ook 'n ander rede: Kemp het by Maritz aangedring om weer te probeer onderhandel, omdat hy gereken het dat die regeringsmagte as gevolg van hulle nederlae by Langklip en Lutzputs daartoe sou instem.<sup>399</sup>

Vroeg die oggend van 23 Januarie 1915 is dus nie aangeval nie, maar as gevolg van Kemp se versoek is Henry Williams na Upington gestuur, waar hy aan Jaap van Deventer Maritz se brief oorhandig het.<sup>400</sup> Hierin het Maritz Van Deventer versoek om hulle by 'n geskikte plek te ontmoet om sodoende die groot misverstand uit die weg te ruim en verdere bloedvergieting te vermy. Voorts het hy Van Deventer en sy offisiere van 'n veilige geleide verseker.<sup>401</sup> Van Deventer het egter nie dadelik vir Williams met 'n antwoord na die rebelleleiers teruggestuur nie, aangesien hy eers aan die Regering in Pretoria moes rapporteer en instruksies van Smuts gevra het. Williams was bevrees dat Kemp en Maritz tot die slotsom sou kom dat die Regering glad nie wil onderhandel nie en dat hulle kon besluit om aan te val. Van Deventer wêre om toestemming te verleen dat hy na die rebellekommando's kon terugkeer. Dieselfde middag het Van Deventer 'n telegram van Smuts ontvang waarin hy opdrag gegee is om onder geen omstandighede met Kemp en Maritz te onderhandel nie; enige ontmoeting met hulle moes op die slagveld geskied. Verder is Van Deventer beveel om nie dadelik 'n antwoord aan die rebelleleiers te verskaf nie, maar dat hy dit tot die volgende oggend moes vertraag. Hier het Smuts weer sy beproefde taktiek gevolg, naamlik om sake tot breekpunt toe te laat ontwikkel. Smuts was van mening dat hy hierdeur die rebellemag tot oorgawe kon dwing en sodoende die rebelle die genadeslag toe te dien.

<sup>399</sup> *Ibid.*, p.383.

<sup>400</sup> *Harm Oost-versameling*, ongepagineerd.

<sup>401</sup> *J.C.G. Kemp*, pp.383-384.

Smuts se strategie het inderdaad die gewenste uitwerking gehad: Maritz het ongeduldig begin raak en wou nie langer wag nie, want hy het geweet dat versterkings uit alle oorde na Van Deventer toe aangevoer sou word. Aangesien die volgende dag, 24 Januarie 1915, 'n Sondag was, was Kemp om gewetensredes nie begerig om aan te val nie. Omdat daar in die verlede telkemale ernstige verskille tussen Kemp en Maritz voorgekom het, het Kemp om enige verdere onenigheid te vermy, besluit om in te val by Maritz se planne vir 'n aanval op Uplington die volgende dag.<sup>402</sup> Laat die middag het Kemp met sy offisiere krygsraad gehou en hulle ingelig oor dié besluit, om die volgende dag 'n aanval op Uplington te loods. Ofskoon 'n geveg op 'n Sondag ook teen hulle godsdienstige opvattinge ingedruis het, het hulle nogtans met Kemp se voorstel akkoord gegaan.

Kemp, wat De la Rey se weergalose vertroue in "Siener" van Rensburg gedeel het, het tydens die beplanning van die rebelle-aksie die "Siener" se hulp ingeroep. "Siener" het verklaar dat hy gesien het hoe hulle in Uplington is en dat daar sulker aan hulle uitgedeel word. Kemp was baie gespanne en senuweeagtig en het onverwags aan "Siener" gesê: "Jy sien soos jou gat." Verontwaardig het Maritz vir "Siener" in die bresse getree en Kemp tereg gewys: "Kemp, skaam jy jou nie? Terwyl jy in die Kalahari gesit en broeklosmaak het, het Siener vir jou die pad gesien."<sup>403</sup> Die "Siener" se gesig is inderdaad later bewaarheid. Toe Kemp en die rebelle na hulle oorgawe op Uplington aangekom het, is sulker aan hulle uitgedeel.<sup>404</sup>

Laat die Saterdagmiddag het die rebellekommando's in die rigting van Uplington beweeg en ongeveer twee kilometer daarvandaan hulle aanvalsposisies ingeneem. Die manne was nie opgerulmd nie, aangesien die berigte wat hulle vanuit die Unie bereik het ontmoedigend was en ook omdat hulle geglo het dat 'n aanval op die Sabbat nie suksesvol kon wees nie.<sup>405</sup> Teen dagbreek was hulle alweer in die saal en gereed vir aksie.<sup>406</sup> Oorgretigheid en ongedissiplineerde optrede deur van die rebelle-offisiere, het tot gevolg gehad dat die kommando's swaar verliese gely het. Kemp en Maritz het gevolglik besluit om die aanval af te gelas en terug te trek na Schröder-se-Puts, waar hulle vir 'n baie kort rukkie gerus het, aangesien 'n groot mag ruiters en kanonne deur Van Deventer agter

<sup>402</sup> Ibid., p.385.


<sup>403</sup> Harm Oost-versameling, nr.3, brief van Boy Mussmann aan Harm Oost, 15.10.1958, ongepagineerd.

<sup>404</sup> J.C.G. Kemp, p.400.

<sup>405</sup> Harm Oost-versameling, nr. 28, ongepagineerd.

<sup>406</sup> J.C.G. Kemp, p.386.

## Die opset te Upington - 1915



Bron : G. Preller-versameling, Band 175, p. 86.

## Die Rebelleleiers voor die aanval te Upington - 1915



Middelry : Tweede lns - Jan Kemp,  
middel - Manie Maritz, regs langs Maritz - Siener van Rensburg

Bron: G. Preller - versameling, Band 175, p.87.

die terugtrekkende rebellekommando's aangestuur is om hulle af te sny en te vang.<sup>407</sup> Kemp en Maritz slaag daarin om weer 'n gevegslinie op te stel en sodoende is die agtervolging gefnuik. Teen sonder het al die regeringstroepen na Upington teruggetrek.<sup>408</sup>

Die debakel by Upington het verreikende gevolge gehad: hoewel hulle geensins verneeder is nie, is die rebelle gedemoraliseer. Von Zastrow, die Duitse verteenwoordiger by die rebelle, het die situasie korrek opgesom en Maritz meegedeel dat hy na Duits-Suidwes-Afrika gaan terugkeer om versterkings te bekom. Maritz het hom verseker dat hulle nie versterkings benodig nie en dat hy maar na Duits-Suidwes-Afrika kon terugkeer.

Die mislukte aanval op Upington het die brose eenheid tussen Kemp en Maritz ook laat verbrokkel. Kemp, wat uit die staanspoor nie Juis geesdriftig was ten opsigte van 'n gewapende rebelle nie, kon nie langer met die voortvarende Maritz saamwerk nie. Kemp het nou oplaas die futiliteit van die rebelle besef; in sy hart was hy steeds bittereinder, maar nou het hy besef dat daar niks anders oorgebly het as oor te gee nie.<sup>409</sup> Hy sou alles in sy vermoë doen om die beste voorwaardes te beding. Maritz was egter vasbeslote om na Duits-Suidwes-Afrika terug te keer en daarvandaan uit Afrika pad te gee. Die rebelleleiers het 'n brief aan Van Deventer gerig waarin verklaar is dat hulle bereid is om oor te gee. Uitgerekte briefwisseling het gevolg tussen Van Deventer en die rebelleleiers, aangesien Smuts opsetlik die onderhandelings wou uitrek sodat hy die beste terme kon bekom, naamlik onvoorwaardelike oorgawe.

Op 30 Januarie 1915 het onderhandelinge tussen die rebelleleiers en Van Deventer, bygestaan deur die stafoffisiere, plaasgevind. Kemp en Bezuidenhout was teen onvoorwaardelike oorgawe, terwyl Maritz oortuig daarvan was dat almal moes oorgee, aangesien Kemp en sy burgers nie alleen die stryd kan verder voer nie. Van Deventer het heelwat beloftes gemaak, waarna die rebelle verteenwoordigers sy uitnodiging aanvaar om hom na Upington te vergesel, waar die oorgawe-ooreenkoms onderteken sou word. Die rebelleleiers, wat nooit op verraad bedag was nie, was diep verontrus.

---

<sup>407</sup> *Ibid.*, p.389.

<sup>408</sup> *Ibid.*

<sup>409</sup> *Harm Oost-versameling*, nr. 28, ongepagineerd.

Kemp-hulle het met hulle terugkoms by die rebellekommando's die burgers ingetelig in verband met die oorgawe. Die onvoorspelbare Maritz het daarna die woord gevoer en gemeld dat hy nie gaan oorgee nie, maar dat hy na Duits-Suidwes-Afrika gaan met die burgers wat hom wou volg.<sup>410</sup> Op die aand van 31 Januarie 1915 het Kemp en Maritz van mekaar afskeid geneem. Twee maande vantevore het hulle bymekaar uitgekome na uiters takserende en bittere ontberings, maar vol verwagting vir die toekomst van hulle mense. Hierdie hoop het nou in skerwe gelê. Daarmee was die rebellie ook iets van die verlede.

Op 1 Februarie 1915 het Kemp 'n afvaardiging gestuur om reëlings te tref vir die oorgawe wat op Woensdag, 3 Februarie 1915, sou plaasvind. Aanvanklik wou "Siener van Rensburg" 'n aantal burgers nie oorgee nie, maar nadat Kemp by Ariachap hulle te woord gestaan het, het hulle daartoe ingestem. Kemp het die vernedering van oorgawe gespaar gebly aangesien hy reeds op 31 Desember 1914 swartwaterkoors opgedoen het. Vanaf Upington is 'n ambulans gestuur om hom te haal.<sup>411</sup> In Upington het Kemp veertien dae in die hospitaal gebly en daarna is hy na Johannesburg gestuur waar hy in die Fort aangehou is. Dit het 'n geruime tyd geduur alvorens hy van sy siekte herstel het. Na sy verhoor is hy op 23 Julie 1915 tot 'n boete van £1 000 en sewe jaar tronkstraf gevonnis.<sup>412</sup> Dié boete is uit die Helpmekaarfonds betaal wat gekollekteer is onder die Afrikaners in die vier provinsies van die Unie vir die boete van C.R. de Wet. Die balans is daarna gebruik om die ander rebelle se boetes te betaal. Kemp beskryf dit soos volg: "Op 10 November 1917 is die kettings wat daar om die arms en bene van elke rebel gehag het, en wat sy lewe vir hom 'n las gemaak het, losgemaak. Sy skuld is betaal, en hy was weer vry, heeltemal vry..... Daar was lig!"<sup>413</sup>

Kemp se vonnis was die swaarste wat enige rebelleleier opgelê is. In sy uitspraak het regter J. Lange verklaar dat hy Kemp se optrede in 'n baie ernstiger lig as dié van C.R. de Wet beskou. Hy het Kemp beskuldig van verraderlike planne teen die Regering en dat hy alreeds sedert die Vrede van Vereeniging dislojale neigings teenoor die Regering getoon het.<sup>414</sup> Die regter was geensins bereid om enige versagtende omstandighede in ag te neem nie; trouens, die regter het prontuit verklaar dat Kemp se onboetvaardige houding

<sup>410</sup> J.C.G. Kemp, p.399.

<sup>411</sup> Cape Argus, 5.2.1915, Upington surrender, p.5; Dr. G.S. Preller-versameling, nr. 212, p.164.

<sup>412</sup> Rebelle verhoor, Pretoria Landdros Hoogverraadsake, 1914-15, Bylaag 5, p.225.

<sup>413</sup> J.C.G. Kemp, p.410.

<sup>414</sup> Rebelle verhoor, p.223.

In die beskuldigdebank so iets nie geregtig het nie.<sup>415</sup> Sy vonnis moes egter as afskrifmiddel dien.

## 2.7 Terugblik

“Daar was dae wat die rebellie so baie ernstig gelyk het dat die Regering nie geweet het of hy op sy kop dan wel op sy voete gestaan het nie,”<sup>416</sup> het Smuts ná die Storm - en Drangjaar 1914 verklaar. En enkele jare ná die rebellie sou 'n Britse joernalis daarna verwys as “one of the most curious and dramatic incidents in the Great War. The full story will never be completely written. In much of it the deciding force was the spoken word which is today lost, and even if it could be recovered one could not recreate the strange atmosphere in which thousands of men acted in a sort of mid-summer madness.”<sup>417</sup>

Die Rebellie het slegs enkele weke geduur en daar het slegs 'n paar duisend burgers daaraan deelgeneem. Nogtans moet dit, wanneer vandag daarop teruggekyk word, as één van die belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Afrikanervolk gesien word. Dit is so omdat dit slegs twaalf jaar ná die vernederende oorgawe by Vereeniging die republikeinse ideaal laat herleef het. Die uitbreek van die oorlog in Europa is as 'n geleentheid gesien om van Brittanje se dilemma gebruik te maak om die verlore republikeinse bestel te herwin. Tesame hiermee het die gehele innigheid van die Regering oor sy motiewe vir die inval in Duitsland, en die karige inligting wat beskikbaar gestel is om allerlei valse gerugte teen te werk dus tot onsekerheid bygedra en 'n goeie teelaarde vir meer onrus geskep. Vanuit 'n militêre oogpunt beskou was die rebellie nie naasteby so belangrik soos vanuit 'n politieke oogpunt nie. Die politieke implikasies daarvan was so ingrypend dat dit vir baie jare die toneel oorheers het. Dit het nuwe geskikpunte onder die Afrikaners na vore gebring en die onderlinge verhoudings geheel en al verander.

Tereg het wyle dr. N.J. van der Merwe eenmaal opgemerk dat die Rebellie van 1914 'n uitbarsting en geen komplot was nie.<sup>418</sup> Daar het geen georganiseerde poging of vooraf beraamde plan by die Afrikaner-voormanne bestaan om die Regering van Botha omver

<sup>415</sup> *Ibid.*, p.224.

<sup>416</sup> F.V. Engelenburg, *General Louis Botha*, p.224.

<sup>417</sup> L.E. Neame, *General Hertzog*, p.172.

<sup>418</sup> M.C.E. van Schoor, *Die Vrystaatse Helpmekeer*, p.7.

te werp nie. 'n Mens het hier te doen met 'n opwelling van die volksgevoel van die Afrikaner wat onder dié omstandighede geen ander verloop kon neem nie. Dit was geen opstand waarby enige persoon óf party enige gewin gesoek het nie, maar 'n onafwendbare uitbarsting van 'n jarelange opgekropte volksgevoel.

Om na die stem van jou gewete te handel en daarmee jou volk se siel te red, verels die hoogste offers. Dit sou ook die ervaring van Kemp wees wat as Bittereinder by Vereeniging in 1902 ook endult Bittereinder in hierdie protes beweging gebly het, hoewel sy betrokke daarin in verskillende fases onderskei kan word. Aanvanklik was hy gekant teen De la Rey se planne van 'n halsoorlog staatsgreep vroeg in Augustus 1914. Ten spyte van sy bedenkinge dat daar heelwat met De la Rey se tydsberekening geskort het, is Kemp so meegevoer deur die ou generaal se geesdrif vir die herstel van sy volksele, dat hy sy volle steun aan hom toegesê het.<sup>419</sup> Dit wil voorkom asof Kemp tydens bogenoemde gebeure hom aanvanklik op die agtergrond onttrek het. Dit was verstaanbaar aangesien hy geensins die aansien van Beyers of De la Rey geniet het nie. Boonop was hy militêr albei hierdie volkshelde se mindere. Hy was ook bekommerd dat De la Rey, sy geestelike pleegvader van die Anglo-Boereoorlog, in die vaarwater sou beland. Hoewel hy ook op die hoogte was van Maritz se planne het hy 'n oënskynlik korrekte rol gespeel, deur ten opsigte van De la Rey, Botha ingelig te hou. Daar kan dus tot die gevolgtrekking geraak word dat Kemp van mening was dat die tyd vir optrede nog nie ryp was nie.

Sy standpunte sou eers uitkristalliseer ná die kommandantovergadering in Pretoria op 14 Augustus 1914. By hierdie geleentheid het dit vir Kemp duidelik geword dat Botha en Smuts eerder Ryks- as Afrikanerbelange nastreef.<sup>420</sup> Dit was iets wat hy tot in sy siel verag het. Kemp, wat voor die militêre beraad in Pretoria oënskynlik alle gedagte van opstand afgekeur het, het nou eensklaps na vore getree as een van die grootste teenstanders van die Regering se voorgenome Duits-Suidwes-Afrikaveldtog. Sover dit hom betref, het die skelding van die weë tussen eertydse Bittereinders aangebreek. Die Kemp wat nog kort tevore vir De la Rey tot vreedsame insigte wou beweeg, het nou reeds in sy gees gerebelleer. Sy optrede hierna is grootliks deur die momentum van die ontevredenheid met die Regering se optrede en die daaruitvloeiende gebeure bepaal. Hierin sou die verwickelinge rondom die persone van De la Rey, Beyers en Maritz deurslaggewend wees en tot sy uiteindelijke bedanking as offisier in die Unie Verdedig-

<sup>419</sup> J.P. Smit, Die rol van generaal J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse politiek, 1902-1914, p. 136.

<sup>420</sup> J.C.G. Kemp, p. 147.

Ingsmag lei. Die onderhawige gebeure sou ook die dood van sy ou strydmakker, De la Rey, en die bedanking van Beyers as kommandant-generaal tot gevolg hê. De la Rey se dood het Kemp tot ander insigte gebring en hy het besluit om af te sien van 'n staatsgreep. Voortaan sou hy hom by die protesbeweging teen die Regering se oorlogsbesluit skaar. En van protes was dit slegs 'n hanetreetjie na openlike rebellie.

Al bogenoemde verwickelinge sou tot gevolg hê dat die gemagtigde leiers ultgeskakel word en dat die opstandige element oortuig sou word dat gewapende verset die enigste uitweg is. As gevolg van die mislukking van die "binnelandse" rebellie is Kemp gedwing om aansluiting met Maritz in Suid-Suidwes-Afrika te probeer bewerkstellig. Dit sou tot gevolg hê dat hy met ongeveer 600 volgelinge 'n dorstrandtrek deur die Kalahariwoestyn aangepak het. Onder sy besielende leiding het hulle daarin geslaag om die onherbergsame gebied te oorwin in een van die merkwaardigste togte in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika.<sup>421</sup> Tydens hierdie heldetog sou hy hom nie alleen as Godsman nie, maar ook as krygstaktikus en bo alles mens bewys. Hy sou telkemale die dors, honger en uitgeputte manne bemoedig en aanspoor om voort te gaan en sodoende die vryheidsideaal te verwesenlik. As krygstaktikus het hy hom bewys as een van die grootstes in die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis toe hy daarin geslaag het om die voortdurende agtervolging en omvleueling van die regeringsmagte te ontwyk.

Die ontmoeting tussen Kemp en Maritz het die finale fase van die rebellie ingelul. Maar dit was weinig meer as 'n gerieflikheidssooreenkoms: Kemp wou die broodnodige wapens en ammunisie vir die rebellie in die binneland by Maritz bekom en dan dadelik na die Transvaal terugkeer, terwyl Maritz sy eie opstand 'n skyn van fatsoenlikheid wou besorg, waarop dit voorheen nie aanspraak gehad het nie, en aldus die ander rebelleiers op sleeptou vir sy eie doeleindes wou neem.

Kemp was die versigtige en meer diplomatieuse persoonlikheid. Hy sou eerder as om blindelings op te tree, sy mede-offisiere gereeld raadpleeg. Hy was ook meer toegeeflik en versoenend in vergelyking met Maritz se onversetlikheid. Daarby was Kemp in sy samesyn met Maritz bepaald die junior vennoot wat gereeld met die planne van die voortvarende Maritz moes inval.<sup>422</sup> Dis opvallend dat Maritz selfs in die finale onderhandelinge met die Regering die inisiatief behou en dat Kemp 'n ongeskikte rol moes speel.

<sup>421</sup> *Ibid.*

<sup>422</sup> J.H. Ligthelm, p.177.

Kemp het nooit geweet waar hy met Maritz staan nie. Die een oomblik verseker hy Kemp dat laasgenoemde geen ander keuse het as onvoorwaardelike oorgawe nie, om dan by 'n latere geleentheid te verklaar dat hyself nie bereid is om oor te gee nie. Die twee generaals was dus nie uit dieselfde militêre hout gesny nie en dit het tot gevolg gehad dat hulle sake nie deur dieselfde bril gesien het nie.

Na die oorgawe by Uplington was Kemp in die tronk in Johannesburg 'n verbitterde man. Kemp se verbittering was eerder gerig teen Botha en Smuts, vir wie hy erg verkwalik het dat hulle toegelaat het dat die rebelle in 'n broederoorlog ontaard. Sekerlik is daar 'n groot mate van mismoed by Kemp in die tronk te bespeur in sy eie herinneringe wat inderdaad 'n felle aanklag teen die veroweraar van die Afrikanervolk is.

Die onselfsugtige patriotisme waarop Kemp en ander rebelle aanspraak gemaak het om hulle optrede in 1914-15 te regverdig, kan bepaald nie hulle aantasting van die staatsgesag verskoon nie. En juridies kan daar geen fout met hul veroordeling gevind word nie. Polities was die regeringsoptrede egter kortsigtig en het dit daartoe gelei dat die meerderheid Afrikaners binne 'n jaar ná die rebelle hulle nie meer in dieselfde politieke kamp as Botha en Smuts tuis gevoel het nie.

## HOOFSTUK 3

### KEMP SE EERSTE TREË IN DIE POLITIEK EN SY OPTREDE IN DIE NASIONALE PARTY, 1914 - 1924

#### 3.1 Jan Kemp word bekendgestel aan die politiek

Die Afrikaners was na afloop van die Anglo-Boereoorlog in drie groepe verdeel. Daar was die "bittereinders", die burgers wat tot die einde van die gewapende stryd bly veg het; die "hensoppers", die burgers wat onder lord Roberts se proklamasie die wapens neergelê het en nie verder aan die oorlog deelgeneem het nie en die "National Scouts", die wat Engeland aktief in die oorlog ondersteun het.<sup>1</sup> Dit is vanselfsprekend dat die drie groepe met vyandige gevoelens teenoor mekaar gestaan het en omdat die Afrikaners met die oog op die toekoms nie verdeeldheid in eie geleedere kon bekostig nie, was dit een van die mees belangrikste take van die Afrikanerleiers om hierdie groepe saam te snoer. Dit is opvallend dat die rigtinggewende leiers van voor die oorlog nou nie meer daar was om hierdie belangrike taak te vervul nie. Die huidige finansiële toestand waarin die Afrikanerdom van die twee voormalige Boererepublike hulle bevind het, die wanadministrasie van die repatriasiefonds en die onsimpatiese optrede van die Milner-regering en sy amptenare, in 'n poging om die land en sy inwoners te verengels, het tot 'n spoedige herontwaking van die Afrikaner op politieke gebied gelei.<sup>2</sup>

Politieke leiersfigure wat die Suid-Afrikaanse politieke toneel vanaf 1903 oorheers het was genls. Louis Botha en Jan Smuts. Boerehelde en -leiersfigure vanuit die Anglo-Boereoorlog soos genls. Koos de la Rey, C.R. de Wet, F.W. Beyers, Jan Kemp en Manie Maritz kon deur Botha en Smuts in toom gehou word deur hulle verantwoordelike poste in die regeringsadministrasie te gee.<sup>3</sup> So het die era van die generaals in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika aangebreek.<sup>4</sup> Boereleiers wat vanselfsprekende keuses was om die toekomstige verantwoordelikheid van landsake op hulle skouers te neem.

<sup>1</sup> O. Geyser en A.H. Marias (red.), Die Nasionale Party, Agtergrond, stigting en konsolidasie, Deel I, p.60.

<sup>2</sup> Ibid., p.62.

<sup>3</sup> M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Sy stryd en prestasies, 1914-1964, p.62.

<sup>4</sup> O. Geyser en A.H. Marais (red.), p.61.

Botha het hom beywer vir 'n beleid van vergewe en versoening: "Vergewe en Vergeet". Op 'n Volkskongres in 1904 het hy as voorsitter verklaar dat dit die doel van die kongres is, om 'n volksorganisasie in die lewe te roep wat dwarsdeur die Transvaal takke sou hê, en wat teen die wanadministrasie kon protesteer. Op hierdie kongres is onder andere ook beswaar gemaak teen die Chinese arbeiders in die goudmyne op die Rand. 'n Saak waarvoor Kemp met sy politieke leiers verskil het.<sup>5</sup> Die kongres het besluit om die beywering vir selfregering, en konsiliasie tussen die Blanke taalgroepe in die vier kolonies te bewerkstellig, voorop te stel.<sup>6</sup>

In die Transvaal het die Het Volkparty op 28 Januarie 1905 tot stand gekom, 'n uitsluitend Afrikanerparty. In die Oranje-Vrystaat is die Oranji-Unieparty onder leiding van genl. Hertzog gestig en die party sou hom beywer vir die verkryging van selfbestuur en die bevordering van volks- en landsbelange. In 1903 het die Afrikanerbond in die Kaapkolonie 'n koalisie met "The South African Party", onder leiding van John X. Merriman, aangegaan. Hulle doelstelling was om 'n eenheidsgevoel tussen die twee taalgroepe in Suid-Afrika te bewerkstellig en om 'n eenwording van die Britse kolonies in Suid-Afrika tot stand te bring.<sup>7</sup>

Op 10 Februarie 1905 het Botha in sy hoedanigheid as leier van die Het Volkparty in Transvaal, 'n tak van dié party op Piet Retief gestig. Op die bestuur is onder andere Kemp verkies.<sup>8</sup> Meteens het Jan Kemp hom in die maalstroom van landsaktiwiteite bevind - 'n eerste tree in die politiek, en die privaat lewe waarna hy hom teruggetrek het was verby en sou hy dit vir die res van sy lewe op die agtergrond skuif. In 1905 word hy aangestel as Veldkornet van die Piet Retiefdistrik. Dit kulmineer tot sy aanstelling as Vrederegter van Piet Retief vanaf 1 Augustus 1908, nadat hy reeds op 23 Februarie 1906 aangestel was, maar die aanstelling op 1 Maart 1907 gekanselleer was.<sup>9</sup> Die uitstekende werk wat hy te Piet Retief verrig het word verwoord in 'n brief van lord Sel-

<sup>5</sup> L.E. Neame, *Some South African Politicians*, p.62. Kemp was van mening dat die invoer van Chinese arbeiders die arbeider probleme in die goudmyne kon oplos.

<sup>6</sup> O. Geyser en A.H. Marias (red.), p.62.

<sup>7</sup> *Ibid.*, p.63.

<sup>8</sup> J.P. Brits, *Piet Retief, 1883-1983*, p.85.

<sup>9</sup> *Regeringskennisgewings*, 201 van 1906, 23.2.1906, p.394; 272 van 1907, 1.3.1907; 696 van 1908, 27.7.1908, p.363.

bourne, die Goewerneur-generaal van Transvaal, na 'n besoek aan die dorp in 1909: "I must say I liked Kemp very much; I thought him a first rate man."<sup>10</sup>

Die eerste en ook die enigste verkiesing, nadat selfregering deur die Britse Liberale regering onder sir Henry Campbell-Bannerman in Desember 1906 aan Transvaal toegeken is, het op 20 Februarie 1907 plaasgevind. Die Het Volkparty het die verkiesing met 36 setels teenoor die Progressiewe Party se 22, The National Association se 6 en die Arbeiders se 3 setels gewen. Die Het Volkparty het dus die meerderheid behaal, wat daarop dui dat dié party ook heelwat steun van die Engelsprokendes geniet het.<sup>11</sup> Uniflkasie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 het Kemp meer aktief by landsake betrek. F.W. Beyers is tot kommandant-generaal benoem en in sy hoedanigheid as hoof van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag, het hy daarna gestrewe om van sy strydmaakers wat hulle op 'n besondere wyse in die Anglo-Boereoorlog onderskeel het, te betrek.<sup>12</sup> Gevolglik het hy onder andere vir Kemp versoek om 'n offisier in die verdedigingsmag te word. Na sy opleiding te Bloemfontein het hy die rang van majoor ontvang. Twee jaar later het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek en sou Kemp 'n besondere rol speel in die Rebelle, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit.

Op 22 November 1916 is Kemp uit die Fort in Johannesburg, waar hy sy opgelede vonnis uitgedien het, vrygelaat onder die voorwaarde: hy word vir 'n proeftydperk vrygelaat vir solank as die tydperk van sy onuitgediende vonnis of tot die einde van die oorlog aanbreek, welke die langste duur. Sekere ander voorwaardes is ook gestel, naamlik:

- (a) Dat hy hom stil en vreedsaam moes gedra,
- (b) dat hy hom sou weerhou van aktiewe deelname aan die politiek,
- (c) dat hy geen politiekevergadering of -byeenkoms sou bywoon nie, en
- (d) dat hy nie sy distrik sou verlaat nie.<sup>13</sup>

Indien die Regering gedink het dat hulle hom gemulband het, het hulle die bal ver misgelaan.

### 3.2 Stigting van die Nasionale Party

<sup>10</sup> Sekretaris van die Eerste Minister van Transvaal, 1907-1914, TAB T13A, lêer 2, brief gedateer 25.11.1909, p.3.

<sup>11</sup> O. Geyser en A.H. Marais (red.), p.66.

<sup>12</sup> G.D. Scholtz, Skitterende Loopbaan as Krygsman, Kommando, volume 5, nr. 12, p.14.

<sup>13</sup> J.C.G. Kemp, p.416.

Uniewording sou 'n nuwe stryd intui - dit het nie 'n oplossing van Suid-Afrika se probleme teweeg gebring nie. Staatskundige vereniging het wel plaasgevind, maar van vereniging van belange was daar weinig sprake, nog minder van harte.<sup>14</sup> Die nuwe stryd sou woed rondom provinsialisme, politieke naywer en 'n wedloop om die politieke magsposisie. Bowenal sou dit gaan oor "dieper beginsels waardeur nie net Engels - en Afrikaanssprekende volkgroepe teenoor mekaar stelling sou inneem nie, maar uiteindelik Afrikaner teenoor Afrikaner".<sup>15</sup>

Louis Botha is deur die goewerneur-generaal lord Gladstone, versoek om premier van die Unie te word en om 'n kabinet saam te stel. Hierdie aanstelling kan gesien word as 'n beloning vir Botha se beleid van versoening tussen die twee taalgroepe.<sup>16</sup> In die samestelling van die Kabinet het hy 'n ulters moeilik taak gehad, omdat hy al die verskillende groepe in ag moes neem. So byvoorbeeld was hy nie gretig om Hertzog en Abraham Fischer van die Vrystaat in die Kabinet te akkommodeer nie. Indien hy Hertzog sou uitlaat, sou hy steun van 'n groot aantal Afrikaners moes verbeur, maar sluit hy Hertzog in sou hy die steun van 'n groot aantal Engelssprekendes verloor.<sup>17</sup> Die uiteinde van die saak was dat na geslote binnegevegte en onderhandeling Botha vir Hertzog as Minister van Justisie in sy kabinet opgeneem het.<sup>18</sup>

Hierdie vertoon van eenheid sou nie lank hou nie en in minder as 'n jaar nadat die Botha-regering aan bewind gekom het, was daar alreeds krake in die muur - tekens van 'n felle stryd. Hertzog was van mening dat Botha in sy konsillasiebeleid van vergewe en vergeet, te gretig was om die Engelssprekendes na sy kant toe te wen en dat hy daardeur die belange van die Afrikaner laat skade lel het. Voorts het hy Botha daarvan beskuldig dat hy Afrikanerbeginsels prys gegee het. Gevolglik was dit heel duidelik dat Botha en Hertzog se politieke sienswyses fundamenteel te veel verskil het om versoening te bewerkstellig en alles het op 'n onvermydelike botsing begin lui. In 1912 het Botha se konsillasiebeleid 'n verdere oorwinning behaal toe die Zuid-Afrikaanse Nasionale Party onder sy leiding tot stand gekom het - en vir die eerste keer was die hele Afrikanerdom nou in een party saamgesnoer, asook saam met hulle heelwat gematigde Engelsspre-

<sup>14</sup> O.Geyser en A.H. Marais (red.), p.74.

<sup>15</sup> *Ibid.*, p.74.

<sup>16</sup> F.A. van Jaarsveld, *Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p.265.

<sup>17</sup> O.Geyser en A.H. Marais (red.), pp.80-81.

<sup>18</sup> S.G. Millin, *General Smuts*, pp.271-272.

kondes. In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is hiermee 'n mylpaal bereik, maar dit was egter 'n wankelrige een. Diepgaande verskille in ele geleedere sou spoedig na die oppervlak beur, aangesien mense in die nuwe party saamgevoeg is wie se politieke sieninge diepgaande verskille getoon het.<sup>19</sup>

Reeds so gou as 5 Oktober 1912 het Hertzog in 'n toespraak op Nylstroom verklaar dat 'n beleid van "Suid-Afrika Eerste" geformuleer moes word.<sup>20</sup> Hierdie anti-imperialistiese siening het hom lynreg in opposisie met Botha se konsiliatiebeleid geplaas en veral die gemoedere by die lede van die Engelssprekende Unioniste Party laat ontvlam. Dit is heel duidelik dat Hertzog geen erg meer aan die konsiliatiebeleid gehad het nie.<sup>21</sup> Die saak is tot die spits gedryf op 7 Desember 1912 toe Hertzog weer eens in 'n toespraak onder andere imperialisme ten sterkste veroordeel het. "Waar't in botsing kom met die belange van Suid-Afrika, is hij er een besliste tegenstander van."<sup>22</sup> Voorts stel hy dit duidelik dat hy 'n voorstander is van 'n "Tweestroombeleid", naamlik dat die Afrikaner en sy taal en kultuur naas die van die Engelssprekende moes voortbestaan, met ander woorde dat die twee tale en kulture geskel gehou word en saamgesnoer word in één Suid-Afrikaanse nasie. Volgens Hertzog kon dit in die toekoms geskied dat die twee groepe saamsmelt.<sup>23</sup>

Die reaksie hierop, veral deur die Engelse pers, was 'n uiterse plofbare situasie vir Botha – kol. G. Leuchars, een van sy kabinetslede, het bedank aangesien hy van mening was dat Hertzog in sy toespraak dit duidelik gestel het dat hy die belange van Suid-Afrika bō die van die Ryk stel. Gevolglik het Botha vir Hertzog versoek om as minister te bedank, maar Hertzog weler. Dit het Botha geen ander uitweg gelaat as om te bedank nie. Die Goewerneur-generaal het hom daarop versoek om weer 'n kabinet saam te stel, sonder dat 'n verklesing uitgeroep sou word. Botha het weer 'n kabinet saamgestel waarin hy Leuchars en Hertzog uitgelaat het.<sup>24</sup>

Afrikaner-volkseenheid was op die punt van verbroekeling en mettertyd sou die Afrikanerdom in twee politieke groepe verdeel met Botha en Hertzog as onderskeie leiers daarvan. Hertzog se weglating uit die Kabinet het 'n hewige reaksie by die Afrikaners

<sup>19</sup> O. Geyser en A.H. Marais (red.), p.99.

<sup>20</sup> *Ibid.*, p.105.

<sup>21</sup> *Ibid.*, p.109.

<sup>22</sup> *Ibid.*

<sup>23</sup> F.A. van Jaarsveld, p.271.

<sup>24</sup> S.G. Millin, p.275.

ontketen. Hierdie reaksie was dan ook die eerste aanduiding daarvan dat daar 'n matige onderstroming van nasionalisme was wat nou gedreig het om tot die oppervlak uit te bars<sup>25</sup>, wat binne een jaar sou kulmineer in die stigting van die Nasionale Party op 1 Julie 1914 en waarna partytakke dwarsdeur die land gestig is.

### 3.3 Kemp en die Nasionale Party, 1914-1920

Sekere Afrikanerleiers, ook uit die kultuurgeledere, het in 1914 sterk op die voorgrond getree en manne soos Jan Kemp, C.J. Langenhoven, Tielman Roos en D.F. Malan het die Afrikanerleug begeesterd en geïnspreker met idees van nasionalisme, vryheid en republikaanisme. Dit het tot gevolg gehad dat baie van die jongmense in Afrikanergeledere na die Nasionale Party gestroom het terwyl die ou garde hulle by Botha geskaar het en "Bloedsappe"<sup>26</sup> geword het. Vir 'n man soos Kemp het die Nasionale Party die geleentheid gebied om aan sy diep gewortelde nasionalisme uiting te gee - 'n nuwe hoop om sy republikeinse ideaal te verwesenlik, nie deur 'n gewapende stryd die keer nie, maar deur die konstitusionele weg te volg. So byvoorbeeld was hy betrokke by die stigting van die Nasionale Partytak van Hartbeesfontein in die Wes-Transvaal, en waaraan die naam "Vryheid" gegee is.<sup>27</sup>

In 1915 het die Nasionale Party heftige aanvalle op die Regering gedoen oor sy hantering van die Rebelle en het die party sterk na vore getree as kampvegter vir die rebelle. In die Transvaal is twee rebelle en 'n simpatiseerder van die rebelle in die Hoofbestuur van die Nasionale Party verkies, te wete Kemp, ds. H.D. Broekhuizen en W. de Klerk. Dit het gebeur nadat die oorspronklike hoofbestuur van 13 tot 21 vergroot is, met Tielman Roos as voorsitter.<sup>28</sup> Aangesien eersgenoemde drie nog in die gevangenis was en dus geen wesenlike bydrae tot die werk van die hoofbestuur kon lewer nie, was hierdie benoeming duidelik 'n daad wat as simpatie met die rebelle beskou moes word.

Op 20 Oktober 1915 het die tweede algemene verkiesing sedert Uniewording plaasgevind. Die volk sou nou moes uitspraak lewer, nie net oor die Rebelle en die arbeidsonrus van 1913 en 1914 nie, maar ook oor die vraag of Botha se konsillasiebeleid sy doel verwesenlik het. In Nasionale Party kringe is groot verwagtinge gekoester en hoewel dié

<sup>25</sup> O. Geyser en A.H. Marnis (red.), p.112.

<sup>26</sup> G.D.J. Duvenage, *Imperialisme en Nasionalisme*, p.84.

<sup>27</sup> M.P.A. Malan-versameling, Geskiedenis van die NP in Transvaal, INEG, PV34, ongepaginêerd.

<sup>28</sup> *Ibid.*

Party nie die verkiesing gewen het nie, was die verkiesing beskou as 'n skitterende sege vir "Hertzogisme".<sup>29</sup> In Transvaal is 4 setels verower, onder andere Wolmaransstad deur ds. E.J.J. van der Horst; 'n setel wat vanaf 1920 deur Kemp in die Volksraad verteenwoordig sou word. Die Nasionale Party het in totaal 27 setels verower, die Suid-Afrikaanse Party 54, die Unioniste 40, die Arbeiders 4 en die Onafhanklikes 4 setels ingepalm.<sup>30</sup> Die gevolg was dat die Suid-Afrikaanse Party nie 'n absolute meerderheid behaal het nie en Botha sou voortaan op die Unioniste vir parlementêre steun moes staatmaak. Die uitslag van die verkiesing het getoon dat die Regering nog sterker teenstand in die toekoms van die steeds groeiende Nasionale Party kon verwag. Vir Kemp sou dit die geleentheid bled om as politikus saam met die party te groei tot een van die politieke leiers in Suid-Afrika.

Spoedig na sy vrylating op 22 November 1916 het dit duidelik geword dat Kemp hom nie eintlik steur aan die voorwaardes met betrekking tot sy voorlopige vrylating nie, naamlik dat hy nie aan politieke aktiwiteite kon deelneem nie en nie sy distrik kon verlaat nie. As aktiewe ondersteuner van die Nasionale Party raak hy bevriend met Tielman Roos en onderneem hulle in 1917 'n gesamentlike reis deur die Wes-Transvaal, waar hulle verskeie politieke vergaderings hou. Weer eens was hy betrokke in die draaikolk van politieke aktiwiteite van sy land, en met die vuur eie aan hom, het Kemp hard gewerk en hom beywer vir die uitbou van die Nasionale Party. Die party het aan hom 'n tuiste geleidelik vir die uitlewering van sy onblusbare nasionalisme.

By die Nasionale Partykongres in Pretoria op 19 November 1919, het hy opgetree as voorsitter, waar hy verantwoordelik was vir die verwelkomingswoord aan Hertzog. By die kongres is Kemp en Grobler geesdriftig verwelkom en versoek om op te staan "om gesien te word". Hertzog het in sy toespraak die hoop uitgespreek dat "Kemp en die rebelleleiers by die eerste geleentheid dadelik weer van gebruik gemaak sou word tot groot voordeel van ons saak."<sup>31</sup> By die vergadering is Kemp en Grobler verkies tot die Federale Raad, in die plek van J. Joubert en A.D.W. Wolmarans. Toe daar oorgegaan is tot die verkiesing van die Transvaalse leier, is Roos en Grobler genomineer, waarop Roos verkies word.<sup>32</sup> Tydens die Kongres is die onafhanklikheidsideaal ten nouste gekoppel aan die

<sup>29</sup> J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler (1873-1942)*, p.195.

<sup>30</sup> *Ibid.*, p.103.

<sup>31</sup> *Ibid.*

<sup>32</sup> J.C.H. Grobler, p.198; *Ons Vaderland*, 21.11.1919, beweer verkeerdlik dat Roos die enigste genomineerde was.

verdeeldheid in Afrikanergeleedere en het daar in toesprake 'n herenigingsideaal weerklink. Dit dien daarop gelet te word dat tussen 1916 en 1920 die oproepe tot hereniging van die Afrikaner 'n hoogtepunt bereik het. Gevolglik besluit die Kongres om herenigingspogings voort te sit met diegene van die Suid-Afrikaanse Party wat saam met hulle stem, maar hulle het wantrouig teenoor Smuts gestaan. Voorts het die kongres besluit dat die uiteindelijke bestemming vir die Unie van Suid-Afrika soewereine onafhanklikheid sou wees; en besluit om met die propaganda daarvoor voort te gaan.<sup>33</sup>

Op 27 Augustus 1919 het Botha onverwags gesterf en het die mantel op Smuts as sy opvolger geval. Met die opening van die eerste naoorlogse parlementsitting bepleit Smuts 'n nuwe begin, die staking van die ou vyandskappe en moedig hy die mense aan om hulle geleedere te sluit sodat die volk tot sy reg kon kom. "Moenie dat ons oor die verlede treur nie, laat ons llewer die geleentheid ten baat neem om ons volk op te bou. Ek staan hier om die sterkste en dringendste beroep op lede te doen om in die teenwoordige tyd te lewe: om na die toekoms te kyk en nie na die verlede nie. Kom ons staan op van die mlershoop van verdriet en ons rig ons op die groot dinge wat die toekoms inhou."<sup>34</sup> Binne 'n maand na die pleedool het daar 'n herenigingskonferensie in die Paarl plaasgevind. Weer was daar hoop op die eerste stappe tot toenadering, maar weer het die poging misluk. Die rede vir die mislukking was toe te skryf aan die botsende idees van Smuts se ryksverband en die vryheidstrewa van die Hertzoglete.<sup>35</sup>

In Desember 1919 het Smuts besluit om 'n algemene verkiesing uit te roep en dit sou plaasvind op 10 Maart 1920. In 'n brief aan 'n ene Clark erken hy dat hy ongemaklik voel oor die uitslag van so 'n verkiesing: "Dit lyk byna of ek geen ander uitkoms het as die onaantreklike, naamlik om 'n koalisie met die Unioniste Party, aan te gaan nie."<sup>36</sup> Sy aanvoeling was doodreg. Vir die kiesafdeling Wolmaransstad was Kemp genomineer as Nasionale Party kandidaat vir die Volksraad, teenoor J.J. Hoffman van die Suid-Afrikaanse Party. Die belangrikste verkiesingspunt was ongetwyfeld die onafhanklikheidstrewa en republikeinse ideaal teenoor die behoud van die Britse bande. Kemp het op 'n politieke vergadering te Lichtenburg dit duidelik uitgespel dat die komende verkiesing in hoofsaak 'n stryd tussen republikeinse-ideaal en Imperialisme sou wees.<sup>37</sup> Sy vryheid-

<sup>33</sup> M.P.A. Malan-versameling, p.4.

<sup>34</sup> Piet Meiring, General Hertzog, 50 Jaar daarna, p.77.

<sup>35</sup> J.C.H. Grobler, p.199.

<sup>36</sup> Piet Meiring, p.78.

<sup>37</sup> O. Geyser en A.H. Marais, (red.), p.392; Die Burger, 20.1.1920.

vryheidstrewende karakter word weer eens vergestalt toe hy die kiesers die versekering gee dat dié vryheidsideaal bereik sal word so seker as wat die son skyn, "want jong Suid-Afrika is soos een man daardie ideaal toegedaan."<sup>38</sup> Die Nasionale Party het gevolglik die Wolmaransstad setel met 'n meerderheid van 563 stemme behou en Kemp is verkies tot lid van die Volksraad, 'n setel wat hy sou hou tot en met sy dood in 1946. In die 1915-verkieping het die Nasionale Party kandidaat 'n meerderheid van 200 stemme behaal.<sup>39</sup> Alhoewel Smuts die verkiesing gewen het, was die Nasionale Party met sy 44 setels die sterkste enkel party in die land, aangesien hy die meeste stemme op hom verenig het.<sup>40</sup>

Die verkiesingsuitslag was 'n politieke skaakmat en vir Smuts 'n groot verleentheid. Gevolglik het hy aan Hertzog voorgestel dat die twee partye 'n ernstige poging moet aanwend om 'n grondslag vir samewerking te verkry. Getrou aan sy karaktervastheid was Hertzog nie bereid om af te sien van die kwessie van afskeiding van die Britse kroon en die verkryging van onafhanklikheid nie.<sup>41</sup> Na aanleiding van Kemp se toespraak te Lichtenburg voor die verkiesing kan 'n mens aanneem dat hy sy leier heelhartig gesteun het in dié sienswyse. Hierdie else van Hertzog was vir die premier onaanvaarbaar en omdat dit vir hom prakties onmoontlik was om as 'n minderheidsparty te regeer, was Smuts verplig om hom tot die Unioniste Party te wend. Hierdie mislukte poging tot hereniging het oproepe vir eenheid vanuit volksgeleedere net vuriger gemaak – "Hereniging" het die leuse van die dag geword<sup>42</sup> en uit elke deel van die land het 'n gevoel vir eenheid na vore gekom. So byvoorbeeld is Sondag 19 September as 'n landswyse biddag vir die voorgenome Volkskongres wat op 22 September 1920 in Bloemfontein sou plaasvind, aangekondig.<sup>43</sup>

Ongeveer 550 afgevaardigdes uit die Nasionale Party - en die Suid-Afrikaanse Partygeleedere het vergader om die volk se begeerde eenheid te bespreek. Voortspruitend was 'n besluit van die Kongres om 'n versoeningskomitee aan te stel vir die bespreking van

<sup>38</sup> The Friend, 21.1.1920.

<sup>39</sup> Ons Vaderland, 13.2.1920 en 12.3.1920; Die Volksraad, Parlementêre Register 1910-1961, p.9.

<sup>40</sup> O. Geyser en A.H. Marais (red.), pp.401-402, meld dat die NP 100431 stemme teenoor die SAP se 9011 stemme behaal het. Die NP het sedert die 1915-verkieping sy stemtotale met 20994 opgestoot, terwyl die SAP se stemtotale met 3345 gedaal het; The Friend, 30.3.1920, meld in hoofartikel van die fenomenale groei van die NP en agteruitgang van die SAP; Die Volksblad, 19.3.1920; F.A. van Jaarsveld, p.275.

<sup>41</sup> Piet Meiring, p.78.

<sup>42</sup> J.J. Van Rooyen, Die Nasionale Party, Sy opkoms en oorwinning-Kaapland se aandeel, p.76.

<sup>43</sup> Ibid., p.75.

die omstredende punte, naamlik 21 lede van elke party. Een van die voorgestelde lede van die Nasionale Party was Kemp.<sup>44</sup> Na 'n lang debat was dit duidelik dat dit nie moontlik was om tot hereniging te kom nie aangesien die republikeinse ideaal ononderhandelbaar was vir die Nasionale Partylede, terwyl die Suid-Afrikaanse Party nie bereid was om die ideaal van onafhanklikheid in sy grondwet op te neem nie. "Is dit so 'n verskriklike ding om te sê dat ons die ideaal van onafhanklikheid koester?"<sup>45</sup> het Roos gevra. Dit was ook geen geheim waarom die Suid-Afrikaanse Partyleiers so onwillig was om met die Nasionale te herenig nie, want dit was makliker om met die Unioniste saam te smelt. Hierdie noue geestesverwantskap tussen die Suid-Afrikaanse Partyleiers en die Unioniste het tot gevolg gehad dat die twee partye in November 1920 saamsmelt.<sup>46</sup> Volgens D.F. Malan was "dit 'n egte huwelik, maar 'n huwelik tussen twee verminktes. Nie een kan op ele bene staan nie, en hulle kan mekaar dus nie verlaat nie."<sup>47</sup> Hierdie huwelik sou van korte duur wees – mislukte politieke huwelike is geen seldsaamheid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie!

In die Nasionale Party van Transvaal se geledere was alles ook nie pluis nie, aangesien 'n toenemende ontevredenheid te bespeur was met betrekking tot Roos as leier. Oor sy leierseienskappe en politieke vernuf het daar geen twyfel bestaan nie, maar sy afwesigheid tydens Volksraadsittings was 'n bron van kommer.

Sedert 1920 het Piet Grobler, 'n boesemvriend van Kemp, as een van die sterk Nasionale Partyleiers in Transvaal na vore getree. As gevolg van die dood van sy vrou, het Roos in Mei 1920 'n moeilike periode betree en kritiek teen hom erg gevoel. Tydens die 1920 Partykongres is Grobler ook as voorsitter voorgestel, maar ter wille van partyeenheid besluit om terug te staan. Gevolglik is hy as onderleier verkies.<sup>48</sup> Alhoewel Kemp aan die begin van sy politieke loopbaan saam met Roos die Wes-Transvaal deurels het en politieke vergaderings saam met hom gehou het, kan 'n mens met sekerheid meld dat daar geen twyfel was dat sy lojaliteit by Grobler geleë was – 'n lojaliteit wat in die toekoms 'n groot rol sou speel in sy politieke lewe, soos toe hy op aanbeveling van Grobler deur Hertzog in 1924 tot lid van die Kabinet aangewys is.

<sup>44</sup> *Ibid.*, p.76.

<sup>45</sup> *Ibid.*, p.77.

<sup>46</sup> E.A. van Jaarsveld, p.275, volgens hom was die rede vir die mislukking van die herenigingspoging tussen Hertzog en Smuts die kwessie van secessie. Volgens Hertzog die reg om die Unie van Suid-Afrika los van die Britse Ryk te maak, terwyl Smuts die Britse konneksie wou handhaaf.

<sup>47</sup> J.J. van Rooyen, p.74.

<sup>48</sup> J.C.H. Grobler, p.206.

Die aansluiting van die Unionisteparty by die Suid-Afrikaanse Party, het Smuts 'n totaal van 66 setels teenoor die 65 gesamentlike setels van die Nasionale Party en Arbeidersparty in die Parlement besorg. Hy was dus afhanklik van die drie Onafhanklike se stemme in die Volksraad, Indien die Nasionale Party en Arbeidersparty hul stemme sou verenig - 'n benarde posisie vir Smuts.<sup>49</sup> In die hoop dat sy posisie in 'n algemene verkiesing sou versterk, het Smuts op 26 November 1920 aangekondig dat die Parlement op 31 Desember 1920 sou ontbind en dat 'n algemene verkiesing op 8 Februarie 1921 sou plaasvind.<sup>50</sup> Smuts het hierdeur gehoop dat hy sterker uit 'n volgende verkiesing sou tree. Sy hele veldtog was gebaseer op 'n regverdiging van sy samesmelting met die Unioniste. Dit was 'n heftige verkiesingstryd met beskuldigings wat oor en weer geslinger word. Die Nasionale - en Arbeidersparty was op die verdediging omdat die Suid-Afrikaanse Party gesteun deur 'n sterk Engelse pers, volgehou het om die kiesers vrees in te boesem vir die rassistiese, republikeinse, sesessionistiese, onkonstitusionele, sosialistiese, Bolsjewistiese revolusionêre doelstellings wat hulle aan die Nasionalistes en Arbeiders toegeskryf het.<sup>51</sup> So het C.W. Malan van die Suid-Afrikaanse Party in 'n onderhoud met die Unioniste gesimpatiseer oor hul lot as die Nasionale Party aan bewind kom en Kemp of Maritz die Minister van Verdediging sou word.<sup>52</sup>

Die Nasionale Party het in sy aanloop tot die verkiesing hom hoofsaaklik op ekonomiese vraagstukke toegesplits. Die Suid-Afrikaanse Party se imperiale politiek is blameer vir al die ellende, agteruitgang en die Unie se benarde ekonomiese posisie. Dit moet onthou word dat "geen politikus is volkome politikus as hy nie ook opportunisties is nie - Hertzog was geen uitsondering nie."<sup>53</sup> Hy bult die onrus onder sekere Sappe, oor samesmelting met die Unioniste, ultimend uit en verklaar dat die samesmelting Smuts se Imperiale politiek sou versterk.<sup>54</sup> Gevolglik kom Hertzog weer eens na vore as die pleitbesorger vir 'n hereniging van die Afrikaanssprekendes, maar beslis nie met die Suid-Afrikaanse Party nie. Dit dien vermeld te word dat daar tussen die Nasionale Partyleiers gedurende die verkiesingsveldtog meningsverskille oor die uiteindelijke regeringvorm en

<sup>49</sup> O. Geyser en A.H. Marais (red.), p.406; *Die Burger*, 27.11.1920 en 3.12.1920.

<sup>50</sup> J.H. le Roux (red.), *Generaal J.B.M. Hertzog. Sy strewe en stryd*, Volume I, p.234.

<sup>51</sup> O. Geyser en A.H. Marais (red.), p.417.

<sup>52</sup> *Ibid.*; *Die Burger*, 16.2.1921, in 'n onderhoud met mnr. C.W. Malan meld hy dat Kemp se anti-imperialistiese sienings nie vreemd was nie.

<sup>53</sup> J.H. le Roux (red.), p.236.

<sup>54</sup> *Ibid.*, J.H. le Roux meld dat Hertzog verklaar het dat Smuts se imperiale politiek deur die Unioniste versterk sou word en dat die Unie daardeur die weerlose prooi van Imperiale handelsbelange en -hebsug gemaak sou word.

verbintenिस met die Britse Ryk was. Roos van die Transvaal was ten gunste van 'n republiek onafhanklik van die Britse Ryk, terwyl die leier van die Nasionale Party in die Kaapland D.F. Malan, 'n voorstander was van soewereine onafhanklikheid met gebondenheid aan verskillende dele van die Britse Ryk, op 'n gelyke en vrywillige basis – dog sonder enige verpligtinge.<sup>55</sup> Creswell en sy Arbeidersparty het ook die klem op die ekonomiese vraagstukke laat val, maar hy beklemtoon ook dat die party nie 'n werktuig van die Nasionale Party is nie.

Die verkiesingsuitslag was vir Smuts en sy vergrote Suid-Afrikaanse Party 'n kilnkende oorwinning: Suid-Afrikaanse Party wen 78 setels teenoor die 44 van die Nasionale Party, 9 van die Arbeidersparty en 1 Onafhanklike.<sup>56</sup> Opvallend dat die Nasionale Party een meer setel as in 1920 wen, maar die Arbeidersparty staan 12 stedelike setels af. Kemp behou die Wolmaransstad setel met 'n meerderheid van 539 stemme.<sup>57</sup> Maar die tekens was daar van 'n steeds groeiende Nasionale Party.<sup>58</sup> Smuts sou in die toekomst rekening moes hou met die onvernieligbare Afrikanerdom "wat met die kragtige ideale van 'n jong en selfbewuste volk besiel was."<sup>59</sup> As amptelike Opposisieleier was Hertzog, gerugsteun deur sy volgelinge in die Nasionale Party, nou meer as ooit begeesterd om die stryd teen die Ryksgeoriënteerde regering te verskerp.

In 1921 het daar 'n konferensie van Premiers in Londen plaasgevind en alhoewel Smuts aanvanklik aarsel om dit by te woon, kon hy egter nie die versoeking weerstaan nie. Met sy terugkeer moes hy egter ontdek dat die ekonomiese depressie uit Europa voor hom hier gearriveer het. Dit het 'n deflasionêre invloed op die land gehad en geld was skaars en werkloosheid het toegeneem.<sup>60</sup> 'n Verdere bron van kommer was die toestand op die goudmyne aangesien die goudprys na 'n baie lae kerf gedaal het en om stygende produksie koste laag te hou, het die mynbase werkerslone verlaag of Swartes in die plek van Blankes aangestel.

<sup>55</sup> J.H. le Roux, (red.), p.237.

<sup>56</sup> Piet Meiring, p.78.

<sup>57</sup> Gegewens uit Die Vaderland toon aan dat Kemp in die 1920-verkiesing 1162 stemme getrek het teenoor die SAP-kandidaat J. Hoffman se 599 stemme – 'n meerderheid van 563 stemme. In die 1921-verkiesing het Kemp 1152 stemme teenoor die SAP-kandidaat P.W. Botha se 613 stemme – 'n meerderheid van 539 stemme.

<sup>58</sup> Ibid.

<sup>59</sup> J.H. le Roux (red.), p.239.

<sup>60</sup> Piet Meiring, p.79.

Op Saterdag 27 Augustus 1921 besoek Kemp, as lid vir die Volksraad, en mnr. N. Fourie, lid vir die Provinsiale Raad, die Kameelkuildelwery. Die vergadersaal was propvol en behalwe vir die Afrikaanssprekendes, was daar ook Engelssprekendes, Jode en Grieke. In sy toespraak verwys Kemp eerstens weer na die gees van nasionalisme wat daar onder die delwers moet heers. Hy veroordeel die onregverdige belasting wat die Regering die mense oplê en meld dat die Nasionale Party in die Volksraad daarteen geveg het. Hy verwys na die goud wat op groot skaal uitgevoer word en dat hulle alles in hulle vermoë doen om die mynindustrie te belas, maar dat die Regering die Provinsiale Raad verbied het om myne te belas. 'n Saak wat volgens hom die Nasionale Party na aan die hart lê is die Armblankevraagstuk en het hulle vertoë tot die Regering gerig ter verligting, maar die Regering se antwoord was dat daar geen geld was nie. Hy betoog vir 'n besuiniging van staatsuitgawes. Tydens vraetyd word daar onder andere aan hom gevra of hy ten gunste is van die afskaffing van die Provinsiale Raad waarop sy antwoord was: "Ja, as my kiesers daartoe opdrag gee."<sup>61</sup> Daar is ook aan hom gevra of hy 'n loterystelsel sal ondersteun en het hy gesê hy sal dit ondersteun as dit voor die Parlement kom. Voorts meld hy dat hy die oprigting van 'n diamantslypery steun.

Indien daar gelet word op die vrae en die antwoorde wat Kemp verskaf, asook die onderwerpe wat hy in sy toespraak aangeraak het, kan die afleiding gemaak word dat hy ter saaklike probleme onderskep het wat die gewone kieser en landsburger gekwel het en dat hy die saak van mense op die hart gedra het. Hy het homself nie eerste geplaas nie, maar altyd die nasionale saak gedien.<sup>62</sup> Hy was 'n harde werker wat deur deeglike navorsing ter saaklike probleme aangespreek het.

Die Transvaalse Nasionale Partykongres het in September 1921 in Pretoria plaasgevind. By die opening van dié kongres op Donderdag 21 September 1921, is 'n onbestrede mosie voorgedra waarin voorgestel was dat die Stadsraad van Pretoria die Krugerstandbeeld sy regmatige plek sal laat inneem op Kerkplein.<sup>63</sup> 'n Saak wat aanleiding gegee het tot die voorstel was dat die sistukke van die beeld wat deur Anton van Wouw toe aangekom het en die standbeeld in sy geheel opgerig kon word. Tydens die verkiesing van hoofbestuurslede vir die volgende Jaar was Jan Kemp ook verkies, met Roos as

---

<sup>61</sup> Ons Vaderland, 6.9.21

<sup>62</sup> Ibid.

<sup>63</sup> Die Burger, 30.9.21.

voorsitter en Grobler as ondervoorsitter. Kemp het al meer en meer op die voorgrond getree as 'n volksleier.

In Desember 1921 het die Kamer van Mynwese aangekondig dat 2 000 blanke mynwerkers op 1 Februarie 1922 met Swartes vervang gaan word. Die resultaat hiervan was dat die steenkool - en goudmynwerkers besluit het om uit protes te staak.<sup>64</sup> Hierdie reaksie van die mynwerkers het Smuts genoop om dadelik op te tree - hy stel die komende parlementsitting met 'n maand uit en bly in Londen. Sodoende wou hy die twee strydende partye die geleentheid gee om te onderhandel. Smuts het daardeur sy bekende "laat-maar-loop-houding" probeer toepas.<sup>65</sup> Onder leiding van Hertzog, wat aan die hand gedoen het dat 'n gekose komitee van die Parlement die saak ondersoek, was 'n lang debat gevoer oor die staking en sy oorsake. Uiteindelik was met 69 teen 53 stemme die regeringsvoorstel aanvaar dat die staking beëindig moes word met die Regering as bemiddelaar, maar dit was blote wensdenkery. Dit het eerder die Mynbase in hulle onversetlike houding gesterk. Met die gevolg dat die mynwerkers geen ander uitweg sien as om vir hulle regte enduit te veg nie.<sup>66</sup> Wennie du Plessis in sy boek Die Goue Draad beskryf die situasie in die land soos volg: " 'Staak', sê die werkers. 'Strike', sê die opswepers. 'Skiet', sê die mynmagnate. Generaal Smuts praat mooi. Generaal Smuts praat sag. Generaal Smuts praat hard wanneer niemand luister nie. Generaal Smuts word gemaal tussen die meulstene totdat sy geduld flenters word, sodat hy die kommando's oproep en Boer weer teen Boer te staan kom en na mekaar kyk, nie in liefde nie, maar oor die korrels van gewere. Vir die soveelste keer."<sup>67</sup>

Tydens die staking was daar verskeie gerugte en stories om gemoedere op te sweep, onder andere dat Kemp uit die Wes-Transvaal - "die magtige landstreek van die Rûens en van Rooiwal, De la Rey en Kemp se wêreld" - in aantog was met 'n kommando. Op Kerkplein in Pretoria het die mense saamgedrom, alhoewel vergaderings volgens krygswet verbode was, om te sien wanneer Kemp met sy kommando opdaag. Volgens Wennie du Plessis wou hulle vir hom sing "kent gij dat Volk".<sup>68</sup> Die skare verontsaam bevele van die polisie offisier om uit een te gaan, want hulle wou Kemp sien as hy arriveer. Na verskeie skermutsellinge met die gereg is die skare later uiteen. Generaal Kemp

<sup>64</sup> Piet Meiring, p.79.

<sup>65</sup> Ibid., p.80.

<sup>66</sup> Ibid.

<sup>67</sup> Wennie du Plessis, Die Goue Draad, p.30.

<sup>68</sup> Ibid., p.31.

het gekom, twee jaar later as lid van die Hertzog-kabinet.<sup>69</sup> Hierdie gebeurtenis dien as bewys vir die bewondering en agting wat die Afrikanervolk vir Kemp gehad het – die geloof dat hy 'n saak kon regstel – 'n man wat agting en respek afgedwing het.

Die stakers het geglo dat Smuts kop in een mus met die kapittalistiese mynbase was en aangesien die meerderheid mynwerkers Afrikaners was het hulle gehoop op die steun van die Nasionale Party.<sup>70</sup> Roos wou egter graag politieke voordeel uit die situasie trek en het sy steun uiteindelik nie veel verder as blote simpatie gestrek nie.

Die stakers het nou begin om hulle te bewapen en op 3 Februarie 1922 tydens 'n monstervergadering is daar besluit om die wurggreep van die Kamer van Mynwese te beëindig en 'n voorlopige republikeinse regering in die lewe te roep – “laasgenoemde sou egter 'n werkersrepubliek volgens Russiese patroon wees.”<sup>71</sup> Die gevolg hiervan was dat die Nasionale Party hulle nie verder ondersteun het nie. Sporadiese uitbarsting het voorgekom by verskillende myne aan die Rand en skielik het die kwessie in 'n gewapende verset ontaard. Terwyl Smuts nog voorheen getwyfel het of hy krygswet aan die Rand moes uitroep, was hy nou verplig om die Aktiewe Burgermag te mobiliseer om sodoende 'n burgeroorlog te voorkom. Lewensverlies was aan beide kante gely en Smuts was van alle kante veroordeel vir sy hantering van die situasie. Hy skrywe aan 'n vriend van hom, “Mense blameer my vir alles. Nou is ek boonop die slagter en die laksman.”<sup>72</sup> Daar het egter waarheid in die beskuldiging gesteek!

Met die beëindiging van die staking en die gevolglike voordele wat die mynbase daaruit getrek het, het die skaal ten opsigte van politieke neigings nou sterk in die guns van die Nasionale Party geswaai. Dit het tot gevolg gehad dat die Nasionale Party en die Arbeidersparty al nader aan mekaar begin beweeg het, alhoewel daar alreeds vroeër toenadering tussen die twee partye was.

Gedurende die staking op 7 April 1922, tydens die sitting van die Volksraad, het 'n Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Pietermaritzburg-Suid, W.J. O'Brein, in 'n toespraak die Nasionale Party aangeval oor die party se simpatie wat hy getoon het met die stakers. Kemp was dadelik op sy voete en het die spreker geantwoord deur te sê “.....as

<sup>69</sup> *Ibid.*

<sup>70</sup> J.H. le Roux (red.), p.241.

<sup>71</sup> *Ibid.*

<sup>72</sup> Piet Meiring, p.80.

daar een ding is wat die Nasionalliste met veragting van hulle afgooi, is dit die bewering dat die Nasionalliste die staking veroorsaak het. Ons het nog altyd gewaarsku teen die staking en geweldpleging.”<sup>73</sup> Volgens hom het die Nasionale Party slegs die stakers gesteun in sover die geskil oor die kleurlyn gegaan het – hy het voortgegaan deur die premier te beskuldig van ‘n platskietbeleid en dat hy die een staker teen die ander opgesteek het toe hy hulle aangeraai het om hulle werk voort te sit onder regeeringsbeskerming. Ten slotte het hy ‘n waarskuwing gerig dat die tirannie van die Eerste minister nie lig vergeet sal word nie, en as sy val eendag kom sal dit grotendeels te danke wees aan hierdie optrede.<sup>74</sup> Smuts sou nie ongeskonde wegkom nie en ontevredenheid teen hom was aan die groei. Kemp het opgetree as pleitbesorger vir die stakers wat gevangenisstraf opgelê was. Hy het daarop gewys dat genade betoon was aan gevangenes tydens die Jameson-Inval, terwyl dit ook tydens die 1913-staking toegestaan was. Hierdie pleidooi het egter op dowe ore geval by die Minister van Justisie, mnr. N.J. de Wet.<sup>75</sup>

Kemp het nou al sterk op die voorgrond begin getree as een van die Nasionale Party se segsmanne ten opsigte van voorgestelde wetgewing en hy lewer weldeurdagte bydraes in Volksraaddebatte. Hy huier nie om die sweep in te lê wanneer dit toepaslik was nie. Op Donderdag 1 Junie 1922 byvoorbeeld vind die tweede lesing van die Wetsontwerp op Skenking en Betaling van Verdedigingseilendom plaas. In hoofsaak het dit gegaan oor die oornome van Britse leëreielendomme in Suid-Afrika en volgens die Minister van Landsverdediging, kol. H. Mentz, het die Ryksregering Suid-Afrika uiters edelmoedig behandel en dat almal trots daarop kon voel dat die hoogste militêre gesag nou by die Suid-Afrikaanse volk berus. Voorts gee die Minister ‘n oorsig van die situasie soos dit was en dat die Ryksregering die elendomme nou aan Suid-Afrika gegee het as ‘n vrywillige geskenk.

Hierna het Kemp die woord gevoer en gesê, “Ons voel almal dat dit ons plig is om ons land te verdedig en wanneer niks sou weggesteek word nie, sou die oornome van die forte en gronde seker in belang van die bevolking wees.”<sup>76</sup> Volgens hom het hy die dokumente noukeurig bestudeer en meld dat daar ‘n tikkie vrees by hom ontstaan het. Onwillekeurig het die vraag by hom opgekom of daar nie geheime traktate daar agter

<sup>73</sup> Cape Times, 8.4.1922; Debates of the Home of Assembly, Vol. 7, 18 February 1922-20 July 1922, p.128; Die Burger, 8.4.1922.

<sup>74</sup> Ibid.

<sup>75</sup> The Star, 7.2.1923.

<sup>76</sup> Ons Vaderland, 9.6.1922; Cape Times, 2.6.1922; Debates of the House of Assembly, Vol. 7, 18 Februarie 1922 - 20 July, p.253.

kon sit nie en indien daar weer oorlog kom, die volk weer gevang sal word, soos in 1914 nie. Hy staan wantroulig teenoor die openlikheid van sake en wys op sekere inligting wat nie in die wetsontwerp vervat was nie. Hy eis onvoorwaardelike losmaking van Ryksbelange ten opsigte van verdedigingswerke, soos byvoorbeeld die instandhouding van die Simonstad vlootbasis. Veral as daar nog van die belastingbetaler verwag word om die las daarvan te dra. Hy steun nie die wetsontwerp as dit gaan oor "Empire"-belange nie,<sup>77</sup> en stel voor dat dit na 'n gekose komitee verwys word.

Op 14 Junie 1922 is hy weer in aksie tydens die tweede lesingsdebat in die Volksraad oor Wetsontwerp tot verdere wysiging van die Transvaalse Wet op Edele en Onedele Metale.<sup>78</sup> Die voorgestelde wetgewing handel oor die deproklamasie van uitgewerkte myngrond. Voorheen het die oppervlakte uitelindelik weer teruggeval na die oorspronklike eienaar. Die voorgestelde wetsontwerp was baie rewolusionêr, aangesien dit regerings tussenkoms in die gevestigde regte van standplaaseienaars behels het. Die resultaat daarvan sou lei tot verliese, aangesien baie van die eienaars groot somme geld belê het in geboue en besighede op die myngrond.

In sy debatsrede meld Kemp dat hy uiters teleurgesteld is in minister F.S. Malan wat na 12 jaar met sulke lapwetgewing kom.<sup>79</sup> Hy beskou die voorgenome regeringsoptrede as 'n uitbulting van die regte van die eienaars, wat niks anders is as sosialistiese neigings. Hy stel voor dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys word, met die reg om getuënis op te roep en dokumente aan te vra. Die Volksraad besluit gevolglik om die wetsontwerp na 'n gekose komitee te verwys, waarvan Kemp een van die lede was.

Die Kleurkwessie was 'n knellende probleem vir die Regering. Die Naturelle Stadsgebiede Wet (nr.21 van 1923) was 'n poging om die instroming van Swartes uit hul eie stamtuistes na Blanke gebiede te beheer en dit het voorsiening gemaak vir die afbakening van aparte Swartwoongebiede of lokasies. Kemp het op 7 Februarie 1923 in die Volksraad deelgeneem aan die besprekings rakende die wetsontwerp en gesê, "Hoe langer ons die Naturellevraagstuk links laat lê, hoe ingewikkelder word dit. Daar kom meer en

<sup>77</sup> Cape Times, 2.6.1922; Debates of the House of Assembly, Vol.7, 18 February 1922 - 20 July 1922, p.253.

<sup>78</sup> Ons Vaderland, 2.6.1922.

<sup>79</sup> Cape Times, 15.6.1922; Debates of the House of Assembly, Vol.7, 18 February 1922 - 20 July 1922, p.283.

meer mededlmgng tussen Wit en Swart."<sup>80</sup> Hy meld dat hulle in 1912 tot die gevolgtrekking gekom het dat segregasie die enigste oplossing was, maar dat die Nasionaliste in 1913 Botha gesteun het met die wet op Swartgrondbesit – Die Naturelle (sic) Grondwet 'n wet wat geen definitiewe oplossing gebring het nie as gevolg van die standpunt van die Unioniste, wat nou saam die Sappe in een party sit. Hy het die saak deeglik ondersoek en verwys na die koste van die saak, so byvoorbeeld sal die stadsrade grond moet aankoop vir Swartes in stadsgebiede en die koste daarvan sal vir die grootste deel op die Blankes val.

Volgens hom wil die Eerste Minister die lewe maklik maak vir die Swartes en die vraag ontstaan wat van die Armblankes? "Die Eerste Minister wil die Naturelle gelukkiger maak as sy ele mense", het hy gesê.<sup>81</sup> Weer eens versoek hy dat die saak na 'n gekose komitee verwys word, sodat almal gesamentlik 'n oplossing kon soek.<sup>82</sup> Hy trek ook te velde teen die verskaffing van drank aan Swartes, aangesien daar volgens hom 'n oormatige drankgebruik is onder hulle en soos hy dit stel, "geen maand gaan verby sonder gevalle van moord en doodslag en diefstal ter oorsake van kafferbier (sic)...."<sup>83</sup> Hy bepleit 'n verbod op die maak van die bier. Hy wil dat die segregasiebeleid, waarvan hy voel daar afgewyk word, nie net deur partylyne behandel moet word nie, maar deur die Blankebevolking as 'n geheel, sodat 'n oplossing tot tevredenheid van Wit en Swart gevind kon word.<sup>84</sup> Deur die toedoen van Kemp en ander nasionaliste is hierdie bepaling nie in die finale wet opgeneem nê.

Ter wille van selfbehoud van veral Afrikaner, was hy 'n sterk voorstander van segregasie, maar terselfdertyd ook vir die opheffing van die Nie-Blankes. Hy was terdeë bewus van die rassegevaar wat Suid-Afrika in die gesig gestaar het. As gevolg van sy landelike agtergrond het hy die omstandighede van beide bevolkingsgroepe goed geken en sou hy hom beywer vir die daarstelling van 'n praktiese oplossing. Die Armblanke, net soos die Kleurkwesse was vir hom 'n nasionale saak wat almal geraak het en op nie-party-politieke vlak benader moes word.

### 3.4 Krisis in die Transvaalse Nasionale Party, 1922

<sup>80</sup> Debates of the House of Assembly, Vol. 8, 20 January 1923-25 June 1923, pp.52-56; Ons Vaderland, 16.2.1923.

<sup>81</sup> ibid.

<sup>82</sup> ibid.

<sup>83</sup> ibid.

<sup>84</sup> ibid.

Tydens die 1922-staking het Roos se uitgesproke houding hom die argwaan van sommige van sy partygenote op die hals gehaal, veral sy oproep om nie die Regering teen die stakers te steun nie, het skerp onder kritiek deurgeloopt. Die gevolg hiervan was dat die Regering in sy aanvalle op die Nasionale Party, Roos as die "swartskaaap" uitgesonder het, "the man who had made capital out of the strike" en Smuts het na hom verwys as "the villain of the peace."<sup>85</sup> Volgens die Sappe wou Roos die Nasionale Party verander na 'n boere- en werkersparty, geskoel op die Russiese leërs. Roos het egter teruggekap en gesê dat hy slegs as tussenganger opgetree het vir die stakers se Raad van Aksie, wat wou weet of die plattelanders nie sulke voorneme gehad het nie en dat dit die stakers op hulle eie sou gelaat het nie.<sup>86</sup> Alhoewel Roos alle verdere aantygings ontken het, het hierdie gerugte sommige van sy partygenote met suspisie teenoor hom gelaat.<sup>87</sup>

Gevolgtrek is Roos op die Transvaal Nasionale Partykongres in 1922 aanvanklik nie eenparig as partyleier aangewys nie. Tydens die kongres was daar 'n redelike aantal nasionaliste wat Grobler as leier wou kies en is Roos en Grobler albei voorgestel as kandidate. Maar voordat daar tussen die twee gestem sou word, het Kemp as voorsitter van die kongres, sy vriend Grobler versoek om ter wille van partyeenheid terug te staan. Kemp se standpunt was dat indien Roos sou terugtrek die indruk geskep kan word dat die kongres nie met sy leiding te vrede is nie.<sup>88</sup> Hoewel Grobler bereid was om terug te staan het hy nie Kemp se siening gedeel nie, al sou 'n nederlaag vir Roos noodwendig as 'n mosie van wantroue gesien word. Nietemin versoek Grobler sy ondersteuners om hul steun aan Roos te gee, maar nie al die nasionaliste was met die verloop van sake te vrede nie.<sup>89</sup> In 'n brief aan Kemp het Grobler hom meegedeel dat mense in die Rustenburg kontrei ontevrede was omdat hy vir Roos teruggestaan het en ook sy ontevredenheid te kenne gegee met Roos se optrede tydens die staking. Hy het gemeld dat hy Roos se oproep aan die Nasionaliste om die Regering se pogings ter beëindiging van die staking te dwarsboom, afkeur.<sup>90</sup> Grobler skrywe verder: "Nou jy weet Jannie dat dit nooit onse bedoeling was om goed te doen wat Tielman die mense geraal het. Hoe kan ons dit ook doen? Jy en ek het albei op publieke platforms net die teenoorgestelde die mense aangeraai en ek is seker, ook Genl. Hertzog en Dr. Mafan, het dieselfde houding inge-

<sup>85</sup> J.P. Brits, Tielman Roos - Political prophet or opportunist?, p.92.

<sup>86</sup> Ibid., O. Geyser en A.H. Marais (red.), p.473; Die Burger, 24.4.1922.

<sup>87</sup> J.C.H. Grobler, p.212.

<sup>88</sup> Ibid.

<sup>89</sup> J.P. Brits, p.92.

<sup>90</sup> J.P. Brits, Tielman Roos - sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907-1935, p.144.

neem en ek is seker ook die meerderheid van ons party. Om nou te kom beweër dat ons uitdruklik Tielman se houding goedgekeur het en dit nogal eenparig is absoluut bereken om rusie en tweedrag in die party te saai."<sup>91</sup> So byvoorbeeld het kmdt. Rooi Jan du Plessis, Lid van die Provinsiale Raad vir Rustenburg en voorsteller van Grobler as partyleier op die kongres, in 'n ope brief aan Ons Vaderland Kemp gekritiseer omdat hy vir Grobler gevra het om terug te staan, sonder verlof van die voorsteller of sekondant.<sup>92</sup>

Dit word egter betwyfel of Roos in 'n stemming die onderspit sou gedelf het, aangesien hy op die Transvaalse kongres van 1921 Grobler oortuigend verslaan het en dit is onwaarskynlik dat die posisie in twee jaar radikaal sou verander het. Grobler was egter bereid om terug te staan en in die openbaar het hy sy lojaliteit aan Roos verklaar, "al was hy heimlik nie altyd tevrede met Roos se leiding nie."<sup>93</sup> In sy optrede het Kemp getoon dat partyeenheid vir hom belangriker was as vriendskappe. Dwarsdeur sy politieke loopbaan sou Kemp hom skaar by dit en die wat hy uit innerlike oortuiging van sy lojaliteit verseker het.

Tydens die staking van 1922 het Hertzog besluit om neutraal te bly en polities hom nie daarmee bemoei nie. Die staking het sonder twyfel tot die konsolidering van Blanke-arkelerskragte gelei en sodoende is die weg vir toenadering tussen Hertzog van die Nasionale Party en Creswell van die Arbeidersparty voorberei.<sup>94</sup> Roos was die groot dryfkrag agter hierdie toenadering.<sup>95</sup> Smuts en die regerende Suid-Afrikaanse Party het 'n gemeenskaplike vyand vir hulle geword. Reeds voor 1922 het die twee partye mekaar by 'n paar geleenthede in die Volksraad gesteun. Die resultaat daarvan was dat Hertzog en Creswell besluit het om voortaan kragte saam te snoer. Beide leiers het in hierdie verband nie gras onder hul voete laat groei nie en het na 'n lang briefwisseling vroeg in 1923, besluit om met die oog op die volgende algemene verkiesing 'n ooreenkoms aan te gaan.<sup>96</sup>

Die besonderhede van die verkiesingsooreenkoms tussen Hertzog en Creswell is op 21 April 1923 in die media gepubliseer en sou bekend staan as 'n "PAKT."<sup>97</sup> In die ooreen-

<sup>91</sup> J.P. Brits, Tielman Roos - Political prophet or opportunist?, p.92.

<sup>92</sup> Ons Vaderland, 31.10.1922.

<sup>93</sup> J.C.H. Grobler, p.213; J.P. Brits, p.93.

<sup>94</sup> J.H. le Roux (red.), p.242.

<sup>95</sup> J.C.H. Grobler, p.213.

<sup>96</sup> O. Geyser en A.H. Marais, pp.585-586.

<sup>97</sup> J.H. le Roux (red.), p.242; J. Steinmeyer, Spykers met koppe, p.205, hy meld dat "Pakt" 'n

koms het die Nasionale Party onderneem om, Indien hy met die hulp van die Arbeidersparty die Regering met die volgende verkiesing verstaan, die sesessievraagstuk eers een kant geskuif sou word. Hiermee is Smuts totaal onkant gevang, aangesien hy in die vorige verkiesing die sesessievraagstuk tot sy eie voordeel uitgebuif het.

Hertzog het hiermee 'n strategie se skulf gemaak, aangesien hy besef het "dat sy belangrikste politieke doelwit bloot moes wees om van Smuts ontslae te raak en te sorg dat hy self in die regeringskussings kom."<sup>98</sup> Daarom was hy bereid om die propagering van soewereine onafhanklikheid en afskeiding van die Britse Ryk een kant te skulf tot later. Die Sappe het dit "Onheilige Verbond" genoem en was alle aanvalle daarop georg, maar hulle het vergeet dat in die dae van die Transvaalse selfregering, Botha en Smuts 'n dergelike ooreenkoms met die destydse Arbeidersparty gesluit het.<sup>99</sup> Ook oor die Nie-Blankevraagstuk was die twee partye eens, naamlik dat die "beskaafde" arbeid en die "blanke beskawing" beveilg sou word.<sup>100</sup>

Smuts se uurglas was besig om uit te loop en hy het dit geweet.<sup>101</sup> As gevolg van sy optrede tydens die staking was daar bewerings deur die arbeiders gemaak dat hy 'n outokraat en diktator is. Ook het die Armblanke - en werkloosheidsvraagstuk sterk na vore getree en is die Regering veroordeel vir sy optrede. Die laaste spyker in sy regeringskuis is op 4 April 1924 ingeslaan toe die Nasionale Party kandidaat, A.S. Naudé, in die Wakkerstroomse tussenverkiesing met 'n meerderheid van 213 stemme tot die Volksraad verkles is - en dlt 'n tradisionele Sapsedel. Hierdie uitslag het nie alleen die krag van die Nasionale Party-Arbeiders ooreenkoms getoon nie, maar ook die kiesers se ontevredenheid met die Smutsregering. Dié uitslag is gesien as 'n mosie van wantroue in lelerskap van Smuts en die moontlikheid van 'n naderende algemene verkiesing was gevolglik algemeen bespreek.<sup>102</sup>

---

verafrikaansing van die Engelse woord vir ooreenkoms "Pact" is. Dit het in die politieke geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika die verbond aangedui tussen die NP en Arbeidersparty in 1923.

<sup>98</sup> Ibid.; J.C.H. Grobler, p.213, meld dat na verskeie ontmoetings tussen Hertzog en Creswell, hulle ooreengekom het dat partye as twee afsonderlike partye sou bly voortbestaan en dat geen verandering in die konstitusionele posisie van die Unie aangebring sou word nie; O. Geysers en A.H. Marais (red.), p.482 en p.489, meld dat die NP se onafhanklikheidsideaal vir die Arbeidersparty 'n groot bron van kommer was. Hertzog het aan Creswell die versekering gegee dat die NP nie sy stem sou gebruik om die bestaande verhouding tussen Suid-Afrika en die Britse kroon omver te werp nie.

<sup>99</sup> J. Steinmeyer, p.210; O. Geysers en A.H. Marais (red.), pp.549-550.

<sup>100</sup> E.A. van Jaarsveld, p.276.

<sup>101</sup> Ibid., p.243.

<sup>102</sup> Die Burger, 7.2.1924; J. Steinmeyer, p.210.

### 3.5 Die 1924 - Verkiesing

Reeds teen 1923 was dit duidelik dat die skrif aan die muur was vir Smuts en sy regerende party. Die Randse staking van die vorige jaar met al sy nadelige implikasies vir die Regering, het die ekonomiese toestand sorgwekkend laat bly. Smuts het die situasie probeer red deur beloftes te maak dat hy immigrante sal werf vir die nywerhede en landbou. Ontevrede staatsamptenare en spoorwegwerkers is belowe dat met hulle onderhandel sou word oor salarisse en werksvoorwaardes. Dit was egter nie net die emosionele opwelling wat tot ontevredenheid gelei het nie, ook ekonomiese -, finansiële -, nywerheids - en maatskaplike probleme van die vroeë twintigerjare, het meegewerk.<sup>103</sup> Al Smuts se pogings om die situasie te red was tevergeefs, terwyl die Pakt daarop bedag was om die belange van die Blanke Suid-Afrikaners te beskerm, selfstandige ekonomiese - en nywerheidsontwikkeling te stimuleer, ten koste van Ryksvoorkeure.<sup>104</sup> In die geleedere van die Suid-Afrikaanse Party was daar ook onderlinge verdeeldheid oor 'n doeltreffende nywerheidsbeleid ten einde plaaslike nywerhede teen buitelandse mededinging te beskerm.<sup>105</sup> Die Nasionale Party en die Arbeidersparty het egter al nader en nader aan mekaar beweeg, om sodoende 'n doeltreffende opposisie teen die Regering in die hand te werk.

Op 9 Januarie 1924 het die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Party 'n kommissie, onder leiding van Grobler, benoem om met die Arbeidersparty kontak te maak, sover dit Transvaal betref en om die organisasie in orde te kry.<sup>106</sup> Na samesprekings is 'n kommissie bestaande uit Kemp, Roos en Grobler van die Nasionale Party en Creswell en T. Boydell van die Arbeidersparty aangestel om die Randse setels tussen die twee partye te verdeel. Op 23 Februarie 1924 het 80 afgevaardigdes van die verskillende Nasionale Partytakke aan die Rand vergader om die voorgestelde verdeling van setels te bespreek. Die aanbevelings van die kommissie was eenparig aanvaar en daar was besluit om die ooreenkoms getrou na te kom.<sup>107</sup>

Aan die begin van 1924 het Smuts met 'n skrale meerderheid van nege setels in die Volksraad gesit. "Hy het 'n onbenydenswaardige taak op sy skouers gehad: die groeien-

<sup>103</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, Die Nasionale Party, Die Eerste Bewindsjare 1924-1934, p.10.

<sup>104</sup> Ibid., p.11.

<sup>105</sup> Ibid.

<sup>106</sup> J.C.H. Grobler, p.217.

<sup>107</sup> Ibid., p.218; C. Marais, Die Nasionale Opposisie, M.A.-verhandeling UOVS, 1970, p.402.

de opposisie wat hulle kragte saamgesnoer het, moes doeltreffend beveg word, terwyl landsvraagstukke so gou moontlik opgelos moes word.<sup>108</sup> Die Regering moes tyd probeer wen, terwyl die Pakt tyd aan hulle kant gehad het. Die volgende algemene verkiesing moes eers in 1926 plaasvind, maar die skoknederlaag van die Suid-Afrikaanse Party in die tussenverkiesing in Wakkerstroom het Smuts, na samesprekings met sy ministers, laat besluit om op 7 April 'n algemene verkiesing vir 17 Junie 1924 aan te kondig.<sup>109</sup> Volgens Kemp was die uitslag in Wakkerstroom 'n mosie van wantroue in die Regering en het hy die Nasionalliste aangespoor om hulle organisasie in orde te kry.<sup>110</sup>

Dit was gou heel duidelik dat die verkiesingsveldtog 'n hewige stryd sou wees.<sup>111</sup> Kemp het dadelik ingesprong en vergaderings begin toespreek. Sommige Nasionalliste het tot drie vergaderings per dag toegesprek, terwyl Kemp nie minder nie as veertig vergaderings in die Transvaal gehou het.<sup>112</sup> Met die bekendmaking van die Wakkerstroomse verkiesingsuitslag was Kemp op Plet Retief en het hy toe reeds beplan om op 16 April 1924 'n vergadering met sy kiesers te Wolmaransstad te hou.<sup>113</sup>

Lede van die Suid-Afrikaanse Party het hulle sterk teen die ooreenkoms tussen die Nasionale Party - en Arbeidersparty uitgespreek en volgens hulle sou 'n oorwinning van die Pakt 'n vertrapping beteken van alles wat Engels was. Minister Denys Reitz het die Nasionalliste uitgekryt as "rassehaters, rassedweepers, revolusionêres en rebelle: 'Elke Nasionallis sit in die Raad as gevolg van 'n hewige rasse-pelgrimstog wat die land op die rand van ruinasie gebring het'".<sup>114</sup> Sir Thomas Watt was van mening dat Kemp as Minister van Verdediging aangestel sou word as die Pakt die verkiesing sou wen en "meen dat met Kemp as die Minister die Landbou beter toegerus sal wees as die Arbeiders weer hul kop verloor."<sup>115</sup> Voorts berig De Volkstem dat as die Nasionalliste aan bewind kom Suid-Afrika nie veel slegter daaraan toe sal wees as op daardie tydstip nie en indien Kemp beheer sou kry oor al die gewere, kanonne, ammunisie en vliegtuie "enige woes-telling dit in sy kop sou kry om 'n gewapende protes op tou te sit,"<sup>116</sup> - verwysende na die regeringsoptrede, tydens die staking van 1922. Die berig meld verder dat dit van Hert-

<sup>108</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer (red.), Deel 2. p.11.

<sup>109</sup> J.C. H. Grobler, p.218.

<sup>110</sup> C. Marais, p.422.

<sup>111</sup> J.H. le Roux (red.), p.244.

<sup>112</sup> O.H. Geysler en A.H. Marais, (red.), p.567.

<sup>113</sup> Die Volkstem, 11.4.1924.

<sup>114</sup> O.H. Geysler en A.H. Marais, (red.), p.554.

<sup>115</sup> Ibid.

<sup>116</sup> De Volkstem, 2.5.1924.

Hertzog en sy party se republikeinse ideale verwag sou word om die Arbeidersparty in toom te hou.<sup>117</sup> Venynlike kritiek het van Smuts self gekom toe hy in 'n toespraak op Ladsy Smith op 30 Mei 1924 gesê het dat as Hertzog aan bewind gaan kom hy Kemp as Minister van Verdediging gaan aanstel, "to break down all that has been built up."<sup>118</sup> Volgens hom sou dit daartoe lei dat die Unie 'n republiek word, onafhanklik van die Britse Ryk. Smuts wou sodoende die kiesers bang maak vir 'n Hertzog-regering. Voorts het Arthur Barlow, Arbeider Volksraadslid vir Bloemfontein-Noord, op 'n vergadering in Kimberley verklaar dat Kemp nie Minister van Verdediging sal word in 'n Paktregering nie. Volgens hom sal dié portefeulje gegee word aan Creswell en indien dit nie gebeur nie, sal Hertzog self die kabinetspos op sy skouers neem. Hierdie opmerking van Barlow het vir Kemp as 'n groot teleurstelling gekom, aangesien hy van mening was dat met sy militêre geskiedenis en - agtergrond, hy geskik was vir die pos van Minister van Verdediging.<sup>119</sup>

Tydens 'n vergadering op Wolmaransstad op 16 April 1924 het Kemp verwys na die Wakkerstroomse tussenverkiesing en hoe die uitslag daarvan Smuts die skrik op die lyf gejaag het, "... dat toe hy moes opsaal vir sy werk hy afgesaal het."<sup>120</sup> Kemp gaan voort deur die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en Arbeidersparty toe te lig en het gesê dat dit 'n verkiesingsooreenkoms was. Hy het verwys na die groot misverstand wat daar bestaan het as gevolg van 'n telegram wat Smuts aan A.G. Robertson, die Suid-Afrikaanse Party kandidaat, gestuur het op die vooraand van die Wakkerstroomverkiesing. Daarin het Smuts verwys na die lot wat daar op kiesers sou wag in 'n "Vatmekaar"-regering.<sup>121</sup> Onder andere sou sosialisme, wat opsigself kragteloos en onbelangrik sou wees in Suid-Afrika, onder die Vatmekaar en met die steun van die Nasionalliste, 'n bedreiging word vir die land. Voorts het hy gemeld dat die Nattes sosialisme na die Swarties sou laat oorgaan en verwys na 'n gehelme veldtog om dit te bereik. Smuts het gemeld: "Die manier waarop die Nasionale leiers, in hulle strewe na mag, hulle party kompromitteer en die toekomst van Suid-Afrika in die weegskaal lê, is genoeg om Paul Kruger en Piet Joubert in hul grafte te laat omkeer."<sup>122</sup> Kemp het verweer dat dit 'n befelidgende telegram was en dat Smuts geen reg gehad het om name soos Paul Kruger en

<sup>117</sup> *Ibid.*

<sup>118</sup> *Cape Times*, 31.5.1924.

<sup>119</sup> *De Volkstem*, 6.6.1924.

<sup>120</sup> *Ons Vaderland*, 17.6.1924.

<sup>121</sup> *O. Geysler en A. H. Marais (red.)*, p.543, Smuts het in sy toesprake na die Pakt as 'n "Vatmekaar" verwys.

<sup>122</sup> *Ibid.*, p.544.

Piet Joubert te noem nie, aangesien hulle teen die Unioniste geveg het, waarmee Smuts nou saam sit. Hy het ook verwys na 'n kabelgram wat Smuts aan Ramsay McDonald gestuur het na sy verkiesing as eerste minister van Engeland. In die kabelgram het hy nie alleen vir McDonald gelukgewens nie, maar selfs gemeld dat hy die regte man op die regte plek is. Kemp het verwys na die venynige aanvalle van Smuts op die Pakt en gesê "....as ons dan met die arbeiders iets verkeerd gedoen het, dan het genl. Smuts seker groter onhell gepleeg met die kabelgram."<sup>123</sup>

Voorts het hy verwys na Smuts se beskuldiging dat met die Pakt die beginsel van onafhanklikheid prysggee is. Volgens Kemp was dit nie die geval nie, aangesien die ooreenkoms so saamgestel was dat die republikeinse vraagstuk deurgevoer sou word, so lank as wat die Nasionale Party aan bewind sou wees. Daar sou, indien dit vereis word, 'n referendum gehou word, aangesien die nasionaliste nie 'n republiek op hulle Engelse vriende wou afdwing nie. Hy beklemtoon dit dat 'n republiek slegs op 'n konstitusionele wyse verkry sou word.<sup>124</sup>

Insake regeringsaksies het Kemp 'n aanval gedoen op die Regering en onder andere verwys na sake soos grondbelasting, vasstelling van pryse van produkte, besproeiingsbelasting, oorlogpensioene en die vrouestemreg. Hy het dit duidelik gestel dat die Nasionale Party teen grondbelasting gekant was, alhoewel die Suid-Afrikaanse Party die Pakt daarvan beskuldig het dat hul in samewerking met die Arbeiders, 'n grondbelasting wou instel. Volgens hom was dit die Regering wat dit wou doen en, net met 'n ander naam, teweete die met "Verhoogde waarde belasting", en het hy bygevoeg: "Die Suid-Afrikaanse Party moet dink dat ons baie dom mense is om met sulke verspotte gedagtes voor 'n dag te kom...."<sup>125</sup>

Kenner van landbou wat hy was, het hy die gedagte vir die stigting van koöperasies vir die graanboere geopper en volgens hom sou dit die pryse stabiliseer en selfs verbeter, aangesien die koöperasies wat deur die wynboere gestig is die kwynende Industrie gestabiliseer het. Hy veroordeel die Regering se nedersettingskema en sê dat dit nog altyd

<sup>123</sup> Ons Vaderland, 22.4.1924.

<sup>124</sup> Die Burger, 31.5.1924. Smuts het verklaar dat dit 'n verskriklike ding vir die Arbeidersparty se lede sou wees om uit te vind dat hulle 'n regering aan bewind gebring het wat sy posisie gaan gebruik om die konstitusionele fundamente van die land te ondermyn. Hy het ook gesê: "Genl. Kemp het die handskoene neergewerp voor die Britse Ryk en hulle gaan dit nie daar laat nie."

<sup>125</sup> Ons Vaderland, 22.4.1924.

'n mislukking was, aangesien die Regering hoë pryse vir die grond betaal en dit veroorsaak dat die nedersettings dood gebloel het.

Voorts het hy na die begroting verwys en druk hy die vinger op die onstabiele ekonomiese toestand wat daar in die land heers. Hy meld dat Minister Burton vir 'n surplus van £200 000 begroot het vir die finansiële Jaar, maar dat daar 'n te kort gaan wees van £300 000 en dat dit hoër belastings tot gevolg sou hê wat die kiesers nadelig sou tref. Volgens hom is swak beplanning een van die kenmerke van die Regering en tot groot vermaak van die aanwesiges verwys hy na die graansulerskandaal. Die Regering het 'n aantal deskundiges vanaf oorsee "geïmporteer"<sup>126</sup> om die graansuler by Durban te bou. Die probleem was egter dat toe dit halfpad voltooi was dit wou omval en daarmee was driekwart miljoen pond in die water gegooi, "....maar dit is nes die Regering: hulle is sonder fundamente..."<sup>127</sup>

Ten opsigte van die vrouestemreg meld hy dat hy in beginsel dit nie steun nie, omdat dit teen die wil van sy kiesers was. Volgens hom het Smuts verklaar dat vroue stemreg moet kry en dat kleur nie in aanmerking geneem sou word nie, selfs dat dit na die noorde uitbrei sou word. Kemp vra hoeveel sê die Blankes dan nog sou hê in landsake indien die kleur nie meer in die noorde in aanmerking geneem sou word nie, want "...dan sal ons parlement net bestaan uit Swartes."<sup>128</sup>

Vervolgens verklaar Kemp hom bereid om hom weer verkiesbaar te stel vir die kiesafdeling Wolmaransstad, alhoewel ander kiesafdelings hom versoek het om hom aldaar verkiesbaar te stel. Hy reken hy is getroud met Wolmaransstad en alvorens hy nie 'n egskedding van hulle verkry nie, sal hy aanbly. Hy het gesê: "Die Wolmaranstadters het my opgeneem. Alle lande het hulle rebelle gehad; Engeland het haar Cromwell gehad, die het die koning se kop afgekap; Amerika het haar Washington en Wolmaransstad vir my, en daarom sê ek dat as ek vir Wolmaransstad nie gered is nie, dan vir ander distrikte ook nie."<sup>129</sup> Gevolglik was Kemp weer as Nasionale Party kandidaat genomineer vir Wolmaransstad en dien dit as bewys van die vertroue wat hy in sy kiesafdeling gehad het.<sup>130</sup>

<sup>126</sup> Ibid.

<sup>127</sup> Ibid.

<sup>128</sup> Ibid.

<sup>129</sup> Ibid.

<sup>130</sup> Die Volkstem, 6.5.1924.

Ten slotte verwys hy na die kwessie van kabinetsamstelling en meld dat dit by Hertzog alleen berus. Hy sê dat hy die lede van die Suid-Afrikaanse Party kwalk neem vir hulle wanadministrasie van die land en hy wil van die kiesers weet of hulle van plan was om weer bloed, tranes en wanordelikhed te hê. Volgens hom is Smuts nog besig om sy stokperdjie te ry, .... "maar daardie ou perdjie word al steeds en hy ry nou agterste voor, want in plaas van vorentoe, gaan dit agteruit."<sup>131</sup>

Te Zeerust op 28 April 1924 het Kemp weer eens sy mes vir Smuts en die mynmagnate ingehad. Volgens hom het Smuts vanaf 1921 slegs wandade gepleeg en sy "laat maar loop beleid" het bloed en tranes laat loop.<sup>132</sup> Hy verwys ook na die finansiële posisie in die land as hopeloos en dat net die mynmagnate floreer. Hy sê dat die Unioniste se beleid deur die Suid-Afrikaanse Party uitgevoer word, terwyl die Nasionale Party nog die Arbeidersparty beginsels prysgee het: "Hulle het in die lig onderhandel en nie hulle naam van Unionis na Sap verander nie."<sup>133</sup> Op 14 Mei 1924 is Smuts weer die skyf van Kemp se aanval en verwys hy na die belastings soos onder andere die Tabak- en Medisynebelasting, wat Smuts deurgedruk het, en nou in die verkiesingstyd sê dat dit na die verkiesing weer hersien sal word. Volgens hom poog Smuts nou om die wetgewing weer te heroorweeg.

Op hierdie stadium van sy verkiesingsveldtog verskyn daar in The Star 'n berig onder die opskrif: "An Apostle of Peace - Gen. Kemp repudiates any appeal to force - says Nationalists will never touch secession",<sup>134</sup> oor 'n onderhoud wat 'n verslaggewer met Kemp gehad het, en op sy vraag of die Nasionale Party sesessie sal afdwing soos volg gereageer het: "I assure you as far as I am concerned, I would rather be under the British Government than any other Government in the world. We are free."<sup>135</sup> Voorts meld die verslaggewer dat Kemp gesê het dat die Nasionalliste nie die gewere sal opneem teen Engeland nie. "I had enough...for God's sake let us have peace."<sup>136</sup>

Ten slotte meld hy dat Kemp gesê het dat as die Nasionalliste aan bewind kom hulle nie die sesessiekwessie sal aanraak nie: "And you know my past history. If I say a thing, I

<sup>131</sup> Ons Vaderland, 17.6.1924.

<sup>132</sup> Ibid.

<sup>133</sup> Ibid.

<sup>134</sup> The Star, 16.5.1924.

<sup>135</sup> Ibid.

<sup>136</sup> Ibid.

would do it."<sup>137</sup> Die joernalis het Kemp ook uitgepra om 'n verduldelling na aanleiding van al die glissings en onduidelikheid oor sy siening van onafhanklikheid, of te wel die stigting van 'n republiek. Hy meld dat Kemp daarop gereageer het deur te sê dat die beleid van die Nasionale Party reeds in 1920 deur die party bepaal is en dat dit sy beleid was om afskeiding oor te laat aan die beslissing van die Hollands - en Engelsprekendes in Suid-Afrika. Kemp se siening was dat die Nasionale Party nooit bedoel het om dié saak op die bevolking van Suid-Afrika af te forseer nie, maar dat die mense sou moes besluit of hulle 'n republiek wil hê. Magsgeweld was nog nooit deel van die Nasionale Party nie en volgens die berig het Kemp gesê dit kan selfs 'n honderd jaar of langer neem om dié ideaal te bereik.<sup>138</sup>

Teenstrydig met bogenoemde berig het daar in De Volkstem onder die opskrif: "Met Kanonne Handhaaf",<sup>139</sup> 'n berig verskyn oor Kemp se vergadering wat hy op Bethal gehou het op 13 Mei 1924, en waartydens 'n ene Nimrod Smit aan Kemp gevra het wat sal gebeur as die Goewerneur-generaal weler om 'n onafhanklikheidsverklaring te teken. Kemp se gerapporteerde antwoord was: "Dan verklaar ons onself eenvoudig onafhanklik."<sup>140</sup> En toe daar aan hom gevra is wat hy sal doen as dit geweler word, het hy geantwoord dat hulle so 'n besluit sal handhaaf "al is dit met kanonne."<sup>141</sup>

Dit was asof 'n kat in die spreekwoordelike dulwehok losgelaat was. Met sy aankoms in Johannesburg was sy naam oral te bespeur op plakkate in die strate en was hy omsingel deur verslaggewers van die plaaslike koerante. Die Nasionale Party het met Kemp en die sub-redakteur van The Star agter geslote deure vergader om die saak toe te lig. Volgens Afrikaanse bronne het die Engelse koerant in sy verslag Kemp woorde in die mond gelê wat hy beslis ontken dat hy dit ooit gesê het.<sup>142</sup> Uit verdere beriggewing blyk dit duidelik dat Kemp se woorde verdraal was en dat hy hom nie ten gunste van aggressie en geweld uitgespreek het nie. Op 'n vraag van Kemp aan Smit van hoe sou 'n volk sy regte laat geld, het Smit geantwoord "met gewere en geweld". Waarop Kemp net sy skouers opgehaal en gesê het: "Nou-ja mnr. Smit so sê jy, maar ek nie."<sup>143</sup>

<sup>137</sup> Ibid.

<sup>138</sup> Ibid.; Cape Times, 17.5.1924.

<sup>139</sup> De Volkstem, 16.5.1924.

<sup>140</sup> Ibid.

<sup>141</sup> Ibid.

<sup>142</sup> Ons Vaderland, 20.5.1924.

<sup>143</sup> Ibid.

Die voorsitter tydens die Bethalvergadering het ook 'n telegram aan The Star gestuur waarin hy meld dat die berig beslis 'n verdraaling van die spreker se woorde was. Volgens hom was die gemeenskap geskok oor "die opsetlike poging van u koerant om die publek te mislei. Gee ons 'British Fairplay and publish the wire'."<sup>144</sup> Kemp self het ook met die beriggewing se publikasie 'n telegram aan die koerant gestuur, waarin hy beslis ontken het dat hy ten gunste van geweld was.

Die The Star was hofflik genoeg om albei die telegramme van ontkenning te publiseer. Daarna het die koerant weer 'n onderhoud met Kemp gevoer en woordeliks sy verduideliking opgeneem, waarin hy sy siening oor onafhanklikheid weergegee het.<sup>145</sup> Die wyse waarop hierdie leuenagtige beriggewing deur Kemp en sy volgelinge hanteer is, was 'n groot morele oorwinning vir Kemp en die Nasionale Party.

Gedurende Mei 1924 het daar in die pers 'n Program van Aksie van die Transvaalse Nasionalistes verskyn.<sup>146</sup> Die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Party het met die vier-en-twintig genomineerde Volksraads-kandidate vergader en 'n program van aksie opgetrek. Verskillende knelpunte in die land is aangespreek soos landbou -, Industrieë -, Naturellevraagstuk ensovoorts en voorstelle is gemaak vir die oplossing daarvan. In 'n atmosfeer van politieke en ekonomiese stagnasie was die Afrikaner nasionalistiese grootste begeerte nou om selfstandig te wees. In hierdie verbete stryd van die Afrikaner teen die pro-Britsgesinde regering was Kemp weer die veggeneraal, hierdie keer met woord en nie die geweer en ammunisie nie.

Te einde laaste het Smuts tot die slotsom geraak dat die kiesers bloot 'n keuse tussen hom en Hertzog moes maak en het hy waarskynlik geglo dat sy rype politieke ervaring die deurslag sou gee: "As ek val, sal dit nie net ek alleen wees wat ten gronde sal gaan nie. Julle sal die oordeel oor Suid-Afrika uitspreek."<sup>147</sup> Gevolglik het hy die volk versoek om "kleinfoutjies" te vergewe.<sup>148</sup> Terwyl hy die Opposisieveldtog teen die Regering saamgevat het as 'n stryd teen "geweld, verwaarloosing en geknoel."<sup>149</sup>

<sup>144</sup> Ons Vaderland, 20.5.1924

<sup>145</sup> The Star, 19.5.1924.

<sup>146</sup> Ons Vaderland, 20.5.1924.

<sup>147</sup> J.H. le Roux (red.), p.245.

<sup>148</sup> A.J. Posthuma, Generaal J.C. Smuts as Opposisieleier 1924-1929, p.32.

<sup>149</sup> C.E.M O'Dowd, The General Election of 1924, Suid-Afrikaanse Historiese Jaarboek, Nr. 2, November 1970, p.67.

Uiteindelik het stemdag op 17 Junie 1924 aangebreek. Na bekendmaking van die uitslag was dit duidelik dat die Pakt onder leiding van Hertzog oor 'n volstreekte meerderheid van 27 setels beskik het. Vir Smuts en sy regerende Suid-Afrikaanse Party was dit 'n sware dag, want hyself en drie van sy ministers het hulle setels verloor, naamlik F.S. Malan, H. Burton en H. Mentz. Die volledige uitslag was Nasionale Party 63 setels, Arbeidersparty 18 setels. Die Suid-Afrikaanse Party 53 setels en een onafhanklike setel. "Die sukses van die Pakt kan toegeskryf word aan 'n ware begeerte by die volk om 'n ander regering aan bewind te stel."<sup>150</sup>

Gevolglik het die Goewerneur-generaal vir Hertzog versoek om 'n kabinet saam te stel. In die proses van kabinetsvorming het daar 'n paar probleme vir hom opgeduik. Volgens Kemp het Tielman Roos na die bekendmaking van die verkiesingsuitslae, 'n skrywe aan hom gerig waarin hy meld dat hy by Hertzog aangedring het dat Kemp in die Kabinet opgeneem word, maar dat Hertzog nie daarvoor te vinde was nie, aangesien Wilcocks en E.G. Jansen groter aanspraak op kabinetsposte gehad het as Kemp.<sup>151</sup> Hjalmar Reitz beweer egter dat Roos nie ten gunste van Kemp se insluiting was nie.<sup>152</sup> Die gevolg was dat Kemp die voorsitterskap van die Spoorwegraad aangebied is; iets wat hy nie gewillig was om te aanvaar nie, aangesien hy nie bereid was om sy politieke loopbaan daarvoor te verruil nie. Sy standpunt was dat indien hy nie kabinetslid word nie hy eerder as gewone lid sou aanbly, aangesien hy politiek as 'n slagveld beskou het waar hy woordelike oorloë kon voer met sy tong as wapen.<sup>153</sup>

Piet Grobler het gemeld dat toe Hertzog die lys van kabinetslede aan hom getoon het, die naam van Kemp ontbreek het. Grobler het in reaksie hierop die saak met Hertzog bespreek en daarop aangedring dat Kemp ook ingesluit word. Sy standpunt was dat na De la Rey se dood Kemp na vore getree het as die "leier" van die Wes-Transvaal en as sodanig groot aansien onder die boerebevolking geniet.<sup>154</sup> Verder het Grobler aangevoer dat drie ministers vir Transvaal in verhouding tot die getal Volksraadslede proporsioneel nie voldoende was nie. Voorts lig hy Hertzog in dat hy weler om in die Kabinet te dien as Kemp nie ingesluit word nie. Kemp in sy boek Pad van die Veroweraar meld dat toe

<sup>150</sup> J.H. le Roux (red.), p.249, Bylaag 6.

<sup>151</sup> J.C.G. Kemp, p.417.


<sup>152</sup> J.C.H. Grobler, p.219.

<sup>153</sup> S. Haigh, Strangers may be present, p.9.

<sup>154</sup> J.C.H. Grobler, p.219.

1924.

DIE NUWE KABINET.



Stoende van links na regs: Mr. P. C. W. Grobler (Minister van Lande); Kol. F. H. P. Crowell (Verdediging en Arbeid); Genl. J. B. H. Hofmeyr (Lokale Minister en Natuereenhede); S. J. de Goeer (Gouverneur-generaal); adv. Trilman J. de V. Rood (Justisie); Dr. D. F. Malan (Bekende Kake van Ouderwyl); mr. Th. Duggan (Finansie).

Stoende van links na regs: Mr. J. U. S. C. Alexander van die Staf van die Gouverneur-generaal; adv. F. W. Boyers (Ministrie); mr. N. C. Haasbroek (Finansie); mr. C. W. Malan (Sportwyl); genl. J. C. D. Kemp (Landbou); mnr. Gordon Watson (Sekr. van Eerste Minister); kol. Bezers en H. G. Haasbroek, altesaam van die Staf van die Gouverneur-generaal.

Bron: Die Volkstem, 11.7.1924, Vrydag.

Tielman Roos dit hoor het hy geweler om lid van die Kabinet te word, tensy Plet Grobler nie lid word nie en gevolglik was Hertzog verplig om Kemp op te neem.<sup>155</sup>

'n Maklike besluit was dit beslis nie vir Hertzog nie, maar dit kan met sekerheid aange-  
neem word dat hy dit ter wille van partyeenheid en nie soseer om Grobler tevrede te stel  
nie, gedoen het.<sup>156</sup> Wie die man was wat Hertzog uitgelaat het om vir Kemp plek te  
maak, kan nie met sekerheid gesê word nie. "Volgens J.H. Brand Wessels, Volksraadslid  
vir Bethlehem, sou Hertzog teen 26 Junie met verskeie aspirant kandidate in voeling  
gewees het. Hy noem in sy dagboek D.F. Malan, C.W. Malan, N.C. Havenga, C.T.M. Wil-  
cocks 'en ander'. Aangesien eersgenoemde drie wel Ingesluit is, skyn dit asof Wilcocks,  
Volksraadslid vir Winburg - wat Kemp ook in die verband noem - die ongelukkige 'slag-  
offer' kon gewees het".<sup>157</sup> 'n Ander mening is dat adv. E.G. Jansen, leier van die Nasionale  
Party in Natal, in die slag gebly het. Dit is opmerklik dat Jansen die enigste provinsiale  
leier was wat nie in die Kabinet opgeneem is nie. Hy het die speakersamp aanvaar.

Op 30 Junie 1924 het Hertzog sy kabinet aangekondig en die lede is op dieselfde dag  
deur die Goewerneur-generaal Ingesweer.<sup>158</sup> Hulle was:

- J.B.M. Hertzog: Eerste Minister en Minister van Naturellesake;
- T.J. V. Roos: Minister van Justisie;
- D.F. Malan: Minister van Binnelandesake, Onderwys en Volksgesondheid;
- F.H.P. Creswell: Minister van Verdedging en Arbeid;
- N.C. Havenga: Minister van Finansies;
- C.W. Malan: Minister van Spoorweë en Hawens;
- F.W. Beyers: Minister van Mynwese en Nywerheid;
- J.C.G. Kemp: Minister van Landbou;
- P.G.W. Grobler: Minister van Lande; en
- T.C. Boydell: Minister van Pos en Telegraafwese en van Openbare Werke.

Transvaal het vier verteenwoordigers in die Kabinet gehad, te wete T. Roos, J.C.G. Kemp,  
P.G.W. Grobler en F.H.P. Creswell.<sup>159</sup>

<sup>155</sup> J.C.G. Kemp, p.417.

<sup>156</sup> J.C.H. Grobler, p.220.

<sup>157</sup> Ibid.

<sup>158</sup> J.C.G. Kemp, p.417; C. Marais, p.460.

<sup>159</sup> J.H. le Roux (red.), pp.249-250.

Daar was selfs in die binneste kringe van die Nasionale Party verbasing dat Kemp in die Kabinet die portefeulje landbou ontvang het. In die algemeen was daar bespeigel dat indien hy minister sou word, die Minister van Verdediging sou wees - hoofsaaklik vanweë sy militêre agtergrond. Op 30 Mei 1924 het Smuts op Ladysmith in 'n toespraak voorsien dat Kemp Minister van Verdediging in 'n Nasionale kabinet sou word.<sup>160</sup> Die aanstelling van Kemp as Minister van Landbou kan verdedig word teen die agtergrond van Kemp se landelike kennis en die feit dat hy hoofsaaklik 'n landelike klesafdeling verteenwoordig het in die Volksraad, naamlik Wolmaransstad.

In kommentaar op Kemp se aanstelling is daar onder andere verwys na sy skakeling met die republikeinse verlede van die Afrikaanse volk.<sup>161</sup> Die opname van Arbeiders in die Kabinet het oor die algemeen die goedkeuring van Nasionalistes weggedra. Die Manchester Guardian vind dit snaaks dat Creswell, wat nog altyd tevrede was met die Unie van Suid-Afrika binne die Britse Ryk, homself nou in 'n kabinet bevind met Kemp wat in 1914 teen Botha se regering die wapen opgeneem het.<sup>162</sup> Vir die Afrikaner-nasionals, waarvan Kemp een was, was die oorwinning die bereiking van 'n lang gekoesterde ideaal - en vir Kemp was sy jare lange stryd vir behoud van die Afrikaner nasionalisme nie vergeefs nie.

Kemp self het ook politiek gegroei - waar hy tydens die Anglo-Boereoorlog en Rebelle 'n persoon was wat deur sy meerderes beïnvloed was, was hy nou 'n persoon van statuur wat self politieke standpunte inneem. Gedurende die Rebelle het die Botharegering hom nie as een van die leiers beskou nie en was gevolglik nie bereid om met hom te onderhandel nie - nogtans was hy een van die rebelle wat die swaarste vonnis uitgedien het. Gevolglik het hy na sy vrylating as een van die Boereheldefigure na vore getree - iemand waarna die Afrikaner met agting opgesien het.

Geen wonder dat hy spoedig na sy vrylating hom in die politieke sfeer bevind het nie. Getrou aan sy karakter het hy weer as kampvegter vir sy ingeburgerde nasionalisme, hom in die Nasionale Party bevind. Tydens 'n vergadering op Krugersdorp, 17 Mei 1924, het hy gesê dat hy 'n ou-Sap was, maar dat hy in 1914 die Suid-Afrikaanse Party verlaat het

<sup>160</sup> Die Volk moet kies, pp.6-10; Die Burger, 31.5.1924.

<sup>161</sup> G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, p.135.

<sup>162</sup> Cape Times, 2.7.1924.



***Rebelleiers in die 1921-Volksraad***

*Staannde: J.H. Brand Wessels, N.W. Serfontein, E.A. Conroy, P.G.W. Grobler.*

*Sittende: S.F. Alberts, J.C.G. Kemp, C.H. Muller, W.J.C. Brebner.*

**Bron: J.C.H.Grobler,Politieke leier of meeloper.**

omdat hy nie met hulle beleid saamgestem het nie.<sup>163</sup> Mnr. Will Hartley van die Suid-Afrikaanse Party het egter 'n ander slenswyse gehad en hy het beweer dat Kemp tydens die Rebelle sy bedanking uit die verdedigingsmag teruggetrek het en toe die Regering geweier het om dit te aanvaar, het hy die party verlaat. Hartley het krities gevra: "In the face of that can you say whether you left the South African Party or that the South African Party left you?"<sup>164</sup> 'n Vraag wat Kemp geïgnoreer het. Dit dien as bewys dat sy politieke teenstanders, omdat hy 'n rebel was, altyd gepoog het om hom in 'n hoek te jaag. Hulle het egter, soos die Ons Vaderland op 20 Mei 1924 berig, "met skande daarvan afgekom."<sup>165</sup>

Waar hy gedurende die Anglo-Boereoorlog onder De la Rey in die Wes-Transvaal geveg het en later bevelvoerder was van die militêre opleidingskamp te Potchefstroom, kan aanvaar word dat hy homself in die Wes-Transvaal tuisgevoel het en dat hy as gevolg van sy militêre prestasies aldaar die agting van die Wes-Transvalers afgedwing het. Dit is vanselfsprekend dat die Wolmaransstad se kiesers die geleentheid in 1920 aangegryp het om hom as Nasionale Party kandidaat in die algemene verkiesing te nomineer. 'n Kiesafdeling wat hy tot 1946 sou verteenwoordig - dit was "sy mense". Hy, bygestaan deur sy lojale eggenote, het nie geskroom om stryddae en vergaderings in sy kiesafdeling te hou nie - hy het aan die belange van sy kiesers en sy kiesafdeling 'n hoë prioriteit gegee.

Vanaf soldaat-rebel na politikus was vir hom 'n maklike skuif. Hy het die politiek as 'n slagveld beskou en met al die vermoëns van rede sy politieke opponente die stryd aangesê. Hy was by uitstek 'n man van daad en in sy politieke loopbaan het hy geen doekies omgedraal nie.

Daar was ook diene wat geglo het dat Kemp alles met geweld wou regmaak. So byvoorbeeld meld S. Haigh in sy boek Strangers may be present: "He treated politics as a battlefield and waged his verbal wars with all known armaments of the tongue."<sup>166</sup> Die Rand Daily Mail berig later: "When General Kemp speaks he always attacks some member...."<sup>167</sup> In die lig hiervan kan gekonstateer word dat hy reguit en eerlik was in sy poli-

<sup>163</sup> The Star, 19.5.1924.

<sup>164</sup> Ibid.

<sup>165</sup> Ons Vaderland, 20.5.1924.

<sup>166</sup> S. Haigh, p.9.

<sup>167</sup> Rand Daily Mail, 31.1.1933.

tieke optrede in die Volksraad, tydens politieke toesprake en administrasie. Hy was 'n man wat lojaal was aan sy lelers en party, maar sy politieke opponente nie gespaar het nie. Hy het deur die moed van sy oortulging opgetree en uitsprake gemaak. Op 14 Mei 1924, te Witbank, het hy byvoorbeeld Smuts weer voor stok gekry en gesê: "Hy wil nie graag sy Sapvriende seermaak nie, maar hy sal verplig wees om hulle leler 'n bietjie te piets."<sup>168</sup>

Hy was 'n man wat sy militêre strategie van toepassing gemaak het in sy politieke optrede. Tereg verwys Die Transvaler in 'n huldeblyk aan Kemp soos volg: "Iemand het van Napoleon gesê dat sy oggendstond 'n afspeëling is van die dag wat daarop volg, so word die latere lewe van 'n man reeds in sy jeug weerspieël. Dit kan inderdaad van Kemp gesê word. Die durf, moed en deursettingsvermoë van die latere veggeneraal en later op politieke gebied kon reeds in sy jeug bespeur word."<sup>169</sup> Hy was reeds vroeg in sy loopbaan 'n man van diepe oortulging.

---

<sup>168</sup> Ons Vaderland, 20.5.1924.

<sup>169</sup> Die Transvaler, 1.1.1947.

## HOOFSTUK 4

### JAN KEMP AS MINISTER VAN LANDBOU, 1924-1935

#### 4.1 Kemp neem die leisele oor

Daar het in die algemeen 'n groot opgewondenheid geheers onder die landelike bevolking oor genl. Kemp se aanstelling as Minister van Landbou, en die volgende gedigjie het in Ons Vaderland verskyn:

"Kemp, Minister van Landbou

'n Uitgekose man.

Nie net krygsman en volksman,

Maar 'n boer ook. 'Dis 'n man'.

Landbou is so veilig

As enig ander saak.

Want Kemp, die ken ons vir 'n man

Wat oor ons belange waak.

Sing nou boere, sing en julg,

Want julle het 'n man

Wat pal sal staan vir julle saak,

'n Man wat sal en kan."<sup>1</sup>

Voorts is daar ook na hom as Minister verwys: "Generaal Kemp is ook as Minister 'n veggeneraal wat vir niks stult nie, as hy eenmaal sy planne agtermekaar gesit en sy kommando's die order gegee het."<sup>2</sup>

Kemp se eerste openbare optrede na die verkiesingsoorwinning op Wolmaransstad, was op 10 Julie 1924. Die stadsaal was te klein vir die groot getal ondersteuners en 'n bokwa is onder die bome op die markplein getrek, vanwaar die toesprake kon plaasvind. Die burgemeester het die verwelkomingswoord aan Kemp gerig en gemeld dat die kiesers baie bly is dat hulle Volksraadslid die Minister van Landbou is. Dit is interessant om

<sup>1</sup> Ons Vaderland, 4.7.1923, 'n Oorwinningslied deur H.J. Taljaard.

<sup>2</sup> Ibid., 2.9.1924.

daarop te let dat die burgemeester in sy verwelkomingsboodskap genl. Kemp aanvanklik as genl. Smuts aangespreek het, maar hom heel gou self gekorrigeer het.<sup>3</sup> Die burgemeester vervolg deur te sê dat Kemp 'n man uit en vir die volk is en dat hy seker is dat Kemp nog baie vir die land en sy mense sal beteken, veral vir Wolmaransstad wat in die verlede baie afgeskeep was. Hierna is adresse vanaf die klesers en die Vroueparty aan hom oorhandig, waarin hy gelukkigewens word met sy aanstelling as Minister van Landbou en seën word hom toegebid op die moeilike taak wat vir hom voorlê.<sup>4</sup> Weer eens 'n bewys van die agting wat Kemp vanuit die Afrikanergeledere gehad het.

Die nuwe regering het landbou as een van die staatsdepartemente gesien wat dringende aandag en hervorming moes geniet. Volgens J.H. le Roux is landbou gesien as 'n krag- en vernuwingsbron van 'n nasie en dat dit behoue moes bly.<sup>5</sup> Aangesien die Nasionale Party in sy verkiesingsaanslag baie swaar gesteun het op die plattelandse bevolking se steun, moes hy nou alles in sy vermoë doen om dié deel van die bevolking, met sy groot landbou element, tevrede te stel. Die Pakt se beleid van beskerming en ingrypende ordening van die landbou sektor was in Suid-Afrika iets nuuts. Landbouontwikkeling was vir Kemp 'n saak wat hom na aan die hart gelê het en hy sou alles in sy vermoë doen om wetenskaplike boerderymetodes in werking te stel. "The new administration started a much needed spring cleaning,"<sup>6</sup> is die argument van D.W. Krüger.

#### 4.2 Administratiewe hervorming

Die Landboudepartement was voor 1924 vir 'n groot deel op 'n onpraktiese wyse geadministreer; buite voeling met die boeregemeenskap, duur en ondoeltreffend. Die organisasiestruktuur van die departement was "top swaar" en het nie veel geweet van die werklike landbou - en veeteeltbelange in Suid-Afrika nie. Gevolglik was daar op elke landboukongres 'n legio klagtes.<sup>7</sup> Om 'n meer doeltreffende administrasie daar te stel was een van Kemp se eerste regstellende aksies om 'n ondersoek te loods na die organisasie van die departement en na aanleiding daarvan het hy ingrypende verandering teweeggebring. In 'n onderhoud met die Cape Times het hy gesê dat deur middel van harde werk 'n sukses van die saak gemaak kan word. Sy eerste stap was om al die amp-

<sup>3</sup> Ibid., 25.7.1924.

<sup>4</sup> Ibid.

<sup>5</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer (red.), Die Nasionale Party, Deel 2, p.23.

<sup>6</sup> D.W. Krüger, Making of a Nation, p.139.

<sup>7</sup> Ken die Boom aan sy vrugte, 'n Rekord van uitstekende werk, 1924-1928, p.21.

tenare in sy departement byeën te roep en aan hulle te verduidelik dat die dae van "chief official government"<sup>8</sup> verby is. Volgens hom beteken dit nie dat hy in disharmonie met die amptenare wil werk nie, maar dat hulle in die toekoms nie net volgens eie diskresie sake sal kan goed - of afkeur nie.

Waar daar 'n paar jaar vantevore nog agtien afsonderlike afdelings in die departement was en die samewerking tussen dié afdelings veel te wense oorgelaat het, het hy dit verminder tot ses, wat ten nouste met mekaar verblind was en groot samewerking tot gevolg gehad het. Die nuwe afdelings was: Veeartsenykunde; Akkerbou en Veeteelt; Plantkunde, Tuinbou en Insektekunde; Skeikunde; Landbouonderwys en Uitbreiding; Landbou-ekonomie en BemarKing; en Stellenbosch-Eisenburgse Landboukollege.<sup>9</sup> Die regstreekse gevolge hiervan was dat die Departement van Landbou in staat gestel is om 'n meer effektiewe diens aan die boere te lewer.

'n Gevolg van die reorganisasie was dat die personeel onder die vergrootglas geplaas is. Dit het tot daartoe gelei dat die getal personeel in die departement van 1615 tot 1928 uitgebrei is, waarvan 363 professionele - en tegniesebeambtes was, wat verantwoordelik was vir meer doeltreffende inligting en raad aan die boeregemeenskap.<sup>10</sup> Kemp was van mening dat die inligtingskomponent van die departement oor 'n lang tydperk verwaarloos was en hy het hom beywer vir die tegniese verbetering van die produksieproses, met die inagneming van die ekonomiese faktore. Voorheen is baie min sistematiese navorsingswerk in verband met ekonomiesevraagstukke in Suid-Afrika gedoen en die nuwe afdeling van Landbou-ekonomie en BemarKing is getaak om gegewens te versamel, wat as basis vir sulke navorsingswerk kon dien. Voorts moes die nuwe afdeling die ontelbare ekonomiesevraagstukke wat opgeduik het, hanteer.

Heelgou het die skeptisisme in sekere kringe oor die aanstelling van Kemp as Minister van Landbou verdwyn. Reeds in 1925 was daar groot optimisme onder die boere te bespeur en het Die Burger in 'n opname in 1925 van boere verneem: "Ons erken dat ons baie skepties was. Ons het erken dat hy 'n goeie krygsman is. Maar of hy ooit 'n goeie Minister van Landbou sou wees, daaroor het ons liewers geswyg."<sup>11</sup> Alhoewel hy dalk te vinnig beweeg het vir baie van die boere en sy reorganisasie en aanstellings hulle laat

<sup>8</sup> Cape Times, 4.7.1924.

<sup>9</sup> Ibid.

<sup>10</sup> Ibid.

<sup>11</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 9, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

skrik het, was hulle van die oortuiging dat Kemp 'n groot sukses van sy departement maak. Sy departement is gemeet aan die dienslewering, veral aan die boerderygemeenskap. Kemp het die beginsel van hulp aan al die boere gehandhaaf. Dit is bewerkstellig deur heffings op bepaalde produkte te plaas en sodoende het hulpverlening gereël. Hulle het nuwe moed geskep vir die toekoms. "Genl. Kemp het 'n nuwe gees in die departement ingeblaas wat duidelik in die boere en boereorganisasies te bespeur is,"<sup>12</sup> was die openbare mening.

Gedurende 1927 was die Regering se landboubeleid steeds 'n belangrike twispunt, gesien vanuit Oposisielegedere. Uit hoofartikels van die Oposisiepers en uit toesprake van hul partyleiers blyk dit dat Suid-Afrikaanse Party onder die besef gekom het van hul kwynende aansien by die plattelandse bevolking en bly hamer het op die beskuldiging dat die Pakt die platteland in die algemeen en landbou in die besonder, afgeskeep het. Volgens hulle het die Hertzogadministrasie die boer en sy belange verloor vir die tirannie van sosialisme en burokrasie, en dit alles bloot ter wille van mag en posisie.<sup>13</sup>

In 1928, na vier jaar van administrasie, het Kemp 'n spesiale konferensie vir amptenare van die Landboudepartement in Pretoria byeengebring vir 'n evaluering en beplanningssessie.<sup>14</sup> Volgens hom was die doel en strewe van sy departement om die vooruitgang van die land te bewerkstellig deur die ontwikkeling van sy vernaamste bedryf, naamlik landbou. Hierdie konferensie moes eensyds bydra tot die verspreiding van inligting onder die boere en andersyds help om die nodige vertrouens- en samewerkingsband te skep tussen die verskillende afdelings van die departement.<sup>15</sup> Hierdeur het die Departement van Landbou die hoogste ontwikkeling van die landbou vermoëns, beter uitvoering van werk en die verkryging van die hoogste winsgewendheid en welvaart beoog. Hy het die departement vergelyk met 'n motor, omdat die vooruitgang so vinnig was: "Die taak van die konferensie is die; (i) ontwerp van die beste model motor; (ii) regmaak van swakplekke; (iii) behoorlike toerusting van die departementele motor; (iv) bekwame en energieke bestuurders; en (v) maatreëls vir die doeltreffende gebruik van die motors".<sup>16</sup> Volgens hom sou die departement moet rekening hou met die vereistes van die verbruikers en moet sorg dat die operasionele masjinerie verbeter. Indien daar vereis word dat

<sup>12</sup> Ibid.

<sup>13</sup> The Cape Times, 17.10.1927.

<sup>14</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 11, onepageineerd; Ons Vaderland, 10.7.1928.

<sup>15</sup> Ibid.

<sup>16</sup> Ibid.

die bestuurder van die motor 'n goeie bestuurder moet wees, so sal die hoofde van die departemente en afdelings goed moet wees. "As die bestuurders verkeerd werk kan die motor maar van die beste soort wees – dit sal niks help nie en die motor sal verongeluk," het hy gesê.<sup>17</sup>

Kemp het ook gemeld dat die finansiële uitgawes van die departement besnoel sal moet word. 'n Effektiewer administrasie, sou volgens hom, dit kon bewerkstellig: "Daardie 'vuil vonkies' moet uit die ontbrandingstelsel verwyder word."<sup>18</sup> en hy versoek die amptenary, wat nie wil saam werk nie, om eerlik te wees en na vore te kom. Hy verwys ook na die openbare optredes van sekere amptenare al sou hulle onbeskof en onbehelpsaam gewees het. Volgens hom het die land die reg op die beste werkywer van sy amptenare en "daar moet onthou word dat pennies ponde word."<sup>19</sup> Hy het gesê dat die hele departementele masjinerie so hervorm word dat dit nie langer 'n vetkerslig sal wees nie maar 'n sterk elektriese lig.<sup>20</sup> Voorts het hy amptenare versoek om aan boere die regte professionele advies te gee en sodoende die boerderymetodes verbeter. Hiervoor sê hy was die beste organisasie nodig en dit vereis samewerking en die verwydering van struikelblokke, en daarvoor verwag hy van sy amptenary dat "hulle kinders van Suid-Afrika sal wees en nie op die klok kyk of die tyd gekom het om op te hou nie."<sup>21</sup> Volgens hom moet dit 'n liefdesd lens wees en nie 'n lens om te sien watter beloning daar is nie.

Dit is dus duidelik dat Kemp se doel en strewe was om die vooruitgang van die land te bewerkstellig deur die ontwikkeling van sy vernaamste bedryf, naamlik landbou. Sy wens was dat hierdie gees elkeen van sy departement se amptenare sal besleel, welke pos hy ookal beklee, wat ten doel het die bevordering van die belange van die boerdery in Suid-Afrika. Dit is dan ook nie enigsins verrassend dat Kemp reeds in 1928 beskou is as een van die ywerigste Ministers van Landbou wat die Unie van Suid-Afrika nog gehad het.<sup>22</sup> Die Volksblad berig: "As soldaat glo hy aan tug en dissipline en sy departement is dan ook een van die ywerigste in die staatsd lens. Hy beskerm sy amptenare deur dik en dun maar verwag van hulle troue nakoming van hul pligte."<sup>23</sup> Dit het tot gevolg gehad dat sy departement vervul was met 'n gees van pligsvervulling en 'n gewilligheid om te

<sup>17</sup> Ons Vaderland, 24.7.1928.

<sup>18</sup> Ibid.

<sup>19</sup> Ibid.

<sup>20</sup> Ibid.

<sup>21</sup> Ibid.

<sup>22</sup> Die Volksblad, 17.8.1928.

<sup>23</sup> Ibid.

dien, wat vir die ander staatsamptenare tot voorbeeld sou wees, en 'n besielende boerdery gemeenskap tot gevolg gehad het. Op 25 Junie 1928 verskyn daar 'n berig in Die Burger onder die opskrif "Min. Kemp moet bly", waarin sy reorganisasie van die Landboudepartement hoog aangeprys en melding gemaak word van sy optredes om landbou weer op 'n hegte grondslag te plaas.<sup>24</sup> Die land het besondere ekonomiese bloei en vooruitgang vanaf 1924 belewe en tot ontevredenheid van die Oposisie was die indruk geskep dat dit aan die regeringsverandering toe te skryf was. Toe die argument weer in 1928 geopper is, het die South African Nation Smuts en die Oposisielede daarop gewys dat daar selde nog soveel droogtegetelsterde distrikte in Suid-Afrika was as in daardie tyd; dat gedurende 1924-1925 een van die grootste sprinkaanplae ooit die land geteister het; dat daar in die tyd 'n groot brandsiekte epidemie was wat teen enorme kostes bestry moes word.<sup>25</sup>

In Junie 1929 het Ons Vaderland berig dat toe Kemp in 1924 as Minister van Landbou aangestel is, "hy die skyf geword het van ieder prater in die tegeparty."<sup>26</sup> Die beriggewer meld verder dat daar allerweë erken moet word dat die Unie nog nie so 'n deurtastende en saakkundige Minister van Landbou gehad het as Kemp nie. Gevolglik is dit noodsaaklik dat daar objektief gekyk word na sy hantering van die Departement Landbou en landbousake.

#### 4.3 Aanstellings in die Departement van Landbou

Soos met alle regeringsveranderinge het Kemp beplan om sy departement rondom lojale amptenare te bou. Dit het groot kritiek onder die Oposisie en - Oposisiepers tot gevolg gehad. Onder die opskrif "Vetkoek en Kurpers, vir die Nattes" berig De Volkstem in Augustus 1924 dat Kemp druk besig was ".....met die uitdeling van brode en visse onder sy partygenote... dat hulle sou Ingaan vir die Amerikaanse 'buitstelsel'."<sup>27</sup> Hierdie berig was geplaas na aanleiding van 'n ingrypende optrede deur Kemp toe hy al die skaapinspekteurs in kennis gestel het dat hulle ontslaan gaan word en besluitting as rede aangevoer is. Volgens die berig het Kemp by die heraanstelling van amptenare die Rustenburgse Boerevereniging se aanbeveling, waaronder een van die vier genomineerdes

<sup>24</sup> Die Burger, 25.6.1928.

<sup>25</sup> The South African Nation, 24.3.1928.

<sup>26</sup> Ons Vaderland, 2.6.1929.

<sup>27</sup> De Volkstem, 29.8.1924.

'n lid van die Suid-Afrikaanse Party was, verontagsaam en net die aanbevelings van sy eie party in ag geneem.<sup>28</sup>

Reeds so vroeg as 29 Augustus 1924 was Kemp in die Volksraad deur die Oposisie voor stok gekry oor sy heraanstellings. Kol. D. Reitz, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Port Elizabeth-Sentraal, het uitgevra oor aanstellings van oud-rebelle soos A. Bezuidenhout, J.R. de Kock en J.W. Viljoen as sprinkaanbeamptes, terwyl Sap-manne soos Enslin en Jordaan ontslaan was. Hy het ook voorgestel dat Kemp se salaris met £500 verminder word. Volgens Kemp was die twee Sap-manne weens ekonomiese redes ontslaan, terwyl die Nasionale Partymanne verskoon was vir hulle aandeel in die rebellie en dat Viljoen 'n dinamiese Afrikaner was.<sup>29</sup> Voorts het hy gemeld dat hy nie van plan was om die landbou-unies te raadpleeg in verband met die aanstellings nie. Ter verdediging van Kemp se optrede het genl. C.H. Muller, Nasionale Party Volksraadslid vir Pretoria-Suid, die Minister se optrede as braaf bestempel.<sup>30</sup> Kemp se verdere verweer was dat dit nie korrek was om te beweer dat al die ou sprinkaanbeamptes deur nuwes vervang was nie en meld hy dat die boere teen sommige beamptes gekant was as gevolg van hulle "baasspelerigheid"<sup>31</sup>

Op 8 September 1924 is Kemp in die Volksraad gekritiseer deur mnr. N.J. Pretorius, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Witwatersberg, oor sy aanstelling van genl. Sarel Alberts as sprinkaanbeampte, terwyl 'n ene Geere deur die landbou-unie aanbeveel was. Volgens Pretorius kon Alberts beswaarlik skrywe. In sy verweer het Kemp die aanval op Alberts betreur, aangesien hy Alberts as die beste man vir die pos beskou het. Hy het dit weer eens beklemtoon dat hy hom nie deur ondergeskiktes sou laat lei nie en dat hy alleen sal handel in belang van die volk.<sup>32</sup>

Kritiek op Kemp se beleid het ook in die pers opslae gemaak. Op 19 September 1924 verskyn daar in Ons Vaderland 'n brief onder die skuilnaam Koenaar, waarin Kemp gelukgewens word met sy beleid ten opsigte van die aanstellings van Nasionalliste: "U handelswyse het vertroue wat ons in u had gedurende die donker dae versterk en van-

<sup>28</sup> Ibid.: Ons Vaderland, 29.8.1924.

<sup>29</sup> Cape Times, 30.8.1924; De Volkstem, 2.9.1924; Debatte van die Volksraad, 29.8.1924, kolomne 958-964; "Sappe" was die gebruiksterm vir lede van die Suid-Afrikaanse Party.

<sup>30</sup> De Volkstem, 2.9.1924; Debatte van die Volksraad, 1.9.1924, kolom 1036.

<sup>31</sup> Ibid., 3.9.1924; Debatte van die Volksraad, 29.8.1924, kolom 964.

<sup>32</sup> Ibid., 9.9.1924; Ibid., 6.9.1924, kolom 1241.

dag staan ons vaster as ooit te vore agter u...."<sup>33</sup> Mnr. J. Minnie van Otterfontein het ook op 21 Oktober 1924 'n brief aan Ons Vaderland gerig waarin hy Kemp se optrede vergoelikh het, want volgens hom het die Nasionaliste daarna verlang om deur goedgesinde Nasionale Party-amptenare regeer te word.<sup>34</sup>

In Oktober 1924 het Kemp vergaderings in sy klesafdeling toegesprek en op 24 Oktober te Wolmaransstad het hy die klesers ingelg oor die uitsetting en aanstelling van amptenare in die Departement van Landbou. Volgens hom was daar "...mense wat meen dat die Regering sonaar al die amptenare kan uitsit as hulle wil. Maar dit kan nie; daar is 'n wet wat hulle beskerm..."<sup>35</sup> Hy beklemtoon dit dat indien 'n amptenaar sy plig doen hy nie ontslaan sou word nie. Voorts meld hy dat boere tyd gegun was om persone vir die poste van sprinkaanbeampes te nomineer, aangesien daar goele amptenare onder die Suid-Afrikaanse Party-ondersteuners was en hulle ook belastingbetalers is, hulle ook in die land moet lewe. Volgens hom het hulle die eleksie nie geveg omdat hulle posisies wou bekom nie, maar om Suid-Afrika gelukkig te maak.<sup>36</sup> Hy was van mening dat die administrasie topswaar was en veranderinge noodwendig afdankings tot gevolg sou hê. Wat hom egter hartseer gemaak het was die rusie oor wie aangestel en nie aangestel was nie en het hy gesê dat indien die Hoër Hand nie help nie sal hulle nie slaag nie.<sup>37</sup>

Vroeg in 1925 het Smuts 'n skerp aanval gedoen op Kemp se bevoorregting van Nasionaliste by aanstellings en gesê: "You cannot rule a country exclusively for the party and with support of one party. The cry of the Government is: 'away with the South-African Party; we are going to rule for ourselves, give our friends jobs and kick out the rest'."<sup>38</sup> Verdere kritiek van Oposisiekant het vanaf adv. P. Duncan, oud-Unlonis en Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Yeoville gekom. Hy het die Regering beskuldig dat die hele grondslag van die staatsdiens ondergrawe word en betoog dat die staatsdiens op 'n onpartydige grondslag moes berus.<sup>39</sup> Voorts het Patrick Duncan gemeld dat die nuwe regering deur sy optrede die Staatsdienskommissie se bestaansreg betwyfel. Kemp het in sy antwoord hierop verklaar dat die land beter daaraan toe sou wees indien die Kom-

<sup>33</sup> Ons Vaderland, 19.9.1924.

<sup>34</sup> Ibid., 24.10.1924.

<sup>35</sup> Ibid., 28.10.1924; Cape Times, 28.10.1924.

<sup>36</sup> Ibid.

<sup>37</sup> Ibid.

<sup>38</sup> J.H. de Roux en P.W. Coetzer (red.), Deel 2, pp.23-24.

<sup>39</sup> Debate van die Volksraad, 18.3.1925, kolom 1235.

missie afgeskaf word, aangesien dit 'n minister in staat sou stel om 'n amptenaar te benoem aan wie hy voorkeur gegee het.<sup>40</sup>

Kemp het egter weer sy eie kop gevolg en J. Kleynhans, 'n Pakt-ondersteuner, aangestel op die redaksie van Boerdery in Suid-Afrika, 'n blad wat uitgee is deur die Departement van Landbou. Weer eens is kritiek uitgespreek teen sy optrede en in Die Volkstem, onder die opskrif "Mnr. Kleynhans kry 'n Baantjie", is gemeld dat Kleynhans voorheen in onguns was by Kemp toe hy nie aan die Pakt behoort het nie. Noudat Kleynhans lid van die Pakt geword het, het Kemp volgens die berig, met die grootste openhartigheid verklaar dat Kleynhans 'n goeie amptenaar was.<sup>41</sup>

Kemp was egter 'n man wat as vurige minister op hoogte van sake in al die afdelings van sy departement was. Tydens die besprekingsdebat van die pos van die Minister van Landbou in die Volksraad op 21 Mei 1928, het die Oposisie onder leiding van sir Thomas Smartt en mnr. J.S. Marwick aanvalle gemaak op Kemp oor die verandering van amptenare in sy departement. In reaksie hierop het Kemp se openhartigheid en veglus die Oposisie wakker geskud. Hy het sy optredes geregtig deur te sê dat die amptenare wat nie hulle werk gedoen het nie, ontslaan was omdat brandslekte in hulle distrikte uitgebrei het. Kemp het gesê: "....die man wat liefde voel vir die Regering waaronder hy werk, en vir die Volk vir wie hy werk, beter sy werk sal doen as die wat nie vir die Regering voel nie."<sup>42</sup>

Filosofies het hy sy verweer afgesluit deur 'n kritiese opmerking waarin hy sê dat die Oposisie se aanvalle op sy aanstellings hom laat dink het aan die gelykenis van die Farseër en Tollenaar. Volgens hom het Smartt, toe hy minister was, al die Nasionaliste ontslaan en dat hyself nou as opposisielid die Regering aanval oor die aanstellings. Getrou aan sy onstuitbare karakter het hy Smartt uitgedaag om sy woorde buitekant te herhaal waar die wet op laster toegepas word.<sup>43</sup>

Hierdie optrede van Kemp het tot gevolg gehad dat daar in The Star 'n brief van mnr. J.J. van Rensburg verskyn het, onder die opskrif "Officials and Politics". Die skrywer het Kemp se aanstellingsbeleid gekritiseer en gesê: "Without any hesitation there are many

<sup>40</sup> Ibid., kolom 1237.

<sup>41</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 10, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>42</sup> Debate van die Volksraad, 21.5.1928, kolomne 4943-4944; Ons Vaderland, 22.5.1928.

<sup>43</sup> Ibid.

of us today who are disgusted with his methods..... Does he not realise the state of chaos he is leading the country into or does he think he is going to eradicate scab by appointing election agents? I can assure genl. Kemp that we are tired of him and his method, and we Afrikaners are not going to tolerate it much longer than 1929"<sup>44</sup>

Op 30 Julie 1928 was 'n verdere aanval teen Kemp se aanstellingsbeleid geloods in Die Volkstem, onder die opskrif "Genl Kemp en sy amptenare". Die beriggewer meld dat daar die voorafgaande vier jaar die indruk geskep was dat Kemp as Minister van Landbou 'n besondere gelukkige toestand in sy departement geskep het, al was dit dan net vir politieke vriende.<sup>45</sup> Op 21 Augustus 1928 vra dieselfde dagblad, onder die opskrif "Weer 'n laster gespalk", wanneer sal die volk se oë oopgaan en ontwaak uit die politieke roes waarin hulle verkeer, en of hulle hul nog langer sal laat bedot (sic) en die hele lewe maatskaplik, industrieel en op landbougebied, laat vergiftig deur partysug?<sup>46</sup>

In Maart 1931 in die Volksraad was daar 'n debat oor "Baantjies vir Boeties" toe mev. W. Rockey, Suid-Afrikaanse Party Volksraadlid vir Parktown, beswaar gemaak het teen die aanstellings in die Wolraad en dat die Regering geld vir ander doeleindes aangewend het, as vir advies en navorsing. Kemp se verweer was dat hyself in Bloemfontein teenwoordig was by die wolboere se vergadering waar 'n eenparige mosie van vertroue aangeneem was in die Wolraad. Voorts het hy Rockey gevra of sy bewus daarvan was dat daar op daardie tydstip drie studente in Engeland was, wat 'n studie van wol gemaak het. Hy het gemeld dat die studente deur die beste navorsingsbeamptes aanbeveel was.<sup>47</sup>

Kemp het ook getoon dat hy benewens goed ingeligte antwoorde ook soms gevatte antwoorde gegee het. Op 'n aanklag van die Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Bezuidenhout, mnr. L. Blackwell, dat Kemp drie van sy swaers in die staatsdiens aangestel het, het hy geantwoord dat hy vier swaers gehad het, "Een is dokter op Wolmaransstad, nie in die staatsdiens nie; die tweede 'n tandarts op Rustenburg, nie in die staatsdiens nie; een is 'n inspekteur van die Landbank en nie deur my aangestel nie, maar deur die Landbank wat 'n onafhanklike liggaam is."<sup>48</sup> Hy het voorts gesê dat sy ander swaer

<sup>44</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 11, ongepagineerd, koerantuitknipsel uit The Star, 22.6.1928.

<sup>45</sup> Die Volkstem, 30.7.1928.

<sup>46</sup> Ibid., 21.8.1928.

<sup>47</sup> Debate van die Volksraad, 16.3.1931, kolomne 2991-2993; Ons Vaderland, 17.3.1931.

<sup>48</sup> Ibid.

reeds vyfjaar vantevore deur die Departement van Arbeid aangestel was. Hy het gemeld dat hy in die departement was toe hy oorgeneem het en dat hy na die beskuldigings nie van hom ontslae sal raak nie. Op beskuldigings dat hy sy skoonseun, Tromp, aangestel het, het Kemp gesê dat sy skoonseun drie jaar vantevore in die staatsdiens aangestel was en dat hy vir twee jaar sy private sekretaris was en later 'n tegniese amptenaar in 'n ander departement.

Hy het afgesluit deur te sê: "As ons die gedragslyn moet volg dat geen familiebetrekkings van ministers in die staatsdiens aangestel mag word nie, dan kan ons volgens my, in die toekoms alleen ministers hê wat vreemde fortuinsoekers is, want elke minister het dwarsdeur die land familie."<sup>49</sup>

Jan Kemp het altyd opgetree volgens die moed van sy oortuging en dit geensins probeer verberg nie. Gevolglik het hy niks verkeerd daarin gesien om mense van sy politieke denkwysse stelselmatig voorkeur in die staatsdiens en verwante organisasies te gee. Hy het onomwonde erken dat hy dit gedoen het terwyl ander politici hierdie praktyk later netso konsekwent gevolg het, met die verskil, dat hulle 'n vrome dekmantel daarvoor probeer vind het. Hy was 'n onwrikbare stryder wat hom deur selfs die gedugste teenstander nie laat afskrik of van stryk laat bring het nie.

#### 4.4 Beesboerdery en produksienwyerheid

Die bestryding van veesleptes het eerstens die ernstige aandag van die departement vereis en vir Kemp en sy amptenare was dit 'n lang en moeisame proses om dit onder die knie te kry. Die aantal beeste in die Unie het in 1924 op ongeveer 9½ miljoen beeste te staan gekom, waarvan ongeveer 5 miljoen in Blanke en 4½ miljoen in Swart besit was. 'n Groot gedeelte van die beeste was van 'n swak gehalte, hoofsaaklik die in Swartes se besit, nutteloos vir sulwel- of slagdoeleindes op 'n winsgewende basis. Dit was te wyte aan ongeorganiseerde en onwetenskaplike boerdery praktyke onder die Swartes. Op 15 Februarie 1929 het Kemp in die Volksraad gevra of die Swartes nie toegelaat moes word om sekere beesrasse aan te hou en of hulle beeste mag uitvoer? Volgens hom kon hy dit nie regverdig dat Blankes alleenreg tot uitvoer verkry nie. Die eerste werklik georganiseerde poging om die probleme in die beesboerdery op te los was

<sup>49</sup> Ibid.

deur Kemp geïnisiëer.<sup>50</sup> Die Departement van Landbou het in samewerking met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU) 'n algemene werkprogram opgestel om die saak aan te pak. Vir hierdie doel was daar meer veeteeltamptenare aangestel; 'n proefplaas vir beesboerdery op Messina gestig; 'n eenheid waar bulle vir sekere siektes geïmmuniseer is was by Pietersburg daargestel; 'n beperking was geplaas op die invoer van beeste uit aangrensende lande; en melkaantekening skemas was in die lewe geroep in 'n poging om 'n grondslag te lê vir die verbetering van die suiwelnywerheid.<sup>51</sup>

Die gevolg van hierdie maatreëls van Kemp was 'n groot vermeerdering in die aantal vee wat getoets was en nletenstaande droogtes het die kaas- en botteropbrengs vermeerder. Die verhoogde produksie het gelei tot 'n afname van invoer van suiwelprodukte en 'n verhoogde uitvoer. Vir Kemp was die daarstelling van hoë standaarde in die suiwelbedryf 'n hoë prioriteit.<sup>52</sup>

Op 24 Maart 1926 het mnr. W.A. Deane, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Umvoti, beweer dat die kooie in Suid-Afrika minder room opgelewer het as in enige ander deel van die Britse Ryk en as rede aangevoer dat Suid-Afrika nie 'n mededingingsbeleid het nie. Volgens hom het die kwarantyn regulasies, wat van toepassing op die plase was, die boere erg geknou. Kemp het gesê dat toe mnr. Deane, vroeër Minister van Landbou was, hyself niks in die verband gedoen nie. Hy was egter bereid om in alle opsigte die boere met raad en advies te bedien, maar het beklemtoon dat dit die boere se plig was om die regte klas vee aan te skaf.<sup>53</sup>

Aanvalle en kritiek vanaf Opposisiegeleedere was reeds op 27 April 1926 deur mnr. G.H. Nicholls, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Zoeloeland, teen Kemp se veeteelt- en produksienywerheidsbeleid gedoen. Hy het Kemp in die Volksraad aangeval oor die swak mark wat daar vir die beesboere in Suid-Afrika was. Kemp het in sy verweer gemeld dat die rede daarvoor die groot hoeveelheid beeste wat vanaf Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe) ingevoer was en as rede daarvoor het hy die verdwyning van die "bounty" in

<sup>50</sup> Debate van die Volksraad, 15.2.1929, kolom 776.

<sup>51</sup> Die Burger, 26.10.1926.

<sup>52</sup> Ons Vaderland, 9.3.1926.

<sup>53</sup> Debate van die Volksraad, 24.3.1926, kolomme 2199-2201; Die Burger, 28.3.1926; Ons Vaderland, 28.3.1926.

die land, aangevoer. Ter stawing van sy verweer het hy syfers voorgehou en Nicholls veroordeel vir die verkeerde Inligting wat hy verskaf het.<sup>54</sup>

Gedurende die Transvaalse Landbou-unie (TVLU) kongres op 20 September 1927 het Kemp aangekondig dat daar in Januarie 1928 'n kongres sou plaasvind, waartydens oorweging geskenk sou word of 'n raad vir die beheer van die sulwelbedryf nodig was. Volgens hom het dit van die boere afgehang of hulle sou betaal vir so 'n raad. "Alles draai om geld, en as ons die hand nie in die sak wil steek nie, sal ons geen vordering maak nie,"<sup>55</sup> het hy gesê.

Op 21 Mei 1928, tydens die bespreking van Kemp se Departement van Landbou pos in die Volksraad, was daar in die pers na sy optrede in sy departement as openhartig en veglustig verwys, en dat dit die Oposisie wakker geskud het. Kritiek is teen sy departement uitgespreek as sou dit nie die beesboerdery beskerm het nie en weer eens is daar verwys na die Invoer van beeste uit Suid-Rhodesië. In antwoord op die aantygings van J.S. Marwick, Suld-Afrikaanse Party Volksraadslid van Illovo, het Kemp ewe gevat en in sy kenmerkende aanvallende manier na die agbare lid verwys as die "lange en langasemige lid vir Illovo. Dit is bekend dat 'n mens se omgewing baie inwerk op sy karakter."<sup>56</sup> Die Minister het statistieke aangehaal wat daarop gedui het die Invoer van beeste uit naburlige lande met ongeveer 50% gedaal het en volgens hom was dit 'n bewys van die Regering se beskermingsbeleid teenoor die beesboere.<sup>57</sup>

Tydens 'n vergadering op Wolmaransstad op 25 Augustus 1928 ontken Kemp bewerings wat gemaak word dat hy die Invoer van beeste uit Rhodesië geheel en al wil stopsit. Hy meld dat dit nie die Regering se beleid is om rusie met sy bure te maak, deur hul produkte geheel en al in die Unie te belet nie.<sup>58</sup> 'n Jaar later was hy heeltemal objektief teenoor die beesboerdery bedryf by die Transvaalse Vroue Landbou-unie se jaarlikse kongres. In sy openingsrede meld hy dat daar 11 miljoen beeste in die Unie is en stel hy die vraag: "Betaal dit hul elenaars om hulle aan te hou?"<sup>59</sup> Volgens hom moes die boere dit oorweeg om hulle aandag toe te spits op melkboerdery in plaas van beesboerdery. Hy het verweer dat dit nlks help om doekies om te draal nie, want Suld-Afrika kan net 'n se-

<sup>54</sup> *Ibid.*, 27.4.1926, kolomme 2876-2882, "bounty" beteken die toelanie.

<sup>55</sup> *Die Burger*, 23.9.1927.

<sup>56</sup> *Debate van die Volksraad*, 21.5.1928, kolomme 4943-4944; *Die Burger*, 22.5.1928.

<sup>57</sup> *Die Burger*, 23.9.1927.

<sup>58</sup> *Rand Daily Mail*, 27.8.1928.

<sup>59</sup> *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 12, p.18, koerantuitknipsel.

kere hoeveelheid beeste in die vorm van vleis gebruik.<sup>60</sup> Volgens hom was 'n versterking van beesboerdery alteen moontlik, indien beskermingsmaatreëls ingestel sou word en dit sou op die lange duur tot nadeel van die bedryf in Suid-Afrika wees.<sup>61</sup>

Op 1 November 1929 het Kemp aan 'n verslaggewer van Die Burger, hom ten gunste van die plasing van 'n heffing op alle beeste wat in die Unie geslag word, uitgespreek. Die fondse wat daaruit verkry is kon aangewend word vir die verbetering van die beesrasse.<sup>62</sup> Die voorgestelde wetsontwerp sou voorsiening maak vir 'n komitee wat die fonds sou bestuur. Met betrekking tot die verbetering van die beesrasse verklaar hy "dat daar altyd geroep word dat ons prulbeeste moet slag en vleis uitvoer", maar dat die oplossing eerder gelê het in die oprigting van Industriële vir die vervaardiging van vleisekstrak en ingemaakte blikkies vleis.<sup>63</sup>

Sy siening was dat Suid-Afrika in werklikheid geen land is om slagbeeste te teel nie, aangesien daar nie genoeg grond is om die beeste te laat loop nie. Uitvoere, het volgens hom ook nie betaal nie, aangesien afstande 'n groot rol gespeel het en hy beklemtoon dat die binnelandse mark uitstekend is, solank daar gesorg word dat die teelbeeste vir slagdoeleindes nie toeneem nie.<sup>64</sup> Hy was van mening dat daar baie meer aandag en energie gegee moes word aan sulwelbeeste as oplossing vir die probleem van die beesboerdery.

Teenstellend hierteenoor het Kemp tydens die behandeling van die tweede lesing van die Verbetering van die Veestapelwetsontwerp, op 3 Februarie 1930, verklaar dat daar pogings aangewend word om die buitelandse mark te verower, nie net vir die bemarking van beesvleis nie, maar ook vir sulwelprodukte. Hy het voorts daarop gewys dat die vooruitgang van die beesboerdery berus het op die verkryging van buitelandse markte en gesê dat die buiteland voorkeur gee aan vleis van jong beeste en daarom moes daar pogings aangewend word om goeie slagbeeste te teel.<sup>65</sup> Die Volkstem van 6 Februarie 1930 berig onder die opskrif "Ons Minderwaardige Vee", dat met die oog op die algehele ineenstorting van die mark vir beesprodukte, Kemp enige stap sou verwelkom wat daarop gemik was om die landbou vooruitsigte te verbeter. Die berig stel dit duidelik dat

<sup>60</sup> Ibid.

<sup>61</sup> Ibid.

<sup>62</sup> Die Burger, 1.11.1929.

<sup>63</sup> Ibid.

<sup>64</sup> Ibid.

<sup>65</sup> Debate van die Volksraad, 3.2.1930, kolomne 356-358; Ons Vaderland, 4.2.1930.

Kemp die verkoop van minderwaardige beesviels gesteun het, alhoewel hy erken het dat die uitvoer van viels na Italië nie werklik suksesvol was nie.<sup>66</sup>

Kemp se voortgesette ywer vir die belange van die boer is vergestalt in die Wetsontwerp op Publike Vellings en Transaksies in Lewende Hawe, wat op 23 Februarie 1930 in die Volksraad ter tafel gelê is. Volgens hom was sommige boere nalatig in die vereffening van hul rekeninge en was dit die Regering se plig om hulle te beskerm teen bedrog, veral vanaf die markagente.<sup>67</sup> In die Senaat het die Suid-Afrikaanse Party senator J.P. Malan van Kaapland, Kemp geluggewens met dié wyse waarop hy die belange van die boer behartig het.

Op 5 Februarie 1930 het Kemp die tweede lesing van die Beheer van die Suilwelywerheidswetsontwerp in die Volksraad ter tafel gelê en in sy betoog gemeld dat Suid-Afrika op sulwelgebied nog ver agter ander lande was, soos onder andere Holland en Kanada. Hy het versoek dat die mark gestabiliseer word en voorts gemeld dat die wetsontwerp die daarstelling van 'n raad beoog om toesig te hou oor die suilwelywerheid.<sup>68</sup> Hy het gesê dat daar te veel fabriekke was wat die laste van die sulwelprodukte opgestoot het en dat dit tot gevolg gehad het dat die boer nie sy regmatige aandeel ontvang nie.<sup>69</sup> By monde van mnr. L.D. Gibson het die Opposisie die wetsontwerp verwelkom, maar tog 'n vraagteken geplaas oor die Inmenging van die staat se kant en versoek dat die sulwelbedryf die geleentheid gegun moes word om hul eie heil uit te werk.<sup>70</sup>

Die groot droogte van 1933 het 'n groot tol geëis onder die beesboerdery en aanvanklik het die Regering hardnekkig geweer om vanuit staatsweë mielies of ander voer beskikbaar te stel, tot redding van die dulsende stuks vee wat op die punt gestaan het om te vrek. Onder leiding van dr. D.F. Malan het 'n invloedryke afvaardiging van Volksraadslede die Minister van Landbou versoek om op enige manier mielies en ander veevoer aan boere in die droogtegeteisterde gebiede te verskaf. In reaksie hierop het Kemp belowe dat hy onderhandelinge met die spoorweë sou aanknoop vir die vervoer van die veevoer teen goedkoper tariewe, maar voorts gemeld dat dit vir die Regering meer ekonomies

<sup>66</sup> Die Volkstem, 6.2.1930.

<sup>67</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 13, ongepagineerd, koerantuitknipsel; Debatte van die Volksraad, 3.2.1930, kolomme 401-405.

<sup>68</sup> Debatte van die Volksraad, 5.2.1930, kolom 464; Ons Vaderland, 7.2.1930.

<sup>69</sup> Ibid.

<sup>70</sup> Ibid., mnr. L.D. Gibson was die SAP-Volksraadslid vir Griekwaland.

sou wees om die vee maar te laat vrek en dan wanneer die droogte gebreek was, die boere te help om nuwe vee aan te koop.<sup>71</sup>

As gevolg van agitasie om hulp aan die boere in die droogtegeteisterde gebiede deur verteenwoordigers van landbou-unies, deputasies deur lede van die Volksraad soos onder andere D.F. Malan, persberigte waarin die Regering en Kemp skerp veroordeel is vir hul standpunte en die verlies aan 'n enorme aantal vee, het die onmoontlike werklikheid geword toe Kemp op 7 Julie 1933 regeringshulp beskikbaar gestel het. Hy het verklaar dat geldelike steun vanaf 31 Julie 1933 aan die boere ultbetaal sou word. Die Burger berig op 4 Augustus 1933 dat die boere nog drie weke moes wag, onderwyl die Minister van Landbou gaan vakansie hou het.<sup>72</sup>

Gedurende 1934 was daar 'n goorganiseerde veldtog deur die groot stadsrade, hoofsaaklik Johannesburg, gevoer teen die staatsbeheer van stedelike slagpale. Die staatsbeheer van slagpale was een van Kemp se grondbeginsels in die Wetsontwerp op die Vee- en Vleisbedryf, in 'n doelbewuste poging om die bedryf op 'n gesonde grondslag te stel en te vrywaar van krisis. Die krisis sou kom as gevolg van die toenemende bedreiging van pluimvee, veral die in Swart besit. Vanuit regerings- en landbou-unies se geledere was die noodsaaklikheid beklemtoon dat die veestapel moes verbeter, om so-doende te dien as teenvoeter vir die groot aantal pluimvee in die Swartmark, wat 'n gevaar ingehou het vir die opbou van die uitvoermark.<sup>73</sup>

Hierdie wetsontwerp het eerstens voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Raad van Beheer, bestaande uit 12 lede en moes verteenwoordigend wees van al die belangegroepes in die bedryf. Hierdie raad sou benewens die algemene beherende bevoegdhede die reg besit om 'n heffing te plaas op elke bees en skaap wat in die abattoirs, in die Unie, geslag word. Die gelde wat so geïen word sou in twee afsonderlike fondse gestort word, naamlik 'n bees- en skaapheffingsfonds. Hierdie fondse sou op drie terreine aangewend word; eerstens om 'n premie tot die aanmoediging van die vleisuitvoer te dien; tweedens tot die verbetering van die binnelandse bemarking van vleis; en dertens tot bevordering van die vee- en vleishandel in die Unie.<sup>74</sup> Verder het die wetsontwerp voorsiening gemaak vir die oprigting van koelkamers deur die staat en het die Minister die

<sup>71</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 158, ongepagineerd.

<sup>72</sup> Die Burger, 4.8.1933.

<sup>73</sup> Die Vaderland, 11.5.1934..

<sup>74</sup> Ibid.

Jan Kemp as Minister van Landbou: tydens droogte terwyl skape vrek, gaan hou hy vakansie.

DIE BURGER, SATERDAG, 15 JULIE 1933.

TERWYL DIE SKAPE VREK



GENL. KEMP (aan die boer): Nee wag, ou vriend, ek sal later hoor wat jy te sê het. Nou gaan ek eers op vakansie.

Bron: Die Burger, 15.7.1933, Saterdag.

reg verkry om aan koöperasies geld te leen vir die oprigting van koelkamers, vleis-ekstrak – en vleisnmaak fabriek. Dit is duidelik dat Kemp deur middel van heffings geld wou in wat beskikbaar sou wees vir die ontwikkeling van die beesbedryf.

Die gevolg hiervan was dat die Johannesburgse Stadsraad in opstand gekom het, aangesien die wetsontwerp onder andere bepaal het dat hulle nie hoër slagtarlowe mag hef nie.<sup>75</sup> Kemp was onbeweegbaar, omdat hy van mening was dat dit uiters onbillik was dat boere Jaarliks groot bedrae geld aan slagpaalgelde vir stadsrade moet betaal en dat die winste wat laasgenoemde so verdien in die stadsraadkoffer gewerp is, en gebruik is om die belastinge van die stedelinge te verlig. In die wetsontwerp is ook voorsiening gemaak vir gereelde Inspeksies, gradering van vleis en vir die vasstelling van pryse vir vleis in gepronkameerde gebiede.<sup>76</sup>

Op 23 Mei 1934 het Kemp 'n amendement op die wetsontwerp voorgestel, naamlik dat die Raad van Beheer van 12 lede, waarvan 8 boere sou wees, nou uit 11 lede sou bestaan waarvan 5 boere sou wees. Hierdie voorstel van hom het egter gou die wind van voor gekry aangesien die boerelede in die Volksraad, waarvan 6 Nasionaliste was, beswaar aangeteken het teen die hoë verteenwoordiging van die sake sektor – hulle vrees was dat die boerebelange in die Vleisraad oorrumpel sou word.<sup>77</sup> Kemp was raadop en Hertzog moes hom te hulp snel, aangesien hyself nie die gemoedere van Volksraadslede in toom kon hou nie. Die Burger berig: "In hierdie oorlogsatmosfeer is die stryd vanmiddag hervat, en genl. Hertzog moes vir 'n tweede keer in die kryt spring. Kemp was lelik in die knyp."<sup>78</sup> Hertzog het 'n beroep op die boere gedoen om te verstaan dat die Regering die ewewig tussen die boer en die stedeling moes bewaar.

Ondanks Hertzog en Kemp se welering dat die lede van die Volksraad mag stem volgens oortuiging, het die 6 Nasionaliste verteenwoordigers openlik teen Kemp se amendement gestem, en dus teen die Regering. Hierdie teenkanting was gesien as 'n protes teen die alleenheerskappy van die Kabinet.<sup>79</sup> 'n Verdere klip in die pad van die Regering was die

<sup>75</sup> Ibid.

<sup>76</sup> Ibid., 17.4.1928.

<sup>77</sup> Debatte van die Volksraad, 23.5.1934, kolom 4456; Die Burger, 24.5.1934.

<sup>78</sup> Die Burger, 24.5.1934.

<sup>79</sup> Debatte van die Volksraad, 23.5.1934, kolom 4474; Die Burger, 24.5.1934.

besluit deur die Arbeidersparty wat geeis het dat vakunielede ook op die Raad verteenwoordig moes wees. Gevolglik het die amendement skipbreuk gelei.<sup>80</sup>

Indien die veeteeltbedryf vanaf 1924 tot 1934 in oënskou geneem word, kan gekonstateer word dat die veeteeltproduksie nie na wense toegeneem het nie, terwyl die suiwelbedryf die grootste relatiewe styging getoon het. Uitbreiding in produksie was egter nie slegs die gevolg van natuurlike - of tegniese faktore nie, maar veral van staatsbeheer.<sup>81</sup> Kemp was die eerste Minister van Landbou wat 'n sistematiese poging aangewend het om die moelikhede van die beesboerdery op te los. Saam met amptenare van die Departement van Landbou en in samewerking met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het hy daadwerklike stappe geneem om die sak aan te pak. Hy het hom beywer vir die verbetering van die tegniese - en navorsingseksies van die bedryf om sodoende dit 'n ekonomiese vooruitstrewende bedryf te maak. So byvoorbeeld het hy in die Departement van Landbou meer veeteelt amptenare aangestel, proefplase vir beesboerdery opgerig en 'n beperking van invoer van beeste uit aangrensende gebiede met sukses toegepas. Daadwerklike pogings is aangewend om beessiektes, soos Oos-Kuskoors hok te slaan. Deur heffings te plaas het hy gepoog om fondse te verkry vir die uitbouing van die bedryf.

#### 4.5 Droogtes

Die Smutsregering het altyd beweer dat hulle die belange van die boere op die hart dra, maar indien hulle optredes en dade onder oë geneem word, "moet jy toegee dat alles wat hulle gedoen't maar lapwerk was, om die boere vir 'n oomblik tevrede te stel,"<sup>82</sup> berig Ons Vaderland 26 Oktober 1928. Voorts meld die berig dat hulle geen bepaalde gedragslyn gevolg het nie en hul politiek was maar een van "wag en sien",<sup>83</sup> want sodra die droogte verwoesting aangerig het, het hulle 'n bietjie hulp aan boere verleen en sodoende die indruk gewek dat hulle nie net die belange van die groot kapitaliste bevorder nie.

Onder leiding van Kemp het die Departement van Landbou in 1924 'n program van aksie opgestel, naamlik om te begin met propaganda en sodoende aan boere voorligting ge-

<sup>80</sup> Ibid.

<sup>81</sup> A. L. Muller (red.), Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika, p.231

<sup>82</sup> Ons Vaderland, 26.10.28.

<sup>83</sup> Ibid

gee inverband met die hantering van droogtes. Dit het onder andere behels omheining van plase en die instel van ekonomiese kampstelsels; aanplant van droogte bestande voerplante soos Turksywe; bestryding van gronderosie; daarstelling van 84 demonstrasiepersonele regoor die land om aan boere voorligting te gee oor plante - en diersoorte wat die betalendste was; verbetering van die watervoorrade; vertoon van rolprente oor winsgewende boerderymetodes; die ontmoediging van die trek van kleinvee tydens droogtes; die verbetering van die veegehalte; en navorsing oor inheemse graansoorte met die oog op die verbetering van die weiveld.<sup>84</sup>

Hierdie maatreëls het duidelik getoon dat die Departement van Landbou onder leiding van 'n ywerige Kemp, op 'n sistematiese wyse die landbouvaagstuk van die Unie aangepak het. Alles was gemik op die bestryding van droogtes en om die gevolge daarvan die hoof te bied. Volgens Kemp was die oplossing van die droogtevaagstuk geleë in die opvoedkundige werk wat onder die boerderygemeenskap moes plaasvind. "As die nodige samewerking van die boere verkry word, bestaan daar geen twyfel nie, dat ons oor 'n paar jaar baie min of so te sê geen verliese meer deur droogte sal hoof te ly nie," het hy aangevoer.<sup>85</sup> Die toekoms sou egter bepaal of hierdie wyse woorde was of nie, want 1924 was nog maar net die begin vir die nuwe besem.

In 1927 was daar 'n ernstige droogte en omdat die boere weer eens baie skade geleel het, was dit nodig om hulle weer op dieselfde wyse as in 1924, op die been te bring. Gedurende die jaar is die Droogte-Noodleningswet in 21 distrikte geproklameer. In die verband het Kemp gesê: "Ons het nou genoeg les opgesê, ons het tot ons bittere ondervinding geleer dat die droogtes in sekere streke so seker terugkeer as wat die dag in nag verander, en dit het tyd geword dat ons teen daardie herhaalde droogtes moet toerus."<sup>86</sup> Weer eens het hy sy teenkanting uitgespreek teen die trek van vee en gevra of dit nie beter sou om die spoorweë te versoek om hulp te verleen in tye van nood, naamlik goedkoper vervoertariewe. Die gevolg hiervan was dat die Regering besluit het om die spoorwegtariewe vir die vervoer van vee, vanaf droogte geteisterdestreke, op die helfte van die gewone tarief te stel.

<sup>84</sup> *Ibid.*

<sup>85</sup> *Ibid.*

<sup>86</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band II, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

Kemp was van mening dat die boere onder die landbou-kredietstelsel hulself kon organiseer en voer goedkoop aankoop en dit stoor vir tye van nood. Hy het voorts gewys op die noodsaaklikheid van die boer van boorgate op plase en dat boere klein stukkie lusern daarom moes aanplant, om sodoende voer te kry. Hy het egter gewaarsku teen die oorstok van plase en gesê: "Ook moet die boer oorweeg of die tyd nie aangebreek het om op te hou om sy plaas in voorspoedige tye te oorstok nie, of dit nie beter sal betaal om sy plaas te omhein en sodoende vertrapping van die veld deur die heen en weer jaag van die vee na die water en die krale te voorkom nie."<sup>87</sup>

Hy het ook aangekondig dat daar sewe uitbreidingsbeamptes deur die Departement van Landbou aangestel word. Volgens hom was dit mense wat veral 'n studie met betrekking tot die voeding van vee gemaak het en sy plan was om hulle veral onder die droë streke te versprei, om die mense van advies te bedien en alsoo enorme skades in die toekoms te voorkom.<sup>88</sup> Hy het gesê daar moet deeglik beplan word, sodat droogtekrise in die toekoms vermy word en sodoende 'n vertroue in die boerdery gevestig word. Op 29 Maart 1928 het Kemp aangekondig dat die Regering £400 000 beskikbaar gestel het vir ondersteuning aan boere wat ernstige skade gelei het. Hy het 'n beroep op elke mede-Afrikaner, landbou-unies en -verenigings gedoen om 'n helpende hand uit te steek.<sup>89</sup> Reeds in Junie 1928 het die pers na sy droogtemaatreëls verwys en aangevoer dat hy dit as 'n nasionale vraagstuk sien en as 'n nasionale taak voorop gestel het. Die berig meld dat ".....hy droogtebestryding tot 'n nuwe uitgangspunt gemaak het vir die Landboudepartement."<sup>90</sup>

In 'n memorandum aan die Kabinet op 30 Oktober 1930 insake die probleem van watervoorsiening het Kemp voorgestel, dat aangesien die Regering oor 'n beperkte aantal boermasjien beskik, private ondernemings aangemoedig word om boermasjien beskikbaar te stel. Ook het hy voorgestel dat lenings aan boere toegestaan word, sodat elenaars van privaatsbore op 'n kontant basis die werk kon verrig; dat die lenings op dieselfde wyse, as voorgeskryf vir regeringsbore, terugbetaal kon word; en dat die lenings deur die Landbank geadministreer word.<sup>91</sup>

<sup>87</sup> *Ibid.*

<sup>88</sup> *Ibid.*

<sup>89</sup> *Ons Vaderland*, 3.4.1928.

<sup>90</sup> *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 11, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>91</sup> *J.B.M. Hertzog-versameling*, Band 65, ongepagineerd.

Die gepaardgaande gronderosie tydens droogtes het ook groot kommer by hom gewek. Reeds in 1924 het die Droogte Onderzoekkommissie in 'n verslag bevind dat 187 miljoen ton grond deur gronderosie verlore gaan en volgens Kemp "...it laid stress upon the great and important truth that the soil of the Union is definitely robbed of its principal asset."<sup>92</sup> Hy kritiseer beide die boere en staatsondernemings vir die toestand en onderneem om dringende aandag aan die saak te skenk, deur 'n nasionale konferensie te belê. Die pers het hierdie optrede van Kemp aangeprys en hom gelukkigwens met sy slegting. The Natal Mercury and Commercial Advertiser het op 30 Oktober 1929 na sy optrede verwys as "Fighting the Desert."<sup>93</sup>

Op 15 November 1930 het die voorgestelde konferensie oor gronderosie by die Uniegebou, in Pretoria plaasgevind. Daar was groot belangstelling aangesien afgevaardigdes van al die verskillende landboudepartemente en belangstellende verenigings teenwoordig was. In sy openingsrede het Kemp verwys na die reuse taak wat aangepak moet word en die hoop uitgespreek dat die samesprekings wat gaan plaasvind die gevolg sal hê van 'n gesamentlike optrede.<sup>94</sup> Volgens hom was gronderosie 'n nasionale saak wat elke inwoner van die volk raak. Hy het dit teen die boere gehad wat hul plase met vee oorstok en nie die lande genoegsaam teen vloedwater en verspoeling beskerm het nie. Een van sy mikpunte tydens die konferensie was om die verskillende departemente, boere en privaattiggame bymekaar uit te bring om die saak vanuit 'n nasionale, in plaas van regeringsoogpunt, in oënskou te neem. Volgens hom was die natuurlike veld die kosbaarste besitting van die land en dat die instandhouding en verbetering daarvan van die grootste belang was vir die toekomstige ontwikkeling van die landbou in Suid-Afrika.<sup>95</sup>

Gevolgtrek was daar tydens die konferensie komitees benoem, wat die besluite wat geneem is, tot uitvoer moes bring. Samewerking vanaf die landbou-unies en boere was versoek vir die "Spaar van ons land."<sup>96</sup> Na afloop van die konferensie het Kemp sy tevredenheid uitgespreek oor die besluite wat geneem is en gesê dat hy hoop dat die besluite wat geneem is nie alleen net by besluite sal bly nie, maar diegene wat dit voorgestel het sal sorg dat dit uitgevoer word. Op 4 Desember 1930 het Kemp 'n memorandum aan die

<sup>92</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.18, koerantuitknipsel.

<sup>93</sup> The Natal Mercury and Commercial Advertiser, 30.10.1929.

<sup>94</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.84, koerantuitknipsel.

<sup>95</sup> Ibid.

<sup>96</sup> Ibid.

Minister van Binnelandse Sake voorgelê, waarin voorstelle gedoen is vir hulp aan boere en wyses waarop die droogte en depressie die hoof gebied kon word.<sup>97</sup>

Die toekoms sou wys of hierdie woorde van Kemp ter harte geneem is en die groot toets het met die aanbreek van 1933 gekom. 'n Droogte wat so erg was dat dit op daardie tydstop beskou was as die droogste tyd in die twintigste eeu. Volgens die Vrystaatse Landbou-unie in Julie 1933, was die hagglike toestande te wyte daaraan dat die droogte onderskat was en dat hul pleidooie vir hulp in die vorm van voer deur Kemp geweier is.<sup>98</sup> Die Administrateur van die Vrystaat, mnr. C.T.M. Wilcocks, het in Junie 1933 die Minister genader vir hulpverlening en volgens hom was die Minister se reaksie hierop dat dit maklik is om te praat as 'n mens nie verantwoordelik is nie,<sup>99</sup> en wou hy verder weet waar die voer vandaan sou kom. Op 'n verdere vraag van Wilcocks wat gedoen moet word om die veevrektes die hoof te bied, het Kemp geantwoord dat baie van die boere na Calvinia en Namakwaland toe kon trek en verder gemeld dat daar oor die algemeen nie genoeg voer was om al die vee te red nie en dit moet maar weer gaan soos in 1927.<sup>100</sup>

Teenstrydig met bogenoemde het 'n afvaardiging van die Vrystaatse Landbou-unie Kemp gespreek oor die verskaffing van voer aan boere en die noodsaaklikheid om boere op hul plase te hou. Die reaksie van die afvaardiging was dat Kemp hulle simpatiek gesind was en aangetoon het dat kredietgerlewe aan veeboere verskaf sou word om veevoer te bekom. Kemp het ook die regering se beredwilligheid aangetoon om met die vervoer van vee te help na dele waar dit gereën het en gesê hy vind dit die beste ekonomiese oplossing en beveel dit aan by voorkeur bo alle ander hulpbronne.<sup>101</sup>

In die pers is Kemp en die Regering egter skerp veroordeel vir die "onsimpatieke"<sup>102</sup> houding. Op 4 Augustus 1933 het Die Burger die blaam vir die kritieke toestand in die droogte geteisterde gebied vlerkantig op Kemp se skouers geplaas.<sup>103</sup> Op die landboukongresse van beide Natalse – en Vrystaatse Landbou-unies onderskeidelik, is Kemp hewig gekritiseer oor sy onsimpatieke houding. Die Vrystaatse Landbou-unie het onder

<sup>97</sup> D.F. Malan-versameling, Kabinetsmemorandum, Desember 1930.

<sup>98</sup> Die Burger, 11.7.1933.

<sup>99</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 13, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>100</sup> Die Volksblad, 8.7.1933.

<sup>101</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 8, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>102</sup> J.G. Strydom-versameling, Band 158, ongepagineerd.

<sup>103</sup> Die Burger, 4.8.1933.

meer versoek dat hy as Minister moet uittree, niteenstaande die afvaardiging se siening 'n ruk te vore dat hy hulle simpatiek gesind was.

Intussen het die Regering 'n omvattende skema uitgewerk in verband met die ekonomiese - en landboukundige posisie op die platteland. Vroeg in November 1933 het Kemp omvattende regeringshulp aan die lydende boere aangekondig. Kemp het verwys na die gees van helpmekaar en gesê: "As daar een saak is wat moed gee vir die toekoms van boerdery in ons land, dan is dit die volhardende stryd, die standvastigheid en die moedbetoon wat gedurende die afgelope jaar of twee van depressie en droogte deur die boere aan die dag gelê is. Niemand wat met die swaar geteisterde boere in aanraking gekom het, kan anders as vervul wees met bewondering vir die wyse waarop hulle weerstand probeer bled het aan die teenslae, waaronder hulle so 'n lang tyd gebuk moes gegaan het."<sup>104</sup> Volgens hom voel die Regering dat 'n droogte van dié omvang slegs een keer in 'n leeftyd voorkom en dat die Regering vasbeslote was om die boere wa dwarsdeur die modder tot aan die oorkantste wal te sleep.<sup>105</sup> Hy het 'n beroep gedoen op almal wat hulp kon aanbied om na vore te kom en netsoos die Regering, die ware gees van helpmekaar aan die dag te lê. Dan sou daar volgens hom geen rede wees om aan die toekoms van boerdery in die land te twyfel nie.<sup>106</sup>

Kemp se sienswyse en optrede tydens die droogte toestande het duidelik getoon dat hy deur sy optrede die boere en mense van die land bewus wou maak van hulle verantwoordelikhede ten opsigte van deeglike beplanning, besparing van welveld, bestryding van gronderosie en benutting van die natuurlike hulpbronne. Hy self was 'n boer en ten nouste bekend met al die problematiek van droogtes. Hy het die droogtes beskou as 'n louteringe proses om aan die volk 'n sterker ruggraat en bestendige selfstandigheid te verskaf.<sup>107</sup>

Kemp se temperament het waarskynlik sy politieke loopbaan vir hom vergemaklik, want hy het nie net een kant van 'n saak gesien nie, hoewel 'n mens soms die indruk kry dat hy hoegenaamd nie geglo het dat daar 'n ander kant was nie. Sy ondernemingsgees het hom soms aangespoor tot handeling voordat hy 'n saak goed deurdink het - sy foute was

<sup>104</sup> *Ibid.*, 7.11.1933.

<sup>105</sup> *Ibid.*

<sup>106</sup> *Ibid.*

<sup>107</sup> *Ons Vaderland*, 7.11.1933.

tot 'n groot mate die uitvloeiing van sy deugde en daarom het hy nie gehulwer om dit reg te stel nie.

#### 4.6 Hulp aan die boere

In Die Burger van 7 Oktober 1925 het daar 'n berig verskyn waarin Kemp se planne uiteengesit is om 'n Boere-Hulpfondskema daar te stel. Volgens hom was selfhelp en helpmekaar die ABC van koöperasie. Hy het dit beskou as die middel wat selfvertroue by die boer sal aankweek, wat hom sal leer om op homself staat te maak en dit sy Christelike plig is om sy minderbevoorregte mede-boer by te staan waar dit nodig is.<sup>108</sup> Volgens hom was dit 'n droewige verskynsel in die landbouwêreld dat daar geen gees van selfhelp en helpmekaar by sommige Suid-Afrikaanse boere was nie en dat hulle vir die oplossing van probleme altyd na die Regering gehardloop het. Sy mening was dat ele Inisiatief geblus was en dit het 'n stremmende uitwerking op die ontwikkeling en opbou van die landboubedryf tot gevolg. Hy was daarteen dat wetgewende masjinerie van die staat ingeroep moes word om die boer bo die ander klasse van die bevolking te bevoordeel.<sup>109</sup> Hy sien dit as 'n swakhed van die Suid-Afrikaanse boere en verwys na Holland en Italië waar die Regerings met dieselfde probleme opgesaai was en gedwing was om op te tree ten einde 'n einde aan die kwaad te maak.<sup>110</sup>

Volgens Kemp moes die Boerehulpfonds fondse beskikbaar stel in tyd van nood. Op die stadium het die Landbank 'n beginsel neergelê dat regering helpverlening alleen aan boere gegee sou word in gevalle waar hulle aangetoon het dat hulle bereid was om hulself te help. Die Landbank was teen die Droogte Leningswet, omdat dit boere wat hulp nodig gehad het, nie 'n kans gegun het om hulself te help nie.<sup>111</sup> Volgens Kemp sou die hulpskema die boer leer om meer op homself staat te maak, om homself te help en ook andere wat sy hulp nodig het, by te staan.<sup>112</sup>

Mnr. A.P. van der Post, senior ekonoom van die afdeling Landbou-ekonomie en Markte, het tydens die Suid-Afrikaanse Landbou-unie-kongres in Oktober 1925, 'n oorsig gegee oor die hulpskema en gesê dat daar aanvanklik sprake was van 'n assurancesfonds,

<sup>108</sup> Die Burger, 7.10.1925.

<sup>109</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 9, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>110</sup> Ibid.

<sup>111</sup> Die Burger, 7.10.1925.

<sup>112</sup> Ibid.

maar dat daarvan afgesien was vanweë die wisselvallige landbutoestande in Suid-Afrika, wat die daarstel van so 'n fonds op daardie oomblik sou bemoeilik.<sup>113</sup> Hy het verwys na twee wyses waarop so 'n fonds gevorm kon word, naamlik indirekte bydraes of direkte heffing. Hy het voorts gemeld dat in die begin die opbrengs aan die Landbank oorhandig sou word, om deur sy raad beheer te word en namate die fonds groei, des te sterker sou die voordele aan die boere gaan. Hy het die hoop uitgespreek dat daar uiteindelik voldoende geld sou wees om 'n Boerebank te stig wat onder 'n eie raad van beheer sal staan, onafhanklik van die Landbank.<sup>114</sup> Die kongreslede was die skema onsimpatiek gesind en baie was daarteen gekant. 'n Engelse afgevaardigde het die vraag gestel of die boere as 'n klas verantwoordelik gehou moet word vir die dade van die Voorsienigheid, terwyl 'n ander wou weet of die fonds bedoel was om die gevalenes en totaal verarmdes op die land te hou.<sup>115</sup>

Op 24 Maart 1929 het Kemp in 'n toespraak die finansiële politiek van die vorige Suid-Afrikaanse Partyregering vergelyk met dié van die Paktregering. Hy het verwys na die groot krediete wat banke tussen 1914 en 1920 verleen het en hoe die toenmalige regering tussen Januarie 1920 en Junie 1922 magteloos toegekyk het hoe die banke die oortollige krediete terugtrek. Volgens hom het duisende boere bankrot gegaan as gevolg daarvan.<sup>116</sup> Toe die Paktregering in 1924 aan bewind gekom het, het hy volgens Kemp, £11 miljoen in te kortte oorgeneem en na vyf jaar kon die Regering met oorskotte van £7 miljoen spog.

Op 10 Januarie 1930 het Kemp in Pretoria aangekondig dat die Regering £20 000 opgesit het vir landbou-kredietverenigings. Volgens hom was die stelsel alreeds in verskeie Transvaalse distrikte in werking. Hy het die hoop uitgespreek dat nog meer fondse beskikbaar gestel kon word, sodat die stelsel na nader geblede uitgebrei kon word.<sup>117</sup>

Kemp se kommentaar op die wetsontwerp oor Buitengewone Onderstand aan Boere van 1931, was dat hy baie bly was dat die wetsontwerp goedgekeur was. Dit sou tot gevolg hê dat 80% tot 90% van die boere wat weens dringende skulde in die moeilikheid verkeer het, gehelp word. Hy het gesê: "Die Regering wil voorkom dat boere wat in werklik-

<sup>113</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 9, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>114</sup> Ibid.

<sup>115</sup> Ibid.

<sup>116</sup> Ons Vaderland, 25.3.1929.

<sup>117</sup> Die Volkstem, 11.1.1930; Die Burger, 11.1.1930.

heid insolvent is, maar op die oomblik dringende skuld het om te betaal en so goed as uitgeroei sal word, as hulle nou vee moet verkoop om daardie gelde in die hande te kry...."<sup>118</sup> Hy het skuldeisers versoek om die boere kans te gun om na afbetaling van lenings, aan te dring op betaling van oorstaande skuld. Die gevaar wat sommige Volksraadslede gesien het, te wete dat skuldeisers boere nou van alle kante druk omdat hulle weet dat daar kans is dat hulle gelde kon kry, het volgens Kemp heeltemal weggeval. Omdat skuldeisers sou begryp dat die boer maar 'n beperkte bedrag kon kry, en dus as hulle die boer onredelik druk, hulle gevaar loop om niks te kry nie, of as hulle hom bankrot maak, bale min sou kry, was Kemp se verweer.<sup>119</sup> Hy het daarop gewys dat die optrede van die Regering tot gevolg sou hê dat 'n hele paar miljoen pond in die land in omloop sou kom, wat ook daartoe sou bydra om lewe in die doodsheid, as gevolg van die depressie, te bring.<sup>120</sup>

Smuts het in 'n brief aan mnr. Louis Esselen, op 15 April 1931, gemeld dat hy verneem het van 'n afvaardiging wat Kemp wou spreek oor die Hulpverleningswet, en dat hy sy morele ondersteuning aan hulle sou verleen. Volgens hom was die boere desperaat omdat die wet 'n mislukking was en hulle nie geweet het waarheen om te gaan nie.<sup>121</sup>

Op 22 April 1933 te Christiana het Kemp aangekondig dat mln. N.C. Havenga besig was met stappe wat daarop gerig was om die Landbankrente tot 4% te verlaag. Hy het gesê dat die verlaging die boere instaat sou stel om sy verpligting, ten opsigte van rentebetaling, na te kom. Ongelukkig het hierdie aankondiging van Kemp nie die boere wat hy onder kredietinstellings gehelp het, geraak nie.<sup>122</sup>

Verder het Kemp aangekondig dat lede van kredietverenigings onthef sou word van hul verpligtinge as borge. Die beriggewer van Die Volksblad betreur die feit dat die verklaaring van die Minister nie volledig genoeg was nie en die presiese bedoeling agterweë laat bly het. "Dit kom ons egter voor dat dit die bedoeling is dat lede van kredietvereniginge van hul gesamentlike verantwoordelijkheid vrygestel sal word vir die bedrag wat aan hom voorgeskiet is. Hy sal nie meer hoef in te staan vir skulde van sy medeledes

<sup>118</sup> Ons Vaderland, 27.2.1931.

<sup>119</sup> Ibid.

<sup>120</sup> Ibid.

<sup>121</sup> Esselen-versameling, Band 11, ongepagineerd, brief van Smuts aan Esselen, Kaapstad, 15.4.1931.

<sup>122</sup> Die Volksblad, 25.4.1933; Die Burger, 25.4.1933.

nie",<sup>123</sup> lui die berig. Voorts meld die berig dat die verandering, die hele grondslag waarop kredietverenigings berus het sou vernietig en dit 'n ineenstorting van die landboukrediet tot gevolg sou hê en sluit die berig af, ".....want dit verwyder die sleutelsteen waarop die hele stelsel berus."<sup>124</sup>

Die Kaaplandse Landbou-unie het in Junie 1933 met Kemp in verband met die Regering se boereplan vergader, aangesien die Regering se aangekondigde maatreëls tot verligting van die toestand waarin die boere in die algemeen verkeer het, uitklaring vereis het.<sup>125</sup> Wat die onmiddellike hulpmaatreëls betref het Kemp geantwoord dat die Regering dit onmoontlik gevind het om verbandskulde in te sluit, maar oortrokke bankrekenings wat deur die verband gedek was, sou egter onder die plan val.<sup>126</sup> Die bestuur het gewys op die noodsaaklikheid om die maatreëls van 'n meer blywende aard te maak, ten einde die hele landbouwyerheid te stabiliseer. Die Minister het gesê dat hy die saak na die Kommissie van Ondersoek sou verwys wat aangestel gaan word en waarop twee boere sitting sou hê.<sup>127</sup>

Op 3 Augustus 1933 berig Die Burger dat 'n afvaardiging van die Vrystaatse Landbou-unie, onder voorsitterskap van mnr. W.J. Odendaal, die Minister van Landbou gaan spreek het oor 'n aantal aangeleenthede, naamlik veevoer aan boere; Swartes wat nie kos het nie; verskaffing van mielies aan behoeftige boere; invoer van mielies as gevolg van tekorte; en die noodsaaklikheid om boere op plase te hou.<sup>128</sup> Kemp was die afvaardiging baie simpatiek gesind en het boere in die drooggeteelsterde distrikte versoek om gebruik te maak van die hulp wat die spoorweë verleen het om vee te vervoer na dele van die land waar dit goed gereën het.

Tydens die kongres van die Kaaplandse Landbou-unie, te Kimberley in September 1933, het Kemp in sy openingsrede uitgewei oor die Regering se opvatting ten opsigte van die Van der Horstplan. Hierdie plan was 'n voorstel ten opsigte van hulpverlening aan die boere in drooggeteelsterde gebiede. Volgens Kemp sou die eerste en direkte gevolg van die plan wees dat staatskuld met ten minste 40% sou vermeerder en dat die hele kredietwaardigheid van die land, veral in die buiteland, daardeur 'n byna onherstelbare

<sup>123</sup> Ibid.

<sup>124</sup> Ibid.

<sup>125</sup> Die Burger, 2.6.1933.

<sup>126</sup> Ibid.

<sup>127</sup> Ibid.

<sup>128</sup> Ibid., 3.8.1933.

skok sou ontvang. Die skema het voorgestel dat boere belet moes word om nuwe skulde aan te gaan en volgens Kemp was dit nie haalbaar nie.<sup>129</sup>

In Die Vaderland van 24 November 1933, onder die opskrif "Regering gaan Boere blywend op die been bring", word aangekondig dat Ingrypende besluite geneem is ten opsigte van die bestryding van werkloosheid en die verplasing van werklose boere na die platteland. Hier sou 'n poging aangewend word om hulle te rehabiliteer en weer op die been te bring.<sup>130</sup> Die poging sou volgens Kemp drieledig van aard wees, naamlik die gebruik van Blanke werkloos by die bestryding van grondverspoeling; verdere praktiese hulp aan arm - en werklose boere in die stede; en die opleiding van leerlingwerkers in die landbou ten einde die vraagstuk in sy kern aan te pak - die jeug.<sup>131</sup> Voorts het die Regering besluit om vee vir die verarmde boere aan te koop en om aan boere wat bereid was om gesinne op hul plase in te neem, £50 per gesin te betaal waarmee die nodige huusvesting voorsien kon word.<sup>132</sup>

Kemp het in sy tyd as Minister van Landbou nie alleen met die grootste droogte van die eeu tot op daardie tydstip te doen gehad nie, maar dit het tot gevolg gehad dat baie boere verarm het en hulle tot die stede moes wend om 'n heenkome te vind. Hy het veral gepoog dat 'n gees van hulp vanuit die hele gemeenskap geskep word en sodoende die ontvolking van die platteland te keer. Voorts het hy deur middel van opleiding en inligting boere aangespoor om die regte gewasse te kweek, gronderosie te bekamp en effektiewe boerdery toe te pas.

#### 4.7 'n Koöperatiewe stelsel

Wat die bemerking van landbouprodukte betref, het die Departement van Landbou alles in sy vermoë gedoen om koöperasie onder die boere aan te moedig. Baie voorbereidingswerk en propaganda was gedoen en die aantal koöperatiewe verenigings het vanaf 1924 van 243 na 330 vermeerder.<sup>133</sup>

<sup>129</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, pp 99-101; Die Vaderland, 7.9.1933; Die Burger, 12.8.1936, dr. J.G. van der Horst, sakeman en ekonoom van Kaapstad. Die groot probleem van menige boer in die depressietyd was oormatige skuld. Die plan het behels die aflissing van die skuld, waarvan die Staat die helfte en die skuldeienaar die ander helfte dra.

<sup>130</sup> Ons Vaderland, 24.11.1933.

<sup>131</sup> Ibid.

<sup>132</sup> Ibid.

<sup>133</sup> Die Burger, 26.10.1928.

Om te verhoed dat die sukses van die verenigings in gevaar gestel word deur teenstrydige belange van die middelman wat produseerders probeer oorreed het om buite die kooperatiewebeweging te bly, was wetgewing ingedien. Daardeur is die Minister van Landbou in staat gestel om nielede te verplig om hul produkte deur kooperatiewe verenigings te verkoop. Aanvanklik was Kemp baie versigtig met die toepassing van hierdie beginsel en is daar in die begin net op tabak van toepassing gemaak. Volgens Tielman Roos het die Rustenburgse boere byvoorbeeld almal by tabakkoöperasie aangesluit en teen 1926 het hulle beter pryse as ooit te vore gekry.<sup>134</sup>

Reeds in Julie 1925 het Kemp met die Gewysigde Wet op Koöperasies, ook genoem die Verpligte Koöperasiewet,<sup>135</sup> gepoog om daardeur mag aan die Minister te verleen om onder sekere omstandighede boere te verplig om te koopereer. In die Volksraad was lede verdeeld oor die dwangbeginsel. Volgens De Volkstem van 6 Julie 1925 was die beginsel gesond. "Koöperasie is nie alleen nodig nie, maar gebiedend noodsaaklik in belang van die voortbrengende boer...Die markte is in die hande van die tussenman; die boer het daar nie die skadu van 'n hoop nie, - ten minste nie solang as wat hy nie vas aanmekaar georganiseer staan nie, en solang as bedrog en ontrow nie strafbaar gemaak word nie,"<sup>136</sup> is berig.

Kemp het koöperasies as 'n slagaar van die ekonomiese opbou van die landbou beskou en gedurende September 1925, het hy sy idee van koöperasie in realiteit probeer omskep deur 'n veldtog in die Vrystaat op tou te sit en propaganda onder die boere te maak vir koöperasies, as die voordeligste vir die boer. Hy het die boere verseker dat indien hulle in koöperasies verenig was, die Landbank hulle sou help om die nodige voorskotte te kry.<sup>137</sup> Dit is interessant om te sien dat Kemp se siening oor verpligte koöperasies teen 1927 heeltemal verander het toe hy in Augustus gesê het dat koöperasie samewerking sonder dwang beteken, want sodra dit verpligtend gemaak word is dit nie meer koöperasie nie, maar dwang.<sup>138</sup> Voorts meld hy dat die boer se saligheid in hul eie hande lê en dat hulle moet koopereer om sodoende die middelman uit te skakel, wat slegs op sy eie sak ingestel was. Op 3 Oktober 1927, tydens die veertiende kongres van die Transvaalse

<sup>134</sup> Tielman Roos, p.227.

<sup>135</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 9, onpagineerd, koerantuitknipsel; Debatte van die Volksraad, 2.7.1925, kolomme 6081-6085.

<sup>136</sup> De Volkstem, 6.7.1925.

<sup>137</sup> Die Weste, 8.9.1925.

<sup>138</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 10, onpagineerd, koerantuitknipsel.

Nasionale Party het hy gesê, "....solank julle nie koöpereer nie, sal julle altyd waterputters van die middelman bly."<sup>139</sup>

Tydens 'n vergadering van die Waterbergse Mielie-organiseringskomitee, 29 Julie 1928, was daar 'n grootskaalse misnoeë uitgespreek teenoor Kemp se houding oor koöperasie en in besonder met verwysing na die graanboerdery. Mnr. E.A. Davidson van die Noorde-lyke Waterberg Boerevereniging was van mening dat Kemp 'n "draadsitter" was. As rede het Davidson aangevoer dat die veronderstelling, wat van die Sentrale Landboukomitee uitgegaan het, was dat as 75% van die boere sou instem om hulle graanprodukte beskikbaar te stel, graan as 'n landbouprodukt vir verpligte koöperasiewet verklaar sou word.<sup>140</sup>

Maj. R.D. Doyle van die Sentrale Landboukomitee, het in antwoord op die stelling van Davidson, gesê dat Kemp nog steeds die beweging steun om algehele koöperasie onder die graanboere te bewerkstellig. Voorts meld hy dat die Minister amptenare van sy departement beskikbaar gestel het om met die veldtog te help. Doyle se simpatieke siening was egter onaanvaarbaar vir die vergadering en daar is besluit om die vergadering vir 14 dae te verdaag, waarna daar 'n besluit geneem sou word oor die toekoms van die Waterbergkomitee.<sup>141</sup>

Die Volksblad berig op 17 Augustus 1928 onder die opskrif "Genl. Kemp praat reguit", dat die Minister nie met halfhartige beloftes gekom het nie en valse hoop by die voorstanders van verpligte koöperasie gelaat het nie. Kemp het, volgens die berig, sy standpunt reguit en onomwonde gestel en die mielieboere goed laat verstaan waar hulle met hom gestaan het. Hy was 'n groot voorstander van samewerking en koöperasie, maar teen verpligtende koöperasie.<sup>142</sup>

Op 25 Augustus 1928 berig die Rand Daily Mail dat kritiek ten opsigte van Kemp se landboubeleid, en in besonder sy houding teenoor koöperasie, besig was om uit te kristalliseer: "General Kemp criticised - Resolution with a sting - Politics in place of farming."<sup>143</sup> Voorts verwys die berig na die jaarlikse konferensie van graanboere wat ty-

<sup>139</sup> Ons Vaderland, 4.10.1927; Die Volksblad, 4.10.1927.

<sup>140</sup> Ibid., 31.7.1928.

<sup>141</sup> Ibid.

<sup>142</sup> Die Volksblad, 17.8.1927.

<sup>143</sup> Rand Daily Mail, 25.8.1928.

dens die skounaweek in September 1928, in Johannesburg plaasvind. Tydens die konferensie sou 'n aantal resolusies bespreek word waarin ontevredenheid teenoor die Minister van Landbou uitgespreek word en wat kon uitloop in 'n wantroue stemming. Een van die resolusies het verwys na die "great regret of the policy of the Minister of Agriculture in turning the malze organization co-operative campaign into a party political question."<sup>144</sup> Voorts is Kemp daarvan beskuldig dat hy die welvaart van die land se boere en landbou ondergeskik gestel het aan partybelange.

The Star berig op 28 Augustus 1928 dat daar groot ontevredenheid onder graanboere was oor Kemp se toesprake waarin hy verwys het na nie-verpligte mielieverkope deur een kanaal. Volgens die berig was agente besig om van plaas tot plaas te gaan om boere te werf vir die saak van algehele koöperasie. Verwysende na die Waterberg situasie meld die berig: "The time and energy spent in canvassing this wide area has been wasted and many prominent farmers of the district are of opinion that an excellent opportunity for organising the farming community has been lost."<sup>145</sup>

Gedurende die vermelde konferensie van mielieboere was die saak van kontrole van die mielie-organisasie na 'n komitee verwys vir ondersoek en verslaggewing. Hierdie verslag is op die daarop volgende konferensie in Mei 1929, te Pretoria, behandel. Tydens die konferensie het Kemp hom weer eens sterk teen verpligte koöperasie uitgespreek en gesê dat hy bereid is om enige voorstel van die konferensie te oorweeg, maar soos hy nog altyd gesê het, verpligte koöperasie sou hy nie in die Parlement voorstel nie.<sup>146</sup> Onder voorsitterskap van maj. Hunt was die verslag van die Komitee van Mielie-organisasies voorgehou. Volgens die verslag was die gewenste koöperasie voorgestel en verwelkom hulle die Minister se bereidwilligheid om die konferensie by te woon om sy saak te stel. Voorts het die komitee die hoop uitgespreek dat alle misverstande tussen die Minister en die mielieboere uit die weggeruim sou word.<sup>147</sup>

In antwoord op die verslag het Kemp gesê dat die Regering nie in gevalle, waar sekere sekties van die boere in stryd was met mekaar, die belange van die een bokant die ander bevorder nie en dat hy moes optree in belang van die geheel. Volgens hom het dieselfde beleid gegeld in die geval van verpligte koöperasie en gesê: "n Regering moet so

<sup>144</sup> Ibid.

<sup>145</sup> The Star, 28.8.1928.

<sup>146</sup> Ons Vaderland, 6.5.1929.

<sup>147</sup> Ibid.

gou moenlik ingryp in die 'wet van aanbod en aanvraag' en verpligte koöperasie is niks anders as 'n ingryping in die wet, daar dit 'n monopolie van die betrokke produkskep."<sup>148</sup> Hy het gewys op die gevare wat in 'n monopolie skuil, aangesien daardeur volgens hom, 'n sekere groep mense in die gemeenskap die reg gegee word om pryse aan verbruikers te dikteer. Hy het gesê: "Die hoofdoel van 'n monopolie is pryskontrole, en pryskontrole beteken in die meeste gevalle prysverhoging.....,"<sup>149</sup> en volgens hom was dit in stryd met die beginsel van koöperasie. Hy het voorts gesê dat die doel van koöperasie was nie om pryse te verhoog nie, maar om "orderly marketing"<sup>150</sup> te bewerkstellig. Hy het gesê dat verpligte koöperasie eintlik geen koöperasie sou wees nie en lynreg in stryd wees met die koöperatiewe gees. Hy het ook die kongres die versekering gegee dat enige beweging vir vrywillige koöperasie sy hartlike steun sou kry.

Tydens die jaarlikse kongres van die Transvaalse Landbou-unie op 10 September 1929, het Kemp die openingsrede gevoer en sy raad was: "Eendrag, groepekrag en spanwerk maak mag."<sup>151</sup> Hier het hy dit onomwonde gestel dat verpligting en koöperasie onmoontlik was, omdat die een die ander weerspreek. Volgens hom was die beleid van vrywillige koöperasie 'n plantjie wat stadig gegroei het en landbou-unies versoek om te help om die groei te verhaas. Hy het hom sterk uitgespreek oor die finansiële voordele daarvan en onder andere gesê dat dit groot besparings vir die boere te weeg sou bring.<sup>152</sup>

Op 13 November 1929 het Kemp 'n konferensie in Pretoria belê, waarby koöperatieweverenigings en boereverenigings verteenwoordig was. Die doel daarvan was die totstandkoming van 'n doeltreffende stelsel vir die koöperatiewe aankoop van boerderybenodighede. Tydens die kongres het hy weer op die voordele van koöperasie gewys en gesê dat hoe groter die omset, hoe voordeliger die terme vir die aankoop van boerderybenodighede kon word. Volgens hom sou dit die boere se bedingingsmag vergroot en groter finansiële bestendigheid te weeg bring. Ten slotte het hy 'n ernstiger waarskuwing gerig teenoor die kwessie van kredietverkope, aangesien die boere dit moeilik vind om kontant aankope te doen. Hy versoek dat koöperatieweverenigings die kredietstel-

<sup>148</sup> Ibid.

<sup>149</sup> Ibid.

<sup>150</sup> Ibid.

<sup>151</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>152</sup> Ibid.

sels sal vermy.<sup>153</sup> Hy het klem gelê op 'n hoë besigheidsmoraliteit met die oog op die beste belange vir die boere. Hy het beklemtoon: "In eenheid is mag, maar verdeeldheid breek krag."<sup>154</sup>

Die verteenwoordigers het gevolglik 'n voorstel aanvaar dat die tyd gekom het om alle Suid-Afrikaanse Koöperatiewe landbou-organisasies op sodanige wyse te affilieer, dat hulle in staat gestel word om die volste voordele te geniet, wat moet ontstaan uit gekombineerde optrede.<sup>155</sup> Ten slotte was die mening uitgespreek dat in belang van die bevordering en vooruitgang van koöperasies, die Departemente van Landbou, Spoorweë, die Landbank en die Tenderraad eensgesind moes handel en dat hulle terme en voorwaardes so moes verander dat dit klop met die kommersiële verelstes, asook simpatie moes toon met die koöperatiewebewegings.<sup>156</sup>

Op 28 April 1931 het die kwessie van verpligte koöperasie weer op die voorgrond getree toe dit in die Parlement ter sprake gekom het. Smuts het 'n voorstel ingedien waardeur hy verpligte koöperasie vir die mielleboere wou invoer.<sup>157</sup> Ons Vaderland het onmiddellik berig dat Smuts se voorgestelde skema, uit 'n teoretiese oogpunt verdedigbaar was, maar dat dit in die praktyk op 'n mislukking sou uitloop.<sup>158</sup> Hertzog het vanaf regeringskant Smuts se voorstelle teengestaan en gesê Smuts praat soos 'n professor voor sy klas, waar hy die onderwys objektief behandel. Volgens Hertzog het hy egter nagelaat om die Raad mee te deel of hy nog dieselfde standpunt sou ingeneem het as hy die volgende dag aan bewind sou kom. Hy het die voorstel as onverantwoordelik beskou, aangesien dit prakties onuitvoerbaar was.<sup>159</sup>

In sy antwoord het Kemp dit jammer gevind dat Smuts nie voorbeelde aangehaal het van 'n land waar verpligte koöperasie 'n sukses was nie. Kemp het na Kuba verwys waar die suikerboere geruïneer was deur oorproduksie as gevolg van verpligte koöperasie en Brasilië waar die kofflehandel as gevolg van die beleid, in duie gestort het. Hy het ook gesê dat volgens hom verpligte tabakkoöperasie in Suid-Afrika ook nie heeltemal geslaag het nie, aangesien dit tot beter pryse gelei het wat weer op sy beurt tot groter

<sup>153</sup> Ibid.

<sup>154</sup> Ibid.

<sup>155</sup> Ibid.

<sup>156</sup> Die Burger, 14.11.1929.

<sup>157</sup> Debatte van die Volksraad, 28.4.1931, kolomme, 3300-3303.

<sup>158</sup> Ons Vaderland, 1.5.1931.

<sup>159</sup> Debatte van die Volksraad, 28.4.1931, kolomme 3316-3317.

produksie gefel het. Gevolglik kon tabakboere nie hulle produkte van die hand sit nie. Ten slotte het hy gesê dat hy daarteen was omdat dit die boere groot skade sou berokken en Smuts se mosie as blote stemjag afgemaak.<sup>160</sup>

Op 7 Julie 1931 het Kemp in sy klesafdeling oor verpligte koöperasie gesê: "En nou kom ek by die ystervark - daardie ding wat alkante penne het en mens van alkante steek as jy aan hom wil vat. Ek bedoel die verpligte koöperasie van melleboere. Baie boere het hierdie ystervark somaar in die penne bygespring, maar moes hom somaar weer laat los. Ook genl. Smuts wou die ding in sy arms pak en aan sy bors vasdruk, maar moes hom skelleik laat los en het daar met bloedige steke van afgekom."<sup>161</sup> Hy het gemeld dat hy met sy Kwotawet beoog om te sorg vir die welsyn van die melleboere en dat dit koöperasie sou bevorder sonder enige verpligting.<sup>162</sup>

Die Ons Vaderland berig op die 3 Februarie 1933 dat Kemp gedurende die sitting van die Parlement 'n wetsontwerp sou indien tot wysiging van die Koöperatiewewet, met die doel om nuwe lede te onthef van die medeverantwoordelikheid vir seisoenlenings, wat voor hulle aansluiting van krag was. Wat ander lenings betref sou hul verantwoordelik bly daarvoor, aangesien hulle ook dienste verkry het waarvoor die lenings gesluit was.<sup>163</sup>

In Mei 1933 berig Die Burger dat Kemp ondersoek wou laat instel na die bemerking van koring en mielies. Gevolglik sou 'n kommissie aangestel word bestaande uit twee boere, twee sakemanne en 'n verteenwoordiger van die Departement van Landbou. Hierdie stap was noodsaak as gevolg van die talle moeilikhede waarmee koöperatiewe koring - en melle-organisasies te kampe gehad het, sowel as agitatie vanaf koringboere se kant vir verpligte koöperasie.<sup>164</sup>

Tydens die Nasionale Partykongres op 10 Augustus 1933 in Pretoria, het Kemp gesê dat bemerking van landbouprodukte deur een kanaal nie 'n maklike saak was nie, aangesien dit aan die eenkant die hoogs moontlike prys vir die produk verkry, maar dat dit aan die anderkant hongersnood vir baie sou beteken. Hy het gesê: "Die Regering voel dat

<sup>160</sup> Ibid., kolomne 3332-3337; Die Burger, 1.5.1931.

<sup>161</sup> Ons Vaderland, 10.7.1931.

<sup>162</sup> Ibid.

<sup>163</sup> Ibid., 3.2.1933; Debate van die Volksraad, 31.5.1933, kolomne 139-141.

<sup>164</sup> Die Burger 30.5.1933.

koöperatiewe stelsel nie die sukses is wat hy moet wees nie."<sup>165</sup> Aangesien daar 'n kommissie was wat die stelsel ondersoek, het hy afgevaardigdes versoek om getuienis voor die kommissie af te lê, sodat die Regering kan weet wat hom te doen staan. Hy het die erns van die saak beklemtoon en gesê dat die Regering verplig was om die saak met groot omsigtigheid te hanteer. Gevolglik het die kongres besluit om die saak in die hande van die Minister te laat.<sup>166</sup>

Die Burger berig op 24 Januarie 1934 dat die verslag van die Kommissie insake koöperatiewe verenigings byna voltooi was en teen die eerste week in Februarie aan die Minister van Landbou voorgelê sou word. Volgens die verslag sou die Kabinet die verslag onmiddellik in oënskou neem en dat Kemp spoedig daarna wetgewing sou indien.<sup>167</sup> Volgens die berig sou dit 'n omvangryke verslag wees, wat nie alleen tot koöperasies beperk sou wees nie, maar feitlik die hele boerderytoestand in oënskou sou neem.

Onder die opskrif "Landbou-unie stel sy geskut op - Besluit vandag voor die Minister - Afkeuring van verslag oor koöperasies", meld Die Burger dat daar aanduidings is dat die bestuur van Suid-Afrikaanse Landbou-unie wat op 5 Maart 1934 in Kaapstad vergader het, sy geskut in slagorde opgestel het vir aksie teen die aanbevelings van die Kommissie oor Koöperasies.<sup>168</sup> Volgens die voorsitter van Suid-Afrikaanse Landbou-unie, mnr. H.A.J. Wulm, sou die Adviserende Landbouraad die bestuur se besluite aan die Minister voorlê en sou die bom bars.<sup>169</sup>

Die Kommissie se bevinding, gesteun deur die Regering, het aanbeveel dat verpligte koöperasie nie toegestaan kon word nie. Verskeie Volksraadslede het in die Volksraad, tydens die behandeling van die begrotingspos vir Landbou, die Minister gevra of hy sy geloof in koöperasies verloor het? Dit terwyl almal deur die bank probeer aanvoer het waarom volstreekte beheer sal slaag.<sup>170</sup> Kemp het egter 'n onbetwiste simpatie met en beywering in belang van die boer gehad, maar die standpunt teen verpligte koöperasie gehandhaaf. Hy het aangekondig dat hy van plan was om die volgende jaar wetgewing in te dien waarvolgens koöperasies met beperkte aanspreeklikheid geregistreer kon

<sup>165</sup> J.C.G. Kemp-versameling. Band 8, ongepagineerd.

<sup>166</sup> Ibid.

<sup>167</sup> Die Burger, 24.1.1934.

<sup>168</sup> Ibid., 6.3.1934.

<sup>169</sup> Ibid.

<sup>170</sup> Ons Vaderland, 4.5.1934.

word. Volgens hom was hierdie punt lankal as 'n stremming in die vooruitgang van die koöperatiewebeweging gevoel.<sup>171</sup>

Tydens die Kaaplandse Landbou-uniekongres op Queenstown in September 1934 het Kemp weer eens sy standpunt gestel, alhoewel die kongreslede ten gunste van verpligte koöperasie besluit het. Hy het gesê: "Dit noodsaak beperking van produksie en ons volk is daarvoor nie ryp nie. In Amerika was hierdie dinge 'n hopelose mislukking. Daar is geen land waar dit 'n sukses is nie."<sup>172</sup>

Kritiek teen Kemp se onversetlike standpunt verskyn in 'n brief op 17 September 1934 in Die Burger, deur mnr. Gideon Burger van Oases, in die Beaufort-Wes distrik: "As 'n persoon dapper is in oorlog en deur sy dappere krygstalent generaal gemaak word, volg dit nog nie dat hy ook die bekwaamheid besit om Minister te wees nie. Die vernaamste talent van sulke persone is dat 'n groot gedeelte van hulle altyd veglustig bly, en dat hulle brein nie veel ander dinge produseer nie."<sup>173</sup>

Spoedig hierna, op 7 Januarie 1935, het Kemp as gevolg van gesondheidsredes as Minister van Landbou uitgetree. Sy deurtastende optrede en standpunt het hy geregtig in belang van die boer en sy produk. Die uitsprake en besluite wat hy in verband met die daarstelling van koöperasies gedoen het was oordeelkundig. Hy het hom vergewis van die situasie, nie net in Suid-Afrika nie maar ook in oorsese lande, en daarvolgens opgetree. Hy wou die koöperasies in diens van die landbougemeenskap stel en nie omgekeerd nie - Hy kan die "vader" van die koöperatiewe stelsel genoem word. Dit is 'n sinvolle stelsel van koöperatiewe bedinging, waardeur die boer en die landbou bevoordeel sou word.

#### 4.8 Landbouonderwys

Tydens die diploma - en prysultdelingsplegtigheid van die Potchefstroomse Landbou-skool op 13 Desember 1924, het Kemp sy Landbou-onderwysbeleid uiteengesit. Hy het gesê: "In die verlede was die opinie dat die domste kind uit 'n hulsigesin moet boer word. Die slimmes moes dokter word of 'n ander professie kry. Dis die rede waarom daar so

<sup>171</sup> Die Burger, 8.5.1934.

<sup>172</sup> Ibid., 6.9.1934.

<sup>173</sup> Ibid., 17.9.1934.

bale mislukkings in die boerdery is."<sup>174</sup> Volgens hom het die boere nie genoeg van landbou-skole gebruik gemaak nie. Hy het dit noodsaaklik geag dat onderwys op landbougebied gebring moes word tot aan die deur van die boer. Hy het gesê dat daar vyf landbou-skole in die land was, maar dat die opleiding doeltreffend gemaak moes word. Hy was van mening dat die fakultete moes verdwyn en in die algemeen sulniger en praktieser gewerk word.<sup>175</sup>

Tydens 'n vergadering op Louls Trichardt, 7 November 1925, het Kemp uitgewei oor landbou-opvoeding en gesê dat die tyd verby was vir verouderde boerderymetodes, aangesien daar sterk kompetisie in boerdery teenwoordig was. Hy het die boere versoek om hulle seuns op die platteland te hou en het belowe om sy beste te doen om die landbou-onderwys te verbeter. Hy het onderneem om op die plaasskole meer doelmatige landbou-onderwys te laat onderrig, om sodoende die leerlinge te bekwaam vir hul toekomstige taak.<sup>176</sup>

In die Volksraad op 18 Mei 1926, tydens 'n bespreking van die pos van Landbouonderwys het Thomas Smartt Kemp om inligting gevra rakende die opleiding van seuns by landbou-skole. Smartt het gesê dat dit lyk of daar twee gevalle verwar word, die een waar 'n seun wetenskaplike - en praktiese kenniswerk moet doen en die ander waar die seun wat nie die geleentheid gehad het om praktiese werk te doen nie, 'n kans gegee word om sulke werk op 'n landbou-skool te doen.<sup>177</sup> In antwoord hierop het Kemp gesê dat hy persoonlik al die landbou-skole besoek het en op volle hoogte was van die toestand aldaar. Hy het gesê: "Laat ek net sê dat dit moontlik is vir seuns wat klasse moet bywoon om al die werk te doen wat op die plase gedoen moet word. Hulle het bale om te leer en moet ondervinding opdoen...."<sup>178</sup> Volgens hom was daar van die seuns verwag om tot 18 uur te werk, dat hulle nog klasse moet bywoon en ook moet studeer. Op 'n verdere versoek van Smartt dat elke distrik wat om 'n proefplaas vra dit moet kry, het die Minister sy eensgesindheid daarmee verklaar, maar daarop gewys dat gebrek aan fondse die saak gekortwiek het.

<sup>174</sup> Ons Vaderland, 19.12.1924.

<sup>175</sup> Ibid.

<sup>176</sup> Ibid., 8.11.1925.

<sup>177</sup> Die Burger, 27.5.1926; Debate van die Volksraad, 18.5.1926, kolomme 4129-4130.

<sup>178</sup> Ons Vaderland, 28.5.1926; Ibid., kolom 4130.

Die Minister het verklaar dat daar op die Landbouskool Mariental voorsiening gemaak gaan word vir die opleiding van meisies, waar hulle opgelei sou word in hulshoudkunde en boerderysake.<sup>179</sup> Hy het ook verwys na Swartarbeid op die landbouskole en gesê dat indien en waar moontlik dit kan gebeur dat slegs Blanke-arbeid gebruik sal word.<sup>180</sup>

Op 16 Augustus 1929 berig Die Afrikaner dat Kemp, na aanleiding van 'n onderhoud wat hy met die Engelsepers gehad het, ontken dat hy gedreig het om die landbouskool by Cedara, in Natal, te sluit.<sup>181</sup> Volgens hom was dit bloot 'n konstatering van feite, aangesien die getal studente aan die daal was. Die enigste rede wat hy daarvoor kon aanvoer, was omdat die Natalse publiek beswaar gehad het teen die bietjie Afrikaans wat daar geleer word. Hy het dit egter duidelik gestel dat daar 'n groot aanvraag vir landbouskole was, maar dat sy departement nie inrigtings aan die gang kon hou nie wat nie behoorlik gebruik was nie. Hy gesê dat die toekoms van die inrigtings hang eenvoudig af van die gebruik wat die publiek daarvan maak.<sup>182</sup>

In November 1933 het die Regering Ingrypende maatreëls aangekondig met betrekking tot die bestryding van werkloosheid en die verplasing van werklose boere na die platteland. In 'n verklaring is daarop gewys dat 'n groot persentasie van die misluktings op boerderygebied daaraan te wyte was dat hulle nie instaat was om hulself op bevredigende wyse aan te pas by veranderde - en veeluisende boerderyomstandighede van die tyd nie. Gevolglik het die kabinet besluit om geleidelik in hierdie groot behoefte te voorsien deur aan jong manne praktiese opleiding te verskaf, maar in besonder van hulle bekwame nedersetters te maak.<sup>183</sup>

Vanaf 1934 sou daar by landbouskole geriewe daarvoor beskikbaar wees. Sover prakties moontlik sou daar by die landbouskole met die bestaande arbeidspraktyke weggedoen word en belowende jong Blanke seuns tussen 18 en 21 jaar sou dan geselekteer word om deur middel van twee - en driejaar kursusse, al die werk te verrig. Kemp se doel hiermee was om na 3 jaar 'n hele aantal praktiese opgeleide seuns daar te stel om na verskillende nedersettings uitgeplaas te word. Hulle sou selfs vir nog 2 tot 3 jaar

<sup>179</sup> Debate van die Volksraad, 18.5.1926, kolom 4132.

<sup>180</sup> Ibid.

<sup>181</sup> Die Afrikaner, 16.8.1929.

<sup>182</sup> Ibid.

<sup>183</sup> Ons Vaderland, 24.11.1933.

hierna onder tegnlese toesig van die betrokke departement bly werk het.<sup>184</sup> Kemp was oortuig dat die jongmanne vir die boere van groot waarde sou wees deurdat daar voor-sien sou word in 'n groot behoefte, naamlik beproefde en prakties opgeleide plaaswer-kers.<sup>185</sup>

Op 19 Januarie 1934 kondig Die Burger aan dat Kemp prof. A.M. Bosman as hoof van die afdeling Landbouonderwys en - Uitbreiding aangestel het.<sup>186</sup> Tydens die Jaarlikse sluitingsplegtigheid by die Landbouskool Glen op 10 Desember 1934, het Kemp aan die afstuderende studente gesê: "Gaan heen en versprei julle kennis onder die boere. Vertel en wys aan hulle dat ons weens veranderde tye nie kan boer soos ons voorouers geboer het nie, maar hou bo alles vas aan die kostelike gewoonte ons voorouers, naamlik om jul transporte in die voorhul te hou sonder dat daar met rool ink daarop geskryf is."<sup>187</sup>

Hy het voorts die boere lof toegeswaai vir die wyse waarop hulle in die algemeen die swaar tye die hoof gebied het. Terselfdertyd het hy ook gewaarsku teen die neiging wat al hoe meer veld gewen het, naamlik dat die Regering hul skulde moet afskryf. Hy het boere versoek om nie hul verpligtinge te ontduik nie en hul aangespoor om deur middel van voortdurende inligting en vernuwing beter landboumetodes toe te pas.<sup>188</sup> Volgens hom het die toekomst van boerdery in landbouonderwys gelê.

Ekonomiese - en wetenskaplike boerdery was twee van die steunpilare wat Kemp beoog het vir die landbou. Hy het boerdery beskou as 'n winsgewende beroep en gevolglik moes die jong seuns en dogters wat hulle daarin wou bekwaam opgelei word - weg was die tyd van net boer wees omdat sy of haar vader een was. Hy het ook die opleiding van arbeiders deur middel van praktiese opleiding beoog. Kennis was volgens hom die mag om suksesvolle boere daar te stel.

#### 4.9 Swartes in die Landbou

---

<sup>184</sup> Ibid.

<sup>185</sup> Ibid.

<sup>186</sup> Die Burger, 19.1.1934.

<sup>187</sup> Ons Vaderland, 19.1.1934.

<sup>188</sup> Ibid.

'n Nie-partypolitieke oplossing vir die Swartvraagstuk was volgens J.H. le Roux en P.W. Coetzer 'n blote illusie, aangesien sommige Oposisielede<sup>189</sup> en verskeie Instansies Hertzog se Nie-Blankewetsontwerpe (sic) sedert 1927 sterk in die openbaar aangeval het. Die "Johannesburg Joint Council of Europeans and Natives" het die voorgestelde wetgewing veroordeel asof dit Swartslawerny tot gevolg sou hê.<sup>190</sup> Tydens die algemene jaarkongres van die militante "African National Congress", in Januarie 1927, is nie slegs op die direkte Swartverteenvoordiging in die Parlement aangedring nie, maar ook uitdruklik verklaar dat Hertzog se Naturellewetsontwerpe (sic) met alle middele teengestaan moes word.<sup>191</sup> Dit kan nie ontken word dat hierdie organisasie se optrede as 'n belangrike stimulus gedien het vir Swartverset.

Die rol wat Blanke filantropie en -liberales in die Swartes se agtiasleveldtog gespeel het, het sy neerslag gevind in die feit dat sonder enige twyfel aanvaar kan word dat die meerderheid Swartes, en veral Swartorganisasies, na die Suld-Afrikaanse Party opgesien het vir beskerming van hul belange. So byvoorbeeld het mnr. C. Kadalie, sekretaris van die Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa (ICU), by Smuts beswaar aangeteken toe die Wetsontwerp op Naturelle Administrasie in 1927 van krag geword het.<sup>192</sup> Volgens Kadalie was die wet doelbewus geproklameer om Swartes wat op sekere fundamentele regte aanspraak sou maak, aan bande te lê.

Kemp het in Augustus 1928 in 'n toespraak op Makwassie boere geadviseer om hulself teen die Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa te organiseer. Ook het hy verwys na probleme in die Oos-Transvaal waar boere groot probleme ondervind het met Swartarbeiders, as gevolg van Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa-beweging en wat na die Wes-Transvaal uitgebrei het. Verder dat daar in Natal 'n ongemaklike situasie tussen Wit en Swart aan die ontwikkel was, aangesien Swartes van die plase afgesit was.<sup>193</sup> Hy het gesê: "Here the native (sic) should be made to realise that he is an employee and subordinate, and that he cannot dictate to the white man."<sup>194</sup>

<sup>189</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer (red.), Deel 2, pp.364-365, vergelyk *Die Burger*, 28.1.1927, verklaring van adv. Stuart te Grahamstad.

<sup>190</sup> *The Star*, 14.10.1926, verslag van die Johannesburg Joint Council of Europeans and Natives.

<sup>191</sup> *Die Burger*, 4.1.1927, 5.1.1927 en 6.1.1927, verslag van die ANC-kongres.

<sup>192</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer (red.), Deel 2, p.366.

<sup>193</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 11, p.188, koerantuitknipsel.

<sup>194</sup> *ibid.*

Volgens die Rand Daily Mail van 27 Augustus 1928, sou dit 'n kwade dag wees as Blankes en Nie-Blankes teen mekaar organiseer, aangesien dit nie tot die oplossing van die rassevraagstuk sou lei nie.<sup>195</sup> Die volgende dag het Kadalle aangekondig dat die Minister van Landbou se advies aan boere om teen die Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa te organiseer, ingemeng het met die Naturelle Administrasiewet van 1927. Volgens hom het hulle 'n skrywe aan die Prokureur-generaal gerig, waarin hulle beswaar aangeteken het teen sodanige toesprake en versoek dat Kemp aangekla moet word. Voorts het hy verklaar dat die Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa pogings gaan aanwend om grond te koop vir die hervestiging van Swartes, wat van plase afgesit was. Hy het gesê: "Our ultimate object is to regulate and protect farm labour."<sup>196</sup> Hulle was ook van plan om boere-organisasies te ontmoet en 'n konferensie te hou oor die situasie van Swartarbeid op plase. In opvolg van die klag teen Kemp het die Prokureur-generaal op 28 Augustus 1928, beslis dat Kemp op Makwassie hom nie aan die bepalings van die Naturelle Administrasiewet skuldig gemaak het nie en dat sy toespraak niks lasterlik bevat het nie.<sup>197</sup>

Op 19 Desember 1929 het Kemp tydens 'n openbare vergadering op Bethal, die situasie van die Swartes in die landbousektor aangeraak en gesê: "Ek ontken dat die Naturelle (sic) in die landbousektor nie voldoende betaal word nie. As 'n feit ontvang die Naturelle (sic) in die Unie hoër loon dan enige Swartas in enige ander wêrelddeel. Die bestaande loon is hoog genoeg om die Naturelle (sic) met al sy benodighede te voorsien, volgens die staat van beskawing wat hy bereik het."<sup>198</sup> Hy het voorts 'n beroep gedoen vir opleiding van Swartes met betrekking tot die landbou. Volgens hom was daar nie so 'n groot skaarste aan grond, dat die Swartes na die stede gedwing word nie. Hy het gesê dat die Regering se beleid is om die Swartes uit die stede weg te hou.<sup>199</sup>

Hy was van mening dat die skaarste aan Swartarbeid min te make gehad het met die loon wat aan hulle betaal word. As bewys hiervan het hy na die Sulkerindustrie in Natal verwys, waar boere £2.10 sjiellings per maand betaal en huisvesting en kos verskaf het. Die verstedeliking van Swartes het volgens hom veroorsaak dat arbeiders te kort op die plase ontstaan het. In teenstelling met die myne wat 'n vaste prys vir hulle produk ont-

<sup>195</sup> Rand Daily Mail, 27.8.1928.

<sup>196</sup> Ibid., 28.8.1928.

<sup>197</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 11, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>198</sup> Ons Vaderland, 20.12.1929.

<sup>199</sup> Ibid.

vang, was die boere afhanklik van markte wat gedurig verander het, het Kemp gesê. Hy het hom ten gunste van die hersiening van die wetgewing op Naturellearbeid (sic), vir landboudoeleindes, verklaar.<sup>200</sup>

Op 21 Desember 1929 berig Die Volkstem dat die Departement van Naturellesake (sic) besig was met 'n omvangryke taak ter verbetering van die Swartes se lot op landbougebied. In amptelike kringe was verklaar dat die skema tot 'n groot mate die stroom van Swartes na stede sal laat ophou.<sup>201</sup> Volgens die beriggewer was die probleem dat die boere nie werksvolk uit die Swartgebiede gekry het nie. Die berig meld voorts: "Ons is daarvoor dat die naturel (sic) leer om sy vee te verbeter en sy landbouprodukt te verhoog, maar stem saam met genl. Smuts, wat nou kort nog in een van sy Oxfordlesing daarop gewys't het dat die kaffer (sic) hierdie kuns die beste leer in die praktiese skool, op die boer se plaas."<sup>202</sup>

Tydens 'n buitengewone konferensie van die Transvaalse Vroue Landbou-unie in Pretoria op 10 Januarie 1930, het Kemp in sy openingsrede verwys na 'n besluit wat deur die Landbou-unies geneem was, ten gunste van 'n geleidelike repatriasie van Swartes. Hy het gesê dat tensy die Naturelle-kommissie (sic) uitvoering gee aan die besluite van die Transvaalse Vroue Landbou-unie, sal Johannesburg na 10 - of 20 jaar in dieselfde posisie as New York, met dié verskil dat daar in Johannesburg 'n meerderheid van half-beskaafde - en beskaafde Naturelle (sic) sal wees aan wie die uitoefening van alle burgerskapsregte nie geweler kon word nie.<sup>203</sup>

Kemp se landelike agtergrond het hom 'n kenner gemaak van arbeidspraktyke op plase. Hy het ook 'n volledige kennis gehad van die Swartes en hul omstandighede op plase en vanuit hierdie magsbasis het hy uitsprake gemaak. Hy was 'n groot voorstander vir die praktiese oplossing van die probleem, naamlik om die Swartes uit die stede te hou, op die platteland en op die plase as arbeiders te ontplooi. In die proses het hy gehoop dat hulle in effektiewe landboumetodes opgelei sou word, om sodoende dit self te kon toepas. Hy was terdeë bewus van die probleem van werkloosheid onder die Swartes en daarom het hy werkverskaffing in die landbou as 'n oplossing daarvoor gesien, terwyl dit die arbeidsprobleme op plase sou oplos. Hy was 'n groot voorstander vir 'n proses van

<sup>200</sup> Ibid.

<sup>201</sup> Die Volkstem, 21.12.1929.

<sup>202</sup> Ibid.

<sup>203</sup> Die Burger, 11.1.1930.

## Jan Kemp: Minister van Landbou en die sprinkaanplaag



Bron : Die Burger , 3.3.1934, Saterdag.

opheffing, aangesien eksplorasie van Swartes vorentoe probleme sou oplewer, soos byvoorbeeld die toekenning van burgerskapregte.

#### 4.10 Sprinkaanbestryding

Net soos die droogteprobleem, was die uitroeiing van sprinkane deur die nuwe regering sistematies aangepak. Die werk wat vanaf 1924 gedoen was en die voorsorgmaatreëls wat deur die Departement van Landbou geneem was, het tot gevolg gehad dat die sprinkaangetalle in die somer van 1927-1928 afgeneem het. Besondere maatreëls wat deur Kemp ingestel is, het behels dat die veldtog wat in die Kalahari gevoer was baie goeie inligting insake die vraagstuk verskaf het. Ook het die Minister persoonlike toesig in die veld gehou en gesorg vir die daarstelling van 'n behoorlike inligtingstelsel, waardeur vroegtydige kennis ingewin kon word oor sprinkaanplae wat sou uitbreek.<sup>204</sup>

Hierdie maatreëls van die Minister was baie suksesvol, "....with success the administrative side of destroying the locust menace and his department fostered scientific farming by every means",<sup>205</sup> meld D.W. Krüger. In 1924 het Kemp deskundiges aangestel om ondersoek in te stel na die leefwyse, agtergrond kennis en geskiedenis rakende sprinkane, die sogenaamde "Kalahari-ekspedisie."<sup>206</sup> Die verslag van die "Kalahari-ekspedisie" het daarop gedui dat die Kalahari die broeiplek van die plaag was en gevolglik het hy opdrag gee dat die grenslyn met Betsjoeanaland (nou Botswana) gesluit en dat daar 'n kordon vragmotors met bemande spulte op die grens getrek moes word om die vlieënde sprinkane wat uit die Kalahari verweg word, te vernietig voor hulle in die Transvaal aankom.<sup>207</sup>

Gedurende November 1924 het Kemp deur die Wes-Transvaal en Noordwes-Kaap gereis om die hele operasie op gereedheidsgrondslag te kry. Na afloop van die reis was hy vol vertroue dat die sprinkaanveldtog suksesvol uitgevoer sou word.<sup>208</sup> Gevolglik het daar in Ons Vaderland 'n brief verskyn van ENBA, gedateer 6 Desember 1924, waarin Kemp en sy sprinkaanbeamptes geloof is vir hulle werk, en dat hul die land van 'n hongersnood

<sup>204</sup> Ons Vaderland, 26.10.1928.

<sup>205</sup> D.W. Krüger, p.139.

<sup>206</sup> Ons Vaderland, 28.10.1924.

<sup>207</sup> Ibid.

<sup>208</sup> Ibid., 21.11.1924.

gered het. Hy sluit af deur te skrywe dat die publiek moet insien dat dit net die volksheld is wat so 'n sukses kon maak van die werk.<sup>209</sup>

Tydens 'n vergadering op Nylstroom, 7 November 1925, het Kemp gesê dat alhoewel dit bars gegaan het om die sprinkane uit te roel en dit baie geld kos, hy eerlik kon sê dat die doel bereik was, "hulle is dood en enkele swerms wat daar nog op die oomblik is sal binnekort volkome onder kontrole wees."<sup>210</sup> Hy het die Opposisie verkwaal omdat hulle hom daarvan beskuldig het dat hy in die veldtog teen die sprinkane geld verkwis het. Hy het aangetoon dat hulle tydens hul regeringstyd nog meer geld verkwis het, sonder dat hul enige sukses behaal het. Hy het beweer dat indien die Regering nie so drasties teen die sprinkane optree nie, sou daar in plaas van die groot oes 'n hongersnood in die land gekom het. Hy het gesê dat die 1925 mielieoes die grootste was wat daar nog ooit in Suid-Afrika geproduseer was, as gevolg van die sukses van die bekampingsoptrede.<sup>211</sup>

Teenstrydige sieninge oor die sprinkaanveldtog was nie uitgesluit nie. Op 25 Mei 1925 het mnr. Seef van Rensburg, Nasionale Party Volksraadslid vir Boshof, die Minister namens al die boere bedank vir die wyse waarop hy die sprinkaanplaag aangepak het. Hy wys egter op die swaar verliese wat boere in die Vrystaat geleidelik het en was van mening dat sommige van die beamptes te veel salaris getrek het. Tydens 'n toespraak by Tri-chardspoor, naby Pretoria, het Kemp op 2 Augustus 1930 gesê dat dit wat hy in die verlede gedoen het en nog in die toekoms hoop om te doen, net as sy plig geag het.<sup>212</sup> Op 17 Februarie 1934 berig Die Burger, onder die opskrif "Wantroue in die Minister",<sup>213</sup> dat daar ten spyte van gerusstellende verklaarings deur Kemp, uit alle oorde op die Transvaalse platteland berigte van kritiek ontvang word. Hierdie kritiek het veral verwys na die wyse waarop die sprinkaanbestryding uitgevoer word. Volgens die berig was die boere in die Noord-Transvaal radeloos en in 'n staat van opstandigheid. Die amptenare aan die anderkant het die skuld op die boere gepak, terwyl die boereverenigings hul misnoë teenoor die amptenare uitgespreek het. Misnoë is ook uitgespreek in verband met die Minister van Landbou se sprinkaanveldtog. Met die stryd teen sprinkane het dit nie altyd voorspoedig gegaan nie.

<sup>209</sup> Ibid., 12.12.1924.

<sup>210</sup> Die Burger, 8.11.1925.

<sup>211</sup> Ibid.

<sup>212</sup> Ons Vaderland, 5.8.1930.

<sup>213</sup> Die Burger, 17.2.1934.

Op 22 Februarie 1934 het Kemp gesê: "Ek sal wen",<sup>214</sup> in antwoord op 'n vraag hoe die sprinkaanstryd vorder. Hy het voorts gesê dat die toestand onder omstandighede bevredigend was. Problematies was egter dat die onbekende rooivlerk sprinkaan sy verskyning gemaak het en dat hy sy elers nie net op een plek lê nie.<sup>215</sup>

'n Stortvloed van kritiek op sy beleid het op 26 Februarie 1934 na vore gekom, toe lede uit klesafdelings gewapen met briewe en telegramme uitgespel het hoe sy hulpmaatreëls tekort skiet en hoe gesaaldes feitlik weerloos aan die sprinkane oorgelewer was. Die Burger meld in 'n berig dat een lid selfs 'n mieliestronk te voorskyn gehaal het as swygende getuies van die omvang van die plaag.<sup>216</sup> Adv. J.G. Strijdom was op die voorpunt met 'n welberekende redevoering oor die sprinkaantoeestand in die Waterberg. Hy het aangevoer dat daar 'n tekort was aan bestrydingmiddels.

Op 7 Maart 1934 het Kemp geantwoord op die vloed van kritiek wat oor sy hoof uitgestort was. In sy verweer het hy by herhaling na homself verwys as 'n krygsman wat hom tot die stryd aangord. Hy het gemeld dat die Departement van Landbou besig was om 'n vliegtuig met gifbomme op die proef te stel en hy het hierdie operasie met 'n krygstog vergelyk. Kemp was beslis onoorlugend en die kritiek het aandagtig geluister, maar hulpe was teleurgesteld in sy antwoord.<sup>217</sup>

Die Burger van 21 Maart 1934 meld dat niteenstaande die kritiek teen Kemp se "sprinkaanoorlog", daar ook lof was vir sy optredes. Tydens die behandeling van die Wysigingswetsontwerp op landbouplae is Kemp bewlerook op 'n wyse wat 'n aangename afwisseling moes verskaf het. In die Senaat op 20 Maart 1934 het senator G. Munnik, in 'n lofrede, verklaar dat dit die afgelope tyd gebruik geword het om die Minister van Landbou aan te val in verband met sprinkane. Volgens hom was dit nie die Minister se skuld nie maar sy ondergeskiktes se koppe wat afgekap moes word. Hy het gewys op die talle "verderfilke" onreëlmatighede in Pietersburg, waar "penkoppe" teen 8 sjielings per dag aangestel word om spuite te hanteer. Hy het sy toespraak afgesluit met die uitroep: "Laat staan vir Jan Kemp!"<sup>218</sup>

<sup>214</sup> Ibid.

<sup>215</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>216</sup> Die Burger, 27.2.1934.

<sup>217</sup> Ons Vaderland, 8.3.1934; Debatte van die Volksraad, 7.3.1934, kolomne 1241-1242.

<sup>218</sup> Die Burger, 21.3.1934; Debatte van die Senaat, 20.3.1934, kolomne 307-308.

Kemp het op 'n heel beskele wyse verklaar dat hy die verantwoordellike sal dra. Hy het weer eens verwys na die proefnemings wat met vliegtuigbespulting gedoen word, maar gesê dat die uitslag nog nie vasgestel kon word nie. Hy het ook versoek dat die Wysigingswetsontwerp op Landbouplae spoedig afgehandel moet word, aangesien die wetsontwerp die Regering die reg verleen om na boere se plase te gaan en swerms vlieënde sprinkane aan te val.<sup>219</sup>

Met die jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie op 24 Oktober 1934 te Bloemfontein, het Kemp gesê dat baie boere gedurende die vorige veldtog hul plig versuim het by die bestryding van voetgangsprinkane en dat streng stappe beoog word teen die skuldiges. Hy het gesê dat hulle met 'n nasionale pes te doen het, en 'n verenigde front nodig is om dit te bestry,<sup>220</sup> en dat daar 'n groot veldtog gevoer sou word deur gesamentlike optrede van die Departement van Landbou en die boere.

Die Burger van 9 November 1934 het menings van lesers geplaas, in verband met die bestryding van die sprinakaanplaag. In elkeen van die menings spreek die betrokkenes hul kommer uit oor die toestand en dat bestrydingsmaatreëls feitlik niksseggend was. Mnr. T.P.N. Coetzee van Lusthof, naby Stormberg, het geskrywe: "As die organisasie wat genl. Kemp aan glo in die hele land soos hier is, is daar geen kans om te dink om ooit die sprinkane te oorwin nie, en dan sal dit die beste wees om maar 'hensop' en die sprinkane te laat loop en die miljoene ponde te spaar, want dan moet die belastingbetalers ten minste nie die hoë amptenare betaal nie."<sup>221</sup>

Dit is duidelik dat Kemp vanaf 1924 die sprinakaanplaag op 'n militêre wyse benader het deur die inwin van vroegtydige kennis, behoorlike inligtingstelsel en persoonlike teenwoordigheid op die "slagveld". Nie alleen het hy oorlog verklaar teen die sprinkane nie, maar in die proses as gevolg van sy drastiese stappe amper die tesourie 'n slagoffer gemaak. Die rede hiervoor was dat Kemp en sy departement ook verantwoordelik was vir die finansiële uitgawes ten opsigte van die sprinakaanbestryding in Betsjoenaland. Hy was bereid om te eksperimenteer en met nuwe planne te kom, soos byvoorbeeld vlieg-tuigbespulting. Indien aangeneem word dat hedendaags vliegtuie gebruik word vir die bekamping van insekteplae, kan verklaar word dat die idee in 1934 nie te vergesog was

<sup>219</sup> Ibid.

<sup>220</sup> Die Vaderland, 26.10.1934.

<sup>221</sup> Die Burger, 9.11.1934.

nie. Ten opsigte van die sprinkaanplaag het hy sy departement in 'n soort van oorlogsdepartement omskep - getrou aan sy karakter en hy was suksesvol, ten spyte van die negatiewe kritiek.

#### 4.11 Tabakboerdery

Die uitgangspunt van die Departement van Landbou was om die kweek van 'n hoë graad tabak te bevorder. Ongeveer die helfte van die Unie se tabakboere, insluitende Oudtschoorn en die Westelike Kaapprovinsie, het uitgesoekte saad vanaf die Rustenburgse proefstasie ontvang. Aan die anderkant het die Eisenburgse-tabakstasie 90% van al die Kaapse Turkse-tabakboere met uitsoekte saad voorsien.

In 1925 het die Paktregering die tabakbelasting wat die vorige regering opgelê het, en wat so swaar op die tabakboere gedruk het, afgeskaf.<sup>222</sup> Dit het 'n jaarlikse besparing van ongeveer £200 000 meegebring. Hierdie besparing was in werklikheid groter indien in ag geneem word dat die opbrengs baie toegeneem het. Die hoë pryse wat tabak behaal het, was ook verantwoordelik vir die toename in opbrengs. Die gevolg was dat daar moeilik 'n afsetgebied daarvoor gevind kon word en dat 'n oorproduksie die land in die gesig gestaar het. Volgens Kemp was die enigste oplossing om die opbrengs te verminder en 'n beter kwaliteit tabak te kweek, in 'n poging om die buitelandse mark te verower.<sup>223</sup>

Ten einde tabakplanters te ondersteun was reëlings met Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe) gesluit vir die uitsluiting van afvaltabak, wat in die verlede vanuit Suid-Rhodesië ingevoer was en sodoende die binnelandse mark benadeel het.<sup>224</sup> Op 11 September 1928 het Kemp tydens 'n openbare vergadering te Moolplaas gesê dat die Regering besluit het om 'n amptenaar, van die Departement Landbou, na Argentinië en Engeland te stuur om markte te vind vir die surplustabak. Sodoende kon die pryse van tabak verbeter word en tabakboere van 'n gewisse ondergang gered word.<sup>225</sup>

Die Regering se standpunt was dat hy beter diens aan die boere kon lewer indien die boere georganiseer was en sou dit die boere in staat stel om beter pryse te beding. Die

<sup>222</sup> Ons Vaderland, 8.11.1925.

<sup>223</sup> Ibid., 26.10.1928.

<sup>224</sup> Ibid.

<sup>225</sup> Ibid., 14.9.1928.

Rustenburgseboere het byvoorbeeld almal by die tabakkoöperasie aangesluit en as gevolg daarvan het hulle in 1926 beter pryse as van te vore gekry.<sup>226</sup> Teen die einde van 1928 was daar bewerings gemaak dat die Regering tabakboere tot verpligte koöperasie gedwing het. In antwoord hierop het Kemp in die Volksraad in Februarie 1929 gemeld dat die bewerings onwaar is. Volgens hom is daar wetgewing deurgevoer wat bepaal het dat indien 75% van die boere in 'n distrik vrywilliglik by 'n koöperasie aangesluit het, dit dan eers deurgevoer sou word.<sup>227</sup> Hy het daarop gewys dat dit in die tabakbedryf gebeur het dat 80% van die tabakboere verpligte koöperasie versoek het en dat die oorblywende 20% aangesê was dat hulle verplig was om deur middel van koöperasie hul tabak te verkoop. Kemp het gedreig dat indien die gerugte waar was, hy geen oomblik sou aarsel om daarvan ontslae raak nie. Hy het ook gesê dat die boere daarvan bewus was dat koöperasie hulle redding is, aangesien die boere op daardie tydstip £20 miljoen se tabak per jaar produseer.<sup>228</sup>

Op 11 Julie 1929 verskyn daar in De Volkstem, onder die opskrif "Generaal Kemp se Optimisme", 'n berig waarin verwys word na die Minister se gedrewe optimisme waarin hy die tabakboere verpligte koöperasie opgelê het. Die gevolg daarvan was dat daar nog ruim £260 000 se tabakoes van die vorige selsoen onverkoop was en dat die prys van tabak gedeel het en dat boere die ondersplit gedelf het.<sup>229</sup>

In 'n gesprek met Kemp aan 'n beriggewer van Ons Vaderland, word op 16 September 1929 berig dat die Minister die vaste vertroue gehad het dat die tabakmark spoedlig sou verbeter. Volgens hom was die tabak opbrengs vir 1929 aansienlik minder as in 1928 en dat die Departement van Landbou mnr. W.J. Lamont aan die koöperasies beskikbaar gestel het, ten einde hom na Europa te stuur om 'n mark vir tabak te soek en ook om die bestaande afsetgebied uit te brei. Aanvanklik sou Lamont vir net 'n jaar gestuur gewees het, maar dit het geblyk dat dit tyd sou neem om vastrapplek te verkry en dat hy as Minister besluit het om hom vir nog 'n jaar daar te hou.<sup>230</sup>

Hy het ook gereageer op die mening van die boere dat verpligte koöperasie die oorsaak was van die heersende toestand in die tabakbedryf. Volgens hom het verpligte koöpera-

<sup>226</sup> J.P. Brijns, p.227.

<sup>227</sup> Ons Vaderland, 15.2.1929.

<sup>228</sup> Ibid.

<sup>229</sup> De Volkstem, 11.7.1929; J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>230</sup> Ons Vaderland, 16.9.29.

sie tot gevolg gehad dat produksie toegeneem het, dat boere 'n hoër prys vir hul tabak gekry het en gevolglik het al die boere begin tabak plant en dit het tot oorproduksie geleel. Hy het daarop gewys dat in die vier tabakstreke verpligte koöperasies ingestel is nadat 80% van die boere dit versoek het.<sup>231</sup> Voorts was hy van mening dat niteenstaande die bestaande moeilikhede koöperasies tog uiteindelik die behoud en seën vir die tabakboer sou wees. Hy het die kopers van tabak as die vleië in die salf gestien, aangesien hulle koöperasies probeer teëwerk het, en 'n poging om die koöperasies te laat misluk en sodoende teen hulle eie pryse tabak aan te koop.

Op 19 September 1929 berig The Star dat die Tabakplantasiesvereniging, wat kennis gehad het van die Unie se uitvoere van die vorige twee dekades, die duiwel in was oor Kemp se verklaring dat hy verwag dat die mark spoedig sou verbeter as gevolg van Lamont se oorsese besoeke.<sup>232</sup> Daar is beweer dat Kemp gesê het dat produksie van £9 miljoen, voor verpligte koöperasie, tot £24 miljoen daarna gestyg het. Uit statistiek wat voorgehou is was dit duidelik dat produksie in werklikheid gedaal het. Een boer het beweer: "If the defence of compulsory co-operation consider that the planters must reduce the output down to the £9 million level to secure payable prices, when 10 and 20 years ago – under freedom – the industry had run consistant near £14 million level, we can conclude that compulsory co-operation is as disastrous for the planters as the tobacco tax was."<sup>233</sup> Voorts was gekonstateer dat met 18 000 tabakboere en die £9 miljoen mikpunt, tot gevolg sou hê dat 10 000 mense en hul families ander werk sou moes kry: "What a tragic fiasco for our first experiment of compulsory co-operation",<sup>234</sup> was die kommentaar.

Met die oog op 'n konferensie tussen die Unie en Suid-Rhodesië, insake die voortsetting van die tolonie<sup>235</sup>, was dit duidelik dat Kemp vasbeslote was om sy plig teenoor die boere van die Unie te doen.<sup>236</sup> Die Rand Daily Mail van 28 September 1929 berig egter dat die konferensie in Pretoria, insake die hernuwing van die Tolonie met Rhodesië misluk het, alhoewel die Suid-Afrikaanse afvaardiging alles in sy vermoë gedoen het om 'n nu-

<sup>231</sup> Ibid.

<sup>232</sup> The Star, 19.9.1929.

<sup>233</sup> Ibid.

<sup>234</sup> Ibid.

<sup>235</sup> Tolonie, dit was 'n tolvorbond tussen die Suid-Afrikaanse en Rhodesië (tans Zimbabwe en Zambië) betreffende invoer - en deurvoerregte: 'n Doane-unie, en 'n voorkeur handelsooreenkoms.

<sup>236</sup> Ons Vaderland, 16.2.1929.

we konvensie daar te stel.<sup>237</sup> A.G. Barlow van die Rand Daily Mail, berig dat dit wou voorkom asof die Rhodesiese afvaardiging hulles oog op die konvensie en die ander een op die kiesers gehad het. Rhodesië wou 'n Invoertarief van 9% op goedere vanuit die Unie instel, terwyl die bestaande tarief 6% was. Die tabakkwessie het tot 'n lang uitgerekte diskussie gelei en die eise wat Suid-Rhodesië gestel het, het die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse afvaardiging onder leiding van Kemp, weggedra. Met die gevolg dat die tabakkwessie nie verantwoordelik was vir die mislukking van die konferensie nie.<sup>238</sup>

As gevolg van die uitkoms van die konferensie verskyn daar op 28 September 1929 'n brief in Ons Vaderland onder die opskrif "Bravo, genl. Kemp." Die anonieme skrywer was van mening dat die standpunt wat gehuldig was, dat die tabak - en sigarette industrie nie sonder Rhodesiesetabak kon opereer nie, 'n sterk oordrewe stelling was. Die persoon kon nie anders as om hulde te bring aan die Minister van Landbou nie, wat met sy optrede die belange van Suid-Afrika bevorder het, ten spyte van teenkanting. Volgens hom sou die toekoms bewys dat Kemp die situasie reg gelees het: "Het word nooit zo heet gegote als het gekookt word."<sup>239</sup>

In 'n berig rapporteer die Rand Daily Mail op 13 November 1929, dat die Tolunie Konferensie hoofsaaklik misluk het as gevolg van die tabakkwessie en Kemp se houding: "There is a feeling in Southern Rhodesia that General Kemp is the stumbling block in the Union, and that if matters had been left entirely in the hands of Mr. Havenga an arrangement would have been reached."<sup>240</sup> Volgens die beriggewer A.G. Barlow wou die Rhodesiese afvaardiging hê dat die kwessie van uitvoer van tabak - en die kwotastelsel na 'n vergadering van verbruikers verwys word, om 'n oplossing vir die kwessie te kry, maar dat Kemp die voorstel afgewys het.<sup>241</sup>

In die Cape Times van 15 Januarie 1930 word Kemp hewig gekritiseer vir sy optrede: "It was obvious that the success of the conference must depend largely on whether the hastily imposed tobacco duty was thrown into the melting pot with other factors to be

<sup>237</sup> Rand Daily Mail, 28.9.1929.

<sup>238</sup> Ibid.

<sup>239</sup> Ons Vaderland, 28.9.1929, brief van anonieme skrywer: J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.41.

<sup>240</sup> Rand Daily Mail, 13.11.1929.

<sup>241</sup> Ibid.

considered. But such trifles are not only beyond the range of General Kemp's intelligence; they are beneath his feet. He tramples on them."<sup>242</sup>

Tydens 'n Bultengewone Konferensie van die Transvaalse Vroue Landbou-unie In Januarie 1930 het Kemp in sy openingsrede daarop gewys dat die toekoms van die tabakbedryf hoofsaaklik geleë was in die produksie van geelbladtabak, vir die vervaardiging van sigarette. Volgens hom het die verbruik van sigarettabak geweldig toegeneem omdat vrouens ook begin rook het. Voorts het hy gemeld dat boere voordeel kan trek uit die invoerbelasting van 3 sjellings en 6 pennies per pond wat op Rhodesiese tabak gehef was.<sup>243</sup>

In 1934 was daar weer 'n poging aangewend om Kemp by die landboubevolking in diskrediet te bring. Op 11 Mei 1934 berig Die Vaderland dat mnr. Louls van Oudtshoorn, 'n lid van die Kongo Koöperatiewe Tabakmaatskappy te Oudtshoorn, beweer het dat Kemp in die "onlangse" vertede aan 'n afvaardiging van tabakboere gesê het dat hy nooit in 1925 verpligte tabakkoöperasie sou toegepas het nie, as dit nie was dat die Nasionale Party die setels Oudtshoorn, Rustenburg en Magaliesberg sou verloor het nie. Hierdie stelling was ondersteun deur die plaaslike Volksraadslid, adv. Stephen le Roux, wat selfs daaraan toegevoeg het dat hy sy hoof in skaamte oor die Minister se uitlating laat sak het.<sup>244</sup>

In sy verweer het Kemp aan die verslaggewer gesê dat die situasie andersom was. Hy was nooit 'n voorstander van verpligte koöperasie in die tabakbedryf nie, maar dat daar destyds druk op hom uitgeoef was om dit in te voer, "en as een van die argumente het juls die mense wat nou die onware aantygings teen hom rig, aangevoer dat as koöperasie in die tabakbedryf nie verplig word nie, die Nasionale Party die genoemde drie kiesafdelings sou verloor"<sup>245</sup> Hy het verklaar dat as mense taktiek van die aard wou gebruik, dit hom koud laat en in verantwoordelike kringe was die aantygings ten sterkste afgekeur.<sup>246</sup>

<sup>242</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.123; Cape Times, 15.1.1930.

<sup>243</sup> Natal Witness, 11.1.1930; Die Burger, 11.1.1930.

<sup>244</sup> Die Vaderland, 11.5.1934.

<sup>245</sup> Ibid.

<sup>246</sup> Ibid.

Getrou aan sy woord en karakter het Kemp in sy optrede in belang van die tabakboere opgetree. Weer eens het hy getoon dat hy die saak goed beredeneer het en sy argumente daarop gebaseer het. Niteenstaande kritiek en weerstand het hy onwrikbaar die pad gevolg wat tot voordeel van die bedryf sou uitkring.

#### 4.12 Tweetaligheid in die Departement van Landbou

Op 10 Maart 1925 berig die Pretoria News dat Kemp baie ontevrede was, omdat 'n omsendbrief vir die gebruik van Engels en Afrikaans in die Landboudepartement, uitgeleek het. Volgens die omsendbrief is voorgestel dat die twee amptelike landstale roteer as amptelike tale in die departement. Die gevolg was dat 'n tydelike klerk O.T. Harrison, wat voorheen in die weermag en oor die 50 jaar oud was, vir die lekkasie verantwoordelik gehou en ontslaan is. Die Engelsepers het die Minister verkwalik vir sy optrede en berig: "...so far as we have been able to learn, however this is the first case that has occurred of a member of the Public Service having being dismissed for communicating information to the press."<sup>247</sup>

Adv. P. Duncan, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Yeoville, het op 18 Maart 1925 sy kommer uitgespreek oor die aanstellings in die staatsdiens en tot die gevolgtrekking gekom dat die Regering, deur sy konsekwente toepassing van die tweetaligheidsbeleid die proses op 'n onnatuurlike wyse wou afdwing. Hy het voorts verwys na die belangrikheid van tweetaligheid in landsbelang en versoek dat dit nie oorhaastig en roekeloos toegepas word nie. Volgens hom het die taalvraagstuk soveel bitterheid en verdeeldheid tussen die twee Blanketaalgroepe veroorsaak en deur verkeerde optrede sou dit weer binne die terrein van politieke twis geplaas word.<sup>248</sup>

Tydens die begrotingsdebat oor Landbouonderwys in die Volksraad op 18 Mei 1926, het Thomas Smartt, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Fort Beaufort, aan die Minister gevra of dit waar was dat seuns wat nie tweetalig was nie, volgens sy opdrag verbied was om tot landbouskole toegelaat te word.<sup>249</sup> In antwoord hierop het Kemp gesê dat daar in Oktober 1925, tydens 'n byeenkoms van die hoofde van die departement besluit was dat lesings sover moontlik in albei landstale sou plaasvind, behalwe op Glen, die

<sup>247</sup> Pretoria News, 10.3.1925; J.H. le Roux en P.W. Coetzee (red.), Deel 2, p. 439.

<sup>248</sup> Assembly Debates, 18.3.1925, Column 1086.

<sup>249</sup> Debate van die Volksraad, 18.5.1926, kolomne 4134-4135.

landboukollege buite Bloemfontein. Volgens hom was lesings voorheen op landbouskole eentalig, maar dat daar vanaf 1927 'n volkome gelykheid van die twee tale toegepas sou word. Hy het dit wenslik geag dat voornemende studente tweetalig moes wees om te kwalifiseer vir toelating. Die Minister het ook verwys na die probleme in Natal, waar leerlinge nie soveel met Afrikaans te doen het nie, en gevolglik sou hierdie leerlinge 'n langer tyd gegun word om te kwalifiseer.<sup>250</sup>

Op 25 Mei 1926 was Kemp se Departement van Landbou onder die vergrootglas geplaas in die Volksraad deur die Opposisie. Brig-genl. W. Arnott, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Natal-Kus, het die saak opgehaal van 'n student wat in Amerika gaan landbou studeer het en by sy terugkoms in die land slegte behandeling ontvang het van die Departement van Landbou. Tot so 'n mate dat hy weer na Amerika teruggekeer het. Kemp het geantwoord en gesê dat dit noodsaaklik is dat amptenare in sy departement tweetalig moet wees en volgens hom was die betrokke student 'n eentalige persoon.<sup>251</sup> Hy meld voorts dat volgens die grondwet elke amptenaar tweetalig moet wees.<sup>252</sup>

Op 21 Mei 1928 het Thomas Smartt in die Volksraad, tydens die begrotingsdebat van die pos van die Minister van Landbou, krities gestaan teenoor onderrig by Cedara landboukollege. Volgens hom was daar net soveel Afrikaans as Engels in die onderrig van studente gebruik, terwyl daar meer Engelssprekende studente is. In antwoord hierop het Kemp gesê dat die tweetalighedsbeleid stadig ingefaseer sal word en dat sy departement meer toegeeflik sou wees. In reaksie hierop het mnr. Harm Oost, Nasionale Party Volksraadslid vir Pretoria-Oos, die Minister versoek om nie, ten opsigte van die taalkwessie, toegeeflik op te tree nie. As bewysplaas vir sy stelling het hy na Natal verwys wat al meer en meer Afrikaanssprekend geword het. Volgens hom was die aanhoudende agitatie van die Opposisie teen Afrikaans gemik.<sup>253</sup>

Volgens 'n berig in Die Afrikaner van 16 Augustus 1929 het Kemp ontken dat hy, na aanleiding van 'n onderhoud wat hy met 'n beriggewer van die Engelsepers gehad, het, dit as 'n drolgement gestel het dat hy die Cedara landbouskool gaan sluit. Hy het gesê dat die houding van die Natalers teenoor Afrikaans hulle saak was, maar dat dit vir almal

<sup>250</sup> Ibid.

<sup>251</sup> Ons Vaderland, 28.5.1926.

<sup>252</sup> Ibid.

<sup>253</sup> Debatte van die Volksraad, 21.5.1928, kolomne 4952-4958.

duidelik moet wees, dat terwyl daar so 'n groot aanvraag na landbouskole was, sy departement nie 'n Inrigting aan die gang kon hou wat nie behoorlik benut word nie.<sup>254</sup>

Tydens die Landboukonferensie wat deur Kemp in November 1929, in Pretoria belê is, vir samesprekings rakende 'n doeltreffende stelsel van koöperatiewe aankoop van boerderybenodighede, het die tweetaligheidskwessie in die debatte na vore gekom. Kemp het in sy antwoord sy regverdigheidsin geopenbaar deur te sê dat hy bly by wat hy voorheen gesê het, naamlik dat die grootste gedeelte van die plattelandse bevolking Afrikaanssprekend was en dit geregtig is dat in die geval van die landbou-unie daar meer tweetalige amptenare moet wees.<sup>255</sup>

In antwoord op Kemp se opmerkings het in die Pretoria News van 14 November 1929 'n brief van mnr. W. Telchman, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging, verskyn waarin hy wou weet of daar op die tweetaligheidstelling van die Minister staat gemaak kan word, anders was dit volgens hom 'n klug.<sup>256</sup> Hy maak ook die stelling dat die amptenare van die landbou-unie op daardie tydstip netso tweetalig was as die Minister self. Uitdagend skryf hy: "If it come to a test in the language other than the mother tongue, I am sure the officials would be better than the Minister. I would gladly give a prize of 3 guineas for the best essay in the second language to be written by the Minister and our officials; and I shall give another £5 if the officials do not beat the Minister at it."<sup>257</sup>

Ons Vaderland berig op 15 November 1929 dat Telchman reeds op die kongres beswaar gemaak het teen die Minister se aandrang op tweetaligheid van die amptenare. Die beriggewer beskou egter Telchman se siening as 'n verwarring van landbousake met politiek en het hy hom eens verklaar met Kemp se taalbeleid. "...ons ken takke van die landbougemeenskap wat 'n langsame dood gesterf het eenvoudig deur die aggressiewe eentaligheid van sy beamptes," het die beriggewer verklaar.<sup>258</sup>

Voorts meld die berig dat Kemp uit verskeie oorde van "outokrasie"<sup>259</sup> beskuldig word omdat hy so beslissend en onwrikbaar daarop gestaan het dat sy amptenare tweetalig moet wees, "...en tog is dit dieselfde mense wat daar so 'n bohaai oor maak dat die 'ou-

<sup>254</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.11; Die Afrikaner, 16.8.1929.

<sup>255</sup> Die Volksstem, 13.11.1929.

<sup>256</sup> Pretoria News, 14.11.1929.

<sup>257</sup> Ibid.

<sup>258</sup> Ons Vaderland, 15.11.1929.

<sup>259</sup> Ibid.

tokratiese' Minister weier, en aanhou weier, om mense te dwing. Beter bewys van die hoiheld van die beskuldiging kan mens nooit begeer."<sup>260</sup>

Ondersteunend tot Kemp se standpunt verskyn daar in Ons Vaderland van 14 Desember 1929 'n brief van mnr. A. Seeringh, van Brakpan, en skrywe hy: "Ons vind dat dit besonder moeilik is om Afrikaanssprekende seuns en dogters in enige gewone betrekking te kry. As al u kollegas in die Kabinet so 'n besliste houding opneem in verband met die handhawing van ons Moedertaal, dan voel ons daar oortuig van, dat daardie probleem opgelos sal word."<sup>261</sup>

Die onwrikbare, maar regverdige, karaktersin van Kemp het sterk na vore gekom en uiteindelik het sy voorgeskrewe beleid geseëvier in die Departement van Landbou, tot voordeel van al die boere en ander betrokkenes. In sekere sin was hy dikwels deur die publiek van outokrasie beskuldig. In die geval van sy tweetaligheidstoepassing was dit beslis waar. Dit was onvermydelik dat hy in sy deurtastendheid af en toe op mense se tone getrap het, wat hulle vervolgens gegriefd gevoel het en hom blameer het. Sonder om hom te hou aan die militêre metodes, het hy die deurtastendheid van 'n krygsman behou en aangehou tot hy wen.

#### 4.13 Verbetering van die weiveld

Gronderosie as gevolg van droogtes, verspoelings en jarelange swak bestuur was 'n saak wat in Suid-Afrika ernstige afmetings aangeneem het. In 1929 het Kemp aangekondig dat verbetering van weiveld 'n saak van die allergrootste belang is en dat sy departement voortdurend besig was om deur middel van plantkundige opnames navorsing te doen in verband met weigewasse in die Unie. Daar is 'n proefstasie by Prinsshof opgerig in verband met inheemse grassoorte. Volgens Kemp was hy veral opgewonde oor die wolwegras, wat 'n totale omkeer in die veeboerdery in Suid-Afrika sou bewerkstellig.<sup>262</sup>

Hy het dit duidelik gestel dat hy 'n konferensie beoog het om remediërende maatreëls in te stel, aangesien dit nie net die boere was wat die probleem van gronderosie verontag-

<sup>260</sup> Ibid.

<sup>261</sup> Ibid., 14.12.1929; J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.106.

<sup>262</sup> Ibid., p.18, in 'n telefoniese onderhoud met dr. Cassie Aucamp, op 10.6.2002, voorheen landboukundige by die Departement van Landbou, het hy my meegedeel dat die Prinsshof proefstasie langs die Pretoria Dieretuin geleë was. Later het dit verskuif na Rietvelddam en daarna na Rietondale langs Soutpanbergweg in Pretoria.

saam het nie, maar ook sekere staatsdepartemente, provinsiale administrasies en die spoorweë.<sup>263</sup> Hy het verwys na 'n verslag van die Droogte Onderzoekkomitee, wat in 1923 uitgebring was en waarin 'n geheelbeeld geskep was oor die toestand van welveld. Volgens hom was dit asof daar 'n dowe oor gedraai was op die waarskuwings in die verslag. Hy het in die verband gesê: "For over a quarter of a century this advice has been pigeon holed."<sup>264</sup>

In Oktober 1929 het daar in 'n Engelstalige pers berigte verskyn waarin Kemp gelukgewens word met die voorgestelde konferensie waartydens die ernstige vraagstuk van gronderosie aangespreek sou word. Die doel van die konferensie was om die belangstelling van die boere te verkry vir die bewaring van die grond. Volgens berigte was dit 'n monumentale onderneming van die Minister aangesien baie boere, na verskeie verslae, argeloos teenoor die probleem gestaan het.<sup>265</sup>

Op 14 November 1929 het die konferensie in Pretoria plaasgevind, waarby teenwoordig was afgevaardigdes van al die verskillende departementele - en belanghebbende verenigings. In sy openingsrede het die Minister van Landbou gesê dat die verspreiding van gronderosie 'n nasionale saak was wat elke inwoner van die land geraak het. Volgens hom was oorbeweiding, vloedwaters en die aanlê van paale en spoorlyne, sonder nodige voorkomingsmaatreëls teen verspoeling, die hoofoorsake van die probleem. Die aard van die grond, die plantgewasse, die hoeveelheid en vorm van reënval bepaal grotendeels die ekonomiese middele om gronderosie te bestry, het hy beweer.<sup>266</sup> Hy was van mening dat 'n bevoegde amptenaar aangestel moes word om as adviseurs op te tree en metodes te ondersoek om die probleem die hoof te bied. Hy het gewys op die Regering se ernstige beskouing van die saak, deur fondse te oormerk vir die grootse taak.<sup>267</sup>

Die gevolg was dat daar 'n versoek vanaf die konferensie uitgegaan het dat die betrokke departemente, openbare liggame en boereorganisasies elk 'n verspoelingskomitee aanstel om sodoende hulle aandeel aan die bestryding van verspoeling te verseker.<sup>268</sup> Voorts is 'n voorstel aanvaar dat die Minister van Landbou verantwoordelik moet wees vir die Regering se beleid ten opsigte van die bestryding van gronderosie en dat hy on-

<sup>263</sup> Ibid.

<sup>264</sup> Rand Daily Mail, 12.9.1929.

<sup>265</sup> Ibid., 15.10.1929; The Natal Mercury and Commercial Advertiser, 30.10.1929.

<sup>266</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.85.

<sup>267</sup> Ibid.

<sup>268</sup> Ons Vaderland, 16.11.1929; The Star, 16.11.1929.

dersteun moes word deur 'n raad "met die mag van afvaardiging van die staatsverteenoordigers, Provinsiale Administrasies en openbare liggame wat in verband hiermee staan."<sup>269</sup> Ten slotte is daar versoek dat die Departement van Landbou 'n propaganda-veldtog moes loods.

Gepaardgaande hiermee was die onderverdeling van plase 'n groot bron van kommer vir Kemp. Op 7 April 1930 hy reeds gewaarsku teen die onvoordelige verdeling van plase onder die kinders van die vader, soos dit in sommige dele van die land geskied. Dit sou volgens hom 'n noodlottige uitwerking op die toekoms van ons Boerebevolking hê, "en 'n mens kan nie genoeg daarteen waarsku nie."<sup>270</sup> Hy was van mening dat die bestaande erfregstelsel slegs met noodlottige gevolge voortgesit kon word, en gevolglik was dit noodsaaklik dat die grondelenaars self ernstige aandag aan die saak moes skenk.<sup>271</sup>

Die gevolg van die bestaande praktyk was dat plase voortdurende verdeel word en dat waar dit moontlik was om in een deel van die land op 25 morg 'n goeie bestaan te voer, in ander dele 20 morg onvoldoende was. Dit het daartoe gelei dat wanpraktyke gevolg is op plases, wat nie tot voordeel van bodembewaring gestrek het nie. Volgens Kemp sou die waarde van landbou afneem indien plase waardelose stukkes grond word.<sup>272</sup>

Die Landbankraad het op 13 April 1933 in Pretoria vergader met die oog op die daarstelling van 'n uitgebreide plan vir die bestryding van grondverspoeling. Hulle plan was om onmiddellik die nodige stappe in werking te stel. Hierdie raad is in 1929 in die lewe geroep, maar weens die depressie het die raad sedert 1930 geen vergadering gehou nie, maar die werk was intussen voortgesit.<sup>273</sup>

Op 31 Oktober 1933 meld die pers dat daar uit goeie bronne verneem is dat die Regering 'n omvattende skema in verband met die bestaande ekonomiese - en landboukundige posisie op die platteland gefinaliseer het en dat ingrypende maatreëls getref gaan word.<sup>274</sup> 'n Subkomitee van die Kabinet, waarvan Kemp 'n lid was, het die skema opgestel. Volgens die beriggewing was die skema in twee afdellings verdeel, naamlik die eerste om verligting te bring van die werkloosheid op die platteland as gevolg van die

<sup>269</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.85.

<sup>270</sup> Ons Vaderland, 8.4.1930.

<sup>271</sup> Die Volksblad, 7.4.1930; J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.196.

<sup>272</sup> Ons Vaderland, 8.4.1930.

<sup>273</sup> Die Volksblad, 12.5.1933.

<sup>274</sup> Die Vaderland, 31.10.1933.

droogte en depressie, en die tweede om 'n grootskaalse poging aan te wend om die bodem te verbeter vir landboudoeleindes. Ten gevolge van hierdie groot onderneming sou 'n groot deel van die onderhoudswerkers wat op die paale werksaam was, weggeneem word om aangewend te word in die nuwe werk van permanente bodemverbetering. Dit het behels die bekamping van grondverspoeling en die bou van die damme, ten einde die wegspoel van grond te verhoed.<sup>275</sup>

Die Kabinet het in November 1933, op voorstel van Kemp, besluit om die bestaande hulpmaatreëls in verband met die bestryding van gronderosie en oorbewelding nog verder uit te brei. Daar is besluit om die staatstoelae aan lone vir die Blankes te vermeerder, sodat die staat in plaas van driekwart voortaan sewe-agstes van die lone sou bydrae. Die Burger berig: "Die volle bedrag van lone sal in die eerste instansie deur die staat voorgeskiet word. Die een-agste van die bedrag wat deur die grondelenaar gedra moet word sal dan by wyse van erfpag teen kaart en transport van sodanige grond geregistreer word om sonder rente terugbetaal te wees oor 'n tydperk van 50 jaar."<sup>276</sup>

Kemp was van mening dat die bou van groot en klein damme dringende aandag moes geniet en aangemoedig moet word. Volgens hom moes die werwling en organisasie van spanne werkloos vir hierdie doel deur die Departement van Landbou geskied. Sodoende sou daar gepoog word om grondverspoelings teen te werk en ewe eens in watervoorsiening te help. Hy was 'n groot voorstander van gesonde beginsels van veldbeheer en bewelding.

Landboukenner wat hy was, het hy hom sterk beywer vir bodembewaring en ekonomiese boerderymetodes. Hy was een van die eerste landboukundiges om die nadele van die erfreg te berde te bring. Sy houding in verband met bodembewaring getuig van die sistematiese wyse waarop die vraagstuk aangepak en opgelos is. In die suksesvolle uitvoering van die probleem het hy 'n werkverskaffingsgeleentheid gesien vir die Blanke werkloos.

#### 4.14 Vrugteboerdery

---

<sup>275</sup> Ibid.

<sup>276</sup> Die Burger, 25.11.1933.

In 1924 het Kemp 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel na die verskeping van vrugte na die buiteland. Die kommissie moes aandag skenk aan die koelkamerruimte vir sitrusvrugte op stoombote tussen Suid-Afrikaanse hawens en oorsese markte.<sup>277</sup> Die eerste vergadering het plaasgevind op 18 September 1924, onder voorsitterskap van mnr. W.J. Lategan.

Ons Vaderland berig op 30 Julie 1929 dat daar 'n gerug was dat Kemp met die wysiging van die Wet op Vrugte-uitvoer, daarop uit was om die vrugteboere "te belet om iets anders uit te voer as die allerbeste".<sup>278</sup> Die beriggewer het die ongegronde praatjies veroordeel en afgemaak as politiekery. Die berig meld verder dat Kemp op aandrang van die Vrugtebeurs, waarop die uitvoerders self verteenwoordig was, 'n wysiging aan die bestaande wet aangebring is, wat in belang van die vrugtekewer en -uitvoerder was. Hierdie wysiging het die Minister die reg gegee om toe te sien dat vrugte na die mees gewilde markte uitgevoer word en dat dit nie meer nodig was om 5% van alle vrugte wat uitgevoer word, te Inspekteer nie.<sup>279</sup> Volgens die berig was die Minister nou gemagtig om voortaan vrugte na enige bepaalde mark te verkoop en was uitvoerders belet om vrugte uit te voer na lande wat geen markte gebied het nie.<sup>280</sup>

Op 27 Februarie 1930 het 'n afvaardiging van die sitruskwekers, bestaande uit mnr. Du Plessis van Rustenburg en mnr. Volgt van die Sitrusbeurs, Kemp in Kaapstad ontmoet om die kwessie van die uitvoer van suurlemoene te bespreek. Die afvaardiging het die Minister versoek van hulle die volle ondersteuning vir sy uitvoerbeleid en dat hulle die houding van sekere lede van die Suid-Afrikaanse Party in die Volksraad, om 'n politieke saak van die kwessie te maak, ten sterkste afkeur. Die afvaardiging het die Minister versoek om die uitvoer van suurlemoene te staak, aangesien die gehalte van die produk nie op standaard was nie.<sup>281</sup>

Op sy beurt het die Minister gewys op die besware teen so 'n versoek en die stappe verduldlik wat tot die bestaande beleid gelei het. Hy het gesê dat toe die Suid-Afrikaanse Party aan bewind was suurlemoene na willekeur, sonder enige beperkings, uitgevoer is. Op versoek van die sitrusbelangegroep was daar reëling getref waardeur die suurgehal-

<sup>277</sup> De Volksstem, 9.9.1924.

<sup>278</sup> Ons Vaderland, 30.7.1929.

<sup>279</sup> Ibid.

<sup>280</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.27.

<sup>281</sup> Ibid.

te van suurlemoene vir die uitvoermark vasgestel was. Volgens hom was die oorsese verbruiker presies op hoogte van wat hy koop en dat dit geen skadelike uitwerking op die handel gehad het nie.<sup>282</sup> Hierdeur was bewys dat Kemp op volle hoogte was van die sitrusbedryf.

#### 4.15 Aftrede as Minister van Landbou

Teen Augustus 1933 is daar in die pers striemende aanvalle teen Kemp gedoen as Minister van Landbou, 'n eintlike "georganiseerde persveldtog".<sup>283</sup> Hertzog en Kemp was albei op Pietermaritzburg by die kongres van die Natalse Nasionale Party teenwoordig op 24 Augustus 1933. Tydens die kongres was die Regering versoek om verdere maatreëls te tref om die boere te help en van ondergang te red. Die protes wat daar aangeteken was teen die onsimpatieke houding van die Minister van Landbou teenoor die boere in die droogtegeteisterde gebiede in die Vrystaat, het 'n uitdaging van Kemp ontlok, waarin hy bewyse wou hê vir sy sogenoemde onsimpatieke houding teenoor die boere. Hy het die beskuldigings teenoor hom toegeskryf aan die georganiseerde persveldtog in Kaapstad en Bloemfontein, wat daarop uit was om hom en Hertzog verdag te maak onder die boere. Ook Hertzog het tot die debat toegetree en verklaar dat Die Burger en Die Volksblad op daardie tydstip vyandiger gesind was teenoor Kemp as wat hulle nog ooit teen enige minister was. Hy meld voorts, "Genl. Kemp is heeltemal reg as hy sê daar is reeds 'n aansienlike tyd 'n georganiseerde bewering op tou gesit om hom uit te dryf uit die portefeulje wat hy met soveel eer, sukses en voordeel vir die boere beklee het."<sup>284</sup> Hertzog het die Natalse Nasionale Party beskuldig van moedswilligheid omdat hulle hul in die sake van 'n ander provinsie ingemeng het.

Volgens hom was Kemp heeltemal reg as hy sê dat die leiers in die eerste plaas die reg het om te weet waar hulle staan by die volk en tweedens het die Regering die reg om die volk te vra om eerlik te wees. Hy het gesê dat 'n deel van die pers in Kaapstad en Bloemfontein oorlog teen Kemp verklaar het en dat diegene wat die swaard uittrek deur die swaard beantwoord sal word<sup>285</sup> en hy versoek die kongres om nie 'n mosie oor die pers aan te neem nie, aangesien dit nie 'n saak van volksbelang was nie. Ten slotte verklaar die verteenwoordiger van Ingogo dat daar onder die boere in sy kontrol die gevoel

<sup>282</sup> Ons Vaderland, 28.2.1930.

<sup>283</sup> Die Burger, 24.8.1933; Die Volksblad, 24.8.1933.

<sup>284</sup> Ibid.

<sup>285</sup> Ibid.

was dat Kemp nie aan sy doel as Minister van Landbou beantwoord nie, hoe pynlik dit ook al mag wees, was hy genoodsaak om die gevoel van sy mense aan die kongres te openbaar.<sup>286</sup> Daar is toe van die punt afgestap sonder om 'n besluit te neem.

Tydens die Vrystaatse Landbou-unie se kongres in Bloemfontein op 29 Augustus 1933 was daar 'n lang bespreking gewy aan die handelswyse van die Minister van Landbou, Jan Kemp, na aanleiding van 'n mosie wat hom versoek het om as minister af te tree. Een spreker het verklaar dat die boere se grootste moeilikheid die Minister van Landbou was. Kemp is aangekla oor sy onsimpatieke houding en dat hy geweier het om 'n afvaardiging van die Landbou-unie te woord te staan en vakansie geneem het.<sup>287</sup> In antwoord op die beskuldigings het Kemp gesê dat hy om gesondheidsredes vakansie moes neem, na nege jaar van harde arbeid, en dat hy simpatiek gestaan het teenoor die boere en die droogtetoestand.<sup>288</sup> Hierdie antwoord van Kemp het die klag uitgelok dat hy sarkasties is.

Op 5 Februarie 1934 tydens bespreking van die pos Landbou in die Volksraad, het die Natalse Sappe, min of meer dieselfde lede wat in die voorafgaande jare daarin geslaag het om Kemp se bloeddruk op te stoot, weer met hulle hewige kritiek teen die Minister se hantering van landbousake gekom. Mnr C.P. Robinson, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Durban-Stamford Hill, het selfs sover gegaan om toe die debat omtrent doodgeloop het, die vuur opnuut aan te blaas deur voor te stel dat die verdere behandeling van die pos uitgestel word om sodoende die Minister die geleentheid te gee om sy landboubeleid in hersiening te neem.<sup>289</sup>

Hierdie voorstel was olie op die vuur, maar wonder bo wonder het Kemp daarin geslaag om sy humeur in toom te hou, al het hy hom daarvoor vervies. Selfs toe adv. Stallard sy Natalse mede-Sappe te hulp gesnel het, het die Minister sy kalmte nie verloor nie. In die pers was die vraag gevra of Kemp hom voorgeneem het om teenoor die Natallers sy slenswyse te verander, aangesien hy tog niks goed in hulle oë kon verrig nie.<sup>290</sup>

<sup>286</sup> Ibid.

<sup>287</sup> Die Volkstem, 30.8.1933.

<sup>288</sup> Ibid.

<sup>289</sup> Debatte van die Volksraad, 5.2.1934, kolom 3474; Die Burger, 6.2.1934; Durban-Sentraal setel (1921-1929) en later Durban Stamford Hill (1929-1938).

<sup>290</sup> Ibid., kolomme 3492-3493.

Die Burger berig op 24 Januarie 1934 dat die amptenare in die Departement van Landbou verwag dat hulle na samesmelting met die Departement van Besproeiing 'n nuwe minister sou kry, aangesien Kemp reeds herhaaldelik teenstand ondervind het van die kant van die boerderygeledere. Daar was reeds ernstige vertoë tot Smuts gerig dat hy die portefeulje van Landbou moes aanvaar, maar sy posisie sou na samesmelting baie sterk wees, sodat hy as mede-leier van die nuwe sentrale party nie so 'n departement sou kon behartig nie.<sup>291</sup>

Ook het Kemp in Februarie 1934 vanuit die Nasionale Party geledere onder skoot gekom. Eers het mnr. Paul Sauer die Minister oor die kole gehaal vir die heffing van 4 sjelings per sak Ingevoerde mielies, om die boere en hul vee teen die hongersnood te beskerm. J.G. Strijdom het vernietigende kritiek uitgeoefen op die metodes wat deur die Departement van Landbou aangewend word by die uitroeiing van sprinkane. "Die mense word nou regtig wanhopig", verklaar hy op grond van 'n handvol telegramme uit sy kiesafdeling.<sup>292</sup> Mnr. C.H. Geldenhuys, Nasionale Party Volksraadslid vir Prieska, het ernstige besware geopper teen die manier waarop voer verskaf was aan boere wat deur die droogte die grootste deel van hul kuddes verloor het. C.R. Swart, Nasionale Party Volksraadslid vir Ladybrand, het gekla oor die uiters skadelike verdragting by die aankoop van voer. Heelparty ander lede het gekla oor die optrede van die Departement van Landbou in verband met die meliekwesse.<sup>293</sup>

Hierdie kritiek moes vir die Minister baie onaangenaam gewees het, aangesien hy hier met sy eie ondersteuners te doen gehad het. In sy antwoord was daar niks te bespeur van die kalmte en lankmoedigheid wat deur hom teenoor die Natalselede aan die dag gelê was nie.<sup>294</sup> Hy het persoonlike opmerkings tot die adres van Sauer, Strijdom en Swart gerig en daarby het dit omtrent gebly. Antwoorde op vrae, weerlegging van verklarings, ophelderling van die departement se optrede was nie verskaf nie.<sup>295</sup>

Tydens die begrotingsdebat in die Volksraad van die Departement van Landbou in Mei 1934, was Kemp se geduld deeglik getoets. Na uitgerekte besprekings van byna drie dae, waarin alle aspekte van die landboubedryf in Suid-Afrika uitgepluis was, was be-

<sup>291</sup> Die Burger, 24.1.1934.

<sup>292</sup> Ibid., 15.2.1934; Debatte van die Volksraad, 5.2.1934, kolomne 3492-3493.

<sup>293</sup> Ibid.

<sup>294</sup> Die Vaderland, 16.2.1934.

<sup>295</sup> Ibid.

sonder hoë else van Kemp gestel, in die besonder waar die lede van die Oposisie en ook van die Arbeidersparty uit was op kritiek eerder as opbouwende ywer in belang van landbousake. Die algemene ekonomiese ontwigting wat die verdorrende droogte met hom meegesleur het, het op die landboubedryf diep spore gelaat en dit was ook die bedryf wat die stadigste herstel het.<sup>296</sup> In hierdie neerdrukkende omstandighede was Kemp se taak sekerlik een van die moeilikstes in die land, „maar met die moed en krag wat vanselfsprekend met hom vereenselwig word, het hy hom vlerkantig teenoor al die struikelblokke gestel en dit aangedurf met 'n daadwerklike ywer wat vrug afgewerp het, berig," berig Die Vaderland.<sup>297</sup>

Die Vaderland van 9 Junie 1934 berig dat Kemp, tydens 'n vergadering van die plaaslike distrikbestuur van die Wolmaransstadse Nasionale Party, te kenne gegee het dat dit waarskynlik die laaste keer was dat hy in die hoedanigheid as Minister van Landbou hulle toespreek.<sup>298</sup> Hiermee was verstaan dat hy sou uittree as Minister van Landbou. Kemp het egter die berig weerspreek en gesê dat hy dit gesê het omdat die Nasionale Party heel moontlik in die nuwe party sou opgaan. Wat betref die moontlikheid dat hy nie Minister van Landbou sou bly nie, het hy gesê: "As die mense ontevrede is met die Minister van Landbou, sal hulle 'n verandering kry en miskien ook eerder as wat hulle dink."<sup>299</sup>

Op 13 Junie 1934 berig Die Burger, onder die opskrif "Die Onpopulêrheid van Genl. Kemp", dat Kemp teen die tyd so onpopulêr was, dat dit voorsien was dat daar van hom as Minister van Landbou ontslae geraak sou word. Volgens die berig sou Hertzog se onlangse getuigskrif aan hom "as die beste Minister van Landbou wat die Unie ooit gehad het,"<sup>300</sup> hom nie red nie. Die berig meld voorts dat hoewel die koerant hom verskeie kere gekritiseer het, hulle meen dat daar in billikheid gesê moet word dat sy ongewildheid nie uitsluitlik aan sy eie foute toe te skryf was nie. Die berig meld: "Hy het lelike flaters begaan. Hy het sy tekortkomings deur astrartheid probeer bedek. Feitlik alle Volksraadslede en oorgrote meerderheid van die boerebevolking is deur sy ongelukkige maniere afgestoot."<sup>301</sup> Volgens die berig was Kemp medeverantwoordelik vir sy mislukking, omdat Kemp en die Kabinet in geheel geweier het om na hul raad te luister.

<sup>296</sup> Ibid., 8.5.1934.

<sup>297</sup> Ibid.

<sup>298</sup> Ibid., 9.6.1934.

<sup>299</sup> Ibid.

<sup>300</sup> Die Burger, 13.6.1934.

<sup>301</sup> Ibid.

Die langverwagte aftrede van Kemp as Minister van Landbou het op 7 Januarie 1935 gerealiseer. Vermoedelik was daar op die eerste Kabinetsvergadering wat die Regering vir die jaar in Kaapstad gehou het, tot die stap besluit. As rede was aangevoer dat Kemp se gesondheid swak was en dit die beheer van die Landboudepartement te veelleisend was.<sup>302</sup> Kemp het sy posisie in die Kabinet behou deurdat die portefeulje van Lande aan hom toegeken is. Kol. Deneys Reitz het Minister van Landbou en Besproeiing geword.

Op 8 Januarie 1935 het Die Burger kommentaar gelewer op Kemp se aftrede as Minister van Landbou en berig: "Die felt bly staan dat genl. Kemp van sy werk as Minister van Landbou 'n mislukking gemaak het. Die boere dink feitlik eenparig dat hy onbekwaam is. Sy onpopulairteit is nog verder vererger deur sy onsimpatieke optrede."<sup>303</sup> Vervolgens word berig dat daar in politieke kringe geen persoon te vinde was wat 'n pennie sou gewaag op 'n weddenskap dat Kemp nog lank as Minister van Landbou sou aanbly nie, en dat die vraag ontstaan of daar enige hoop is dat die land waarde gaan kry vir die £2500, wat belastingbetalers presies net soos in die verlede jaarliks moet vind om vir Kemp se "dienste" as Minister van Lande te betaal. Verder vra die beriggewer of die Kabinet werklik dink dat dit billik is teenoor die nedersetters, om hul lot toe te vertrou aan 'n Minister wat die boerebevolking as algeheel nie langer wou duld nie?<sup>304</sup>

Teenoorgestelde sienings word egter weerspleël in briewe wat geskrywe was waarin Kemp se dienste as Minister van Landbou aangeprys is. In 'n brief van E.M. Slabbert, sekretaris van die Klipplaat Boerevereniging en gedateer 29 Januarie 1935, skrywe hy dat hy met spyt verneem het dat Kemp bedank het en namens sy vereniging bedank hy die Minister vir al die goeie werk wat hy gedoen het ter bevordering van die boerderybedryf.<sup>305</sup> Dr. P.R. Viljoen, sekretaris van Landbou skrywe op 9 Januarie 1935 aan Kemp, "„EK besef meer as iemand anders hoe noodsaaklik dit vir u is om vir gesondheidsredes 'n verandering in u werkkring te maak en om hierdie redes gun ek en my beamptes u ten volle die rustiger werkkring waarin u u nou bevind".<sup>306</sup> Die direkteur van die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sagte Vrugtebeurs skrywe aan Kemp, "It's sincerely regretted that ill health precludes your retaining the portfolio of Agriculture, which we realize must have placed an enormous strain on you of recent years. ...we wish you great success

<sup>302</sup> Ibid., 8.1.1935; Office of Governor-General of South Africa, 23/775; Staatskoerant, nr. 2243, 8.1.1935, p.1.

<sup>303</sup> Ibid.

<sup>304</sup> Ibid.

<sup>305</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief E.M. Slabbert aan Kemp, 29.1.1935.

<sup>306</sup> Ibid., brief P.R. Viljoen aan Kemp, 9.1.1935.

Jan Kemp nie meer Minister van Landbou nie - reaksie.



Bron: Die Burger, 12.1.1935, Saterdag.

with the portfolio of Lands."<sup>307</sup> Uit 'n brief van C.J. du Plessis van De Aar aan Louis Esselen, algemene sekretaris van die Verenigde Party op 11 Januarie 1935, blyk dit dat Kemp buite sy partygenote nie gunste en gawes gedoen het nie, "...dit my hart vol blydskap is, om te sien dat my ou beste vriend Deneys Reitz nou Minister van Landbou is. Ek wil jou net kortliks aan die hand gee, dat dit nou die tyd is om iets te doen, want Kemp is nou nie meer daar nie."<sup>308</sup>

As Minister van Landbou het hy getoon dat hy die groot en wydvertakte departement behoorlik onder beheer gekry het. Watter kritiek hy hom in die hoedanigheid ook aan mag blootgestel het, hy was nie 'n groter skyf as enige ander Minister nie, en is dit blilik om te konstateer dat hy hom in 'n besonder kort tyd volkome meester gemaak het van die moeilike portefeulje. Hy het met sy dinamiese persoonlikheid nuwe lewe in die Departement van Landbou gebring het. Die Volkstem van 2 Januarie 1947 stel dit: "Dit sou ook ongrootmoedig wees om te probeer ontvelns dat hy oor die algemeen 'n suksesvolle Minister van Landbou was. Nege jaar lank het hy aan hierdie portefeulje kon vashou. Dat die posisie vir hom naderhand te warm en die teenkanting te magtig geword het, is ewe waar."<sup>309</sup>

Hy was 'n vegter en nadat hy eenmaal 'n saak omhels het, was hy bereid om daarvoor te stry. Hy was nie 'n man wat gou toegegee het nie en sy metodes was bereken om die boerderybelange in Suid-Afrika te verhoog. Hy was 'n minister wat die belange van landbou op sy hart gedra het. Hy het geen lapwerk gedoen nie, maar die landbouvaagstukke stelselmatig en in die wortel aangepak. Deurdat die vorige Smutsregering hoofsaaklik die belange van groot kapitaliste verteenwoordig het, het hulle geen stelselmatige landboubeleid ontwikkel nie. In teenstelling hiermee het Kemp die werk van die landboudepartement gereorganiseer en dit aangepas by die behoeftes van die boerdery, om van groter diens vir die landboubevolking te wees. Hy het ten nouste saamgewerk met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en boereorganisasies en dit het sy departement in staat gestel om op hoogte te bly van die behoeftes van die boerdery. Gevolglik kon hy die boerdery op alle moontlike wyses bevorder.

<sup>307</sup> Ibid.

<sup>308</sup> Verenigde Party-argief, UP Central Head Office, Correspondence D 1932-1940, brief van C.J. du Plessis aan Louis Esselen, 11.1.1935.

<sup>309</sup> Die Volkstem, 2.1.1947.

Die goeie gevolge van die Kemp se landboubeleid was die verhoging van mielleproduksie, verbetering van die veestapel en grondbewaringsmaatreëls wat ingestel is. Proefpersele is uitgelê op plase van boere, waardeur hulle samewerking en belangstelling verkry is. Die sprinkane is met sukses bestry en streng maatreëls geneem vir toekomstige bestryding. In die skaap- en wolnywerheid het hy "skool op wiele" (demonstrasietrein) ingestel om die skaap- en wolboere tot ondersteuning te wees.<sup>310</sup> Net soos die organisasie van die Departement van Landbou aangepas moes word, so moes die wetgewing rekening hou met die ontwikkeling van die landboubedryf. Doelmatige wette is gepasseer en bestaande wette is gewysig om te voldoen aan die veranderde omstandighede. Kemp het 'n groot bydrae gelewer om die landbou ekonomies onafhanklik en gesond te laat ontwikkel. Hy was een van die ywerigste ministers in die Hertzogkabinet.<sup>311</sup>

Die verskulwing van Kemp uit die Departement van Landbou was gedoen op sy versoek aan die Eerste Minister. Hierdie versoek was gedoen na aanleiding van sy swak gesondheidstoestand en dat hy nie meer aan die eise van die veeleisende landboudepartement kon voldoen nie. 'n Mens kan aanneem dat dit nie vir hom 'n maklike besluit was nie, maar die landbouprobleme wat hy vanaf 1930, soos sprinkane en droogtes, ondervind het, het besondere aandag van hom vereis. Nieteenstaande groot teenkanting teen sy optrede in die behartiging van die landbouportefeulje was Hertzog teen die einde 1934 nog bereid om by Kemp te staan en te verklaar dat hy een van die beste Ministers van Landbou nóg was. Die kritiek vanuit Nasionale Partygeledere sowel as landbougeledere het egter 'n onaangename saak vir Kemp geword en 'n mens kan aanneem dat dit tot groot spanning by hom gelei het en hy gevolglik gevoel het dat sy gesondheid daaronder ly.

Uit koerantverslae in Januarie 1935 blyk dit duidelik dat die bedanking van Kemp as Minister van Landbou oor die algemeen verwelkom is. As belangrikste rede kon sekerlik sy "outokratiese" administratiewe styl gegee word.

<sup>310</sup> Ons Vaderland, 26.10.1928.

<sup>311</sup> Ibid., 17.8.1928; Die Volksblad, 17.8.1928.

## HOOFSTUK 5

### KEMP TREE AS STERK POLITIEKE LEIER EN NASIONALE PARTY SEGSMAN NA VORE, 1924-1934

#### 5.1 Herengingspogings tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party: Kemp se sienswyse en optrede

Spoedig na die verkiesingsoorwinning in 1924 het Nasionale Partyleiers op "enersdenkende"<sup>1</sup> Afrikaanssprekendes binne die geledere van die Suid-Afrikaanse Party, 'n beroep gedoen om hulle by die Nasionale Party aan te sluit. Die doel daarmee was herenging, om sodoende diegene wat uit Innerlike oortuiging bymekaar hoort, in één party saam te bring. Veral Tielman Roos, die Minister van Justisie, het hom tydens die eerste Pakt bewindstermyn daarvoor beywer om alle teenstanders van die oud-Unionisteparty in een party saam te voeg, naamlik die Nasionale Party.

Genl. Hertzog het ook van tyd tot tyd oproepe tot herenging op die Suid-Afrikaanse Party gedoen en was van mening dat herenging deur die Nasionale Party moes geskied. So byvoorbeeld het hy op 25 September 1924 op die Nasionale Partykongres in Pretoria herenging in die vooruitsig gestel en daarop gewys dat "uitnodigings soos dié nie gesien moes word as 'n poging om 'n wig tussen Afrikaans - en Engelsprekendes in te dryf nie."<sup>2</sup> Verskeie ander politici het sedert 1925 periodieke oproepe tot die leiers van die twee hoofpartye gedoen om mekaar die hand te reik en die strydbyl te begrawe.

Vanuit die Suid-Afrikaanse Partygeledere was dit Jan Hofmeyr wat gepoog het om die breuk in Afrikanergeledere te heel. Ook genl. Smuts het herengingsgeluide gemaak en verklaar dat hy ten gunste van eerbare herenging en nie 'n algehele oorgawe van die een party aan 'n ander was nie.<sup>3</sup> Die Opposisiepers het die geleentheid gebruik om verdagmakery tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty te bewerkstellig. Dit was 'n poging om die Pakt tussen die Nasionale Party en Arbeidersparty te verbreek, want in-

<sup>1</sup> J.H. Le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party, Deel 3, p.88.

<sup>2</sup> Ibid., p.89.

<sup>3</sup> Ibid., p.95.

dien die Pakt tot 'n einde sou kom, kon die Suid-Afrikaanse Party dalk weer aan bewind geplaas word.<sup>4</sup>

Tydens die saamtrek van die Nasionale Party se Vrouekongres op 7 November 1925 het Kemp gereageer op Smuts se herenigingspraatjies en gesê hy verneem dat Smuts sy herenigingsveldtog in die Transvaal gaan voortsit. Volgens hom was dit verblydend om te sien dat Smuts hom bekeer het, aangesien die Nasionalliste voor die 1924-verkieëing sulke slegte mense was. Hy het verwys na Smuts se optrede toe hy in 1920 die geleentheid gehad het om 'n begin te maak met hereniging, maar die hand wat na hom uitgesteek was weggeslaan het. Ook dat Smuts 'n ruk tevore in die Vrystaat gesê het dat hy oud geword het en nie meer wou veg nie. Kemp wou weet wie die oorsaak van die "stryd" was en gesê dat indien ander partye dit opreg bedoel het, dan kan hulle oorkom na die Nasionale Party. Voorts meld hy dat dit die regte hereniging sou wees indien hulle by die Nasionale Party aansluit.<sup>5</sup> Hy het versoek dat daar geen politieke huigelary in die saak moet wees nie. In verband met die samewerking tussen die Nasionale Party en Arbeidersparty het Kemp verklaar dat die Nasionale Party getrou by die Arbeiders sou staan, solank hulle saamwerk om Suid-Afrika 'n groot en welvarende land te maak.<sup>6</sup>

In Desember 1925 op 'n Nasionale Party Vrouesaamtrek te Ermelo, het Kemp gesê dat Smuts veroordelend teenoor die Paktregering was en dat hy voorspel het dat die Arbeidersparty sosialistiese wetgewing sou deurvoer. Volgens Kemp was die enigste sosialistiese wetgewing wat nog deurgevoer was die Loonwet, wat in 1923 deur die Smutsregering ingestel was.<sup>7</sup> Op vergaderings te Middelburg en Zeerust in die Transvaal in Desember 1925, het Kemp gesê dat dit onmoontlik was om met die Unioniste, wat deel van die Suid-Afrikaanse Party was, te verenig. Volgens hom het daar daagliks Sappe by die Nasionale Party aangesluit ten spyte van die Suid-Afrikaanse Party se verwerping van herenigingsvoorstelle. Hy het gesê dat hy ook lid van die Suid-Afrikaanse Party was, maar dat hy uitgevind het dat hulle die verkeerde pad bewandel het. Hy het verwys na vorige toenaderings deur die Nasionale Party tot hereniging, maar dat die Suid-Afrikaanse Party dit verwerp het.<sup>8</sup>

<sup>4</sup> *Ibid.*, p.92.

<sup>5</sup> *Ons Vaderland*, 13.11.1925.

<sup>6</sup> *Ibid.*

<sup>7</sup> *The Friend*, 7.12.1925.

<sup>8</sup> *Ibid.*: *Cape Times*, 12.12.1925.

Gedurende 1926 sou pogings tot partypolitieske toenadering voortduur. Die Transvaalse Nasionale Party het in 'n manifes bekend gemaak dat die party hereniging voorstaan, waarvolgens die Suid-Afrikaanse Partylede hulle by die Nasionale Party kon aansluit. J.H. le Roux en P.W. Coetzer meld: "Dit is deur die Nasionalliste as 'suiwer hereniging' voorgedou."<sup>9</sup> Ook was 'n kenmerk van Hertzog se toesprake, na sy terugkoms vanaf die Rykskonferensie in Londen, 'n beroep op die Blanketaalgroepe om nader aan mekaar te beweeg en in 'n gemeenskaplike gees saam te werk en sodoende die politiek van die dag bo party - en rassevoordeel te verhef. Hy het gepleit vir partyverdeling op gemeenskaplike oortuigings en volksbelange.<sup>10</sup>

Die konstitusionele vraagstuk wat in 1919 hereniging skipbreuk laat lel het, was nou in 1926 uit die weggeruim en gevolglik het baie Nasionalliste Artikel 4 van die Nasionale Partygrondwet as oorbodig beskou - dit was die artikel wat oor republikeinse onafhanklikheid gehandel het. Daar is geredeneer dat 'n groot aantal Sappe bereid sou wees om by die Nasionale Party aan te sluit as Artikel 4 geskraap of gewysig word, omdat daar baie min verskil tussen die twee partye sou wees. Lelers soos J.B.M. Hertzog, J.C.G. Kemp, P.G.W. Grobler en T. Roos wou egter Artikel 4 nie skrap nie, maar was bereid om dit te wysig.<sup>11</sup> Dit is dus vanselfsprekend dat die grootste struikelblok in die weg na toenadering tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party die teenwoordigheid van die Unioniste in Suid-Afrikaanse Partygeledere was, aangesien hulle lojaliste was wat voorstanders van die Britse Ryk was.

Gys Hofmeyr van die Suid-Afrikaanse Party het aan die begin van 1927 aan Smuts geskryf dat indien die Nasionale Party sou volhard in sy teenstand teen die herenigingsbeweging, dit sy kans in die volgende algemene verkiesing nadelig sou beïnvloed. Benewens Artikel 4 van Nasionale Partygrondwet het die Opposisie die Pakt en die Vlagontwerp gesien as struikelblokke in die weg na 'n moontlike hereniging. Hulle was ook nie bereid om die Arbeidersparty in die herenigingsproses in te sluit nie.<sup>12</sup> Aan die anderkant was Kemp en die Nasionale Partyleiers vasberade om hulle bondgenootskap met die Arbeiders ten alle koste te handhaaf.

<sup>9</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.108.

<sup>10</sup> *Ibid.*, Deel 2, p.157.

<sup>11</sup> J.C.H. Grobler, p.260.

<sup>12</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.115.

Op 21 Oktober 1926 te Dewetsdorp het Kemp gesê dat die Nasionale Party alles in sy vermoë, met betrekking tot die herenigingsbeweging, gedoen het, maar dat hulle hand teikens weggeslaan was deur die Suid-Afrikaanse Party. Hy het 'n beroep gedoen op al die "redelike"<sup>13</sup> Sappe om na die Nasionale Party oor te kom en so eenheid te verkry, want volgens hom verteenwoordig die Nasionale Party die hele volk en sy strewe was "Suid-Afrika eerste en herenig."<sup>14</sup> Tydens 'n openbare vergadering in Desember 1926 te Rustenburg waar Kemp en die Suid-Afrikaanse Party-aspirantkandidaat vir die Provinsiale Raadsverkieëing, op 'n openbare platform ontmoet het om oor landsake te debatteer, het mnr. Koos Van Heerden beweer dat die Transvaalseleier van die Nasionale Party, Tielman Roos, in 1921 teen hereniging was. Volgens Kemp was dit onwaar en sê hy dat die Nasionale Party gereed was om samewerking onvoorwaardelik aan te neem en dat die Suid-Afrikaanse Party nie wou saamwerk nie, en gevolglik het die Herenigingskongres in 1921 misluk.<sup>15</sup>

Gedurende 1927 het Roos sy veldtog vir hereniging ongesteurd voortgesit en het hy die kapitalistiese siening van die Suid-Afrikaanse Party as struikelblok gesien. Na aanleiding van Roos se pogings om Jan Hofmeyr te oortuig om by die Nasionale Party aan te sluit, blyk dit dat Roos en Kemp geglo het dat 'n partypolitieke hergroepering wel bereik kan word, 'n ideaal waarvoor Hofmeyr baie sterk standpunt ingeneem het.<sup>16</sup> Volgens J.H. le Roux en P.W. Coetzer was Roos 'n opportunist, soos sy latere loopbaan aangedui het en vind hulle dit moeilik om te aanvaar dat Kemp as lid van die Hertzogkabinet, bereid sou gewees het om sy politieke sprong te waag. Kemp se politieke verbintenis tot Hertzog was bo verdenking, soos dit later bewys is rondom koalisie en samesmelting. Met die breuk in 1939 tussen Hertzog en Smuts het Kemp egter erken dat sy lojaliteit aan Hertzog 'n flater was.<sup>17</sup>

Op 17 November 1927 het Kemp en Grobler hulle stemme teen hereniging laat hoor. Hulle het geen heil in hereniging gesien nie en volgens hulle sou uiteenlopende elemente in één party tot twis en tweedrag lei. Hul mening was dat die Nasionale Party nog altyd goed genoeg vir hulle was en nou die enigste party vir die Afrikanervolk was.<sup>18</sup> Kemp

<sup>13</sup> Obs. Vaderland, 29.10.1926.

<sup>14</sup> Ibid.

<sup>15</sup> Ibid., 7.12.1926.

<sup>16</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.123.

<sup>17</sup> Ibid.

<sup>18</sup> Ibid.

het ook nie vir Roos gesteun oor die moontlike naamsverandering van die Nasionale Party nie. Op hierdie stadium was dit duidelik dat Roos te vinnig vir sy partygenote beweeg het, naamlik hergroepering van die partye en was Kemp en Grobler daarteen gekant.<sup>19</sup>

Tydens die Nasionale Partykongres op 3 November 1927 het Kemp gereageer op 'n opmerking van Jan Hofmeyr dat die Nasionale eers sal moet "vergewe en vergeet", alvorens hulle toenadering tot die Suid-Afrikaanse Party soek. Volgens Kemp het in die twee woorde "vergewe en vergeet" die lot van die hele volksgeskiedenis opgesluit gelê. Vennig het hy opgemerk dat die Unioniste al vanaf 1902 sukkel dat die Afrikaners moet vergewe en vergeet, "want daardeur maak ons die Tweede Vryheidsoorlog tot 'n klugspel... 'n Sap is niks anders as 'n gewese Afrikaner nie."<sup>20</sup> Volgens hom kon die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party nooit saamsmelt nie, aangesien die rede daarvoor in hulle beginsels opgesluit is: Vir die Nasionale Party kom Suid-Afrika eerste en het die Suid-Afrikaanse Party geen sodanige beginsels nie.<sup>21</sup>

Gedurende Januarie 1928 het Kemp op Wolmaransstad herhaal dat hereniging met die Suid-Afrikaanse Party onmoontlik was.<sup>22</sup> Volgens hom het Smuts in die Paarl gesê dat hy nie van die Unioniste kan afskei nie. Kemp het daarop aangedring dat hulle met die mense binne die Suid-Afrikaanse Party moet herenig.<sup>23</sup> Hy het ook verwys na Roos se standpunt oor die hergroepering van partye en gesê dat hy dink Roos se opmerking was te breed geneem. Vir hom lyk dit asof Roos bedoel het dat dit Sappe is wat soos hulle voel en oor landsake dink en nie almal in die Suid-Afrikaanse Party nie. Hy meld weer eens dat hy nie met Roos se siening saamstem dat die Nasionale Party se naam moet verander nie. Volgens hom het die party baie swaar gestry in die donker dae van 1915.<sup>24</sup> Vanaf 1929 het die verenigingsgedagte weer kort-kort na vore getree, maar Kemp was nog steeds gekant teen onvoorwaardelike hereniging. Hy het saam met Hertzog gestem wat gesê het: "As u dink dat ek die Unionistedeel van die Suid-Afrikaanse Party gaan aanneem, daarop sê ek - nooit."<sup>25</sup>

<sup>19</sup> H. Saker, *The South African Flag Controversy, 1925-1928*, p.249.

<sup>20</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, ongepagineerd.

<sup>21</sup> *Ibid.*

<sup>22</sup> *Ons Vaderland*, 29.1.1928.

<sup>23</sup> *Ibid.*

<sup>24</sup> *Ibid.*

<sup>25</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 8, Pamflet: *Generaal Hertzog, Toc en Nou*.

Tydens die Nasionale Partykongres op 3 Desember 1930 te Bloemfontein het Kemp verwys na die standpunt onder sommige politici van 'n middelparty. Volgens hom was dit mense wat te vrot was om op hulle partye se standpunte te reageer en ontvlugting gesoek het. Hy het gesê dat 'n "middelparty 'n sameraapsel van ontevredenes sou wees, van papbroekliges wat nie mans genoeg was om vir hul oortulgings en volksbelange op te kom en opoffering te maak nie, soos die Suid-Afrikaanse Party gedoen het." Volgens hom sou dit 'n party van halfhartiges wees, wat niks sou aandurf nie.<sup>26</sup> Hy het voorts gesê dat daar baie gepraat word van " 'n Arme mens party."<sup>27</sup> Volgens hom moet God Suid-Afrika van die mense bewaar wat onder die dekmantel van republikeinse gesindes 'n arm mens party wil vorm. Hy het verklaar dat dié mense bedrieg word en dat dit die beleid van sosialisme was.<sup>28</sup>

Op 10 September 1931 te Makwassie het Kemp in 'n toespraak gewys op die wye kloof wat daar tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party bestaan het. Volgens hom was dit onwaar dat die verskil tussen die twee partye verdwyn het. Hy het Jan Hofmeyr veroordeel vir die "vroompraatjies", waarin hy toenadering bepleit het. Hy het dit beklemtoon dat die Nasionale Party staan vir Suid-Afrika eerste en altyd 'n Blanke Suid-Afrika.<sup>29</sup> Hy was veroordelend teenoor die Suid-Afrikaanse Party se voorstel van 'n staatsondersteunde immigrasie, wat volgens hom die Armblankevraagstuk in die land sou vererger en die beleid ten opsigte van die Swartvraagstuk. Hy het die kiesers versoek om hulle nie deur die vroompraatjies om die bos te laat lei nie.<sup>30</sup>

In Junie 1932 te Colesberg, tydens 'n toer deur Kemp in Noord-Oos-Kaapland, verklaar hy dat die Afrikaanssprekendes in die Suid-Afrikaanse Party sou begin insien dat die Nasionale Party hulle tulste is en dat hulle by die party moet aansluit. Volgens hom was daar allerteel gerugte en wanvoorstellings rakende samewerking, maar dat die Nasionale Party onbeweeglik op sy spoor bly en alle dwaalbegrippe in die klem gesmoor sou word.<sup>31</sup>

<sup>26</sup> *Ibid.*, Band 6, ongepagineerd.

<sup>27</sup> *Ibid.*

<sup>28</sup> *Ibid.*

<sup>29</sup> *Ons Vaderland*, 15.9.1931.

<sup>30</sup> *Ibid.*

<sup>31</sup> *Ibid.*, 22.6.1932.

Spedig hierna het Kemp van siening verander, toe te skryf aan sy lojaliteit teenoor Hertzog. Op Saterdag 28 Januarie 1933 het Hertzog, Smuts se voorstel vir 'n regering van nasionale eenheid, in die Kabinet bespreek en was Kemp ten gunste daarvan.<sup>32</sup> Hy was bereid om die stryd vir Afrikaner nasionalisme endult te stry en saam te voeg wat uit Innerlike oortuging bymekaar hoort.

## 5.2 Administrateurskwesse: Jan Hofmeyr

Na die verklesingsoorwinning van die Pakt in 1924 het Jan Hofmeyr, wat onder die vorige Smutsbewind Administrateur van Transvaal was, nie bedank nie en aangebly in die pos onder die Hertzogregering. Sy rede vir sy optrede was dat hy neutraal wou wees en gevolglik hom nie tot 'n politieke party verbind nie. Dit het tot gevolg gehad dat hy deur die Nasionale Party politiek verkwalk en verbale aanvalle teenoor hom gemaak is. Tielman Roos wat aanvanklik Hofmeyr daarvoor aangekla het dat hy geen selfrespek gehad het nie, het in 1927 van opinie verander en skielik gepoog om sy guns te wen, in 'n poging om hom by die Nasionale Party te laat aansluit. Hy het ter verdediging van homself aan Hofmeyr verduldelik dat die aanvalle op hom bloot gedoen was om die Nasionale Party bymekaar te hou, en dat dit nie persoonlik teen hom gemik was nie. Hofmeyr het nie direk hierop gereageer nie, maar slegs geantwoord dat die aanvalle op hom groot vermaak verskaf het.

Dit is interessant dat aanvalle op Hofmeyr plaasgevind het nadat Hertzog in 1924 en weer in 1925 in die Volksraad verklaar het dat die amp van Administrateur geen politieke amp was nie en dat daar geen rede was dat Hofmeyr moes bedank wanneer 'n regeringsverandering plaasvind nie. Op 16 Maart 1925 het Hertzog vir Hofmeyr skriftelik die versekering gegoo dat hy nie as Administrateur hoef te bedank nie.<sup>33</sup>

Tydens 'n openbare vergadering te Klerksdorp in Maart 1925, het Kemp gesê dat as die Administrateur nie dlkvellig is nie, hy sou bedank.<sup>34</sup> Hierop het Hofmeyr aan die Eerste Minister geskrywe en gevra of dit reg is dat 'n minister so optree. Hofmeyr het egter nie die brief afgestuur nie en aangebly as Administrateur. Die feit dat Hertzog nie opgetree het nie wys duidelik dat geen brief of nota aan hom voorgelê was nie. Onder andere was

<sup>32</sup> C.M. van den Heever, General J.B.M. Hertzog, p.592.

<sup>33</sup> Hofmeyr-versameling, A1, Jêre Aa165, General Correspondence.

<sup>34</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, pp.125-126.

daar ook beweer dat die ministers nie in hul amptelike hoedanigheid as ministers opgetree het nie, maar as parlamentslede die dokument onderteken het.

In 'n poging om Hofmeyr oor te haal om by die Nasionale Party aan te sluit, stuur Roos op 24 Junie 1927 eers vir Manie Maritz en later op 26 September 1927 vir Kemp om hom te spreek. Beide van hulle het aan Hofmeyr meegedeel dat die dae van Hertzog en Smuts getel was en dat die toekoms by Roos, Hofmeyr en die nuwe opkomende "Ster van Transvaal," Oswald Pirow, gelê het.<sup>35</sup> Hulle sou ook te kenne gegee het dat Hofmeyr, indien hy tot die Volksraad verkies word, in die Kabinet opgeneem sou word.<sup>36</sup> J.P. Brits in sy boek Tielman Roos meld dat dit blyk onwaar te wees dat Kemp betrokke sou wees by 'n bondgenootskap om Hertzog uit die kussing te lig. Hy het immers tot 1939 in Hertzog se kabinet gedien en getrou by hom gestaan gedurende die onstuimige jare van koalisie en samesmelting.<sup>37</sup> Hy meld voorts dat Kemp nie die soort politikus was vir gehele onderhandelings, waar sy leier en kabinetskollegas geraak sou word nie. Dit blyk egter duidelik dat Roos en Kemp van mening was dat 'n hergroepering wel bereik kon word - 'n ideaal waarvoor Hofmeyr sterk standpunt ingeneem het.

Hofmeyr het geweer om homself te kompromitteer en gesê dat hy sy hande vry wou hou en nie gereed was om homself daarvoor uit te spreek nie. Die leier van die Nasionale Party in die Provinsiale Raad, mnr. C.H. Stoffberg, het daarop aangedring dat Hofmeyr moet bedank, aangesien hy nie meer die vertroue van die meerderheid in die Raad gehad het nie en ook omdat hy nie die politieke oogmerke van die Regering ondersteun het nie.<sup>38</sup> Op 18 Desember 1927 het die Nasionale Party vanuit Kaapstad 'n bom gelos. Die meeste Nasionalistes - en Arbeiderslede van die Volksraad in die Transvaal, insluitende Roos, Grobler en Kemp, het 'n dokument onderteken waarin steun gegee was aan die Transvaalse Provinsiale Raad se resotusie (26-19) en waarin Hofmeyr gevra word om te bedank.<sup>39</sup>

Tydens die tussenverkiesingsveldtog in die kiesafdeling Johannesburg-Noord in 1929, het Kemp op 21 September 1929 gesê dat daar 'n tyd was dat Smuts, volgens 'n sekere

<sup>35</sup> J.H. Hofmeyr-versameling, A.I. General Correspondence and other papers re-academic and political career 1915-1927, ongedateer, ongetekende pamflet; Alan Paton, Hofmeyr, p.145; J.P. Brits, Tielman Roos, pp.298-299.

<sup>36</sup> Ibid.

<sup>37</sup> J.P. Brits, p.308; J.H. Hofmeyr-versameling, ongepagineerd, ongedateerd.

<sup>38</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, pp.122-123.

<sup>39</sup> Alan Paton, p.126.

Suid-Afrikaanse nuusblad, die grootste staatsman in die Britse Ryk was. Dieselfde nuusblad, het volgens hom, die afgelope drie jaar ontdek dat J.H. Hofmeyr die tweede grootste staatsman in die Britse Ryk was, Hy het egter beweer: "Maar een ding is helder duidelik en dit is dat beide genl. Smuts en die heer J.H. Hofmeyr swakke politieke profete is."<sup>40</sup> Volgens Kemp was die bewys hiervan die meerderheid wat Smuts die kiesers belowe het, en die ewewig wat Hofmeyr belowe het. Hy het Hofmeyr as een van Suid-Afrika se bekwaamste seuns beskou, maar wat deur Smuts op 'n dwaalspoor gelei was deur die Opposisiepers wat hom geprys, gelei en as towerbeeldjie aangeneem het.<sup>41</sup>

Hy het voorts gesê dat as gevolg van die nood wat daar in die Suid-Afrikaanse Party bestaan, om iemand te vind wat Smuts as leier van die party kon opvolg, het die Suid-Afrikaanse Partykoerante probeer om 'n leier uit iemand te skep wat nie gebore was om te lei nie. Volgens Kemp het die vergoeliking van Hofmeyr, hom die bedorwe kind van politiek gemaak en in stede van 'n staatsman uit hom te skep, soos die Suid-Afrikaanse Partykoerante gehoop het, het hulle alleen daarin geslaag om sy loopbaan te ruïneer.<sup>42</sup> Hy was van mening dat Hofmeyr, deur by die Suid-Afrikaanse Party te bly sy eie doods-vonnis teken en daarvoor, egter, moet hy die "sirenestem" (Smuts) blameer wat hom tot sy verderf aangelok het op die rotse van die Suid-Afrikaanse Partypers.<sup>43</sup>

Op 23 September 1929 verskyn daar in Die Volkstem, onder die opskrif "Die Arbeiders Dikteer", 'n berig waarin gesê word dat die wyse waarop Kemp in Johannesburg-Noord teen Hofmeyr te velde getrek het, die indruk skep van die Minister van Landbou se swak agting vir die intelligensie van sy partyvolgelingen in daardie deel van die land. Volgens die beriggewer was Hofmeyr mans genoeg om te antwoord op die tipes "Kemplaanse argumente",<sup>44</sup> waarop die Minister van Landbou die Nasionaliste in Johannesburg-Noord getrakteer het. Voorts meld die berig: "Dit sal trouens heel waarskynlik volkome nutteloos wees om vir baie van daardie mense daaraan te herinner dat die mnr. Hofmeyr wie genl. Kemp hulle so sterk waarsku't, dieselfde persoon is vir wie genl. Hertzog Administrateur wou maak in Transvaal en Hoë-Kommissaris in Londen, ten spyte van die feit dat die Minister van Landbou saam met ander Transvaalse Nasionaliste vyf jaar gelede peti-

<sup>40</sup> Ons Vaderland, 22.9.1929.

<sup>41</sup> Ibid.

<sup>42</sup> Ibid.

<sup>43</sup> Ibid.

<sup>44</sup> Die Volkstem, 23.9.1929.

sies ingehandig't by die Eerste Minister om hom ontslaan te kry."<sup>45</sup> Die beriggewer wou ook van Kemp weet hoe dit moontlik was dat hy die Nasionalliste in die Johannesburg-Noord, wat die meerderheid was in die kiesafdeling, versoek het om vir die Arbeider, Duthle te stem - dit terwyl hy baie te sê gehad het oor die gewese Unioniste in die Suid-Afrikaanse Party.

Kemp het weer op Makwassie, op 10 September 1931, Jan Hofmeyr voorgehou en gevra of hy moeg was vir sy eie party? Hy het verwys na die vroompraatjies van Hofmeyr wat so ywerig toenadering bepleit het. Kemp het die mening uitgespreek dat Hofmeyr teleurgesteld was in die Suid-Afrikaanse Party maar dit nie wou sê nie. Volgens hom was Hofmeyr verkeerd in sy uitsprake deur te sê dat daar welnig verskille was tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party. Hy het as bewys onder andere na die Naturellekwessie (sic) verwys.<sup>46</sup> Spoedig hierna sou die Suid-Afrikaanse politiek 'n nuwe wending neem met samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Party en Nasionale Party en sou Kemp en Hofmeyr hulle in dieselfde politieke kamp bevind.

### 5.3 Kleurvraagstuk - Kemp soek 'n oplossing

In 1910, met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, het die verskil in opvatting en benadering tot die Nie-Blankevraagstuk sterk op die voorgrond getree, naamlik die uiteenlopende liberale en konserwatiewe denkgangings. Die grootste knelpunt vir die oplossing van die nasionalevraagstuk was die verdeeldheid binne Blankegeledere.<sup>47</sup> In hierdie geval was dit nie soseer 'n verdeeldheid tussen Afrikaans - en Engelssprekendes se standpunte binne die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party nie, maar eerder 'n geografiese verdeling tussen die noordelike - en suidelike standpunte. Dit kan aanvaar word, dat as gevolg van hul historiese agtergrond, die meerderheid Afrikaanssprekendes 'n meer konserwatiewe siening as die Engelssprekendes gehandhaaf het oor die kwessie van Blank en Nie-Blank.<sup>48</sup> Die Noordelikes het gevoel dat Suid-Afrika 'n "Witmansland" moet bly, terwyl van die Suidelikes van mening was dat die Unie op 'n vulkaan gebou sou word as die meerderheid van die bevolking nie stemreg verkry nie.<sup>49</sup> Die uitkoms van die Nasionale Konvensie se besluitneming was naamlik dat vir alle praktese

<sup>45</sup> Ibid.

<sup>46</sup> Ons Vaderland, 15.9.1931.

<sup>47</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.297.

<sup>48</sup> Ibid.

<sup>49</sup> F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha, p.261.

doeleindes die konserwatiewe noordelike standpunt die stryd teen die Kaapse liberale standpunt, wat geen staatsregtelike of administratiewe Kleurslagboom wou hê nie, gesoëvier het. Die beginsel van rassedifferensiasie is derhalwe statutêr in die Unie grondwet opgeneem.<sup>50</sup> Nietemin kon die Nie-Blankes, wat Swartes en Kleurlinge behels, steeds stemreg in die Kaapprovinsie geniet.

Die Suid-Afrikaanse Party se beleid van gebiedskeiding tussen Blank en Nie-Blank, onderleiding van Botha en Smuts, was by uitstek gekenmerk deur die inkonsekwente en ondoeltreffende wyse waarop die Nie-Blankevraagstuk benader is. Die maatreëls ten opsigte van grondbesit, residensiele skelding en instromingsbeheer was bloot tussen-tydse maatreëls en so geformuleer en administreer dat beide suidelike liberale - en noordelike konserwatiewe standpunte versoen word. Van enige daadwerklike, doelgerigte en gekoördineerde optrede kragtens 'n gemeenskaplike nasionale beleid, was daar geen sprake nie.<sup>51</sup> In die Transvaal was veral die Afrikaner Nasionalis rassistes, volgens Monica en Leonard Wilson: "Apart from what they inherited of the uncompromising Kruger traditions, men like Roos, Jan Kemp and J.G. Strydom were far more intolerant and inflexible than the leadership in the Cape."<sup>52</sup>

Teen hierdie agtergrond van 'n wankelende Nie-Blankebeleid en die gevaar van groter-wordende getalle Nie-Blankearbeiders in die stede, wat 'n ernstige bedreiging vir die Blankes se sosio-ekonomiese voortbestaan ingehou het, het Hertzog in 1924 die regeringsleisels oorgeneem. Reeds in sy verklesingstryd het Hertzog dit voorop gestel dat hy ten gunste van 'n beleid van algehele territoriale, ekonomiese en staatkundige segregasie van Blank en Nie-Blank was. Met betrekking tot die Nie-Blanke in die Kaapprovinsie, dat hulle nie gelyke politieke regte met die Blanke sou geniet nie, maar dat hulle op 'n aparte kiesersstelsel geplaas sou word en hulle eie verteenwoordigers in die Parlement sou hê.

Daar word beweer dat Hertzog aanvanklik die probleem van gebiedskeiding tussen Blank en Nie-Blank as die dringendste en noodsaaklikste gereken het, maar dat daar later 'n klemverskuiwing plaasgevind het. Die bedreiging wat die Swartstemreg vir die

<sup>50</sup> G.H. Calpin, *There are no South Africans*, pp.156-157.

<sup>51</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.302.

<sup>52</sup> Monica Wilson en Leonard Wilson, *Oxford History of South Africa, 1870-1966*, Volume 11, p.389.

Blankedom ingehou het, het die swaarste begin weeg.<sup>53</sup> Hertzog se taak om 'n nie-party-politieke oplossing te vind vir die Nie-Blankevraagstuk, was bemoelik deur sterk meningsverskille binne Nasionale Party - en Oposisieleedere. Tot realisering van sy segregasie politiek het Hertzog twee basiese oogmerke gehad, naamlik eerstens dat genoeg grond vir die Swartmense beskikbaar gestel word, waar hulle ten volle as 'n selfbesturende groep kon ontwikkel en tweedens 'n wysiging van die politieke regte van die Swartman in die Kaapprovinsie. Hy het hierdie twee oogmerke as 'n onskelbare eenheid gesien en dit het die hoeksteen van sy breë segregasie politiek gevorm.<sup>54</sup>

In die uitvoering van sy oogmerk om grondgebied vir die steeds groeiende Swartbevolking te bekom, het hy te doen gekry met die uiterste onwilligheid van sommige Blankes om grond vir die doel beskikbaar te stel. J.H. le Roux stel dit dat "...Die behoefte van die oomblik het die politieke denke van die Blanke sterk beïnvloed en nog groter verzet teen die beskikbaarstelling van meer grond vir die Swartes was nie uitgesluit nie."<sup>55</sup>

In die Nasionale Partygeledere was daar ook verdeeldheid oor die Kleurlingstemreg. So byvoorbeeld het Tielman Roos in September 1925, tydens die parlementêre tussenverkieping in Pretoria-Suid, duidelik laat blyk in 'n toespraak dat Swartmense nie regstreeks in die Parlement verteenwoordig word nie en ook nie oor die stemreg beskik nie. Volgens hom kon daar, wat die uitbreiding van die Kleurlingstemreg na die noordelike provinsies geen sprake wees nie. Gevolglik het die Nasionale Party van Transvaal se hoofbestuur 'n spesiale komitee saamgestel om die Transvaalse strydpunte oor die Kleurvraagstuk te formuleer en in November 1925 is 'n memorandum hieroor aan Hertzog oorhandig. Hiervolgens moes die posisie van die Kleurling oorstaan tot tyd en wyl die Swartvraagstuk opgelos was.<sup>56</sup>

Nie alleen vanuit partygeledere was die premier met uiteenlopende standpunte gekonfronteer nie, maar vanuit Transvaalse Arbeiderspartygeledere het hy teenkanting ontvang. Ook vir die Oposisie was 'n oplossing buite partyverband buite die kwessie. Dit was dus voor die hand liggend dat Hertzog se beoogde wetgewing oor die Kleurvraag-

<sup>53</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.303.

<sup>54</sup> J.H. le Roux, *Generaal J.B.M. Hertzog, Sy strewe en stryd*, p.390; G.D. Scholtz, 'n Swart Suid-Afrika', pp.51-52, segregasie was 'n beleid van algehele territoriale, ekonomiese en staatkundige skeiding van Blank en Nie-Blank.

<sup>55</sup> *Ibid.*, p.394.

<sup>56</sup> *Ibid.*

stuk kwaal politieke twis sou meebring en dat die kans om 'n tweederdemeerheid in die Parlement te kry, ulters skraal sou wees.

Die Ons Vaderland berig op 11 Desember 1925 dat Kemp tydens 'n Nasionale Party vergadering in die Waterberg, gesê het dat die Nasionale Party in menige opsig die staatkundige weë van Louls Botha gevolg het. Volgens hom het Smuts steen en been gekla dat die Nasionale Party sy Swartpolitiek oorgeneem het, maar het hy verweer dat die Nasionale Party dit nie verniet wou hê nie, aangesien dit "Empaalerpolitiek" was.<sup>57</sup> By Middelburg, in die Kaapprovinsie, het Kemp op 11 Desember 1925, tydens 'n groot openbare vergadering, gesê dat Smuts by die Suid-Afrikaanse Partykongres in Bloemfontein gesê het dat hy die Swartvraagstuk deur 'n nasionale konvensie wou oplos. Volgens Kemp sou die Pakt egter by sy standpunt bly staan, naamlik dat dit die beleid van die Nasionale Party was om die Swartvraagstuk op partyvlak op te los.<sup>58</sup>

Op 2 Junie 1926 het Hertzog vier wetsontwerpe oor die Kleurvraagstuk in die Volksraad ter tafel gelê. Die vier wetsontwerpe het Hertzog as integrerende dele van die geheel gesien, aangesien hy hulle gesamentlik sou deur loods, naamlik, (i) die Wetsontwerp op Volksraadsverteenvoordiging van Naturelle (sic); (ii) die Naturelle (sic) Wysigingswetsontwerp; (iii) die Unie Naturelleraadwetsontwerp, (sic) en (iv) die Kleurlingregte Wetsontwerp.<sup>59</sup> Op ondubbelsinnige wyse het Hertzog hiermee aan die buitewêreld te kenne gegee dat daar in Suid-Afrika voortaan geen gelykstelling tussen Wit en Swart sou wees nie, en dat daar vier hierdie twee bevolkingsgroepe voortaan afsonderlike gebiede geskep sou word.

Tydens vergaderings te Victoria-Wes en Carnarvon in Julie 1926 het Kemp gesê dat die Regering 'n tweederde meerderheid nodig het, met betrekking tot die deurvoering van die Naturellewetgewing (sic), en dat hy op die Sappe reken om te help in wat 'n nasionale saak was.<sup>60</sup> Op 7 Julie 1926 tydens 'n besoek aan Kenhardt het hy 'n beroep op al die partye gedoen om die Regering by te staan in die oplossing van die Kleurvraagstuk. Hy het gesê dat daar oor vyftig jaar Swartes as magstrate sal sit as die mense nie hulle plig doen nie.<sup>61</sup>

<sup>57</sup> Ons Vaderland, 11.12.1925.

<sup>58</sup> Cape Times, 12.12.1925.

<sup>59</sup> J.H. le Roux, p.394.

<sup>60</sup> The Friend, 10.7.1926.

<sup>61</sup> Ibid: Die Volkstem, 8.7.1926.

Op 3 September 1926 te Krugersdorp het Kemp tydens 'n vergadering na die Nie-Blankevraagstuk verwys en gesê dat die aantal Kleurlingstemme in die Kaapprovinsie van 20 000 in 1915 tot 44 000 in 1925 gestyg het. Volgens hom was die groot styging so ernstig, dat die aantal stemme van die Nie-Blankes gedreig het om die stemme van die Blankes in die provinsie te oorskry. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse Party gepoog om politieke munt uit die Nie-Blankevraagstuk te slaan, net soos hulle met die Kleurslagboom gedoen het. Hy het beslissend gesê dat die Swartbeleid van die Regering deurgevoer sal word en dat die Opposisie nie daarin sou slaag om die Regering se segregasiebeleid omver te werp nie.<sup>62</sup>

Kemp het op Dewetsdorp in Oktober 1926 gesê dat die Witman oor 20 jaar hom in 'n hagiïke posisie in Suid-Afrika sou bevind, indien die rassevraagstuk nie onmiddellik en met erns aangepak word nie. Hy het verwys na die nodige ondersteuning van die Opposisie om 'n tweederde meerderheid in die Parlement te verkry, vir die verandering van die Kleurling- en Swartstemreg. Hy het gesê dat indien die nodige steun nie verkry sou word nie, sou die Regering moes wag tot die volgende verkiesing om 'n mandaat van die kiesers te bekom.<sup>63</sup>

Tydens 'n vergadering te Clooclan in Oktober 1926 het Kemp weer eens sy kommer uitgespreek oor die noodsaaklikheid van die deurvoer van die voorgestelde wetgewing, so nie sal die Blankes oor 30 jaar Swartes as skoolmeesters, magistrats en amptenars sien. Gevolglik versoek hy die Suid-Afrikaanse Party om die Regering in sy saak te steun.<sup>64</sup> Die dringendheid van Blankebeveiliging en -bevoorrting het groot voorrang by Kemp geniet en op 14 Julie 1927 te Potchefstroom het hy gesê dat dit die Regering se beleid was om voorkeur aan die Witman te gee en sodoende was daar in die Spoorweë duisende Blankes in diens geneem.<sup>65</sup>

Ter ondersteuning van Hertzog en die Nasionale Partybeleid het Kemp op 17 Augustus 1927 te Vrede gesê dat Hertzog een van die grootste Afrikaners was en dat hy Suid-Afrika 'n Witmansland wou maak. Hy het onder andere gesê dat indien daar van die segregasiewette 'n politieke saak gemaak sou word, die land daaronder sou ly. Volgens

<sup>62</sup> Ons Vaderland, 7.9.1926.

<sup>63</sup> Ibid., 26.10.1926.

<sup>64</sup> Ibid., 29.10.1926.

<sup>65</sup> Die Weste, 16.9.1927.

hom was al 62 Oposislelede van die Kaapprovinsie afhanklik van die Swartstem, en gevra hoe hulle kon stem vir die voorstel om die Swartstemreg na die ander provinsies uit te brei. Hy het gewys op die gevaar dat hulle te laat wakker sou skrik.<sup>66</sup>

Op 3 Desember 1927 het Kemp te Ermelo weer eens na die Nie-Blankekwessie verwys as een van die grootste kwelvraagstukke en gesê dat die kwessie buite partypolitiek gehou moet word en dat die volgende verklesing dit sou bewys.<sup>67</sup> Volgens hom was die Nasionale Party beslis daarvoor om die Blankebeskawing in Suid-Afrika te handhaaf, in weerwil van kol. D. Reitz van die Suid-Afrikaanse Party se bewering dat die Nasionale Party die kleurlyn Ingevoer het en hy die 6 miljoen Swartes "slawe" en "weeskinders" wou maak.<sup>68</sup>

Met die volgende algemene verklesing in die vooruitsig was dit reeds teen die einde van 1928 duidelik dat die Nie-Blankevraagstuk 'n partypolitieke vraagstuk gemaak sou word en dat die verklesing hoofsaaklik daarvoor geveg sou word. In 'n gesamentlike boodskap van Roos, Grobler en Kemp aan die kiesers in die Transvaal, is daarop gewys dat daar in die komende verklesing aan belangrike vraagstukke gedink moes word en meld hulle: "As ons denk aan die toekomstige wel en weê van ons kinders, waarvoor ons weldra geroep sal word om self te beslis, as ons onself afvraag, of hierdie ou land van ons, deur ons eige stem en daad in die verre toekoms 'n Witmansland sal bly of nie - dan voel ons weer álmal die krag van die besleling wat daar geleë is in ons strydleuse: Ons Land en ons Volk éerste!"<sup>69</sup>

Tydens 'n vergadering te Klerksdorp in Augustus 1930, spaar Kemp die Sappe nie toe hy sê dat hy nie kan verstaan dat daar nog 'n Witmens is wat 'n Sap is nie - veral die wat nog 'n gevoel vir die volk gehad het. Volgens hom was die Suid-Afrikaanse Party in die Kaapprovinsie te bang om die "kombersstem" te verloor, terwyl die leuse moet wees "Suid-Afrika eerste, altyd eerste."<sup>70</sup> Op 11 September 1928 te Moolplaats het hy gesê dat die Sappe is net in naam Sappe en dat hulle net soos die Nattes gevoel het. As voorbeeld het hy na die Kleurlynwet op die myne verwys en gevra of die Sappe wou toesien dat hulle seuns voorkeur geniet met sekere beroepe op die myne. Hy het gevra wie van

<sup>66</sup> Ons Vaderland, 23.8.1927; Die Volksblad, 18.8.1927.

<sup>67</sup> Ibid., 6.12.1927.

<sup>68</sup> Ibid.

<sup>69</sup> J.P. Brils, p.343.

<sup>70</sup> Ons Vaderland, 7.9.1928.

hulle teen 'n Wit Suid-Afrika was?<sup>71</sup> Volgens hom het die Nasionale Party as 'n klein partijtjie begin en rekrute gewerf uit die geleedere van die Suid-Afrikaanse Party en op daardie tydstip het hulle die land regeer. Hy het gesê dat hulle niemand gaan afwys nie, want hulle het elke Afrikaner nodig om van Suid-Afrika 'n Witmansland te maak, en as hulle Sappvlende hul nie ondersteun nie, sal die Swartes hulle onderdruk. Hy het gesê dat die Swartes organiseer so al wat hulle kan en dat toe hy die boere aangeraai het om dit ook te doen, om die naderende stroom te keer, was hy by die Prokureur-generaal aangekla weens aansporing tot geweld. Hy waarsku dat as hulle die stroom wil keer hulle moet organiseer en bymekaar staan<sup>72</sup>

Met die oog op 'n verkiesingsoproep, het Roos, Grobler en Kemp op 18 Desember 1928, 'n Kers- en Nuwejaarsboodskap aan lede van die Transvaalse Nasionale Party uitgestuur. Verwysende na die allesoorheersende vraagstukke het hulle gemeld dat dit op die spel geplaas was deur die komende verkiesing. Hulle het verwys na die toekomstige wel en weë van hul kinders en gesê dat hul weldra geroep sou word om self te beslis of die land van hulle deur hulle eie stem en daad in die verre toekoms 'n Witmansland moet bly of nie, - dan sou hulle almal weer die krag voel van die besleëling wat daar geleë is in die strydleuse: "Ons Land en ons volk eerste!" En dan sal hulle begryp dat hulle almal moet saamwerk "vir één magtige, veréerende éendragtlike beurling voorwaarts, op die koers wat ons almal eenmaal Ingeslaan het, die koers van 'n Blanke Suid-Afrika en van die versekerde Blanke toekoms van ons nakroos."<sup>73</sup>

Smuts het op 17 Januarie 1929 te Ermelo aan die Nie-Blankevraagstuk as politieke geskied sy finale beslag gegee - voorstander van 'n Verenigde Brits-Afrika!<sup>74</sup> Hierdie eertydse Rhodes-Ideologie het vir vele Blankes, Afrikaans - en Engelssprekendes, as 'n skok gekom, aangesien die ondergang van 'n klein Blanke minderheid teenoor die oorwerldigende Nie-Blankes binne so 'n federasieraamwerk onvermydelik sou wees.<sup>75</sup>

Dit was vir die Nasionale Party duidelik dat hy politieke munt kon slaan en die spoedige opstel van die "Swart Manifest", deur die Nasionale Party, was genoeg getuënis daar-

<sup>71</sup> *Ibid.*, 14.9.1928.

<sup>72</sup> *Ibid.*

<sup>73</sup> *Ibid.*, 18.12.1928.

<sup>74</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.376.

<sup>75</sup> *Ibid.*, pp.376-377.

van.<sup>76</sup> Die Australiëanse historikus W.K. Hancock het in sy bekende biografiese werke oor Jan Smuts, na die 1929-verkiesing verwys as die "Black Peril Election."<sup>77</sup>

In die lig van Smuts se Ermelo-toespraak het Kemp die Blanke vroue gewaarsku dat onversigtige optrede hulle in die genade van die Nie-Blanke kon oorlaat. Hierop het die redakteur van The Star skerp kommentaar gelewer: "One might expect that kind of remark from a moron, but not from a man of education, intelligence, who is also a member of Government. It only shows the lengths to which men are prepared to go in their anxiety to retain power at all costs, even at the cost of their political self-respect."<sup>78</sup>

Op 5 April 1929 te Gezina, tydens die verkiesingsveldtog, het Kemp gesê dat die Nie-Blanke bevolking 6 teenoor 1 van die Blanke bevolking is en dat dit die rede was waarom die meeste lede van die Suid-Afrikaanse Party in die Parlement was. Hy het gewaarsku dat jongmense oor 20 - of 30 jaar onder 'n Swartregering sou staan, indien sake onaangetroef gelaat word en sou geen party aan bewind kom sonder Swart steun nie.<sup>79</sup> Hierdie waarskuwing van Kemp sou soos 'n refrein weerklank op elke verkiesingtoespraak wat hy tot en met die verkiesing gemaak het. Hy het telkens Smuts en die Suid-Afrikaanse Partybeleid voor stok gekry en so byvoorbeeld op 13 April 1929 te Makwassie gesê dat Smuts die Swartstemreg na die Noorde wou uitbrei en die kiesers gewaarsku dat Smuts Midde-Afrika ook wil inlyf in hulle land, oor die miljoene Swartes wat daar is en wat daar sy plek inneem bo die Witman.<sup>80</sup>

Kemp het verwys na Smuts se onderhoud met Die Volkstem van 11 April 1928 toe hy gesê het dat hy dink daar slegs een beginsel is, naamlik gelyke regte vir alle beskaafde mense.<sup>81</sup> Volgens Kemp was dit so duidelik soos daglig dat die Unionistepolitiek in verband met die Nie-Blankevraagstuk indruis teen die ou Suid-Afrikaanse Party. Hy het gesê dat die 1929-verkiesing sou geveg word oor die vraagstuk van die Nie-Blankestemreg en dat die Suid-Afrikaanse Party se gevryery na die Nie-Blankestemreg uiters demoraliserend vir die Blankes was.<sup>82</sup> Hy wou weet waar Smuts se ommekeer gekom het, aangesien hy in 1920 in die Volksraad verklaar het dat segregasie die wet is van die

<sup>76</sup> Ibid., Deel 3, p.27.

<sup>77</sup> W.K. Hancock, Smuts: The Fields of Force, 1919-1950, p.217.

<sup>78</sup> The Star, 2.2.1929.

<sup>79</sup> Ons Vaderland, 6.4.1929.

<sup>80</sup> Ibid., 16.4.1929.

<sup>81</sup> Die Volkstem, 11.4.1928.

<sup>82</sup> Ons Vaderland, 4.5.1929.

land en dit sou bly en dat dit geensins die bedoeling is om van segregasie af te wyk nie.<sup>83</sup>

Aan 'n verteenwoordiger van die Ons Vaderland het hy gesê dat hy oortuig daarvan was dat die Nasionalliste uitstekende resultate sou bereik in die verkiesing, aangesien hulle besonder geesdriftig en beslis was om Suid-Afrika as Witmansland te handhaaf.<sup>84</sup>

Dit ly geen twyfel dat die Suid-Afrikaanse Party se nederlaag by die stembus, tydens die algemene verkiesing op 12 Junie 1929 ten dele toegeskryf kon word aan hul onvermoë om 'n aanvaarbare alternatief vir die Nasionale Party se Nie-Blankebeleid te bied. Die wins van Nasionale Party setels was deur die meerderheid Nasionalliste vertolk as 'n mandaat van die kiesers om Hertzog se Nie-Blankebeleid.<sup>85</sup> Volgens J.H. le Roux en P.W. Coetzer was dit ook die siening van The Round Table, naamlik dat die Nie-Blankevraagstuk wat die belangrikste saak in die verkiesingstryd uitgemaak het, vir die Nasionalliste 'n bevredigende meerderheid in die Parlement sou verseker.<sup>86</sup> The Round Table spreek ook sy kommer uit oor die verdeeldheid binne Blankegeledere oor die Nie-Blankevraagstuk: "...broadcasting among the native peoples the impression that the white man lives in fear of them as a menace to his existence, and that his only remedy is a policy of repression."<sup>87</sup>

Tydens 'n tussenverkiesingsveldtog vir die setel Johannesburg-Noord in 1929, het Kemp op 21 September 1929 weer eens die Swartstemvraagstuk na vore gebring. Volgens hom het Hertzog in terme van sy Swartpolitiek, 'n Naturellewet (sic) voor die Parlement gelê wat ten doel gehad het om die name van Swartkiesers van die lys te verwyder waarop hulle, tesame met die Blankes, geregistreer was. Hy het wyslik gesê dat om die gehele Swartvraagstuk op te los vele jare sou vereis, terwyl dit slegs 'n paar maande sou neem om die Nie-Blankestemregkwessie op te los, was dit nie vir die feit dat die Suid-Afrikaanse Party vir ten minste één-derde van die setels wat hulle in die Volksraad bekleed van dieselfde Nie-Blankestem afhanklik is nie.

<sup>83</sup> Ibid.

<sup>84</sup> Ibid., 22.4.1929.

<sup>85</sup> Die Burger, 15.6.1929.

<sup>86</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.393; The Round Table, No. 78, March 1930, p.417.

<sup>87</sup> The Round Table, No. 78, March 1930, p.417.

In sy afsluitings toespraak by die 16de Jaarlikse kongres van die Nasionale Party in Oktober 1929, het Kemp gesê dat die Nie-Blankevraagstuk van lewensbelang was vir hulle en dat die saak in die toekoms ernstig besin en aangespreek moes word. Volgens hom was die Nasionale Party doelgerig om die saak op te los en dat die Sappe nie, netsoos met alle groot volksake, sy hulp en steun wil gee nie. Op 21 Oktober 1929 te Gezina het hy gesê dat mnr. Schoeman van die Suid-Afrikaanse Party verklaar het dat daar gelykstelling moet wees - ooreenkomstig die beleid van die Suid-Afrikaanse Party. Sy reaksie hierop was: "En wat sal dan die gevolge wees as ons ooit so 'n politiek ondersteun? 'n Swart Suid-Afrika."<sup>88</sup>

Te Bethal op 19 Desember 1929 het Kemp uitdruklik verklaar dat die Nasionale Party nie gereed was om die Swartes aan te neem as vennote in die politieke stelsel nie. Hy het gesê dat hy daarteen is dat die Swartes stemreg kry en dan die reg sal hê om vir dieselfde kandidaat te stem as die Blanke, aangesien dit die eerste stap is om gelykstelling tussen Wit en Swart te skep.<sup>89</sup> Hy was van mening dat dit die Blankeras dulsende Jare geneem het om 'n demokratiese staat te skep, en indien hulle op hierdie stadium die Swartes in hulle stelsel van beskawing opneem, sou die Blankes self afwyk en agteruitgaan.<sup>90</sup> Voorts het hy na verstedeliking verwys en gesê dat die Nasionale Party se beleid was om die Swartes weg te hou van die stede af en dat die vraagstuk van die Swartstem van veel groter belang was vir die platteland, en daarom versigtig hanteer moes word. Tensy die Blanke dit as 'n tuiste vir hul kinders en die Blankeras bewaar, sou hulle as volk uitgeroel word, was sy siening.<sup>91</sup>

Die Volkstem het sterk reaksie getoon op Kemp se Bethal-toespraak. Die blad het in 'n berig gemeld: "Dit dien vermelding dat terwyl genl. Kemp besig was om die Suid-Afrikaanse Party allerhande onwaardige, selfsugtige motiewe toe te dis in verband met die kafferontwerpe (sic), die vooraanstaande Engelse dagblad van die Kaap voorstel om bedoelde ontwerpe nie langs partylyne te benader nie en elke lid toe te laat om te stem volgens sy oortuiging. As dit gebeur sal die meeste Transvaalse Nattes die Transvaalse Sappe in die gelyk stel en saam stem teen die uitbreiding van die kafferstem (sic), of

<sup>88</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.67; Ons Vaderland, 22.10.1929.

<sup>89</sup> Ons Vaderland, 20.12.1929.

<sup>90</sup> Ibid.

<sup>91</sup> Ibid.

wat beskou kon word as die dun ent van die kafferstemregering (sic), na hierdie Provinsie."<sup>92</sup>

Op 1 November 1932 te Alberton het Kemp voor 'n goeie driftige skare gesê dat wat die vrou betref, Smuts "meidestemreg (sic)"<sup>93</sup> voorstaan. As bewys hiervan het hy verwys na genl. J.J. Byron, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Oos-Londen Noord, se optrede toe die Nasionale Party 'n wetsontwerp voorgestel het dat die stemreg tot Blanke vroue beperk word. Onderleiding van Byron wou die Suid-Afrikaanse Party nie die amendement aanvaar nie en het die Nasionale Party die maatreël dood gesmoor.<sup>94</sup>

Kemp was in die tydperk een van die grootste kampvegters vir Hertzog se beleid van segregasie. Hy het bo alles die handhawing en behoud van die Blankes voorgelou en wou sodoende 'n toekoms skep vir die nageslag. Vanuit sy agtergrond en opvoeding kan aangeneem word dat hy hom nie kon vereenselwig met 'n staat van rassevermenging, naamlik op ekonomiese -, sosiale - en kulturele gebied nie. Hy was terdeë bewus van die omstandighede van getalle verhoudings tussen Wit en Swart en juis daarin het hy die groot gevaar gesien vir Blanke voortbestaan in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse Party-Unioniste verbintenis en hulle Swartbeleid was vir hom onaanvaarbaar, aangesien hy in hulle beleid 'n verpolitisering van stemreg gesien het, met ander woorde dat hulle daardeur stemme wou werf. Hy het ook die gevaar gesien wat die Kleurvraagstuk inhou en gevolglik hom beywer het vir 'n oplossing daarvan.

#### 5.4 Die Nasionale Party - Kemp en die Roossage

Op 11 Julie 1924 het die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Nasionale Party en die Transvaalse Nasionale Party Volksraadslid in Pretoria vergader. Sedert 1924 was Roos 'n voorstander daarvan dat die grondwet van die Nasionale Party so gewysig moes word sodat 'n minister op die hoofbestuur van die party mag dien.<sup>95</sup> Kragtens die Nasionale Partykonstitusie kon geen minister lid van die provinsiale Uitvoerende Komitee of die Federale Raad wees nie. Dit het in wese beteken dat Roos, Grobler en Kemp se lidmaatskap van die Uitvoerende Komitee op 30 Junie 1924 beëindig sou word. Gevolglik was sen. A.D. Wolmarans en adv. A.S. van Hees onderskeidelik as voorsitter en onder-

<sup>92</sup> Die Volkstem, 20.12.1929.

<sup>93</sup> Ons Vaderland, 2.11.1932.

<sup>94</sup> Ibid.

<sup>95</sup> J.P. Brits, pp.334-335.

voorsitter van die Uitvoerende Komitee benoem, tot tyd en wyl die provinsiale kongres wat in September plaasvind, finaal oor die saak sou beslís.

Gevolglík is in September 1924, op die Transvaalse Nasionale Partykongres, besluit om die status quo te handhaaf en Roos, Grobler en Kemp was dus nie herklesbaar vir die Uitvoerende Komitee nie. Tog het die kongres sy volle vertroue in Roos en Grobler, as leier en onderleier van die Nasionale Party van Transvaal uitgespreek en sou hulle aanbly solank die kongres in die jaarlikse vergadering sy vertroue in hulle uitspreek.<sup>96</sup> Om Kemp te akkommodeer is daar besluit dat hy "assistent-leier"<sup>97</sup> sal wees en dat Kemp en Grobler voortaan as onderleiers sou optree. Die Ons Vaderland het op 16 Augustus 1927 in 'n berig verklaar dat dit noodsaaklik was dat Roos, Grobler en Kemp vir die doeltreffende funksionering van die party, in die Uitvoerende Komitee moes dien. Die berig het verder daarop gewys dat dit goedgegaan het met die ou Suid-Afrikaanse Party toe Louls Botha nog self daarin gedien het.<sup>98</sup> Soos die komitee op daardie stadium daaruit gesien het, het dit nie aan sy doel beantwoord nie, aangesien die partyleiers die persone was wat leiding moes gee, maar uitgesluit was uit die bestuur van die party.

Op die 13de Uniale kongres van die Nasionale Party in 1926 het die Federale Raad besluit dat die partyleiers ex officio-lede van die Federale Raad sou wees met volle stem en dat die leier van die parlementêre party ex officio-voorsitter sou wees van die Federale Raad.<sup>99</sup> Dit het tot gevolg gehad dat die grondwet van die Transvaalse Nasionale Party op die 14de Kongres in September 1927 so gewysig is dat die drie leiers ex officio-lede sou wees van die Uitvoerende Komitee. Saam met die voorsitter, ondervoorsitter, die voorsitter van die Finansiële Komitee en die voorsitter van die Randse Nasionale Partytakke, sou hulle die dagbestuur vorm. Dit het tot gevolg gehad dat Roos, Grobler en Kemp weer op die dagbestuur van Transvaal gedien het. Toe adv. Van Hees in November 1928 as voorsitter bedank, het Roos in ooreenstemming met die grondwet oorgeneem as voorsitter.<sup>100</sup>

Reeds in 1928 het die Nasionale Party sy verkiesingsveldtog vir die 1929 algemene verkiesing van stapel gestuur. In Junie 1928, tydens 'n Afrikanerdag wat deur die Trans-

<sup>96</sup> J.C.H. Grobler, Politieke Leier of Meeloper? Die lewe van Piet Grobler 1873-1942, p.248.

<sup>97</sup> Ibid.

<sup>98</sup> Ons Vaderland, 16.8.1927.

<sup>99</sup> J.P. Buis, p.335.

<sup>100</sup> Ibid.; Ons Vaderland, 30.9.1927.

vaalse Nasionale Party se Vrouetak gereël is, het Kemp in sy toespraak verwys na die werk wat die Regering die vorige vier jaar gedoen het. Volgens hom kon die Regering nie binne 'n tydsbestek van vier jaar alles reggemaak het wat verkeerd was nie, "Dit sou bomenslik wees,"<sup>101</sup> het hy gesê. Hy het die Nasionale gemaan teen gerustheid en 'n versoek gerig dat almal hard moes begin werk, om sodoende sukses te behaal in die komende verkiesing.

Op 30 Junie 1928 het hy die Nasionale Partytakke van die Rand toegesprek en geantwoord op Smuts se bewering dat die Paktregering moeg was. Hy het gesê: "Ik sê llewers 'n moeë Regering met groot surplusse in plaas van te korte; 'n Regering wat die vlagkwessie opgelos het; wat die vryheid van Suid-Afrika verkry het (wat verduidelik word onder 5.5); wat die Industrie van ons land op 'n gesonde voet geplaas het, as 'n Regering wat uitmekaar gebars het; wat 'n slegte ruik oor die hele land versprei het; en wat alleen kon handhaaf met die wapen."<sup>102</sup>

Volgens hom kon die verkiesing slegs gewen word as elke rat van die partymasjien behoorlik loop en deur die regte drywers vir die masjien te verkry. Indien hulle nie die regte drywers het nie, kon daar nie behoorlik georganiseer word nie. Voorts het hy verwys na die vier jaar van Smutsregering en gesê dat Fordsburg veral baie daaronder gelei het.<sup>103</sup> Hy het na Hertzog as die Josua van die Afrikaners verwys, aangesien hy vrede en rus vir die Afrikaners bewerkstellig het.<sup>104</sup>

21 Augustus 1928 te Leeudoringstad het Kemp beweer dat die Regering baie gedoen het sedert 1924 om ellende in die Wes-Transvaal hok te slaan, verwysende na die swak finansiële ondersteuning wat die gebied vanaf die vorige Regering gekry het met betrekking tot afskryf van skulde van boere, bou van paale, brûe, spoorlyne en damme. Hy het ook verwys na die ideologiese voordele wat Hertzog vir die land bewerkstellig het toe hy soewereine onafhanklikheid verkry het. Volgens hom was Suid-Afrika vry soos enige ander land en het daar net 'n band van vriendskap bestaan met Engeland. Hy het

<sup>101</sup> Ons Vaderland, 19.6.1928.

<sup>102</sup> Ibid., 3.7.1928.

<sup>103</sup> Ibid., 10.8.1928, verwysende na die 1922-Staking en Smuts se gewelddadige optrede om die staking te onderdruk.

<sup>104</sup> Ibid.

ook die verkryging van 'n eie vlag voorgehou as een van die suksesse van die Paktregering.<sup>105</sup>

Die onenigheid en tweedrag wat Roos in die Kabinet veroorsaak het, het na vore gekom in 'n outobiografie van dr. D.F. Malan. Hy het geskrywe dat Roos dikwels tot ontsteltenis van sy kollegas in die openbaar die teenoorgestelde verkondig het, as wat net te vore die oorwoë mening van die Kabinet was. Hy meld voorts dat met betrekking tot politieke beleidsake Roos baie openhartig was en dat dit vir hom gelyk het dat hy geen vriend van Plet Grobler en Jan Kemp was nie.<sup>106</sup> Dit was heel duidelik dat Roos vir Malan om elke draai probeer dwarsboom het en dat dit tot verdere spanning in die Kabinet aanleiding gegee het.

Geen wonder dan dat Hertzog, wat Malan se standpunte met groot agting bejeën het, skaars sy verligting kon verberg toe Roos voor die 1929-verkiesing, vanweë swak gesondheid, sy tydelike onttrekking aan die politiek aangekondig het. Vier jaar later sou hy Roos se terugkeer tot die politiek openlik teenstaan en ontmoedig,<sup>107</sup> seer sekerlik omdat hy bewus was van Roos se geneigdheid tot onkonsekwente optrede.

Op 12 November 1928 het Grobler en Kemp die Premier gespreek en hom meegedeel dat, tydens 'n vergadering van die Transvaalse Nasionale Party se Hoofkomitee, Roos gedreig het om te bedank uit die Regering op grond van wat Malan op Carolina gesê het, naamlik dat die "Council volgelinge" van die Arbeidersparty kommunisties en Bolsjewisties was. Gevolglik het Hertzog vir Roos ingeroep en die saak met hom bespreek, naamlik dat die Hoofkomitee van die Transvaalse Nasionale Party besluit het dat daar nie weer met die Pakt aangegaan sou word nie, na die 1929-verkiesing. Hertzog het aangedring op 'n herroeping van die besluit, so nie sou hy hom verplig voel om verdere stappe te neem - na raadpleging met hul "Nasionale vriende in die Kabinet,"<sup>108</sup> "n Saak waartoe Roos ingestem het om te doen. Kemp en Grobler het Hertzog later ingelig dat Roos na affoop van sy samesprekings met hom, hulle vir 'n koppie tee genoot het. Hy

<sup>105</sup> Die Weste, 24.8.1929.

<sup>106</sup> Piet Meiring, Genl. Hertzog, 50 Jaar Daarna, p.91, outobiografie van D.F. Malan, Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op pad daarheen.

<sup>107</sup> Ibid.

<sup>108</sup> Ibid.; C.M. van der Heever, General J.B.M. Hertzog, p.571; J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.9, die "Councilliete" was die ondersteuners van John Christie en die Hoofbestuursgroep van die Arbeiders. Die ondersteuners van kol. F.P.P. Creswell, leier van die Arbeidersparty was genom die Creswellliete, albei groepe binne die Arbeidersparty.

het hulle toe die eis van die Premier meegedeel en gevolglik op aandrang van Kemp en Grobler het Roos ingestem om op Vrydag 16 November 1929 die Hoofkomitee byeen te roep vir die doel. Gevolglik het die Transvaalse Nasionale Party se Hoofkomitee die besluit by die vergadering herroep.<sup>109</sup>

Op 18 Desember 1928 het Roos, Grobler en Kemp 'n Kers- en Nuwejaarsboodskap aan lede van die Transvaalse Nasionale Party uitgerelk. Hierin is 'n woord van bemoediging en opbeuring uitgespreek met die aanloop tot die eerskomende algemene verkiesing. Daar is gewys op die materiele voorspoed wat die Regering bewerkstellig het. Ook is daarin verwys dat daar op alle gebiede voorwaarts gebeur is; orals was vooruitgang en toenemende welvaart merkbaar, terwyl die Ideologiese in die kort voorafgaande tyd al meer en meer tot sy reggekom het. Hulle sluit af: "Alle weldenkende Afrikaners wat die mag van ons Nasionale ideale begryp, sal vir die behoud van Suid-Afrika onder dieselfde banier hul skaar, en so meen ons, verreweg die grootste deel van die volk van Suid-Afrika uitmaak."<sup>110</sup>

In Junie 1929 het Roos uit die politiek getree en as leier is Grobler verkies. Kemp en Oswald Pirow is tot onder-leiers verkies. Dit was ook bekend dat Grobler en Kemp nie altyd met Roos se leiding akkoord gegaan het nie.<sup>111</sup> Die rede hiervoor was Roos se onvoorspelbaarheid en ongevraagde inmenging in sake van sy kabinetskollegas wat hom ongewild gemaak het. Die felt dat hy dikwels op die ingewing van die oomblik sy eie kop gevolg het, sonder inagneming van sy mede-partygenote, het kommer gewek. Begin 1929 het Roos uit Duitsland aan vrlende laat weet dat hy goed herstel het. Die Opposisie en ook die Suid-Afrikaansepers het dadelik gespekuleer oor Roos se moontlike her-toetrede tot die politiek.

Die Cape Times het in Augustus 1929 met groot stelligheid verklaar dat plek vir Roos in die Kabinet gemaak sou moes word en dat Grobler ook sou moes terugstaan as Transvaalseleier van die Nasionale Party.<sup>112</sup> Die blad het voortgegaan en bespiegel dat Pirow moontlik sy portefeulje aan Roos sou moes afstaan, maar dat dit nie algemeen byval by die gewone lede van die Nasionale Party sou vind nie, aangesien Pirow een van die bekwame ministers was en dat hy goeie werk gelewer het. Die berig meld voorts dat baie

<sup>109</sup> Ibid., p.572.

<sup>110</sup> Ons Vaderland, 18.12.1928.

<sup>111</sup> J.C.H. Grobler, pp.269-270.

<sup>112</sup> Cape Times, 27.8.1929.

Transvalers lewers sou wou sien dat Kemp vlr Roos plek maak.<sup>113</sup> Die koerant is van mening dat die probleem na Kemp verskulf het en gesê: "To image that the settlement of the vexed question of the leadership ensures perfect peace in the Party, is not, however correct. There are clouds brewing, but the stern centre has been shifted to another man, General Kemp. He is a fighter, and may be expected to deal sternly with the rebels in his Party. Charges of outocracy are now being made against him, but his very large personal following may enable him to weather the enevitable storm."<sup>114</sup>

Die Volksblad berig in Augustus 1929 dat hy ult 'n gesaghebbende bron verneem het dat Pirow, sonder dat hy daartoe versoek was, bereid was om ult die Kabinet te tree ten einde vlr Roos plek te maak.<sup>115</sup> Grobler het verdere bespiegellinge die nek Ingeslaan toe hy die kongres van die Transvaalse Nasionale Party tot 2 Oktober 1929 uitgestel het, ten einde Roos die geleentheid te gee om ook teenwoordig te wees. In Augustus 1929 was Roos nog ernstig siek in Duitsland en het 'n rukkie van te vore as Minister en Volksraadslid bedank. Die verwagtinge in die Transvaal was egter dat Roos nie die leierskap van die Nasionale Party in Transvaal sou oorneem nie en ook nie tot die Kabinet sou terugkeer nie. Kemp was ook vierkantig gekant teen die terugkeer van Roos tot die politiek.<sup>116</sup> 'n Verdere bespiegelling was dat Roos na die regbank sou terugkeer. Roos kon nie betyds by die uitgestelde kongres van die Transvaalse Nasionale Party opdaag nie en op 2 Oktober 1929 is Grobler tot hoofleier verkles, nadat Pirow ten gunste van hom te ruggestaan het, waarop hy en Kemp tot onderleiers verkles is.<sup>117</sup>

By die sitting van hierdie 16de jaarlikse kongres van die Nasionale Party het Kemp die kongres toegespreek en gesê dat dit besonder aangenaam was om die geesdrif waar te neem wat daar geheers het. Volgens hom kon dit ook nie anders nie, want die Nasionale Party was 'n party wat ideale gehad het, wat in gees en getalle sterk was en wat 'n Volksparty was. Nostalgies het hy gesê Indien daar na die geesdrif gekyk word, dan dink hy onwillekeurig terug aan die verlede - die bittere stryd wat hulle in die verlede moes deurmaak - hulle was gehoon, maar het standvastig voortgebeur met die beslistheid wat aan 'n doelbewuste volk eie is en met die vaste oortuiging dat nasionalisme moet seëvier. Volgens hom het die Nasionale Party geskiedenis gemaak, want die Afrikanervolk

<sup>113</sup> Ibid.

<sup>114</sup> Ibid.

<sup>115</sup> Die Volksblad, 1.8.1929 en 28.8.1929; J.P. Brits, p.361.

<sup>116</sup> J.C.H. Grobler, p.275.

<sup>117</sup> J.P. Brits, pp.361-362; Die Burger, 3.10.1929.

was herbore, hulle is van ondergang gered en het nou hul eie lotsbestemming in hul hande. Suid-Afrika is vry en onafhanklik, het hy gesê.<sup>118</sup> Hy het beweer dat die Suid-Afrikaanse Party se doodsteek gekom het toe hy met die Unioniste saamgesmelt het. Hy het gesê dat die volksiel van die oud-Sappe het doodgegaan; hul taal, kultuur en volks-tradisies het dood gekwyn.

Hy het weer verwys na praatjies van 'n Armmanparty. Hy het gesê: "God bewaar Suid-Afrika vir daardie mense wat onder die dekmantel van republikeinse gesinde mense 'n Armmanparty wil vorm. Die mense word bedriëg, dis die Land van Sosialisme daardie. Die Nasionale Party is die Armmanparty; geen ander party kon die belange van die arm man behartig soos ons dit kan doen nie."<sup>119</sup> Hy het ook verwys na diegene wat van 'n middelparty gepraat het en gesê dat dit mense was wat te vrot was om hul partye te regeer en ontvlugting gesoek het. Volgens hom kon dit alleen 'n party wees van ontevredenes, papbroekiges wat nie genoeg pit gehad hom om vir hul oortulgings en volksbelange op te kom nie.<sup>120</sup>

Gedurende April en Mei 1930 was daar 'n beweging tussen sekere Transvaalse Nasionale Party Volksraadslede om Roos na die politiek terug te bring. Dit was teen hierdie tyd bekend dat dr. W.P. Steenkamp agter die skerms gepoog het om Roos by die politiek te betrek. Pirow het by Roos aangedring om nie terug te keer nie, behalwe in die hoedanigheid as 'n nasionals.<sup>121</sup> Gevolglik het Hertzog vir Grobler en Kemp op 2 Mei 1930 ingeroep om helderheid oor die saak te verkry. Grobler het Hertzog verseker dat hy by verskeie geleenthede aangebied het om vir Roos as provinsiale leier terug te staan. Sonder om enige stories van die saak te maak het Hertzog aan hulle gesê dat hy nie ten gunste van Roos se terugkeer tot die party was nie, en dat hy hom nie weer in die Kabinet sou opneem nie.<sup>122</sup>

Kemp wat uit die staanspoor teen Roos se terugkeer gekant was, het egter daartoe bygedra om Pirow ook in 'n verdagte lig by Hertzog te plaas.<sup>123</sup> Die gevolg was dat die Na-

<sup>118</sup> Ons Vaderland, 5.10.1929.

<sup>119</sup> Ibid.

<sup>120</sup> Ibid.

<sup>121</sup> J.P. Brits, p.371.

<sup>122</sup> Ibid.

<sup>123</sup> C.M. van der Heever, p.574, meld "Op 15 Mei 1930 teken genl. Hertzog aan: 'Kemp vertel my dat Pirow Woensdag l.l. in gesprek met hom gehad het en wel in 'n gees, asof hy die terugkoms van Roos begeer, sodat hyself uit die politiek kon gaan.'"

sionale Party as sodanig hom van Roos gedistansleer het. Reeds op 5 Januarie 1931 het die Kaapprovinsie se Nasionale Party Volksraadslede, - Senatore en - Provinsiale Raadslede op 'n vergadering hulle volle steun aan Hertzog en die Regering verseker. Siens mnr. Louw Steytler, Nasionale Party Volksraadslid vir Albert het daarteen gestem, aangesien hy van mening was dat Hertzog vir Roos moes terugverwelkom en 'n koalisie bewerkstellig. Ook die Transvaalse Nasionale Party het op dieselfde dag 'n soortgelyke besluit geneem, terwyl die Vrystaatse Nasionale Party enkele dae later sy ontevredenheid uitgespreek het oor die "verraderlike beweging" wat deur Roos op tou gesit was.<sup>124</sup>

Die Nasionale Partyleiers het ook geen illusies oor Roos gehad nie en Malan was van mening dat Roos nie genoeg steun sou verkry om die Regering om ver te werp nie. Aangesien die algemene verkiesing nog moontlik dieselfde Jaar sou plaasvind, het hy 'n verkiesingsooreenkoms tussen Roos en Smuts verwag. Hertzog het gevolglik sy partygenote verwittig dat dit nie die minste twyfel ly dat Roos 'n vyand van die Regering en die Nasionale Party is nie. Hy moes dus as sulks betrag word, aangesien hy daarop uit was om die party soveel moontlik skade aan te rig. Ook Kemp het aan 'n ene B. Greyling geskryf dat dit hom voorkom asof Roos en sy ondersteuners niks anders as politieke handlangers van die Suid-Afrikaanse Party is nie.<sup>125</sup>

Tydens die Nasionale Partykous se vergadering in Kaapstad op 21 Januarie 1931, is 'n mosie van volle vertroue in Hertzog en die Nasionale Party uitgespreek. Daar is ook besluit dat alle toegang tot kousvergaderings in die toekomst ontsê sou word aan 'n lid van die Parlement wat weler om hom met hierdie besluit te vereenselwig.<sup>126</sup> In Oktober 1932 het die Nasionale Party in Transvaal besluit om met intensiewe herorganisering te begin. Die Kommissie van Toesig wat uit die drie Transvaalse ministers bestaan het, naamlik Grobler, Kemp en Pirow, het vroeër besluit om die organiseerders aan te stel, met die oog op die nuwe afbakening van setels. Hulle sou onderskeidelik vir Oos-Transvaal, Wes-Transvaal en Noord-Transvaal aangestel word. Hulle sou elkeen die distrikte besoek en hulle hoofdoel was reorganisasie.<sup>127</sup>

Op 24 Desember 1932 het daar in Ons Vaderland Kers - en Nuwejaarsgroete aan Nasionale vanaf ministers Kemp en Grobler verskyn. Kemp het daarin gesê dat hy vertrou

<sup>124</sup> J.P. Brits, p.407.

<sup>125</sup> Ibid.: J.C.G. Kemp-versameling. Band 3, ongepagineerd, brief van Kemp aan B. Greyling. 18.1.1933.

<sup>126</sup> Ibid.

<sup>127</sup> Ons Vaderland, 19.10.1932.

dat nleteenstaande die ekonomiese moelikhede en ander verwickelinge die Nasionale Party standvastig sal bly, sodat hy weer by die eerste geleentheid sou kon bewys dat hulle 'n party van durf en daad was, wat nie deur Jingsos regeer wil word nie.<sup>128</sup>

Teen die einde Februarie 1933 het mnr. I.W. Ferreira, van die Piet Retief kiesafdeling, 'n brief aan Kemp gerig waarin hy hom meegedeel het dat daar 'n sterk beweging in die kiesafdeling was om die beste kandidaat vir die komende verkiesing te verkry. Volgens hom het die Idee van die Suid-Afrikaanse Party se kant gekom en was hy versoek om vir Kemp te vra om die versoek in oorweging te neem en hulle verteenwoordiger in die "parlementêre eleksie" te wees.<sup>129</sup> Voorts het hy gemeld dat die Nasionale Partykiesers dit een was dat hy as kandidaat moet staan. Op 15 Maart 1933 het Kemp se private sekretaris, A. Myburgh, teruggeskrywe en laat weet dat die Minister dankbaar was vir die vertroue in hom gestel, maar dat dit hom spyt dat hy nie die kandidatuur kan aanvaar nie, aangesien hy hom weer eens in Wolmaransstad beskikbaar gestel het.<sup>130</sup>

Vroeg in Maart 1933 was daar weer gerugte dat Roos ondersteuning mag verkry van die Madeley-Arbeiders, maar daar het niks van gekom nie. Vroeg in April 1933 het hy aangekondig dat hy Grobler in die Rustenburgkiesafdeling gaan opponeer. Hierdie was maar weer eens 'n bewys van sy onvoorspelbaarheid. Hy het as regverdiging vir sy besluit aangevoer dat Hertzog, Pirow en Kemp vyandiggesind teenoor hom was tydens die koalisie en gesê: "By doing so, they intended to ensure solidarity of the National Party (inside and outside Parliament) after co-operation with the Suid-Afrikaanse Party had ended."<sup>131</sup> Gevolglik was Hofmeyr, Deneys Reitz en Kemp van diegene wat besluit het om Roos aan te val. Kemp was van mening dat sy besluit om Grobler teen te staan in die verkiesing onsportief was. Hy het neerhalend gesê dat Roos skuiling gaan soek het by die "vyand" gedurende die Anglo-Boereoorlog, aangesien hy nooit sy voete vir sy volk natgemaak het nie. Kemp het ook verwys na Roos se besoek aan hom in 1914 in die tronk, na die Rebelle, waarna Kemp die Lichtenburgers versoek het om Roos as lid vir die kiesafdeling verkies te kry. Hierdie spervuur van Kemp en ander was egter onbenutlik en van geen waarde, aangesien 19 Roosslete genomineer was.<sup>132</sup>

<sup>128</sup> *Ibid.*, 24.12.1932.

<sup>129</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief van I.W. Ferreira aan Kemp, 27.2.1933.

<sup>130</sup> *Ibid.*, brief van A. Myburgh aan I.W. Ferreira, 15.3.1933.

<sup>131</sup> J.P. Brits, *Tielman Roos*, p.316, Walter Madeley en sy volgelinge binne die Arbeidersparty was openlik gekant teen die Creswellgroep, wat sterk sosialistiese neigings openbaar.

<sup>132</sup> J.H. Le Roux en P.W. Coetzee, Deel 3, p.337; J.P. Brits, *Tielman Roos - Political prophet or opportunist*.

Roos se hertoetreding tot die politiek het andermaal die noodsaaklikheid beklemtoon om oor die Nasionale Party se eenheid te waak.<sup>133</sup> 'n Besondere kenmerk van die nominasiestryd was dat Nasionale Party Volksraadslid wat simpatiek gesind was teenoor Roos, probleme ondervind het om die nominasie te wen. Dit kan toegeskryf word aan Kemp en ander Nasionale Partyelers se veldtog teen Roos. Indien Roos ook by die verklaring van 1 Maart 1933 gehou het dat hy nie weer aan die politiek sou deelneem nie, sou hy homself die teleurstelling gespaar het. In die algemene verkiesing op 17 Mei 1933 het die Roossid, soos sy volgelinge bekend gestaan het, slegs 2 setels verower, naamlik Hjalmar Reitz in die Jeppe kiesafdeling en G.S. Bouwer in die Boksburg kiesafdeling. In Rustenburg het Roos met 544 stemme die knie gebuig voor Piet Grobler.<sup>134</sup>

Die verkiesingsuitslag het aangetoon dat Roos nie net by die partyelers, nie, maar ook by die kiesers in onguns verval het. Sy aanhang het afgeneem en sy deelname aan die verkiesing het hom beslis meer kwaad gedoen as goed. Die kiesers het op 17 Mei 1933 bewys dat hulle die erkende partyelers en partye vertrou het. Vir politieke opportuniste wat hoofsaaklik hul steun uit ontevredenheid wou put, was daar nie plek nie. Die politieke toneel in Suid-Afrika is na 1933 so oorheers deur die stryd in die geleedere van die Nasionale Party oor samesmelting dat Roos op die agtergrond verdwyn het. Sporadies het hy gepoog om politiek na vore te kom, maar in die groot stroom van politieke aktiwiteit was hy geen faktor meer nie.

Kemp het hom in die Paktregering bewys as 'n lojale ondersteuner van sy leiers en party. Hy was geensins van voorneme om die saak van die Nasionale Party te versaak nie en in die proses het hy soms harde woorde laat val en politieke vyande gemaak. Hy was bekend as 'n vurige vegter wat geeneen van sy opponente gespaar het nie en Roos het terdeë daarmee te doen gekry.

##### 5.5 Die Republikeinse strewe en staatkundige ontwikkeling - 'n Onblusbare strewe by Kemp

---

nist?, p.208; J.P. Brits, Tielman Roos, pp.427-428; Die Vaderland, 8.4.1933, ope brief van Kemp Die Volkstem, 2.5.1933.

<sup>133</sup> Die Burger, 4.4.1933.

<sup>134</sup> J.P. Brits, p.428.

Naas sy godsdienssin was die Afrikaner se vryheidsin deel van hul lewens - en wêreldbeskouing. Dit het met die jare gegroei en so het 'n ele Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde ontkiem, waarin die drang na 'n staat, vry van vreemde oorheersing, nagestreef is.<sup>135</sup> In die 1924-verkiesingsveldtog het Hertzog verkondig dat die Nasionale Party in die ware sin van die woord 'n nasionale party was, met die leuse "Suid-Afrika Eerste."<sup>136</sup>

Uit agting vir sy Pakt-vennote se lojaliteit en die Britse tradisies het die Premier en die Nasionale Party ingestem om nie te praat oor die verwesening en die uiteindelijke afstigting van Suid-Afrika vanaf die Britse Gemenebes nie. Hy het egter daarop aangedring dat die Arbeiders hom sou ondersteun om die "ou slawebande te verbreek."<sup>137</sup> Volgens Hertzog moes Suid-Afrika se belange voorkeur geniet bo dié van enige ander land, al was dit ook Groot Brittanje. Hy was 'n sterk voorstander van ekonomiese onafhanklikheid en ook Creswell van die Arbeidersparty het daarby aanklank gevind.

Die grootste struikelblok in die weg tot vereniging van die Suid-Afrikaanse nasie was bo alle twyfel die Britse verbintenis en Hertzog het terdeë beseft dat alvorens die strydvraag nie tot bevrediging van albei taalgroepe opgelos is nie, die ideaal nie verwesening sou word nie. Hertzog was dus vasbeslote dat alle skyn van onderhorigheid aan die Britse kroon ophef en uit die weggeruim moes word. In verwesening van die doelstelling het hy veral die antagonisme van die Britse gesindes ontlok en binne die Suid-Afrikaanse Party was daar sterk wantroue in die Hertzogregering, veral oor die konstitusionele vraagstuk, uitgespreek. Die Oposisie was van mening dat die Afrikanernasionals, gegruete deur die Regering wat oorwegend Afrikaanssprekend was, doelbewus die sentimente van die Engelssprekendes ondermyn het.<sup>138</sup> Op 28 April 1925 het Hertzog in die Volksraad gesê dat onder die bestaande omstandighede, die daad van sesessie en republiekwording ongewens en noodlottig sou wees, omdat dit die een of ander taalgroep sou laat voel dat die verandering deur 'n eensydige dwangmaatreël teweeggebring is.<sup>139</sup>

**Die Burger** het op 29 April 1925 in sy hoofartikel Hertzog geloof vir sy verklaring. Sy standpunt was ook deur Kemp en Malan ondersteun, wat in ooreenstemming daarmee verklaar het dat die verwesening van die republikeinse ideaal slegs deur die same-

<sup>135</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.112.

<sup>136</sup> Piet Meiring, p.92.

<sup>137</sup> Ibid.

<sup>138</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.121.

<sup>139</sup> Debatte van die Volksraad, 28.4.1925, kolomne 2928-2930.

werking van die twee taalgroepe verkry sou word en dat dit geensins afgedwing sou word nie.<sup>140</sup> Alle Afrikaner nasionaliste was egter nie so eensgesind met die standpunt nie. So byvoorbeeld het Die Burger 'n brief geplaas van 'n Nasionale Partyorganiseerder in die Transvaal, waarin hy aangevoer het dat Artikel 4 van die Nasionale Party se Program van Beginsels nie verander sou word nie en dat dit die party aan die ideaal van republiekwording verbind het.<sup>141</sup>

The Natal Witness was van mening dat Hertzog se slenswyse nie in ooreenstemming met Roos, leier van die Nasionale Party in die Transvaal, se siening was nie.<sup>142</sup> Die gevolg sou wees dat Hertzog in die toekoms al hoe meer deur die sterk republikeinse vleuel in sy party gekonfronteer sou word en dit sou Hertzog se taak om die steun van die Engelssprekendes vir sy oogmerke met betrekking tot Suid-Afrika en die Britse Ryk, aansienlik bemoëilik. Dit was ook so dat die Opposisie Hertzog se slenswyse in twyfel getrek het en hom gevolglik nie vertrou het nie. Hertzog wou egter verhoed dat die kwessie van sesessie oorbeklemtoon word en buite verband geruk word, aangesien dit samewerking met die Arbeidersparty kon benadeel.

Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres in September 1925 het Kemp in 'n toespraak gesê dat hulle moet staan by die ideaal van die Afrikanervolk, naamlik Artikel 4 van die Nasionale Partykonstitusie, dit wil sê onafhanklikheid.<sup>143</sup> Ook tydens die Vrystaatse Nasionale Partykongres gedurende Oktober 1925 in Bloemfontein, het Roos dit duidelik gestel dat die Transvaalse Nasionaliste nie tevrede sou wees alvorens die ideaal van 'n republiek verweselik word nie en dat die onafhanklikheidsideaal alleen 'n saambindende faktor binne die Nasionale Party was.<sup>144</sup>

'n Standpunt wat Kemp verskeie kere herhaal het, het hy weer eens op 'n openbare vergadering in die Waterberg, gedurende Desember 1925 opgehaal en gesê dat die Nasionale Party nie die Suid-Afrikaanse Party se politiek present wil hê nie.<sup>145</sup> Op 11 Desember 1925 op Middelburg, in die Kaapprovinsie, het hy gesê dat Artikel 4 van die Nasionale Party se konstitusie, die ideaal van die Nasionale Party was en dat dit nooit opgegee

<sup>140</sup> Die Burger, 29.4.1925.

<sup>141</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.125.

<sup>142</sup> The Natal Witness, 30.4.1925.

<sup>143</sup> Ons Vaderland, 29.9.1925.

<sup>144</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.128.

<sup>145</sup> Ons Vaderland, 11.12.1925.

sou word nie. Sou hierdie artikel laat vaar word het, het gesê, sou hy nie meer lid van die Nasionale Party wees nie.<sup>146</sup> Dit wil voorkom asof daar op die tydstip konfliktierende idees binne Nasionale Partygeledere was. Hertzog se eerste oogmerk in die verwesenliking van soewereine onafhanklikheid vir die Unie, was die Rykskonferensie van 1926, waar hy die strewe van die Nasionale Party sou verteenwoordig. Hy was van mening dat die kwessie van status en die verhouding tussen die dominiums en Brittanje op die konferensie tersprake gebring sou word.<sup>147</sup> In die Volksraad het hy verklaar dat hy die standpunt huldig dat Suid-Afrika volledige, onafhanklike, internasionale status besit en dat die Unie gelyk in status met Brittanje was.<sup>148</sup>

As gevolg van Hertzog se optrede het die Rykskonferensie op 25 Oktober 1926 besluit om die vraagstuk rakende Imperiale verhoudinge na 'n komitee, bestaande uit Eerste Ministers van die dominiums en die Sekretaris van Dominialesake, onder voorsitterskap van lord Balfour, te verwys. Op 19 November 1926 het die komitee 'n verslag uitgevaardig wat die posisie en status van Brittanje en die dominiums omskryf het, naamlik vrye gemeenskappe binne die Britse Ryk, gelyk in status en geensins ondergeskik die een aan die ander in binnelandse - en buitelandse aangeleenthede nie, en vrylik geassosieer as lede van die Britse Gemenebes van Nasies. Dit het bekend geword as die sogenaamde Balfourverklaring.<sup>149</sup>

Hertzog het sy volkome tevredenheid uitgespreek met die verslag en gesê dat hy hoop die onderlinge verhoudinge tussen die Afrikaans - en Engelsprekendes sou op 'n gesonder grondslag geplaas word. Die Nasionale Party was besonder verheug oor die resultaat van die Rykskonferensie en Kemp was daarvan oortuig dat die Nasionale Party gekry het wat hulle wou gehad het, naamlik soewereine onafhanklikheid binne die Britse Ryk.<sup>150</sup> Smuts het op 23 November 1926 in 'n onderhoud met die Rand Daily Mail gesê dat die diplomatieke eenheid van die Britse Ryk onaangetas was, terwyl die Britse regering sou voortgaan om die leiding in buitelandse aangeleenthede te neem. Hy het daarop aangedring dat Artikel 4 van die Nasionale Party se Program van Beginsels geskrap word, aangesien dié artikel by implikasie die totstand bringing van 'n republiek inhou, en dat in daardie dae so 'n strewe outomaties afskeiding van die Ryk sou mee-

<sup>146</sup> Cape Times, 12.12.1925.

<sup>147</sup> J.H. de Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.135.

<sup>148</sup> Debate van die Volksraad, 22.4.1926, kolom 3014.

<sup>149</sup> J.H. de Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, pp.145-147.

<sup>150</sup> Die Burger, 23.11.1926, onderhoud met Kemp.

bring.<sup>151</sup> Hieruit was dit duidelik dat Smuts en die republikeine, veral Kemp, dodelike vyande was en dat hy, Smuts, met die els gepoog het om die republikeinse strewe 'n nekslag toe te dien.

Die verwagte reaksie van die Nasionale Party op die Opposlekskritiek, oor Artikel 4, het nie uitgeby nie. Roos was van mening dat die artikel so gewysig kon word dat die Nasionale Party hom voortaan sou beywer om die verkreeë onafhanklikheid te behou.<sup>152</sup> Op 3 Desember 1926 te Rustenburg het Kemp plegtig verklaar dat die Nasionalliste dankbaar en trots moet wees dat Artikel 4 deur Hertzog in Londen bekragtig was. Volgens hom was dit slegs Patrick Duncan en Smuts wat verklaar het dat die sake reeds bestaan het, terwyl die Britse ministers teenstrydig verklaar het dat dit 'n totaal nuwe fase was.<sup>153</sup>

In April 1927 het Kemp, tydens 'n vergadering met sy kiesers in sy kiesafdeling, gesê dat een van die groot dinge wat gebeur het, was die volkome vryheid wat Suid-Afrika verkry het en dat die dominiums voortaan volkome onafhanklike lande was. Volgens hom het Suid-Afrika newens God, sy vryheid te danke aan Hertzog. Hy het gesê dat Suid-Afrika nie meer onderdanig aan die Britse regering was nie. Hy het afgesluit: "Ons het nog 'n gemeenskaplike koning. Die seksie wat in die verlede met minagting op die Afrikaanse seksie neergesien het, kan dit vandag nie meer doen nie."<sup>154</sup>

Beide Hertzog en Malan was op die stadium van mening dat Artikel 4 gewysig moes word, omdat die Balfourverklaring die Unie se soewereine onafhanklikheid bo alle twyfel omskryf het. Op 28 Januarie 1928 te Wolmaransstad het Kemp gesê dat hy toegee dat die woordbepaling van Artikel 4 verander kon word, aangesien dit in die konstitusie neergeleë was dat die Nasionale Party hom sal beywer vir onafhanklikheid langs konstitusionele weg. Volgens hom het Suid-Afrika onafhanklikheid gekry, buitelands so volkome as binnelands.<sup>155</sup> Op 15 Mei 1928 het die Nasionale Party se Federale Raad besluit om die gewysigde Artikel 4 aan die Provinsiale kongresse voor te lê. Dr. N.J. van der Merwe van die Vrystaat het namens die republikeine in die Nasionale Party op die wysiging gereageer en in 'n memorandum verklaar dat hy daarvan oortuig was dat die gewy-

<sup>151</sup> Rand Daily Mail, 23.11.1926.

<sup>152</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.152.

<sup>153</sup> Ons Vaderland, 7.12.1926.

<sup>154</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 10, ongepagineerd, koerantuitknipsel uit Die Burger, 12.4.1927.

<sup>155</sup> Ons Vaderland, 29.1.1928.

sigde Artikel 4 bale moontlik die Nasionale Party van 'n republikeinse - in 'n Imperialistiese party kon verander.<sup>156</sup>

Die Transvaalse Nasionale Partykongres was die eerste kongres wat die gewysigde Artikel 4 moes oorweeg. Die nuwe voorgestelde artikel het soos volg gelu: "Die Nasionale Party aanvaar die verklaring deur die Rykskonferensie van 1926 afgelê, en stel hom ten doel die handhawing van ons soewerelne onafhanklikheid daardeur erken en die uitoefening van staatsfunksies op eie gesag. In ooreenstemming hiermee verklaar die party hom beslis teen elke rigting, optrede of politiek wat die strekking het om ons bestaande regte en vryhede op enigerlei wyse in te kort of daarop inbreuk te maak en onderneem om sodanige rigting, optrede of politiek met alle geoorloofde middele te bestry."<sup>157</sup>

Binne Nasionale Partygeledere was daar verdeelde opinies rakende die onafhanklikheidskwessie. Ds. B. Hatting, Nasionale Party Volksraadslid vir Krugersdorp en voorsitter van die kongres, het sonder aarseling verklaar dat Suid-Afrika nog nie die absolute onafhanklike status ontvang het nie. Volgens hom was daar nog 'n ketting wat Suid-Afrika aan die Britse Ryk gekoppel het.<sup>158</sup>

Algehele tevredenheid oor die wysiging was daar beslis nie in die geledere van die Nasionale Party nie. Behalwe vir N.J. van der Merwe se siening, was hy ook ondersteun deur ds. L.P. Vorster, voormalige Nasionale Party Volksraadslid vir Allwal. In 'n brief aan die Die Volksblad het hy te kenne gegee dat die wysiging van Artikel 4, soos deur die Transvaalse Nasionale Party goedgekeur, die ideaal van 'n republikeinse regeringvorm prysgegee het.<sup>159</sup> In teenstelling met die Transvaalse Nasionale Partykongres het sake rakende Artikel 4 se wysiging in die Kaaplandse Nasionale Partykongres veel rustiger verloop en die wysiging met 'n oorgrote meerderheid goedgekeur.<sup>160</sup> Hertzog se probleme was daarmee nog nie ten volle uit die weggeruim nie, aangesien die Vrystaatse Nasionale Partykongres groot teenkanting tot gevolg sou hê. Hertzog was van mening dat hul optrede die ondergang van die Nasionale Party kon beteken. Hy het by verskeie ge-

<sup>156</sup> G.D. Scholtz, Dr. N.J. van der Merwe, p.93 en p.97.

<sup>157</sup> J.H. de Roux en P.W. Coetzee, Deel 2, p.172.

<sup>158</sup> Ibid.

<sup>159</sup> Ibid.

<sup>160</sup> Die Volksblad, 1.9.1928.

leenthede verklaar dat 'n suiwer republikeinse party die ondergang van die Afrikaanssprekende sou beteken.<sup>161</sup>

Die amptelike Oposisie het dadellik die geleentheid gesien om van die verdeeldheid in Nasionale Partygeledere vir politieke gewin gebruik te maak. Dit was egter van korte duur toe N.J. van der Merwe enkele dae voor die Vrystaatse kongres verklaar het dat die nasionale stryd nie verdere verdeeldheid sou duld nie en dat die wysigde Artikel 4 aangeneem sou word. Op 17 Oktober 1928 is dit goedgekeur deur die Vrystaatse Nasionale Partykongres.<sup>162</sup>

Wat die republikeinse ideaal betref, wil dit voorkom dat Hertzog, as gevolg van sy groot aanhang wat hy geniet het, sy volgelinge oorreed het om die ideaal te laat vaar. 'n Klein groepie deurwinterde republikeinse gesindes, waarvan Kemp een was, sou egter onder geen omstandighede die ideaal afsweer nie, maar noodgedwonge ter wille van partyeenheid op die vooraand van die algemene verkiesing van 1929, die situasie aanvaar. Dit moet onthou word dat Kemp 'n Afrikanernasionalis was en die vryheidsideaal was deel van sy volksaad en ontwikkeling. Hy kon hom nie met Britse imperialsme vereenselwig nie en sou hy die Suid-Afrikaanse nasionalisme as grondslag op sy toekomspad uitstippel.

Kemp kon hom nie indink in die posisie van die Suid-Afrikaanse Party en sy ondersteuning van die Britse Ryk nie en het die Suid-Afrikaanse Partyondersteuners se optrede as on-Suid-Afrikaans, onpatrioties, onwaardig aan hul voorouers en onaanvaarbaar verwerp. Op 31 Augustus 1928 te Koedoesfontein, in die Potchefstroomkiesafdeling het Kemp by 'n groot politieke vergadering as spreker opgetree. Tydens vraetyd het mnr. Simon Schoeman, wat spesiaal saam met mnr. Arnold, 'n Saporganiseerder, gekom het en daarop uit was om aan Kemp vrae te stel, losgebreek en onder andere gevra waarom Artikel 4 van die Nasionale Party se konstitusie verander was. Volgens hom was dit juis die artikel wat die Nasionale Party aanmekeer gehou het. Kemp het die vraesteller gerusgestel deur te sê dat volgens hom die artikel nou verbeter was.<sup>163</sup>

<sup>161</sup> Die Burger, 7.9.1928.

<sup>162</sup> L.H. Je Roux en P.W. Coetzee, Deel 2, p. 177.

<sup>163</sup> Die Weste, 4.9.1928.

Op 5 April 1929 te Gezina het Kemp, tydens 'n vergadering, gesê dat wat status betref Suid-Afrika volkome onafhanklik was, net soos die ander dominiums.<sup>164</sup> J.P. Brits meld dat manne van dlé kaliber van Roos en Kemp daarin geslaag het, ten minste in die Transvaal, om die nasionaliste te oortuig dat Hertzog soewereine onafhanklikheid verkry het en niks anders as dit nie.<sup>165</sup>

Op 19 Desember 1929 te Bethal het Kemp tydens 'n geesdriftige vergadering gesê dat die feit dat die Nasionale Party nie ten gunste van 'n republiek op daardie stadium is nie, wil nie sê dat hulle teen 'n republiek is vir die toekoms nie. Voorts het hy gesê dat hulle nie omgee of dit 'n republiek is of nie, net solank dit werklike onafhanklikheid is en dat die strewe altyd moet wees om Suid-Afrika absoluut onafhanklik te maak. Tog slaan hy hier vir die eerste keer 'n meer gematigde rigting in deur te sê dat indien die toekoms die bewys lewer dat dit beter is om binne die Britse Ryk te bly, dan sal hulle binne bly, en indien die toekoms toon dat dit ten voordele van Suid-Afrika is om af te skei van die Britse Ryk, dan besit hulle die volste reg om die stap te neem. Volgens hom kan hulle nie op daardie stadium bepaal welke vorm van regering die toekomstige Suid-Afrika sou verlang nie. Hy het gesê: "As die bevolking in die toekoms 'n koning, republiek of selfs 'n diktator wil hê, dan het hulle die volste reg om vir hulle een te kies."<sup>166</sup> Ten slotte het hy gesê dat vir die teenswoordige hulle na werklike onafhanklikheid moet strewe sodat hul in staat sal wees om aan hul kinders 'n erfstuk na te laat wat op geen wyse belas sal wees nie.<sup>167</sup>

Interessant was die Oposisiesepers se reaksie op Kemp se republikeinse uittlatings. Volgens die Daily Mail was die Suid-Afrikaanse Party, net soos die Unioniste, ten gunste van bande met die Britse Ryk. Hy wys verder daarop dat Hertzog ook bande met die Britse Ryk wou behou en dat dit die voordeligste vir die Unie was, naamlik die Britse Gemeenbes van Nasies. Die beriggewer meld dat Kemp nie te seker daarvan was nie, aangesien hy nog steeds op die republikeinse snaar bly tokkel. Ook wys die koerant daarop dat Hertzog twee maande vantevore sy volgelinge in die Vrystaat en Transvaal oor die vingers getik het, wat die konstitusionele vraagstuk weer opgehaal het.<sup>168</sup>

<sup>164</sup> Ons Vaderland, 6.4.1929.

<sup>165</sup> J.P. Brits, p.135.

<sup>166</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.98; Ons Vaderland, 20.12.1929.

<sup>167</sup> Ons Vaderland, 20.12.1929.

<sup>168</sup> Daily Mail, 20.12.1929.

Die Volkstem het na aanleiding van Kemp se Bethal toespraak, harde houe na hom gemik en gesê dat nadat Hertzog 'n rukkie te vore nog vir goed die republiek die kop ingeslaan het, dit komieklik is om te sien hoe Kemp die Bethal se Nattes probeer paal met die verklaring dat hy nie een van diegene is wat van opinie is dat Suid-Afrika nooit 'n republiek moet hê nie. Die berig meld dat die Bethallers natuurlik bekaf was omdat hulle so lank vir die gek gehou was deur die Nasionale Party, deur voor te gee dat 'n republiek aan die kom was.<sup>169</sup>

Die Star het op 6 Januarie 1930, onder die opskrif "means to an end", ook gereageer op Kemp se Bethal toespraak en gesê: "It will be seen that both General Kemp and Mr. Grobler accept and welcome the declaration of the last Imperial Conference not as an end in itself, but as means to an end - that end being the eventual succession of the Union from the Kings's Dominions."<sup>170</sup>

Teen alle verwagtinge het 'n skeuring in die Nasionale Party, soos sommige Opposisielede met vreugde voorspel het, nie plaasgevind nie. Die deursnee Afrikaner, nasionaliste soos Kemp, wat in wese republikeinsgesind was en Hertzog steeds met onverdeelde trou aangehang het, is gedwing om homself af te vra of sy partyleier nog op die regte pad was, aangesien sy optrede 'n "verloëning" van die republikeinse ideaal was.<sup>171</sup> Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres in 1932 was die republikeinse ideaal weer bespreek, maar nadat Kemp 'n beroep op die kongreslede gedoen het om te volstaan by soewereine onafhanklikheid, is daarvan afgestap.<sup>172</sup>

Die knellende droogte en ekonomiese depressie het intussen swaar gedruk en die moontlike gevolge wat dit op politiekegebied en ook vir die Afrikaner kon inhou, was ewe onvoorspelbaar. Die ekonomiese stryd sou so heftig word dat dit die politieke geskille oorskadu het - selfs Hertzog se argwaan teen die republiekgesindes binne die Nasionale Party. Dit het geleel tot volle aanvaarding van die Unie se soewereine onafhanklike status.<sup>173</sup> Op 16 November 1933 het mnr. H. Van der Sandt de Villiers aan Kemp 'n brief geskrywe, waarby hy 'n Foulsham Almanack ingesluit het - 'n toekomsvoorspelling. Die almanak se voorspelling vir 1934 op politiekegebied was dat die republikeinse 'n

<sup>169</sup> Die Volkstem, 20.12.1929.

<sup>170</sup> The Star, 6.1.1930.

<sup>171</sup> J.H. le Roux, p.328.

<sup>172</sup> M.P.A. Malan-versameling, Geskiedenis van die Nasionale Party in Transvaal, p.6.

<sup>173</sup> J.H. le Roux, p.328.

stewige houvas in Suid-Afrika sou verkry en dat “exiting times”<sup>174</sup> verwag kan word in Kaapstad en Pretoria.

Spoedig sou koalisie in 1934 'n nuwe politieke bedeling bring en 'n meer gematigde siening van Kemp tot gevolg hê - nie uit innerlike oortuiging nie, maar eerder uit lojaliteit teen Hertzog en die party. Dit waarvoor Kemp gedurende die Anglo-Boereoorlog en die Rebelle geveg het, het met sy toetrede tot die aktiewe politiek vergestaltung gevind in sy optrede. Na 1924 het hy hom weer eens bevind in 'n milieu waarin Afrikaner nasionalisme sterk beslag gekry het. Hy het hom sterk uitgespreek teen enige onderhorigheid aan Brittanje en na 1926 was hy gevolglik van mening dat Suid-Afrika “volkome vry” was. Hierdie innerlike strewe na vryheid was so deel van sy lewe dat hy dit met woord en daad uitgeleef het en in die proses geeneen van sy politieke opponente met die woord gespaar het nie - dit kan aanvaar word dat die republikeinse-rebelgees vlam nog vurig binne in hom gebrand het.

#### 5.6 Die Suid-Afrikaanse Party en Smuts loop deur onder Kemp se vevnynge kritiek

Spoedig na die Pakt aan bewind gekom het, het Kemp sy aanvalle op Smuts geloods. Nadat Smuts in Julie 1924 te Nietverdiend, distrik Marico, 'n toespraak op 'n Suid-Afrikaanse Partydag gehou het, het Kemp gesê dat Smuts soos gewoonlik met sy politieke wanvoorstelling gekom het en dat sy hoof oogmerk maar weer die “Groot Ele Ek” was.<sup>175</sup> Voorts meld hy dat Smuts die Sappe vertel dat hy die laaste 18 Jaar 'n slaaf was en volgens Kemp het die Nasionale Partyregering Smuts vrygemaak omdat hy so 'n slegte leiselhouer was, dat hy gedurig die staatswa onderstebo in die moddersloot gegooi het.<sup>176</sup>

In Februarie 1925 berig The Star dat gemoedere die vorige dag in die parlement opgeviam het toe die brandslekte kwessie bespreek was. Die Oposisie het 'n kwaal aanval op Kemp geloods oor sy optrede in verband met die bekamping van die brandslekte. Die Volksraadslid vir Bloemfontein-Noord, mnr. A.G. Barlow, het vir Kemp in die bresse getree en gesê dat die Suid-Afrikaanse Party die Minister kritiseer nie omdat hy swak is en oor sy optrede nie, maar omdat hulle hom gehaat het. Hy het gesê: “You are hindering

<sup>174</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, onepagineerd, brief van H. Van der Sandt de Villiers aan Kemp, 6.11.1933.

<sup>175</sup> Ibid., Band 6, onepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>176</sup> Ibid.

him because he went into rebellion and his name is General Kemp."<sup>177</sup> Hy het die Suid-Afrikaanse Party optrede as 'n politieke truuk uitgemaak, gebaseer op 'n persoonlike vendetta teen Kemp.

Kemp se temperament het waarskynlik sy politieke loopbaan vir hom vergemaklik. Hy het die meeste van die tyd nie net een kant van 'n saak gesien nie, hoewel 'n mens soms die indruk kry dat hy geglo het dat daar nie 'n ander kant was nie. Op 28 September 1925 het die "tjaarts" in Kemp na vore gekom. Hy het van sy kant 'n kwaal aanval op die Suid-Afrikaanse Party gedoen. Volgens hom het hulle op dieselfde ou Smutsvlood gespeel en dat die geluid nie alleen vals is nie, maar dat die stemmetjie flouer en valser word. Volgens hom het hulle dieselfde vlood orals gebruik en altyd op dieselfde snaar bly tokkel. Verwysende na Smuts het hy gesê dat die "held van Irene" verslaan is en dat daar niks van sy voorspelling gekom het dat die Paktregering net twee maande sou hou. Hy het die Suid-Afrikaanse Party se klaagliedere onder die soeklig geplaas en in die verband gesê dat die Suid-Afrikaanse Party voorspel het dit indien die Nasionale Party aan bewind kom, geen geld in Suid-Afrika belê sou word nie. In antwoord hierop het hy verklaar dat die land se geldelike sake in alle opsigte op 'n uiters gesonde basis verkeer het en dat buitelandse kapitaal nie net alleen vir platina ingekom het nie, maar ook vir ander sake. Kemp se opmerking vat dit alles mool saam: "Hierdie gogga van Jannie is dus ook 'n valse profesie wat op die ou vlood gespeel was."<sup>178</sup>

Tweedens, het hy gesê, sou daar volgens die Suid-Afrikaanse Party rewolusie, bloedvergieting en geweld onder die Nasionale Partyregering plaasgevind het. Volgens hom het daar tot op daardie stadlum geen bloed gevoel nie en die kans dat so iets sou gebeur was uiters skraal. Krities het hy beweer: "Sprinkaanbome, Oos-kusbosluisbloed en Brandsiekluksbloed het waarlik gevoel. Dan moes ek skuld erken dat ek nog meer bloed gaan laat vloel, naamlik op die ander peste...."<sup>179</sup> Hy het neerhalend gesê dat dit ongetwyfeld waar is dat die insekte Sappe is, want insekte suig die sap of bloed van bome of diere uit, net soos die Suid-Afrikaanse Partyregering vroeër die land uitgesulg het en afgesluit "maar of hierdie Sap Insektesuiers nou vir gent. Smuts as hulle leier gekies het, weet ek nie?"<sup>180</sup>

<sup>177</sup> The Star, 18.2.1925; Debatte van die Volksraad, 17.2.1925, kolomme 43-46.

<sup>178</sup> J.C.G. Kemp-versameling, ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>179</sup> Ibid.

<sup>180</sup> Ibid.

Derdens sê hy dat die Suid-Afrikaanse Party beweer dat die Paktregering aangedui het dat die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en Arbeiders op die 18de Junie 1924 sou eindig. Volgens Kemp was daar harmonie in die regeringsgeledere en dat dit hom voorkom asof Smuts self die "nootientjie" wou trou. Hy het gesê dat daar voortdurend gekerm word omdat die Nasionale Party en Arbeiders tot 'n ooreenkoms geraak het en dat dit vir hom vreemd was omdat daar baie Afrikaanssprekendes in Arbeidersgeledere was. Skertsend het hy opgemerk dat die Suid-Afrikaanse Party verwyte hom laat dink het dat die diuwel bestraf die sondaar omdat hy sonde doen en dat Smuts nou die Nasionalistie bestraf omdat hy probeer om reg te doen teenoor Suid-Afrika en sy mense. Verder het hy gesê dat die Suid-Afrikaanse Partyondersteuners swaar kry om langer Smuts se voorstelling te glo en dat dit hom laat dink het aan die Swartman wat toe sy baas hom gevra het of hy aan spoke glo, gesê het: "Basie, (sic) maar bedags ek glo nie, maar snags ek glo."<sup>181</sup>

Vierdens het hy gesê dat die Suid-Afrikaanse Party beweer dat Nasionale regering presies bou op die fundamente van die Smutsregering. Volgens Kemp het die Nasionale regering presies gebou op die ou Suid-Afrikaanse Partyregering se fundamente. Volgens hom het dit gelyk of die ou Suid-Afrikaanse Partyregering net gedurig fundamente gelê het en nooit eintlik 'n gebou voltooi het nie. Krities het hy opgemerk dat die Suid-Afrikaanse Party van Smuts geen doelmatige gebou opgerig het nie, maar dat daar 'n paar was wat hulle opgerig het, naamlik skeuring in die geledere van die Afrikaners, rassehaat, die Rebelle en in die laaste plek Suid-Afrika. Skertsend het hy gesê die Suid-Afrikaanse Party laat hom dink aan die boer wat 'n reguit plaasvoor wou trek en hy sê toe vir die touleier om reguit na die donderwolk se punt toe te trek. Die wind het egter die donderwolk vinniger laat naderkom en in plaas van dat die voor reguit was, het sy punte amper bymekaar gekom.

'n Ander faktor waarna hy verwys het was dat die Suid-Afrikaanse Party beweer dat die Paktregering £2 miljoen meer as die Suid-Afrikaanse Partyregering spandeer het. Kemp het verweer en gesê dat dit oorgeërfde skuld was, met ander woorde agterstallige skuld van die Suid-Afrikaanse Partyregering. Beskuldigend het hy verklaar dat alhoewel hulle belastings en spoorvraggeld verminder het, Smuts en sy aanhangers nog die Paktrege-

---

<sup>181</sup> *Ibid.*

ring aangekla het dat hy nie alles in 12 maande kon reg kry, wat hy in 15 jaar nie kon regkry nie.

Sesdens het hy verwys na die aanklag van "Jobs for Pals".<sup>182</sup> Volgens Kemp was dit 'n saak wat Smuts meesterlik verstaan het, met die gevolg dat die Paktregering opgesaai was met 'n groot Suid-Afrikaanse Partymasjinerie in die staatsdiens. Skertsend het hy die volgende grap voorgehou: "Die Amerikaanse Ier dryf die sneltrein oor 'n duur bul van die boer, Waarna die boer 'n groot rekening stuur vir die bul. Die Ier word gevra: 'Wat weet jy van die saak?' Sy antwoord was: 'Net dit meneer, toe ek om die draal kom sien ek die bul kom uit die lusern. Ek druk toe my oë toe en toe ek weer kyk kom die lusern uit die bul.'<sup>183</sup> Hy het gesê dat Smuts met sy aanstellingsbeleid nie gedink het dat sake omgekeer kon word nie.

Ten slotte het hy weer eens met 'n steek na die Sappe sy toespraak afgesluit en gesê: "Iemand vra 'n Ier dat Indien hy nie 'n Ier was nie, wat wou hy wees, 'n Engelsman of 'n Skotsman? Sy antwoord was: 'As ek nie 'n Ier was nie sou ek my doodslaan.'<sup>184</sup> Hy het die Afrikaners wat nie Nasionaliste was nie vermaan en gesê dat hulle hul behoort te skaam.

Op 3 September 1926 het Kemp 'n hand van vriendskap tot die Verenigde Party se ondersteuners gereik, toe hy 'n groot vergadering in die stadsaal op Krugersdorp toegeespreek het en gesê het dat hy nie begerig was om die ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party te beledig nie, en indien hy enige aanvalle op hulle maak, hy dit doen woens hul leiers. Hy het 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Partylede gedoen om terug te keer na hul volk. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse Party hom herinner aan die man wat vir die eerste keer 'n kangaroo gesien het en toe sy oë in verwondering gevryf het en beweer het dat dit nie waar kan wees nie, aangesien daar nie so iets was nie. Verwysende hierna het hy gesê dat die Suid-Afrikaanse Party sien watter goed daar deur die Paktregering gedoen word, maar ten spyte van alles vryf hulle hul oë en wil nie die ware felte raak sien nie. Voorts het hy verwys na die Suid-Afrikaanse Party se regeringstydperk as een van stakings en platskietery, so byvoorbeeld was daar 175 stakings in Suid-Afrika tussen 1918 en 1925, en hierin was 169 000 mense betrokke. Krities het hy gesê

---

<sup>182</sup> *Ibid.*

<sup>183</sup> *Ibid.*

<sup>184</sup> *Ibid.*

dat die vorige regering vir 14 jaar soveel armbiankes geskep het dat dit 'n lang tyd sou neem om die wrak weer op te bou. Ten slotte het hy die Sappe genooi om hulle by die Nasionale Party aan te sluit en nadenkend gesê dat op 'n tyd hulle almal Sappe was.<sup>185</sup>

Kemp het nou as groot kampvegter vir die Pakt na vore getree en die kritiek van die Suid-Afrikaanse Party op die Regering sterk aangespreek. Op die 13 de Transvaalse Nasionale Partykongres in September 1926 het hy gesê dat Smuts baie "Hief" vir hom moet blyk te wees, aangesien hy hom op elke Suid-Afrikaanse Party vergadering aangeval het. Hy het gesê dat dit hom nie hinder nie en dit help hom om homself te evalueer.<sup>186</sup>

Te Clooclan in Oktober 1926 het hy gesê dat die Suid-Afrikaanse Partyleiers die verkeerde weg ingeslaan het en dat die Suid-Afrikaanse Partyondersteuners daarteen behoort te skop, om sodoende hul ielers reg te ruk. Volgens hom was die Nasionale Party 'n lewendige party. Verwysende na homself het hy gesê dat hyseff swaar gekry het om nasionaal te word, maar dat hy dit uit die moed van sy oortuiging gedoen het. Hy het die Smuts van 1910 en 1921 vergelyk en gesê dat Smuts tydens die eerste verkiesing van 1910 'n beroep op die volk gedoen het vir die Suid-Afrikaanse Party of anders vir die Arbeiders te stem, maar geensins vir die Unioniste nie. Maar in 1921 het hy met die Unioniste in 'n vennootskap getree en so die Afrikanersaak die rug gedraai.<sup>187</sup> In dieselfde maand op Ladybrand hou sy lyf politieke profeet en beweer hy dat die Suid-Afrikaanse Party sal wegsterwe, want 90% van jong Suid-Afrika is Nasionaal. Volgens hom het baie jongmense, wat in die nywerheidssektor werksaam was, die Suid-Afrikaanse Party verlaat aangesien hulle die Regering gaan steun oor sy beskermingsbeleid.<sup>188</sup>

Op 3 Desember 1926 het hy 'n vergadering saam met mnr, Koos van Heerden, die Suid-Afrikaanse Party se aspirantkandidaat vir die Provinsiale Raad, op Rustenburg byge- woon om oor landsake te debatteer. Kemp het gesê dat volgens die Suid-Afrikaanse Party die Pakt groot sonde was en tog het hulle en die Arbeiders in 1910 'n koalisie gevorm. Hy was veroordelend teenoor die Suid-Afrikaanse Party-oud-Unionistekoalisie en gemeld dat uit dié 53 koalisie Volksraadslede omtrent net 15 oud-Sappe was. Onder groot toe-

<sup>185</sup> Ons Vaderland, 7.9.1926.

<sup>186</sup> Ibid., 3.9.1926.

<sup>187</sup> Die Wesie, 29.10.1926.

<sup>188</sup> Die Burger, 29.10.1926.

juiging het hy gesê dat dit 'n prys was om te betaal en uitdruklik verklaar dat voordat hy met die Unioniste verenig, hy liewers sal bedank en op sy plaas gaan boer.<sup>189</sup>

Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres in 1927 het Kemp in sy toespraak die Nasionale Partybeginsels teenoor die Suid-Afrikaanse Partybeginsels gestel en gemeld dat die Nasionale Party se beleid "Suid-Afrika eerste" is, terwyl die Suid-Afrikaanse Party geen sodanige beleid gehad het nie.<sup>190</sup> Hy het na Artikel 3 in die Suid-Afrikaanse Party grondwet verwys, waarin gestel was dat die volk van Suid-Afrika geen beperking wens te stel aan sy toekomstige politieke ontwikkeling as 'n vry volk nie.<sup>191</sup> Volgens hom het die dood van die volk in die beginsel gesetel, en indien daar konstitusionele ontwikkeling mag plaasvind dan moet die geskied van bulte sonder meedoen van die Suid-Afrikaanse Party en sodra die natuurlike loop van omstandighede hulle op 'n basis van vryheid gebring het, dan versit die Suid-Afrikaanse Party gewoonweg sy bakens en sê dat dit die vryheid is wat hulle verkry het. Hy het Artikel 4 van die Nasionale Party grondwet daarteenoor gestel en gesê dat dit al twee keer verander was, omdat die Nasionale Party 'n lewendige en progressiewe party was wat 'n bepaalde doel nastrewe en wanneer die doel bereik was, was die versier verstel en was daar verder gekorrel. Smalend het hy gesê: "As ons eger ons vryheidsontwikkeling aan die Suid-Afrikaanse Party moes oorgee laat het sou ons soos 'n wangeskape kuiken in die dop doodgaan."<sup>192</sup> Volgens hom was die Nasionale Party 'n lewende organisme. Tydens 'n Afrikanerdag wat deur die Transvaalse Vroue-Nasionale Party in Junie 1928 aangebied was, het Kemp 'n onderskeid tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party gemaak en gesê dat die Suid-Afrikaanse Party 'n sulwer materialistiese party was, terwyl die Nasionale Party naas die materiële ook moes sorg dat die geestelike en ideële belange van die volk nie verwaarloos nie.<sup>193</sup>

Te Krugersdorp op 28 Oktober 1928 was Kemp baie krities teenoor Smuts en die Suid-Afrikaanse Party en het hy gesê dat Suid-Afrikaanse Party die vorige jaar geweeg was en te lig bevind was - dit was 'n graf vol doodsbeendere wat die volk andermaal met allerlei spookstories probeer vrees inboesem het. Hy het gesê die Pakt daarteenoor was 'n Volksparty en het ten doel gehad die volle ontwikkeling van die vermoëns van Suid-

<sup>189</sup> Die Weste, 7.12.1926.

<sup>190</sup> J.C.G. Kemp-versameling, ongepagineerd.

<sup>191</sup> Ibid.

<sup>192</sup> Ibid.

<sup>193</sup> Ons Vaderland, 19.6.1928.

Afrika in belang van die bevolking as 'n geheel. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse Party nog altyd op sand gebou, aangesien hulle staatsgebou gedurende hulle regerings-tydperk gedurig gebars en omgeval het, verwysende na die Rebelle, stakings, werkloosheid en finansiële tekorte. Hy het voorts gesê dat die dade en rekords van die Pakt-regering meer oortuigend was as die slimpraatjies van die Suid-Afrikaanse Party en dat woorde wêk, maar voorbeelde trek.<sup>194</sup>

Hy het verwys na uitsprake van Smuts dat die standarde van die openbare lewe en staatsdienaars agteruitgegaan het. Volgens hom was die nalatenskap van die Suid-Afrikaanse Party 'n bewys van hulle mislukkings, en filosofies het hy opgemerk: "Alhoewel Pilatus sy hande nou probeer was, kan dit hom nie vryspreek van sy werklike dade toe hy aan bewind van sake was nie."<sup>195</sup> Hy het afgesluit en Suid-Afrikaanse Partyleiers soos Smuts, Smartt en Duncan veroordeel vir die spookstories, denkbeeldighede en windpraatjies wat hulle versprei.

Op 21 November 1928 tydens 'n vergadering te Pretoria-Wes het hy weer vir Smuts voor stok geskry. Volgens Kemp sou Smuts gesê het dat Roos sy senuwees verloor het, maar vir hom wat Kemp is skyn dit asof Smuts nie net sy senuwees verloor het nie, maar dat hy ook sy verstand verloor het. Kemp het beweer dat Smuts nie 'n verkiesingsprogram het nie en dat hy dit, indien hy een sou kry, vir later sal hou om die "donder knaleffek" daarvan nie verlore te laat gaan nie.<sup>196</sup> Hy het gesê dat dit vir hom lyk asof die Suid-Afrikaanse Party kabinetsvormers vanaf Weskoppies af kom. Hy het ook gesê dat hulle probeer het om Jan Hofmeyr op die voorgrond te stel, maar hy het gereken Hofmeyr sou 'n goeie eersteklas bestuurder van 'n advertensie maatskappy moes gewees het, aangesien hy baie te sê het oor die doen en late van die Regering. Voorts het hy na kol. Mentz, voorsitter van die Transvaalse Suid-Afrikaanse Party, verwys en gesê dat hy vir 4 jaar aan die slaap was en heerlike drome gedroom het. Hierdeur het Kemp na die uitstappery van Madeley verwys op die vooraand van die tussenverkiesing in Turffontein, en volgens hom het hy daardeur bewys dat hy met die arm om die Industrial Commercial Workers' Union of South Africa (ICU) gesit het, om sodoende die Arbeiders in sy beskerming te neem. Hy het ook bewerings van Mentz, dat N.C. Havenga se sukses met die finansies

<sup>194</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, ongepagineerd.

<sup>195</sup> *Ibid.*

<sup>196</sup> *Ons Vaderland*, 23.11.1928.

van die land as blote toeval was, as van nul en geen waarde geag, aangesien Havenga hardwerkend was en die finansies daardeur op gesonde grondslag geplaas was.<sup>197</sup>

Op sy beurt het Smuts tydens die Spoorwegbegrotingsdebat in die Volksraad in 1929 gesê dat die verkiesingsjaar veroorsaak het dat die Regering 'n klein surplus bymekaar geskraap het en wat te danke was aan die ekonomiese - en nywerheidsgroei, maar volgens hom suiwer geluk was. Hy het gesê dat Kemp die land deurreis met 'n feëverhaal dat die Paktregering belasting met £6 miljoen verminder het, terwyl dit inderdaad met meer as £5 miljoen vermeerder het.<sup>198</sup>

In Februarie 1929 het Kemp in die Volksraad sy woordelike ammunisie tot Smuts gerig en gesê dat Smuts in sy verkiesingsveldtog gesê het dat die volk van mening verander het en dat hy weer aan bewind sou kom. Kemp het Smuts gevra of hy dink die volk hom ooit weer sou vertrou na al die ellende, moeilikhede en swaarkry wat hy veroorsaak het. Kenmerkend van sy veroordelende houding teenoor die Suid-Afrikaanse Party het hy gesê dat dit die volk miskien lank geneem het om sake te ontrafel en dit is daarom dat die Suid-Afrikaanse Party solank aan bewind gebly het. Maar nou dat die volk eenmaal "Mene, mene, teke! Ufarsen" op die voorhoof van die Suid-Afrikaanse Party geskryf het, sal hulle nooit weer opstaan nie,<sup>199</sup> het hy gesê.

Met sy terugkeer na Pretoria vanaf Kaapstad, het Kemp in 'n onderhoud met Ons Vaderland vertel wat Smuts wou doen. Hy het gesê dat Smuts wil die miljoene van Namakwaland bestee aan die invoer van setlaars en wat dan jarelank met die lepel gevoer moet word. Voorts dat hy die diamantdelwerye wil sluit en die gelykstelling van Wit en Swart bestendig. Kemp het die belangrikheid van die 1929-verkiesing beklemtoon en, dat indien die teenparty aan bewind kom, hulle daarvoor sal sorg dat alles vir die nasionale saak verlore is.<sup>200</sup>

Op 5 April 1929 het Kemp tydens 'n vergadering in Gezina gesê dat die Suid-Afrikaanse Party bankrot is en dat hulle selfs nie hulle amptenare kan betaal nie. Tydens 'n byeenkoms te Christiana op 12 April 1929 het hy die Suid-Afrikaanse Party die "Weghol par-

<sup>197</sup> Ibid.: J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 2, p.366, ICU afkorting vir Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa.

<sup>198</sup> Ibid., Deel 3, p.25; Debate van die Volksraad, 7.2.1929, kolomne 491-492.

<sup>199</sup> Debate van die Volksraad, 7.2.1929, kolomne 489-496; Ons Vaderland, 15.2.1929.

<sup>200</sup> Ons Vaderland, 29.3.1929.

ty", genoem.<sup>201</sup> Volgens hom moes die Suid-Afrikaanse Party erken dat hulle deur die Unioniste Ingesluk was en dat dit 'n geval was van die walvis wat Jona Ingesluk het.<sup>202</sup> Op 13 April 1929 te Makwassie het Kemp die Suid-Afrikaanse Party met die eerste Ford motor vergelyk en gesê dat wanneer hulle stadig ry dan is daar 'n wittiggie; as jy vinniger ry 'n groeniggie en op sy vinnigste 'n rooiggie; en al wat jy vinniger ry as dit speel die orrettjie: "Heer waar dan heen", want hulle weet nie waarheen hulle op pad is nie.<sup>203</sup>

In Pretoria op 3 Mei 1929, tydens 'n groot saamtrek, spaar hy Smuts weer eens nie. Verwysende na Smuts en sy beskuldigings teen die Pakt het hy gesê dat die vorige vyf jaar die rekord van Smuts ongetwyfeld baie beter was as die tyd toe hy aan bewind was, aangesien Smuts self gesê het dat die goeie werk wat deur die Regering gedoen was, te danke was aan hom as Oposisieleier. Volgens Kemp moes die kiesers hom daar hou.<sup>204</sup>

Smuts het volgens die Cape Times op 24 Mei 1924 op Kimberley gesê dat indien die kiesers 'n ander regering as die Suid-Afrikaanse Party aan bewind bring, die gevolg stilstand van die een kant van die land tot die anderkant teweegbring. Kemp het op 5 Junie 1929 te Roodepoort sy visie op Smuts gefokus en gevra wat met so 'n profeet gedoen moet word? Volgens hom was valse profete in die ou dae gestenig, maar nou moes die Oposisie behou word, waar hulle voorstellings vermaak verskaf.<sup>205</sup>

In sy afsluitingstoespraak van die 16de Jaarlikse kongres van die Nasionale Party, in Oktober 1929, het Kemp weer eens kritiek teenoor die Suid-Afrikaanse Party uitgespreek toe hy gesê het dat toe die Suid-Afrikaanse Party met die Unioniste saamgesmelt het, die volksiel van die oud-Sappe doodgegaan het. Volgens hom was dit omdat daar net van die een kant toegegee is en dat die 1924-verkiesing getoon het dat die Suid-Afrikaanse Party dood is en dat daar in die Transvaal "nog net een Generaal en twee kolonels oor is, die ander een is verjaag."<sup>206</sup>

Op 13 Junie 1930 het Kemp op Wolmaransstad verslag gelewer oor die pas afgelope Volksraadsitting en gesê dat tydens die sessie die Suid-Afrikaanse Party meer as ooit

<sup>201</sup> Ibid., 13.4.1929.

<sup>202</sup> Ibid.

<sup>203</sup> Die Weste, 16.4.1929.

<sup>204</sup> Ons Vaderland, 4.5.1929.

<sup>205</sup> Cape Times, 24.5.1924.

<sup>206</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, p.95.

tevore herderloos en verdeeld gelyk het. Volgens hom het leiding en eensgesindheid, die twee fondamentstene van enige gesonde volksparty, nie in die Opposisiebanke bestaan nie. Hy het die sogenaamde Verenigde Volksparty bestempel as 'n party van ontevrede-nes, meesal uitsakkende Suid-Afrikaanse Partylede, en gesê dat die persoon wat hom vereenselwig met die "gedoente", werklik geen selfrespek het nie.<sup>207</sup> Hy het ook die Suid-Afrikaanse Party gekritiseer vir sy verknogtheid aan die Britse bande en gewaarsku teen magte wat ekonomiese samesmetting met alle dele van die Britse Statebond verkondig. Hy het dit beskou as die ou Imperialistiese skool van Chamberlain en 'n ander gedaante.<sup>208</sup>

Tydens 'n vergadering te Makwassie op 10 September 1931, het Kemp die houding van die Suid-Afrikaanse Party met betrekking tot versterkte hulp aan die boere, sorgvuldig ontleed en tot die gevolgtrekking geraak dat die Opposisie hom aan politieke mantel-draalery en -bedrog skuldig gemaak het. Volgens hom was die Suid-Afrikaanse Party geen vriend van die boer nie. Hy het gesê dat hulle verpligte koöperasie voorgestel het, maar sodra hulle in die hoek gedrywe word, het hulle gesê dat hulle nie ten gunste van verpligte koöperasie nie, maar dat dit oor 'n tydperk van etlike jare ingevoer moes word.<sup>209</sup>

Die Volkstem van 24 September 1931 het 'n "vergeldingsberig" deur J.P. Jooste, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Bethal, geplaas waarin hy Kemp se aantygings weerlê het.<sup>210</sup> Volgens hom was dit Kemp wat die hele tyd die Suid-Afrikaanse Party as van geen betekenis, nutteloos en waardeloos uitgekryt het. Hy het gesê Kemp se kritiek was bokwa - orasies en die toppunt van onsin en vermetelheid. Hy het gesê: "Genl. Kemp was aan die woord, hy het die publieke vergas op kaf en dit met 'n kluitjie in die riet gestuur."<sup>211</sup>

Op 5 Oktober 1931 te Grootvlei het Kemp dit beklemtoon dat die Regering nie gehoor sal gee aan oproepe van Smuts en Hofmeyr om te bedank nie, maar dat hy vir die volk en land alles sal doen wat hy kan, al kry hy ook klappe in die gesig. Hy verklaar dat die woorde van Gustav Preller, vroeër redakteur van Die Volkstem, te wete "Die Nasionale

<sup>207</sup> Ons Vaderland, 17.6.1930.

<sup>208</sup> Ibid.

<sup>209</sup> Die Weste, 15.9.1931.

<sup>210</sup> Die Volkstem, 24.9.1931.

<sup>211</sup> Ibid.

Party is my regte huis",<sup>212</sup> menige Sap se hart deurboor het. Hy het onder andere opgemerk dat hy verheug was dat Nat en Sap nie meer so krities teenoor mekaar was nie en die hoop uitgespreek dat daar in die toekoms nie meer verskille sou wees nie en almal hartlik sou saamwerk om die belange van Suid-Afrika te bevorder.<sup>213</sup> Die vraag ontstaan waarom die gesindheids verandering van Kemp, aangesien hy hatig was teenoor Smuts en die Unioniste-element in die Suid-Afrikaanse Party. Dit kan wees dat sy lojaliteit teenoor Hertzog en die samewerking praatjies wat daar was, Kemp beïnvloed het.

Op 23 September 1932 het Kemp 'n brief aan die Nasionale Partyafdelingsbestuur van Germiston gestuur, met die oog oop die tussenverkiesing aldaar. Daarln het hy gemeld dat Smuts en die Opposisioners duidelike tekens van stuiptrekkings getoon het. Volgens hom was die vyande van die volk opvlug en sou hulle nie meer lank kan ulthou nie. Hy het gesê dat Smuts al die jare sy Eenmanparty gedomineer het en na hartelus gedrii het.<sup>214</sup>

Die Rand Daily Mail het Kemp uitgedaag om sy uitsprake te bewys dat die Suid-Afrikaanse Party en die Kamer van Mynwese saamgewerk het tydens die 1922-Staking, toe 250 mense doodgeskiet was in Johannesburg. Op 1 November 1932 te Germiston het hy herhaal dat die Suid-Afrikaanse Party dié party van rykmense was en dat die mynmagnate by hulle gestaan het. Volgens hom was die bewys rakende samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Party en Kamer van Mynwese vroeër reeds deur wyle mnr. Charlie Fichardt in die Volksraad aangehaal en dit is dat twee maande voor die staking die Regering reeds 'n krygswetproklamasie gereed gemaak het.<sup>215</sup> As verdere bewys vir sy bewering het hy gesê dat dit te vinde was in die woorde van kol. Hendrik Mentz, destydse Minister van Verdediging, wat op 'n Suid-Afrikaanse Partykongres verklaar het dat hy op 1 Januarie 1922 alreeds vlr die stakers gereed was.<sup>216</sup>

Op die vooraand van die tussenverkiesing in Germiston, 29 November 1932, het Kemp en ander Nasionale Party voormanne 'n vergadering aldaar bygewoon. Die Ministers het op al die aantygings van die Suid-Afrikaanse Party teen die Regering gereageer en ver-

<sup>212</sup> Ons Vaderland, 9.10.1931.

<sup>213</sup> Ibid.

<sup>214</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief van Kemp aan die here Swancoel, Baird, Venter en Berrange, 33.9.1932.

<sup>215</sup> Ons Vaderland, 2.11.1932.

<sup>216</sup> Ibid.

klaar dat Smuts 'n rekord onder die Germaanse volke gehou het, wat die verklaring van krygswet alleen betref, nie minder as drie maal binne tien jaar tydens bewindvoering. Die agt jaar van Nasionale Party bewind was volgens Kemp vreedsaam.<sup>217</sup>

Op 24 Desember 1932 het Ons Vaderland Kers - en Nuwejaarsgroete aan die Nasionalliste, vanaf Grobler en Kemp, gepubliseer. Volgens Kemp was dit op politiekegebied amussant om te kon bespeur hoe daar elke einde van 'n Jaar, 'n oorstelp van vreugde opflikerling in die geleedere van die Suid-Afrikaanse Party was met die versterking van kragte as gevolg van die oorstap van mnr. Kentridge en Ben Jenkins en andere vanuit die sosialistiese seksie van die Arbeidersparty. Hy het verder gemeld dat genoemde here nie alleen hul eie party verbroekel het nie, maar ook nog in die toekoms die nekslag van die Suid-Afrikaanse Party sou beteken.<sup>218</sup>

Kemp se verbitterde houding teenoor Smuts spreek reeds vanaf die Anglo-Boereoorlogsjare toe Smuts aangesê was om die Kaapkolonie binne te val en sy opdrag vir die taak deur De la Rey teruggetrek was. Ook Smuts se optrede tydens die Rebelle het by hom 'n gevoel van afkeur tot gevolg gehad. Voorts het hy alles wat nie volksele was nie verafsku. Die Unioniste met hulle Imperialistiese verbondenheid en kapitalistiese element en - verknogtheid het hom dwars in die krop gesteek. Reeds het Kemp aangetoon dat hy die Suid-Afrikaanse Party verlaat het omdat hy nie met hulle beleid saamstem nie en na 1920, toe Smuts en die Unioniste besluit het om saam te werk, het hy met mening hulle beleid en optrede veroordeel. Sy werklike mondelingse verkleining van Smuts getuig van sy werklike gevoel van teleurstelling in laasgenoemde se optrede. Alhoewel Smuts nie een van sy gunstelling was nie, het hy nogtans nie gedink dat hy met die Imperialisties - gebonde Unioniste sou saamwerk nie. Dit het hom 'n wantroue in Smuts en sy volgelinge geskep - iets wat hy moeilik sou kon verander. Dit kan ook met sekerheid aanvaar word dat hy geen ooghere gehad het vir die Britse Imperialisme nie - hy het dit as die beleid van die "onderdrukker" beskou en na 1924 sou hy 'n woordelike oorlog daarteen voer. Hy was weer besig met die ou stryd en hy wou hiermee die Afrikaner verenig in die Nasionale Party.

#### 5.7 Taalkwessle - Tweetaligheid - Kemp neem sterk standpunt in

<sup>217</sup> ibid., 30.11.1932.

<sup>218</sup> ibid., 24.12.1932.

Met die regeringsverandering in 1924 het die Afrikaner se nasionale en politieke vrywording aangebreek, aangesien die Paktregering aan die saak van die Afrikanernasionalis volkome reg sou laat geskied. Die Hertzogbewind was ten gunste van die toepassing van 'n konsekwente tweetalighedsbeleid in die verskillende staatsdienssektore.<sup>219</sup>

Enige pogings vanaf regeringskant om die wanverhouding reg te stel was begroet deur besware, in meerderheid van die Engelssprekendes in Opposisiegeledere. Die taalboom het tot groot verontwaardiging gelei in Opposisiegeledere, toe dit bekend geword het dat Kemp en Roos in hulle onderskeie departement, Landbou en Justisie, 'n omsendbrief aan alle afdelings gerig het dat bevorderings voortaan slegs op die beginsel van tweetaligheid sou geskied. Dat Afrikaans en Engels weekliks om die beurt in amptelike korrespondensie gebruik sou word.<sup>220</sup>

Die Opposisie het die Regering daarvan beskuldig dat Afrikaanssprekende Nasionaliste bo Engelstaliges in die staatsdiens bevoordeel word. Volgens die Nasionale Party was dit ongegronde bewerings en indien daar enige waarheid in so 'n argument was, moes die oorsprong daarvan in Smuts se onvermoë om aan die beginsel van gelyke taalbegtiging reg te laat geskied, teruggevoer word.<sup>221</sup>

Op 18 Maart 1925 het Patrick Duncan, Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Yeoville, die Regering daarvan beskuldig dat hy die hele grondslag van die staatsdiens ondergrawe. Volgens hom moes die staatsdiens op 'n onpartydige grondslag berus en dat staatsdiensamptenare nie op grond van hul politieke oortuigings benadeel moes word nie.<sup>222</sup> Voorts het hy beweer dat die Paktregering die bestaansreg van die Staatsdienskommissie bevraagteken het. Hy het verwys na Kemp se verklaring dat dit die land beter daaraan toe sou gewees het, indien die Kommissie afgeskaf word, sodat die Minister die reg sou hê om 'n amptenaar te benoem aan wie hy voorkeur gegee het.<sup>223</sup>

D.F. Malan was van mening dat die Staatsdienskommissie nie oor die magte en bevoegdhede beskik het om te bepaal dat tweetaligheid vir sekere betrekkinge nie nodig was nie. Volgens hom kon die Kommissie slegs aanbevelings maak wat deur 'n minister

<sup>219</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Doel 2, p.439.

<sup>220</sup> *Ibid.*, p.440.

<sup>221</sup> *Ibid.*, p.441.

<sup>222</sup> *Debate van die Volksraad*, 18.3.1925, kolom 1235.

<sup>223</sup> *Ibid.*, kolomne 1236-1237.

in 'n betrokke departement bekragtig moes word. Dr. A.J. Stalz, Nasionale Party Volksraadsild vir Hopetown, het die Opposisie daarvan beskuldig dat hulle ter wille van politieke gewin, weer die kwessie van rassehaat op die voorgrond gedwing het. Hertzog het ewe eens 'n beroep op Smuts gedoen om sy politieke spel te staak in belang van rasseharmonie in die land. Die Afrikaner wat ook ten opsigte van sy taal in die staatsdiens reg wou laat geskied, het teen 1925 'n opdraende stryd gevoer, aangesien daar in die staatsdiens nog 'n groot meerderheid van Engelssprekendes was.

Tydens 'n beoordelaars noenmaal te Rosebank in Maart 1930, het Jan Kemp gesê dat die tyd aangebreek het dat ook die landbougenootskappe in die Westelike Provinsie sal moet leer dat hulle in 'n tweetalige land woon en dat die ander taal ook tot sy reg moet kom.<sup>224</sup> Op 20 Maart 1931 het Kemp in die Volksraad verklaar dat in sy departement hy geen Engelstalige sal aanstel nie, tensy navorsingswerk gedoen en iemand van oorsee af ingevoer moet word.<sup>225</sup> Hierdie opmerking was gemaak toe die Raad Duncan se voorstel dat 'n onpartydige kommissie aangestel word om die samestelling van die Staatsdienskommissie te ondersoek, gedebatteer het.

Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres het Kemp op 13 April 1932, in sy verwelkomingsrede, gesê dat die Natallers moet kennis neem dat die Nasionale Party nooit sal toelaat dat die grondwet van die Unie verkrag word nie, en die Afrikaner sal nooit toelaat dat onreg aan sy taal geskied nie. Dit het volgens hom nie beteken dat hy vyandiggesind teenoor sy Engelssprekende medeburgers was nie, maar wel vir albei gelyke regte eis. Hy het verklaar dat die Nasionale Party gelyke regte eis vir albei rasse, en dat hy van die Engelssprekende - sowel as die Afrikaanssprekende Afrikaners verwag dat hulle ten minste 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel moet openbaar.<sup>226</sup>

Op 7 Augustus 1932 het Kemp 'n groot en geesdriftige vergadering op Mamagalieskraal toegesprek. Verwysende na die geskreeu in die Suid-Afrikaanse Partykamp, veral in Natal waar 'n beweging aan die gang was om van die Unie af te skei (sesessie), het hy verklaar dat die sogenaamde ontvredenheid oor die aanstellings in die staatsdiens, die

<sup>224</sup> Die Burger, 5.3.1930.

<sup>225</sup> Debate van die Volksraad, 20.3.1931, kolom 2022, Die Vaderland, 24.3.1931.

<sup>226</sup> Ons Vaderland, 17.4.1932.

gevolg was van die Engelssprekendes self.<sup>227</sup> Volgens Kemp was daar onder die Suid-Afrikaanse Partybewind die bepaling omtrent tweetaligheid nooit ingevoer nie en die Engelssprekendes het hulle nooit verwerdig om Afrikaans aan te leer nie. Hy het gesê dat Afrikaanssprekendes moes Engels aanleer om vooruitgang in die staatsdiens te maak. Voorts het hy gesê dat noudat die Regering op die tweetaligheidsbeginsel vas- skop, was die Engelssprekendes gebelg, maar dat dit hulle eie skuld was. Volgens hom was dit geen rassehaat nie, maar net billikheid teenoor Afrikaans, wat 'n absolute gely- ke reg met Engels as landstaal gehad het. Hy het gesê dat gelyke regte op taalgebied een van die hoekstene was van die Nasionale Party.<sup>228</sup>

Sy taalregverdigheid kom weer navore tydens 'n toespraak op Alberton op 1 November 1932. Hy het gesê dat die Engelssprekende net so veel reg het op bevordering in die staatsdiens, mits hy die moeite wou doen om deeglik tweetalig te word. Volgens hom moes hy boet indien hy versulm om dit te doen. Hy het verwys na Natal wat 22 Jaar ge- had het om Afrikaans te leer, maar dat hulle Afrikaans met minagting bejeën het. Hy het geprotesteer teen diegene wie se rokke nog aan Engeland vasgemaak was.<sup>229</sup>

Op 22 September 1933 te Colesberg het Kemp in verband met samewerking tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party gesê dat die kloof tussen die twee taalgroepe oorbrug moes word, aangesien daar geen gevaar van Engelssprekende oorheersing meer bestaan nie.<sup>230</sup> Op 12 Oktober 1934, tydens 'n vergadering op Victoria-Wes het ds. C.W.M. du Toit aan Kemp gevra of hy erken dat die Kabinet eentalige posisies in die staatsdiens nagehou het. In antwoord hierop het Kemp verklaar dat daar wel volgens wet eentalige amptenare in die Staatsdiens kon gewees het, naamlik die wat voor die totstandkoming van die Unie aangestel was. Volgens Kemp was daar ook sekere tegniese poste wat eentalig was. Vervolgens het du Toit gevra of die Nasionale regering ooit 'n soort pos aangewys het wat eentalig was. Kemp het verklaar dat dit deur Malan se staatsdienskommissie gedoen was, toe hy Minister van Binnelandse Sake was.<sup>231</sup>

Kemp was wat die taalkwessie betref geensins veroordelend teenoor die Engelsspre- kende nie. Sedert sy aanstelling as Minister van Landbou en later as Minister van Lande,

<sup>227</sup> *Ibid.*, 17.8.1932.

<sup>228</sup> *Ibid.*

<sup>229</sup> *Ibid.*, 2.11.1932.

<sup>230</sup> *Die Burger*, 28.9.1933.

<sup>231</sup> *Ibid.*, 13.10.1934.

het hy hom beywer vir 'n regverdige behandeling van beide Afrikaans - en Engelssprekende taalgroepe. Hy was van mening dat die Suid-Afrikaanse volk daardeur die beste gedien kon word. Hy het hom egter nie blind gestaar teen die professionele - en tegniese vereistes in sekere staatsdiensposte wat eentaligheid bevoordeel het nie, maar kon op grond van gegewe vereistes die saak verdedig.

Hy kon met reg as een van die steunpilare in die Suid-Afrikaanse politiek vir gelyke taalberegtiging genoem word. Indien daar gekyk word na sy opmerkings teenoor die verwaarlosing van Afrikaans as taalmedium in Natal en in Suid-Afrikaansegeledere, kan met reg gekonstateer word dat Kemp vuurvreter wat hy was, ten opsigte van die taalbeleid 'n regverdigheidsin openbaar het wat ook deel van sy karakter was.

#### 5.8 Vrouestemreg en die Vroue Nasionale Party - Kemp doen voetwerk

Die kwessie van stemreg vir vroue was nog 'n saak waaraan Jan Kemp baie van sy tyd afgestaan het. Dit was reeds vir die eerste keer in 1926 in die Volksraad geopper, maar dit was eers op 6 Maart 1930 dat Hertzog 'n wetsontwerp in die verband ingedien het. Die groot geskilpunte was nie soseer of vroue stemreg moes kry nie, maar of dié reg tot Blankevroue beperk moes word. Grobler was teen enige vorm van vrouestemreg gekant.<sup>232</sup>

Op 17 Augustus 1927 het Kemp sy eerste vergadering tydens sy politieke reis deur die Vrystaat, op Vrede toegespreek. In die toespraak het hy na die vrou in die politiek verwys en veral gewys op die waarde van die vrou in die politiek. Te Klerksdorp op 21 September 1927 het hy 'n beroep op die moeders en dogters gedoen om met die aanstaande volkstemming, insake 'n landsvlug, weer so hard te werk, want dan sou dit die uitslae verseker.<sup>233</sup>

Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres op 29 September 1927 het Kemp gesê dat die Nasionale Party groei en steeds in getalle toeneem en dat dit die vroue van Transvaal was wat in 1924 die Nasionale Party oorwinning te weeg gebring het. Volgens

<sup>232</sup> J.C.H. Grobler, p.271; M.P.A. Mahan, pp.117-121.

<sup>233</sup> Ons Vaderland, 23.9.1927.

hom het die Kaapprovinsie en die Vrystaat spoedig die Transvaal gevolg, maar in Natal is die vroue eers in 1924 georganiseer.<sup>234</sup>

Op 24 Augustus 1928 te Wolmaransstad het Kemp gemeld dat die vroue waarskynlik eers in 1930 die stemreg sal kry. Hy het gesê dat die Nasionale Party die Blankevroue respekteer en daarom was die stemreg van hulle weerhou, aangesien hulle onder die bestaande omstandighede tot die stand van die Kaapse Kleurlinge verneder sou word.<sup>235</sup> Verder het hy die oggend op Christlana gesê dat die Nasionale Party die vrouestemreg verongeluk het omdat die Kaapse Kleurling stemreg het en dit teen die Afrikaners se inbors is dat 'n Witvrou en 'n Kleurling saam na die stembusse gaan.

Die Nasionale Party Vroue se Pretoria-Oostak het op 17 September 1928 'n Afrikaner-dag gehou in die tuin van mev. C.W. Malan, in Arcadia. Onder die aanwesiges was Kemp en sy vrou. In sy toespraak het hy gesê dat die vroue in die Transvaal die eerstes was om 'n Vroue Nasionale Party te stig. Volgens hom was die Afrikaners gewoon daaraan, sedert die Groot Trek, dat hul vrouens help om geskiedenis te maak en dat die tyd van op-offering vir die vroue nog nie verby was nie.<sup>236</sup> Hy het weer eens gewys op die ywer wat die vroue aan die dag gelê het om die Nasionale Party sy oorwinning by die vorige stembus te gee en 'n beroep gedoen op die vroue om in die volgende algemene verkiesing hand aan die ploeg te slaan. Hy het ook verwys na die £1000 per jaar wat die Regering aan die "Bond van Afrikaner Moeders"<sup>237</sup> toegestaan het; aan 'n vereniging waarin die vroue van die Nasionale Party 'n belangrike aandeel gehad het en wat uitstekende werk vir die Nasionale Party verrig het.

Tydens 'n vergadering te Ventersdorp op 24 November 1928 het Kemp die manskiesers aangespreek oor hulle die vergaderings so swak bywoon, terwyl hy die vroue geprys het vir hul ywer en gevolglik sy volle steun vir die toekenning van stemreg aan vroue gegee het. Hy het gesê: "Die tyd is ook nie meer ver nie, en ons kan nou maar kwiek en kwak maar die stemreg sal hulle kry, en na die volgende verkiesing sal dames ook stem."<sup>238</sup> Volgens hom was al die ander partye ook daarvoor, met die uitsondering van 'n paar lede soos onder andere Piet Grobler, maar hy was van mening dat hulle tot ander insigte sou

<sup>234</sup> Ibid., 30.9.1927.

<sup>235</sup> Die Weste, 28.8.1928.

<sup>236</sup> Die Burger, 19.6.1928.

<sup>237</sup> Ibid.

<sup>238</sup> Ons Vaderland, 27.11.1928.

kom. Interessant dat Grobler, wat ook teenwoordig was geantwoord het dat hy altyd daarteen sal wees. Volgens Kemp was die Nasionale Party in die verlede gekant teen stemreg vir vroue, omdat die Naturellekwessie (sic) nog nie opgelos was nie. Aangesien die Nasionale Party vol vertroue was dat die kwessie opgelos sou word, moes die vroue hulle voorberei om te stem en sodoende moes hulle help dat die Nasionale Party die meerderheid in die verkiesings verkry, het hy gesê.<sup>239</sup>

Vroeg in 1929 het Kemp gesê dat die Nasionale Party gaan, na aanvanklike teenkantiing, vrouestemreg deurvoer. Volgens hom was die enigste struikelblok, omdat ons "Kaatjie nie by Julie wou taat stem nie."<sup>240</sup> Dit is duidelik dat Kemp in sy teenkantiing 'n politieke kleur gegee het, aangesien hy van mening was dat die Witvrou nie by die stembus met die Kleurlinge moes meng nie. Hy het dit as 'n vernedering vir die Witvrou gesien. Teenstrydig met sy opmerkings te Ventersdorp oor vrouestemreg, het hy tydens die tweede lesing van die Vrouestemreg Wetsontwerp op 6 Maart 1930 as teenstander teen die wetsontwerp opgestaan, om die tweede lesing teen te staan. Kemp het in sy verweer gesê dat hy bly was dat Hertzog daarop gewys het dat dit nie 'n party maatreël was nie, aangesien hy teen die tweede lesing sou stem. Volgens hom het hy geweet dat die vrou stemreg gaan kry, maar dat daar sekere beginsels was wat hom nie veroorloof het om die wetsontwerp te steun nie. Hy het daarop gewys dat die Transvaalse Nasionale Partykongres telkemale vrouestemreg afgekeur het.<sup>241</sup>

Op daardie tydstip het iemand in die Volksraad die opmerking gemaak dat die Vrouekongresse dit goedgekeur het, waarop Kemp bevestigend geantwoord het deur daarop te wys dat dit alleen was om hulle getrouheid aan hul leier te betoon. Hy het verduidelik dat die vrou in die skeppling nie bedoel was om op politiekegebied die gelyke van die man te wees nie. Volgens hom het die vrou 'n ander roeping in die lewe as die van die man gehad, veral op staatkundige terrein. Hy het gevrees dat die vrou haar invloed sou verloor indien sy op staatkundige terrein die gelyke van die man gemaak word. Hy het gesê dat die vrou nog altyd die man in alles bygestaan het en volgens hom was dit nog nooit nodig gewees dat sy haar invloed deur middel van die stembus moes uitoefen nie.

<sup>239</sup> *Ibid.*

<sup>240</sup> *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 6, ongepagineerd.

<sup>241</sup> *Debate van die Volksraad*, 6.3.1930, kolomne 1743-1746.

Hy het gesê: "Dit is ons wat die vrou eer, want ons wil hulle hul eervolle posisie in die maatskaplike lewe laat behou."<sup>242</sup>

Ter verdediging van sy standpunt het hy voorts daarop gewys dat die vroue die mans in die kerke moes bystaan en alhoewel hulle daar gelyke regte geniet, het hulle nog nooit daarop aangedring om ampsdraers en predikante te wees nie. Volgens hom sou die vrouens aandring op gelyke lone en salarisse as die van die man, indien hulle stemreg sou verkry. Volgens hom sou veral die platteland daaronder lei, aangesien die afstande groot was en vroue dan lank van die huls af weg sou wees.<sup>243</sup>

Op 15 Maart 1930 was die Wetsontwerp goedgekeur en Kemp se reaksie hierop was dat hoewel hy die Wetsontwerp met hand en tand beveg het, hy hom sal neêrlê by die beslissing van die verteenwoordigers van die volk. Weer eens het Kemp sy lojaliteit teenoor sy party bewys deur te konformeer. Hy het die belange van die party as die belangrikste beskou, niteenstaande sy eie politieke voorkeure - dit was nie dat hy van standpunt verander het nie. Hy het gesê dat hy sy bes gaan doen om die vroue in die Unie aan te spoor om hulle te laat registreer en dat hy sover moontlik sou help met die organisasie werk. Hy het 'n beroep op alle stemgeregtigde vroue, veral in die Transvaal, gedoen om hulle name op die kieserslys te plaas en hul plig by die stembus na te kom.<sup>244</sup>

Tydens 'n verslagvergadering te Wolmaransstad op 13 Junie 1930, het Kemp in verband met die vrouestemreg 'n ernstige beroep op die moeders gedoen om in die uitoefening van hul stemplig, nie laks of onverskillig te wees nie. Hy het gesê dat die omstandighede sodanig was dat dit byna 'n misdad sal wees indien hulle onverskillig sou wees in die uitoefening van hul stemreg, aangesien hulle stem noodsaaklik was om die uitheemse en aan hulle volksbeginsel vreemde stemme te neutraliseer.<sup>245</sup> Na die toekenning van die stemreg aan vroue is daar besluit om die party vir mans en vroue te verenig. Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres van 1931 is die vroue, wat in die Presbiteriaanse kerk in Schoemanstraat in Pretoria kongres gehou het, deur Kemp en Grobler gehaal en vergesel na die Pretoria stadsaal waar die twee partye in "die huwelik bevestig was."<sup>246</sup>

<sup>242</sup> *Ibid.*, kolomme 1747-1748.

<sup>243</sup> *Ibid.*

<sup>244</sup> *Ons Vaderland*, 16.3.1930.

<sup>245</sup> *Ibid.*, 17.6.1930.

<sup>246</sup> C.P. Mulder en W.A. Cruywagen, *Die Eerste Skof van die Nasionale Party in Transvaal*, p.46.

Tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres in April 1932 het Kemp, wat as voorsitter in die afwesigheid van Grobler waargeneem het, veral 'n hartlike verwelkomingswoord aan die vroue by die kongres gerig. Volgens hom was die vrou nog altyd die pilaar waarop die Afrikaanse volkslewe gerus het en aangesien die toekoms nou uitdagings aan die vrou gaan stel, versoek hy die vrouens om gereed te wees. In hierdie verband het hy versoek dat die vroue dit moes oorweeg of die algehele samesmelting tussen die mans - en vrouetakke nie in die beswil van die party sou wees nie.<sup>247</sup>

Die gevraagde algemene verkiezing van 17 Mei 1933 was belê ten einde die volk die geleentheid te gee om sy goed - of afkeuring aan die koalisieooreenkoms tussen Hertzog en Smuts te gee. Vrouekiesers sou vir die eerste keer kon stem. Op 10 Maart 1933 het Kemp 'n telegram van Magdalena Rautenbach van Bramley ontvang waarin sy gevra het of vroue Volksraadslede kon word, met die oog op die komende verkiesing.<sup>248</sup> In antwoord op haar vraag het Kemp haar verwys na Artikel 4 (1) in Wet 18 van 1930: "n Vrou is nie op grond van haar sekse of huwelik onbevoeg om as Senator, Volksraadslid of Provinsiale Raadslid genomineer of gekies te word nie of as sulks te sit of te stem nie."<sup>249</sup>

Gedurende die Transvaalse Nasionale Partykongres in September 1933 het Kemp in sy openingsrede gesê dat indien die Nasionale Party 'n lewende en groeiende party wil wees, dit altyd 'n denkende party moet wees. Verwysende na die vrouestemreg het hy gesê dat sommige van hulle daarteen gekant was. As rede het hy aangevoer dat hulle die standpunt gehuldig het dat die huisgesin en familielewe baie belangrik in 'n volk se voort bestaan was. Voorts het hy die program van beginsels gekritiseer wat deur die Hoofbestuur van die Algemene Vroueraad van Suid-Afrika gepubliseer was en veral in ooreenstemming met die leuse van die Internasionale Vroueraad, naamlik 'n Swartbeleid wat goedgesindheid tussen rasse sal bewaar en bevorder.<sup>250</sup>

<sup>247</sup> Ons Vaderland, 17.4.1932.

<sup>248</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, onpagineerd, telegram van Magdalena Rautenbach aan Kemp, 10.3.1933.

<sup>249</sup> Wette van die Unie van Suid-Afrika, verwysing 4/20, Wet no. 18 van 1930, gepubliseer in die Staatskoerant no. 1872 van 21.5.1930.

<sup>250</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12, onpagineerd.

Volgens hom kon die Nasionale Party se vroue hulle nie daarmee vereenselwig nie en dat die beginsel die Suid-Afrikaanse Party besonder goed te pas kom, aangesien hulle die beginsel van gelykstelling tussen die belange van Blankes en Nie-Blankes in Suid-Afrika voorgestaan het. Hy het gesê dat die Nasionale Partyleiers reeds 'n geruime tyd gewaarsku het dat die Suid-Afrikaanse Party van plan was om by die eerste geleentheid tot hulle beskikking "meidestemreg"(sic)<sup>251</sup> in te voer. As verweer het Kemp aangehaal uit 'n artikel oor die betekenis van vrouestemreg wat in die Suid-Afrikaanse Party Bulletin van Junie 1932 verskyn het. Daarin is gemeld dat Smuts in Junie 1931 in sy verkiesingsmanifes besware teen die uitbreiding van stemreg aan Kleurlinge uit die weggeruim het, toe hy voorgestel het om eers die Witvrou haar seggenskap in landsake te gee en later die posie van die Naturelle (sic) - en Kleurlingvroue te behandel.<sup>252</sup>

Vanuit sy konserwatiewe en nasionalistiese agtergrond is dit duidelik dat Kemp die Afrikanerhulsgesin hoog op prys gestel het en dat hy alles in sy vermoë sou doen om dit te behou. Hy was nie bereid om die eer van die Blankevrou op die spel te plaas deur haar aan bedrywighede met ander rasse bloot te stel nie. Weer eens kom sy lojaliteite teenoor die party navore en lê hy hom neer by die meerderheidsbesluit. Dit moet onthou word dat Kemp nie gehuiwer het om standpunte te stel nie, aangesien hy opgetree het volgens die moed van sy innerlike oortulging. Indien hy 'n saak omhels het, het hy dit nie maklik prysgegee nie. Hy het in sy onverbiddeleikheid ook 'n regverdigheidsin gehad en gevolglik na deeglike besinning van standpunt verander. Hy was nie verniet tegelyk 'n vurige vegter en politikus nie.

#### 5.9 Jan Kemp en die werkloosheid - Armblankevraagstuk

Tydens 'n vergadering in Gezina in April 1929 het Kemp gesê dat die Regering die vorige vyf jaar meer gedoen het as wat nodig was om die nasionalevraagstukke op te los. Volgens hom sou die Suid-Afrikaanse Party beweer het dat indien die Nasionale Party in 1924 aan bewind sou kom, daar stakings, burgeroorlog en skuld sou wees.<sup>253</sup> Op 17 Mei 1929 het Kemp en Creswell saam 'n vergadering bygewoon. Kemp het die kiesers op die voordele van die Paktregering gewys en dat dit industriëlevrede en die Loonraad behels het. Hy het gesê dat in 1924 baie van hulle luid geroep het om werk en dat die Paktre-

<sup>251</sup> Ibid.

<sup>252</sup> Ibid.

<sup>253</sup> Ons Vaderland, 6.4.1929.

gering gevolglik werkkanale geopen het en met 'n definitiewe beleid van beskaafde arbeid begin het.<sup>254</sup>

Hy het verwys na die funksies van die Loonraad, naamlik om gedragslyne deur te voer en die Departement van Arbeid om arbeidstoestande in die land te verbeter en sodoende in noue samewerking met die werksman te bly. Volgens hom het Smuts die Loonraad veroordeel as 'n vorm van sosialisme, maar volgens hom het elke ordentlike werkgewer besef dat hongertone nie op die lang duur betaal nie. Hy het gesê dat die Loonraad 'n ware seën was wat vir dulsende werkers in die ongeorganiseerde nywerhede wat geen vooruitsig gehad het om hul bestaande loonskaal te verbeter nie.<sup>255</sup>

Rakende die beskaafde arbeidspolitiek het hy gesê dat die Suid-Afrikaanse Party die Regering aan die eenkant aangeval het oor die indiensneming van Blankes op die spoorweë wat op 'n hoë loonskaal betaal word, en aan die anderkant was hulle die eerste om Blankearbeid op die spoorweë te gebruik. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse Party wel Blankearbeid op die spoorweë gebruik maar alleen "teen kafferlone (sic) en dan het hulle van die mense verwag dat hulle met Kaffers (sic) moet meeding onder sulke omstandighede."<sup>256</sup> Hy het gesê dat die Nasionale Party dit as hul plig teenoor die minder bevoorregte volksgenote beskou het om Indien hulle weer verkies sou word, hulle oor 5 jaar nie meer van 'n armblankeklas sal hoor nie.<sup>257</sup>

Kemp het te Orligstad op 20 Mei 1929 gesê dat hy in die Suid-Afrikaanse Partypers lees dat die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika nooit opgelos sou word nie, want die Armblanke was nie alleen van swak mentaliteit nie, maar dat hulle ook liggaamlik swak was.<sup>258</sup> 'n stelling waarmee hy totaal verskil het. Op 14 Oktober 1931 te Gezina het hy verduidelik dat die Regering werkloosheid bekamp deur middel van nywerhede op landelike nedersettings. Volgens hom het die Nasionale Party se doelbewuste Blankearbeidstelsel sedert 1924 tot gevolg gehad dat die situasie nie versleg het nie.<sup>259</sup>

---

<sup>254</sup> *Ibid.*, 18.5.1929.

<sup>255</sup> *Ibid.*

<sup>256</sup> *Ibid.*

<sup>257</sup> *Ibid.*

<sup>258</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 12 ongepagineerd, koerantuitknipsel.

<sup>259</sup> *Ibid.*

Te Daspoort op 14 Maart 1933 het Kemp verklaar dat die Paktregering die Blankearbeidsbeleid sal bly handhaaf en die hoop uitgespreek dat die nuwe staalfabryk aan alle werklose Blankes 'n uitkoms sou verseker.<sup>260</sup> Reeds op 11 September 1928 op Mooi-plaas het Kemp verwys na die Yster - en Staalfabryk en gevra wie van die Sappe was daarteen dat werkgeleenthede vir Blanke seuns opsy gesit word. Die vestiging van die fabryk sou volgens hom meer werk vir hul eie mense, meer geld in sirkulasie en gevolglik beter markte teweegbring.<sup>261</sup>

Op 'n vergadering van die Randse Nasionale Party, in die Carlton Hotel in Johannesburg, op 19 Maart 1933 was ook teenwoordig vooraanstaande beampptes van die Mynwerkersunie, onder andere mnr. J.P. Burger die voorsitter. Tydens die vergadering het Van den Berg aan Kemp gevra dat Indien die mynwerkers aan die Rand hulle versoek om 'n loonverhoging van 35 persent laat vaar, en die Kamer in plaas daarvan versoek om 35 persent meer Blankes in diens te neem op die myne, of die Regering hulle eis sal ondersteun.<sup>262</sup>

Kemp het geantwoord en gesê dat sy houding ten opsigte van die saak duidelik was, aangesien hy op die vorige Nasionale Partykongres dit gestel het dat die tyd aangebreek het vir die grootste nywerheid in die land om meer Blankes in diens te neem - nie alleen in die myne nie - elke nywerheid moet meer Blankes in diens neem.<sup>263</sup> Op 2 November 1933 te Colesberg het hy gesê dat die oplossing vir die verligting van werkloosheid daarin geleë was dat die Regering 75 persent van die koste betaal van enige besproeiingskema wat grondverspoeling teenwerk, op voorwaarde dat alleen Blankearbeid gebruik word en die skema eers aan die Regering voorgelê word. Hy het voorts gemeld dat die Regering van voorneme was om nog 500 seuns in die Spesiale Diensbataljon op te neem en nog 300 in landboukolleges op te neem.<sup>264</sup>

As gevolg van sy opvoeding en agtergrond het hy hom verblind tot die lot van die Blankebevolking. Enige bedreiging wat op die weg daarvan gekom het, het hy teengewerk. Gevolglik het hy hom beywer vir beskaafde lewenstandaarde onder die Blankes en dit kon alleen geskied deur die uitwissing van die Armblankevraagstuk. Die sosiale opheffing

<sup>260</sup> Ons Vaderland, 15.3.1933.

<sup>261</sup> Ibid., 23.11.1928.

<sup>262</sup> Die Burger, 20.3.1933.

<sup>263</sup> Ibid.

<sup>264</sup> Ibid., 3.11.1933.

van die Blanke kon volgens hom alleenlik geskied deur opleiding en werksgeleenthede. Hy was ten gunste van die stigting van staatsondersteunde nywerhede en nedersettings om in die probleemoplossing te voorsien. Die Blanke Jeug en sy toekoms was iets waarvoor hy hom sterk beywer het. Hy het onlosmaaklik geglo in die Jeug, onderwys en werkskepping - dit alleen kon die toekoms van die Blankebevolking in Suid-Afrika verseker.

#### 5.10 Terugblik

In 1924 betree Kemp die aktiewe politieke leierskap van die Nasionale Party. Waar hy tot 1924 hoofsaaklik geëer was vir sy militêre prestasies en geesdriftige beywering vir die Nasionale Party van Hertzog, word hy nou een van die leiers - 'n Minister en ondervoorsitter van die party in Transvaal. In die politieke strydperk het hy homself as vegter getrou gebly en daar die taktiek van die slagveld toegepas - veral teenoor die Suid-Afrikaanse Party en partyleiers soos Smuts. Hy het hom veral beywer vir die hereniging in Afrikanergeleedere en selfs lank nadat dit 'n verlore stryd was, het hy nog steeds die saak omhels en voortdurend gepoog om hulle in een kraal bymekaar te kry. Dit sou 'n lewensideaal van hom bly. Politieke teenstanders het hy met venyn behandel, maar tog baie min werklike "vyande" gehad. Hy het egter nie sy politieke opponente onderskat nie en berekend teenoor hulle opgetree, soos byvoorbeeld in die Roossaga.

Sy onwrikbare geloof in die verwesenliking van 'n vrye onafhanklike staat vir Suid-Afrika het uiting gevind in sy politieke optrede, hetsy in die Volksraad, op die politieke platform of in die alledaagse lewe. 'n Vurige vegter met die woord het hy gebly - 'n "rebelgees" het in hom gelewe vir die vryheid van sy land en sy mense. Hy het sy volk met alle kragte van die woord en inspirasie aangespoor om getrou op die "Pad van Suid-Afrika" te bly - hy het hulle aangespoor tot groter opoffering ter wille van die Ideaal. Hy was nie 'n ras-sehater nie, maar 'n groot voorstander van segregasie. Hy het hom uitgespreek ten gunste van die opheffing van die Swartes - hy wou gehad het dat hulle beskawingspelle moes toeneem en daarvoor het hy die Blanke voogdskap aanspreeklik voor gehou. Hy was egter terdeë bewus van die getalle oorwig en daarin het hy 'n groot gevaar gesien vir die voortbestaan van die Blankebeskawing in Suid-Afrika. Terdeë bewus van hierdie Kleurvraagstuk het hy hom onteenseglik beywer vir die oplossing daarvan. Alhoewel hy nie die oplossing self verkry het nie, het hy 'n waardevolle rol gespeel in die soeke na oplossings, vandaar sy voorstel tot Indiësneming en opleiding van Swartes. Hy het egter die toekenning van stemreg aan Nie-Blankes teengestaan.

**Van militaris, na rebel en uiteindelik na politikus. In sy politieke optrede het al drie duidelik na vore gekom, behalwe dat die rebel-militaris verander het na 'n rebel-militaris-orator.**

## HOOFSTUK 6

### KEMP SE ROL IN DIE SAMESMELTING TUSSEN DIE NASIONALE PARTY EN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTY

#### 6.1 Pogings tot samewerking en Kemp se standpunt

Na die oorwinning van die Pakt by die stembus in 1924, was daar voortdurend oproepe deur Nasionale Partyleiers op "enersdenkende" Afrikaanssprekendes binne die Suid-Afrikaanse Party gedoen om by die Nasionale Party aan te sluit.<sup>1</sup> Gedurende 1926 sou die oproepe om 'n politieke toenadering voortduur. Alhoewel die Nasionalistes dit as sulwer volkshereniging voorgehou het, was die Oposisie hulwerig om tot so 'n stap oor te gaan, omdat hulle nog onder 'n misverstand verkeer het insake sekere staatkundige vraagstukke.<sup>2</sup> Die grootste struikelblok in die weg van toenadering tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party was geleë in die teenwoordigheid van die oud-Unioniste binne die gelede van die Oposisie en wie se beleid onaanvaarbaar was vir die Nasionale Party.

Reeds in 1927, tydens die Transvaalse Nasionale Partykongres het genl. Kemp in 'n toespraak gesê dat daar 'n belangrike punt van verskil was tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party, naamlik dat die Suid-Afrikaanse Party se Program van Beginsels voorstel gemaak het vir samesmelting, terwyl Artikel 11 van die Nasionale Party se Programme van Beginsels samesmelting verbied het. Volgens hom het dit slegs samewerking tussen twee selfstandige partye toegelaat indien daar 'n gelykheid in strewe is, en om weer vry te wees sodra die strewe ophou bestaan.<sup>3</sup>

Op 17 November 1927 het Piet Grobler en Kemp 'n groot vergadering op Brits toegesprek en hulle stemme teen hereniging laat hoor. Weer eens het Kemp gesê dat die twee partye nie kan herenig nie, aangesien hulle nog nooit voorheen een party was nie.<sup>4</sup>

<sup>1</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party, Deel 3, p.88.

<sup>2</sup> Die Volksblad, 13.1.1926.

<sup>3</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, ongepaginêerd.

<sup>4</sup> Die Burger, 18.11.1927; Ons Vaderland, 18.11.1927.

Dit was na aanleiding van 'n persverklaring van Tielman Roos in Ons Vaderland op 15 November 1927, waarin hy sy pleidooie vir 'n sentrale party toegelig het.<sup>5</sup> In 1929 het genl. Hertzog verklaar dat solank die Unioniste deel van die Suid-Afrikaanse Party is, hy nie die Suid-Afrikaanse Party sou aanvaar nie. Uitdruklik het hy verklaar: ".....daarop sê ek - nooit!"<sup>6</sup> Op die vooraand van sy vertrek na die Rykskonferensie van 1930, het Hertzog 'n groot skare in Pretoria toegesprek en die pro-republikeinsegroep, waarvan Kemp een was, binne die Nasionale Party ernstig vermaan. Hy het die indruk gelaat dat hy bereid was om ter wille van nasionale eenheid party politiekebelange op die spel te plaas.<sup>7</sup> Die onverwagte goeie meerderheid wat die Nasionale Party in die 1929 algemene verkiesing behaal het, het die ideaal van hereniging tydelik agterweë gebly. Tog was dit 'n ideaal wat by gematigdes in albei kante van die politiekeverdeling bly voortleef het. Die ekonomiese depressie het veroorsaak dat na 1930 die aandrag op 'n "national government" al sterker na vore getree het.<sup>8</sup>

Alhoewel The Friend van Bloemfontein, teen die einde van Oktober 1930, daarvan oortuig was dat ondanks politieke teenkating 'n reoriëntasie van party op die grondslag van rasseharmonie en sonder rassegroepering tog op die lange duur sou seëvier, was die koerantredakteur ongelukkig oor Kemp se uitlating oor samesmelting. Kemp was van mening dat die samesmelting van gematigde elemente tot die ondergang van nasionalisme, die Nasionale Party en Suid-Afrika sou lei. Die berig meld verder dat deur die belange van sy party voor dié van sy land te plaas Kemp en sy geesgenote, hoewel patriotes inderdaad, die ware vyand van die land was.<sup>9</sup>

Na afloop van die Rykskonferensie in November 1930 het Hertzog versoening gepropageer en was daar weer eens 'n gees van hereniging wat sterk na vore getree het. Hertzog het hom egter in 1930 en 1931 baie duidelik teen suiwer partypolitieke reoriëntering uitgespreek, aangesien hy van mening was dat 'n koalisie of "bestman government" slegs die Nasionale Party sou laat verbroekel en dat dit geensins tot heil van die volk sou strek nie. Volgens hom sou dit nie geskied solank hy seggenskap in die Nasionale Party gehad het nie.<sup>10</sup>

<sup>5</sup> Ons Vaderland, 15.11.1927.

<sup>6</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 8, General Hertzog, Twee en Nou.

<sup>7</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzee, Decl 3, p.144.

<sup>8</sup> Ibid., p.140.

<sup>9</sup> The Friend, 27.10.1930.

<sup>10</sup> Ibid., 25.8.1931; Ons Vaderland, 5.12.1930

Die jaar 1932 was 'n droogte jaar. Droogtes en ekonomiese depressie was oor talle dekades verantwoordelik vir die val van regeringe en Suid-Afrika se swak ekonomiese toestand was 'n groot bron van kommer vir Hertzog. In die wurgjare was Suid-Afrika se goud van belang, veral nadat Brittanje in September 1931 van die goudstandaard afgestap het. Hertzog en mnr N.C. Havenga, Minister van Finansies, het besluit dat Suid-Afrika nie Brittanje se voorbeeld sou volg nie. Een van die redes vir so 'n stap was om Suid-Afrika se ekonomiese onafhanklikheid te bewys.

Hierdie optrede van die Regering het Smuts goed te pas gekom en ondersteun deur die Oposisiepers is die beleid van die Regering aangeval. Op politieke gebied was Hertzog nie baie sterk in die saal nie en die onttrekking van enkele van sy Volksraadslede se steun, kon die Regering tot 'n val bring. Die geringste fout vanuit regeringsgeledere kon nadelige reperkussies vir Hertzog hê, aangesien baie Nasionalliste teen 1932 getwyfel het of die Regering met sy ekonomiese beleid op die regte pad was. Ten spyte van Havenga se versekering dat die Regering hul verpligtinge sou nakom, was sy standpunt in talle artikels en briewe veroordeel. Geen wonder dat Smuts in die warboel van emosies van mening was dat die Regering die ekonomiese druk van die goudstandaard nie veel langer sou kon weerstaan nie.<sup>11</sup>

Teen die begin van 1932 het Tielman Roos as sterk voorstander vir die vorming van 'n sentrale party, op grond van bepaalde gemeenskaplike belange, na vore getree. In Januarie 1932 het hy skriftelike voorstelle aan die Suid-Afrikaanse Party gemaak in verband met die samestelling van 'n kabinet.<sup>12</sup> Smuts het egter sy visier hoër gestel, naamlik samewerking met die Eerste Minister self, maar hy wou in die proses nie Roos vervreem nie. Volgens Smuts het die verskyning van Roos op die politieke terrein die beweging vir samewerking na 'n punt gebring. Hy het gesê: "Alle krediet moet hom daarvoor toekom dat hy die Inisiatief geneem het en probeer het om die openbare lewe van ons land op te hef uit die sulwer partypolitieke groef waarin dit verval het."<sup>13</sup> Roos se planne was egter in die wiele gery deur 'n gebeurtenis wat in Kaapstad plaasgevind het.

<sup>11</sup> J.C. Smuts-versameling, Band 206, ongepagineerd, Smuts aan M.C. Gillett, 12.4.1932 en 24.5.1932.

<sup>12</sup> Verenigde Party-versameling, verwysing nr. 4.

<sup>13</sup> Dirk en Johanna de Villiers, Paul Sauer, p.42.

Smuts was seker dat Hertzog verslaan sou word indien 'n algemene verkiesing sou plaasvind, maar hy het sy kaarte versigtig en slim gespeel. Volgens hom was dit nie nodig dat Hertzog die Inislatief hoef te verloor nie. Hy kon self met die partyleiers onderhandel en die "Nasionale regering" vorm.<sup>14</sup> Op 21 Januarie 1933 het Smuts tydens die wantroue debat versoek dat daar 'n samewerkingsooreenkoms tussen die partye moes geskied. 'n Driftige "Nee" vanaf Hertzog, was sy antwoord op Smuts se voorstel.

Kort voordat die wantrouedebaat ten einde geloop het, het Hertzog op 25 Januarie 1933 vir Oswald Pirow versoek om saam met N.C. Havenga na Smuts se regterhand, Patrick Duncan, te gaan en om hom te versoek om 'n gesprek met die Opposisieleier te reël. Sy woorde aan Pirow was: "Amice, ek soek jou juis. Ek wil hê jy moet Klaas Havenga vind en julle moet saam na Patrick Duncan gaan om Smuts te waarsku om nie die deur na samewerking tussen ons toe te slaan nie."<sup>15</sup> Pirow meld dat hy skoon stomgeslaan was omdat Hertzog pas te vore op die Smutsvoorstel oop en bloot verklaar het dat hy niks met enige poging tot samewerking te doen wil hê nie. Met Pirow en Havenga se aankoms by Duncan se kantoor was hy net so uit die veld geslaan.<sup>16</sup>

In die wandelgange van die Parlement was daar dus weer politieke geskiedenis gemaak en die weg gebaan vir 'n omwenteling soos daar in geen jare in die politiek van die land gesien was nie en Kemp sou onwillekeurig in die gebeure betrek word.

Vir die Suid-Afrikaanse Party was dit 'n moeilike besluit om tussen Roos en Hertzog te kies en binne die Nasionale Partygeledere was daar ook net so veel onsekerheid. Dr. D.F. Malan het op 'n kabinetsvergadering hom ten sterkste teen samewerking met Smuts uitgespreek. Mnr. C.W. Malan, E.G. Jansen en A.P.J. Fourie het getwyfel, terwyl Havenga, P.W. Grobler, Kemp en Pirow vir Hertzog ondersteun het.<sup>17</sup> Kemp se ondersteuning van Hertzog moet gesien word in die lig van sy getroue ondersteuning aan die premier, want in die voorafgaande tydperk sedert 1924 het hy nog nooit 'n goeie woord vir Smuts, die Suid-Afrikaanse Party, die Unioniste en hulle beleid gehad nie.

<sup>14</sup> *Ibid.*

<sup>15</sup> Piet Meiring, *Tien Politieke Leiers*, pp.80-81.

<sup>16</sup> *Ibid.*

<sup>17</sup> J.P. Brits, *Tielman Roos*, p.411; C.M. van den Heever, p.592.

Gevolglik het Hertzog die Kabinet meegedeel dat aangesien hulle oor die aangeleentheid verdeel was, hy op sy eie as leier sou optree sonder om sy kollegas in te lig oor die verloop van die samesprekings met Smuts. Op 31 Maart 1933 het hy die redes vir sy besluit om met die Suid-Afrikaanse Party te onderhandel aan die Nasionale Partykoudus uiteengesit. Hy was oortuig dat die Nasionale Party die volgende verkiesing sou verloor en verwys na die tussenverkiesing in Germiston, waar die Nasionale Party sy setel afgestaan het, as bewys vir sy stelling.<sup>18</sup> Volgens hom kon 'n algemene verkiesing te eniger tyd op die Nasionale Party afgedwing word deur die Roos-aanhangers in die geleedere van die Nasionale Party en indien Smuts se samewerking geweler word, sou dit hom in die arms van die Roosgroep en die Natalse ekstremiste dryf. Hertzog was van mening dat so 'n samevoeging, indien die Suid-Afrikaanse Party aan bewind kom, die Afrikaanse taal en - kultuur 'n nekslag in Natal sou toedien. Hy het dit duidelik gestel dat sy doel alleen was om die Nasionale Party, maar bowenal die volk, te red.<sup>19</sup>

Uit Opposlegeleedere het die aandrag op 'n koalisieregering algaande sterker geword, terwyl die meerderheid Nasionale Partytakke en - ondersteuners veral die Roos-beweging afgekeur het en gevoel het dat dié party tot die verkiesing van 1934 moes vasstaan. So byvoorbeeld het Carel van Dyk op 16 Januarie 1933 aan Kemp geskrywe dat: "n Mosele van vertroue in die Nasionale Party met 'n meerderheid van slegs een stem was egter vir die Pakt voldoende om as regering voort te gaan."<sup>20</sup>

Kemp was juis een van diegene wat later, nadat Hertzog hom tot koalisie bereid verklaar het, sy arms die sterkste gesteun het. Op die vooraand van die Parlementsitting het hy op 18 Januarie 1933 aan sy neef B. Greyling, van Wakkerstroom, geskryf om hom tot volgehoue steun vir die Nasionale Party aan te moedig. In die brief het hy Roos veroordeel dat hy bereid was om die Afrikaanse beginsels en - tradisie prys te gee ter wille van 'n bondgenootskap met diegene wie hy gesê het dat hy "lewer met die duivel as hulle

<sup>18</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzee, Deel 3, pp.197-198, tydens die algemene verkiesing van 1929 het 'n Arbeider - Creswelliet, G. Brown, die kiesafdeling Germiston met 'n stewige meerderheid teenoor 'n Arbeider - Councilliet, J. Allen verower. Voor die tussenverkiesing van 1932 het Smuts probeer om die verdeelde Arbeiderstemkrag vir die SAP te wen deur te benadruk dat die NP die Arbeiders slegs vir die gewin gebruik het en dat dit die ondergang van die Arbeidersparty beteken het. Die uitslag van die tussenverkiesing het voldoende bewys gelewer dat Smuts in sy doel geslaag het. Die SAP-kandidaat het 1180 stemme bo die NP-kandidaat behaal; Rand Daily Mail, 12.9.1932, Smuts te Germiston; B.M. Schoeman, My lewe in die politiek, p.185.

<sup>19</sup> Ibid.

<sup>20</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief van Carel van Dyk aan Kemp, 16.1.1933.

(sou) verenig.”<sup>21</sup> Voorts het hy gemeld dat hy nie kon verstaan hoe die Afrikaner, wat in die verlede so bitter gely het, hom deur die mooi woorde oor koalsie kon laat meesleep nie. Hy het gewaarsku: “...’n Koalsie regering is ’n regering wat al daardie beginsels voorgestaan het, prysgee en eenvoudig tydelik saamwerk totdat die breuk groter is as toe hy begin het, en dan moet ’n mens weer opnuut begin dink.”<sup>22</sup>

Hierdie woorde sou in die toekoms blyk profetiese woorde te wees, ten opsigte van die komende Suid-Afrikaanse koalisieregering. Hy meld ook dat die Nasionale Party nie bereid is om “Kaffir, Moor en Indiaan (sic)” as Nasionalliste op te neem en in die proses die hele Afrikaanse nasie prys te gee en hulle “houthakkers en waterdraers te laat word nie.”<sup>23</sup> Hy was daarvan oortuig dat die prysgawe van die goudstandaard Suid-Afrika nog duur te staan sou kom. Volgens hom was die Nasionale Partyleiers geensins bereid om Suid-Afrika aan die genade van ’n koalisieregering oor te gee nie, tensy die volk ontrou aan sy beginsels sou word en tot so ’n besluit sou oorgaan.

Op 25 Januarie 1933 berig Ons Vaderland dat die Nasionale Partykokus op 24 Januarie 1933 ’n kragtige besluit teen koalsie van enige aard geneem het. Die besluit het gelui: “Dat iedere Volksraadslid, binne sowel as buite die Parlement, in geen omstandighede sy steun aan ’n koalsiebeweging sal verleen nie en indien enige lid hierdie besluit in enige opsig oortree, sal sy Distriks- en Takbesture onmiddellik daarvan in kennis gestel word sodat die nodige stappe teen sodanige lid gedoen kon word.”<sup>24</sup> Al die teenwoordige afgevaardigdes het onderneem om hul stiptelik by die besluit te hou.

Die Nasionale Party Volksraadslede wat met Roos onderhandel het, sowel as dié wat enigsins openlike steun aan Roos se idee van ’n nasionale regering gegee het, was spoedig deur die party die rug toegekeer. Op Maandag 30 Januarie 1933 was daar ’n opskudding in die Volksraad toe dr. Hjalmar Reitz onder die sweep gesteek is deur Kemp. Dit het geskied tydens die voortsetting van die debat oor Smuts se koalsiesmosie. Kemp het geen doekies omgedraai nie en gesê dat volgens sy mening was Reitz, en diegene wat saam met hom gevoel het, verraaers en dat hulle nie onder die Nasionalliste behoort te sit nie. Hierdie uitlating van Kemp het gevolg na ’n toespraak van Reitz,

<sup>21</sup> Ibid., Band 3, brief van Kemp aan B.Greyling, 18.1.1933.

<sup>22</sup> Ibid.

<sup>23</sup> Ibid.

<sup>24</sup> Ons Vaderland, 25.1.1933.

waarin hy homself ten gunste van 'n koalisie verklaar het: "Die feit dat hy dit nie aan die Regering oorgelaat het om te onderhandel nie, maar self met die vyand onderhandel het, is niks anders as verraad nie," het Kemp verklaar.<sup>25</sup> Na hierdie harde woorde van Kemp het beide Reitz en mnr. Louw Steytler opgestaan en hom ultgedaag om sy setel te bedank. "If you do this I shall do the same and flight your seat," het Reitz gesê.<sup>26</sup> Waarop Steytler gesê het dat hy dieselfde sou doen. Kemp se ongeërgde antwoord was: "I do not resign to fight traitors."<sup>27</sup>

Interessant dat The Star onder die opskrif "Serio-Comic", meld in kommentaar op Kemp se uitlatings: "General Kemp originally left the South African Party for reasons which no doubt seemed to him good and sufficient, but no one ever accused him of treachery - at least in that connection."<sup>28</sup> Voorts het die beriggewer berig dat indien daar onsekerheid was onder die bevolking, die Regering 'n mandaat van hulle moes verkry: "Surely that would be the 'honourable' and straightforward course to adopt in the chaotic conditions now prevailing."<sup>29</sup>

Gevolgtik het Reitz sy plek onder die Nasionaliste verlaat en op die dwarsbanke gaan sit. Kemp het aan hom gesê dat hy nou op die regte plek is. "The party (Nasionale Party) as a whole did not seem to like it. The House at once hummed with excited members, and little notice was taken of what General Kemp said now that the Nationalists saw before them visible signs of a breaking party. Dr. Reitz was one of the founders of the National Party and one of its most brilliant members. He of course remains a Nationalist, but a member of the Roos group of that party," het die Rand Daily Mail, berig.<sup>30</sup>

Die dagblad berig verder dat daar geen koalisie in Kemp se toespraak was nie: "He laid a heavy sjambok on the shoulders of all who differed from him, and got right back to the dreadful old party rut. It was a bitter and provocative utterance."<sup>31</sup> Verder meld die berig

<sup>25</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 13, ongepagineerd; Volksblad, 31.1.1933.

<sup>26</sup> Rand Daily Mail, 31.1.1933; The Star, 31.1.1933.

<sup>27</sup> Ibid.

<sup>28</sup> The Star, 31.1.1933.

<sup>29</sup> Ibid.

<sup>30</sup> Rand Daily Mail, 31.1.1933.

<sup>31</sup> Ibid.

dat indien daar ooit 'n kans vir koölsie tussen die Hertzogiete en Smutsiete was, het Kemp dit 'n harde slag toegedien.<sup>32</sup>

Na afloop van Kemp se toespraak het lede van die Volksraad hulle na die wandelgange gehaas, waar 'n groep alreeds besig was om die gebeure te bespreek. Kemp het ook uitgegaan en was toe deur Louw Steytler gekonfronteer: "Look here, Kemp, you made the statement in the House that I was a National Scout. Now repeat that here."<sup>33</sup> Kemp het heldhaftig geantwoord dat hy dit nie gesê het nie, maar dat hy dit tog wou gesê het. Verontwaardig het Steytler hom versoek om dit aldaar te herhaal wat hy aanvanklik gesê het. "Mr. Steytler looked very severe and stern, and General Kemp rapidly walked away, calling out over his shoulder, 'what I said in Parliament I stand by',"<sup>34</sup> het The Star berig. Interessant meld die beriggewer later in die berig: "The outbreak of foot - and mouth disease in a corner of the Union has evidently got on the nerves of the Minister of Agriculture, for right through his speech he used the terms 'infectious disease'. If he is right then all classes of the South African Party are suffering from political infectious disease. It was at this point that the incident with dr. Reitz and mr. Steytler, already recorded, developed."<sup>35</sup>

Hierdie wig wat Kemp tussen hom en Reitz ingeslaan het, het veroorsaak dat daar altyd tussen hulle 'n kloof bly bestaan het. Dit het tot gevolg gehad dat Reitz hom onwelkom in Nasionale Partygeledere gevoel het.

Ons Vaderland berig op 15 November 1929 dat Kemp uit 'n sekere hoek, van outokrasie beskuldig word. Ter verdediging meld die beriggewer dat, as gevolg van sy deurtastendheid dit onvermydelik is dat hy af en toe op mense se tone trap, dat hulle vervolgens gegrief voel en hom blameer. Die berig sluit af: "Sonder om hom te hou aan die metodes van die militêr, het hy gelukkig nog altoos die deurtastendheid van die krygsman behou."<sup>36</sup>

Onder die Nasionale Party Volksraadslede was daar onduidelikheid oor die aard van die beleid wat deur 'n koalisieregering gevolg sou word. Ter verduideliking het Kemp dit so

<sup>32</sup> Ibid.

<sup>33</sup> The Star, 31.1.1933.

<sup>34</sup> Ibid.

<sup>35</sup> Ibid.

<sup>36</sup> Ons Vaderland, 15.11.1929.

gestel: "Dadellik sal die kwessie voorkom van die devolusie beweging in Natal, die Natu-  
relle vraagstuk (sic) of enig een van die ander vraagstukke wat ek genoem het, soos die  
gelyke behandeling van albei landstate in die Landsdiens."<sup>37</sup>

Kemp het dit onbegryplik gevind dat mense soos C.P. Robinson en P.V. Pocock kon glo  
dat die Suid-Afrikaanse Party, as deel van 'n koalisiereregning, positiewe maatreëls ten  
opsigte van die Armblankevraagstuk en nywerhede sou kon instel. Mnr. T.F. Allen, Suid-  
Afrikaanse Party Volksraadslid vir Von Brandis, het enkele maande van te vore 'n aanval  
op die Pakt gemaak oor sy beleid om talle arm bywonerboere te help ten koste van "the  
people who had built up the financial prosperity of South Africa and are now contemp-  
tuously referred to as 'foreigners'".<sup>38</sup> Volgens Kemp was dit heel duidelik dat Allen weinig  
simpatie met die Boerebevolking gehad het.

Ter verdediging van die boere het Kemp Allen daarop gewys dat hulle met groot moeilik-  
hede te kampe gehad het en dat die land se primêre produsente gehelp moes word. Hy  
het die Suid-Afrikaanse Party daarvan beskuldig dat hulle die boere stegs lief gehad het  
wanneer hulle hul stemme wou gehad het.<sup>39</sup> Kwelvrae wat noodwendig by baie Suid-  
Afrikaners na vore moes getree het, was onder meer of uiteenlopende standpunte oor  
die Armblankes soos die van Allen en Kemp binne 'n koalisiereregning versoenbaar  
was;<sup>40</sup> sou die Suid-Afrikaanse Party met sy sterk kapitalistiese inslag in dieselfde tuig  
kon trek as die Nasionale Party met sy besondere belangstelling in die landbou; en  
sou die konsolidasie van die land se sterk politieke brein krag vrugte afwerp en wel in  
die mate dat hulle gemeenskaplike oplossings sou kon bied, wat nie deur partyregering  
daargestel sou word nie?<sup>41</sup> Daar sou egter moeilik antwoorde op die kwelvrae verskaf  
kon word. Dit was ook die rede waarom Hertzog verklaar het dat so 'n koalisie nie ult-  
voerbaar was nie.

Die kwessie van die beleid en beginsels van 'n koalisiereregning was inderdaad vir talle  
politici van kardinale belang. Baie Nasionale was daarvan oortuig dat Smuts se rede  
vir 'n koalisie met die Nasionale Party geleë was in die felt dat hy nie self die bewind

<sup>37</sup> *Ibid.*, 25.1.1933, kolomne 96-97; *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 1, brief van Kemp aan NP  
Vroueparty te Wolmaransstad, 31.3.1933.

<sup>38</sup> *Ibid.*, 30.1.1933, kolom 219.

<sup>39</sup> *Ibid.*, kolomne 227-228.

<sup>40</sup> *J.H. le Roux en P.W. Coetzer*, Deel 3, p.245.

<sup>41</sup> *Ibid.*

kon oorneem nie, en dus op die wyse die Regering omver wou gooi. Dit was moeilik verstaanbaar dat Smuts, ondanks skerp kritiek van die Nasionale Party, nog bereid was om met die party saam te werk. Oswald Pirow het dit vreemd gevind dat Smuts die Premier beskryf het as iemand wat te sleg was om die land uit sy probleme te red, dog bereid was om onder so 'n premier in die Kabinet te dien.<sup>42</sup>

Ook Kemp het getwyfel en hy het geglo dat Smuts se mosie nie opreg bedoel was nie. Kemp wou weet, indien hy dit wel opreg bedoel het, waarom Smuts dan die Suid-Afrikaanse Partylede verwittig het dat hulle aan die party getrou moes bly, maar tegelykertyd moes sorg dat soveel as moontlik van die Nasionale Party-afvalliges by die Roosbeweging aansluit. Smuts se bewering dat die volk se vertroue in die Nasionale Party geskok was, was volgens hom van alle waarheid ontbloot.<sup>43</sup> Kemp se Vrystaatse kollega, mnr. J.J. Serfontein van Edenburg, het opgemerk. "Dit is nie die resultaat van ons handeling wat die waarde daarvan bepaal nie, dit is die motiewe waarmee ons besiel is."<sup>44</sup> 'n Sinvolle, objektiewe ontleding van Smuts se ware oogmerk het egter vir baie Nasionalistes onverklaarbaar gebly.

Die Parlementsitting van 1933 het intussen voortgegaan, dog met die skaduwee van koalisie wat soos 'n wolk oor die land gehang het, was dit vir baie lede moeilik om hul onverdeelde aandag by die wetgewende program te bepaal. Die Nasionale Partylede was in 'n moeilike posisie, aangesien hulle nie by magte was om Smuts se voorstel by hul klesers te toets nie. Verder was Roos se invloed steeds gevrees, terwyl Reitz en Steytler invloedryke politici was wie se mening groot gewig gedra het en hul moontlike toetrede tot die Suid-Afrikaanse Party sou 'n groot verlies en gevaar vir die Nasionale Party inhou. Steytler het stegs vir 'n paar dae op die dwarsbanke van die Volksraad deurgebring, waarna hy weer tot die Pakt se voorbanke teruggekeer het. J.H. le Roux en P.W. Coetzer meld dat daar nie veel betekenis aan geheg kan word nie.<sup>45</sup> Waar Afrikaanssprekendes nie maklik vergewe en vergeet nie, was die breuk geensins geheel nie. Kemp se provokasie van Roos en sy aanhangers in die Volksraad was volgens Stanley, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, doelbewus beplan aangesien Hertzog

<sup>42</sup> *Ibid.*, p.237.

<sup>43</sup> *Debatte van die Volksraad*, 30.1.1933, kolomme 251-252.

<sup>44</sup> *Ibid.*, kolom 262; *Die Volksblad*, 31.1.1933.

<sup>45</sup> *J.H. le Roux en P.W. Coetzer*, Deel 3, pp.255-256.

graag van die Rooslete ontslae wou raak. Dit sou vir hom beter gewees het as hulle die party uit die vrye wil verlaat, eerder as dat hulle daaruit geskors word.<sup>46</sup>

Dit is in hierdie tyd dat Kemp sy ware kleure gewys het. In 'n brief aan J.A. Landman van Potgietershoop, in Februarie 1933 in die Plet Retlefdistrik, skrywe Kemp dat hy graag daarop wil wys dat die Nasionale Party staan vir die beginsels van 'n vrye en onafhanklike Suid-Afrika, vir gelyke regte van beide rasse van die bevolking, vir 'n Blanke Suid-Afrika en vir die beskermingsbeleid van die Afrikaanse volk. Hy meld dat Roos met hierdie beleid saamgestem het, maar dat hy nou met een penstreep al daardie beginsels van die Nasionale Party, wat al die jare voor gestry was, wou vernietig. Voorts gee Kemp die versekering dat wat die leiers van die Nasionale Party en homself betref, hulle nie bereid is om Suid-Afrika aan die genade van 'n koalisieregering oor te lewer nie, tensy die volk sy beginsels verander en dit self besluit.<sup>47</sup>

Op 14 Februarie 1933 het Hertzog aan die Ons Vaderland verslaggewer by die Volksraad, 'n verklaring oorhandig betreffende 'n aanbod wat hy tot alle partye gerig het tot samewerking. Hierin is voorwaardes duidelik uiteengesit waar volgens die Nasionale Party bereid sou wees om met al die ander partye saam te werk. Die verklaring het vas neergelegde beginsels weergegee en verklaar: "Op hierdie wyse sou daar verkry word 'n kontraktuele of Pakt-vorm van samewerking wat nie sal mank gaan aan die gebreke en tekortkominge van 'n koalisie of 'National Government' soos deur genl. Smuts in sy mosie voor die Volksraad aan die hand gegee is nie. Insteede van 'n koalisieregering sonder vooraf vasgestelde beginsels of beleid, en sonder enige bepaalde doel waartoe die verenigde kragte van samewerking aangewend moet word, sou dit wees 'n regering geleidelik deur nasionale beginsels, onderworpe aan vas neergelegde voorwaardes van samewerking, en met bepaalde oogmerke na die bereiking waarvan met verenigde kragte gestreef sal word".<sup>48</sup>

Dieselfde dag nog het Smuts die middag aan Hertzog 'n antwoord verskaf en gemeld dat wat hy in gedagte gehad het met die voorstel, was die vorming van 'n regering waarin albei partye kon saamwerk op 'n grondslag van min of meer gelyke deelname met be-

<sup>46</sup> Ibid.

<sup>47</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, onpaginêerd, brief van Kemp aan J.A. Landman, 1.2.1933.

<sup>48</sup> Ons Vaderland, 15.2.1933.

houd van hul identiteit, maar wat vrlendelik kon saamwerk as lede van die Regering langs ooreengekome lyne van nasionale beleid.<sup>49</sup>

Op 17 Februarie 1933 is die samesprekings voortgesit en was die twee leiers bygestaan deur Havenga en Duncan. Bo en behalwe beginselsake het kabinetsposte en nominasie van kandidate by 'n uitelndelike algemene verkiesing ter sprake gekom, terwyl die Provinsiale Raadstelsel ook onder die vergrootglas geplaas was. Daar was egter een groot struikelblok, naamlik die Swartvraagstuk. Smuts wou geensins enige verwysing na voorgestelde wetgewing in verband met die oplossing van die Swartvraagstuk in die ooreenkoms gehad het nie, terwyl die twee Nasionale Partyleiers dit as hul plig teenoor hul partypoliteke ondersteuners beskou het, om daarop aan te dring.

Tydens voortgesette samesprekings op 20 en 21 Februarie 1933, kon steeds geen eenstemmigheid bereik word nie. Die gevolg was dat die Suid-Afrikaanse Party afvaardiging onttrek het om afsonderlik oor die probleem te beraadslaag. Dieselfde dag nog het hulle 'n effens verwaterde weergawe van Hertzog se oorspronklike voorstel aan hom oorhandig. Die voorstel was met Havenga, Pirow, Kemp en Grobler bespreek en alhoewel Grobler besware daarteen geopper het, moes hy hom neerlê by die meerderheidsbesluit van die ander wat hul goedkeuring daaraan geheg het.<sup>50</sup>

Die politieke skaakspel tussen Hertzog en Smuts is tot 'n hoogtepunt gevoer en die onderhandelinge tussen hulle het herhaaldelik gedreig om te misluk, aangesien Smuts geweier het om die Swartstemreg af te skaf. J.H. le Roux meld dat Hertzog die meester was in hierdie politieke spel, aangesien hy geweet het dat Smuts se houding teenoor die wetsontwerpe sy politieke lot kon bepaal, want 'n aansienlike deel van sy ondersteuners was ten gunste van Hertzog se beoogde wetgewing. Dit sou in 'n toenemende mate 'n flater word wat Smuts nie ligtelik sou kon wegwys nie.<sup>51</sup> Die weg vlr 'n koalisieregering tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party was nou gebaan en daar het nou 'n swaar verantwoordelikheid op die skouers van die twee onderskele leiers gerus, om in die praktyk te wys dat hulle die regte weg betree het. Die kwelvraag egter by baie Suid-Afrikaners was of die twee leiers instaat sou wees om alle geskille by te lê en akkoord

<sup>49</sup> Ibid.

<sup>50</sup> J.H. le Roux en P.W. Costzer. Deel 3, p.276; D.W. Krüger, *South African Parties and Policies, 1910-1960*, p.84; J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler, 1873-1942*, p.287.

<sup>51</sup> J.H. le Roux (red.), *Genl. J.B.M. Hertzog. Sy strewe en stryd*, p.419.

te gaan oor gemeenskaplike oplossing vir die belangrikste probleme van die dag<sup>52</sup> en of uiteenlopende standpunte oor die Armblankes soos die van J. Allen en Kemp enigsins binne 'n koalisieregering versoenbaar was? Van meet af sou elke stap en woord weldeurdag moes wees en met oorleg uitgevoer word.

## 6.2 Samewerking vir 'n koalisie

Hertzog het druk op sy eie mense geplaas om samewerking te bewerkstellig, veral in die Wes-Transvaal. Die Transvaalse Nasionalistes, met die uitsondering van J.G. Strijdom, het besluit om by die Eerste Minister te staan. Op 24 Februarie 1933 het Kemp te Wolmaransstad aan die kiesers 'n uiteensetting gegee van die grondslag waarop Hertzog met die Suid-Afrikaanse Party onderhandel het. Hy het daarop gewys dat die handreiking van die kant van die Oposisie as 'n vaderlandsliewende gebaar beskou moes word, om die land uit die verknorsing te ruk waarin dit saam met die res van die wêreld gedompel was. Hy het gesê: "Vir die Nasionaalgesinde deel van die volk is hierdie stap van die Generaal 'n kans tussen die toevertrouing van ons regering aan genl. Hertzog of onteiening."<sup>53</sup>

In Maart 1933 het Kemp, wat weens die siekte van Piet Grobler, waargeneem het as leier van die Transvaalse Nasionale Party, in 'n persgesprek 'n beroep op die Transvaalse Nasionalistes gedoen om in die tyd van partysorge en -moeilikhede hul volle steun te gee aan hul verkose leiers. Hy het die hoop uitgespreek dat die Nasionalistes, in die komende algemene verkiesing, die setels wat hulle volgens oordeel kon wen, nie die belange van hul eie kring die swaarste moet laat weeg nie. Hy het versoek dat die aangeegaande ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Party gesteun word. As voorbeeld het hy verwys na die kiesafdelings van Bethal en Benoni, wat na die jongste afbakening baie gunstig vir die Nasionale Party afgesny was. Hulle sou egter Suid-Afrikaanse Partysetels bly en in ruil daarvoor sou die Nasionale Party Losberg en Witbank verkry.<sup>54</sup> Hy het ook die vertroue uitgespreek dat die Nasionalistes in hul kiesafdelings kandidate sou benoem wat getrou by Hertzog sou staan. Hy het gesê: "Ek hoop dat ons geen halwe maatreëls gaan neem nie, dat die lede wat gekies word genl. Hertzog honderd persent sal steun, en nie aan

<sup>52</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer. Deel 3, p.245; D.W. Krüger, p.84.

<sup>53</sup> Ons Vaderland, 25.2.1933.

<sup>54</sup> Die Burger, 8.3.1933.

ons vertel dat hulle ons wil steun net solank as wat hulle wil nie, met ander woorde nie gaan waghond staan, en die Regering net so gou dit in hul kraam pas, uitgooi nie.”<sup>55</sup>

Op 9 Maart 1933 berig die Natal Mercury dat mnr. Lewis Reynolds, die Suid-Afrikaanse Party Volksraadslid vir Natal-Kus, tydens 'n vergadering gesê het dat hulle volle vertroue in Kemp het en dat Kemp nou 'n verteenwoordiger is van die Regering, en nie soos voorheen van die party nie. Hy was verseker dat Kemp die wense van die Koalisieregering sou ultvoer.<sup>56</sup> Dit dien gemeld te word dat Kemp, wanneer hy 'n saak, 'n beleid of politieke leier “omhels” het hy, sy volle lojaliteit en ondersteuning gegee het. Hy het gestaan en geval by sy politieke oortuigings soos hy dit op daardie stadium vergestalt het.

Op 23 Maart 1933 het die Nasionale Party se hoofkantoor in die Transvaal 'n verklaring uitgereik waarin bepaal is dat elke Nasionale Party kandidaat wat aan die verkiesing wou deelneem, moes onderneem om indien hulle tot die Volksraad verkies sou word, Hertzog getrou te steun. Ook moes hulle belowe om onmiddellik uit hul poste te bedank, sodra hulle dit onmoontlik vind om hulle verdere steun aan die koalisie te gee.<sup>57</sup>

Die algemene verkiesing sou op 17 Mei 1933 plaasvind en gedurende die nominasiestryd was daar ook oor die politieke toekoms van Roos besin. Op 3 Maart 1933 het die redakteur van Die Burger homself afgeva hoeveel maande sou verloop alvorens Roos weer op die politieke toneel sou verskyn - hierdie keer as vyand van die koalisie.<sup>58</sup> Kemp wat vir die verkiesing die leierskap van die Transvaalse Nasionale Party op hom geneem het, het kwaai te velde getrek teen Roos. Hy het die Nasionale Party daarop gewys dat Roos besig was om verdeeldheid te saai. Hy het gesê: “Mnr. Tielman Roos het sy boete agter hom verbrand, en dit is alleen ons swaar getelsterde vaderland wat die wrange rugte van hierdie smousery met landsomstandighede sal smaak.”<sup>59</sup>

Die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Nasionale Party het besluit om die Roosvolgelingen Hjalmar Reitz, Carel Potgieter en H.H. Moll in hulle kiesafdelings te opponeer, omdat die komiteede van mening was dat Roos se terugkeer tot die politiek totaal onaanvaarbaar was met die partysolidariteit. Roos het die stilte verbreek toe hy aange-

<sup>55</sup> Ibid.

<sup>56</sup> Natal Mercury, 9.3.1933, W. Arnott was tot 13.3.1930 die Volksraadslid.

<sup>57</sup> J.H. le Roux (red.), p.504.

<sup>58</sup> Die Burger, 2.3.1933.

<sup>59</sup> J.P. Brits, p.423.

kondig het dat hy van plan was om in die Rustenburgkiesafdeling teen Piet Grobler te staan. Kemp het dadelik gereageer en Roos van onsportlewe optrede beskuldig, en dit terwyl Grobler ongesteld was. Hierdie optrede van Roos was 'n goeie illustrasie van sy onvoorspelbaarheid, aangesien hy kort van te vore die mening uitgespreek het dat Hertzog en Smuts vir 'n ander leier moes plek maak en het hy onder andere spesifiek na Grobler as 'n geskikte opvolger verwys.<sup>60</sup> Later by 'n geleentheid het Roos, op 'n vraag oor die kwessie, gesê dat hy eintlik 'n grap gemaak het toe hy Grobler as die regte man vir die premierskap aanbeveel het.<sup>61</sup>

Voorts het Roos sy voorneme te kenne gegee om 'n nuwe party te stig wat "verbroedering" sou beoog, nie sommer 'n "pakt" wat die leiers enige oomblik kon verbreek nie. Sy vernaamste klagte was die outokratiese optrede van Hertzog en die standpunt van Kemp dat alle Volksraadslede Hertzog blindelings moes volg.<sup>62</sup> Verder het Roos 'n skerp veroordeling uitgespreek teenoor die aanhoudende venynigheid van leiers soos Hertzog, Kemp en Pirow, wat Nasionaliste gedwing het om die "pakt" met die Suid-Afrikaanse Party tot stand te bring.<sup>63</sup>

Met die oog op die misverstande wat orals skyn te geheers het oor die uitwerking van die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party en met betrekking tot die komende verkiesing en benoeming van kandidate vir die Volksraad sowel as Provinsiale Raad, het Kemp verduidelik dat in die Transvaal waar die ooreenkoms vir albei verkiesings gegeld het, sou die bestaande Nasionale Partysetels deur Nasionaliste bestry word, met die steun van die Suid-Afrikaanse Party. Die omgekeerde het vir die bestaande Suid-Afrikaanse Partysetels gegeld. Volgens Kemp sou nominasies op die gewone wyse plaasvind en sittende lede sou nie noodwendig benoem word nie. Hy het ook verduidelik dat in verband met die nominasies, hy op die volgende vergadering van die Hoofbestuur sou voorstel dat lede van die party nie die voorgeskrewe vorm van trou aan die beginsels van die Nasionale Party moes onderteken nie, maar dat lede wie se name op die registers van takke voorgekom het sou kon stem.<sup>64</sup> Die finale besluit in verband met nominasies van kandidate in die Transvaal het by 'n komitee berus, bestaande uit

<sup>60</sup> *Ibid.*

<sup>61</sup> J.C.H. Grobler, p.292.

<sup>62</sup> J.H. de Roux en P.W. Coetzger, Deel 3, p.337.

<sup>63</sup> *Ibid.*

<sup>64</sup> *Ons Vaderland*, 11.3.1933.

Grobler, Kemp en Pirow, juls om te verseker dat niemand genomineer word wat nie die Premier in alle opsigte gesteun het nie.<sup>65</sup>

Op 14 Maart 1933 het Kemp te Daspoort gesê dat die wêreld moeilike tye deurleef en dat Suid-Afrika nie skotvry daarvan afgekom het nie. Dit het tot gevolg gehad dat 'n ooreenkoms gesluit is, waarin sekere ideale van die Nasionale Party omskryf en deur die Suid-Afrikaanse Party aanvaar is. Ideale soos die vlag, taalgelykheid en soewereine onafhanklikheid het hy gemeld. Hy wou weet wie die reg gehad het om aan die opregtheid van Smuts te twyfel, toe hy die hand van vriendskap uitgereik het, "as in aanmerking geneem word dat hy al daardie ideale aanvaar het."<sup>66</sup> Volgens hom was die ooreenkoms uit die volk gebore.

Verwysende na koalisie het hy gesê dat daar diegene was wat alles in een pot wou gooi en deurmekaar roer. Hy het Hertzog en Smuts bestempel as groot manne wat op 'n bekwame wyse te werk gegaan het om die vooropgesette doel te bereik. Hy het gesê dat hulle albei beseft het dat die tyd van vrede in belang van die volk en land aangebreek het en dat hulle gevolglik hul verskillende opsy gesit het. Gevolglik het Kemp sy volle steun aan die samewerking belowe. Ten slotte het hy verduidelik dat hy in die Volksraad sekere Nasionale Partylede hard aangespreek het, maar dat hy dit gedoen het omdat 'n demokratiese politiekeparty sonder dissipline soos 'n "hond vol vlieë" was.<sup>67</sup>

Enersyds kan die gesindhedsverandering by Kemp toeskryf word aan sy onbetwiste lojaliteit teenoor Hertzog en andersyds aan sy begeerte dat die Nasionale Party moet ooreenleef. Kemp was nie 'n politieke leier wat maklik afdraalpaale bewandel het nie en het hy wel deurdag en in belang van sy volk en land opgetree. Die besluit om saam te werk was sekerlik nie maklik nie, aangesien hy reeds die Anglo-Boereoorlog, tydens en na die Republiek en vanaf 1920 geen goeie woord vir Smuts gehad het nie, terwyl hy sedert 1920 sterk veroordeelend teenoor die Unioniste en hul "Empaalerpolitiek" gestaan het.

Op 21 Maart 1933 het die Buitengewone Kongres van die Transvaalse Nasionale Party byeengekom, om te besluit oor die ooreenkoms wat hul leiers met die Suid-Afrikaanse Party aangegaan het. Benewens die afgevaardigdes was daar ook 'n groot aantal be-

<sup>65</sup> J.C.H. Grobler, p.292.

<sup>66</sup> *Ons Vaderland*, 15.3.1933; *Die Burger*, 15.3.1933.

<sup>67</sup> *Ibid.*

langstellendes teenwoordig. Lulde en langdurige applous en toejuiging het die waarnemende leier Kemp, die hoofleier Hertzog en Pirow begroet. In sy toespraak het Kemp die politieke gebeurtenisse ontloed, waarin die Nasionale Party hom in die begin van daardie jaar bevind het. Hy het Roos gekritiseer vir die onverantwoordelike wyse waarop hy weer op die politieke toneel verskyn het. Volgens Kemp het sy optrede gedreig om op 'n algehele verlamming en agterultgang van die volkslewe uit te loop. Hy het gesê: "Mnr. Roos het ongetwyfeld op daardie stadium teruggekom om die Nasionale Party te breek, al was dit dan onder die dekmantel van 'n verbloemde Nasionalis."<sup>68</sup> Kemp het Roos voorgehou as 'n wolf in skaapsklere wat ongetwyfeld daarin sou slaag om sekere kiesafdelings in die Transvaal te verower. Volgens hom sou dit tot gevolg hê dat beide die twee groot partye in die land in 'n toestand van verlamming sou geraak het. Hy het aangedul dat met die situasie op hande Hertzog nie kon geaarsel het om die hand van vriendskap wat Smuts uitgereik het, te aanvaar nie. Hy het gesê: "Dit was 'n daad van manmoed en staatsman deursig, wat 'n nuwe begin belooft."<sup>69</sup>

Voorts het Kemp verduidelik dat die beginsels van die Nasionale Party samesmelting met enige ander party verbied het, maar dat daar vir samewerking met enige ander party geleentheid sal wees, om wanneer en sover gelykheid van strowe daartoe aanleiding gee. Hy het dit beklemtoon dat die partye onafhanklik moet bly bestaan en dat in geen opsig die aangegaande ooreenkoms sou afwyk van hierdie beginsel nie. Volgens hom was daar geen kwessie van samesmelting tussen die twee partye nie en dat hulle kousse apart sou funksioneer. Hy het gesê: "Daar is 'n gelykheid van strowe, in sover dat die twee leiers, en wat die ander leiers beaam, besef dat die landsbelange 'n eendragtige optrede vereis, soos gekristalliseer in die ooreenkoms."<sup>70</sup>

Kemp was van mening dat dit 'n proefneming was en indien dit nie werk nie, kon elkeen van die twee partye weer sy eie weg gaan - dit moes aan die volk gelaat word om die merlete daarvan te beoordeel. Hy het gesê: "Ek het myself tevrede gestel dat verantwoordelike leiers van die Suid-Afrikaanse Party dit eerlik en opreg meen in hierdie ooreenkoms. Ek van my kant is nie van plan om agterweë te bly in die vertroue en samewerking, wat daar tussen die twee partye op so 'n bevredigende grondslag gesluit is nie. Van u goedkeuring vandag hang dan grootliks af in hoeverre daar 'n nuwe begin gemaak

<sup>68</sup> *Ibid.*, 22.3.1934.

<sup>69</sup> *Die Burger*, 22.3.1934.

<sup>70</sup> *Ons Vaderland*, 22.3.1933.

sal word.." <sup>71</sup> Ten slotte het hy verklaar dat daar nou uiteindelik 'n doelbewuste verenigde nasie was.<sup>72</sup>

Hertzog het in sy toespraak verklaar dat die Eerste Minister verantwoordelik was vir die beleid van die Regering en dat hy met die aanwesiges as getules die verantwoordelikheid op hom neem en indien dit verkeerd uitloop, hy die skuldige sou wees.<sup>73</sup>

Na afloop van die Natalse - en Vrystaatse Nasionale Partykongresse het die aanduidings van onmin en verdeeldheid in partygeledere menige Nasionalis ontstel. Op 26 Maart 1933 het J.D.A. Crawford aan Kemp geskryf om sy teleurstelling en onsekerheid hieroor te kenne te gee: "Dit is tog Godsjammer dat dit moet gebeur, want met mooi werk behou u vir altyd tienduiseende goeie Afrikaners wat 'n krag in die Nasionale Party moet wees. Bepraat hul lewers, dog moenie u mense hoon nie ... U maak goeie Afrikaners afkerig en ons kan dit voorwaar nie bybring om dr. Malan uit te stoot en 'n spul Sappe in hul plek op te neem nie. Dit is mos een skeuring regmaak en 'n ander veroorsaak."<sup>74</sup> Hy was daarvan oortuig dat hulle met geduld en broederlike teenoor Malan veel meer sou uitrig, aangesien alle goeie Afrikaners nodig was vir die toekomstige sentrale party. Hierdie was wyse woorde aangesien samewerking in 'n gees van vertroue en vriendskap alleen ontstaan waar daar gemeenskaplike ideale, oortuigings en oogmerke bestaan - mense wat aangetrokke, geestelik vorwant en 'n gemeenskaplike gevoel het.

In sy antwoord op dié brief het Kemp hom egter verweer deur daarop te wys dat indien iemand 'n ondersteuner van die Nasionale Party se "Groot Leler" wou wees, hulle eerlik moes optree. Hy het Crawford daarop gewys dat die weg wat Hertzog ingeslaan het, daarop bereken was om die Afrikaanse volk te red en dat die optrede van die party op die helling van die breuk in die geledere van die Afrikanervolk sou uitloop.<sup>75</sup>

Die idee van 'n koalisieregering is oor die algemeen goed deur die mense ontvang. Hertzog en Smuts het ooreengekom dat 'n algemene verkiesing gehou sou word om die gevoelens van die kiesers te toets. Ook is oor sekere beginsels ooreengekom, maar besluit om oor ander te verskil. Onder andere sou die landsbestuur op die beginsel van nasiona-

<sup>71</sup> Ibid.

<sup>72</sup> Die Burger, 22.3.1933.

<sup>73</sup> Ibid.

<sup>74</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief van Crawford aan Kemp, 26.3.1933.

<sup>75</sup> Ibid., brief van Kemp aan Crawford, 4.4.1933.

le selfbeskikking gebaseer wees. Die unlale grondslag waarop die sentrale regering berus het, sou gehandhaaf word; daar sou gelyke taalregte vir Engels - en Afrikaanssprekendes wees; welvaart van die landboubevolking so bevorder en 'n beleid van "Beskaafde" arbeid vir Blankes voortgesit word; verder sou die Blankebeskawing beveilig word deur die oplossing van die Kleurvraagstuk deur segregasie, en ten slotte sou gestrewe word na 'n gesonde nasionale ekonomie. Die onus het op die nuwe regering berus om die besluite in dade te omskep.

### 6.3 Politieke koalisie kry beslag

Soos aangekondig in die Volksraad, was die Nasionale kabinet ontbind en op 29 Maart 1933 was daar plek gemaak vir 'n nuwe regering, daarin was daar 6 Nasionalliste en 6 Suid-Afrikaanse Partylede opgeneem. Die Nasionalliste wat opgeneem was in die Kabinet was Hertzog, Havenga, Grobler, Fourie en Kemp, en vanuit Suid-Afrikaanse Partygelede Smuts, Duncan, Charlie Clarkson, Jan Hofmeyr, Deneys Reitz en R. Stuttaford. Hertzog was die Eerste Minister en Smuts, die adjunk - Eerste Minister.<sup>76</sup>

'n Sterk eenheid was hierdie saamgestelde kabinet nie en dit het nie aan die vereistes voldoen om die bestuur van 'n demokratiese staat uit te oefen nie, naamlik eensgesind te wees en daar mag nie verskille oor beginsels bestaan nie. G.D. Scholtz beweer dat: "Niets werk so verwoestend op 'n kabinet nie as verskille en oogmerke."<sup>77</sup> G.H. Calpin beweer dat die Kabinet nooit 'n politieke entiteit was nie. Elkeen van die groepe het na hul onderskeie leiers vir velding opgesien.<sup>78</sup>

Met die bekendmaking van die Kabinet en die insluiting van Havenga, Duncan, Pirow, Hofmeyr en Kemp was daar oor die algemeen weinig fout te vind. J.S. Marwick, Suid-Afrikaanse Party Volksraadlid vir Illovo, het egter aan G.H. Nicols geskrywe dat die waarskynlike insluiting van Fourie en Kemp in die Kabinet as deel van 'n "bestman Government has made people more sceptical than ever about capability of the coalition to promote the well-being of the people."<sup>79</sup>

<sup>76</sup>M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.141; Alan Paton, Hofmeyr, p.200.

<sup>77</sup>G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, 1924-1939, Deel VII, p.410.

<sup>78</sup>G.H. Calpin, There are no South Africans, p.29.

<sup>79</sup>J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.324, voetnota 143.

Met die oog op die algemene verkiesing in Mei 1933 was daar 'n oproep deur Hertzog en Smuts, waarin daar 'n beroep gedoen word op die lede van die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party om alleen kandidate te steun wat amptelik deur genoemde partye genomineer sou word. In Die Volkstem van 19 April 1933 het daar 'n oproep aan klesers verskyn waarin klesers versoek is om in die komende verkiesing nie 'n opinie te gee oor die respektiewe geskiktheid van die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party, om die land te regeer nie. Daar is van hulle gevra om 'n uitspraak te gee oor 'n regering wat gevorm is op 'n basis van samewerking tussen die partye.<sup>80</sup>

Op 22 April 1933 verskyn daar in die pers berigte dat Kemp, tydens 'n groot vergadering op Bloemhof, verklaar het dat hy daarvan oortuig is dat die bestaande regering vyf jaar sou staan en dat teen die einde van die tydperk daar nie meer langer gepraat sou word van 'n Nasionale Party of Suid-Afrikaanse Party nie maar dat daar 'n verenigde party sou wees.<sup>81</sup> Dit is asof Kemp se blinde lojaliteit hier sy uitspraak beïnvloed het en dat hy nie in ag geneem het dat samewerking in 'n gees van vertroue en vriendskap alleen kon soëvier waar daar gemeenskaplike ideale, oortuigings en oogmerke is.

Tydens 'n vergadering in April 1933 op Ventersdorp, het Kemp die Venterdorpers geloof aangesien hulle een van die kiesafdelings was wat by die twee leiers aangedring het om nie 'n koalisie te weeg te bring nie. Hy het 'n beroep gedoen op genl. Wilkens, wat gestaan het as 'n "protesterende Nasionalekandidaat", om in belang van eenheid sy kandidatuur te onttrek. Voorts het hy gemeld dat die Hoofbestuur van die Nasionale Party teenkanting gekry het teen die nominasie van mnr. Wernich as Koalisiekandidaat, maar dat hulle as bestuur sy nominasie handhaaf. Weer eens het hy hulde aan Smuts betoon vir sy pogings om koalisie te weeg te bring.<sup>82</sup>

In die Suid-Afrikaanse Partygeledere was daar onenigheid ten opsigte van steun aan die amptelike genomineerde kandidate, veral uit Natal. In die Nasionale Party was daar ook onmin oor genomineerde kandidate en veral in Kaapland, Vrystaat en Transvaal. Botsings tydens verkiesingsvergaderings het veral plaasgevind tussen koalisisioniste en anti-koalisisioniste. In die kiesafdeling Boksburg-Noord het die verkiesingstryd, weens onmin tussen Nasionalliste, byna tot 'n hofsak aanleiding gegee. Probleme het ontstaan tus-

<sup>80</sup> Die Volkstem, 19.4.1933.

<sup>81</sup> Ibid., 22.4.1933; Rand Daily Mail, 22.4.1933; The Friend, 24.4.1933.

<sup>82</sup> J.C. Kemp-versameling, Band 13, onpagineerd, koerantui knipsel.

sen mnr. F.D. Malan, die Nasionale Party-koallsiekandidaat, en mnr. P.A. Venter, 'n onafhanklike nasionalls, wat hom in pamflette voorgehou het as die amptelike kandidaat. Die twis het tot gevolg gehad dat Malan en Venter in die verkiesing die knie gebulg het voor die onafhanklike kandidaat, mnr. C. Bain-Marias.<sup>83</sup>

Die Malan-Venterbotsing het spoedig tot 'n persoonlike stryd tussen die twee Nasionale geword, en selfs Kemp se pogings om Malan se kandidatuur deur persoonlike voorspraak te versterk, het op 'n mislukking uitgeloop. Die vergadering wat vir 2 Mei 1933 in Johannesburg belê was het in chaos geëindig, toe 'n grootskaalse bakleiery uitbreek het en Kemp en Malan nie die kans gegun was om die gehoor toe te spreek nie. Die vergadering was afdoende bewys van die ernstige onmin wat daar oor koallsie in Nasionale Partygeledere geheers het.<sup>84</sup> Ook berig die Rand Daily Mail op 4 Mei 1933 dat P.A. Venter, as onafhanklike kandidaat, 'n vergadering in die Boksburg kerksaal gehou het en gesê het: "The party today is split from top to bottom because of what has been done with the consent and connivance of General Kemp. I received four times the number of votes received by all the other aspirant candidates together at the nomination meetings. Yet my nomination was thrown out."<sup>85</sup> Voorts meld die berig dat ene L. Cronjé tydens die vergadering die houding van Kemp gekritiseer het en gesê het dat in plaas daarvan om die Afrikanernasie te promoveer, Kemp dit afgedruk het.<sup>86</sup>

Mevrou dr. Steenkamp van Calvinia, het in die tyd bewerings gemaak dat vier ministers te kenne gegee het dat hulle haar kandidatuur ondersteun, maar dat sy nie as amptelike koallsiekandidaat aangewys is nie. Mnr. C.A. van der Merwe, die lid van die Provinsiale Raad het gevolglik die inligting aan al die ministers getelegrafeer. Hertzog en Smuts het albei die aantygings ontken en vir name gevra, terwyl Kemp dit as 'n belediging beskou het, aangesien hy geen belofte aan enige kandidaat buite die party gemaak het nie.<sup>87</sup> Kemp was soms geneig om outokraties op te tree in besluitnemingsprosesse en in sy deurtastendheid om tot voordeel van die party op te tree het hy af en toe op mense se tone getrap. Sy ondernemingsgees het hom soms aangespoor tot handelling voordat hy 'n saak goed deurdink het en sy vasbeslotenheid het feitlik aan koppigheid gegrens, terwyl sy openhartigheid hom nie juis alte taktvol gemaak het nie.

<sup>83</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer. Deel 3, p.50, Boksburg-Noord kiesafdeling is in 1933 afgebakken.

<sup>84</sup> Ibid: Die Burger, 3.5.1933; De Volksstem, 3.5.1933; The Friend, 4.5.1933.

<sup>85</sup> Rand Daily Mail, 4.5.1933.

<sup>86</sup> Ibid.

<sup>87</sup> Die Burger, 10.5.1933.

Gedurende Mei 1933 het Kemp op Potgietersrus 'n vergadering bygewoon ter ondersteuning van ds. S.W. Naudé se kandidatuur. Ter inleiding van sy toespraak het hy Roos as 'n verraaier uitgemaak. Weer eens het Kemp verduidelik dat dit van die Nasionale-kandidate verwag word om 'n skriftelike onderneming te gee dat hulle uit die Volksraad sou bedank, sodra hulle nie meer die koalisieregering steun nie.<sup>88</sup> Roos op sy beurt het in sy verkiesingsveldtog persoonlike aanvalle op sy eertydse kollegas Hertzog, Kemp en Prow gedoen.<sup>89</sup>

Op verkiesingsdag, 17 Mei 1935, het daar in die pers 'n oproep van Kemp verskyn, waarin hy beroep op elke kleser gedoen het om sy plig te doen. Hy het gesê: "Ons het doelbewus geen ydele beloftes gedoen nie. Al wat ons belowe het, en hiermee herhaal, is dat dit nie die skuld van die Regering gaan wees indien daar geen oplossing vir een of ander van die vraagstukke in ons land bereik word nie."<sup>90</sup> Voorts het hy gesê dat die deurtastende - en verrekende beleid met alle krag aangepas en deurgevoer sou word. Hy meld dat die Regering nie alleen vir die oomblik 'n oplossing bied nie, maar wil veral die toekomst opbou en dit kan alleenlik verwesenlik word indien die verkiesingsuitslae kon bewys dat daar vertroue was in hom, by die burgers van die land. Hy het gepleit dat die hande van die leiers gesterk en gerugsteun word deur die oordeelkundige wyse waarop die stemreg uitgeoefen word. Hy het afgesluit en gesê: "Laat die vyand, wat steeds op die loer is na kansse om valse beskuldigings te maak, nie die geleentheid kry om ons Transvaalse Nasionaliste van onverskilligheid en laksheid te beskuldig nie."<sup>91</sup> Hiermee het hy hom onlosmaaklik tot koalisie verbind en getrou aan sy karakter sou hy staan en val by sy besluit.

Die uitslag van die verkiesing was 'n kilnkende oorwinning vir die koalisie, naamlik: Nasionale Party 75, Suid-Afrikaanse Party 61, Creswelliete 2, Home Rule 2, Arbeiders Party 2 en Onafhanklikes 6. Dit het die Regering 138 setels besorg.<sup>92</sup> M.P.A. Malan stel dit dat hoewel die Regering met 'n sterk meerderheid gespog het, was die atmosfeer in die Parlement nie so spontaan en geesdriftig as wat verwag is nie.<sup>93</sup>

<sup>88</sup> Rand Daily Mail, 10.5.1933.

<sup>89</sup> J.C.H. Grobler, p.291.

<sup>90</sup> Ons Vaderland, 17.5.1933.

<sup>91</sup> Ibid.

<sup>92</sup> M.P.A. Malan, p.141.

<sup>93</sup> Ibid.

Na affoop van die verkiesing het Kemp in 'n boodskap aan die kiesers, in Die Vaderland, gesê dat die eerste skof van die nuwe Groot Trek van 1933 agter die rug is. Voorts meld hy: "Laat ons hoop en vertrou dat wanneer ons oor drie jaar die honderdjarige feesvierings hou om die eerste Groot Trek te gedenk, dat ons teen daardie tyd ons ekonomiese Bloedrivier op ons geskiedenisrolle sal verewig het."<sup>94</sup> Die volk, het Kemp verklaar, het op grootse wyse geantwoord op die beroep van die leiers en dat die Regering vasberade is om geen steen onaangeroer te laat nie, ten einde met grootse en verreikende optrede hierdie ongeëwenaarde vertrou van die volk te regverdig. Voorts het hy beklemtoon dat vasberadenheid en sterkte nie net van die kant van die Regering moet kom nie, maar dat elke kieser moes help om die nasie onafhanklik te maak.<sup>95</sup>

Volgens die plektoekenning van die swepo het die ministers soos volg in die Volksraad gesit: In die voorbank regs van die Speaker; Pirow en Havenga, Hertzog (alleen), Smuts en Duncan, Fourie en Malan. In die tweede bank Hofmeyr en Reitz, Grobler en Kemp, Clarkson en Stuttaford.<sup>96</sup>

Die Burger het op 1 Junie 1933 berig dat twee ministers genader was om te verneem of die Regering van plan was om onder-ministers aan te stel, aangesien daar in die begroting van 30 Mei 1933 geen melding gemaak was van sodanige uitgawe nie. Kemp het verklaar dat die saak 3 of 4 maande vroeër geopper was, maar dat daarvan afgesien is. Hy het die mening uitgespreek dat die afwesigheid van 'n vermelding daarvan in die begroting, 'n goeie aanduiding was dat die saak "so dood soos 'n mossie is."<sup>97</sup>

Die Jaar 1933 was 'n jaar van wonderwerke in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis. Die twee politieke aartsvyande Hertzog en Smuts het nletenstaande politieke verskille besluit om in belang van Suid-Afrika in 'n verstommende koalisie te tree. Weens sy fanatieke lojaliteit teenoor Hertzog en sy party het Kemp, nletenstaande sy sterk Afrikanernasionalistiese karakter in 'n kabinet, homself bevind met mense waarteen hy voorheen sterk veroordelend en venynig opgetree het - mense met wie hy radikaal verskil het. Die vraag kom na vore of Kemp sou konformeer in belang van die partybeleid en of hy hom

<sup>94</sup> Ons Vaderland, 20.5.1933.

<sup>95</sup> Ibid.

<sup>96</sup> Die Burger, 25.5.1933.

<sup>97</sup> Ibid., 1.6.1933.

nog as 'n uitgesproke vyand van sy voormalige politieke opponente sou handhaaf. Sy uitsprake en gesindheid moes sodanig wees dat hy hierdie element se steun en vertroue sou geniet; en dit was juis dit wat van hom 'n besondere politikus gemaak het.

#### 6.4 Samesmelting

Na aanleiding van gerugte oor samesmelting het 'n verteenwoordiger van die Natal Advertiser reeds op 1 Julie 1933 aan Kemp gevra of hy gedink het die twee hoof politieke partye gaan saamsmelt. Hy het gesê: "Do you think you can stop it? I do not!"<sup>98</sup> Kemp het egter 'n definitiewe opinie voorbehou en gesê dat enige beweging vir samesmelting moet vanaf die kiesers kom. Volgens hom het die leiers die partye in 'n koalisie bymekaar gebring en dat hy geglo het dit was 'n regte stap. Wat samesmelting betref het hy gesê dat die Transvaal baie sterk ten gunste daarvan was.<sup>99</sup> Dit dien gemeld te word dat die samesmeltingstrewes inderdaad 'n natuurlike uitvloeiing was van die koalisie. Vanaf 9 tot 10 Augustus 1933 het die Bultengewone Kongres van die Transvaalse Nasionale Party in Pretoria plaasgevind. Die provinsiale hoofbestuur het hulle ten volle vereenselwig met die beginsel van samewerking met die Suid-Afrikaanse Party, asook die byeenroep van 'n Uniale kongres van die Nasionale Party om oor die saak van samesmelting te besin. Kemp het in sy toespraak oor samesmelting gesê dat die Afrikaner goed gevog het en dat hy nou opreg moet vrede maak - "Hy het sy Ideale bereik."<sup>100</sup>

Intussen het D.F. Malan gepoog om die eenheid binne die Nasionale Party te behou en die party se beginsels te handhaaf. Hy was van mening dat daar 'n duidelike besef in die land was dat koalisie nie stand hou nie. Volgens hom het die koalisieregering reeds baie ernstig teleurgestel en het Kemp vir hulle 'n paaiboelle geword.<sup>101</sup>

Teen Augustus 1933 was besware teen samesmelting nie net tot die Nasionale Partygeledere beperk nie. Ook die Kaapse Sappe was bevrees dat hulle na samesmelting alleen sou staan teenoor die republikeinse groep binne die Nasionale Party. Die Malaniete aan die ander kant was bang dat met samesmelting hulle aan die genade van die imperialistiese oud-Unioniste, gesteun deur Swart - en Brunkiesers uitgelewer sou wees. Dwaars-

<sup>98</sup> Natal Advertiser, 1.7.1933.

<sup>99</sup> Ibid.

<sup>100</sup> Die Vaderland, 12.8.1933.

<sup>101</sup> E.H. Louw-versameling, Ieër 2, brief van D.F. Malan aan Eric Louw, 13.7.1933.

J.B.M. Hertzog, O.Pirow, N.C. Havenga en Jan Kemp na Kaapland - om steun te werf vir Samesmelting.



Bron: Die Burger, 2.12.1934, Saterdag.

deur die land was daar berigte van Nasionale Partytakke en - Volksraadslede wat hulle nie met die gedagte van samesmelting kon vereenselwig nie. Alles het gedui op 'n onafwendbare botsing in Nasionale Partygeledere oor samesmelting.<sup>102</sup>

Sowel Hertzog as Kemp het aangedui dat hulle die Natalse Nasionale Partykongres sou bywoon, ten einde die kongresgangers te oortuig van die wenslikheid van samesmelting. Die Natalse Nasionale Partyleier, E.G. Jansen, het aan Hertzog voorgestel dat daar weens verdeeldheid oor samesmelting geen besluit oor die beginsel geneem moes word nie. Hertzog was nie eenstemmig daarmee nie en sy toespraak het die stempel gedra van 'n man wat samesmelting met vasberadenheid sou deurvoer. Op 22 Augustus 1933 het die kongres samesmelting goedgekeur; mev. M.M. Jansen, eggenote van E.G. Jansen, het teen die voorstel gestem.<sup>103</sup>

Die verdeeldheid in Nasionale Partygeledere, oor die kwessie van samesmelting, het tot gevolg gehad dat baie Nasionalliste van mekaar vervreem geraak het en dat wedersydse verdagmakery die gevolg was. So byvoorbeeld het H.D. Botha van Dordrecht, aan Kemp 'n brief gerig waarin hy hom meegedeel het dat hulle Volksraadslid, Stephanus Bokker, van huis tot huis gegaan het en vir Malan propaganda gemaak het, aangesien hy 'n teenstander van samesmelting was en geweer het om openbare vergaderings te hou. Botha het sy dienste tot Kemp se beskikking gestel en terselfdertyd aangedui dat hy met die vorige algemene verkiesing 'n aspirantkandidaat was, dog uiteindelik sy kandidatuur teruggetrek het.<sup>104</sup>

Op 22 September 1933 te Colesberg het Kemp tydens 'n vergadering in sy toespraak daarop gewys dat dit die plig van die politiekeleiers was om die volk in een kamp bymekaar te bring, en indien die leiers nie daarin sou slaag nie was dit die plig van die volk om die saak in eie hande te neem.<sup>105</sup> Vroeg in Oktober 1933 het die Kaaplandse Nasionale Partykongres in Port Elizabeth plaasgevind. Die belangrikheid van die kongres is bewys deur die teenwoordigheid van 4 ministers, naamlik Hertzog, Kemp, Plow en Fourie.<sup>106</sup> Reeds voor die kongres het daar 'n gerug die rondte gedoen dat verskeie ver-

<sup>102</sup> J.H. le Roux (red.), pp.519-520.

<sup>103</sup> NP- van Natal-versameling, lêer 9, Sentrale Bestuur, notule van die 19de Jaarkongres gehou te Pietermaritzburg, 22.8.1933.

<sup>104</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief van D.H. Botha aan Kemp, 1.9.1933.

<sup>105</sup> Die Vaderland, 23.9.1933.

<sup>106</sup> The Cape Argus, 5.10.1933.

teenwoordigers van voorneme was om ten alle koste samesmelting met die Suid-Afrikaanse Party te kortwlek.<sup>107</sup> Die gevolg was dat 'n botsing tussen Hertzog en Malan onafwendbaar was. Voorts het die kongres geweler om Kemp en Pirow spreekbeurte toe staan.<sup>108</sup> Die uiteindelijke resultaat was dat samesmelting met 142 teen 30 stemme afgestem is.

Na afhandeling van die samesmeltingsdebakel is voorrang verleen aan 'n bespreking oor landbousake. Kemp was nou die geleentheid gegun om sy saak te stel, maar het nie te voorskyn gekom nie - sy wegblyery het groot ontevreedenheid veroorsaak.<sup>109</sup> Die Burger meld dat Kemp nie op die verhoog gaan sit het nie, maar tussen die kongresgangers sy sitplek ingeneem het. Voorts meld die berig dat die storie toe versprei is dat die kongres die minister weggejaag het, omdat Hertzog, Kemp en Pirow nie die geleentheid gebied was om aan die samesmeltingsdebat deel te neem nie.<sup>110</sup>

Voorts meld dieselfde dagblad dat Hertzog nog 'n kans gehad het om hom met die Kaaplandse Nasionaliste te versoen, maar waarsku hom dat hy moes oppas dat sy luitenant, verwysende na Pirow en Kemp, nie voortgaan met hul dreigemente teen betroubare, opregte Nasionaliste en ophitsende gefluister in sy ore nie. Die berig beweer dat Pirow en Kemp in een van die plaaslike Saterdagblaale, in Port Elizabeth, die Kaaplandse Volksraadslede probeer beïnvloed deur hulle te dreig dat daar voor die einde van die jaar 'n verkiesing uitgeskryf sou word, indien hulle samesmelting verwerp.<sup>111</sup>

Op 7 Oktober 1933 het Kemp 'n telegram aan Hertzog gestuur oor die afloop van die Kaaplandse Nasionale Partykongres. Hy het gemeld: "My indruk volgens jongste besluit van die kongres gistermiddag, is dat hulle begin insien dat hulle 'n radikale fout gemaak het en dat hulle nou oënsynlik wil saamwerk op basis van hereniging. My mening is dat ons nou moet vasstaan sodat hulle hul onvoorwaardelik aan ons moet onder onderwerp. Blyk al duideliker dat kongres vooraf gemanipuleer was te elnde invloed uit te oefen op die Vrystaat. Dit kom egter ook al hoe duideliker uit dat u ondersteuning al 80% sterker

<sup>107</sup> Ibid., 2.10.1933.

<sup>108</sup> Die Burger, 4 en 5.10.1933.

<sup>109</sup> Ibid., 6.10.1933.

<sup>110</sup> Ibid.

<sup>111</sup> Ibid.

geword het, daar mense uiters gebelgd is oor behandeling u toegedien deur Federale Raadieleer, Malan."<sup>112</sup>

Kemp het voor die Kaaplandse Nasionale Partykongres, Noordwes-Kaapland deurrels en vergaderings gehou met die oog daarop om samesmelting te propageer en sake aldaar reg te ruk. Na aanleiding van sy veldtog het Kemp met groot ovasie in die Transvaal vertel dat 80% van die Kaaplandse Nasionalliste samesmelting gesteun het. Een man wat hom onvoorwaardelik geglo het was Hertzog. Volgens inligting wat later verstrekk is het die Eerste Minister op grond van Kemp se oppervlakkige indrukke na die Kaaplandse Nasionale Partykongres in Port Elizabeth gegaan, met die vaste oortuiging dat sy samesmelting voorstel aangeneem sou word. Nieteenstaande die felt dat die sake aldaar anders verloop het, het die Samesmelters - , die Suid-Afrikaanse Party - en Unioniste pers troos bly soek in Kemp se uitsprake.<sup>113</sup>

Kemp het ongetwyfeld 'n wanindruk van die ware toedrag van sake onder die Kaaplandse Nasionalliste gehad. J.H. le Roux en P.W. Coetzer meld dat die kongresgangers uit innerlike oortuiging opgetree het en dat hulle na 'n dag of twee nie hul optrede as 'n "radikale fout" gesien het nie.<sup>114</sup> Die ideaal het egter lankal reeds in die harte van die Kaaplandse Afrikanernasionalls geleef, naamlik om met Afrikaners wat dieselfde ideale en beginsels as hulle nastreef, te herenig. Kemp het egter sy partygenote in die Kaapkolonie nie ten volle geken nie, aangesien beginsels vir hulle belangriker was as partyleiding en sou hy hom nie eweneens deur 'n kongres laat manipuleer in 'n saak wat nie genoegsame meriete gehad het nie.<sup>115</sup> Hy was ook van mening dat Malan se houding uit 'n persoonlike gevoel voortgespruit het en dat sy aanhang besig was om te krimp.<sup>116</sup> Kemp moet egter gelyk gegee word dat die Kaaplandse Nasionalliste sekerlik op die Vrystaatse Nasionale Party invloed wou uitoefen, met die oog op hul kongres wat net hierna plaasgevind het.

Die uitkoms van die Kaaplandse Nasionale Partykongres het Kemp laat besef dat Hertzog verneder en geskud was - hy het inderdaad die onderspit gedelf teen Malan, 'n provinsiale leier. Gevolglik wou Kemp 'n dag later sy leier bemoedig en troos deur 'n roos-

<sup>112</sup> Hertzog-versameling, Band 44, telegram Kemp aan Hertzog, 7.10.1933.

<sup>113</sup> Die Vaderland, 3.12.1933.

<sup>114</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, pp.431-432.

<sup>115</sup> Ibid.

<sup>116</sup> Die Burger, 7.11.1933.

kleuriger situasie te skets as wat werklik die geval was. Dat Hertzog se steun binne 48 uur 80% sterker geword het, was 'n absolute vergissing en 'n blatante verdraaiing van die ware toedrag van sake. Later het adv. F.C. Erasmus te Kenhardt verklaar dat hy Kemp se bewering dat die meerderheid Kaaplandse Nasionalistiese smelters was, as 'n goeie grap beskou het.<sup>117</sup>

In opvolg van die Kaaplandse Nasionale Partykongres het Kemp 'n brief van mnr. A.S. Naude van Roodedraai, naby Volksrust, ontvang waarin hy sy afkeur uitspreek teenoor Kemp vir die behandeling wat hy, Hertzog en Pirow op die Kaaplandse Kongres ontvang het.<sup>118</sup> Op 17 Oktober 1933 het Kemp op Naude se skrywe gereageer en geskryf dat dit "was die grootste politieke geknoel wat hy nog ooit gesien het."<sup>119</sup> In 'n brief aan H.D. van Broekhuizen, Suid-Afrikaanse Ambassadeur in Nederland, het Kemp geskryf dat die kongres 'n voorafgereelde saak was en die behandeling wat hom, Hertzog en Pirow te beurt geval het, as "skandallig" beskryf.<sup>120</sup> In reaksie op die beskuldigings van onhoflike behandeling teenoor die ministers het dr. K. Bremer gesê dat die ministers nie gereageer het op uitnodigings wat aan hulle gerig was om die kongres by te woon, en om sodoende inligting te gee oor sake rakende hul departement. Hy het gemeld: "Dit is waaroor hulle genooi was en nie om propaganda vir samesmelting te maak nie."<sup>121</sup> Volgens Bremer het hy Kemp na die oggendsitting van die kongres ontmoet en dat laasgenoemde aan hom gesê het dat hulle hom beledig het en dat hy weggaan.<sup>122</sup>

Op 11 Oktober 1933 het die Vrystaatse Nasionale Partykongres in Bloemfontein plaasgevind. Hertzog het in sy toespraak bekend gemaak dat hy en Smuts die beginsels van 'n nuwe party, wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Party (SANP) sou heet, sou opstel. Volgens hom sou die basiese beginsels van die nuwe party op die sewe punte van die koalisionsooreenkoms gegrond wees.<sup>123</sup> Hy het volgehou dat samesmelting voltrek moes word. Dit was opgevolg deur 'n teenvoorstel deur N.J. Van der Merwe dat samesmelting nie goedgekeur moes word nie. Na bitsige aanvalle teen hom het Van der Merwe sy voorstel

<sup>117</sup> Die Vaderland, 15.12.1933.

<sup>118</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief van A.S. Naude aan Kemp, 11.10.1933.

<sup>119</sup> Ibid., brief van Kemp aan A.S. Naude, 17.10.1933.

<sup>120</sup> Ibid., brief van Kemp aan H.D. Brockhuizen, 8.11.1933.

<sup>121</sup> Die Burger, 7.10.1933.

<sup>122</sup> Ibid.

<sup>123</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.433.

teruggetrek en was Hertzog se voorstel goedgekeur.<sup>124</sup> Tydens die kongres het Kemp vir C.R. Swart oor sy standpunt insake samesmelting aangeval, waarop Swart geantwoord het: "Ek baklei nie - ek smeek vir my mense."<sup>125</sup> Kemp het in sy lojaliteit aan Hertzog 'n weg betree waarop hy nie maklik sou kon omdraai nie. Sy volharding op die weg van samesmelting sou sy verhouding in die toekomst met Malan en sy volgelinge ernstig skaad - 'n breuk wat moeilik geheel sou kon word. Nadat al die provinsies se kongresse, behalwe Kaapland, ten gunste van samesmelting gestem het, was die saak na die Federale Raad van die Nasionale Party verwys. Tydens 'n vergadering op 13 Oktober 1933 in Bloemfontein, was 'n versoek tot die verteenwoordigers gerig om voorstelle vir 'n program van beginsels vir die nuwe party ter tafel te lê.<sup>126</sup>

In Oktober 1933 het die Suid-Afrikaanse Partykongres in Kaapstad plaasgevind. Die voorheen anti-Suid-Afrikaanse Party politikus, die man wat met intense venyn kritiek teenoor hulle uitgespreek het, Jan Kemp, was op uitnodiging namens die Nasionale Party teenwoordig. Hy moes eweneens besef het dat die steun van die oorwegende Engelsprekende Suid-Afrikaanse Party vir hom van kardinale belang sou wees. Sy uitsprake en gesindheid sou van so 'n aard moes wees dat hy hierdie element se steun en vertroue sowel as die van sy eie party sou geniet. In sy toespraak het hy gesê dat dit 'n geskiedkundige oomblik was, omdat na 20 jaar se verwydering en onnodige vyandskap die volk weer bymekaar was - volgens hom 'n keerpunt in die geskiedenis. Hy het benadruk dat die samewerking die resultaat was van 'n volksdrang en gesê: "Dit is onnodig om hier verder uit te brei oor die vraag in hoever hierdie volksdrang die resultaat van ekonomiese druk of spesiale drukkende omstandighede was, dan wel 'n natuurlike verskynsel van 'n rypwordende vrug."<sup>127</sup>

Voorts het hy gesê dat hy as een van die leiers van die volk, dit as 'n strafbare misdaad teenoor die nageslagte sou beskou indien Hertzog nie op manmoedige wyse die uitgestrekte hand van vriendskap van Smuts, sonder verdere voorbehoud omtrent die eerlikheid en opregte bedoelings wat daar agter skull, aanvaar het nie. Oor die twee volks-

<sup>124</sup> J.L. Basson, J.G. Strijdom, *Sy politieke loopbaan vanaf 1929 tot 1948*, p.66.

<sup>125</sup> *Die Volksblad*, 12.10.1933.

<sup>126</sup> J.L. Basson, p.72.

<sup>127</sup> *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 6, onpagineerd.

groepe het hy gesê dat die tyd van isolasie van die een of ander seksie vergoed verby is, aangesien beide groepe van die Blankebevolking mekaar nodig het.<sup>128</sup>

Die Burger het sterk hierop gereageer en gemeld dat Kemp hom meer tuis gevoel het op die verhoog van die Suid-Afrikaanse Partykongres as op byeenkomste van die Kaaplandse Nasionale Party. Nydig beweer die berig dat Kemp op die Kaaplandse Nasionale Partykongres nie verder as 'n sitplek vir die publiek gekom het nie, maar op die Suid-Afrikaanse Partykongres tot in die voorste gestoefte gevorder het en dat hy vandaar verkondig het dat die radikale verskille tussen die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party verdwyn het.<sup>129</sup> Die koerant meld dat dit nodig is om Kemp se geheue te verfris en wys op die feit dat Hertzog reeds op 26 Januarie 1926 van plan was om die hand van vriendskap aan te neem en op dié dag sy voorneme aan Matan meegedeel het, as ook aan die Kabinet later. Voorts wys die koerant daarop dat Kemp op 30 Januarie 1933 in die Volksraad verklaar het dat as daar 'n saak is wat duidelik uitgekóm het in die bespreking oor die "hand-van-vriendskap", soos voorgestel deur Smuts, dit die onopregtheid van die Suid-Afrikaanse Party was.<sup>130</sup> Verder word Kemp in die berig tereggewys, aangesien die Minister nou beweer dat die radikale verskille verdwyn het, en word gevra waarom hy so 'n skielike verandering in opvatting huldig?

Die koerant vra wat die redes was wat daartoe aanleiding gegee het, aangesien Kemp op 12 Januarie 1932 tydens 'n Afrikanerdag in Pretoria gesê het: "Nou nog is daar leiers wat so min liefde vir Suid-Afrika het dat hulle telkemale op die vlug gaan wanneer 'n groot vraagstuk aan die orde van die dag is, en geen verantwoordelikhed kan aanvaar nie. Daar het 'n mens die voorbeeld van genl. Smuts en die handhawing van die Blanke-beskawing."<sup>131</sup> Kemp het verder ook die wenk gegee dat die mense hulle nie tot afvaligheid moet laat beweeg deur die depressie en moolpraatjies van Smuts nie. Volgens die beriggewer was daar toe geen hand van vriendskap wat die Minister wou uitreik nie, maar nou skielik het alle radikale verskille verdwyn en word 'n hand van vriendskap uitgereik.<sup>132</sup>

<sup>128</sup> Ibid.

<sup>129</sup> Die Burger, 12.10.1933.

<sup>130</sup> Debate van die Volksraad, 30.1.1933, kolomne 247-249.

<sup>131</sup> Die Burger, 12.10.1933.

<sup>132</sup> Ibid.

Op 2 November 1933 het Kemp in sy klesafdeling Wolmaransstad, gesê dat die sewe punte van koalisie alles beliggaam het wat dierbaar vir die nasionalis was. Hy het die gehoor gevra of hulle dink dat hy na sy harde stryd en drie jaar in die tronk, ooit iets sou doen wat 'n nasionalis nie betaam nie.<sup>133</sup> Dit wil voorkom asof Kemp samesmelting beskou het as 'n saamblindings faktor vir die Suid-Afrikaanse nasie, maar slegs volgens die Nasionale Partylyne.

Tydens 'n toespraak op Hendrina in November 1933 het Kemp gesê dat Smuts se mosie, dat die Regering moes bedank sodat 'n koalisieregering gevorm kon word, nie eenvoudig aangeneem kon word nie. Volgens hom kon samesmelting alleen geskied binne die grondbeginsels van die Nasionale Party. Volgens hom het die grondbeginsels die staansreg van elke onafhanklike volksgroep verseker en dat die volkswil absoluut gebiedend wou wees. Hy het weer eens die sewe beginsels vir samewerking voorgehou en gesê dat die Nasionale Party verwag dat die Suid-Afrikaanse Party hulle by die beginsels sou hou. Volgens hom was die Suid-Afrikaanse Party gebind deur die ooreenkoms en deur die seël van die volkswil daarop. Laastens het hy beroep op alle Afrikaners gedoen om mekaar te vertrou.<sup>134</sup>

In die geleedere van die Smelters<sup>135</sup> binne die Nasionale Party was daar in die tyd dikwels na die verlede teruggesryp om die anti-Smelters in 'n swak lig te stel. H.D. van Broekhuizen het op 7 November 1933 aan dr. G.S. Preller, redakteur van Die Vaderland, onder meer sy indrukke gegee oor D.F. Malan, N.J. van der Merwe en W.A. Hofmeyr en gemeld dat hy oortuig daarvan was dat Malan nie sou afwyk van die weg wat hy ingeslaan het nie. Volgens Van Broekhuizen sou sy "ekkerigheid" hom daartoe drywe en sou hy heelwat van die ontevredenens met hom saamsleep - veral die wat nie gekry het wat hulle wou hê nie. Voorts meld hy in die verband: "Jy weet mos wat Nico van der Merwe betref in die tyd van die Rebelle. Hy was die grootste prater in Potchefstroom wat altyd vir die Gideon's bende gepreek het en toe genl. Kemp hom soek om saam met hom te gaan, het hy aan die noi se blad gesit en vry in plaas van dat hy sy plig gedoen het, wat hy so vurig georeer (sic) het..... Ons vriend Wille Hofmeyr is maar 'n seuntjie van die ou Hof-

<sup>133</sup> Die Vaderland, 3.11.1933.

<sup>134</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, ongepagineerd, Hendrina-toespraak: Die keuse en die krisis, 1933.

<sup>135</sup> J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.447, nuusblaaike het op hierdie tydstip algemeen begin verwys na "Smelters" en "Anti-smelters". Smelters was diegene wat voorstanders van samesmelting tussen die twee grootste partye was, terwyl Anti-smelters die benaming vir die teenstanders van samesmelting was.

meyskool, wat soos malle onder die grond werk..... Ja, hulle is pragtige voorbeelde van vaderlandsliefde. Ons noem hulle sak patriotte, grootpratere en dit sy ongetwyfeld bly..."<sup>136</sup>

Intussen het Roos besluit om met die Koalisieregering saam te werk en die resultaat daarvan was 'n geharwar onder die Nasionalliste se leiers. Hertzog, Kemp en Grobler was bitter gekant teen Roos se toetrede, maar hulle hande was gebind en hulle moes maar toegee, want nie alleen Prow en Smuts nie, maar ook baie Transvaalse Smelters wou Roos terug hê. Die Vaderland het egter, net soos Kemp vroeër, hom beskou as "a bad mixer."<sup>137</sup>

En so het die Koalisiejaar van 1933 geëindig met Smuts en sy ondersteuners saamgesmelt as 'n hegte eenheid; met die Nasionale Party in ernstige verdeeldheid;<sup>138</sup> en Kemp se bona-fides onder verdenking by 'n deel van die Nasionalliste, wat hom as geharde Afrikaner en volksman beskou het. Met die koalisie nog vars in die geheue sou die volgende tree in die Jaar van politieke verrassing gegee word - die stap na samesmelting.<sup>139</sup>

Die aanvang van die Jaar 1934 was ingelui deur 'n duidelike waarneembare geestesverandering by Malan. In weerwil van struwelinge tussen hom en Hertzog, het hulle nogtans voortdurend met mekaar in verbinding gebly. Dr. At van Wyk meld in Die Beeld van 20 Desember 2001 dat Malan van plan was om met samesmelting in te gaan aan Hertzog se sy, om sodoende Smuts en sy Engelstalige volgelinge, "Vreemde Volkselemente," uit te dryf. Hy meld voorts dat A.L. Geyer redakteur van Die Burger se invloed verantwoordelik was dat Malan aan sy mantelpunte uit samesmelting gehou is.<sup>140</sup> Die Die Burger van 27 Januarie 1934 berig dat Hertzog van plan was om op 'n kousvergadering van die Nasionale Party sy standpunt teenoor Malan en die Nasionale Partylede, wat teen samesmelting was, uiteen te sit en dat daar die moontlikheid bestaan het dat dié krisis, veroorsaak deur die leiers se beweging tot samesmelting, dan 'n hoogtepunt sou bereik. Die dagblad meld voorts dat hy op goeie gesag verneem het dat Hertzog heelwaarskynlik van die kouslede sou eis dat hulle 'n verklaring onderteken, waarin hulle trou

<sup>136</sup> G.S. Preller-versameling, Band 153, H.D. van Broekhuizen aan Preller, 7.11.1933.

<sup>137</sup> Die Vaderland, 9.12.1933; J.C.G. Kemp. Pad van die Veroweraar, p.419.

<sup>138</sup> Dirk en Johanna de Villiers, p.49.

<sup>139</sup> J.H. le Roux, p.513.

<sup>140</sup> Die Beeld, 20.12.2001.

swaar aan die besluite van die kouskus en hulle onvoorwaardelik daaraan sou onderwerp. Vervolgens meld die berig dat dit sou beteken, dat indien die kouskus ten gunste van samesmelting besluit, Malan en sy volgelinge hulle daaraan moes onderwerp of alternatiewe stappe moes neem.<sup>141</sup>

Op 5 Februarie 1934 in Die Burger, onder die opskrif "Transvalers teen Samesmelting", verskyn daar 'n brief van 'n Transvaalse anti-Smeiter uit Johannesburg. Volgens die brieffskrywer was daar in die Transvaal, op politieke gebied, soveel skandelige verdraaiings van feite gewees, "veral ten opsigte van lamlendige en vir die Afrikanervolk ongesonde beweging vir samesmelting van al die gelouterde Afrikaners, met die ongewenste elemente en parasiete... Genl. Kemp wat in die laaste tyd ook van akademiese kwessies praat, matig hom die brutaliteit aan om te beweer dat die Transvaalse Nasionaliste vir samesmelting is."<sup>142</sup> Die skrywer doen 'n beroep op die Nasionaliste van die Kaap tot aan die Zambezi om skouer aan skouer te staan en die vyand van die Afrikaner 'n nekslag toe te dien. Hy sluit af en skrywe dat nasionalisme geen doele ding is nie, maar 'n lewende organisme.<sup>143</sup>

Hertzog en Smuts het op 18 Februarie 1934 by Grootse Schuur ontmoet om verdere samewerking en hul beoogde samesmelting van party in oënskou te neem. Nadat die twee politiekeleiers tot 'n groot mate die haakplekke wat daar nog tussen hulle was uitgeklaar het, was die weg na samesmelting verseker. Albei het 'n weg betree waarop hulle moeilik kon terugdraai - hulle is in 'n groot mate deur hul politieke ondersteuners op die pad van samesmelting gedwing. Die volk het rasseharmonie en partypolitieke vrede verlang.

Met die ontbinding van die Suid-Afrikaanse Party se parlementêre kouskus op 29 Mei 1934 was daar 'n begin gemaak met die formaliteite, waardeur die twee groot partye sou ophou bestaan en die nuwe verenigde party tot stand sou kom. Hierdie gedaante verandering sou gepaard gaan met 'n hele reeks kongresse van die twee partye wat oor hulle eie ontbinding sou moes besluit. Die Federale Raad van die Nasionale Party sou op 20 Junie 1934 in Pretoria vergader.

---

<sup>141</sup> Die Burger, 27.1.1934.

<sup>142</sup> Ibid., 5.2.1934.

<sup>143</sup> Ibid.

Smuts het by die ontbinding van die Suid-Afrikaanse Partykous die lede versoek om soveel moontlik propaganda te maak vir die nuwe party. Ten slotte het hy beklemtoon dat Suid-Afrika lid van die Britse Statebond behoort te bly en sodoende die lojaliste probeer gerusstel.<sup>144</sup>

Op 21 Julie 1934 berig Die Burger dat Hertzog aan die Johannesburgse Nasionale Party-vertegenwoordiger gemeld het dat hy binnekort 'n uitgebreide reis deur die land sou onderneem om die stroom teen die Regering te stuit. Dit het ook duidelik geword dat Hertzog Kemp versoek het om nie meer vergaderings toe te spreek nie, aangesien daar in regeringskringe die mening toegedaan was dat Kemp net mosles van wantroue op die Transvaalse platteland sou inoes.<sup>145</sup>

Die Transvaalse Nasionale Partykongres, later verwys na as die Transvaalse Skeurkongres, het op 8 en 9 Augustus 1934 plaasgevind.<sup>146</sup> Die Vaderland van 10 Augustus 1934 meld dat Kemp op 8 Augustus 1934 by die kongres in 'n toespraak gesê het: "Dit sal van ons afhang of ons stiefkinders in die nuwe party sal wees, dan of ons ideale deur die ganse volk uitgeleef sal word."<sup>147</sup> Hier kom die moed en daadkrag, wat so kenmerkend van sy karakter was, navore. Hy was bereid om die uitdaging wat gestel was en wat hy sy eie gemaak het, sonder vertwyfeling aan te pak en deur te voer.

Weens die hoë aansien wat Hertzog onder die kongresgangers gehad het, was sy samesmeltingsideaal met 'n groot meerderheid van 281 stemme teen 36 aanvaar. Die breuk was finaal en Kemp het 'n bittere persoonlike aanval op adv. J.G. Strijdom gedoen en afgesluit met 'n eis dat hy sy setel moet bedank.<sup>148</sup> Dr. G.D. Scholtz gee die sienswyse van baie Afrikaners weer met sy kommentaar oor die samesmelting van die twee partye: "Na die Vrede van Vereeniging het geen ander gebeurtenis in die twintigste eeu vir die Afrikaanse volk soveel rampe gebring as die daad van samesmelting nie."<sup>149</sup> Die nega Nasionale Partylede van die voorlopige Uitvoerende Komitee van die twee partye, wat fina-

<sup>144</sup> Die Vaderland, 30.5.1934.

<sup>145</sup> Die Burger, 21.7.1934.

<sup>146</sup> J.L. Basson, p.85; J.C.G. Kemp, p.419.

<sup>147</sup> Die Vaderland, 10.8.1934.

<sup>148</sup> Ibid: J.L. Basson, p.85; Bylaag 7.

<sup>149</sup> G.D. Scholtz, Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, p.591.

le reëllings in verband met vereniging sou tref, was in Augustus 1934 benoem en Kemp was een van hulle.<sup>150</sup>

Op 30 Augustus 1934 het daar 'n vergadering van die Smelters op De Aar plaasgevind wat deur Kemp toegesprek was. Hy het gesê: "Ek hou van reg, maar ek gaan nie teen die wind veg nie. Ek is nie bereid om verder te veg teen die Engelssprekende-Afrikaner wat ons die hand van vriendskap gerek het nie."<sup>151</sup> Hy het ook Malan aangeval en gesê laasgenoemde was soos 'n predikant wat die weg aanwys, maar dit nie self bewandel nie. Hy het Die Burger ook nie agterweë gelaat nie en gesê dat hy hoop hulle sal die dagblad uit Keeromstraat haal.<sup>152</sup>

Op 'n Nasionale Partyvergadering in Observatory, 4 September 1934, het mnr. P.J.H. Hofmeyr in herinnering geroep hoe Malan tydens die Rebelle in 1914 voorkom het dat 'n aantal leiers van die opstand wat reeds in die gevangenis gesit het, onder andere Kemp, doodgeskiet is.<sup>153</sup> Tydens 'n openbare vergadering op Victoria-Wes op 12 Oktober 1934, het Kemp gesê dat Louls Botha in die vroeë dae van die Nasionale Party dikwels aan hom gesê het dat die verdeeldheid onnodig was, daar die twee partye dieselfde doel voor oë gehad het. Volgens hom het die Nasionale Party daardie tyd egter die reguit pad gekies en nie die ompad wou loop nie. In 1934 was die situasie volgens hom anders: "Die volk het dit die Eerste Minister aan die verstand gebring dat die dinge waarvoor die Nasionale Party altyd geveg het, verkry is."<sup>154</sup> Voorts het hy verwys na die vriendskaps-hand wat Smuts uitgereik het en dat hy onderneem het om al wat van kardinale belang was vir die Nasionale Party, te handhaaf, indien Hertzog in gesprek met hom sou getree het. Hy het gesê dat Smuts aan bewind kon gekom het, maar dat hy die belange van die volk bo die van sy eie gestel en hy hom daarvoor geëer het.

Kemp het die anti-Smelters uitgedaag om een beginsel op te noem wat ontbreek het in die basis van die nuwe party. Volgens hom was dit nie moeilik om 'n program van beginsels vir die nuwe party op te stel het nie, want die beginsels van die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party het nie so baie verskil as wat daar voorgegee is nie. "Die Nasionale Party wat vandag so sterk gekant is teen samesmelting wou destyds op De Aar net so

<sup>150</sup> Die Vaderland, 24.8.1934.

<sup>151</sup> Die Burger, 31.8.1934.

<sup>152</sup> Ibid.

<sup>153</sup> Ibid., 5.9.1934.

<sup>154</sup> Die Vaderland, 13.10.1934.

vinnig vrede maak en saamsmelt as enige ander. Dr. Malan was indertyd 'n groter smelter as hyself,<sup>155</sup> het hy gesê. Hy het voorts gemeld dat hy met die Rebelle die les geleer het om die meerderheid van die volk die toon te laat aangee waarby die minderheid hom moet neerlê.<sup>156</sup>

Op 13 Oktober 1934 te Carnarvon het Kemp tydens 'n vergadering gesê dat samesmelting nog 'n stap vorentoe was en dat dit uit die volk ontstaan het. Hy het 'n pleidooi gelewer vir aansluiting by die nuwe party ter wille van volkseenheid, selfs al is daar verskille ten opsigte van sekere punte. Volgens hom het Hertzog sy koalisiëpunte met die medewerking van die Nasionalekookus opgestel en ook sy ooreenkoms met die Kaaplandse Hoofbestuur letterlik uitgevoer. "Dr. Malan is Inkonsekwent, want hy was eers 'n harter smelter as ek gewees," het hy gesê.<sup>157</sup>

Na afloop van Kemp se veldtog na die Noord-Kaap en Middellande, berig Die Vaderland dat te oordeel aan die uitslag van die reeks vergaderings, was die Malanbeweging in al die opsigte beperk gewees tot die Westelike Provinsie en klein strokies na die noorde en suidweste. Volgens die berig was die vergaderings besonder goed bygewoon en het dit ordelik verloop. Op sommige plekke is deur anti-Smelters (Keeromstraat se Volksraadslede<sup>158</sup>) buitengewone maatreëls getref om aan die Minister 'n mosie van wantroue te besorg, byvoorbeeld Carnarvon. Hier het hulle ook die meeste stemme teen Kemp gekry, te wete 170, maar die mosie van vertroue is nogtans met groot meerderheid aangenem.<sup>159</sup>

Op gesamentlike kookusvergaderings van die Nasionalliste en Sappe was hulp van buite ingeroep om samesmelting te bepleit. Die buitengewone weg was naamlik gevolg deur Kemp en mnr. J.P. Jooste (LV), deur te versoek om die kookus met toesprake vir die smeltersaak te bearbel. Daarna was aan weerskante afsonderlik kookusvergaderings

<sup>155</sup> Ibid.

<sup>156</sup> Ibid.

<sup>157</sup> Die Burger, 15.10.1934.

<sup>158</sup> J.P. Scannell, Keeromstraat 30, p. 1, op 18 Desember 1914, het 'n groepie manne 'n koerant gestig. Die Burger. Die Burger was sedert sy stigting in die South African News se gebou gehuisves en in 1924 deur Nasionale Pers gekoop, met die welbekende adres Keeromstraat 30. Die Burger was die mondstuk van die NP en na samesmelting het dit die mondstuk van die Anti-Smelters gebly, waarvan D.F. Malan die leier was.

<sup>159</sup> Die Vaderland, 16.10.1934.

gehou.<sup>160</sup> Op 20 November 1934 berig Die Burger dat die voorlopige ontwerp van die konstitusie van die nuwe verenigde party op 19 November 1934 te Johannesburg opgestel was, met die oog op die komende Inhuldigingkongres te Bloemfontein, in Desember 1934. Die naam van die party was voorlopig bestempel as die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party.<sup>161</sup> Die party sou hoofsaaklik saamgestel word op 'n uniale grondslag, volgens die voorbeeld van die Suid-Afrikaanse Party.

Alleen Blankes sou toegelaat word as lede, maar spesiale voorsiening was gemaak vir die instelling van afsonderlike takke vir die Kleurlinge van Kaapland, wat waarskynlik die reg sou hê om deel te neem aan die benoeming vir die keuse van partykandidate. Nie-Blankestemgeregtigdes van Kaapland sou nie toegelaat word as lede van die nuwe party nie. Aan die hoof van die partymasjinerie sou die Uniale Kongres staan, wat elke twee jaar sou vergader. Hierdie kongres sal die sentrale hoofbestuur, die leier en onderleier kies, asook die gewone kongresagenda behandel.<sup>162</sup> Die laaste vergadering van die hoofbestuur van Transvaalse Nasionale Party het op 24 November 1934 in Pretoria plaasgevind, toe sake in verband met die ontbinding bespreek was. Die kantoor sou einde November 1934 ontruim word, aangesien die Suid-Afrikaanse Partykantore die nuwe party se kantore sou huisves.<sup>163</sup>

Die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, of kortweg die Verenigde Party is op 4 en 5 Desember 1934 met ongekende geesdrif in Bloemfontein gestig.<sup>164</sup> Hertzog het 'n besielende toespraak gelewer, en Smuts is staande deur sy eertydse politieke vyande toegejuig. "Onder byvalsbetuiging het hy (Hertzog) van die geboorte van 'n nuwe nasie gepraat en die kongresgangers versoek om die bitterheid van die verlede te vergeet."<sup>165</sup> Hierdie kongres het samesmelting beklank en was die kroon op die gesamentlike poging van die twee generaals om 'n eenheidsparty tot stand te bring. Daarmee was die skelding tussen die pas gestigte Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party en die "Gesulwerde" Nasionale Party finaal voltrek. Dit was klaarblyklik Kemp wat aanvanklik spot-

<sup>160</sup> Die Burger, 24.10.1934.

<sup>161</sup> Ibid., 20.11.1934.

<sup>162</sup> Ibid.

<sup>163</sup> Ibid., 26.11.1934.

<sup>164</sup> J.L. Basson, p.87; Die Burger, 6.12.1934.

<sup>165</sup> Die Volkstem, 5.12.1934; Die Vaderland, 7.12.1934.

tenderwys na die Malanlete as "Gesulwerdes" verwys het en die Nasionalistes het nie geskroom om die naam as 'n sulwer karakter aandulding te aanvaar nie.<sup>166</sup>

Interessant en insiggewend was hoedat die verlange na Afrikanereenheid die politiek oor die jare beïnvloed het. Die volksdligter Jan. F. Celliers het soos volg daarvan getuig:

"Daar klink 'n lied  
daar bruis 'n roep  
van Kaap-tot ower-Vaal  
van Oos tot Wes, van strand tot strand:  
Ons gee mekaar die broederhand,  
Ons smee 'n sterke eenheidsband  
Van Afrikaanse staal!"<sup>167</sup>

C.J. Langenhoven het in 'n koerantrubriek in Die Burger geskryf: "Vandag moes ons eintlik ons geskille opsy gesit en 'n wapenstilstand uitgeroep het om almal saam in 'n party en teen Nasionale Party, eer te betuig aan die man (Hertzog) wat vir ons almal saam gedoen het wat niemand anders vir ons kon gedoen het nie. Vandag moes die ras-seteënstander voel; Hertzog is meer as 'n Dutchman, juis omdat hy so tenvolle 'n Dutchman is. En die teen Nasionale Party moes voel. Hertzog is meer as 'n Nasionalis, juis omdat hy so 'n toegewyde Nasionalis is. Vir ons groot, gemeenskaplike volksbelange is hy ons groot gemeenskaplike volksleier. Hy het vir ons verower wat vir ons sal bly 'n gemeenskaplike volksbesitting tot in die lengte van dae wanneer die partyrusies van vandag in die newels van die verlede onherkenbaar en onbegryplik verlore sal lê."<sup>168</sup> Op 11 Desember 1934 het lede van die hoofbestuur en die gewone lede van die voormalige Nasionale Party van Transvaal van Hertzog en sy drie provinsiale leiers afskeid geneem, naamlik Grobler, Kemp en Prow.

Koalisie van 1933 kan beskou word as die einde van 'n politiekeverdeling wat sedert 1914 in Suid-Afrika bestaan het, maar terselfdertyd was dit ook die begin van 'n nuwe politieke-era waarin die skeldstyre in die politiek baie duideliker getrek sou word as wat voorheen die geval was.<sup>169</sup> Die nuutgevonde eenheid tussen Hertzog en Smuts kon nie

<sup>166</sup> J.H. de Roux en P.W. Coetzer, Deel 3, p.615; Die Volkstem, 6.12.1934.

<sup>167</sup> Piet Meiring, Vyftigjaar op die voorblad, p.53.

<sup>168</sup> Ibid., p.54.

<sup>169</sup> B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.203.

blywend wees nie, "net so min as wat daar sprake van werklike eenheid tussen die Nasionale Party en Arbeidersparty in die twintigerjare kon wees."<sup>170</sup> Uiteenlik was daar in die Suid-Afrikaanse politiek in die volgende paar jaar 'n groot nuwe eenheid gewees, 'n sentrale party waarin Afrikaner - en Engelssprekende 'n politieke tulste gevind het, maar in sy wese sou die nuwe party verdeeld bly omdat dit nie op 'n vaste prinsipiële basis gegrond was nie.

Die samestelling van die eerste Koalisie kabinet was 'n duidelike bewys dat daar geen sprake van 'n blywende eenheid kan wees nie. Aan die eenkant Hertzog, Havenga, Pirow, Kemp, Fourie en Grobler. Aan die anderkant Smuts, Jan Hofmeyr, Clarkson, Stuttaford en Denys Reitz. "Dit was 'n groepering van mense met sulke uiteenlopende beskerminge en oortuiginge dat dit noodwendig in hom die klem van uiteindelijke ontbinding rondgedra het. Dit was 'n skyneenheid sonder enige prinsipiële binding."<sup>171</sup>

In hierdie tydperk het Kemp, sy politieke meelopers vanaf 1924 en die wat nie saamsmeltet het nie, met alle venyn van die tong oorlog gevoer. Die militaris-rebel het geensins die politieke strydbyl begrawe nie en dit was ondenkbaar dat hy teen Afrikaner politici so opgetree het. So byvoorbeeld, na een van sy woordelike aanvalle in die Volksraad op die "Gesulwerdes", soos hy hulle genoem het, berig Die Burger op 15.3.1938 dat die soort van moddergoolery sy gereelde antwoord was op die argumente van die Nasionale Party. Die koerant het 'n beroep op die Nasionale Party gedoen om die "prikkel" nie na te volg nie.<sup>172</sup>

Dit wil voorkom asof Kemp se sterk nasionalistiese - en republikeins georiënteerde slenswyse verander het en dat hy deur die hand te reik gepoog het om 'n vreedsame en saamgevoegde Suid-Afrika te bewerkstellig. Hy het sy eertydse militêre - en politieke "teenstander" die hand gereik - hy het hom nou vertrou - en die toekomst sou leer of sy "offervaardigheid" die regte rigting was. Kemp in sy boek Pad van die Veroweraar, meld dat hy van mening was dat Smuts dit oreg bedoel het. Dat hy gesmelt het omdat hy dit as die beste vir die land en volk beskou het. Hy skrywe, "En ek het gestry en baklei vir Samesmelting en die Verenigde Party."<sup>173</sup> Die verskoning wat hy vir sy optrede aanbied

<sup>170</sup> Ibid.

<sup>171</sup> Ibid.

<sup>172</sup> Die Burger, 16.3.1938.

<sup>173</sup> J.C.G. Kemp, p.20.

is dat sy bedoelings eerlik en opreg was<sup>174</sup>. tipies Kemp, stryder vir dit waarin hy geglo het. Dit het egter by die Afrikanervolk 'n wantroue teenoor Kemp te woeg gebring.

Hiermee is 'n tydperk van Afrikanertwiste ingelul wat meer as ses Jaar sou duur en in bitterheid, venyn en onsmaklikheid sonder gelyke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Kemp het homself binne die stryd bevind. Van sy kant sou dit fyn politieke maneuvers vereis; van vorige politieke vyande sou hy vrlende maak en van vorige politieke vrlende vyande. Kemp dien hier 'n regsomkeer. Die vraag bly egter of hy ten volle politieke vrede gehad het. Nee, hy het dit eerder as 'n lewenstaak beskou. 'n Optrede tot opoffering van dit wat vir sy Afrikanervolk tot voordeel kan wees - naamlik eenheid.

---

<sup>174</sup> Ibid.

## HOOFSTUK 7

### KEMP SAAM MET SY EERTYDSE POLITIEKE VYANDE IN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PARTY - SY OPTREDE EN ROL, 1934 -1939

Hoewel die Verenigde Party met groot verwagting gestig is en die partylede gents. J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts met groot entoesiasme gevolg het, was dit nie 'n spontane en openhartige vereniging nie. Volgens J.C.H. Grobler was dit 'n gerieflikheidshuwelik en onderlinge wantroue was spoedig waarneembaar.<sup>1</sup> Dit moet egter toegegee word dat Hertzog en Smuts alles in hulle vermoë gedoen het om eensgesindheid te bewaar en in die proses toegewings gemaak het, waartoe hulle in normale omstandighede nooit sou toegestem het nie. In hierdie proses het genl. J.C.G. Kemp sy ondersteuning en lojaliteit onvoorwaardelik toegesê aan Hertzog en sou hyself sover gaan as om Smuts en sy volgelinge te vergoelikk - iets wat baie Afrikaanssprekendes vreemd gevind en hom in 'n mate as 'n "verraaier" van die Afrikanersaak bestempel het. Weer eens het Kemp uit innerlike oortuiging opgetree. Hy was 'n groot voorstander van 'n verenigde Suid-Afrika.

#### 7.1 Kemp se aanvalle op die "Gesulwerde" Nasionale Party

Dr. D.F. Malan en sy volgelinge was van oortuiging dat die tyd nog nie ryp was vir die samevoeging van "nasionallisme" en "imperialisme" nie en dat die Verenigde Party mens op 'n onnatuurlike wyse verenig het. Dit het tot gevolg gehad dat die groep Afrikaner-nasionaliste aan die werk gespring en hulle in 'n nuwe party gereorganiseer het, naamlik die "Gesulwerde" Nasionale Party. Reeds van die begin af was dit duidelik dat Kemp nie geneë was met die wegbreekaksie nie. So byvoorbeeld het hy in Augustus 1934 daarop aangedring dat adv. J.G. Strijdom uit sy Waterberg-setel moes bedank en hom van dislojaliteit teenoor Hertzog aangekla. Dit was Kemp wat aanvanklik na die Malaniete as "Gesulwerdes" verwys het en die Nasionaliste het nie geskroom om die naam as 'n sulwer karakter aanduiding te aanvaar nie.<sup>2</sup>

<sup>1</sup> J.C.H. Grobler, Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler, 1873-1942, p.312.

<sup>2</sup> Die Volkstem, 6.12.1934.

Dit was asof Kemp oorlog verklaar het teen sy eertydse partygenote en hier volg enkele voorbeelde daarvan: Op 20 Mei 1936 berig Die Burger dat Hertzog, nagevolg deur Kemp, blykbaar behae daarin skep om die Nasionale Party, waaraan hulle behoort het, te skend. "Hulle behandel hul ou party soos 'n kêrel wat nie alleen sy nooi afsê nie, maar boonop bly vitrloel in haar geslg gooi,"<sup>3</sup> beweer die koerant. Voorts berig Die Burger, op 21 Mei 1936, dat Smelters openlik begin beswaar maak het teen die onhoflikheid van die Premier. Mnr. L.D. Gilson, Verenigde Party Volksraadslid vir Griekwaland, het tydens die behandeling in komitee van die Naturelleggrondwetsontwerp (sic) hom genoodsaak gevoel om te kla dat Hertzog wel beleefd optree teenoor die Nasionale Party opposisie, maar sy ele ondersteuners affjak.<sup>4</sup>

Op 5 Julie 1937 berig Die Volksblad dat mnr. Abraham Krüger van Damplaats by Burgersdorp, deur Kemp uit die Landraad geskop is. Volgens die beriggewer was hy uitgeskop omdat hy besluit het om Afrikaner te bly en voer aan: "Genl. Kemp voer maar hier net konsekwent die beleid van die Verenigde Party uit. Hulle het lankal besluit om skoonskip te maak. Elke nasionalis moet daaruit."<sup>5</sup> Al rede wat Kemp aangevoer het was dat hy besluit het dat dit raadsaam sou wees om van tyd tot tyd veranderings in die personeel van die Landrade te maak.<sup>6</sup> Mnr. C.P. Mulder en W.A. Cruywagen beweer dat slegs in 1938, toe Kemp as getroue volgeling van Hertzog die setel vir die Verenigde Party verower het, is die goue draad van Nasionalisme in die Wolmaransstad kiesafdeling tydelik onderbreek.<sup>7</sup>

In Maart 1938, tydens die debat oor die Gedeelte Begrotingswetsontwerp in die Volksraad, het Kemp onder andere gesê dat die Nasionale Party bankrot was en na die Nasjonaliste as "bloedsulers en ultbulters" verwys.<sup>8</sup> Op Maandag 14 Maart 1938 het Die Burger so na die optrede van Kemp verwys: "'n Mens voel behoefte om Jou mond uit te spoel en 'n bad te neem."<sup>9</sup> Die berig meld voorts dat Kemp met sy stortvloed van venyn teenoor persoonlikhede soos 'n haelbul en wolkbreek van gal en edik opgetree het. Stridom het hom verplig gevoel om beswaar by die Speaker aan te teken teen sulke taal en uit-

<sup>3</sup> VP-argief, Vol. 2, koerantberig; Die Burger, 20.5.1936.

<sup>4</sup> Die Burger, 21.5.1936.

<sup>5</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 8, ongepagineerd; Die Volksblad, 5.7.1937.

<sup>6</sup> Ibid.; Die Burger, 2.7.1937.

<sup>7</sup> C.P. Mulder en W.A. Cruywagen, Die Eerste skop van die Nasionale party in Transvaal 1914-1964, p.151.

<sup>8</sup> Die Burger, 12.3.1938; Debatte van die Volksraad, 11.3.1938, kolomne 1534-1538.

<sup>9</sup> Ibid., 14.3.1938.

drukkings. Mnr. Wessel Roux wat tydelik as Speaker waargeneem het, het die Raad plegtig meegedeel dat hy die uitdrukkings nie gehoor het nie.<sup>10</sup>

Op 15 Maart 1938 het Die Transvaler verwys na Kemp se optrede as 'n historiese vorm van aanval, aangesien hy swak gestaan het en nie sy saak beter as sy teenstanders kon stel nie. Die koerant het 'n beroep op Nasionalliste gedoen om nie Kemp se voorbeeld te volg, tydens die verkiesing wat voorgelê het nie.<sup>11</sup> Op 15 Maart 1938 het Kemp in die Volksraad, tydens die derde lesing van die Begrotingswetsontwerp, weer die Nasionalliste van verkeerde voorstellings en dies meer probeer beskuldig, sonder enige bewyslewering.<sup>12</sup> Net toe hy gaan sit, het 'n Nasionalis hom toegeroep dat hy nie net soos Vrydag-aand moes weghardloop wanneer hulle op die beskuldigings gaan antwoord nie - maar net so het dit weer gebeur - toe mnr. Piet Luttig, J.G. Strijdom en ds. C.W.M. du Toit, en andere, met vers en kapittel die Minister aan die kaak stel, was Kemp skoonveld. Hy het eenvoudig sy hoed gevat en nie weer sy gesig in die Volksraad gewys nie.<sup>13</sup> Dit is asof die "tjaarts" in Kemp ontbreek en hy die wyk geneem het vir die beskuldigings en kritiek wat tot hom gerig was, vanaf Nasionale Party se kant.

Op 28 Maart 1938 het mnr. J. Raath, die Verenigde Party se afdelingsekretaris van die kiesafdeling Wolmaransstad, aan Kemp 'n skrywe gerig waarin hy hom waarsku dat die politieke toestand in dié kiesafdeling by die dag al ernstiger word. Volgens hom was die Malanlete vasbeslote om Kemp uit die Parlement te kry en dat adv. C.R. Swart, J.G. Strijdom, mnr. Haywood, dr. N. vd Merwe en dr. Matan vergaderings in die kiesafdeling sou hou voor die verkiesing. Hy meld: "dit wil my voorkom asof al die kragte saamge-span word teen Generaal."<sup>14</sup> Hierdie waarskuwing was geregverdig aangesien die Wolmaransstadkiesers sterk Afrikaner nasionaliste was.

In Maart 1938 te Kafferrivier (sic), in die Bloemfontein-distrik, het Kemp verklaar: "Die enigste rede wat hy kan sien vir die wegskeuring van die Nasionalliste van die Verenigde Party, is dat hulle Samesmelting as 'n bedreiging gesien het vir hulle ambisie om kabinetslede te word."<sup>15</sup> Natuurlik het reaksie van die Nasionale Party se ondersteunende

<sup>10</sup> Ibid.; Debatte van die Volksraad, 11.3.1938, kolomne 1541-1542.

<sup>11</sup> Die Transvaler, 15.3.1938.

<sup>12</sup> Die Burger, 16.3.1938; Debatte van die Volksraad, 15.3.1938, kolomne 1677-1678.

<sup>13</sup> Ibid.

<sup>14</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 1, ongepagineerd, brief van J. Raath aan Kemp, 28.3.1938.

<sup>15</sup> Die Burger, 1.4.1938.

pers nie uitgesluit gebly nie. Die Burger van 1 April 1938 beweer dat Nasionale Party gegroei en die Verenigde Party gekwyn het en al babbel Kemp van die oggend tot die aand laat gedurende die verkiesingstryd, sou hy nie verhinder dat in baie kiesafdelings afgereken word met die politici wat die Nasionale Party in die steek laat nie.<sup>16</sup>

Op 13 Mei 1938 te Butfontein het Kemp aanvallend in 'n toespraak gesê dat die leiers van die Malaniete misleiers en bedrieërs is..., "Die Malaniete wil nie 'n republiek hê nie. Hulle is te vervlaks bang. Hulle staan en kef soos 'n klomp brakke...."<sup>17</sup> Op 6 Junie 1938 het mnr. M.C. van Niekerk van die plaas Brandwag, distrik Lichtenburg, aan J.G. Strijdom 'n brief gerig waarin hy meld dat hulle besig was om 'n eeufees te organiseer op Delareyville vir 20 Augustus 1938. Hy het gemeld dat etlike dulsende feesgangers verwag word en dat N.J. v.d. Merwe, J.G. Strijdom, senator C. van Niekerk en Kemp genooi gaan word om as gassprekers op te tree. In verband met Kemp se moontlike deelname meld hy: "Genl. Kemp sal natuurlik nie aanneem nie as gevolg van sy haat teen onse Nasionale leiers. Sy afwesigheid sal dan ons Nasionale saak baat."<sup>18</sup> Dit wil voorkom asof Kemp so loutwat teruggedeins het vir kritiek vanuit Afrikanergeleedere.

Op 21 Maart 1939 het Kemp in die Volksraad dr. D.F. Malan, in 'n toespraak, aangeval en gesê dat die eerste dinge wat Malan gedoen het, nadat hy Minister van Binnelandse Sake geword het, was in verband met die Staatsdienskommissie. Toe die lede se ampstermyn verstryk het, het hy gesorg dat hy sy ondersteuners en familiebetrekkings aanstel het om sy beleid deur te voer. Hy het melding gemaak van 'n verklaring van Malan in 1926 in die Volksraad, toe laasgenoemde gesê het dat as alle dinge gelyk is, "hy 'n Nasionals of 'n Arbeider aanstel wat in elke geval 'n ondersteuner van die Regering is."<sup>19</sup> Kemp het voorts gevra of Malan toe diefstal van staatsgeld gepleeg het? Hy het gesê dat toe hy inspekteurs, wat Sappe was, destyds afgedank het, het Malan hom toegejuig as 'n held van die Nasionale Party. "Hulle het nooit gedink dat hulle skeurders sou word en dat die mes na hulle kant toe sou sny nie,"<sup>20</sup> het hy snedig opgemerk. Op 5 Augustus 1939 het C.R. Swart aan J.G. Strijdom geskrywe: "Ek het reeds verwys na Conroy en

<sup>16</sup> Ibid.

<sup>17</sup> Die Transvaler, 16.5.1938.

<sup>18</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 44, brief van M.C. van Niekerk aan J.G. Strijdom, 6.6.1938.

<sup>19</sup> Debatte van die Volksraad, 21.3.1939, kolom 2171; Die Burger, 22.3.1939.

<sup>20</sup> Ibid.

Kemp se voorspellings wat die indruk wil skep dat die Nasionale Party verdwyn binne die mull van die Verenigde Party en die 'volk sal verenig wees'.<sup>21</sup>

Kemp het met hierdie ondeurdagte optrede homself onder verdenking geplaas by 'n groot deel van die Afrikaanssprekende bevolking, veral die in wie se harte die vlam van nasionalisme en volksele nog sterk gebrand het. Die gevoel onder die Afrikaner nasionaliste was een van ongeloof teenoor Kemp. Hoe kon die eertydse Boeregeneraal, Rebel en Nasionalis so van standpunt verander, dat hy sy eie mense beledig? Nog te meer, hoe kon hy homself vereenselwig deur in die geledere van Imperialistiese ondersteuners te sit? Onverklaar sou 'n mens kon sê, maar indien daar na die karakter van Kemp gekyk word, kan onomwonde verklaar word dat sy lojaliteit teenoor Hertzog oorgeel het in die rigting van fanatisme; dat sy ondernemingsgees hom soms aangespoor het tot handelinge voordat hy 'n saak goed deurdink en sy vasberadenheid feitlik aan koppigheid gegrens het, terwyl sy openhartigheid hom nie juls te taktvol gemaak het nie. Hy was 'n harde vegter vir die saak waarin hy geglo het en in die proses het hy niemand gespaar nie soms tot nadeel van homself. In die geval het hy hom vervreem van 'n deel van die Afrikaanssprekendes.

## 7.2 Intimidasie vanaf Kemp se kant teenoor amptenare

Kemp was alreeds vanaf 1924 gereeld deur die Oposisie aangekla oor sy aanstellingsbeleid in die Departement van Landbou. Op 6 Junie 1934 het C.O. Hoger van Oranjoord, naby Griekwastad, in 'n brief aan Smuts gekla dat Kemp nog steeds, en dlt na koalisie, as minister die Nasionaliste van die Verenigde Party voortrek by aanstellings in sy departement. Hy noem voorbeelde van partydige aanstelling en vra: "Denk u nou dat dlt billik is teenoor Suid-Afrikaanse Partyede van hierdie distrik, waar kom gelyke regte nou in. As sulke dinge gebeur dan kan Generaal Kemp of die Regering nie verwag dat die Boere organisasie moet ondersteun nie. ....Toe Generaal Kemp laasjaar hier op Griekwastad 'n vergadering gehou het, het hy gesê dat hy vrede gemaak het met die Suid-Afrikaanse Party."<sup>22</sup>

Op 2 Maart 1938 het C.F. van Wyk van Leeuwfontein, distrik Wolmaransstad, 'n beëdigde verklaring afgelê waarin hy verklaar dat 'n sekere F.R. Tomlinson sy plaas besoek

<sup>21</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 50, brief van C.R. Swart aan J.G. Strijdom, 5.8.1939.

<sup>22</sup> VP-argief, korrespondensie 1933-1940, brief van C.O. Hoger aan Smuts, 6.6.1934.

het. Hy meld dat Tomlinson beweer het dat hy deur die Departement van Lande gestuur was om toestande op plase te ondersoek - voorts sou hy die delwery ook besoek. Van Wyk skrywe dat Tomlinson baie uitgesproke was en dat hy die Regering veroordeel het, omdat volgens hom die Jode die land regeer. Voorts meld hy dat Tomlinson 'n hele aantal vriende in die distrik gehad het.<sup>23</sup> Aangesien Kemp die Volksraadslid vir die kiesafdeling was, kan aangeneem word dat Van Wyk bekommerd was oor Tomlinson se uitsprake en die mense in die distrik wat sy sienswyse gedeel het.

Op 25 April 1938 berig D.J. Potgieter in die Die Transvaler, dat die grootskaalse vervolging van staatsamptenare, wat die Nasionale Party steun in die kiesafdeling Wolmaransstad, sulke afmetings aangeneem het dat selfs hooggeplaaste amptenare in Pretoria deur speurders en Verenigde Party organiseerders agtervolg word. Volgens die koerant het die gebeure aan die lig gekom toe 'n spesiale verteenwoordiger van Die Transvaler sekere berigte uit die kiesafdeling van Kemp van naderby gaan ondersoek het. "Die mees gesteepte voorbereidings word getref om Nasionalliste in 'n val te lok, met die bedoeling om hulle dan van politieke propaganda in die staatsdins te beskuldig. So het die Verenigde Party laat uitkom dat van hulle met opset onwaarhede in telefoongesprekke vertel het om vas te stel of die gesprekke deur middel van perskantoorbeampies versprei sou word", het die berig gelui.<sup>24</sup> Voorts meld die berig dat die inwoners van Wolmaransstad van mening was dat hierdie vervolging die resultaat was van die Verenigde Party se uitdaging aldaar: "Ons gaan nou die handskoen weggooi en met die kaalvuus veg!"<sup>25</sup> Daar was ook gerugte dat daar 'n botsing ontstaan het tussen Kemp en die Departement van Landbou, as gevolg van sy inmenging, maar dat sy bevel uitgevoer is. Die dagblad het kritiek uitgespreek teen Kemp se optrede en berig "dat 'n departement nie eens sy amptenare durf beskerm teen so 'n belanghebbende minister nie."<sup>26</sup>

Die gevoel onder die Nasionalliste in die staatsdins was dat sulke voorvalle hulle al hul burgerlike voorregte ontnem het. Dit sou glo nie net vir Wolmaransstad alleen gegeld het nie, waar amptenare voortdurend vervolging gevrees het, maar ook op ander plekke was dit so "en word daar verlang na die vryheid wat die Nasionale Party voorstaan", be-


<sup>23</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 1, ongepagineerd, beëdigde verklaring van C.F. van Wyk, 2.3.1938.

<sup>24</sup> Die Transvaler, 25.4.1938 en 2.5.1938.

<sup>25</sup> Ibid.

<sup>26</sup> Ibid.

Jan Kemp: Sy eis vir onverdeelde trou aan die regerende party.



Bron: Die Burger, 21.3.1936, Saterdag.

rig Die Transvaler.<sup>27</sup> Die intimidasie was in Kemp se kiesafdeling so sterk gevoel dat daar amptenare was wat hulle lewens nie as kiesers wou laat registreer nie en volgens die koerant was die ironie van die saak dat Verenigde Partylede in die staatsdiens openlike kon gesels, sonder dat hulle vervolgt sou word.<sup>28</sup>

Op 3 Mei 1938 vra Die Transvaler in 'n berig of Kemp met behulp van Smuts speurders en -spioene op die vrou staatsamptenare gaan speurwerk doen? Volgens die berig sou dit 'n konsekwente gevolg wees van sy standpunt wat hy op Makwassie uiteengesit het. Kemp se redenasie was soos volg: "n Amptenaar staan in diens van die staat, wat bestuur word deur die Uitvoerende Raad, naamlik die Kabinet. Die Kabinet word gewoonlik saamgestel uit 'n paar lede van die sterkste politieke party in die Wetgewende Raad. Die twee funksies van wetgewing en uitvoering van die staatspligte is heeltemal verskillend en streng genome met iemand wat verpligtings het teenoor die uitvoerende mag van die staat nie die geringste verpligtings teenoor die politieke party waaruit die Kabinet ontstaan nie. Ek, genl. Kemp, steur my egter aan dit alles niks nie. Waar 'n amptenaar uit die volksele betaal word om my as kabinetslid te help in my uitvoerende pligte, daar gaan ek van hom 'n slaaf maak wat my private belange ook moet bevorder. Hy moet naamlik die Verenigde Party ondersteun dan gaan ek nie sê dat hy teen die party is nie, maar dat hy teen iets heeltemal anders, naamlik die Regering en die land is, en dit ondermyn al weet ek dis 'n gedagteverwarring. Ek gaan selfs sê dat hy aan geheime ondergrondse bewegings deelneem as hy aan 'n ander party behoort wat met my persoonlike selfsugtige belange bots."<sup>29</sup>

Voorts wou die verslaggewer, dr. H.F. Verwoerd, latere Eerste Minister van Suid-Afrika, weet dat indien 'n amptenaar deur Nasionaal te wees aan geheime ondergrondse bewegings deelneem en daardeur die Regering ondermyn, wat op aarde maak sy vrou as sy nasionaal is? Hy vra of Kemp sal toelaat dat sy al hierdie grilligerige dinge doen terwyl haar man daadwerklik help om die Regering op te bou deur roerloos te bly? Met ander woorde gaan hy haar ook laat agtervolg en wat gaan hy maak as sy speursin beloon word?<sup>30</sup> Dit is heel duidelik dat die Opposisie gekant was teen Kemp se beleid van "blinde" navolging, ten opsigte van ondersteuning aan die Regering. Hierdie ommekeer van Kemp kom verdag voor, veral waar hy so 'n groot voorstander van demokrasie was.

<sup>27</sup> Ibid.

<sup>28</sup> Ibid.

<sup>29</sup> Ibid., 3.5.1938.

<sup>30</sup> Ibid.

Te Bultfontein op 13 Mei 1938, het Kemp tydens 'n giftige slegsê toespraak verklaar: "Ons moet 'n einde maak aan sulke onderwysers en amptenare (naamlik wat teen die Regering gekant is), want die amptenare is verplig om die Regering te steun." Die Administrateur sou aangesê word om 'n einde te maak aan alle Nasionale onderwysers, in Transvaal. Hy beweer dat in plaas van opvoeding van kinders te behartig is hulle besig om vir Malan propaganda te maak en dat amptenare van die staat ook die neiging had om rond te gaan en gif te saal. "Ons hoop die Staatsdienskommissie sal hulle plig ken en weet hoe om te werk te gaan met sulke amptenare en die Malaniete-amptenare. Skop hulle uit!"<sup>31</sup> het hy verklaar. Hy het voorts gesê dat dit geld ook vir die nedersetters wat grond gekry en nou politieke agente vir die Malanparty was en die Regering in die rug steek het.<sup>32</sup> Voorts het hy sy galstorm voortgesit en gesê: "Hulle is te sleg om te werk op die plase. Hulle moet nou opdok of trap. 'n Hond is dankbaar, maar hulle vloek die Regering; die hond byt die hand wat hom voed en die nedersetters byt my! Die leiers van die Malaniete is misleiers en bedrieërs..."<sup>33</sup> Tydens gemelde vergadering het 'n sekere mnr. Jacobs, wat bewyse by hom gehad het dat hy 'n Verenigde Partylid was, opgestaan en bekend gemaak dat hy as lid van die party bedank en die Nasionale Party gaan aansluit.<sup>34</sup> Dit was duidelik dat almal nie tevrede was met Kemp se onverdraagsame optrede teenoor mede-Afrikaners nie. Kemp aan die ander kant was egter van mening dat jy byt nie die hand wat jou voed nie en gevolglik onverdeelde lojaliteit verlang.

Op 16 Mei 1938 plaas Die Transvaler 'n berig van 'n masjins wat in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë op Colligny was en spesiale verlof verkry het om as organiseerder van die Verenigde Party op te tree.<sup>35</sup> Die verslaggewer wou weet hoe dit rym? In Die Burger van 24 Mei 1938 verskyn daar 'n brief van Nasionalliste te Kakamas, onder die opskrif "Ons laat ons nie bangpraat nie! Ten aanhef: Terug na die Middeleeue! Weg met vryheid en demokrasie."<sup>36</sup> Die skrywers meld dat hulle nie kon glo dat hulle in 'n verligte eeu leef nie. Hulle wou van Kemp weet of hy beoog dat die volk soos kinders met lepels gevoer moes word? Hulle beweer dat die volgende geslag sou niks anders wees as papegaale wat net kan jip-jap en napraat wat hulle base vir hulle voorsê nie. "Wat 'n treu-

<sup>31</sup> Die Burger, 16.5.1938.

<sup>32</sup> Ibid.

<sup>33</sup> Ibid.

<sup>34</sup> Ibid.

<sup>35</sup> Die Transvaler, 16.5.1938.

<sup>36</sup> Die Burger, 24.5.1938.

rige toekoms vir Suid-Afrika!"<sup>37</sup>, het die beriggewers beweer. Hulle meld egter dat hulle hul nie so gou sou laat bangpraat en dat hulle nie hul siele sou verkoop nie. Hulle sluit af: "Waarvoor stel genl. Kemp nie 'n pousdom voor nie, waar dié leke nie toegelaat word om te dink nie en waar die Pous en priesters alleen die voorreg gehad het om die Bybel te lees en dit te vertolk soos hulle dit wou?.... Die volk mag nie dink nie, die Regering sal alles vertolk soos hy dit wil hê!"<sup>38</sup>

Die vraag ontstaan waarom Kemp so 'n radikale ommekeer teenoor sy mede-Afrikaners, wat so tojaal was, getoon het. Weer eens kan gekonstateer word dat Kemp se onvoorwaardelike lojaliteit aan Hertzog en sy absolute vertroue in die volksaak, soos hy dit gesien het, daarvoor verantwoordelik was. In sy optrede van kritiek en beteldstoepassing het Kemp niemand ontzien nie. So byvoorbeeld het hy J.H. Hofmeyr, wat saam met hom in die regeringsbanke gesit het, gekritiseer. Dit is te verstane dat hy vir die Opposisie en hul standpunte geen begrip getoon het nie, aangesien hy hulle verkwalik het vir die verdeeldheid in Afrikanergeleedere. Ewe skielik het sy demokratiese beginsels by die venter uitgevlieg en was hy bereid om homself op die altaar te plaas; verwysende na die kritiek wat op hom neergekom het.

Tydens die Begrotingsdebat in die Volksraad in Augustus 1938, het mnr. L.J. Vosloo, Nasionale Party Volksraadslid vir Somerset-Oos, aan Kemp gevra waarom twee Nasionalliste wat op die Boerebystandkomitee gedien het, afgedank is, terwyl 'n derde lid wat 'n Smelter was, aangebly het. Kemp se onverdraagsame antwoord was: "Tot ons gesulwer is van die Gesulwerdes".<sup>39</sup> Die berig verklaar verder dat elke keer wanneer die publiek opmerk dat party politieke redes 'n invloed ten kwade op die samestelling van plaaslike liggame uitgeoefen, die mense gesterk geraak het in die opvatting dat die landsbestuur op ondoeltreffende wyse behartig word.<sup>40</sup> Hierdie "onregverdige" regeringsoptrede het 'n samebindende faktor geword onder die Opposisiegeleedere. Kemp het 'n groot aandeel gehad in die antipatie wat ontstaan het teen die Regering.

Op 6 September 1938 het Strijdom geantwoord op 'n bewering van Kemp dat die Nasionale Party voor 1933 'n beleid gehandhaaf het om slegs Nasionaliste aan te stel en Sappe uit te skop. Hy het dit as 'n onwaar stelling afgemaak en gesê dat indien dit ge-

<sup>37</sup> *Ibid.*

<sup>38</sup> *Ibid.*

<sup>39</sup> *Die Transvaler*, 19.8.1938; *Debatte van die Volksraad*, 17.8.1938, kolomne 1120-1122.

<sup>40</sup> *Ibid.*

doen was dit alleen Kemp was wat hom daaraan skuldig gemaak het.<sup>41</sup> Kemp het daarop gereageer en gesê dat Strijdom foutter, maar dat hy sou sê dat dit die beleid van die ou Nasionale Party was om net Nasionalliste aan te stel. Hy het gevra of dit nie 'n fout was dat al die brandslekte inspekteurs wat lede van die Suid-Afrikaanse Party was, ontslaan was nie? "Ek het alle Inspekteurs wat nie tot my party behoort het nie, ontslaan en is ek destyds toegejuig."<sup>42</sup> Dit is nou dié lede wat protesteer, het hy beweer. Hy het voorts gesê dat hy in 1926 sy eie mense aangestel het, omdat hy verwag het dat sy mense hom nie in die rug sou steek nie. Volgens hom moet die beleid van die Regering uitgevoer word en hoe kan verwag word dat dit 100 persent uitgevoer kan word? "Laat ons, ons eie mense gebruik om die lapwerk te doen en goed te doen,"<sup>43</sup> was sy argument.

Volgens Kemp het hy nog nooit gehoor van 'n man wat in die oorlog ingaan en offisiere aanstel wat jou van agter skiet nie, en in die politiek was dit dieselfde. Hy het gesê dat wat die Departement van Lande betref, hy as alles gelyk is, die persoon nie sou aanstel wat nie sy beleid uitvoer nie. "Die volk het in die Regering vertroue gestel en ons gaan sorg dat dit uitgevoer word," het hy verklaar.<sup>44</sup> Op 25 Oktober 1938 het Strijdom 'n brief aan die Prokureur-generaal, mnr. A.S. Welsh, gerig. Hy het verwys na Kemp se dreigemente aan die nedersetters met die doel dat hulle vir die regerende party moes stem. Hy het blywende aangeheg om aan te toon dat Kemp sy dreigemente sou uitvoer. Blywende van die Departement van Lande aan die volgende persone: F.N. Kriel, F.J. Naude jnr., J.J. Scheepers, S.J. du Plessis, N.J. Putter en F.J.J. van Vuuren. Aangeheg by die brief was 'n beëdigde verklaring van Strijdom waar hy onder eed verklaar dat hy teenwoordig was by 'n openbare vergadering, te Groot Marico op 6 Oktober 1938, waartydens Kemp onderwysers en staatsamptenare met ontslag gedreig het, indien hulle nie vir die Regering sou stem nie.<sup>45</sup> Op 24 Januarie 1939, te Christiana se stadsaal, het Kemp tydens 'n toespraak, gesê dat hy die staatsamptenare wat nie sy beleid uitvoer nie, sonder aarseling sal ontslaan.<sup>46</sup>

<sup>41</sup> Die Burger, 7.9.1938; Debate van die Volksraad, 6.9.1938, kolom 2239.

<sup>42</sup> Debate van die Volksraad, 6.9.1938, kolom 2241-2242.

<sup>43</sup> Ibid., kolom 2242.

<sup>44</sup> Ibid.

<sup>45</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 44, brief J.G. Strijdom aan A.S. Welsh, 25.10.1938; Ibid., beëdigde verklaring J.G. Strijdom, 25.10.1930.

<sup>46</sup> Die Transvaler, 26.1.1939.

Kemp het sedert sy aanstelling as Minister van Landbou, vanaf 1924, geensins van beleid verander ten opsigte van aanstelling in die staatsdiens nie. Hy was teen 1939 nog steeds daarvoor dat persone wat lojal was teenoor die regerende party aangestel word, om sodoende te verseker dat die beleid van die Regering uitgevoer word.<sup>47</sup> In die proses het dit eerder vir hom oor lojaliteit as bekwaamheid gegaan en het hy na 1934 baie Afrikaanssprekendes die harnas in gejaag. Dit is immers vanselfsprekend dat hy dwarsdeur sy jare as diensdoenende minister dieselfde beleid toegepas het - weer eens kenmerkend van sy karakter dat wanneer hy "storm" niks hom van sy Ingeslane weg sou laat afwyk nie - kenmerkend ook van sy "ek vrees nie". Dit is 'n besondere sterk karaktertrek van 'n groot politikus dat hy staan en val by sy besluite - as militaris en politikus het Kemp aan die vereistes voldoen.

Na die breuk in September 1939 het hy heeltemal van sining verander, maar toe was hy deel van die Oposisie. Gevolglik het hy Smuts en die Regering verkwalik vir hulle aanstellingsbeleid deur lojaliste aan te stel. Toe was hy weer die vegter wat politiek as 'n slagveld gesien het en met woordelike oorloë van sy tong die stryd gevoer het. Weer eens uit innerlike oortuiging het hy nie aan sy vorige regverdiging vir sy optredes gedink nie.

Dit wil tog voorkom uit sy aanstellingsbeleid en die kritiek wat daarop gevolg het, dat Kemp liggeraak was vir kritiek en dat hy in sy reaksie daarop tot woordelike aanvalle oorgegaan het. 'n Karakter kenmerk wat soms tot nadeel van Kemp self was, aangesien dit daar toe geleidelik het dat hy van outokratiese optrede aangekla was.<sup>48</sup>

### 7.3 Kemp en die Kleurvraagstuk - steeds soekend na oplossings

Met sy insluiting in die Verenigde Party het Kemp hom in 'n ander politieke milieu bevind met betrekking tot die Kleurvraagstuk, aangesien van Smuts se liberalistiese gevolginge 'n geheel ander beleid voorgestaan het. Nog steeds het hy hom beywer vir die oplossing van die vraagstuk.

<sup>47</sup> The Star, 13.3.1930, meld dat enige teenstand in die Volksraad teen aanstellings in die Staatsdiens, deur die Nasionale Party veroordeel sou word, "and that General Kemp would have been the loudest and fiercest of the protestants."

<sup>48</sup> Ons Vaderland, 15.11.1929, berig dat Kemp dikwels deur die publiek van "outokrasie" beskuldig word.

Tydens 'n groot politieke vergadering op Nylstroom, 29 November 1935, het Kemp in sy toespraak verklaar dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis van die land wetsontwerpe ter tafel gelê sou word, wat die ultskakeling van die Kleurlingstem beoog het.<sup>49</sup> In Februarie 1936 was die Parlement byeen en het Hertzog wetgewing ingedien wat die Kaapse Naturellestemreg (sic) sou beëindig, naamlik Naturelleverteenvoording Wetsontwerp (sic).<sup>50</sup> Smuts het dit gesteun. Op 24 Februarie 1936 het Jan Hofmeyr vir Smuts ingeloo dat hy teen die voorgestelde wetgewing in die Volksraad sou praat, tydens die tweede lesingsdebat. As gevolg van slechte het Hofmeyr eers tydens die derde lesingsdebat op 6 April 1936 die voorgestelde wetgewing teengestaan. Die Volksraadslede was gespanne toe hulle verneem het Hofmeyr die Premier gaan teenstaan.<sup>51</sup> In sy toespraak het Hofmeyr gesê dat die voorgestelde wetgewing die saad van konflik inhou, aangesien daar geen plek in die wetgewing vir opgevoede Swartes was nie. Hy het voorts gesê dat die wetgewing uit vrees gebore was en hy het geglo dat geen selfbehoud op hierdie wyse verkry kon word nie, aangesien laasgenoemde slegs met die goedkeuring en samewerking van die Swartes verkry kon word.<sup>52</sup> Van sy ministeriële kollegas het nie een hom ondersteun nie, maar Kemp moes gedink het wat die Malaniete gaan sê; aangesien hulle sou vra hoe Kemp in 'n party kon bly wat aan so 'n man so 'n hoë posisie gegee het?<sup>53</sup> Hierdie toespraak van Hofmeyr het so reg in die kraai van die Malaniete gepas en as Hofmeyr in die Verenigde Party sou aanbly, sou dit tot gevolg hê dat meer oud-Nasionaliste na Malan-hulle toe oorloop.

Op 6 April 1936 was daar oor die Wetsontwerp op Naturelleverteenvoording (sic) gestem en was die finale jawoord gegee, slegs 11 teenstemme is aangeteken.<sup>54</sup> Die aanvaarding van die wetgewing was 'n groot terugslag vir aanhangers van die liberale politieke sienswyses in Suid-Afrika. Dit dien gemeld te word dat die Nasionale Party aanvanklik tydens die tweede lesing van genoemde wetsontwerp teengestaan het, aangesien hulle van mening was dat dit geen oplossing vir die Naturellevraagstuk (sic) bied nie. Gevolglik het die parlementslede, ook aan regeringskant, gevoel dat met die wetgewing 'n belangrike vraagstuk deur die Regering verbrou is. Kemp se betoog het be-

<sup>49</sup> *Die Burger*, 30.11.1935.

<sup>50</sup> Alan Paton, *Hofmeyr*, p.220; *Verenigde Vergadering van albei huise van die Parlement*, 14.2.1936-7.4.1936, kolom 1247.

<sup>51</sup> *Ibid.*, p.227; *Verenigde Vergadering van albei huise van die Parlement*, 6.4.1936, kolom 1116-1126.

<sup>52</sup> *Ibid.*, p.228.

<sup>53</sup> *Ibid.*, p.229.

<sup>54</sup> *Ibid.*, pp.228-229; *Verenigde Vergadering van albei huise van die Parlement*, 13.2.1936 - 7.4.1936, kolom, 1247.

staan uit 'n bittere partypolitiese aanval op die Nasionaliste, wat met die tekende uitroep te geïndig het: "Die Regering kan sonder die Nasionaliste klaarkom!"<sup>55</sup> Pirow het die wetsontwerp van sy kant met wortel en tak veroordeel, aangesien hy van mening was dat die probleem geensins uitgeskakel was nie.

Volgens Die Burger was die toesprake van Kemp en Pirow twee uitsprake van een en dieselfde verskynsel, 'n slegte gewete. Voorts meld die berig dat albei gevoel het dat die saak verbrou was en dat albei vir die oordeel van die volk vrees.<sup>56</sup> By Kemp het die ongegruste gewete hom gedryf tot 'n aanval op die Nasionaliste, die soort aanval waarmee hy waarskynlik in die land sy versaking van die beste wetsontwerp sou probeer regverdig.

Tydens die behandeling in komitee van die Naturelletrust en - Grondwetsontwerp (sic) in die Volksraad, het C.R. Swart aan die kant van die Nasionale Party, 'n amendement voorgestel wat wou verhoed dat nuwe grond tot Swartgebied verklaar kan word by wyse van blote proklamasie, maar dat dit by wyse van besluite van die Parlement moes geskied. Mnr. Piet Grobler het egter ook 'n amendement voorgestel wat die hele saak binne 5 jaar tot finaliteit sou bring, maar Hertzog was nie baie ingenome met die voorstel nie. Die Minister het gevolglik Swart se amendement aanvaar. Strijdom het 'n poging aangewend om die mineraalregte in die nuwe Swartgebiede vir die staat te behou. Ten spyte van die ondersteuning van 'n handjievol Smelters en die feit dat Kemp en J. Fourie uitgestap het tydens die hoofdelike stemming, kon hy nie daarin slaag nie.<sup>57</sup>

Binne die geleedere van die Verenigde Party was die redenasie dat die Blankeras in die Unie hom op die lange duur slegs kon handhaaf, indien geen bloedvermenging toegelaat word nie en dit alleenlik deur wetgewing gedoen kon word, en waarvan Kemp een was. Maar dit was juis op hierdie politieke terrein waar eenstemmigheid nie bereik kon word nie. Ten opsigte van hierdie vraagstuk het die liberalistiese element in die Verenigde Party die hef in die hand gehad en kon enige poging om iets in die rigting van 'n verbod op gemengde huwelike gefnuik word. 'n Verdere verdelende faktor was die feit dat in Kaapland Kleurlinge lede van die Verenigde Party kon word, as gevolg waarvan baie van die Volksraadslede van Kleurlingstemme afhanklik was. Dit het dus van self gespreek dat sommige lede nie graag iets wou doen wat hul die misnoë van die Kleurlinge op die

<sup>55</sup> Die Burger, 8.4.1936.

<sup>56</sup> Ibid.

<sup>57</sup> Ibid., 21.5.1936.

hals kon haal nie. Die resultaat was dat die wetsontwerp, wat ten doel gehad het om 'n verbod op gemengde huwelike te plaas, met baie groot teenkanting in die Volksraad te doen gekry het.<sup>58</sup>

In April 1936 het Plet Grobler se seun Jan, Verenigde Party Volksraadslid vir Brits, met die oog op 'n Privaatwetsontwerp in die Volksraad, voorgestel dat 'n gekose komitee aangestel moes word om te kyk na die ontduiking van die verbod op grondbesit deur Indiërs en hoe dit gestuit kon word. 'n Ander lid van die Verenigde Party, genl. J.J. Pienaar, het op sy beurt 'n wetsontwerp ingedien wat die verkryging van grond deur Blanke vrouens van Indiërmans sou verbied. Konserwatiewe Afrikaners in albei hoofpartye het baie sterk gevoel oor die Kleurkwessie, maar Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake, het gewel om dié wetsontwerpe ter tafel te neem, omdat hy dit as onnodig beskou het.<sup>59</sup> Hy was van mening dat die vraagstuk nie deur wetgewing, maar deur opvoeding van die openbare mening die hoof gebied moes word. Hierteenoor was Strijdom se houding dat nie alleen huwelike tussen Blankes en Swartes belet behoort te word nie, maar dat 'n duidelike skeldslyn op elke terrein van die lewe tussen Blank en Swart getrek moet word.<sup>60</sup> 'n Ernstige botsing is verhoed toe die debat verdaag is, alhoewel Kemp teen die verdagting was, aangesien hy standpunte wou laat uitkristalliseer en ten gunste was van die voorgestelde wetsontwerpe.

In Februarie 1937 het Jan Grobler weer versoek dat die wetsontwerpe van die vorige jaar, insake Asiatiese grondbesit, na 'n gekose komitee verwys word. Dr. Malan wou op sy beurt 'n waarborg van Hofmeyr hê dat die wetsontwerp nog gedurende dieselfde sitting op die wetboek geplaas sou word, maar Hofmeyr was nie bereid om hom daartoe te verbind nie. Hertzog het tussenbelde getree en voorgestel dat die debat verdaag en op die daaropvolgende kabinetsvergadering het die vonke behoorlik gespat. Pirow en Hofmeyr het om die beurt gedreig om te bedank, maar Smuts het 'n lae profiel in die saak gehandhaaf met die oog daarop om eerder die Verenigde Party as 'n eenheid te behou, in plaas daarvan om Hofmeyr te ondersteun.<sup>61</sup>

Ondersteun deur Kemp en Grobler het Pirow daarop aangedring dat die Regering self 'n Kleurbeleid moes hê, en Indien nie so nie, baie regse Smelters na Malan sou oorloop. Vir

<sup>58</sup> G.D. Scholtz, *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940*, p.370.

<sup>59</sup> J.C.H. Grobler, pp.313-314; *Debate van die Volksraad*, 28.4.1936, kolom 2677.

<sup>60</sup> J.L. Basson, J.G. Strijdom, *Sy politieke loopbaan van 1929-1948*, p.168.

<sup>61</sup> J.C.H. Grobler, p.314.

'n tweede keer word die wetsontwerpe afgestem en dit was 'n gevoelige slag vir Kemp, Grobler en Pirow.<sup>62</sup> Hierdie toedrag van sake het nietemln gewys op die kunsmatige eenheid binne die geledere van die Verenigde Party en die Kabinet, waar Kemp en enersdenkende kablnekskollegas sterk oor die saak gevoel het. Ter wille van partyeenheid moes hulle saamwerk, dog die verhouding tussen Kemp en Hofmeyr het hiermee 'n laagtepunt bereik.

Hierdie kwessie sou vir lank nog 'n netelige kwessie vir die Regering bly. Wat die wetsontwerpe op Geen Indlensneming van Blankes deur Asiate en Grondbesit van Asiate betref, het Kemp en Pirow duidelik in die openbaar verklaar dat die twee wette voor die einde van daardie sitting op die wetboek geplaas sou word. Weer eens was Hofmeyr daarteen gekant en bied sy bedanking aan Hertzog. Gevolglik is die twee wetsontwerpe na 'n gekose komitee verwys, met Hofmeyr as voorsitter, en was die Wetsontwerpe in één verwaterde wetsontwerp saamgevat. Hofmeyr was nog nie tevrede nie en het daarteen gestem in die komitee, die gevolg was dat die wetgewing teruggetrek is.<sup>63</sup>

Die gevaarlike meningsverskil onder aanhangers van die Regering en binne die Kabinet, oor die wetgewing van gemengde huwelike, was geaksentueer deur 'n veel berekende verklaring van Hofmeyr, waarby hy verklaar het dat wetsontwerpe rakende gemengde huwelike en die regte van Asiate nie die goedkeuring van die Regering wegdra nie.<sup>64</sup> Die kwessie van wetgewing in dié verband het vir die Regering brandend geword, omdat die Verenigde Party in twee groepe verdeel was. Aangesien die Asiatiese kwessie op die platteland 'n vooraanstaande politieke saak was en die Regering basies niks in die verband ultgerig het nie, het hy in verskele Transvaalse kiesafdelings aansienlik steun verloor.<sup>65</sup> Die groep in regeringskringe, soos Kemp wat wetgewing verlang het, het die indruk geskep en verkondig dat in die lopende parlamentsitting wetgewing aangeneem sou word met die Regering se hulp, wat onmisbaar was. Hofmeyr daarteenoor het die versekering gegee dat daar niks van sou kom nie.<sup>66</sup> Aangesien Kemp op daardie stadium na die Waterberg vertrek het om in die tussenverkiesing behulpsaam te wees, was daar

<sup>62</sup> *Natal Mercury*, 15.2.1937; G.D. Scholtz, p.370; *Alan Paton*, p.261.

<sup>63</sup> *Die Volksblad*, 20.5.1937.

<sup>64</sup> *Die Burger*, 15.2.1937.

<sup>65</sup> *Ibid.*

<sup>66</sup> *VP-argief*, korrespondensie L-N 1933-1945, brief van L. Esselen aan John Martin, 21.2.1937.

verwag dat hy hom oor die saak sou uitlaat, veral ten opsigte van die optrede van Hofmeyr.<sup>67</sup>

Met verwysing na gemengde huwelike het Kemp op 16 Februarie 1938 te Nylstroom, tydens 'n vergadering, verklaar: "Ons sal voortgaan met hierdie wetgewing om gemengde huwelike te verhoed. Ek sal alles in my vermoë doen om die wetsontwerpe aangeneem te kry. Ons Transvalers staan soos een man ten opsigte van hierdie saak. Ons dink weliswaar nie almal eenders oor die saak nie."<sup>68</sup> Op die vraag "wat van Hofmeyr?", het hy gesê dat hy nie skuldig staan vir Hofmeyr se slening oor die saak nie en indien Hofmeyr verloor, sou hy moes buig voor die meerderheid. "Ons sal daarvoor sorg dat dit nie moontlik sal wees vir Nie-Blankes (sic) om grond te besit nie. Ons sal daarvoor sorg dat Nie-Blankes (sic) nie met Blankes trou nie en op die manier grond in die hande kry nie,"<sup>69</sup> het hy verklaar.

Die Verenigde Partykabinet het op 25 Februarie 1937 vergader ter oorweging van onenigheid en skeuring in die Smelterparty. Daar was wrywing oor verskeie geskilpunte onder Smelter Volksraadslede, waarteen die Kabinet van voorneme was om maatreëls te tref. Die Regering se optrede in verband met die wetgewing oor gemengde huwelike het ontevredenheid onder die liberale seksie veroorsaak sowel as onder die voorstanders van wetgewing daarteen, veral onder die oud-Nasionale Smelters Volksraadslede uit Transvaal en Kemp was een van laasgenoemde groep. Sake soos die vertrouensverhouding van regeringslede het ook verontrustende wrywing veroorsaak. Ten opsigte van laasgenoemde was daar 'n groot sekste van die party wat van oortuiging was dat die oplegging van swye veel eerder bedoel was om meningsverskil nie aan die lig te laat kom nie.<sup>70</sup>

'n Mens vind dit snaaks dat Kemp op 26 Junie 1937 te Nylstroom verklaar dat diegene wat gemengde huwelike vrees, aan 'n minderwaardigheidskompleks ly. "Geen Suid-Afrikaner hoef vertel te word dat hy wit is nie",<sup>71</sup> het hy gesê. Die enigste rede wat vir hierdie verandering in uitspraak gegee kan word, is naamlik dat hy weer eens sy "politieke mes" uitgehaal het vir die Opposisie en diegene wat in die pad gestaan het van sy

<sup>67</sup> Die Burger, 15.2.1937.

<sup>68</sup> Die Transvaler, 17.2.1937.

<sup>69</sup> Ibid.

<sup>70</sup> Die Burger, 26.2.1937.

<sup>71</sup> Die Transvaler, 28.6.1937.

politieke slening. Hy het dit ewewel betreur dat genl. J.J. Pienaar se wetsontwerp oor gemengde huwelike nie goedgekeur was nie. Hy het gesê dat 'n wetsontwerp nie volmaak was nie en dat baie aspekte daarvan nog ondersoek moes word. Hy het voorts gemeld dat die Regering in die nabye toekoms 'n kommissie sou aanstel om die hele saak te ondersoek, dat die wetsontwerp by die volgende sitting ingedien sou word, wat prakties uitvoerbaar sou wees. Grappenderwys het hy opgemerk, " 'n Wetsontwerp teen gemengde huwelike sal 'ons swakkerebroers' tot hulp wees, en om daardie rede steun ek die maatreël."<sup>72</sup> Dit is duidelik dat Kemp 'n oplossing wou hê en gevolglik hard gedruk het vir toepaslike wetgewing.

Tydens 'n vergadering op Boschpoort naby Klerksdorp, het Kemp op 19 Oktober 1937 hom weer eens ten gunste van wetgewing teen gemengde huwelike verklaar: "Vir Transvaal is dit nie nodig nie, maar in Kaapland is so 'n wet beslis nodig,"<sup>73</sup> en ook dat Hofmeyr in beginsel teen gemengde huwelike was, maar dat die Minister meen die volk moet opgevoed word om die verkeerdheid daarvan te kan insien. Volgens hom was die Regering van voorneme om in November 1937 'n kommissie aan te stel om die vraagstuk van gemengde huwelike na te gaan, om te sien of "die toestand nie verhelp kon word nie."<sup>74</sup> Op 'n vraag van C.W.M. du Toit of hy die Nasionale Party sou help om die Kleurling in Kaapland op politieke gebied te segregeer, het Kemp verklaar dat die volgende jaar maar net 'n kort sitting sou wees, maar dat hy sy steun betreffende hierdie vraagstuk aan die Nasionale Party belowe het.<sup>75</sup>

Op een van die grootste politieke vergaderings wat daar nog op Mosselbaai plaasgevind het op 12 Februarie 1938, het Kemp uitgewel oor die Swartvraagstuk en gemengde huwelike. Op 'n vraag of hy ten gunste van Malan se voorstel in die Parlement sou stem, het hy geantwoord dat hy dit beslis nie sou doen nie, aangesien Malan nege jare gehad het om wetgewing teen gemengde huwelike in te dien, en hy dit nie gedoen het nie: "Sy voorstel is net gedoen om stemme te vang,"<sup>76</sup> het hy gesê. Dit blyk hier dat Kemp bloot uit sy afkeur in Malan teen laasgenoemde se voorstel sou stem en nie uit innerlike oortuiging nie. Dit kon wees dat Kemp 'n skuldgevoel ontwikkel het, aangesien gemengde huwelike deur die Nasionale Party as die Achilleshiel van die regeringsbeleid gesien is.

<sup>72</sup> *Ibid.*

<sup>73</sup> *Ibid.*, 20.10.1937.

<sup>74</sup> *Ibid.*

<sup>75</sup> *Die Burger*, 20.10.1937.

<sup>76</sup> *Ibid.*, 13.2.1938.

Die Nasionale politiek het vanaf die politieke platform die onvermoë van die Regering openbaar om die Kleurvraagstuk op te los, aangeval. Ook die Nasionale dagblaaie het op sensasionele wyse die Kleurgevaar aan die Blanke klesers voorgehou. Kemp was terdeë bewus van die gevare wat daar in die Kleurvraagstuk geskull het en die onvermoë van die Regering om dit op te los, moes vir hom 'n doring in die vlees gewees het.

Op 15 Maart 1938 het Kemp 'n vergadering op Malmesbury toegesprek. Hy het daarop gewys dat Malan Inkonsekwent is met die segregasiebeleid, aangesien Malan versoek het dat die segregasiebeleid konsekwent deurgevoer moes word en dat aparte woonbuurtes uitgesit moes word. Hierop het Kemp geantwoord: "Dit lyk baie mooi op papier, maar is nie so maklik uitvoerbaar nie. Dit is presies die Regering se beleid."<sup>77</sup> Volgens Kemp was Malan in 1926, toe hy Minister van Binnelandse Sake in die Paktregering was, in die posisie om wetgewing teen gemengde huwelike en in verband met aparte woonbuurtes in te dien. Hy het voorts na pogings deur Malan verwys om die Indiërs in aparte woonbuurtes te laat woon en die gevolglike protesaksies vanaf die Indiërs se kant. "Toe is van dr. Malan die belofte gekry dat dit nie sal gebeur nie. Die wet is in 1926 in die doodpot gegooi en staan nou in 1938 uit die doderyk op omdat 'n elekisie op hande is,"<sup>78</sup> het hy beweer. Hy het bepleit dat die vraagstuk buite die politiek gelaat en opgelos word. Rakende afsonderlike verteenwoordiging vir Kleurlinge het Kemp gesê dat solank die politieke regte van Kleurlinge tot Kaapland beperk bly, hy niks daarvoor te sê het nie, maar indien dit tot die Transvaal uitgebrei sou word, sou hy op sy agterpote staan.<sup>79</sup> Nie een Nasionalis het volgens Kemp teen die politieke segregasiewette gestem nie, maar die klesers is toe met die 7½ miljoen morgte grond aan die Swartes op loop gejaag.<sup>80</sup>

Te Potchefstroom op 14 April 1938, tydens 'n vergadering, het Kemp in verband met gemengde huwelike verklaar dat hy slegs ten gunste van wetgewing daarteen is, sover dit die swakkere element in die land aangaan. Hy was egter oortuig daarvan dat Blanke Suid-Afrika wel Blank sou bly.<sup>81</sup> Tydens 'n vergadering te Gedulduitbreiding, in die kles-afdeling Noordoos-Rand op 19 April 1938, het Kemp in verband met gemengde huwelike gesê dat indien 'n man so sleg was om met 'n gekleurde te trou, hy uit die samelewing

<sup>77</sup> Ibid., 16.3.1938.

<sup>78</sup> Ibid.

<sup>79</sup> Ibid.

<sup>80</sup> Ibid.

<sup>81</sup> Die Transvaler, 15.4.1938.

geskop moes word, dog dit was nie nodig om hom deur wette te belet nie. Volgens hom het daar die mening bestaan dat deur middel van opvoeding sulke dade voorkom moes word. "Hierdie rigting het reeds sover gevorder dat gemengde huwelike begin afneem,"<sup>82</sup> was sy verweer.

Tydens 'n stormagtige vergadering te Edenvale op 20 April 1938, het Kemp in verband met gemengde huwelike gesê dat daar twee gedagte rigtings was. Die een, soos deur Hertzog en Hofmeyr voorgestaan en van mening was dat die euwel deur opvoeding uit die weggeruim kon word. Die ander het egter wetgewing vir die swakkeres verlang. Volgens hom was die probleem met laasgenoemde die toepassing daarvan, tog het Kemp homself ten gunste van wetgewing verklaar. Op 'n verdere vraag of hy 'n betaalde agent was om Chinese arbeid vir die myne te werf, het hy negatief geantwoord, maar hom bereid verklaar vir die invoer van Swartarbeid.<sup>83</sup> Daar was in die tyd 'n berig in die pers dat Kemp ten gunste van die invoer van Chinese arbeiders vir die myne was, om sodoende die arbeidsprobleme in die myne op te los.

Op 21 April 1938 te Mamagalieskraal, kiesafdeling Brits, was Kemp gevra of hy ten gunste daarvan was om die Kleurlingstem op 'n aparte kieserslys te plaas. Kemp het geantwoord dat hy ten gunste daarvan is, indien dit die wens van die volk is, andersins nie. Op verdere vrae het Kemp geantwoord dat die Kleurling in die Skiereiland aparte Verenigde Partytakke het.<sup>84</sup>

Die Nasionale Party was ten gunste van die afskaffing van gemengde huwelike. Op 22 April 1938 tydens 'n vergadering in Nylstroom het Strijdom verklaar dat die Verenigde Party die volk oor die hoeveelheid gemengde huwelike mislei. Waar hulle dit as uitsondering voorgedou het, het die Nasionale Party van altesaam 2801 gevalle gewee.<sup>85</sup> Die veldtog het 'n hoogtepunt bereik toe die Voortrekkerpers 'n plakkaat die lig laat sien het van 'n Blankevrou en 'n Swartman voor 'n soort pondok, met 'n opskrif: "Gemengde huwelike".<sup>86</sup> Soos selde vantevore het die regeringspers en Verenigde Party sprekers die sluis van kritiek teen die Nasionale Party oopgetrek. Kemp het ook gereageer en op 6 Mei 1938 te Mayville in Pretoria beweer dat die Blankevrou in haar eer aangetas is. Hy

<sup>82</sup> *Ibid.*, 20.4.1938.

<sup>83</sup> *Die Vaderland*, 21.4.1938.

<sup>84</sup> *Ibid.*, 22.4.1938.

<sup>85</sup> J.L. Basson, p.168.

<sup>86</sup> *Die Vaderland*, 3.5.1938.

het die plakkaat bestempel as die "laagste en vullste" wat nog in Suid-Afrika die lig gesien het. Hy was bevrees gewees dat die Swartman sy eerbied vir die Afrikanervrou sou verloor.<sup>87</sup> Op 1 September 1938 het Kemp, te Malmesbury by 'n Smeltersgeselligheid in 'n graanskuur, gesê dat die kreet van "gemengde huwelike" betref, hy meen dat sedert die verkiesing geen Smelter ten gunste daarvan was nie.<sup>88</sup> Volgens hom het die Smelters nie die wetgewing nodig gehad om hulle daarvan te red nie.

Tydens 'n toespraak op 24 Januarie 1939 in die stadsaal van Christiana, het Kemp verwys na die Nasionale, wat tydens die verkiesingstyd gemengde huwelike wou bevog, 'n plakkaat die wêreld ingestuur wat die Afrikanervrou en -moeder beklad het. Volgens hom het gemengde huwelike afgeneem van jaar na jaar. "Wat betref aparte woonbuurtes, die Regering het groot somme geld daar gestel vir behulskingskemas en elke provinsie moet self sorg vir aparte woonbuurtes,"<sup>89</sup> het hy ter inligting gesê.

In die Volksraad op 30 Maart 1939, het Kemp gesê dat die Regering se beleid een van volkome segregasie was, en as die Swartman in 'n Witgebied oteien word, moet aan hom gegee word wat van hom geneem word.<sup>90</sup> Volgens Kemp wou die Nasionale Party niks doen om die Swartkolle verwyder te kry nie, maar om stemme te werf het hulle Blankes aangeraal om hul grond aan die trust te verkoop. Hy het 'n brief van adv. J.H. Conradie, Nasionale Party Volksraadslid vir Gordania, aan 'n vereniging in Kuruman voorgelees waarin hy namens die Nasionale Party beloof het dat hulle sou help met die aankoop van Blankes se grond in die oopgestelde gebied.<sup>91</sup> In 'n boodskap aan lede van die Transvaalse Partykongres, in Augustus 1939, het Kemp melding gemaak van die eenstemmigheid in die Parlement met betrekking tot die Status en Segregasiewette. Hy het gesê: "Daar is nog baie groot volksake wat so 'n eenstemmige oplossing vereis, te wete Indlêrvraagstuk en aparte woonbuurtes."<sup>92</sup>

Na Samesmelting in 1934, en met die risiko van Smuts in die bewindstruktuur, het daar 'n groter gaping ontstaan tussen die "Gesulwerde" Nasionale Party en die Verenigde Party, oor die oplossing van die Kleurkwessie. Die "Gesulwerdes" was van mening dat

<sup>87</sup> *Ibid.*, 7.5.1938.

<sup>88</sup> *Die Burger*, 2.9.1938.

<sup>89</sup> *Die Transvaler*, 26.1.1939.

<sup>90</sup> *Die Burger*, 31.3.1939; *Debatte van die Volksraad*, 30.3.1939, kolom 2699.

<sup>91</sup> *Ibid.*; *Debatte van die Volksraad*, 30.3.1939, kolom 2699-2700.

<sup>92</sup> *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 6, onpagineerd.

die klesreg van die Swartman weggeneem moes word, dat die Kleurlinge op aparte kleserslys geplaas moes word en dat daar nie groot somme geld aan die aankoop van grond vir die Swartes bestee moes word nie. 'n Siening waarmee Kemp hom ten volle vanaf 1920 vereenselwig het, maar waar hy hom na Samesmelting met liberale elemente in dieselfde party bevind het, het hy 'n meer gematigde houding ingeneem. Hy was nog steeds ten gunste van 'n daadwerklike werkbare oplossing van die Kleurvraagstuk - 'n vraagstuk wat hom na aan die hart gelê het.

Interessant dat daar binne die regeringsgeledere ook groot verdeeldheid was oor die Swartstemreg. Enersyds diegene wat teen die wegneem van die Swartstem gekant was en hulle op aparte kleserslyste wou plaas, en andersyds die Swartes die stemreg wou ontnem. Dit kan aanvaar word dat Kemp een van dié was wat laasgenoemde opsie voorgestaan het, aangesien hy bewus was van die getalle oorwig en probleme in verband met Swart verstedeliking. Hy was ook 'n voorstander vir die aankoop van grond op groot skaal vir die Swartes, asook van die behoud van die Kleurlingstemreg in Kaapland. Hy was gekant teen die uitbreiding van laasgenoemde na die Transvaal.

Ten opsigte van die Asiate het Kemp 'n ongenaakbare houding ingeneem en gewaarsku teen die toekenning van grond aan Asiate en uitbreiding van hul handelondernemings in Witgebiede. Hy was van mening dat Indië hul vaderland was en dat hulle soontoe kon repatrieer. Die Kleurvraagstuk was vir hom die bedreiging van die Armblankevraagstuk. Dit kan aanvaar word dat hy uitsprake teen die Nasionale Party se Kleurbeleid gedoen het, ult weerwraak teen hul skeurling tydens Samesmelting.

#### 7.4 Kemp en die nedersettings

Na die ineenstorting van die New Yorkse aandelemerk op 25 Oktober 1929, het 'n wêreldwye depressie gevolg, wat Suid-Afrika ook geraak het. Suid-Afrika het boonop in 1933 een van die grootste droogtes beleef, waardeur die boeregemeenskap swaar getref was. Die nedersetters op die nedersettings het ook die uitwerking daarvan ervaar en het baie van hulle groot armoede beleef, tot so 'n mate dat hulle nie hul verpligtinge teenoor die staat, soos rente terugbetalings, kon bybring nie. Agteruitgang op die nedersettings en tussen die nedersetters het 'n dringende probleem vir die Regering geword. As Minister van Lande was Kemp gemoed met die nedersetters en nedersettings en het hy 'n groot rol gespeel in die oplossing van die probleme in die verband. Op 23

April 1935 het Kemp die tweede lesing van die wetsontwerp tot wysiging van die Nedersettingswet voorgestel. Hy het verduidelik dat die wetsontwerp ingedien was na aanleiding van die aanbevelings van die Nedersettingskommissie en wat deur die Regering aanvaar was, onder andere die afskrywing van agterstallige rente en huurgeld wat reeds meer as £1 miljoen beloop het. Ook dat die Kommissie se aanbeveling dat die grond wat kragtens artikel 11 van die wet aangekoop en weer gewaardeer moes word, nie aange- neem was nie. Volgens hom het die nedersetters self die grond uitgesoek en hoewel die Parlement herwaarderling later mag oorweeg, was hy nie bereid om dit op daardie tyd- stip toe te laat nie: "Die nedersetters kry nou baie hulp, en hy hoop hulle sal dit op prys stel."<sup>93</sup>

Hans Strijdom het die wetsontwerp verwelkom in sover dit die toestande van die nedersetters sou verbeter. Die beswaar was egter dat die kwaad nie met wortel en tak uitge- roei was nie. Alleen tydelike verligting was verleen en die vraagstukke was onopgelos. "Die afskrywing van agterstallige rente en huur los die moeilikheid nie op nie. Die grondoorzaak van die moeilikheid is die kapitalls,"<sup>94</sup> het hy verweer. Hy het vervolgens 'n amendement voorgestel dat die wetsontwerp na die Regering terugverwys word, so- dat 'n bepaling ingevoeg kon word waarin voorsiening gemaak word vir die herwaarde- ring van die grond, ingevalle waar die koopsom te hoog was, veral met die oog op aan- koop van die grond kragtens artikel 11 van die Nedersettingswet. Die Speaker het ver- klaar dat so 'n amendement buite orde was en gemeld dat Strijdom nie kon voorstel dat die maatreël na 'n gekose komitee verwys word of dat dit nie vir die tweede maal gelees word nie. Gevolglik het Strijdom die komiteestadium voorgestel. Mnr. R.A.T. van der Merwe, Nasionale Party Volksraadslid vir Bethlehem, het beklemtoon dat die nederset- ters hulle grond gekoop het, toe die pryse hoog was en dat daar intussen 'n depressie ingetree het en dat dit onmoontlik was om rente op so 'n hoë bedrag geld te betaal. Vol- gens hom was daar 'n les te leer, naamlik dat die Regering sy oog moet hou waar pryse te hoog styg. Hy het die hoop uitgespreek dat die Minister se hart sou versag, sodat hy sou instem tot herwaarderling, want die boere was "gelieldelik afgeskud van die land."<sup>95</sup> Met ander woorde die nedersetters was erg geraak deur die depressie en die droogte.

<sup>93</sup> Die Burger, 24.4.1935; Debate van die Volksraad, 23.4.1935, kolomne 5486-5490.

<sup>94</sup> Debate van die Volksraad, 23.4.1935, kolomne 5490-5492.

<sup>95</sup> Ibid., kolomne 5505-5507.

Kemp het in antwoord op die debat verklaar dat 'n herhaling plaasvind van wat reeds tydens die begrotingsdebat gesê was. Dit het vir hom gelyk of die Nasionale Partylede net politieke propaganda wou maak, sodat hulle kon sê hulle het die Regering gedruk om byvoorbeeld geld beskikbaar te stel vir die aankoop van grond, deur nedersetters. In verband met die versoek van herwaarderling het hy gesê dat dit lei tot die pad van sosialisme en dat sosialisme en diktatuur, hand aan hand gaan. Gevolglik kon die Regering nie aan die versoek om herwaarderling voldoen nie, want die vermindering van rente was reeds 'n vorm van afskrywing.<sup>96</sup> Op 8 Julie 1936 is daar aangekondig dat Kemp, as Minister van Lande, met die Stirling Castle na Engeland sou vertrek. Tydens sy oorsese besoek sou Kemp nedersettingskemas in Holland, Duitsland en Egipte besigtig.<sup>97</sup> Hy was geweldig beïndruk met wat hy daar gesien het en het beoog om sekere hervormings aan te bring in die regeringsbeleid met betrekking tot die nedersettings. Dit het groter staatsoptrede en -inmenging beteken.

Op 21 April 1937 het Kemp in die Volksraad die tweede lesing van die Wetsontwerp op Onvoordelige Okkupasie van Grond voorgestel. Die sou magtiging aan die Regering verleen om grond te onteien, waar die Minister van oordeel was dat die grond te klein was om voordelig bewoon te word. In sy betoog het Kemp voorbeelde uitgewys waar byvoorbeeld drie morges grond aan 72 eienaars behoort het en waar 3000 morges die gesamentlik eiendom van 1800 mense was.<sup>98</sup> Hy het verklaar dat daar gevalle was waarin 'n testament wat erfreg bepaal, plase so klein verdeel was dat die bewoners onmoontlik 'n ekonomiese bestaan daarop kon maak: "By die Afrikanervolk weeg dit swaar dat die erwe van die vadere gehandhaaf moet word en bygevolg word in testamente bepaal dat die gronde van geslag tot geslag moet gaan."<sup>99</sup> Voorts het hy gesê die gevolg was dat die plase so verdeel word dat die mense geen bestaan daarop kon maak nie. "Dit mag Bybels wees om die besittings van die vadere te bewaar, maar ekonomies is dit nie," het hy voortgeborduurd.<sup>100</sup> Hy het gesê dat die Regering in sulke gevalle die reg wou hê om die grond te onteien en om dit daarna te hanteer soos gewone Kroongrond, vir toekenning kragtens die Nedersettingswet. Voorts het hy gesê dat vergoeding betaal sou word en indien die eienaars ontevrede was met die aangebode prys, hulle op eie koste aansoek moes doen by die Waterhof vir 'n finale beslissing. Hy het gesê dat Indien die Rege-

<sup>96</sup> *Ibid.*, kolomne 5523-5527.

<sup>97</sup> *Die Transvaler*, 8.7.1936.

<sup>98</sup> *Ibid.*, 22.4.1937; *Debate van die Volksraad*, 21.4.1937, kolomne 5310-5312.

<sup>99</sup> *Debate van die Volksraad*, 21.4.1937, kolomne 5313-5314.

<sup>100</sup> *Ibid.*

ring die kostes moes dra, dit die elenaar sou aanmoedig om na die hof te hardloop. Hy het onderneem dat die vergoeding redelik sou wees. Volgens Kemp was: "die plan alleen om grond toe te elen waar dit nodig is en alleen waar die Arblankedom so Ingetree het, dat mense vir hulle en hul kinders geen toekoms het nie."<sup>101</sup> Voorts het hy gesê dat hy dink dat die wetgewing die voorloper sou word van verdere stappe in die rigting. "Daar kon nie toegelaat word dat grond in voorslagges en rlemplies opgesny word nie,"<sup>102</sup> was sy verweer.

S.P. Alberts, Verenigde Party Volksraadslid vir Magaliesberg, het verklaar dat hy gekant was teen die beginsel van ontelening, maar dat hy besef in die geval die Minister nie anders kon optree nie. "Die volk is baie trots op sy elendomsreg en sien nie maklik van die reg af nie,"<sup>103</sup> het hy betoog. Met die oog daarop het hy die Minister versoek om die saak nie te haastig deur te druk nie. Mnr. Piet Luttlig, Nasionale Party Volksraadslid vir Victoria-Wes, het die leemtes in die wetsontwerp probeer uitwys. Hy het daarop gewys dat daar geen voorsiening in die wet gemaak was om dieselfde onvoordellige onderverdeling vir die toekoms teen te gaan nie. Hy het gevolglik versoek dat die maatreël voor die tweede lesing na 'n gekose komitee verwys word, aangesien so 'n ingrypende maatreël aan die einde van die sitting voorgedra is.<sup>104</sup>

Toe die Wetsontwerp in komitee behandel is op 22 April 1937, het P. Luttlig voorgestel dat die Minister magte moet kry om ook grond te onteien wat onvoordelig in besit van groot maatskappye was. Dit het die ontelening beoog van grond in besit van groot maatskappye, wat nie gebruik was vir landboudoeleindes of veeteelt, of as die elenaar 'n boer was, vir bewoning deur sy plaasvolk nie. Die amendement het ook bepaal dat die Minister die elenaars in kennis moes stel van sy plan tot ontelening, en indien die grond nie binne 'n Jaar voordelig geokkupeer is nie, kon dit ontelen word.<sup>105</sup> Die Nasionale Party het by monde van verskillende sprekers gewaarsku dat Kemp met sy "dom astringentheid die Regering net so ongewild sal maak as toe hy Minister van Landbou was."<sup>106</sup> Volgens hulle sou dit veel billiker wees as 'n hof sou beslis of grond ontelen moes word.

---

<sup>101</sup> Ibid.

<sup>102</sup> Ibid.

<sup>103</sup> Die Burger, 22.4.1937; Debatte van die Volksraad, 21.4.1937, kolomne 5258-5259

<sup>104</sup> Debatte van die Volksraad, 21.4.1937, kolomne 5259-5262.

<sup>105</sup> Ibid.; Die Burger, 23.4.1937.

<sup>106</sup> Ibid.

Kemp het hierop die Nasionaliste daarvan beskuldig dat hulle Sosialiste as bondgenote gehad het. Hy het die amendement geweier, aangesien die beginsel van ontekening van grond waarop te veel mense geboer het, nie dieselfde was as die beginsel van ontekening van grond wat weens geen erflating onvoordelig besit is nie. Volgens hom was dit voldoende dat die Minister op advies van die Landraad sou beslis, aangesien die hof nie oor die nodige besonderhede sou beslik om te kan beslis nie.<sup>107</sup> Die tweede lesing was aangeneem en die amendement verwerp. Op 26 April 1937 het Kemp in die Volksraad die derde lesing voorgestel van die wetsontwerp op Onvoordelige Okkupasie van Grond. Mnr. D.C. Burnside, Sosiaals Volksraadslid van Durban-Umbilo, het die wetsontwerp teengestaan op grond daarvan dat alle nedersettings in die Unie, volgens hom, 'n mislukking was. Hy het beweer dat daar geen koopkrag op die nedersettings was nie en sou dit niks baat om die mense wie se grond ontelen was, na die nedersetting oor te plaas nie. Dit sou geensins hul posisie verbeter nie. Volgens hom het die enigste oplossing van die vraagstuk gelê in kollektiewe plase, soos in Rusland. "Die mense kan alleen op die been gebring word deur hulle op kollektiewe plase te plaas,"<sup>108</sup> het hy beweer. Vir ander sou daar 'n heenkome in oorleg met die Departement van Arbeid en Volkswelsyn gevind word.<sup>109</sup>

P. Luttig het sy party se standpunt teenoor die maatreël ingelei en verklaar dat die Nasionale Party niks teen die beginsel van die wetsontwerp het nie. Die voorstel om die saak na 'n gekose komitee te verwys, was bloot om die maatreël te verbeter. Hy het Kemp se aanval op die Opposisie betreur. "Die Minister het gesê die Nasionaliste is Sosialiste. Ek is bereid om 'n Sosiaal te wees, as dit beteken dat ek pleit vir die rehabilitasie van die boere en die opheffing van die Afrikanerdom,"<sup>110</sup> het hy gesê. Hy het weer beklemtoon dat die maatreël ondoeltreffend was, deurdat groot maatskappye plase vir spekulasie doeleindes kon laat leeg lê. Malan en Strijdom het albei laasgenoemde argumente gesteun. Volgens Malan was daar reeds te min Kroongrond en die vraag het ontstaan waar hierdie ontelende mense 'n heenkome moes vind. Volgens hom het daar reeds voor Uniewording, in al die provinsies 'n Onteieningswet bestaan.<sup>111</sup>

<sup>107</sup> *Ibid.*, 26.4.1937, kolomne 5480-5485.

<sup>108</sup> *Ibid.*; *Die Transvaler*, 27.4.1937.

<sup>109</sup> *Ibid.*

<sup>110</sup> *Ibid.*; *Die Transvaler*, 27.4.1937.

<sup>111</sup> *Ibid.*

Kemp het krities in sy repliek verklaar dat die Oposisie soos die bobbejaan maak wat sy stert gebrand en toe sy baas gebyt het. Hy het gesê dat hy opmerk dat Malan altyd dinge doen waarvoor hy later spyt is. Hy wou weet wie Malan wou mislei, aangesien daar tot op daardie tydstip nie so 'n wet in Kaapland was nie en sou die Regering, Indien hy grond wou ontelen, 'n spesiale wet moes indien. Voorts het hy gesê dat die Oposisie beweer dat die Regering 7250 000 morges vir die Swartes aangekoop het. Volgens Kemp het die Oposisie met die stelling met partypropaganda gespeel, deur te beweer dat die Regering grond vir Swartes koop en nie vir die Armbankes nie. In verband met die amendement het Kemp verklaar dat 'n mens sou kon sê dat dit spesiaal na die groot maatskappye verwys, maar dat daar nie 'n enkele woord van maatskappye gesê word en aan elke boer wat 1000 morges besit, dat Indien hy nie dit voordelig bewoon nie, sy grond ontelen sou word. Hy het voorts gesê dat die Oposisie besig was om die armes wys te maak dat hy die maatskappye se grond aan hulle wil gee. "Die angel sit egter daarin dat elke boer se plaas ontelen sou word... Dis die dwaasste en mees onbekookte voorstel wat nog ooit ingedien is",<sup>112</sup> het hy verweer.

Hy het gesê dat hy heeltemal bereid was om die mense ten opsigte van vergoeding billik te behandel: "Kragtens die Naturellegrond en Trustwet (sic) veroorsaak dit ongerief waar gronde van elenaars weggeneem word en daarom word 25 persent vir ongerief betaal. Hier is dit 'n geval van arm mense wat op strepies grond bly en maar te bly sal wees om vergoeding en elders 'n stukke grond te kry."<sup>113</sup> Volgens hom wou die amendement in die toekoms onderverdeling voorkom. Hy het die hoop uitgespreek dat die uitwerking van die wetgewing gunstig sou wees. Hy het afgesluit deur te sê: "Met die Kroongrond kan dit gedoen word en daar is wetgewing in die verband."<sup>114</sup> Hy het die amendement-voorstel as bekookte en 'n verbloemde stemvangery uitgemaak. Die gevolg was dat die Nasionale Party amendement verwerp is in 'n hoofdelike stemming.

Die Burger van 28 April 1937 was krities teenoor Kemp se wering om op te tree teen groot maatskappye en kapitaliste wat vir spekulasie doeleindes betrokke wou raak. Die koerant het dit as 'n euwel beskou en gemeld: "Die Regering se wering om hieraan iets te doen, sal genl. Kemp nie kan wegsteek agter 'n doek waarop hy denkbeeldige

<sup>112</sup> *Ibid.*, kolom 5512.

<sup>113</sup> *Ibid.*, kolom 5512-5515.

<sup>114</sup> *Ibid.*; Die Burger, 27.4.1937.

gevaar vir die boerebevolking smeer nie."<sup>115</sup> Op 3 Mei 1937 berig Die Burger onder die opskrif "Kemp tot Inkeer," dat die Minister van Lande blykbaar tot Inkeer gekom het. In 'n persgesprek met die dagblad het hy gepraat van die moontlikheid dat die Regering spoedlig stappe sou doen teen maatskappye wat groot stukke grond, bloot vir spekulasie doeleindes, laat leëglê het. Volgens hom het die Regering nog grond nodig gehad om in die toekoms verdere uitbreiding van die bestaande nedersettings te kon aanpak. Hy het afgesluit deur te meld dat ontelening van grond in sekere gevalle nie uitgesluit was nie.<sup>116</sup>

Tydens die toespraak op 15 Junie 1937 te Nylstroom, het Kemp op die verskillende re-habilitasieskemas van die Regering geroem en verklaar dat geen ander land ter wêreld so 'n milde nedersettingskema as Suid-Afrika gehad het nie. Hy het gesê dat indien die mense nie hulself kon help om onder die nedersettingskema selfstandig te word nie, hulle onbekwaam was om enigsins gehelp te word.<sup>117</sup> Selfstandigheid van nedersettings en die nedersetters was een van die grootste doelwitte van die Minister, veral na aanleiding van sy oorsese besoek. Daarmee het hy die opheffing van die landelike bevolking beoog.

Op 7 Oktober 1937 te Malmesbury het Kemp tydens 'n vergadering, gesê dat daar bewerings was dat die Regering grond teen miljoene ponde vir die Swartes gaan aankoop, terwyl hy die Blankebevolking verwaarloos. Hy het dit as belaglik en bloot politieke praatjies afgemaak. Hy het gesê dat die Regering miljoene ponde beskikbaar gestel het vir die vestiging van Blankes op grond en hy was van voornemens om die daarop volgende Jaar nog 6000 mense op die gronde te plaas. Volgens hom het hy die volle steun van die Regering daarvoor gehad.<sup>118</sup>

In die Volksraad op 15 Februarie 1938 het Kemp geantwoord op 'n vraag van Strijdom, naamlik waarvoor die ekstra £100 000 vir die nedersettings voor bedoel was, deur te sê dat dit onder artikel 11 van die Nedersettingswet toegeken is. Hy het voorts gemeld dat mense wat grond aan die Naturellestrust (sic) verkoop, het nie gehelp was nie, aangesien hulle na die Landbank kon gaan.<sup>119</sup> Op 'n vraag van mnr. J.F. van G. Bekker, Nasionale

<sup>115</sup> Die Burger, 28.4.1937; Die Vaderland, 30.4.1937.

<sup>116</sup> Ibid., 3.5.1937.

<sup>117</sup> Die Vaderland, 29.6.1937.

<sup>118</sup> Die Burger, 8.10.1937.

<sup>119</sup> Ibid., 16.2.1938; Debate van die Volksraad, 15.2.1938, kolomne 123-125.

Party Volksraadslid Cradock, of daar politieke voortrekkery plaasgevind het by die toekennig van grond, het Kemp ontken dat dit gedoen word deur amptenare van sy Departement. Indien daar so 'n geval sou opduik sou hy dit laat ondersoek. "Daar is geen party politiek by nie," het hy gesê.<sup>120</sup> Volgens hom kon daar nie miljoene op die begroting vir nedersettingsgrond geplaas word nie, omdat dit die pryse van grond sou opgejaag.

Tydens die debat in die Volksraad op 15 Februarie 1938, het C.R. Swart verklaar dat die Vereniging van Nedersetters ernstig kla oor die wetering van die Landraad om aansoeke om grond toe te staan, waar die opslas hoog was. Volgens hom het dit in die Oos-Vrystaat gebeur dat talle aansoeke telkens om hierdie rede geweer word.<sup>121</sup> Hy het gesê dat wat die saak 'n ernstige kleur gegee het, was dat plase wat minder werd was vir die Naturelletrust (sic), gewaardeer was teen £10-10sjielings tot £12 per morg. "n Mens kon dus begryp dat hierdie toestand groot ontevredenheid veroorsaak", het Swart gesê en verder die Minister versoek dat indien hy die mense wou help, hy bereid moes wees om die werklike prys van die grond te betaal.<sup>122</sup> Kemp het geantwoord dat wat die hoë waardering van plase vir die Naturelletrust (sic) betref, dit moontlik was dat daardie plase goed bewerk was. Hy het gemeld dat hy ook briewe van die Vereniging van Grondhuurders ontvang het en gevolglik die Landraad opdrag gegee het om mense na die Oos-Vrystaat te stuur en persoonlike inspeksies uit te voer, en indien Landraad sou vind dat die waardering te laag was, sou die Raad sekerlik sy waardering verhoog.<sup>123</sup> Voorts het mr. J.C. de Wet, Verenigde Party Volksraadslid vir Wepener, gepleit dat nedersettingsgrond by voorkeur gekoop moes word in die streke waar grond vir die Naturelletrust (sic) gekoop was, aangesien die mense wat grond vir die Swartes afgestaan het, nie ver weg wou trek nie. Kemp het geantwoord dat hy groot vertroue het in die lede van die Landraad: "As daar so 'n groot blok grond in die betrokke streek is, kan die lid dit voortê aan die Landraad," het hy verweer.<sup>124</sup>

Die Volksblad berig op 10 Maart 1938 onder die opskrif "Hy moet Padgee", dat twee ministers te wete Kemp en Pirow, beskaamd moes toegee dat sekere opgawes van hulle totaal verkeerd was. Volgens die dagblad het Kemp voorheen, as Minister van Lande, in 'n antwoord op 'n vraag van Strijdom verklaar dat die Regering in die jaar 1936-1937,

<sup>120</sup> Debatte van die Volksraad, 15.2.1938, kolom 125.

<sup>121</sup> Die Transvaler, 22.2.1938; Debatte van die Volksraad, 15.2.1938, kolomme 363-364.

<sup>122</sup> Debatte van die Volksraad, 15.2.1938, kolomme 364-365.

<sup>123</sup> Ibid., kolomme 374-375.

<sup>124</sup> Ibid., kolomme 375-376.

nedersettingsgrond vir £567 973 aangekoop het. Die Ouditeur-generaal het die werklike bedrag vasgestel op £237 935. "Dit is 'n verskil van so effentjies 'n £¼miljoen, of 'n hele ent oor die 100%", was die dagblad se kritiek.<sup>125</sup> Toe Strijdom naderhand, volgens die blad, by die amptenare navraag gedoen het oor waar die verskil Ingekom het, het hy uitgevind dat die Minister 'n bedrag bygereken het vir grond wat toegestoot word deur die Vaaldam, Loskopdam, en ander groot damme. "Dit noem generaal Nedersettingsgrond, maar is sulke grond wat onder water loop nou vir boere of visse bedoel? As die eksminister van Landbou aanhou, kan hy naderhand Minister van Visvang nog word",<sup>126</sup> was die koerant se skerpsinnige bevinding.

Tydens 'n onstuimige debat in die Volksraad, waartydens Kemp vir C.W.M. du Toit en die Nasionale Party ongenaakbaar aangeval het, het Kemp 'n onsmaklike en heeltemal onverstaanbare aanval op die kerk gedoen in verband met die toestand op 'n sekere kerklikenedersettings. Hy het verwys na die watertoevoer wat volgens hom uiters onbevredigend was. "Dit is 'n wonder dat die mense nie dood is van die onsulwer water nie. Die Nasionale pers maak 'n groot wins uit die druk van Die Kerkbode. Laat hulle nou hul volksliefde wys en die kerknedersetting help," het hy gesê.<sup>127</sup> Die Burger van 14 Maart 1938 het verbasing uitgespreek oor Kemp se betrekking van die kerk by die toespraak, aangesien hy verkondig het dat hy die kerk so lief het.<sup>128</sup> Hierdie optrede van Kemp was weer eens 'n bewys dat hy liggeraak was ten opsigte van kritiek wat teen sy optredes uitgespreek was en dat hy dadelik tot aanval oorgegaan het.

In die Volksraad op 15 Maart 1938, het Malan die Regering beskuldig van Intimidasie in verband met sekere aanstellings in die Landraad. Kemp het geantwoord en gesê dat wat die Landraad betref, kan hy sê dat lede wat Nasionaliste was nie weer aangestel was nie, maar ewenwel was ander lede wat tot die Verenigde Party behoort het, ook nie weer aangestel nie. Kemp het geantwoord op beskuldigings dat hy te min vir die nedersettings doen en gesê dat sedert 1912, 18 000 persone op nedersettingsgrond gevestig was. Dit was byna een vyfde van die boerebevolking. Die gronde aan die nedersettters was groter as die totale oppervlakte van die Vrystaat. "Die Regering is bereid om die beleid voort te sit, maar dan terug na die land wat op die land hoort," het hy gesê.<sup>129</sup>

<sup>125</sup> Die Volksblad, 10.3.1938.

<sup>126</sup> Ibid.

<sup>127</sup> Die Burger, 12.3.1938; Debate van die Volksraad, 11.3.1938, kolomme 1540-1542.

<sup>128</sup> Ibid., 14.3.1938.

<sup>129</sup> Ibid., 16.3.193; Debate van die Volksraad, 15.3.1938, kolomme 1677-1678.

Te Malmesbury op 15 Maart 1938, het Kemp tydens 'n vergadering van ongeveer 600 kiesers, gesê dat Malan in die Volksraad die vorige week versoek het dat die landelose bevolking planmatig op die grond gevestig moes word. Kemp het gevra: "Wat help dit vandag om iemand op die land te sit wat van boerdery niks weet nie? Dr. Malan sê daar is 'n dors of 'n honger na grond."<sup>130</sup> Kemp het hom verstout deur te sê dat dié Regering in verband met die saak baie meer gedoen het as enige ander regering. Hy het gesê dat die Regering van plan was om voort te gaan met die skema van landelikenedersettings: "Die Nasionale Party wil miljoene op die begroting plaas vir die aankoop van grond en die gevolg sal wees dat die prys van grond opgejaag word. Die ding van steek jou hand diep in die sak van die Regering as jy kan, moet laat staan word. Dis die doodmaak van die Afrikaner volk. Vandag hoor jy net die kreet: 'Die Regering moet soveel afskryf,' Waar is die ruggraat van die Afrikaner volk? Ons het nog altyd geroem dat ons skulde betaal en eerlik is."<sup>131</sup> Hy het ook gesê dat om die volk op te help en ekonomies gelukkig te maak, moes haat en nyd laat staan word.

Kemp was tydens 'n vergadering op 21 April 1938 te Mamaglieskraal, in die kiesafdeling Brits, onder kruisverhoor geneem. Op 'n vraag of hy die dreigemente wat gedoen word, dat nedersetters en persone wat ouderdomspensioene ontvang vervolgd sou word, indien hulle die Regering nie ondersteun nie, gesê dat die Regering nog nie tot so 'n lae peil gedaal het nie.<sup>132</sup>

In die Volksraad op 23 Augustus 1938, het Kemp gesê dat die beskuldiging teen die Regering ingebring word dat daar in 1933 opgehou is om nedersettingsgrond aan te koop. Hy het dit afgemaak as 'n onwaar stelling. Voorts het hy gemeld dat daar voorgegee word dat die Opposisie die Regering dwing om die aankope te hervat. Hy het gesê die nedersettings in 1933-1934 in 'n baie slegte toestand was en dat die Regering 'n kommissie aangestel het om ondersoek te doen. Die aankope was toe tydelik gestaak in afwagting van die verslag van die kommissie en nadat die verslag ontvang is, is daar weer na 1935 met die aankope 'n begin gemaak. Hy het gemeld dat sedert 1 April 1937 tot Oktober 1937 in die hele Unie 283 hoewes aangekoop is, met 'n totale oppervlakte van 258 788 morg en teen 'n bedrag van £411 589. Hierdie syfers, het volgens hom, nie

<sup>130</sup> *Ibid.*

<sup>131</sup> *Ibid.*

<sup>132</sup> *Die Transvaler*, 22.4.1938.

die grond ingesluit wat deur die Besproeiingsdepartement op die Vaaldam aangekoop was en wat toe uitgereik is nie.<sup>133</sup>

Mnr. C.F. de Bruyn van Klippan, distrik Lichtenburg, het op 22 Februarie 1939 'n brief aan Kemp gerig waarin hy hom gevra het of die stories waar was dat daar die vorige Jaar 53 nedersetters van hul plase in die Scheizer-Reneckedistrik, verwyder is. Volgens die skrywer het 'n ander persoon, wat woonagtig was naby die Maricodam, beweer dat Kemp dit vir die Setlaars gesê het, nadat C.W.M du Toit die setel verower het: "Nou sal julle betaal laat dit bars anders jaag ons julle weg".<sup>134</sup> Gevolglik het Kemp vir C.F. de Bruyn per brief geantwoord op 28 Februarie 1928 en geskrywe dat altwee bewerings van alle waarheid ontbloot was. Hy het verder gemeld dat waar 'n nedersetter agterstallig geraak het met paaiemente en rente, so 'n geval aan die Landraad voorgelê word en dat dié liggaam dan oorweeg of uitstel gegee en of daar ander stappe geneem moet word.<sup>135</sup>

Toe Kemp Minister van Lande geword het, na sy uittrede as Minister van Landbou op 7 Januarie 1935, het hy 'n ministerie geërf van minister Denys Reitz, wat nie baie goed geadministreer was nie. Dit was 'n departement wat nie so veeleisend as die Departement van Landbou was nie, maar soos kenmerkend van sy karakter het hy met krag, insig en energie hom tot die problematiek van die departement gerig. Die nedersettings en nedersetter was nou sy verantwoordelikhed en as gevolg van die wêreldwye ekonomiese depressie en groot droogtes was hy opgesaam met groot probleme.

Die kwesse van die Armbankevraagstuk het die nedersetters ingesluit en hom baie na aan die hart gelê. Dit kan ook aangeneem word dat die ervaring wat hy in die Departement van Landbou opgedoen het hom goed te pas gekom het, soos byvoorbeeld onekonomiese boerderymetodes en erflatingstelsels. Hy was ook 'n politikus wat teen die grondhonger kapitaliste ingestel was en gevolglik die onekonomiese besit van grond teengestaan het.

Onwrikbaar soos altyd, het hy die pad geloop in belang van die saak wat hy gedien het - dit waarin hy geglo het die regte een was. Natuurlik sou dit hom in sommige gevalle on-

<sup>133</sup> *Die Burger*, 24.8.1938; *Debate van die Volksraad*, 23.8.1938, kolomne 1457-1461.

<sup>134</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, ongepagineerd, brief C.F. de Bruyn aan Kemp, 22.2.1939.

<sup>135</sup> *Ibid.*, brief van Kemp aan C.F. de Bruyn, 28.2.1939.

populêr gemaak het, maar nêrens was daar bewyse dat hy dit vir ele eer gedoen het nie. Kemp het hom weer eens bewys as 'n deurtastende minister - goed Ingellig, administratief korrek en in belang van die saak.

#### 7.5 Die Kaapstadse Poskantoor-skandaal - Kemp betrek

Die verkoop van die Kaapstadse Poskantoor in 1936 aan mnr. Schlessinger het die nuusklerigheid van die publiek gaande gemaak. Met die doel om aan Kaapstad 'n moderne en doelmatige poskantoor te verskaf, het die Regering besluit om gelyktydig die Poskantoor vir £400 000 te verkoop en die Operahuis te koop, as 'n terrein vir die nuwe poskantoor, teen £220 000. Een van die voordele van die dubbele transaksie was die toegevoegde waarde dat die ou poskantoor nie ontruim sou word voor die voltooiing van die nuwe gebou nie. Die waarde van hierdie voordeel was op £70 000 of meer gereken.<sup>136</sup> Die algemene opinie was dat die Regering met die transaksie slegte besigheid gedoen het en Schlessinger met duisende ponde bevoordeel is.

Volgens 'n berig in Die Burger, onder die opskrif "Kritiek Geregverdig", het die Volksraad nie oor die transaksie gedebatteer nie, maar hoe meer die Ministers probeer verduidelik het hoe meer vrae het daar ontstaan.<sup>137</sup> Die eerste punt wat ophelderling verdien was waarom min. C.F. Clarkson en Kemp nie by die eerste geleentheid, toe die saak in die Volksraad geopper is, in staat was om met gesag oor die onderwerp te praat nie, aangesien Clarkson verantwoordelik was vir die onderhandelings met Schlessinger. "Dit was nie te veel om van hom te verwag dat hy alles sou weet omtrent grondwaardes in Adderleystraat en in die omgewing van die Operagebou nie",<sup>138</sup> het die dagblad berig.

Aangesien die inligting skraal was, was die Regering verplig om die debat tot 'n latere stadium uit te stel. Die dag voor die uitgestelde debat, 4 Junie 1936, het Kemp sy kollega te hulp gesnel. Hy het sy toespraak in die Volksraad begin met 'n vleierende, maar onjuiste opmerking, naamlik dat hy gedink het dat die Minister van Poswese en Telegrafiek het die saak baie duidelik uiteengesit. Kemp het self niks gesê van die waarde van die elendom nie. En hoewel hy as Minister van Lande alles behoort te weet van wat in die Gekose Komitee op Kroongrond gebeur en die aanname van die verslag van die gekose

<sup>136</sup> Sentrale Hoofbestuur van die VSA Nasionale Party. Gesuiwerde Bewerings weêrlê, p.37.

<sup>137</sup> VP-argief, Vol. 2, koerantuitknipsel; Die Burger, 8.6.1936.

<sup>138</sup> Ibid.; Debatte van die Volksraad, 4.6.1936, kolomne 5164-5169.

komitee in die Volksraad voorgestel het, het hy nie een enkele woord laat blyk dat die verhoging van grondwaardes ooit tot sy kennis gebring is nie.<sup>139</sup>

Volgens Die Burger is Kemp en Clarkson se onkunde van 4 Junie 1936 elenaardig wanneer 'n mens daarop let dat Kemp na die hervatting van die debat die volgende dag (5 Junie 1936), kans daartoe gesien het om die transaksie met 'n hele aantal nuwe syfers goed te praat. Die beriggewer meld voorts dat sy gevolgtrekkings betwis kon word, maar dat dit noodsaaklik was dat die volk weet of die hoër toetswaardering van Januarie 1936 in aanmerking geneem was, voordat hulle die bekragtiging van die ooreenkoms by die Volksraad aanbeveel het.<sup>140</sup> Dit tref 'n mens dat Kemp die Vrydag voor die dag met 'n waardering kom van die poskantoorperseel, wat deur 'n lid van die Waarderingshof opgestel was. Dit blyk dat onderhandelinge plaasgevind het op grond van verouderde eiendomswaardering van 1927 - 1930.<sup>141</sup> Gevolglik was die kritiek teenoor Kemp dat hy verklaar het dat dit nie saak maak nie. "In plaas van die ou waardering van £400 000 en £220 000 vir die Poskantoor en die Operagebou onderskeidelik, waarvolgens mnr. Schlessinger £180 000 aan kontant moes betaal, kan nuwe waardering gestel word - naamlik £544 315 vir die poskantoorperseel en £372 000 vir die Operagebou perseel,"<sup>142</sup> was berig.

Die koerant meld voorts dat die toespraak sekerlik vir sy toehoorders indrukwekkend klink, maar die berekenings kon egter nie die toets van ontleding deurstaan nie, aangesien die Regering die liggings van die persele in Adderleystraat te gering geag het. Die Regering het slegs sowat 29 000 vierkante voet vir 41 000 vierkante voet "verrull". Dit wil voorkom asof die Regering 'n verlies van £150 000 gely het<sup>143</sup> en die vraag was gevra waarom die Regering ooit toegelaat het dat Schlessinger 'n wins uit die huurreg maak.

Op 16 Oktober 1936 verskyn daar 'n berig in Die Burger, onder die opskrif "Hul Inligting aan Parlement was Misleidend", waarin Malan aandrang op die bedanking van Clarkson en Kemp as kabinetslede. "As hulle dit nie doen nie, dan mag hulle alleen in die Kabinet aanbly as gevolg van 'n grondige ondersoek na die poskantoortransaksie met mnr.

<sup>139</sup> Debatte van die Volksraad, 4.6.1936, kolom 5170.

<sup>140</sup> Die Burger, 15.6.1936..

<sup>141</sup> Ibid.

<sup>142</sup> Ibid.

<sup>143</sup> Ibid.

Schlessinger," het Malan gesê.<sup>144</sup> Interessant dat Die Burger op 5 September 1936 in 'n berig reeds gemeld het, dat daar sprake is van verskuiwings in die Kabinet. Daar word gemeld dat Kemp, wat om "gesondheidsredes" van Landbou af weggeneem was en onmiddellik daarna weer perdfrys was, opnuut in verband met die verkoop van die Poskantoor bewys gelewer het dat hy ook nie as Minister van Lande deug nie.<sup>145</sup>

Ook Die Volksblad op 25 November 1936, els dat Clarkson moet bedank of verskulf word uit die Poskantoor en Telegraafwese ministerie. Volgens die berig was die gebrek in die poskantoorwese daarin dat al die jare, sedert Unlewording, nog nooit 'n Afrikaner die ministeriële hoof was nie, met die uitsondering toe wyle senator Koble Graaff 'n rukkie die Minister was. Die nuusblad doen aan die hand dat Kemp die portefeulje moet kry. "Ondanks sy foute, is hy tog 'n deurtastende administrateur en geen lafaard nie. Van die Smelters is hy die man wat kapabel is om met 'n harde besem in die Poskantoor in te spring en die spinnerakke van die Milnerisme weg te vee - as die ander ministers dit wil toelaat!"<sup>146</sup> berig die dagblad. Die berig was weer eens 'n aanduiding van Kemp se onvermoelde en deeglike werkswyse.

Die Poskantoor-skandaal het op 2 April 1937 weer ingedrang gekom toe, mnr. Paul Sauer, Nasionale Party Volksraadslid vir Victoria-Wes, 'n voorstel in die Volksraad ingedien het, wat 'n deurtastende ondersoek na die transaksie geëls het. Sauer het beweer dat daar genoegsame bewys was van ongekende onbevoegdheid en onbegryplike nalatigheid aan die kant van sekere ministers en of hul departemente. Met syfers het hy bewys dat alles volgens hom nie pluis was nie.<sup>147</sup>

In sy verweer het Kemp gedreig dat as die Kapenaars nog so aanhou lol, hy sou toesien dat die hoofstad na Pretoria verplaas word. Hy het met sekerheid beweer dat die jongste waardering van die Poskantoor £460 000 was. Dit het dus beteken dat die verkoopprijs van die plek sowat £600 000 moes gewees het.<sup>148</sup>

Kemp se optrede in die hele saak kom verdag voor. Dit is onverklaarbaar dat Kemp, wat 'n voorstander was van effektiewe administrasie, hom in so 'n benarde posisie bevind

<sup>144</sup> VP-argief, koerantuitknipsel; Die Burger, 16.10.1936.

<sup>145</sup> Die Burger, 5.9.1936.

<sup>146</sup> Die Volksblad, 25.11.1936.

<sup>147</sup> Die Burger, 3.4.1937; Debatte van die Volksraad, 2.4.1937, kolom 4227.

<sup>148</sup> Debatte van die Volksraad, 2.4.1937, kolom 4258.

het. 'n Verklaring daarvoor kan gevind word in Kemp se karakter, aangesien dit wil voorkom asof hy nie 'n leidende rol gespeel het in die transaksies nie, maar lojaliteit teenoor Clarkson bewys het deur by hom te staan. Hier was dit weer 'n geval van dat hy nie gewyk het voor probleme nie, alhoewel hy gevoelig was vir kritiek.

Gevolgtlik het hy dadelik "getjaarts" en met dreigemente teenoor die Opposisie gekom dat hy Pretoria die hoofstad van die Unie sou maak. Maar dit kan gestel word, dat hy nieteenstaande die Opposisiekritiek, geen verbloemde agenda in die saak gehad het nie en vandaar die beriggewing dat hy Clarkson moes vervang, aangesien hy 'n deurtastende administrateur was.

#### 7.6 Kemp speel kat en muis met die republikeinse ideaal

Reeds sedert 1933, en selfs vroeër, was dit duidelik dat Hertzog 'n weg betree het waarop sommige Afrikaners nie bereid was om hom te volg nie. Een van die groot bronne van onenigheid was die republikeinsekwessie. Hertzog het nie as kampvegter vir hierdie, vir talle 'n verterende ideaal, opgetree nie; hy het trouens die republikeinse ideaal begin repudieer en die strewe probeer bekamp.<sup>149</sup> Hy was 'n vurige voorstander van nouer vereniging tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die Unie; was ten gunste van soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika, vry van vreemde heerskappy. Vir hom was die behoud van bande met Brittanje egter ook van belang, aangesien hy besef het dat verbreking van dié bande, die vyandskap by Engelssprekendes sou verwek en sy eenheidsideaal tussen die twee taalgroepe sou benadeel.<sup>150</sup>

Daar was met die stigting van die Verenigde Party, op 5 Desember 1934, 'n Program van Beginsels aanvaar waarvolgens Suid-Afrika deel van die Britse Ryk sou bly. G.D. Scholtz beweer: "Vooraanstaande manne van hierdie party het dan ook onmiddellik daarop gewys dat daar in hierdie organisasie geen plek vir 'n voorstander van 'n republiek was nie."<sup>151</sup> Reeds op 8 Desember 1934 het Patrick Duncan op Queenstown verklaar dat "so far from the United Party adopting the principle (of republican propaganda) the party was the one big thing that stood between South Africa and the republicanism of Dr. Ma-

<sup>149</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), *Die Nasionale Party*, Deel 4, p.299.

<sup>150</sup> J.H. le Roux (red.), *Genl. J.B.M. Hertzog. Sy strewe en stryd*, Vol. II, p.624; *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 4, ongepagineerd, brief van Minister van Lande aan J.H. Snyman, 25.9.1936.

<sup>151</sup> G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politiek denke van die Afrikaner*, Deel VII, p.573.

lan."<sup>152</sup> Op 28 Desember 1934 het Smuts verklaar: "If you want republicanism and secession your place is not in the new party."<sup>153</sup> Op 15 Desember 1937 het Stallard, leier van die Dominiumparty, in die Volksraad verwys na 'n uitlating wat Kemp gemaak het, naamlik dat almal by die Verenigde Party moes aansluit om 'n republiek te verkry. Smuts het geantwoord: "I treated it as a joke."<sup>154</sup>

Reeds uit 'n vorige hoofstuk kom dit duidelik na vore dat Kemp se vurige nasionalisme van hom 'n vurige republieke gemaak het. Smelter politici soos Kemp en adv. Henry Fagan het egter by herhaling verklaar dat hulle republieke was, dog dat daar geen hoop vir republikanisme in Suid-Afrika was nie. "Wat is die nut van 'n leer wat geen kans het om tot vervulling gebring te word nie ..... Republikanisme is 'n doele strydvraag en geen praktiese politiek nie. Suid-Afrika sal homself aan buitelandse aanvalle blootstel as hy republikanisme aanvaar,"<sup>155</sup> het Kemp verklaar. Tydens 'n vergadering op Lichtenburg 23 Mei 1935, het Kemp tydens vraetyd gesê dat daar nie op daardie tydstip so iets soos die Britse konneksie bestaan het nie, aangesien Suid-Afrika aan Engeland slegs bande van vriendskap kon bied. "Ons besit soewereine onafhanklikheid", het hy gesê.<sup>156</sup> Op 25 Mei 1935 het Kemp te Sannieshof, tydens 'n vergadering, op 'n vraag of Suid-Afrika neutraal kan bly as Engeland in 'n oorlog gewikkel was, dit duidelik gestel dat die Unie nie sal kan neutraal bly nie.<sup>157</sup> Kemp se uitsprake kan verblind word met die "soewereine status" van Suid-Afrika, soos deur hom gesien.

Op dieselfde dag te Schweizer-Reneke het Kemp 'n mosie van wantroue op die lyf ge-loop. Die mosie het gelui: "U het moeg geword vir die stryd om soewereine onafhanklikheid en u het die knie voor die Imperiale Baäl gaan buig. U het u gaan skaar aan die kant van die sogenaamde beskermer van klein nasies, in plaas van saam met ons en duisende ander te help om die vaandel van nasionalisme hoog te hou. U is deur die Imperiale stroom meegevoer en het samerotting met die aartsvyande van die Afrikaner volk gaan maak, die aartsvyande wat die Afrikaner volk nog altyd beveg het en aan wie ons deur offerandes in bloed betaal het."<sup>158</sup> Kemp het gesê dat dit soos water van 'n eend se rug afrol en dat hy hom nie daaraan steur nie. Die vraag kan met reg gevra word

<sup>152</sup> The Star, 10.12.1934.

<sup>153</sup> The Rand Daily Mail, 29.12.1934.

<sup>154</sup> G.D. Scholtz, p.573.

<sup>155</sup> Die Volksblad, 1.10.1935.

<sup>156</sup> Die Burger, 24.5.1935.

<sup>157</sup> Die Transvaler, 27.5.1935.

<sup>158</sup> Ibid., 28.5.1935.

of dit werklik aan Kemp se gewete geraak het nie? Want hierdie episodes het tot gevolg gehad dat dit in die kraal van oud-Sappe gepas het. Mnr. S.F. Waterson, Verenigde Party Volksraadslid vir Suid-Sklereiland, het gejubel deur te sê: "Vier ministers het nou al te kenne gegee dat Suid-Afrika gebonde is om Simonstad ten behoeve van Groot Brittanje in oorlogstyd te verdedig en dat die regering hierdie verpligting sal nakom."<sup>159</sup> Een van die Ministers na wie hy verwys het, was Kemp. Die Smelter Volksraadslid het reg gehad om te jubel. Hy was reg om in dieselfde asem so sydelings een van die Imperialiste se doeleindes met die Smeltery, met hul hand van vriendskap aan te raak: "Met die oog op die wêreldtoestand was dit noodsaaklik om hier 'n regering aan bewind te kry op wie Brittanje in geval van oorlog sou kon staatmaak."<sup>160</sup> Dit wil voorkom asof die spel van die Imperialiste, altans vir die oomblik geslaag het.

Waterson se opmerking het niks onthul wat vroeër nie bekend was nie en Kemp se antwoorde het die situasie juis weergegee: "Behalwe dat die ongelukkige eks-Nasionaliste, wat nog in hul harte Nasionaal voel, maar uit slaafse aanbidding van 'n persoon hul oë opsetlik vir onaangename feite styf toeknyp, besef elkeen dit, en het dit besef vanaf die oomblik dat die Smeltersregering verklaar het dat hy by die Simonstadse-ooreenkoms staan."<sup>161</sup> Die Burger in sy berig "Jan Kemp, Imperialis", meld dat Kemp klaarblyklik blymoedig die nuwe koers volg het, dié koers wat hy in die verlede met soveel bitterheid en een-en-twintig jaar met die geweer in die hand, weerstaan het. Waar ander oud-Nasionale ministers oor die onderwerp van neutraliteit eierdarse uitgevoer het, het Kemp prontuit sy standpunt gestel. Die verslaggewer beweer dat Kemp die "Empaaiër" bo sy nasionale Ideale gestel het: "Genl. Kemp die verkondiger van die ou Imperialistiese politiek."<sup>162</sup>

Die Volksblad berig op 23 Junie 1936 dat die Smelters op die platteland verkondig dat hulle die eintlike mense was wat in die rigting van 'n republiek beweeg, terwyl die Nasionaliste juis die republikeinse ideaal belemmer het. Die beriggewer vra hoe die Emplerehandhawing met 'n republikeinse rigting gerym kon word en hoe die Smelters op so 'n vraag sou kon antwoord?<sup>163</sup> Die berig beweer dat Kemp die vorige week op Beaufort-

<sup>159</sup> Die Burger, 30.5.1935.

<sup>160</sup> Ibid.

<sup>161</sup> Ibid.

<sup>162</sup> Ibid.

<sup>163</sup> Die Volksblad, 23.6.1936.

Wes gesê het dat die grootste vyand van die republiek, die Nasionale Party was.<sup>164</sup> Die berig verklaar voorts: "Dit klink seker baie mooi op die verhoog in 'n Nasionale distrik soos Beaufort-Wes. Maar kilm die Ministers op die platform in 'n stad soos Oos-Londen dan vertel hulle dat die republikeinse ideaal 'n grap was, en 'n slegte grap daarby."<sup>165</sup> Die berig beweer dat Kemp se uitlatings die toppunt van slimheid was om wanneer jy kastig vir 'n republiek is, jou in dieselfde party te verbind met aartsimperialiste soos adv. Leslie Blackwell en C.P. Robinson - wat hul enigste hell in die Union Jack sien. Die berig meld dat volgens die Kemplaanseleer: "As jy jou doel wil bereik sluit dan aan by die ge-swore vyand van die doel."<sup>166</sup> Die beriggewer maak die stelling dat indien Kemp so iets beweer, hy besig was of om sy gehoor te bedrieg of vir homself: "Van die twee is volks-bedrog die oneerlikste en selfbedrog die domste. Want die volk laat homself nie op die aanhou bedrieg nie, maar selfbedrog kan aanhou totdat dit ongeneeslik word."<sup>167</sup> Hierdie opmerkings ten opsigte van sy persoon het Kemp sekerlik nie maklik op die oor ge-val nie.

Tydens sy besoek aan Engeland, het Kemp op 4 Augustus 1936 dit weer eens beklemtoon dat republikaanse in Suid-Afrika nie meer prakties haalbaar was nie.<sup>168</sup> Die Volksblad berig dat Kemp na die onderhoud, wetende dat die onderhoud van hom na Suid-Afrika oorgekabel sou word, dadelik na Reuter toe gegaan het en 'n ontkenning die wêreld ingestuur het. Sy werklike woorde was, het hy gesê: "Ek is 'n gebore republikein en sal altoos 'n republikein bly, maar besef ten volle dat republikaanse geen praktiese politiek is nie."<sup>169</sup> Die vraag ontstaan waarom hierdie Jakkalsdraale van Kemp? Was dit om die republikeinse gevoel in die volksgemoed wakker te hou deur voor te gee dat hulle eintlik in die rigting van 'n republiek beweeg, deur met die Engelse mee te werk?

Die Burger beweer op 7 Augustus 1936, dat met die anti-republikeinse propaganda die "nuwe genl. Kemp, die gewese rebel wat tot Imperialis bekeer is, ten minste konsekwent. Hy is lid van 'n kabinet wat die teenoorgestelde van 'n republikeinse koers volg."<sup>170</sup> Volgens die berig is Kemp, die nuwe Imperialis, ten minste konsekwent in sy anti-republikeinse propaganda en dat hy meer gerespekteer sou word as hy sy propa-

<sup>164</sup> Ibid.

<sup>165</sup> Ibid.

<sup>166</sup> Ibid.

<sup>167</sup> Ibid.

<sup>168</sup> Ibid., 6.8.1936.

<sup>169</sup> Ibid. V.P.-argief, koerantuitknipsel, berig in Die Volksblad, 27.8.1936.

<sup>170</sup> Die Burger, 7.8.1936.

ganda openlik voer en nie onder die dekmantel van "ek is nog 'n republikein" nie.<sup>171</sup> The Friend van 1 Junie 1937 meld dat daar tydens 'n vergadering op Senekal aan Kemp gevra was waarom hy in 1914 die geweer opgeneem het. Kemp se antwoord was dat hy gedink het die minderheid kon sy wil op die meerderheid afdwing, maar dat hy sedertdien tot besef gekom het dat die meerderheid regeer.<sup>172</sup>

The Star van 22 Junie 1937 het oor die republikeinse opmerkings van Kemp geskryf, dat Kemp in hart en niere 'n republikein kon bly en dat hoewel hy partyvas is, nogtans in die binnekring van die party republikaansme kon verkondig en waarskynlik 'n gedugte afranseling daarvoor te wagte kan wees. Daar is verklaar dat Kemp selfs die skugter en wifelende plattelanders in die Smeltekraal kon lok deur voor te gee dat sodra hulle in genoegsame mate lede van die party is, hulle die slenswyse van die meerderheid kon verander. Verder is beweer dat indien die Unie 'n paar jaar vantevore republikaansme en monargisme die politieke skeidslyn gemaak het, Kemp hom ten doel sou gestel het om republikeine in een kraal en monargiste in 'n ander kraal te jaag. Dit sou, volgens die beriggewer, 'n erger en meer verbitterde verdeeldheid in die land te weeg gebring het, as wat taal en ras veroorsaak het.<sup>173</sup>

Leslie Blackwell rig op 18 Junie 1937 aan Louis Esselen 'n brief waarin hy verwys na 'n Sunday Times berig waarin Kemp gesê het dat die Gesuiwerdes die groot vyande van 'n republiek was, wat alleenlik verwesenlik kon word indien 90% van die kiesers ten gunste van 'n verandering in regeringsvorm sou stem. Ter ondersteuning van sy opmerking verwys hy na Kemp wat verklaar het dat die Verenigde Party die werklike verteenwoordigers van die "Volk van Suid-Afrika" was en dat die "Gesuiwerdes" deur hulle wegbreek aksies in 1934 die republikeinse ideaal skade berokken. Hy verklaar Kemp dat hy in sy toesprake op die platteland, waarin hy republikaansme goed praat, poog "to tickle the ear" van die plattelandse kiesers en nie daarmee tred hou dat daar duisende kiesers in die stede was wat anders gevoel het oor die saak.<sup>174</sup>

Die Republikein op 22 Junie 1937 wys in sy kommentaar daarop dat daar dwarsdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis doodsbenoudheid by die imperials was vir die republikein,

<sup>171</sup> Ibid.

<sup>172</sup> The Friend, 1.6.1937.

<sup>173</sup> The Star, 22.6.1937; W.A. Muller, Dr. H.F. Verwoerd se Joernalistieke bydrae tot die Republikeinse idee, MA-verhandeling, UP, 1973, p.30.

<sup>174</sup> VP-argief, korrespondensie B 1932-1940, brief L. Blackwell aan L. Esselen, 18.6.1937.

omdat hy alte goed beseft het dat dit dié een ding is wat hom in sy wederregtelike besit van die land se rykdomme sou gesteur het. Die berig meld voorts dat 'n republiek die mees doeltreffende middel was waardeur die Boerenasie homself in sy eersgeboortereg in die land kon herstel en raal imperialiste aan om vriendskaplike betrekkinge met die Hertzoggroep aan te knoop, na mate hulle die republiek op die agtergrond geskuif het.<sup>175</sup> In die geleedere van die Smelters was daar diegene wat die mening gehuldig het dat republiekwording nader sou kom indien alle republikeine by dié party aansluit, maar dit was waarskynlik 'n minderheidsgroep, waarvan Kemp een was. W.A. Muller stel dit: "Die Afrikaner het steeds die monargie as 'n vreemde regeeringsvorm bestempel. Daarom was die regeringstelsel van die Voortrekker republikeins van aard."<sup>176</sup> Suid-Afrikers soos Kemp, het geglo in 'n demokratiese regeeringsvorm, onafhanklik van vreemde oorheersing. Volgens hulle was 'n republikeinse regeeringsvorm met 'n president as staats-hoof die Ideale - op 31 Mei 1961 sou hierdie Ideale tot werklikheid kom toe die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom het.

In Die Burger van 30 Junie 1937 verskyn daar 'n berig onder die opskrif "Empire-propaganda", waarin gemeld word dat die moontlikheid van 'n Europese oorlog dit baie natuurlik maak dat 'n tydskrif soos die Londense Round Table, heelwat aandag gee aan vraagstukke soos verdediging. Die berig meld: "In die lig van die onsinnige praatjies wat in ons land versprei word in 'n poging om die Regering se imperialistiese politiek te regverdig, is die mening in die jongste uitgawe van hierdie tydskrif interessant."<sup>177</sup> Voorts word gemeld dat die Nasionale Party in Suid-Afrika 'n beleid van neutraliteit voorstaan en daarom was hy deur een deel van die Smeltersparty as Isolasioniste uitgeskel, terwyl mense soos Kemp 'n voorstelling gee van neutraliteit wat of bultengewone onkunde openbaar het of die veronderstelling dat sy gehoor te onkundig is om te weet wat neutraliteit beteken.<sup>178</sup>

Tydens hul reis in die Transvaal gedurende Julie 1937, het Kemp en Prow openlik verklaar dat "as Julie 'n republiek wil hê, kom sluit by die Verenigde Party aan."<sup>179</sup> Op Warmbad het Kemp verwys na die Anglo-Boereoorlog wat deur die twee republike ver-

<sup>175</sup> Die Republikein, 22.6.1937.

<sup>176</sup> W.A. Muller, p.36.

<sup>177</sup> Die Burger, 30.6.1937.

<sup>178</sup> Ibid.

<sup>179</sup> Die Volksblad, 3.7.1937.

loor was, omdat daar nie eenheid in die geleedere van die Afrikaners was nie.<sup>180</sup> Kemp het hier blykbaar die bestaande politiekestryd vergelyk met die vryheidstryd van 1899 tot 1902. Dit is helaas waar dat baie Afrikaners destyds gehensop het. Talle van hulle het by die vyand aangesluit en daarom het die twee republieke ondergegaan en die ideale van die Afrikanerdom tydelik vernietig. Die vraag is egter wie op daardie stadium gehensop het; wie het sploene van die vyand geword; wie het by die vyand, wat die ondergang van die republieke bewerkstellig het, aangesluit; en wie het onder dieselfde politieke kometers met die destydse vyande van die Afrikaner gelê? Volgens Die Volksblad wou Kemp almal bymekaarbring in die Imperialekraal waarin hyseif beland het. Die blad het Kemp versoek om hand in eie boesem te steek.<sup>181</sup>

Op 7 Oktober 1937 te Malmesbury het Kemp aan die Nasionale Party gevra: "As julle gesulwerde Nasionalliste nie oorlog wil maak om 'n republiek te kry nie, waarom tree julle nie toe tot die groot Verenigde Party en verkry dit deur middel daarvan nie?"<sup>182</sup> Op 12 Februarie 1938 te Mosselbaal, tydens 'n groot politieke vergadering, het Kemp met betrekking tot die beskuldiging teen die Regering in verband met die Spesiale Diensbataljon, gesê dat Suid-Afrika nie verplig was om aan Engeland se oorloë deel te neem nie. Dat Suid-Afrika vry en onafhanklik is om oor sy eie toekoms te beslis<sup>183</sup> en dat daar geen rede vir Suid-Afrika is om aan enige oorlog deel te neem, mits hy aangeval sou word nie.<sup>184</sup>

Mnr. F.C. Sturrock, Minister sonder Portefeulje, verklaar op 26 Februarie 1938 te Rosettenville, dat republikeine welkom is in die Verenigde Party, aangesien hulle nie republikeine sal bly nie. Volgens hom is Kemp en Hertzog nie meer republikeine nie. Op 'n vraag of daar hartlike samewerking in die Kabinet bestaan, het die Minister bevestigend geantwoord. Op die daaropvolgende verwysing na Kemp, het hy gesê dat laasgenoemde beslis nie die republikeinse beginsel huldig nie en beweer dat geen ander minister dit doen nie. Op 'n vraag hoekom die Verenigde Party republikeinse propaganda toelaat, het hy geantwoord dat almal vry was om te sê wat hulle wil, maar die party as sodanig het hom verbind om die Britsekonneksie te handhaaf. Op 'n volgende vraag of Hertzog en Smuts se standpunte insake die Unie se status met mekaar verenigbaar was, het hy ge-

<sup>180</sup> Ibid.

<sup>181</sup> Ibid.

<sup>182</sup> Die Burger, 8.10.1937.

<sup>183</sup> Ibid., 14.2.1938.

<sup>184</sup> Ibid.

sê: "Ek sal nie drie minute in die Kabinet bly as dit nie die geval was nie."<sup>185</sup> Die vraag kan met reg gevra word of hierdie nie 'n wanvoorstelling van Kemp se ware karakter was nie? In wese was hy 'n geharde republikein en sou sy uitsprake in die verband na 6 September 1939, die redes vir sy optrede ophelder.

Die Transvaler berig op 26 Februarie 1938, dat Hofmeyr op 'n vergadering te Verulam geantwoord het op 'n vraag waarom die Verenigde Party nie die gevaarlike "vryheid tot republikeinse propaganda"<sup>186</sup> uit sy program haal nie? Hy het gesê dat in die Verenigde Party elkeen die vryheid het om sy idees te verkondig, "maar die bepaling is die konstitusie van die party word voorafgegaan deur die volgende kwalifikasie, terwyl die party die handhawing van ons huidige grondwetlike posisie voorstaan. Kemp kan moontlik op Fauresmith gesê het dat, as die Nasionalliste by die Verenigde Party aansluit, hulle 'n republiek kan kry as hulle dit wil hê. Hy het verklaar dat hy in 'n republiek gebore is en dat hy vir een geveg het, maar hy het baie goed besef dat daar nie sprake van 'n republiek in Suid-Afrika is nie."<sup>187</sup>

Voor ongeveer 600 Malmesbury kiesers het Kemp op 15 Maart 1938, op 'n vergadering uitgeroep: "Ek is vir 'n republiek - hart en siele."<sup>188</sup> Hy het weer eens na Malan verwys as die grootste vyand van 'n republiek. Hy het gesê in 1926 en 1927, toe die Statuut van Westminster nog 'n belofte was, het Malan die land deurreis en vergaderings gehou en gesê: "Ek beskou Engeland as die moeder van ons vryheid."<sup>189</sup> Voorts het hy verwys na Malan se toespraak op 7 Oktober 1927 te Robertson, toe hy gesê het dat Suid-Afrika al teen kan afskel van groter vryheid tot minder vryheid.<sup>190</sup> Hy het Malan daarvan beskuldig dat hy die volk gruwelik mislei het of 'n ander slenswyse verkondig het.

Op 22 Maart 1938 berig Die Transvaler onder die opskrif "Wiens brood men eet....,"<sup>191</sup> dat Kemp van Augustus 1936 tot Maart 1938 die woorde wat hy destyds geuiter het, miskien nie meer kon onthou nie: "Hierdie verskil in tyd en ruimte het Kemp seker op Saterdag op Makwassie as nuttige bondgenoot beskou, toe hy verdudelik het dat die Nasionale Party dan besig is om die republikeinse idee te ondermyn en dat slegs 'n

<sup>185</sup> Ibid., 27.2.1938.

<sup>186</sup> Die Transvaler, 26.2.1938.

<sup>187</sup> Ibid.

<sup>188</sup> Die Burger, 16.3.1938.

<sup>189</sup> Ibid.

<sup>190</sup> Ibid.

<sup>191</sup> Die Transvaler, 22.3.1938.

meerderheidsparty iets soos 'n republiek in die lewe kan roep."<sup>192</sup> Volgens die berig wissel Kemp se republikeinse gevoelens soos die jaargetye. Dit het net afgehang van waar hy hom bevind het of hy 'n republiek of monargie was. Die berig lui beskuldigend dat as hy in die Wes-Transvaal is, waar die meeste mense aan die republikeinse idee glo, dan is hy in hart en siele vir 'n republiek. Dan nooi hy alle republikeins gesindes uit om by die Verenigde Party aan te sluit, wat hulle stap vir stap na 'n republiek sal voer. Kom hy in Malmesbury, waar die republikeinse ideaal net so sterk leef, raak hy so in vervoering oor die bye vooruitsig dat hy geesdriftig uitroep, "Ek is vir 'n republiek - hart en siele.... Die feit is dat dr. Malan die grootste vyand van 'n republiek is."<sup>193</sup> Die berig beweer dat wanneer Kemp in die Parlement sit of Londen besoek, verwissel hy sy republikeinse belydenis vir 'n bewondering van die monargale stelsel, net soos hy van sy plaasklere verwissel om 'n manel aan te trek. Volgens die berig glo hy dan nie meer aan die republikeinse ideaal nie en kan hy aan 'n Londense joernalis met vuur vertel: "Daar is geen hoop vir 'n republikeinse idee in Suid-Afrika nie ... Wat is die nut van 'n geloofsbelijdenis wat nie tot uitvoering gebring kon word nie, en wat heeltemal van die werklikheid ontbloot is?"<sup>194</sup>

Voorts word berig dat wanneer Kemp in die Parlement sit en aanhoor, sonder om te bloos of te protesteer, hoe Smuts in sy republikeinse praatjies op die platteland verklaar dat die Afrikaanse volk nie republikeinsgesind is nie, voel hy hom ook weer die oortuigde monargie en in teenstelling met sy kollega, durf hy dit egter nie op die platteland verkondig nie. Die berig vra of daar enige waarde geheg moet word aan sy politieke leerstellings: "Die plattelander wil hy voer na 'n republiek waarvan die president die staatshoof sal wees, maar die stedeling wil hy weer voer na die Britse troon, om daar hulde en trou te gaan sweer aan 'n vors wat die Afrikaner se taal nie kan praat nie, wat nie in sy land woon nie en vir sy nasionale en kulturele strewe niks kon voel nie."<sup>195</sup>

Die Sunday Times van 27 Maart 1938 berig dat Kemp se republikeinisme 'n aantal mense gehinder het. Die berig meld: "I have said before - and I say it again - that this Republican nonsense is unnecessary, and it brings no votes to the United Party on the platteland. It is also annoying .. General Kemp, as he himself has so readily admitted, has given up the idea of fighting for his Republic. In those matters he is a pure sentimentalist,

---

<sup>192</sup> ibid.

<sup>193</sup> ibid.

<sup>194</sup> ibid.

<sup>195</sup> ibid.

living somewhat romantically among the forgotten splendours of the past. He is, after all, an ex-Republican General. To him there is still something of the Golden Age about his lingering Republican memories ...But to pretend that General Kemp is guiding this country toward a new Republic is to ignore the facts and to do a grave injustice to the intelligence of General Kemp."<sup>196</sup>

The Cape Times van 13 April 1938 berig onder die opskrif "Republicanism by Gradualness": "In 1928 Genl. Hertzog had said that the Empire and Commonwealth were no more than mere names, and on April 5, 1938, General Kemp at Humansdorp had said that the bogey of the British connection was not founded on fact."<sup>197</sup> Hieruit blyk dit dat Kemp se uitsprake verwarring ook by Engelssprekendes te weeg gebring het.

Tydens 'n openbare vergadering op 14 April 1938 te Potchefstroom, het Kemp verklaar dat hy sou verseg om weer 'n enkele skoot vir 'n republiek af te vuur. Die uitlatings was begroet met uitroepe van: "Jy is bang."<sup>198</sup> Toe hy uiteindelik toegelaat was om weer iets te sê, het hy die sewe punte van koalsie behandel en die vraag gestel of die punte, wat goed genoeg was by die ondertekening van die vredesverdrae, dan nie goed genoeg was by Samesmelting nie - naamlik die handhawing van vrede.<sup>199</sup> Te Parktown-Noord op 21 April 1938, het Hofmeyr gesê dat die Regering nog nooit daaraan gedink en ook nooit daaraan sal dink, om enige van die voorregte wat verbonde is aan ons gemeenskaplike status as Britse onderdane prys te gee nie. Die Regering sal die benadering net so behou. In verband met die republikaanse het hy gesê dat Kemp miskien nog die republikaanse sentiment koester, maar dat hy goed beseft het dat die volk van Suid-Afrika nie 'n republiek wou hê nie.<sup>200</sup>

In Mei 1938 tydens 'n vergadering op Blesiesvllel, het mnr. J. Mommsen van Lichtenburg aan Kemp gevra of Suid-Afrika, in geval Engeland in 'n oorlog met 'n ander land betrokke sou raak, neutraal sou bly? Kemp het gesê "ja", indien die Parlement sou besluit het om neutraal te bly.<sup>201</sup> Voorts het Mommsen aan hom gevra wie Simonstad moes verdeel, waarop Kemp geantwoord het dat dit die plig van Suid-Afrika was. Hierop het

<sup>196</sup> VP-argief, korrespondensie D 1932-1940, berig in Sunday Times, 27.3.1938.

<sup>197</sup> The Cape Times, 13.4.1938.

<sup>198</sup> Die Transvaler, 15.4.1938.

<sup>199</sup> Ibid., 18.4.1938.

<sup>200</sup> Ibid., 22.4.1938.

<sup>201</sup> J.G. Strijdom-versameling, band 156, p.256.

Mommsen gevra dat Indien Suld-Afrika neutraal was, en terselfdertyd SImonstad sou verdedig, sou die land wat met Engeland in 'n oorlog betrokke was, nie die reg gehad het om die res van ons kuslyn aan te val nie? Volgens Kemp was dit onmoontlik.<sup>202</sup>

As groot voorstander van die demokratiese regeringsbeginsel, het Kemp op 24 Junie 1939 te Christiana tydens 'n vergadering in die stadsaal, gesê dat 'n republiek alleen verkry kon word deur of 'n oorlog en dan sou die kinders en vrouens ly; of deur die volkswil; maar die suurdeeg moet deurtrek en so gou as wat die volk 'n republiek wou gehad het, kon hulle dit kry.<sup>203</sup> Hy was steeds van oortuiging dat die volkswil deurslaggewend moes wees.

Die Transvaler van 8 April 1939 het 'n brief geplaas van mnr. C.J.S. Lombard, Devona-distrik Ladysmith, waarin hy meld dat hy Kemp nie Juls bejammer nie, omdat hy die weg na 'n republiek deur die Verenigde Party soek nie, maar dat daar op die pad van die Verenigde Party nie so iets is nie. Hy bejammer hom omdat hy kort-kort in botsing was met sy "base".<sup>204</sup> Die brieffskrywer meld voorts dat indien jy aan elke minister afsonderlik sou vra wat die Unie se beleid was ingeval Engeland in oorlog betrokke sou raak, sou elkeen 'n ander storie hê: "'Ons maak soos ons in 1914 gemaak het', sal genl. Smuts sê. 'Engeland se belang en veiligheid is ook ons belang en veiligheid', sal min. Clarkson sê. 'Die Volksraad sal besluit,' sal genl. Kemp sê. 'Die Kabinet sal besluit,' sal min Fourie sê. 'Deur middel van die volk sal die Parlement besluit,' sal genl. Hertzog sê. 'Die Regering sal besluit.' Sal min Havenga sê. 'Die volk sal gevra word om te besluit,' sal 'n ander sê."<sup>205</sup> Volgens hom was dit duidelik dat daar net soveel beleide oor dieselfde saak was, as wat daar ministers in die Kabinet was. Op Saterdag 3 Mei 1931 het Kemp 'n vergadering op Bethlehem bygewoon. Tydens die vergadering het mnr. R.A.T. van der Merwe Kemp uitgevra oor sy republikanisme. Kemp het hom geantwoord dat hy nog 'n republikein in sy hart was en dat die Verenigde Party konstitusie nie sy lede verbied het om te agitêr vir 'n verandering in regeringsvorm nie.<sup>206</sup>

Tydens 'n toespraak te Ficksburg op 5 Junie 1939, het Kemp gesê die Nasionaliste was die grootste vyand van die Republiek, wat alleenlik verwesenlik kon word indien 90%

<sup>202</sup> Ibid.

<sup>203</sup> Die Transvaler, 26.1.1939.

<sup>204</sup> Ibid., 8.4.1939.

<sup>205</sup> Ibid.

<sup>206</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 19, ongepagineerd.

van die bevolking ten gunste van die verandering in regeringsvorm stem. Deur die Verenigde Party te probeer breek, die Engelssprekende te vervreem, het die Nasionale Party volgens hom groot skade aan die republikeinse ideaal aangerig. Voorts het hy gesê dat dié wat 'n republiek verlang, by die Verenigde Party sou moes aansluit en sodoende die party te verander ten opsigte van republikaansme. Hy het herhaal dat die Regering nie tot 'n oorlog sou toetree tensy die land aangeval word nie.<sup>207</sup>

Tydens 'n vergadering op Potgietersrus op 28 Julie 1939, het Kemp in sy toespraak uitgeroep dat "die Afrikaanse volk 'n vry volk is met 'n eie vlag, wat wil hulle dan meer hê?"<sup>208</sup> Die Transvaler op 31 Julie 1939 berig, dat deur so 'n vraag te stel toon Kemp op oortuigende wyse dat hy totaal uit voeling was met die nasionale aspirasies van die Afrikaanse volk. Die beriggewer stel dit: "Die Afrikaner is in murg en been republikein en voel dat hy alleen onder dergelike regeringsvorm hom ten volle kan uitleef."<sup>209</sup> Die berig meld verder dat om die ideaal te bereik, daar nog baie bande met Brittanje is wat verbreek moes word en dat Kemp blykbaar te vrede was met die omstandighede, insluitende die bande - of hy maak of hy dit nie raaksien nie? Teenoor Kemp se opmerking in sy toespraak dat "die Afrikaanse volk 'n vry volk was....", meld die berig dat Kemp nie vir sy volk vertel het hoe vry hulle was nie.

Oor die "vryheid" van Kemp maak die beriggewer stellings naamlik: Die eerste was die bande met die Britse Kroon; dit pas tog seker nie by die "vrye volk" van Kemp om 'n staatshoof te hê wat in 'n ander land woon en die taal van die Afrikaner nie kan praat of iets vir sy nasionale aspirasies voel nie. Hy stel voor dat daar in die plek daarvan 'n staatshoof moet kom wat uit die volk en wat deur die volk self gekies word. In die tweede plek was dit 'n onding dat die lede van Kemp se "vrye volk" nog steeds met die Britse onderdaanskap opgeskeep sit, soos slegs 'n paar maande gelede geblyk het, behou die Britse regering hom die reg voor om selfs Afrikaners wat in Engeland woonagtig is, vir militêre diens op te roep as hy wil. Die beriggewer wil dat die Afrikaner van hierdie Britse burgerskap bevry moet word.<sup>210</sup> In die derde plek moes Kemp se "vrye volk" se gereghowe bevry word van die reg wat die Britse Geheime Raad het, om beslissing omver

<sup>207</sup> The Friend, 7.6.1939.

<sup>208</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 8, berig in Die Transvaler, 31.7.1939.

<sup>209</sup> Ibid.

<sup>210</sup> Ibid.

te werp. "Geen soewereine staat ter wêreld sal so iets duid nie, behalwe wanneer 'n mens behop is met so 'n minister se idee van vryheid," word beweer.<sup>211</sup>

In die vierde plek behoort dit nie nodig te wees vir Kemp se "vrye volk" om die Britse vlootbasis by Simonstad teen vyandelike aanvalle te verdedig nie, aangesien sy kollega minister Fagan self eenmaal verklaar het dat hierdie toestand die Unie in 'n oorlog kan sleep teen sy wil.<sup>212</sup> Die koerant meld ten slotte dat dit net 'n paar van die bande was wat geknip moes word, voordat Kemp met reg sy volk "vry" kon noem.<sup>213</sup>

In 'n boodskap aan lede van die Verenigde Party in die Transvaal op 28 Augustus 1939, het Kemp as voorsitter van die Bestuurskomitee van die party, gemeld dat as gevolg van die spesiale sitting van die Parlement die Partykongres wat 5 - 7 September 1939 in Johannesburg sou plaasvind, uitgestel moes word. Alle reëlings vir die kongres sou oortaan tot 'n latere datum. Kemp het aan die lede geskrywe dat hulle nie onnodig onrustig moes wees oor die byeenroep van die spesiale sessie van die Parlement nie. Hy het gemeld: "It is true that world conditions are very serious. Although all of us hope that there will be a peaceful solution it is possible that we may be disappointed. Nobody knows where it is all leading to and when the worst may happen."<sup>214</sup>

Volgens hom was dit die beleid van die Regering om Suid-Afrika uit Europese skermutselings te hou. Hy het gesê dat die Kabinetslede telkemale vantevore verklaar het dat die Unie alleenlik aan 'n oorlog sou deelneem, indien dit tot die punt sou kom wanneer die Parlement sou besluit dat Suid-Afrika se belange alleen in gevaar gestel word en dat daar geen ander uitweg was as om die belange met die wapen te beskerm nie. Hy het versoek dat volle vertroue in die Parlement gehandhaaf moes word en dat hulle die land uit die oorlog sou hou solank die land se belange nie in gevaar gestel was nie.<sup>215</sup> "Those who want to interpret this as a precautionary step to partake in a European war are very much at fault. If war should come the provision the Government is now making even be necessary to keep us out of such a struggle",<sup>216</sup> het Kemp geskrywe. Ten slotte het hy

---

<sup>211</sup> Ibid.

<sup>212</sup> Ibid.

<sup>213</sup> Ibid.

<sup>214</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 159, berig in The Star, 28.8.1939; J.C.G. Kemp, pp. 432-433.

<sup>215</sup> Ibid.

<sup>216</sup> Ibid.

gemeld: "... I wish to express the fervent hope that the world may even at this juncture be saved from the disasters of war."<sup>217</sup>

Strijdom skrywe op 28 Augustus 1939 aan C.R. Swart: "Moet ons gaan oorlog maak om Duitsland te belet om terug te kry wat van hom met geweld geneem was? Ou maat die hare sal spat, veral Pirow s'n, met die sitting van Saterdag af!!! Ek verlustig my al by-voorbaat daarin. En moet nie praat van Jan Kemp nie!"<sup>218</sup>

Die Natal Witness van 31 Augustus 1939, in 'n hoofartikel, verklaar dat dit ongelukkig was dat Kemp in sy skrywe aan die lede van die Verenigde Party in Transvaal, praat van "Europa se rusies."<sup>219</sup> Volgens die blad was dit dwaas om die Europese toneel met afgesonderdheid te bejeën, aangesien alles wat in Europa gebeur ook die Suid-Afrikaanse volk geweldig geraak het. Die berig meld dat lewensbeginsels op die spel is en as die beginsels in hierdie tyd ten gronde gaan, sal dit 'n hervorming van Suid-Afrika se binne-landse - en buitelandse beleid ten gevolge hê.<sup>220</sup> Die blad berig voorts dat Kemp se beskrywing van die Europese toestand vir geen intelligente persoon tot nut kan wees nie. Die blad vervolg deur te sê dat net soos die Engelsman in Engeland, moet die Engelsman aihler, berus het by die beslissing van die volk se hoogste wetgewende liggaam. "Dit is geen akademiese saak vir 'n konstitusionele debat of rughaarklowery nie. Wat ons betref het ons nooit enige twyfel gehad oor wat van die onsydige vraagstuk sal word nie. Suid-Afrika sal nie toegelaat word om onsydig te bly nie. Hy sal moet veg, nie om Engeland se bestaan nie, maar om sy ele", lul die berig.<sup>221</sup>

Tydens die Verenigde Partykongres in September 1939, het Kemp in sy openingsrede oor die neutraliteitskwesle gesê dat niemand van hulle die volk in 'n oorlog wil sleep nie, maar dat geen verantwoordelike leier mag toesien dat sy volk deur 'n vyand platgetrap word nie. Hulle bly dus neutraal solank moontlik in enige oorlog wat sou kom. Alleen die aard en omvang van enige oorlog sal moet bepaal of hulle daarin betrokke sou wees en dat daar tot op daardie stadium nog geen tekens was dat hulle in 'n oorlog betrokke sou raak nie.<sup>222</sup>

<sup>217</sup> Ibid.

<sup>218</sup> Ibid., Band 50, brief van C.R. Swart aan J.G. Strijdom, 28.8.1939.

<sup>219</sup> Natal Witness, 31.8.1939; Die Burger, 31.8.1939.

<sup>220</sup> Ibid.

<sup>221</sup> Ibid.

<sup>222</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, Generaal Kemp se openingsrede by die VP-kongres.

Die vraag wat na vore kom is of die eens geharde republikein Jan Kemp 'n ommekeer gedoen het? Interessant om te sien dat heel gou na Samesmelting, sommige Afrikaners reeds veroordelend teenoor Kemp gestaan het. Reeds op 1 Oktober 1934 het mnr. L.D. de Jager, van Deelfontein in die Carnarvon distrik, aan L. Esselen by die Suid-Afrikaanse Party se hoofkantoor geskryf en hom gevra waarom hulle Kemp na dié dele van die land wou stuur? Volgens De Jager was Kemp een van die ongewildste persone onder die Natives aldaar.<sup>223</sup>

As verklaring vir Kemp se optrede kan aanvaar word dat sy lojaliteit teenoor Hertzog en die party tot sy optrede aanleiding gegee het. Hy was 'n man wat wanneer hy sy lojaliteit teenoor 'n persoon of party gegee het, hy onwrikbaar daarby gestaan het. Met Samesmelting was dit logies dat die republikeinse verwagtinge van die Nasionale Partylede sou verander, aangesien hulle 'n "politieke huwelik" met imperialiste en anti-republikeine aangegaan het. Ter wille van die werkbaarheid van die Samesmelting, was hy gevolglik verplig tot 'n meer gematigde siening oor die beginselsaak, veral ten opsigte van die Engelssprekendes. Kemp was blykbaar 'n pragmatist.

Vir Kemp self, kan daar twyfel bestaan of hy werklik die republikeinse ideaal op 'n sy-spoor gestoot het. Diep binne in sy wese en karakter was hy 'n nasionals en geharde republikein. Hy was egter van politieke oortuiging vanaf 1934, dat die hell van Suid-Afrika binne die Verenigde Party bereik kon word, aangesien, hy sedert die Rebelle, altyd 'n voorstander daarvan was, dat die meerderheid van die volk daarvoor moes beslis. Gevolglik het hy dan ook, tot argwaan van mede-partygenote, van tyd tot tyd aan sy republikeinse gevoelens uiting gegee. So byvoorbeeld het Smuts na sy republikeinse opmerkings as 'n grap verwys.

Dit dien daarop gelet te word dat hy in 1937 in die Oos-Vrystaat met groot beslistheid verklaar dat hy nog 'n republikein is. Gevolglik was sy aandrang op demokrasie die deurslaggewende beginsel in sy optrede. Die naderende Europese oorlog van 1939 het sekerlik ook 'n invloed gehad op sy siening, aangesien deelname aan so 'n oorlog weer eens sy emosies van 1914 na vore sou bring. Dit is dus te betwyfel of sy republikeinse ideaal verflou het, omdat hy gereeld in die openbaar verklaar het dat hy onder 'n repu-

---

5 September, 1939.

<sup>223</sup> VP-argief, korrespondensie D1032-1940, brief van L.D. de Jager aan Louis Esselen, 1.10.1934.

bilkeïnse vlag gebore was en graag onder één sou wou sterf. Eerder kan gekonstateer word dat sy siening in verband met die bereiking daarvan verander het - vanaf militaris na politikus.

### 7.7 Kemp maak voorspraak vir 'n staatslotery

In Junie 1937 het Kemp te Fochville, 'n pleidooi gelewer vir 'n staatslotery. Volgens Die Burger van 18 Junie 1937 was dit 'n onverantwoordelike en onkundige pleidooi van Kemp, omdat hy as kabinetslid die beleidsverklaring teen staatslotery behoort eerbiedig het. Die dagblad beskou dit as onkundig, omdat hy aan die publiek denkbeeldige voordele voorgehou het. Hulle beskryf dit as dwaasheid om voor te gee dat Suid-Afrika met 'n staatslotery groot bedrae vir paale, hospitale en hoër onderwys sou kon insamel. Die koerant het Kemp aangeraai om voordat hy verder gaan met die voorlegging van sy "staatslotery-droombeelde" aan die volk, hy eers 'n berekening moes doen. Voorts meld die berig dat die Ierse-Vrystaat, Suid-Rhodesië en Mosambiëk alreeds sulke loterye gehad het en as Suid-Afrika nou sou meedoen, was daar 'n bodemlose sak waaruit die publiek sou kon dobbel.<sup>224</sup>

Die vraag is gevra of Kemp werklik wou gehad het dat die Unie ter wille van 'n staatsinkomste van £500 000 per Jaar, moet meehelp met die ondermyning van die volkskarakter en met die verspreiding van 'n verderflike gees dwarsdeur die land?<sup>225</sup> Die dagblad meld dat alhoewel Kemp aangevoer het dat perdewedrenne en hondewedrenne baie ernstiger vorms van dobbelary was as wat 'n staatslotery ooit kon wees, hy nie die een was wat probeer verhinder het dat lisensiering van hondewedrenne in Transvaal uitgehou word nie,<sup>226</sup> en stel voor dat Kemp hard oor die kneukels geraps behoort te word wanneer hy na Pretoria terugkeer.<sup>227</sup>

In 'n onderhoud met die Pretoriase verteenwoordiger van Die Burger het J. Hofmeyr verklaar dat hy nie alleen om sedelike redes teen 'n staatslotery beswaar gehad het nie, maar ook om finansiële redes. Hy het 'n lotery as 'n ongesonde basis vir 'n staat se finansies bestempel.

<sup>224</sup> VP-argief, koerantui knipsels; Die Burger, 18.6.1937.

<sup>225</sup> Ibid.

<sup>226</sup> Ibid.

<sup>227</sup> Die Burger, 21.6.1937.

Jan Kemp maak voorspraak vir n staatslotery.



Bron: Die Burger, 2.6.1937, Woensdag.

Reeds op 11 Maart 1934 het Hofmeyr in 'n toespraak te Woodstock gesê: "Daar sal in Suid-Afrika geen staatslotery wees, tensy die volk dit soseer verlang dat hy die politieke leiers die wildernis Instuur nie." Volgens hom het die staat dit as 'n ewel beskou en dat dit baie nadelig sou wees vir die individu. Hy het verwys na 'n voorstel wat H. Reitz op 13 Februarie 1934 Ingedien het en wat die Instelling van 'n staatslotery beoog het. Op 5 Maart 1937 toe die voorstel bespreek was, was die verdagting van die debat met 33 teen 29 stemme aangeneem,<sup>228</sup> 'n aanduiding van die onaanvaarbaarheid daarvan. Op 25 Junie 1937 het Kemp te Warmbad tydens 'n vergadering, weer sy vertroue in staatsloterye herhaal en daarop gewys dat groot somme geld jaarliks die Unie verlaat om ander lande te help om paale en hospitale te bou en hulle algemene voorspoed aan te help. Hy het voorts gesê dat daar onder die ou Republieke se regerings drie loterye was en pres. Kruger, wat 'n godsdienstige leier en vooraanstaande staatsman was, sy goedkeuring daaraan geheg het. "Ek kan julle die versekering gee dat ek alles in my vermoë sal doen om te sien dat staatsloterye in die Unie ingestel word,"<sup>229</sup> het hy onder luide byvalsbetuiging verklaar.

Die politieke denkrigting van die meeste politici in Suid-Afrika was egter op die tydstip nie ten gunste van sy 'n staatslotery nie. Enersyds het die godsdienstige waardes nog 'n groot invloed gehad en andersyds was die ekonomiese klimaat nie goed nie, aangesien baie mense daardeur nog verder verarm kon word. Gevolglik het die saak skipbreuk gely. Die vraag kan gestel word of Kemp nie verslende was nie? Hy het die nodige finansiering van onderwys, paale en gesondheidsdienste beoog uit die Inkomste van 'n staatslotery. Sodoende sou die breër bevolking daarby baat en sou dit nie ekstra druk op die belastingbetaler geplaas het nie. Vir die konserwatiewe beleidmakers was hierdie standpunt te vergesog en was daar eerder gewys op die gevare en die voordele daarvan nie in berekening gebring nie.

#### **7.8 Kemp die republieke en anti-Imperialis binne die Verenigde Party - sy optrede wek vertwyfeling by 'n groot aantal kiesers**

Die "saamgeflanse" Verenigde Party regering, het vanaf 1934 sy onsekere gang gegaan. In die Kabinet was nie meer Afrikaans gepraat nie, omdat verskeie van die Smutsmanne Afrikaans nie verstaan het nie. 'n Republieke soos Kemp en 'n aartsimpe-

<sup>228</sup> *Ibid.*, 12.3.1934.

<sup>229</sup> *Ibid.*, 26.6.1937.

rialls en voormalige Unionis Patrick Duncan, het nou in een juk saamgetrek.<sup>230</sup> In die Volksraad het die voormalige Boere-generaals, soos Kemp en mnr. Conroy, die Malanlike te met 'n diep haat en wrewel "vervolg".<sup>231</sup> Vyftig Jaar van bitterheid in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika sou volg.

Tydens 'n Afrikanerdag op 3 November 1934 in Johannesburg, het Kemp in 'n toespraak teenoor die "Jukskelbrekers" gesê dat hulle graag wou saamwerk, maar dat hulle moed hulle begewe. Hy het gesê hy glo dat gesonde verstand sou seëvier en dat hulle nog van gesindheid sou verander. Volgens hom sou hulle tot besinning kom indien gevaar kom: "Dis goed om 'Wolf, Wolf' te skreeu, maar dis nog beter om die wolf te kom help doodmaak."<sup>232</sup> Vervolgens het hy beweer dat die Iefde en opofferings wat die leiers in die verlede beslel het, hulle nog steeds beslel het. Hy het gevra of die mense dink dat hulle wat die Anglo-Boereoorlog en Rebelle deurveg het, skande op hulself sou bring.<sup>233</sup> Hy het die volk gewaarsku teen die mense wat eers wou oorlog maak, nadat daar vrede gesluit was. "Vandag is dit brood en botterpolitiek wat ons moet hê - ons ideale van onafhanklikheid het ons bereik," het hy verweer.<sup>234</sup>

Die Land en Volk berig op 9 Januarie 1935 onder die opskrif "Profeties", dat Malan tydens sy toespraak by die Strand na 'n funksie van die Verenigde Party in Bloemfontein verwys het, waar geskenke aan verskeie leiers van die twee voorheen bestaande partye gegee was en gesê: "Kemp - 'n silwer inkpot as voorteken dat hy sy bedanking as minister sal moet uitskryf."<sup>235</sup> Op 18 April 1935 het Kemp 'n vergadering saam met dr. W.P. Steenkamp op Vermulsklip bygewoon. Na die vergadering was daar 'n mosie aangeneem waarin Kemp bedank was vir sy teenwoordigheid en 'n absolute wantroue in Samesmelt-ing.<sup>236</sup> Spoedig hierna het Kemp besliste teenkanting op verskeie vergaderings in die Wes-Transvaal gekry. Op 25 Mei 1935 te Lichtenburg was daar 'n mosie van vertroue in die generaal aangeneem met 230 stemme teen 227.<sup>237</sup> Op dieselfde dag het 'n droewige ondervinding hom op 'n vergadering in die kiesafdeling Christiana te beurt geval, toe 'n mosie van wantroue in hom met 'n besliste meerderheid van stemme aangeneem

<sup>230</sup> J.L. Basson, p.141.

<sup>231</sup> Piet Meiring, Vyftig jaar op die voorblad, p.54.

<sup>232</sup> Die Vaderland, 6.11.1934.

<sup>233</sup> Ibid.


<sup>234</sup> Ibid.

<sup>235</sup> Land en Volk, 9.1.1935.

<sup>236</sup> Die Burger, 22.4.1935.

<sup>237</sup> Ibid., 27.5.1935.

**Jan Kemp: Sy vergoeliking van Jan Smuts en die Verenigde Party - veroorsaak ontevredenheid.**



**Bron: Die Burger, 20.6.1934, Woensdag.**

was. Die mosie was 'n aanklag van verraad en wantroue teen Kemp en het soos volg gelui: "Dit doen ons as reggesinde Afrikaners leed om 'n mede-Afrikaner in kennis te stel dat ons hom nie meer as sodanig vertrou nie. Hierdie vergadering kan na aanleiding van u handelswyse in die jongste verlede, vir sover dit Samesmelting betref, niks anders doen nie ... U het moeg geword vir die stryd om soewereine onafhanklikheid, en u het 'n knie voor die Imperiale Baäl gaan buig. U het u gaan skaar aan die kant van die sogenaamde beskermer van klein nasies, in plaas van saam met ons en duisende ander te help om die vaandel van nasionalisme hoog te hou. U is deur die imperiale stroom weggevoer en het samerotting met die aartsvyande wat die Afrikanervolk nog altyd beveg het en aan wie ons duur offerandes in bloed betaal het. Twintig Jaar lank het u saam met ons geveg om die Nasionale Party op te bou en dit te bring waar dit in 1932 was. Vandag breek uself, u en ons handewerk af. Daardie ou Nasionale beginsels is nie meer vir u goed genoeg nie, en u het daardie hele tyd of in onkunde aan die stryd deelgeneem, of u het moeg geword. Om watter rede ook, u het u gaan skaar aan die kant van 'n seksle by wie die heil van die Afrikanervolk niks weeg nie...."<sup>238</sup>

Daar het 'n doodse stilte geheers terwyl die mosie voorgelees was. Nadat dit aangeleem was het Kemp gesê hy skud dit van hom af soos 'n eend water van sy rug afskud. Waar hy so 'n prominente politieke leier in die Wes-Transvaal was, kan 'n mens aanneem dat hierdie terloopse opmerking sekerlik nie Kemp se innerlike Afrikaner wees weerspreek het nie. Dit was ook so dat Kemp fyngewoellig was vir kritiek en dan daarna met alle mag van die woord "gestorm" het. Maar tog gebeur dit nou nie. Die vraag ontstaan of hy werklik so ongeërg gestaan het teenoor die gebeure, dat dit tog nie sy bindeste geraak het nie. Dit was sy mense - Wes-Transvalers, dié wat saam met hom in die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie en politieke stryd vanaf 1920 gevoer het teen die Britse imperialisme en vyande van die Afrikanervolk. Aan die ander kant het sy onwankelbare geloof in die toekoms van sy land hom onversetlik laat stry en op die tydstip het hy geglo dat "saamstaan" tot voordeel van Suid-Afrika sal strek.

As voorbeeld van die stelling word verwys na 'n vergadering te Moorreesburg op 8 Oktober 1937. Tydens die vergadering is 'n mosie van volle vertroue in die Nasionale Party en een van wantroue in die Regering, met 'n verpletterende meerderheid aangeneem. By die aanvang van die vergadering het Kemp die aanwesiges die versekering gegee dat hy

<sup>238</sup> *Ibid.*, 28.5.1935.

as 'n vredesapostel optree, en nie as 'n oorlogvoerende nie.<sup>239</sup> Tydens sy toespraak het hy 'n moeilike passaat gehad met sy lofbetuiging van Smuts, wat hy bestempel het as 'n groot seun van die land, sy verklaring oor vryheid, neutraliteit, status en samewerking deur 'n see van tussenwerpsels.<sup>240</sup>

Op 29 November 1935 te Nylstroom het Kemp, een van die grootste politieke vergaderings wat daar nog aldaar plaasgevind het, toegespeek. Hy het na die bestaande politiek as "bloot tegnies" van aard verwys.<sup>241</sup> Hy het daarop aangedring dat dit in belang van die Afrikaner nie geheimsinnig gemaak word nie, aangesien 'n mosie van wantroue nie die oorwinning by die stembus besorg nie. Kemp het gesê dat daar nog bittereinders was en opgemerk dat hyself ook 'n bittereinder was, maar dat hy verstandig geword het.<sup>242</sup> Volgens hom was daar te veel rusie gemaak, maar dat daar 'n periode van vrede in Suid-Afrika heers, soos nog nooit voorheen in die geskiedenis van Suid-Afrika nie. Hy het gewaarsku dat Indien hulle nie saamstaan nie, die Afrikaners die slegste daarvan sal afkom. Hy het gevra wie die meerderheid besit, die Afrikaners of die Engelse? "U kan self oordeel wat sal gebeur as ons volhard in hierdie verdeeldheid",<sup>243</sup> het hy gewaarsku. Volgens hom het hy en Strijdom, Volksraadslid vir Waterberg, dieselfde doel voor oë gehad, maar Strijdom se ideaal was volgens hom nie uitvoerbaar nie. Aan die einde van die vergadering was daar 'n mosie van wantroue in die Regering aangeneem.<sup>244</sup>

In 1937 het die Verenigde Party sy beleid ten opsigte van bande met Brittanje neergelê, naamlik: "Die party verklaar sig ten gunste van die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies en sy samewerking met ander state daartoe behorende, onderworpe ewewel daaraan dat geen afbreuk geskied aan die status van die Unie, en dat geen buitelandse verpligtinge aanvaar word in stryd met die belange van die Unie."<sup>245</sup> Die bestaande verhouding waarna verwys word was niks anders as die soewereine onafhanklikheid soos neergelê in die Statuut van Westminster (1931) en bekragtig in die Statuswette (1934) nie.<sup>246</sup> 'n Saak waarmee Kemp hom vereenselwig het.

<sup>239</sup> Ibid., 9.10.1937.

<sup>240</sup> Ibid.

<sup>241</sup> Die Transvaler, 30.11.1935.

<sup>242</sup> Ibid.

<sup>243</sup> Ibid.

<sup>244</sup> Ibid.

<sup>245</sup> Sentrale Hoofbestuur van die VSANP, Gesuiwerdebewerings werclê, p.3.

<sup>246</sup> Ibid.

**Jan Kemp: Sy republikeinse verwysings as lid van die Verenigde Party, deur Jan Smuts as 'n grap afgemaak.**



**Bron: Die Burger, 20.1.1937, Woensdag.**

Dit wil voorkom of die Smuts-Kemp stryd teen begin 1937 nog nie werklik iets van die verlede was nie. 'n Stryd van persoonlikhede wat sedert die Anglo-Boereoorlog, die Rebelle en in die politiek vanaf 1920 tussen die twee politici bestaan het. 'n Persoonlike stryd wat enduit sou bly, tot en met Kemp se dood op 31 Desember 1946. Op 26 Januarie 1937 berig Die Burger dat nadat Kemp met sy republikeinse praatjies rekrute vir die Smeltersparty probeer werf het, die adjunk - Eerste Minister in sy gesig verklaar het dat hy daardie poging as 'n grap beskou. Voorts word daar berig dat gedurende die eerste twee weke van die Volksraadsitting, elke saak wat behandel was, die regerende party hopeloos verdeeld was en verplig was om "potslerlike bokspronge" uit te voer, en dat die Unionisteseksie elke keer hulle sin gekry het.<sup>247</sup>

Kemp het op 16 Januarie 1937 te Warmbad in 'n toespraak verklaar dat hy nog sy hele lewe deur 'n eerbare weg gevolg het, en indien dit vir hom nodig sou word om die Verenigde Party te verlaat, sou hy dit doen, "maar ek sal nooit by die Nasionale Party, soos hy nou is, aansluit nie."<sup>248</sup> Hierdie antwoord het hy gegee op 'n vraag of daar waarheid in die gerug steek dat hy van voornemens was om die Verenigde Party te verlaat. In Mei 1937 het Kemp en D. Reitz 'n toer gesamentlik deur die Oranje-Vrystaat onderneem en elkeen het toesprake gehou, basaars en dies meer bygewoon. "Whether we did any good I cannot say, but it was a monstrous programme and a severe physical strain on both of us,"<sup>249</sup> het Reitz daarna verklaar. Weer eens 'n bewys van Kemp se vermoë om saam te werk met enige partylid.

In Oktober 1937 te Boschpoort naby Klerksdorp, het Kemp 'n vergadering bygewoon. Interessant dat een oubaas 'n kampbed en reisdeken saamgebring het en naby die spreker aan die slaap geraak het. Die vergadering was gekenmerk deur 'n uitstekende gesindheid, wat tewens 'n kenmerk was van die ander politieke vergaderings tydens die tussenverkiesing.<sup>250</sup> Tydens vraetyd het Kemp die oortuigling uitgespreek dat hy nog baie jare in die Kabinet sou wees, omdat "die Regering weet dat ek nodig is in diens van die volk en die land."<sup>251</sup> 'n Tekenende opmerking van Kemp wat inderdaad so deel van sy persoonlikheid - "In diens van sy land en volk."

<sup>247</sup> VP-argief, koerantuitknipsel; Die Burger, 26.1.1937.

<sup>248</sup> Die Burger, 17.2.1937.

<sup>249</sup> D. Reitz, No Outspan, p.206.

<sup>250</sup> Die Transvaler, 20.10.1937, verslag van vergadering op 19 Oktober 1937.

<sup>251</sup> Ibid.

Hertzog het aangekondig dat op 5 Mei 1938 'n algemene verkiesing gehou sou word. Vir die Verenigde Party was die verkiesing op 'n goeie tydstip, aangesien des ondanks die onenigheid in die gelede, die ekonomiese oplewing sedert die depressie as 'n politieke hefboom gebruik kon word.<sup>252</sup> Die probleem vir Kemp was dat hy in die verkiesingstryd van 1938 op verskeie politieke vergaderings hewige teenstand ondervind het. Dit was asof hy deur sy mede-Afrikaners van verraad aangekla was. In 'n onderhoud met Die Burger het Kemp in Februarie 1938 gesê dat daar op daardie tydstip nie meer Sappe of Nattes was nie. "Vandag kyk ons nie na die geskille van die verlede nie," het hy gesê.<sup>253</sup> Teenstrydig met die stelling van Kemp, het hy op 11 Maart 1938 in die Volksraad teen ds. C.W.M. du Toit, die Nasionale Party en die Kerk in uiters beledigende taal uitgevaar. Die optrede van hom het selfs sy kabinetskollega, Smuts, dlepp geraak. Smuts het met gepynigde gelaatstrekke na sy kollega gesit en lulster. Hy self sou later die aand 'n belangrike toespraak gelewer het oor die toestand in Europa. Na die vertoning van Kemp en die stemming waarin die Raad gesleep was, het hy ontevrede uitgestap en toe hy deur iemand in die gang gevra was of hy dan nie meer sy verklaring sou doen nie, het Smuts ongeduldig geantwoord: "Moet ek na dit praat?"<sup>254</sup> - en hy het nie gepraat nie. Die gevolg was dat 'n hele aantal Smelterslede in die wandelgange hul misnoeë te kenne gegee het met Kemp - Dit was weer 'n "never mind the consequences" optrede van Kemp.

Die Burger op Maandag 14 Maart 1938 berig, onder die opskrif " 'n Emmer Modder", dat die Smelter politiek panikerig word en as rede is verwys na Kemp se optrede in die Volksraad, "op 'n wyse wat 'n minister onwaardig is en wat die Volksraad tot oneer strek."<sup>255</sup> Voorts meld die berig dat die smeltery 'n mislukking was en beweer dat dit die vrug van 'n politieke geknoel was, 'n klompie politiek hul setels laat behou het, maar volgens was dit tot voordeel alleen van die twee magte wat dit tot stand gebring het, naamlik Hoggenhelmer en die Imperialiste. Die beriggewer meld verder dat Samesmelting by 'n deel van die volk hoë verwagtinge geskep het, maar die resultaat was teleurstellend: "Vinnig dring dit by die volk deur dat uitkoms alleen geleë daarin is dat van hierdie regering ontslae geraak en die Nasionale Party aan bewind geplaas word. Dit maak die Moegkommando panikerig. Veral geld dit vir die oud-Smelters. Hulle beseft

<sup>252</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.126.

<sup>253</sup> Die Burger, 7.2.1938.

<sup>254</sup> Ibid., 14.3.1938; Debate van die Volksraad, 11.3.1938, kolom 533.

<sup>255</sup> Ibid.

dat op hulle die oordeel van die volk eerste gaan val... Vandaar 'n uitbarsting soos dié van Kemp verlede Vrydag."<sup>256</sup>

Die berig meld verder dat dit selfs vir die mees onoplettende kieser moes opval, hoe die oud-Nasionale Smelter politikus se vernaamste wapen 'n emmer modder was en meld ook dat die optrede "'n openbaring van magtelose woede en van politieke bankrotskap - woede omdat hulle politiek bankrot is om die argumente van die Nasionale Party te weerlê."<sup>257</sup> Die berig beweer verder dat hoe nader die stembag kom, des te erger die Smelters politici hul teenstanders sou probeer swart smeer, des te roekeloser sou hulle met modder gooi en stel dit duidelik dat die kieser wat sy verstand gebruik, weet dat hy nie sy vertroue kan stel in politici wat geen beter verdediging het as skeltaal nie - in politici wie se vernaamste argument 'n emmer modder is nie.<sup>258</sup>

Kemp se aandeel in bogenoemde soort van optrede het tot gevolg gehad dat hy mosies van wantroue tydens vergaderings op die lyf geloop het, soos byvoorbeeld te Boschkuil op 22 Maart 1938.<sup>259</sup> Tot verdere ondersteuning van bogenoemde kan gemeld word dat Die Burger op 7 April 1938, berig dat Kemp op 6 April 1938 te Oudtshoorn tydens 'n openbare vergadering, die vraestellers as "onnosel" en "leuenaars" bestempel het. So erg het dit daaraan toegegaan dat dr. P.J. van Nierop later opgespring en aan die Minister gevra het: "Generaal, sien u hoe die Kleurling u toejuig as u so 'n antwoord aan 'n Blanke Afrikaner gee?"<sup>260</sup> Die Transvaler berig op 8 April 1938 dat die vergadering op Oudtshoorn in wanorde uiteen gegaan het. Kemp was doodgeskreeu toe hy vrae beantwoord het.<sup>261</sup> Vir Kemp moes dit 'n bittere ervaring gewees het om deur Afrikaners op die wyse behandel te word - Die mense vir wie hy op militêre gebied voor geveg en as politikus gepoog het om hulle belange te bevorder.

'n Brief van mev. N. Venter van Wolmaransstad op 8 April 1938, verwys na die wantroue mosies wat Kemp in sy eie kiesafdeling ondervind het. En volgens haar het dit hom werklik die hoenders in gemaak en dat die plaaslike Verenigde Party se nuutste en kragtigste propaganda 'n hoendereier was met die opskrif: "Red jouself, stem vir Kemp",

<sup>256</sup> Ibid.

<sup>257</sup> Ibid.

<sup>258</sup> Ibid.

<sup>259</sup> Die Transvaler, 23.3.1938.

<sup>260</sup> Die Burger, 7.4.1938.

<sup>261</sup> Die Transvaler, 8.4.1938.

en meld sy vermakerig dat 'n hen die eler sou gelê het.<sup>262</sup> Sy meld verder dat dit jammer was dat die Verenigde Party nie 'n tweetallige hen kon kry nie, aangesien die Engelse vrlende in die kiesafdeling nie sou weet vir wie om te stem nie. Sy het selfs 'n variasie op die Volkslied voorgestel, naamlik "Daar's 'n eler wat 'n hoender nie kan lê nie", en as tweede strofe voorgestel "Daar's 'n paartie wat 'n stem nie kan vang nie," en as derde strofe "Daar is 'n minister wat 'n setel nie kan kry nie." Sy het Kemp gemaan om sy kiesafdeling versigtig te benader, aangesien hy die volgende keer op eiers sou moes trap. Volgens haar was Kemp besig om 'n eierdans uit te voer en "dit sou werklik jammer wees om die profetiese eier stukkend te trap voordat die basillisk uitbroei is. Of is dit ook maar 'n windeler soos die meeste wat die Generaal tot hertoe probeer lê het?"<sup>263</sup>

Ten slotte maan die skryfster tot ernstigheid, aangesien dit 'n tragiese saak was - tragies omdat die plaaslike Verenigde Partybestuur hul medeburgers met 'n hoendermentaliteit gediskrediteer het. Sy beskou dit as betreurenswaardig dat daar in die twintigste eeu politiek was wat werklik geglo het dat hulle besig was met 'n vingerwysing uit die Hemel, terwyl elke skoolkind weet dat dieselfde resultaat bereik kon word met 'n bietjie asyn en welng kersvet. Sy vra of die Verenigde Party wanhopig geword het en na enige strooihalm gryp wat hulle in die hande kon kry, "of was die hele affêre 'n grap soos genl. Kemp se republikanisme?"<sup>264</sup>

Dit wil dus duidelik blyk dat Kemp se sogenaamde volstruispolitiek besig was om teen hom te draai. Vir die geharde Afrikaner was sy uitsprake en optrede onaanvaarbaar - gevolglik het die vertroue in hom en sy gewildheid getaan. Op 14 April 1938, te Potchefstroom, het Kemp tydens 'n openbare vergadering, die sewe punte van koalisie behandel en die vraag gestel of die punte goed genoeg was vir die ondertekening van 'n vredesverdrag, dan nie goedgenoeg was by Samesmelting nie - naamlik die handhawing van vrede. Aangesien hierdie 'n baie onstuimige vergadering was en Kemp tydens sy toespraak doodgesing is met "Die Stem" en "Sarie Marais", was die vrae sowel as die antwoorde onophoudelik doodgeskree. Die uiteinde was dat die voorsitter teen twaalf uur die vergadering beëindig het, nadat 'n mosie van vertroue in die Nasionale Party aanvaar

---

<sup>262</sup> *Ibid.*

<sup>263</sup> *Ibid.*

<sup>264</sup> *Ibid.*

was. Weer eens het sy mense teen hom gedraal en was dit vir Kemp 'n geweldige slag, aangesien sy standpunte verwerp was.<sup>265</sup>

Op 17 April 1938, op een van die stormagtigste vergaderings wat die 1938-verkiesingsveldtog aan die Rand opgelewer het en bygewoon deur ongeveer 1000 mense, moes Kemp te Mayfair-Wes onverrigtersake die aftog blaas. Onder luide gejuur het die Minister sy opwagting gemaak. 'n Paar minute voordat die vergadering sou begin het daar van die kant van die organiseerders die versoek gekom dat die skare moes plek maak vir die vragmotor wat as verhoog vir die prosedure sou dien. Die menigte het beslis gewelw aan die versoek te voldoen, op grond daarvan dat alles vroeër die dag in gereedheid gebring moes gewees het. Die poppe het ernstig begin dans toe daar 'n versoek vanuit die vergadering afgekeur was, om 'n eie voorsitter aan te wys. Daar was verduidelik dat dit 'n Verenigde Partyvergadering was en dat die afdelingsvoorsitter die stoel moes inneem. Na vele geredekawel is besluit dat die vergadering 'n eie voorsitter kon aanwys en was mnr. Simon Schoeman met 'n groot meerderheid aangewys. Sy taak was gevolglik om die verwelkomingswoord tot Kemp te rig.<sup>266</sup>

Mnr. Schoeman het die aanwesiges meegedeel dat hy twee "generaals" Kemp aan hulle wou voorstel. Die eerste was die generaal soos hy hom in 1912 op Potchefstroom leer ken het as majoor van die verdedigingsmag, " 'n Afrikaner in murg en been - die rebelleleier wat as Ieffling van die Afrikaner in die tronk moes sit. Dit is die genl Kemp van die verlede. Die tweede was Kemp, Minister van sy Majesteit, Koning George VI. Hierdie genl. Kemp was vreemd by sy volk."<sup>267</sup> Hy het verklaar dat die volk jare lank na Kemp geluister het en dat hy nou na die volk moes luister.

Sy woorde was skaars koud toe die Verenigdes die tafel bestorm en die voorsitter beetgepak het, met die doel om hom af te trek. Die Nasionaliste het egter nie op hulle laat wag nie en hul voorsitter te hulp gesnel. Mev. C.C.E. Badenhorst, Verenigde Partykandidaat in Vrededorp, het op die tafel gespring en geëls om eerste spreker van die aand te wees, aangesien sy die vergadering belê het. Die voorsitter het egter gereël dat sy haar toespraak kon lewer, nadat die gehoor met Kemp afgehandel het en aan die hand gedoen dat die generaal eers moes antwoord op die vrae wat aan hom gestel sou

<sup>265</sup> *Ibid.*, 15.4.1938.

<sup>266</sup> *Ibid.*, 19.4.1938.

<sup>267</sup> *Ibid.*

word, alvorens hyself aan die woord sou kom. Kemp was egter nie bereid nie, omdat daar volgens hom nie die regte prosedures uitgevoer was nie en was hy bereid om die vergadering te verdaag, waarop mnr. Schoeman gesê het dat in so 'n geval 'n Nasionale Partyvergadering gehou sou word. Die gevolg was dat dit 'n Nasionale Partyvergadering geword het, "Onder drie luide hoeras vir dr. Malan en die Nasionale Party en drie harder geboes vir genl. Kemp en die Verenigde Party."<sup>268</sup>

Gevolglik het die Verenigde Party ondersteuners hulle een vir een uit die voete gemaak. Kemp self het ook teleurgesteld die aftog geblaas. Weer eens was die optrede van mede-Afrikaners vir hom 'n gevoelige slag. Dit was duidelik dat die eens Boerehede en politieke leier van die Afrikanervolk, aansien verloor het. As gevolg van sy politieke "Jak-kalsdraale" het hy orals waar hy vergaderings gehou het, 'n bloutjie geloop. Dwarsdeur die Afrikaner se geskiedenis het hy nog altyd op politici vertrou wat getrou aan sy beginsels gebly het en op die stadium was dit vir hulle asof Kemp sy erfreg vir 'n potensiesop verkoop het.

Kemp was andermaal met die kous oor die kop teruggestuur, toe daar by 'n Verenigde Partyvergadering in Gedulduldbreiding in die kiesafdeling Noordoos-Rand op 19 April 1938, 'n mosie van volle vertroue in die Nasionale Party met oorweldigende meerderheid aangeneem was. Indien Kemp 'n toespraak voorberei het moes hy dit laat vaar, aangesien die vergadering hom gedwing het om slegs oor kwessies waarin hulle belangstel te praat. Tydens die vergadering het die voorsitter, op uitdaging van die Minister, 'n weddenskap met hom aangegaan dat hy nie die setel Wolmaransstad weer sou verower nie. Die dood van Jopie Fourie was opgehaal as 'n vraag en Kemp het geantwoord dat Smuts nie alleen as Minister van Verdediging verantwoordelik was vir die dood van Jopie Fourie nie, maar wel die hele regering van daardie tyd. 'n Vraesteller het aan hom gevra: "Dink u nie dat u vandag verraad teenoor Jopie Fourie pleeg deur u optrede nie?"<sup>269</sup> Kemp het geantwoord dat dit nie die geval was nie, want die leiers van die party waarvan die vraesteller behoort, was persone wat "Town Guards" was en wat gevlug het toe hulle die wapen moes opneem.<sup>270</sup> Alhoewel hy antwoorde op die vroeë verskaf het, moes dit vir hom duidelik gewees het dat hy besig was om vertroue by 'n deel van die kieserskorps te verloor.

---

<sup>268</sup> *Ibid.*

<sup>269</sup> *Die Vaderland*, 20.4.1938.

<sup>270</sup> *Ibid.*

Op 20 April 1938 moes 'n sterk afdeling polisie ingryp op 'n onstuimige vergadering wat deur Kemp op Edenvale toegespreek was. Vermoedelik het die Verenigde Party moeïlikheid verwag, want afgesien van speurders was die polisie op 'n gereedheid grondslag geplaas en toe dit gelyk het asof die vergadering op grootskaal handgemeen sou raak, het die polisie opgedaag. Met vraetyd was Kemp gevra of hy in 1929 vir mnr. Du Plooy wat die Nasionale Party kandidaat in Troyeville was, laat terugstaan het vir mnr. Kentridge van die Arbeidersparty. Kemp wou weet wat die beswaar daarteen was. Die antwoord vanuit die gehoor was dat 'n Jood voor 'n Christen gestel was. Kemp se antwoord was: "As ek by 'n party staan, werk ek in belang van daardie party en elke lid wat die Sappe nou werf sal 'n spyker in die doodskis van die Nasionale Party wees."<sup>271</sup> Hier kom Kemp se ware karakter van lojaliteit na vore en dat hy dan by die saak gestaan en geval het. Aan die einde van die vergadering is 'n mosie van wantroue in Kemp en vertroue in die Nasionale Party voorgestel. 'n Derde mosie van vertroue in Kemp is ook voorgestel. Die voorsitter, mnr. W. Van Heerden, redakteur van die Verenigde Party se tydskrif, het gevolglik die mosie van vertroue in Kemp as aangenome verklaar. Tog was dit duidelik dat die meerderheid vir die mosie van wantroue was. Hierdie was 'n "hol oorwinning" vir Kemp, aangesien die kritiek en negatiewe gevoel teen Kemp aan die optaal was en vergadering wat die volgende dag gevolg het, het dit bewys.

Die selfde onstuimige ontvangs wat Kemp aan die Witwatersrand gekry het, het hom op 21 April 1938 op twee vergaderings in die kiesafdeling Brits, te beurt geval. Hy het die vergaderings saam met die Verenigde Party kandidaat, mnr. Jan Grobler, toegespreek. Te Mamagaleskraal die oggend, het hy 'n geweldige mosie van wantroue op die tyd ge-loop. Die vergadering was deurgaans lewendig en as gevolg van tussenwerpsels kon hy nooit eintlik met sy toespraak opdreef kom nie. Kemp het versoek dat die kiesers Grobler moes ondersteun: "Kies Grobler en julle sal die oor van die Regering hê en van my. Julle kan meer van hom verwag as van 'n man wat in die Opposisiebanke sit en rusie maak."<sup>272</sup> 'n Tussenwerpsel was geskreeu dat daar 'n pluisie in die oor van die Regering was. Tydens vraetyd is Kemp vir meer as 'n uur onder kruisverhoor geneem. Hy het erg bontgestaan om sekere vrae te beantwoord. So byvoorbeeld is hy gevra oor sy dreigemente teen pensioenarisse en nedersetters om, indien hulle teen die Regering sou stem, vervolg sou word. Hy het dit ontken en gesê dat die Verenigde Party nog nie so

<sup>271</sup> Die Transvaler, 21.4.1938.

<sup>272</sup> Ibid., 22.4.1938.

laag gedaal het nie. Tog was daar alreeds melding gemaak van sy drelgemente teen nedersetters en is dit onverstaanbaar dat hy ontkennd geantwoord het.

Enige samewerkingsooreenkomste met die Verenigde Party of diepgaande verskille tussen dié party en ander partye, was faktore wat potensiële ondersteuning vir die Nasionale Party kon beteken. So was die Verenigde Party samewerking met die Arbeidersparty, nou bondgenoot van die Nasionale Party vóór Samesmelting, van besondere belang. Die Verenigde Party was die enigste politieke party wat die Nasionale Party doeltreffend op die platteland kon hokgeslaan het.<sup>273</sup> Die ander partye was nie sterk genoeg om dit te doen nie. 'n Probleem egter vir die Verenigde Party was die feit dat Hertzog meer neutraal as Smuts teenoor die groeiende Europese konflik gestaan het. "Die Nasionale Party en die Verenigde Party het inderdaad onder geweldige Internasionale invloed verkeer wat hulle soms onwillekeurig in die kader van die internasionale politiek laat betrand het. Die 1938 verkiesingstryd sou juis binne hierdie raamwerk plaasvind,"<sup>274</sup> skrywe P.W. Coetzer en J.H. le Roux.

Die verkiesings uitslae was soos volg :

Verenigde Party	111 setels
Nasionale Party	27
Dominiumparty	8
Arbeidersparty	3
Sosialiste party	1

Die Gesulwerde Nasionale Party het in 7 setels in totaal bygekry. Die Verenigde Party het 10 gewen en 18 verloor. In Transvaal het die Nasionale Party net 1 setel verower, naamlik Waterberg.

Historici beweer dat Internasionaal die Verenigde Party se oorwinning in die verkiesing 'n gerusstellende verwikkeling binne die Britse Statebond was, wat vierkantig in 'n groeiende Europese konflik gestaan het.<sup>275</sup> Daar moet egter op gelet word dat ten spyte van die oorwinning wat die Verenigde Party behaal het, (111/150), die Samesmeltingsbeweging nie so sterk was, as wat die partyleiers voorgegee het nie. Indien daar na die aantal stemme gekyk word wat elke party op hom verenig het, het die aantal stemme

<sup>273</sup> Rand Daily Mail, 18.5.1938.

<sup>274</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.129.

<sup>275</sup> Ibid., p.176.

teen die Regering sedert 1936 met ongeveer 130 000 toegeneem.<sup>276</sup> Uit die groeiende verdeeldheid kan dus afgelei word dat die Samesmeltingsbeweging nie op stewige fundamente gerus het nie. Bale Afrikaners het hulself die vraag begin afvra of dit nie in volksbelang sou wees om die Nasionalliste en ondersteuners van Hertzog te probeer verenig nie.<sup>277</sup> Van laasgenoemde vereniging was Kemp beslis 'n groot voorstander. Hy was die een wat Malan en sy volgelinge verkwalik het vir die wegbreekaksie tydens Same-smelting.

Vir Kemp was die uitslag van die verkiesing in sy eie kiesafdeling, Wolmaransstad, ook 'n groot teleurstelling. Waar hy in die 1933-verkiesing onbestrede as Nasionale Party koalisie kandidaat verkies was, het hy nou met 977 stemme geseëvier teen H.C.W. van der Merwe van die Nasionale Party. Hy het 2836 stemme gekry teenoor 1859 van die Oposisie kandidaat. Hy moes 'n besliste teenkanting teen sy politieke optrede in die uitslag gelees het<sup>278</sup>, en was mev. N. Venter se voorspelling in April 1938 tog bewaarheid.

Op 20 Mei 1938 skrywe 'n F.J. Potgieter vanaf Rustenburgdistrik, aan Kemp 'n brief van gelukwense: "Die Rustenburgers voel almal oortuig dat die vergadering te Dwaalboom op 4 Mei die deurslag van die oorwinning was. Daardie toespraak het vir ons baie beteken. So wens ek dat u nog lank lewe om nog baie probleme vir ons volk op te los."<sup>279</sup> Op 23 Mei 1938 ontvang Kemp 'n telegram vanaf 'n ene Mostert te Balfour: "Jou optrede met eleksie is te wijte aan groot oorwinning - Bale geluk."<sup>280</sup> Mnr. Ben Steyn, 'n rebel onder Kemp in 1914, skryf veroordelend teenoor Kemp aan die redaksie van Die Volksblad op 1 Julie 1938, dat Kemp sy volk verraai het. Hy skrywe: "Van rebel tot naloper. Dié Generaal is weer Smelterkandidaat vir Wolmaransstadsetel, maar ek gee hom die versekering, as kieser in sy kiesafdeling, dat nie een-vyfde van sy volgelinge van 1914 hom vandag sal vertrou nie. Sy hell sal hy moet soek by dié wat hy geruil het vir sy oud-rebelle."<sup>281</sup>

<sup>276</sup> Die Vaderland, 21.5.1938.

<sup>277</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.176.

<sup>278</sup> B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.235.

<sup>279</sup> I.C.G. Kemp-versameling, Band 2, brief F.J. Potgieter aan Kemp, 20.5.1938.

<sup>280</sup> Ibid., telegram Mostert aan Kemp, 23.5.1938.

<sup>281</sup> Ibid., Band 8, berig in Die Volksblad, 1.7.1938.

Na die 1938-verkiesing het die Regering hom klaargemaak vir die eerste sitting van die nuwe parlement. Die Smeltersparty het binne die party probleme ondervind en in die hoogste kringe van die party was gespekuleer dat dit nie meer moontlik sou wees om die party bymekaar te hou nie. Die moeilikhede wat gebroei het in die party kan onder twee hoofde ingedeel word, naamlik die volksledkwestie en die ander die toesegging van setels en portefeuljes in die Kabinet.

Die uittrede van A.P.J. Fourie uit die Kabinet het misnoeë tussen die Eerste Minister en die deel van die Kabinet, wat Oud-Sappe was, veroorsaak.<sup>282</sup> Die verloop van gebeure het daar toe gelei dat Hofmeyr en Sturrock uit die Kabinet bedank het. Dit kon gevolglik tot 'n skeuring in die Verenigde Party gelei het, maar Smuts het besluit dat die saak waarvoor Hofmeyr bedank het, nie van so 'n gewigtige aard was dat dit 'n skeuring in die Verenigde Party moes veroorsaak nie.<sup>283</sup>

Die Burger van 19 Augustus 1938 berig onder die opskrif "Onverdraagsaamheid van Kemp", dat die gesindheid om van Naslonallste die slagoffer van kleinlike politieke haat te maak, nog nie verdwyn het nie. Hierdie stelling was gebaseer op 'n uittaling van die Minister van Lande tydens die begrotingsdebat. Mnr. L.J. Vosloo, Naslonale Party Volksraadslid vir Somerset-Oos, het aan die Volksraad vertel dat twee lede van die Boerebystandskomitee in Somerset-Oos afgedank was, albei lede van die Naslonale Party was. 'n Derde lid 'n Smelter, was nie afgedank nie. Hierop het mnr. Vosloo die vraag gestel: "Hoe lank moet die vervolging nog voortduur?" en Kemp was gereed met 'n antwoord: "Tot ons gesuiwer is van die Gesulwerdes."<sup>284</sup> Die koerant het dit betwyfel of Kemp se onverdraagsaamheid die Verenigde Party sou versterk. Volgens die berig sou daar 'n toename in die aantal mense wees wat hulle daarvoor beywer het om die politiekelewe van Suid-Afrika van sulke politici soos Kemp te sulwer.<sup>285</sup>

Tydens 'n Smeltergeselligheid op 10 September 1938 te Malmesbury, het Kemp die Smelters van Malmesbury gemaan om die lendene te omgord en te organiseer. Volgens hom was hulle in Transvaal in die gelukkige posisie dat hy nie 'n Keeromstraat daar gehad het nie, daarom het hulle feitlik skoonskip in die verkiesing gemaak.<sup>286</sup> Wat betref

<sup>282</sup> Die Burger, 19.7.1938.

<sup>283</sup> G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel VII, pp.577-579.

<sup>284</sup> Die Burger, 19.8.1938.

<sup>285</sup> Ibid.

<sup>286</sup> Ibid., 12.9.1938, Keeromstraat was die hoofkwartier van Die Burger.

Smuts het hy gesê, dat eersgenoemde hom eers aan 'n paal wou ophang en dat hulle in dieselfde kabinet op daardie tydstip sit. Hy het die "vredemaak"-geskiedenis verhaal, met verwysing na Smuts se "grootse gebaar" toe oorwinning vir hom in sig was. Hy het Malmesbury gelukgewens dat hy so 'n groot man gelewer het om die volk te lei.<sup>287</sup>

In die Transvaal het die Verenigde Party heelgou 'n ommeswaal in steun beleef, toe daar 'n tussenverkiesing in die Maricosetel plaasgevind het. As gevolg van die aanstelling van J.J. Pienaar as administrateur van Transvaal, het die setel vakant geraak. Die twee kandide was ds. S.W. Naude van die Verenigde Party en ds. C.W.M. du Toit van die Nasionale Party. 'n Stryd waarin die "groot kanonne" aan weerskante deel gehad het, het gevolg. Eric Louw van die Nasionale Party en drie ministers aan regeringskant, naamlik Kemp, Smuts en H. Fagen het die verkiesingstryd aldaar gaan voer en vanuit die staanspoor het die gevoelens hooggeeloop. So byvoorbeeld toe Kemp 'n vergadering in die Zeerustdistrik sou hou, was daar sprake dat die Nasionalliste beoog het om die vergadering op te breek. Gevolglik het die Verenigde Party ondersteuners hulself met tuinslange bewapen.

Die Nasionale Party het die tussenverkiesing in Marico met 49 stemme gewen. Die Burger van 14 Oktober 1938 berig dat die Nasionale Party gewen het, ten spyte van 'n veldtog van agterdogwekking teen die Nasionale Party kandidaat, ten spyte van Smelterskeldtaal, ten spyte van Kemp se waarskuwings aan die staatsamptenare en onderwysers en ten spyte van 'n Kemp se drelgemente teen die nedersetters. "Miskien het die Nasionale Party juls gewen omdat die Verenigde Party sy verkiesingstryd op so 'n manier gevoer het dat die meerderheid van die kiesers van Marico die vraag kon stel: Lyk volke-eenhoud so?",<sup>288</sup> het die dagblad dit beskuldigend teenoor die Verenigde Party gestel. Interessant dat C.W.M. du Toit aan J.G. Strijdom op 21 Oktober 1938 geskrywe het, dat hy besig was om bedankingsbriewe te skryf aan die Nasionale Party se tradisionele vriende vir hulle waardevolle ondersteuning teen die dwingelandy van die Regering, in meer besonder Kemp.<sup>289</sup>

Weer eens was dit 'n bewys van die opstand wat daar aan die oplaai was teen Kemp onder die Afrikaanssprekende kiesers. Aan die anderkant was daar vanuit Verenigde Par-

<sup>287</sup> Ibid.

<sup>288</sup> Ibid., 14.10.1938.

<sup>289</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 44, brief C.W. du Toit aan J.G. Strijdom, 21.10.1938.

tygeledere ook kritiek teen die Nasionale Party en sy kandidaat se optrede. Op 20 Oktober 1938 het 'n prokureur van Groot Marico, S.J. van der Spuy, aan Kemp geskrywe en redes aangevoer waarom die verkiesing in Marico verloor was. Hy het verwys na die veraderlike optrede van 'n ene Joynt; na verraad in Kemp se kantoor in Pretoria; na ds. Ziervogel wat snags is die distrik rondgegaan het met onwaar beloftes aan die kiesers; en algehele omkoperij soos naamlose briewe met een pond note daarin en sulker en drank aan armes in Blikkiesdorp. Ten slotte meld hy: "Die vroumense is baie warm en is nie te kere vir al na die vleeslike metodes van die Gesuiwerdes. Baie is spyt dat hulle verkeerd gestem het...."<sup>290</sup> Op 21 Oktober 1938 het L. Karovsky van Brits, aan Kemp as een van die leiers van die Verenigde Party in Transvaal, geskrywe dat die verlies van die Maricosetel te danke was aan die goeie werk van die Nasionale Party en swak organisasie van die Verenigde Party se kant en hy het beter party organisasie voorgestel.<sup>291</sup>

Op hierdie tydstip het Piet Grobler vanuit die buiteland, waar hy behandeling ontvang het vir sy slektetoestand, weer tot die aktiewe politiek toegetree. Hy was nog steeds lid van die Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Party en tydens die provinsiale kongres in November 1938 is hy weer verkies tot een van die vyf voorsitters van die party in Transvaal. Op sy voorstel is Kemp eenparig tot voorsitter en provinsialeleier gekies, as opvolger van mnr. J.J. Plenaar wat sedert 1935 voorsitter was.<sup>292</sup> Vir Kemp was dit 'n triomf, aangesien hy, niteenstaande die terugslae wat hy op die verkiesingvergaderings in 1938 geleidelik het, tog die vertroue van sy partygenote in die Transvaal geniet het.

Tydens die Natalse provinsiale kongres van die Verenigde Party te Pietermaritzburg op 16 November 1938, het Kemp gesê dat toe die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party in 1933 hande gevat het, was dit met die doel voor oë om die voordeel van die land en sy mense te verseker. Hy het die oorsaak vir die verloor van die Maricoverkiesing toegeskryf aan die skielike verraaiing van die kiesers op die voorraad van die verkiesing en swak organisasie vanaf die Verenigde Party se kant. Hy het 'n herlewing van Verenigde Party versoek, aangesien daar te veel op louere gerus was.<sup>293</sup>

Niteenstaande sy sukses binne die Verenigde Party was die Opposisie nog steeds uit om Kemp te diskrediteer na aanleiding van gebeure tydens die Marico - tussenverkie-

<sup>290</sup> Ibid., brief van S.J. van der Spuy aan Kemp, 20.10.1938.

<sup>291</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 2, brief L. Karovsky aan Kemp, 21.10.1938.

<sup>292</sup> J.C.H. Grobler, p.321-322.

<sup>293</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, ongepagineerd.

slingstryd. Op 7 Desember 1938 het S.J. van der Spuy aan Kemp geskrywe, waarin hy hom konfidensieel in kennis stel van ondersoeke deur twee speurders. Dit nadat C.W.M. du Toit na 'n vergadering met die Setlaars en vergesel van H.M.J. van Vuuren, na Pretoria gegaan het om Welsh, die Prokureur-generaal, te spreek. Voorts dat hulle in die Marico-distrik inligting ingewin het teen Kemp. Die speurder se opmerking na die ondersoek was ".....daar is net een manier waarop genl. Kemp kon toskom en dit is as hy een ding geseg en hy iets anders bedoel het."<sup>294</sup>

Die Transvaler van 5 Januarie 1939, berig onder die opskrif "Die Held van Marico weer Benodig", dat 'n plaaslike Engelse oggendblad berig dat Kemp se teenwoordigheid dringend in Pretoria verels word om die veldtog van die Verenigde Party te versterk en rigting daaraan te gee. "Genl. Kemp is 'n sterk en kragtige leier, wie se prestige, krygslloopbaan en persoonlikheid 'n sterk beroep op die Afrikaanssprekendes doen. Hierdie hoedanighede sal almal nodig wees om baie sterk Afrikaanse stem in die kiesafdeling aan te haal"<sup>295</sup> het die beriggewer geskrywe met verwysing na die verkiesingstryd in Pretoria-Stad kiesafdeling. Volgens Die Transvaler moes die Verenigde Party versigtig wees met die gebruik van Kemp en sy oorlogslloopbaan, aangesien al sy dregemente in Marico die deurslag gegee het vir die Nasionale Party oorwinning in Marico.<sup>296</sup>

Op 31 Januarie 1939 het van der Spuy weer 'n brief tot Kemp gerig en hom meegedeel dat 'n ene van Vuuren, een van die plaaslike Setlaars, aan 'n vriend vertroulik meegedeel het dat du Toit in die Parlement sekere vrae aan Kemp sou stel en briewe van die skrywer aan Kemp, sou opels. Hy het beweer dat daar 'n lekkasie in Kemp se kantoor in Pretoria was.<sup>297</sup>

Ter stawing van Du Toit se stryd met Kemp het Thomas du Plessis Viljoen 'n boer van Leeuwpoot, distrik Hanover, voor die Volksraadslid vir Victoria-Wes op 9 Februarie 1939 'n beëdigde verklaring afgelê. Hierin het hy bevestig dat hy gedurende Oktober 1938 vir die Verenigde Party in Zeerust gaan help het met die tussenverkiesing in Marico. Du Toit het op 7 Oktober 1938 die aand 'n vergadering gehou op 'n plaas net buite Zeerust en daar was ongeveer 50 tot 60 mense teenwoordig. Interessant dat hy meld dat hy (die

<sup>294</sup> Ibid., Band 4, brief S.J. v.d. Spuy aan Kemp, 7.12.1938.

<sup>295</sup> Die Transvaler, 5.1.1939.

<sup>296</sup> Ibid.

<sup>297</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 4, ongepagineerd, brief S.J. v.d. Spuy aan Kemp, 31.1.1939.

beëdigde) In die donker gestaan en sy Identiteit verskuil het deur 'n jas en hoed te dra. Du Toit het die vergadering vanaf die stoep toegesprek en het onder andere die kwes- sie van omkoperij bespreek en gesê: "Genl. Kemp, wie nou hierdie nedersetters gedreig het met vervolging as hulle teen die Regering stem, wat 'n oortreding van die Kleswet is, wil hy waarsku dat geregtelike stappe teen hom geneem sal word ....."<sup>298</sup> Hierdie botsing sou homself uitkristalliseer in die Volksraad einde Februarie begin Maart 1939, waarin Kemp getoon het dit hy onwrikbaar sy man kan staan.

Op 20 April 1939 het mnr. J.L. v.d. Walt, sekretaris van die Verenigde Party in Transvaal, 'n brief aan Kemp gerig. Hy en 'n ene mnr. Opperman was besig om hulle volkome op hoogte te bring met die posisie van die Verenigde Party in die Transvaal. Dit was gedoen deur met soveel moontlik afdelings- en takbesture deur middel van briefwisseling in aanraking te kom. "Tot ons Innige spyt moet ons uit ons ervaring dus rapporteer van groot laksheld en doodsheld in die partygeledere. Dit kom so voor asof dinge netso laat vaar is na die groot oorwinning op 18 Mei verlede jaar," het hulle berig.<sup>299</sup> Volgens hom was daar nie juls groot bekeringswerk deur die Gesulwerdes onder die mense gedoen nie, "maar hulle het nie geslaap nie en nog kragdadiger as voorheen voortgegaan met hul organisasie. Die groter getalle wat hul kandidate by die afgelope tussenverkiesings in Transvaal behaal het, skyn meer die vrug te wees van die intensiewe organisasie van hul eie geledere as grootskeepse bekeringswerk. Ons verminderde syfers met die tus- senverkiesings, daarenteen, skyn die wrange vrugte te wees van die doodsheld wat in- getree het na ons roemryke oorwinning in Mei 1938."<sup>300</sup>

Hy (van der Walt) stel voor dat daar iets nuuts nodig was om 'n nuwe golf van belangstel- ling en goeie drif gaande te maak, iets wat die party uit sy heerlike slaap in Transvaal sou laat wakker skrik.<sup>301</sup> As opwekkingsmiddel het hy voorgestel dat die Jaarlikse partykon- gres in Transvaal in 1939 vervroeg word na Augustusmaand. Hy meld dat hulle teen Ju- niemaand die hele Transvaal behoort deurrels het en van hulp sou kon wees met die op- stel van 'n propagandaveldtog vir lede van die partykongres: "Met die kongres in Au- gustus kry ons terselfdertyd ook die propagandamiddel betyds om van goeie diens vir nuwe lede en goeie drif in ons Party te wees vir tussenverkiesings wat mag plaasvind as

<sup>298</sup> *Ibid.*, beëdigde verklaring D.T. du Plessis Viljoen, 9.2.1939.

<sup>299</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 1, brief J.L. v.d. Walt aan Kemp, 20.4.1939.

<sup>300</sup> *Ibid.*

<sup>301</sup> *Ibid.*

Jan Kemp poog om die Verenigde Party te beskerm teen Jan Hofmeyr se liberalistiese invloed.

ALWEER GEVAAR!



Bron: Die Burger, 2.8.1939, Woensdag.

sittende Provinsialelede of Volksraadslede met die Senaatsverkieëing moontlik tot die Hoërhuis verhef word."<sup>302</sup>

In 'n onderhoud met Die Suiderstem op 15 Junie 1939 het Kemp verklaar: "Ons het tydens hierdie sitting van die Parlement opnuut met reuseskrede gevorder op die pad van nasionale volksbou."<sup>303</sup> Hy het verwys na belangrike vraagstukke wat die Regering aangepak het soos die Asiatevraagstuk, veral in Transvaal waar die omvang daarvan onrusbarend was. Aangesien Indlërs sedert 1932 geen vaste eiendom in die Transvaal kon besit nie, het agitatie daarteen tot gevolg gehad dat 'n Kommissie van Ondersoek aangestel is, naamlik die Feetham-kommissie. Gevolglik is die verslag en aanbevelings van die Kommissie in 1936 deur die Regering aanvaar as die Wysigingswet op Indlërgrondbesit in Transvaal.<sup>304</sup> Hierdie liberale wetgewing was vir baie Transvalers onaantoonbaar en het geleid tot ontevredenheid. Gevolglik is Interim wetgewing aangeneem om toe te sien dat die bestaande toestand nie vererger nie en was daar planne beraam deur die Regering om die volgende jaar die vraagstuk finaal op te los. Voorts meld hy dat wat segregasie betref, die Regering reeds opruimingswerk gedoen het vir uiteindelijke wetgewing. "Die Regering se werk ten aansien van die Naturelle (sic) -, die Indlër - en die Kleurlingvraagstuk is die afdoende bewys daarvan dat die toekomst van Blanke Suid-Afrika nog nooit so veilig was en met soveel vertroue oorgelaat kon word as in die hande van die Verenigde Partyregering."<sup>305</sup>

Hy het ook verwys na die verfoeilike leuenpropaganda van die Gesuiwerdes in verband met die buitelandse beleid van die Regering: "Hierdie Regering het ons beleid van vrede met alle volke en geen inmenging in buitelandse twistes waarmee ons niks te maak het nie, vanjaar ook weer so duidelik en beslis geformuleer as wat geen ander regering van tevore dit nog gedoen het nie."<sup>306</sup> Gevra oor die toestand binne die party in die Parlement met die oog op die uitrede uit die koudes van J.H. Hofmeyr en L. Blackwell, het Kemp met die grootste beslistheid verklaar dat die hegtheid van die partyeenheid daardeur nie die minste geskaad was nie. Volgens hom het die party rotsvas gestaan agter die twee Generaals en dat almal besef dat as jy 'n span osse voor 'n wa het, selfs jou

<sup>302</sup> Ibid.

<sup>303</sup> Die Suiderstem, 15.6.1939.

<sup>304</sup> D.W. Krüger, The age of the generals: a short political history of the Union of South Africa, 1910-1948, p.174.

<sup>305</sup> Die Suiderstem, 15.6.1939

<sup>306</sup> Ibid.

sterkste os van weinig nut is as hy kort-kort nek omdraai - daar was 'n tinteling in die oog van hierdie oorlogsveteraan wat duidelik laat sien het watter waarde hy aan dissipline heg. Hy het die Gesulwerdes uitgekryt vir hulle valse uitsprake teenoor die Regering se buitelandse beleid.<sup>307</sup>

Party lojaliteit en - hegtheid was beginsels wat Kemp voorop gestel het. Wanneer hy sy lojaliteit aan 'n party of - leier gegee het en hy die politieke elenaarskap daarvoor sy ele gemaak het, was daar niks wat hom van die weg sou laat afwyk nie. Met die mag van sy persoon, pen en tong sou hy die saak of party vergoelike. Dit is dan ook verstaanbaar dat hy in die proses deur baie Afrikaanssprekendes, veral Nasionale Party ondersteuners, van manteldraaierij beskuldig is. In sy gesteldheid om dit te bewerkstellig wat tot voordeel van Suid-Afrika was, naamlik 'n verenigde front, het hy nie so gereedlik daarin geslaag om die saak te laat slaag nie. Eerder het hy politieke "paksiae" op die lyf geloop op vergaderings tydens verkiesings. Dit was ook onaanvaarbaar vir die Afrikanernasionalis dat hy Smuts en sy Imperialiste "omhels" het, aangesien hy vir soveel jare die stryd daarteen aangesê het.

Binne Verenigde Partygeledere het hy hard gestry vir handhawing van sy ele persoon. As gevolg van sy jarelange stryd met die Unioniste en die Suid-Afrikaanse Party is hy nie met soveel entoesiasme deur hulle ontvang nie - dit was asof hulle hom altyd gewantou het. Vandaar Smuts se opmerkings oor sy republikeinse uitlatings en sy botsing met mede-partygenote soos Stuttaford en Hofmeyr. Nogtans het hy gevorder tot leier van die Verenigde Party in Transvaal wat 'n bewys was dat sy geloofwaardigheid sterk gewaardeer is.

#### 7.9 Kemp en die naamsverandering van Robertshoogte na Voortrekkerhoogte - Kemp tree vinnig op

Tydens die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) se kongres, in Bloemfontein op 4 April 1931, het die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, vorm gekry toe 'n Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) gestig was. Aangesien die Hertzogregering van oordeel was dat hy ook aan die verrigtinge deel moes hê, het hy na onderhandelinge met die Sentrale Volksmonumentekomitee op 13 Desember 1935,

---

<sup>307</sup> Ibid.

aangekondig dat hy finale seggenskap oor die aangeleentheid uitoefen, terwyl die Sentrale Volksmonumentekomitee vir die reëlings verantwoordelik sou wees.<sup>308</sup> Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument sou deel wees van die Voortrekkereuefees, wat in 1938 sou plaasvind. Adv. E.G. Jansen, Speaker van die Volksraad, was getaak om as voorsitter van die Eeufeeskomitee op te tree. Hierdeur wou die Regering 'n politieke kleur aan die feesviering gegee het. Politieke onrus het spoedig na vore getree, toe Die Transvaler op 31 Januarie 1938 die betrokkenheid van die Regering gekritiseer het, aangesien die vrees bestaan het dat hy met sy seggenskap oor die opstel van die program van die feesverrigtinge, die Goewerneur-generaal sou betrek, wat op sy beurt weer die speel van "God save the King" sou noodsaak.<sup>309</sup> Gevolglik het die koerant versoek dat die program voor die 1938-algemene verkiesing bekend gemaak moes word. Die Regering se aanbod om die projek op 'n £ - vir - £ basis te finansier, het sy houvas op die verrigtinge verstewig.<sup>310</sup>

Tydens die Afrikaanse Taal - en Kultuurbond (ATKV) se kongres te Hartenbosch enkele jare later (1937), het Henning Klopper die gedagte van 'n ossewatrek, vanaf Hartenbosch na Pretoria as voorstel ingedien. Die voorstel was aan die Sentrale Volksmonumentekomitee vir oorweging voorgelê, hulle was geesdriftig ten opsigte daarvan en het die voorstel aanvaar. Die tema van die trek sou na aanleiding van C.J. Langenhoven se boek oor die hoogtepunt van die geskiedenis van Suid-Afrika onder die vaandel van "Die Pad van Suid-Afrika" staan.<sup>311</sup>

Op 8 Augustus 1938 het twee ossewaens uit Kaapstad na Pretoria vertrek, waar die hoeksteen van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 gelê sou word. Die entoesiasme waarmee die waens begroet was, het so in omvang toegeneem dat nuwe waens begin deelneem en die trekroetes na vyftien uitgebrel het - 'n kulturele herlewing het by die Afrikaner posgevat. Toe die waens by Oudtshoorn aankom, woonplek van Langenhoven, het die geesdriftige massa voorgestel dat "Die Stem van Suid-Afrika" as amptelike volkslied erken moes word. Met die aankoms van die Louis Trichardtrek te Nylstroom was 'n mosie aanvaar dat die Regering versoek moes word om Dingaansdag

<sup>308</sup> J.L. Basson, p.234.

<sup>309</sup> Ibid.

<sup>310</sup> P. Kapp, Die Voortrekkereuefees van 1938 - I: 'n Volk kom in beweging, Die Taalgenoot, November, 1967, pp.11-12.

<sup>311</sup> A.G. Visser, Die voorgeskiedenis van die trek van 1938, Gedenkboek van die Ossewatrek, 1838-1938, pp.38-39.

(16 Desember) en Krugerdag (10 Oktober) tot vakansledae te proklameer.<sup>312</sup> Dingaansdag staan vandag bekend as Versoeningsdag.

Vir 'n oomblik het Afrikaners aan beide kante van die politieke sfeer weer saamgepraat: Afrikaner-Smelter en Afrikaner-Gesulwerde het albei die sweep hoor klap: "Die waspoor word die snoer wat almal wat bymekaar hoort onweerstaanbaar na mekaar toe trek."<sup>313</sup> Met groot vreugde het die Afrikaner in die Ossewatrek die vergete simbool van homself en sy identiteit weer gevind. "These people representing the two political Parties freely mingled and exchanged reminiscences, relegating Party politics to the background."<sup>314</sup> Vir Kemp was dit 'n heuglike oomblik aangesien sy ideale van 'n verenigde Afrikaner volk dalk bereik kon word.

Reeds in Junie 1933 het Kemp hom in die buitengewone posisie bevind dat hy vir die eerste keer sedert 1924 sy gellefkoosde portefeulje naamlik Verdediging, onder sy beheer gehad het. As waarnemende Minister van Verdediging, in die plek van mnr. Oswald Pirow, moes hy op daardie tydstip net soveel kritiek verdra het, as in sy eie pos van Landbou.<sup>315</sup> Weer eens in 1938 tydens die feesviering van die Ossewatrek by Monumentkoppie, in Pretoria was Kemp waarnemende Minister van Verdediging, tydens Pirow se buitelandse reis. Gedurende die oggend van 15 Desember 1938 het Kemp met 'n hooggeplaaste offisier van die Verdedigingsmag, genl. Pierre van Ryneveldt, gesels om die naam van die Verdedigingshoofkwartier, Robertshoogte, te herdoop tot Voortrekkerhoogte. Dit sou plaasvind op 16 Desember 1938 by die Monumentkoppie. Die offisier het ingestem tot so 'n naamsverandering.<sup>316</sup> Kemp stel sy motiewe vir hierdie besluit soos volg: "Die naam Robertshoogte het sy ontstaan te danke gehad aan die feit dat lord Roberts se troepe daar oorgetrek het, toe hulle Pretoria kom beset het op 6 Junie 1900. Lord Roberts was myns insiens nog die grootste dwingland waarmee ons land te kampe gehad het; en waarom moet sy naam nogal deur die Verdedigingshoofkwartier van ons land verewig word?"<sup>317</sup>

<sup>312</sup> Dirk Mostert, *Stemme van Suid-Afrika. Gedenkboek van die Ossewatrek, 1838-1938*, p.220.

<sup>313</sup> *Dirk en Johanna de Villiers*, p.61.

<sup>314</sup> D.W. Krüger, *Making of a Nation*, p.192.

<sup>315</sup> *J.C.G. Kemp-versameling*, Band 13, koerantuitknipsel, 21.6.1933.

<sup>316</sup> *J.C.G. Kemp*, p.421.

<sup>317</sup> *Ibid.*, pp.420-421.

Kemp het ook verskele ander offisiere genader oor die beoogde naamsverandering en sodoende word hy verseker dat 75 persent van die offisiere van die Verdedigingsmag die naamsverandering sou steun. Adv. Broeksma, die Sekretaris van Verdediging, was ook deur Kemp oor die saak ingelig. Hy het Kemp ondersteun en hulle het eenstemmigheid bereik oor die politieke reperkussies van die stap, maar was nogtans bereid om saam met die Minister te staan. Gevolglik het Kemp aan hom sekere punte gegee en hom versoek om 'n kort toespraak op te stel, waarin hy die namiddag die naamsverandering sou aankondig.<sup>318</sup>

Kemp het ook sy vrou ingelig oor sy voorneme en aan haar gesê dat hy moontlik, as gevolg van die optrede, uit die Kabinet geskop sou word. Haar antwoord aan hom was: "As hulle jou daarvoor gaan uitskop, dan gaan ek dadelik inpak!"<sup>319</sup> Kemp stel dit duidelik dat indien daar nog enige twyfel in sy gemoed oor die saak was, dan was dit met die woorde van sy vrou aan hom, uit die weg geruim.

Deur bemiddeling van Broeksma was aan die Ultsaalkorporasie laat weet dat hulle reëlins moes tref vir 'n belangrike aankondiging wat die Minister die middag sou maak.<sup>320</sup> Kemp meld dat toe hy die middag in die feestent by Monumentkopple na die verhoog stap om die aankondiging te maak, daar heelwat rumoer onder die skare was, en "moes ek heelwat smadelike aanmerkings oor my persoon, my baardloosheid en my politieke karakter aanhoor."<sup>321</sup> Terwyl hy besig was met sy toespraak, was die gehoor maar bra rumoerig. Hy het onder andere gesê dat Robertshoogte in die verlede soms 'n twisappel was onder die volk en dat Robertshoogte misverstaan was. Volgens hom het dit tyd geword om alle onnodige misverstande uit die weg te ruim, aangesien die Departement van Verdediging en die Unieverdedigingsmagte 'n onafskeidbare deel van die Afrikaner was. Hy het gesê dat die hoof van die Generale Staf van die Verdedigingsmag, genl. Pierre van Rynveldt, met die heelhartige ondersteuning van die offisiere van die Staande Mag, by hom as waarnemende Minister van Verdediging aanbeveel het "dat voortaan Robertshoogte as Voortrekkerhoogte bekend sou staan. ....Ek weet u sal dit aanneem in die gees waarin dit gedoen word - in die gees van heelhartige toewyding by

---

<sup>318</sup> *Ibid.*, p.421.

<sup>319</sup> *Ibid.*

<sup>320</sup> *Ibid.*

<sup>321</sup> *Ibid.*, pp.421-422.

vernuwing aan die groot en merkwaardige Suid-Afrikaanse nasie wat in hierdie dae in wording gekom het. ....Die Volksmonument is naby Voortrekkerhoogte...."<sup>322</sup>

Kemp meld dat op daardie stadium van sy toespraak so 'n oorverdwende gejuig opgestyg het dat hy die mense wat vroeër op hom geskel en met hom geraas het, hom vergewe het. Hierdie optrede van Kemp moet gesien word teen die agtergrond dat hy op daardie stadium van mening was dat die Verenigde Party alle Suid-Afrikaners verenig het tot een nasie. Op 15 Junie 1939 het Kemp in 'n onderhoud met Die Suidster verklaar: "Ons het tydens hierdie sitting opnuut met reuseskrede gevorder op die pad van nasionale volksbou."<sup>323</sup>

Die verwagte politieke reperkussies het ook nie uitgebly nie. Die volgende Maandagoggend het Kemp vir Hertzog gaan sien en laasgenoemde het sy optrede goedgekeur. Volgens Leslie Blackwell is sy boek Farewell to Parliament, was die optrede van Kemp vir Hertzog 'n dilemma, want indien hy Kemp "overrule" het, sou laasgenoemde bedank en die Afrikaner se gevoelens sou dan 'n knou gekry het.<sup>324</sup> Apie Fourie het Hertzog versoek om die naamsverandering ook van toepassing te maak op die spoorwagstasie, wat die generaal gevolglik ook goedgekeur het.<sup>325</sup>

D.W. Krüger skrywe in sy boek Making of a Nation: "On the whole the festivities of 1938 unconsciously weakened the foundation of the United Party, for they provided a national opportunity of preaching a unity which was different from that achieved by Hertzog and Smuts. It even prepared the way for a rapprochement between the followers of Malan and Hertzog."<sup>326</sup> Voorts meld hy dat die naamsverandering byna 'n kabinetskrisis vir die voormalige Suid-Afrikaanse Partylede in die Kabinet veroorsaak het. Hertzog het daarvoor vergoed deur die poskantoor toe te laat om die ou naam te behou. Dit het geskied met Kemp se goedkeuring.<sup>327</sup>

Die Pretoria News berig op 17 Desember 1938, dat die 1938-Trek soos 'n groot vloed oor Pretoria gespoel en sy merk gelaat het. "Church Square" is nie meer daar nie, "Mar-

<sup>322</sup> Ibid., pp.422-423; John Fisher, The Afrikaners, p.284.

<sup>323</sup> Die Suidster, 15.6.1939.

<sup>324</sup> L. Blackwell, Farewell to Parliament, p.42.

<sup>325</sup> J.C.G. Kemp, p.423.

<sup>326</sup> D.W. Krüger, p.192.

<sup>327</sup> Ibid.

ket Street" is weg, die tweetalige engel "Andries" is toegepas en nou het Kemp, die waarnemende Minister van Verdediging, Robertshoogte vernoem. Die koerant het nie fout gevind daarmee nie, maar tog 'n waarskuwing gerig, aangesien gevoelens seerge- maak kon gewees en ongeregtheid kon plaasvind het. Die koerant was nie blind vir die goeie bedoeling van Kemp en sy kollegas nie.<sup>328</sup> Die volgende dag, 18 Desember 1938, berig die Sunday Times dat daar geen Engelse alternatief vir Voortrekkerhoogte sou wees, soos in die geval van "Roberts Heights" - "Robertshoogte" nie.<sup>329</sup> Die Rand Daily Mail van 19 Desember 1938 het in berig gevra waarom daar nie 'n Engelse ekwivalent vir Voortrekkerhoogte kon wees nie. Die koerant was bewus van 'n regeringskommissie se besluit om nie half - Engelsename en half - Afrikaansename saam te voeg nie en stel voordat "Trekker Heights" 'n gepaste Engelse weergawe sou wees en dat dit die Engels- sprekende in ag sou neem.<sup>330</sup> Voorts berig die koerant op 21 Desember 1938 dat daar 'n steeds groeiende protes in Pretoria was teen die naamsverandering. Die berig meld dat vir behalwe protesaksies deur individuele Engelssprekendes, verskeie Britse patriotiese liggame beswaar aangeteken en protesoptredes beoog het. Laasgenoemde sou in die vorm van 'n openbare vergadering of gesamentlike afvaardiging na Pirow wees, sodra hy na Pretoria teruggekeer. Die organisasie, volgens die berig, voel dat 'n kompromie nog bereik sou kon word, deur Robertshoogte te behou en die koppies rondom die Voortrekkermonument Voortrekkerhoogte te noem. Volgens die berig sou dit daartoe bydra dat die Engelse sentiment gerespekteer word.<sup>331</sup>

Die Minister van Verdediging, Pirow, het Kemp se optrede as waarnemende Minister van Verdediging, met sy terugkeer vanaf oorsee goedgekeur. "This change covers all military activities and rail facilities attached thereto. In view of the suggestion that this was a slight to Englishspeaking South African, it is emphasised - (i) that the change was effected as the result of representations by Senior Officers of the Defence Department who felt that the military establishment at the Heights was anxious to do homage to the memory of the Voortrekkers; (ii) that the name Roberts Heights is being retained by the Department of Post, Telegraphs and Telephones and by the Broadcasting Corporation,"<sup>332</sup> het hy verklaar.

<sup>328</sup> Hertzog-versameling, Band 107, berig Pretoria News, 17.12.1938; The Star, 19.12.1938.

<sup>329</sup> Sunday Times, 18.12.1938.

<sup>330</sup> Rand Daily Mail, 19.12.1938.

<sup>331</sup> Ibid., 21.12.1938.

<sup>332</sup> Hertzog-versameling, ongedateerde stuk, opskrif Voortrekkerhoogte-Roberts Heights; Die Transvaler, 4.1.1939.

Op 19 Desember 1938 het The Star die naamsverandering soos volg beskryf: "To re-name the place is unhistorical as well as unnecessary and ungracious. It has no associations and had no direct connection with the celebration..."<sup>333</sup> 'n Deputasie bestaande uit Engelse parlamentslede en Engelse oud-offisiere het Hertzog gespreek, hulle misnoë met die naamsverandering uitgespreek en probeer om die saak ongedaan te maak. Gevolglik het Hertzog vir Pirow, Clarkson en Kemp versoek om by die gesprekvoering teenwoordig te wees. Dit was vanselfsprekend dat die deputasie heftig teen Kemp se optrede protesteer het. Hertzog het die saak op 'n baie taktvolle wyse hanteer en sy goedkeuring aan Kemp se optrede gegee.<sup>334</sup>

'n Engelssprekende van Johannesburg het egter sy eie verklaring vir Kemp se optrede gehad: "When you rechristened 'Roberts Heights' to that horrible name 'Voortrekkerhoogte' were you drunk or near drunk? There is a saying that when a man is drunk he is seen in his true colours! So is it with you. You have seen fit to stab the Britisher in this country in the back? Don't forget there may be a reaction to the change if it does take place!.... You must not forget that the Dutch Nationalists are a stupid lot, uncultured and ignorant of the ways of the world with the 'worm in the brain' Dr. Malan at their head ....Is that the type of Afrikaners who in time will rule this country? God forbid!!!!!"<sup>335</sup>

Die Transvaler op 22 Desember 1938 berig dat "Die Stem van Suid-Afrika" ook ingesleep was by die politieke woelinge rondom die naamsverandering, en in sommige berigte word spyt daarvoor betuig dat "Die Stem van Suid-Afrika" as enigste volkslied aan die hand gedoen is. As die Engelssprekendes, die Afrikaner tegemoet moet kom deur "Die Stem" te eerbiedig, behoort Afrikaanssprekendes terselfdertyd ook "God Save the King" eerbied te betoon,<sup>336</sup> was verweer.

Die Diamond Fields Advertiser van 23 Desember 1938 berig dat die Departement van Verdediging, gedurende Pirow se afwesigheid, 'n dom stuk takt toegepas het. Volgens die berig kon die gedagtelose naamsverandering van Robertshoogte vergelyk word met

<sup>333</sup> The Star, 19.12.1938.

<sup>334</sup> J.C.G. Kemp, pp.423-424.

<sup>335</sup> Ibid., pp.425-426, brief van "John Citizens" (skuilnaam) aan Kemp, 8.1.1938.

<sup>336</sup> Die Transvaler, 22.12.1938; The Star, 21.12.1938.

Jan Kemp verander Roberts Heights na Voortrekkerhoogte, terwyl hy waarneem as Minister van Verdediging - Pirow oorsee.



Bron: Die Burger, 28.12.1938, Woensdag.

die afbreking van die standbeeld van die mees geliefde soldaat.<sup>337</sup> Op 30 Desember 1938 berig die Rand Daily Mail dat die komende tussenverkiesing in Pretoria-Stad, as gevolg van die dood van mnr. A.E. Campbell en wat op 9 Maart 1939 sou plaasvind, 'n kwaai stryd sou wees as gevolg van die naamsverandering. Volgens die berig het die Dominium Party aangedui dat hy die naamsverandering sou gebruik en dat hulle die meerderheid van die Engelssprekendes se stemme in die kiesafdeling daardeur sou verenig. Voorts meld die berig dat verantwoordelike Verenigde Party Engelssprekendes daarop wys dat 'n bevredigende oplossing lank voor die verkiesing verkry sou word, maar dat dit nie geïgnoreer kon word dat 'n groot deel van die Engelssprekendes verantwoordig was en voortdurende protes by Pirow aangeteken het, byvoorbeeld die Caledonian Protest, 'n afvaardiging van die Skotse gemeenskap in Pretoria.<sup>338</sup> Op 4 Januarie 1939 meld Die Burger dat met betrekking tot die tussenverkiesing in Pretoria-Stad: "Uit gesprekke in politieke kringe wil dit voorkom dat die Verenigde Party heelwat moeilikheid ondervind wat betref die aanwysing van 'n kandidaat vir Pretoria-Stad. Die Engelsprekendes wil dat die verandering van die naam Robertshoogte na Voortrekkerhoogte in die verkiesingstryd gesteep word, aangesien hulle van hierdie geleentheid gebruik wil maak om hul misnoeë oor die verandering te kenne te gee."<sup>339</sup>

Die Transvaler berig op 7 Januarie 1939 dat dit skyn asof alles nie meer pluus is met die saak van die naamsverandering nie. Volgens die berig het die Regering alles goed bedoel tydens die Eeufeesvieringe, maar dat die teenstand van die Engelssprekendes in die geleedere van die Verenigde Party nie voorsien was nie. Hierdie teenreaksie het, volgens die berig, die Regering laat skrik en daarby die uitslag van die tussenverkiesing in Pretoria-Stad in die weegskaal geplaas. Dit het tot gevolg gehad dat Pirow skielik te kenne gagee het, dat wat die naamsverandering betref, die saak nog swewende was, aangesien daar nog nooit "amptelike aankondiging was nie en dat daar in amptelike stukke nog Robertshoogte staan"<sup>340</sup> Volgens die berig eis die volk nou helderheid oor die saak en dat die Afrikaner volk nie sou toelaat dat die naamsverandering teruggetrek word nie. Op 10 Januarie 1939 berig die Rand Daily Mail dat Pirow en Kemp op 11 Januarie 1939, tydens die vergadering van die Transvaalse Kookus van die Verenigde Party, versoek sou word om die stilswye oor die naamsverandering te verbreek. Die berig meld dat sommige Verenigde Party Volksraadslede en Provinsiale Raadslede, wat klagtes

<sup>337</sup> Diamond Fields Advertiser, 23.12.1938.

<sup>338</sup> Rand Daily Mail, 30.12.1938.

<sup>339</sup> Die Burger, 4.1.1939 en 6.1.1939.

<sup>340</sup> Die Transvaler, 7.1.1939.

ontvang het, gevrees het dat Indien Kemp nie sy besluit sou herroep of wysig nie, dit moeilikheid in die Pretoria-Stad tussenverkliesing kon veroorsaak. Dit kon daartoe lei dat die Verenigde Party die setel verloor. Een voorstel aan die Ministers sou wees dat die benaming Voortrekkerhoogte gegee word aan die koppe waarop die Monument opgerig word en dat Robertshoogte behou moes word vir die Verdedigingshoofkwartier.<sup>341</sup>

Sekere kookuslede sou volgens die berig, selfs verder gaan en 'n direkte versoek aan Kemp rig om hierdie oplossing te aanvaar, want hy was direk verantwoordelik gehou vir die naamsverandering, aangesien hy dit aangekondig het terwyl hy waargeneem het in die Verdedigingsportefeulje. In die Afrikaanse pers het die vraag ontstaan of die Minister van Verdediging sou swig voor die druk van "Patriotic Societies". Die berig meld dat die Regering klaarblyklik daarop gesteld was om duidelik te laat verstaan dat hy nog nie besluit oor die saak geneem het nie, dus dat nog nie besluit het of hy van die Kemp-aankondiging sal weghardloop nie.<sup>342</sup>

Smuts het op Standerton in 'n toespraak verwys na die verskil oor die naamgewing van Voortrekkerhoogte en te kenne gegee dat hulle op pad is na 'n oplossing wat almal tevrede sou stel. Die Minister het dit treurig gevind dat die emosies, tydens die Eeufeesvieringe, gebruik was vir partyvoordeel.<sup>343</sup> Hy het Kemp aangeval omdat hy die Regering in die verknorsing laat beland het, deur sy swak beoordeelde en ongeregverdigde optrede in die voorgestelde naamsverandering. Volgens Smuts was dit by verre 'n liberale Interpretering van sy ministeriële magte, maar wat ongelukkig deur die grootste deel van sy kabinetskollegas gedeel is. Hy het gesê 'n mens moes leer om te gee en te neem in Suid-Afrika, maar as die gee net van die eenkant was, het dit Irriterend geword.<sup>344</sup> Hierdie uitspraak van Smuts was weer 'n bewys van die onverdraagsaamheid wat daar tussen hom en Kemp geheers het.

Op 16 Januarie 1939 het samesprekings plaasgevind tussen Hertzog en verteenwoordigers van die "Patriotic Societies," in 'n poging om 'n oplossing te vind vir die naamsverandering. Die Rand Daily Mail meld dat Smuts genader sou word vir bystand tydens die onderhandelinge. Die berig het melding gemaak van 'n groeiende onrus onder die Engelssprekende deel van die Verenigde Party en dat selfs baie Afrikaanssprekendes in

<sup>341</sup> Rand Daily Mail, 10.1.1939; Die Transvaler, 11.1.1939.

<sup>342</sup> Die Burger, 13.1.1939.

<sup>343</sup> Ibid.

<sup>344</sup> Hertzog-versameling, Band 107; Rand Daily Mail, 14.1.1939.

die party gevoel het dat die naamsverandering 'n politieke flater was. Die berig meld voorts dat 'n vyfde Verenigde Partykandidaat te voorskyn gekom het vir die Pretoria-Stad-tussenverkiesing, naamlik mnr. J.M. van H. Brink die Lid van die Uitvoerende Komitee, en het die mening uitgespreek dat die Regering so gou as moontlik 'n besluit moes neem oor die naamsverandering.<sup>345</sup>

Tydens die opening van die Kaapprovinsie se Verenigde Partykongres in Januarie 1939, te De Aar, het Smuts gesê dat alhoewel die naamsverandering 'n fout was, hy 'n beroep doen op mense om nie oor sensitief te wees nie, aangesien dit nie die bedoeling was om enigeen se gevoelens seer te maak nie.<sup>346</sup> Hierdie opmerking van Smuts was 'n weerspreking van sy toespraak 'n week vroeër op Standerton, waar hy beweer het dat die naamsverandering die Regering in die verknorsing laat beland het.

Op 21 Januarie 1939 het Hertzog aan W.B. Clapham, in antwoord op laasgenoemde se brief aan hom op 18 Januarie 1939, geskrywe dat insake Robertshoogte hy twee sake wou uitwys. Eerstens dat dit geensins die bedoeling was om met die naamsverandering lord Roberts se naam uit te wis nie, en tweedens dat sedert 1914 die benaming Robertshoogte uit voeling was met die gevoelens van 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes. Alhoewel dit nie die hoofrede vir die naamsverandering was nie, sou die nuwe name dit makliker maak vir die Departement van Verdediging om jong manne vir diensplig te trek.<sup>347</sup>

Die Afrikaner pers het ook teruggekap en op 23 Januarie 1939 het Die Burger, onder die opskrif "Uitlander-gesindheid in Suid-Afrika", berig dat die verontwaardigde optrede van die "Patriotic Societies" getoon het dat daar nog baie mense in die land was wat nie ryp was vir samewerking met die Afrikanerdom nie. Verder is die hoop uitgespreek dat die voorval sou dien om die oë van die hele Afrikanerdom oop te maak, sodat daar helder gesien kon word in watter mate vreemde elemente vyandig staan teenoor die eerbiediging van die gevoelens van diegene wat Suid-Afrika as hul enigste vaderland beskou.<sup>348</sup>

Die gesloerdery van die Regering om tot 'n finale besluit te kom, het tot gevolg gehad dat daar mense was wat die Verenigde Party verlaat het. So skryf mnr. A.J.S. Roos, voor-

<sup>345</sup> Ibid., berig in Rand Daily Mail, 16.1.1939; The Star, 16.1.1939; Die Burger, 17.1.1939.

<sup>346</sup> Rand Daily Mail, 18.1.1939.

<sup>347</sup> Ibid., brief van genl. Hertzog aan W.B. Clapham, 21.1.1939.

<sup>348</sup> Die Burger, 23.1.1939.

sitter van die Nasionale Partytak Setland, Dlamantdoorns, pk. Albertshoek, aan Die Transvaler dat daar nege Verenigde Partylede van die tak Makouskop, kiesafdeling Delarey, besluit het om die Verenigde Party vaarwel toe te roep en dat almal by die Nasionale Party aangesluit het. Volgens die skrywer was die onmiddellike rede vir die persone se bedanking, "dat daar nie akkoord gehou is met genl. Kemp se belofte in verband met Robertshoogte nie, en ten tweede dat die volk met drelgement gedwing word om by die Regering te bly."<sup>349</sup> So ook het N.J. van der Merwe in die Volksraad verwys na die geesdrif waarmee die naamsverandering begroet was en die agltasie wat 'n rukkie daarna navore getree, het teen die naamsverandering. Hy het verwys na 'n berig in Die Vaderland wat gemeld het dat die Regering geen wysiging of verandering beoog het nie. Maar meld Van der Merwe, dat Smuts later gesê het dat hulle besig was om 'n kompromie te tref. Volgens Van der Merwe was die "belaglike kompromis nie alleen ongewens nie, maar 'n misleiding van die mense wat die Minister toegejuig het by die aankondiging van die verandering."<sup>350</sup>

Tydens die Volksraadsdebat op 22 Februarie 1939, oor die naamsverandering na Vooortrekkerhoogte, het Kemp die Nasionale Party berispe, omdat hulle volgens hom 'n politieke speelbal van die saak rondom die naamsverandering wou maak. Hy het gemeen dat dit 'n departementele saak was, "maar hier kom die jaloesie weer te voorskyn omdat die Opposisie en kultuurverenigings nooit daaraan gedink het nie, maar omdat 'n eenvoudige boer dit op sy kerfstok het."<sup>351</sup> Volgens hom het die Engelssprekendes hulle soos sportmanne by die optrede neergelê en was daar nooit by hulle 'n rondgespringery nie. Hy het gesê dat hy nooit die reg gehad het om die naam van die poskantoor te verander nie. Hy was bly dat die Engelssprekendes hulle daarby berus het, dat dit gedoen was tot opbou van 'n Suid-Afrikaanse volk.<sup>352</sup> Kemp tree hier versoenend op teenoor die Engelssprekendes. Dit is asof hy hierdeur 'n hand van vriendskap tot hulle wou reik as gevolg van sy drastiese optrede, om die naam van Robertshoogte te verander.

Mn. F.C. Sturrock het tydens 'n openbare vergadering in Pretoria, ter ondersteuning van die kandidatuur van adv. Adolf Davls van die Verenigde Party, met die oog op die tussenverklaring in Pretoria-Stad, in sy toespraak verwys na die naamsverandering en gesê: "Deur Samesmelting is mense met so 'n verskillende agtergrond as genl. Kemp en ek

<sup>349</sup> Ibid.: Die Transvaler, 23.2.1939, brief van A.J.S. Roos.


<sup>350</sup> Ibid., 23.2.1939; Debate van die Volksraad, 22.2.1939, kolom 706.

<sup>351</sup> Debate van die Volksraad, 22.2.1939, kolom 706.

<sup>352</sup> Ibid.

Jan Kemp en die naamverandering van Roberts' Heights na Voortrekkerhoogte - sekere voorbehoude.

WEER 'N STERTJIE



EEUFEESEGANGER (aan oud-Nasionale Smeltzer): Is jy nou trots op daardie gedrog? Dit is nie wat geni. Kemp ons beloop het nie.

verenig. Dit is onvermydelik dat genl. Kemp as gevolg van ons verskillende agtergrond dinge sal sê waarvan ek nie hou nie en dat ek menings sal uitspreek waarmee hy dit nie eens is nie. Die vernoeming van Robertshoogte is 'n voorbeeld daarvan. Genl. Kemp se optrede was na my mening 'n onnodige fout, maar ek is daarvan oortuig dat dit te goeder trou gedoen is."<sup>353</sup>

In Februarie 1939 berig The Cape Times dat die amptelike kompromie oor die naamsverandering van Robertshoogte deur die Premier se kantoor in Pretoria uitgereik was. Volgens die berig het dit twee sake behels, wat as 'n skok vir die Engelssprekende gemeenskap in Pretoria gekom het. Eerstens sou die spoorwegstasie nie uitgesonderd word om sy oorspronklike naam te behou nie, en tweedens dat die versoek van die "Patriotic Societies" dat die hoofstraat deur die gebied na lord Roberts vernoem moes word, geïgnoreer was. Volgens 'n verklaring het die Minister van Verdediging die optrede van Kemp onderskryf en gemeld dat die uitspraak berus het op die uitkoms van voorleggings deur senior offisiere van die Verdedigingsdepartement. Hulle was van mening dat die militêre eenheid angstig was om eer te bewys aan die Voortrekkers en dat die naam Robertshoogte behou wou word deur die Departement van Pos, Telegraafwese en Telefoon en die Uitsaalkorporasie.<sup>354</sup> Hierdie verandering is in die Regeringskenningsgewing Nr. 705, gedateer 26 Mei 1939, bevestig.<sup>355</sup>

Dit wat die Opposisie voor die 1924-verkieping gevrees het, toe daar bespegeel is dat hy Minister van Verdediging sou word en "stormend" sou optree, is in 'n mate verwesenlik. Kemp word die geleentheid gegun om in afwesigheid van Pirow in die portefeulje waar te neem - sy gunsteling portefeulje en dadelik voer hy weer die stryd. Sonder vooraf raadpleging of kommunikasie met sy partystrukture neem hy, op aandrang van enkele hooggeplaaste weermagoffisiere, 'n radikale besluit - 'n besluit wat politieke "plofstof" bevat het. Die posisie in Europa tussen Duitsland en Engeland was reeds gespanne en in Suid-Afrika was die vraagstuk van Suid-Afrika se deelname in 'n stryd sluimerend en gespanne onder die verskillende taalgroepe. Kemp se "tjaarts" karakter, sonder inagneming van die gevolge ("damning the consequences") neem oor en hy verander op kort kenningsgewing die naam van Robertshoogte. Die gevolge en kritiek was verreikend, maar

<sup>353</sup> Die Burger, 22.2.1939, adv. A. Davies van die VP het die tussenverkieping gewen.

<sup>354</sup> Hertzog-versameling, Band 107, ongepagineerd, berig Cape Times.

<sup>355</sup> J.C.D. Lambrecht, Voortrekkerhoogte - 'n Geskiedkundige oorsig. Pretoriana, nrs. 32 en 33, April tot Augustus 1960, p.111.

Kemp het vas bly staan - dit wat so deel was van sy onstultbare karakter - wanneer hy 'n saak omhels het, het hy dit onverpoosd deurgevoer. Die kenmerk van 'n politieke leier.

Prof. P. Kapp skrywe in 'n berig, "Die verlede spreek", in Die Taalgenoot in Desember 1967: "Die stryd in Bloemfontein was klein in vergelyking wat gebeur het nadat Kemp as waarnemende Minister van Verdediging tydens die Eeufees te Pretoria aangekondig het dat die Robertshoogte na Voortrekkerhoogte verander gaan word. 'n Storm het in die Engelse pers losgebars en later so heftig geword dat genl. Hertzog as premier 'n poging moes aanwend om gemoedere te kalmee, met 'n verklaring dat albei name onder seker omstandighede gebruik sal word. Die feit dat die naam Voortrekkerhoogte sy opponent heeltemal verdryf het, bewys watter sterker aanklank daardie naam gevind het."<sup>356</sup>

## 7.10 Kemp loop mede-politici tromp, ongeag van politieke party

### 7.10.1 Besoek aan Indië : Kemp - Hofmeyrkonflik

Die aanwesigheid van so baie Indiërs in die Unie was problematies vir die Suid-Afrikaanse regering en gevolglik is die Kleurvraagstuk noodwendig daardeur beïnvloed. Die segregasie beleid van die Regering met sy inpak op politieke, ekonomiese en maatskaplike terrein het geleidelik tot verskeie onderhandelings tussen die Indiese - en Unieregering geleidelik. Dit het tot gevolg gehad dat 'n klein afvaardiging van parlementslede, op uitnodiging van die Indiese regering in 1927, na Indië vertrek het om 'n besoek af te lê en 'n studie van die Indiese vraagstuk te maak. In 1936 sou daar weer so 'n afvaardiging Indië besoek en Kemp was 'n lid daarvan.<sup>357</sup> Dit het geskied op uitnodiging van die nuwe Indiese agent-generaal, sir Raza Ali<sup>358</sup> en Hofmeyr was deur toerlede as die toerleier beskou. Die toer het sy probleme gehad: Hofmeyr was onvoorbereid vir die probleme van protokol en die verhouding tussen hom en Kemp was nie baie goed nie. Dit het veral sy oorsprong daarin gehad dat Kemp sedert 1927 'n hekel in Hofmeyr gehad het toe Hofmeyr, as Suid-Afrikaanse Partylid, nie wou bedank as Administrateur van Transvaal nie en Hofmeyr se liberale wetgewing in verband met die Kleurvraagstuk in 1936 deurgevoer het. Kemp was op die stadium ook die senior minister van die twee, terwyl Hofmeyr lid van die afvaardiging was.

<sup>356</sup> P. Kapp, Die Voortrekkereeufoes van 1938 - II: Die verlede spreek, Die Taalgenoot, Desember 1967, p.7.

<sup>357</sup> G.D. Scholtz, Dr. Nicholas Johannes van der Merwe, 1888-1940, p.308.

<sup>358</sup> Alan Paton, Hofmeyr, p.245.

Dit was vererger deur die feit dat Hofmeyr ongetroud was en dat mev. Kemp as die senior dame van die afvaardiging beskou was. Hofmeyr was vergesel van sy moeder, wat haarself nie net as die senior dame beskou het nie, maar haarself as leier van die afvaardiging beskou het.<sup>359</sup> Sake het verder versleg toe 'n besoek vanaf Mombasa na Nairobi georganiseer was en sekere lede van die afvaardiging, onder andere Kemp, nie saam genooi was nie.

In Indië het die spanning by die Suid-Afrikaanse afvaardiging hoog geloop en die wrywing was so hoog dat Hofmeyr Salah Hydari by geleentheid versoek het "to smooth things over."<sup>360</sup> Kemp het toe orals dieselfde behandeling as Hofmeyr ontvang. Dit is te verstaan dat Kemp ongelukkig was met die aanvanklike omstandighede. Hy het nie 'n baie hoë dink van Hofmeyr gehad nie en hom eerder beskou as 'n lakel van Smuts. Hofmeyr was ook nie 'n persoon wat maklik toeganklik was nie - eerder selfgesentreerd en bygestaan deur sy beskermende moeder het hy ongeërg opgetree. Daardeur het hy Kemp, die militaris-politikus, op die oorlogspad geplaas.

#### 7.10.2 Kemp - Ds. C.W.M. Du Toitbotsing

Op 11 Maart 1938 het Kemp in die Volksraad verklaar dat ds. C.W.M. Du Toit, Nasionale Party kandidaat vir Colesberg (tot 1938 en Marico vanaf 13 Oktober 1938), niks anders gedoen het as om propaganda te maak onder die staatsamptenare nie, om sodoende hul stemme te werf. Amptenare wou volgens Kemp op daardie stadium die Regering intimideer, maar hy het verklaar dat die Regering hom nie sou laat voorskryf nie. Volgens hom het die amptenare geen rede tot klagtes gehad nie, aangesien daar £500 000 in hul pensioenfonds gestort was en die besnoelings van £1 miljoen aan hulle teruggegee is.

Volgens Kemp was Du Toit: "Niks anders as 'n vlugteling nie."<sup>361</sup> Hy het Du Toit kwalik geneem omdat hy Piet Grobler beskuldig het dat hy die Raad openlik mislei het: "Ds. du Toit is 'n gevalle predikant. Hy kan op die preekstoel gaan bestaan meer maak nie en

<sup>359</sup> *Ibid.*, p.247.

<sup>360</sup> *Ibid.*, p.248.

<sup>361</sup> *Die Burger*, 12.3.1938; *Debatte van die volksraad*, 11.3.1938, kolom 533.

nou kom hy met sulke dinge."<sup>362</sup> Voorts het Kemp gesê dat hy saam met die Nasionaliste stem dat die vorige Nasionaleregering goed was, maar dat dit die Eerste Minister en sy Kabinet was wat die beleid bepaal het. "Die Nasionale Party is bankrot!"<sup>363</sup>, het hy verklaar. Hy het gevra of Du Toit eerlik was toe hy vir die Naturellewet (sic) gestem het en daarna verklaar het dat die land met rou bedryf oor die Naturellewette (sic).

Tydens 'n openbare vergadering op Potchefstroom op 14 April 1938, was daar deur prof. L.J. du Plessis aan Kemp gevra of hy in die Volksraad gesê het dat Du Toit 'n gevalle predikant is wat van die kansel en Colesberg gevlug het, omdat hy nie daar 'n bestaan kon maak nie, en of hy gesê het dat "die Nasionale Party aan die armes kleef soos parasiete en bloedsulers?"<sup>364</sup> In antwoord hierop het Kemp gesê dat hy verbaas was dat 'n man met die intelligensie van Du Plessis hom aan koerantverstae steur. Hy het erken dat hy gesê het dat daar sekere Volksraadslede was wat die land deurrels en gebruik gemaak het van die "armes", maar hy ontken dat hy dit in verband met die Nasionale Party as sodanig gesê het.<sup>365</sup> Wat Du Toit betref, het Kemp gesê dat hy nog altyd gedink het dat wanneer 'n predikant hom eers met die politiek ingemeng het, hy nie die een dag politiek moet proek en die ander dag nagmaal moet bedien nie.<sup>366</sup>

Voorts het Kemp gesê dat hy nie bereid was om 'n enkele woord van wat hy in die Parlement gesê het, terug te trek nie en dat hy dink dat hy ten volle geregtig daartoe was om die stellings te maak. Du Plessis het Kemp versoek om die beleidings terug te trek, maar Kemp het geweier.<sup>367</sup> Op 21 April 1938 tydens 'n vergadering te Mamagalleskraal, Brits kiesafdeling, was Kemp gevra of Du Toit in die dae van die ou Nasionale Party nie ook die Sappe beveg het nie en watter beswaar hy daarteen gehad het? Kemp het geantwoord: "Ja, maar toe was hy by ons."<sup>368</sup>

Op 8 Februarie 1939 was daar sensasie in die Volksraad toe Du Toit kennis gegee het dat hy op 28 Februarie 1939 sou voorstel dat 'n geregtelike kommissie aangestel moet word om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor die gedrag van Kemp, Minister van Lande, teenoor die Kleswet van die 1938-verkiesing. Die kommissie moes oor

<sup>362</sup> *Ibid.*

<sup>363</sup> *Ibid.*

<sup>364</sup> *Die Transvaler*, 15.4.1938.

<sup>365</sup> *Ibid.*

<sup>366</sup> *Ibid.*: *Dirk en Johanna de Villiers*, p.59.

<sup>367</sup> *Ibid.*

<sup>368</sup> *Ibid.*, 22.4.1938.

die mag beskik om spesiaal ondersoek te doen en verslag uit te bring oor die optrede van Kemp tydens die tussenverklaring in Marico. Die kommissie moes ook ondersoek instel in hoeverre daar in die geval, 'n dwarsboming van die loop van die gereg was.<sup>369</sup>

Op 28 Februarie 1939 was die openbare galery in die Volksraad volgepak, toe die langverwagte mosie oor Kemp se gedrag in die Marico tussenverklaring deur Du Toit ingedien was. Laasgenoemde het beweer dat Kemp hom skuldig gemaak het aan oortreding van die Kieswet en gevra het dat 'n kommissie van regters aangestel moet word om te beslis of die beskuldiging gegrond was. Dat die Regering die saak in 'n ernstige lig beskou het, het geblyk uit die feit dat Hertzog en Smuts laat blyk het dat hulle ook aan die debat sou deelneem. In sy aanklag het Du Toit 'n verslag van 'n toespraak van Kemp voorgelees, waarin die Minister onder andere gesê het: "Dan is daar nog nedersetters wat teen die Regering is. Hierdie mense ken geen dankbaarheid nie. Die grond waarop hulle woon behoort aan die Regering; die dakke oor hulle hulse behoort aan die Regering; hulle implemente en hulle beeste behoort aan die Regering. Hul enigste besitting wat nie die Regering se brandmerk dra nie, is hul vrouens. Party van hulle was Maandag op die vergadering op Zeerust en het my daar geboe. Ek weet wie hulle is en sal hulle leer om te boe. Ek sal dadelik laat nagaan wie van hulle agterstallig is met hul huur en sal hul huurkontrakte dadelik laat kanselleer."<sup>370</sup>

Op dié gedeelte van die aanklag het Kemp, tot by die sin betreffende die regeringsbrandmerk op die vrouens, ontken dat hy dit gesê het: "Die Regeringsparty is daar trots op dat hy nog nie 'n brandmerk op die vrouens en moeders van Suid-Afrika geplaas het nie."<sup>371</sup> Volgens hom was dit belaglik om te beweer dat hy op 'n vergadering met ongeveer 600 mense, kon gesien het wie hom ultjou en dan nog ook geweet het dat hulle Nasionalliste was.

Voorts het Du Toit 'n reeks gevalle van persone, wat aangeskryf was vir agterstallige huur en uitgesit is, voorgelê en verklaar dat die mense nie aangeskryf was omdat hulle agterstallig was nie, maar omdat hulle teen die Regering gestem het: "Daar is ander mense wat ook agterstallig is en meer agterstallig is wat nie aangeskryf is nie," het hy

<sup>369</sup> Die Burger, 9.2.1939; Transvaler, 9.2.1939; Transvaler, 11.2.1939.

<sup>370</sup> Ibid., 1.3.1939; Transvaler, 1.3.1939; Debate van die Volksraad, 28.2.1939, kolomne 984-986.

<sup>371</sup> Debate van die Volksraad, 28.2.1939, kolomne 991-992.

verklaar.<sup>372</sup> Ook Strijdom het die geval behandel van L.F. Kriel wat slegs £50 agterstallig en aangeskryf was. Hy was kennis gegee om binne 30 dae te betaal, dit terwyl sy koringoes eers oor twee of drie maande verkoop sou wees. Volgens Kemp was die skuld al baie oud en het die man nie betyds geantwoord op aanmanings nie. Strijdom het aange-  
toon dat die brief van die Departement voorgelees sou word, waarin verklaar was dat die man se huurgeld slegs een Jaar agterstallig was. "Kragtens die wet hoef die Minister 'n nedersetter nie aan te skryf voor hy 4 Jaar agterstallig is nie,"<sup>373</sup> het Strijdom verweer.

Die oorgrote deel van Kemp se repliek was gewy aan die voorlees van datums waarop briewe aan die betrokke nedersetters gestuur was om hulle te maan. Hy het gesê dat sy doel daarmee was om aan te toon dat hulle die geld lank reeds skuld, en in sommige gevalle dat hulle geen goeie boere was nie.<sup>374</sup> Smuts het, as Minister van Justisie, die versekering gegee dat die gereg sou meehelp om Intimidasie by verkiesing te bestry. Op die tydstip het die vrees ontstaan dat die saak sou doodloop, omdat daar nie genoeg tyd vir bespreking toegelaat was nie, maar Smuts het self die verdagting voorgestel en Hertzog het voorgestel dat die debat die volgende dag hervat sou word.<sup>375</sup>

Op 1 Maart 1939 het verskele politici van beide die Nasionale Party en Verenigde Party die woord gevoer, onder andere J.G. Strijdom, D.F. Malan, J.S. Marwick en ds. S.W. Nau-de. Die Speaker, adv. E.G. Jansen, het teen laat aand beslis dat die saak tot stemming gebring word en met 63 stemme teen 31 stemme is die aanklag verwerp. Die voorstel wat tot stemming gebring en aangeneem is het gelul dat na die mening van die Raad die beskuldiging teen die Minister van Lande van oortreding van die Kieswet ongegrond is. Voorts dat ds. Du Toit of enige lid van die publiek die reg gehad het om hul tot die hof te wend en 'n saak aanhangig te maak. Ter afsluiting meld die voorstel dat die Raad dit betreur dat sulke ongegronde beskuldigings teen die Minister gemaak is.<sup>376</sup> Kemp het ongeskonde uit die stryd gekeer, maar kenmerkend van sy karakter kon aanvaar word dat hy wel die dislojale nedersetters gedreig het. Sy optrede in die verlede getuig daarvan.

<sup>372</sup> *Ibid.*, kolomme 994-995.

<sup>373</sup> *Ibid.*: *Die Transvaler*, 1.3.1939.

<sup>374</sup> *Ibid.*, kolomme 1016-1027.

<sup>375</sup> *Ibid.*, kolom 1036.

<sup>376</sup> *Ibid.*, 1.3.1939, kolomme 1126-1128.

Die Burger van 2 Maart 1939 berig, dat hoewel dit in die verlede nog altyd die gebruik was om wanneer daar 'n aanklag aanhangig gemaak was teen 'n lid van die Kabinet of van die Raad, 'n ondersoek verwelkom was om sodoende die aangeklaagde se eer te beskerm. Voorts dat die Verenigde Party streng volgens party verdeling belet het dat 'n kommissie van regters aangestel word, net om Kemp se optrede te vergoelik. Volgens gebruik was Kemp tydens die debat nie in die Raad nie, maar het buite in die wandelgang die beslissing afgewag.<sup>377</sup>

Die Rand Daily Mail berig op 31 Januarie 1933 dat wanneer Kemp in die Volksraad praat, hy altyd een of ander Volksraadslid aangeval het en meld voorts, "he laid a very heavy sjambok on die shoulders of all who differed from him, and got right back to the dreadful old party rut."<sup>378</sup> Op 13 Junie 1934 berig Die Burger dat Kemp deur astrantheid sy tekortkominge probeer bedek. Voorts meld die berig dat Kemp se optredes in die Volksraad baie Volksraadslede afgestoot het.<sup>379</sup> Op 16 Maart 1939 verwys Die Burger na Kemp se optrede in die Volksraad, in verband met C.W.M. du Tolt se aantygings, en meld dat die Minister tydens die debatte so mak soos 'n lammetjie was. Die berig wys verder daarop dat die "kwaal" minister net verdedig het, dat sy kleitrappery soms pateties was en dit geen twyfel ly dat hy agter die skerms moes rlemspring by sy partygenote oor sy taktiese flater nie.<sup>380</sup>

Dit wil voorkom asof Kemp, wanneer hy skuldig was en in 'n hoek gedruk was, homself teruggetrek het - asof sy "tjaarts" uit hom was. Die skrobberinge uit partygeledere het hy dan soos 'n man aanvaar, sonder om verskonings aan te bied vir sy flaters. Die vraag is of dit nie 'n teken van groot militêre teiers nie? Hulle is daarvoor bekend dat hulle nie erken as hulle foute gemaak het nie.

Vir hom egter was die saak van groter belang as die persoon en het hy in baie min gevalle persoonlike vyande gehad. Hy was nie iemand wat geglo het in hulgelary nie - hy het altyd die moed van sy oortuiging uitgespreek en dit onder geen stoel of bank verberg nie. J.L. Basson beweer dat Kemp bekend was as 'n vurige vogter wat geeneen van sy

<sup>377</sup> Die Burger, 2.3.1939.

<sup>378</sup> Rand Daily Mail, 31.1.1933.

<sup>379</sup> Die Burger, 13.6.1934.

<sup>380</sup> Ibid., 16.3.1939.

opponente gespaar het nie. Inteendeel, hy sou op enlge een trap wat in sy pad gestaan het.<sup>381</sup>

### 7.11 Ter afsluiting

Waar Kemp hom voorheen, 1915-1933, in 'n politieke party van eendersdenkendes bevind het, was hy met Samesmelting binne 'n party waar hy moes saamwerk met vorige politieke opponente - één waarin onderlinge wantroue waarneembaar was. Dit kan aanvaar word dat twee beginsels vir die optrede van Kemp verantwoordelik was, naamlik eerstens sy lojaliteit teenoor Hertzog en tweedens sy ideaal om 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk daardeur te bewerkstellig. So byvoorbeeld het hy op 15 Maart 1938 in die Volksraad verklaar dat die Afrikaanssprekendes in die Verenigde Party vooruitgegaan en dat die Engelssprekendes op gelyke voet saam met hulle gaan: "Ons kan mekaar vlerkant in die oë kyk."<sup>382</sup> Voorts het hy gemeld dat wat homself betref, hy die Opposisie die versekering gee dat hy sal poog om die stryd so te voer dat dit tot eer van die Afrikaner strek.<sup>383</sup> Dit was Kemp, hy het opgetree uit Innerlike oortuiging.

Kenmerkend van hom was ook dat wanneer hy 'n saak omhels het hy met alles tot sy vermoë daarvoor sou stry. Gevolglik was hy vanaf 1924 die mening toegedaan dat indien 'n amptenaar in die staatsdiens werk of as nedersetter grond van die Regering ontvang het, hy sy lojaliteit aan die Regering van die dag moet betoon. Vandaar sy militaristiese en dreigende houding - 'n saak wat tot geweldige kritiek vanuit Opposisiegeleedere sou lei en soms vir hom onaangename gevolge gehad het. Nie dat hy hom verskriklik daaraan gesteur het nie.

Die Kleurvraagstuk was vir hom 'n saak van kardinale belang en was hy 'n groot voorstander van 'n beleid van segregasie. Op 30 Maart 1933 het hy in die Volksraad verklaar dat die blote feit dat die Blanke in Suid-Afrika is en volgens sy beskouing wil bly voortbestaan, segregasie noodsaaklik was.<sup>384</sup> Aan die anderkant was hy 'n persoon wat begrip getoon het vir sy Swart medemens. Hy het vanaf kindsbeen opgegroeë op die platteland en het op 'n baie vroeë ouderdom te doen gekry met hul kultuur en gewoontes. Hy was van mening dat dit die Blankes se plig was om aan die Swartmense 'n behoor-

<sup>381</sup> J.L. Basson, p.595.

<sup>382</sup> Debate van die Volksraad, 15.3.1938, kolom 1678.

<sup>383</sup> Ibid.

<sup>384</sup> Ibid., 30.3.1933, kolomne 2700-2701.

like lewensbestaan te verskaf en hom te evangeliseer, om hom sodoende op alle moontlike maniere te help "om hom te beskaaf."<sup>385</sup> Volgens hom was daar altyd 'n seksle van die Blankes wat die hell van hul ras wil soek in die lê van struikelblokke in die weg van opfeding en beskawing van die Swartes. Hy was geensins 'n voorstander van integrasie ten opsigte van die stemreg en handelsgebiede nie. Met sy teenwoordigheid in die Verenigde Party sou dit hom in stryd bring met sekere liberale politici, soos Hofmeyr. Dit sou tot gevolg hê dat hy en ander voormalige Nasionale Party politici, soos Plet Grobler, sterk standpunt ingeneem het. Hy het egter endult 'n voorstander gebly vir 'n werkbare oplossing van die Kleurvraagstuk.

In sy politieke fanatieke lojaliteit het hy ook vyande van sy opponente gemaak. In die geval van die "Gesulwerde" Nasionale Party het hy 'n geweldige stryd gevoer met sy eertydse partygenote. Selfs die woord "gesulwerde" is vir die eerste keer deur hom gebruik en dit as 'n skeldnaam. In die proses het Kemp ulters verdag opgetree teenoor die Afrikanersaak en het dit daar toe gelei dat Afrikaanssprekendes binne Nasionale Party gelede hom as 'n verraaier bestempel het, veral met sy vergoeliking van Smuts as 'n groot staatsman. Dit is onbegryplik dat Kemp vir Smuts polites omhels het, aangesien hy reeds van Anglo-Boereoorlog en Rebelle dae 'n hekel in Smuts ontwikkel het. Kemp se republikanisme het ook somtyds verdag voorgekom en gevolglik het hy tydens die 1938-verkiegngstryd geweldig teenkanting en wantroue van mede-Afrika-ners, veral op die platteland, ervaar. So byvoorbeeld verskyn daar in Die Transvaler op 21 Maart 1938, 'n brief van mnr. A. Van der Merwe waarin hy onder andere skrywe: "Bewys die felt dat hy (Kemp) aan die Regeringskant iets is? Vandag bestempel hy die Rebelle as 'n begane fout, maar dis gewls 'n fout wat hom die ministerskap besorg het."<sup>386</sup>

Tydens hierdie tydperk kan een saak uitgesonder word wat Kemp "onverskroekkenheid" onderstreep, naamlik die Voortrekkerhoogte naamgewing. 'n Saak wat hy klaarblyklik nie lank vooruit beplan het nie - 'n saak wat hy op 'n kort ingewing van die oomblik aangepak en getrou aan sy karakter endult by sy besluit gebly het. Niteenstaande die ernstige gevolge wat dit op daardie tydstip ingehou het, aangesien die oorlogspaatjies alreeds in 'n sekere mate tot spanning tussen die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika aanleiding geger het. Hy het soos 'n man die stampe en stote, veral van binne partygelede gevat, maar nogtans regverdiging daarin gesien. Hy het vas geglo dat deur Robertshoog-

<sup>385</sup> Ibid.

<sup>386</sup> Die Transvaler, 21.3.1938.

te se naamsverandering hy die saak van die Afrikaner gedien het, aangesien lord Roberts nie die naamgewing werd was nie. Volgens hom het hy die naam vereenselwig met dwingelandy - iets wat nie gehoor het by die Suid-Afrikaanse Verdedigingshoofkwartier nie. Self Smuts se opmerking dat die optrede van Kemp 'n fout was, het hom geensins van stryk laat bring nie.

Binne die Verenigde Partygeledere en veral in die Transvaal, het hy 'n leidende rol gespeel. Dit is te verstane, aangesien hy een van die senior kabinetslede in die Hertzogkabinet was. Weer eens het hy, die vlytge administrateur wat hy was, die portefeulje van Lande met groot ywer aangepak. Veral sy optrede in verband met die verhoging van die lewenstandaarde van die nedersetters kan vermeld word. Op partyleidingsvlak in die Transvaal het hy saam met sy vriend, Piet Grobler, goeie werk gedoen, veral met die proses om binne partyverband politici van verskillende agtergronde en oortuigings saam te snoer. Die resultaat van dit alles was dan ook sy verkiesing tot leier van die Verenigde Party in Transvaal in 1938. 'n Oomblik van triomf vir hom aangesien hy nog altyd beskou was as 'n Jukskelbreker - iemand wat moeilik ander standpunte in ag geneem het en gevoelig was vir kritiek.

Dit kan ook beweer word dat Kemp hom sekerlik ongemaklik gevind het in die "huwelik", aangesien hy 'n politikus was wat hom beywer het vir eenheid. Terwyl so iets eintlik nie binne die Verenigde Party bestaan het nie - dit was nie 'n spontane en openhartige vereniging nie. Hy moes veg vir 'n bestaansreg en veral waar hy altyd in onguns by Smuts was - byvoorbeeld waar Smuts sy republikaanse as 'n grap beskou het. In Januarie 1934 berig The New Gaurd: "And General Kemp expresses his willingness to 'forgive and forget' at last! Damn his forgiveness and his impudence. He forgive the South African Party. Does he forgive Botha's stout Afrikaners for loyal adherence to their oath taken at Vereeniging? Does he forgive them for helping to put down treason and rebellion in 1914 at any cost? Or is it us 'Old Unionist' who he so graciously forgive?..."<sup>387</sup> Hieruit blyk dit duidelik dat hy nooit werklik daarin geslaag het om by al sy partygenote volle vertroue te wek nie en tesame met die wantroue by sy mede-Afrikaner, moes dit vir hom 'n onverkwiklike situasie gewees het. Die vraag kan gevra word of dié Voortrekkerhoogte episode, nie 'n regstellende aksie van sy kant was om Afrikanervertroue te herwin nie.

<sup>387</sup> The New Gaurd, Januarie 1934, uittreksel.

Nogtans tree Kemp met groot eer uit die Samesmeltings tydperk, aangesien hy deur sy aksies oplossings vir "Suid-Afrika Eerste" probeer vind het. Al het dit van hom "militaristiese" optrede vereis. Soveel so dat F.C. Erasmus, Nasionale Party Volksraadslid vir Moorreesburg, op 11 Maart 1938 in die Volksraad teenoor Kemp opmerk: "U is so klein dat u gemeenheid geen perke ken nie." Vir sy politieke opponent was hy 'n ulters gedugte teenstander.<sup>358</sup> Die politiek was vir hierdie eertydse militaris 'n krygsveld, nie met die wapens en ammunisie nie, maar met die wapen van die tong en gees. Die strategie was nog steeds dieselfde - oorwinning - 'n oorwinning vir die saak waarin hy geglo het.

---

<sup>358</sup> Debate van die Volksraad, 11.3.1938, kolom 1541.

## HOOFSTUK 8

### KEMP SE LAASTE POLITIEKE STRYD VIR EENHEID, 1939 TOT 1946

#### 8.1 Ter inleiding

Sedert Uniewording in 1910 was daar uiteenlopende beskouings van Afrikaans - en Engelssprekendes in Suid-Afrika, met betrekking tot die Unie se reg tot neutraliteit in 'n oorlog waarby Brittanje betrokke sou raak. Ten nouste hiermee gekoppel was die teenstrydige standpunte oor Suid-Afrika se konstitusionele posisie binne die Britse Ryk. Afrikanernasionaliste het die ideaal van 'n eie soewereine staat, vry van vreemde heerskappy gekoester. Daarenteen het die meerderheid Engelssprekendes, vanweë hul sentimentele bande met Brittanje, hul absolute lojaliteit teenoor die Britse kroon vooropgestel.<sup>1</sup>

Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog, en veral nadat die Pakt in 1924 die regeringsleiers oorgeneem het, het Suid-Afrika vinnig op die pad van soewereine onafhanklikheid gevorder. Met die Balfourverklaring, tydens die Rykskonferensie van 1926, was die dominioms se gelyke status met die Britse Statebond Internasionaal erken. In Suid-Afrika was daar meningsverskil oor die implikasies van die Balfourverklaring, onder meer met betrekking tot neutraliteit.<sup>2</sup>

Met die goedkeuring van die Statuut van Westminster in 1931, deur die Britse parlement en die aanneme van die Statuswette 1934 deur die Unieparlement, was die Unie se soewereine en afhanklikheid bekragtig. Die Britse koning kon Suid-Afrika voortaan stegs op advies van die Uniekabinet tot internasionale verpligtinge bind. Teoreties is die Unie se reg tot neutraliteit dus gewaarborg, aangesien Suid-Afrika neutraal kon bly, indien die Kabinet tot oorlogsdeelname sou besluit.<sup>3</sup>

In die Suid-Afrikaanse politieke geleedere was daar egter steeds nie eensgesindheid oor die neutraliteitsvraagstuk nie. Hoewel die neutraliteitskwessie volgens die Verenigde

<sup>1</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Die Nasionale Party, Deel 4, p.230.

<sup>2</sup> Ibid.

<sup>3</sup> J.H. le Roux, Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1935-1940, p.423.

Partyleiers teen 1934 bloot 'n "akademiese" vraagstuk was, weens die onwaarskynlikheid van 'n Europeseoorlog, was dit tog 'n potensiële verdelingsfaktor in Suid-Afrika. Weens die sameloop van omstandighede, in die periode 1934-1939, het neutraliteit in 'n toenemende mate 'n brandende politieke geskilpunt tussen die twee hoof politieke partye geword.

## 8.2 Neutraliteit word 'n brandende kwessie 1938-1939

Verwikkelinge in Europa gedurende 1938 en 1939 het die besef in Suid-Afrika laat posvat dat 'n wêreldoorlog onafwendbaar was. Dit het die neutraliteitskwessie, wat voorheen 'n akademiese vraagstuk was, toenemend in die kader van die praktiese politiek laat beland.

Hitler se else en optredes sedert Maart 1938 het tot 'n eskalerende krisis in Europa gelei. In Suid-Afrika het daar groot onrus oor die Europese situasie geheers. Die Gesulwerde Nasionale Party het hard gepoog om die Regering onder druk te plaas oor Suid-Afrika se standpunt in verband met oorlogsdeelname, daar dit duidelik was dat genl. Smuts se standpunt oorheersend was binne die Verenigde Party. Dit het tot voortdurende konfrontasie in die Parlement gelei, wat weer op sy beurt wye reaksie in die Suid-Afrikaanse pers verwek het.

Na aanleiding van die ernstige krisis in Europa, het genl. Hertzog op 1 September 1938 'n voorwaardelike neutraliteitsverklaring opgestel. Hiervolgens sou die bestaande verhouding en betrekkinge tussen die Unie van Suid-Afrika en die verskillende oorlogvoerende partye ongewysig bly voortbestaan, en voortgesit word asof daar geen oorlog gevoer word nie, met die voorbehoud dat Suid-Afrika sy verpligtinge as lid van die Britse Gemenebes en van die Volkebond sou nakom. Die kontraktuele verpligtinge ten opsigte van die Simonstadvlootbasis sou uitgevoer word.<sup>4</sup> Niemand sou toegelaat word om die grondgebied van die Unie te gebruik vir optrede wat kon inbreuk maak op Suid-Afrika se bestaande betrekking en verpligtinge nie.<sup>5</sup> Hierdie verklaring van die Eerste Minister

<sup>4</sup> G.D. Scholtz, Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, p.338, die sogenaamde Smuts-Churchill-ooreenkoms van 1921 het bepaal dat alle Britse militêre besittings in Suid-Afrika aan die Unie-regering oorgedra sou word. Dat die Britse admiraliteit die beskikking oor die vlootbasis by Simonstad sou behou en dat die Unie-regering onderneem om hierdie basis teen landaanvalle te beskerm.

<sup>5</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.249; Smuts-versameling, Band 300, verklaring J.B.M. Hertzog, 1.9.1938.

was op 28 September 1938 deur die volle Kabinet eenparig aanvaar.<sup>6</sup> In 1940 het 'n konfrontasie in die Volksraad tussen Hertzog en Smuts oor dié gebeure plaasgevind. Hertzog het Smuts en die ander ministers beskuldig van troubreuk, aangesien hulle nie die ooreenkoms van September 1938 tydens die neutraliteitsdebat van September 1939 eerbiedig het nie. Smuts het geantwoord dat die vertroulike ooreenkoms van 1938 slegs op die Tsjeggo-Slowaakse krisis betrekking gehad het en nie 'n algemene neutraliteitsverklaring was nie. R. Stuttaford, D. Reitz en H.G. Lawrence, almal lede van die 1938-Kabinet, het ontken dat die Hertzog-verklaring ooit aan 'n volle kabinet voorgelê was en formeel aanvaar was.<sup>7</sup>

Op 16 September 1938 het genl. Kemp te Wellington die beleid van die Regering, insake oorlogsdeelname uiteengesit. Volgens hom was die Regering besig met 'n bewapeningsaksie om Suid-Afrika en Afrikaner volk te beskerm. Hy het voorts gemeld dat die Verenigde Party ten gunste van vrede was, omdat hy geweet het wat dit beteken het om oorlog te maak en indien daar oorlog sou uitbreek, sou die volk van die land besluit of Suid-Afrika sou deelneem of nie. Voorts het hy gesê: "Die Koning van Engeland is die koning van die land en dit is in die ekonomiese belang van die land dat hierdie toestand gehandhaaf word. Engeland is nog die grootste mark vir die boere. Dit is in belang van die boere om hand - aan - hand met Engeland te werk."<sup>8</sup>

Daar was reeds in September 1938 'n geheime ooreenkoms tussen Hertzog en Smuts gesluit in verband met die neutraliteitsvraagstuk - dit was nie openbaar gemaak nie en het eers 'n jaar later bekend geword, nadat die Unie teen Duitsland oorlog verklaar het. Ook het Adv. O. Pirow, Minister van Verdediging, in 1938 Europa besoek. Hy het nageklaar om Hertzog oor die ware bedreiging wat Nazi Duitsland ingehou het, in te lig. Dit verklaar moontlik die Premier se voortgesette hoop op die handhawing van vrede in Europa.<sup>9</sup>

Die kloof tussen die twee hoofpartye ten opsigte van neutraliteit het gaandeweg al hoe wyer geraak, namate die Europese toestand versleg het. Die Verenigde Party, as regeringsparty, was ook erg verdeeld oor die neutraliteitsvraagstuk. Smuts en sy ondersteuners het ondubbelinnig verklaar dat die Unie ingeval van oorlog Brittanje sou steun.

<sup>6</sup> *Ibid.*: Bylang 8.

<sup>7</sup> Vergelyk Kean van der Poel, *Selection from the Smuts Papers*, Vol. VI, pp.190-191.

<sup>8</sup> *Die Burger*, 17.9.1938.

<sup>9</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.250.

Daarteenoor was daar onsekerheid oor Hertzog se houding, vanweë sy vae en dubbel-sinnige uitsprake.<sup>10</sup>

Die feit dat die Regering die finale beslissing oor oorlogsdeelname aan die Parlement, as verteenwoordigers van die volk sou oorlaai, het 'n vloeiende situasie geskep, aangesien dit toenemend duidelik geword het dat Smuts die meerderheidsstandpunt in die Verenigde Party verteenwoordig het. Te midde van hierdie toestand van verdeeldheid, oor die neutraliteitskwessie, het Suid-Afrika die rampspoedige jaar 1939 betree.

Tydens die Transvaalse Verenigde Partykongres teen die einde van Augustus 1939, het Kemp in sy openingsrede die neutraliteitskwessie aangeraak en gemeld dat niemand die volk in oorlog wou sleep nie, maar dat geen verantwoordelike leier sou toesien dat sy volk deur 'n vyand platgetrap word nie. Sy standpunt was dat hulle solank moontlik neutraal sou bly in enige oorlog wat kom. Alleen die aard en omvang van enige oorlog sal moet bepaal of hul daarin betrokke sal wees en dat daar nog geen tekens was dat hul in 'n oorlog betrokke sou raak nie.<sup>11</sup> Hertzog, Smuts, Pirow en ander ministers het herhaaldelik verklaar dat die Unie alleen aan 'n oorlog sou deelneem, wanneer die Parlement besluit dat die belange van Suid-Afrika so geraak en bedreig was, dat dit nie anders kon as om dit met die wapen te beskerm nie.<sup>12</sup>

Die Verenigde Party het by monde van sy leiers verklaar dat hy hom by die beleid neer lê, omdat daar die volste vertroue in die Parlement was, "wetende dat hierdie hoogste soewereine gesag van ons volk ons uit 'n oorlog sou hou, solank as belange nie geraak of bedreig word nie en omdat ons weet die Parlement hom in hierdie besluit sal laat lei deur net ons eie belange en deur geen ander oorweginge hoegenaamd nie."<sup>13</sup>

Kemp het in die tyd ook as voorsitter van die Hoofkomitee van die Transvaalse Verenigde Party 'n verklaring uitgereik, waarin hy verklaar het dat dit die beleid van die Regering was om Suid-Afrika buite Europese twistes te hou. In antwoord hierop het min. Clarkson gesê: "South Africa is a full co-operating member of the British Commonwealth and talk of remaining neutral if Britain is at war, is all nonsense."<sup>14</sup> Dit is heel duidelik

<sup>10</sup> G.D. Scholtz, pp.387-388.

<sup>11</sup> J.C.G. Kemp-versameling, Band 6, ongepagineerd.

<sup>12</sup> J.C.G. Kemp, Pad van die Veroweraar, p.432.

<sup>13</sup> Ibid.

<sup>14</sup> L. Blackwell, Farewell to Parliament, p.56.

dat kultuurverskille binne Suid-Afrika uitging sou vind in verskillende opinies ten opsigte van oorlog deelname of neutraliteit, en dit was alreeds hier duidelik waar Kemp se sentiment gelê het.

Hierdie beleidsverklarings was wyd en syd oor die lengte en breedte van die land gepubliseer en volgens Kemp was daar baie min teenstand gewees. Hy meld dat almal dit eens was dat Suid-Afrika alleen aan 'n oorlog sou deelneem wanneer die belange van dié land alleen so bedreig was, dat hulle nie anders kon as om dit met die wapen te verdedig.<sup>15</sup>

Piet Meiring in sy boek Tien Politieke Leiers se siening is interessant. Hy meld dat die laaste Jaar van die Smelterbewind een van tweedrag was, veral omdat die Kabinet in die lig van die naderende oorlog al hoe meer langs afsonderlike vure gesit het. 'n Maand voor die uitbreek van die oorlog, juis ten tyde van die Münchenkrisis, het Hertzog, gesteun deur Pirow, Havenga en Kemp, 'n neutraliteitsstandpunt eenparig deur die Kabinet aangeneem gekry. "Genl. Smuts het maklik genoeg geskull agter die vaaghede van die voorstel, wat in elk geval so niksseggend was dat 'n mens byna eniglets daar in kon lees,"<sup>16</sup> meld hy.

Aangesien die termyn van die Senaat op 5 Oktober 1939 sou verstryk, was reëlings getref vir 'n spesiale sitting van die Parlement, met die uitsluitlike doel om die termyn van die Senaat te verleng, veral met die oog op die Internasionale situasie. Kemp beweer egter dat die Parlement in Kaapstad vergader het na aanleiding van sekere maneuvres van Smuts, oënskynlik met die doel om die Senaat se lewe te verleng, "maar in werklikheid met ander duistere bedoelings."<sup>17</sup> Volgens A.G. Barlow het Kemp 'n ruk later beweer dat Smuts geweet het dat 'n oorlog op hande was, en sake so gemanipuleer dat die Parlement in sitting was toe Engeland oorlog verklaar het. "He stuck to this opinion until his death and in his last few years showed anger and bitter hostility to Smuts...."<sup>18</sup> Gespanne afwagting het in die gemoedere van die politici, in die wandelgange van die Parlementsgebou, geheers.

<sup>15</sup> J.C.G. Kemp, p.433.

<sup>16</sup> Piet Meiring, Tien Politieke Leiers, p.84.

<sup>17</sup> J.C.G. Kemp, p.433.

<sup>18</sup> A.G. Barlow, Almost in Confidence, p.307.

Die spesiale parlamentsitting sou aan die begin van September 1939 plaasvind. Op 'n vraag van dr. D.F. Malan en andere het Hertzog dit in die vooruitsig gestel, dat hy wel so gou doenlik 'n verklaring sou uitreik om die Regering se standpunt, met betrekking tot die Europese krisis te stel. Die res van die besprekings was aan die Senaat gewy, "dog die kat was uit die mou: die Parlement moes standpunt inneem oor die krisis wat oorsee besig was om tot 'n hoogtepunt op te werk."<sup>19</sup>

Aangesien 'n Europese oorlog 'n voldonge feit was teen die einde Augustus 1939, sou die Unieregering onvermydelik ook standpunt moes inneem oor sy posisie in die konflik. Die eerste drie dae van September 1939 was 'n periode van ongekende politieke intrige agter die skerms. Die voor- en teenstanders van neutraliteit het hard gewerk om steun onder die Parlementslede te werf vir hul opponerende standpunt.<sup>20</sup>

### 8.3 Die Tweede Wêreldoorlog en Suid-Afrika - Die politieke breuk

Op 1 September 1939 het Duitsland Pole binnegeval, om die knoelwerk van die Paryse Vredeskonferensie reg te maak. Die groot krisissuur het aangebreek en in Suid-Afrika was Hertzog terdeë bewus van die verskillende binne kabinetsgeledere, oor die saak van neutraliteit. Gevolglik het hy die Kabinet op 2 September 1939, Saterdagmiddag, laat vergader. Die tyd vir teoretiese beskouinge en akademiese meningsverskil was verby.<sup>21</sup> Hertzog wou dat die Regering die standpunt moes inneem wat alreeds op 28 September 1938 aan die Kabinet voorgelê het, naamlik een van neutraliteit maar met nakomling van pligte teenoor die Gemenebes, terwyl Smuts verklaar het dat Suid-Afrika by die Staatebond moes bly staan en oorlog teen Duitsland moes verklaar. Die Kabinet was lynreg verdeeld, met N.C. Havenga, O. Pirow, J.C.G. Kemp, A.P.J. Fourie en H.A. Fagan wat hulle aan die kant van Hertzog geskaar het en D. Reltz, R. Stuttaford, H.G. Lawrence, W.R. Collins, R.H. Henderson en C.F. Clarkson agter Smuts.<sup>22</sup> Kemp het verklaar dat daar 'n bloedbad in Suid-Afrika sou wees as die Regering nie neutraliteit handhaaf nie. Hierdie stelling is egter deur Smuts verwerp.<sup>23</sup>

<sup>19</sup> P.F. van der Schyff, Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948, p.519.

<sup>20</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), p.260.

<sup>21</sup> Denys O. Rhoadie, Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid, p.243.

<sup>22</sup> Die Burger, 5.9.1939; C.M. van den Heever, General J.B.M. Hertzog, p.700.

<sup>23</sup> N.M. Stulz, The Nationalists in Opposition 1934-1948, p.62; W.K. Hancock, The Fields of Force 1919-1950, p.319; B. Friedman, Smuts - A Reappraisal, p.144.

G.H. Calpin, in sy boek There are no South Africans, meld dat toe Hertzog sy kabinet in Pretoria in 1939 byeengeroep het, Calpin sekere van die Verenigde Partyleiers in Natal ontmoet het. Gedurende hierdie byeenkoms was hy deur van die Verenigde Partyleiers teenwoordig verseker dat Kemp, "a rebel in 1914 and now a Cabinet Minister, had but recently exploded at some of the actions of Herr Hitler and was only waiting the chance of getting into uniform and leading a commando into Germany."<sup>24</sup> Alhoewel die opmerkings kontrasterend blyk te wees met Kemp se verklaarings insake 'n bloedbad, wil dit voorkom asof sekere Verenigde Partyleiers 'n besondere hoë indruk van Kemp gehad het en dat sy optrede en beskouings deur hulle onder die vergrootglas geplaas was. In elk geval het hulle, sy opmerking as 'n versterking van hul standpunt, rakende die oorlog in Europa, gesien.

Vir Hertzog het daar net een uitweg oorgebly en hy het gevolglik die Kabinet meegedeel dat hy die saak voor die Parlement vir beslissing sou lê. Die historiese sitting het op 4 September 1939 plaasgevind en het Hertzog sy neutraliteitsmosie ingedien. Hy het verklaar dat daar diepgaande meningsverskil in die Kabinet was en het sy spyt daarvoor uitgespreek dat sy versoeningspoging om Afrikaans- en Engelssprekendes in 'n eenheid saam te bind, misluk het.<sup>25</sup> Smuts het 'n amendement ingedien dat die Unie moes wêreldom in die komende botsing neutraal te bly.<sup>26</sup> Malan het sy volle steun aan Hertzog toegesê en dit beklemtoon dat sy standpunt in ooreenstemming met die Nasionale Party se verklaarde beleid was.<sup>27</sup> By verdelling oor die voorstelle het Hertzog 67 stemme gekry en Smuts 80, met 'n meerderheid van 13 stemme was Suid-Afrika in die oorlog betrek.<sup>28</sup>

In een kortstondige oomblik was die illusie van eenheid tussen Hertzog en Smuts van 1933 tot 1939 totaal vernietig. Kemp het verklaar dat Malan in 1934 die dolk agter Smuts se rug raakgesien het, terwyl hulle dit nie gesien het nie en in Smuts se opregtheid geglo het.<sup>29</sup> Die uitslag van die stemmery het neergekom op 'n mosie van wantroue in Hertzog as Eerste Minister en dit was die eerste keer sedert 1910 dat 'n Eerste Minister in die Volksraad verslaan was.<sup>30</sup> By ontleding van die stemme wat aan beide kante uitgebring is, blyk dit dat dit hoofsaaklik plaasgevind het langs taal- en kultuurgrense.

<sup>24</sup> G.H. Calpin, There are no South Africans, p.249.

<sup>25</sup> Debate van die Volksraad, 4.9.1939, kolom 18-25.

<sup>26</sup> Ibid., kolom 25-33.

<sup>27</sup> Ibid., kolom 47-56.

<sup>28</sup> M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p.187.

<sup>29</sup> Dirk en Johanna de Villiers, Paul Sauer, p.60.

<sup>30</sup> B.M. Schoeman, Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, p.240.

Afrikaners het merendeels teen die oorlogspoging gestem, terwyl Engelssprekendes vir oorlogsdeelname gestem het.<sup>31</sup> Mnr. Wennie du Plessis meld dat die oggend voor die stemmery Kemp aan hom gesê het dat hulle uitgestem sou word. Hy beweer ook dat die generaal hom presies gesê het met hoeveel stemme dit sou wees en ook die name gegeroe het van diegene wat hulle tot 'n val sou bring.<sup>32</sup>

Die Imperialiste het gejuig oor die Parlement se besluit, want nou kon Suid-Afrika meer offervaardige dienste aan die Britse Ryk bewys. Smuts wat sy oorwinning aan fyn berekende optrede te danke gehad het, was nou vir die oorlogsgugtiges die groot held. Geen wonder dus dat die London Star sy roem besing het deur hom die "grootste imperialis van ons eeu"<sup>33</sup> te noem. Kemp meld dat die Afrikaner Volksraadslede wat Smuts in die saak gesteun het en hul Afrikaanssprekende ondersteuners, was grotendeels die aan Engeland geesteliksverlaafde, ontstamde Afrikaners: die produkte van die angliisasieproses wat deur die Britse onderwysstelsel op die Afrikaners afgefoerseer was. "Met sulke mense in ons midde is die Afrikanersaak dulster, en is daar nog bykans geen teken van 'n liggie wat die daeraad voorspel nie,"<sup>34</sup> was sy standpunt.

Op 5 September 1939 het Hertzog sy bedanking as Eerste Minister by die Goewerneurgeneraal, sir Patric Duncan, ingedien en het hy vir Smuts versoek om 'n kabinet saam te stel. Op dieselfde dag waarop die Regering 'n staat van oorlog tussen Suid-Afrika en Duitsland verklaar het, het Smuts sy Koalisiekabinet aangekondig.<sup>35</sup> F.S. Crafford in sy boek Jan Smuts, meld dat met die gebeure van 4 September 1939 Smuts die vrugte gepluk het van Jare se beplanning, toegewings en kompromieë: "Dit was 'n triomf van diplomatie."<sup>36</sup> Hertzog was diep verneder, terwyl die Afrikaanssprekendes gejuig het oor die nuutgevonde eenheid en was hy van Nasionale kant met ope arms ontvang. Daar was egter diegene binne Afrikanergeleedere, wat geglo het dat vir Afrikanereenwording 'n breuk tussen Hertzog en Smuts noodsaaklik was. Dit was duidelik dat Samesmelting 'n gedwonge eksperiment was wat deur die nuut ontwakende nasionalisme van 1938 ontbloot was. P.W. Coetzer en J.H. de Roux verklaar dat dit dus geen wonder is dat daar in die wike van die neutraliteitsmosie in die Verenigde Partygeleedere die hernleude be-

<sup>31</sup> J.L. Basson, J.G. Strijdom, Sy politieke loopbaan van 1929-1948, p.260.

<sup>32</sup> Wennie du Plessis, Die Goue Draad, Op die trekpad van 'n nasie, p.89.

<sup>33</sup> M.P.A. Malan, p.188.

<sup>34</sup> J.C.G. Kemp, pp.452-453.

<sup>35</sup> Johan Selby, A Short History of South Africa, p.209; D.F. Malan-versameling, ongepagineerd, sir Patric Duncan-memorandum.

<sup>36</sup> F.S. Crafford, Jan Smuts, p.306.

klemtoning van Afrikaner-volkseenheid gevolg het nie.<sup>37</sup> Vir Hertzog self het hy die laaste paar tree van sy lang politieke loopbaan betree.

Reeds tydens die krisis Volksraadsdebat het Malan dit duidelik gestel dat hy en die Nasionale Party bereid was om Hertzog in die handhawing van die neutraliteitsbeginsel te steun en die uitslag van die stemming, na die oorlogsdebat in die Volksraad, het vir 'n oomblik 'n band van vriendskap en eenheid geskep.

Vir Kemp was die verloop van die politiek 'n ontugtering, want waar hy nog selfs in 1939 Smuts en die behoud van Britse bande vergoelikh het, was hy nou ewe skielik weer in die politieke vaarwater. Sy ongekende lojaliteit teenoor Hertzog het hom in 'n ander politieke stroom laat beland en was hy weer saam met die vorige opposisie in dieselfde kraal - 'n kraal wat miskien beter by sy ideale gepas het. Hy was nie meer lid van die Kabinet nie en weer 'n gewone Volksraadslid. Nieteenstaande sy klimmende jare het hy 'n aktiewe politikus gebly, wat die Opposisie op verskillende terreine geen rus gegun het nie. Vanuit Opposisiegeledere sou hy die Ministers onder hande neem oor verskillende sake soos landbou, die Kleurbeleid en neutraliteit. In 'n sekere sin was dit ook die laaste tog op sy politieke pad, aangesien hy reeds ernstig siek was aan 'n longkwaal, en by tye nie sy politieke verpligtinge kon nakom nie.

#### 8.4 Pogings tot hereniging en Kemp se politieke bydrae

Hierdie optrede, naamlik die oorlogsverklaring van 6 September 1939 deur die Regering, was vir die Afrikanerdom op politieke gebied van onskatbare betekenis. Op 8 September 1939 het Kemp 'n vergadering in die Marksaal op Wolmaransstad toegesprek en gesê dat hy 'n boodskap van vrede vir elke Afrikaner het. Volgens hom was daar 'n verwydering teenwoordig tussen Afrikaner en Afrikaner wat geen persoon, selfs nie eens die kerk kon oorbrug nie.<sup>38</sup> Hy het voorts gesê dat toe die krisis aangebreek het, hy nie geaarstel het om sy volk en vaderland te kies nie, alhoewel sy party daardeur van bo tot onder geskeur het. Hy het voorspel dat uit hierdie donkerheid daar 'n groter en sterker Afrikanernasie te voorskyn sou tree, as wat daar ooit bestaan het. "Die Pad van Suid-Afrika .... Is duidelik en reguit",<sup>39</sup> het hy met groot beslistheid verklaar. Volgens hom het

<sup>37</sup> P.W. Coetzer en J.H. de Roux (red.), Deel 4, p.273; M.P.A. Malan, pp.188-189.

<sup>38</sup> Die Burger, 9.9.1939.

<sup>39</sup> Ibid.

die Afrikaner nou geskel van die pad van Smuts - die pad van Imperialisme. Kemp het met trots verklaar dat sy pad die een was van nasionalisme. Voorts het hy gesê dat die pos van Goewerneur-generaal in die toekoms afgeskaf kon word, wat hy as simbool van die Britse konneksie beskou het.<sup>40</sup>

Kemp het ook na Collins se argument verwys, wat sou gesê het, dat Indien Suid-Afrika nie aan die oorlog sou deelneem nie, die melleboere verlore sou gaan. In teenstelling met sy standpunt op 15 Augustus 1938 te Wellington, verklaar Kemp dat die Afrikaner sy land so lief het dat hy dit nie sou verruil het vir 'n paar sakke mellele nie. Hy het ook gewaarsku dat hulle sou moes oppas om nie weer die "Judashand" aan te neem nie.<sup>41</sup>

Volgens Kemp het die verstandhouding tussen Hertzog en Malan daarop neergekom dat die Verenigde Party in Transvaal onder sy leiding sou bly voortbestaan. Hy het verklaar dat daar binnekort 'n kongres sou plaasvind waar die gemeenskaplike toenadering op 'n gemeenskaplike grondslag oorweeg sou word. Hy het versoek dat die benamings "Smelters" en "Gesulwerdes" laat vaar moes word, alhoewel laasgenoemde benaming deur Kemp vir die eerste keer gebruik is. Voorts het hy versoek dat daar in die toekoms van "volksgenote" en "mede-Afrikaners" gepraat moes word. Ten slotte het hy verklaar dat Suid-Afrika nader aan 'n republiek was as ooit tevore en dat daar net een pad is en dit is die pad van nasionalisme.<sup>42</sup> Jan Kemp het dit sy taak gemaak om soveel as moontlik met sy mense te kommunikeer oor die saak. Daarom dat hy enkele weke later op 29 September 1939 te Springs, weer republikeinse uitsprake gemaak.<sup>43</sup> Interessant om daarop te let dat vanuit die Nasionale Partygeleedere, Kemp se uitsprake fyn dop gehou was. So byvoorbeeld skrywe adv. C.R. Swart aan adv. J.G. Strijdom op 15 September 1939 dat hy tees dat Kemp die Regering waarsku dat hy die land tot op die rand van 'n burgeroorlog gebring het, en meld verder: "Hy is die laaste man wat nou so 'n ding moet sê en ek dink hy maak 'n groot flater om so 'n bedekte draigement te doen, maar tog is dit interessant dat so iets van 'n Smelter voorman kom."<sup>44</sup> Dit is duidelik dat Kemp se Smeltersverlede agterdog by baie Afrikaners gewek het en sy optrede toe met agterdog bejeën is.

<sup>40</sup> G.A.L. Green, *An Editor Looks Back*, p.210; L. Blackwell, p.67.

<sup>41</sup> *Ibid.*

<sup>42</sup> *Die Burger*, 9.9.1939.

<sup>43</sup> *M.P.A. Malan*, p.290.

<sup>44</sup> *J.G. Strijdom-versameling*, Band 50, ongepagineerd, brief van C.R. Swart aan J.G. Strijdom, 15.9.1939.

### 8.5 Kemp se aktiewe toenadering tot die Nasionale Party

Kemp het hom egter baie gou tuisgevoel in die Opposisiegeledere. Waar hy nog kort tevore Malan en die Nasionalistes aangeval het met alle mag van die tong het hy nou uit sy pad gegaan om sy veranderde politieke siening weer te gee. Tydens 'n vergadering op 29 September 1939 op Geduld, naby Springs, het hy in 'n toespraak Malan lof toegeswaai vir die hand van broederskap wat hy na Hertzog se volgelinge uitgeroep het. Hy het gesê dat die partyvoorman wat in die pad van die volksherenigingsbeweging sou staan, sou eenvoudig deur die volk oor die hoof gesien word.<sup>45</sup> Hy het geesdriftig verklaar dat die gebeurtenisse wat vooraf gebeur het, daartoe aanleiding gegee het dat die Afrikaners nader aan 'n vry Suid-Afrikaanse republiek gestaan het as ooit tevore. "Dit sal miskien nog 'n tyd duur voordat ons republikeinse ideaal verwesenlik, maar ek is daarvan oortuig dat ons beslis 'n republiek gaan word,"<sup>46</sup> het hy gesê. Op 30 September 1939 het Strijdom aan Kemp geskrywe dat hy verheug was oor sy standpunt.<sup>47</sup>

Hertzog en die provinsiale leiers van die Hertzoggroep het op 20 Oktober 1939 samesprekings gehou, met die oog op hereniging met die Nasionale Party. Daar was gevoel dat Hertzog die leiding in die nuwe bedeling moes neem, met Malan as onderleier. Die probleem was egter dat Hertzog en Kemp nie aan 'n opname in die Nasionale Party gedink het nie.<sup>48</sup>

Die skeuring in die Verenigde Party was finaal toe die Sentrale Hoofbestuur van die party op 3 November 1939 met 28 teen 18 stemme ten gunste van Smuts se oorlogsbesluit beslissig het. Hertzog en sy volgelinge het gevolglik afskeid geneem van Smuts en die Verenigde Party.<sup>49</sup>

Strijdom was aanvanklik swartgallig oor die toenadering tussen die Hertzoggroep en die Nasionale Party, en het teen die begin van November 1939 daarin geslaag om dit te bowe te kom. Teenoor Kemp het hy besware geopper teen die optrede van die Hertzoggroep, omdat hulle tydens taksittings Nasionalistes afgerokkel het om by hulle aan te

<sup>45</sup> Die Volksblad, 30.9.1939.

<sup>46</sup> Ibid.

<sup>47</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 50, ongepagineerd, brief van J.G. Strijdom aan Kemp, 30.9.1939.

<sup>48</sup> J.C.H. Grobler, Politieke Leier of Meeloper? Die lewe van Piet Grobler, 1873-1942, pp.329-330.

<sup>49</sup> Die Volksblad, 3.11.1939; Die Burger, 4.11.1939.

sluit.<sup>50</sup> Die groot vraag was egter of Hertzog en sy volgelinge die republikeinsebeginsel van die Nasionale Party sou aanvaar. Op 6 November 1939 het Kemp tydens 'n vergadering op Christiana gesê dat sodra die Nasionalliste die meerderheid in die Parlement sou verkry, hulle die Britse konneksie sou verbreek en 'n republiek sou uitroep. Ironies het hy dit beklemtoon dat hy nog altyd ten gunste van 'n republiek was.<sup>51</sup>

Ook het Kemp op 6 November 1939 'n brief aan Harm Oost geskrywe waarin hy meld dat die Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Party op sy vergadering in Bloemfontein, teen die einde Oktober 1939, besluit het om die oorlogsbeleid goed te keur en om alle partylede wat nie die deelname aan die Poolse-oorlog gesteun het nie, uit dié party te dryf. Hy skrywe: "Hiervolgens sal die name van die oorgrote meerderheid van die Provinsiale Hoofbestuurslede wat op die onlangse vergadering van die liggaam uitspraak teen deelname gedoen het, ook van die partyregisters geskraap word. Daarmee sal hulle ook ophou om lede te wees van die hoofbestuur."<sup>52</sup> Om die rede, meld hy, het hy dit op hom geneem om as leier van die Verenigde Party in Transvaal, alle Transvaalse partylede wat by die besluit van die Transvaalse Hoofbestuur gestaan het, te versoek om voort te gaan om hulle te organiseer in 'n Hertzog- of Neutraliteitsgroep van die Verenigde Party in Transvaal.

Kemp het tydens 'n vergadering te Wolmaransstad op 8 November 1939, gesê dat hy nie saam met die uitsprake van die Nasionale Party stem nie, naamlik dat 'n republiek eers tot stand gebring kon word as die oorgrote meerderheid van die Engelssprekendes ten gunste van 'n republiek is.<sup>53</sup> In antwoord hierop het Strijdom 'n brief aan Die Transvaler gerig waarin hy reageer het op die uitspraak van Kemp, deur te verklaar dat Kemp onder 'n groot misverstand verkeer het wat die Nasionale Party se republikeinsstrewes betref. Hy meld verder: "Dit is beslis nie die standpunt van die Nasionale Party dat ons nie 'n republiek sal stig voordat die oorgrote meerderheid van die Engelssprekendes ten gunste van 'n republiek is nie."<sup>54</sup> Strijdom het egter vermoed dat Kemp se toespraak foutief deur die koerant weergegee was.

<sup>50</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 50, onpagineerd, brief van J.G. Strijdom aan Kemp, 3.11.1939 en brief van J.M. Hamman aan J.G. Strijdom, 8.11.1939.

<sup>51</sup> Die Burger, 7.11.1939; G.A.L. Green, p.216.

<sup>52</sup> Harm Oost-versameling, Band 29, p.529, brief van Kemp aan Harm Oost, 6.11.1939.

<sup>53</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 159, onpagineerd; Die Vaderland, 9.11.1939.

<sup>54</sup> Ibid., Band 156, onpagineerd; Die Transvaler, 14.11.1939.

Op 17 November 1939 het Kemp gereageer in 'n skrywe op die berig van Strijdom, deur te meld dat die verskil tussen hulle slenswyses daarin geleë was, dat wat homself persoonlik betref, hy bereid was om by 'n blote meerderheid in die Parlement 'n vrye republiek te verklaar. Hy het voorts geskrywe dat hulle nie elintlik in slenswyse verskil nie en dat hy meen dat 'n verstandige optrede hulle wel, wat die kwessie betref, tot 'n ooreenkoms kon laat kom.<sup>55</sup>

Kemp se standpunt oor 'n republiek was klinnklaar en die eerlike mens wat hy was het hy daaroor geen doekies omgedraal nie. Dit wil voorkom asof hy geensins ongeduldig begin word het oor die bereiking van die ideaal nie. In hierdie opsig het hy hom geopenbaar as iemand wat uiters versoenend kon optree - 'n politikus wat bereid was om standpunt in te neem en ook die ander party se saak op te weeg. Vir die bereiking van die eindresultaat was hy bereid om alles op te offer.

Daar kon nie van Hertzog en sy volgelinge verwag word om binne enkele dae of weke van politieke beginsel te verander nie. Ben Schoeman in sy boek My lewe in die politiek beweer dat die Hertzog-volgelinge met die verloop van tyd oortuigde republikeine geword het. Volgens hom het die nodige onderlinge goedgesindheid aanvanklik ontbreek en was dit 'n kwessie van tyd, takt en omstandighede wat vir die verandering verantwoordelik was.<sup>56</sup>

Op 23 November 1939 het die onderhandelinge oor hereniging, te midde van 'n onsekerheid, wat soos 'n wolk oor Afrikanereenheid gehang het, begin. Op die dag het Hertzog en 'n aantal van sy volgelinge, onder andere Kemp, Malan en ander Nasionale Party-vertegenwoordigers in Pretoria byeengekom. Die gees waarin Hertzog die samesprekings benader het, was van so 'n aard dat daar nie tot eenwording geraak kon word nie.<sup>57</sup> Die Nasionalistie, het soos verwag, sterk op die republikeinsebeginsel en die behoud van party identiteit gestaan. Hertzog, sterk gesteun deur Havenga, was nie so entoesiasies oor die strewe na 'n republiek nie. Vir Jan Kemp het die hele kwessie gedraal om die naam van die party en die republikeinsevraagstuk. "As ons nie ooreenkom tot 'n bena-

<sup>55</sup> Ibid., Band 51, ongepagineerd, brief van Kemp aan Strijdom, 17.11.1939.

<sup>56</sup> Ben Schoeman, My lewe in die politiek, p.51.

<sup>57</sup> Ibid., p.53.

ming wat tevredenheid gee nie, kan ons nie veel van ons ondersteuners saambring nie,"<sup>58</sup> het hy aangevoer.

Aangesien daar nie oor een van die twee beginsels eenstemmigheid bereik kon word nie, het die samesprekings op 'n mislukking uitgeloop. Hoewel op die meeste beginsel-vraagstukke in die algemeen eensgesindheid bestaan het, is veral wat betref die republikeinse daarstelling en die naam van die party nie eenstemmigheid bereik nie. Van die wonderlike gees van die eerste week in September 1939 het min oorgebly. Gevolglik was besluit om die werk van die konferensie later voort te sit en om 'n hegte samewerking tussen die twee groepe te bewerkstellig, is 'n skakelkomitee met adviserende magte in die lewe geroep, waarvan Kemp 'n lid van was.<sup>59</sup>

Daar was reeds duidelike aanduidings dat verskeie Hertzogmanne in die Transvaal ook nou die republikeinse beginsel onderskryf het. Op 24 November 1939 het N.J. van der Merwe in sy dagboek aangeteken dat Hertzog se volgelinge, onder andere Pirow en Kemp, nie tevrede was met Hertzog se optrede nie.<sup>60</sup> Gevolglik het Kemp teen die einde van November 1939 aangekondig dat sy groep 'n kongres in Pretoria sou reël om 'n konstitusie en program van aksie op te stel.<sup>61</sup> Op 8 Desember 1939 het die Hertzog-groep van die Transvaal, onder voorsitterskap van Kemp, 'n kongres gehou. Tydens die kongres was besluit op 'n nuwe naam vir die party, naamlik die Volksparty van Transvaal. Pirow het die hoop uitgespreek dat dit sal lei tot vereniging met die Nasionale Party onder die naam "Nasionale Volksparty."<sup>62</sup>

In sy openingsrede het Kemp gesê dat daar 'n belangrike mylpaal in die volk se geskiedenis bereik is en dat daar net een keuse was, naamlik Afrika vir die Afrikaner en die uitroeiing van die Britse imperialisme en die Smuts imperialisme.<sup>63</sup> Hy het ook gesê dat 'n vrye republiek die mikpunt was, afgeskel van die Britse Ryk - "Republikanisme sit in ons are."<sup>64</sup> Hy het die hoop uitgespreek dat die onderhandelinge met die Nasionale Party tot eenheid sou lei. "Vandag staan ons by 'n mylpaal in ons geskiedenis; nou wag die

<sup>58</sup> M.P.A. Malan-versameling, PV. 34, Lëer nr. 8 (x), notule van vergadering.

<sup>59</sup> P.W. Coetzee en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.292.

<sup>60</sup> G.D. Scholtz, p.204.

<sup>61</sup> Die Vaderland, 25.11.1939.

<sup>62</sup> Die Burger, 9.12.1939; P.W. Coetzee en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.295.

<sup>63</sup> Ibid.

<sup>64</sup> M.P.A. Malan, p.291.

opbloei van die Afrikanerdom of die geleidelike dood van die Afrikanerdom",<sup>65</sup> het hy verklaar. Hy het hom sterk ten gunste van 'n nuwe party met 'n naam, waarin almal kon tuis voel, uitgespreek. Volgens hom sou dit 'n wilsopenbaring wees van die herenigde Afrikanerdom, waarvan die leuse moes wees "Nou of nooit!"<sup>66</sup> Die stigting van die Volksparty, op 'n republikeinsegrondslag, was 'n groot stap in die rigting van hereniging en dit was baie duidelik dat Kemp se sluimerende republikeinse ideaal nou tot sy volle reg sou kom. Hertzog was nie by die kongres teenwoordig nie en hy is nie as leier gekies nie.

Op 18 Desember 1939 skrywe mnr. Dan (Kaalkop) van der Merwe, van Rosendal in die Vrystaat aan Kemp, dat hy persoonlik geen beter naam kon vind om die Afrikanerdom in te konsolideer as "Die Nasionale Party", aangesien dié party 'n rekord het wat geen ander party in Suid-Afrika het nie.<sup>67</sup> Volgens hom was die gevoel vir hereniging nog sterk aanwesig en het dit die twee groepe bymekaar gehou, sonder dat daar 'n definitiewe ooreenkoms vir samewerking was. Die stigting van die Volksparty, op republikeinsegrondslag, was 'n groot stap in die rigting van hereniging, veral omdat die Nasionalistie nie bereid was om van hulle doelstelling af te sien nie.<sup>68</sup>

Onder die Gesulwerdes was daar diegene soos Strijdom en H.F. Verwoerd wat begin voel het dat hereniging onmoontlik was.<sup>69</sup> So byvoorbeeld het Strijdom op 21 Desember 1939 aan Verwoerd geskrywe: "Dit maak 'n mens moedeloos om te besef dat nietaenstaande die verraderlike rol wat die leiers van die Hertzoggroep gedurende ses jaar gespeel het, Nasionalistie in groot getalle bereid is om daardie mense as helde te omhels."<sup>70</sup> Een van die leiers waarna hier verwys word was Kemp. In Augustus 1939, toe Kemp 'n lid van die Verenigde Partykabinet was, het hy nog intense vyandigheid teenoor Malan geopenbaar en by geleentheid hom as 'n "dwaas" en "leuenaar" uitgeskel.<sup>71</sup> So byvoorbeeld verwys Strijdom na Kemp se vergaderings aan die Oos-Rand, waartydens hy sou gesê het dat Strijdom eenwording teenstaan, weens 'n persoonlike vete met Pirow

<sup>65</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 156, p.258; *Die Vaderland*, 9.12.1939.

<sup>66</sup> *Die Burger*, 9.12.1939.

<sup>67</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 51, ongepagineerd, brief Dan P. van der Merwe aan Kemp, 18.12.1939.

<sup>68</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, pp.295-296.

<sup>69</sup> J.M. van den Heever, *Die Parlementêre verkiesing van 1943: 'n Analise van die faktore wat die verkiesing beïnvloed het*, p.18.

<sup>70</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 51, ongepagineerd, brief van J.G. Strijdom aan H.F. Verwoerd, 21.12.1939.

<sup>71</sup> A.G. Barlow, p.306.

oor lelerskap.<sup>72</sup> Strijdom het die elenskap gehad dat hy nie maklik 'n vriend gemaak het van iemand wat een maal sy politieke vyand was nie. In die ses jaar van Samesmelting het Pirow hom met minagting behandel en op 'n keer van hom gepraat as "die platte-landse prokureur". Strijdom het dit hom nooit vergewe nie.<sup>73</sup> Hy was oortuig daarvan dat Pirow na lelerskap streef en hy sou dit op elke moontlike manier verhoed.

Ondanks die geharde Nasionaliste se houding was daar tallo Afrikaners wat nog steeds dit diep betreur het dat onderhandelinge skipbreuk gelei het. Selfs baie lede van die Nasionale Party het gevoel dat die verskille wat ontstaan het, in verband met die formulering van die republikeinsebeginsel, nie die moeite werd was nie.

Met die draal van die jaar 1939 was daar, afgesien van besliste tekens van onversoensbaarheid, ook tekens dat die Nasionaliste en die Hertzoggroep nader aan mekaar beweeg het. Volgens J.M. van den Heever was die idee van vereniging nie verwerp nie en is daar geglo dat sodra daar 'n formule van ooreenkoms oor die republikeinse idee verkry word, wat deur albei groepe aanvaar word, hereniging wenslik was.<sup>74</sup>

Van albei kante sou dit opofferling verels en moes onverbiddeleke en elesinnige standpunte op die volksaltaar geplaas word. Dit sou ware politieke lelerskap verels en op die tydstip was daar aan albei kante uiters bekwame politici wat die onderhandelinge kon aanpak.

### 8.6 Uiteindelike hereniging en Kemp kom weer tuis

Tydens die aanvang van die Parlementsitting teen die einde van Januarie 1940, was die onderhandelinge tussen die Hertzogvolgelingen en Malangroep hervat en is daar gepoog om 'n oplossing vir die teenstrydige standpunte te vind. Die besluite wat deur die Volksparty in die Transvaal geneem was, het beslis 'n beduidende rol gespeel in die same-sprekings, aangesien die Transvaalse Hertzoggroep toe saam met die Nasionale Party in al vier provinsies sterk standpunt ingeneem het ten gunste van 'n republiek.<sup>75</sup> Onder-

<sup>72</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 51, ongepagineerd, brief van J.G. Strijdom aan H.F. Verwoerd, 21.12.1939 en brief vanaf Verwoerd aan Strijdom, 20.12.1939.

<sup>73</sup> Ben Schoeman, p.49.

<sup>74</sup> J.M. van der Heever, p.19.

<sup>75</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.298.

handellings tussen Hertzog en Malan oor politieke samewerking het vanaf 18 tot 25 Januarie 1940 plaasgevind.

Malan het 'n grondslag vir hereniging opgestel wat eers deur die Nasionale Partykokus goedgekeur is en daarna deur die Hertzoggroep.<sup>76</sup> Hoewel die Hoofbestuur van die Hertzoggroep in die Vrystaat ook in beginsel die benaming Volksparty aanvaar het, was daar nog nie amptelik tot partystigting oorgegaan nie. Op 26 Januarie 1940 het die hoofleiers en ander Parlementêre - en Provinsiale leiers van die Nasionale Party, Volksparty en Hertzoggroep 'n onderneming uitgevaardig, met die doel om te verseker dat alle spore van verdeeldheid wat in die verlede bestaan het, toe finaal doodgeloop het en nie bestendig sou word in die toekoms nie. Die verskillende party het onderneem om alle pogings wat bereken was om die verdeeldheid weer op te laat vlam, ten sterkste teë te gaan en te bestry.<sup>77</sup> Op 27 Januarie 1940 was 'n parlementêre ooreenkoms bereik tussen die Nasionale Party, die Volksparty van Transvaal en die Hertzoggroep in die Vrystaat.<sup>78</sup> In die Volksraad sou hulle as één party optree en dieselfde banko deel. Die ooreenkoms het onder meer bepaal dat die naam van die nuwe party die Herenigde Nasionale Party of Volksparty sou wees met Hertzog as die nuwe leier.<sup>79</sup> Volgens 'n berig in Die Transvaler van 29 Januarie 1940 het die Volksparty, onder leiding van Jan Kemp, 'n groot rol gespeel by die aanvaarding van 'n naam vir die nuwe party.<sup>80</sup>

Die vernaamste punt van ooreenkoms, wat hierdie hereniging moontlik gemaak het, was ongetwyfeld die aanvaarding van die republikeinse-strewe.<sup>81</sup> Volgens beide partye was so 'n stap politiek geregverdig, aangesien die Smutsbewind slegs deur verenigde kragte tot 'n val gebring kon word.<sup>82</sup> Daar was egter ook faktore aanwesig wat die aanvalskrag van die Opposisie ernstig sou belemmer, soos byvoorbeeld wedywering tussen die leiers van dieselfde denkgroep - Kemp en Pirow.<sup>83</sup>

<sup>76</sup> J.H. le Roux (red.), Genl J.B.M. Hertzog. Sy Strewe en Stryd, Vol. 2, p.709; M.P.A. Malan, p.195.

<sup>77</sup> D.F. Malan-versameling, ongepagineerd, onderneming van leiers, 26.1.1940.

<sup>78</sup> Ibid., dr. D.F. Malan verklaring aan pers oorhandig op 28.1.1940, Kaapstadse Parlementêre Ooreenkoms.

<sup>79</sup> J.C.H. Grobler, p.333; M. Roberts en A.E.G. Trollip, The South African Opposition, 1939-1945, p.28; Die Transvaler, 28.1.1940.

<sup>80</sup> Die Transvaler, 29.1.1940; P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.298.

<sup>81</sup> Adv. J.D. Jerling-versameling, Lêer 8, p.8, pamflet: Hereniging

<sup>82</sup> J.H. le Roux (red.), Vol. 2, p.710.

<sup>83</sup> F.S. Crafford, Jan Smuts, 'n Biografie (F.A. Venter-vertaling), p.316.

Na aanleiding van die hereniging het Kemp, as voorsitter van die Volksparty in Transvaal, op 31 Januarie 1940 'n boodskap aan die mede-Afrikaners uitgereik. Hy het met sy vertrek na Kaapstad hulle belowe dat die volk binnekort bymekaar sou wees en dat Hertzog en Malan die belofte sou uitvoer. Volgens hom het die gees van Monumentkoppie geseëvier en dat hulle mekaar die hand gegee het om dit nooit weer te los nie.<sup>84</sup>

Te Epping het Kemp en ds. C.W.M. du Toit as wapendraers onder die herenigingsvaandel, 'n politieke vergadering op 1 Februarie 1940, toegesprek. Kemp het die mening uitgesprek dat die tyd aangebreek het om vreugdefeeste, oor die seëviering van die Afrikanerdom te kon vier; feeste waarop hulle mekaar beter kon leer ken.<sup>85</sup> Binne die Nasionale Partygeledere was daar egter verdeeldheid oor die wyse waarop hereniging plaasgevind het. So byvoorbeeld was dr. H.F. Verwoerd ongelukkig met die naam van die nuwe party, terwyl Strijdom en Swart van mening was dat persone wat nie oortuigd republikeins was nie, uit die party geban moes word.<sup>86</sup> Ben Schoeman was van mening dat dr. H.F. Verwoerd en van sy ondersteuners die ooreenkoms tussen Hertzog en Malan afgekeur het en dat hy wou gehad het dat Hertzog en sy volgelinge onvoorwaardelik by die Nasionale Party moes aansluit. Gevoiglik het hy Kemp verkwalk vir sy optrede. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Kemp teen hierdie tyd bereid was om sy gewig ten volle by die Nasionale Party in te werp. Dit was die politieke groepering waarin hy sy politieke Ideale ten volle kon verwesenlik en "damning the consequences" tree hy op.<sup>87</sup>

Tydens 'n gesamentlike kongres van die Nasionale Party en Volksparty op 26 Maart 1940, was daar kragtens 'n ooreenkoms tussen Malan en Hertzog, oorgegaan tot die stigting van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van die Transvaal.<sup>88</sup> Volgens M.P.A. Malan was hierdie kongres gekenmerk deur 'n vurige verlange na eenheid.<sup>89</sup> Die kongres het opnuut die eenheidsbelofte van Monumentkoppie op 9 September 1939 bevestig, naamlik om onder andere alles teen te gaan wat 'n opregte hereniging van alle Afrikaners op die pad van Suid-Afrika wou benadeel of in gevaar wou stel. Kemp het in sy toespraak by die kongres gewaarsku dat die Afrikanerdom vir sy redding uit sy slui-

<sup>84</sup> Die Burger, 31.1.1940.

<sup>85</sup> Ibid., 2.2.1940.

<sup>86</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.300.

<sup>87</sup> Ben Schoeman, p.94.

<sup>88</sup> C.P. Mulder en W.A. Cruywagen, Die Eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal, 1914-1964, p.53; M.P.A. Malan-versameling; Geskiedenis van die Nasionale Party in Transvaal, INEG, PV 34, p.11.

<sup>89</sup> M.P.A. Malan-versameling, p.11.

mering geruk moes word, waarin dit helaas dikwels gesus word: "Ek moet u toeroep: 'Afrikaner ontwaak!' Staan op en laat u versoen met u mede-Afrikaner voordat dit vir die Afrikanerdom moontlik te laat gaan word."<sup>90</sup> Hy het ook verwys na die naam van die party en gesê alhoewel dit 'n lang naam was, almal behoort tevrede te stel. Tot leiers is Strijdom en Kemp gesamentlik verkies.<sup>91</sup> Twee sekretarisse was ook aangewys, naamlik mnr. M.D.C. de Wet Nel en N.L. van der Walt. Du Toit het voorsitter geword en mev. S. Moerdyk die ondervoorsitter. As tussentydse dagbestuur is besluit om die bestaande dagbestuur van die Nasionale Party met 'n gelyke getal van die Volksparty daar te stel, wat onder andere Kemp, Prow en Schoeman Ingeluit het.<sup>92</sup> Die republikeinse staatsvorm is weereens beklemtoon as die mees aanvaarbare regeringsvorm, wat hom die beste geleen het tot die uitlewning van die aspirasies van die volk.<sup>93</sup> 'n Komitee van ses, waarvan Kemp een was, was benoem om 'n ontwerpgrondwet vir die nuwe party op te stel. Op 30 Maart 1940 het dié komitee sy eerste vergadering gehou, met die doel om voorlopige regulasies op te stel en prosedures daar te stel vir die samevoeging van take, asook die verkiesing van tak- en afdelingsbesture.

Op 28 Maart 1940 ontvang Strijdom 'n brief van mnr. H. Laubscher, waarin hy die stelling maak dat 'n volk se geheue nie so kort is nie! Hy skrywe: "Ons ou Smeltermvriende het daar 'n behae in geskep in die verlede om alles wat ons dierbaar is te verkleineer tot groot genot van die Imperialistiese Jingo, wat met gevoude arms hom verheug het in die broedertwys en vertrapping. 'n Volk se geheue is nie so kort nie. Hier in Brits kiesafdeling spartel nog die prool van genl. Jan Kemp en mnr. Jan Grobler LV se viktimisasie; Afrikaners wat hulle omrede hulle politieke oortulgings verguls het saam met hulle kroos."<sup>94</sup> In Kemp het Strijdom 'n vurige mede-republikein gevind met wie hy kans gesien het om die Empaalergesindes in Suid-Afrika die stryd aan te sê. Strijdom het reeds vanaf sy eerste kennismaking met Kemp as politikus te Nylstroom in 1925 groot agting vir hom gehad. Kemp se onklusbare nasionalisme en republikaanisme het so reg in die kraal van die "Leeu van die Waterberge" gepas. Gevolglik het Die Transvaler op 30 Januarie 1940 berig dat Strijdom bereid was om die Nasionale Party van die Transvaal aan

<sup>90</sup> Die Transvaler, 29.3.1940.

<sup>91</sup> J.M. Strydom, J.G. Strijdom - sy lewe, p.31; J.L. Basson, p.590.

<sup>92</sup> Die Transvaler, 30.3.1940.

<sup>93</sup> C.P. Mulder en W.A. Cruywagen, p.53.

<sup>94</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 52, ongepagineerd, brief van H. Laubscher aan J.G. Strijdom, 28.3.1940.

te beveel dat eenwording onder die ooreenkoms moes plaasvind.<sup>95</sup> Teen die einde van die laaste sitting van die Parlement in 1940 het die kookus van die "Herenigde Party" 'n komitee, bestaande uit twee persone van elke groep uit elke provinsie, aangewys om 'n voorlopige program van beginsel op te stel. Kemp en Pirow het die Volksparty in Transvaal verteenwoordig. 'n Voorlopige Federale Raad was benoem, waarvan Kemp ook lid was.<sup>96</sup>

In opdrag van die gesamentlike Hoofbestuursvergadering het die Konstitusiekomitee 'n reglement opgestel vir die reorganisasie en stigting van takke - en afdelingsbesture van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in Transvaal.<sup>97</sup> Omsendbrief nommer 1 van 1940 is deur Strijdom en Kemp gesamentlik uitgestuur en daarin is 'n ernstige beroep op alle besture en lede van die nuwe party gedoen om dadelik en kragdadig die reorganisasie en uitbreiding van die party aan te pak.<sup>98</sup> Wat die Witwatersrand betref was dit aan die Randse Adviserende Rade oorgelaat om uitvoering te gee aan die bepalings van die ooreenkoms. In die res van die Transvaal moes die bestaande afdelingsbesture van die twee party dadelik bymekaar kom om die bestaande takke te ontbind en om dan terselfdertyd die wyke van die saamgestelde nuwe takke te bepaal.<sup>99</sup> Die voorlopige Federale Raad, waarvan Kemp 'n lid was, was kort na afloop van die Mei-sitting van die Volksraad saamgestel. Die Hertzoggroep het om onverklaarbare redes geen verteenwoordigers benoem nie. 'n Voorlopige program van beginsels is intussen deur die Komitee van Veertienlede opgestel en aan die Federale Raad voorgelê, vir oorweging en voorlegging aan die verskillende provinsiale kongresse van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty.<sup>100</sup>

Smuts het intussen op 14 Junie 1940 'n brief aan Hertzog gerig, waarin hy hom meedeel dat van Hertzog se vertrouelinge hom genader het om 'n politieke wapenstilstand te bespreek. Volgens Smuts het hulle aan hom gemeld dat Hertzog daarvan bewus was en dat hy te kenne gegee het dat hy nie ongeneë was vir die voorstel nie.<sup>101</sup> Hertzog was egter nie vir solets te vinde nie en het hierdie toenadering van Smuts in die klem gesmoor, aangesien hy na 6 September 1939 al sy vertroue in laasgenoemde verloor het.

<sup>95</sup> Die Transvaal, 30.1.1940.

<sup>96</sup> M.P.A. Malan, p.196.

<sup>97</sup> Die Transvaal, 1.1.1940.

<sup>98</sup> Nasionale Party van Transvaal-versameling, Lêer 15, omsendbrief nr. 1, 1940.

<sup>99</sup> Die Transvaal, 1.1.1940.

<sup>100</sup> J.C.H. Grobler, p.335.

<sup>101</sup> J.B.M. Hertzog-versameling, Band 34, ongepagineerd, brief van Smuts aan Hertzog, 14.6.1940.

Hertzog het die standpunt ingeneem dat die program van beginsels vir die Oranje-Vrystaat 'n saak vir die Vrystaat alleen was. Tydens 'n vergadering op 26 Junie 1940 is besluit dat 'n komitee van tien benoem word om die program van beginsels te bespreek en in orde te kry vir die Vrystaatsekongres.<sup>102</sup> Die rede waarom Hertzog gekant was teen die opstel van 'n program van aksie vir die Oranje-Vrystaat, was omdat daar diepliggende beginsel verskille tussen hom en die Nasionaliste geheers het, verskille wat beslag gekry het toe die twee groepe mekaar nog in die Parlement geopponeer het.<sup>103</sup>

Die Herenigde Nasionale Partykokus het op 6 en 7 September 1940 plaasgevind en op die kokusvergadering was daar ernstige meningsverskille oor die aankoop van grond vir Swartes en Hertzog was bereid om te bedank. Die feit dat Hertzog sy bedankingsbrief na die vergadering saamgeneem het, dui daarop dat hy gevrees het dat sy standpunt nie sou seëvier nie. Die botsing is egter afgeweer deur 'n kompromievoorstel en 'n mosie van volle vertroue in Hertzog en Malan is aangeneem. Die republikeinsekwessie is ook behandel en is daar aanvaar dat 'n regeringsverandering slegs op 'n demokratiese wyse sou geskied, met ander woorde op die grondslag van die breë volkswil. Individuele lede was toegelaat om hul eie standpunte weer te gee, dog dit nie in die openbaar as party-beleid te verkondig, alvorens die kongresse daaroor besluit het nie. Dit is duidelik dat die kongresse die stryd sou voortsit en dat Hertzog hom moeilik sou berus indien die stemming teen hom sou verloop.<sup>104</sup>

Dit was duidelik dat die saak oor hereniging tot 'n punt gedryf moes word en dat Hertzog se gesindheid 'n belangrike struikelblok was. Op 23 en 24 September 1940 het die Kouskomitee, onder voorsitterskap van Malan, vir die eerste keer vergader met die doel om die optrede en beleid van die party te koördineer. Van besondere belang was dat hulle aan Hertzog sou verslag lewer en dat dit egter weinig sou doen om gemoedere te kalmeer.<sup>105</sup>

Die tussentydse Federale Raad van die Herenigde Nasionale Party, bestaande uit verteenwoordigers van albei groepe uit al vier provinsies en met die uitsondering van die verteenwoordigers van die Hertzoggroep in die Vrystaat, het op 15 en 16 Oktober 1940

<sup>102</sup> M.P.A. Malan, p.197.

<sup>103</sup> P.W. Coetzee en J.H. de Roux (red.), Deel 4, p.320.

<sup>104</sup> Ibid.

<sup>105</sup> Ibid.

in Pretoria vergader. Die Federale Raad het by die geleentheid die voorlopige program van Beginsels, wat deur die Koukuskomitee opgestel was, met enkele wysiginge aaneem en aanbeveel vir voorlegging aan die verskillende kongresse.<sup>106</sup> Op 16 Oktober 1940 het Hertzog sy eie konsep van beginsels gepubliseer.<sup>107</sup> Spanning was aan die opaal met die aanloop tot die Vrystaatse Herenigde Nasionale Partykongres. Op die Vrystaatse kongres van die Herenigde Nasionale Party op 5 November 1940, het daar twee voorstelle oor die program van beginsels gediën, naamlik Hertzog se konsep en Swart het ook 'n program van die Federale Raad ingediën. Toe daar gestem was oor watter een van die voorstelle as grondslag gebruik moes word vir die bespreking, het die oor-grote meerderheid ten gunste van die program van die Federale Raad gestem.<sup>108</sup> Hertzog het in hierdie optrede 'n mosie van wantroue in homself gesien en saam met Haver-ga en van sy volgelinge het hulle die saal verlaat. Hierna het die kongres die program van die Federale Raad aangeneem en Swart tot leier van Herenigde Nasionale Party in die Vrystaat verkies.

By Kemp het daar ook 'n politieke kentering plaasgevind. Op 9 November 1940 tydens 'n vergadering op Wolmaransstad, verklaar hy dat hy Hertzog nie meer kon volg nie, omdat hy die leierskap van die Vrystaatse Herenigde Nasionale Party of Volksparty laat vaar het. Kemp het 'n beroep op lede van die party gedoen om hulle agter Malan te skaar. "Ek kan slegs by my volk staan en probeer om die skeuring wat daar gekom het, te heel. Die party is soos 'n kommando. As die generaal uitval, moet hulle harder as voorheen onder die volgende in bevel veg," het hy gesê.<sup>109</sup> Op 14 Desember 1940 het Hertzog as Volksraadslid bedank en uit die politiek getree.<sup>110</sup> Hertzog se uittrede het tot gevolg gehad dat genl. E. Conroy op 31 Januarie 1941 in die Volksraad die stigting van die Afrika-nerparty, in al vier provinsies, aangekondig het. Hierdie party was tydens sy stigting nie groot nie en het ook nooit tot 'n groot party ontwikkel nie. Van die 37 Volksraadslede wat saam met Hertzog na die Oposisie oorgestap het, sluit net tien by die Afrikanerparty aan, terwyl twee oorgeloopt het na die Verenigde Party.

Die stigtingskongresse van die Herenigde Nasionale Party het egter glad verloop. Op 3 tot 5 Desember 1940 het die Transvaalse Herenigde Nasionale Partykongres plaasge-

<sup>106</sup> D.F. Malan, *Afrikaner Volkseenheid*, p.262.

<sup>107</sup> M. Roberts en A.E.G. Trollip, p.48.

<sup>108</sup> M.P.A. Malan, p.199.

<sup>109</sup> *Die Burger*, 11.11.1940.

<sup>110</sup> M.P.A. Malan, p.201.

vind en was daar meer as 800 verteenwoordigers. Strijdom en Kemp is tot leiers van die party verkies.<sup>111</sup> Van besondere belang was die voorstel van Kemp en die daarop volgende kongresbesluit dat die republiek deur 'n meerderheidsbesluit van die Parlement tot stand gebring sou word en dat Jode nie lede van die party in Transvaal kan word nie.<sup>112</sup> Kemp het in sy toespraak gesê dat die Afrikanerdom hom beslis nie deur die imperialiste sou laat verdeel nie. Hulle het volgens hom nou almal saamgestaan op die pad na 'n vrye onafhanklike republiek.<sup>113</sup>

Die kongres was gekenmerk deur 'n vurige verlange na eenheid. 'n Verklaring in die verband is aangeneem, naamlik: "Hierdie kongres wens die diep gewortelde gees van Afrikanerbroederskap en die sterk verlange van eenheid wat daar tussen alle Afrikaners op Monumentkoppie op 9 September 1939, geheers het, in herinnering terug te roep en homself van ganser harte daarmee te vereenselwig. Getrou aan die eed wat baie van ons daar afgelê het, dat ons as Afrikaners mekaar die hand gegee het om dit nooit weer los te laat nie....."<sup>114</sup>

Na die Skeurkongres en die stigting van onderskeidelik die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty, het 'n oorkoepelende Afrikaner eenheid 'n hersenskim gebly. Algehele hereniging het weer skipbreuk gely en was die Afrikanergeledere weer verdeel. Waar die uitbreek van die oorlog deur baie beskou was as die keerpunt in Afrikaner verdeeldheid en die begin van hereniging, het die teendeel geblyk waar te wees. Die oorlog met sy verwarrende invloede van vreemde ideologieë en 'n valse hoop op politieke vryheid het net veroorsaak dat die Afrikanerdom verder verdeeld geraak het en in plaas van hereniging, skeuring te weeg gebring.<sup>115</sup> Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was nie alleen die begin van 'n eksterne militêre stryd nie, maar ook die begin van 'n georganiseerde interne politieke stryd in Suid-Afrika.

Vir Kemp was die hereniging in Bloemfontein, die hereniging van die verdeelde Afrikanerdom en was hy nie bereid dat dit weer opgebreek word nie. Dit kom duidelik na vore in 'n skrywe deur die gesamentlike sekretaris van die Herenigde Nasionale Party aan

<sup>111</sup> P.W. Coetzee en J.H. le Roux (red.), Deel 4, p.334; Nasionale Party van Transvaal-versameling, lêer 15, p.2, verslag van die HNP-kongres, 9.12.1940.

<sup>112</sup> Die Burger, 5.12.1940; Die Transvaler, 5.12.1940.

<sup>113</sup> Hart-Oost-versameling, Band 38, ongepagineerd, koerantuitknipsel van Kemp se toespraak, 3.12.1940.

<sup>114</sup> Nasionale Party van Transvaal-versameling, lêer 15, p.2, verslag van die HNP-kongres, 9.12.1940.

<sup>115</sup> J.M. van der Heever, p.25.

takkantore in Pretoria op 6 Desember 1940: "Die kongres is gekenmerk deur 'n vurige verlange na eenheid....."<sup>116</sup> Op 9 Januarie 1941, tydens die Natalse Kongres van die Herenigde Nasionale Party op Vryheid, het Kemp in sy toespraak na die uittrede van Hertzog verwys en gesê dat hy 'n beroep wou doen op Hertzog en sy ondersteuners om nie ter wille van persoonlikhede die Afrikaner saak te laat skipbreuk lei nie. Hy het gemeld dat as jy oorlog maak en jou offisier val, gaan jy nie stilstaan by die plek waar hy geval het nie, maar jy ruk met nuwe kragte voorwaarts om die oorwinning te behaal.<sup>117</sup>

Die Transvaalse Hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party het op 8 Maart 1941 byeengekom. Strijdom, wat die voorsitterskap by du Toit oorgeneem het, het aangekondig dat met die oog op die gekonsentreerde leiding wat in die tyd noodsaaklik was, die afsonderlike voorsitterskap afgeskaf moet word en dat Kemp en hyself, gesamentlik voorsitters van die party moet wees.<sup>118</sup> Alhoewel Prow en mnr. Ben Schoeman teen Strijdom se voorstel gepraat het en Kemp ten gunste daarvan was, was Strijdom se voorstel met meerderheid van stemme aangeneem. Schoeman het in sy boek My lewe in die politiek beweer dat deur die optrede, Kemp nie onder verdenking by die oud-Gesulwerdes wou kom nie en dus onbeskaamd sy eie verlede as Smelter verloën het. Hy meld verder: "...hoewel ons swakker broers soos Kemp en andere wel belydenis gedoen het dat hulle 'n fout begaan het."<sup>119</sup>

Op 25 Desember 1942 het Die Transvaler 'n Kersboodskap van die twee leiers van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal aan die volk, gepubliseer. Hulle het verklaar dat die volk en die Herenigde Nasionale Party met rasseskrede besig was om hulle geleedere te herstel en te konsolideer, op die Christelik-nasionaal-republikeinse grondslag. Volgens hulle was dit die enigste grondslag waarop die nasie weer een kon gewees het, "... dat ons as party net een liefde het vir wat ons eie is en dat ons toekomstige republiek dus in ooreenstemming moet wees, met ons eie lewensbeskouing en ons eie volksverlede."<sup>120</sup>

Meteens was Kemp met hart en gees weer terug in die nasionalistiese geleedere van die Afrikaner volk. Hy kon hom weer vereenselwig met uitsprake vir die saak waarvoor hy sy lewe lank gestry het - die Afrikanersaak - 'n republiek en sy volk eerste. Hy het volksbe-

<sup>116</sup> J.G. Strijdom-versameling. Band 39, ongepagineerd, omsendbrief 6.12.1940.

<sup>117</sup> Die Burger, 10.1.1941; Die Transvaler, 10.1.1941.

<sup>118</sup> Ben Schoeman, p.94.

<sup>119</sup> Ibid.

<sup>120</sup> Die Transvaler, 25.12.1942.

lange voor eie belang gestel en hom daarvoor beywer dat 'n broederlike goes Jeens die mede-Afrikaners openbaar moes word. Voortdurend sou hy hom beywer vir die saamsnoer van enersdenkendes en die bereikling van die ideale wat hy vir die Afrikaner volk gekoester het - dit waarvoor hy en sy geesgenote reeds sedert die Anglo-Boereoorlog geveg het. Op sy laaste politieke tog was dit vir hom 'n heerlike tulsoms.

### 8.7 Broedertwis in Afrikanergeledere

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, het daar in Suid-Afrika 'n natuurlike empatie met die Duitse lotgevalle ontstaan. Eweneens het daar 'n sekere toegeneentheid Jeens die ideologie van nasionaal sosialisme, soos deur Hitler verkondig, posgevat. Aanvanklik het dit nie veel steuring in die Suid-Afrikaanse politiek veroorsaak nie, aangesien al die voorstanders van die ideologie oor hulle voete geval het om te verklaar dat hul siening van nasionaal sosialisme niks te make het met die Duitse standpunt nie. Hulle het dit duidelik gestel dit volkome aanpas by die Suid-Afrikaanse omstandighede en dat dit boonop berus op die Afrikaner se Christelik-nasionale lewensbeskouing. Voorstanders van die beweging het egter al meer en meer gewys op die verrotting van die parlementêre demokrasie en gepleit vir die instelling van 'n gesagstaat, onder beheer van 'n diktatuur.<sup>121</sup> Hierdie optrede sou hulle direk in konflik bring met die Herenigde Nasionale Party en dit sou 'n felle stryd wees wat nie gou sou uitwoed nie. In hierdie stryd het Kemp hom as voorste vegter vir die behoud van 'n gesonde demokrasie onderskei.

#### 8.7.1 Afrikanerparty

Tydens die Herenigde Nasionale Party of Volksparty se Transvaalsekongres in Pretoria in Desember 1940, het daar by tye 'n ekstremistiese gees kop uitgesteek, wat in sommige kringe kommer gewek het. Hertzog en Havenga het 'n paar dae later 'n verklaring uitgereik dat hulle as Volksraadslede bedank. As rede het hulle aangevoer dat die optrede van die Vrystaatse - en Transvaalsekongresse vir hulle verdagmakery en ondermyning verantwoordelik was. Hierna het ander Hertzog ondersteuners ook uit die party bedank en dit het gekulmineer in die stigting van die Afrikanerparty, met die doel om Hertzog se idees in die politiek voort te sit. Hierdie politieke groepering was deur Hertzog verwel-

<sup>121</sup> J.L. Basson, p.397.

kom, maar deur Kemp en Strijdom bestempel as 'n poging om die Afrikanerdom weer eens te verdeel.<sup>122</sup>

In reaksie hierop het die Afrikanerparty 'n verklaring uitgereik, waarin dit duidelik gestel is, dat hereniging dood is. Volgens hulle was dit teen 'n muur van onwil verbrysel deur 'n groep persone wat van die begin af konsekwent geweer het om op die enigste grondslag wat aangebied was vir sukses, tot stand te bring. Voorts meld hulle dat die Hereinigte Nasionale Party steeds voortgaan met die hulle kreet van 'n herenigde Afrikanerdom en "probeer bedek wat hy nie openlik voor die volk durf bely nie. Deur ons skeurders te noem weerlê hy sy eie kreet, want waar skeuring plaasgevind het op so skaal, kan daar geen eenheid meer wees nie."<sup>123</sup>

Tydens 'n besoek aan Winburg, met die oog op die tussenverkiesing op 8 Januarie 1941 en ter ondersteuning van C.R. Swart se kandidatuur, het D.F. Malan en Kemp weer Afrikanereenheid beklemtoon. Hulle het die stigting van 'n nuwe party afgekeur en 'n beroep op alle ware Afrikaners gedoen om vir die Hereinigte Nasionale Party te stem.<sup>124</sup> Dit was 'n openlike verwysing na die Hertzoggroep, wat volgens hulle verward was en sonder duidelike leiding. Op 9 Januarie 1941 het Kemp, tydens die Hereinigte Nasionale Party se Natalsekongres te Vryheid, gesê dat hy vir geen man in Suid-Afrika terugstaan wat ondersteuning vir Hertzog betref nie en dat hy na die Bloemfonteinse kongres moes kies tussen die Afrikanerdom of die skeuring van die Afrikaner volk. Hy het verklaar dat hy slegs die eenheid van die Afrikanerdom kies.<sup>125</sup> Volgens hom was dit verkeerd van Hertzog en sy volgelinge om uit die party te tree, want daardeur het hulle nie die kwaad uitgeroep nie, maar slegs die Afrikaner verder verbrokkel.

Op 25 Oktober 1941 tydens 'n openbare vergadering op Krugersdorp het Kemp, met verwysing na Hertzog, verklaar dat hy hom vir baie jare gevolg het en sy spyt uitgespreek dat Hertzog op daardie tydstip die twisappel van nasionaal sosialisme onder die Afrikaner volk ingewerp het. Hy het gesê dat hy saam met Hertzog gestem het, dat die Afrikaner nie oor klein dingetjies moet stry nie. Volgens hom het die Afrikanerparty uit mense bestaan wat beweer het dat hulle 'n tuiste soek. "Hul leiers verklaar dat hul enigste ver-

<sup>122</sup> J.C.H. Grobler, p.339; *Die Transvaler*, 25.12.1940.

<sup>123</sup> E.G. Jansen-versameling, lêer 1/22/4/1, p.26, verklaring ongedateer; A.C. Celliers, *Die Stryd om Volkseenheid*, manifest van die Afrikanerparty, Kaapstad, 30.1.1941.

<sup>124</sup> *Die Burger*, 6.1.1941.

<sup>125</sup> *Die Transvaler*, 10.1.1941.

skil met die Verenigde Party die oorlogsbeleid is. As die oorlog oor is sal hulle derhalwe weer in daardie party wees,"<sup>126</sup> het hy voorweer.

Pogings om die Herenigde Nasionale Party, van sowel binne as buite, op te breek is deur Kemp op 11 November 1941 te Roosenekal en Lagersdrift aangespreek. Hy het gesê dat die Afrikanerparty uit haat en nyd gebore was. "In die broederstryd van 1933 tot 1939 is daar wonde toegedien. Die Afrikanerparty wou nie vergeet dat wonde toegedien is nie. Hy wou nie daardie wonde help genees nie ....Hulle wou die party uit haat opbreek,"<sup>127</sup> het hy gesê. Volgens hom het Hertzog hulle ook verlaat en by die "Nuwe Orde" aangesluit. Hy het voorspel dat die Afrikanerparty nie 'n enkele setel sou wen nie.

Ten slotte het hy verklaar dat na 4 September 1939 'n vriendelike ooreenkoms deur die Afrikanerparty leiers aangegaan was om by kiesafdelings aan te beveel om die Volksraadslede wat teen deelname aan die oorlog gestem het, te herkies. Hy het daarop gewys dat die Volksraadslede van die Afrikanerparty hul hand en tand beveg en dat ander nie in die span wil trek nie, maar wat hom betref het die ooreenkoms verval. Hy het krities opgemerk dat die lede nou twee jaar voor die verkiesing moet weet dat as hulle nie in die span wil trek nie, hy hom nie aan die ooreenkoms kan hou nie.<sup>128</sup>

Die Afrikanerparty se ontstaan is onder die vergrootglas geplaas deur Kemp in 'n toespraak op 27 Februarie 1942 te Malmesbury. Volgens hom het die party 'n sypaadjie gekies - 'n pad van verbrekking van eenheid, met die doel om deur die verbokkeling van nasionalisme die belange van sekere mense te dien. Hy het gesê dat die Afrikanerparty besig was om 'n brug daar te stel wat hulle na die oorlog na Smuts sou oorbring. Volgens hom het die Afrikanerparty geen reg van bestaan gehad nie en stuur op 'n verbokkeling van die Afrikaner volk af. Hy was van mening dat uit die duisternis wat oor die volk hang, weer lig gebore sou word.<sup>129</sup>

Te Koster op 24 April 1942, het Kemp verwys na sekere groepe wat bestaan en wat die Afrikanerdom wou vernietig en van sy pad af wou dwing. Hy het die Afrikanerparty uitgewys as 'n party wat net met die Regering verskil het oor die oorlogsbeleid.<sup>130</sup> Volgens

<sup>126</sup> Die Burger, 27.10.1941; Die Transvaler, 27.10.1941.

<sup>127</sup> Die Transvaler, 13.11.1941.

<sup>128</sup> Ibid.

<sup>129</sup> Die Burger, 29.2.1942.

<sup>130</sup> Ibid., 25.4.1942.

hom het daar weer 'n wolf in skaapsklere rondgeloop, dit was 'n sogenaamde nuwe eenheidsbewegings wat slegs daarop uit was om die party skade te berokken. "n Koalissie het nog nooit betaal nie. Pasop vir daardie wolf in skaapsklere. Pasop vir die Afrikaanerparty en vir die Nuwe Orde,"<sup>131</sup> het hy gewaarsku.

Hy het in 'n toespraak op 30 Junie 1943 te Nylstroom, na Havenga verwys en gesê dat nadat hy die Herenigde Nasionale Party oorgelaat het aan 'n "swerftog in die woestyn", hy twee jaar lank op sy plaas gaan sit het en nou terugkeer om op 'n kritieke tydstip die stemme van die nasionaalgesindes te verdeel. Volgens hom was Havenga die vader van koalissie en die verbreker van die Nasionale Party. "Nou sê hy die Afrikaanerparty is die nuwe Nasionale Party. Dit is egter 'n stroom wat reguit na die Verenigde Party loop,"<sup>132</sup> het hy verklaar.

Kemp het Hertzog verkwalik vir sy optrede by die herenigingskongres in Bloemfontein in 1940 en te Nylstroom op 30 Augustus 1943 verklaar dat Hertzog se optrede aanleiding gegee het tot die stigting van die verbrokkelingsgroepe. Volgens hom was die stryd teen Herenigde Nasionale Party begin toe Hertzog verklaar het dat die party 'n misgewas was, 'n gewas wat doodgemaak moes word. "Dis nie so swaar nie" het Hertzog indertyd, soos Kemp aangetoon het, verklaar, "Laat hom maar eers 'n bietjie ontwikkel en dan ruk jy hom af."<sup>133</sup>

Vir Kemp was dit sekerlik nie maklik om sy fanatieke lojaliteit, wat hy teenoor Hertzog getoon het, opsy te skuif nie. Hy het inderdaad 'n lang politieke pad saam met hom geloop en dit was trouens Hertzog wat hom in 1924 in die Paktkabinet ingesluit het. Dit kan ongetwyfeld aanvaar word dat Kemp se fanatieke strewe na Afrikaner nasionalisme en 'n republiek hom vanaf 1940 weg laat beweeg het, van Hertzog se sienswyse. Aan die anderkant het Hertzog se onwilligheid tot die bewerkstelling van 'n herenigde Afrikaner ideaal ten alle koste, by Kemp 'n teleurstelling in Hertzog se optrede teweeggebring. Na 1939 en die breuk was hy nie te vinde daarvoor om ander politieke paale te bewandel, as die wat die ideaal van nasionalisme hom gebied het nie. Hy het Hertzog en sy volgelinge kwalik geneem het vir die verdeling van Afrikanereenheid en gevolglik het hulle 'n skyf van sy venyn geword.

<sup>131</sup> *Ibid.*

<sup>132</sup> *Die Transvaler*, 1.7.1943.

<sup>133</sup> *Ibid.*, 31.8.1943.

### 8.7.2 Handhawersbond

Oor die politieke ontwikkeling in die geleedere van die Herenigde Nasionale Party was daar by die leiers in die Transvaal ontvredenheid. Reeds op 24 Oktober 1939 het G. Yssel, voorsitter van die Nasionale Partytak te Potchefstroom en lektor aan die Universiteit van Potchefstroom, in 'n lang brief aan Die Transvaler, Hertzog lof toegeswaai vir sy standpunte en optrede. By navraag vanaf die Nasionale Party Hoofbestuur het dit aan die lig gekom dat hy ook voorsitter was van die Waaksaamheidskomitee aldaar, wat uit Nasionalliste en Hertzogvolgelingen bestaan het.<sup>134</sup>

Na afloop van die Herenigde Nasionale Partykongresse het daar in Maart 1940, onder leiding van Yssel, 'n groot vergadering plaasgevind waarop daar besluit is om die Handhawersbond te herstig.<sup>135</sup> Daar was beplan om 'n kongres in die toekoms te hou en Yssel, dieselfde man wat met sy Waaksaamheidskomitee in Potchefstroom aan die einde van die vorige jaar vir Strijdom soveel hoofbrekens besorg het, was bygestaan deur N.L. van der Walt, die medesekretaris van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal. In 'n "Wekroep tot die Afrikanerdom" het die Handhawersbond sy doelstellings uiteengesit.<sup>136</sup> Die Bond sou optree as teenvoeter vir Smuts se getroue volgelinge, met die oog daarop om volksmonumente teen anargiste te beskerm; asook om Smuts se optrede van intimidasie en internering aan die kaak te stel. Hulle het samewerking beloof aan al die ander organisasies en aan die Herenigde Nasionale Party. Voorts het hy onderneem om hom te weerhou van inmenging in die party politieke organisasie van die Herenigde Nasionale Party. Die grondwet van die Handhawersbond het voorsiening gemaak vir 'n semi-militêre opset.<sup>137</sup>

Dit blyk dat Strijdom nie gelukkig was met die Handhawersbond nie en op 6 Julie 1940 het hy sy bedenkinge oor die organisasie, aan Kemp in 'n brief uiteengesit.<sup>138</sup> Tussen die twee leiers het daar 'n meningsverskil oor die saak ontstaan. Strijdom, Kemp, Yssel en 'n paar van sy Bondslede het in Pretoria byeengekom, waartydens Strijdom hulle kwaai

<sup>134</sup> Strijdom-versameling, Band 50, ongepagineerd, brief van Le Roux van Niekerk aan Strijdom, 2.11.1939; Die Transvaler, 24.10.1930.

<sup>135</sup> L.L. Basson, p.397.

<sup>136</sup> Ibid.

<sup>137</sup> Strijdom-versameling, Band 49, ongepagineerd, Grondwet van die Handhawersbond, 1940.

<sup>138</sup> Ibid., brief van Strijdom aan Kemp, 6.7.1940.

gekapittel het omdat hulle opgetree het sonder om die partyleiding te raadpleeg. Strijdom se grootste kwelling was die absolute gebrek aan dissipline, veral aangesien die Bond nie deur die party aan bande gelê wou word nie en hulle vir hulself magte toegeëien het wat die partyleiding toegekom het.<sup>139</sup>

Kemp het op 16 Julie 1940 per brief gereageer op Strijdom se brief. Daarin het hy erken dat Yssel voorbarig opgetree het om op ele houtjie 'n konferensie te reël, maar gewaarsku dat daar nie oorhaastig teen organisasies wat die party goedgesind was, opgetree moes word nie. Hy het verwys na 'n byeenkoms wat Malan vir Mei maand in die vooruit-sig gestel het waar dié party, verteenwoordigers van die Ossewa-Brandwag, Handhawersbond en kultuurorganisasies mekaar sou ontmoet, maar dat dit deur die mat geval het. Kemp het die hoop uitgespreek dat so 'n byeenkoms in die toekomst nog gereël sou word om sodoende die geskilpunte uit die weg te ruim. Hy het ingestem dat 'n dagbestuursvergadering die aangewese plek was om die saak in die reël te bring.<sup>140</sup> Dit is duidelik dat Kemp sy steun aan die organisasie verleen het, as 'n drukgroep op rege-ringsaktiwiteite.<sup>141</sup>

Die geskil tussen die twee leiers van die Herenigde Nasionale Party in die Transvaal het voortgeduur en Strijdom het gedreig om die saak in die openbaar te stel, indien die Bond nie sy ondermynende bedrywighede sou staak nie. Van die beoogde dagbestuurs-vergadering het niks gekom nie. Kemp het nie van sienswyse verander nie en voorgestel dat die saak bespreek moes word wanneer die Parlement weer in sitting was. Hy het voorts die hoop uitgespreek dat Yssel intussen niks sou doen wat die partybelange in gedrang sou bring nie.<sup>142</sup> Op 17 Augustus 1940 het die Handhawersbond onder die strengste geheimhouding die eerste konferensie gehou en is Yssel verkies tot assistent-kommandant-generaal. Daar was sprake dat die amp van kommandant-generaal vir Pi-row oorgehou is, maar hy wou hom nie openlik met die organisasie assosieer nie.<sup>143</sup> Op 22 Augustus 1940 het die polisie toegeslaan, die Bond gevisiteer en op 24 Februarie 1941 berig Die Transvaler dat die Bond ontblind is.<sup>144</sup> Op 28 Maart 1941 het M.D.C. de

<sup>139</sup> J.L. Basson, p.398.

<sup>140</sup> Strijdom-versameling, Band 49, onpagineerd, brief van Kemp aan Strijdom, 16.7.1940.

<sup>141</sup> D.W. Krüger (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel III, p.440.

<sup>142</sup> Strijdom-versameling, Band 49, onpagineerd, brief van Kemp aan Strijdom, 8.8.1940.

<sup>143</sup> M. Roberts en A.F.G. Trollip, p.66.

<sup>144</sup> Die Transvaler, 24.2.1941.

Wet Nel aan Strijdom geskrywe en gemeld dat die Bond reeds amptelik ontblind is en dat alle oorblywende lede by die Ossewa-Brandwag aangesluit het.<sup>145</sup>

Sy rol was buitendien uitgespeel aangesien die Ossewa-Brandwag vir al die doelwitte van die Bond voorsiening gemaak het en 'n natuurlike heenkome geskep het vir sy lede. Dit wil voorkom asof die organisasie nie juis 'n beduidende rol in die politieke opset in Suid-Afrika uitgeoefen het nie - dit was eintlik 'n irritasie vir die Nasionale Party in Transvaal se leierskorps.

### 8.7.3 Die Nuwe Orde

Die Nuwe Orde was, anders as die Handhawersbond, uitgesproke nasionaal sosialisties, en onder leiding van Pirow het dit ook 'n veel groter bedreiging vir die Herenigde Nasionale Party ingehou, omdat dit beter georganiseer en oor die hele land versprei was.

As gevolg van Kemp se ernstige siekte het Strijdom hom midde in die stryd teen die Nuwe Orde bevind.<sup>146</sup> Dit was ook heel duidelik dat Pirow, volgens sy uitsprake, net so min soos Hertzog van plan was om 'n bydrae te lewer om hereeniging te laat slaag. Nogtans het Pirow nooit 'n direkte bedreiging vir Kemp en Strijdom se leierskap ingehou nie. Tydens 'n openbare vergadering op 9 November 1940 te Wolmaransstad, het Kemp op 'n vraag geantwoord en gesê dat hy heeltemal met die beginsel van Pirow se Nuwe Orde saamstem, asook die instelling van 'n gedeeltelike diktatuur. Volgens hom kon die vraagstukke waarvoor Suid-Afrika te staan gekom het, nie deur demokrasie opgelos word nie.<sup>147</sup> Met hierdie uitspraak het die militêre-rebel in Kemp se karakter weer na die oppervlak deurbreek.

Tydens die Transvaalsekongres van die Herenigde Nasionale Party in Desember 1940, is besluit om 'n voorstel van Pirow, ten opsigte van die Nuwe Orde, na 'n komitee te verwys wat die program van beginsels en aksie verder sou bespreek. In sy openingsrede het Kemp verwys na Pirow se standpunt waarin hy meld dat hy met die bestaande demokrasie, niks te doen wou hê nie. Hy wou dit ook nie veroordeel nie, maar het eerder gepleit

<sup>145</sup> Strijdom-versameling, Band 40, ongepagineerd, brief van M.D.C. Nel aan Strijdom, Sekretaris van die HNP in Transvaal, 28.3.1941.

<sup>146</sup> Volgens sy seun, dr. G.J. Kemp, het sy vader aan hipertensie en prostaatprobleme gely, as gevolg van koue en nat weer in die veld gedurende sy Anglo-Boereoorlog - en Rebellejare.

<sup>147</sup> Die Burger, 11.11.1940.

dat dit verbeter moes word.<sup>148</sup> Daar is wel 'n toevoeging tot die konstitusie bygevoeg, naamlik dat die party die onverdeelde trou van al sy lede eis en geen betrokkenheid met 'n politieke strekking sou toelaat wat in stryd met die party se beginsels was nie.<sup>149</sup>

Vanaf 1941 het daar al meer verzet teen Pirow se Nuwe Orde na vore gekom. In die tyd het Pirow en C.W.M. du Toit in al hoe groter mate aanklank bymekaar gevind; hulle het ook dikwels saam vergaderings toegesproek en gesamentlik hulle stryd teen demokrasie voortgesit. Op 28 Februarie 1941 het die Beleidskomitee van die Herenigde Nasionale Party vergader om onder andere Pirow se Nuwe Orde onder die vergrootglas te plaas. Veral Pirow se slening oor die demokrasie en die afskaffing van die partystelsel, het hier sterk onder die soeklig gekom.<sup>150</sup> Die komitee het tot die besluit geraak dat die mag wat die demokrasie aan die leier van 'n politieke party verleen, onontbeerlik was om die nodige hervormings aan te bring en om later die republiek stewig te grondves.

'n Neutraliseringsaksie is op 8 Maart 1941 deur die Herenigde Nasionale Party van Transvaal op die Nuwe Orde uitgevoer, toe Strijdom vir C.W.M. du Toit as voorsitter van die party uitgeskakel het en Kemp en Strijdom voortaan self as leiers hierdie taak sou vervul.<sup>151</sup> Die voorstel is deur Strijdom persoonlik ingedien en met Kemp se ondersteuning deurgevoer.<sup>152</sup> Die Nuwe Ordelede het nie ult die party verdwyn nie en op 13 Augustus 1941 is Pirow op die party se regs-kommissie herkies. Pirow het egter by verskeie geleenthede teenoor mense aangedui dat hy nie van plan was om in die Herenigde Nasionale Party aan te bly nie. Einde September 1941 het die Nuwe Orde 'n gestote kongres in Pretoria gehou. Die besluite van die Transvaalsekongres van die Herenigde Nasionale Party oor die Nuwe Orde is deur hulle verwerp. Die hele aangeleentheid is na D.F. Malan as nasionale leier verwys vir verdere optrede. Dit is onverstaanbaar dat Kemp en Strijdom nie self opgetree het nie, aangesien die Nuwe Orde-episode feitlik uitsluitlik 'n Transvaalse aangeleentheid was.<sup>153</sup> Miskien was dit te wyte aan die besluit van die Herenigde Nasionale Party se kongres op 12 Augustus 1941, naamlik om alle afwyken-

<sup>148</sup> Die Transvaler, 4.12.1940.

<sup>149</sup> Strijdom-versameling, Band 36, onpagineerd, notule van Hoofbestuursvergadering gehou in Pretoria, 3.12.1940.

<sup>150</sup> J.L. Basson, p.361.

<sup>151</sup> Nasionale Party in Transvaal-versameling, L&er 58, onpagineerd, notule van 'n HNP Hoofbestuursvergadering, 8.3.1941.

<sup>152</sup> J.L. Basson, p.362.

<sup>153</sup> Die Transvaler, 2.10.1941.

de rigtings en groeperings te verbied. Hulle was dalk van mening dat dit nou 'n saak vir die nasionale leier van die party was, om op te los.

In Oktober 1941 het Kemp en Strijdom in 'n skrywe 'n oproep tot die Nasionaliste in Transvaal gedoen en onder andere na die Nuwe Orde verwys: "Terwyl ons met alle reg verwag het, dat die hele Afrikaner volk en alle lede van ons party, met die oog op groot dinge wat ons voor die deur staan, soos één man bymekaar sou staan om hierdie groot ideaal te verwesenlik, het adv. Pirow en 'n klein klomp ondersteuners, ongelukkig 'n twisappel in ons midde gegooi - deur skeik in teenstelling met ons eie Christelik Nasionalisme - 'n ander en vir ons Volk vreemde stelsel, naamlik die Nasionaal sosialisme, te bepleit, en dit nie deur middel van die gewone party masjinerie nie, maar deur middel van 'n aparte organisasie bekend as 'Die Nuwe orde' met eie Kantoor van Sekretariaat en met sy eie takke wat hulle 'studiesirkels' noem!"<sup>154</sup> Voorts is gemeld hoe afkeurenswaardig hierdie optrede was en dat die grootste gedeelte van die ander dinge wat die Nuwe Orde bepleit het, sake was wat reeds in die party se Program van Beginsels ingesluit was, en wat Pirow eenvoudig netso oorgeneem het. "Die twisappel wat Pirow dus in ons midde gegooi het, is die invoering van 'n vreemde stelsel naamlik 'Die Nasionaal sosialisme',"<sup>155</sup> het hulle verklaar.

Volgens die skrywe was die Herenigde Nasionale Party se standpunt teenoor die nasionaal sosialisme dat hulle geen kritiek daarop wou of kon uitoefen nie, omdat dit 'n saak vir die Duitsevolk en die Duitse regering was. Voorts meld hulle dat netsoos elke ander nasie geregtig was op 'n regeringstelsel, in ooreenstemming met hulle eie lewensbeskouing, so was die Afrikaner volk ook geregtig op sy eie regeringstelsel; naamlik 'n Christelik Nasionale republikeinsestelsel met 'n president aan die hoof.<sup>156</sup> Hulle het gewaarsku teen verdeeldheid en gemeld: "Daar moet met die oog op ons nasionale strewes na 'n republiek, nooit 'n stryd in ons geledere gevaar gewees het oor die 'Nasionaal sosialisme' nie, en daarom kan ons die handelwyse van Pirow nie anders as ten sterkste afkeur nie."<sup>157</sup>

<sup>154</sup> Strijdom-versameling, Band 150, pp.199-207, oproep van Kemp en Strijdom tot die Nasionaliste van Transvaal, 1941; D.F. Malan-versameling, ongepagineerd, Strijdom-Malan briefwisseling, 1.10.1941.

<sup>155</sup> Ibid.

<sup>156</sup> Ibid.

<sup>157</sup> Ibid.

Hulle het Pirow veroordeel omdat hy by elke vergadering wat hy toegesprek het, verklaar het dat hy rotsvas by die party en sy hoofleier Malan staan, maar in werklikheid niks anders gedoen het as om sy Nuwe Orde en die nasionaal sosialisme te verkondig nie. Volgens hulle sou die mense wat hom gevolg het tot die gevolgtrekking gekom het dat wat hy bepleit en verkondig het, ook dió party se standpunt en beleid was.<sup>158</sup> Die twee leiers het Pirow beskuldig dat sy hele optrede teenoor die party van 'n ondermynde en verbrokkelende aard is en tot sover net wrywing en onaangenaamheid in hul geleedere veroorsaak het.<sup>159</sup> Daar was gemeld dat die partykongres in Pretoria, met 'n meerderheid van oor die 600 stemme teen 19 stemme, Pirow se standpunt verwerp en besluit het dat van die lede van die party geeis word om nie met verontagsaming van die erkende bestuursliggaam en leiers, en veral die hoofleier, 'n ander beleid as die party te bepleit nie. Volgens hulle was Pirow en 'n klomp ondersteuners nie bereid om hulle aan die besluit te onderwerp nie en gevolglik het hulle voortgegaan met hul aparte organisasie en bepleiting van 'n standpunt, wat strydig was met die standpunt wat eenparig aangeneem was op die Uniale Kongres op Bloemfontein, 3 Junie 1941. 'n Beroep was op alle partylede gedoen om die party se standpunt en beleid op die voorgrond te stel en te verkondig, en nie twisappels wat 'n verlamende uitwerking en wrywing in hul geleedere veroorsaak het, in hul midde te gooi nie.<sup>160</sup> Die party het geleidelik die skroewe op die Nuwe Orde aangedraai. Op 1 Oktober 1941 het die Hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party besluit, om in ooreenstemming met die kongres besluit, die optrede van Pirow en sekere van sy ondersteuners wat deur die Hoofbestuur afgekeur was, na Malan te verwys met die versekering dat hy op die volle steun van die Hoofbestuur kon reken, in verband met enige stappe wat hy in die verband nodig sou geag het.<sup>161</sup>

Gedurende Oktober 1941 het daar 'n verdere offensief in die Transvaal plaasgevind onder leiding van Malan, Strijdom, Kemp, A.J. Werth en De Wet Nel, wat ulters suksesvol was. Op 24 Oktober 1941 te Wolmaransstad het Kemp gesê dat daar twee rigtings is, wat die beleid van "verdeel en heers" bevorder het en een van hulle was die Nuwe Orde. Hy het gevra: "As sewe-agtes van die 'Nuwe Orde' dan in die program van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty opgeneem is, waarom dan nou, vyf minute voor twaalf, 'n

<sup>158</sup> Ibid.

<sup>159</sup> Ibid.

<sup>160</sup> Ibid.

<sup>161</sup> M.P.A. Malan-versameling, lêer 8 (xi), Hoofbestuur van HNP of Volkspartybesluit, 1.10.1941 (36 teenoor 9 stemme)

twisappel onder die volk gooi oor die een-agste."<sup>162</sup> Met die aanbreek van die Parlementsitting van 1942 is die stryd tussen die Herenigde Nasionale Party en Nuwe Orde tot 'n punt gedryf. Pirow het op 15 Januarie 1942 aangedui dat die Nuwe Orde as aparte parlementêregroep sou fungeer, alhoewel hulle nog steeds lede van die Herenigde Nasionale Party bly. Hiermee was die breuk tussen die twee groepe 'n voldonge feit.<sup>163</sup>

Te Roosenekal en Lagersdrift op 11 November 1941, het Kemp in sy toespraak na die Nuwe Orde verwys en die vraag gevra of dit moontlik was om in 'n span saam te trek, terwyl 'n groep sy eie kantoor en organisasie het. Volgens hom het Pirow verklaar dat hy nie die koukus van die Herenigde Nasionale Party sou bywoon, as die ban op die Nuwe Orde nie opgehef word nie. "In ander woorde adv. Strijdom en ek moet nou sê dat die Kongresbesluit in Augustus verkeerd was en dat adv. Pirow en sy 26 volgelinge reg was,"<sup>164</sup> het hy verweer. Voorts het hy gesê dat hulle nie van Pirow 'n martelaar sou maak nie, maar dat hy dit self kon gedoen het. Hy het gemeld die doel van die nasionaal sosialiste in die Afrikanerparty, Nuwe Orde en sekere leiers van die Ossewa-Brandwag was om Hertzog weer in die politiek terug te bring, sodat Pirow en dr. Hans van Rensburg weer op sy rug kan ry. "Die een moet 'n Hitler en die ander een 'n Von Ribbentrop of Gôebbels word,"<sup>165</sup> het hy opgemerk. Hy het die gehoor gevra of hulle nie genoeg van 'n diktator, na hul ondervinding van die Smutsbeleid, gehad het nie. Hy het gesê hy hoop dat Pirow besef dit is vyf minute voor twaalf, dat hy sy agitasie sou staak en by die party sou staan. Hy het voorts gesê dat die leiers van die Nuwe Orde en Ossewa-Brandwag beweer dat die party uitgedien was, maar volgens hom het die Herenigde Nasionale Party gereed gestaan om in die bres te tree vir die Afrikanerdom, op so 'n wyse dat die oorwinning behaal sou word.<sup>166</sup>

Volgens die Nuwejaarsboodskappe van die Herenigde Nasionale Party voormanne soos Malan, Strijdom en Kemp in 1941, is die hoop uitgespreek dat die volgende Jaar met die volle vertroue binnegegaan sou word en dat die partygeledere gou weer gekonsolideer sou wees.<sup>167</sup> Dit was egter wensdenkery. Tussen 12 en 14 Januarie 1942 het daar 'n briefwisseling tussen die Herenigde Nasionale Partyleiding en die Nuwe Orde plaasge-

<sup>162</sup> *Die Burger*, 25.10.1941.

<sup>163</sup> *Ibid.*, 15.1.1942.

<sup>164</sup> *Die Transvaler*, 13.11.1941. (Ook vergadering te Middelburg 10.11.1941.)

<sup>165</sup> *Ibid.*, (Ook vergadering op 10.11.1941 te Middelburg)

<sup>166</sup> *Ibid.*

<sup>167</sup> P.W. Coetzer (red.), Deel 5, p.78.

vind, oor die Nuwe Orde se eis dat 'n spesiale kookusvergadering gereël moes word, om die voorstel dat Herenigde Nasionale Partylede gelyktydig lede van die Nuwe Orde en Ossewa-Brandwag kon wees en albei aktief kon ondersteun, te bespreek. Die Herenigde Nasionale Party was nie bereid tot so 'n vergelyk nie en gevolglik het die Nuwe Orde besluit om hulle aan die Herenigde Nasionale Partykookus te onttrek en voortaan as 'n selfstandige parlementêre groep op te tree, hoewel hulle lede van die party gebly het.<sup>168</sup> Hierdie optrede is deur die Herenigde Nasionale Partykookus as afskeiding beskou en onder die aandag van die onderskeie hoofbesture gebring, ten einde hulle in staat te stel om in oorleg met die hoofleier gepaste stappe te doen.<sup>169</sup> Enkel dae later het 'n groep van sewentien Volksraadslede 'n persverklaring gedoen en uit die Herenigde Nasionale Party bedank, aan gewone lede is dit oorgelaat om self te besluit of hulle wou bedank al dan nie. Die Herenigde Nasionale Party het ontken dat hulle hul uit die party geforseer het en tereg daarop gewys dat hulle self uitgetree het.

Die Nuwe Orde se optrede het die onderskeie hoofrade van die Herenigde Nasionale Party gedwing om op te tree. Aangesien die Nuwe Orde hoofsaaklik in die Transvaal gekonsentreer was, het die provinsie eerste opgetree deur die Nuwe Orde 'n nyandiggesinde beweging te verklaar.<sup>170</sup> Hiermee het die paale geskel. Beëindiging van sy ondersteuners se lidmaatskap van die party het dus beslis die heropbou van die Nuwe Orde benadeel.<sup>171</sup> Hierdie konflik was egter verdwerg deur 'n veel groter een, naamlik die geskil met die Ossewa-Brandwag.

Op 6 Februarie 1942 het die Hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, besluit dat Artikel 4 (d) van die Konstitusie op die Nuwe Orde toegepas moes word en dat partylede dus nie langer toegelaat sou word om lede van die Nuwe Orde te wees nie.<sup>172</sup> Die vraag wat onwillekeurig na vore kom wanneer die stryd met die Nuwe Orde in oënskou geneem word, is waarom die Herenigde Nasionale Partyleiding so getalm het om op te tree. As rede kon aangevoer word dat die vrees vir skeuring die Herenigde Nasionale Party gedwing het om soveel moontlik Hertzogvolgelingen in sy geledere te behou. Buitendien is die aandag van die Herenigde Nasionale Party voltyds in beslag ge-

<sup>168</sup> Ibid.; Ben Schoeman, p.103.

<sup>169</sup> Ibid.

<sup>170</sup> M.P.A. Malan-versameling, lêer 8 (xi), besluite van die Hoofbestuur van die NP van Transvaal, 6.2.1942.

<sup>171</sup> P.W. Coetzer (red.), Deel 5, p.79.

<sup>172</sup> M.P.A. Malan-versameling, lêer 8 (xi), Hoofbestuur van HNP of Volkspartybesluit, 1.10.1941. (40 teen 4 stemme.)

neem deur die onmiddellike probleem van die uitkakeling van die laaste reste van die Hertzogvolgelingen as politieke mag.<sup>173</sup> Pirow het ook op elke vergadering waar hy opgetree het, sy trou jeens Malan as partyleier uitgespreek. Dit het optrede teen hom bemoeilik, aangesien so 'n optrede alle simpatie aan die kant van Pirow sou plaas. Boonop was daar duidelike tekens dat van die eertydse Hertzogvolgelingen die Herenigde Nasionale Party sou verlaat, indien daar van die kant van die party teen Pirow opgetree sou word.<sup>174</sup> Dit lei geen twyfel oor waar Kemp en sy volgelinge gestaan het nie. Hy het openlik sy Smeltersverlede afgesweer en hom met die Herenigde Nasionale Party ver-eenselwig. 'n Nuwe politieke band het tussen hom en Strijdom ontwikkel.

Tydens 'n Nasionale Party stryddag op Loui's Trichardtplein op 1 Junie 1942, het Kemp die Nuwe Orde uitgewys as een van die verdelers van die Afrikaner volk. Volgens hom wou hulle 'n ander republiek gehad het, as die van die ou Boererepubliek. Hy het gesê dat hulle by die party staan, maar toe dit gelyk het asof Duitsland die oorlog sou wen, het hulle aan die volk gesê: "Word Duitsers, word nasionaal sosialiste."<sup>175</sup>

Te Reddersburg op 14 Augustus 1942 het Kemp gesê dat daar mense was wat openlik die Herenigde Nasionale Party probeer breek het. Volgens hom was die aanhang van die Prowgroep klein, was hulle daarop uit om die volk te skeur en setels soos Betsjoenaland aan Smuts te gee en dat hulle gaan probeer om die republiek 'n nekslag te gee.<sup>176</sup> Op 26 Augustus 1942 te Zeerust het Kemp gesê dat die Prowgroep die Herenigde Nasionale Party van binne wou ondermyn en die mure van die party ondergrawe het.<sup>177</sup>

Met verwysing na die verwagte algemene verkiesing in 1943, het Kemp op 27 Augustus 1942 te Ventersdorp gesê dat die Nuwe Orde se lede nie aan 'n verkiesing glo nie, maar dat dit eienaardig is dat hulle in samewerking met dr. J.F.J. Van Rensburg van die Ossewa-Brandwag, bereid was om 'n setel aan Smuts en imperialisme te gee.<sup>178</sup> Gedurende September 1942 het die Nuwe Orde 'n verklaring uitgereik dat hy sy lede nie sonder meer sou aanraai om vir die Herenigde Nasionale Party, in die komende verkiesing, te

<sup>173</sup> J.L. Basson, p.378.

<sup>174</sup> *Ibid.*

<sup>175</sup> *Die Transvaler*, 2.6.1942.

<sup>176</sup> *Ibid.*, 15.8.1942.

<sup>177</sup> *Ibid.*, 27.8.1942.

<sup>178</sup> *Ibid.*, 28.8.1942.

stem nie.<sup>179</sup> Op 26 September 1942 te Makwassie het Kemp gesê dat Pirow hom nie aan die meerderheidsbesluit wou onderwerp nie. Hy het gesê dat hy geen kompromis meer wou hê nie, aangesien daar elke keer 'n nuwe klompie opgespring het waarmee hulle hul moes kompromitteer.<sup>180</sup>

Op 9 Oktober 1942 te Delmas het Kemp gesê dat op Monumentkoppie daar 'n getofte afgelê is en dat die Afrikaners mekaar se hande gevat het, om dit nooit weer te los nie. Verder was daar volgens hom die ooreenkoms van 3 Junie 1940 toe die Afrikaners verder saamgesnoer is. Hy het gevra wat gebeur het: "Eers spring Pirow, wat in 1938 nog verklaar het dat hy 'n absolute demokrat is en ook dat 'die republikanisme 'n grap en baie flou grap daarby is,' uit die party, nadat hy tevergeefs getrag het om uitgeskop te word, ten einde 'n martelaar van gemaak te word."<sup>181</sup> Hy het voorts verklaar dat die Pirowvolgelingen sê dat hulle nie in verklesings belanggestel het nie. Hy het gevra waarom hulle dan op 'n verklesingsooreenkoms aangedring het.<sup>182</sup>

Pirow se parlementêre steun was buite verhouding met sy steun onder die kieserspubliek. As rede kan aangevoer word dat die beweging te akademies voorgekom het vir die gewone burger. Aangesien sewentien voormalige Herenigde Nasionale Party Volksraadlede Pirow gevolg en uit die Herenigde Nasionale Party bedank het, het dit Pirow en sy volgelinge die tweede grootste Opposisieparty in die Volksraad gemaak. Uit die stemming op die Transvaalsekongres blyk dit dat Pirow meer steun onder Volksraadlede gehad het, as uit die gewone kiesers. Dit is ook te verstane dat hy nie 'n groot steun onder die kiesers gehad het nie, aangesien die Afrikaner se nasionalisme op 'n demokratiese lees geskoel was eerder as op nasionaal sosialisme, met ander woorde nie 'n semi-diktatuur nie. Die beeld van verskeurdheid in Afrikanergeleedere kon egter nie weg geredeneer word nie.

#### 8.7.4 Die Ossewa-Brandwag

As uitvloeiing van die Eeufeesjaar en die simboliese Ossewatrek, het die Ossewa-Brandwag in November 1938 ontstaan. Die doel van die beweging was om as 'n kultuurliggaam die eenheidsgedagte wat onder die Afrikaners gegroei het, te bestendig. Sy orga-

<sup>179</sup> Die Burger, 14.9.1942.

<sup>180</sup> Ibid., 6.10.1942.

<sup>181</sup> Die Transvaler, 12.10.1942.

<sup>182</sup> Ibid.

nisasle was militêr van aard, aangesien dit op die kommandostelsel berus het. In sy "Doel en strewe" is uitdruklik verklaar dat die Ossewa-Brandwag geen party politieke verbintenls sou hê nie.<sup>183</sup>

Met die oog op die tussenverkiesing wat op 8 Januarie 1941 te Winburg sou plaasvind, het Kemp en Malan op 4 Januarie 1941 'n vergadering daar toegespreek. Kemp het onder dawerende applous die Ossewa-Brandwag gelukgewens met sy nuwe leier, dr. J.F.J. van Rensburg, en die vertrou uitgespreek dat hulle sou slaag op die "Pad van Suid-Afrika".<sup>184</sup>

Gedurende die Herenigde Nasionale Party se Natalsekongres op 9 Januarie 1941, het Kemp een van die grootste en geesdriftigste vergaderings wat nog op Vryheid gehou was, toegespreek. In sy toespraak het hy gewaarsku teen die klein bewegings en partye wat oral kop uitgesteek. Hy het gemaan dat hulle binne die party wou bly en dat hulle slegs 'n geleentheid soek om aan bewind te kom.<sup>185</sup> Volgens hom kon lede van die Herenigde Nasionale Party ook lede wees van die Ossewa-Brandwag, sonder dat so 'n lid afbreuk sou doen aan die party. Hy het gesê dat die Ossewa-Brandwag vir Smuts 'n nagmerrie was en het hy 'n beroep op die aanwesiges gedoen om die Afrikaansebewegings te ondersteun. "As genl. Smuts die wet van die land bly sal daar geen lydelike verset plaasvind nie. As hy egter sommige organisasies in die ban wil doen, kan ons tydelike verset uitoefen. Ons waarsku genl. Smuts om nie aan ons Afrikaanse verenigings te vat nie," het hy verklaar.<sup>186</sup> Onder dawerende toejuiging het Kemp aangekondig dat hy lid van die Ossewa-Brandwag was.<sup>187</sup> Volgens hom het die Ossewa-Brandwag gestrewe na Afrikanereenheid en as politieke liggaam het Herenigde Nasionale Party die medewerking van die beweging gehad. Hy het 'n beroep op die Afrikaners gedoen om meer en meer bewegings soos die Ossewa-Brandwag te ondersteun.<sup>188</sup>

Reeds gedurende 1940 was dit duidelik dat die verhouding tussen die Herenigde Nasionale Party en die Ossewa-Brandwag moeilikheid sou afgee. In April 1940 het die Transvaalse Ossewa-Brandwag 'n konsep republiekegrondwet gepubliseer, in 'n nasionaal

<sup>183</sup> J.G. Strijdom-versameling, Band 57, ongepagineerd, Die Ossewabrandwag, ongedateer.

<sup>184</sup> Die Transvaler, 6.1.1941.

<sup>185</sup> Ibid., 10.1.1941

<sup>186</sup> Ibid.

<sup>187</sup> Ibid.

<sup>188</sup> Dr. L.S. Steenkamp-versameling, lêer 16.20, ongepubliseerde dokument: Country to be brought to a standstill, 10.9.1941, ongepagineerd.

sosialistiese gees. Volgens 'n verklaring van J.D. Jerling was hierdie dokument in September 1940 aan Malan gewys,<sup>189</sup> en het hy gewaarsku dat die Ossewa-Brandwag "must proceed slowly and first wait until the British Connection had been broken. Jerling replied that this would not be honest with the people and genl. Kemp agreed whole heartedly...Ds. Kotze added that when you have broken the British connection, you still have to cope with the Briton, and when Malan further stated that sleeping dogs would be awakened by the pamphlet, ds. Kotze replied that there are no dogs still asleep."<sup>190</sup>

Gedurende September 1941 het prof. L.J. du Plessis, voorsitter van die Eenheidskomitee in 'n toespraak, waarin hy die verskil tussen die Ossewa-Brandwag en Herenigde Nasionale Party behandel het, 'n ernstige beroep op almal gedoen om nie dadelik kant te kies en uitmekaar te gaan nie, aangesien die saak nog nie finaal afgehandel was nie en daar nog hoop was.

Die Transvaler het op 17 September 1941 'n verklaring deur Kemp en Strijdom gepubliseer in verband met die stryd wat Van Rensburg teen die Herenigde Nasionale Party en sy leiers voer.<sup>191</sup> Hulle het hul leed uitgespreek oor die feit dat Van Rensburg en sekere ander persone die Ossewa-Brandwag, wat eers 'n pragtige organisasie was in diens van die volk, gebruik het om nie meer die volk te dien nie en sy leiers te beveg. Van Rensburg was deur hul beskuldig dat hy stelselmatig besig was om die Ossewa-Brandwag, wat tot op daardie stadium 'n nie-politieke organisasie was, na die terrein van die party te voer.<sup>192</sup> Hulle het sy onsimpatieke en vyandelike houding teenoor dié party veroordeel en volgens hulle het Van Rensburg geweler om die advies van die party aan te neem, naamlik dat lede van die Ossewa-Brandwag ook hulle ondersteuning moes gee aan die party. Hulle het gepoog om bewysplase te gee vir hulle standpunt en gewys op uitsprake van Van Rensburg, naamlik dat dit hom nie geskeel het aan watter party 'n man behoort nie, netso lank hy 'n republikein is. Voorts meld hulle dat Van Rensburg en van sy assistent-kommandante, nog nooit aan dié party behoort het nie en soms op die smalendste wyse na dié party en sy leiers gepraat het. Hulle het daarop gewys dat Van Rensburg by verskeie geleenthede, onder andere 7 Augustus 1941 te Elsburg, 13 Augustus 1941 te Reitz en in Die Vaderland van 9 September 1941, verklaar het dat die party besig was met 'n "ketterjag" teen die Ossewa-Brandwag. Ook dat Van Rensburg op 2 Junie 1941 te

<sup>189</sup> T.D. Moodie, The Rise of Afrikanerdom, p.215.

<sup>190</sup> Ibid., p.216; Die Vaderland, 17.9.1941.

<sup>191</sup> Adv. J.D. Jerling-versameling, lëer 11, koerantverslag herdruk uit Die Transvaler, 17.9.1941.

<sup>192</sup> Ibid.; J.L. Basson, p.394.

Bloemfontein onder andere ontken het dat die Ossewa-Brandwag die politieke leiding van die Herenigde Nasionale Party erken. "Met 'n man wat op hierdie manier plegtige ooreenkomste verbreek en vertrap kan 'n mens nie die hoog nodige samewerking nie verkry nie," het hulle geargumenteer.<sup>193</sup> Ook was hulle ongelukkig omdat Van Rensburg op 15 Augustus 1941 in Johannesburg, tydens 'n groot vergadering, misleidend verklaar het dat die Ossewa-Brandwag 300 000 lede en die Herenigde Nasionale Party in die hele Suid-Afrika, maar 60 000 tot 10 000 lede getel het.<sup>194</sup>

Voorts het Kemp en Strijdom verklaar dat hulle uit die Ossewa-Brandwag tree en dat as nasionaliste nog langer lede van die Ossewa-Brandwag bly, dan beteken dit eenvoudig dat geld wat hulle tot die Ossewa-Brandwag se fondse bydra, en ook tot Van Rensburg se geheimfondse wat gebruik sou word om die party te beveg.<sup>195</sup> Hulle het gesê dat daar op die Nasionaliste die plig rus om voortaan al hul krag en steun op politieke gebied aan die party te gee, ten einde so gou as moontlik die skade wat deur dr. Van Rensburg veroorsaak is, reg te maak en met 'n verenigde front af te stuur op hul eiendoel - "die vrye, onafhanklike Christelik - Nasionale Republiek van Suid-Afrika", afgeskel van die Britse Ryk.<sup>196</sup>

Hierdie openlike aanmoediging van Herenigde Nasionale Party aan lede om uit die Ossewa-Brandwag te tree, was die eerste wat deur die leiers van die Herenigde Nasionale Party gedoen is, want hoewel Malan sy seën oor die Ossewa-Brandwag teruggetrek en gedreig het om die Ossewa-Brandwag as vyandelike organisasie te verklaar, het hy nog steeds om die punt heen geskerm en geaarsel om die eerste te wees om 'n openlike afkeuring te verkondig.

Tydens 'n vergadering van die Hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van Transvaal in Pretoria op 1 Oktober 1941, is daar diepe teleurstelling uitgespreek oor die optrede van Van Rensburg, wat deur die leiding wat hy aan die Ossewa-Brandwag gee en deur sy toetrede tot die politieketerrein, in stryd is met die oorspronklike doel van die Ossewa-Brandwag. Voorts dat hy besig was om verdeeldheid in die Afrikaner se volksgeledere te verwek, dit nadat daar kort vantevore tydens die Uniale-

<sup>193</sup> *Ibid.*; *Die Vaderland*, 9.9.1941.

<sup>194</sup> *Ibid.*; J.L. Basson, p.395.

<sup>195</sup> *Die Vaderland*, 17.9.1941; Ben Schoeman, *My lewe in die politiek*, p.100.

<sup>196</sup> *Ibid.*

kongres in Bloemfontein, 'n eenheidsfront verkry is waaroor die ganse Afrikanerdom gejuig het.<sup>197</sup>

Dr. D.F. Malan het op 2 Oktober 1941 elehandig 'n uitvoerige stuk opgestel waarin hy op 'n taktvolle wyse aan Nasionaalgesindes leiding gegee het. Hy sluit met 'n kragtige oproep af: "Ten slotte doen ons 'n beroep op alle Afrikaners om op die aangewese pad met beslistheid en sonder versulm te handel. Dis 'n krisis wat ons as 'n Afrikaner volk inwendig deurmaak en waarvan alles afhang. Laat dit kort van duur en bestissend wees!"<sup>198</sup>

Bale toonaangewende Nasionaliste het op 'n positiewe wyse gereageer. Kemp en Strijdom het onmiddellik met 'n persverklaring op 6 Oktober 1941 vorendag gekom en onder meer gesê dat hulle onderskryf die verklaring van hul volksleier, dr. D.F. Malan, volmondig en saam met hom doen hulle 'n dringende beroep op alle Nasionaliste in Transvaal om sonder versulm die Ossewa-Brandwag te bedank. Voorts dat dit heeltemal duidelik is dat daar nie die minste hoop is om die Ossewa-Brandwag van binne te hervorm nie.<sup>199</sup> Hiermee het die verwagte breuk gekom alhoewel Malan en Van Rensburg hierna nog weer met mekaar in aanraking was. Malan en sy partyleiers het met die Ossewa-Brandwag afgereken en dit was beslissend. L.J. du Plessis het hierop gereageer deur lede te versoek om eers die verslag van die Eenheidskomitee af te wag, voordat hulle tot aksie oorgaan. Die verslag het op 7 en 8 Oktober 1941 in die pers verskyn, tot groot argwaan van die Nasionaliste.<sup>200</sup> Du Plessis was kwaal onder hande geneem deur Kemp op 24 Oktober 1941 te Wolmaransstad. Kemp het gesê dat die Ossewa-Brandwag is 'n goeie organisasie, wat deur die optrede van een man deurmekaar gekrap was. Hy het voorts gesê dat hy ult die Ossewa-Brandwag bedank het omdat hy volkseenheid nagestreef het: "Hoe lief u ook al die Ossewa-Brandwag het, vandag word van u geeis die opoffering terwille van volkseenheid. In 'n tyd van krisis kan jy nie twee here dien nie."<sup>201</sup>

<sup>197</sup> Die Burger, 2.10.1941.

<sup>198</sup> H.B. Thom, D.F. Malan, p.136; die oorspronklike van hierdie dokument in dr. Malan se eie handskrif, is in die D.F. Malan-versameling. Universiteit van Stellenbosch. Dit het in Die Burger op 3 Oktober 1941 en ander koerante verskyn. Die Hoofbestuur van die HNP het dit daarna, saam met 'n byvoegsel oor die vergadering van offisiere en oud-offisiere van die OB, en die beroep van Kemp en Strijdom, as 'n aparte stuk laat druk. Behalwe wat spelling en punktuasie hier en daar betref, is daar tussen die oorspronklike en die gedrukte weergawes geen verskille nie. Die aanhaling wat gemaak is, is uit die oorspronklike.

<sup>199</sup> Ibid., vergelyk die stuk van die Hoofkantoor van die HNP wat in verwysing 19 genoem word; J.L. Basson, p.398; D.F. Malan-versameling, ongepagineerd, 3.10.1941; Die Transvaler, 6.10.1941.

<sup>200</sup> Ibid.

<sup>201</sup> Die Burger, 25.10.1941; Die Transvaler, 25.10.1941.

In 'n toespraak op 26 Oktober te Krugersdorp het Kemp die Ossewa-Brandwagleier gewaarsku teen rebellie en geweldpleging. Volgens hom het hy persoonlike ondervinding daarvan gehad en dat daar toe nog nie sulke moderne wapentuig as op daardie tydstip was nie.<sup>202</sup> Op 11 November 1941 het Kemp te Roosenekal en Lagersdrift gesê dat die leiers van die Ossewa-Brandwag besig was om die beweging van bo-af op te breek. Volgens hom kon die Ossewa-Brandwag nie meer van binne reggemaak word nie. Hy het gesê dat daar net een oplossing was en dit was om as lede van die Ossewa-Brandwag te bedank.<sup>203</sup>

'n Beroep is op mense van "afwykende rigtings" deur Kemp, op 22 Februarie 1942 in die Strand gedoen om terug te keer na die Pad van Suid-Afrika. Hy het gemaan dat daar nie stene uit die muur van die Afrikanerdom gekap en die Afrikanerdom nie versink moes word in Britse Imperialisme nie.<sup>204</sup> Volgens hom was die Ossewa-Brandwag boikot teen die Nasionale pers 'n stryd teen taal en kultuur gewees. Hy het gesê dat hy nie kon verstaan waarom daar nog mense is wat die Herenigde Nasionale Party ter wille van die Ossewa-Brandwag bevog nie. Hy het die bewerings van die Ossewa-Brandwagleiding bevestig, deur te beweer dat die party nie die republiek deur middel van die stembus kon kry nie. Volgens hom was daar net een manier en hy meld dat hy die verkeerde wyse twee keer op die proef gestel en in albei gevalle gefaal het. Hy het gesê dat daar by die stembus besluit moes word. "Laat daardie 'lets anders' staan. Kom terug na die Herenigde Nasionale Party. As ons skouer aan skouer staan, moet en sal ons wen," het hy in 'n versoenende gees versoek.<sup>205</sup>

Maar Kemp was nog nie klaar met Van Rensburg nie en op 27 Februarie 1942 te Malmesbury, het hy gesê dat die Ossewa-Brandwag deur niemand anders as Van Rensburg doodgemaak word nie. Hy het Van Rensburg se boikot teen die Nasionale pers bestempel as 'n poging van die Ossewa-Brandwag om die hart van die Afrikaner te vernietig. "Daar is 'n nuwe storm in sig. Daar is nou weer sprake van 'n 'volksfront'. Maar dit is 'n valse lig en ek raai die volk aan om ander groepe te laat staan," het hy gewaarsku.<sup>206</sup> Voorts het hy gesê dat die verskillende groepe aan buitdelery dink, maar dat die Nasionale Afrikaner niks van die aard beoog nie. Volgens hom sou die dag weer aangebreek

<sup>202</sup> *Die Transvaler*, 27.10.1941.

<sup>203</sup> *Ibid.*, 13.11.1941. (Ook vergadering op Middelburg 10.11.1941.)

<sup>204</sup> *Die Burger*, 23.2.1942.

<sup>205</sup> *Ibid.*

<sup>206</sup> *Ibid.*, 29.2.1942.

dat die afwykende element na die Nasionale Afrikanerdom sou terugkeer. Hy het ernstig gewaarsku teen die navolging van allerlei klein leiertjies en daar moes volgens hom eers 'n sak sout met 'n leler opgeëet word.<sup>207</sup>

In 'n toespraak op 24 April 1942 te Koster, het Kemp na die Ossewa-Brandwag verwys as 'n groep wat die Afrikanerdom wou verander en van sy pad af probeer dwing. Hy het gesê dat hy geen twis met enige lid van die Ossewa-Brandwag het nie, maar dat die Ossewa-Brandwag afstuur op 'n diktatuur en dat die Herenigde Nasionale Party geen diktatuur wou hê nie. Hy het gesê dat die tyd aangebreek het dat hulle, hoe lief hul die beweging ookal het, hom vaarwel moet toeroep.<sup>208</sup> Volgens hom was die Ossewa-Brandwag in Kaapland nog net 'n geraamte en dat ten spyte van die Ossewa-Brandwagbevel, die Herenigde Nasionale Party in die Riversdal-tussenverklaring met 'n oorweldigende meerderheid geseëvier het. Hy het gesê dat die Ossewa-Brandwag in Transvaal besig was om sy kop stukkend te stamp teen die klipmuur van ware nasionalisme. Volgens hom was niemand verheve bokant foute nie. Hy het die Ossewa-Brandwag gevra watter heil hulle in Europa gesoek het? Hy het dit beklemtoon dat daar net een heil vir die Afrikaner volk was, "die heil in sy eie hartklop, die heil wat skull in geloof op sy eie voortbestaan. Moenie afdwaal op dwaalpaale nie. Kom terug. Die deure van die party staan vir julle oop en ons sal julle met ope arms ontvang, sonder om verwyte te maak."<sup>209</sup>

Te Lichtenburg op 25 April 1942, het Kemp gesê dat die mense wat hulle as Afrikanerhelde voordoën, bang is vir die heilige - en geskiedkundige plekke van die Afrikaner. Dit het hy gesê met verwysing na die gesamentlike vergadering wat daar tussen die Herenigde Nasionale Party en Ossewa-Brandwag gehou sou gewees het.<sup>210</sup> Volgens hom was die party bereid om die vergadering te hou en het die voorwaardes wat gestel was onderskryf, maar gevra dat dit op 'n geskiedkundige plek gehou moes word. Dit is die plein waar die Vrystaatse - en Transvaalse vlae in 1914 aan die motor van genl. Beyers vasgemaak was.<sup>211</sup> Volgens hom het die Ossewa-Brandwag geweier om aan die versoek te voldoen. Hy het gesê dat die Herenigde Nasionale Partylede en -lelers nog nooit gevlug het nie. "Toe daar sprake van 'n feller inteneringsveldtog was, het die partyleiers nie die Bosveld en die vlakveld ingevlug soos die Ossewa-Brandwagleiers nie," het hy

<sup>207</sup> *Ibid.*

<sup>208</sup> *Ibid.*, 25.4.1942.

<sup>209</sup> *Ibid.*

<sup>210</sup> *Die Transvaler*, 27.4.1942.

<sup>211</sup> *Ibid.*

geargumenteer.<sup>212</sup> Hy het gesê dat hulle die Regering trotseer het en dat hulle bereid was om kaalvoet oor die velde van Suid-Afrika te loop vir die ideale van die Boerevolk, terwyl persone wat leiers van die Ossewa-Brandwag is, as vrywilligers by Smuts se kommando's aangesluit het. (Verwysende na die Rebelle). Volgens hom was die tyd van koalisie verby en het hy gewaarsku teen paddastoel wat kon opspring om weer eens die Afrikanerdom te verdeel.<sup>213</sup>

In die Oos-Transvaal is 'n Saamwerkkomitee in die lewe geroep en op 18 Junie 1942 het hierdie komitee by Bronkhorstspuit byeengekom om die vier strydende groepe in 'n ooreenkoms te betrek, wat ook vir verkiesingsdoeleindes vir 'n sekere nominasie-prosedure voorsiening sou maak.<sup>214</sup> Al vier leiers sou by die samesprekings betrek word - later het die organisasie ook as komitee van een-en-twintig bekend gestaan. Malan was dus ook uitgenooi, maar het nie daarvoor kans gesien nie. Gevolglik sou die komitee Malan alleen tydens die Transvaalsekongres op 17 September 1942 ontmoet. Op die dag om 11:00 het die komitee laat weet dat hulle bereid was om Malan en die ander leiers saam te ontmoet. Onder die indruk dat daarmee Strijdom en Kemp bedoel word, het daar 'n groot misverstand ontstaan. Toe Malan verneem dat dit Van Rensburg, Havenga en Pirow was, het hy geweer om aan die onderhandelings deel te neem. Op 18 September 1942 het Strijdom voor die kongres ontken dat hy en Kemp met onderhandelinge met die ander groepe besig was. Hy het ook ontken dat Malan dit as voorwaarde vir onderhandelinge gestel het, dat hy en Kemp teenwoordig moes wees. Dit was bekend dat sterkteiers binne die Herenigde Nasionale Party, soos Kemp en Strijdom, heftig teen samewerking gekant was. Na 'n aantal beskuldigings oor en weer het die poging van die toneel verdwyn.<sup>215</sup>

Weer eens te Reddersburg op 14 Augustus 1942, het Kemp gewaarsku dat daar mense is wat openlik die Herenigde Nasionale Party probeer breek. Hy het verwys na die Pirowgroep en die Ossewa-Brandwag, wat die Herenigde Nasionale Party van binne af wou rysmier. Kemp het beweer dat die groepe sê dat Suid-Afrika se vryheid sou op 'n skinkbord aan hulle gegee word, Indien hul pro-Duits sou word. "Dan sal die volk, soos Van Rensburg by Majuba gesê het, nie meer nodig wees nie. Die volk sal Klaas wees en niks

<sup>212</sup> Ibid.

<sup>213</sup> Ibid.

<sup>214</sup> J.L. Basson, p.427.

<sup>215</sup> Ibid.

te sê hê nie. Hy wil 'n diktatuur hê," het hy verklaar.<sup>216</sup> Volgens hom was Van Rensburg daarop uitgeweens om die Herenigde Nasionale Party te probeer breek. Kemp het gesê dat Van Rensburg met Smuts heul en as bewys daarvoor het hy daarna verwys dat Van Rensburg nog nooit 'n bevel gegee het dat die Verenigde Party se vergaderings nie bygewoon moet word nie, of dat daar nie vir die Verenigde Partykandidate gestem moet word nie. Maar wel dat Van Rensburg al bevel gegee het dat die vergaderings van die Herenigde Nasionale Party nie bygewoon mag word nie en dat daar nie vir Herenigde Nasionale Partykandidate gestem mag word nie.<sup>217</sup> Hy het gevra wie dit was wat die nuus na Zeerust uitgesaai het, en dat daar baie "kakleridders" was wat toestelle gehad het. Volgens hom was dit 'n bewys gewees dat Van Rensburg met Smuts saamwerk om die Herenigde Nasionale Party te breek.<sup>218</sup>

Kemp was egter nie net veroordelend teenoor die Ossewa-Brandwag nie en op 26 Augustus 1942 het hy gesê dat die ou Ossewa-Brandwag 'n mool beweging was, maar vandat Van Rensburg met sy diktatuurstreke gekom het, was die beweging op die afdraande pad. Volgens hom het die Herenigde Nasionale Party die Ossewa-Brandwag lede teruggeroep na die eenheid van Monumentkoppie. Hy het dit as noodsaaklik beskou dat die party een of ander tyd moes bepaal dat geen partylede tot die Ossewa-Brandwag mag behoort nie, want 'n verdeelde trou kon nie toegelaat word nie.<sup>219</sup> Op 27 Augustus 1942 te Ventersdorp, het Kemp gesê dat daar 'n nuwe groep was, naamlik die Ossewa-Brandwagkultuurvereniging, wat onder Van Rensburg se leiding ontaard het tot 'n politieke party. "Vandag word verwag dat die volk die leiers moet volg, maar het die Afrikanerdom al 'n sak sout saam met dr. Van Rensburg opgeëet? Julle het leiers wat beproef is en in hierdie krisistyd kan ons nie anders nie as om te sê dr. Malan is 'n groot man," het hy verklaar.<sup>220</sup>

In sy openingsrede by die Transvaalse Herenigde Nasionale Partykongres op 17 September 1942 het Kemp verwys na die groepe wat die party in sy taak gestrem het en verklaar dat die tyd aangebreek het dat die kongres hom uitspreek teenoor daardie mense. Volgens hom sou die kongres die ultimatum van 'n Ossewa-Brandwagleier in Kaapland moes oorweeg, naamlik dat daar sal gekies moes word tussen die party en die

<sup>216</sup> Die Transvaler, 15.8.1942.

<sup>217</sup> Ibid.

<sup>218</sup> Ibid.

<sup>219</sup> Ibid., 27.8.1942.

<sup>220</sup> Ibid., 28.8.1942.

Ossewa-Brandwag. Hy het gesê dat hy in 1940 geweler het dat die party skeur en dat hy by die verkreë eenheid sou bly. Hy het verklaar dat daar allerhande goggas met kompromisse rondloop, maar dat die volk hom nie weer sou laat vang nie.<sup>221</sup>

Tydens 'n vergadering op 26 September 1942 te Wolmaransstad, was Kemp uitgevra oor die getalle sterkte van die Ossewa-Brandwag. Hy het verklaar dat waar die beweging 'n jaar van te vore meer as 2 000 lede gehad het, daar op daardie stadium nie meer as 240 was nie en dat van die getal honderd nog lede van die Nuwe Orde en twee-en-vyftig van die Afrikanerparty.<sup>222</sup> Te Makwassie op 26 September 1942, het Kemp gesê dat mnr. J.A. Smith van die Ossewa-Brandwag die mense gemaan het om van die stembus af weg te bly. Volgens Kemp was daar 143 miljoen Swartes teenoor 3 miljoen Blankes op die vaste land van Afrika. Hy het gevra wat sou die gevolge wees as Swartes gelykeregte geëis het? "Hulle eis gewere en na afloop van die oorlog sal hulle stemreg eis", was sy argument.<sup>223</sup> Volgens Kemp het die Ossewa-Brandwag voorgesê dat hulle die Herenigde Nasionale Party se beste vriend is, maar toe Pirow hom nie wou onderwerp nie, het Van Rensburg hom aangemoedig om groepe te vorm, ten spyte van wat op die Bloemfonteinsekongres besluit was. Hy het gesê dat hul beste vriende wegbly van die Nasionale Partyvergaderings, hulle wil nie vir die Nasionale Partykandidate stem nie en het reeds 'n setel op Vryburg aan die Regering present gegee.<sup>224</sup>

Voorts het hy verwys na 'n bevel wat "ons beste vriende" uitgevaardig het, dat die publikasies van die Nasionale Pers geboikot moes word - iets wat die Sappe nie eens gedoen het nie! Kemp het onder gelag verklaar dat Van Rensburg 'n rukkie van te vore sou gesê het dat die brûe tussen hom en Smuts vernietig is en opgemerk: "O! Daar was brugge."<sup>225</sup>

Kemp was die mening toegedaan dat bo en behalwe die Pirow-mense, Van Rensburg gekom het en verdere skeuring bewerkstellig het deur die Ossewa-Brandwag doelbewus weg van die kultuurpad na die politieke pad te lei. Op 9 Oktober 1942 te Delmas, meld hy in 'n toespraak dat Indien die Ossewa-Brandwag, Afrikanerparty of die Nuwe Orde met hulle tot 'n ooreenkoms wil raak, was daar net een uitweg en dit is om aan te sluit

<sup>221</sup> *Ibid.*, 18.9.1942.

<sup>222</sup> *Die Burger*, 6.10.1942.

<sup>223</sup> *Ibid.*

<sup>224</sup> *Ibid.*

<sup>225</sup> *Ibid.*

by die Herenigde Nasionale Party.<sup>226</sup> Op 12 Oktober 1942 te Amalla, het Kemp gesê dat daar mense in Suid-Afrika was wat nie aan die stembus geglo het nie maar aan nasionaal sosialisme, waar een persoon die heerskappy sou voer. Hy het gevra wat die waarde sou wees om die Britse Imperialisme vir Duitse Imperialisme te verruil?<sup>227</sup> Hy het gesê dat hy wêreld om by 'n ander nasie in te kruip.

Weer eens meld hy dat Van Rensburg nie alleen rebellie teen die party verkondig nie, maar ook beveel het dat alle publikasies van die Nasionale pers geboikot moes word. Volgens hom het hulle verkondig dat Malan nie samewerking wou gehad het nie. Na aanleiding van die verklarings van die sogenaamde "Saamwerkkomitee", het Kemp daarop gewys dat die een-en-twintig lede van die komitee uit sewentien lede van Ossewa-Brandwag, twee van die Nuwe Orde en twee Nasionalliste bestaan het, en dat die twee Nasionalliste dadelik bedank het. Verontwaardig het hy opgemerk dat die magtigste party net twee lede het. Hy het gesê dat die "Saamwerkkomitee" 'n verkiesingsooreenkoms beoog het, maar gevra wat met die vorige tussenverkiesings gebeur het toe setels aan Smuts op 'n skinkbord aangebied was? Volgens Kemp wou Smith van die Ossewa-Brandwag, nie meer die stembus erken nie en dat hy daardeur slegs Smuts en sy party ondersteun het.<sup>228</sup>

Kemp het voorts gevra wie dit was wat na Duitsland uitgesaai het?: "Is dit miskien die Waarheidsridders? Hoe verklaar u die feit dat die Herenigde Nasionale Party aangeval word, terwyl die Verenigde Party met rus gelaat word? Talle generaal en kommandante van die Ossewa-Brandwag is die oorsaak daarvan dat mense vandag in tronke en interneringskampe sit."<sup>229</sup> Interessant toe Kemp gevra het waar die verteenwoordigers van die Ossewa-Brandwag was, het oom Boy Mussman wat saam met hom die 1914 Rebelie deelgeneem het, gesê dat hy waarskynlik die enigste een was, aangesien hy as gevolg van sy naam, "Ossewa-Brandwag" genoem word.<sup>230</sup> Te Leeufontein buite Kendal, het Kemp op 12 November 1942 die Afrikaner volk versoek om saam te staan en gesê dat die Ossewa-Brandwag waaraan hy behoort het, nie meer bestaan nie. Volgens hom was die ou Ossewa-Brandwag 'n pragtige kulturele organisasie maar dat hulle op daar-

<sup>226</sup> Die Transvaler, 12.10.1942.

<sup>227</sup> Die Burger, 13.10.1942.

<sup>228</sup> Die Transvaler, 16.10.1942.

<sup>229</sup> Ibid.

<sup>230</sup> Ibid.

die tydstip net 'n Van Rensburgparty het.<sup>231</sup> Hy het voorts verwys na herhaalde verklaarings deur die Ossewa-Brandwagelers dat hulle die party goedgesind is. Hy het aange-  
toon hoe dit gebots het met die uitlatings van dieselfde persone. Hy het verwys na hul  
bolkot van al die publikasies van die Nasionale pers, 'n magtige kultuursentrum en ei-  
endom van die volk en gevra of dit versoening was?<sup>232</sup> Hy het gesê dat die volk deur die  
Ossewa-Brandwagelers wysgemaak word, dat Indlen Duitsland nie die republiek aan  
hulle gee nie, hulle dit nooit sou kry nie: "Daardie mense wil dus nou op die ashoop gaan  
sit totdat hul vryheid hulle uit die vreemde gebring word."<sup>233</sup> Hy meld dat die Herenigde  
Nasionale Party se standpunt was dat die Britse Ryk na afloop van die oorlog ten gronde  
sou gaan.<sup>234</sup>

Kemp het op 13 November 1942 te Middelburg gewys op die drievoudige "Tweede  
Front"<sup>235</sup> wat teen die Herenigde Nasionale Party in die lewe geroep was. Volgens hom  
is die Afrikanerparty in die lewe geroep om die party van buite te beveg, maar dit kon  
geen hond haaraf maak nie. Toe is die hulp van adv. Pirow met sy Nuwe Orde ingeroep.  
Dit was sy taak om die party van binne te probeer verbroekel, maar ook het hy maar  
bloedweinig ultgerig. Toe is die derde flank van die tweede front teen die Herenigde Na-  
sionale Party - die Van Rensburgparty in die lewe geroep.<sup>236</sup> Hy het die vergadering  
daarop gewys dat hy ook in die verlede die burgers onder hom aangesê het, "Storm",  
maar dan het hy dit saam met hulle gedoen, en nie later opgespring en 'n staatsgetule  
geword nie. "Vandag kry die Stormjaers die bevel van hul generaals om te storm, maar  
as hulle op die dae afstorm, storm die generaals na die wildduin. Toe ek in 1914 gere-  
belleer het, het ek in die tronk gaan sit en my burgers het vrygeloop. Vandag doen ons  
dinge blykbaar net andersom", het Kemp verklaar.<sup>237</sup> Hy het 'n beroep gedoen op die  
"Tweede Front"-lede om terug te keer na die party toe, weg van die afdraaipaaie.<sup>238</sup>

Op 14 November 1942, op 'n stryddag te Lydenburg, het Kemp verklaar dat hy geen ru-  
sie met die Ossewa-Brandwagelers het, wat nog aan die kulturele organisasie behoort  
het nie. Hy het verklaar dat hy wel rusie maak met leiers van die Van Rensburgparty. Hy

---

<sup>231</sup> Die Burger, 13.11.1942.

<sup>232</sup> Ibid.

<sup>233</sup> Ibid.

<sup>234</sup> Ibid.

<sup>235</sup> Die Transvaler, 14.11.1942.

<sup>236</sup> Ibid.

<sup>237</sup> Ibid.

<sup>238</sup> Ibid.

het gesê dat die beweging geen seën op sy aktiwiteite kon verwag nie, tensy hulle terug gekeer het na die Monumentkoppelgelofte. Hy het gemeld dat die verdeeldheid onnodig was, Indien Afrikaners hulle aan hul woord gehou het. Hy het die goue draad van verdeeldheid aangetoon deur te sê dat eers Hertzog, daarna die Afrikanerparty, daarna die Nuwe Orde en daarna die Ossewa-Brandwag weggebreek het.<sup>239</sup>

Van Rensburg het op 19 Januarie 1943 aangekondig dat hoewel die Ossewa-Brandwag nie kandideer in die komende algemene verkiesing sou nomineer nie, hulle onder seker omstandighede Opposisiekandidate wat aanvaar was vir die republikeinse groepe, sou ondersteun. Hy het voorts versoek dat die Afrikaner hom heeltemal van die "liberale verkiesing" moes onttrek of as alternatief, 'n anti-oorlog en anti-Britse Ryk stem moes uitbring.<sup>240</sup> Tydens 'n Ossewa-Brandwag-vergadering op 19 Junie 1943 te Brits, waar ofisiere en brandwagte teenwoordig was, het Van Rensburg 'n verklaring uitgereik waarin hy meld dat sekere Herenigde Nasionale Party kandideer sê dat hulle die Ossewa-Brandwag goedgesind is. Hy het voorts verwys na 'n eed wat hulle moes aflê dat hulle geen ander organisasie steun nie en afgesluit deur te sê dat hulle geswore vyande van die Ossewa-Brandwag is, ondanks die verkiesingspraatjies.<sup>241</sup>

In 'n konsoliderende gebaar het die Ossewa-Brandwagleier op 19 Maart 1943 te Stellenbosch, namens die Ossewa-Brandwag 'n aanbod aan Havenga, Pirow en Malan gemaak vir samewerking. Alhoewel eersgenoemde twee politici die aanbod gunstig oorweeg het, het Malan geen reaksie getoon nie. Op 1 Junie 1943 het Van Rensburg 'n beroep op alle Ossewa-Brandwag-lede gedoen om teen die "Empire"-kandidate te stem, maar terselfdertyd het hy die Herenigde Nasionale Party aangeval, wat volgens hom die Ossewa-Brandwag wou vernietig.<sup>242</sup>

Strijdom en Kemp het op 9 September 1946 twee afsonderlike boodskappe deur middel van Die Transvaler aan die klesers gerig, waarin die klesers opgeskerp is om te volhard in die stryd en hulle lojaliteite aan die Herenigde Nasionale Party te bevestig.<sup>243</sup> Tydens die Transvaalsekongres van die Herenigde Nasionale Party op 15 Oktober 1946 het die

<sup>239</sup> Ibid., 16.11.1942.

<sup>240</sup> J.M. vnn den Heever, p.81.

<sup>241</sup> Harm Oost-versameling, Band 39, ongepagineerd, verklaring deur mnr. J.A. Smith en dr. J.F.J. van Rensburg, 19.6.1943, oorgedruk uit Die Vaderland, 22.6.1943.

<sup>242</sup> J.M. vnn den Heever, p.82.

<sup>243</sup> Die Transvaler, 9.9.1946.

gemoedere nog steeds hooggehoop. Kemp en Strijdom het daarin geslaag om dit te kalmeer en die Afrikaner klesers aangespoor tot eendragtige optrede. Die teenstanders van die Herenigde Nasionale Party, vernameklik Die Vaderland het nie geaarsel om die tweespalt binne die geleedere van die Herenigde Nasionale Party te probeer oopvlek nie.<sup>244</sup> Dit het Strijdom en Kemp genoop om in hul afsluitingswoorde aan die kongres, daarop te reageer. Kemp het dit beklemtoon dat daar geen tweespalt of krisis was nie. Volgens hom het al die leiers hulle agter die nasionaleleier en Herenigde Nasionale Party geskaar.<sup>245</sup>

Uit die voorafgaande struwellinge het dit duidelik na vore gekom dat die stryd tussen die Ossewa-Brandwag en Herenigde Nasionale Party nog nie afgeloop was nie. Die situasie was onrusbarend en het gedreig om die Herenigde Nasionale Party te ondergrawe en aangesien die Ossewa-Brandwag hoofsaaklik sy ankers in die Transvaal gehad het, sou Strijdom en Kemp die speerpunt van die aanval moes trotseer. Hulle kon ook nie uit die oog verloor dat ten spyte van die broederstryd, die werklike vyand Smuts met sy Imperialistiese Inslag was. Strijdom sou as gevolg van Kemp se dood alleen leier van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal word en die stryd voortsit.

#### 8.7.5 Eenhedsbeweging of Volkskomitee

Kemp en Strijdom het in 'n onderhoud met Die Transvaler, 'n ervaring meegedeel wat hulle opgedoen het tydens hul rondreise in die Transvaal. Hulle het gesê dat in sommige kiesafdelings waar die Ossewa-Brandwag - en Nuwe Ordelede 'n klein minderheid was en hulle het tot die besef gekom het dat hul niks tot stand sou kon bring nie. Gevolglik het hulle 'n nuwe organisasie vir hulself probeer skep het om invloed uit te oefen. Hulle het beweer dat daar 'n sogenaamde "Eenhedsbeweging" of "Volkskomitee" gestig word, wat dan die verskillende groepe bymekaar moet probeer bring.<sup>246</sup> Hulle meld dat die mense met baie vroom voorstellings en self mededellings gekom het, dat hulle ook nie meer aan die Ossewa-Brandwag of Nuwe Orde behoort het nie. Volgens die twee leiers het die persone daarin geslaag om selfs Herenigde Nasionale Party se ondersteuners te beweeg om lede van so 'n komitee te word. "Eers dan begin laasgenoemde besef dat dit maar weer 'n manier is om Nuwe Orde gedagtes of die Ossewa-Brandwag se

<sup>244</sup> Die Vaderland, 15.10.1946.

<sup>245</sup> Die Transvaler, 16.10.1946.

<sup>246</sup> Die Burger, 6.1.1945.

ondermyning van die party vanuit 'n ander hoek voort te sit," het hulle geargumenteer.<sup>247</sup> Hulle het die Herenigde Nasionale Partylede ten sterkste gewaarsku teen hierdie nuwe metode om in die naam van eenheid en versoening die Afrikanerdom aan 'n nuwe stryd en verdeling voor te stel. Hulle het dit duidelik gestel dat die pad na begeerde eenheid deur die Herenigde Nasionale Party loop.<sup>248</sup>

### 8.8 Evaluering

Een van die sterkste karaktertrekke van Jan Kemp was sy lojaliteitsoprede. Wanneer hy 'n saak of party omhels het, het hy dit nie maklik gelos nie. Aan die anderkant was hy 'n politikus met 'n wye visie, wat hom deeglik van 'n saak vergewis het, alvorens hy standpunt ingeneem het. Na die breuk in 1939 en die politieke verwickelinge in Suid-Afrika, het hierdie karaktertrekke baie duidelik uiting gevind.

Hy was 'n uiters lojale leier vir die Afrikanersaak en het gevolglik gestrewe na eenheid. Hy het nie geglo in die verdeling van kragte nie en die leuse van die ou Suid-Afrikaanse Republiek, naamlik "Eendracht maakt macht", het hom daarin gesterk en onwrikbaar het hy op die pad van eenheid gebly. Elke saak of organisasie wat dit bedreig sou met 'n "stormende" Kemp te doen kry.

Hy was 'n Afrikaner nasionalis wat die verwerping van "vryheid" vir sy volk gevisualiseer het - hy was 'n republikein by uitstek. Hy het geglo dat die bereiking van die ideaal op konstitusionelewysse moes geskied. Herhaalde kere het hy in sy politieke loopbaan verwys na die rebellie en die uitkoms daarvan; met ander woorde dat die gebruik van geweld nie 'n oplossing gebied het nie. By hom het die "stem" van die volk gepraat en vir sosialisme en diktature was daar nie plek nie. Vandaar sy gereelde teruggryp na die ou Boererepubliek en hul republikeinse regeringsvorm.

Hy was ook 'n leier wat geglo het in samewerking. In sy politieke loopbaan was hy in drie samewerkingsooreenkomste betrokke, naamlik die Paktregering, Samesmetting met die Suid-Afrikaanse Party en die Herenigde Nasionale Party. Enige persoon wat in die pad gestaan het van samewerking het hy met die "wapen" van die tong aangeval en teengewerk. In die opsig het hy al die partye en organisasies wat nie saam met die Her-

<sup>247</sup> Ibid.

<sup>248</sup> Ibid.

enigde Nasionale Party wou saamwerk nie, teengestaan. Hulle het die weg bewandel van die berekingsideaal, naamlik "Suid-Afrika Eerste."

Dit is Juis bogemelde kenmerke wat van Kemp 'n politieke leier gemaak het - 'n leier wat deur sy volgelinge met agting bejeën was. Fisieke en morele moed wat nie betwyfel kan word nie. Hy was vasberade, reguit, kragtig en onstuimig op die politieke "slagveld" ter bereiking van die Afrikanerideale en die versplintering het hom dwars in die krop gesteek.

## HOOFSTUK 9

### JAN KEMP SE LAASTE TREË IN DIE POLITIEK, 1939 - 1946

#### 9.1 Kemp as gesamentlike leier van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal

Aan die begin van 1940 het daar, wat die Afrikanerdom betref, selde tevore groter verwarring, verdeeldheid en politieke magteloosheid in sy geledere geheers. Sterk leierskap vanaf dr. D.F. Malan en ander leiers het daartoe gelei, dat na vele pogings tot hereniging, daar in Januarie 1940 wel 'n ooreenkoms bereik kon word. Die nuwe party sou heet die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, onder leierskap van genl. J.B.M. Hertzog. Hierdie vereniging was nie diep nie en daar het 'n Malan -, naas 'n Hertzogvleuel, bestaan. Die gevolg was dat 'n breuk in November 1940 ontstaan het, toe 'n konsep-konstitusie van Hertzog op die Vrystaatse stigtingsvergadering verwerp is. Die ou leier het dit as 'n mosie van wantroue in hom gesien, uit die party bedank en ook uit die politiek getree.<sup>1</sup> Malan word gevolglik die leier van die party.

Die leierskap in die Transvaal was ook sterk onder die vergrootglas geplaas, aangesien Jan Kemp van die Volksparty aanspraak sou maak op die leierskap van die Herenigde Party.<sup>2</sup> Aan die anderkant was die leierskap van die Nasionale Party al magsbasis waarop adv. J.G. Strijdom kon aanspraak maak.<sup>3</sup> Op 28 Maart 1940, na afloop van die Transvaalsekongresse van die Nasionale Party en die Volksparty, is daar voortgegaan tot die tydelike samevoeging van die verskillende bestuursliggame. Die eerste hoofbestuursvergadering van die Herenigde Nasionale Party het op 29 Maart 1940 plaasgevind en sonder haakplek verloop. 'n Eenparige besluit is aanvaar dat Strijdom en Kemp gesamentlike leiers van die party sou wees. Hulle het mekaar dadelik gevind, samewerking was hartlik om nasionalisme in die Transvaal uit te bou.<sup>4</sup>

#### 9.2 Die Kleurkwessie - Kemp soek oplossings en neem sterk standpunt in

<sup>1</sup> F.A. van Jaarsveld, Van Riebeeck tot P.W. Botha, pp.289-290.

<sup>2</sup> M. Roberts en A.E.G. Trollip, The South African Opposition, p.27.

<sup>3</sup> J.L. Basson, Die politieke loopbaan van adv. J.G. Strijdom, 1924-1948, p.307.

<sup>4</sup> Ibid., pp.358-360.

Die rassevraagstuk In Suid-Afrika was onlosmaaklik gekoppel aan die Swartvraagstuk. Genl. Smuts het by geleentheid in 1936 verklaar dat "there is no solution to the Native (sic) problem, new aspects of this overriding problem will continuously face South Africa from generation to generation."<sup>5</sup> Die Swartman het 'n geweldige getalle oorwig geniet en die grootskaalse ekonomiese - en nywerheidsontwikkeling wat Suid-Afrika sedert 1934 ondergaan het, het daartoe gelei dat die Swartmense in groot getalle na die stede gestroom het.<sup>6</sup> Hierdie toestroming het by die Blanke die vrees ontketen vir politieke integrasie en getalleoorspoeling.

Volgens die Herenigde Nasionale Party se standpunt sou daar geen onderdrukking van anderskleurige bevolkingsgroepe wees nie en sou hulle regverdig behandel word. Alle anderskleuriges sou gelyke kanse en geleenthede gebied word om onder voogdyskap van die Wltman op hul eie geografies - afgebakende terrein, ooreenkomstig hul natuurlike aard en aanleg te ontwikkel. Kemp het hom ten volle met die beleid vereenselwig en gevolglik het hy voortdurend hom beywer vir die oplossing van die Kleurvraagstuk.

Tydens die kongres, waar die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in die Transvaal op 26 Maart 1940 gestig was, het Kemp in sy voorsittersrede verwys na die dringende tekort wat daar was aan Swartarbeid en voorgestel dat dit opgelos moes word deur manlike Swartes te verplig om diens van minstens 6 maande na 'n jaar te doen. Volgens hom moes die nuwe party ook daarvoor sorg dat die Kleurilingvraagstuk opgelos word. Hy het versoek dat die verslag van die kommissie oor gemengde huwelike, so gou moontlik uitgevoer word. Ook dat die nuwe party die Asiatiesevraagstuk aandurf.<sup>7</sup>

Die erns van die Kleurvraagstuk is deur Kemp, tydens 'n openbare vergadering op 6 April 1940 te Riebeek-Wes, voorgehou. Hy het gesê dat Indien die Herenigde Nasionale Party nie spoedig aan bewind sou kom nie, sou die Blankes binne 20 jaar in die meeste van die klesafdelings in die Boland uitgestem word.<sup>8</sup> Volgens hom was die enigste oplossing vir die vraagstuk, om die Kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys te plaas. Hy het ook verwys na die toestand in die Transvaal waar die Asiate geleidelik die Blankes op die handelsgebied verdring. Hy het ernstig gepleit dat 'n kwotastelsel verkry moes word,

<sup>5</sup> *The Friend*, 3.8.1936.

<sup>6</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), *Die Nasionale Party*. Deel 4, p.41.

<sup>7</sup> *Die Transvaler*, 29.3.1940.

<sup>8</sup> *Die Burger*, 8.4.1940.

wat die uitreiking van handelslisensies aan Asiëte kon beperk.<sup>9</sup> Met betrekking tot die arbeidsmark het hy gesê dat hy reeds deur die liberaliste aangeval is omdat hy aan die hand doen het dat verpligte arbeid ingevoer moes word. Ook dat die Engelse volgens hom, woedend is omdat hy voorstel dat Swartes bo 16 jaar verpligte diens moes doen. "Blykbaar verlang hulle dat ons die Naturelle (sic) moet toelaat om te versleg en nie te werk nie. Ons wil hulle arbeid nie verniet hê nie", het hy opgemerk.<sup>10</sup>

Die Regeringsbeleid om Kleurlinge en Swartes te bewapen is deur Kemp op 15 April 1940 in die Volksraad bevraagteken. Hy het gesê: "As dit nou die gees is dat as daar oorlog kom, dat jou Kleurlinge en Naturelle (sic) moet deelneem aan daardie oorlog, dan staan ons feitlik op 'n voet van gelykstelling en dit is een van die dinge wat die Afrikaners met erns beskou."<sup>11</sup> Volgens hom was dit 'n skande vir die Afrikanerbevolking wat die vorige honderd jaar blank gebly het. Hy het beweer dat die bewapening van die Swartes en Kleurlinge in die toekoms daartoe sou lei dat daar opstande onder hulle uitbreek en dat Blankes se lewens op plase daardeur in gevaar gestel sou word. Hy het gewaarsku dat daar moord en doodslag sou wees in die land soos gedurende die jare 1899-1902.<sup>12</sup>

Tydens 'n vergadering op 28 Junie 1940 te Schweizer-Reneke het Kemp gesê dat Rhodesië reeds Swartes oplei vir militêre diens en dat Smuts 'n beroep op die Swartes in Suid-Afrika gedoen het om belangrike plekke in die land te verdedig. Hy het gewaarsku dat indien Swartes gebruik sou word om aan Blankes bevele uit te reik, dit die betrekkinge tussen die twee rasse na die oorlog nadelig kon beïnvloed.<sup>13</sup> Dit is duidelik dat Kemp van mening was dat afsonderlikheid van rasse na die oorlog weer van toepassing sou wees.

Sedert 15 Januarie 1942 het Smuts uitsprake gelewer waarin hy erken dat Kleurling-soldate opleiding in die gebruik van vuurwapens en ligte kanonne ontvang het. Herenigde Nasionale Party leiers, onder andere Kemp, het op 12 Maart 1942 by wyse van 'n persverklaring ten sterkste afkeuring daaraan gegee. Volgens hulle was die Japanese gevaar deur die Regering as rede vir so 'n stap aangevoer en is Smuts se standpunt be-

<sup>9</sup> *Ibid.*

<sup>10</sup> *Ibid.*

<sup>11</sup> *Debatte van die Volksraad*, 15.4.1940, kolomne 4954-4955.

<sup>12</sup> *Ibid.*, kolomne 4956-4957.

<sup>13</sup> *Die Burger*, 29.6.1940.

stempel as die betekenisvolste ommekeer in standpunt sedert die dae van die Voortrekkers. Hulle het gemeld dat deur die optrede die Blanke heerskappy volgens die voorgedebeginsel in gevaar gebring is.<sup>14</sup>

Kemp het op 10 Maart 1942 in die Volksraad die Eerste Minister daaraan herinner dat hy 'n jaar vantevore aan die Volksraad die versekering gegee het dat wat die Kleurlinge en Swartes betref, sou hulle nie as soldate veg nie, maar alleen as wagte en ander daaglikse werk. Volgens hom het hy egter verneem dat Smuts tydens 'n vergadering verwys het na Blankes en Swartes wat saam hulle diensplig doen. Hy het aan die Premier gesê: "Waar die Voortrekkers vir die laaste 150 jaar en meer 'n Blanke Suid-Afrika gebou het, is hy nou besig om met een penstreep hierdie posisie totaal te vernietig en om gelykstelling in die plek daarvan te verkry."<sup>15</sup> Hy het Smuts versoek om die Swarttroepe nie deel van die Regeringsmagte te maak nie.

Die Verenigde Nasionale Party leiers, onder andere Kemp, het op 18 Maart 1942 'n dringende beroep op alle Afrikaners gedoen om te ontwaak en met alle mag te protesteer teen Smuts se beleid waardeur hy die Blankeras na die afgrond lei. Hulle het die volk gewaarsku oor die kommunistiese propaganda wat onder die goedgunstige toelating van die Smutsregering, onder Swartes en Kleurlinge soos 'n morele "verpesting" voort woeker.<sup>16</sup> "Die leuses 'Weg met alle kleurslagbomel'; 'Volkome gelykstelling tussen Wit en Swart op politieke - ekonomiese - en sosiale gebied!'; is alreeds die doelbewuste mikpunt en die openlike strydkreet geword van die georganiseerde Nie-Blankeras (sic) in Suid-Afrika - ongelukkig daartoe aangepor en gelei deur kommunistiese en liberalistiese agitators,"<sup>17</sup> het hulle aangevoer.

In sy hoedanigheid as voorsitter van die Verenigde Party se Uniale Kongres en as leier van die Verenigde Party in die Kaapprovinsie, het sen. A.M. Conroy Minister van Lande en Besproeiing, 'n verklaring op 21 Maart 1942 in die pers uitgereik. Hy het te velde getrek teen die Verenigde Nasionale Party leiers van die vier provinsies se "oproep" om te protesteer teen die sogenaamde beleid van Smuts, naamlik om in die uiterste geval van 'n Japanese aanval op Suid-Afrika gewillige en getrou Swartes onder die wapen te bring,

<sup>14</sup> J.L. Basson, p.439.

<sup>15</sup> Debate van die Volksraad, 10.3.1942, kolom 3490.

<sup>16</sup> D.F. Malan-versameling, ongepagineerd, dringende oproep aan alle Afrikaners: Smuts stuur ons blankeras na die afgrond, 18.3.1942.

<sup>17</sup> Ibid.

“as ons land nie anders uit die kloue van die geel ras (sic) van die Ooste gered kan word nie,”<sup>18</sup> Volgens hom was die protes gerig teen die beleid van Smuts om vrywillige Swartes te gebruik vir hulpdienste in die leër. Hy het die Herenigde Nasionale Party leiers se verklaring as vals, misleidend en leuenagtig bestempel. “Ons het hier weer eens te doen met 'n valse en leuenagtige partypolitiese bedrog wat teenoor die Afrikaner gepleeg word...”<sup>19</sup> het hy verontwaardig aangevoer.

Tydens 'n vergadering in die Paarl op 27 Maart 1942 het Kemp gesê dat die Afrikaners ten sterkste protesteer teen die bewapening van Swartes. Bewerings dat die ou Republieke ook Swartes bewapen het, is deur hom ontken. Volgens hom het Smuts meer vertroue in die Swartes as die Blankes gehad. Hy het beweer dat Smuts die Afrikaners se gewere afneem en dit aan die Naturelle (sic) gee.<sup>20</sup> Hy het gewaarsku dat die Blankes die gevaar te lig opneem en het die mense opgeroep om die stryd teen Smuts en sy beleid aan te knoop voordat dit te laat is. Hy het voorgestel dat die Afrikanerdom bymekaar moes staan en bande met die Britse Ryk verbreek.<sup>21</sup> Vir Kemp was Smuts se optrede met die bewapening van Swartes onverstaanbaar, aangesien laasgenoemde tydens die Anglo-Boereoorlog sterk gekant was teen die bewapening van Swartes en dat hy toe verklaar het dat elke gewapende Swarte doodgeskiet behoort te word.<sup>22</sup>

Op 'n stryddag te Rustenburg 5 November 1942, het Kemp gemeld dat die Italiaanse krygsgevangenes te Sonderwater deur gewapende Swarttroepe bewaak word en dat kommuniste orals absolute gelykstelling tussen Wit en Swart eis. Gevolglik het hy 'n beroep op die volk gedoen om hul stem te verhef en in geslote geleedere saam staan.<sup>23</sup> Vir hom was dit onaanvaarbaar dat Wittes deur Swartes opgepas word. In Maart 1943 het Kemp die Verenigde Partybeleid van gelykstelling aangeval en die ultskakeling van Swart mededinging in die arbeidsmark gepropageer.<sup>24</sup> Op 9 Oktober 1943 te Standerton het hy die Regering aangekla dat hulle die Boere smaad aandoen deur hulle te ontwapen en Kleurlinge 'n geweer in die hand te stop. Volgens hom het Smuts verklaar dat segregasie misluk het en dat gelykstelling sou volg.<sup>25</sup>

<sup>18</sup> VP-versameling, verwysing nr. 25, herdruk uit Die Suiderstem, 21.3.1942.

<sup>19</sup> Ibid.

<sup>20</sup> Die Burger, 28.3.1942.

<sup>21</sup> Ibid.

<sup>22</sup> P.W. Coetzer (red.), Die Nasionale Party, Deel 5, p.329.

<sup>23</sup> Die Transvaler, 6.11.1942.

<sup>24</sup> E.H. Louw-versameling, lêer 30, ongepagineerd, verslag van die HNP-vergadering, 1943.

<sup>25</sup> Die Transvaler, 11.10.1943.

In die Volksraad op 14 Februarie 1944 het Kemp verwys na 'n omsendbrief wat deur die Departement van Naturellesake (sic) versprei is en waarin boere voorgeskryf is hoe hulle hul plaasvolk moes behandel en allerlei ander sake in verband met lone en behuising. Hierin het hy 'n aanmoediging vir kommunisme gesien.<sup>26</sup> Op 11 April 1944 het hy die In-dlêrvraagstuk aangeroei. Hy het 'n verduideliking geels van die Minister van Binnelandse Sake insake 'n verklaring wat hy gemaak het in Natal, waarin hy aan die hand doen dat stemreg aan Asiate gegee moes word vir verteenwoordiging op gesondheids- en munisipaleraade. Voorts dat dit uitgebrei moes word tot die Provinsiale Rade en ten slotte tot die Parlement.<sup>27</sup> Hy wou weet of die Minister op advies van die Kabinet gehandel het?

Volgens hom was die posisie in die land uiters bedenklik, indien 'n verantwoordelike minister op so 'n wyse verklarings maak. Hy het verwys na die moeilike vraagstukke wat alreeds ondervind is met betrekking tot die Kleurlinge en die Swartes. Hy het dit heel duidelik gestel dat die Blankebevolking van die land beslis ten gunste daarvan is dat die Blankebeskawing in Suid-Afrika gehandhaaf moes word. Hy het verklaar dat hulle nie bereid is om in Suid-Afrika 'n swart of geel probleem te skep nie.<sup>28</sup> Hy wou van die Minister weet of hy bewus daarvan is dat 'n mens nie die een groep voor die ander kon voorreg nie, aangesien dit tot agitatie sou lei. Op 4 Maart 1944 in die Johannesburgse Stadsaal, het Kemp gesê dat die Regering magteloos gestaan het teenoor die gevare van kommunisme en van Swartoorheersing wat hyself geskep het.<sup>29</sup>

In hul Kers- en Nuwejaarsboodskap in 1944 het Strijdom en Kemp aan die Afrikanervolk gemeld dat wat die Swarttrasse betref, daar 'n beleid deur die Regering gevolg word wat Suid-Afrika tot 'n smelende vulkaan omskep en dat die land op niks minder as 'n noodlottige ramp afstuur nie. Volgens hulle kon die Regering se beleid 'n bloedbad en 'n Swart Suid-Afrika tot gevolg hê.<sup>30</sup>

In 1945 het mnr. Jan Hofmeyr die Naturelle Onderwys Finansieswetsontwerp (sic) se tweede lesing in die Volksraad geloods. Finansiering van Swartonderwys sou deel wees

<sup>26</sup> Debatte van die Volksraad, 14.2.1944, kolom 1173.

<sup>27</sup> Ibid., 11.4.1944, kolom 4900.

<sup>28</sup> Ibid., kolom 4901.

<sup>29</sup> Die Transvaler, 6.3.1944.

<sup>30</sup> Ibid., 21.12.1944.

van die algemene inkomsterekening, terwyl onderwys in die hande van die provinsies gelaat is. Voorts het hy 'n Uniale Raad van Swartonderwys voorgestel met die Sekretaris van Swartsake as voorsitter. Vir die eerste keer in die geskiedenis is onderwys van Swartkinderes gefinansier uit die algemene begroting.<sup>31</sup> Daardeur was gehoop dat die gaping van uitgawes tussen Wit- en Swartonderwys vernou sou word. Mnr. M.D.C. de Wet Nel, van die kiesafdeling Wonderboom, en mnr. L. Steenkamp van die Verenigde Party was gekant teen die beginsel van provinsiale beheer, maar nogtans was dit goedgekeur.<sup>32</sup> Kemp se dregement dat die wet teruggetrek sal word, indien die Nasionale Party aan bewind kom, het gedeeltelik gereëlseer in 1955 toe die Nasionale regering die bydrae uit die Nasionale begroting vasgepen het op £6 500 000 en vier-vyftes van die Swartes se algemene belasting.<sup>33</sup>

Op 12 April 1945, tydens die tweede lesingsdebat van die Wetsontwerp op Registrasie vir Werk, het Kemp mnr. J.B. Wolmarans, Verenigde Party Volksraadslid vir Losberg, gelukgewens omdat hy die gebrek aan Kleurskelding in die fabriek so duidelik onder die Minister van Arbeid se aandag gebring het. Volgens Kemp was hy die eerste regeringslid wat hierdie toestand van sake nie wou goedpraat en hy het die hoop uitgespreek dat ander lede in sy voetspore sou volg.<sup>34</sup> Kemp het die verskoning van mnr. M.J. van den Berg, dat die gebrek aan Kleurskelding in die klerefabriek aan die Rand hoofsaaklik aan 'n tekort aan Inspekteurs te wyte was, as onaanvaarbaar beskou. Volgens hom was daar duisende soldate wat nog nie na die front gestuur was nie en uit hulle geledere kon die Minister inspekteurs gekry het. Hy het die registrasie van werkloos verwelkom, maar volgens hom het dit niks gemaak dat die werkloos geregistreer word nie, aangesien daar van regeringskant geen voorstelle was om die werkloosheid teen te staan nie.

Hy het verwys na stellings deur die Minister dat daar na die oorlog oorgenoeg werk vir almal sou wees en gesê dat daar geen verskerping bestaan dat dit sou gebeur nie. Hy het gesê dat indien die terugkerende soldate in berekening gebring sou word en die 150 000 fabriekswerkers word in ag geneem vir wie nog gesorg moes word, sou dit katastrofes wees in die arbeidsmark.<sup>35</sup> Rakende die registrasie van werkloos het Kemp dit betreur dat daar slegs vir die registrasie van Blankes en Kleurlinge voorsiening gemaak

<sup>31</sup> Debate van die Volksraad, 2.4.1945, kolomme 4582-4588.

<sup>32</sup> Alan Paton, Hofmeyr, p.398; Debate van die Volksraad, 2.4.1945, kolomme 4596-4607.

<sup>33</sup> Ibid., p.399; Debate van die Volksraad, 2.4.1945, kolomme 4644-4647.

<sup>34</sup> Die Burger, 13.4.1945; Debate van die Volksraad, 12.4.1945, kolom 5341.

<sup>35</sup> Debate van die Volksraad, 12.4.1945, kolomme 5343-5346; Die Transvaler, 13.4.1945.

word. Swartes sou nie registreer nie en volgens hom is dit die werklose Swartes in die stede wat een van die grootste probleme was. Hy het 'n beroep op die Minister gedoen om die wetsontwerp terug te trek sodat behoorlike wetgewing opgestel kon word, waar in vir Kleurapartheid in fabrieke en die registrasie van Swartes voorsiening gemaak kon word.<sup>36</sup> Dwarsdeur sy politieke loopbaan was Kemp 'n voorstander van afsonderlikheid, met ander woorde elke ras moes op sy eie gebied beweeg. In die arbeidsmark het hy die Swartindringing as 'n gevaar vir die Armbankevraagstuk gesien. Hy het gevrees dat die onbeheerde indringing van Swartes vir die Blanke 'n gevaar sou skep, aangesien dit sou lei tot Indiënsneming van goedkoper arbeid in die nywerhede.

In 'n veglustige bul het Kemp tydens 'n vergadering te Tlerviel op 4 Mei 1945 gewaarsku teen diegene wat die Blankebeskawing in Suid-Afrika wou vernietig. Met verwysing na die Indlêrwetgewing het hy gemeld dat daar beweer word dat die Verenigde Party net doen wat Hertzog gedoen het, toe hy aan die Swartes verteenwoordiging toegesê het. Hy het verklaar dat dit 'n onjuiste bewering was en gesê: "Hulle vergeet dat, waar die Naturel (sic) in Kaapland saam met die Witman kon stem, sy stemreg ingekort is met die instelling van Naturelle verteenwoordiging (sic). Generaal Hertzog het die Stemreg van die Naturelle (sic) ingekort, terwyl genl. Smuts Indiëstemreg in Transvaal en Natal uitgebrei het."<sup>37</sup> Volgens hom was daar nog nooit 'n tyd waar die Afrikaner so bedrieg was, as toe nie. Hy het gepleit dat nleteenstaande politieke verskille almal moes saamstaan om die Blankebeskawing in Suid-Afrika te handhaaf. Hy het onomwonde verklaar dat die Nasionale Party die enigste party was wat die Kleurvraagstuk kon oplos en gesê dat as die Nasionale Party nie aan bewind van sake kom nie, dit die dood van die Blankedom in Suid-Afrika sou beteken.<sup>38</sup>

In hul Kers- en Nuwejaarsboodskap in 1945 het Strijdom en Kemp gemeld dat wêreldvrede nie ellende, hongersnood, dood, ontugnetering en toekomsvrees sou beëindig nie. Volgens hulle het die gelykstellingsbeleid van die Regering slegs ten doel gehad om Britse belange te bevorder.<sup>39</sup>

Gedurende die Volksraadsitting van 1946 het Hofmeyr voorgestel dat £200 000 vir die voeding van kinders op Swartskole opsy gesit word. Kemp was heettemal gekant teen

<sup>36</sup> *Ibid.*, Die Burger, 13.4.1945.

<sup>37</sup> *Die Burger*, 6.5.1945.

<sup>38</sup> *Ibid.*

<sup>39</sup> J.L. Basson, p.486; *Die Transvaler*, 22.12.1945.

die voorstel en aangevoer dat dit sou meebring dat Swartes vanaf die reserwes na die stede sou stroom en sodoende "swartlulheid" sou bevorder.<sup>40</sup> Die belangrikste debat van die 1946-Volksraadsitting, wat sy politieke invloed laat geld het tot en met die 1948-verkiesing, was die bespreking aangaande die Wet op Grondbesit van Asië en Verteenwoordiging van Indiërs, dog andersyds het dit voorsiening gemaak vir drie verko- se lede van die Volksraad, en een vir die Senaat, terwyl die Goewerneur-generaal nog 'n senator sou aanwys. Indiërs sou ook verteenwoordiging in die Provinsiale Rade geniet. Hierdie wet het wye politieke implikasies ingehou en weerstand daarteen het vanaf die Verenigde Nasionale Party en die Dominiumparty in Natal gekom, terwyl die Arbeiders- party as gevolg daarvan middelduur geskeur het. Self in die Verenigde Party was daar onmin, van sowel sy linker - as regter vleuel.<sup>41</sup> Dit moet aanvaar word dat die Indiërb- volking op die stadium gesien is as nie-permanente inwoners van Suid-Afrika en ver- teenwoordiging in die Regering onaanvaarbaar was by 'n groot deel van die politici en kiesers.

Op 22 Januarie 1946 het Kemp in die Volksraad gesê dat Smuts, toe 'n Nasionalliste af- vaardiging hom gespreek het, baie mooi beloftes gemaak het maar dat die kommuniste gevaar nog steeds voortgeduur het. Volgens hom was die Premier self die sondaar deur dat hy Swartes op gelyke voet met die Blankes geplaas het, hulle in uniform rondstap, terwyl hy dit in 1902 veroordeel het. Hy het verklaar dat die Nasionalliste se standpunt nog altyd is dat daar 'n skeldslyn tussen Wit en Swart moet wees.<sup>42</sup>

Die toekenning van fondse vir die voeding van kinders op Swartskole was deur Kemp op 31 Januarie 1946 in die Volksraad gekritiseer. Volgens hom was die Regering besig met die aanmoediging van 'n lullekker lewe onder die Swartes. Hy was van mening dat die reserwes teegloop omdat die Swartes gehoor het dat hulle kinders in die stede verniet kos kon kry. Hy het beswaar aangeteken teen die feit dat die Blankes daarvoor moes be- taal. Hy het gevolglik versoek dat die toestroming van Swartes na die stede gestaak word.<sup>43</sup>

Met die oog op die tussenverkiesing wat op 6 Maart 1946 te Caledon gehou sou word, het Kemp in sy toespraak onder andere gewys op die erns van die Swartvraagstuk vir die

<sup>40</sup> A. Paton, p.418.

<sup>41</sup> J.L. Basson, pp.488-489.

<sup>42</sup> Debatte van die Volksraad, 22.1.1946, kolom 158; Die Burger, 24.1.1946.

<sup>43</sup> Ibid., 31.1.1946, kolom 820.

Blankebeskawing in Suid-Afrika. Die getalle aanwas was volgens hom skrikwekkend en dit sou langsamerhand die Blanke verdring. Volgens hom sou dit nog goed gaan solank die politieke voogdyskap oor die Swartes behoue bly.<sup>44</sup> Hy het voorts gesê dat die beleid van die Regering was om gewis die stemreg na die Swartes uit te brel, wat noodwendige gevolge vir die Blankebeskawing kon hê. Hy het gewaarsku dat hulle inderdaad staan voor 'n baie gevaarlike toestand en dat hul moet sorg dat daar 'n verandering aangebring word.<sup>45</sup>

In Die Transvaler van 6 Maart 1946 het Kemp en Strijdom, met die oog op die provinsiale tussenverkiesing op Barberton en die Wes-Rand op 10 April 1946, 'n beroep op kiesers gedoen om vir die Herenigde Nasionale Party te stem en sodoende Suid-Afrika se Blanke bevolking 'n groot guns te bewys. Volgens hulle sou die kruisies bepaal of Blanke Suid-Afrika aan Indiërlndringing uitgelewer sou word, of die kommunistiese gevaar gestuit sou word en of die Kleurverhouding in die land nog verder sou versleg.<sup>46</sup>

Die Indiërvraagstuk is op 25 Maart 1946 in die Volksraad weer eens opgehaal. Kemp het gesê dat die Regering ten opsigte van die vraagstuk 'n goue middeweg probeer volg tussen die een uiterste wat totaal daarteen gekant is dat Indiërs enige regte moet hê en ander wat volle burgerskap aan hulle wou toeken. Hy het verklaar dat hy vrees dat dit een van die donker middeweg gaan wees in Suid-Afrika, wat daarop gemik is om in plaas van 'n Blanke Suid-Afrika in die toekoms 'n Swart Suid-Afrika te hê.<sup>47</sup> Hy het voorgestelde wetgewing bestempel as een van die mees ingrypendste wette wat nog voor die Parlement gekom het, omdat dit stemreg aan Indiërs in die Transvaal en in Natal sou gee wat nog nooit van te vore stemreg gehad het nie. Hy het gesê: "Met ander woorde, die stemreg vir Nie-Blankes (sic) word uitgebrei na Transvaal en Natal en ons aan hierdie kant staan vir selfbehoud van die Blankedom...."<sup>48</sup> Volgens hom was die Regering bereid om die politieke regte wat hulle in die loop van geslagte verwerf het, somaar halsoorkop en blindelings aan die Swartbevolking toe te staan. Hy het voorts daarop gewys dat die demokrasie 'n uitvinding van die Blankes was en ander rasse met vreemde en verskillende kulture eers bewys moes lewer dat hulle geskik is vir die uitoefening van demo-

<sup>44</sup> Die Burger, 25.2.1946.

<sup>45</sup> Ibid.

<sup>46</sup> Die Transvaler, 6.3.1946.

<sup>47</sup> Debatte van die Volksraad, 25.3.1946, kolompe 4323-4324.

<sup>48</sup> Ibid., kolom 4325.

kratiese regte.<sup>49</sup> Hy het daarop gewys dat indien die Indiërs ontevrede was met die toestande in die land, hulle kon terugkeer na hul vaderland.<sup>50</sup>

Aangesien hy 'n groot voorstander van segregasie was, was hy ten gunste van afsonderlike woon- en handelsgebiede vir Indiërs. Steeds gedagtig dat hul indringing in Witgebiede druk op die Blanke politieke en - handel sou plaas.<sup>51</sup> Gevolglik was Kemp 'n groot teenstander van Smuts se Indiëwetgewing.<sup>52</sup> Hy was van mening dat 'n onafhanklike republiek in Suid-Afrika 'n oplossing vir al die rassevraagstukke sou wees en dat die Blanke "baasskap" sou verseker.<sup>53</sup> Gevolglik het hy Smuts versoek om die volk te raadpleeg en sodoende demokrasie te laat seëvier.<sup>54</sup>

Hy het die Indiërvraagstuk grotendeels toegeskryf aan Britse optrede in Suid-Afrika. Volgens hom het hulle sedert 1885 elke keer gepoog om die saak op te los, maar deur inmenging van Brittanje het die pogings een na die ander op mislukking uitgeloop.<sup>55</sup> In opvolging van die Indiëerdebat in die Volksraad het die Herenigde Nasionale Party 'n reeks protesvergaderings van stapel laat loop. Op 6 Mei 1946 te Pretoria het Strijdom en Kemp die bal aan die rol gesit. Kemp het in sy toesprake en provinsiale verkiesingsveldtog van 1946 hoofsaaklik die Kleurvraagstuk aangespreek en die Indiërkwessie sterk beklemtoon.<sup>56</sup>

Dit is duidelik dat Kemp dwarsdeur sy politieke loopbaan rassese segregasie voorop gestel het. Hy het Hertzog se segregasie beleid ten volle ondersteun. Hy was van mening dat die Swartes eers opgehef moes word tot die Blanke demokratiese ideewêreld en daarna apart die stemreg kon uitoefen. Wat die Indiërs betref het hy hulle as vreemdelinge beskou, wat op geen stemreg geregtig was nie en wat weer deur repatriasie na hul vaderland kon terugkeer. Hy het hulle as 'n gevaar vir die Blankes op handelsgebied beskou en enige indringing op dié gebied teengestaan.

<sup>49</sup> *Ibid.*, kolom 4326.

<sup>50</sup> *Ibid.*, kolom 4329.

<sup>51</sup> *Ibid.*, 5188-5189.

<sup>52</sup> *Ibid.*, 15.4.1946, kolom 5705.

<sup>53</sup> *Ibid.*, 16.4.1946, kolomme 5799-5802; *Die Burger*, 17.4.1946.

<sup>54</sup> *Ibid.*

<sup>55</sup> *Ibid.*

<sup>56</sup> *J.J. Basson*, pp.490-491.

Sy vrese in verband met 'n getalje oorwig vanweë aanwas en die beskikbaarheid van grond en kundigheid by Swartes om te boer het hy hom 'n belangrike rol gespeel - so ook die bewapening van Swartes, wat hy as 'n gevaar vir die Blanke veiligheid beskou het. Die oplossing van die Kleurvraagstuk het hoë prioriteit by hom geniet.

### 9.3 Die Regering en die Tweede Wêreldoorlog se invloed op die tuisfront - Kemp se optrede

Die Regering se Interneringsbeleid is op 1 Februarie 1940 deur Kemp gekritiseer. Hy het die Premier gelukkigwens met sy erkenning dat daar deur die polisie ook foute, onder die bestaande stelsel, gemaak was. Hy het daarop gewys dat mense as gevolg van skinderpraatjies vir agtien dae opgesluit kon word. "Dit is tyd dat die Regering moet beseef dat hier nie oorlog in die land is nie",<sup>57</sup> het hy verweer. Hy het 'n pleidooi gelewer dat die klagtes teen persone eers behoorlik ondersoek moes word. Voorts het hy beswaar aangeteken teen die begrote bedrag van £4500 vir die afhanklikes van geïnterneerdes, aangesien die meeste van hulle, wanneer die begroting ten einde loop, reeds vyf maande in kampe was. Indien dit dan bereken word sou die 900 persone wat geïnterneer was, en wat feitlik almal afhanklikes het, £1 vir vyf maande vir elke afhanklike kry. Volgens hom sou dit tot verarming van gesinne en ondervoeding van die kinders lei.<sup>58</sup>

Kemp het op 16 Februarie 1940 'n brief aan die Sekretaris van Verdediging gerig waarin hy versoek het dat sy naam van die register van Nasionale Dienspligtiges verwyder word, aangesien hy hom nie met die Regering se oorlogsbeleid vereenselwig het nie.<sup>59</sup> Op 28 Februarie 1940 het hy sarkasties in die Volksraad gesê dat al die lede aan die regeeringskant hulle manlikheid moes toon en sonder besoldiging moet gaan veg. Hy het gemeld: "Hulle moet die volk nie verder belas vir besoldiging vir hulself nie."<sup>60</sup>

Adv. M. Kentridge, Verenigde Party Volksraadslid vir Troyeville, het op 9 April 1940 beweër dat die Oposisie Nazi-gesind was. Hierdie bewering van Kentridge het reaksie van Kemp in die Volksraad ontlok en hy het gesê dat hy begrip het vir Kentridge se siening, aangesien hulle as Oposisie nie met die Regering saamstem nie. Volgens hom kon die

<sup>57</sup> Debate van die Volksraad, 1.2.1940, kolom 722.

<sup>58</sup> Ibid., kolom 723.

<sup>59</sup> NP in Transvaal-versameling, INEG, PV 20, lêer 20, p.5, brief van Kemp aan die Sekretaris van Verdediging, 16.2.1940.

<sup>60</sup> Die Transvaler, 29.2.1940; Debate van die Volksraad, 28.2.1940, kolom 2449.

Regering hulle nooit in die posisie indink dat hulle aan die ander kant alleen vir Suid-Afrika is nie, dat hulle geen dubbele lojalitette het nie en ook geen dubbele lojaliteit wil hê nie.<sup>61</sup> Voorts het hy gesê dat Indlen Suid-Afrika bedreig sou word, hulle bereid was om hul land te verdedig. Op 'n tussenwerpsel van Kentridge dat die Oposisie se oordeel verkeerd is, het Kemp geantwoord dat daar nog nooit in enige land soveel verdeeldheid was as op daardie tyd in Suid-Afrika nie. Volgens hom was die meerderheid van die bevolking teen die oorlog, terwyl in die Parlement 'n meerderheid van dertien lede besluit is om aan die oorlog deel te neem. Hy het voorts gevra waarom Smuts nie sy bewering dat die volk agter hom staan, tot realiteit roep en 'n verkiesing hou nie? Volgens hom sou genl. Botha nie so heldhaftig gewees het om te weter dat 'n verkiesing gehou word onder die voorwendsel dat daar 'n oorlog aan die gang is nie.<sup>62</sup>

Tydens 'n toespraak op 28 Junie 1940 te Schweizer-Reneke het Kemp gesê dat hy protesteer eerstens teen 'n onwettige regering, tweedens teen die opkommandering van hui gewere en derdens teen die Regering se onuitgelokte oorlogsverklaring teen Duitsland en Italië, waarvan Suid-Afrika die speelbal van Europesenasles gemaak kon word. Volgens hom het die tyd aangebreek om te protesteer teen die Regering se oorlogsbeleid.<sup>63</sup> Voorts het Kemp gesê dat hy bereid was om 'n geskrewe waarborg te gee dat hy nie sy geweer sou gebruik vir 'n opstand of iets onwettig nie, maar ook dat hy nie sy geweer aan die Regering sou oorhandig nie.<sup>64</sup> Hierdie houding van Kemp kon maklik op 'n openlike botsing met die Regeringsbeleid uitgeloop het.

Op 29 Augustus 1940 het Kemp gereageer op 'n toespraak van kol. D. Reitz, die Minister van Naturellesake (sic) in die Volksraad, wat in sy toespraak gesê het " ... en wanneer daar na die oorlog die nuwe wêreldorde moet ontwikkel word, dan dink ek dat die brandpunt van daardie nuwe Suid-Afrikaanse volk ons huidige leër sal wees. En wanneer hierdie jong leër 'n nuwe volk vorm, dan sal hulle met veragting terugdink aan die mense wat weggesluit het en wat gepraat het, terwyl ander besig was om dade te doen."<sup>65</sup> Spottenderwys Kemp het opgemerk dat die Oposisie gesit en luister het na beloftes van 'n gladgeskeerde Vader Kersfees: "As ons ooit na iets rools geluister het, dan het ons vanmiddag daarna geluister .... Ons het gedink dat hy aan ons sou sê wat ons kans

<sup>61</sup> Debate van die Volksraad, 9.4.1940, kolom 4637.

<sup>62</sup> Ibid., kolom 4637-4638.

<sup>63</sup> Die Burger, 29.6.1940.

<sup>64</sup> Ibid.

<sup>65</sup> Debate van die Volksraad, 29.8.1940, kolom 115.

is om die oorlog te wen en watter voordele dit vir ons meebring om aan die oorlog deel te neem. Maar in plaas daarvan het hy geskrik vir die republikeinse beweging." Hy het versoek dat Suid-Afrika se deelname aan die oorlog onmiddellik gestaak moes word.<sup>66</sup>

Voorts het hy gesê dat die Eerste Minister op 7 Februarie 1940 verklaar het dat die oorlog met vrywilligers gevoer sou word en dat niemand geïntimideer sou word om aan te sluit nie. Volgens hom was daar bewyse dat op die skandaligste wyse mense geïntimideer was - hulle was uit hul betrekkinge ontslaan. Aangesien daar oorlog verklaar was teen Italië het Kemp gevra wat sou gebeur as Italië vanuit die noorde nader krulp aan Suid-Afrika; sou die Regering mense opkommandeer wat hy wantrou en wie se gewere hy afgeneem het?<sup>67</sup>

In verband met krygswet het Kemp op 9 September 1940 in die Volksraad, sy verontwaardiging uitgespreek teenoor die gedrag van die soldate in die land en gesê dat dit vir hom gelyk het asof daar drie elenskappe was in verband met die verdediging van die land; naamlik dat die soldate die rus en vrede van die gewone burgers moet versteur, tweedens moet hulle oorgee aan dronkenskap, en derdens moet hulle vloek en swets.<sup>68</sup> Volgens hom het soldate die vorige week die bioskoop op Piet Retief binnegegaan, "God Save the King" gesing en die wat nie bereid was om dit te sing nie, was op 'n skandalige wyse gemolesteer. Hy het gesê dat dit verbittering wek. 'n Volgende skandaal waarna hy verwys het, was toe die Stadsklerk van Piet Retief deur soldate uit sy huis gelok was, na die Stadsaal gemarsjeer en daar allerlei vrae aan hom gestel was oor sy lojaliteit aan die Regering. Hy het gereageer op die Eerste Minister se versoek om strengere wet en orde toe te pas en gesê dat indien die Eerste Minister die wet strenger vir sy soldate sou maak daar rus en orde sou wees. Volgens hom was die situasie vir die publiek onuit-houdbaar en het hy die Regering versoek om 'n einde te maak aan die situasie, anders kon die saak hande ultruk. Hy het gesê dat die Eerste Minister moet beseef dat hulle besig was om die Afrikanerdom te vertrap soos hy nog nooit in Suid-Afrika getrap is nie, onder die verweer dat hulle veg vir vryheid en vir demokrasie. Drelgend het hy gemeld as hulle daarmee aangaan, hulle moeilikheid moes verwag.<sup>69</sup>

<sup>66</sup> *Ibid.*, kolompe 115-116.

<sup>67</sup> *Ibid.*, kolom 121.

<sup>68</sup> *Ibid.*, 9.9.1940, kolompe 1092-1093.

<sup>69</sup> *Ibid.*, kolompe 1095-1140.

Met die hervatting van die Krygswetdebat op 10 September 1940 in die Volksraad, het Kemp die Regering voor stok gekry omdat hy minderjarige seuns, wat verkeerde geboorte datums op hulle vorm ingevul het, tot die Verdedigingsmag toegelaat en na die Noorde gestuur het. Hy het gevra of alle reëls en regulasies met betrekking tot Indiensneming verval het. In verband met die Internering van burgers het hy 'n telegram van mnr. Simon Schoeman, Voorsitter van die Hervormingsorganisasie in Johannesburg, voorgehou: "Eis van genl. Smuts loslating van C.C. van Schalkwyk. Laat Eerste Minister duidelik verstaan dat myners ulters verontwaardig is oor ongemotiveerde Internering 9 September 1941. Myners nie bereid om langer tergende viktimsasie te verdra nie. Toestand kritiek staking dreig...."<sup>70</sup> Hy het ook 'n brief van mnr. Meyer, wat aan hom gerig was, voorgehou: "Ek sit hier in 'n rebelparade. Ek gee geen flenter om nie, want dit is hier waar groot dinge uitbroei. Ek het in Natal 'n protesvergadering toegesprek en die Regering baie sterk aangeval, en al wat ek wil weet is wat die rede van sy Internering is. Dit is al wat ek vra. Ek wil nie pleit vir loslating nie, maar laat die Afrikaner weet waarom hy geïnterneer word."<sup>71</sup> Voorts het hy 'n telegram, voorgehou waarin die Nasionale Vrouedagbestuurslede hom versoek om as bemiddelaar op te tree vir die loslating van mev. Hartman uit mnr. Rood se klesafdeling, kragtens 'n geweeramendement. Hy het gesê dat die Regering pleit vir verdraagsaamheid, maar dat daar volgens hom nie 'n bevolking was wat so verdraagsaam was as die bevolking van Suid-Afrika nie.<sup>72</sup>

Op 11 September 1940 het Kemp op adv. L. Blackwell, Verenigde Party Volksraadslid vir Kensington, se verwysing na ondergrondse aktiwiteite in die land gereageer en gesê dat die Regering die Oposisie nie van ondergrondse aktiwiteite kon beskuldig nie. "Daar sit die leiers van die ondergrondse bewegings deur hulle besluit van 4 September,"<sup>73</sup> het hy uitdagend opgemerk. Hy het ook verklaar dat die Oposisie nie skrik vir bangmaak praatjies en skrikbewind van die Eerste Minister nie. Volgens hom was diegene wat nie die oorlogsbeleid steun nie en praat van die belange van die Afrikanerdom en die Afrikanernasie in Suid-Afrika, uitgekryt as pro-Nazis. Hy het gesê dat hy alleen 'n oorwinning wou hê vir sy nasie en volk en vir geen ander nasie in die wêreld nie. Ter ondersteuning van sy standpunt het die hoogtepunte van 'n preek van eerw. Aked,<sup>74</sup> wat gehou was ty-

<sup>70</sup> *Ibid.*, 10.9.1941, kolom 1300.

<sup>71</sup> *Ibid.*, voorletters van mnr. Meyer word nie verskaf nie.

<sup>72</sup> *Ibid.*, kolom 1301, K. Rood was die VP-Volksraadslid vir Vereeniging.

<sup>73</sup> *Ibid.*, 11.9.1940, kolom 1367.

<sup>74</sup> *Ibid.*, kolom 1369, met verwysing na eerw. Aked se Kemp in die Volksraad: "Dit is 'n Engelse predikant," wat krities gereageer het op die Engelse se optrede gedurende Anglo-Boereoorlog.

dens die Anglo-Boereoorlog, voorgelees: "Nee, ons is nie teen die oorlog gekant omdat dit 'n oorlog is nie, maar omdat dit 'n sodanige oorlog is! Ons posisie is dat hierdie oorlog 'n kapitalistiese oorlog is, bewerkstellig deur selfsugtige persone vir eie gewin, deur skurke wat swape as middels hiertoe gebruik."<sup>76</sup> Volgens Kemp was dit presies wat op daardie stadium gebeur en het hy verder beweer dat Aked gesê het dat Groot Brittanje heeltemal verkeerd was, aangesien die Anglo-Boereoorlog 'n goddelose oorlog was, veroorsaak deur moedswillige bedrog en verraad: "Ons weg het gegaan deur leuens en bloed."<sup>76</sup>

Volgens Aked kon Brittanje nog nooit sy oorloë wen, sonder om toevlug te neem "tot die veragtelikste lafhartigheids van die verfoeilikste skobbejak op aarde nie, naamlik om die dapper man te tref by wyse van sy vrou se eer en sy lewe".<sup>77</sup> Kemp het gesê dat indien hy dit sou sê, dit rassehaat of Nazisme sou wees, maar dat 'n Engelsman die reg gehad het om dit te mag sê.<sup>78</sup> Hierdie slening van Aked pas goed in by Kemp se slening van Brittanje, naamlik dat hy die land as 'n onderdrukker van minderhede beskou het. Kemp het gevra of die Regering nie sedert 4 September 1939 rassehaat laat ontvlam het nie? Hy het sy veroordeling uitgespreek oor die beskadiging van die Boeremonument op Harismith, van die Vrouekerkhof op Heidelberg en die uitdoof van die brandende fakkel by die Voortrekkermonumentterrein in Pretoria.<sup>79</sup> Volgens hom het die Regering nie die afkeurenswaardige dade veroordeel of afgekeur nie. Hy het die Regering daarvan beskuldig dat hulle geen notisie neem van die Afrikanersentiment wat deur die modder gesteept word nie. En aangesien hulle oorlog verklaar het verwag hulle dat die Afrikaners as agterryers sal goedkeur wat die vandale van die Regering doen in 'n poging om samewerking te bewerkstellig.

Die Burger berig op 17 September 1941 dat ten einde die uitspraak van die Transvaalse Hooggeregshof teen mnr. Alberts, wat tydens die speel van "God Save the King" in die bloskoop op Potchefstroom bly sit het, in die Appèlhof te toets, het Kemp en Strijdom gesamentlik 'n beroep op alle Afrikaners gedoen om by te dra tot 'n fonds om die koste van die appèlsaak te dek, naamlik een sjilling per gesin. Die bydraes moes volgens hulle gesien word as 'n petisie teen die Regering. Indien die saak in die Appèlhof misluk

---

<sup>75</sup> Ibid.

<sup>76</sup> Ibid.

<sup>77</sup> Ibid.

<sup>78</sup> Ibid.

<sup>79</sup> Ibid., kolom 1372.

sou van die fondse aangewend word om die noodregulasie so te wysig dat die Afrikaner nie in sy land 'n misdaad sou pleeg as hy wêreld om eerbied te betoon aan 'n volkslied van 'n vreemde moondheid nie. "Buitendien is dit ons mening dat ook 'n verdere sy van die saak uitgepluis moet word: dit is of die hoof aanspreeklikheid vir die versteuring van goeie orde nie lê by diegene wat die aanleiding daartoe gee nie, naamlik deur 'n vreemde land se volkslied te laat speel by 'n openbare geleentheid, wetende dat dit die gemeedere kan versteur,"<sup>80</sup> het hulle verklaar.

Na aanleiding van hierdie oproep deur die twee leiers van die Herenigde Nasionale Party, het Die Burger op 20 September 1941 onder die opskrif "Sjellings vir 'King'-saak stroom blante" briewe gepubliseer van lesers, met Ingeslote poswissels, wat die saak ondersteun het. 'n Afrikaner van die Strand skrywe dat hy vyf sjellings Ingesluit namens homself, sy vrou, ses maand oue seuntjie, sy suster en haar man, wat onder dwang in aktiewe diens was. 'n Leser het onder die naam "Genaturaliseerde Hollander" geskrywe dat hy met genoeg die oproep gelees en dat hy vyf sjellings Ingesluit het. Voorts het hy die hoop uitgespreek dat tiendulsende aan die oproep gehoor sou gee. Iemand uit Stellenbosch het geskryf dat dit vir hom 'n eer was om 'n klein bydrae te kon lewer tot die poging om daadwerklike die reg van 'n vreemde volkslied in sy land te betwis. Uit Parow was vyf sjellings ontvang van die ouers van 'n seun wat in die saak betrokke was. Hulle het hul spyt uitgespreek dat die bydrae nie groter was nie. Verskeie Afrikaanse firmas in Kaapstad het ook bydraes vir die fonds Ingesamel.<sup>81</sup>

'n Groot protesvergadering is deur die Herenigde Nasionale Party op 6 November 1941 in Pretoria gereël, om beswaar te maak teen die Internering van onskuldige Afrikaners. Verskeie sprekers, onder andere Malan, Kemp en Strijdom, het as sprekers by die geleentheid opgetree. Die Interneringsbeleid van Smuts was vergelyk met die optrede van Roberts en Kitchener tydens die Anglo-Boereoorlog.<sup>82</sup> Kemp het na die geïnterneerdes verwys as bannelinge in hul eie land. En gesê dat waar die Afrikaner in sy land van alles beroof is wat hom dierbaar is, hoe kan van hom verwag word dat hy nou vir die veroweraar sal veg? Hy het 'n beroep op die Afrikaner gedoen om minder te vergewe en vergeet, want dan sal hy meer vir sy land uitrig.<sup>83</sup> Hy het verwys na voortdurende spioenasie en Internering en die mense versoek om nie daarvoor bang te wees nie. Hy het ook ge-

<sup>80</sup> Die Burger, 18.9.1941, voorletters van mnr. Alberts word nie verskaf nie.

<sup>81</sup> Ibid., 20.9.1941, daar is na die sjellings as "silwer koeëls" verwys.

<sup>82</sup> J.L. Basson, p.442.

<sup>83</sup> Die Burger, 7.11.1941.

meld van 'n man wat geïnterneer was omdat hy gesê het dat hy sal werk om 'n sekere Jood by 'n stadsraadsverkieëing te laat verloor. Hy het gesê hy wil nie praat van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand nie. 'n Mens moet in die toekoms twee oë en tien tande vat!<sup>84</sup>

Kemp was in 'n vegtersbui toe hy in die Volksraad op 14 Januarie 1942, aan Blackwell gesê het dat die mense wat die eed van trou aan die toekomstige republiek sou aflê, mense sou wees wat met albei hul voete op Suid-Afrikaanse bodem staan en nie diegene wat oorsee gaan veg het nie.<sup>85</sup> Hy het die Regering se bondgenootskap met Rusland veroordeel. Vir hom was dit opvallend hoe Smuts en sy volgelinge steeds Engeland na-aap. Hy het gesê dat indien daar oorsee 'n teken gegee word, wat staan vir oorwinning, dan moes Suid-Afrika dit ook nageaap het.<sup>86</sup> Hy het die Eerste Minister gewaarsku om nie mense vir oorlog op te kommandeer nie, aangesien die Afrikaners nie so 'n wet sou gehoorsaam nie.<sup>87</sup> Hy het gemeld dat vir die Afrikanerdom die V-teken (sogenaamde "Victory" -teken) staan vir verbrand, vernietiging, vermoor en verdeel en dat daar nie 'n nasie was wat soveel onreg gely het as die Afrikanervolk nie. "Laat ons nooit vergeet dat die vryheid van ons volk en vaderland weggeneem is deur Britse Imperialisme nie,"<sup>88</sup> het hy verklaar. Weer eens 'n sterk beklemtoning van Kemp se onvernietigbare nasionalisme en sy veroordeling teenoor Imperialisme. Op 3 Februarie 1942 word aangekondig dat die Herenigde Nasionale Party sy eie organisasie stig om fondse in te samei vir die gesinne van geïnterneerdes. Kollektelyste met 'n oproep daarby wat onderteken was deur Malan, Strijdom en Kemp is aan kollektante beskikbaar gestel.<sup>89</sup>

'n Ernstige waarskuwing teen geweldpleging, omdat daardeur absoluut niks bereik kon word nie, is op 22 Februarie 1942 tydens 'n Afrikanerfunksie In Die Strand opnuut deur Kemp uitgesproek. Hy het aan die begin van sy toespraak almal bedank wat bydraes gemaak het tot die fonds om die lot van die geïnterneerde gesinne te verlig. Hy het gesê dat daar nog nooit 'n nasie was wat die Afrikanerstam so vervolgt het as die Engelse nie en nou na alles wat hulle aan die volk gedoen het, word hulle gevra om met die oorlog te help en om lewens op hul altaar te lê. "Dit is onmenslik. Uit die stille grafte op die pad

<sup>84</sup> *Ibid.*

<sup>85</sup> *Debatte van die Volksraad*, 14.1.1942, kolom 82.

<sup>86</sup> *Ibid.*, kolom 85.

<sup>87</sup> *Ibid.*, kolom 89.

<sup>88</sup> *Die Burger*, 15.1.1942.

<sup>89</sup> *J.L. Basson*, p.422.

van die Afrikanervolk sal protes daarteen kom. nasionaalgesinde Suld-Afrika sien nie daarvoor kans nie,<sup>90</sup> het hy verklaar.

Smuts se beleid om Kleurlingsoldate op te lei, het tot gevolg gehad dat daar vanuit die leierskorps van die Herenigde Nasionale Party op 18 Maart 1942, 'n dringende oproep aan alle Afrikaners deur Malan, Kemp, Strijdom, Swart en mnr. A.I.J. Nel gerig was. Volgens hulle was die optrede van Smuts ten enemale onaanvaarbaar, "tensy die Blankeras bereid was om selfmoord te pleeg. Die ramp moet voorkom word, en hierdie oproep word deur ons bedoel as die eerste stap in 'n vasberade en ultieme poging om dit te doen."<sup>91</sup> Hulle het gekonstateer dat Smuts op 13 Maart 1942 in 'n wel oorwoë antwoord op 'n vraag erken het dat hy besig was om Kleurlingsoldate op te lei in die gebruik van gewere. Dat hy besig was om hulle te oefen met die hantering van kanonne ten einde behulpsaam te wees met die hantering van grofgeskut.

Die Herenigde Nasionale Party leiers het daarop gewys dat die ernstige betekenis daarvan duidelik deur elkeen besef moes word, wat nog 'n Afrikanerhart in hom omdra. Volgens hulle het dit die skepping van politieke toestande beteken, wat dit vir die Blankeras oneindig moeiliker sou maak om sy heerskappy ooreenkomstig die voorgediskapbeginsel te bly handhaaf. Hulle het geargumenteer dat 'n grootskaalse bewapening van Naturelle (sic) gevolg sal word deur die eis om grootskaalse seggenskap op gelyke voet met die Blanke.<sup>92</sup> Hulle het ook gewaarsku dat die kommunistiese propaganda, wat onder die goedgunstige toelating van die Smutsregering, onder Swartes en Kleurling soos 'n morele "verpeesting" voortgewoeker het, nie uit die oog verloor moes word nie.<sup>93</sup>

In die Volksraad op 23 Maart 1942 het Kemp 'n voorstel ingedien dat die salaris van die Administrateur van die Transvaal met £2 000 verminder moes word. Hy het verwys na 'n omsendbrief wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement uitgestuur was waarin daar van onderwysers, skoolrade, ens. inligting gevra was oor wie vrygestel kon word vir militêre diens. Hy was steeds onder die indruk dat alleen vrywilligers vir die leër gebruik kon word, maar op daardie stadium het dit volgens hom geblyk dat daar dwang op die onderwysers uitgeoefen word om by die leër aan te sluit. In antwoord hierop het die Minister van Finansies, J.H. Hofmeyr, verklaar dat hy nie verantwoordelik was vir die beleid

<sup>90</sup> *Die Burger*, 23.2.1942.

<sup>91</sup> *Ibid.*, 19.3.1942.

<sup>92</sup> *Ibid.*

<sup>93</sup> *Ibid.*

van die Provinsiale Administrasies nie. Volgens Hofmeyr het die Suid-Afrikaanse wet dit duidelik neergelê dat die salaris van die administrateur nie verminder mag word gedurende sy ampstyd nie.<sup>94</sup>

Op 2 April 1942 het Kemp verwys na die Propagandakomitee van die Regering en gesê dat Indien sy inligting korrek is, die samestelling skandalig is. Hy het gemeld dat volgens sy inligting daar 60 000 Afrikaanssprekendes en nouliks 4 000 Engelssprekendes in die Noorde is en dat daartoe 'n komitee saamgestel is wat "ultra rooi is, nog rooier as wat ons ooit in Suid-Afrika ooit gehad het."<sup>95</sup> Hy het die hoop uitgespreek dat die Regering 'n oogmerk vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt sou verkry, en nie net vanuit 'n Engelssprekende oogpunt nie. Hy het die Regering versoek om die staatsamptenare nie aan die politiek te laat deelneem nie, verwysende na die Direkteur van Sensus, dr. Malherbe, wat deur die Regering 'n militêre titel toegeken is en toe na die Noorde vertrek het.<sup>96</sup> Volgens hom moes amptenare hulle pligte in die kantore nakom. Hy het voorts gesê dat die Regering hoogsbetaalde amptenare in diens van die weermag neem en hulle vir oorlogspropaganda gebruik. Hy het dit as skandalig en vernederend vir die Regering beskou. Ten slotte het hy die Regering verkwalik vir die verbanning van twee Afrikaanse boeke, naamlik "Hel kampe" en "Hoe Zijn Stierven".<sup>97</sup> Volgens hom was hierdie boeke niks anders as geskiedenis boeke nie.

Kemp het op 6 April 1942 in die Volksraad verklaar dat hy nog nooit 'n beledigender toespraak van 'n minister teenoor die Oposisie gehoor het as wat die Minister van Binnenlandse Sake, adv. H.G. Lawrence, gelewer het nie. Lawrence het in sy toespraak onder andere gesê dat die lede van die Oposisie so geel is as hul bondgenote in die Ooste.<sup>98</sup> Kemp het die Minister daaraan herinner dat die gety sal draai en dat hy dan sou moes boet vir die behandeling wat die Afrikaners op daardie tydstip in die Interneringskampe moes verduur. Volgens Kemp was die behandeling wat die Afrikaner aldaar ontvang het,

<sup>94</sup> Die Transvaler, 24.3.1942; Debate van die Volksraad, 23.3.1942, kolom 4382.

<sup>95</sup> Debate van die Volksraad, 2.4.1942, kolom 5200, 'n Komitee wat deur die Regering daargestel is om propaganda te maak vir die oorlog en sodoende mense te werf om by die leër aan te sluit en regeringsoptrede te vergoelik.

<sup>96</sup> Ibid., kolom 5201, dr. Malherbe se voorletters word nie vermeld nie.

<sup>97</sup> Ibid., W. Steenkamp het Helkampe geskryf en die Britseregering se wandaad en ellende van die Afrikanervrou en -kind in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog beskryf het; G. Jordaan het Hoe Zijn Stierven geskryf waarin hy die Britse owerheid se optrede teenoor die Kaapse rebelle tydens die Anglo-Boereoorlog beskryf het, met ander woorde 'n beskrywing van die "helde", hulle gevangene, verhoor en teregstelling.

<sup>98</sup> Die Transvaler, 7.4.1942.

niks beter as die van moordenaars nie en hy het namens die Oposisie daarteen geprotesteer.<sup>99</sup>

Op 'n stryddag van die Rustenburgse Herenigde Nasionale Partytak, het Kemp gesê dat die Afrikaner nog altyd sterker uit die stryd tree het wanneer hy 'n stryd gehad het om te stry. Hy het gesê dat die Afrikaner op daardie stadium van elke moontlike en onmoontlike kant aangeval is en dat hul eerste en vernaamste vyand Smuts was. Hy het Smuts versoek om al die oorlogsondersteuners na die Noorde te stuur. "Ons hoor van allerhande sleutelmannes wat kwansuls nie hier gemis kan word nie. Ek gee Veldmaarskalk die versekering dat ons hulle die maklikste van almal kan mis," het Kemp onder 'n groot gelag verklaar.<sup>100</sup> Op 25 Desember 1942 het die twee leiers van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal, in hul Kersboodskap aan die volk gesê dat die Herenigde Nasionale Party net so min pro-Duits is as wat ons hulle pro-Engels is. Dit was gedoen na aanleiding van aantugings deur die Regering dat die Oposisie pro-Duits is.

Tydens 'n bespreking van die Begrotingspos vir Addisionele Uitgawes in die Volksraad op 20 Januarie 1934, om troepe na Madagaskar te stuur, het Smuts geantwoord op vrae van die Oposisie hoekom parlamentslede wat by die Verdedigingsmag aangesluit het, nie gaan veg het nie soos in Engeland van toepassing was. Smuts het gesê dat indien hulle nie na die slagveld gegaan het nie, dit net aan een man te wyte was en dit was hyself. Voorts het hy gemeld dat daar in Engeland nie die treurige toestand was wat in Suid-Afrika geheers het nie, naamlik dat 'n gedeelte van die bevolking voorgee dat hulle vaderlandsliewend en patriotte is, maar die Regering met hand en tand beveg.<sup>101</sup>

Kemp het gereageer deur te sê die Eerste Minister troubreuk pleeg teenoor die Afrikanervolk en dat hy dit moes erken. Hy het hom aangekla dat hy Suid-Afrika doelbewus in 'n oorlog gedompel het, nie in belang van die Volk van Suid-Afrika nie, maar in belang van die Regering en van Groot Brittanje.<sup>102</sup> Voorts het hy gesê dat die rekrutering van mense vir die oorlog een van die vloekte was wat die land getref het. Volgens hom sou die Eerste Minister die verantwoordelijkheid daarvan moet dra en dat die oordeel van die volk van Suid-Afrika een of ander tyd op hom sou neerkom. Kemp het beweer dat daar 'n tyd van afrekening sou kom, wanneer Smuts nie meer op die regeringsbanke sal sit nie.

<sup>99</sup> *Debatte van die Volksraad*, 6.4.1942, kolomne 5338-5341.

<sup>100</sup> *Die Transvaler*, 6.11.1942.

<sup>101</sup> *Debatte van die Volksraad*, 20.1.1943, kolom 137.

<sup>102</sup> *Ibid.*, kolomne 138-139.

Sy argument was dat Smuts probeer om die Afrikanervolk te vertrap, om die volk te vernietig en die volk daartoe te dwing om te gaan veg vir die mense wat sy vryheid van hom weggeneem het.<sup>103</sup> Kemp het gesê dat Smuts hom laat dink het aan 'n roofdier wat sy prooi wou verslind.<sup>104</sup>

Tydens die debat oor die mosie om Uniemagte oorsee te stuur in die Volksraad op 3 Februarie 1943, het dit aan die lig gekom dat ook in Smuts se militêre geleedere met reg gesoek was na 'n rede om hul optrede te regverdig. Mnr. P.V. Pocock, Verenigde Party Volksraadslid vir Pretoria-Sentraal, het uitgewel oor die Afrikanergeskiedenis en Ideale waarvoor geveg word en wat bedreig word. Volgens Kemp was die staatsdiens, polisie-diens en die spoorweg voor die oorlog "rooi", maar dat op daardie tydstip die oorgrote meerderheid in hierdie dienste Afrikaners was, wat nie die Regering se saak goedgesind was nie.<sup>105</sup>

Kemp het op hierdie klas "vermetelheid" vanuit regeringsgeleedere hard neergekom en passende inligting verstrek oor die Britse geskiedenis in Suid-Afrika: ".....die vermetelheid het om Afrikaners die les te wil leer oor hul geskiedenis en oor die gees van Jaloesie,..... wat daar by ons bestaan ten opsigte van hul leier."<sup>106</sup> Hy het aangetoon hoe dit teen die trots van die Afrikanervolk indruis om vir die veroweraar te gaan veg. Hy het verwys na 'n erkenning van mnr. B.K. Long, Verenigde Party Volksraadslid vir Tuine, dat die Engelssprekende nog 'n "tere liefde" gekoester het vir die land van hul herkoms, en na sy oproep dat die Afrikaners tog hul sentiment moet begryp.<sup>107</sup>

Kemp wou geweet het wat van die Afrikanersentiment? "Moet dieselfde 'tere liefde' by hulle vir Engeland gevind word? Moet hulle hul eie gevoel prysgee en slaafs buig vir daardie gevoel van die Britte?,"<sup>108</sup> het hy gevra. Hy het daarop gewys dat die Oposisie nie hulle siele verloor en voor Brittanje sou buig nie en dat hulle die Eerste Minister se voorstel nie sou steun nie.<sup>109</sup>

<sup>103</sup> Ibid., kolom 139.

<sup>104</sup> Ibid.

<sup>105</sup> Die Burger, 4.2.1943, "rooi" - verwysende na die Regeringsgesinde amptenare en werkers.

<sup>106</sup> Debatte van die Volksraad, 3.2.1943, kolom 833.

<sup>107</sup> Die Burger, 4.2.1942.

<sup>108</sup> Ibid., Debatte van die Volksraad, 3.2.1943, kolom 834.

<sup>109</sup> Debatte van die Volksraad, 3.2.1943, kolom 834.

Dit was vanselfsprekend dat die Oposisie sy stryd teen die Verenigde Party oor die kommunistiese gevaar ook buite die Parlement voortgesit het. Nasionaleleiers, onder andere Kemp, het die gevare van die Ideologie vir die behoud van die Blankebeskawing uitgespel en die Regering se gebrek aan daadwerklike optrede gekritiseer.<sup>110</sup>

In die kiesafdeling Losberg, te Fochville, het Kemp op 25 Junie 1943 tydens 'n toespraak gesê dat die oorlog nie alleen duur was wat lewensverlies betref nie, maar ook duur aan geld. Volgens hom was daar vir elke uur wat verbygegaan het £10 000 aan die oorlog bestee. "Die oorlog kos Suid-Afrika nie minder as £300 000 per dag nie. Dit is dus 'n duur proses vir Suid-Afrika om aan die Britse Statebond te behoort. Dit is een van die redes waarom die Herenigde Nasionale Party 'n vrye en onafhanklike republiek hier tot stand wil bring,"<sup>111</sup> het hy gesê. Hy het voorts verwys na die kommunistiese propaganda in Suid-Afrika wat die land tot nadeel getrek het. Hy het gesê dat daar 9 miljoen Nie-Blankes in Suid-Afrika was en dat as die kommunisme, met sy aandrang op gelyke regte sou slaag, die toekoms van die Blanke in die land gedoem sou wees.<sup>112</sup> Hy was van mening dat die oorlog veroorsaak dat republikeinssgesinde Afrikaners begin glo dat die oorwinning van Duitsland in die oorlog, die langverwagte republiek aan hulle sou besorg. Hy het in 'n oproep verklaar dat hulle moes sorg dat Suid-Afrika se deelname aan die oorlog beëindig word, om die straf van 'n Imperialistiese nederlaag vry te spring en die oorwinnaars te oortuig van Suid-Afrika se neutraliteitsgevoel.<sup>113</sup>

In die Volksraad het Kemp in Julie 1943 verklaar dat Smuts as gevolg van die verlies van Suid-Afrikaanse soldate, 'n man was "wie se hande met Afrikanerbloed bevek is ... Nie alleen sy hande nie, maar sy voetspore in Afrika is met bloed bevek."<sup>114</sup> Kemp het deur sy anti-Britsehouding 'n Bittereinder geword vir die Suid-Afrikaanse volksaak, naamlik Suid-Afrika Eerste. Hy het met sy optrede 'n doring in die vlees van die Regering geword en nie getalm om by elke geleentheid waar hy opgetree het, sout te vryf in die wonde van die Regering nie. Hierdie anti-Imperialistiese gevoel van hom kan teruggevoer word na sy eerste deelname aan optrede teen Brittanje en die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek; sy stryd gedurende die Eerste Wêreldoorlog om Suid-Afrika uit die

<sup>110</sup> Die Burger, 4.5.1943.

<sup>111</sup> Die Transvaler, 26.6.1943.

<sup>112</sup> Ibid.

<sup>113</sup> J.M. van den Heever, Die Parlementêre verkiesing van 1943: 'n Analise van die faktore wat die verkiesing beïnvloed het, p.24; M. Roberts en A.E.G. Trollip, p.80.

<sup>114</sup> P.W. Coetzer (red.), Deel 5, p.196.

oorlog te hou en nou weer tydens die Tweede Wêreldoorlog. Vantevore het hy die wapen opgeneem en gestry, maar nou het hy die woord as wapen gebruik. Met hierdie slening van hom het hy eintlik rebel gebly - hy het aangetoon dat die wapen opgeneem moes word, indien geen oplossing verkry word nie. Hy het selfs met straf gedreig teenoor regeringslede indien die Oposisie aan bewind sou kom. Hy was bereid om te veg vir dit waarin hy geglo het - hetsy met die wapen of die woord.

#### 9.4 Kemp se kritiese en aanvallende houding teenoor Smuts en die Verenigde Party

Kemp het na die politieke breuk van 6 September 1939 weer eens die "politieke vyand" van Smuts en die Verenigde Party geword. Hy het met alle mag van die tong soos 'n militêre bevelvoerder te velde getrek teen die Regering en hul Britse-konleksies. In November 1939 te Christiana tydens 'n vergadering in die Stadsaal, het Kemp gesê dat indien daar agtien maande gelede aan hom gevra was hoe dit vir hom moontlik was om Smuts te vergewe en daar word nou aan hom gevra hoe hy die Nasionaliste kan vergewe, sou sy antwoord gewees dat dit makliker sou wees om die Nasionaliste te vergewe. Hy het ook gesê dat hy nie bereid was om toe te sien "dat Afrikanerbloed vir die Empire verspil word nie."<sup>115</sup> Hy het verklaar dat hy Smuts nooit weer sou vertrou nie en hom alles ten beste met sy Imperialisme toegewens. Dit was asof die ou wonde weer eens oopgekrap was, net hierdie keer sou dit feller wees.

Op 25 Januarie 1940 tydens die Parlementsitting, het Kemp reguit verklaar dat die volk in die 1938-verkiesing mislei was, want daar was verklaar dat die Regering die Unie sou outhou uit die rusies van Europa waarby hulle geen belang gehad het nie. Hy het gesê dat Smuts self beweer het dat Suid-Afrika alleen sou deelneem indien Engeland aangeval word en in werklike gevaar verkeer. Volgens hom sou die Afrikanerdom verenig "en die eksperiment van 1933 sal nooit weer herhaal word nie."<sup>116</sup> Hy het gesê dat nie net Britse Imperialisme in Suid-Afrika ultgeroei moet word nie, maar "Smutsisme".<sup>117</sup> Met hierdie stelling het hy erken dat sy optrede tydens Samesmelting 'n fout was. Kemp se optrede tydens Samesmelting kan hoofsaaklik aan sy lojaliteit teenoor Hertzog en ongekende herenigingsideaal gekoppel word. Hierin het hy hom bevind binne die geleedere van voorheen politieke opponente, politici wie hy veroordelend in sy toesprake aangeval

<sup>115</sup> Die Burger, 7.11.1939.

<sup>116</sup> Ibid., 26.1.1940; Debatte van die Volksraad, 25.1.1940, kolom 149.

<sup>117</sup> Debatte van die Volksraad, 25.1.1940, kolom 156.

het. Die breuk in 1939 het veroorsaak dat Kemp Smuts verkwalik het vir die politieke toestand wat in Suid-Afrika gevolg het en die deelname van die land aan die Tweede Wêreldoorlog. Dit wil voorkom asof sy samewerking met Smuts in die Verenigde Party 'n "uitverkoop" van sy politieke oortuigings was. Hy was weer terug met sy veroordeling van Smuts wat hy sedert 1914, 1920 en later gehandhaaf het, naamlik "Handlanger van die Empire" en "vyand van Afrikaner nasionalisme".

Die eerste openbare vergadering in die Skiereiland onder die herenigingsvaandel het op 1 Februarie 1940 plaasgevind en Kemp en C.W.M. du Toit het as sprekers opgetree. Kemp het in sy toespraak Smuts geskilder as 'n man wat nie 'n flenter omgee wat van die Afrikanerdom word nie en hy het die "verraad van die Verenigde Party" teenoor die Afrikanerdom vergelyk met die verraad van Dingaan.<sup>118</sup> Volgens hom het die Verenigde Party die grootste politieke bedrog gepleeg wat nog ooit teen die Afrikanervolk gepleeg is. Hy het voorts gesê dat die dag waarop die Afrikanerdom een word, vir Smuts en sy trawante die seerste dag sou wees.<sup>119</sup>

'n Reuse skare het opgedaag vir 'n politieke vergadering op 16 Februarie 1940 in die Stadsaal van Johannesburg, waar Kemp die spreker was. Hy het in sy toespraak gesê dat die Afrikanerdom sedert 1933 alles in die stryd gewerp het om die vertede te vergee. Dat hy uit sy pad gegaan het om die Engelssprekendeseksie tegemoet te kom, "maar laat my u vertel, die proefneming was 'n miserabele mislukking,"<sup>120</sup> het hy verklaar. G.H. Calpin in sy boek There are no South Africans meld dat gedurende die eerste maande van die Tweede Wêreldoorlog die Opposisie hulle aanvalle eerder op Smuts gerig het, as teen die Britse seksie. "Malan, Pirow, Kemp and the young Turks of Nationalism breathed fire and brimstone against the Jews and the Jingo, the Imperialist, the Capitalist - all it would seem, personified in the Prime Minister. What venom they had left to them, after expending it upon General Smuts, was directed upon those Afrikaners who had followed him, branding them as renegades, disloyal Dutch, Hanskakles, Jingo serfs and British postillions."<sup>121</sup>

Kemp het op 9 April 1940 in die Volkeraad weer sy mes vir Smuts ingehad en hom veroordeel omdat hy nie 'n verklesing wou uitskryf, met die verskoning dat die oorlog die

<sup>118</sup> Die Burger, 2.2.1940.

<sup>119</sup> Ibid.

<sup>120</sup> Ibid., 17.2.1940; Ben Schoeman, My Jewe in die politiek, p.62.

<sup>121</sup> G.H. Calpin, There are no South Africans, p.360.

rede was. Volgens hom was genl. Louis Botha nie so lafhartig dat hy geweler het om 'n verklesing te hou met die voorwendsel dat daar 'n oorlog aan die gang is nie.<sup>122</sup> Op 28 Junie 1940 te Schwalzer-Reneke verklaar Kemp dat die tyd aangebreek het dat die vrees vir konsentrasiekampe afgeskud en die mullbande van hul monde verwyder word. Sy weweroep was dat hulle in duisendtalle hul stemme moes verhef in protes teen die Regering se beleid.<sup>123</sup> Hy het voorts gesê dat indien die Nasionale Party weer soos in 1924 sou nalaat om met die Kakleridders en ander af te reken, hy nie lid van die Nasionale Party wou wees nie. Die gevolg hiervan was dat die vergadering 'n besluit aangeneem het waarin afkeuring uitgespreek word in die oorlogsverklaring teen Duitsland en Italië, omdat dit deur 'n onwettige regering gedoen is en omdat die werklike doel van die oorlog is om verdere prestige van die Britse Ryk te herstel.<sup>124</sup> Voorts is daar geëls dat die Regering moes bedank, sodat die beleid van selfmoord in verband met die oorlogsdeelname beëindig kon word.

Heldhaftig het Kemp op 29 Augustus 1940 in die Volksraad tydens 'n debat oor oorlogsdeelname, aan mnr. J.S. Marwick Verenigde Party Volksraadslid vir Yeoville, gevra of hy dink die Afrikanervolk kan bang gemaak word? Hy het gesê dat hulle in die toekoms aan bewind sou kom en 'n republiek gaan kry. Hy het regeringslede versoek om oorsee te gaan veg en die handhawing van rus en vrede in Suid-Afrika in die Opposisie se hande te laat: "As hulle gaan, sal ons die rus handhaaf en sorg dat selfs die Eerste Minister beskerm word,"<sup>125</sup> het hy verklaar. Mnr. L.J. Steytler het Kemp uitgevra oor sy beweringe in die Volksraad, naamlik dat die Afrikaner moet ophou om te vergewe: "...met ander woorde ek en die ander Hollandssprekendes wat aan hierdie kant sit moet nooit weer vergewe word omdat ons nou die Eerste Minister steun nie,"<sup>126</sup> het hy gesê. Volgens Marwick het hulle op 4 September 1939 gehandel in die waaragtige belang van die Afrikanervolk. Kemp het hom egter nie van stryk laat bring nie en geantwoord dat hy staan en val by wat hy gesê het.

Demokrasie, soos van toepassing in Suid-Afrika op daardie stadium, is op 3 Desember 1940 deur Kemp onder die loep geneem. Volgens hom het die bestaande demokrasie waarvoor Smuts bereid was om bloed te laat vloei, die belange van die kapitaliste eerste

<sup>122</sup> Debatte van die Volksraad, 9.4.1940, kolom 4638.

<sup>123</sup> Die Burger, 29.6.1940.

<sup>124</sup> Ibid.

<sup>125</sup> Debatte van die Volksraad, 29.8.1940, kolom 125.

<sup>126</sup> Ibid., kol. 158, L.J. Steytler, VP-Volksraadslid vir Kimberley-distrik, oordele 11.3.1945.

gestel. "Hierdie demokrasie wil ons nie hê nie, maar ons wil teruggaan na die demokrasie van 'n Paul Kruger, 'n demokrasie ingevolge waarvan die belange van die volk eerste gestel is,"<sup>127</sup> het hy verklaar. Hy het Smuts se uitspraak dat daar rus en vrede in die land was, veroordeel en gevra of dit die rede was waarom die helfte van die leër in die Unie gestasloneer was?: "Hy hoef nie vir ons bang te wees nie. Ons is vredeliewende mense. Maar genl. Smuts kan nie altyd 'n oorlog wen deur te retireer nie. Hy sal moet veg",<sup>128</sup> het hy geargumenteer. Voorts het hy dit betreur dat daar nog soveel van die gees van "Jannie bangbroek" in Smuts te bespeur was.

Britse imperialisme is deur Kemp op 24 Oktober 1941 te Wolmaransstad uitgesonder as een van die gemeenskaplike vyande van die Afrikaner, wat deur die Smuts diktatuur in Suid-Afrika gehandhaaf word.<sup>129</sup> Op 25 Oktober 1941 te Krugersdorp het Kemp weer eens gesê dat die eerste en vernaamste vyand van die Afrikanerdom wat beveg en uitgeroel moes word, Britse Imperialisme is waarvan Smuts 'n aanhanger en voorvegter is. Hy het ontnugter verklaar dat Indien iemand ses maande gelede aan hom sou gesê het dat afstammeling van die Voortrekkers saam met en ten behoeve van Bolsjewiste sou gaan veg, sou dit nie geglo het nie. Hy het ook gesê dat hy nie die Premier se oorlogspoging wou belemmer het nie, maar hom daaraan herinner dat die Nasionale Afrikanerdom nog dink aan die 26 000 vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe vermoor is.<sup>130</sup> Hy het die "Sapvlende" versoek om nie hier in Suid-Afrika groot te praat nie, maar om na die Noorde te gaan en te gaan veg vir hul Britse imperialisme.<sup>131</sup>

Tydens die behandeling van Malan se mosie vir 'n republiek in die Volksraad op 14 Januarie 1942, het Kemp gesê daar was dae in die verlede toe die Eerste Minister vir hom gevoel het soos 'n volksman, soos 'n Afrikaner, maar dat hy op daardie tydstip daardie dinge totaal vergeet het. Volgens Kemp het hy hom laat ontwortel van die saak van die Afrikaner. "Alhoewel hy ontwortel is, wil ek hom die versekering gee dat die Afrikaner hom nie sal laat ontwortel nie,"<sup>132</sup> het Kemp verklaar. Die vraag ontstaan of hierdie opmerking van Kemp oor Smuts voortspruit uit die Rebelle tydperk. Gedurende

<sup>127</sup> Die Burger, 4.12.1940; P.J. Furlong, Between Crown and Swastika. The Impact of the Radical Right on the Afrikaner Movement in the Fascist Era, p.136.

<sup>128</sup> Harm Oost-versameling, Bund 38, ongepagineerd, kocrantuitknipsel van Kemp se toespraak, 3.12.1940.

<sup>129</sup> Die Burger, 25.10.1941; Die Transvaler, 25.10.1941.

<sup>130</sup> Die Transvaler, 27.10.1941, Die Burger, 27.10.1941.

<sup>131</sup> Ibid.

<sup>132</sup> Debatte van die Volksraad, 14.1.1942, kolom 86; Die Transvaler, 15.1.1942.

die Anglo-Boereoorlog was Smuts 'n militêre offisier wat vir die vryheid van sy land geveg het. In 1914 was dit vir Kemp egter duidelik dat Smuts, volgens sy siening, nie die Afrikanerideale gedien het nie. Sover dit Kemp betref het die skedding van hulle weë aangebreek. In 1920 staan hy veroordelend teenoor Smuts se politieke bondgenootskap met die Unioniste en sy trou aan die Britse-konaksie. Smuts het vir hom 'n politieke opponer geword wat hy, behalwe vir die tydperk 1933-1939, met al sy politieke wapentuig stryd teen gevoer het. Na 1939 het hy 'n "afsku" in Smuts ontwikkel; hy het hom as 'n verraaler van die Afrikanersaak beskou en "Smutslisme" en "Imperialisme" as 'n ewel beskou.

In die Volksraad op 26 Januarie 1942 het hy demokrasie in Suid-Afrika vergelyk met die Christendom. Volgens hom veg hulle vir die Christendom, maar sluit aan by 'n land soos Rusland met sy halwe maan. Hy het die Regering versoek om nie weer aan die volk voor te hou dat hulle vir demokrasie veg nie.<sup>133</sup> Gedurende Maart 1942 was daar in die Volksraad 'n heftige debat, veral van die Herenigde Nasionale Party kant, gevoer oor politieke bedrywighede in skole en universiteite. Daar was ernstige verwyte teenoor die Regering dat hy skoolkinders gebruik het om op onderwysers te spioeneer. Onderwysers was geïnterneer op grond van leerlinge se getuienis. Die Transvaalse Provinsiale Administrasie het 'n omsendbrief aan skole gestuur waarin van die onderwysers en skoolrade inligting gevra was oor watter onderwyspersoneel vir militêre diens vrygestel kon word. Die Herenigde Nasionale Party het die optrede van die regering vertolk as 'n mate van dwang wat op onderwysers uitgeoefen word om by die leer aan te sluit. Kemp het daarna verwys as "'n skandalige skrikbewind."<sup>134</sup> Op 18 Maart 1942 het die Herenigde Nasionale Party se Hoofleier 'n dringende oproep aan alle Afrikaners gedoen om saam te staan, aangesien Smuts die Blankeras na die afgrond stuur.<sup>135</sup>

Kemp se vryheidsideaal het sterk na vore gekom te Koster op 4 April 1942. Hy het gesê dat die Afrikanerdom glo in die vryheid wat hy vir homself uitgekamp het. Volgens hom het hulle in 1933 in Smuts geglo: "Ons het vergeet dat 'n wolf van hare verander, maar nie van streke nie."<sup>136</sup> Op 14 Augustus 1942 te Reddersburg het Kemp gesê dat dit 'n bomslike taak is vir die Afrikaner om te gaan veg vir Engeland. Hy het gesê die onder-

<sup>133</sup> *Ibid.*, 26.1.1942, kolom 837.

<sup>134</sup> *Debate van die Volksraad*, 23.3.1942, kolom 4382-4385; P.W. Coetzee (red.), Deel 5, p.305.

<sup>135</sup> *D.F. Malan-versameling*, 18.3.1942, ongepagineerd, dringende oproep aan alle Afrikaners: Smuts skeur ons Blankeras na die afgrond.

<sup>136</sup> *Die Burger*, 25.4.1942.

steuners van die Verenigde Party moet maar self gaan veg. Volgens hom het die mense, wat sê dat die oorlog enduit "deurgesien" moes word, die land in geweldige skuld gedompel en as die Herenigde Nasionale Party aan bewind kom, sou ondersteuners van Smuts kragtens noodregulasies beboet word om die skuld te betaal. Hy het weer eens gewaarsku dat hulle voorgee dat hulle vir die Christendom veg, maar dat hulle saam met Godloënaars veg.<sup>137</sup> Hierdie uitlating het hy op 26 Augustus 1942 te Potchefstroom herhaal.<sup>138</sup> Hy het voorts gesê dat die Britse Ryk besig was om ineen te stort en dat hy glo die Afrikaner sou nie 'n traan daaroor stort nie. Volgens hom sou die wiel draal en bo sou weer onder wees: "God se meule maal langsaam, maar hy maal fyn en dit skyn asof daar na 40 jaar vergelding kom. Die Afrikanerdom weler om te veg vir die behoud van diegene wat hom onderdruk."<sup>139</sup> Volgens hom het Smuts die kastalings in die vuur gegooi en sou hy dit self moes uitkrap. Hy het gesê dat daar waarskynlik die volgende Jaar 'n verkiesing sou plaasvind en dat die Afrikanerdom moes sorg dat Smuts uit die kussings gelig word, want indien Smuts wen sou hy in alle waarskynlikheid met opkommandering begin.<sup>140</sup>

In die Wes-Transvaal, tydens 'n openbare vergadering te Amalla op 12 Oktober 1942, het Kemp verklaar dat Smuts en sy regering nie die stem van die volk verteenwoordig nie. Volgens hom het die Regering nie die vertroue van die volk by die stembus gehad nie en dat hy "sirkusse met muslekgeskal" nodig het om rekrute te werf.<sup>141</sup> Hy het gesê dat die belasting nie verhoog word terwille van die Afrikanerdom nie, maar ter wille van die Britse Imperialisme. "Dit lê in u hande of u saam wil afdaal na die moeras waarheen u gelei word. Wat gaan gebeur indien veldm. Smuts die algemene verkiesing aanstaande jaar wen, en die Unie en Rhodesië troepe is reeds veronig? Alles sal dan gedoen word om die Afrikanerdom te vernietig,"<sup>142</sup> het hy geargumenteer.

Te Phillppolis het Kemp, tydens 'n geesdriftige vergadering op Vrydag 16 Oktober 1942, gesê dat genl. Christiaan De Wet eenmaal gesê het hy staan liever op 'n mishoop in die midde van sy volk as in die paleise van die vreemdes en dat Smuts op daardie stadium gestaan het in die paleise van die vreemdes en dat hy die taal praat van slawerny, in

<sup>137</sup> Die Transvaler, 15.8.1942.

<sup>138</sup> Ibid., 27.8.1942.

<sup>139</sup> Ibid.

<sup>140</sup> Ibid.

<sup>141</sup> Die Burger, 13.10.1942; Die Transvaler, 16.10.1942.

<sup>142</sup> Die Transvaler, 16.10.1942.

diens van hulle wat altyd probeer het om die Afrikanerdom te vernietig.<sup>143</sup> Hy het verklaar dat niks die Afrikanerdom sou kon vernietig nie: "In 1902 het die magtige Alblon gemeen dat dit klaar was met die Afrikaner, want 26 000 vrouens en kinders het omgekóm in die moordkampe deur daardie mense vir wie veldm. Smuts vandag help."<sup>144</sup>

Tydens die Vrystaatse-kongres van die Herenigde Nasionale Party het Kemp op 3 November 1942 gesê dat die Britse demokrasie wat in Suid-Afrika ingevoer was uitgeroei moes word, aangesien hulle 'n eie verlede gehad het waarop hulle kon bou. Volgens hom moes die Nasionale Partylede nie soos Smuts op die Britse stelsel of dr. Hans van Rensburg op die Duitse stelsel bou nie.<sup>145</sup>

Kemp verklaar krities op 12 November 1942 te Leeuwnfontein, buite Kendal, dat Smuts die aartsvyand van die Afrikaner is. Hy het voorbeelde genoem waar Smuts besig was om die land in die grootste ellende te dompel. Hy het gesê dat as dit nie vir die Herenigde Nasionale Party was nie, sou Smuts lankal diensplig toegepas het. Hy het gesê dat dit nie nodig was dat hulle deur Smuts in die tronke gestop word nie. As oplossing het hy gesê moes Smuts by die volgende verkiesing in sy spore gestop word, deur vir die Herenigde Nasionale Party te stem en die oorwinning te behaal. "En dit kan maklik gebeur, as die volk net wil saamstaan!"<sup>146</sup> was sy weskroep. Met die 1943-verkiesing in die oog het Kemp op 26 Junie 1943 te Brits weer eens herhaal dat Smuts die grootste vyand van die Afrikaner is en dat die tyd spoedig sou aanbreek dat hy vermorsel word: "Ons weler beslis om ons seuns vir die Empire op te offer. Met hierdie verkiesing vra Jan Smuts 'n mandaat om die oorlog tot in die verre Europa voort te sit ...."<sup>147</sup> Hy doen 'n beroep dat Afrikaners om hulle geskille uit die weg te ruim ten einde Smuts te beveg.

Kemp se anti-Britse gevoelens het op 29 Junie 1943 in Pretoria tydens 'n toespraak te Klipkoppies weer uiting gevind. Hy het verklaar dat die Britse "Empire" baie duur was vir die Afrikaner, nie alleen wat geld betref nie, maar ook wat mense lewens betref. Vir hom het dit geblyk asof Smuts se regering altyd te doen gehad het met bloedvergieting, verwysende na die 1914-Rebellie en 1922-Staking. Hy het gewys op die gevare vir Suid-Afrika indien Smuts aan bewind sou bly: Eerstens was daar die kommunistiese gevaar

<sup>143</sup> *Die Burger*, 17.10.1942.

<sup>144</sup> *Ibid.*, *Die Transvaler*, 31.10.1942.

<sup>145</sup> *Die Transvaler*, 4.11.1942.

<sup>146</sup> *Ibid.*, 13.11.1942.

<sup>147</sup> *Ibid.*, 28.6.1943.

wat ontsettend toegeneem het sedert Rusland 'n bondgenoot geword het en tweedens die gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank, (sic) wat op grootskaals gepredik is.<sup>148</sup>

Die rassekwessie is op 30 Junie 1943 te Nylstroom deur Kemp weer na vore gebring. Hy het verklaar dat 'n Verenigde Party oorwinning in die algemene verkiesing op 7 Julie 1943, deur hulle gesien sou word as 'n mandaat om weer voort te gaan met die beleid van gelykstelling van Blankes en Nie-Blankes (sic). Ten opsigte hiervan het Kemp verwys na die verklaring van mnr. C. Faure, Verenigde Partykandidaat vir die Paarl, dat hy ten gunste van die uitbreiding van die stemreg na Kleurlingvroue was. Volgens hom wou hulle daardeur meer stemme verkry.<sup>149</sup>

Tydens 'n vergadering op 2 Oktober 1943 te Koster, wat gehou was ter bevordering van die kandidatuur van mnr. Kokkie van der Merwe die Provinsialekandidaat van die Herenigde Nasionale Party in Swartruggens, het Kemp die wanbestuur van die Verenigde Party en die ellende en verdriet wat daarop sou volg, uiteengesit. Hy het verklaar dat die Britse imperialisme 'n nuwe aanslag teen die Afrikaner geloods het. Die ou planne teen die Afrikaner het volgens hom nie gewerk nie en daarom het die magte hergroepeer en nuwe wapens gesmee. Volgens hom was die jongste wapen wat gebruik sou word die kind van die Boer en sy kerk. "As die taal van die volk moet sterf sal die kerk nie kan bestaan nie. Dit word dan ook terdeë besef deur die kerklike owerheid. Daarom ook het die kerke hulle stem laat hoor teen die gevaar wat die kind bedreig,"<sup>150</sup> het hy gesê. Dit is duidelik dat Kemp 'n hoë prioriteit geheg het aan die Christendom, die Kerk en Afrikanerjeug.

Kemp was van mening dat die Verenigde Party nie alleen die Afrikaner se taal bedreig nie, maar ook sy selfstandigheid. Hy het verwys na die Regering se voorneme om die kinders by skole te voed: "Die Afrikaner wil geen bedelaarsvolk wees nie en die kos by die skole skep 'n bedelaarsmentaliteit by die kind. Wat dié Afrikaner eis is Industrilê, 'n mark vir sy produkte, 'n bestaanbare loon en 'n republiek."<sup>151</sup> Voorts het hy gesê dat die Britse vlag armoede en hongersnood bring en dat ellende en verdriet in die spoor van Britse Imperialisme volg.<sup>152</sup>

<sup>148</sup> *Ibid.*, 30.6.1943.

<sup>149</sup> *Ibid.*, 1.7.1943.

<sup>150</sup> *Die Burger*, 4.10.1943.

<sup>151</sup> *Ibid.*

<sup>152</sup> *Ibid.*

Te Lichtenburg op 5 Oktober 1943 het Kemp die Verenigde Party se gesondheidsbeleid onder die vergrootglas geplaas en gesê dat die gesondheidstoestand van die bevolking sorgbarend is. Hy het gesê dat veral die Afrikaner en die man met die klein salaris, sonder enige mediese behandeling gaan. Hy het nie enige optrede van die Verenigde Party verwag nie, omdat die behoeftige Afrikaner nie die meegevoel van die party weggedra nie.<sup>153</sup> Kemp verklaar op 9 Oktober 1943 te Standerton dat die Regering onder leiding van Smuts, nie alleen die volk ekonomies kaal stroop nie, maar ook 'n reuse volkskuld opbou en die gevolge daarvan sou ontsettend wees.<sup>154</sup>

Sy offensief teen die Smutsbewind was op 23 Januarie 1946 in die Volksraad voortgesit. Hy het die sambok met voorslag en agterslag en al gehanteer en genoeg gelulde vanaf die Opposisiekant laat hoor, toe Malan se mosie van wantroue voor die Raad gedien het: "....het maar min flentertjies van die Smuts verweer heel laat oorbly,"<sup>155</sup> is berig. Beledigend het hy opgemerk dat die Intelligensie van die regerende party so groot is dat toe daar 'n jaar vantevore 'n mosie deur die Opposisie ingedien is, dit hul drie maande geneem het voordat hulle beseft het dit is 'n mosie van sensuur.<sup>156</sup> Hy het opgemerk dat die volk in 1924 besluit het die Nasionale Party moes aan bewind kom en dat Smuts vier nege jaar in die woestyn was. Hy het gesê: "Hy het daar gebly totdat hy met die hoed in die hand gekom het en ons genl. Hertzog kom dien het, totdat hy kon gesien het om hom in die rug te steek."<sup>157</sup>

Hy het Smuts en min. J.C. Strauss se bewerings van voedsel surplusse ontken en aangedring op regverdige beheer. Volgens hom het Strauss 'n kort rukkie te vore vertel dat melk en heuning in die land gevloei het, sodat hulle 'n gebaar van voedselskenking jeens Engeland kon maak. Hy het gevra wat van die vol skure geword het?<sup>158</sup> Voorts het hy gewys op die kommunistiese bedrywighede in die land en gesê dat die Eerste Minister erken dat sodanige bedrywighede aanwesig is, maar dat hy nie gereken het dat dit

<sup>153</sup> Die Transvaler, 6.10.1943.

<sup>154</sup> Ibid., 11.11.1943.

<sup>155</sup> Ibid., 24.1.1946; Debatte van die Volksraad, 23.1.1946, kolom 155.

<sup>156</sup> Debatte van die Volksraad, 23.1.1946, kolom 164.

<sup>157</sup> Ibid.

<sup>158</sup> Die Transvaler, 24.1.1946.

Russiese kommunisme is nie. "Dit het hier sommer uit die blou hemel geval, en hy doen niks om dit te bestry nie,"<sup>159</sup> het hy opgemerk.

Tydens 'n debat oor Malan se mosie van sensuur, op 23 Januarie 1946 in die Volksraad, is gegewens verstrekkend oor die kaalstropende uitvoer van voedselware na Brittanje. Kemp het syfers aangetoon van groente wat ingemaak is en vrugte wat uitgevoer sou word. Volgens Kemp het die Minister van Landbou "wegkruipertjie" gespeel, terwyl mense hom wou spreek.<sup>160</sup>

Met die oog op die provinsiale tussenverkiesings in Barberton en die Wes-Rand, op 10 April 1946, het Kemp en Strijdom op 6 Maart 1946 'n oproep tot ondersteuning vir die Verenigde Nasionale Party gepubliseer. Hulle het verklaar dat dit 'n gunstige geleentheid was vir die kiesers om hul teen die gevaarlike beleidloosheid van die Smutsregering uit te spreek: "Dis u taak om namens Suid-Afrika die Regering in sy dolle vaart na die afgrond 'halt' te roep. Ja, nog meer - deur 'n Nasionale oorwinning kan u 'n wankelende regering omkeer."<sup>161</sup>

Kemp het op 19 Maart 1946 in die Volksraad verklaar dat daar in 1941 met die verkiesing met die stembusse gepeuter was. Hy het gesê dat mnr. Madeley toe met die verontskuldiging gekom het dat die oorlog aan die gang was: "Beteken dit dat 'n mens maar in oorlogstyd kan bedrog en korrupsie kan pleeg?"<sup>162</sup> het hy gevra. Voorts het hy na die onrus onder mynwerkers verwys en die Regering versoek om te verhinder dat die saak verder vererger. Hy het die Regering versoek om dadelik op te tree en hardhandigheid te verny. "Onrus van hierdie aard steek aan ....."<sup>163</sup> het hy verklaar.

Die stryd tussen Kemp en Smuts breek weer na die oppervlak op 14 April 1946 in die Volksraad, toe Smuts 'n omstrede Indiërmaatregel wou deurvoer. Kemp het gesê dat hulle paale geskel het en nooit weer bymekaar sou uitkom nie. Hy het beweer dat Smuts 'n handlanger van Brittanje was en dat hyself steeds sou veg en stry vir die behoud van die Blankedom in Suid-Afrika.<sup>164</sup> Kemp was 'n vegter en hy was nie 'n man wat in die sagte

<sup>159</sup> Die Burger, 24.1.1946.

<sup>160</sup> Debatte van die Volksraad, 23.1.1946, kolomne 155-164.

<sup>161</sup> Die Transvaler, 6.3.1946.

<sup>162</sup> Die Burger, 20.3.1946; Debatte van die Volksraad, 19.3.1946, kolom 3930.

<sup>163</sup> Debatte van die Volksraad, 19.3.1946, kolomne 3930-3931.

<sup>164</sup> Ibid., 14.4.1946, kolom 5707; Die Burger, 20.3.1946.

handskoen geglo het nie en sy metodes was bereken. Hy het gehandel uit die moed van sy oortuiging en dit onder geen stoele of banke verberg nie. Hy was 'n felle teenstander wat homself goed vergewis het van die sake wat hy omhels het en waarvoor hy gestry het. Dit is duidelik dat hy na 1939 die posisie probeer onhoubaar maak het vir Smuts en die Verenigde Party. Hy het nie getalm om uitsprake te lewer teen Britse Imperialisme, die Verenigde Party se pro-Britse gesindheid en deelname aan die Tweede Wêreldoorlog.

Weer eens het hy in hierdie politieke stryd gepoog om die Suid-Afrikaanse volk se heil te beskerm. Hy was die kampvegter vir "Suid-Afrika Eerste" en daarvoor het hy self die Bybelse geskiedenis voorgehou - sy gewortelde nasionalisme het sterk na vore gekom. Soms was sy optrede in die verband skerp veroordelend en het hy sy argwaan nie gespaar nie - hy was veglustig. The Star het in 1925 na hom verwys as "...not a good speaker, but he is what the partisan loves most of all - fighting speaker carrying a whirlwind warfare into the opposite camp....."<sup>165</sup> en later in dieselfde berig, "As a fighting speaker, General Kemp has to be reckoned with, dislike his methods and his matters as you may."<sup>166</sup>

Dit is verstaanbaar dat hy geen goeie woord teenoor Smuts uitgespreek het nie - selfs beledigende taal geopper het. Hy was teleurgesteld in homself dat hy vanaf 1933 vir Smuts vergoelikhed het en hom voorgehou het as 'n politieke leier. Die "verraad" van 1939 het van hom 'n openlike vyand van Smuts gemaak en selfs toe hy ernstig siek was in die hospitaal en Smuts hom besoek het, meld Smuts dat Kemp geen vriendskaplikheid teenoor hom betoon het nie. Die Burger het op 17 April 1946 opgemerk "...hul paale het geskel en sal seker nie weer inmekaar loop nie."<sup>167</sup> Hy het in 1941 erken dat hy deur die jakkalsdraale van Smuts in 1933 gevang was.

#### 9.5 Herenigde Nasionale Party of Volksparty - Kemp leef homself politiek ten volle uit vir sy ideale

Teen Januarie 1942 het Afrikanereenheid ten volle geïntegreer. Die strategie van die Herenigde Nasionale Party se opponente vroeg in 1942 was om 'n anti-Herenigde Na-

<sup>165</sup> The Star, 10.2.1925.

<sup>166</sup> Ibid.

<sup>167</sup> Die Burger, 17.4.1946.

sionale Partyblok te skep. Hertzog se verklarings ten gunste van nasionaal sosialisme in Oktober 1941 en Februarie 1942 het die hoop vir so 'n Hertzog - Pirow - Van Rensburg-blok, gebou om die persoon van Hertzog, laat opvlam.<sup>168</sup> Vir die Verenigde Nasionale Party en die Afrikanerdom was die toestand glad nie so rooskleurig nie. Benewens die Verenigde Party en die Afrikanerparty, is hy ook deur die Ossewa-Brandwag, die Nuwe Orde en verskeie kleiner groeperings geopponeer. Dit wil voorkom asof die Afrikanergroepe die party in die spervuur geplaas het, maar dit blyk dat die mislukking van Afrikanereenheid nie die heropbou van die party geskaad het nie.<sup>169</sup>

Tydens 'n besoek aan Winburg in Januarie 1941 deur Malan en Kemp, is Afrikanereenheid weer beklemtoon, die stigting van 'n nuwe party afgekeur en 'n beroep op alle ware Afrikaners gedoen om vir die Verenigde Nasionale Party te stem. Hierdie oproep was gedoen met betrekking tot die kandidatuur van C.R. Swart vir die tussenverkiesing wat in Winburg sou plaasvind.<sup>170</sup> Kemp het 'n beroep op die kiesers gedoen om op te hou rondhardloop tussen partye en hulle versoek om die Verenigde Nasionale Party hul tuis-te te maak. Hy het gekla dat die Afrikanernasie te vergewensgesind is en gesê: "Die Nasionale Party was sterk toe adv. Roos van 'Kaklepes' gepraat het. Daarna het ons weer begin vergewe. Maar ons sal verwyrt word indien ons nie nou oog om oog en tand om tand neem nie."<sup>171</sup> Dit is heel duidelik dat Kemp uit ervaring gepraat het, aangesien hy een van die vergewensgesindes, was wat in 1933 die hand gerek het tot die Opposisie.

By die Verenigde Nasionale Party of Volksparty se Natalsekongres op Vryheid, 9 Januarie 1941, het Kemp 'n dringende beroep op sy "Hertzogvriende" gedoen, om nie ter wille van persoonlikhede die Afrikanersaak te laat skipbreuk lei nie. Hy het gesê dat die Bloemfonteinsekongres moes kies tussen die eenheid van die Afrikanerdom of 'n verdeelde Afrikanerdom. Hy kon slegs die eenheid van die Afrikanerdom kies, hoewel hy altyd 'n ondersteuner van Hertzog was. "As jy oorlog maak en jou offisier val, gaan jy nie stilstaan by die plek waar hy geval het nie, maar jy ruk met nuwe kragte voorwaarts om die oorwinning te behaal,"<sup>172</sup> het hy verklaar.

<sup>168</sup> P.W. Coetzee (red.), Deel 5, p.95.

<sup>169</sup> *Ibid.*, p.93; *Die Burger*, 16.1.1942; 22.1.1942; 28.1.1942; 3.2.1942 en 5.2.1942.

<sup>170</sup> *Ibid.*, 6.1.1941.

<sup>171</sup> *Ibid.*

<sup>172</sup> *Die Transvaler*, 10.1.1941.

In Oktober 1941 het daar 'n gedrukte stuk verskyn getitel, "Beroep van Transvaalse Herenigde Nasionale Party leiers. Moet niemand steun wat party beveg nie.." Dit was 'n oproep van Kemp en Strijdom tot die Herenigde Nasionale Party lede om op politieke gebied ondubbelsinnig hul doel en strewes aan vriend en vyand te stel.<sup>173</sup> Volgens hulle was die hoofdoel van die party om los te kom van die Britse Ryk, Britse-Joodse Imperialisme en die kapitalistiese stelsel, wat besig was om die volk uit te sulg en uit te buit. Hulle het versoek dat almal soos een man bymekaar moet staan. Voorts het hulle 'n beroep op alle takke, afdelingsbesture en lede van die party om nie op enige manier enige steun te gee aan enige persoon, wat op politieke gebied 'n ander standpunt en 'n ander regeeringsstelsel bepleit as die wat die party verkondig.<sup>174</sup> Ten slotte het hulle gemeld dat indien enige lid van die party geen steun of aanmoediging aan so 'n saak verleen nie, sou daar nooit in geslaag word om verdeeldheid en skeuring te veroorsaak nie.<sup>175</sup>

Die Hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party van die Transvaal het op 1 Oktober 1941, in die Stadsaal van Pretoria vergader onder voorsitterskap van Strijdom en Kemp. Laasgenoemde was vir die eerste keer sedert sy lang siekte teenwoordig en was met luide toejuiging begroet. Hy het dadelik sy volle gewig by die besprekings ingewerp en duidelike leiding gegee. Die Hoofbestuur het sy onwrikbare vertroue in die hoofleier Malan uitgespreek, in die stryd vir die verkryging van 'n Christelike Nasionale republiek, geskoel nie op 'n vreemde lees nie, maar op dié van die twee gewese Boererepublieke.<sup>176</sup>

Om eenheid te bewerkstellig en die party uit te bou het Malan en die party leiers gedurende 1941 verskeie reise deur die land onderneem. Gedurende Oktober 1941 is 'n verdere offensief deur die party leiers, wat Kemp ingesluit het, in die Transvaal onderneem.<sup>177</sup> Gevolglik het Kemp by sy eerste openbare optrede, sedert sy ernstige siekte op 24 Oktober 1941 op Wolmaransstad, Malan geloof vir sy beginselvastheid. Hy het gesê dat daar in 1924 lank gesukkel was om 'n kabinet te vorm en as rede aangevoer dat Malan aanvanklik nie beweeg kon word om saam met die Arbeidersparty 'n regering te vorm nie. Volgens hom het Malan in 1933 en in 1939 weer getoon dat eie belange nie by hom getel het nie. Hy het gesê dat dit dr. Malan se piliër was om op die swak plekkies

<sup>173</sup> D.F. Malan-versameling, ongepagineerd, beroep van Transvaalse HNP-leiers, 1.10.1941, p. 1.

<sup>174</sup> *Ibid.*, p. 2.

<sup>175</sup> *Ibid.*

<sup>176</sup> Die Burger, 2.10.1941; A.P.J. van Rensburg, Genl. Jan Kemp, Die Taalgemoot, p. 22, meld dat na die dood van sy vrou in Maart 1941 verswak sy gesondheid wat reeds nie goed was nie.

<sup>177</sup> P.W. Coetzee (red.), Deel 5, p. 41.

In die volksgebou te wys.<sup>178</sup> Hy het die noodsaaklikheid van eenheidsoprede deur die Afrikaners bepleit en gewaarsku teen diegene wat op so 'n wyse optree dat dit kon lei tot verbrekking van die volkskragte.<sup>179</sup>

Kemp het sy lofprysing teenoor Malan as volksleier herhaal toe hy op 26 Oktober 1941 te Krugersdorp gesê het dat, die Afrikaner ongelukkig geneig is om iemand eers groot te maak en hom dan weer te vergruis, en waar was daar 'n meer geëerde man as dr. Malan? ".....ek was een van die wat in 1933 deur die Jakkalsdraaie van veldmaarskalk Smuts gevang is. Ek het al die taktiek van Rhodes en ander Imperialiste vergeet."<sup>180</sup> Verder het hy gemeld dat Malan het, toe hy en sy mense die dolk nie raak gesien het nie, geweer om saam te gaan. Volgens Kemp het Malan opgeoffer vir die saak en nie sy eie eer gesoek nie. Hy het almal wat rusie soek gemaak om vrede te maak, aangesien hulle die graf van die Afrikanerdom daardeur grawe.<sup>181</sup> Dit was grootmoedig van Kemp om te erken dat hy nie die slaggate in 1933 raakgesien het nie. Hierdie erkenning deur Kemp dat hy 'n fout gemaak het, is 'n bewys van sy politieke eerlikheid waarmee hy opgetree het. Hy was bereid om 'n risiko te loop ter wille van die oortuiging wat in hom was. Hy was bereid om alles op te offer om sy politieke oortuiging te verdedig. Hy was die verpersoonliking van moed en eerlikheid, waarmee hy die insig wat hy gehad het, in sy handelinge die ideale van Afrikanereenheid en vryheid benader het.

Selfondersoekend het Kemp op 22 Februarie 1942 op Die Strand, tydens 'n funksie, gesê dat al beskuldiging wat teen die leiers van die Herenigde Nasionale Party ingebring kon word, was dat hulle te geduldig was. Hy het weer eens sy lojaliteit teenoor Malan betuig: ".....'n man is wat nie 'n enkele haartjie van eersug op sy hoof het nie."<sup>182</sup> Volgens hom het die Afrikanervolk in tye van verdrukking en vergulsing verkeer, maar hy het hulle opgeroep om nie op die ashope te sit en wanhoop nie maar eerder dat hulle moet opstaan en werk om uit hierdie verdrukking te kom en so sou die Afrikanerdom se vryheid gebore word.<sup>183</sup> Volgens hom was die oorsaak van alles wat die volk verduur het, die Britse leiband en het hy hulle verseker dat die Herenigde Nasionale Party dit sou knip, sodat hulle nie weer in 'n oorlog vir Engeland gesleep sou word nie. Hy het voorts gesê

<sup>178</sup> Die Burger, 25.10.1941.

<sup>179</sup> Ibid., Die Transvaler, 25.10.1924.

<sup>180</sup> Die Transvaler, 27.10.1941.

<sup>181</sup> Ibid.

<sup>182</sup> Die Burger, 23.2.1942.

<sup>183</sup> Ibid.

dat swaar dae nog vir die Afrikaner voorlê en dat die Regering in dulle vaart besig is om af te breek alles wat die Afrikaner opgebou het. Maar soos die besembos sal die Afrikanervolk na die vertrappery opstaan en weelderige lote ultskiet, was sy wekroep.<sup>184</sup>

In die Stadsaal van Malmesbury op 27 Februarie 1942 het Kemp weer eens sy onwrikbare vertroue in Malan en die toekoms van die Afrikanervolk gevestig. Volgens hom het daar in die kort geskiedenis van die Afrikanervolk baie storms gewoed, maar onder dit alles het die volk sy wortel al dieper en dieper in die grond geskiet en uiteindelik sterker te voorskyn getree.<sup>185</sup> 'n Onwankelbare geloof in die Afrikanervolk wat so een met sy karakter was, straal hier uit Kemp.

Kemp se kragte na 'n ernstige slekbed het sodanig verbeter dat hy op 24 April 1942 te Koster, in 'n toespraak gevra wat die Herenigde Nasionale Party dan nog moes doen? Hy het gevra waar die groep is wat verklaar het dat hulle die wapen moet opneem en gaan veg, en waar is die groep wat sê dat hulle pro-Duits moet word?<sup>186</sup> Volgens hom het die Nasionale Afrikanerdom net geglo in die vryheid wat hy vir homself uitgekap het. Hy het verwys na die gebeure van 4 September 1939 en gesê dat die Afrikaner toe by 'n kruispad gekom het omdat dit hartroerend was om te sien hoe die Afrikaners hande na mekaar uitgereik het, "om dit nie weer te los nie."<sup>187</sup> Hy het voorts gesê dat daar maar net een antwoord was op die vraag wat die Afrikaner te doen staan, naamlik om nie Engels of Duits te word nie, maar om net Afrikaans te bly. Afrikanereenheid was vir hom baie belangrik.

Hy het gesê dat spyte van die gevare wat die volk bedreig, daar nog mense is wat sê dat hulle goeie nasionaliste is, maar wat tog nog dié party beveg. Volgens hom het hulle verklaar dat die party te verbitterd en onvergewensgesind is en dat die party se leiers hulle eie eer nagestreef het. Hy het onomwonde verklaar: "Ek is die man wat die hardste hou teen dr. Malan geslaan het en hy teen my. Maar ek moet erken dat hy my verbaas het met die geduld wat hy aan die dag lê. Hy is die man wat bereid was om die mantel van sy leierskap af te gee en die minste te wees, terwyl hy die loler van die sterkste Boereparty was."<sup>188</sup>

<sup>184</sup> *Ibid.*

<sup>185</sup> *Ibid.*, 28.2.1942.

<sup>186</sup> *Die Transvaler*, 25.4.1942.

<sup>187</sup> *Ibid.*

<sup>188</sup> *Ibid.*

Kemp waarsku op 25 April 1942 tydens 'n vergadering te Lichtenburg dat die tyd van koalisie verby was en teen die paddastoel wat besig is om op te spring, om sodoende die Afrikanerdom weer eens verdeel. Hy het gesê dat niemand moes toegelaat word om Malan met modder te gooi nie. "Handel soos 'n Gideonse bende en volg dr. Malan en julle leiers. Daar is net een hell vir die Boerevolk en dit lê op die pad van die Voortrekkers,"<sup>189</sup> het hy gepleit. Voorts het hy verklaar dat die tyd van die Afrikaner se vryheid nader is as ooit tevore en dat hulle nie hul heil oorsee sou gaan soek nie. Volgens hom het hulle geen "home" oorsee gehad nie en in elke krisis het die Afrikaner sterker gestaan. Hy het hulle versoek om getrouer as ooit te vore te staan by die Herenigde Nasionale Party: "Moenie juiself denasionaliseer nie - bly wat jy is, 'n Boer op die Pad van Suid-Afrika."<sup>190</sup>

Drie dae later, op 28 April 1942 te Schwelzer-Reneke het Kemp gesê dat die Afrikaners na hulle eie huis, eie land en eie volk moes kyk. Die pad van die Nasionalis was volgens hom die pad van vrede. Hy het gevra wat die rede was vir die verdeeldheid: "Is dit nie afguns nie? Is dit nie die gebrek aan ruggraat sodat mense steeds in die meerderheid wil wees nie?"<sup>191</sup> Volgens hom was die Hand van die Voorstenigheid in elke "takkie" van die volk te sien. "Uit die nag van die eeue is 'n volk gebore. Uit die ontberinge van verdrukking en vergruising het 'n nasie gegroei,"<sup>192</sup> het hy profeties verklaar. Hy het die mense versoek om by die Herenigde Nasionale Party te staan op die Pad van Suid-Afrika.

Die Herenigde Nasionale Party se Transvaalsekongres het op 17 September 1942, in die Nasionale Klubsaal in Pretoria, in aanvang geneem. Kemp het in sy openingsrede verwys na die groot opkoms en geesdrif wat daar geheers het en dat daar 'n verkiesing aan die kom was, wie se beslissende uitslag in die Transvaal beslis sou word.<sup>193</sup> Voorts het Kemp in sy toespraak gesê dat niemand kon ontken dat die bestaande naam van die party baie lomp was. Hy het, soos die hele dagbestuur, gemeen dat die naam van die party "Die Republikeinse Nasionale Party" moes wees.<sup>194</sup> Die voorstel was gesekondeer deur kol. Jacob Wilkens, wat gesê dat hyself en andere wat tot 4 September 1939 aan die Verenigde Party behoort het, en nou 'n eervolle huwelik aangegaan het met die Her-

<sup>189</sup> Die Burger, 27.4.1942.

<sup>190</sup> Ibid.

<sup>191</sup> Die Transvaler, 29.4.1942.

<sup>192</sup> Ibid.

<sup>193</sup> Ibid., 18.9.1942.

<sup>194</sup> Ibid.

enigde Nasionale Party.<sup>195</sup> Hy het voorts gesê dat die Afrikaners baie geheg was aan die woord "nasionaal", maar nog meer aan die woord "republiek" en daarom het hy die "Republikeinse Nasionale Party" ondersteun. Die tak "Hou Koers" van Wonderboom het voorgestel dat die party se naam moes wees die Nasionale Party.<sup>196</sup>

Strijdom het die taak verder gevoer en gesê dat dit volgens hom goed sou gewees het om die woord "republikeins" in te voeg om sodoende die felt te beklemtoon dat waar die ou Nasionale Party nog nie volslae republikeins was nie, die nuwe party dit wel was. Die voorstel van Kemp was met drie teenstemme aangeneem.<sup>197</sup> Met groot geesdrif is Strijdom en Kemp herkies tot leiers, beklee met volmag vir die volgende Jaar.<sup>198</sup>

'n Ywerige Kemp het op 26 September 1942 te Wolmaransstad gesê dat dit die dertiende vergadering was wat hy in sy klesafdeling toespreek en dat die geesdrif wat daar heers, dieselfde was as die ander twaalf.<sup>199</sup> Hy het die Voorsienigheid vir sy gesondheid geloof en verklaar dat hy bly was om leiding aan die Afrikanerdom te kon gee, terwyl daar 'n "Egiptiese duisternis" geheers het.<sup>200</sup>

Te Makwassie op 27 September 1942, het Kemp in 'n toespraak gesê dat die Afrikanerdom op sy eie voete moet staan. Volgens hom sou die Britse-konnekste nie die slei van die volk breek nie en dat slegs verdeeldheid daarin kon slaag. Kemp het ook aangetoon hoe Malan stap vir stap te werk gegaan het om eenheid te probeer bewerkstellig. Volgens hom het die Unialekongres op 3 Junie 1941 besluit dat die party die enigste organisasie sou wees wat die nasionaalgesinde Afrikanerdom op die gebied van die partypolitiek sou verteenwoordig. Hy meld dat die kongres 'n ernstige beroep op al die Afrikaners doen om in die uur van Suid-Afrika se lotsbeslissing hartlik en aktief mee te werk "om geleedere te sluit, om alle ondergeskikte of nie - aktuele geskildpunte binne of buite die party te ontmoedig en om die party sy lewensbelangrike stryd aan die politieke front met alle mag te ondersteun."<sup>201</sup> Hy het voorts gewys op 'n poging 'n ruk van te vore om in Pretoria 'n verkiesingssooreenkoms tussen die wegbreekgroepe en Malan te sluit,

<sup>195</sup> Ibid.

<sup>196</sup> Ibid.

<sup>197</sup> Ibid.

<sup>198</sup> Die Burger, 19.9.1942.

<sup>199</sup> Ibid., 6.10.1942.

<sup>200</sup> Ibid.

<sup>201</sup> Ibid.

maar beklemtoon dit onmoontlik was om verklesingsooreenkomste te tref met mense wat ooreenkomste verbreek en nie meer aan verklesings glo nie.<sup>202</sup>

In November 1942 het die Vrystaatsekongres van die Herenigde Nasionale Party, te midde van tonele van groot geesdrif, in aanvang geneem. Kemp het in sy rede gesê dat Suid-Afrika lewe in tyd van ruwe storms: "Die wêreld verkeer in onrus en ons hier in Suid-Afrika sit en wag op die ding van môre. Almal vra hulle self af wat moet ons doen? Party sê: 'word honderd persent Engels of Duits'. Ander meen ons moet doodstil sit en niks doen nie. Die tyd het aangebreek dat Afrikaners hul geleedere moet sluit en binne die Herenigde Nasionale Party verenig moet staan, want dis die party wat vir ons volk sy ideaal van 'n vrye republiek sal verwesenlik."<sup>203</sup>

Hy het gesê dat hulle nie soos Smuts op die Britse stelsel of soos dr. Van Rensburg op die Duitse stelsel moes bou nie. Volgens hom het hulle net een stelsel geken en dit was die stelsel van die Boerevolk, wat gepas het by hul volksaard. Hy het verklaar dat hulle 'n republiek wou hê, vry van "vreemde smette."<sup>204</sup> Voorts het Kemp beweer dat daar 'n groot taak op die party rus, aangesien daar in die land nog te veel mense was wat vir swak lone gewerk het. Volgens hom moes die myne die elendom van die land word en moes nie gebruik word om 'n paar persone oorsee te verryk nie. Die boerdery - en Arm-blankevraagstuk moes aangepak word en dat volksgesondheid in 'n benarde posisie verkeer. Voorts het hy aan die spoorwegmense gesê dat dit net die Herenigde Nasionale Party was wat hulle kon red. Die party sou omsien na die polisie en dié wat geviktimizeer word, sal beskerm word. Hy het gesê dat die party die weermag sou opbou, wat wet en orde sou handhaaf en die storms sou trotseer.<sup>205</sup>

Verdeeldheid in Afrikanergeleedere is deur Kemp op 12 November 1942 te Leeuwfontein aangespreek. Hy het gesê dat die enigste vyand wat die Afrikanervolk kon baasraak, was die een van binne - "daardie vyand is verdeeldheid - verdeeldheid in Afrikanergeleedere. Daarom moet die Boerevolk vandag saamstaan soos nog nooit tevore in die geskiedenis nie."<sup>206</sup> Op 14 November 1942 te Lydenburg het Kemp gesê dat die Herenigde Nasionale Party se standpunt was dat die Britse Ryk na afloop van die oorlog tot 'n val

<sup>202</sup> Ibid.

<sup>203</sup> Die Transvaler, 4.11.1942.

<sup>204</sup> Die Burger, 4.11.1942.

<sup>205</sup> Die Transvaler, 4.11.1942.

<sup>206</sup> Ibid., 13.11.1942.

sou kom, en die republiek verkry sou word. Hy het die voorbeelde van die Iere en Duitsland aangehaal en gesê dat in die lande rebellies misluk het en dat daarna die Iere en die Duitsers na die "gehate" kruisles gegryp het en die oorwinning behaal het, bedoelende demokrasie. Volgens hom was dit ook die pad wat die Herenigde Nasionale Party sou volg. Hy het gesê dat Indien die Herenigde Nasionale Party aan bewind sou kom, sy eerste daad sou wees om vrede met Duitsland te maak en tweedens om 'n vrye republiek te stig.<sup>207</sup> Kemp het 'n ongelooflike vertroue in die uitkoms van die breë volkswil, met ander woorde demokrasie, gehad. Hy het vanuit sy kinderjare daarmee saamgeleef - 'n republiek en gebore en 'n republiek en gesterf. Hy was ook 'n sterk voorstander van nie-inmenging in die sake van ander moondhede nie. Dit was reeds in 1914 en in 1939 duldlik.

In 'n treffende toespraak te Piketberg op 5 Februarie 1943 het Kemp gewys op die noodsaaklikheid van saamstaan in die krisissuur van die Afrikanervolk. Volgens hom was daar geen rede vir moedeloosheid nie, maar dat hulle moet besef dat hul één belang, één doel en één strewe het.<sup>208</sup> Hy het gesê dat die pad van die Herenigde Nasionale Party afgebaken is en dat dit nie 'n maklike pad was nie. Volgens hom was daar nie 'n nasie wat soveel gestry en gely het as die Afrikanervolk nie, maar dat harde werk nog voorlê en dat alle ondergeskikte geskille uit die weggeruim moet word. "Die Afrikaner moet hand aan hand stry .... Elke Afrikaner moet tuis voel by sy mense, by sy eie volk. Diegene wat op afwykende paaie is, moet terugkeer na die hart van die Afrikanernasie,"<sup>209</sup> het hy gepleit. Hy het ook verwys na die posisie van die Party in die Transvaal en gesê dat dit goed gaan met hulle en dat hulle die stryd wat voorlê tegemoet gaan met die volste vertroue dat die Afrikanervolk nie daar is om uitgewis te word nie.<sup>210</sup> Malan se standpunte was deur ander nasionaleleiers, onder andere Kemp, onderskryf en het in toesprake ontken dat die Herenigde Nasionale Party die oorsaak van verdeeldheid aan die Afrikaners was en gewaarsku teen die futiliteit daarvan om vir die Afrikanerparty of onafhanklike kandidate te stem.<sup>211</sup>

Te Brits op 26 Junie 1943 het Kemp verslag gedoen aan die klesers oor die werk wat die party in belang van die Afrikanerdom gedoen het. Hy het gesê dat die party wonders vir

<sup>207</sup> *Ibid.*, 16.11.1942.

<sup>208</sup> *Die Burger*, 8.2.1943.

<sup>209</sup> *Ibid.*

<sup>210</sup> *Ibid.*

<sup>211</sup> P.W. Coetzee (red.), Deel 5, p.200.

die land verrig het en dat hy voortgaan op sy pad totdat die bande met die Britse Ryk verbreek is. Hy het verklaar dat die Afrikanerparty, wat maar 'n sulgeling is, al sy aanval teen die Herenigde Nasionale Party gerig het en nie teen die groot sondebok Smuts nie.<sup>212</sup> Op 30 Junie 1943 te Nylstroom het Kemp in sy toespraak gewys op die verskille tussen die Herenigde Nasionale Party en Verenigde Party. Hy het gesê die Herenigde Nasionale Party was die party met 'n beleid van werk vir almal wat wil werk, terwyl die Verenigde Party feitliks niks gedoen het om werk te skep vir die 230 000 werkloos wat na die oorlog verwag was. Die Herenigde Nasionale Party het 'n gelyke verdeling van die rykdomme van die land en seggenskap vir die staat in die bestuur van die goudmyne voorgestaan. Volgens hom was die Herenigde Nasionale Party se standpunt dat elke man in die land geregtig was tot behoorlike huisvesting en goeie gesondheid - wat die plig van 'n regering is.<sup>213</sup>

Tydens 'n vergadering op 5 Oktober 1943 te Koster, was daar aan Kemp deur mnr. Koos Labuschagne gevra of die nasionaalgesinde groepe nooit weer te vinde sou wees vir koalisiëvorming nie. Kemp het verklaar dat hy nooit weer te vinde was vir enige koalisie of kompromis nie. Volgens hom was die Herenigde Nasionale Party geleedere oop vir alle nasionaalgesindes, maar dat daar nooit weer sprake kon wees van enige versaking of verwatering van beginsels nie.<sup>214</sup> Verwysende na die gesondheidsbeleid van die Verenigde Party het hy gesê dat die Afrikaner nie veel van die party kon verwag nie, omdat die behoeftige Afrikaner nie die simpatie van die party het nie. Hy het verklaar dat slegs die Herenigde Nasionale Party die volk se gesondheid kon herstel en waarborg dat elkeen die nodige mediese behandeling en hospitaalversorging sou ontvang. Volgens hom het die beleid ook voorsiening gemaak vir beter besoldiging en opleidingsgeriewe van verpleegsters, aantrekliker werksomstandighede en beter ure. Hy het verklaar dat die bestaande beleid, waar die vader verplig is om na die magistraat te gaan om staats-hulp te kry, vernederend en verouderd is en dat op die wyse geen gesonde volk gebou kan word nie.<sup>215</sup> Voorts het hy gesê dat vry mediese behandeling en hospitaaldienste aan elkeen verskaf sou word. Veel meer aandag sou gegee word aan die voorkoming van siektes en voorligting aan die volk, insake voeding en 'n gesonde leefwyse.<sup>216</sup>

<sup>212</sup> *Die Transvaler*, 28.6.1943.

<sup>213</sup> *Ibid.*, 1.7.1943.

<sup>214</sup> *Ibid.*, 6.10.1943.

<sup>215</sup> *Ibid.*

<sup>216</sup> *Ibid.*

In 'n toespraak op 9 Oktober 1943 te Standerton, het Kemp gewaarsku teen enige kompromis of konsilliasie. Volgens hom sou die Britse regering weer Imperialisme teen die Afrikaner gebruik. "Dwarsdeur die Afrikaner se geskiedenis het dit nog altyd geblyk dat kompromisse, konsilliasie of samewerking met die Engelse die Afrikanervolk verdeel, verswak en skeur,"<sup>217</sup> was sy siening. Volgens hom was 'n kompromis bedrog, dat die Afrikaner nog nooit daarby gebaat het nie en dat die bitter vrugte van 1924 en 1933 nog nie almal gepluk is nie. Hy was van mening dat Suid-Afrika in 1939, deur die kompromis van 1933 in die vernietigendste oorlog gesleep is en sodra die Afrikaner in 'n kompromis beland is sy hande gebind, is hy verswak en lamgeslaan.<sup>218</sup> Hy het hulle ernstig gewaarsku teen die vloek van 'n kompromis en 'n beroep gedoen op die Afrikanervolk om sy geleedere te sluit. Hy het gesê die Afrikaner was onoorwinlik indien hy 'n eenheid was en dat hy daardie eenheid kon vind binne die party wat hy op 7 Julie 1943 aanwys as die Volksparty, naamlik die Herenigde Nasionale Party.<sup>219</sup> Hierdie verklarings wat so tipies in die gees van Kemp ingebou. Op 14 Februarie 1944 in die Volksraad het Kemp geantwoord op kritiek van regeringslede wat gevra het waarom die Nasionale Party nie koalisie gesluit het toe hulle aan bewind was nie. Hy het gesê dat die Nasionale Party nog altyd 'n koalisieregering gehad het, en dat dit feitlik nog altyd 'n strafmaatregel vir 'n volk en nie 'n seën was nie.<sup>220</sup>

Op 4 Maart 1944 in die Johannesburgse Stadsaal, het Kemp verklaar dat die Afrikaner sy swaarste stryd aan die Witwatersrand gevoer het. Volgens hom was dit daar waar die kommunisme sy penne die diepste ingeslaan het. Hy het gesê dat die hand na die Blanke werkers in die fabriek uitgesteek word, om sodoende toe te sien dat hulle nie saam met Swartes hoef te werk nie.<sup>221</sup>

Tydens 'n Nasionalefees ter herdenking van die Wakkerstroom verkiesing in 1924 en die dertigjarige bestaan van die party, op 31 Mei 1944 te Trichardsplein - Pretoria, het Kemp gesê dat op politieke gebied die Afrikanervolk sterker staan as ooit te vore. Die teenwoordigheid van soveel jongmense was vir hom verblydend en het dit as 'n goeie teken beskou - volgens hom het so 'n volk 'n groot toekoms gehad. Hy het gesê dat Soutpansberg en Wakkerstroom, skaars sewe maande na die "Kakieverkiesing", bewys

<sup>217</sup> Die Burger, 11.10.1943.

<sup>218</sup> Ibid.

<sup>219</sup> Ibid.

<sup>220</sup> Debatte van die Volksraad, 14.2.1944, kolom 1172.

<sup>221</sup> Die Transvaler, 6.3.1944.

het dat die Smutsbeleid op 'n duldlike en besliste wyse verwerp is. Hy was van mening dat slegs die Herenigde Nasionale Party by magte was om die Verenigde Partyregering omver te werp en Suid-Afrika te red.<sup>222</sup> Volgens hom was die tyd van klein partytjies verby en dat op 7 Julie 1943 die volk hom finaal sal uitspreek teen alle verbrokkelende elemente. Hy het gesê dat Suid-Afrika slegs twee weë geken het, naamlik Britse imperialisme onder Smuts en die van nasionalisme onder leiding van Malan.<sup>223</sup> Hy het al die Afrikaners versoek om saam te staan en by die Herenigde Nasionale Party aan te sluit en so die Afrikanerkragte saamsnoer tot 'n magtige en onoorwinlike eenheid. Hy het verklaar dat diegene wat mag afdwaal skuldig sal wees aan die ondergang van hul volk.<sup>224</sup>

'n Kersfees - en Nuwejaarsboodskap aan die nasionaalgesinde Afrikanerdom in die Transvaal, is op 21 Desember 1944 deur Strijdom en Kemp in die pers uitgereik: "God het ons volk deur al die storms veilig gelei tot hier. Hy sal ons in Sy al wyse Raad verder na ons bestemming lei. Laat ons daarom met daadkrag en vaste geloof die beproefde en verhewe weg van ons volk bly bewandel, want 'Ons Vader daarbo hou sy Hand aan die rat en sy Oog op die ulterste draal van die Pad'."<sup>225</sup> Hulle het dit gestel dat die volk reeds verby die laagwatermerk van verwarring en moedeloosheid is en dat hulle nou met 'n onkeerbare golf voort rol na hoogtes van oorwinning. Volgens hulle was die Herenigde Nasionale Party bestem om die landsbestuur op sy skouers te neem.<sup>226</sup> Voorts het hulle aan die onderlinge verdeeldheid wat daar bestaan verwys en gesê dat hulle met vreugde kon getuig dat dit besig was om te verdwyn, juis op daardie tydstip toe die volk geroepe is om hierdie grootse taak te aanvaar en dit nie bekostig kon word om verdeeld te staan, sonder om ontrou te wees en verraad te pleeg nie.<sup>227</sup>

Hulle het verwys na die finansies van die land wat in 'n warboel is en dat 'n onstabiele toekoms van werkloosheid en depressie die volk in die gesig staar. Daarteenoor het hulle gemeld, het die lewenskragtige, beproefde en gesonde beleid van die Herenigde Nasionale Party gestaan, met sy Ekonomiese Program: "Goddank, die volk ontwaak nou uit sy môreslaap. Die vloedgolf van die volksmening swaal teen die Regering en verbreed

<sup>222</sup> *Ibid.*, 1.6.1944.

<sup>223</sup> *Ibid.*

<sup>224</sup> *Ibid.*

<sup>225</sup> *Ibid.*, 21.12.1944.

<sup>226</sup> *Ibid.*

<sup>227</sup> *Ibid.*

en verdiep daarmee die Nasionale stroom van ons Party, met vaste koers na 'n Christelik - Nasionale Republiek en met die oorwinning reeds in sig,"<sup>228</sup> het hulle verklaar.

Tydens 'n kranseleggingplegtigheid by die graf van Jopie Fourie op 20 Desember 1944, het Kemp gesê dat die Rebelie van 1914 die Afrikaner wakker geskud het en dat dit 'n sukses was. Volgens hom het die Afrikaners 'n magtige wapen gehad in die Herenigde Nasionale Party, wat deur eensgesindheid en getrouheid die republiek kon bewerkstellig waarvoor die Afrikanerhelde gesterf het.<sup>229</sup> Op 4 Mei 1945 te Tiervlei het Kemp verklaar: "Die erwe van ons vaders was nog nooit tevore in die geskiedenis van Suid-Afrika so bedreig as tans nie."<sup>230</sup> Hy het gewaarsku dat as die lendene nie omgord en die stryd aangeknop word teen diegene wat daarop uit was om die Blanke te vernietig nie, die Blankebeskawing binne 50 jaar daarmee heen sou wees. Volgens hom moes almal by die Herenigde Nasionale Party aansluit en sodoende die Blankebeskawing in die land te red.

Die Hoofbestuur van die Transvaalse Herenigde Nasionale Party het op 5 Mei 1945 by die Hollandia in Pretoria vergader. Kemp en Strijdom was eenparig verkies tot gesamentlike voorsitters van die Hoofbestuur.<sup>231</sup> Die Uniale, sowel as die Transvaalsekongres van die Herenigde Nasionale Party, het in September 1945 in Johannesburg plaasgevind. Die tema van die kongresse was die bedreiging van die kommunistiese gevaar.<sup>232</sup> Op 19 September het die Transvaalsekongres plaasgevind en net soos die Unialekongres gepaard gegaan met woeste straattonele buite die Stadsaal. Weens die gevaar wat dit ingehou het vir vroue, kinders en oues van dae is die kongres verrigtinge die middag beëindig. Na afloop van die gebeure het die twee leiers 'n verklaring uitgereik en die Regering beskuldig dat daar nie voldoende maatreëls vir die handhawing van wet en orde, of die sedelike moed openbaar was om teen kommunistiese oprulling op te tree nie.<sup>233</sup> In hul Kers- en Nuwejaarsboodskap het Kemp en Strijdom opgemerk dat wêreldvrede nie ellende, hongersnood, dood, ontugtering en toekomstvrees beëindig nie. Hulle

<sup>228</sup> Ibid.

<sup>229</sup> Ibid., 21.12.1944.

<sup>230</sup> Die Burger, 6.5.1945.

<sup>231</sup> Ibid.

<sup>232</sup> E.G. Jansen-versameling, HNP Korrespondensie, notule van vergadering van die Hoofbestuur van die HNP of V, 5.5.1945

<sup>233</sup> J.L. Basson, p.483.

het verklaar dat In Suid-Afrika die gelykstellingsbeleid ten doel gehad het om Ryksbelange te dien, en Suid-Afrika se belange op die agtergrond te skulwe.<sup>234</sup>

In Januarie 1946 het die Transvaalseleiers 'n dringende beroep gedoen op klesers om hulle agter die Herenigde Nasionale Party te skaar. Kemp het gesê dat die Herenigde Nasionale Party die volk se enigste middel was om Suid-Afrika te red en versoek dat die godyn oor al die volk se verdelende faktore getrek word.<sup>235</sup> Hy het voorts verwys na die Bloemfonteinsekongres In Junie 1941, waar die grondslag gelê was vir eenheid en waarvoor die vyande van die volk gesladder het. Volgens hom het die Herenigde Nasionale Party nie afgewyk van die ooreenkoms nie en versoek dat hulle onvoorwaardelik moet saamstaan in die volk se enigste laer waardeur die oorwinning behaal kan word, naamlik die Herenigde Nasionale Party of Volksparty. "Laat rus die geskille en kleinlikhede van hoogmoed, laat dit verteer word met die vuur van ons liefde vir ons dierbare vaderland. Laat ons mekaar vertrou. Soek die eenheid van ons volk onder die vaandel van sy goddelike taak en roeping. Daar sal u die blywende en onvernietigbare eenheid vind. My volk, lulster na die noodroep van die toekoms. Dit is Suid-Afrika se laaste kans. Van nou af tel elke uur. Stry in die geloof en red Suid-Afrika!"<sup>236</sup> het hy gepleit.

Dit was die laaste kongres wat dié politieke leier sou bywoon. Hierna het hy weer ernstig siek geword. Tot die einde het hy nog steeds bly veg vir dit wat so eie aan sy karakter was - sy volk se erfreg en nasionalisme. Hy het as jongman bekendheid verwerf vir sy vegtersgees om sy volk se vryheid te behou en later as rebel dit voortgesit. Sy politieke loopbaan was gekenmerk deur sy stryd vir sy volk en hulle onafhanklike voortbestaan.

Die nasionalisme wat so 'n Ingebore karaktertrek van Kemp was, het sy vergestaltung hoofsaaklik tuisgemaak in die Nasionale Party, behalwe vir die tydperk 1933-1939. Hy het in die party sy land en volk die beste gedien en sy optrede was een van standvastigheid. Hy het die politiek waarmee hy saamgewerk het vertrou - hy het die ideale van die party omhels - hy het met die wapen van die tong vir die party die stryd gestry.

## 9.6 Kemp en die Republikeinse ideaal versus Imperialisme

<sup>234</sup> Ibid.

<sup>235</sup> NP in Transvaal-versameling, Lêer 15, 'n Dringende oproep van Transvaalse Leiers.

<sup>236</sup> Ibid.

Kemp se standpunt was dat hy gebore was onder 'n republikeinsevlag en dat hy graag onder geen ander vlag wou sterf nie.<sup>237</sup> Hy het verder gesê dat as dit daarop aankom sal ook veldmaarskalk Smuts republikeins wees, maar dit sal nie die republikaanse wees wat die Afrikaner wil hê nie. Die Afrikaner wil 'n republiek hê wat op Christelike - nasionalisme gegrond is.<sup>238</sup> Smuts se verknogtheid aan die Britse Ryk en Britse Imperialisme was groot politieke "vyande" van Kemp en getrou aan sy karakter het hy hulle gereeld vanaf 1939 op politieke en openbare platform aangeval.

Op 25 Januarie 1940 het Kemp in die Volksraad gesê dat Afrikaners word beskuldig van rassehaat, omdat hulle as Afrikaners wou saamstaan. Volgens hom kan Engelse bymekaar staan, maar omdat die Afrikaners bymekaar wil wees en 'n Afrikanervolksfront verlang, word hulle as rassehaters aangekla. Hy het verklaar dat daar altyd rassehaat in Suid-Afrika sal wees solank daar bande is wat hulle aan Engeland bind.<sup>239</sup> Hy het voorts gesê hoe eerder omstandighede dit sou toelaat dat bande met Engeland een vir een geknip word en Suid-Afrika 'n vrye en onafhanklike republiek word, hoe eerder sou rassehaat opgehou het. "...hier moet Britse imperialisme dood. Ons sal dit nie beveg met die swaard soos in Europa nie, maar by die stembus,"<sup>240</sup> het hy gepleit.

Tydens die Herenigingskongres van die Herenigde Nasionale Party in Transvaal op 26 Maart 1940 het Kemp in sy voorsittersrede gesê dat een van die take vir die nuwe party sou wees om toe te sien dat hulle vryheid volkome uitgeleef word. Volgens hom het die Afrikanervolk in beweging gekom. "Wie kon ons stuit? Wie kon die Afrikanerdom in die verlede stuit en wie kan dit vandag doen? Niemand ter wêreld nie", het Kemp onder da-  
werende toelug afgesluit.<sup>241</sup> Die aanname deur al die betrokke kongresse van die herenigingsvoorstel, het 'n nuwe fase in die stryd van nasionalisme teen Imperialisme ingelui. Met hernude kragte sou die teenstanders van die vorige jare, maar almal Afrikaners, die stryd nou gesamentlik aanpak. Dit sou soos nooit tevore, met soveel doelbewustheid en onwankelbare trou die Imperialisme bestry en die Voortrekkerbeginsels handhaaf. Soos Kemp telkemale bely het dat die uiteinde alleen sou wees wat beoog word, naamlik vryheid en vrede onder 'n eie republiek.

<sup>237</sup> Die Burger, 28.2.1942.

<sup>238</sup> Ibid.

<sup>239</sup> Ibid., 26.1.1940.

<sup>240</sup> Ibid.

<sup>241</sup> Die Transvaler, 29.3.1940.

Volgens Die Transvaler van 1 April 1940 was die pad na 'n republiek in algemene trekke omlin as 'n besef dat hierdie ideale nie net 'n vae ideële doelstelling is nie, maar die hoeksteen van die party se hele beleid. Die strewe vat naamlik nie alleen saam die konstitusionele veranderinge waarna gesmag word nie, maar het ook ingesluit geestelike en ekonomiese vryheid.<sup>242</sup> Voorts is gemeld dat die tyd aangebreek het dat die Afrika-nerdom sy geleedere moet konsolideer ten einde die groot ideale van die volk te verwezenlik. Op 6 April 1940 het Kemp te Riebeek-Wes, op 'n openbare vergadering, gesê dat vir Suid-Afrika die laaste skof van 'n republiek aangebreek het en dat die toekoms nou voor hulle lê. Volgens hom sou hulle nie toelaat dat die Afrikanerbloed weer verdun word, soos dikwels in die verlede gebeur het.<sup>243</sup>

In die Volksraad op 15 April 1940 het Kemp gesê dat hy weler om 'n Imperialis te wees en om 'n agterryer van Imperialisme in Suid-Afrika te wees. Hy het onomwonde verklaar: "...Is nou ook nie bereid om 'n kakleridder en 'n agterryer van die Empire te wees nie."<sup>244</sup> Teen die helfte van 1940 het daar die gedagte by 'n aantal Nasionale Partyleerfigure in die Vrystaat ontstaan om 'n groot republikeinse monstervergadering byeen te roep, waar die teenstanders van oorlogsdeelname hul intense begeerte tot 'n republiek kon lug.<sup>245</sup> N.J. van der Merwe het op 10 Julie 1940 in die pers alle republikeinsgesindes opgeroep na 'n republikeinse saamtrek wat op 20 Julie 1940 in Bloemfontein gehou sou word. Hy het onder meer verklaar dat die tyd aangebreek het dat die volk van Suid-Afrika hom moes klaarmaak om die stigting van 'n vrye republiek vir Suid-Afrika, afgeskel van die Britse Kroon en Ryk te eis. Volgens hom was die doel van die vergadering om die noodsaaklikheid van die stigting van 'n republiek te beklemtoon en om stappe te neem ten einde langs konstitusionele weg daadwerklik op te tree vir die verwesenliking van hierdie ideaal.<sup>246</sup>

Die optrede van die Vrystaatse Nasionalliste het egter die gevaar van 'n botsing binne die geleedere van die Herenigde Nasionale Party verwesenlik. As gevolg van sy houding teenoor die republikeinsebeginsel was Hertzog onwillig om die byeenkoms by te woon en dit het tot gevolg gehad dat hy hom nog verder van die republikeine verwyder het.<sup>247</sup>

<sup>242</sup> Ibid., 1.4.1940.

<sup>243</sup> Die Burger, 8.4.1940.

<sup>244</sup> Debatte van die Volksraad, 15.4.1940, kolom 4994.

<sup>245</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux, Deel 4, p.310.

<sup>246</sup> Die Vaderland, 10.7.1940.

<sup>247</sup> P.W. Coetzer en J.H. le Roux, Deel 4, p.313.

Tydens die byeenkoms op 20 Julie 1940 was die republikeinse staatsvorm nie slegs as die alles oorkoepelende ideaal gestel nie, maar ook die inhoud en die karakter daarvan is duidelik omskryf; dit sou 'n Boererepubliek wees en dat gelyke politiekeregte nie summler aan die Engelssprekende bevolkingsgroep gegoe kon word nie.<sup>248</sup> Hierdie besluit het so reg in die kraal van Kemp gepas, wat reeds by verskele geleenthede pleidoole vir 'n republiek en die verbreking van die Britse-konneksie gelewer het.

Die Republikeinse volksbetoging in Bloemfontein het nie alleen by Hertzog kommer gewek nie, maar ook Malan was diep verontrus en het hy tydens 'n vergadering op Worcester ernstig teen 'n rebelle en geweld gewaarsku. Die uitvloeielsel van die republikeinse monstervergadering was dat verskele ander vergaderings daarna gevolg het. Voorkomende maatreëls en samesprekings deur Malan het daartoe gelei dat daar 'n "leierskap-in-rade" voorgestel was om die partyleiding oor te neem.<sup>249</sup> 'n Verdere uitvloeielsel was naamlik dat verskele prominente Nasionalliste en oud-Nasionalliste, onder andere Kemp, pleidoole vir 'n republiek en verbreking van die Britse-konneksie gelewer het.<sup>250</sup>

Ten opsigte van die republikeinse ideaal het N.C. Havenga tydens 'n openbare vergadering te Edenburg op 25 September 1940, verklaar dat sy standpunt dieselfde was as dié van Kemp. 'n Ongewone verklaring vanaf Havenga, aangesien hy tot op hierdie tydstip dieselfde mening as Hertzog gehandhaaf het. Hy het gesê dit beteken nie 'n spesiale volkstemming nie, maar dat daar sekerheid moes wees dat hulle 'n meerderheid daarvoor verkry en dit 'n blywende meerderheid moes wees.<sup>251</sup> Na afloop van die Skeurkongres van die Herenigde Nasionale Party in die Vrystaat en Hertzog se bedanking as leier, het Kemp op 9 November 1940 te Wolmaransstad gesê dat die volk verenig moet bly, want hy sien 'n vrye Suid-Afrikaanse republiek so helder as wat die son verrys.<sup>252</sup>

Tydens die Herenigde Nasionale Partykongres in Pretoria op 3-5 Desember 1940, het Kemp in sy toespraak gesê dat die Afrikanervolk nog altyd die fout in die verlede gemaak het om te vergewe en vergeet en dat die Imperialis daardeur nog altyd verdeel en heers het. Hy het gesê dat hy die republiek as alles oorheersend beskou het.<sup>253</sup>

<sup>248</sup> Ibid.

<sup>249</sup> Ibid., pp.313-314.

<sup>250</sup> M. Roberts en A.E.G. Trollip, p.45.

<sup>251</sup> Die Burger, 26.9.1940.

<sup>252</sup> Ibid., 11.11.1940.

<sup>253</sup> Harm Oost-versameling, Band 38, ongepagineerd, kocrantuitknipsel oor Kemp se toespraak.

As spreker tydens die Herenigde Nasionale Party se Natalsekongres te Vryheid op 9 Januarie 1941, het Kemp gesê dat die Afrikaners hul geleedere moet saamspan om so-doende tot die eindoorwinning voort te marsjeer. Die oorwinning was volgens hom, 'n vrye onafhanklike republiek, heeltemal afgesny van Engeland. Voorts het hy gesê dat die republiek net so min gekeer kon word as wat die strome van die see gekeer kon word. "Daardie ideaal kon verwesenlik word deur ons geleedere heg te sluit en deur met vaardigheid en kalmte die hoon, haat en smaad wat die Smutsregering op die Afrikaner werp, te verduur,"<sup>254</sup> het hy verklaar. Volgens hom sou die republiek vanself kom indien Engeland die oorlog verloor, omdat hy ekonomies uitgeput sou wees.

Die Transvaler 26 Maart 1941 het in 'n hoofartikel die teenstanders van dié party daarop gewys dat Strijdom, Kemp en Malan die politieke front van die Afrikaner voortdurend beklemtoon het as dié instansie wat die republiek tot stand sou bring.<sup>255</sup>

Op 11 Mei 1941 tydens 'n vergadering van die Herenigde Nasionale Party van Transvaal, was daar 'n besluit geneem oor die toekomsbeleid van die party en het Kemp hom onder andere uitgespreek oor demokrasie. Hy het gesê dat die Boerenasie, wat die skepper en beskermer van hul eie nasieskap is, 'n regeringstelsel ontwerp het wat hemelsbreed van die Britse parlementêrestelsel verskil. Volgens hom het dit ook op 'n demokratiese grondslag berus, wat deur die vuur van opoffering en lyding in die hart van die Afrikanerdom bly voortleef. Voorts meld hy dat dit op daardie tydstip net so 'n magtige drang by hulle geword het as veertig jaar gelede, dat hierdie stelsel na omstandighede gewysig en verbeter is en waarop hulle met veiligheid kon voortbou.<sup>256</sup>

In Die Transvaler van 17 September 1941 het Kemp en Strijdom 'n verklaring uitgereik in verband met die stryd wat dr. Van Rensburg teen die Herenigde Nasionale Party en sy leiers voer en onder andere in die afsluiting van die verklaring verklaar: "Op ons as Nasionalistes rus daar nou die plicht om voortaan al ons krag en steun op politieke gebied aan ons party te gee, ten einde so gou as moontlik die skade wat deur dr. Van Rensburg veroorsaak is, reg te maak en met 'n verenigde front af te stuur op ons einddoel - die

<sup>254</sup> Die Burger, 10.1.1941; Die Transvaler, 10.1.1941.

<sup>255</sup> J.L. Basson, p.384; Die Transvaler, 26.3.1941.

<sup>256</sup> Die Burger, 12.5.1941.

vrye, onafhanklike Christelik - Nasionale Republiek van Suid-Afrika, afgeskel van die Britse Ryk."<sup>257</sup>

Teen die einde van 1941 was Kemp besonder aktief in die Oos-Transvaal en op 11 November 1941 het hy vergaderings toegesprek op Lagersdrift en Roossenekal. Hy het gesê dat die groot vraag op daardie stadium is of Britse Imperialisme of Afrikaanse nasionalisme in Suid-Afrika sou seëvier. Hy het die Afrikanervolk versoek om hulle gelede-re heg te sluit en dat hulle bereid moes wees om hul lewens te gee vir die Afrikanersaak: "In 1939 het ek my hand aan my mede-Afrikaner gegee om dit nie weer te los nie. Ek speel nie vals nie en ek doen my gelofte gestand. Hereniging het op 'n eerbare wyse plaasgevind,"<sup>258</sup> het hy verklaar. Hier kom een van sy grootste karakter kenmerke na vore, naamlik dat wanneer hy 'n saak omhels het hy daarmee volstaan het. Reeds tydens die Anglo-Boereoorlog was hy gekenmerk vir sy dappere optrede. In die Rebelle van 1914 het hy weer die Afrikanersaak omhels en endult getrou gebly aan sy besluit om te protesteer teen die Regering se optrede. In 1939 het hy getrou aan by Hertzog gestaan en na 1940 by die Nasionallistiese volksgenote. Hy was vasberade op die slagveld sowel as op politieke gebied.

Na aanleiding van Malan se mosie vir die instelling van 'n republiek in Suid-Afrika, het Kemp op 14 Januarie 1942 in die Volksraad gesê dat die Imperialiste na die Vrede van Vereeniging gehoop het dat die Afrikanerdom die nek ingeslaan was. Volgens hom het hulle sover gevorder dat dit nie meer nodig was om onderhorig te wees nie, tensy die Regering hulle onderhorig maak. Hy het gesê dat hulle grootste vyand nog altyd die Britse Imperialisme was, "omdat die son nie oor hom mag ondergaan nie en die Afrikaner moet ondergaan."<sup>259</sup> Hy het weer eens verklaar dat hy 'n republiek was en dat niemand hom kan verwyt nie as hy verklaar dat die dag sou aanbreek wanneer hulle 'n vrye onafhanklike republiek sou kry nie. "Suid-Afrika sal nog 'n land word waarop ons met trots kan sien,"<sup>260</sup> het hy afgesluit.

Tydens die bespreking in die Volksraad van die Wetsontwerp ter verlenging van die Provinsiale Rade op 29 Januarie 1942, toe die Minister van Binnelandse Sake, H.G. Lawrence, die derde lesing daarvan voorgestel het, was dit veral Kemp wat dit vir die Re-

<sup>257</sup> Adv. J.D. Jerling-versameling, Lêer 11, herdruk uit *Die Transvaler* van 17.9.1941.

<sup>258</sup> *Die Transvaler*, 13.11.1941. (Ook te Middelburg op 10.11.1941)

<sup>259</sup> *Debate van die Volksraad*, 14.1.1942, kolom 85; *Die Burger*, 15.1.1942; *Die Transvaler*, 15.1.1942.

<sup>260</sup> *Ibid.*

gering op brood gesmeer het dat deur hierdie maatreël die grondbeginsel van demokrasie vertrap word. "n Optrede wat alles wat demokraties is ondermyn. Die dienstryd van mense wat nie meer die vertroue van die volk wegdra nie, word hierdeur verlang,"<sup>261</sup> het hy gesê.

Op 22 Februarie 1942 by die Strand het Kemp sy onwrikbare vertroue in die koms van die republiek uitgespreek, maar volgens hom was dit nodig dat die Afrikanerdom saam moes staan.<sup>262</sup> "Ons is klaar met die Brits-Joods liberalistiese stelsel en in die republiek sal nie alleen huls skoongemaak word nie, maar ook stal skoongemaak moet word,"<sup>263</sup> het hy verklaar. Gedurende die oorlogjare het die kreet dikwels opgegaan dat 'n republiek slegs met 'n parlementêre meerderheid verkry kan word en Kemp was self 'n sterk voorstander van die gedagterigting.<sup>264</sup> In 'n toespraak te Malmesbury op 27 Februarie 1942 het Kemp weer eens verklaar dat die vyand van die Afrikanervolk nog altyd die Britse Imperialisme was. Hy het gesê dat indien die volk tydens die 1938-verkieping geweet het dat hy in 'n oorlog, in belang van Brittanje, betrokke sou raak dan sou die Regering nooit gewen het nie.<sup>265</sup>

In 'n anti-imperialistiese toespraak op 28 April 1942 te Schweizer-Reneke, het Kemp tydens openbare vergadering gesê dat hulle in 1914 geweer het om Afrikanerbloed op die altaar van Imperialisme te offer. Dat hulle in 1939 weer geweer het en dat hulle tot in lengte van dae sou weer.<sup>266</sup> Hy het gesê dat hy Malan volg omdat hy weet dat hy die pad van die ou Boererepubliek volg. Hy het gesê dat Malan nie sy eie eer soek nie. Toe hulle in 1939 van bo tot onder geskeur het, het Malan sy skoene uitgetrek en die minste geword en dat hy sy baadjie van leierskap aan Hertzog gegee het. Kemp het verklaar: "So lank hy op daardie weg voortgaan, sal ek hom volg."<sup>267</sup> Hy het voorts gesê dat die Here-nigde Nasionale Party leierskap op daardie stadlum sleg gemaak word, maar hy het die mense versoek om te onthou dat die boomplie van die republiek deur die Nasionale Party lewend gehou word. Hy het verwys na die krisisse waardeur die volk gegaan het en gesê

<sup>261</sup> *Ibid.*, 29.1.1942, kolom 1093; *Die Transvaler*, 30.1.1942.

<sup>262</sup> *Die Burger*, 23.2.2942.

<sup>263</sup> *Ibid.*

<sup>264</sup> *J.L. Basson*, p.529.

<sup>265</sup> *Die Burger*, 28.2.1942.

<sup>266</sup> *Die Transvaler*, 29.4.1942.

<sup>267</sup> *Ibid.*

dat hy daarna elke keer sterker gestaan het en dat wanneer die donkerwolk verdwyn, hulle sterker sou staan op die Pad van Suid-Afrika en nader aan die republiek.<sup>268</sup>

Kemp en Strijdom het gesamentlik 'n politieke reis deur die Wes-Transvaal onderneem en op 29 April 1942 het hulle 'n afsluitingsvergadering op Wolmaransstad gehou. Volgens Kemp se onderhoud met Die Transvaaler het die Boeresak in die Wes-Transvaal nog nooit so sterk gestaan as op daardie tydstip nie. Hy het verklaar: "In Wes-Transvaal is daar geen plek vir die Britse Imperialisme nie. Hier is hy dood."<sup>269</sup> Hy het voorts gesê dat daar nog mense in die Afrikanerparty, die Nuwe Orde en Ossewa-Brandwag is wat verklaar dat hulle goeie Afrikaners is, maar dat Smuts lekker daarvoor lag omdat hulle die rol van Britse Imperialisme so pragtig speel - hulle verdeel sodat Smuts kon regeer, was sy siening.<sup>270</sup>

Tydens 'n groot Nasionale stryddag op Louls Trichardt, 1 Junie 1942, het Kemp gesê: "Ons 40 jaar in die woestyn is amper verby. Ons span nou in om van ons Mara weg te trek. Stem vir dr. Malan en hy sal u lei na u lank beloofde land - ons vrye en onafhanklike republiek - sonder geweld, maar met die leiding wat die Voorstenigheid aan hom sal gee."<sup>271</sup> Volgens hom was die grootste werk wat voorlê die verkryging van 'n vrye en onafhanklike republiek. Hy het gesê dat die Republiek nie verkry sou word deur drade te knip of winkels in die lug te laat blaas nie. "Ierland het sy kragte saamgesnoer en het sy onafhanklikheid verkry deur middel van 'n kruisje. Vandag is Ierland buite die oorlog. Dit is die weg wat ek aanbeveel,"<sup>272</sup> het hy gesê. Hier is die onteenseglike bewys dat Kemp geen rebelgees meer in hom gehad het om die Regering omver te werp nie. Kemp was 'n vegsman - sy lewe was inderdaad 'n voorbeeld van die gesegde dat 'n persoon baie rolle in sy lewe speel. Met sy toetrede tot die aktiewe politiek het hy baie swaar geleun op die uitkoms van die breë volkswil. Hy het trouens herhaalde kere terugverwys na die futiele optrede van gewapende protes - hy het dit verrul vir die demokrasie.

Britse Imperialisme is weer 'n keer deur Kemp, tydens 'n toespraak op 25 Augustus 1942 te Potchefstroom aangeval. Hy het verklaar dat die grootste vyand wat die Afrika-nerdom nog ooit geken het, die Britse Imperialisme is, maar dat dit nie maklik was om

<sup>268</sup> Ibid.

<sup>269</sup> Ibid., 30.4.1942.

<sup>270</sup> Ibid.

<sup>271</sup> Die Burger, 5.6.1942.

<sup>272</sup> Ibid.

die Afrikaner onder te kry nie. Volgens hom was een van die groot foute van die Afrikaner dat hy te gou vergewe en vergeet. Die armoede in Suid-Afrika was volgens hom die vrugte van die Britse imperialisme, en dat daar van die Afrikaner verwag word dat hy vir die behoud van daardie oorheersing moet gaan veg.<sup>273</sup> Volgens hom was die eerste tekens van konsiliatie reeds in 1907 waargeneem en dat dit op daardie stadium nog steeds waarneembaar was. Hy het gesê dat hy geen traan sou stort indien Engeland onder sou gaan nie en het 'n beroep op die mense gedoen om nie hulle knieë voor Baal te bulg nie. Hy het gesê dat daar nooit weer 'n versoeningsgees van hom sal uitgaan nie, alhoewel hy dit eerlik probeer het tydens die Smelterstydperk, maar ontdek het dat die Afrikaner by konsiliatie nog altyd aan die korste ont getrek het. Volgens hom lê die Afrikanerdom se eie heil in sy eie hande en sy redding moet hy met sy eie nasionale krag uitwerk.<sup>274</sup> Op 26 Augustus 1942 te Zeerust het Kemp gesê dat nasionalisme nie onderdruk kon word nie, want dan staan hy des te kragtiger weer op. Volgens hom sou die oorwinning uiteindelik kom en dan sou dit wees Afrika vir die Afrikaner, van Kaapland tot die Zambezi.<sup>275</sup>

Op 27 Augustus 1942 te Ventersdorp het Kemp gesê daar in die land pogings was om die Boer en Brit te verenig, maar dat dit misluk het en dat die Afrikaner verraai was soos nog nooit tevore nie. Die rede daarvoor het hy aangevoer was omdat daar 'n verdeelde trou bestaan het en daar mense was wat nog vasgeblind was met bande aan Brittanje en dat Suid-Afrika ingesleep was in 'n oorlog waarmee hy niks te doen gehad het nie.<sup>276</sup>

Gedurende die Transvaalse Herenigde Nasionale Partykongres op 17 September 1942, het Kemp verklaar dat die Nasionaliste hulle stryd teen die bestaande regering en die Britse Imperialisme sou voortsit. Hy het verwys na 'n verklaring van 'n kabinetslid wat sou gesê het dat 'n miljoen immigrante na Suid-Afrika gebring sou word. Volgens Kemp sou hierdie mense niks anders wees as stemme vir die Regering nie, "maar die Afrikanerdom sal aanhou stry totdat hy die Britse Imperialisme met wortel en tak uitgeroel het."<sup>277</sup>

---

<sup>273</sup> Die Transvaler, 26.8.1942.

<sup>274</sup> Ibid.

<sup>275</sup> Ibid., 27.8.1942.

<sup>276</sup> Ibid., 28.8.1942.

<sup>277</sup> Ibid., 18.9.1942.

Kemp het op 'n vergadering te Makwassie op 26 September 1942, gesê dat baie lewens van Jong Afrikaners opgeoffer is in die oorlog ter wille van Britse Imperialisme. Hy het verwys na 'n republikeinse mosie van Malan wat by die vorige parlementsitting Ingedien is, waarvan die doel afskeiding van die Britse Ryk was. Volgens Kemp het die mosie oor die lengte en breedte van die land byval gevind, sodat die Transvaalsekongres van die Herenigde Nasionale Party besluit het dat die naam van die party na die "Republikeinse Nasionale Party" verander moes word.<sup>278</sup> Hy het gesê daar net een weg was en dit was om af te skel van die Britse Ryk en 'n republiek te word.<sup>279</sup> Hy het verklaar dat hy probeer het om 'n republiek deur geweld te verkry en dat hy nie geslaag het nie en dat daar net een weg en dit was deur middel van die kruisie. Hy het versoek dat die volk hulself moes afvra of die toestand so gesond is dat hulle 'n meerderheid by die stembus sou kry. Sy wrekroep was dat indien hulle wou slaag elkeen sy plig moes doen en nie vreemde gode dien nie.<sup>280</sup>

Kemp het Britse Imperialisme weer aangeval en op 9 Oktober 1942 te Delmas het hy daarop gewys dat die groot vyand van die Afrikaner nog steeds die Britse Imperialisme is. Hy het gesê dat die Brit hom nog steeds daarop toegelê om te verdeel en te heers en dat as die Britte nie Smuts in die Unie gehad het nie, sou Suid-Afrika nooit in die oorlog betrokke gewees het nie, omdat die Afrikaner dan solled bymekaar sou gestaan het.<sup>281</sup> Hy het gewaarsku dat indien die Herenigde Nasionale Party aan bewind sou kom, hy sou sorg dat die oorlogsofstokers van daardie tyd genoegsaam belas word, sodat die oorlogskuld betaal kon word.<sup>282</sup>

Te Amalia op 12 Oktober 1942, het Kemp gesê dat toe hy op 4 September 1939 gesien het dat Smuts hom bedrieg, hy hom na die volk gekeer het. Hy het voorts gesê dat hy nie hoogmoedig was nie, dat die Afrikanervolk hom aangeneem en daar geplaas het as een van die leiers. Hy het gesê dat hy in 1943 'n verkiesing verwag en dat hulle Afrikaners wil wees met 'n vrye republiek en wat onder geen vreemde heerskappy sou staan nie. Hy het gesê dat Duitsland geveg het vir sy eie nasie en dat die Afrikaners sou veg tot dat hulle die oorwinning behaal het. Weer eens het hy beklemtoon dat die tye van die 1914-

---

<sup>278</sup> Die Burger, 6.10.1942.

<sup>279</sup> Ibid.

<sup>280</sup> Ibid.

<sup>281</sup> Die Transvaler, 12.10.1942.

<sup>282</sup> Ibid.

Rebellie verby Is, en dat hy in 1914 'n vrywillige poging aangewend het. Volgens hom moes die Nasionale Party sorg dat hy die Regeringslelsels in die hande kry.<sup>283</sup>

Veroordelend teenoor die Britse Ryk, het Kemp op 12 November 1942 te Leeufontein verklaar dat dit die Herenigde Nasionale Party se standpunt was dat dit na afloop van die oorlog ten gronde sou gaan en hulle dus die stryd moet voorsit - wat ookal die afloop van die oorlog - totdat die einddoel bereik is, naamlik 'n vrye, onafhanklike Boererepubliek.<sup>284</sup> Hy het 'n beroep gedoen op die Afrikanervolk om saam te staan en gewaarsku teen verdeeldheid. Hy het gesê dat as die volk eers sy eindbestemming, 'n republiek, verwesenlik het, dan het dié mense die geleentheid om deur middel van stemreg en van kongresse die nodige veranderinge aan te bring.<sup>285</sup> Kemp se vertroue in die volkswil - demokrasie - word hier weerspieël.

Kemp het op 14 November 1942 te Lydenburg gesê dat nasionalisme nooit kan sterf nie. Volgens hom het die Britse Imperialisme vir meer as honderd jaar gepoog om die Boer se siel en sy nasionale strewes dood te maak, maar het hy verklaar dat hulle nie daarin sou slaag nie. "In 1902 moes die Boer die wapens neerlê. In 1914 was die teenstand maar swak. In 1939 kon die Veldmaarskalk siegs 'n meerderheid van 13 in die Volksraad kry. Ek sê u dit is die laaste oorlog waarin die Boerevolk gesleep sal word. As ons net saamstaan en hart en siel veg, is ons republiek wat vinnig naderkom gewis,"<sup>286</sup> het Kemp onder groot toejuiging gesê.

'n Oproep tot eenheid is deur Kemp op 31 Desember 1942 te Volksrust gedoen. Hy het gesê dat die stryd vir die republiek baie van die Boerevolk geëis het, maar dat hulle as sou saamstaan en al hulle krag saamsnoer, sou hulle oorwin.<sup>287</sup> Volgens hom was daar baie Afrikaners wat hulself republikeine genoem het, maar wat moeg en moedeloos geword, nie meer stry en op die ashoop gaan sit het met die salige hoop dat die republiek vir hulle uit die buiteland op 'n skinkbord aangedra sal word. Ander Afrikaners sit weer op die draad, terwyl nog 'n groep met Afrikanerbloed in hul are, heeltemal verdwaal het in die kamp van die vyand nou met een voet in Londen en met die ander voet in Suid-

<sup>283</sup> *Ibid.*, 16.10.1942.

<sup>284</sup> *Ibid.*, 13.11.1942.

<sup>285</sup> *Ibid.*

<sup>286</sup> *Ibid.*, 16.11.1942.

<sup>287</sup> *Ibid.*, 6.1.1943.

Afrika staan, het hy beweer.<sup>288</sup> Hy het gesê dat die Herenigde Nasionale Party die stryd met alle mag voortsit, aangesien hy nie kon sien hoe die republiek uit die vreemde na hulle gebring sou word nie. Hy het op elke republikeinsgesinde Afrikaner 'n beroep gedoen om sy skouer agter die Herenigde Nasionale Party te sit, dan sou daar geen twyfel gewees het oor die 1943-verkiesing se uitslag nie. Volgens hom was die Herenigde Nasionale Party die enigste uitgesproke republikeinseparty en dat dit die party is wat die stryd van hul voorvaders voortsit.<sup>289</sup> Hy het gesê dat deur op die ashoop te gaan sit en die stryd te staak, was om verraad te ploeg teenoor die volksverlede. Volgens hom kon die stryd op verskillende wyses voortgesit word, byvoorbeeld op ekonomiese front was die stryd ten volle aan die gang. Hy het hulle gevra of hulle langer onder die Britse Juk gebuk wou gaan?<sup>290</sup>

Nasionalisme of imperialisme in Suid-Afrika is op 4 Maart 1944 in die Stadsaal van Johannesburg, deur Kemp voorgelê as die enigste pad in Suid-Afrika. Hy het gesê dat hulle wat die pad nasionalisme bewandel, "stam van die beste bloed van die Geuse en Hugenote af en is tans in die middel van een van die bitterste stryde om onselfbehoud gewikkel, maar so seker as wat daar 'n son op Afrikaanse bodem skyn sal die pad, na 'n vrye, onafhanklike republiek lei."<sup>291</sup>

In hul Kers- en Nuwejaarsboodskap aan die einde van 1944 het Strijdom en Kemp gesê dat die volk besig was om uit sy môre slaap te ontwaak en dat die vloedgolf van menig besig was om teen die Regering te swaal. Dit het die Nasionale stroom van die party verdiep en verbreed, met sy vaste koers na 'n Christelik-nasionale Republiek én met die oorwinning reeds in sig.<sup>292</sup>

Onafhanklikheid en republikaansme was ingebore karaktertrekke van Kemp en hy sou onverpoosd enige stelsel of persoon wat in die pad daarvan staan aanval. Dit is ook daarom dat hy hom so tuisgevoel het in die Herenigde Nasionale Party en die Program van Beginsels so vuriglik ondersteun het. Hy sou enduit stry om soos hy dit gestel het, binne 'n republiek te sterf. J.G. Strijdom het op 18 Januarie 1947 in die Volksraad, tydens 'n mosie van roubeklag met Kemp se afsterwe, gesê dat hy een van die grootste

---

<sup>288</sup> *Ibid.*

<sup>289</sup> *Ibid.*

<sup>290</sup> *Ibid.*

<sup>291</sup> *Ibid.*, 6.3.1944.

<sup>292</sup> *Ibid.*, 21.12.1944.

vegters vir die vryheid van Suid-Afrika was.<sup>293</sup> Mev. V.M.L. Ballinger, Naturelle Verteenwoordiger (sic) Volksraadslid vir die Oostelike Provinsie, het gesê dat hy die verpersoonliking was van die moed waarmee Suid-Afrika, na die lig wat hy gehad het in sy handelinge die ideale van vryheid benader het.<sup>294</sup> Hy het fisleke en morele moed besit wat niemand kon betwyfel nie en vir sy volk se toekoms sou hy kragtig, reguit en vasberade stry.

#### 9.7 Kemp se deelname aan sy laaste algemene verkiesing - 1943

Tydens die Herenigde Nasionale Party se Transvaalsekongres in Pretoria, het Kemp op 17 September 1942 gesê dat daar 'n algemene verkiesing aan die kom was en dat Smuts reeds begin sidder het. Volgens Kemp het Smuts vir demokrasie geveg, maar dat een van sy ministers verklaar het dat Indien hulle die verkiesing sou verloor, hulle nie die Regering sou oor gee nie.<sup>295</sup> "Ons daag hulle om so gou as moontlik te kom met die verkiesing en ons sal hulle wys dat die mure van die huls van Jan Smuts besig is om in een te stort,"<sup>296</sup> het hy verklaar.

Met verwysing na die algemene verkiesing wat in 1943 sou plaasvind, het Kemp op 12 Oktober 1942 te Amalla gemaan dat die kiesers gedurende die volgende jaar die geleentheid sou kry om uitspraak te lewer. Hy het weer eens daarna verwys dat Reitz verklaar het dat hulle nie die Regering sou oorgegee het as die Nasionale Party aan bewind sou kom nie. Strydlustig het hy verklaar dat wanneer die Nasionale Party uitspraak gegee het, sou hulle die Regering moes oorgee, want anders is hulle rebelle.<sup>297</sup> Op 30 Oktober 1942 tydens 'n Herenigde Nasionale Party stryddag van die Mountain View-tak, het Kemp beklemtoon dat die Regering vernietig moes word. Volgens hom moes die toekoms van die land, "ja, selfs die bestaan van Afrikaner moet versaker word en dit alleen kan gebeur as die Herenigde Nasionale Party die verkiesing wen."<sup>298</sup> Tydens die Vrystaatse Herenigde Nasionale Partykongres op 3 November 1942, het Kemp gesê dat die Afrikaners die volgende jaar se algemene verkiesing moes wen, om sodoende te red wat daar nog te red was en om te verhoed dat nog meer Afrikanerbloed

<sup>293</sup> Debate van die Volksraad, 18.1.1947, kolom 11092.

<sup>294</sup> Ibid., kolom 11090.

<sup>295</sup> Die Transvaler, 18.9.1942.

<sup>296</sup> Ibid.

<sup>297</sup> Die Burger, 13.10.1942.

<sup>298</sup> Die Transvaler, 2.11.1942.

vir die Empire verspil word. Gevolglik het hy 'n beroep op die Afrikaners gedoen om verenig te staan.<sup>299</sup>

Te Volksrust op 31 Desember 1942 het Kemp die Afrikaner aangemoedig om te organiseer vir die jaar 1943. Hy het versoek dat in elke klesafdeling elke republikeinsegesinde Afrikaner ingespan moet word, sodat daar nie een stem verlore sou gaan nie. Hy het almal aangespoor om skouer aan die wiel te sit.<sup>300</sup> Volgens hom sou die "Britse Veldmaarskalk"<sup>301</sup> wat op daardie stadium aan bewind was, nie die Boerevolk onverhoeds vang indien hy 'n verkiesing sou uitskrif nie. "Die kruis en geweer en silwer koeëls moet dus gereed gehou word," het hy gesê.<sup>302</sup> Hy het 'n waarskuwing aan die Nasionaliste gerig om hulle geleedere te sluit sodra hul kandidate genomineer het - daar moes geen verdeeldheid wees nie. "Hou die hande van u leiers op soos Aäron en Hur; pak die stryd met mening aan, gee u tyd, u krag en geldelike bydraes: welfel nie meer nie, maar stry, want u volk, u taal, u land - u verlede, maar bowenal u toekoms is dit werd,"<sup>303</sup> het hy gesê.

In 'n plegtige versoek aan elke Afrikaner het Kemp op 5 Februarie 1943 te Piketberg, Afrikaners aangespreek om tuis te voel by hul eie mense en diegene wat op afdwaal paale is, gevra om terug te keer na die hart van die Afrikanernasie.<sup>304</sup> Hy het voorts gesê dat die verkiesing miskien baie nader is as wat hulle dink. Hy het gewaarsku teen 'n moontlike nuwe gees in die verkiesing, naamlik die stel van onafhanklikes as kandidate en die hoop uitgespreek dat niemand sou stem vir sulke kandidate nie. "As daar in hierdie verkiesing 'n derde man op die spel kom, moet ons dink aan die Britsebeleid van verdeel en heers,"<sup>305</sup> het hy verklaar.

Met verwysing na die kommunistiese gevaar in die land het hy op 25 Junie 1943 te Losberg-klesafdeling (Fochville), gesê dat die kommunisme aandrang op gelyke regte en indien hulle sou slaag die toekoms van die Blankes in die land gedoem was. Volgens hom het mnr. Collin Steyn die Kommunistiese Party as 'n wettige organisasie erken en dat dié party in die verkiesing 'n aantal kandidate sou stel. "Dit alles dui op 'n gevaartoestand

<sup>299</sup> Die Burger, 4.11.1942.

<sup>300</sup> Die Transvaler, 6.1.1943.

<sup>301</sup> Ibid.

<sup>302</sup> Ibid.

<sup>303</sup> Ibid.

<sup>304</sup> Die Burger, 8.2.1943.

<sup>305</sup> Ibid.

In ons land. Dit is 'n plig om as Afrikaners 'n einde te maak aan die bewind van veldmaarskalk Smuts,"<sup>306</sup> was sy wekreop. Hy het ook verwys na die onbillike wyse waarop Afrikanerseuns sonder verhoor geïnterneer word en die onbillike behandeling wat hulle in die kampe ontvang. Hy het versoek dat die Afrikaner op 7 Julie 1943 hul stem teen Smuts moes uitbring, om sodoende dié mense op vrye voet te sit.<sup>307</sup> Volgens hom het Smuts 'n mandaat van die volk versoek om oorlog buite die grense van Suid-Afrika voort te sit. Hy het gesê dat Indien Smuts herkies word, niks hom dan sou verhinder om die jong seuns op te kommandeer om in Europa die oorlog voort te sit nie.<sup>308</sup>

Op 26 Junie 1943 te Brits het Kemp gesê dat hy bly is om te sien dat daar min mense was wat die knie voor Baäl bulg. Hy het gewaarsku dat die groot Bloedrivier in Suid-Afrika voorlê Indien hulle sou toelaat dat die Blanke verder verneder word. Hy het daarop gewys dat die wapens van die Blankes weggeeneem is en aan die Swartes gegee word. Hy het weer eens na die kommunistiese gevaar verwys. Hy het die kiesers versoek om op 7 Julie 1943 te stem teen die bestaande geldvermorsing, bloedvergieting, interneringskampe en kommunisme en vir 'n Blanke Suid-Afrika.<sup>309</sup> Voorts het hy gewys op die gevare Indien Smuts die verkiesing sou wen en hy daarin sou slaag om Noord- en Suid Rhodesië (tans Zimbabwe en Zambië) by die Unie in te lyf. Hy was van mening dat dit vir die Afrikaner net nadellige gevolge kon inhou, naamlik 'n getalle oorwig van Engelssprekendes en 'n Swartgevaar.<sup>310</sup> Hy het uitgewel oor die sogenaamde Eenheidskandidate en het in die verband verklaar: "Die Herenigde Nasionale Party gaan net op die Pad van Suid-Afrika voort."<sup>311</sup> Volgens hom was daar mense soos wolwe in skaapsklere wat hulle voordoen as eenheidskandidate wat die volk wou verenig. Hy het gesê dat volkseenheid by Monumentkoppie bewerkstellig was en dat die Herenigde Nasionale Party nie links of regs afgewyk het van daardie pad nie. "Die Herenigde Nasionale Party het nog n iemand weggejaag nie en hy staan nog by die Gelofte van Monumentkoppie,"<sup>312</sup> het hy verklaar. Vervolgens het Kemp hom tot die Eenheidskandidaat in Brits, Jan Grobler, gewond en gemeld dat toe hy sy boesemvriend, Piet Grobler, kort voor sy dood gesien het, hy aan hom gevra het of hy dan nie 'n plan met sy seun en sy vreemde ideologie kon gemaak nie. Kemp het gesê dat Piet Grobler se antwoord aan hom was dat hy alles in sy vermoë

<sup>306</sup> Die Transvaler, 26.6.1943.

<sup>307</sup> Ibid.

<sup>308</sup> Ibid.

<sup>309</sup> Ibid., 28.6.1943.

<sup>310</sup> Ibid.

<sup>311</sup> Ibid.

<sup>312</sup> Ibid.

gedoen het, dog sonder sukses. Sy woorde was: "Laat hom maar sy kop stamp en dit goed stamp, dan sal hy miskien regkom."<sup>313</sup>

In 'n wekroep aan die Afrikaners deur Kemp op 29 Junie 1943 te Klipkoppies in Pretoria, het hy gesê dat die Afrikaner weler om hul lewens op te offer vir die Britse "Empire", wat sy land verwoes en sy vryheid beroof. Hy het verder verklaar dat dit die plig van al die Afrikaners is om in die krisissuur hulle geleedere te sluit en op 7 Julie 1943 hul stem vir die Herenigde Nasionale Party uit te bring. Hy het gemeld dat die onafhanklike en sogenaamde eenheidskandidate in die veld was om die Afrikaner se stem te verdeel en so-doende setels op 'n skinkbord aan Smuts te gee.<sup>314</sup> Hy het 'n beroep op alle Afrikaners gedoen om op 7 Julie 1943 die bergkruln van Amajuba, waar die Britse imperialisme ingegroef is, met die kruisie te bestorm.<sup>315</sup>

Die anti-oorlogpartye het geen verkiesingsooreenkoms getref nie, hoewel daar same-sprekings oor die aangeleenthed tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty was, kon hulle tot 'n ooreenkoms kom nie. Die rede was naamlik enersyds dat die Afrikanerparty te veel setels wou hê en andersyds soos K.A. Heard dit stel was Malan net nie geïnteresseerd daarin nie.<sup>316</sup>

Die Verenigde Party het 'n konserwatiewe standpunt ingeneem en spesifiek gevra dat die kiesers dié party op sy tradisionele agtergrond moes beoordeel. Hoewel die party sekerere beloftes gemaak het van maatskaplike - en ekonomiese hervormings in die toekomst, was die leiers van die party volgens Hawarden genêg, "(to) seek only to avoid change and conflict, and to maintain as far as possible the existing state of things which has, on the whole, been very comfortable for the economic groups supporting the party." Die Herenigde Nasionale Party aan die anderkant het "the most concrete and progressive statement of economic aims."<sup>317</sup>

Die 1943-verkiesing was 'n oorlogverkiesing. Die dominerende vraagstuk was oorlog of vrede. Die gebeure van 6 September 1939 was steeds nog sluimerend, aangesien Smuts

<sup>313</sup> *Ibid.*, Jan Grobler het as Eenheidskandidaat die HNP geopioneer.

<sup>314</sup> *Ibid.*, 30.6.1943; P.W. Coetzer (red.), Deel 5, p.200.

<sup>315</sup> *Ibid.*

<sup>316</sup> K.A. Heard, *Voting trends in South Africa as Revealed in recent General Elections and the 1960 Referendum and their implications for the Theory of Representation*, pp.84-85.

<sup>317</sup> E. Hawarden, *The Poverty of South African Politics*, *Common Sense*, August 1943, p.9.

die kiesers versoek het om sy optredes goed te keur, 'n verdere mandaat vir oorlogsdeelname te gee en om die Regering se hand te sterk in die beoogde vredesonderhandelinge wat sou kom.

Duisende kiesers was buite die grense van Suid-Afrika, nadat hulle die Rooi Eed afgelê en in die oorlog gaan veg het. Dié soldatestem het dan ook 'n belangrike rol gespeel, in wat na verwys was as die Kakieverkiezing. 'n Nuwe golf van vertroue in die Regering het gevolg, nie slegs by die troepe nie, maar ook by die gewone kieser. Dit het die Regering bevoordeel.

Die Herenigde Nasionale Party het geargumenteer dat Suid-Afrika se deelname in die oorlog teen die belange van die inwoners van Suid-Afrika indruis. Volgens hulle was die enigste manier om insluiting in Engeland se oorloë te verhoed, om 'n onafhanklike republiek te verklaar en daarvoor het hulle 'n mandaat van die kiesers gesoek. Maar met 'n oorwinning vir die Geallieerde magte in sig was hierdie argument van die tafel gevee deur emosionele opwelling.

Die finale verkiesingsuitslag was soos volg<sup>318</sup>:

Stand van Partye volgens setels:

	<u>KAAP</u>	<u>TVL.</u>	<u>OVS</u>	<u>NATAL</u>	<u>TOTAAL.</u>
HNP	19	11	13	0	43
VP	35	47	1	6	89
Dom. P.	1	0	0	6	7
Arbelders	1	6	0	2	9
Kommunistiese Party	0	0	0	0	0
Onafhanklikes	0	0	0	2	2
<u>TOTAAL</u>	56	64	14	16	150

Die uitslag van die algemene verkiesing van 1943 was 'n groot oorwinning vir Smuts en die Verenigde Party, maar indien dit van nader ondersoek word bring dit aan die lig dat die aantal setels nie verteenwoordigend was van elke party se stem sterkte nie. Hoewel Malan se Herenigde Nasionale Party wat setels betref, nie so goed gevaar het nie, het die groot toename van die party se ondersteuning in die Transvaal, veral op die Witwatersrand, gedui op 'n groot gevaar vir die Verenigde Party. 'n Ander baie belangrike faktor wat uit die ontleding na vore gekom het, was dat die Herenigde Nasionale Party

<sup>318</sup> P.W. Coetzee (red.), Deel 5, p.235.

daarin geslaag het om alle kleiner partye heeltemal in die verkiesing te elimineer en gevolglik die enigste Opposisieparty in die Volksraad uit te maak.<sup>319</sup>

Dit is heel duidelik dat ten spyte van die Regeringsparty se groot oorwinning, hy nie gerus kon wees nie. J.L. Gray meld, "the General Election of 1943 is not encouraging to the present Government of the United Party."<sup>320</sup> Eleanor Hawarden het beweer dat die Verenigde Party se "successes at the election are in no sense an expression of confidence in its past record, or its present programme" en dit toegeskryf aan die verdeelde opposisie en die oorlogstoestand.<sup>321</sup> Faktore soos die abnormale oorlogstoestand, die Kleurling en soldatestem, die verdeeldheid in Opposisiegeledere en die wegby stem wat tot die kunsmatige uitslag gelei het, het aan die Verenigde Party 'n waanbeeld van sy werklike steun onder die kieserskorps gegee.<sup>322</sup> Die Herenigde Nasionale Party se tydskrif Die Kruithoring het die Verenigde Party se sukses toegeskryf aan die kakle-verkiesing wat gevoer was en die ekonomiese motiewe wat hy tienduisende kiesers 'n rol gespeel het.<sup>323</sup>

Die Transvaler het op 4 Augustus 1943 'n beroep van die leiers van die Herenigde Nasionale Party tot die stryd wat nog voorlê, gepubliseer. Volgens die berig het hulle die Afrikaners bedank vir hul ondersteuning, werk en opoffering. Hulle het die volk aangespoor tot koersvastheid, diens, opoffering en geloofsvertroue en verder gemeld, "U kruisies - u bakenklippe staan geplant op die Pad van Suid-Afrika en u nageslag sal altyd met trots en dankbaarheid terugkyk na hierdie volksdaad."<sup>324</sup> "Strijdom en Kemp, Transvaalseleiers van die Herenigde Nasionale Party, was niteenstaande die swak verkiesingsuitslag in die Transvaal, vol moed oor die party se "pragtige groei en frisheid."<sup>325</sup> Voorts het hulle gewys op die aantal stemme wat die Herenigde Nasionale Party op hom verenig het, 131 645. Volgens hulle het dit 'n kragtige groei aangedui. Hulle het die Herenigde Nasionale Party as die Afrikaner se doeltreffendste wapen bestempel - "daarom het ons die vrymoedigheid om alle Afrikaners tot die stryd op te roep."<sup>326</sup>

<sup>319</sup> J.M. van den Heever, p.107.

<sup>320</sup> J.L. Gray, How the Nation voted, Common Sense, August 1943, p.8.

<sup>321</sup> E. Hawarden, pp.9-10.

<sup>322</sup> P.W. Coetzer (red.), Deel 5, p.244.

<sup>323</sup> Die Kruithoring, 4.8.1943.

<sup>324</sup> Die Transvaler, 4.8.1943.

<sup>325</sup> P.W. Coetzer, Deel 5, p.252.

<sup>326</sup> Ibid.

Kemp het op 5 Oktober 1943 te Lichtenburg verklaar dat die Afrikanervolk sy eenheid gevind het. Volgens hom het die volk geen sypaadjies geduld en was nie gediend met volksverdelers nie. Kemp was van mening die volk die Herenigde Nasionale Party as ymondstuk gesien het en dat die Afrikanervolk sy geleedere op daardie tydstop gesluit het. Voorts het hy gesê dat die Herenigde Nasionale Party getoon het dat hy die enigste party was wat imperlalisme kon beveg.<sup>327</sup>

Gedurende die 1943 - verklesng het Afrikanernasionalisme beslis 'n rol gespeel. Baie Afrikaners het gevoel dat hulle geestesgoedere bedreig word en dat hulle vir die behoud daarvan moes veg. Die Regering het nie die erns daarvan besef nie en dit is as pro-Duitse verset geëvalueer. Vanselfsprekend het die Herenigde Nasionale Party hierdie gevoel probeer monster en het hul lelers, soos onder ander Kemp, Afrikaners opgeroep om hul nasionalisme by die stembus te demonstreer.

#### 9.8 Landbou - Kemp val die Regering aan

'n Ander faktor waar die wysheid van Jan Kemp duidelik na vore gekom het was in sy toespraak op 6 April 1940 te Riebesk-Wes, waartydens hy gewys het op die benarde posisie waarin die boere verkeer het. Hy het uitgewys dat op byna elke plaas 'n verband geregistreer was en dat Indien daar nie gehelp sou word nie sou 75% van die boere ondergaan. "As die Regering £14 miljoen per Jaar vir die Poolse oorlog kan gee, kan hy ten minste £3 miljoen per jaar gee om die boere te help,"<sup>328</sup> het hy gesê. Hy het na die verarming van die boerdery tydens die Anglo-Boereoorlog verwys en gesê dat baie van die boere sedertdien nog nie weer op hul voete gekom het nie. Toe het die Wêreldoorlog gekom wat verarming nog verder aangehelp het. Hy het aan die hand gedoen dat boere jaarliks twee persent en die Regering drie persent op hul plaasverbande moes afbetaal. "Dit sal beteken dat hulle oor 30 Jaar weer baas van hul plase sal wees,"<sup>329</sup> het hy be-  
toog.

Tydens 'n debat in die Volksraad op 3 Februarie 1942, het Kemp gepleit dat die Regering 'n meer simpatieke behandeling van die landbou moes toepas. Hy het gewys op al die teësopod wat die boere ervaar het, soos droogtes, ruspes, ens. en dat hulle die vorl-

<sup>327</sup> Die Transvaler, 6.10.1943.

<sup>328</sup> Die Burger, 8.4.1940.

<sup>329</sup> Ibid.; Die Vaderland, 7.9.1933, in 1933 het die Van der Horstplan 'n soortgelyke voorstel ter tafel gelê vir hulp aan boere - iets waarteen Kemp destyds gekant was.

ge jaar bale swaar gekry het. Daarom kon hy hom nie vereensewig het met die Eerste Minister se boodskap aan die volk, naamlik dat die boere 'n goeie tyd tegemoet gaan.<sup>330</sup> Hy het daarop gewys dat die beheerrade oor die verskillende produkte mistuk het, omdat hulle volgens hom verkeerd saamgestel was. "Geen boer sal in 'n raad wat beheer oor handelaars moet uitoefen aangestel word nie en tog word handelaars aangestel om beheer oor die boer se produkte uit te oefen,"<sup>331</sup> het hy gesê. Hy het die voorbeeld genoem van die wynbouersvereniging wat self die pryse van die produkte van die wynboer beheer, en dit om dat die betrokke vereniging uitsluitend uit wynboere bestaan het.

In verband met die koringboerdery het hy gesê dat die ou Nasionale regering 'n beleid van beskerming gevolg het, naamlik dat geen Ingevoerde koring kan teen 'n hoër prys verkoop word as die plaaslik verboude produk nie. Volgens hom het 'n Koringkommissie van Ondersoek na die koringbedryf, aanbeveel dat in sekere gebiede die boere moes oorslaan na ander soort boerdery. Hy het gevra hoe boere dit moes doen aangesien dit onmoontlik was om oornag van een boerderybedryf na 'n ander oor te slaan?<sup>332</sup> Hoe onsimpatiek die Regering teenoor die boerdery gestaan het, was volgens hom bewys deur die wyse waarop hulle Ingegryp het om die aartappelprys af te dwing.<sup>333</sup>

Op 8 Februarie 1944 het Kemp in die Volksraad tydens 'n debat oor die landboubeleid gesê dat dit nie baat om met allerfel mool planne te kom sonder voorsiening te maak vir 'n hoeksteen nie en hy het die koudheid by die Regering rakende boerderybelange betreur. Kemp het 'n Opposisievoorstel Ingedien met die oog op die ernstige moelikhede wat die landbou bedreig, weens die gebrek aan 'n vooruitstrewende landboubeleid. Hy het voorstelle aan die hand gedoen om die landbou op 'n gesonde grondslag te laat opeer: "...tensy die landbou op 'n bale gesonde beleid berus jy geen tevrede landbou bevolking kan hê nie, en nie alleen 'n tevrede landboubevolking nie, maar die ander dele van die bevolking ly almal, wanneer die landbou ly."<sup>334</sup>

Sy Jarelange ervaring en kennis van die landbou, toe hy minister van Landbou was, het hom by uitstek 'n kenner van landbou en landboutoestande in Suid-Afrika gemaak. Tensame hiermee was hy nog steeds 'n sterk voorstander van verbetering van die boerdery-

<sup>330</sup> Debatte van die Volksraad, 3.2.1946, kolomme 1350-1361; Die Transvaler, 4.2.1942.

<sup>331</sup> Ibid.

<sup>332</sup> Ibid.

<sup>333</sup> Ibid.

<sup>334</sup> Ibid., 8.2.1944, kolom 766.

gemeenskap se lewensomstandighede. Hy het gepleit vir 'n behoorlike prysvasstellingsbeleid, 'n hersiene bemarkingstelsel, doeltreffende bestryding van landbouplae en grondverspoeling, en vir algemene beveiliging van die boer in sy bedryf. Kemp het versoek dat die hele bemarkingstelsel hersien moes word en waar nodig in groter stede koelkamers en depots vir bepaalde produkte in te rig.<sup>335</sup> Hy het dit noodsaaklik geag dat fabriek opgerig word om die oorskot produkte te verwerk of te bewaar. Hy het gesê dat sulke produkte dan in 'n sekere mate gebruik kan word vir die ondervoede bevolkingsdele, of vir uitvoer, in stede daarvan om dit te laat lê en vrot.<sup>336</sup> Een van die sake waarop hy nadruk gelê het was die kwessie van beheer: "Ons het drie soorte van beheer in verband met landbouprodukte. Die eerste is beheer deur die rade; die tweede is beheer deur middel van noodregulasies; en die derde beleid van laat Godswater maar oor Godsakker loop - die idee van vraag en aanbod."<sup>337</sup> Volgens hom het die boere doeltreffende rade verlang, wat beheer oor die boere se produkte kon uitoefen. Hy het voorts gesê dat dit ongewens was dat buitelanders die beheer moes toepas en produsente geen seggenskap het oor die prys van sy eie produkte nie. "Boere word nie in die Kamer van Mynwese of in die Kamer van Koophandel aangestel nie. Maar wanneer plaasprodukte op die spel is, is daar 'n menigte mense wat geen belang by die landboubedryf het nie, wat hul neuse in die sake van die boer kom insteek en vir hulle sê wat die pryse van hul produkte moet wees,<sup>338</sup> het hy gesê. Volgens hom het die boere, wat die land moes voed, geldelik op die laagste trap gestaan.<sup>339</sup>

Die Begrotingspos Landbou was op 27 Maart 1942 deur die Volksraad in die Begrotingskomitee bespreek. Die vernaamste aanval het onder andere van Kemp gekom. Hy het gesê dat die Minister moet ophou met sy "speldeprikke".<sup>340</sup> Hy het met groot nadruk verklaar dat produksie sonder arbeidskragte onmoontlik is en indien die Regering nie gou sou optree nie kon daar geen sukses op sy produksievelddtog verwag word nie. Hy het onder andere verwys na die voorneme van die Minister van Naturellesake (sic) om die paswette af te skaf en gesê dat so 'n stap sou noodlottig wees, vir sover dit die arbeidskragte op die plase betref.<sup>341</sup>

<sup>335</sup> *Ibid.*, Die Burger, 9.2.1944.

<sup>336</sup> *Ibid.*, Die Transvaler, 9.2.1944.

<sup>337</sup> *Ibid.*, 8.2.1944, kolom 767.

<sup>338</sup> *Ibid.*, Die Burger, 9.2.1944.

<sup>339</sup> *Ibid.*

<sup>340</sup> Die Transvaler, 28.3.1942; Debatte van die Volksraad, 27.3.1942, kolom 4726.

<sup>341</sup> Debatte van die Volksraad, 27.3.1942, kolom 4727.

Die Burger berig op 17 April 1944 dat 'n parlementêre boeregroep van die Herenigde Nasionale Party, onderleiding van Kemp, die vorige week 'n onderhoud met die Minister van Naturellesake (sic), maj. Plet van der Byl, gehad het om sy samewerking te verkry in verband met planne om die arbeidsvraagstuk van die boere te verlig. Die boeregroep het voorgestel dat kampe vir krygsgevangenes oor die hele land versprei word, sodat die krygsgevangenes behulpsaam kon wees met die Insameling van die melle-oes. Die bedoeling was ook dat die gevangenes in groepe rondgestuur kon word om die boere behulpsaam te wees op die plase.<sup>342</sup> Min. van der Bijl het die Premier oor die saak gespreek en daar is besluit dat die saak merlete het en is planne beraam om die voorstel te implementeer. Die boeregroep het ook voorgestel dat die Regering moes afsien van die £5 deposito wat van boere geëis was voordat hy krygsgevangenes kon kry. Verder is versoek dat wat die fynere beplanning betref dit aan plaaslike koöperasies en boerverenigings gelaat word.<sup>343</sup> Die Minister van Naturelle (sic) is versoek om reëlings te tref dat die Naturelle-kommisaris (sic) as hoofde van depots aangewys word waar boere Swartarbeiders kon kry. Die boeregroep het gemeen dat die toestroming van Swartes na die stede langs die weg gestult kon word en dat die boere terselfdertyd aan werkvolk gehelp kon word. Die Minister was die saak goedgesind. Ook was voorgestel dat die Departement van Justisie beweegbare tronke moes aanhou, sodat melleboere ook die hulp van gevangenes kon verkry indien daar oesters benodig was.<sup>344</sup> Hierdie voorstel is tot praktiese toepassing gebring en het die krygsgevangenes op plase gaan werk.

Die omvang van die Regering se staatsboerdery is deur Kemp op 26 Mei 1944 in die Volksraad onder die vergrootglas geplaas. Hy het kritiek uitgespreek en voorbeelde gegee van gelde wat bestee sou word by verskillende plekke, byvoorbeeld Olifantsrivier £500, Oranjerivier £15 000, Vaalharts £25 500, Loskop £22 000, Rietrivier £23 500 en Pongola £40 000. 'n Totale bedrag vir die jaar van £126 100. Hy het gevra of Suid-Afrika 'n kommunistiese staat sou word? Volgens hom het die mededinging 'n ernstige saak geword vir die boere en dat dit aan die toeneem was.<sup>345</sup>

Een van die beskrywingspunte wat deur die Transvaalse Herenigde Nasionale Partykongres van Hoofbestuur verwys en finaal op 14 November 1945 afgehandel is, was die voorsiening van trekkers aan die boere. Kemp het voorgestel dat 'n brief gerig moes

<sup>342</sup> Die Burger, 17.4.1944.

<sup>343</sup> Ibid.

<sup>344</sup> Ibid.

<sup>345</sup> Die Transvaler, 27.5.1944; Debatte van die Volksraad, 26.5.1944, kolom 8506.

word aan die Eerste Minister waarin hy versoek word om onmiddellik trekkers te voorsien aan die boere, aangesien die trekkere as gevolg van die droogte baie maer is. Indien daar nie aan die versoek voldoen sou word nie, sou die oes vir die komende sesoene swak wees, omdat dit alreeds laat was vir ploeg van lande, die diere swak is en indien die boere op hul osse moes staatmaak, hulle eers weke na die reën sou kon begin ploeg.<sup>346</sup>

In die Volksraad op 23 Januarie 1946 het Kemp in die Volksraad die Minister van Landbou aangespreek oor die koring- en mielieposisie in die land, en gesê dat die Regering agter die droogte skuif, maar dat dit nie voldoende verontskuldiging was nie. Hy was veral gekant teen mielieverskaffing aan die drie protektorate; Swaziland, Betsjoenaland en Basoetoland. Aangesien daar 'n mielie tekort in die land was het hy nie die sin daarin gesien om mielies uit te voer na die Britse kolonies nie. "Laat Engeland sorg dat daar mielies ingevoer word vir daardie gebiede," het hy gesê.<sup>347</sup> Ook het hy in die verband gesê: "Ons eie kaffers (sic) moet doodgaan van honger, terwyl kos gegee word aan kaffers (sic) van Engeland se kolonies."<sup>348</sup>

Die Regering is op 13 Februarie 1946 in die Volksraad, tydens die voortgesette debat oor die Gedeeltelike Begroting, gehêkel deur die Oposisie omdat hy ten einde raad bly klou het aan Oorsese raad - hierdie keer was dit om advies te kry in verband met voedselposisie wat hulle help verbrou het.<sup>349</sup> Kemp het die Minister van Landbou gevra of hy al ooit, in die twee Jaar wat hy minister is, 'n besoek aan 'n enkele droogtegeteisterde distrik gebring het om aan die boere te toon dat hy in hulle belangstel en om te verneem wat hulle behoeftes was? Voorts het hy aan Strauss gevra of hy ooit in die twee Jaar aan die boere die aanmoediging gegee het om te produseer? Kemp het gesê dat hy vrees dat "die Minister sal gemerk staan as die grootste vyand wat die boer nog ooit gehad het."<sup>350</sup> Voorts het hy gesê dat hy 'n ruk van te vore die Minister gevra het om 'n volledige verklaring te doen oor die voedselposisie, maar al wat hy verskaf het was 'n paar losse verklarings. Die gevolg van die nalatige bestuur was dat aansienlike kwantiteite mielies ingevoer moes word. Volgens Kemp het die Minister se swak beplanning in tyd van

<sup>346</sup> E.G. Jansen-versameling, PV 94, Bylaag 1, beskrywingspunte deur die Kongres van Hoofbestuur ver- wys en finaal afgehandel op 14.11.1945.

<sup>347</sup> Debate van die Volksraad, 23.1.1946, kolom 161.

<sup>348</sup> Ibid., kolom 162.

<sup>349</sup> Die Transvaler, 14.2.1946; Debate van die Volksraad, 13.2.1946, kolom 1655.

<sup>350</sup> Debate van die Volksraad, 13.2.1946, kolom 1654; Die Transvaler, 14.2.1946.

droogte bewys dat Suid-Afrika opgesaal is met 'n swak Minister van Landbou. Hy het die Regering se weiering om onbesette grond beskikbaar te stel vir weiding aan beesboere veroordeel.<sup>351</sup>

Met die oog op die verkiesingstryd in Barberton, en Wes-Rand het Kemp en Strijdom, in Die Transvaler van 6 Maart 1946, 'n oproep aan die kiesers gedoen om vir die Herenigde Nasionale Party op 10 April te stem. (Provinsiale Raadsverkiesings) Hulle het gesê dat die Regering moet gevra word om te verklaar of hulle wanbeheer van voedsel goedkeur, of hy die uitvoer van kos nog gaan toelaat terwyl Suid-Afrikaners honger ly en kos ingevoer moes word.<sup>352</sup>

Hy was immers die Minister wat met sy aanstelling in 1924 as Minister van Landbou die landbou administrasie heeltemal hervorm het. Gedurende sy termyn van 11 jaar as minister moes hy ook geweldige probleme die hoof bied soos droogtes en sprinkane. Nie-teenstaande al die probleme was hy hoofsaaklik verantwoordelik vir die vestiging van 'n gesonde landbou-ekonomiese program. Kenner van landbousake het hy na 1935 steeds gebly en gevolglik kon hy as lid van die Oposisie, met gesag praat. Sy deeglikheid het hom instaat gestel om steeds die belange van die boerderygemeenskap voor op te stel en het hy die Regering en sy Minister van Landbou op hul tone gehou.

#### 9.9 Tweetaligheid en terugkerende soldate - Kemp neem standpunt in

Op 15 Mei 1944 het Kemp in die Volksraad die Oposisie se amendementvoorstel verdedig wat tweetaligheid in die staatsdiens as 'n vereiste gestel het, vir aanstelling van terugkerende soldate en werkers. "Ons het die reg om tweetaligheid te vereis in hierdie land. Die tweetalighedsbeleid moet nie net 'n doele letter wees nie"<sup>353</sup> het hy gesê. Hy het die gebruik van tolke bestempel as 'n koste oneffektiewestelsel. Volgens hom het elke Afrikaner die reg gehad om te eis dat die beginsel van tweetaligheid in die praktyk uitgelê word.

Hy het gesê dat hoe meer die Regering probeer om die Afrikaansetaal te vertrap, hoe sterker sou die taal word. Hy het dit as 'n skande beskou dat daar regeringslede was

<sup>351</sup> Ibid; kolomme 1652-1654; Die Burger, 26.2.1946.

<sup>352</sup> Die Transvaler, 6.3.1946.

<sup>353</sup> Debatte van die Volksraad, 15.5.1934, kolom 7514.

wat na 34 jaar nog nie die Afrikaansetaal aangeleer het nie.<sup>354</sup> Ten opsigte van die terugkerende soldate wat werk moes kry, het hy gesê dat nie net een deel van die bevolking voorkeur kon kry nie en daar ook diegene was wat agter gebly het. Volgens hom moes die bekwaamste man die pos kry.<sup>355</sup> Hy het gesê dat daar 'n groot verskil was tussen 'n soldaat wat vir sy land gaan veg het en die een wat vir 'n ander land gaan veg het. Dit was volgens hom onbillik van die Regering om aan die een wat gaan veg het die voorkeur by aanstellings te wou gee. "Ons voel dat waar die private persoon en die soldaat op gelyke voet staan wat die meriete betref, dan moet die Minister grond gee aan beide. Die soldaat moet nie voorgetrek word nie,"<sup>356</sup> het hy gesê.

Die Minister van Landbou is deur Kemp op 27 Mei 1944 in die Volksraad gevra of hy aan die terugkerende soldate grond gaan uitdeel? Hy wou weet of alle aansoeke toegestaan sou word, afgesien daarvan of die applikant vir boerdery geskik was en of hy ondervinding gehad het of nie? Voorts het hy gevra of die Minister sou sorg dat diegene wat nie ondervinding het nie onder toesig geplaas sou word totdat hulle hulself kon help? Hy wou ook weet of dit juis was dat grond ook aan soldate uit die buiteland uitgegee sou word. "Mense wat geen benul van Suid-Afrikaansetoestande het nie, sal aan grond gehelp word, terwyl duisende van ons eie mense vir hulle moet terugstaan," het hy geargumenteer.<sup>357</sup>

Vanaf 1924, met sy aanstelling as Minister van Landbou, later Minister van Lande en nou as Opposisielid, het Kemp 'n regverdigheid openbaar vir gelykberegting van albei landstale in die staatsdepartemente. Sy aanstellingsbeleid was weliswaar by Opposisielede, vanaf 1924 tot 1939, onder verdenking. Stryder vir die Afrikanersprekende en sy taal sou hy endult bly, sowel as die volksele vir elke Suid-Afrikaanse burger, naamlik "Suid-Afrika Eerste!"

### 9.10 Terugblik

Kemp se lojaliteit teenoor Hertzog en sy onblusbare nasionalisme het weer op 4 September 1939 tot sy reg gekom, toe hy weer aan Hertzog se sy gestaan en gestem het vir die mosie dat Suid-Afrika neutraal sou bly in die Tweede Wêreldoorlog. Smuts het in die

<sup>354</sup> *Ibid.*

<sup>355</sup> *Ibid.*

<sup>356</sup> *Ibid.*, 27.5.1934, kolomme 8574-8575.

<sup>357</sup> *Ibid.*, 26.5.1944, kolomme 8503-8505; *Die Transvaler*, 27.5.1944.

stemming 'n meerderheid van 13 stemme behaal, naamlik 80 teen 67. Met hierdie meerderheid van stemme het Smuts 'n nuwe regering gevorm en Suid-Afrika tot die oorlog verbind. Kemp het die Smutsvolgelingen en hul Afrikaanssprekende ondersteuners as grotendeels die aan Engeland "geestelik - verslaafde, ontstamde Afrikaners: die produkte van die angliksasleproses wat deur die verfoeilike Britse onderwystelsel op ons afgeforceer is," gesien.<sup>358</sup> Vir hom was die toekoms van die Afrikaners ook, met sulke mense in hul midde, 'n dulster saak. Kemp as gewone Volksraadslid sou nou weer met al sy vermoëns toetree tot die Afrikanernasionals se saak.


In 1940 met die stigting van die Verenigde Nasionale Party word hy en Strijdom gesamentlike leiers in Transvaal. Ten spyte van sy klimmende jare het hy steeds 'n aktiewe parlementêre gebly. Die Hansards van die jare 1940 - 1946 getuig hoe hy die destydse ministers onder hande geneem, toestande in die Departement van Landbou gekritiseer en oor die ontevredenheid in die spoorwegdiens gepraat het. Gedurende die oorlogsjare bepleit hy steeds 'n beleid van neutraliteit en 'n republikeinse regeringsvorm in Suid-Afrika, hoewel hy dikwels waarsku teen 'n beleid van geweld om hierdie ideaal te verwezenlik. Hy het die Verenigde Party en Smuts nooit vergewe vir die gebeure op 4 September 1939, en sou hy met alle mag en krag van die woord hulle veroordeel.

Na sy vrou se dood in Maart 1941 verswak sy gesondheid, wat reeds nie goed was nie, verder. Hy bly egter aktief in die Parlement en op partyvlak werk hy besonder hard. Hy was steeds 'n voorstander van Afrikanereenheid en kon hom nooit vereenselwig met die versplintering in hul geledere nie. Hy het enige persoon wat die partygeledere bedreig het veroordeel. Volgens hom was daar net een ding om te doen, en dit was om te volhard met die stryd van die Afrikaner en Afrikanernasionalsme. Hy het sy volk aangespoor tot groter opoffering terwille van die ideaal waarvoor hulle geveg het.

Die heerlike uiteinde van 'n republikeinse staatsvorm sou hy nie belewe nie, maar hy het die boustene in die republikeinse gebou help inmessel. Op 31 Desember 1946 sou hy sterf onder "vreemde heerskappy" en onder 'n "vreemde vlag" - iets waarteen hy, sedert sy toetrede tot die Suid-Afrikaanse politiek, "geveg" het.

<sup>358</sup> J.C.G. Kemp, Pad van die Veroweraar, pp.452-453.

'n Boonzaier karikatuur van Jan Kemp.



Bron: F. Wagener - Versameling, Unisa.

## HOOFSTUK 10

### JAN KEMP IN PERSPEKTIEF

Op 7 November 1925 het genl. Kemp 'n vergadering op Nylstroom toegesprek en na afloop daarvan het adv. J.G. Strijdom hom bedank en gesê, "hy is 'pure man'."<sup>1</sup> By sy afsterwe het dr. D.F. Malan gesê dat Kemp se grootste karaktertrek was sy liefde vir sy volk, gepaard met die feit dat hy geen vrees geken het nie en dat hy gevolglik vir die verwesenliking van die hoogste volksideale ook 'n moed aan die dag gelê het en 'n onwrikbare geloof geopenbaar het wat altyd as 'n frisse insprasia gekom het. Hy was die gebore vegter, maar teen niemand was hy ooit haatdraend nie.<sup>2</sup>

Jan Kemp se onwankelbare geloof in die toekoms van sy land het hom onversetlik laat stry - militaris, rebel, landboukundige, politikus - selfs teen die dood. As sinnebeeld van taale volharding en grootmenslike hartstogtelikhed vir verhewe vryheidsideale, sal hy onthou word - as die dapper stryder aan die voorpunt wat met die vurige kruis van vryheidsdrijf tot binne vyandsgeledere gestorm het.

Kemp het as mens daardie ondefinieerbare gawe, wat as persoonlikheid beskryf word, in 'n hoë mate besit. Hy was van middelmatige liggaamsbou, sy voorkoms was nie juis baie indrukwekkend nie, maar 'n mens het by die eerste ontmoeting dadelik gevoel dat jy met iemand te doen het in wie daar groot krag skul - liggaamlik sowel as geestelik.<sup>3</sup>

Hy was een van die prominente persone uit die Transvaalse openbare lewe wat 'n skakel gevorm het met die republikeinse verlede. Hy het teen die einde van die Anglo-Boereoorlog prominent geword, ofskoon hy vroeg na die uitbreek van die vyandelikhede in 'n nouer kring bekendheid verwerf het as 'n dappere en bekwame vegsman, alhoewel hy somtyds 'n bietjie voortvarend was, soos by Roolwal.<sup>4</sup> As Bittereinder verteenwoordig hy die Krugerdorpse kommando by die vredesonderhandelinge op Vereeniging en dring daarop aan dat die oorlog voortgesit moet word. Hy het na die vredesonderhandelinge

<sup>1</sup> Ons Vaderland, 8.11.1925.

<sup>2</sup> A.P.J. van Rensburg, Generaal Jan Kemp, Die Taalgenoot, September 1972, p.22.

<sup>3</sup> Ibid.

<sup>4</sup> Die Volkstem, 2.1.1947.

gegaan met die duidelike opdrag van sy burgers om by onafhanklikheid te staan - hierdie opdrag sou hy stiptelik uitvoer. Hy was van mening dat Indien die Boeremagte saamstaan, hulle onoorwinlik sou wees en Indien hulle die terme aanneem, hul lye en strye en opofferings tevergeefs sou gewees het. Toe die vredessterme uiteindelik tot stemming gebring is, is Jan Kemp een van die ses wat daarteen stem. Hy was onwrikbaar in sy standpunt rakende Afrikanernasionalisme en die behoud van onafhanklikheid - 'n rebel in moed en oortuiging.

Nog voor die aanneming van die Verdedigingswet in 1912 het genl. J.C. Smuts, as Minister van Verdediging in die destydse Botha-kabinet, aan Kemp geskryf dat hy van voorneme was om eertydse offisiere van die Boerekommando's te laat oplei as stafoffisiere vir die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag. Aan die begin van 1912 bevind Kemp hom weer eens in 'n militêre milieu toe hy 'n kursus in die militêre kollege te Bloemfontein bywoon. Hy deel 'n kamer met genl. Manie Maritz en Jacques Pienaar, later administrateur van Transvaal, en saam bespiegel hulle oor die toekoms en die dag wanneer hulle vryheid sou terugwin. Hulle verdeel die rolle onder mekaar, wat elkeen sou speel wanneer die dag van wraakneming teen die "rowers empire"<sup>5</sup> sou aanbreek. Na afloop van die kursus word majoor Kemp distrikoffisier op Potchefstroom. Dit was sy eerste tree in die openbare lewe en sou hy sy lewelank in diens daarvan bly.

Toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek het daar in Suid-Afrika 'n gespanne toestand geheers en gevoelens was aan die opiaal. Groot ontevredenheid het geheers omdat genl. Louis Botha en sy regering dit as 'n kwessie van plig en eer beskou het om as Brittanje se bondgenoot, aan die oorlog teen Duitsland deel te neem. 'n Nog groter vlam van verontwaardiging brand binne Kemp oor Botha en Smuts se planne om Duits-Suidwes-Afrika aan te val, gesien juis teen die agtergrond dat Brittanje 'n skrale twaalf jaar tevore die Boerevolk hul republikeinse onafhanklikheid ontnem het. Iets wat hy tot in sy siele verag het.<sup>6</sup> Vir hierdie eertydse republikein was die feit dat Brittanje se volle aandag by 'n wêreldoorlog betrek was, 'n gunstige geleentheid om 'n poging aan te wend om die republikeinse vryheid te herstel.

Om na die stem van Jou gewete te handel en daarmee Jou volk se siele te red, vereis hoogste offers. Dit sou ook die ervaring van Kemp wees wat as bittereinder by Vereeni-

<sup>5</sup> A.P.J. van Rensburg, p.10.

<sup>6</sup> J.H. Ligthelm, Genl. J.C.G. Kemp se rol in die Rebelle van 1914-15, p.175.

ging in 1902 ook enduit bittereinder in die protesbeweging gebly het, alhoewel sy betrokkeheid daarin verskillende fases onderskei het. Van sy aanvanklike teenkanting teen genl. Koos de la Rey se halsorkop staatsgreep, vroeg in Augustus 1914, tot sy latere aktiewe toetrede tot die Rebelle het daar verskeie gemoedsbesluite by Kemp voorgekom. Dit wil voorkom asof Kemp tydens bogenoemde gebeure hom aanvanklik op die agtergrond onttrek het, aangesien hy nie die aansien van De la Rey, genls. C.F. Beyers en C.R. De Wet geniet het nie - hy was militêr hierdie volkshelde se mindere. Daar kan gekonstateer word dat Kemp van mening was dat die tyd vir optrede nog nie ryp was nie - 'n kenmerk van 'n groot militaris.

Kemp se standpunte sou eers uitkristalliseer na die kommandantevergadering in Pretoria op 14 Augustus 1914. By hierdie geleentheid kom hy tot die besef dat Botha en Smuts eerder Ryks - as Afrikaerbelange nastreef.<sup>7</sup> Waar hy nog kort tevore alle gedagte van opstand afgekeur het, het hy nou eensklaps na vore getree as een van die grootste teenstanders van die Regering se voorgenome Dulst-Suidwes-Afrikaveldtog - hy het nou reeds in sy gees gerebelleer. Hierin sou die verwikkelinge rondom die persone van De la Rey, Maritz en Beyers deurslaggewend wees en tot sy uiteindelijke bedanking as offisier in die Unie-Verdedigingsmag, op 13 September 1914 lei.

Verwikkellinge, soos die dood van De la Rey en bedanking van Beyers as kommandant-generaal, het Kemp tot ander insigte gedwing en het hy besluit om van 'n staatsgreep af te sien - voortaan sou hy hom by die protesbeweging teen die Regering se oorlogsbesluit skaar, en van protes was dit slegs 'n hanetreetjie na openlike rebelle. As gevolg van die mislukking van die "binnelandse rebelle" is Kemp gedwing om aansluiting met Maritz in Dulst-Suidwes-Afrika te probeer bewerkstellig. Gevolglik pak hy en 600 man 'n dorslandtrek deur die Kalahariwoestyn aan en onder sy besielende leiding slaag hulle daarin om die onherbergsame gebied te oorwin - een van die merkwaardigste togte in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika.<sup>8</sup> Tydens die heldetog het hy hom nie alleen as Godsmannie, maar ook as krygstaktikus en bo alles as mens bewys. 'n Karaktertrek wat as politikus ook sterk na vore gekom het by Kemp.

Die ontmoeting tussen Kemp en Maritz het die finale fase van die Rebelle ingelui. Maritz wou met wapengeweld, ondersteun deur die Dulsters, die onafhanklikheid van die

<sup>7</sup> J.C.G. Kemp, Pad van die Veroweraar, p.147.

<sup>8</sup> Ibid., pp.307-361.

"Republiek van Suid-Afrika" herstel. Kemp was reeds sedert 1912 vertrouwd met Maritz se planne.<sup>9</sup> Hulle was geesgenote, albei onverskrokke, gesoute krygsmanne wat vir geen dulwel sou stult nie. Tog was daar groot aksentverskille tussen hulle; enersyds Maritz die voortvarende, hardkopplige en impulsiewe individualis teenoor andersyds die versigtige en meer diplomatiese Kemp. Hy was meer toegeeflik en versoenend in vergelyking met Maritz se onversetlikheid. Die gevolg was dat hulle enduit nie eenstemmigheid bereik het nie en die direkte gevolg daarvan was Kemp se oorgawe by Uplington en Maritz se uitwyking na Duits-Suidwes-Afrika.

Na die oorgawe was Kemp in die tronk in Johannesburg 'n verbitterde man. Hy het die swaarste straf van al die rebelleiers ontvang, omdat hy midde-in die oorlog verhoor is en sy vonnis moes dien as afskrikmiddel. Sy verbittering was eerder gerig teen Botha en Smuts vir wie hy erg verkwalik het dat die Rebelle in 'n broederoorlog ontaard het. Sekerlik is daar 'n groot mate van mismoed by Kemp in die tronk te bespeur, soos dit herhaaldelik na die oppervlakte deurbreek in sy herinneringe, wat inderdaad 'n felle aanklag teen die veroweraar van die Afrikanervolk is. Die onselfsugtige patriotisme waarop Kemp en ander rebelle aanspraak gemaak het, om hulle optrede in 1914-1915 te regverdig, kan bepaald nie hulle aantasting van die staatsgesag verskoon nie. En juridies kan daar geen fout met hul veroordeling gevind word nie. Polities was die regeringsoptrede egter kortsigtig en het dit daartoe gelei dat die meerderheid Afrikaners binne 'n jaar na die Rebelle hulle nie meer in dieselfde politieke kamp as Botha en Smuts tuis gevoel het nie.

Gelouter en gestaal deur die stryd van 1914 het Kemp hom na sy ontslag uit die tronk op 22 November 1916 by die Nasionale Party van genl. J.B.M. Hertzog aangesluit.<sup>10</sup> Nie-teenstaande 'n vrylatingsooreenkoms tussen hom en die Regering dat hy hom uit politieke byeenkomste sou hou, steur hy hom nie daaraan nie. Saam met Tielman Roos onderneem hy 'n reis deur die Wes-Transvaal, om die Nasionale Party te bevorder. Hy was dus bereid om ter wille van wat hy as 'n volksaak gesien het, sy vryheid op te offer - rebel omdat hy die ontslag ooreenkoms verontagsaam het, "damning the consequences". Ses jaar later het hy Volksraadslid vir die kiesafdeling Wolmaransstad geword, waarop hy die verlore staatsbestel kon probeer verwesenlik.

<sup>9</sup> Genl. Manie Maritz, My lewe en strewe, pp.65-66.

<sup>10</sup> A.P.J. van Rensburg, p.10.

In die partypolitiek was Kemp besonder aktief en vier jaar na sy verkiesing as Volksraadslid is hy in 1924 in die eerste Hertzog-kabinet, as Minister van Landbou opgeneem. Reeds voor die verkiesing is Kemp se naam deur Suid-Afrikaanse Party politici gebruik in bangmaak praatjies teenoor die kieserspubliek. Hulle het beweer dat ingeval die Nasionale Party die verkiesing sou wen, Kemp die Minister van Verdediging sou word. Mens kan aanneem dat die algemene gevoel was dat so 'n aanstelling hulle sou geval, aangesien hy 'n gewaardeerde generaal vanuit die Anglo-Boereoorlog was. Sy militêre agtergrond het hom uiters geskik gemaak vir die portefeulje. Geen wonder dat daar binne Nasionale Partygeledere verbasing was dat Kemp deur Hertzog aangestel is as Minister van Landbou. Indien Kemp teleurgesteld was het hy in alle geval nie in die openbaar daaraan uiting gegee nie. Regverdiging vir die aanstelling kan gevind word in sy landelike agtergrond en omdat hy 'n hoofsaaklik landboukiesafdeling verteenwoordig het, naamlik Wolmaransstad, in die destydse Wes-Transvaal. Landbou was op die tydstip 'n afdeling van staatsadministrasie wat besondere aandag gevestig het. ...

In die Kabinet het hy met onderskeiding gedien en as administrateur en wetgewer uitgeblink. Onmiddellik na sy aanstelling kom daar aktiewe optrede vanaf sy kant deur 'n algehele herstrukturering van die Departement van Landbou. Onverskrokke het hy inbeveeg en niteenstaande bestaande reëls en regulasies die landboustelsel hervorm, sodat dit tot voordeel van die landboubevolking sou wees. Niteenstaande geweldige druk, stel hy party ondersteuners aan in die landbou administrasie - kritiek deur opposisie weer hy met alle mag van die tong af. Hierdie hervormingsbeleid van hom kan gesien word as 'n "administrasie rebellie" teen die ou bestaande stelsel. Droogtes, die sprinkaanplae en die verarming van die boere het hy met militêre presiesheid probeer hoksla. Hy het 'n dryfkrag en energie besit wat deur min van sy kollegas geëwenaar kon word, en hoewel die boeregemeenskap soms oor sy outokratiese optrede gekla het, was die algemene mening onder hulle dat hy 'n uitstekende Minister van Landbou was. Hy was grootliks verantwoordelik vir die uitbouing van die landbou-ekonomie en -onderwys in sy tyd as Minister van Landbou.

Binne die geledere van die Nasionale Party het hy ook, veral na 1920, 'n leidende rol gespeel en heelgou is hy verkies as lid van die Hoofbestuur in Transvaal. Sy snelle opgang in die party kan ook deels toegeskryf word aan die hulp en ondersteuning wat hy van vriende ontvang het, en as daar een persoon is wat uitgesonder kan word, is dit Piet Grobler. Reeds vanaf skoolopvoedingsjare was hulle boesemvriende en was dit Juis Piet

Grobler wat by Hertzog daarop aangedring het dat Kemp na die 1924-verkieping in die Kabinet opgeneem word. In Hertzog het Kemp 'n politieke geesgenoot gevind en sou tot 1940 aan hom getrou bly. Kemp se partylojaliteit het oorgehel in die rigting van fanatisme en hy enige teenstand of verbokkeling met alles in sy vermoë teengestaan. Die verwesenliking van sy vryheidsideaal het hy binne die Nasionale Party uitgeleef en was hy 'n groot voorstander vir die vervulling van Afrikaner Ideale.

In 1933 steun hy Hertzog toe daar tot 'n koalisie met Smuts en sy volgelinge ooreengekom word. Waar Kemp 'n heftige politieke stryd met Smuts en sy party ondersteuners vanaf 1915 gevoer het, kom hy nou en verklaar hom bereid om saam te werk binne één party - onverklaarbaar! Weer eens kan sy optrede verklaar word teen sy lojaliteit vir Hertzog en sy fanatiese soeke na 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme; finansiële -, staatkundige - en Kleurvraagstuk. Hy is van mening dat 'n vereniging (saamwerk) van alle politiekepartye tot voordeel van Suid-Afrika sou wees. Die resultaat hiervan was dat hy 'n groot deel van sy mede-Afrikaners van hom vervreem het. Hulle het hom as 'n "verraaier" getipeer - iets wat werklik aan sy siele moes geraak het. Nogtans tree hy met groot beslistheid op en veroordeel hy partygenote van voor 1934 en wat nou weggebreek het. Hy is die eerste persoon wat die naam "gesulwerdes" teenoor dr. Malan en sy volgelinge, volgens hom 'n skeldnaam, gebruik het. Mense met wie hy ten nouste saamgewerk het in die Nasionale Party word nou sy politieke vyande.

Binne die geleedere van die Verenigde Party het hy hom nou in die geleedere van anti-republikeinse bevind en moes dit sekerlik baie keer vir hom 'n verleentheid gewees het om anti-republikeinse optrede te kondoneer. Maar die groot politikus wat hy was, het hy weer eens sy lojaliteit teenoor die saak van Suid-Afrika, naamlik eenheid, voorop gestel. Later, na die breuk in 1939, verklaar hy dat die rede wat hy kan aanbied vir sy optrede in die tydperk 1934 tot 1939, was dat sy bedoelings eerlik en opreg was. Toe adv. Leslie Blackwell van die Verenigde Party op 25 Januarie 1940 in die Volksraad aan hom vra wanneer hy so 'n vurige Republiekein geword het, was sy antwoord, dat sy optrede in 1899-1902, die Rebelle van 1914 en sy jare in die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party bewys van sy republikeinse strowe was: "...ek en andere het probeer om daardie agbare lid te verafrikaans in die volste sin van die woord.... Ek kan net sê die eksperiment wat ons gemaak het sal nooit weer in Suid-Afrika gemaak word nie. In daardie par-

ty het ek nie teruggedelns om te verklaar dat ek 'n Republiekln Is nie."<sup>11</sup> Dit was tipies die mens, Jan Kemp.

As Minister van Lande het hy weer eens 'n administrasie oorgeneem wat volgens hom nie voorheen goed geadminestreer was nie. Met onvermoede ywer en drastiese optrede hervorm hy die Departement van Lande tot 'n effektiewe administrasie. Hy het die land telkemale deurrels om hom op grondvlak te vergewys van omstandighede. In die meeste gevalle per motor en soms op moeilik begaanbare paale. As minister gemoed met die nedersetters en nedersettings, poog hy veral om die Armbankevraagstuk die hoof te bied. As senior minister in die Kabinet is hy ook gemoed met besluitneming ter oplossing van die Kleurvraagstuk en bring dit hom in botsing met liberalistiese politici soos Hofmeyr. Hy neem sterk standpunt in en wyk nie af van standpunte wat hy vooropgestel het nie. Binne partygeledere word hy tot leier van die Verenigde Party in Transvaal verkies, 'n bewys van die politieke statuur wat hy geniet het.

Met die aanbreek van die Eeufeesjaar in 1938 en die feesverrigtinge in Pretoria, was Kemp waarnemende Minister van Verdediging. In hierdie hoedanigheid neem hy 'n leidende rol in die herdoping van Roberts Heights tot Voortrekkerhoogte - iets wat groot ontsteltenis onder sekere groepe veroorsaak het. In hierdie geval het hy gestaan en geval by sy optrede. Die kritiek en polemiek rondom die debakel het soos water van 'n eend se rug afgerol en hom geensins ontstig nie. Hy het op sy Ingelane koers volhard.

Dit was ook, veral gedurende die tydperk 1924-1939, dat hy hom geweldige kritiek op die hals gehaal het insake sy aanstellings in die regeringsdepartemente. Onverdeelde trou en lojaliteit was vir hom 'n voorvereiste by aanstellings. Ten opsigte van die taalbeleid, was hy 'n sterk voorstander van tweetaligheid.

Op 4 September 1939 het Jan Kemp getrou aan Hertzog se sy gestaan en gestem vir die mosie dat Suid-Afrika neutraal sou bly in die Tweede Wêreldoorlog - Kemp die rebel politikus! Smuts het met 'n skrale meerderheid van 13 stemme die meerderheid behaal en 'n nuwe regering saamgestel. Meteens was Kemp weer 'n gewone Volksraadslid. Sy argwaan teen Smuts en die Imperialiste is weer met die optrede hernu. In 1940 met die stigting van die Herenigde Nasionale Party, word hy en adv. J.G. Strijdom gesamentlike leiers in die Transvaal - meteens was hy weer terug binne die geledere van die republi-

<sup>11</sup> Debatte van die Volksraad, 25.1.1940, kolomne 155-156.

keins georiënteerde Afrikaanssprekendes. Ten spyte van sy klimmende jare het hy 'n aktiewe parlementariër gebly - die Hansard van daardie jare getuig van sy optrede. Netsoos gedurende die oorlogsjare In 1914 het hy tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n beleid van neutraliteit en 'n republikeinse regeringvorm vir Suid-Afrika bepleit. Hierdie keer het hy dikwels gewaarsku teen 'n beleid van geweld, om die ideaal te verweselik. Interessant om op te merk dat die Opposisiepers, by monde van Die Volkstem op 2 Januarie 1947, berig dat Kemp se aanwesigheid op die Gesuiwerde toneel prestige verleen het aan 'n kwansuls republikeinse party met so 'n onrepublikeinse tradisie; en met sy dood het daar 'n leemte ontstaan wat moeilik deur die party gevul sou word.<sup>12</sup>

Binne partygeledere was hy 'n groot voorstander van partyeenheid. Genadeloos het hy diegene wat weggebreek het veroordeel. Op sy kenmerkende wyse van woordelike aanvalle het hy geпоог Afrikanerleiers en Afrikaners op 'n gemeenskaplike weg te bring, wat tot voordeel van Suid-Afrika sou strek. 'n Mens kry die indruk dat Kemp hoegenaamd nie geglo het dat daar 'n ander kant van die saak was nie. Daar is selfs beweer dat sy welsprekendheid hom tot die gevoel gerig het en nie tot die verstand nie - daar was vir hom nie 'n ander sy in 'n saak nie.

Na die dood van sy eggenote in Maart 1941 verswak sy gesondheid verder. Die sterk geestelike persoon wat hy was het hom tot aktiewe optrede in die parlement en op die politieke front aangespoor. Steeds het hy hom beywer vir 'n praktiese oplossing van die Kleur - en konstitusionele vraagstuk. In Julie 1946 het hy ernstig siek geword en was by tye bewusteloos. In Augustus herstel hy sodanig dat hy selfs 'n boodskap aan sy geliefde Afrikanervolk rig: "Sê aan die Afrikanervolk dat hoewel ek nog baie siek is, ek in die gees saam met die volk stry vir die oorwinning van ons goeie en regverdige saak. Ons het deur donker tye gegaan - ons mag egter nooit wankelmoedig word nie, want God lei die volk deur die donker na die lig. My beroep op almal wat Suid-Afrika lief het, is dat hulle nie moet stilsta nie, maar hulle kragte moet saamsnoer."<sup>13</sup> weereens die "tjaarts". Dis kenmerkend van die geharde vegter dat hy selfs op sy siekbed eerder 'n trooster as troossoekende was. Tot die bittere einde het hy sy volk aangespoor tot groter opoffering ter wille van die ideaal waarvoor hy en sy geesgenote reeds in die jare van die Anglo-Boereoorlog geveg het.

<sup>12</sup> Die Volkstem, 2.1.1947.

<sup>13</sup> A.P.J. van Rensburg, p.22.

In sy politieke loopbaan het hy waarskynlik net so maklik vyande as vrlende gemaak. In die politieke geskiedenis van Suid-Afrika was daar selde iemand wat hom minder aan die gevolge van sy optrede gesteur het. So berig die Rand Daily Mail op 31 Januarie 1933 dat daar geen koalisie by Kemp te bespeur is nie, "he laid a very heavy sjambok on the shoulders of all who differed from him...."<sup>14</sup> Die Ons Vaderland berig op 14 Maart 1933 dat Kemp tydens 'n vergadering in die Daspoortsaal gesê het: "As ek veg dan veg ek, maar as daar vrede is, dan bedoel ek werklik dat daar vrede moet wees."<sup>15</sup> Hy was 'n gedugte politieke teenstander vir sy opposisie, tog was hy gevoelig vir kritiek en sy reaksie daarop was ongenadiglike woordelike aanvalle. Ten opsigte hiervan was hy soms baie geniepzig teenoor vraestellers wat inligting wou bekom, soms heeltemal skeef, negatief en afbrekend. Iemand wat hom besonder goed geken het, het gesê dat sy foute tot 'n groot mate die uitvloei van sy deugde was, wat net 'n bietjie te veel geaksentueer was. Sy vasberadenheid het felklik aan koppigheid gegrens, terwyl sy openhartigheid hom nie al te taktvol gemaak het nie. Die Burger van 13 Junie 1934 meld in 'n berig dat Kemp sy tekortkominge "deur astrantheid probeer bedek."<sup>16</sup> Tog meld die Opposisiepers op 2 Januarie 1947 dat Kemp 'n politikus was wat sy politieke teenstanders beter verstaan het as enige ander politieke leier. Voorts meld die berig: "Ons het hom in sy lewe fel genoeg bestry, maar as 'n moedige kampvegter vir wat hy beskou het as die regte saak en die regte manier om dit te bevorder, kan ons hom nogtans waardeur as 'n Afrikaner met baie deugsame elenskappe."<sup>17</sup>

Hy het hom nie graag besig gehou met die besonderhede van 'n saak nie. In die Parlement was hy nie 'n advokaat wat sy standpunt probeer beredeneer het en wat bereid was om hare te kloof nie. Hy het llefs die taktiek van Vlakkfontein gekies en sonder 'n oomblik van nadenke gestorm - en wees die persoon wat in sy pad gekom het. Dit is begryplik dat hierdie taktiek vir hom geen gewildheid by sy politieke teenstanders verwerf het nie. Daarvan kan J.H. Hofmeyr, ds. C.W.M. du Toit en J.C. Smuts getuig. J.L. Basson beweer dat Kemp bekend was as 'n vurige vegter wat geeneen van sy opponente gespaar het nie. Intendeel, "hy sou enige een trap wat in sy pad gestaan het."<sup>18</sup> Die Burger van 24 Januarie 1946 berig dat Kemp tydens die wantrouedebat in die Volksraad "die sambok met die voorslag en agterslag en al hanteer het en genoeg gelulde van die oor-

<sup>14</sup> Rand Daily Mail, 31.1.1933.

<sup>15</sup> Ons Vaderland, 14.3.1933.

<sup>16</sup> Die Burger, 13.6.1934.

<sup>17</sup> Die Volkstem, 2.1.1947.

<sup>18</sup> J.L. Basson, J.G. Strijdom, Sy politieke loopbaan vanaf 1929 tot 1948, p.595.

kant af laat kom het.”<sup>19</sup> Die Transvaler meld dat Kemp tydens die wantrouedebat “maar min flentertjies van die Smuts verweer laat oorbly het.”<sup>20</sup>

Wat Jan Smuts betref, kan gekonstateer word dat Kemp feitlik dwarsdeur sy politieke loopbaan eersgenoemde die stryd aangesê het. Hierdie persoonlike afkeur in Smuts, het reeds sy oorsprong in 1900, toe Kemp aangestel was om bevelvoerder te wees van die Boeremagte wat die Noord-Oos Kaap tydens die Anglo-Boereoorlog moes gaan inval en De la Roy dit geveto het, waarop Smuts gestuur was. Dit was vir Kemp 'n groot teleurstelling. Die Rebelle en Smuts se optrede daarin het nog groter weerstand by Kemp gewek en het hy Smuts met agterdog bejeën. Met sy aansluiting in die Nasionale Party in 1915 het Smuts sy politieke opponent geword en was Smuts se lojale optrede teenoor Brittanje en sy politieke bande met die imperialisties georiënteerde Unioniste nog 'n verdere doring in Kemp se vlees. Dit was slegs in 1933, tydens Samesmelting, dat Kemp vir Smuts in die bresse getree het en hoofsaaklik as gevolg van die feit dat hy die saak vir Suid-Afrika wou bevoordeel. Na die breuk in 1939 sou hy openlik verklaar dat dit slegs D.F. Malan was wat in 1933 die dolk agter Smuts se rug raakgesien het. Op 25 Januarie 1940 verklaar hy in die Volksraad: “Dit is nie alleen Britse Imperialisme wat uitgeroep moet word nie, maar dit is ook ander dinge wat uitgeroep moet word en wat 'n baie groot kwaal in Suid-Afrika geword het .... die kwaal van Smutslisme. Ons gaan nie toelaat dat daardie kwaal langer die volk in Suid-Afrika benadeel nie.”<sup>21</sup> Ten einde laas berig Die Burger op 17 April 1946 dat Kemp in die Volksraad op 16 April 1946 verklaar het, as gevolg van Smuts se Indiening van Indlêrwetgewing, dat “hul paale geskel het en seker nie weer in mekaar sal loop nie.”<sup>22</sup> Toe Kemp so ernstig gek was in Augustus 1946 het Smuts hom in die hospitaal besoek en meld Smuts dat hy Kemp se antagonisme teenoor hom aangevoel het.

Nieteenstaande die feit dat hy 'n bekwame krygsman, 'n gedugte politikus en uitstekende minister was, was hy 'n gelowige mens en 'n politikus wat groot agting vir sy medemens getoon het. Enersyds het die probleme van die Armblikes hom diep geraak en andersyds het hy 'n medemenslike siening teenoor die Swartes openbaar. In laasgenoemde geval was hy van mening dat die Swartes ook hul regmatige deel in grondbesit moes verkry. Hy het dit as onregverdig en onbillik beskou dat grond van hulle vervreem

<sup>19</sup> Die Burger, 24.1.1946.

<sup>20</sup> Die Transvaler, 24.1.1946.

<sup>21</sup> Debate van die Volksraad, 25.1.1940, kolom 156.

<sup>22</sup> Die Burger, 17.4.1946.

word, sonder dat daar ander grond aan hulle beskikbaar gestel is. Hy was ook 'n groot voorstander van die maatskaplike opheffing van die Swartes en het die Blankes daarvoor verantwoordelik gehou, sodat hulle die beskawingspeil van die Blankes moes be-rok het. Sy liefde vir Afrikanervolk was diepgewortel. Hy het voortdurend gewaarsku en die stryd aangesê teen enigiets wat Blanke voortbestaan in Suid-Afrika bedreig het. Dwarsdeur sy lewe het Jan Kemp Boer gebly en het hy van sy mede-Afrikaners nie alleen lojaliteit verels nie, maar diegene wat wel lojaal was met eweveel getrouheid van sy kant teenoor hulle beantwoord. Godsman, Volksman en politieke leier.

Teen die skadelike uitwerking van die bedwelmdede aroma van aansien, eer en mag, het sy innerlike kwaliteite hom gevrywaar. Hy het by almal respek afgedwing. So byvoorbeeld berig Ons Vaderland op 5 Julie 1924 dat tydens die Pakt-oorwinningsfees, by die dieretuin in Pretoria, net toe Kemp die verhoog betree, het daar 'n leeu gebrul. Dr. H.D. van Broekhuizen, die seremoniemeester het die skare toegeroep: "Dis sy maat daardie!"<sup>23</sup> 'n Voorbeeld van sy medemenslikheid word geïllustreer in 'n brief wat Kemp op 24 Desember 1937 ontvang het van die Kareepan Skoolkommissie, waarin hulle hom bedank vir die mooi gedagte, om gedurende die feestyd die harte van die kinders bly te maak, deur die mooi geskenke wat hy aan hulle gestuur het. "Daar het opgewondenheid, blydskap en dankbaarheid geheers", meld die brief. Indien daar oor sy ministeriële arbeid en partypolitieke werk te redetwys val, oor sy krygsroem en medemenslikheid was vriend en vyand dit eens - hy was groot. Sy doelgerigte stryd het met menslikheid gepaard gegaan. Hy was 'n sterk oortuigde en onstuimige, maar beminlike mens.

Die totstandkoming van 'n republikeinse staatstelsel was hom nie beskore nie, maar dat hy boustone in die republikeinsegebou help inmessel het, sal niemand ooit betwys nie. Reeds vanaf kindsbeen het hy te doen gekry met Britse imperialisme en sou hy endult 'n teenstander daarvan bly. Op 15 April 1940 verklaar hy in die Volksraad dat hy nie 'n agterryer van die Veroweraar kon word nie: "Ek is nie bereid om 'n kakieridder en agterryer van die Empire te wees nie."<sup>24</sup> Tydens 'n Nasionale Partyfunksie by die Strand het hy gewaarsku: "Moenie stene uit die muur van die Afrikanerdom uitkap en die Afrikanerdom laat versink in Britse Imperialisme nie."<sup>25</sup> Verder het hy op 25 Augustus 1942 te Potchefstroom veroordelend teenoor imperialisme gesê dat een van die foute van die

<sup>23</sup> Ons Vaderland, 5.7.1924.

<sup>24</sup> Debatte van die Volksraad, 15.4.1940, kolom 4994.

<sup>25</sup> Die Transvaler, 19.1.1941; Ben Schoeman, My lewe in die politiek, p.103.

Afrikaner is, dat hy te gou "vergewe en vergeet."<sup>26</sup> Uitsprake soos "ons sal veg tot die einde toe",<sup>27</sup> was na 1939 gereeld deur hom geulter in sy toesprake. Endult het hy gerebelleer teen Britse oorheersing met die verskil, hy het nie 'n gewapende opstand beplan nie - wel geestelik ja!

Hy het in sekere opsigte 'n politieke karakter verandering ondergaan. Waar hy in 1915 slegs bekend was vir sy militêre prestasie, het hy later al meer en meer gegroei in politieke statuur, hoofsaaklik te wyte aan die ministeriële - en partyleiding portefeuljes wat hy gehandhaaf het. As gevolg van die politieke ervaring kon hy met gesag optree - niemand sou later sy statuur en ondervinding kon bedreig nie. Kemp se "politieke erflating" was baie groter as sy "rebel erflating". Sy "rebel wees" was eerder geleë in sy karakter - sy geestelike en oratoriese optrede was duidelik voorbeelde daarvan. Hy het die vermoë besit om mense geestelik aan te raak. Sy toesprake was hoofsaaklik deur homself uitgewerk en op 'n besielende wyse aangebied was. Hy was 'n gebore "vegter" en het niks gelate aanvaar nie. Dit is die kenmerke van 'n politikus. The Star op 10 Februarie 1925 berig soos volg oor Kemp: ".....a fighting speaker carrying a whirlwind warfare into the opposite camp."<sup>28</sup> Hy het 'n dryfkrag en energie besit wat deur min van sy politieke kollegas geëwenaar kon word.

Jan Kemp was by uitstek 'n politieke leier wat gestry het vir die verwesenliking van sy hoogste volksideale, 'n onwrikbare geloof is geopenbaar wat altyd as 'n frisse inspirasie gekom het. Die politiekestryd wat hy gestry het was in belang van diegene wie hy verteenwoordig het. Vandaar Hertzog se opmerking in 1934 dat hy een van die bekwaamste Ministers van Landbou was. "Stryd" was so deel van sy lewe, as soldaat, rebel en politikus. Hy het bewys gelever dat 'n rebel ook 'n goeie politikus kon wees - 'n besonder goeie een daarby! Aan die ander kant "as die pennie omdraai kan 'n politieke leier ook 'n rebel wees" - Kemp sou as rebel-politikus sterf. Op 31 Desember 1946 het hy dan ook die stryd van die lewe finaal gestry en sterf hy trou aan sy lewensfilosofie en optrede: "Ek vrees nie...."

Getuigskrifte oor 'n persoon word gewoonlik weergegee deur uitsprake van vriende of opponente. Tydens 'n mosie van roubeklag in die Volksraad, op 18 Januarie 1947, is die

<sup>26</sup> Ibid., 26.8.1942.

<sup>27</sup> Ibid., 11.10.1943.

<sup>28</sup> The Star, 10.2.1925.

volgende oor Jan Kemp getuig: C.F. Stallard het van hom as 'n vegsman getuig, wie se lewe inderdaad die voorbeeld was van die gesegde dat 'n persoon baie rolle in sy lewe speel: "Hy was bereid om 'n risiko te loop ter wille van sy oortuiging...."<sup>29</sup> W.B. Madeley, Arbeider Volksraadslid vir Benoni, verwys na Kemp as 'n persoon van sterk en kragtige karakter: "Vasberade op die slagveld, vasberade in die Volksraad en vasberade in die politiek."<sup>30</sup> Mev. V.M.L. Ballinger, Naturelvertegenwoordiger (sic) Volksraadslid vir die Oostelike Kaap, het gesê dat Kemp bereid was om alles op te offer om sy oortuiging te verdedig.<sup>31</sup> Sy kollega van sy latere politieke loopbaan, J.G. Strijdom, het gesê dat hy nog nooit iemand ontmoet het van wie groter trou en liefde verwag kon word, as van hom nie. Voorts dat hy nooit 'n vriend in die steek sou laat nie.

Die Huisgenoot van 17 Januarie 1947, meld as nie-politieke blad, dat dit 'n voorreg was om 'n krans te lê op die graf van die stoere vegter en opregte vaderlander, en sluit af: "Hy het behoort tot 'n heroïeke geslag, en elkeen van daardie manne wat heengaan, laat 'n groot leemte in die volkslewe."<sup>32</sup>

Ten slotte, Jan Kemp het deur sy onstuitbare veggees en onverskrokkenheid op die slagveld, roem verwerf. Dit tesame met sy onvernietigbare nasionalisme en sy sterk deurlopende republikeinse strewe, maak hom een van die grootste politieke Afrikanerleiers van sy tyd. Sy politieke leierskap het hy deur die jare verwerf, namate hy politiek gegroei het.


<sup>29</sup> Debatte van die Volksraad, 18.1.1947, kolomme 11089-11091.

<sup>30</sup> Ibid., kolomme 11091-11092.

<sup>31</sup> Ibid., kolom 11090, verkies 19.8.1942, kragtens bepaling van Naturelle - Verteenwoordigingswet (sic), 1936. (Wet nr. 12 van 1936).

<sup>32</sup> Die Huisgenoot (redaksie), Genl. Jan Kemp, 17.1.1942, p.9.

## Bylaag 1

KEMP - Familiewapen

KEMP

Or, three lozenges sable.[515]

Pieter Kemp, fr. Bruges (Flanders). Marr. 1.9.1715 Luytje Willems  
(5 children).

Bron: C.Pama, Heraldry of South African Families, Kaapstad,  
1972, P.187.

## Bylaag 2

Door *W. van der Merwe*R. 8710  
1893  
R.E.B. 1155  
93Gedrukt bij eenzamezake naar dit stuk  
borentaande nummers 221 te liden.**J.C.G. Kemp se aanstellings-  
brief in die kantore van die  
Mynkommissaris.**Zij het bij dezen kennelijk, dat de Regering der Zuid-Afrikaansche  
Republiek heeft goedgevonden den WelEd. Heer*Jan, Christoffel, Groening, Kemp*voorloopig en onder nadere bekrachtiging van den Edele Achtb. Volksraad aan  
te stellen als*Vrijfaarsterk*  
van den *Civiele Kommissaris**Pretoria*  
tegen een salaris van *honderd en vijftig pondster 150 £ per jaar*  
in te gaan van af*datum van indiensttreding*

Gouvernementkantoor,

Pretoria, *16 Augustus 1893**E. J. P. Kruger*

Staatspresident.

*B. J. P. de*

Staatssecretaris.

## Bylaag 3

Telegram vanaf J.C.G. Kemp aan die Staatssekretaris, waarin hy die betrekking in die kantore van die Mynkommissaris aanvaar, 5.8.1893.

84113  
93  
11/13  
12  
13  
14  
15  
16  
17  
18  
19  
20  
21  
22  
23  
24  
25  
26  
27  
28  
29  
30  
31  
32  
33  
34  
35  
36  
37  
38  
39  
40  
41  
42  
43  
44  
45  
46  
47  
48  
49  
50  
51  
52  
53  
54  
55  
56  
57  
58  
59  
60  
61  
62  
63  
64  
65  
66  
67  
68  
69  
70  
71  
72  
73  
74  
75  
76  
77  
78  
79  
80  
81  
82  
83  
84  
85  
86  
87  
88  
89  
90  
91  
92  
93  
94  
95  
96  
97  
98  
99  
100

Telegraafdienst, Z. A. Republiek.

Bij vermoeden van vermindering, kan men van het (verplichte) verbaling vragen. De kosten daarvan worden alleen dan in rekening gebracht, wanneer het blijkt dat de vermindering niet heeft plaats gehad door de schuld van een afzender.

Het Belgische telegrafien is niet aansprakelijk voor verlies van berichten door vermindering, vertraging of niet aflevering van berichten.

Indien de afzender van het bericht niet uitdrukkelijk anderszins heeft aangegeven, wordt het bericht als een gewone afzending behandeld.

Te betalen 2

Pretoria's tijd geldt voor alle binnenlandsche kantoren.

Aangenomen te Pretoria ten 10 55 m. Hier ontvangen ten 10 20 m.

Van  
 Jan Christoffel Staatssekretaris  
 Kemp

Aan  
 Pretoria.

Ik neem de betrekking  
aan met dank

Bron: J.C.G. Kemp - versameling, A34, Band 11.

## Bylaag 4

*Die Vredesverdrag van Vereeniging, 31 Mei 1902*

General *Lord Kitchener* of Khartoum, Commanding-in Chief, and His Excellency *Lord Milner*, High Commissioner, on behalf of the British Government,

and  
Messrs. *S.W. Burger, F.W. Reitz, Louis Botha, J.H. de la Rey, L.J. Meyer and J.C. Krogh*, acting as the Government of the South African Republic,

and  
Messrs. *W., J.C. Brehner, C.R. de Wet, J.B.M. Hertzog and C.H. Olivier* acting as the Government of the Orange Free State.

On behalf of their respective Burghers,

Desirous to terminate the present hostilities, agree on the following Articles:

1. The Burgher Forces in the field will forthwith lay down their arms, handing over all guns, rifles, and munitions of war, in their possession or under their control, and desist from any further resistance to the authority of His Majesty King Edward VII, whom they recognise as their lawful Sovereign.

The manner and details of this surrender will be arranged between Lord Kitchener and Commandant-General Botha, Assistant Commandant-General De La Rey, and Chief Commandant De Wet.

2. Burghers in the field outside the limits of the Transvaal and Orange River Colony and all prisoners of war at present outside South Africa who are burghers, will, on duly declaring their acceptance of the position of subjects of His Majesty King Edward VII., be gradually brought back to their homes as soon as transport can be provided and their means of subsistence ensured.

3. The burghers so surrendering or so returning will not be deprived of their personal liberty or their property.

4. No proceedings, civil or criminal, will be taken against any of the burghers so surrendering or so returning for any acts in connection with the prosecution of the war which have been notified by the Commander-in-Chief to the Boer Generals and which shall be tried by Court-Martial immediately after the close of hostilities.

5. The Dutch language will be taught in public schools in the Transvaal and the Orange River Colony where the parents of the children desire its, and will be allowed in Courts of Law when necessary for the better and more effectual administration of justice.

6. The possession of rifles will be allowed in the Transvaal and Orange River Colony to persons requiring them for their protection on taking out a licence according to law.

7. Military administration in the Transvaal and Orange River Colony will at the earliest possible date be succeeded by civil government, and, as soon as circumstances permit, representative institutions, leading up to self-government, will be introduced.

8. The question of granting the franchise to natives will not be decided until after the introduction of self-government.

9. No special tax will be imposed on landed property in the Transvaal and Orange River Colony to defray the expenses of the war.

10. As soon as conditions permit, a Commission, on which the local inhabitants will be represented, will be appointed in each district of the Transvaal and Orange River Colony, under the presidency of a magistrate or other official, for the purpose of assisting the restoration of the people to their homes and supplying those who, owing to war losses, are unable to provide for themselves, with food, shelter, and the necessary amount of seed, stock implement, etc., indispensable to the resumption of their normal occupations.

His Majesty's Government will place at the disposal of these Commissions a sum of three million pounds sterling for the above purposes, and will allow all notes, issued under Law No. 1 of 1900 of the Government of the South African Republic, and all receipts given by the officers in the field of the late Republics or under their order, to be presented to a Judicial Commission, which will be appointed by the Government, and if such notes and receipts are found by this Commission to have been duly issued in return for valuable consideration they will be received by the first-named Commissions as evidence of war losses suffered by the persons to whom they were originally given. In addition to the above-named free grant of three million pounds, His Majesty's Government will be prepared to make advances as loans for the same purposes, free of interest for two years, and afterwards repayable over a period of years with 3 per cent interest. No foreigner or rebel will be entitled to the benefit of this clause

Signed at Pretoria this thirty-first day of May in the Year of Our Lord One Thousand Nine hundred and Two.

(Signed)

Milner.

S.W. Burger.

F.W. Reitz.

Louis Botha.

J.H. de la Rey.

L.J. Meyer.

J.C. Krogh.

C.R. de Wet.

J.B.M. Hertzog.

W.C.J. Brebner.

C.H. Olivier.

**Bron: F.A. van Jaarsveld, Honderd Basiese Dokumente by die Studie van die Suid - Afrikaanse Geskiedenis, p.172, Johannesburg, 1971.**

S.C. 8.

REGISTERED No. R.S.C. 1/19/15

In the Supreme Court of South Africa  
(Transvaal Provincial DIVISION).

Criminal Case.

Rex

versus

*Jaw Christoffel Greyling Kempf*  
Attorney General

Advocate for the Crown: *Attorney General*

Advocate for the Defence: *W. P. van der Merwe & Co.*

Set down for hearing on: 14 July 1915.  
Adjourned to 19 July 1915.  
Heard 19-20-21-22-23 July 1915.  
Plea: Not Guilty

**SENTENCE OR ORDER:**

*Accused found guilty of High Treason on all counts except first count.*  
*Sentence of the Court: To be imprisoned for seven (7) years and to pay a fine of £1000 - (One thousand pounds Sterling).*

*Before Judge J. J. de Wet*  
*Read out by J. J. de Wet*  
23 July 1915

*[Signature]*  
Registrar

2797-10/11-140



GEORGE THE FIFTH, by the Grace of God, of the United Kingdom of Great Britain and Ireland and of the British Dominions beyond the Seas King, Emperor of India, Defender of the Faith.

GEORGE DE VIJFDE, in de Gracie Gods, Koning van het Vereenigde Koninkrijk Groot-Brittanje en Ierland en van de Britse Bezittingen Overzee, Verdediger van het Geloof, Keizer van Indië.

To the Sheriff of the Transvaal, or his lawful Deputy.—Greeting:

Aan de Baljuw van de Transvaal of zijn wettige Plaatsvervanger:—

We command you, that you summon

*Jan Christoffel Langens*  
*Klerk*  
*of the Pretoria Court*

Wij bevelen u uitte deze te dagvaarden

*Jan Christoffel Langens*  
*Klerk*  
*van de Regeringsrechter, Pretoria*

that he appear before our Special Criminal Court at Pretoria on the 14<sup>th</sup> Day of July next and the following Days, there to answer to a certain Bill of Indictment to be preferred against him by our Attorney-General of the Transvaal Province on our behalf, and not to depart until he be discharged in due course of Law; and serve upon the said Defendant a copy of the said Bill of Indictment, and the Notice of Trial endorsed on the same, or annexed thereto, and return you on that day, to the Registrar of the said Court, this Writ, with whatsoever you have done thereupon.

dat hy verschijne(n) voor ons Speciaal Krimineel Hof te Pretoria op de 14<sup>de</sup> dag van *Julie* aanstaande en volgende dagen, om zich te verantwoorden op zekere Akte van Beschuldiging tegen hem te worden inzobricht door onze Prokureur-generaal van de Provincie Transvaal voor ons komparerende, en niet te onttrekken zevens hy ontslagen zal (zullen) zijn volgens Wet; en dien op genoemde Verweerder een kopie van gezegde Akte van Beschuldiging en de Kennisgeving van Verhoor daarop geëndosseerd of daaraan gehecht; en overhandig op die dag aan de Griffier van gezegt Hof deze Dagvaarding en rechteer wat gij daaromtrent gedaan hebt.

Witness: The Honourable

*Jan Christoffel Langens*  
Judge of the Special Criminal Court at Pretoria, the 2<sup>nd</sup> day of July in the year of Our Lord One Thousand Nine Hundred and *14*

Als Getuige: Zijn Edelachtbare

*Jan Christoffel Langens*  
Rechter van het Speciaal Krimineel Hof te Pretoria, ds 2<sup>de</sup> dag van *Julie* in het jaar Onzes Heren Negentien Honderd *vijftien*

*M. J. ...*  
Registrar of the Special Criminal Court.

*M. J. ...*  
Griffier van het Speciaal Krimineel Hof.

Chief Clerk to the Attorney-General of the Province of the Transvaal.

Eerste Klerk van de Prokureur-generaal van de Provincie Transvaal.

Bron: Rebelle verhoor, Pretoria Landros, Hoogverraadsake, 1914 - 15.

## Bylaag 6

SETELS VERKRY DEUR POLITIEKE PARTYE, 1910 - 1943

<i>JAAR</i>	<i>SAP</i>	<i>UNIONISTE</i>	<i>ARBEIDERS</i>	<i>ONAFHANK- LIKES</i>	<i>NP</i>	<i>VP</i>	<i>NATAL. HOMERULE PARTY</i>	<i>DOMINION PARTY</i>
1910	67	39	4	11	-	-	-	-
1915	54	40	4	6	26	-	-	-
1920	41	25	21	3	44	-	-	-
1921	79	-	9	1	45	-	-	-
1924	53	-	18	1	63	-	-	-
1929	61	-	8	1	78	-	-	-
1933	61	-	2	10	75	-	2	-
1938	-	-	3	1	27	111	-	8
1943	-	-	9	2	43	89	-	7

Bron: F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha,

p.282.

Bylaag 7

Transvaal  
Stichtingslede van die  
nuwe Verenigde Party

KIEKSTREKING  
ELEKTORAAL DIVISIE

Die ondergetekende, verklaar hiermee dat ons die ligging van die Nuwe Verenigde Party onse sake is en dat ons ons sal span om die regte te verkry om te sit in die Nuwe Party, wanneer dit gaan is.

We, the undersigned, declare hereby that we subscribe to the Principles of the New United Party, that we will be loyal, where there is real choice to the representatives and decisions of the New Party, when formed.

Naam - Name	Woonadres - Residential Address	Postadres - Postal Address
J.P. Jacobs	230 Burke Str.	Pretoria
W. J. van der Merwe	Lone	Lone
W. J. van der Merwe	Lyctia	Pretoria
W. J. van der Merwe	20 Brynterwin	Pretoria
P. J. van der Merwe	19 Brynterwin	Pretoria
P. J. van der Merwe	Waterloof	Pretoria
J. van der Merwe	743 Scheun 14	Pretoria
J. van der Merwe	Waterloof	Pretoria
J. van der Merwe	743 Scheun 14	Pretoria
J. van der Merwe	28 Tuys Str.	Pretoria
J. van der Merwe	206 Willemstad	Pretoria
J. van der Merwe	56 Regent Street	Johannesburg
J. van der Merwe	65 Blaauweweg	Kewington
J. van der Merwe	Loedel	Rt. No. 11956
J. van der Merwe	Pretoria	
J. van der Merwe	Vereniging	
J. van der Merwe	7 Pretorius Street	Pretoria
J. van der Merwe	18 Kinnistrat	Pretoria
J. van der Merwe	147 Mare Street	Pretoria
J. van der Merwe	2401 Cedar Street	Standerburg
J. van der Merwe	483 Jansmastr.	Pretoria
J. van der Merwe	219 Standen St.	Pretoria

28 Augustus 1934

1934  
Adres  
Adres

This form must be returned, duly completed, to the concerned Electoral Division Office of the Party and later than the 31st October, 1934.

## Bylaag 8

DIE BURGER, DONDER

## GENL. HERTZOG SE ONTHULLING

DIE BURGER kan vandag facsimiles publiseer van die dokumente wat genl. Hertzog Maandag in die Volksraad aangehaal het om te bewys dat die beleid van die Unie tot 4 September 1939 'n beleid van neutraliteit was. Die „Verklaring“ het genl. Hertzog op 1 September 1938 opgestel en dit bespreek met mnr. Havenga, adv. Pirow en ook met genl. Smuts. Genl. Smuts het dit aanvaar.

Op 28 September het genl. Hertzog die held aangeleentheid op 'n Kabinetvergadering in die Uniegebou bespreek, en na die vergadering het hy die memorandum opgestel wat hier ook afgedruk word. Die name van die aanwesige Kabinetlede is bygevoeg daar die destyds private sekretaris van genl. Hertzog.

Dokument B, waarvan genl. Hertzog in sy memorandum van 28 September 1938 melding maak, is die vertaling in Engels van die „Verklaring.“



A

Prime Minister's Office,  
Cape Town.

1.9.1938

Verklaring

van die Staatkwaliteit: dat die Unie van Suid-Afrika te word ingesien in geval van oorlog in Europa, met Engeland as een van die oorlogvoerende partye.

Die behaande verhoudings en betrekkinge tussen die Unie van Suid-Afrika en die verskillende oorlogvoerende partye sal, in teenstelling met die Unie, ongeveer bly voortbestaan, en voortgezet word asof daar geen oorlog geensal is.

met die omtrentelike ooreenstemming, dat die behaande verhoudings, betrekkinge en aansprekings tussen die Unie en Groot-Britannië, of enige ander van die lede van die Britse Gemenebes van Nasies, via besprekings, betrekkinge, of aansprekings in

gevolge in van kontraktuele verpligtinge aangaande die Fleet, bases & Suez Canal, of van kontrakte, of van al enige van hierdie of van enige van die verhoudings en verpligtinge wat bestaan of sal voortbestaan met die verskillende omtrentelike ooreenstemming, onder lede van die Britse Gemenebes, ooreenstemmend sal bly voortbestaan en dat die Unie sal voortbestaan en dat niemand sal toegelate word om die grondgebied van die Unie te oorkruis of te oorkruis of om enige of wat betrek is om inbreuk te maak op enige van die verhoudings, betrekkinge, of verpligtinge.

B. M. Hertzog

Portaria  
28. Sept. 1938

Cabinet.

Op 'n volledige Cabinet' vergadering  
gehoor vanoggend - Heer Pierson, Por-  
taria - is deur my aan my Collegas  
vraagstuk dat aan my mening in  
quasi oorlog son uitbreid in Europa  
in gevolg van die Tweid. tussen  
Duitsland en Oos-Slowakye in  
Engeland son daarin betrokke  
was, die houding van die Tweid. sal  
was soos men in bysonen uitbrei-  
ingek in bygaande dokument  
A. en B. son my verskuldig.

Die verskuldig son my voorgelê  
in kortliks deur my uitbrei quadi  
na uitbrei opmerkings Kabinetskrisis  
deur almal aanvaar. Gen. Smith,  
Havenga, Pierson, had it reeds enige  
TgA gelees in Kabinetskrisis in my antw.  
son in Kabinetskrisis gelees dit  
son die Parlement. Had het almal  
het goedkeuring daarvan gegee.

id. heb. my mening an oorsak. in  
Dokument A. en B. voorgelê het.

28 Sept. 1938

R. Hertzog

Ministers teenwoordig by geseheid  
van bogenelde Kabinetsvergadering:-

- 1) Generaal T. B. M. Hertzog
- 2) Generaal J. C. Smith.
- 3) Hfr. N. C. Havenga
- 4) Hfr. O. Pierson.
- 5) Generaal J. C. G. Kemp
- 6) Senator A. P. T. Fourie.
- 7) Kolonel D. Reitz.
- 8) Senator C. F. Clarkson.
- 9) Hfr. R. Stafford.
- 10) Hfr. A. A. Fagan.
- 11) Hfr. A. G. Lawrence.

*[Handwritten signature]* 28/9/38

Verklaring tot es volg:

Verklaring van die standpunt deur  
die Unie van Oos-Afrika te word in-  
gevoerd in geval van oorlog in Europa,  
met Engeland as een van die oorlog-  
voerende partye.  
Die bestaande verbindings en be-  
trekkinge tussen die Unie van Oos-  
Afrika en die verskillende oorlog-  
voerende partye sal, vir sover betref, die  
Unie, oorspronklik voortbestaan. Die  
voortgaande word aar daar geen oorlog  
gevoer word, met die verstanding  
wees, dat die bestaande verbindings

en verbindings tussen die  
Unie en Groot-Brittanië, of enige ander  
van die lande van die Britse Gemeen-  
tes van Nasion. vir sover soodrige  
verbindings, betrekkinge, of verbin-  
dinge die gevolg is van kontraktuele  
verbindings aangaande die vreesde  
te simoniat, of van sy lidmaatskap  
van die Liga van Nasion; of vir sover  
die verbindings van 'n implisiet moet  
beskou word as voortbestaan in die  
vrywillige assosiasie van die Unie met  
die ander lande van die Britse Gemeen-  
tes, ingeslote, sal by voortbestaan

en deur die Unie sal gehandhaaf word;  
en dat niemand toegestaan word om  
die grondwet van die Unie te ge-  
bruik vir die doel van enige iets wat  
werkende te ontneem te maak op ge-  
noemde verbindings, betrekkinge of  
verbindings. (W.G.) J. B. M. Hertzog.

Die memorandum wat ook hierbo af-  
gelees word, het so volg:  
Op 'n volledige Kabinetsvergadering  
gehoor vanoggend - Heer Pierson, Por-  
taria - is deur my aan my Collegas  
vraagstuk dat an my mening in  
quasi oorlog son uitbreid in Europa  
in gevolg van die Tweid. tussen Duitsland en Oos-

slowakye en Engeland son daarin  
betrokke was, die houding van die  
Unie sal wees soos meer in besonder  
uitgespreek in bygaande dokumente A  
en B deur my oorskrif.

Die verskuldig deur my voorgelê in  
kortliks deur my uitgespreek en na  
skielik oorskrif deur my oorskrif deur  
almal aanvaar. Genl. Smith, Havenga,  
Pierson, had et reeds enige TgA  
gelees in Kabinetskrisis in my antw.  
son in Kabinetskrisis gelees dit  
son die Parlement. Had het almal  
het goedkeuring daarvan gegee.

(W.G.) J. B. M. Hertzog  
27 Sept. 1938.

## BRONNELYS EN BIBLIOGRAFIE

### 1 ARGIVALE BRONNE

#### 1.1 GEPUBLISEERDE

Van der Poel, Jean (ed.), Selection from the Smuts Papers, Volume 5, September 1919 - November 1934, Londen, 1973.

#### 1.2 ONGEPUBLISEERDE VERSAMELINGS EN AANWINSTE

##### 1.2.1 *Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria.*

Generaal Beyers-versameling.

J.H. de la Rey-versameling.

P.R. de Villiers-versameling.

T.A.H. Dönges-versameling.

Kol. M.S. du Toit-versameling.

J.M. Ehlfers-versameling.

Dr. F.V. Engelenburg-versameling.

Louis Esselen-versameling.

N.C. Havenga-versameling.

J.P. Jooste-versameling.

J.C.G. Kemp-versameling.

P.O. Kraamwinkel-versameling.

F.E.T. Krause-versameling.

Genl. C.J. Muller-versameling.

Kmdt. P.J. Potgieter-versameling.

Dr. G.S. Preller-versameling.

F. Rompel-versameling.

J. de V. Roos-versameling.

Sekretaris van die Eerste Minister 1907 - 1910 - versameling.

J.A. Smit-versameling.

TKP-versameling.

Dr. H.D. van Broekhuizen-versameling.

Kmdt. G.M.J. van Dam-versameling.

Beëdigde verklaring van H.T. van G. Bekker, Volksraad, Kaapstad, dd. 27.4.1961.

Oorlogsherinneringe van C.F. van der Merwe, Drakenstein, Bethlehem. (Ons  
Rebellie.)

Oorspronklike stukke en afskrifte van briewe van Jople Fourie, 1914.

Register van name van persone wat aan die Afrikaveldtog deelgeneem het.

Telegramboek van kol. Jordaan in verband met die 1914 Rebelle.

Telegamme ontvang 1914 - hoofsaaklik in verband met die 1914 Rebelle.

Ailda van Alphen, Fotoalbum.

### 1.2.2 *Sentrale Staatsargiefbewaarplek, Pretoria.*

T. Boydell-versameling.

J.B.M. Hertzog-versameling.

Harm Oost-versameling.

J.C. Smuts-versameling.

J.G. Strijdom-versameling.

### 1.2.3 *Vrystaatse Staatsargiefbewaarplek, Bloemfontein.*

M.T. Steyn-versameling.

### 1.2.4 *Kaapse Staatsargiefbewaarplek, Kaapstad.*

The Cape Argus-versameling.

T.E. Dönges-versameling.

J. Elliot-versameling.

H.E.S. Freemantle-versameling.

A.L. Geyer-versameling.

F.S. Malan-versameling.

### 1.2.5 *William Cullen-Biblioteek, Universiteit van die Witwatersrand.*

J.H. Hofmeyr-versameling.

R. Feldman-versameling.

### 1.2.6 *Jagger - Biblioteek, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.*

Duncan Papers.

Smuts Papers.

1.2.7 *J.S. Gericke - Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.*

D.F. Malan-versameling.

Melt Brink-versameling.

1.2.8 *Santam - Biblioteek, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.*

Arthur Barlow-versameling.

L.S. Steenkamp-versameling.

Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party-versameling.

F. Wagener-versameling.

1.2.9 *Africana - Biblioteek van die Johannesburgse Stadsbiblioteek.*

Suid-Afrikaanse Arbeidersparty van Suid-Afrika-argief.

1.2.10 *Ferdinand Postma - Biblioteek, Universiteit van Potchefstroom, Potchefstroom.*

Ossewa-Brandwag-versameling.

1.2.11 *Suid-Afrikaanse - Biblioteek, Kaapstad.*

J.X. Merriman-versameling.

1.2.12 *Eietydse Argief, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.*

Die Gryshemde-versameling.

E.G. Jansen-versameling.

M.M. Jansen-versameling.

Adv. J.D. Jerling-versameling.

E.H. Louw-versameling.

M.P.A. Malan-versameling.

Nasionale Party in Transvaal-versameling.

C.R. Swart-versameling.

1.3 ANDER ARGIVALE BRONNE

1.3.1 *Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria*

Rebelleverhore, Johannesburg Landdros High Treason Cases, 1914 - 15.

Special Criminal Cases, 1915.

Johannesburg Tronk, Dokumente in verband met "Martial Law Prisoners",

Rebelle, 1914 - 1916.

Pretoria Landdros, - Hoogverraad, 1915.

- Rebel Correspondence.

**1.3.2 *Kaapse Staatsargiefbewaarplek, Kaapstad.***

C.S.C. 119.A (1923), Rex versus Maritz.

C.S.C. 119.B (1923), Rex versus Maritz.

**1.4 ARGIEFBEWAAARPLEK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG.**

**1.4.1 *Adjutant-Generaal (A.G.):***

Lêer G25/9199, Volume I, Cape Garrison Union Forces to replace Imperial Garrison.

Lêer G307/9199, Rebellion Telegrams.

Lêer G/6110, Volume I, Resignations Coast Garrison and Citizen Forces.

Lêer G23/9199, Volume I, Grant of Commissioner's Rand in U.D.F. during hostilities.

Lêer G32/9199, Executive Commanders and Staffs.

Lêer G28/310/9199, Regarding Rebellion.

Lêer G413/310/9199, Demobilization.

Lêer G1914/1921, Report of the Rebellion 1914.

Lêer G353/9199, General Botha's operations against Rebel force.

CGS. 450/8, Lêer 318.

CGS. 742, Lêer 441.

CGS. 303/38 - 0 - 1, Lêer 158.

**1.4.2 *Sekretaris van Verdediging (D.C.):***

Lêer 1191, Military College (for Cadets).

Lêer 2075, Programme of Work - Military School, 5.11.1912 - 20.8.1914.

Lêer 7941, Artillery Camps Potchefstroom, 1914.

Lêer 9783, Brigadier-General C.F. Beyers' Resignation.

Lêer 10650, Rebellion in Cape Province, 2.1 - 10.2.1915.

Lêer 16533, War officer circulars.

Lêer 1, Kommandant-generaal.

Lêer 94, re-Controller of commandeering horses taken from Rebels.

Lêer 11207/18 - 20, Militêre distrik nr. 7.

Lêer 165/310/9199, Patrollers during Rebellion.

Lêer 925/9199, Rebels and Rebellion: General Matters.

Lêer 818/91999, Statement of steps taken by Germany to stir up deception in the Union.

Lêer 511/9199, European Crisis. General File.

DC. 60, Volume 9199, 14/93/9199.

DC. 948/1, Lêer 2644.

DC. 413/11, Lêers 2001 - 2002.

#### 1.4.3 *South African Citizen Force:*

Lêer 29/265, Protest against citizens. Service being sent on service overseas.

#### 1.5 SENTRALE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA.

- (i) Archives of the Secretary to the Department of the Prime Minister, 1910 - 1922,

Lêers 1/1/12, 1/1/143, 1/1/149, 1/1/151, 1/1/358,  
1/1/362, 1/1/474, 1/1/475, 1/1/476, 1/1/477, 4/2/14,  
4/3/14, 4/37/14.

- (ii) Office of the Governor-General of South Africa,

Lêers 3/1722, 3/1724, 3/4804, 44/848, 51/3963, 64/862,  
9/59/39, 9/59/41, 9/59/46, 9/59/53, 9/59/56, 9/59/65,  
9/59/72, 9/59/83, 9/59/104, 9/59/145.

- (iii) Kantoor van die Eerste Minister,

Lêers 51/46/14, 51/56A/14, 51/56/14 en 36/4/1916.

- (iv) Departement van Gevangeniswese,

**Rebellestukke, 8 Bande.**

- (v) Department van Justisie,  
Lêer 3/335/15.
- (vi) Suid-Afrikaanse Spoorweë,  
Lêer G241/1, History of South African Rebellion, 1915.  
Lêer O243/14, Records of War and Rebellion, 1915.

**2 PERSOONLIKE VERSAMELINGS**

- 2.1 Onderhoude gevoer met dr. Cassie Aucamp, voormalige tegniesebeampte in diens van die Departement van Landbou.
- 2.2 Onderhoud gevoer met sy seun, dr. G.J. Kemp, woonagtig te Heidelberg, Gauteng.

**3 AMPTELIKE PUBLIKASIES**

**3.1 *UNIE BLOUBOEKE EN AANHANGSELS***

- U.G. 32 - '13, Rapport over Zending naar Switserland, Frankrijk, Duitsland en Engeland, met het doel de Leger - Maneuvers en Militaire Instellingen van die Landen bij te wonen en te Onderzoeken.
- U.G. 48 - '14, Geregtelike Kommissie van Onderzoek na die dood van genl. J.H. de la Rey en dr. G. Grace deur regter Gregorowski.
- U.G. 10 - '15, Rapport Over het Uitbreken der Rebelle en de handelwijze van de Regering met betrekking tot de onderdrukking van deze, 1915.
- U.G. 10 - '15, An. 10 - 1915, An. 68 - 1915. Ans. 103, 118, 456 - 1915  
Marial Law, persons tried under uprising act.
- An. 210 - 1915, Field General Court Martial on Capt. J. Fourie and on lieut. Henning, proceedings of, return.
- S.C. 1 - 1915, House of Assembly. Reports of Select Committees 1915 (Sixth Session, first Parliament), On Rebellion.
- U.G. 42 - '16, Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente

**Rebellie in Zuid-Afrika, Notulen van Getuigenis.**

**U.G. 42 - '16, An. 49 - 1917.**

**U.G. 46 - '16, Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek  
naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking  
tot de recente Rebellie in Zuid - Afrika, December, 1916.**

**U.G. 46 - '16, An. 48 - 1917.**

**3.2 IMPERIALE BLOUBOEKE**

**Cd. 5745, Minutes of proceedings of the Imperial Conference, 1911.  
Cmd. 2768 - 1926, Imperial Conference 1926, Summary of proceedings.**

**3.3 UNIE VAN SUID-AFRIKA, PARLEMENTêRE DEBATTE**

**3.3.1 *Debatte van Belde Hulse van die Parlement.***

**Debatte van Verenigde Vergadering van beide Hulse van die Parlement,  
9.9.1914.**

**Debatte van Verenigde Vergadering van beide Hulse van die Parlement,  
6.5.1925 - 8.5.1925.**

**Debatte van Verenigde Vergadering van beide Hulse van die Parlement,  
12.2.1929 - 25.2.1929.**

**Debatte van Verenigde Vergadering van beide Hulse van die Parlement,  
20.2.1930 - 26.5.1930.**

**Debatte van Verenigde Vergadering van beide Hulse van die Parlement,  
13.2.1936 - 7.4.1936.**

**3.3.2 *Debatte van die Volksraad.***

**Debates of the House of Assembly, Volume 1, 9.11.1915 - 17.6.1916, as reported in The Cape Times.**

**Debates of the House of Assembly, Volume 2, 16.2.1917 - 3.7.1917, as reported in The Cape Times.**

**Debates of the House of Assembly, Volume 3, 18.1.1918 - 8.5.1918, as reported in The Cape Times.**

**Debates of the House of Assembly, Volume 4, 17.1.1919 - 17.9.1919, as reported in The Cape Times.**

Debates of the House of Assembly, Volume 5, 20.3.1920 - 18.8.1920, as reported in The Cape Times.

Debates of the House of Assembly, Volume 6, 12.3.1921 - 14.7.1921, as reported in The Cape Times.

Debates of the House of Assembly, Volume 7, 18.2.1922 - 20.7.1922, as reported in The Cape Times.

Debates of the House of Assembly, Volume 8, 20.1.1923 - 25.6.1923, as reported in The Cape Times.

Debatte van die Volksraad, Vierde Sittling van die Vierde Parlement, Deel 1, 25.1.1924 - 10.4.1924.

Debatte van die Volksraad, Eerste Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 2, 25.7.1924 - 6.9.1924.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 3, 13.2.1925 - 17.4.1925.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 4, 20.4.1925 - 12.6.1925.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 5, 15.6.1925 - 25.7.1925.

Debatte van die Volksraad, Derde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 6, 22.1.1926 - 26.3.1926.

Debatte van die Volksraad, Derde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 7, 27.3.1926 - 8.6.1926.

Debatte van die Volksraad, Vierde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 8, 28.1.1927 - 14.4.1927.

Debatte van die Volksraad, Vierde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 9, 25.4.1927 - 29.6.1927.

Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 10, 14.10.1927 - 26.3.1928.

Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 11, 27.3.1928 - 1.6.1928.

Debatte van die Volksraad, Sesde Sittling van die Vyfde Parlement, Deel 12, 25.1.1929 - 27.3.1929.

Debatte van die Volksraad, Eerste Sittling van die Sesde Parlement, Deel 13, 19.7.1929 - 16.8.1929.

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Sesde Parlement, Deel 14,  
17.1.1930 - 28.3.1930.**

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Sesde Parlement, Deel 15,  
31.3.1930 - 31.5.1930.**

**Debatte van die Volksraad, Derde Sittng van die Sesde Parlement, Deel 16,  
30.1.1931 - 31.3.1931.**

**Debatte van die Volksraad, Derde Sittng van die Sesde Parlement, Deel 17,  
13.4.1931 - 6.6.1931.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Sesde Parlement, Deel 18,  
18.11.1931 - 24.3.1932.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Sesde Parlement, Deel 19,  
5.4.1932 - 27.5.1932.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Sesde Parlement, Deel 20,  
20.1.1933 - 2.3.1933.**

**Debatte van die Volksraad, Eerste Sittng van die Sewende Parlement, Deel 21,  
26.5.1933 - 22.6.1933.**

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Sewende Parlement, Deel 22,  
26.1.1934 - 20.4.1934.**

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Sewende Parlement, Deel 23,  
23.4.1934 - 4.6.1934.**

**Debatte van die Volksraad, Derde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 24,  
11.1.1935 - 15.3.1935.**

**Debatte van die Volksraad, Derde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 25,  
18.3.1935 - 4.5.1935.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 26,  
14.1.1936 - 1.5.1936.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 27,  
4.5.1936 - 17.6.1936.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 28,  
8.1.1937 - 5.3.1937.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 29,  
8.3.1937 - 16.4.1937.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 30,  
19.4.1937 - 17.5.1937.**

**Debatte van die Volksraad, Sesde Sittng van die Sewende Parlement, Deel 31,  
11.2.1938 - 16.3.1938.**

**Debatte van die Volksraad, Eerste Sittng van die Agste Parlement, Deel 32,  
22.7.1938 - 24.9.1938.**

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Agste Parlement, Deel 33,  
3.2.1939 - 31.3.1939.**

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Agste Parlement, Deel 34,  
12.4.1939 - 19.5.1939.**

**Debatte van die Volksraad, Tweede Sittng van die Agste Parlement, Deel 35,  
22.5.1939 - 16.6.1939.**

**Debatte van die Volksraad, Derde Sittng van die Agste Parlement, Deel 36,  
2.9.1939 - 5.9.1939.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Agste Parlement, Deel 37,  
19.1.1940 - 1.3.1940.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Agste Parlement, Deel 38,  
4.3.1940 - 12.4.1940.**

**Debatte van die Volksraad, Vierde Sittng van die Agste Parlement, Deel 39,  
15.4.1940 - 14.5.1940.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Agste Parlement, Deel 40,  
24.8.1940 - 14.9.1940.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Agste Parlement, Deel 41,  
27.1.1941 - 14.3.1941.**

**Debatte van die Volksraad, Vyfde Sittng van die Agste Parlement, Deel 42,  
17.3.1941 - 6.5.1941.**

**Debatte van die Volksraad, Sesde Sittng van die Agste Parlement, Deel 43,  
12.1.1942 - 6.3.1942.**

**Debatte van die Volksraad, Sesde Sittng van die Agste Parlement, Deel 44,  
9.3.1942 - 18.4.1942.**

**Debatte van die Volksraad, Sewende Sittng van die Agste Parlement, Deel 45,  
16.1.1943 - 12.3.1943.**

**Debatte van die Volksraad, Sewende Sittng van die Agste Parlement, Deel 46,  
15.3.1943 - 27.4.1943.**

**Debatte van die Volksraad, Eerste Sittng van die Negende Parlement, Deel 47,  
22.1.1944 - 3.3.1944.**

Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting van die Negende Parlement, Deel 48, 6.3.1944 - 14.4.1944.

Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting van die Negende Parlement, Deel 49, 17.4.1944 - 13.5.1944.

Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting van die Negende Parlement, Deel 50, 15.5.1944 - 6.6.1944.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting van die Negende Parlement, Deel 51, 20.1.1945 - 2.3.1945.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting van die Negende Parlement, Deel 52, 5.3.1945 - 13.4.1945.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting van die Negende Parlement, Deel 53, 16.4.1945 - 16.5.1945.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting van die Negende Parlement, Deel 54, 17.5.1945 - 12.6.1945.

Debatte van die Volksraad, Derde Sitting van die Negende Parlement, Deel 55, 18.1.1946 - 1.3.1946.

Debatte van die Volksraad, Derde Sitting van die Negende Parlement, Deel 56, 4.3.1946 - 12.4.1946.

Debatte van die Volksraad, Derde Sitting van die Negende Parlement, Deel 57, 12.4.1946 - 18.5.1946.

Debatte van die Volksraad, Derde Sitting van die Negende Parlement, Deel 58, 20.5.1946 - 19.6.1946.

Debatte van die Volksraad, Vierde Sitting van die Negende Parlement, Deel 59, 18.1.1947 - 14.2.1947.

### 3.3.3 *Debatte van die Senaat*

Debatte van die Senaat, Tweede Sitting van die Sewende Parlement, (Derde Senaat), 26.1.1934 - 4.6.1934.

Debatte van die Senaat, Derde Sitting van die Sewende Parlement, (Derde Senaat), 11.1.1935 - 4.5.1935.

### 3.4 BRITSE PARLEMENTÊRE DEBATTE

Great Britain, Parliament, House of Commons Debates. Vol. 71, 1914.

Great Britain, Parliament, House of Lords Debates. Vol. 18, 1914 - 1915.

Great Britain, Parliament, House of Lords Debates. Vol. 19, 1914 - 1915.

### 3.5 STAATSKOERANTE

Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, vol. vi, 30.11.1911, no. 1970 van 1911 (176).

Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, vol ix, 5.7.1912, no. 921 van 1912 (255).

Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, vol. xvii, 15.9.1914, no. 1543 van 1914 (577).

Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, vol xvii, 26.9.1914, no. 203 van 1914 (582).

Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, vol xvii, 26.9.1914, no. 203 van 1914 (582).

### 3.6 WETTE VAN DIE UNIE

Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1912, Wet no. 13 van 1912, Kaapstad.

Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1914, Wet no. 1 van 1914, Kaapstad.

Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1936, Wet nr. 12 van 1936, Kaapstad.

### 3.7 RAPPORTE VAN GEKOSE KOMITEES

SC. 11 - '22, Precious and Base Metals Act, Further Amendment Bill, 16 Junie 1922.

SC. 1 - '24, Waardevolle Gesteenteswetgewing, Maart 1924.

SC. 17 - '26, Unversitelts - en Skoleoorplasingwetgewing, April 1926.

SC. 1 - '28, Besproelingskemas, Februarie 1928.

SC. 8 - '29, Verslag van die Gekose Komitee op aantygings teen Ministers, Maart 1929.

SC. 9 - '29, Besproeiing - en Watervoorsieningsake, Maart 1929.

SC. 6 - '30, Beeste uitbetalingswet, Maart 1930.

SC. 9 - '33, Lewendehawe en Vleisindustrialwet, Maart 1933.

SC. 10 - '34, Lewendehawe en Vleisindustriewet, April 1935.

SC. 18 - '36, Landbanklening, Calvinia, Junie 1936.

### 3.8 VERSLAG VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK

Departement of Agriculture, Union of South Africa, The Great Drought Problem of South Africa, Pretoria, 1926.

## 4 PERIODIEKE PUBLIKASIES

### 4.1 DAG - EN WEEKBLAAI

Cape Times, 28.9.1929.

Common Sense, August 1943.

Diamond Field Adviser, 12.12.1925.

De Hoogvelder, 2.1.1922 - 31.12.1922.

De Spectator, 31.1.1917.

De Volkstem, 1914 - 1929.

De Vriend des Volks, 1914.

De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land, 2.7.1915 - 3.8.1915.

Die Afrikaner, 27.9.1929.

Die Beeld, 20.12.2001 en 6.4.2002.

Die Brandwag, 17.1.1949.

Die Burger, 1929 - 1946.

Die Huisgenoot, 17.1.1947.

Die Krulthoring, 4.8.1943.

Die Republikein, 10.3.1937.

Die Sulderstem, 15.6.1939.

Die Taalgenoot, Desember 1977.

Die Vaderland, 1920 - 1946 en 4.10.1960. (Ons Vaderland tot Maart 1932)

Die Volksblad, 1.11.1929 - 31.12.1946.

Die Weste, 9.9.1929 - 31.12.1939.

Farmers Weekly, 30.11.1929.

- Forward, 2.3.1928 - 24.8.1928.
- Het Westen, 22.9.1914.
- Land en Volk, 9.1.1935.
- Landbouweekblad, 30.11.1927.
- Militaria, 1.3.1969 en 12.2.1982.
- Mosselbaal Advertensieblad, 29.11.1930.
- Mossel Bay Advertiser, 2.11.1930 - 30.11.1930.
- Natal Mercury, 19.3.1928.
- Noordwester, 2.1.1959.
- Onze Courant, 1.8.1914 - 30.4.1914.
- Pretoria News, 22.8.1914 - 12.3.1915 en 2.1.1920 - 31.12.1946.
- Rand Daily Mail, 25.6.1914 - 31.12.1914 en 2.1.1920 - 1.1.1947.
- Round Table. A Quarterly Review of politics in British Empire. Volumes 5,6,18, 20 en 23.
- South Africa, Volumes 103 - 111. July - September 1914 to July - September 1916.
- Sunday Express, 8.5.1938.
- Sunday Times, 18.2.1938.
- The Cape Argus, 1.8.1914 - 30.3.1915.
- The Cape Review, 16.8.1935.
- The Friend, 2.1.1929 - 31.12.1929.
- The Interpreter, 20.1.1916.
- The Natal Witness, 1.3.1933 - 31.12.1939.
- The New Gaurdan, Januarie 1934.
- The People's Weekly, 6.3.1927.
- The South African Nation, 1924 - 1928, 5.2.1927.
- The Star, 3.3.1929. - 31.12.1946.
- Volksblad, Die Republikeinse byvoegsel, 1854 - 1954.

#### 4.2 PAMFLETTE EN BROSIJURES

- Afrikaanse Pers Beperk, Dr. Matan en vereniging. Pretoria, 1943.
- Anonymous, South Africa. The Rebellion and its background, and its results, Ex "Round Table", 1916.

- Cape Argus, The story of the Rebellion - an anonymous article, Christmas number, Magazine collection, 1915.
- Central New Agency, Startling facts. The Inner story of the South African Rebellion. Its relation to the war in Europe, Johannesburg, 1916.
- De Volkstem en ander, Opmerkings oor die Rebelle, Uittreksels uit koe-rante, 1915 -1918.
- Die Herenigde Nasionale Party, Handleiding van die Party, Pretoria, 1943.
- Die Herenigde Nasionale Party, Omsendbrief 8/42 en kort verslag van kongresse, Pretoria, 1942.
- Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, Ontwerp programme en beginsels, aksies en konstituering van die Federale Raad, Pretoria, 1940.
- Die Voorligtingsafdeling van die Ossewa-Brandwag, Iets oor die Ossewa-Brandwag, Johannesburg, 1946.
- FAK, Die Nasionale Vlag en Volkslied van die Republiek van Suid-Afrika, Johannesburg, 1979.
- Federale Raad van die Nasionale Party, Hertog se Bolmakiesle, Kaapstad, s.j.
- Hoofkantoor van die Verenigde Party, Suid-Afrikaanse "Nasionalisme, sy swart verlede gedurende die Oorlog, 1939 - 1945, Pretoria, 1947.
- 'n Afrikaner, Sterwende volk met onverskillige leiers, Potchefstroom, 1934.
- Nasionale Party, Afrika vir die Afrikaners, Kaapstad, 1920.
- Nasionale Party. (Kaapland), Die wrange vrugte van koalisie en samesmelting, 1933 - 1935, Kaapstad, 1935.
- Nasionale Party, Program van Beginsels en Konstitusie van die Nasionale Party van Transvaal, Pretoria, 1931.
- Nasionale Pers Beperk, Samewerking tussen Nasionale Party en Zuid-Afrikaansche Party, Kaapstad, 1920.
- Noordelike Drukkers Beperk, Ken die Boom aan sy vrugte. 'n Rekord van ultstekende werk, 1924 - 1928, Pretoria, s.j.

- Pirow, O., Nuwe Orde in Suid-Afrika, Pretoria, s.j.
- Ossewa-Brandwag, Iets oor die Ossewa-Brandwag, Potchefstroom, 1946.
- Ossewa-Brandwag, OB - Uitgawe nr. 3, Johannesburg, April, 1943.
- Sentrale Hoofbestuur van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, Gesulwerde bewegings weerlê, Kaapstad, 1937.
- Sentrale Hoofkomitee van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, Werk van die Parlementsitting van 1936, Kaapstad, 1936.
- The Afrikaner Broederbond, Campaign for Right and Justice, Johannesburg, 1945.
- The Catholic Magazine for South African, A Prophet in the Rebellion, Volume 26, April 1915.
- The Central Office of the United South Africa National Party, Peace Progress and Prosperity - Achievement in the 1935 - session, Pretoria, 1935.
- Verenigde Municipale Assosiasie, Is die stichting van 'n Onafhanklike Suid-Afrika enigzins moeglik?, Kaapstad, 1915.
- Verklaring van die Gehandhaafde Nasionale Party, van Transvaal, Dr. Theo Wasenaar, Bloemfontein, s.j.
- Webster, W.A., Real Union in South Africa: A Record and a Plea, Kaapstad, 1938.

## 5 GEPUBLISEERDE WERKE

### 5.1 PAMFLETTE

- Beukes, F., 'n Paar bladsye uit die politieke lewensgeskiedenis van die weleerwaarde Dr. D.F. Malan, Kaapstad, 1934.
- Bodenstein, Dr. H.D.J., Was Generaal Botha in 1900 verrader?, Kaapstad, 1916.
- Boshoff, S.P.E., Rebellie - Sketse uit mij Dagboek, 1914 - 1915, Pretoria, 1918.

- Boydell, T., My luck was In. With Spotlights on General Smuts, Kaapstad, 1948.
- Buyt, J.C., Die Vrug van Koalitie, Pretoria, 1934.
- Celliers, A.C., Die Stryd om Volkseenheid, Stellenbosch, 1941.
- Celliers, A.C., Generaal Hertzog en Hereniging, Stellenbosch, 1941.
- Celliers, A.C., Hertzogisme en die Handel, Stellenbosch, 1944.
- Celliers, A.C., Nasionale volkssorg en die demokrasie, Stellenbosch, 1941.
- Celliers, A.C., 'n Nuwe Belofte vervat in 'n vyfpunt basis vir Volkseenheid, Stellenbosch, 1941.
- Celliers, A.C., South African Nationalism or British Holism?, Stellenbosch, 1938.
- Celliers, A.C., Volkseenheid of Broiloks en Bittergal, Stellenbosch, 1940.
- Celliers, A.C., Quo Vadis?, Stellenbosch, 1939.
- Conradie, J.H., Die Vrug van vier Jare. 'n Kort opsomming van die werk van die Hertzogregering, Kaapstad, s.j.
- De Beer, Johannes., Weerlig In die Weste. 'n Geskiedenis van Lichtenburg, Johannesburg, 1973.
- Devitt, N., Memories of a magistrate, Londen, 1935.
- De Waal, J.H.H., Wat is die Waarheid? 'n Politieke Samespraak, Kaapstad, 1929.
- Du Plessis, L.J., Afrikaner eenheid - volledige verslag van die Eenheidskomitee se voorsitter (Du Plessis), 1941, Sien Die Transvaler, 8 Oktober 1941 en Die Volksblad, 7 Oktober 1941.
- Du Plessis, L.J., 4 September 1939 en daarna, Johannesburg, 1943.
- Du Plessis, O., "Nationalist", 4 - Point Programme." - Common Sense, Johannesburg, 1943.
- Du Toit Spies, F.J. (red.), Die Hertzogtoesprake, April 1913 - April 1918, Deel 3, Johannesburg, 1977.
- Erasmus, F.C., Die Twee Basisse Vergelyk, Kaapstad, 1934.
- Erasmus, F.C., Generaal Hertzog. Toe en Nou, Kaapstad, 1934.
- Erasmus, F.C., Hereniging, Kaapstad, 1940.

- Esselen, L. en Rood, K., What Coalition Achieved for South Africa - What Fusion can still do, Pretoria, 1935.
- Fitzpatrick, J.P., South African Memories, Londen, 1952.
- Gooch, G.P., The War and Its Causes, Westminster, 1900.
- Jooste, J.P., Die Naturelle - en Kleurlingpolitiek van die Nasionale Party, Pretoria, 1932.
- Kalahari-Mac. (pseud. vlr C.F.M. McDonald), Agter die skerms met die rebellie, Johannesburg, 1949.
- Langenhoven, C.J. en Conradie, J.H., Die Witman se Pand - Die Naturellevraagstuk en die kieser se verantwoordelijkheid, Kaapstad, 1933.
- Malan D.F., Is die Ooreenkoms verbreek?, Kaapstad, 1934.
- Malan D.F., Springbok, Stellenbosch, 1943.
- Malan, M.P.A. en van Rensburg, M.C., Verkielingsuitslae 1910 - 1943 met volledige naamlys van Volksraadslede vanaf 1910, Bloemfontein, 1947.
- Millin, S.G., General Smuts, Londen, 1936.
- M.R., Letters and Articles relating to the War between Great Britain and the South African Republics, Kaapstad, 1900.
- Muller, C.H., Oorlogsherinneringe van Generaal Chris H. Muller, Kaapstad, 1936.
- Muller, T.B., Die Geloofsbelydenis van 'n Nasionallist, Stellenbosch, 1913.
- Munnik, G.G., Memoirs of Senator Hon. G.G. Munnik, Kaapstad, s.j.
- Naude, D.F., Die burger opstand, 1914 - 1915. Die verhaal van die opstand in rymvorm vertel, Pretoria, s.j.
- Naude, J.F., Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bókant de Wet, Rotterdam, 1903.
- Oom Flippie., Wat van ons?, Johannesburg, 1967.
- Ritchie, M., With Botha In the Field, Londen, 1915.
- Schoeman, J.H., Die ander kant van die Rebellie en 'n woord aan Generaal Smuts, Pretoria, 1915.

- Schoeman, J.H., Het die Rebelle nie 'n ander kant nie? 'n Verklaring onder eed. Inleiding tot 'n breedvoeriger bespreking van "Die ander kant van die Rebelle en 'n woord aan Generaal Smuts," Pretoria, 1915.
- Smuts, J.C., Die Volk moet kies, Johannesburg, 1940.
- Smuts, J.C., Dwaasheid van neutraliteit, Johannesburg, 1940.
- Strijdom, J.G., Die Ware Felte - Stemreg vir Naturelle en Kleurlinge, Johannesburg, 1945.
- Strijdom, J.G., Verdeeldheid in Afrikanergeladere, Pretoria, 1934.
- Strijdom, J.G., Volkseenheid. Op watter grondslag, Johannesburg, 1943.
- Stuart, H.G., Die opstand van 1914. Zijn oorzaken en ontstaan van een Vrijstaats standpunt beskouwd, Kaapstad, 1915.
- Trew, H.F., Botha Treks, Glasgow, 1936.
- Visser, T.C., Die Republikeinse ideaal, Pretoria, 1935.
- Van Avond, J., Drought, a South African parable, Londen, 1929.
- Von Selms, A., Kerk en Geheime organisasies met verwysing na die Vrymesselary en die Broederbond, s.j.
- Webb, H.S., Causes of the Rebellion, Pretoria, 1916.
- Wilks, E.C., Five years of Fuslon - A staggering record of achievement, Durban, s.j.

## 5.2 TYDSKRIF - EN KOERANTARTIKELS

- Bell, H.T.M., Rebellion in South Africa, 1915, Magazine Extract, 1915.
- Bezuidenhout, S.J., "Meester Loui se skool in Pretoria," Pretoriana, nr. 32, April 1960.
- Bezuidenhout, S.J., "Meester Loui se skool in Pretoria," Pretoriana, nr. 33, Augustus 1960.
- Coetzee, N.A., Rebelle: herinneringe van P.G.W. Roets, Historia, negende Jaargang, nr. 2, 25 Junie 1964.
- Davenport, T.R.H., The South African Rebellion, 1914, The English Historical Review, Volume xxviii, nr. 306, Januarie 1963.

- De Villiers, I.M., Volksheid, staatsman en kultuurmens J.B.M. Hertzog, Die Taalgenoot, Jaargang 44, nr. 2, Januarie 1975.
- De Villiers, I.M., Volksheid, staatsman en kultuurmens J.B.M. Hertzog, Die Taalgenoot, Jaargang 44, nr. 3, Februarie 1975.
- Dönges, T.E., General Hertzog as staatsman, Hertzog Annale, Jaargang lx, nr. 13, Desember 1960.
- Garson, N.G., The Rebellion of 1914, History Today, volume 12, nr. 2, Februarie 1962.
- Garson, N.G., The 1914 Rebellion. Fifty years ago: the revolt that shook South Africa, Sunday Times, 4.10.1964.
- Garson, N.G., The 1914 Rebellion. Fifty years ago: the revolt that shook South Africa, Sunday Times, 11.10.1964.
- Garson, N.G., The 1914 Rebellion. Fifty years ago: the revolt that shook South Africa, Sunday Times, 18.10.1964.
- Goosen, D.P., Genl. Christiaan Beyers, Rooi Rose, volume 25, nr. 25, 16.7.1969.
- Goosen, D.P., Genl. J.H. de la Rey, Rooi Rose, volume 25, nr. 26, 30.7.1969.
- Goosen, D.P., Genl. C.R. de Wet, Rooi Rose, Volume 26, nr. 1, 13.8.1969.
- Gray, J.L., How the Nation Voted, Common Sense, August 1943.
- Grundlingh, A.M., Die Rebelle van 1914: 'n Histlografiese verkenning, Kleio, deel xl, nr. 1, 1979.
- Grundlingh, A.M., Die Rebelle van 1914: 'n Histlografiese verkenning, Kleio, deel xl, nr. 2, 1979.
- Hawarden, E., The Poverty of South African Politics, Common Sense, August 1943.
- Hertzog, J.B.M., Volkomen en korrekten rede van genl. Hertzog toen hij een gekozen komitee voorgestelde om de oorzaken van de opstand na te gaan, Hertzog Annale, Jaarboek xii, Twaalfde Jaargang, nr. 18, Desember 1965.
- Juta, J.C., Certain aspects of the Rebellion, 1914 from the point of view of General Manie Maritz, Historia, Tiende Jaargang, nr. 4, Desember 1965.

- Kapp, P., Die Verlede Spreek, Die Taalgenoot, Deel 37, nr. 1, Desember 1967.
- Lampbrecht, J.C.D., Voortrekkerhoogte - 'n Geskiedkundige oorsig, Pretoriana, Feesuitgawe, nr. 32, April 1960.
- Lampbrecht, J.C.D., Voortrekkerhoogte - 'n Geskiedkundige oorsig, Pretoriana, Feesuitgawe, nr. 33, Augustus 1960.
- Le Grange, I., Een skoot wat die geskiedenis verander het, Die Brandwag, 6.1.1939.
- Maritz H.P., Wyle genl. Kemp, Die Brandwag, 17.1.1947.
- M.E.R., Oor Samesmelting, Twee vrae, Die Burger, 4.9.1933.
- O'Dowd, C.E.M., The General Election of 1924, Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 2, November 1970.
- Op die Hoogte., Maandblad gewy aan die Ekonomiese en Politieke belange van Land en Volk, Deel 1, nr. 8, Pretoria, 15 Augustus 1930.
- Rens, R., Eenvoudige boeke met die groot verhaal, Die Brandwag, 19.7.1957.
- Scholtz, G.D., Skitterende Loopbaan as Krygsman, Kommando, Volume 5, nr. 12, Desember 1954.
- Spies, F.J. du Toit., Rebelle - Dagboek van Jansie Jooste, Historia, Twaalfde Jaargang, nr. 2, Junie 1967.
- Spies, S.B., The outbreak of the First World War and the Botha-government, S.A. Historiese Tydskrif, Johannesburg, 1969.
- Steen, A.C., Die Generaal J.C.G. Kemp-versameling, Argiefnuus, Tiende Jaargang, nr. 3, September 1967.
- Strijdom, J.G., Samewerking tussen die Nasionale Party en Arbeiders Party, Ons Vaderland, 19 Oktober 1923.
- Strydom, J.M., J.G. Strijdom - Sy lewe en stryd, Sondagstem, Spesiale Uitgawe, 28.3.1965.
- Swart, M.J., Die broederstryd van vyftig jaar gelede, Die Taalgenoot, Deel 33, nr. 11, Oktober 1964.
- Swart, M.J., Die Leeu van Wes - Transvaal, Die Taalgenoot, Deel 33, nr. 9, Augustus 1964.

- Swart, M.J., Jopie Fourie, 'n Rebelle held, Die Taalgenoot, Deel 33, nr. 8, Junie 1964.
- Swart, M.J., 'n Onverskrokke Rebel, Die Taalgenoot, Deel 33, nr. 12, November 1964.
- Ticktin, D., The war issue and the collapse of the South African Labour Party, 1914 - 1915, Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, nr. 1, November 1969.
- Van Heerden, J.J., Die dood van kommandant-generaal Christiaan Frederik Beyers, Historiese studies, Universiteit van Pretoria, Agtste Jaargang, nr. 1, Junie 1947.
- Van Pletzen, A.J.J., Generaal de la Rey se laaste rit, Die Rulter, Deel 1, nr. 6, 13.7.1947.
- Van Schoor, M.C.E., Rebelle, Die Huisgenoot, 7.8.1964.
- Van Schoor, M.C.E., Rebelle, Die Huisgenoot, 14.8.1964.
- Van Schoor, M.C.E., Rebelle, Die Huisgenoot, 21.8.1964.
- Van Schoor, M.C.E., Rebelle, Die Huisgenoot, 28.8.1964.
- Van Schoor, M.C.E., Rebelle, Die Huisgenoot, 4.9.1964.
- Van Schoor, M.C.E., Rebelle, Die Huisgenoot, 11.9.1964.
- Van Rensburg, A.P.J., Generaal Jan Kemp, Die Taalgenoot, Deel 41, nr. 10, September 1972.
- Van Rensburg, A.P.J., Generaal Manie Maritz, Die Taalgenoot, Deel 41, nr. 12, November 1972.
- Van Rensburg, A.P.J., Monumente van Suid-Afrika - Ruitersbeeld van die "Leeu van Wes-Transvaal", Die Taalgenoot, Deel 37, nr. 7, Junie 1968.
- Van Rensburg, A.P.J., Ons huldig Christiaan Beyers, Die Taalgenoot, Deel 39, nr. 10, September 1970.
- Van Wyk, A.J., Smuts in al sy skakerings, Die Beeld, 13 Oktober 1986.

### 5.3 GEPUBLISEERDE WERKE

- Abraham, J.H., Hans Strijdom, man van stryd, Johannesburg, 1973.
- Albertyn, C.F. dr. (voorsitter), Ensiklopedie van die Wêreld, Deel 5, Stellenbosch, 1973.

- Aldridge, B., Die Geskiedenis van Suid-Afrika in beeld, Kaapstad, 1973.
- Alport, A.C., The lighthorse of the war. Experiences of a civilian in uniform, Londen, 1934.
- Amery, L.S. (red.), The Times History of the War in South Africa 1899 - 1902, Volume VII, Londen, 1909.
- Andriessen, W.F., Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika, Amsterdam, 1904.
- Armstrong, H.C., Grey Steel: Jan Smuts - a Study in arrogance, Londen, 1937.
- Aucamp, G.(red.), Suid-Afrikaanse Heldegalerie, Kaapstad, 1947.
- Balmford, R., The war is coming peace, Kaapstad, 1915.
- Barker, R.(red.), Studies in Opposition, Londen, 1971.
- Barlow, A.G., Almost in confidence, Kaapstad, 1952.
- Barlow, A.G., That we may tread safely, Kaapstad, 1960.
- Basson, J.L., J.G. Strijdom. Sy politieke loopbaan vanaf 1929 tot 1948, Pretoria, 1980.
- Belfield, E., The Boer War. Concise Campaigns, Londen, 1975.
- Bernstein, E., The Legacy of General Smuts, Johannesburg, 1950.
- Blackwell, L., African Occasions, Londen, 1938.
- Blackwell, L., Blackwell Remembers, Kaapstad, 1971.
- Blackwell, L., Farewell to Parliament, Pietermaritzburg, 1946.
- Boëseken, A.J., Krüger, D.W. en Kieser, A., Die Eeue. Die verhaal van Ons Vaderland, Kaapstad, 1953.
- Booyens, B., Die lewe van D.F. Malan. Die eerste veertig jaar, Kaapstad, 1969.
- BOPG. (Uitgewer.), Agter tralies en doringdraad, Stellenbosch, 1953.
- Botha, M.C., Premiersverklings sedert 1910, Johannesburg, 1979.
- Botha, S., Profeet en krygsman. Die lewensverhaal van Siener van Rensburg, Johannesburg, 1942.
- Braak, K., Zuid-Afrika en Engeland. Hun Staatkundige verhouding Historisch en Staatrechtelijk toegelicht, Utrecht, 1933.

- Breytenbach, J.H., Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899 - 1902, Deel 1, Kaapstad, 1949.
- Brits, J.P., Plet Retief, 1883 - 1983, Die Stadsraad van Retief, Plet Retief, 1983.
- Brits, J.P., Tielman Roos - political prophet or opportunist?, Pretoria, 1987.
- Brits, J.P., Tielman Roos - sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907 - 1935, Pretoria, 1979.
- Brooks, E.H., The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the present day, Pretoria, 1927.
- Brotz, H., The Politics of South Africa: Democracy and Racial Diversity, Oxford, 1977.
- Broughton, M., Press and Politics in South Africa, Kaapstad, 1961.
- Buchan, J., A History of the Great War. From outbreak to the Battle of Neuve Chapelle, Volume 1, Londen, 1921.
- Buxton, S.C., General Botha, Londen, 1924.
- Caldwell, T.C., The Anglo-Boer War. Why was It fought? Who was responsible?, Boston, 1965.
- Calpin, G.H., There are no South Africans, Londen, 1941.
- Chilvers, H.A., Out of the crucible, Londen, 1930.
- Churchill, W.S., London to Ladysmith via Pretoria, Londen, 1900.
- Churchill, W.S., My early life, Londen, 1930.
- Cillié, P.J., Tydenote, Kaapstad, 1980.
- Clinton, W.K., The South African melting pot, Londen, 1937.
- Cloete, B., Die Lewe van Senator F.S. Malan, Johannesburg, 1946.
- Coetzee, G., Hans Strijdom - lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde premier, Kaapstad, 1958.
- Coetzee, J.A., Politieke Groepering in die Wording van die Afrikanernasie, Johannesburg, 1941.
- Coetzer, P.W. en le Roux, J.H. (red.), Die Nasionale Party. Die "Gesulwerde" Nasionale Party, 1934 - 1940, Deel 4, Bloemfontein, 1986.
- Coetzer, P.W. (red.), Die Nasionale Party. Van oorlog tot oorwinning. 1940 - 1948, Deel 5, Bloemfontein, 1994.
- Cole, M.M., South Africa, Londen, 1961.

- Cope, J., South Africa, Londen, 1967.
- Crafford, F.S., Jan Smuts - A biography, Kaapstad, 1946.
- Creswell, M., An epoch of the potential history of South Africa in the life of F.H.P. Creswell, Kaapstad, 1956.
- Cronje, G., Afrika sonder die Asjaat: die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk, Johannesburg, 1946.
- Davles, N.E., A Short History of Southern Africa, Londen, 1972.
- Davitt, M., The Boer Fight for Freedom, Londen, 1902.
- De Kersauson de Pennedriif, R., Ek en die Vierkleur, Johannesburg, 1960.
- De Kiewiet, C.W., A History of Southern Africa, social and economical, Oxford, 1941.
- De Klerk, W.A., The Puritans in Africa. A story of Afrikanerdom, Londen, 1975.
- De Kock, W.J., Jacob de Villiers Roos, 1869 - 1940, Kaapstad, 1958.
- De Kock, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 1, Kaapstad, 1968.
- Dennison, C.G., A Fight to Finish, Londen, 1904.
- De Villiers, Dirk en Johanna., Paul Sauer, Kaapstad, 1977.
- De Villiers, J. (red.), Rondom die Anglo-Boereoorlog, 1899 - 1902, Johannesburg, 1979.
- De Wet, C.R., Die stryd tussen Boer en Brit, Kaapstad, 1959.
- De Wet, J.M., Jopie Fourie, Johannesburg, s.j.
- Die Volksraad., Parlementêre register, 1910 - 1961, Kaapstad, 1970.
- Doyle, A.C., The Great Boer War, Londen, 1902.
- Du Cane, H., The war in South Africa. The advance to Pretoria, Londen, 1906.
- Du Plessis, E.P., 'n Volk staan op - Die Ekonomiese Volkskongres en daarna. In opdrag van die Ekonomiese Instituut van die FAK, Kaapstad, 1964.
- Du Plessis, L.J. (voorsitter), 'n Halfeeu van Afrikaner-Prestasie 1900 - 1950, Johannesburg, 1950.
- Du Plessis, P.G., Hoogtepunte - 'n keur uit die artikels wat in vyftig jaar in Die Huisgenoot verskyn het, Kaapstad, 1967.

- Du Plessis, W., Die Boeregeneraals - Generaal J.B.M. Hertzog - gedenklesing 1, S.A. Akademie vir Wetenskap en - Kuns, Pretoria, 1971.
- Du Plessis, W., Die Goue Draad op die Trekpad van 'n nasie, Johannesburg, 1971.
- Du Plessis, W.L. en du Plessis, J.W., De Synode der Gereformeerde Kerk over Rebelle, Paarl, 1916.
- Eksteen, T., The Statesmen, Kaapstad, 1978.
- Elton, G.E., Imperial Commonwealth, Londen, 1945.
- Engelenburg, F.V., General Louis Botha, Pretoria, 1929.
- Eybers, G.W., Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795 - 1910, Londen, 1918.
- Farwell, B., The Great Boer War, Londen, 1977.
- Fisher, J., The Afrikaners, Londen, 1969.
- Fitzpatrick, J.P., The flag and good faith, Kaapstad, 1928.
- Friedlander, Z., Jan Smuts Remembered. A centennial tribute, Kaapstad, 1970.
- Friedman, B., Smuts. A Reappraisal, Johannesburg, 1975.
- Furlong, P.J., Between Crown and Swastika. The Impact of the Radical Right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era, Hanover, 1991.
- Geyer, O. en Pruis, L.C.A., Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in Beeld, Bloemfontein, 1976.
- Geyster, O. en Marais, A.H. (red.), Die Nasionale Party. Agtergrond, stigting en konsolidasie, Deel 1, Pretoria en Kaapstad, 1975.
- Gey van Pittius, E.F.W., Aktuele Politieke Vraagstukke, Pretoria, s.j.
- Gibbons, H.A., Rebellion in South Africa. The New Map of Africa, New York, 1916.
- Gibbs, P., Death of the Last Republic, Londen, 1957.
- Gie, F.S.N., Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons Verlede, Deel 2, Stellenbosch, 1928.
- Goldblatt, I., History of South West Africa from the beginning of the Nineteenth Century, Kaapstad, 1971.

- Goosen, D.P. (red.), Die triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 - 1953, Ollifantsfontein, 1953.
- Grobbelaar, P.W., Die Afrikaner en sy kultuur. Deel IV, Kaapstad, 1975.
- Grobler, J.C.H., Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler, 1873 - 1942, Pretoria, 1988.
- Halghe, S., Strangers may be present, Londen, 1951.
- Hamilton, I. en Sampson, V., Anti-Commando, Londen, s.j.
- Hancock, W.K. en van der Poel, J., Selection from the Smuts Papers, Volume 1, Cambridge, 1966.
- Hancock, W.K. en van der Poel, J., Selection from the Smuts Papers, Volume 2, Cambridge, 1966.
- Hancock, W.K. en van der Poel, J., Selection from the Smuts Papers, Volume 3, Cambridge, 1966.
- Hancock, W.K. en van der Poel, J., Selection from the Smuts Papers, Volume 4, Cambridge, 1966.
- Hancock, W.K., Smuts: The fields of force, 1919 - 1950, Volume 2, Cambridge, 1968.
- Hancock, W.K., Smuts. The sanguine years, 1870 - 1919, Cambridge, 1962.
- Hartman, H.W., Südafrika - Geschichte - Wirtschaft Politik, Stuttgart, 1968.
- Harrison, D., The White Tribe of Africa: South African in perspective, Johannesburg, 1985.
- Heard, K.A., General Elections in South Africa 1943 - 1970, Londen, 1974.
- Hefer, J.C., Kerk en Rebelle, Paarl, 1915.
- Hofmeyr, J.H., South Africa, Londen, 1931.
- Hofmeyr, J.H., The open horizon: speeches and addresses delivered 1924 - 1929, Johannesburg, 1929.
- Hobson, J.A., The War in South Africa. Its Causes and Effects, Londen, 1900.
- Holt, E., The Boer War, Londen, 1958.
- Hugo, M., J.B.M. Hertzog, 'n Volk praat met sy leier, Pretoria, 1977.

- Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek, Perspektief op ons partypolitiek en politieke partye, PU vir CHO, 1976.
- Joseph, J., South African Statesman, Jan Christiaan Smuts, Londen, 1970.
- Joubert, D., Die Naturelle - Grondkwessie. Uit die Volksraaddebatte, Kaapstad, 1973.
- Joubert, D., Oorlogsverklaring van 1939 - Drama in die Volksraad, Kaapstad, 1973.
- Karis, T. en Carter, G.M., From Protest to Challenge. A Documentary History of African Politics in South Africa, 1882 - 1964, Volume 1, Stanford, 1972.
- Keith, A.B., Imperial Unity and the Dominions, Londen, 1966.
- Keith, A.B., War government of the British Dominions, Oxford, 1921.
- Kemp, J.C.G., Pad van die Veroweraar, Kaapstad, 1942.
- Kemp, J.C.G., Vir Vryheid en Reg, Kaapstad, 1941.
- Kentridge, M., I recall: Memoirs of Morris Kentridge, Johannesburg, 1959.
- Keppel-Jones, A., When Smuts goes, Pietermaritzburg, 1950.
- Kestell, J.D., Abraham Paul Kriel. Sy lewe en werk, Johannesburg, 1932.
- Kestell, J.D., Christiaan de Wet. 'n Lewensbeskrywing, Johannesburg, 1920.
- Kestell, J.D. en van Velden, D.E., De Vredesonderhandelingen tusschen de Regeringen der twee Zuid-Afrikaanshe Republiken en de verteenwoordigers de Britsche Regering, Pretoria en Amsterdam, 1909.
- Kestell, J.D., Through Shot and Flame (Vertaling), Londen, 1903.
- Ketzel, M., Solution for South Africa, Kaapstad, 1955.
- Kiernan, R.H., General Smuts, Londen, 1943.
- Kilpin, R., Parliamentary Procedure in South Africa. A short guide to the Rules and Practice of the Union House of Assembly, Derde Uitgawe, Kaapstad, 1955.
- Kleyhans, W.A., Tielman Johannes de Villiers Roos. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 1, Pretoria, 1968.

- Kotze, D.J., Positiewe Nasionalisme, Kaapstad, 1968.
- Kraus, R., Old Master - The life of Jan Christiaan Smuts, New York, 1944.
- Krüger, D.W., Die ander oorlog. Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede-Vryheidsoorlog, Kaapstad, 1974.
- Krüger, D.W., South African Parties and Policies, 1910 - 1960, Kaapstad, 1960.
- Krüger, D.W., The Age of the Generals: a short political history of the Union of South Africa, 1910 - 1948, Johannesburg, 1958.
- Krüger, D.W., The Making of a Nation. A History of the Union of South Africa, 1910 - 1961, Johannesburg, 1969.
- Kruger, J., President C.R. Swart, Kaapstad, 1961.
- Kruger, R., Good-bye Dolly Gray. The story of the Boer War, Londen, 1959.
- Le Grange, J., Die Leeu van die Noorde (J.G. Strijdom), Goodwood, s.j.
- La May, G.H.L., British Supremacy in South Africa 1899 - 1907, Oxford, 1965.
- Le Riche, P.J., Memoirs of General Ben Bouwer, Pretoria, 1980.
- Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Die Nasionale Party. Die eerste bewindsjare, 1924 - 1934, Deel 2, Bloemfontein, 1980.
- Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Die Nasionale Party. Die eerste bewindsjare, 1924 - 1934, Deel 3, Bloemfontein, 1982.
- Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Generaal J.B.M. Hertzog. Sy strewe en stryd, Volume 1, Johannesburg en Kaapstad, 1987.
- Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Generaal J.B.M. Hertzog. Sy strewe en stryd, Volume 2, Johannesburg en Kaapstad, 1987.
- Le Roux, N.J., W.A. Hofmeyr, Sy werk en waarde, Kaapstad, 1953.
- Levi, N., Jan Smuts, Londen, 1971.
- Lewsen, P. (red.), Selection from the correspondence of John X. Merriman, 1905 - 1924, Kaapstad, 1969.
- Leyds, W.J., Het Insluiten van de Boere-Republieken, Dele 1 en 2, Amsterdam, 1914.

- Lloyd-George, D., War Memoirs of David Lloyd George, Volume 4, Londen, 1934.
- Long, B.K., In Smuts's Camp, Londen, 1945.
- Lucas, C. (red.), The Empire at War, Volume 4, Oxford, 1924.
- Macdonald, T., Jan Hofmeyr. Heir to Smuts, Londen, 1948.
- Malan, D.F., Afrikaner - Volkseenheid en my ervarings op pad daarheen, Kaapstad, 1961.
- Malan, D.F., Glo In u volk: Dr. D.F. Malan as redenaar 1908 - 1954, Kaapstad, 1964.
- Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika, sy stryd en sy prestasies, 1914 - 1964, Pretoria, 1964.
- Malherbe, D.F. du T., Afrikaner-Volkseenheid, Kaapstad, 1942.
- Mansergh, N., Documents and Speeches on British Commonwealth Affairs, 1931 - 1952, Volume 1, Londen, 1953.
- Mansergh, N., Documents and Speeches on British Commonwealth Affairs, 1931 - 1952, Volume 2, Londen, 1953.
- Mansergh, N., South Africa 1906 - 1961. The Price of Magnanimity, Londen, 1962.
- Marals, J.S., The Fall of Kruger's Republic, Oxford, 1961.
- Marals, P., Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899 - 1902, Pretoria, 1999.
- Marquard, L., The Story of South Africa, Londen, 1955.
- Martin, C., The Boer War, Londen, 1969.
- Martin, H.J. en Orpen, N., South Africa at War, Kaapstad, 1979.
- Maurice, S.F., The Official History of the War In South Africa, Volume 1, Londen, 1901 - 1906.
- Maurice, S.F., The Official History of the War In South Africa, Volume 2, Londen, 1901 - 1906.
- Maurice, S.F., The Official History of the War In South Africa, Volume 3, Londen, 1901 - 1906.
- Maurice, S.F., The Official History of the War In South Africa, Volume 4, Londen, 1901 - 1906.
- May, H.J., Music of Guns, Johannesburg, 1970.
- May, H.J. en Hamilton, I., Die dood van Generaal De la Rey, Kaapstad, 1969.

- McCord, J.J., The South African Struggle, Pretoria, 1952.
- Meintjes, J., De la Rey - Lion of the West. A Biography, Johannesburg, 1966.
- Meintjes, J., General Louis Botha. A Biography, Londen, 1970.
- Meintjes, J., President Steyn. A Biography, Kaapstad, 1969.
- Men of Times, Pioneers of the Transvaal and Glimpses of South Africa, The Transvaal Publishing Company, 1905.
- Meiring, P.G.J., Jan Smuts the Afrikaner, Kaapstad, 1974.
- Meiring, P.G.J., Ons eerste ses premiers. 'n Persoonlike terugblik, Kaapstad, 1972.
- Meiring, P.G.J., Tien politieke leiers: manne na aan ons premiers, Kaapstad, 1973.
- Meiring, P.G.J., Vyftig jaar op die Voorblad, Johannesburg, 1979.
- Meiring, Piet., Generaal Hertzog. 50 Jaar daarna, Johannesburg, 1986.
- Methuen, A.M.S., Peace or War in South Africa, Londen, 1901.
- Meyer, J.H. (In samewerking met du Plessis), E.P., Kommando's, Kaapstad, 1940.
- Millin, S.G., General Smuts, 2 Volumes, Londen, 1936.
- Millin, S.G., The People of South Africa, Johannesburg, 1951.
- Mincher, K., I lived in his shadow. My life with General Smuts, Kaapstad, 1965.
- Molteno, D.B., Fifty Years of Union, Johannesburg, 1960.
- Moodie, T.D., The Rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Africaner Civil Religion, Londen, 1975.
- Mostert, D. (opsteller), Geskiedenis van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika. Eeupees 1938 - 1938, ATKV, Kaapstad, 1940.
- Mulder, C.P. (red.), Die eerste skof van die Nasionale Party. 1914 - 1964, Johannesburg, 1964.
- Muller, A.L.(red.), Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika, Kaapstad, 1979.
- Muller, C.F.J.(red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria, 1970.
- Munger, E.S., Afrikaner and African Nationalism, Londen, 1967.

- Murray, A.H., Die Volksraad, Die Beginsels en Vraagstukke van Volksregering met besondere verwysing na Suid-Afrika, Pretoria, 1939.
- Nathan, M., South Africa from Within, Londen, 1926.
- Naude, J.D., Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, Johannesburg, 1970.
- Neame, L.E., General Hertzog - Prime Minister of the Union of South Africa since 1924, Londen, 1938.
- Neame, L.E., Some South African Politicians, Kaapstad, 1929.
- Neame, L.E., The History of Apartheid: The Story of the Colour War in South Africa, Londen, 1962.
- Neethling, C.A. en de Wet, J.M., Lewenskets van Jopie Fourie, Pretoria, 1915.
- Neethling, E., Should we forget?, Kaapstad, 1903.
- Neethling, E., Vergeten?, Kaapstad, 1917.
- Nel, P.G. (red.), Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner, Kaapstad, 1979.
- Nicholls, G.H., South Africa in my time, Londen, 1967.
- Nienaber, P.J.(red.), Gedenkboek Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1965.
- Nienaber, P.J., Vader Kestell - 'n Lewenskets van dr. J.D. Kestell, Suid-Afrikaanse Gallery 4, Kaapstad, 1971.
- Oberholster, A.G., Oorlogsdagboek van Jan F. Celliers, RGN, Pretoria, 1978.
- O'Conner, J.K., The Afrikaner Rebellion: South Africa today, Londen, 1915.
- Oelhafen, H., Der Feldzug in Südwest 1914 - 1915, Berlyn, 1923.
- Ogden, H.J., The war against the Dutch Republics in South Africa, its origin, progress and results, Manchester, 1901.
- Olivier, B., Krygsman Christiaan de Wet, Kaapstad, 1971.
- Orpen, N., The Cape Town Highlanders, 1885 - 1970, Kaapstad, 1970.
- Pakenham, T., The Boer War, Johannesburg, 1979.
- Pama, C., Die vlae van ons land, Kaapstad, 1959.
- Pama, C., Heraldry of South African Families, Kaapstad, 1972.

- Pama, C., Geslagsregister van die ou Kaapse families, Kaapstad, 1966.
- Pama, C., Simbole van die Unie, Kaapstad, 1960.
- Paton A., Hofmeyr, Londen, 1971.
- Paton, A., South African Tragedy. The life and time of Jan Hofmeyr, New York, 1965.
- Patridge, A.C., The Story of our South African Flag, Kaapstad, 1966.
- Patterson, S., The last Trek. A study of the Boer people and Afrikaner nation, Londen, 1957.
- Pelzer, A.N., Die Afrikaner - Broederbond: Eerste 50 Jaar, Kaapstad, 1979.
- Pemberton, W.B., Battles of the Boer War, Londen, 1964.
- Penning, L., De Oorlog in Zuid-Afrika. De Strijd tussen Engeland en de verboden Boeren Republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst, Deel 1, Rotterdam, 1899.
- Penning, L., De Oorlog in Zuid-Afrika. De Strijd tussen Engeland en de verboden Boeren Republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst, Deel 2, Rotterdam, 1899.
- Penning, L., De Oorlog in Zuid-Afrika. De Strijd tussen Engeland en de verboden Boeren Republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst, Deel 3, Rotterdam, 1899.
- Plenaar, E.C., Taal en poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, Kaapstad, 1920.
- Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, 1957.
- Ploeger, J. en Smith, A.H., Plate Atlas van die Geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika, Pretoria, 1949.
- Potgieter, D.J. en Spies J.J., Standard Encyclopaedia of South Africa, Volume 2, Kaapstad, 1975.
- Potholm C.P. en Dale, R. (red.), Southern Africa In Perspective, New York, 1972.
- Poutsma, H.J., Political and Economical Blunders. A Review of the Botha - Smuts Government, Pretoria, s.j.

- Preller, G.S., Kaptein Hindon. Oorlogsavonture van 'n baas verkenner, Kaapstad, 1938.
- Preller, G.S., Ons Parool, Kaapstad, 1938.
- Preller, G.S., Oorlogsoormag en ander sketse en verhale, Kaapstad, 1923.
- Preller, G.S., Sketse en Opstelle, Pretoria, 1928.
- Preller, G.S., Voortrekkers in Suidwes, Kaapstad, 1941.
- Pretorius, F.J., 1899 - 1902 Anglo-Boereoorlog, Kaapstad, 1985.
- Pretorius, G., Die Malans van Môrewag, Kaapstad, 1965.
- Quinn, G.D., The Rebellion of 1914 - 1915. A Bibliography, Kaapstad, 1974.
- Raal, S., Met die Boere in die Veld, Bloemfontein, 1937.
- Rable van der Merwe., Onthou, Bloemfontein, 1940.
- Redellinghuys, J.H., Die Afrikaner Familienaamboek, Kaapstad, 1954.
- Reitz, D., Commando. A Boer Journal of the Boer War, Londen, 1958.
- Reitz, D., No Outspan, Londen, 1943.
- Reitz, D., Trekking on, Londen, 1933.
- Reitz, H. en Oost, H., Die Nasionale boek. 'n Geskiedenis van die ontstaan en groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika, Johannesburg, 1931.
- Rhodie, D.O., Suid-Afrika van koloniale onderhorligheid tot soewereine onafhanklikheid, Johannesburg, 1974.
- Rhodie N.J. en Venter H.J., Die Apartheidsgedagte. 'n Sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling, Kaapstad, 1959.
- Roberts, M. en Trollip, A.E.G., The South African Opposition, 1939 - 1945, Londen, 1947.
- Robins, E., This man Malan, Kaapstad, 1953.
- Rompel, F., The Heroes of the Boer War, Den Haag, 1903.
- Rose-Innes, J., Autobiography, Kaapstad, 1949.
- Rosenthal, E., Encyclopaedia of South Africa, Kaapstad, 1978.
- Rosenthal, E., General De Wet. A Biography, Kaapstad, 1946.
- Rosenthal, E., General Dan Pienaar. His life and battles,

- Johannesburg, 1943.
- Rosenthal, E., Gold bricks and mortar: 60 years of Johannesburg history, Johannesburg, 1946.
- Rosenthal, E., South African National Biography, Londen, 1966.
- Rosenthal, E., South African Surnames, Kaapstad, 1965.
- Rothmann, M.E., My beskeie deel, 'n Outobiografiese vertelling, Kaapstad, 1972.
- Saker, H., The South African Flag Controversy, 1925 - 1928, Kaapstad, 1980.
- Sampson, P.J., The capture of De Wet. The South African Rebellion 1914, Londen, 1915.
- SAUK-Uitgawe., General Hertzog, Johannesburg, 1961.
- Scannell, J.P., Keeromstraat 30, Kaapstad, 1965.
- Scheepers-Strydom, C.J., Hoefslaai. Helderitte in Sulder-Afrika, Kaapstad, 1974.
- Scheepers-Strydom, C.J., Ruitervuur - dramatiese hoogtepunte van die Boere-oorlog, Kaapstad, 1970.
- Schoeman, B., My lewe in die politiek, Johannesburg, 1978.
- Schoeman, B.M., Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976, Pretoria, 1977.
- Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, Kaapstad, 1973.
- Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel VII, Johannesburg, 1979.
- Scholtz, G.D., Die Rebelle, 1914 - 15, Johannesburg, 1942.
- Scholtz, G.D., Die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902, Johannesburg, 1960.
- Scholtz, G.D., Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901 - 1966, Johannesburg, 1974.
- Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888 - 1940, Johannesburg, 1944.
- Scholtz, G.D., Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902, Johannesburg, 1941.
- Scholtz, G.D., Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk, Kaapstad, 1975.
- Scholtz, G.D., Genl. Christiaan Frederik Beyers 1869-1914,

- Johannesburg, 1941.
- Scholtz, G.D., Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?, Johannesburg, 1954.
- Scholtz, G.D., 'n Swart Suid-Afrika?, Kaapstad, 1964.
- Scholtz, G.D., Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652 - 1952, Johannesburg, 1954.
- Seitz, T., Südafrika In Weltkriege, Berlyn, 1920.
- Selby, J., A Short History of South Africa, Londen, 1975.
- Serfontein, J.H.P., Brotherhood of Power. An expose of the secret of Afrikaner Broederbond, Londen, 1979.
- Smit, J.N., Aandskemering op Môrewag, SAUK, Johannesburg, 1961.
- Smith, H.L., Behind the Press in South Africa, Kaapstad, 1947.
- Smuts, J.C., Hollism and Evolution, Londen, 1926.
- Smuts, J.C., The Thoughts of General Smuts, Kaapstad, 1951.
- Smuts, J.C., Jan Christiaan Smuts, Londen, 1952.
- Snyman, A., Voice of a Prophet, Mossel Bay, 1999.
- Snyman, A., Slener van Rensburg. Die laaste loopgraaf, Mosselbaal, 1999.
- Southgate, G.W., The British Empire and Commonwealth, Londen, 1963.
- Sowden, L., The Union of South Africa, New York, 1943.
- Spender, H., General Botha. The career and the man, Londen, 1916.
- Spies, F.J. du T, Krüger, D.W. en Oberholster, J.J., Die Hertzogtoesprake, Deel IV, April 1918 - Junie 1924, Johannesburg, 1977.
- Spies, F.J. du T, Krüger, D.W. en Oberholster, J.J., Die Hertzogtoesprake, Deel V, Julie 1924 - September 1932, Johannesburg, 1977.
- Spies, F.J. du T, Krüger, D.W. en Oberholster, J.J., Die Hertzogtoesprake, Deel VI, Oktober 1932 - September 1942, Johannesburg, 1977.
- Stelmeyer, J., Snykers met koppe, Kaapstad, 1946.
- Stultz, N.M., Afrikaner Politics in South Africa, 1934 - 1948, Los Angeles, 1974.
- Stultz, N.M., The Nationalists in Opposition, 1934 - 1948, Kaapstad, 1974.
- Thom, H.B., D.F. Malan, Kaapstad, 1980.

- Thompson, L., The lion and the adder. A story of the South African Rebellion, Londen, 1916.
- Thompson, L.M., The Unification of South Africa, 1902 - 1910, Oxford, 1960.
- Truth Legion., Greater South Africa. Plans for a better world. The Speeches of General the Right Honourable J.C. Smuts, Johannesburg, 1940.
- Urquhart, W., The Outbreak on the Witwatersrand, Kaapstad, 1922.
- Valter, M.P.C., Louis Botha contra General Christiaan de Wet, (Uit onuitgegeven stukken), Amsterdam, 1915.
- Van Bruggen, J.R.L., Bittereinders, Potchefstroom, 1935.
- Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943.
- Van der Byl, P., Top Hat to Velskoen, Kaapstad, 1973.
- Van der Merwe, H.W., Identiteit en verandering, Kaapstad, 1975.
- Van der Merwe, H.W., Looking at the Afrikaner Today, Kaapstad, 1975.
- Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn: 'n Lewensbeskrywing, Deel II, Kaapstad, 1921.
- Van der Walt, A.J.H., Wild, J.A. en Geyer, A.L. (red.), Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, Kaapstad, 1951.
- Van Everdingen, W., De Oorlog in Zuid-Afrika, Drie dele, Delft, 1902 - 1903.
- Van Heerden, W., Ná die generaals. Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesing II, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Bloemfontein, 1972.
- Van Jaarsveld, F.A., Afrikaner Quo Vadis?, Johannesburg, 1971.
- Van Jaarsveld, F.A. en Scholtz, G.D., Die Republiek van Suid-Afrika: Agtergrond, Ontstaan en Toekoms, Johannesburg, 1966.
- Van Jaarsveld, F.A., Honderd basiese dokumente by die studie van Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648 - 1961, Johannesburg, 1971.
- Van Jaarsveld, F.A., Ormsingelde Afrikanerdom, Kaapstad, 1978.
- Van Jaarsveld, F.A., Van Van Riebeeck tot P.W. Botha, Johannesburg, 1982.
- Van Rensburg, A.P.J., Johannes Gerhardus Strijdom, (D.W. Krüger en C.J. Beyers (red.), SA Biografiese Woordeboek, Deel III), Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1977.

- Van Rensburg, H., Der wesse Südenbock. Erinnerung en an die antleglishe Widerstandsbewegung, Göttingen, 1964.
- Van Rensburg, H., Their Paths crossed mine, Parow, 1956.
- Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning. - Kaapland se aandeel, Kaapstad, 1956.
- Van Rooyen, J.J., Ons politiek van naby, Kaapstad, 1971.
- Van Schoor, M.C.E., Christiaan Rudolph de Wet, Bloemfontein, 1954.
- Van Schoor, M.C.E. en van Rooyen, J.J., Republikeke en Republikele, Johannesburg, 1960.
- Van Zyl, P.H.S., Die Helde Album. Verhaal en fotos van aanvoeders en helde uit ons vryheidstryd, Johannesburg, 1944.
- Venter, E.A., Vierhonderd telers in Suid-Afrika oor vier eeue, Potchefstroom, 1980.
- Visser, G.C., OB Traitors or Patriots?, Johannesburg, 1977.
- Walker, E.A., A History of Southern Africa, Londen, 1959.
- Walker, E.A., Britain and South Africa, Londen, 1959.
- Walton, E.H., The Inner History of the National Convention of South Africa, Londen, 1912.
- Warwick, P. (red.), The African and Anglo-Boer War 1899 - 1902, Londen, 1980.
- Weeber, E.J., Op die Natalse front. (1 Oktober 1899 - 31 Mei 1900), Kaapstad, 1940.
- Wheare, K.C., The Statute of Westminster and Dominion Status, Oxford, 1949.
- Whittall, W., With Botha and Smuts in Africa, Londen, 1917.
- Wilkinson, I. en Strydom, H., The Super Afrikaners, Londen, 1980.
- Williams, A.F.B., Botha, Smuts and South Africa, Londen, 1948.
- Wilson, G.H., Gone Down the Years, Londen, 1947.
- Wilson, H. and Colquhoun, A. (ed.), United Empire Royal Colonial Institute, Journal VI, Londen, 1916.
- Wilson, M and Thompson, L. (red.), The Oxford History of South Africa, Volume 1, Oxford, 1971.
- Wilson, M and Thompson, L. (red.), The Oxford History of South Africa, Volume 2, Oxford, 1975.

Worrall, D., South Africa - Government and Politics, Pretoria, 1971.

## 6 ONGEPUBLISEERDE SEKONDÊRE BRONNE

### 6.1 VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

- Bester, M.L.C., Die opvattinge van generaal Smuts oor demokrasie, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960.
- Brits, J.P., Die totstandkoming van die Pakt-regering van 1924, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1971.
- Britz, J.J., Genl. S.G. Maritz se aandeel in die Rebelle van 1914 - 1915, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1979.
- Coetzee, D.J.J., Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1968.
- Coetzee, P.H., Party politiek in Suid-Afrika sedert 1910, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1952.
- Coetzer, P.W., Die verhouding tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, 1924 - 1929, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1975.
- Fick, A.J., Die Dominium Party van Suid-Afrika 1934 - 1948, Ongepubliseerde D.Litt et Phil-proefskrif, Unisa, 1979.
- Fick, A.J., Die ontstaan van die Dominium Party van Suid-Afrika, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1973.
- Furlong, P.J., National Socialism, the National Party and Radical Right in South Africa, 1934 - 1948, A dissertation submitted in partial satisfaction of the requirements for the degree Doctor of Philosophy in History, University of California, Santa Barbara, 1987.
- Gunning, N.R., Strydpunte tussen genls. Botha en Hertzog, 1910 - 1915, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1967.

- Heard, K.A., Voting trends in South Africa as revealed in recent General Elections and the 1960 Referendums, and their implications for the Theory of Representation. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Natal, 1959.
- Human, F.J., Die totstandkoming van die Unievlag, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960.
- Krick, D.J., Genl. J.B.M. Hertzog se opvatting oor die verhouding tussen Afrikaans - en Engelssprekendes na Uniewording, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971.
- Kruger, H.B., Die politieke aspekte van genl. J.B.M. Hertzog se Naturellebeleid van sy militêre loopbaan, Ongepubliseerde D. Litt. en D.Phil-proefskrif, Unisa, 1976.
- Le Roux, J.H., Die "Gesulwerde" Nasionale Party", 1935 - 1940, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1970.
- Ligthelm, J.H., Genl. J.C.G. Kemp se rol in die Rebelle van 1914 - 1915, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1979.
- Marais, A.H., Die politieke uitwerking van die verhouding Afrikaans sprekende tot die Engelssprekende, 1910 - 15, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1972.
- Marais, C., Nasionale Oposisie, 1921 - 1924, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1970.
- Meyntjies, E.M., Suid-Afrika en die Vrede van Versailles, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1976.
- Möller, P.W., Generaal C.F. Beyers se rol in die Rebelle van 1914, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1976.
- Muller, W.A., Dr. H.F. Verwoerd se leernalistieke hidrae tot die Republikeinse Idee, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1973.
- Oosthuizen, W.S., Die Suid-Afrikaanse parlementêre krisis van 1939,

- Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970.
- Posthuma, A.J., Generaal J.C. Smuts as Oposisie leier 1924 - 1929, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1980.
- Pyper, P.A., General J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1960.
- Schutte, P.M.B., Die verhouding tussen Boer en Brit In Transvaal, 1902 - 1910, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1979.
- Smit, J.P., Die rol van generaal J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse politiek, 1902 - 1914, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Wits, 1962.
- Smurthwaite, A.G., The Policy of the Smuts Government towards African, 1919 - 1924, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1975.
- Stadler, A.W., The Party system in South Africa, 1910 - 1948, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Wits, 1970.
- Trümpelmann, M.H., Generaal J.C. Smuts as Premier van die Unie van Suid-Afrika, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1978.
- Van den Heever, J.M., Die parlementêre verkiesing van 1943: 'n Analise van die faktore wat die verkiesing beïnvloed het, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968.
- Van der Schyff, P.F., Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek, 1910 - 1921, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1964.
- Van der Schyff, P.F., Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948, Ongepubliseerde D. Litt-proefskrif, PU vir CHO, 1974.
- Van der Walt, N.G.S., Die Republikeinse strew: Dryfvere en probleme binne die Suid-Afrikaanse Partypolitiek, 1902 - 1961, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, PU vir CHO, 1968.

- Van Heerden, F.J., Die Randse staking van 1922, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1965.
- Van Heerden, F.J., Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933 - 1948, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1972.
- Van Wyk, A.J., Politieke woelinge in Natal, 1910 - 1915, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1977.

## OPSOMMING

GENL. J.C.G. KEMP, 1914-1946:

REBEL OF POLITIEKE LEIER?

deur

**Johan Hendrik Ligthelm**

**Promotor** : **Prof. S.L. Barnard**  
**Departement** : **Geskiedenis**  
**Fakulteit** : **Geesteswetenskappe**  
**Graad** : **Philosophiae Doctor**

Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek was Jan Christoffel Greyling Kemp 'n onverskrokke en talentvolle Boerekrygsheld uit die Anglo-Boereoorlog, 42 jaar oud en 'n majoor in die pasgestigte Unie-Verdedigingsmag. Onder sy militêre kollegas was heelwat gewese wapenbroers uit die jare 1899-1902 soos luit-kol. Manie Maritz en andere. In die vrede stent by Vereeniging, twaalf jaar tevore, het Kemp enduit bittereinder gebly en daarna het die republikeinse ideaal nooit vervaag nie.

Met die uitbreek van die oorlog was die toestand gespanne en gevoelens het opgevlam. Groot ontevredenheid het geheers omdat genl. Louis Botha se regering dit as 'n kwessie van eer en plig beskou het om as Brittanje se bondgenoot aan die oorlog teen Duitsland deel te neem. Nog groter vlam die verontwaardiging op oor die regering se planne om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Vir meer as een eertydse republikein was die feit dat Brittanje se volle aandag by 'n Wêreldoorlog betrek was, 'n gunstige geleentheid om 'n poging aan te wend om die republikeinse vryheid te herstel. Kemp volg die voorbeeld van genl. C.F. Beyers en lê sy offisersrang op 13 September 1914 neer as protes teen die Botha-regering se oorlogsbeleid. Hy reël egter met genl. Koos de la Rey dat indien die Suid-Afrikaanse parlement die Duits-Suidwes-Afrika-ekspedisie goedkeur, 'n staats-

greep by Kemp se militêre kamp op Potchefstroom van stapel gestuur sou word om die Bothabewind omver te werp en 'n republiek uit te roep.

Die vreedsame protesbeweging loop egter op niks uit nie. Dit, en die besluit van Maritz om te rebelleer, tesame met die afkondiging van krygswette, laat Kemp en andere besluit om aktief op te tree. Beyers besluit om Kemp na Maritz te stuur, wat bevelvoerder by Upington was. Op 2 November 1914 verlaat Kemp Vleeschkraal met 'n swak toegeruste mag van 610 man. Dit word 'n merkwaardige tog, aangesien sy kommando nie alleen die ontberings van 'n gebrek aan voedsel en water en die moeilikhede van 'n tog deur die Kalahari verduur nie, maar ook die lastige aanvalle van regeringmagte wat hulle agtervolg het. Die tog op 26 November 1914 toe Kemp en sy kommando by Maritz uitkom. Saam met Maritz behaal Kemp militêre welslae by Nours en Lutzputs, maar 'n aanval op Upington misluk. Op hierdie stadium ly Kemp aan swartwaterkoors en dit, tesame met die ineenstorting van die Rebelle in Suid-Afrika, laat hom besluit om op 2 Februarie 1915 aan die regeringmagte oor te gee. Vir sy aandeel aan die Rebelle word Kemp verhoor en op 23 Julie 1915 gevonnisd tot 'n boete van £1000 en sewe jaar tronkstraf - die swaarste straf wat enige rebelleleier opgelê is.

Op 22 November 1915 word Kemp uit die tronk vrygelaat. Alhoewel die voorwaarde van sy vrystelling was dat hy nie aan die politiek mag deelneem nie, hou hy reeds in 1917 'n reeks vergaderings saam met Tielman Roos in die Wes-Transvaal. Met sy kenmerkende vuur en geesdrif beywer hy hom vir die Nasionale Party van genl. J.B.M. Hertzog en word hy in 1920 verkies tot Volksraadslid vir Wolmaransstad, 'n kiesafdeling wat hy tot sy dood in 1946 verteenwoordig het. Met die samestelling van die eerste Hertzogkabinet, na die oorwinning van die Pakt in 1924, word Kemp Minister van Landbou. Dieselfde portefeulje word weer in 1929 en 1933 aan hom toevertrou.

As Minister van Landbou vir sowat 10 jaar het hy naam gemaak. In hierdie uiters moeilike departement was hy nie net baas in naam nie, maar ook in daad. Hy het die hele Departement van Landbou gereorganiseer en nuwe afdelings in die lewe geroep, om so doende die departement in diens van die landbou te stel. Deur middel van wetgewing en deur regeringbesluite het hy alles in sy vermoë gedoen om die landbou en veeteelt op die hoogste peil te bring. Hy het 'n dryfkrag en energie besit wat deur min van sy kollegas geëwenaar kon word en hoewel die boeregemeenskap soms oor sy outokratiese op-

trede gekla het, was die algemene mening onder die boere dat hy 'n uitstekende minister was.

In 1933 steun hy Hertzog toe daar tot 'n koalisie met Smuts ooreengekom word. Gedurende die jaar was hy as gevolg van gesondheidsredes, verplig om Hertzog te versoek om hom vanaf die portefeulje van Landbou oor te plaas na 'n ander minder veeleisende pos. Gevolglik is hy as Minister van Lande aangestel, 'n pos wat hy tot 1939 behou het. Hy het hom in die tyd in die besonder beywer om die nedersettings op te bou en die Armblankevraagstuk te verlig. Binne die geleedere van die Verenigde Party het hy homself in 'n kabinet bevind van politici wat nie die Afrikanersaak gedien het nie en tree Kemp in 'n versoenende goes op. Hy vergoeilik selfs vir Smuts, vir wie hy vantevore nie 'n goele woord gehad het nie en spreek homself gematigd uit oor die verwesenliking van 'n republiek. Dit het tot gevolg dat hy by 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes onder verdenking gekom het en by tye as 'n verraaier gebrandmerk was.

Met die aanbreek van die heuglike Eeufeesjaar in 1938 word 'n simboliese Ossewatrek georganiseer, waarvan die hoogtepunt by die Voortrekkermonument eindig. Tydens die feesvieringe in Pretoria was Kemp waarnemende Minister van Verdediging. In die hoedanigheid neem hy 'n leidende rol in die herdoping van Roberts Heights tot Voortrekkerhoogte - iets wat groot ontsteltenis onder sekere groepe veroorsaak het.

Op 4 September 1939 het Jan Kemp weer aan Hertzog se sy gestaan en gestem dat Suid-Afrika neutraal sou bly in die Tweede Wêreldoorlog. Smuts het met 'n meerderheid van 13 stemme teen die voorstel daarin geslaag om aan bewind te kom. Kemp was weer 'n gewone Volksraadslid.

In 1940 met die stigting van die Herenigde Nasionale Party, word hy en adv. J.G. Strijdom gesamentlike leiers in die Transvaal. Ten spyte van sy klimmende jare het hy aktiewe parlementariër gebly. Gedurende die oorlogsjare bepleit hy steeds 'n beleid van neutraliteit en 'n republikeinse regeeringsvorm vir Suid-Afrika, hoewel hy dikwels waarsku teen 'n beleid van geweld om hierdie ideaal te verwesenlik. In 1946 het sy gesondheid baie verswak, maar tot die einde het hy sy volk aangespoor tot groter opoffering terwille van die ideaal waarvoor hy en sy geesgenote sedert 1914 opgeoffer het. Op 31 Desember 1946 is hy op Piet Retief oorlede.

Kemp het as mens daardie ondefinleerbare gawe wat as persoonlikheid beskrywe word, in 'n hoë mate besit. In sy politieke loopbaan het hy net so maklik vyande as vriende gemaak, want in Suid-Afrika se politieke geskiedenis was daar selde iemand soos hy wat hom minder aan die gevolg van sy optrede gesteur het. Hy was 'n groot politikus. Sy doelgerigte stryd het met menslikheid gepaar. Hy was 'n sterk oortuigende en onstuimige, maar beminlike mens.

## SUMMARY

Genl. J.C.G. KEMP, 1914-1946:

### REBEL OR POLITICAL LEADER?

by

**Johan Hendrik Ligthelm**

**Promotor : Prof. L. Barnard**  
**Department: History**  
**Faculty : Human Sciences**  
**Degree : Philosophiae Doctor**

At the start of the First World War in 1914, Jan Christoffel Greyling Kemp was a courageous and talented Anglo-Boer War hero, 42 years old and a major in the newly started Union Defence Force. His military colleagues were many of his ex-compatriots from 1899-1902, such as Lt.col Manle Maritz and others. Twelve years prior, at the signing of the Peace Agreement at Vereeniging, Kemp stayed a "die-hard" and for him the republican ideal never faded.

As a result, when the war started there was a great deal of tension, discontent and feelings of resentment, more so because of Gen. Louis Botha and the Government's decision that South-Africa should fight on the side of Great Britain in the war against Germany. Fuelling these feelings further was the Government's plans to annex the German-Southwest-Africa. Many republican idealists felt that it was the ideal opportunity, with Britain so busy with the war effort in Europe, to further the cause of getting back South-Africa's independence.

Kemp, following the advice of Gen. C.F. Beyers, in protest against the Government's war policy, relinquished his officers rank on the 13th September 1914. Following this, he also made a pact with Gen. Koos de la Rey, should the government decide in favour of the German-Southwest-Africa annexation, to launch a military coup from Kemp's camp at Pothchefstroom. So getting rid of Botha in government and calling for a republic at the same time.

However, this peaceful protest ended in nothing and coupled to the decision of Maritz to rebel and the subsequent start of marshal law, Kemp and others decided to do something more active. Beyers sent Kemp to Maritz, who was the then commanding officer at Uplington. On the 2nd of November 1914 Kemp and a very meagre rationed 610 men left Vleeschkraal. This became an epic trek through the Kalahari, not just because of insufficient food and water, but also because of being hounded by Government's forces. Only pure Afrikaner determination and pure Afrikaner steel saw them completing this journey on the 26th of November 1914, when Kemp and his commando reached Maritz. Together they had some military successes at Nous and Lutzputs, but failed at an attack on Uplington. At his stage, suffering from dreadful fever together with the end of the Rebellion in South-Africa Kemp decided to surrender to the Government Forces on the 2nd of February 1915. For his part in the Rebellion Kemp was sentenced on the 23rd of July 1915, to a fine of £1000 and 7 years prison sentence, the most severe punishment of all the rebel leaders.

However, on the 22nd of November 1915 Kemp was released from prison on the condition that he may not participate in any politics. But already as early as 1917 he attended political meetings with Tielman Roos in the Western Transvaal. Here, with his already well known zest and enthusiasm he worked hard for the National Party of Gen. J.B.M. Hertzog and in doing so got himself elected in 1920 as a Member of Parliament for Wolmaransstad constituency. The Parliament seat he kept until his death in 1946. With the start of the new Hertzog cabinet, after winning the general-election in 1924, Kemp got the portfolio as Minister of Agriculture, which was designated to him again in 1929 and 1933.

In the 10 years or so that he had this portfolio he made a name for himself, not only the boss in words but also in deeds. He took over an exceedingly difficult Department of Agriculture and by introducing new laws and using the Government aid he tried all

within his power to bring all the different aspects of Agriculture to it's highest level. With his usual enthusiasm, energy and zest, which few of his colleagues could match, he soon had the backing of the entire agricultural community, although some people questioned his autocratic behaviour.

He supported the coalition agreement in 1933 between Hertzog and Smuts, but sadly in 1935, due to ill health, asked Hertzog to relieve him of his duties as Minister of Agriculture. He got the portfolio as Minister of Land Affairs, which he kept until 1939. Again rising to the occasion with his usual enthusiasm and energy he tried very hard to uplift the conditions of poverty amongst the Afrikaners and building up of settlements. Within the confinement of the now United Party, where the majority of politicians did not further the Afrikaner cause, he did his utmost to be the peace maker. He took this role so seriously, even speaking up for Smuts where previously he never had anything good to say about him and soon the staunchest of Afrikaners believed him to be a traitor.

In 1938 it was the long awaited Jubilee year and the organising of the symbolic "Osewa-trek", culminating in the festivities at the Voortrekkermonument. During the festivities in Pretoria Kemp was then the Acting Minister of Defence. During this time he took an active role in getting Roberts Heights renamed to Voortrekkerhoogte, something that certain groups did not appreciate.

On the 4<sup>th</sup> of September 1939 Jan Kemp once again stood next to Hertzog and voted on the proposal to keep South-Africa neutral in the Second World War. Smuts however won with a majority of 13 votes against the proposal and in doing so also succeeded in overthrowing of the Hertzog government. Kemp now found himself once again an ordinary member of Parliament.

In 1940 with the introduction of the new United National Party, adv. J.G. Strijdom and Kemp became co-leaders of Transvaal. Getting on in years however did not stop Kemp from being an active member of parliament. During the following years he continued to plead for a stand of neutrality and the ideal of an Independent Republic of South Africa never faded. Although he kept on warning against the use of force to achieve this goal.

In 1946 his health deteriorated and he tried bravely to keep the flame alive. Urging his people to greater sacrifices for the ideals of a Republic, the ideal he and his contem-

poraries had given so much for since 1914. Sadly on the 31<sup>st</sup> of December 1946 he passed away in Piet Retief.

Kemp as a person had what they would call a great personality. During his political career he had few that surpassed his energy or enthusiasm for his ideals. In his political career he made just as many friends as foes and in the South African history there were few people who damned the consequences, as he did. He was a great political leader with foresight and empathy, but also just an ordinary man, loved by one and all. His objective struggle went hand in hand with his humanity. He was convincing and bolsterous, but also amiable.